DIE VOLKSVERTELLING AS KULTUURUITING

MET BESONDERE VERWYSING

NA AFRIKAANS

Pieter Willem Grobbelaar

Proefskrif ingelewer vir die graad
Doktor in die Wysbegeerte
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde)
aan die
Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. Bun Booyens

Datum: Desember 1981

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKWOORD

Hartlike dank word hiermee betuig aan my promotor, prof. Bun Booyens, en my eksaminatore, dr. Hennie Aucamp van die Universiteit van Stellenbosch en prof. Elize Botha van die Universiteit van Pretoria, vir die deeglike wyse waarop hulle hierdie proefskrif deurgewerk en die waardevolle wenke wat hulle aan die hand gedoen het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD

Probleemstelling 1

AFDELING A: VOLKSVERTELLING EN VOLKSKULTUUR

1.0.0 Kultuur as verskynsel 3
1.1.0 Algemene omskrywing 3
1.2.0 Die kultuurskepper 5
1.3.0 Kultuur en geloof 6
1.4.0 Beskawing 9
1.5.0 Volk en kultuur/beskawing 13
1.6.0 Die rol van die taal 16
1.7.0 'n Indeling van volkskultuurverskynsels 17
Verwysings 20

2.0.0 Tradisionele terminologie en indelings met be= trekking tot volksvertellings 24
2.1.0 Terminologie 24
2.1.1 Sprokie 24
2.1.2 Fabel 24
2.1.3 Epos 25
2.1.4 Mite 25
2.1.5 Legende 25
2.1.6 Saga/sage 26
2.1.7 Anekdote 26
2.1.8 Grap 27
2.2.0 Bestaande indelings van volksvertellings 27
2.2.1 W.R. Halliday 27
2.2.2 Jos. Schrijnen 28
2.2.3 Sagenonderzoek in het Nederlandse taal= gebied: Motievenregister 29
2.2.4 Die internasionale kongres van 1963 in Boedapest 30
2.2.5 Die Amerikaners: Wayland D. Hand 31
2.2.6 Aarne/Thompson: The types of the folktale 33
2.2.7 'n Ander moderne vorser: Linda Dégh 37
2.3.0 'n Teoretiese regverdiging vir sulke indelings 39

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	2.3.1 Ontleding van 'n sprokie en 'n sage	39
	2.3.2 Kritiek op die ontleding	42
	2.3.3 Die vertoeler as skepper	44
2.4.0	'n Nuwe indeling	48
	2.4.1 Die toets van die verbeelding	49
	2.4.2 Die waarheidstoets	51
	2.4.3 Die maatstaf van die volksgeloof: belewe= nisvertellings, sages en mites	51
	2.4.4 Anderkant die waarheid: legendes en sprokies	53
	2.4.5 Samevattend: 'n Register van gespreks= onderwerpe	58
2.5.0	Outeurvertellings	64
	Verwysings	65
3.0.0	Teorieë en ander opvattings omtrent die volksver= telling	68
3.1.0	Die oudste teorieë	68
	3.1.1 Die Grimm-broers	68
	3.1.2 Theodor Benfey	69
	3.1.3 Sir Edward Burnett Tylor	69
	3.1.4 Andrew Lang	69
	3.1.5 Joseph Bédier	70
3.2.0	Moderne opvattings	70
	3.2.1 Die histories-geografiese metode	70
	3.2.2 Die ideologiese benadering	73
	3.2.3 Die psigologiese benadering	73
	3.2.4 Die strukturaliste	74
	3.2.5 Die funksionaliste	78
	3.2.6 Tydgenootlike Volkskunde	83
	3.2.7 Ander eietydse uitsprake van betekenis	85
3.3.0	Algemene beskouing	88
	Verwysings	92

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.0.0 Die rol van die verteller 96

4.1.0 Literêre opvattings omtrent die verteller 96

4.2.0 Die volksverteller 100

4.3.0 Die getuienis ontleed 101

4.3.1 Primitiewe beskouing van die ver= telling as iets konkreets 101

4.3.2 Die natuurmens se voorliefde om te personifieer 102

4.3.3 Die primitiefste vertellings 103

4.3.4 Primitiewe vertellers onder invloed van meer ontwikkelde kultuurdraers 106

4.3.5 'n Emosionele geloofsopwelling lei tot vertellings 108

4.3.6 Primitiewe diepsinnigheid 108

4.3.7 Die deurslaggewende faktor: geloof 114

Verwysings 117

AFDELING B: VAN GESPREK TOT LEGENDE

5.0.0 Gespreksonderwerpe 121

5.1.0 Agtergrond 121

5.2.0 Die 17de en 18de eeu in Suid-Afrika 123

5.3.0 Die 19de eeu 128

5.4.0 Die 20ste eeu 142

Verwysings 152

6.0.0 Belewenisvertellings 156

6.1.0 Die Klassieke Oudheid: Oud-Egipte en Mesopotamië 157

6.1.1 Oud-Egipte 157

6.1.2 Tussen-die-twee-riviere 158

6.2.0 Die Klassieke Oudheid: Oud-Griekeland en Rome 160

6.3.0 Vertellings oorgedra van enkeling tot enkeling 165

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4.0	Die wortels van die Westerse beskawing: Die Middeleeue		168
6.5.0	Die Renaissance-van-die-twaalfde eeu		171
6.6.0	Sangvertelsels ("cante-fables")		180
6.7.0	Die Middeleeue (vervolg)		181
6.8.0	Die Renaissance		190
	6.8.1	Ballades-in-plano	193
	6.8.2	Volksboeke	195
	6.8.3	Renaissance-formalisme	197
6.9.0	Die 19de en 20ste eeu		199
7.0.0	Belewenisvertellings in Afrikaans		214
7.1.0	Verspreiders en verspreidingsmoontlikhede		214
	7.1.1	Vlottende personeel	214
	7.1.2	Die reisigers	214
	7.1.3	Veeboere en jagters	215
	7.1.4	Dolende werkers	217
	7.1.5	Smouse en transportryers	219
	7.1.6	Wapenskoue en kommandodiens	220
	7.1.7	Swerwers	221
	7.1.8	Feeste	223
	7.1.9	Verenigings	224
	7.1.10	Volksboeke	225
7.2.0	Die storievertellers van naderby		226
7.3.0	Intervolklike belewenisvertellings		229
7.4.0	Die geskiedenis van belewenisvertellings in Afrikaans		232
	7.4.1	Die Hollandse Tydvak	232
	7.4.2	Die Engelse Tydvak tot 1875	235
	7.4.3	Die bloeityd 1875-1925	238
7.5.0	'n Paar legendariese karakters		238
	7.5.1	Paul Kruger	239
	7.5.2	Skottie Smith	241
	7.5.3	Dirk Ligter	242

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.6.0 Oorsigtelike tiperegister van belewenisvertellings in Afrikaans 246

Verwysings 300

8.0.0 Sages: Die Westerse stroming 306

8.1.0 Die sage en die volksgeloof 306

8.2.0 Die rol van die Christendom 309

8.3.0 Elementgeeste 310

8.3.1 Vuurgeeste 310

8.3.2 Luggeeste 310

8.3.3 Die Wilde Jaer (Wilde Jaagtog, Hellewa) en die Wilde Jagter (Wilde Jag, Mensjagter) 311

8.3.4 Watergeeste 317

8.3.5 Aardgeeste 318

8.4.0 Spookgedaantes 319

8.5.0 Voorbodes 323

8.6.0 Towenaars en hekse 323

8.7.0 Goëlery e.a. gedaantewisseling 327

8.8.0 Ander 329

Verwysings 332

9.0.0 Afrikaanse sages 338

9.1.0 Die vertellers 338

9.2.0 Die geskiedenis van die sage in Afrikaans 340

9.2.1 Vuurgeeste 340

9.2.2 Luggeeste 341

(a) Die Wilde Jaer (Wilde Jaagtog, Hellewa) 341

(b) Die Wilde Jagter (Wilde Jag, Mensjagter) 344

(c) Die Gees-van-die-storm 345

(d) "Die kraaie bring dit aan die dag" 347

9.2.3 Watergeeste 349

(a) Watervroue 349

(b) Die kaaimans 350

(c) Waterslange 350

9.2.4 Aardgeeste 351

9.2.5 Ander geesverskynsels 351

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.2.6 Spoke 352

(a) Die jonkvrou van Leeuwenhof 352
(b) Coenraad Fiet 353
(c) Antjie Somers 355
(d) Jan Prinsloo-se-nag 358
(e) Willem Gebhardt 361
(f) Die heks van Hexrivier 364
(g) Die Tugela-spook 373
(h) "'n Gehymsinnige ontmoeting fan 'n ou Foortrekker" 374
(i) Gert Swanepoel 375

9.2.7 Toordery 376

(a) Slamse 376
(b) Blanke towenaars (Spoorbek, Sors de Beer) 377

9.2.8 Goëlery 378
9.2.9 Voorbodes 379
9.2.10 Monsters en legendariese diere 379
9.2.11 Diere- en plantlore 380

9.3.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse sages 382
Verwysings 394

10.0.0 Mites 403

10.1.0 Algemene kensketsing 403
10.2.0 Stamlandse mites 406

10.2.1 Bybels-Christelike mites 406
10.2.2 Algemeen-Christelike mites 406
10.2.3 Die Wandelende Jood 409
10.2.4 Die Vlieënde Hollander 410
10.2.5 Die Duiwel (Faust-motief) 411
10.2.6 Nie-Christelike mites 414

10.3.0 Die mite in Afrikaans: Bybels-Christelik 415
10.4.0 Algemeen-Christelike mites in Afrikaans 417
10.5.0 Nie-Christelike mites 422
10.6.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse mites 422

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Verwysings	426
11.0.0	Legendes	430
11.1.0	Legendes rondom die persoon van Christus	430
11.2.0	Algemeen-Bybelse/Christelike legendes	432
11.3.0	Die elementgeeste	435
11.4.0	Spooklegendes	438
	11.4.1 Die huilende baba langs die pad (ettimi-ê)	438
	11.4.2 Die vuurtjie langs die pad	440
	11.4.3 Nooientjie de Jonker	441
11.5.0	Uit die towerwêreld	442
	11.5.1 Paljas	442
	11.5.2 Spoorbek en die inhalige vrou	443
	11.5.3 Antjie Somers	443
11.6.0	Historiese legendes	444
	11.6.1 Die Kruger-miljoene	445
11.7.0	Novellistiese onderwerpe	447
11.8.0	Grootspog	448
11.9.0	Algemene humoristiese vertellings	449
11.10.0	Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse legendes (uitgesonderd grootlieglegendes)	450
11.11.0	Grootlieglegendes	454
	11.11.1 Die aard en opset van die grootliegver= haal	455
	11.11.2 Die agtergrondgeskiedenis van die groot= liegverhaal	456
	11.11.3 Baron Von Münchhausen	458
11.12.0	Grootlieglegendes in Afrikaans	459
	11.12.1 Die 17de en 18de eeu	459
	11.12.2 Renier de Winnaar	461
	11.12.3 Ferdinand van Gass	462
	11.12.4 Ons Klyntji	464
	11.12.5 Oom Paul	465
	11.12.6 Die 20ste eeu (oom Karel Veerkar en oom	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jan Sparriewarrie) 466

11.12.7 Toon Prens 467

11.13.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse groot=liegstories 468

Verwysings 480

AFDELING C: DIE SPROKIE EN VERWANTE VERTELLINGS

12.0.0 Die wêreld van die sprokie 492

12.1.0 Die sprokie as vertelvorm 492

12.2.0 'n Wêreldwye verskynsel 493

12.3.0 Sprokietipes en sprokiemotiewe 494

12.4.0 Die wortels van die Westerse sprokie 495

12.4.1 Oud-Egipte 495

12.4.2 Die Land-tussen-die-twee-riviere 496

12.4.3 Die wêreld van die Bybel 496

12.4.4 Oud-Griekeland 497

12.4.5 Rome 498

12.4.6 Die Oud-Germane 498

12.5.0 Die Oosterse stroming 498

12.5.1 Algemene opset 498

12.5.2 Die Maleiers 500

12.6.0 Die stem van Afrika 501

12.6.1 Die inheemse volksgroepe van Suid-Afrika 501

(a) Die Boesmans 501

(b) Die Hottentotte 504

(c) Die swart volkere 505

12.6.2 Swart slawe 506

12.7.0 Bero[illegible] versamelaars en outeurs 507

12.7.1 Charles Perrault 508

12.7.2 Die Grimm-broers 508

12.7.3 Asbjörnsen en Moe 509

12.7.4 Joel Chandler Harris 509

12.7.5 Andrew Lang 509

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12.7.6 Joseph Jacobs 510
12.7.7 Die Arabiese nagstories 510
12.7.8 Wilhelm Hauff 511
12.7.9 Hans Christian Andersen 511
Verwysings 513

13.0.0 Kenmerke van die Afrikaanse sprokie 517

13.1.0 Die vertellers 517

13.1.1 19de-Eeuse vertellers 517
13.1.2 Die vroeë 20ste eeu 521

13.2.0 Ander Afrikaanssprekers en hul vertellings 524

13.2.1 Die Boesmans 524
13.2.2 Die Hottentotte 525
13.2.3 Die Maleiers 525
13.2.4 Die swartmense 527
13.2.5 Algemeen 528

13.3.0 Afbakening van die Afrikaanse sprokiewêreld 529

13.3.1 Erfgoed en leengoed 529
13.3.2 Die vernaamst tipes sprokies 531
13.3.3 Belangrike gapings 532
13.3.4 Herskepping en nuutskepping 533

13.4.0 Sprokiebou en verwante sake 539

13.4.1 Verwantskap met die Westerse stroming 539
13.4.2 Verteltegnieke 540

(a) Omramende formules 540
(b) Inleidings 541
(c) Vermensliking van dierekarakters 541
(d) Nabootsing van dieregeluide 543
(e) Eiename en byname in sprokies 544
(f) Die plek van liedjies en rympies 545
(g) Opsetlike wanvoorstellings 549
(h) Meelewing van die toehoorders 549

13.4.3 Siklusse 551

13.5.0 Enkele ander aspekte van belang 552

13.5.1 Oustories 552

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.5.2 Beroepsvertellers en vergoeding aan vertellers 552

13.5.3 Beer as karakter 553

13.5.4 Sprokies nie net vir kinders nie 554

13.5.5 Die obsc[illegible] en ongure 554

13.5.6 Sprokies en gesellskapspele 557

13.5.7 Op die grense van die volksrym 559

(a) Kettingsprokies 559

(b) Vingersprokies 561

13.6.0 Die bronne 562

13.6.1 Die oudste bronne 562

13.6.2 Hoofbronne 564

(a) Ons Klyntji 564

(b) F.Th. Schonken 565

(c) G.R. von Wielligh 565

(d) Vaughan, Metelerkamp en Cronjé 567

(e) "Waar die volk skep" 568

(f) Ons Erfenis 568

(g) C.A. Pienaar 568

13.6.3 Ander bronne 569

(a) Koerante 569

(b) Tydskrifte 569

(c) Boeke (algemeen) 570

(d) Vakpublikasies 571

(e) Skoolleesboeke 572

Verwysings 574

14.0.0 Historiese oorsig van die voorkoms van Afrikaanse sprokies 585

14.1.0 Die 17de en 18de eeu

14.1.1 "Ronde, ronde kousie" 585

14.1.2 "Hasie as boodskapper van die maan" 586

14.1.3 Fabels 587

14.1.4 Towersprokies en die stellings van Sigrid Schmidt 588

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	14.1.5	Von Wielligh oor dieresprokies	590
14.2.0	Die 19de eeu tot 1875		592
	14.2.1	Alexander en Bleek	592
	14.2.2	Verwysings in "Ons Klyntji" en elders	593
	14.2.3	Conradie en Van Breemen	593
	14.2.4	Samevattend	594
14.3.0	Die bloeityd van die Afrikaanse sprokie (1875-1925)		594
	14.3.1	Die omvang van die Afrikaanse sprokie= voorraad	594
	14.3.2	"Tafelberg se kleed"	596
		Verwysings	605
15.0.0	Fabels en ander vertellings met 'n strekking		610
15.1.0	Die vernaamste tipes strekkingsverhale		610
	15.1.1	Die allegorie	610
	15.1.2	Die lerende anekdote	611
	15.1.3	Die gelykenis	611
	15.1.4	Die fabel	612
15.2.0	Die plek van die strekkingsverhaal in Afrikaans		614
15.3.0	Die boodskap van die sprokie		618
	15.3.1	Die inherente boodskap	618
	15.3.2	Die bygevoegde boodskap	619
15.4.0	Lerende anekdotes		620
	15.4.1	Christelike strekking	621
	15.4.2	Algemene lesse	623
15.5.0	Fabels		624
	15.5.1	Die fabel as wêreldwye verhaalvorm	624
	15.5.2	Die fabelvoorraad in Afrikaans	625
		(a) Louis Henri Meurant	626
		(b) Arnoldus Pannevis	627
		(c) C.P. Hoogenhout	627
		(d) Ons Klyntji	627
		(e) B.R. Buys	628

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) Twee skrywers en twee tydskrifte 628
(g) W.H. Boshoff 629
(h) Ds. Willem Postma 629
(i) Verdere voorbeelde uit tydskrifte en die eerste boeke 630
(j) C.J. Langenhoven 631
(k) C. Louis Leipoldt, A.G. Visser, Joubert Reitz en I.D. du Plessis 632
(l) Ander 632

15.5.3 Die fabel as strydskrif 632
Verwysings 636

16.0.0 Die gewildste sprokiekarakters 642

16.1.0 'n Ontleding van die Afrikaanse sprokievoorraad 642

16.1.1 Hoe betroubaar is die versameling? 642
16.1.2 Hoekom is towersprokies so skaars? 643

16.2.0 Jakkals (en Wolf) 647

16.2.1 Die vroegste tradisies 647

(a) Die Westerse fabeltradisie 647
(b) Die Physiologus-tradisie 649
(c) Die Oosterse tradisie 650
(d) Die diereposse 651

16.3.0 Uilspieël 653
16.4.0 Die Swape 656
Verwysings 661

17.0.0 Tiperegister van Afrikaanse sprokies 663

A. Die Christendom 668
F. Die wêreld van die toorkuns (towersprokies) 670
J I. Die sosiale gemeenskap: Mense 681
J II. Die sosiale gemeenskep: Raaisel-sprokies 685
R I. Die dommes: Swape 688
R II. Die slimme: Uilspieël 701

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

U I.	Diere:	Skeppingsiklus	714
U II.	Diere:	Jakkals	720
U III.	Diere:	Jakkals-en-Wolf	731
U IV.	Diere:	Algemeen	743
U V.	Diere:	Voëls	759
DD I.	Patroonverhale:	Kettingsprokies	762
DD II.	Patroonverhale:	Treitersprokies	766

AFDELING D: DIE FINALE AFLOOP

18.0.0	Grappe	768
18.1.0	Agtergrond	768
18.2.0	Die oudste grappe in Afrikaans	772
	18.2.1 Paskwille	780
	18.2.2 Kensketsing van die vroeë grappe	784
18.3.0	Verdere geskiedenis van die grap in Afrikaans	785
18.4.0	Volksnarre en volksvermakers	790
	18.4.1 Vroeë voorbeelde	790
	18.4.2 Oom Knoppies Hahnekom	791
	18.4.3 Mot Smidt	792
	18.4.4 Oom Bart en oom Kaspaas	793
	18.4.5 Danie Smal, Chris Blignaut e.a.	795
18.5.0	Grapboeke	796
18.6.0	Intervolklike grappe	800
	Verwysings	803
19.0.0	Die volksvertelling vandag	808
19.1.0	Belewenisvertellings	808
	19.1.1 Tradisionele vertellings wat in een of ander vorm bly voortbestaan het	808
	19.1.2 Nuutskeppinge rondom gebeure en karakters van ons eie tyd	809
	19.1.3 Ou temas in nuwe gedaantes	811
19.2.0	Sages	811
	19.2.1 Toordery	813

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Oorgelewerde vertellings 813

(b) Nuwe vertellings aan 'n tradisionele karakter gekoppel 814

(c) Nuutskeppinge in ons eie tyd 814

19.2.2 Goëlery 815

19.2.3 Voorbodes en waarsêery 816

19.2.4 Spoke 817

(a) Ou verhale wat nog vertel word 818

(b) Nuwe gevalle 818

(c) Spoke van die ruimte-eeu 823

19.3.0 Mites 825

19.3.1 Algemeen-Christelike mites 825

19.3.2 Satanisme 828

19.3.3 Die spiritualisme (of spiritisme) 830

19.3.4 Ander kultusse 833

19.4.0 Legendes 834

19.4.1 Algemeen-Bybelse/Christelike legendes 835

19.4.2 Die elementgeeste 836

19.4.3 Uit die towerwêreld 836

19.4.4 Historiese legendes 836

19.4.5 Grootspog 837

19.4.6 Grootlieg 837

19.5.0 Sprokies 838

19.5.1 Die tradisionele sprokievoorraad vandag 838

19.5.2 Herskeppings en nuutskeppings 839

19.5.3 'n Nuwe soort sprokie 841

19.6.0 Grappe 847

19.6.1 Die rol van die grap vandag 847

19.6.2 Koos van der Merwe 849

19.6.3 Grapmakers, grapboeke en graprubrieke 853

19.7.0 Samevattend 855

Verwysings 858

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAAG

Die groot rookwedstryd 867

1. "Henkerwyssel's challenge" 867

2. Dante Gabriel Rosetti: "The ballad of Jan Van Hunks" 873

BRONNE

Algemene lektuur 883

Afrikaanse volksvertellings 912

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PROBLEEMSTELLING

Hoewel die bestudering van die volkswoordkunde, en in die besonder van die sprokie, die oudste vertakking van die Volkskunde is, bly daar plaas= lik en internasionaal nog groot leemtes. Een van die vernaamste struikel= blokke is 'n gebrekkige indeling van die verskillende tipes volksvertellings, wat vanselfsprekend tot verwarring lei. Verder het die Grimms, afgesien van sprokies, reeds sages versamel, maar dit is eers die afgelope klompie jare dat die sage internasionaal aandag kry, en ook hier is dit met die indelings nie alles pluis nie. Dan bly daar nog die groot massa "true life stories" of belewenisvertellings, soos ek verkies om dit te noem) wat skaars gemeld word. 'n Eerste taak sal dus wees om 'n behoorlike teoretiese grondslag vir 'n bevredigende indeling van alle tipes volksvertellings te lê. By die ver= skillende tipes sal dan 'n oorsig daarvan eers in die stamlande gegee word, omdat so iets nog nooit onderneem is nie, en daarna van die bekendste en gewildste temas in Afrikaans, maar om hier na volledigheid te streef, is prakties onmoontlik. Daarvoor is 'n afsonderlike studie oor elke tipe volks= vertelling nodig. Die enigste uitsondering is sprokies.

Ook in Afrikaans is al heelwat oor die sprokie geskryf (vgl. die lys van doktorale proefskrifte aan die Universiteit van die Witwatersrand in die bronnelys), maar telkens is net 'n faset behandel, en nog nooit is 'n behoor= like opname van die ware omvang van ons sprokieskat gemaak nie. Daar sal dus wel gepoog word om elke moontlike bron te raadpleeg en om so 'n volledige beeld as moontlik van hierdie soort volksvertelling in Afrikaans te gee.

Oor die herkoms van die verskillende Afrikaanse vertellings, kan telkens net 'n paar riglyne neergelê word, want weer eens is volledigheid 'n taak wat buite die bestek van hierdie studie val. Trouens, om waarlik volledig te wees, sal 'n afsonderlike studie oor elk van die duisende vertellings in Afrikaans onderneem moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING A

VOLKSVERTELLING EN VOLKSKULTUUR

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.0.0 KULTUUR AS VERSKYNSEL

1.1.0 Algemene omskrywing

Met so 'n wye term soos kultuur, wat die hele menslike lewe omvat, be= staan die probleem dat 'n ewe wye verskeidenheid interpretasies daaraan gegee sal word. In seker die omvangrykste ondersoek wat nog na kultuur= definisies ingestel is, het die Amerikaners Kroeber en Kluckhohn meer as honderd-en-sestig sulke definisies byeengebring.(1) Hulle deel hierdie definisies - opgestel deur bioloë, sosioloë, antropoloë, volkskundiges en andere - in ses hoofgroepe in. Hier volg die groepe met 'n tipiese voorbeeld van elk:

(a) *Definisies wat kultuur as 'n omvattende geheel beklemtoon en dan verskillende aspekte daarvan opnoem:* "Culture embraces all the manifes= tations of social habits of a community, the reactions of the individual as affected by the habits of the group in which he lives, and the pro= ducts of human activities as determined by these habits." — *Franz Boas.*

(b) *Definisies wat die sosiale erfenis van die mens beklemtoon:* "As a general term, *culture* means the total social heredity of mankind, while as a specifis term, *a culture* means a particular strain of social heredity." — *Ralph Linton.*

(c) *Definisies wat kultuur as lewenswyse beklemtoon:* "The way in which the people in a group do things, make and use tools, get along with one another and with other groups, the words they use and the way they use them to express thoughts, and the thoughts they think ..." — *Paul Sears.*

(d) *Definisies wat die psigologiese beklemtoon, d.w.s. sekere proses= se soos die aanleer van dinge, aanpassing en gewoontes:* "The culture of a people may be defined as the sum total of the material and intel= lectual equipment whereby they satisfy their biological and social needs and adapt themselves to their environment." — *Ralph Piddington.*

(e) *Definisies wat die kultuurpatrone en die besondere ordening van 'n kultuur beklemtoon:* "Culture consists of patterned and functionally interrelated customs common to specifiable human beings composing spe= cifiable social groups or categories." — *John Gillin.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) *Definisies wat die somtotaal beklemtoon van dit wat deur die* [illegible] "(Culture is) a preci= pitate of man's social life." — *Kimball Young.*[2]

By ontleding kom al hierdie definisies daarop neer dat kultuur iets met die mens in verhouding tot sy medemens, en by implikasie ook tot sy om= gewing, te make het. Daarby kan die leser egter nie aan die indruk ontsnap dat hierdie definisies in allerhande verskynsels verstrik raak nie - waarskynlik omdat almal so aardgebonde is en geen Archimedespunt buite die aardse het waarmee die dinge uitgelig kan word nie. Die ver= skil is dadelik merkbaar as ons teenoor bogenoemde aanhalings die baie helder en aantreklike definisie van 'n geleerde soos P.J. Coertze ('n volkekundige) stel:

"Kultuur ... dui aan alles wat deur die mens in sy verskillende volksver= bande tot stand gebring is en vorm die resultaat van die skeppende werk= saamheid van die mens. Die natuur en die res van die skepping waarvan die mens as skepsel deel vorm, is die resultaat van die skeppende werk= saamheid van die Al-skepper. Kultuur is die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens. Kultuur word in die natuurorde aangetref al= leen vanweë die aanwesigheid van die mens."[3]

Coertze bring dus veral drie aspekte na vore: mens en natuur (of na= tuurorde), mens en volk (d.w.s. sy medemens), en mens en Al-skepper (d.i. die wêreld van die onsienlike, die bonatuur). Tussen hierdie drie pole tree die mens as kultuurskepper op.

Coertze se standpunt is dinamies waar die mens as skepper-in-die-kleine op die voorgrond gestel word, teenoor die meer passiewe houding in die ander definisies, wat grootliks uitgaan van die beginsel van kultuur-as-aangeleerde-gedrag. Hierdie verskil moet daaraan toegeskryf word dat Coertze al navorser is wat in sy beskouing ook plek inruim vir die Al-skepper en sodoende 'n wyer blik verkry. Uit die hoofstuk waarin Coert= ze se definisie voorkom, blyk dit duidelik dat hy 'n Christen-wetenskap= like is, en vir die Christen is die mens geskape na die ewebeeld van sy Skepper, wat aan hom bowendien 'n uitdruklike skeppingsopdrag, 'n kul= tuuropdrag, gegee het:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Wees vrugbaar en vermeerder
en vul die aarde, onderwerp dit
en heers oor die visse van die see
en die voëls van die hemel
en oor al die diere
wat op die aarde kruip." (Genesis 1:28)

In aansluiting hierby kan ons kultuur dan soos volg omskryf: Dit is al die stoflike en geestelike dinge wat die mens skep deurdat hy, onder dwang van sy gees, in wisselwerking met die natuur en sy medemens verkeer, waarby die bonatuur ook altyd 'n rol speel.(4)

1.2.0 Die kultuurskepper

Die mens, die kultuurskepper, bestaan uit liggaam plus nog iets, wat gees genoem kan word. Die twee belangrikste elemente van die liggaam is die sintuie, waarmee die wêreld omheen waargeneem word, en die ledemate, waarmee die mens op die wêreld inwerk. Die gees kan in die algemeen verdeel word in rede (of verstand) en emosies. As voorbeeld van hoe hierdie mens en die omringende wêreld by 'n kultuurskepping betrek word, kan verwys word na 'n volksmens wat vir hom 'n hoofstut maak om sy kop op te rus wanneer hy slaap. Hy sien 'n stuk hout met sy oë (sintuie) en besluit om die hoofstut te maak (rede), werk dit met sy hande af (ledemate) en kerf 'n sogenaamde "alsiende oog" daarop uit om hom teen die bose te beskut slefs wanneer hy slaap (emosies).(5) Hierdie voorbeeld kan nog verder uitgebrei word. Die mens het miskien so 'n hoofstut by 'n vriend gesien (wisselwerking met medemens) en daarop besluit om vir hom ook een te maak. Of ons kan sê dat die natuurwêreld (hout plus gereedskap) asook die wêreld van die bonatuur (die emosionele besluit oor die "alsiende oog") by die kultuurskepping van die hoofstut betrek is. Steeds is dit egter die menslike gees (rede: die besluit om die stut te maak; emosies: die aanvoeling oor hoe dit afgewerk gaan word) wat die leidende rol speel.

As dryfveer tot kultuurskepping kan ook genoem word die mens se wil om te lewe. Daarom soek hy kos om te eet en maak hy wapens om hom teen die vyand te verdedig, bou hy vir hom 'n hut as beskutting teen die elemente, ens. Maar die mens wil bowendien so aangenaam as moontlik lewe en maak vir hom allerhande dinge wat streng gesproke nie vir sy voortbestaan nodig is nie, soos 'n slaapmatjie, of 'n hangertjie vir sy nek, of 'n ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerfde patroon op die steel van sy spies (hoewel hierdie versierings al= tyd 'n bybetekenis kan hê, soos reeds by die "alsiende oog" op die kop= stut geblyk het).[6] Afgesien hiervan kan die mens sy lewe veraangenaam met danse en liedjies en - dis vir ons belangrik - vertellings, waarby die bonatuur ook betrek word. Daarmee is ons by die derde aspek van die mens se lewensdrang, naamlik sy begeerte om ewig te lewe, waardeur hy uitgedryf word om op allerhande maniere met die bonatuur, wat hy buite sy sirtuig= lik-waarneembare wêreld aanvoel, kontak te soek.

'n Ander beginsel wat by die mens as kultuurskepper onthou moet word, is dat hoewel die groot massa iets nuuts eers moet aanvaar en oorlewer van geslag tot geslag voordat dit as deel van die tradisionele volkskultuur beskou kan word, dit tog die enkeling is wat die nuwe tot stand bring. Iemand vertel bv. 'n verhaal, sê maar oor iets wat hy beleef het. As dit niks besonders is nie, raak dit daar en dan vergete, maar prikkel dit die toehoorders, word dit by ander geleenthede oor en oor vertel; daar word miskien bygelas of weggelaat, en so gaan dit voort tot ons uiteindelik kan sê dat dit in die volksmond lewe.

Navorsing ook in verband met die volksrympie en volksliedjie, lei egter tot die oortuiging dat dit wel die enkeling is wat skep, maar sy deelwees van 'n groep kan juis die beslissende faktor wees wat die ontstaan en aard van die uiteindelike kultuurproduk bepaal: "Dit lyk tog asof die verhitte emosionele toestand waarin die volksmens so as lid van 'n groep verkeer, byvoorbeeld op die dansbaan, vonke uit hom kan losslaan, wat op hul beurt 'n vlammetjie by 'n ander volksmens kan aansteek. Met ander woorde: dit is wel die individu wat skep, maar dan as deel van die groep; as hy nie deel van die groep was nie, sou daardie skepping nooit plaasgevind het nie. In hierdie opsig kan daar wel van 'n groepskepping gepraat word, is die geheel meer as sy samestellende dele. Miskien lê hierin die verklaring vir die besondere aard en tekstuur van dié soort volks= poësie wat dit so feitlik onnaskepbaar deur die digter as eenling-kunste= naar maak."[7]

1.3.0 Kultuur en geloof

Oor hierdie moeilike kwessie, wat egter van deurslaggewende belang is ook wat die mens se kultuurskepping betref, sal daar seer sekerlik altyd verskil van mening wees, maar uit die beskikbare getuienis kan 'n mens tog 'n samehangende prentjie probeer opbou.[8]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitgangspunt is die primitiewe volksmens. Die volksmens is eensaam op aarde. Daar is magte wat hy nie kan begryp nie: hy word voortge= dryf deur drange van sy liggaam en gees. Rondom hom is die geweld van die natuur: 'n vuurslag uit die hemele wat die aarde oopskeur en die lewe in sy pad verteer, stormwind en hael en droogte, sonsverduistering en aardbewing. Hy leef saam met die bedreiging van dier en vyandige medemens. Daar is die geheimsinnige gevaar van siektes wat sy liggaam binnedring en op onverklaarbare wyse aftakel. Hy sien elke dag die mis= terie van lewe en dood: die lewe wat in plante uit die aarde spruit, die dood wat in die bek van 'n dier kan skuil. Dit is wanneer hy met sy hele wese uitreik na iets méér as wat hy met sy oë kan sien, of met sy ore kan hoor, of met sy hande kan voel. Hy leef in die geloof, en hier= die geloof kleur sy hele lewe.

Vlugtig moet ons nou 'n oorsig van die mens se "geloofsontwikkeling" pro= beer gee. Dit kan gerieflikheidshalwe onder vier hoofpunte saamgevat word:

(a) Oerdomheid
(b) Veelgodery
(c) Kerkgeloof
(d) Selfgeloof

Soos dit by die verskillende aspekte van die mens se kultuurontplooi= ing gebeur, moet ons hier ook daarop let dat 'n besondere stadium nie noodwendig die voriges uitsluit nie, m.a.w. in die tyd van die kerkgeloof kan daar bv. nog spore van die oerdomheid voorkom - en dit gebeur inder= daad. Verder is dit nie 'n "reguit pad" nie. Daar kan spronge wees, en dan weer terugsinkings.

(a) *Oerdomheid.* Hierdie mooi term om die "primitiewe" mens se ge= loof te beskryf, sluit twee fasette in. Eerstens is daar die geloof dat elke ding op aarde - klip, plant, dier, mens - deurdronge is van 'n inwo= nende krag wat hy om hom heen uitstraal, maar hierdie krag bly steeds aan sy draer gebonde en kan dit nooit verlaat en elders heen verhuis nie. Dit is die geloofstadium van die *emanisme.* (Gewoonlik word hierna as *animatisme* verwys, maar hierdie term is so na aan die naam van die vol= gende stadium, animisme, dat emanisme verkieslik is - afgelei van die Latyn *emanare*, wat vloei beteken.)[9] Hierdie krag, genoem *mana* of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

orenda, kan goedaardig of boosaardig wees, en daarom moet die mens dit met allerhande seremonies en handelinge paai en vriendelik stem, terwyl hy ook die mana in homself probeer versterk. Die mana sou in die geval van die menslike en dierlike liggaam in 'n besonder hoë mate in dinge soos die hare, baard, naels, bloed en uitwerpsels skuil.

Die tweede stadium van die oerdomheid is dan die *animisme* (van die Latyn *animare:* om met asem te vul, in samehang met 'n ander Latynse woord *anima*, d.w.s.: asem of gees; vir die Oud-Grieke en Romeine was die siel of gees klaarblyklik in die asem van die mens gesetel).(10) In die animistiese volksgeloof is daar nog steeds die krag wat elke ding deurdring - dood of lewend. Hierdie krag kan goed of boos wees, maar die groot verskil kom daarby dat dit van sy draer losgemaak kan word en selfstandig voortbestaan, om later weer na sy oorspronklike draer terug te keer. (Dit is baie duidelik, om maar net enkele voorbeelde te noem, die geestesgesteldheid waaruit spook- en goëlgelowe, asook vertellings oor hierdie verskynsels, ontspring.)

(b) *Veelgodery*. Die mens kom daartoe om die onsigbare magte wat hy aanvoel en sy lewe oënskynlik so sterk beheers, in menslike gedaantes voor te stel, totdat daar uiteindelik 'n god vir elke krag en bos en waterbron is. 'n Voorbeeld: al die gode en godeverskynsels van die Oud-Grieke en Romeine.

(c) *Kerkgeloof*. Op die lange duur bevredig hierdie oerdom gelowe, hierdie veelheid van goede, nie meer die ontwikkelende mens op die pad van die beskawing nie. Die tyd is ryp vir die groot profete om op te tree, 'n boodskap met 'n ingewikkelder wysgerige ondergrond te bring en die gelowiges in kerkgenootskappe te verenig.

(d) *Selfgeloof*. Dwarsdeur die eeue is daar mense wat die "amptelike" gelowe van hul tyd verwerp en selfgenoegsaam deur die lewe gaan. Die mens met sy verstand en ander vermoëns is vir hom genoeg. Heeltemal sonder geloof kan hy egter nie wees nie, maar nou is hy sy eie "god".

Die besondere betekenis van die religieuse ord[illegible] van 'n volk se lewe, moet weer eens beklemtoon word omdat dit s[illegible] ingrypende invloed uitoefen, en ook omdat dit so nou aan die volk se kunsuitinge verbonde is. Hoe ingrypend hierdie invloed is, word goed saamgevat deur die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Amerikaanse volkekundiges Lessa en Vogt as hulle sê dat "no human so= ciety can get along without a religion any more than it can survive without an economic system".(11) En wat die invloed van die religie op die volksmens van weleer se beeldende kunste betref, stel die Duitse geleerde Andreas Lommel dit só: "The pictures themselves are intended to capture and contain the imagined powers of the animals con= cerned and are conceived of as a magical means of ensuring the supply of game."(12)

1.4.0 Beskawing

Op die pad van sy kultuurontplooiing bereik die mens vroeër of later 'n stadium waar ons van 'n beskawing praat. Hoe dit gebeur, m.a.w. wat die aard van beskawing is, bly vir ons van die grootste belang omdat die mens se kunsuitinge, ook sy woordskeppinge, ten nouste daarmee saamhang.

In die afgelope jare het daar sterk verset by geleerdes dwarsdeur die Westerse wêreld gekom teen die "klassieke" evolusionistiese opvatting dat die mens stap vir stap van 'n primitiewe toestand na beskawing be= weeg het.(13) Kultuur is baie meer ingewikkeld as dít, word verklaar.

Hierdie opvatting lei o.m. tot die volgende uiters interessante en be= langrike stelling deur Lommel n.a.v. die prestasies van die sogenoemde "primitiewe mens" op die gebied van die skilder- en ander beeldende kunste: "It may come as a surprise that early men - the hunters of even the Early Stone Age (Lower Palaeolithic) - must have been thoughtful in= dividuals, and not at all the 'primitive savages' that they were once thought to have been. They were backward only in the sense that they stood at the beginning of human development, not in the sense of being simple or half-animal, as they used to be portrayed in popular recon= structions on the basis of the first fossil skulls. It may not be easy for modern man to do justice to these prehistoric people and to under= stand their mental makeup, but the rock art which they have left us ought to help in finding a way to them. No one disputes the fact that the rock paintings are great and unique works of art, yet some people still seem reluctant to admit that those who produced these works must also have been men of unique intellectual accomplishment, in a word, great artists who are comparable with the dominating figures of his= torical times."(14)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kunswerke kan natuurlik 'n hoë emosionele inhoud hê, maar die vormgewing daarvan hang met verstandelike ontwikkeling saam. Hierdie tipe mens soos deur Lommel beskryf, dui dus op iemand met gevorderde intellektuele vermoëns, maar weens gebrek aan tegnologiese ontwikkeling moes hy onder belemmerende en primitiewe omstandighede lewe. Waarskynlik is sy kuns= uitinge ook deur religieuse beperkinge van sy groep of stam aan bande gelê, want soos ons gesien het, was hierdie beeldende kunsskeppinge oor= spronklik bedoel om die stam te help sodat hulle 'n houvas op die dier, een van hul vernaamste voedselbronne, kon kry.

'n Tweede soort ontwikkeling bring wel 'n mate van tegnologiese vooruit= gang, en ons kry selfs die opkoms van sekere natuurwetenskappe en goeie kunswerke, maar die religie bly steeds 'n sterk remmende invloed. Die Britse geleerde Benjamin Farrington skryf daaromtrent: "The ancient empires of the Near East had created or preserved a mass of highly de= veloped agricultural and industrial techniques. They had brought to a certain level of systematization and theoretical development a few of= ficially approved sciences, such as astronomy, mathematics, and medicine. But there is no evidence of an attempt to give a naturalistic explana= tion of the universe as a whole. There is an official mythology, trans= mitted in priestly corporations and enshrined in elaborate ceremonial, telling how things came to be as they are. There are no individual thinkers offering a rational substitute for this doctrine over their own names."(15)

Die egpaar Frankfort kom tot min of meer dieselfde soort gevolgtrekkings: "If we look for 'speculative thought' in the documents of the ancients, we shall be forced to admit that there is very little indeed in our written records which deserves the name of 'thought' in the strict sense of the term. There are very few passages which show the discipline, the cogency of reasoning, which we associate with thinking. The thought of the ancient Near East appears wrapped in imagination. We consider it tainted with fantasy."(16)

Derdens kom ons by die volkere wat die ontwikkeling end-uit volhou, soos die Oud-Grieke. Hulle moes vóór begin. In 'n oorsig oor die bydrae van die Grieke op die gebied van die natuurwetenskappe, toon Farrington aan dat daar eers veel praktiese tegnologiese prestasies behaal is voor=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die groot deurbraak kom.[17] [illegible] die basis vir latere ontwik=keling. "Science, whatever be its ultimate developments, has its ori=gin in techniques, in arts and crafts, in the various activities by which man keeps soul and body together. Its source is experience, its aims practical, its only test that it wor[illegible]."[18] Soos die tegnieke verbeter en die omgewing al doeltreffender be[illegible]rs word, kom 'n verandering in die sosiale opset, 'n verdeling van arbeid, die opkoms van 'n stand met vrye tyd tot sy beskikking wat aan teoretiese spekulasie bestee kan word. Dit lei tot die Oud-Grieke se groot prestasies op wetenskaplike gebied, bv.: "Men were weighing for thousands of years before Archimedes worked out the laws of equilibrium; they must have had practical and intuitio=nal knowledge of the princi[illegible] involved. What Archimedes did, was to sort out the theoretical implications of this practical knowledge and present the resulting body of knowledge as a logically coherent sys=tem."[19] En verder: "The original thing in Greek science at its be=ginning is that it offers us, for the first time in history, an attempt to supply a purely naturalist interpretation of the universe as a whole. Cosmology takes the place of myth."[20]

Wat die Oud-Griekse wysbegeerte in die besonder betref, is daar ook geen verskil van mening nie. "It begins when men for the first time attemp=ted to give a scientific reply to the question, 'what is the explanation of the world?'"[21] sê W.T. Stace, en daardie groot kenner John Burnet: "the Greeks always tried to give a rational explanation ... of the ap=pearances they observed".[22]

Hierdie deurbraak beteken natuurlik nie dat die hele volk tot daardie peil opgehef word nie. Die "natural attitude to life" bly daar, soos nog 'n Duitser, Georg Misch, dit saamvat, nl. dat "our experiences are guided by emotions such as joy and sorrow, love and hatred - quite naturally, since man is primarily concerned with the significance and value, for himself, of various things and persons which he experiences through Feeling. He is not interested in the qualities that consti=tute the objective nature of each; these are the concern of the scien=tist."[23]

'n Beskawing kom dus tot stand wanneer die emosionele benadering tot die wêreld soos ons dit by die natuurmens vind, plek maak vir die rede,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en die ontwikkelingstadium wat 'n beskawing bereik, word bepaal deur die mate waarin die rede oorheers. Ons kan dus praat van:

(a) *Infantiele beskawings:* Intellektuele ontwikkeling sonder tegnologie en wetenskap, oorheers deur die religie.

(b) *Adolessente beskawings* (soos by die Oud-Egiptenare): Intellektuele ontwikkeling plus tegnologie en beperkte wetenskap, alles oorheers deur die religie.

(c) *Mondige beskawings* (soos by die Oud-Grieke): Intellektuele ontwikkeling plus tegnologie en suiwer wetenskap, waarin die religie 'n steeds meer afgebakende rol speel.

Daar moet weer op gewys word dat in enige van hierdie stadiums die geesteshouding waaruit dit voortkom nie by alle lede van die volk of groep teenwoordig is nie, maar daar word tog 'n sekere geestesklimaat geskep wat langsamerhand sy invloed laat geld. Voorbeelde lê voor die hand, ook uit ons eie volksgeskiedenis. Nadat die Oud-Grieke hulle in 'n groot mate aan die beperkinge van hul veelgodedom ontworstel het, het ons stamvolkere eeue lank onder die dwingelandy van die Christelike Kerk gestaan wat wetenskaplike ontwikkeling gestrem en 'n emosionele benadering tot die wêreld gestimuleer het. (Dink maar net aan die lot van 'n wetenskaplike soos Galileo, of aan die eeuelange heksevervolgings.) Toe Van Riebeeck na die Kaap gekom het, was hierdie volkere juis besig om 'n stadium van mondigheid te bereik, maar die Afrikanervolk sou grotendeels draers van 'n adolessente beskawing word voordat hulle eers in die 20ste eeu geleidelik mondigheid verwerf het.

Treffend word 'n 19de-eeuse voorbeeld deur een van ons ouer letterkundiges, Elizabeth Conradie, gegee. Conradie skryf oor die predikantskap van ds. T.F. Burgers (die latere Transvaalse president) omstreeks die jaar 1859 in die gemeente Hanover, 'n "Karoodorpie waar die boer nog in 'n half-primitiewe toestand worstel teen die elemente in 'n weerbarstige streek". Vir Burgers word "die verstand ... die grondslag van sy gedagte- en ma[illegible]like wêreld, hulle daarenteen betrag nog die emosionele denkwyse in landssake en rig hul na formulier-gesag op kerklike gebied. Hulle lê die nadruk op sonde en waaragtige bekering, hy op kennis en redelikheid, op ontwikkeling en beskawing ook in geloofsa=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ke."[24] Mooi is die verskil tussen die "meer beskaafde", redelike sie= ning en die "minder beskaafde", emosionele hier verbeeld - iets wat heel= temal te begrype is as 'n mens daaraan dink dat Burgers 'n man met 'n hoogstaande Europese opleiding was, terwyl die Afrikaner in baie opsig= te terug op die "beskawingsleer" moes beweeg (bv. van landbouer na vee= boer-jagter) voordat hy sy beskawing kon uitbou.

1.5.0 Volk en kultuur/beskawing

"Hoewel kultuur 'n algemeen menslike verskynsel is, neem ons dit as 'n feit waar dat elke besondere volk 'n eie kultuurpatroon het. Trouens, dit is die uitstaande faktor ten opsigte waarvan volke van mekaar ver= skil," skryf Coertze,[25] en kernagtiger kan dit nie saamgevat word nie. Om hierdie verbondenheid van volk en kultuur egter beter te begryp, is dit nodig om eers te kyk na die wyse waarop die lewens van mense as lede van 'n kultuurskeppende volksgemeenskap georden is, en vervolgens na die wyses waarop die mens aan sy besondere volk en volkskultuur gebind word.

Wanneer 'n mens die kultuur van 'n volk ondersoek, word jy dadelik ge= tref dat dit geensins homogeen vertoon nie, afgesien van die breë oor= eenkomste wat vanselfsprekend voorkom aangesien die kultuurdraers tog lede van dieselfde volk is, bv. dat die mense een taal praat, hoewel hier= die taal ook groter of kleiner plaaslike verskille kan oplewer. Dit val op dat alle lede van 'n volk nie noodwendig die hele kultuur van daardie volk dra nie of dieselfde beskawingspeil bereik het nie, maar dat oral plaaslike variante bestaan. Die belangrikste is egter dat daar in 'n volk as 't ware twee volkere opgesluit is: 'n opperlaag en 'n onderlaag, waarby eintlik nog 'n derde groep tussenin gevoeg moet word omdat die verskillings nie so skerp is nie en daar 'n geleidelike oorgang van die een in die ander is - 'n middellaag dus. Die vraag of iemand tot die opper-, middel- of onderkultuurlaag behoort, het met sy sosiale status te make, wat weer by sy ekonomiese vermoëns aansluit. Hierdie drie lae kan patrisiër, plattelands en pionier genoem word. ('n Studie van die stoflike kultuur toon veral duidelik hoe noodsaaklik so 'n onderskeiding is tussen bv. die deftige patrisiërmeubels, die eenvoudiger plattelandse meubels - wat natuurlik ook deur die patrisiërs gebruik kan word, mis= kien in hul kombuise - en die ruwe pioniermeubels.) Die "vader" van hierdie opvatting omtrent opper- en onderklutuur is die Duitser Hans Naumann[26] met sy *gesunkenes Kulturgut*, waarvolgens die volkskultuur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van vandag bloot die oorleefsels van die opperkultuur van gister is. Dit is natuurlik 'n baie eensydige siening waarteen ander volkskundi= ges sterk beswaar aangeteken en verklaar het dat daar nie net van "da= lings" van die opper- na die onderkultuurlaag gepraat moet word nie, maar ook van "stygings" van die onderkultuurlaag na die laag van die op= perkultuur (waar "styging" en "daling" natuurlik geen gehalteoordeel om= trent die betrokke kultuurgoed impliseer nie), in 'n nimmer eindigende wisselwerking.

So skryf Abel Coetzee: "As dit egter ons beeld is van die volkskultuur [naamlik dat dit bloot uit *gesunkenes Kulturgut* bestaan], moet dit net beteken dat die volkskultuur eenvoudig vergaarbak word van alles wat uitgedien is in die 'opperkultuur'. So 'n beeld is onwaar, en Hans Naumann het die teenoorgestelde verwikkeling verwaarloos: *gehobenes Kulturgut*. So byvoorbeeld verdryf die howelinge die saaiheid van die lewe deur die volksdans te verhef tot salondans; die dirndl van die Oostenrykse volksmeisie word hoogste kultuur- en modedrag; temas uit die volksmusiek word aangewend tot skepping van salonmusiek; volksverhale prikkel individuele kunstenaars tot die skepping van individuele kuns= werke; die volksgeloof aan hekse word verhef tot dogmatiese kerkleer en 'n staatsorde (heksewaan of heksejag); appelkooskim lei tot penisi= lium."(27)

Hierdie volk met sy opper-, middel- en onderkultuurdraers is egter nie 'n blote toevallige versameling van enkelinge nie, maar onder dwang van omstandighede, voortspruitend uit hul begeerte om te lewe, aangenaam te lewe en ewig te lewe, word hul lewens op verskillende maniere georden om by 'n groepspatroon in te pas. Hoewel dit nie altyd onomwonde so gestel word nie, dui die behandeling van die onderwerp tog aan dat ge= leerdes die volgende hoofordenings onderskei: religieus, polities, eko= nomies en maatskaplik (of sosiaal).(28)

Die mense wat so tot 'n volk georden is, staan hierdeur in 'n heel be= sondere verhouding tot mekaar. Hoe dit geskied, word deur Coertze verbeeld: "Die selle in 'n plant staan tot mekaar in 'n onderlinge sa= mewerkende verband en lewer aanmekaar diens en wederdiens ter instand= houding van die geheel. In werklikheid bestaan 'n plant uit georgani= seerde stof wat deur die lewensprinsiepe wat daarin werksaam is in 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organies-strukturele eenheid gerangskik is. Uittrede van die lewens= prinsiepe beteken ineenstorting van so 'n organisme. Hoewel nie op dieselfde wyse nie, vorm 'n volk ook 'n organisme waarvan die indiwidue= le lede die selle vorm en ook deur die werking van die lewensprinsiepe soos dit by die mens werksaam is, gerangskik en georganiseer is tot 'n groter geheel. Die lede van 'n volk staan ook in 'n besondere verhou= ding tot mekaar, elk met sy posisie (status) en speel sy rol binne die groter geheel. Die strukturele verband waarin hulle tot mekaar gerang= skik is, lê opgesluit in die kultuurpatroon. Dit is die uitlewing en navolging van 'n besondere en gemeenskaplike kultuur wat 'n aantal mense tot 'n organiese geheel verbind."(29)

Afgesien van die biologiese verbintenis deur huwelikke tussen mense wat oor 'n lang tydperk in een gebied saamwoon, is daar die geestelike een= wording weens 'n eenderse taal asook 'n eenderse lewens- en denkwyse. Hierdie lewens- en denkwyse, kan ons sê, kom op sy sterkste tot uiting in die mens se geloofsoortuiginge en sy aanvaarding van 'n gemeenskap= like verlede, hede en toekoms, m.a.w. sy nasionalisme. As die drie bande waarmee mense dus aan 'n besondere kultuurpatroon tot 'n gemeen= skaplike volk verbonde is, kan ons stel: godsdiens, taal, en veral nasionalisme.

Die oorheersend belangrike rol van die nasionalisme om mense tot 'n volk saam te snoer, moet veral onderstreep word waar ons in hierdie studie met volkswoordskeppinge besig is, want dit is die geval dat daar meer as een Afrikaanstalige volksgroep in Suid-Afrika is wat in hierdie skeppinge deel, en om werklik tot die wese daarvan deur te dring, sal ons dit steeds in gedagte moet hou. Die samebindingsfaktor wat mense tot 'n volk verenig, word treffend deur een van ons groot geleerdes van weleer, S.P.E. Boshoff, soos volg uiteengesit:

"Dit is nie ons aparte vaderland, nie ons samesyn in die staatkundige band van die Unie van Suid-Afrika, nie ons nasionaliteits- en nasionali= seringswette, nie ons herkoms of bloedmenging, nie ons getalsterkte of ons eie vlag as simbool van ons selfstandigheid, selfs nie ons taal en godsdiens wat ons 'n aparte nasie maak nie. Hoewel al hierdie dinge meetel, is dit kragtens ons geskiedenis dat ons 'n mate van samehorig= heidsgevoel besit. En daarop moet ons ons aanspraak op 'n afsonder=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

like nasieskap laat geld. Nasieskap is nie 'n kwantitatiewe begrip nie, maar 'n kwalitatiewe; nie ekstensief nie, maar intensief; nie staatkundig nie, maar kultureel; nie fisiologies nie, maar psigologies. Dit is 'n samehorigheidsbewussyn, 'n samehorigheidsgevoel en veral 'n samehorigheidsgeloof wat op gemeenskaplike ervarings, tradisies en idea= le berus."(30)

Hierby moet ook genoem word dat terwyl die mens deur die drange om te lewe, goed en ewig te lewe, voortgedryf word, hy dit tog nie ten koste van alle ander mense kan laat botvier nie, of die gemeenskap, die hele volk, sal in chaos verval. Daar is ook "ewige waardes", soos naaste= liefde, wat in die spel kom. So word die mens se lewe gerig deur din= ge wat as deel van die bonatuur aangevoel word.

'n laaste aspek van die wyse waarop 'n volkskultuur en beskawing opgebou word, verdien ons aandag. 'n Volk leef nie in 'n lugleegte nie en is ook nie staties nie. Daarom kan ons sê dat elke geslag 'n hoeveelheid kulturele erfgoed by sy vadere ontvang. Volgens die om= standighede van die tyd maak hy sommige dinge sy eie, terwyl ander in die vergetelheid verdwyn. Die nuwe omstandighede bring egter nuwe be= hoeftes waarvoor hy nuwe kultuur moet skep - en dit is wat ons die nuut= skeppinge in 'n volk se kultuur en beskawing noem. In die loop van sy bestaan van dag tot dag is daar egter weinig volkere wat nie vroeër of later met ander volkere in aanraking kom en by hulle bruikbare kultuur= dinge sien nie. Hierdie kultuurdinge word dan deur die volk oorgeneem as leengoed en in sy eie kultuur geïntegreer. Dit moet egter onthou word dat 'n volk net leengoed oorneem wat by sy eie kultuur inpas of dit op die een of ander natuurlike wyse aanvul (ten goede of ten kwade), en saam vorm hierdie erfgoed, nuutskeppinge en leengoed dan die eiegoed van 'n volk in 'n sekere stadium van sy kultuurontplooiing of beskawingsont= wikkeling.(31)

1.6.0 Die rol van die taal

Aangesien hierdie studie in die besonder oor 'n afdeling van die volks= woordskeppinge handel, is dit nodig om 'n bietjie nader in te gaan op die rol wat taal in die mens se kultuur speel. Dit is vanselfsprekend dat geleerdes aan hierdie besondere menslike vermoë 'n sentrale plek sal toe= ken. 'n Amerikaanse volkekundige, Walter Goldschmidt, skryf: "If cul=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ture is seen to be the unique characteristic of man, language must be viewed as the particular human gift that makes culture possible. For without the human capacity to communicate intricate patterns of thought - to re-create experience in words - culture could not exist. There are some who believe that it is language which is the truly distinguish= ing feature of man, and that culture is a mere by-product of this human attribute."(32) D. Ziervogel, Suid-Afrikaanse kenner van Afrikatale, verklaar: "Taal is ... die instrument waardeur kultuur voortgedra word. Binne 'n gegewe maatskappy is taal die kommunikasiemiddel. Taal is se= ker ook die belangrikste element in die volkseie want dit oorvleuel op alle gebiede van die volkslewe. Dit onderskei ook die mens van die dier want die menslike taal is 'n gesistematiseerde klankuiting waarmee die mens sy innerlike kan blootlê in teenstelling tot die dier waarby die klankuiting ongesistematiseerd is ... 'n Mens se kultuuruitinge word versinnebeeld in sy taal want deur middel van taal gee hy betekenis en inhoud aan 'n besondere kultuuruiting."(33) Coertze stel dit sô: "Die menslike spraak is eintlik 'n uiterlike verklanking van die inner= like geestestruktuur wat op 'n bepaalde wyse georiënteer is en waarvan die algemene patroon verskil van volk tot volk. So is die menslike taal sowel skepping as skeppingsinstrument."(34) Goldschmidt bring nog 'n belangrike funksie van taal na vore wanneer hy sê dat "language serves as a kind of storehouse for man experience ... It is in this storehouse of language that much of culture is preserved, and all men, everywhere, have a vast fund of knowledge and tradition which they pre= serve through the ages. It is this capacity which has made possible the gradual accumulation of knowledge and the progressive evolution of man's culture."(35)

Dit is onnodig om langer hierby stil te staan, maar ons kan saamvat deur te sê: die taal is 'n sentrale element in die mens se kultuur - die instrument waarmee hy nie net in staat gestel word om 'n ryke verskei= denheid kultuurdinge te skep nie, maar ook om dit te bewaar en oor te dra.

1.7.0 'n Indeling van volkskultuurverskynsels

Beweeg ons 'n stappie verder, vind ons in hierdie kultuur wat die mens in die omarming van die wye wêreld skep, 'n byna grenslose verskeiden= heid wat maar net by benadering ingedeel kan word. So 'n indeling is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter nie bloot interessant nie, maar ook noodsaaklik indien ons 'n bepaalde deel van die volkskultuur - soos volksvertellings in hierdie geval - wil probeer afsonder en bestudeer. Die Amerikaanse volkskundige Richard M. Dorson maak van vier groot onderafdelings gebruik: *oral literature*, wat hy verder soos volg omskryf: "Under this rubric fall spoken, sung, and voiced forms of traditional utterance that show repetitive patterns. One large subdivision is folk narrative, which in turn has its own manifold distinctions." 'n Volgende onderafdeling is *material culture*, m.a.w.: "How men and women in tradition-oriented societies build their homes, make their clothes, prepare their food, farm and fish, process the earth's bounty, fasion their tools and impliments, and design their furniture and utensils are questions that concern the student of material culture." 'n Derde afdeling dra die opskrif *social folk system*. Hieronder word 'n wye verskeidenheid gebruike tuisgebring (soos bv. die oorgangsgebruike verbonde aan geboorte, doop, huwelik en dood), asook volksgeloof en volksgeneeskunde. 'n Vierde en laaste onderafdeling is die *performing folk arts*: "Here we think primarily of traditional music, dance, and drama."(36)

Ander, en fyner, indelings is natuurlik ook moontlik om 'n nog duidelikker beeld van die omvang van 'n volk se kultuur te gee. Ons kan dit kortliks soos volg saamvat:

Geestelike kultuur

1. [illegible] rhy ingesluit word die naamgewing aan plante, diere en plekke; spreekwoorde; segswyses; spot- en byname) en volkswoordskatsinge (belewenisvertellings, sages, legendes, sprokies, g[illegible], volksliedjies en -rympies, raaisels, volkstoneel).

2. [illegible] verbond met [illegible] aard-, water-, lug- en [illegible], asook alledaagse bygelofies).

3. [illegible] volksgeneeskunde en volksweerkunde).

4. [illegible] tot die grat. (Geboorte, doop, die [illegible], onderspel, jongmensvermake, verlowing [illegible], volksvermake, volksfeesre, algemene tydverdrywe, [illegible], dood en begrafnis.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stoflike kultuur

1. *Woningbou en woninginrigting.* (Hieronder val die gebou self, die meubels, asook die werfinrigting.)

2. *Volksbedrywe*, in en om die huis (alles i.v.m. kos en drank, soos broodbak, konfytkook, varkslag, asook kersemaak, seepkook, ens.); en op die plaas (ploeg, saai, oes, riemebrei), waarby vervoer 'n belangrike rol speel.

3. *Volksklerebrug.*

4. *Volkskunshandwerk* (waarmee die persoon self, die meubels, die huis versier is - en trouens ook dinge wat in die alledaagse werk gebruik is, soos die ossewa).[37]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Kroeber en Kluckhohn: *Culture - A critical review of concepts and definitions.* (Aangehaal deur Felix M. Keesing: *Cultural Anthropology*, p.18).

2. Al die definisies ontleen aan C. Kluckhohn: Opsommende artikel in *Collier's encyclopedia* VII, inskrywing by *Culture*.

3. P.J. Coertze: Kultuurkunde (P.J. Coertze, red.: *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p.31).

4. P.W. Grobbelaar: Kultuur en beskawing (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur I: Mens en land*, p.6).

5. 'n Voorbeeld van so 'n hoofstut kan gesien word in Helena Hayward (red.): *World furniture*, p.206, illustr. 1169.

6. Vgl. o.m. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man.*

7. P.W. Grobbelaar: *Die volk as digter*, nr. 7. S.A.U.K., Afrikaanse Diens, 13 Junie 1978.

8. Vgl. in die algemeen Hans Bächtold-Stäubli: Aberglaube (John Meier, red.: *Deutsche Volkskunde*); E.E. Evans-Pritchard: *Theories of primitive religion;* sir James Frazer: *The golden bough;* H.W. Heuvel: *Volksgeloof en volksleven;* Felix M. Keesing: *Cultural Anthropology;* Lessa en Vogt (red.): *Reader in comparative religion;* Gilbert Murray: *Five stages of Greek religion;* Geoffrey Parrinder (red.) *Man and his gods;* Friedrich Pfister: *Der Volksglaube* (Adolf Spamer, red.: *Die deutsche Volkskunde*); Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9. Hierdie term word gebruik deur dr. H.H.E. Schulz, bekende navorser omtrent die Afrikaanse volksgeneeskunde, soos aangehaal in die inleiding tot *Volksgeneeskunde in Suid-Afrika* I, saamgestel deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, en wel in die Afdeling "Betekenis en inhoud", p.6.

10. Vgl. o.m. R.B. Onians: *The origins of European thought.*

11. Lessa en Vogt: *Reader in comparative religion*, p.51.

12. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

13. Dit is, om net enkele voorbeelde te noem, een van die grondliggende uitgangspunte van 'n Afrikaanse studie, P.J. Coertze (red.): *Inleiding tot die Algemene Volkekunde;* van 'n Amerikaanse, Lessa en Vogt (red.): *Reader in comparative religion;* en van 'n Duitse, Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man.*

14. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

15. Benjamin Farrington: *Greek science* I, p.29.

16. H. en H.A. Frankfort: Introduction - Myth and reality (H. Frankfort e.a.: *Before Philosophy*, p.11).

17. Benjamin Farrington: *Greek science* I - *Thales to Aristotele*s.

18. Benjamin Farrington: *Greek science* I, p.14.

19. Benjamin Farrington: *Greek science* I, p.20.

20. Benjamin Farrington: *Greek science* I, p.29.

21. W.T. Stace: *A critical history of Greek Philosophy*, p.18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22. John Burnet: *Greek Philosophy - Thales to Plato*, p.10.

23. Georg Misch: *The Dawn of Philosophy*, p.3.

24. Elizabeth Conradie: *Hollandse skrywers uit Zuid-Afrika* I, p.315-316.

25. P.J. Coertze: Kultuurkunde (P.J. Coertze, red.: *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p.35).

26. Hans Naumann: *Primitive Gemeinschaftskultur*.

27. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.16.

28. Vgl. P.J. Coertze (red.): *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*; Peter Farb: *Man's rise to civilisation*, p.12-15; Walter Goldschmidt (red.): *Exploring the ways of mankind*; Jacobs en Stern: *General Anthropology*.

29. P.J. Coertze: Kultuurkunde (P.J. Coertze, red.: *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p.35).

30. S.P.E. Boshoff: *Beskouinge en feite*, p.133.

31. Vgl. S.P.E. Boshoff: *Beskouinge en feite*, p.133, vir 'n ander interpretasie van *eiegoed*.

32. Walter Goldschmidt: Language - Man's peculiar gift (Walter Goldschmidt, red.: *Exploring the ways of mankind*, p.64).

33. D. Ziervogel: Taal en Volkekunde (P.J. Coertze, red. *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p.196-197).

34. P.J. Coertze: Kultuurkunde (P.J. Coertze, red. *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*, p.33).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

35. Walter Goldschmidt: Language - Man's peculiar gift (Walter Goldschmidt, red.: *[illegible]*, p.68).

36. Richard M. Dorson: The fields of folklore and folklife studies (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folklife*, p.3-5).

37. Volledige uiteensetting by P.W. Grobbelaar: *[illegible] van die Afrikaner*, p.78-91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.0.0 TRADISIONELE TERMINOLOGIE EN INDELING MET BETREKKING TOT VOLKS= VERTELLINGS

2.1.0 Terminologie

By 'n tú verskynsel soos die volksvertelling kan verwag word dat deur die eeue 'n hele reeks terme sou ontstaan om verskillende tipes aan te dui. Net so begryplik is dit dat waar hierdie terme nie van meet af aan wetenskaplik gefundeerd was nie, daar allerhande oorvleuelings en vaaghede sal voorkom. Onverskoonbaar bly dit egter dat geleerdes hul deel sou bydra om nog groter verwarring te stig. Laat ons dus saaklike omskrywings[1] van die vernaamste terme probeer gee:

2.1.1 Sprokie

Dit hang saam met die woord *spreek*, dus: om te praat, of om iets te vertel. 'n Sprokie word beskou as 'n suiwer verbeeldingsprodukt, "een in mondelinge overlevering verbreide vertelling, waarvan de inhoud, in tegenstelling tot epos of sage, niet in verband staat met historische gebeurtenissen, maar geheel tot het rijk der verbeelding behoort" (*Van Dale*).

2.1.2 Fabel

Afgelei van Latyn *fabula*: 'n gesprek, van *fari*: om te praat. Dit is "a short story devised to convey some useful lesson" (*Oxford*), of "verdichte vertelling waarin een zedeles aanschouwelijk wordt voorge= steld en waarin dieren of dingen als handelende personen optreden" (*Van Dale*). Hier duik reeds die eerste groot probleem op: die aan= drang dat net diere en dinge as karakters in fabels mag voorkom. Die belangrike moderne Duitse fabelvorser Erwin Leibfried is baie uitge= sproke hieromtrent: "Solange nicht Tiere, Pflanzen, leblose Dinge zu handelnden Personen werden, fehlt der fabulose Stilzug."[2] As daar egter bv. gode in so 'n lerende vertellinkie optree, soos meermale reeds by Esopus gebeur, word van *Mitterfabel* gepraat.[3] En mense? Dan word dit gelykenisse.[4] Waarop ons kan vra: was Esopus dan net so 'n groot gelykenisskrywer as fabeldigter, want tog sy vertellings wemel dit van menskarakters? Daar bestaan egter geen verskil in opset tus= sen sy vertellings oor diere of mense nie. Hierdie vereiste dat net diere, plante of dinge in fabels mag optree, is uiters kunsmatig en ge= forseerd. Dit is beslis meer lonend om na die hele doel of aanslag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n vertelling te kyk en dan te besluit of dit 'n fabel of 'n gely= kenis is: "Terwijl ... de fabel een praktische levensregel wil leeren, heeft de parabel een verhevener doel. Zij wil zedelijke of godsdiens= tige waarheden inprenten."(5)

2.1.3 Epos

Dit is 'n Griekse term vir "early unwritten narrative poetry celebrating incidents of heroic tradition" *(Oxford)*: "heldendicht; - reeks gebeur= tenissen zoals in heldendichten beschreven worden" *(Van Dale)*. 'n Mens kan dit dus 'n soort volksvertelling oftewel heldeverhaal in berym= de vorm noem. Van besondere betekenis is die *fabel-epos*: "Verhalende digwerk waarin diere sprekend en handelend soos mense optree sonder dat, soos in die fabel, 'n moraal uitdruklik geformuleer word; dit het dik= wels 'n satiriese of allegoriese inslag omdat die diere menslike karak= ters of karaktertrekke verteenwoordig" *(WAT)*.

2.1.4 Mite

Van die Grieks *mythos*: 'n woord, spraak, verhaal. By die bestudering van die volksvertelling word dit gewoonlik gebruik in die betekenis van 'n "verhalende overlevering die betrekking heeft op de godsdienst en de wereldbeschouwing van een volk" *(Van Dale)*. Aanvullend kan ons ook kyk na die betekenis van *mitologie*: "A body of myths, especially that be= longing to the religious literature or tradition of a country or people" *(Oxford)*, of: "geheel der verhalen waarin een volk of volkerengroep vorm geeft aan zijn opvattingen over grote gebeurtenissen in de oertijd, de godenwereld, het ontstaan der wereld ens." *(Van Dale)*. Soms word 'n mite ook 'n *mitiene sage* genoem.

2.1.5 Legende

Hang saam met die Latynse *legenda*: dit wat gelees word. In sy engste betekenis is 'n legende in die Rooms-Katolieke wêreld 'n "beschrijving van het leven van een martelaar of van een andere heilige" *(Van Dale)*, maar in wyere sin is dit: "An unauthentic story handed down by tradition and popularly regarded as historical" *(Oxford)*, of "met betrekking tot sommige historische personen en gebeurtenissen het hele complex van voorstellingen dat zich daaromheen tot een vaag omlijnd, maar toch karakteristiek beeld in de geest van het nageslacht heeft gevormd"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Van Dale). Waar die legende dus gewoonlik op die lewe van een of ander Katoelieke heilige of martelaar, of op dié van enige historiese persoonlikheid betrekking het, kan dit egter ook uitgebrei word om "enig verhaal dat op volksoverlevering berust" (Van Dale) in te sluit. Vgl. ook [illegible] hieronder.

2.1.6 Saga/sage

Dit is Oud-Noors *saga* 'n gesegde, verhaal, geskiedenis. In sy eerste betekenis is 'n saga dan: "Any of the narrative compositions in prose that were written in Iceland or Norway during the Middle Ages; in English use often applied specifically to those which embody the traditional history of Icelandic families or of the kings of Norway" (*Legend*). By uitbreiding word die term saga ook gebruik om enige romansiklus te omvat waarin 'n breë skildering van die lotgevalle van 'n familie gegee word. Dan kom 'n skeiding van die weë. Waar in Engels *saga* bv. ook aangewend word om 'n sekere tipe volksvertelling aan te dui, gebruik tale soos Nederlands en Duits die term *sage*, wat omskryf word as 'n "overgeleverd volksverhaal, veelal de vrije bewerking van een historische gebeurtenis, inzonderheid uit het heldentijdperk" (*Van Dale*). By volksverhaalvorsers word daar tans in die Engelse spraakgebied hoegenaamd nie meer van 'n *saga* gepraat nie, maar die term *legend* word die regstreekse ekwivalent van die term *sage*. Kyk ons verder na die sage as volksvertelling, kry ons afgesien van die reeds genoemde *mitiese sages* by verdere onderverdeling ook nog: *spooksages* oor dwaalgeeste en verwante verskynsels; *[illegible]* i.v.m. betowerde plekke en towenaars, waarby goëlverhale ten nouste aansluit; *maresages*, waar *mare* 'n soort nagbeklemming beteken, soos in die woord nagmerrie; *[illegible]*, wat nie net heksesverhale nie, maar ook verhale oor reuse, dwerge, meerminne, ens., omvat; *Christelike sages* rondom figure uit die Christelike geloofswêreld, dikwels as aanpassing van verhale uit die heidense voortyd; en *historiese sages*, waarin wel gewoonlik 'n kern van historiese waarheid skuil, maar drasties omvorm deur die volksverbeelding. Dit is dus 'n oneindig wye terrein wat deur hierdie een term bestryk word, en dit skep probleme, soos ons later sal sien.

2.1.7 Anekdote

Dit is 'n "mededeling van een kenschetsende bijzonderheid, een schilderachtige of vermakelijke trek uit het leven van een historisch persoon,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bij uitbreiding ook van andere personen ... (bij uitbreiding) amusant kort verhaal; grap" [illegible].

2.1.8 Grap

"Iets wat gesê of gedoen word met die doel om vrolikheid te veroorsaak, die laglus op te wek, om te vermaak, te amuseer; uiting van vrolikheid, dartelheid; geestigheid deur woord of daad; iets wat nie ernstig be= doel is nie" [illegible].

Daar bestaan nog meer sulke terme, maar wat hier genoem is, verteenwoor= dig ongetwyfeld die belangrikste moontlikhede.

2.2.0 Bestaande indelings van volksvertellings

Dis onprakties en seer sekerlik onnodig om al die indeling te probeer opneem wat geleerdes deur die jare gepropageer het, maar die belangrik= stes en interessantstes moet tog hier behandel word.

2.2.1 W.R. Halliday

Hierdie Engelse geleerde uit die eerste dekades van ons eeu het 'n beson= dere siening omtrent volksvertellings daarop nagehou. Hy verdeel dit in mites, sprokies en legendes (d.i. eintlik sages), en verduidelik dan:

Mites "represent the answers given by the human imagination to the pro= blems of how things came to be. How were Earth and Sky created or how did evil enter the world? The major problems of human experience pose identical questions everywhere, and it need not surprise us in conse= quence that the replies in diffirent parts of the world are very simi= lar ... Myth then represent the first response of the human mind to the sense of wonder, which, as Aristotle tells us, is the root of philoso= phy. It attempts to answer by imagination the question which science later seeks to solve by inductive reasoning." The mite is dus vir hom 'n soort primitiewe wetenskap.

Omtrent die *sprokie* verklaar Halliday: "If myth represents an early and simple form of science, *märchen* or fairy story represents the simi= lar antecedent of imaginative literature. It has no ulterior object, as a rule, except to afford entertainment, though it is true that certain

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

specialised forms - e.g. the beast fable or the parable - may be used to illustrate or point a moral, just as novels may be written 'with a purpose'. In general, however, the fairy tale has no axe to grind be= yond providing imaginative escape from the drudgery of the peasant's life, the tedium of the winter evening or the slow monotony of the long road." So is die sprokie vir hom die voorloper van die moderne letter= kunde.

Derdens dan, [illegible]: "If myth is the prototype of scie ce and the fairy story the prototype of imaginative literature, legend is history of a primitive kind. It differs from fairy story in being related to some actual person, place, or social or religious phenomenon." Primitiewe geskiedenis, so sê Halliday, is wat sages (Engels: *legends*) eintlik pro= beer weergee.

Halliday laat egter dadelik die waarskuwing hoor: "The classification here of myth and legend is not exclusive." Altyd is daar die grensge= valle waar getwyfel word of 'n vertelling 'n mite of 'n sage is.(6)

Daar is veel aantrekliks in Halliday se siening, maar hy voer dit nie ver genoeg deur nie. Wat word bv. van mites as die mense nie meer daaraan glo nie? Skuif hulle dan nie na 'n ander verhaaltipe oor nie? Is sprokies werklik net onskuldige vermaak? Op hierdie vrae sal later behoorlik ingegaan word.

2.2.2 Jos. Schrijnen

Hierdie beroemde Nederlandse volkskundige van 'n vroeër geslag verkies die indeling sprokies, sages en legen s. Dan verduidelik hy: "De meest dichterlijke onder deze scheppi gen van den volksgeest is het *sprookje*. Het is een volstrekt-fantastisch volksverhaal, zonder be= perking van plaats, persoon of tijd. Het wordt geboren uit den naieven, spontanen drang, zich te verlustigen in het spel der verbeelding. Niet onjuist heeft men het sprookje genoemd: 'een anonieme schepping der volksfantasie'. Daarentegen is de *sage* gebonden aan plaats, persoon of tijd; somtijds hangt zij samen met een bepaald volksgebruik Men onderscheidt mythiese sagen, aldus genoemd, omdat zij wortelen in alge= meen-animistische opvattingen of in een bepaald mythologisch systeem; Christelijke sagen, die Christelijke figuren of tafereelen borduuren

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op heidensch, of althans op zuiver-fiktief patroon; en historische sa= gen, met een historische kern, die door de fantasie werd uitgebreid of gewijzigd. Heeft nu zu'k een historische sage betrekking op de leven of de krachtdadige voorbede der heiligen ... dan noemt men ze met den bizonderen naam *Legende*."(7)

Hier is die verwarring groot. By sages gaan oorleefsels van die ou mites en Christelike vertellings "op zuiver-fiktief patroon" bv. hand aan hand met historiese sages.

2.2.3 Sagenonderzoek in het Nederlandse taalgebied: Motievenregister

I *Geestenwereld*

A. Watergeesten
B. Aardgeesten
C. Vuurgeesten
D. Luchtgeesten
E. Plaaggeesten
F. Spookdieren
G. Spookdingen
H. Terugkerende doden
I. Bespookte plaatsen

II *Tovenwereld*

A. Heksen
B. Tovenaars en toverboeken
C. Macht der geestelijken
D. Weerwolf

III *Duivelsagen*

IV *Historische sagen*

1. Gebouwen en plaatsen
2. Personen
3. Benden
4. Godsdienstige sekten
5. Verzonken klokken

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

V. [illegible]

1. Plaatsnamen

2. Persoonsnamen[8]

wat dadelik opval, is dat minstens drie van hierdie sage-onderwerpe iets met die volksgeloof te maak het. Selfs onder die [illegible] en [illegible] kan vele wees waarin die bonatuurlike 'n rol speel. Terloops, hierdie Nederlandse sage-ondersoek het reeds in die vyftigerjare begin, maar al die resultate is nog nie verwerk nie.

2.2.4 Die internasionale kongres van 1963 in Boedapest

Reeds van vroeg in ons eeu was daar in verskillende dele van Europa woelinge om sageregisters saam te stel, en dit het op die ou end uitgeloop op verskillende kongresse van volksverhaalkenners om 'n internasionaal-aanvaarbare grondslag te probeer vind. In Boedapest is in 1963 vier breë beginsels neergelê, wat soos volg deur die belangrike moderne Hongaars-Amerikaanse volksvertellingvorser Linda Dégh opgesom word:

(i) *[illegible] and cosmatological legends.* These include explanatory stories about the creation of the world, the origin of things, striking natural phenomena, unusual geological formations, and the nature of plants and animals closely observed by man in his small universe. This material is usually considered as folk-wisdom accumulated by oral transmission through many generations.

(ii) *Historical legends and legends [illegible].* Local historical accounts are incorporated in narratives based on a segment of national history. Each locality develops its own body of folk history, composed partly of local events passed down in family tradition as home educational matter and partly of written sources absorbed from schoolbooks, chapbooks, and newspapers and like sources. Among the historical legends, two kinds are the most popular: stories about national and social heroes (e.g. righteous rulers and outlaws), and stories about events that affected the life of local communities, such as enemy attack, cruel lords, or the Black Plague. Other kinds include stories about the names of places, rivers, and hills and the origins of prehistoric ruins and mounds.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) [illegible] In the main, the source of belief-legends is local folk belief, based on folk piety and Christianized nature worship. These legends are concerned with supernatural beings, persons with supernatural knowledge and power, ancestors and revenants, white and black magic, and the protection and destruction of family and property.

(iv) [illegible] The Christian legend, the only legend form that originates in literature, is newly added to folk legendry by scholars on the grounds of having been folk=ized and absorbed into folk culture. Pre-Christian beliefs infiltrated the stories about saints, martyrs, and miracles stimulated by the early Christian church. By the sixteenth centry, the Catholic hierarchy banned legend recitals at the shrines of its saints and thereby unwittingly encouraged Christian miracles to pour into folk tradition.(9)

Wanneer 'n mens hierdie indeling begin ontleed, blyk dit dat meer probleme geskep as opgelos word. Dit is net die ou, ou warboel in 'n nie alte nuwe kleed nie: selfs die ou terme soos [illegible] en [illegible] word gebruik. By hierdie veelheid is ook nog die tipiese Christelike legendes (soos die Katolieke die term aanwend) oor heiliges en martelare ingevoeg - onder een dak saam met die ou mitologiese gode. En dan word vertellings oor die skepping van die wêreld en die oorsprong van dinge, waarby die gode so dikwels heel intiem betrokke sou gewees het, heeltemal afsonderlik ingedeel. Al wat hierdie geleerdes gedoen het, is om die vertellings wat tradisioneel as mites, Christelike legendes en sages bekend staan het, in êên sisteem te probeer huisves met nog groter onduidelikheid as die eindproduk.

2.2.5 Die Amerikaners: Wayland D. Hand

Die Amerikaners stel al etliese dekades lank in sagevorsing belang met Wayland D. Hand as een van die toonaangewende figure. So word in 1969 uiteindelik 'n konferensie in Kalifornië oor "American folk legend" gehou waartydens Hand in 'n referaat 'n duidelike uiteensetting gee van wat hy alles onder die term [illegible] insluit, natuurlik met verwysing na Amerikaanse toestande.

Hand se poging tot hoegenaamd geen verbetering in vergelyking met die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

indeling, soos reeds behandel is nie. Afgesien van vertellings wat met die volksgeloof verband hou, kom hy selfs by onderwerpe uit soos ver= borge skatte, ongerukke in die wêreld van die handel en nywerheid, as= ook skeepsrampe - en hy noem die moontlikheid om vertellings oor kwaksal= wers, kluisenaars, populêre sperthelde en belangrike openbare persoonlik= hede op te neem. Om sulke ongelyksoortige dinge saam in dieselfde on= derafdeling van die volksvertelling te probeer inpas, is onverdedigbaar. Soos reeds aangedui, lei dié soort indeling tot groot verwarring, wat dit onmoontlik maak om tot die wese van die onderwerp deur te dring. Hier, in elk geval, volg Hand se oorsig van moontlike sage-onderwerpe:

(i) *[illegible]*. Sommiges, soos weerwolwe en vam= piere, kom nog in volksvertellings voor, asook feetjies, maar daar is geen tradisie omtrent drake en reuse bekend nie. Die Wilde Jag word in Fran.-Amerikaanse oorlewerings aangetref, terwyl die nagmerrie bloot 'n rol in die volksgeloof speel sonder dat daar werklik vertellings bestaan. Heksery, die Duiwel, toordery en die "bose oog" speel steeds 'n rol.

(ii) *[illegible]*. Dit bly 'n onuitputlike bron vir volksvertellings, met nuwe wendinge in sommige streke, bv. vertellings omtrent wandelende lyke *(a[illegible])*, die sesde sintuig en doodsbodes.

(iii) *[illegible]*. Hier is nog 'n vrugbare terrein, met vertellings omtrent die Voorsienigheid, kerke en kerktoebehore, sonde en godslaste= ring - en die verskiklike lot wat sulke oortreders tref. Ook vertel= lings oor die Duiwel wat nie regstreeks met heksery verband hou nie, hoort hier tuis.

(iv) *Kerklike [illegible]*. Dié soort vertellings, gewild onder die Rooms-Katolieke, moet seker ook iewers in die sage-indeks ingesluit word.

(v) *Verborge skatte*. Dit speel 'n belangrike rol in Amerikaanse volksvertellings, asook vertellings oor verlore myne.

(vi) *Etiologiese sages*. Verklarings vir die herkoms van die flora en fauna, asook van besondere kenmerke van die bodem, bied 'n groot verskei= denheid stof.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vii) *[illegible]*. Talle vertellings oor mense, plekke en gebeurtenisse leef in die volksmond, bv. i.v.m. oorloë, wonderkinders, natuurrampe, asook ontploffings, brande en ongelukke wat met die handel en nywerheid, ens., verband hou. Dis nog onseker of die ruimte-eeu sy eie besondere sages sal oplewer.

(viii) *[illegible]*. Vertellings omtrent buitengewone mense - van kwaksalwers en kluisenaars tot ly populêre sport- en ander helde, asook belangrike openbare persoonlikhede - skep probleme. Daar sal eers na die beskikbare stof gekyk moet word voordat 'n finale beslissing moontlik sal wees.[10]

2.2.6 Aarne/Thompson: The types of the folktale

Ten einde die studie van die volksvertelling te vergemaklik en orde te skep in die chaos van die duisende voorbeelde wat oral in die Westerse wêreld opgeteken is, stel die Finse geleerde Antti Aarne 'n indeks op wat hy in 1910 publiseer onder die titel *Verzeichnis der Märchentypen*. Dit word later vertaal en uitgebrei deur die Amerikaner Stith Thompson, verskyn in 1928 as *The types of the folktale*, en is steeds aangevul tot by die tweede en jongste hersiening in 1961. Hierdie publikasie vorm die grondslag vir die meeste navorsing i.v.m. die volksvertelling wat die afgelope halfeeu in die Westerse wêreld onderneem is. Dit is ongetwyfeld 'n indrukwekkende en uiters nuttige werk, maar afgesien van ander kritiek wat daarteen ingebring kan word, bestaan daar die groot, inherente swakheid dat nie duidelik tussen sprokies en nie-sprokies onderskei word nie. Dit val al dadelik op as 'n mens na die inhoudsopgawe[11] kyk:

I. *Animal tales*
Wild animals
Wild animals and domestic animals
Man and wild animals
Domestic animals
Birds
Fish
Other animals and objects

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

II. *[illegible]*

A. Tales of magic

Supernatural adversaries

Supernatural or enchanted husband (wife) or other relatives

Supernatural tasks

Supernatural helpers

Magic objects

Supernatural power or knowledge

Other tales of the supernatural

B. Religious tales

C. Novelle (romantic tales)

D. Tales of the stupid ogre

III. *Jokes and anecdotes*

Numskull stories

Stories about married couples

Stories about a woman (girl)

Stories about a man (boy)

The clever man

Lucky accidents

The stupid man

Jokes about parsons and religious orders

Anecdotes about other groups of people

Tales of lying

IV. *Formula tales*

Cumulative tales

Catch tales

Other formula tales

V. *Unclassified tales*

Die gebreke in die Aarne/Thompson-indeks blyk duidelik. Om maar net twee uiterste gevalle te noem: met *Jokes about parsons and religious orders* is ons bitter ver van die wêreld van *Tales of magic* verwyderd. Maar ná *Jokes about parsons* kry ons o.m. *Cumulative tales*, d.w.s.: kettingsprokies. Dit alles sou nog redelik maklik van mekaar geskei kon word as daar binne die groepe self nie soveel teenstrydighede was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie. Hier volg enkele voorbeelde.

In die eerste groot afdeling *Animal tales* is meer as vyf-en-negentig persent van die voorbeelde dieresprokies (soos dit hoort) en val daar niks op te sê nie. Maar dan staan daar meteens iets soos die volgen= de:

The fox rids himself of fleas (A/T 62). He lets himself sink some= what in water with a bundle of hay. The fleas gather on the haybundle. Finally the fox dives under the water.

'n Soortgelyke vertelling is in Afrikaans opgeteken.(12) Dis duidelik dat ons hier hoegenaamd nie met 'n sprokie te make het nie, maar met 'n vertelling deur iemand omtrent iets wat hy met sy eie oë sou aanskou het.

Nog treffender is die volgende gevalle (wat bowendien sonder enige kruisverwysing as heeltemal afsonderlike tipes in die indeks opgeneem word):

The travelers and the animals in the wolf's hole (A/T 160A). The violinist falls into the wolf's hole together with the bear and the wolf. He plays to them and in the morning he helps the bear to get out; the bear then saves him, leaving the wolf who had hindered the violinist from getting out.

The musician in the wolf-trap (A/T 168). There he encounters a wolf already trapped, and saves himself by playing music.

Van bogenoemde twee voorbeelde het A/T 160A nog sprokiesagtige boweto= ne, veral as die musiekmaker en die diere miskien met mekaar sou gesels, maar A/T 168 is g'n sprokie nie. Dit word net so in Afrikaans vertel, klaarblyklik met die bedoeling dat dit as die volle waarheid moet geld, en wel in die verhaal van "Outa Danster en di wolf".(13)

Nog een geval uit hierdie groep moet vermeld word omdat dit so 'n be= roemde vertelling onder ons mense is.(14)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The [illegible] (A/T [illegible]). The snake drinks from the child's milk-bottle.

The dead child and the [illegible] (A/T 356A). White snake brings luck to house. He is fed milk. People kill snake and thereafter have bad luck.

Dit is baie duidelik dat die verhaal, ook in Afrikaans, geensins as 'n sprokie bedoel is nie, soos Coetzee dit opsom: "'n Seuntjie neem sog= gens sy bekertjie melk van die eettafel af en gaan sit daarmee langs die huis in die son. Die feit dat hy sy beker tot drie keer toe kom vul met melk, trek die aandag van die moeder; die kind word bespied, en toe sou hulle sien dat 'n slang onder die fondament van die huis uitkruip en die melk drink terwyl die seun met klaarblyklike genot sy kop streel. Die ouers het die slang doodgemaak, en presies veertien dae later is die seun dood - getreur!"(15)

So kan 'n mens die register deurgaan, en oral val hierdie inkonsekwen= sies op. Tussen die *Tales of magic* met verhale omtrent *Supernatural adversaries* en *Supernatural helpers*, skuil tipiese spookstories:

Ring from the dead (A/T 307A). A soldier who watches the grave of a queen receives from the dead a ring, which she had stolen from her sister; the sister forgives the dead woman and the dead ceases to frighten.

"Young men, who lie in these graves, come dance with us" (A/T 365B). The girls at the dancing-party, with great difficulties free themselves from the dead who have come to dance with them.

As sprokies kan sulke vertellings hoegenaamd nie beskou word nie. Die volgende voorbeeld is 'n interessante geval waar 'n "ware spookstorie", soos dit waarskynlik oorspronklik bedoel was (want een van die bekende redes hoekom gespook word, is dat 'n gestorwene wil wraak neem),(16) wel besig is om na die wêreld van die sprokie te beweeg as 'n mens na die buitensporige beloning kyk wat die helper van die spook aangebied word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible]. Youngest of three sisters follows a mysterious dog into a deserted place. The sisters watch in turn and hear voice crying, "I am coming". The youngest answers and ghost comes and begs to have her murder avenged. The girl entices the murderer, gives him a soporific and kills him. She is rewarded with the palace.

Ten slotte kan verwys word na 'n hele lang afdeling soos *Jokes and anecdotes*, met talle onderafdelings, wat feitlik geheel en al nie by die sprokie tuishoort nie, hoewel daar tog ook vertellings met 'n sprokies=agtige inslag voorkom, soos die volgende bekende voorbeeld:

Lucky Hans (A/T 1415). Foolish bargains. He trades his horse for a cow, the cow for a hog, the latter for a goose, until finally he has nothing left. Wins the wager when his wife does not get angry.

2.2.7 'n Ander moderne vorser: Linda Dégh

Hierdie vooraanstaande kenner van die volksverhaal onderskei drie groepe vertellings: *tale genres*, *legend genres* en *true experience stories*.

(a) By *tale genres* maak sy onderskeid tussen *complex tales* en *simple tales:*

Complex tales
The Märchen or magic tale
The religious tale
The romantic tale or novella

Simple tales
The animal tale
Jokes and anecdotes
Formula tales

Hierdie *tale genres* is niks anders as 'n herrangskikking van die indelings wat by Aarne/Thompson voorkom nie. In hierdie proses het die afdeling *Tales of the stupid ogre* egter blykbaar vergete geraak.

(b) Wat *legend genres* betref, berus Dégh haar blykbaar by die tentatiewe indelings wat deur die internasionale kongres van 1963 in Boedapest gemaak is. In die algemeen merk sy oor *legends* (sages) op:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Legends do not seem to wither under the impact of urban life. On the contrary, they appear to be the hardiest of folk narrative forms, not only in adjusting easily to modern conditions but by generating new types based on the most up-to-date issues of contemporary life. The legends of today do not belong solely to the backward, uneducated layers of the population. They capitalize on pervasive beliefs, on the search for the unknown, on the extraordinary and unusual, and hold the interest of men of all classes."

(c) Dégh se derde groot kategorie is dan *true experience stories*, d.i. moderne, alledaagse vertellings. Sy verwys na die indeling van Hermann Bausinger, Duitse geleerde en vorser omtrent die moderne volks= kultuur:

(i) Gelukkige gebeure (vervang die *Märchen*)
(ii) Vrolike gebeure (vervang die *Schwank*)
(iii) Sinistere gebeure (vervang die geloofsage)

Sy voeg daarby: "No matter how loose the structure and how flexible the framework of these everyday stories, they follow the trend of the more established genres. They are such devices as threefold repeti= tion, dramatized dialogues, and endings signalled with a bang. These true stories grow out of reminiscences of the past, and events, hear= say, rumor, gossip, and personal experiences of the present. They may be told in the first or the third person. In examining their contents one can see why the true story easily assumes the role of traditional narration. Stories of luck deal with romantic love (poor girl marries the boss), big winnings (at races, cards, lottery, bingo), narrow es= capes from grave danger, or intrigues with a happy ending. Horror stories rationalize the mythical elements of the belief legend, in touching on crime, mass murder, suicide, disaster, and fateful and mysterious tragedies. Humorous stories bear a strong resemblance to improvised anecdotes but are usually narrower, centering on one comic incident."

Sy stel verder voor dat hierdie stories volgens onderwerp geklassifiseer word: *Labor reminiscences, autobiographical stories, emigrant and im= migrant epics*, ens.[17]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie soort lukraak indeling wat Dégh voorstel, is nie bevredigend nie. Dit kan tot 'n oneindige verskeidenheid lei wat vergelyking met die tradisionele vertellingsvorme bemoeilik. Verder moet weer daarop gewys word dat 'n mens versigtig tussen blote gespreksonderwerpe en werklike vertellings moet onderskei.

2.3.0 'n Teoretiese regverdiging vir sulke indelings

Uit die voorafgaande blyk dit dat geleerdes basies net twee soorte volksvertellings aanvaar: die sprokie en die sage (Engels: *legend*), waarby dinge soos mites en Christelike legendes dan ook op die een of ander manier betrek word. Dégh se verwysing na *true life stories* bly tot in hierdie stadium maar bloot terloops. Dit is dus belangrik om daarop te let hoe die geleerdes die verskille tussen sprokies en sages sien. Die voorbeeld is van Abel Coetzee en medewerkers, met (soos hul= le dit stel) "erkentlikheid teenoor Max Lüthi: *Die Fabel in Märchen und in der Sage*, en met aanleuning by Rörich, Peuckert, Leopold Schmidt, Hedwig von Beit, Kurt Ranke en talle ander se verdiepende beskouings" - dus feitlik alle 20ste-eeuse Duitstalige volksverhaalvorsers van be= lang. Hulle gebruik twee Switserse vertellings as illustrasiemateriaal. Die sprokie heet: "Die grypvoël", en die sage: "Waar kom die jodelwy= sies van die koeiwagters in die Alpe vandaan?"(18)

2.3.1 Ontleding van 'n sprokie en 'n sage

In "Die grypvoël" word vertel van 'n koning wie se dogter siek is, en sy kan net deur 'n sekere soort appel genees word. Die koning beloof dat wie ookal van die appels vir hom bring, met sy dogter kan trou en sy koninkryk erf. 'n Boer se drie seuns hoor hiervan en wil probeer. Hulle pak drie mandjies vol appels en val in die pad. Daar kom 'n klein grys mannetjie na hulle toe. "Wat het jy in jou mandjie?" vra hy vir die oudste. "Paddabessies," lieg die oudste seun. "Laat dit so bly," sê die mannetjie. Die tweede seun antwoord dat hy varkhare in sy mandjie het. "Laat dit so bly," sê die mannetjie. Die jongste praat die waarheid: "Ek het appels om die prinses te genees." Die mannetjie sê weer: "Laat dit so bly," en verdwyn. Toe hulle by die paleis kom, het die oudste werklik paddabessies in sy madjie, die twee= de varkhare - maar as die prinses van die jongste se appels eet, is sy gesond. Nou kry die koning spyt oor sy belofte en wil 'n skuit hê wat ewe goed op land en op water kan vaar. Dis die jongste seun wat nogeens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die waarheid vertel en weer daarin slaag om die opdrag uit te voer. Daarop moet die jongste 'n honderd hase vir 'n dag lank oppas, wat hy regkry met behulp van 'n fluit wat die grys mannetjie vir hom bring. Ten slotte moet hy 'n veer uit die vlerk van die grypvoël gaan haal. Hy beleef allerhande avonture en keer terug met die veer en talle ander geskenke. Die seun kul die koning nou deur te sê dat hy die geskenke by die grypvoël gekry het. Dadelik vertrek die koning om vir hom ook van die skatte te gaan haal, maar hy sterf in die onderneming, die jongste seun - noem hom maar Hans - trou met die prinses en erf die koninkryk.

Die vertelling word soos volg ontleed. Om nie 'n vals indruk te skep nie, word die kommentators sover moontlik woordeliks gevolg:

(a) Die koning hoor uit die towerwêreld dat appels sy dogter kan genees, en daardeur word 'n hele reeks handelings aan die gang gesit.

(b) Die verskyning en verdwyning van die grys mannetjie, die rede waarom hy help, word alles as vanselfsprekend aanvaar en nêrens verklaar nie. So bekom die held 'n geskenk uit die magiese wêreld: 'n towerfluit, maar in sprokies is so iets doodgewoon en alledaags, en die voorkoms daarvan word nie eens beskryf nie. Die sprokiesfluit word net een keer gebruik, en dan hoor ons nie weer daarvan nie.

(c) As Hans op sy reis na die grypvoël vertrek, tref hy geen voorsorg nie. Wanneer hy iets langs die pad nodig kry, word dit daar en dan uit die towerwêreld aan hom oorhandig.

(d) Daar moet veral gelet word op die breë verloop van die verhaal. Aanvanklik is dit die twee oudste broers wat die grys mannetjie bedrieg terwyl Hans die waarheid vertel. Die broers word gestraf en Hans slaag. Tog moet dit nie beskou word as die uitbeelding van 'n sedeles dat die goeie beloon en die slegte gestraf word nie, want later vertel Hans weer 'n onwaarheid (i.v.m. die geskenke van die grypvoël), en dit bring vir hom nog groter geluk. Die sprokie léér nie. Dis hier eerder 'n geval van die towerkrag van die woord: omdat 'n ding gesê word, is dit ("Laat dit so bly").

(e) Die sprokiesgeskenk, nl. die towerfluit, help die verhaalhandeling aan, want daardeur word die reis na die grypvoël nodig om 'n veer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te gaan haal, maar dan verdwyn die geskenk weer. Die doel van die reis is om die veer in die hande te kry; as dit egter eers gevind is, speel dit ook g'n verdere rol nie, maar aan die ander kant help dit tog om die handeling te laat afloop.

(f) Let ten slotte op die reis wat onderneem word, 'n kenmerkende eienskap van die sprokie.

In die vertelling getiteld: "Waar kom die jodelwysies van die koeiwag= ters in die Alpe vandaan?" word vorhaal van Res, koeiwagter van Baklis= alp in die Saanendal. Een nag skrik hy wakker en gewaar drie gestaltes in sy alpehut: 'n geweldige groot man, 'n jagter in groen gekleed, en 'n lykbleek seun met blonde hare. Res sien hoe die bleke melk in die melkbak giet terwyl die jagter-in-groen die vuur stook en rooi stremsel in die melk gooi. Terwyl dit kook, staan die bleke voor die hut wonder= skoon en sing, en hy herhaal die wysie nogeens op 'n gekrulde horing wat daar lê. Nou kom die groot man nader en skep die melk in drie bakkies uit, en kyk: die melk in die eerste bakkie is rooi soos bloed, in die tweede groen soos gras, en in die derde wit soos sneeu. Toe roep die grote na Res dat hy uit sy slaaphok moet afkom om vir hom 'n geskenk te kies. Die grote prys die rooi melk aan en sê as Res dit kies, sal hy so sterk soos 'n reus word en 'n honderd rooi koeie kry. Die jagter sê die groen melk sal hom baie goud en geld besorg. Die bleke sê: "Kies die wit melk, en as jy môre wakker word, sal jy net so goed soos ek kan jodel en op die alpehoring blaas." Res kies die wit melk, en die bleke sê: "As jy die ander gekies het, sou jy gesterf het, en dit sou honderde jare geduur het voordat ek dit weer kon waag om my geskenk aan die mense te bied." Daarop verdwyn die drie, die vuur doof uit, en onsigbare hande lig Res terug in sy slaaphok. Die volgende oggend kan hy net so mooi soos die bleke sing en op die alpehoring blaas wat die besoeker daar gelaat het. Res leer die kuns aan sy nooientjie, en so versprei dit al verder deur die bergwêreld sodat dit tot vandag toe voortbestaan.

By 'n ontleding van hierdie vertelling word die volgende punte na vore gebring:

(a) Anders as die sprokiesheld, ondervind die sageheld angs en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrees wat deur die sagefigure verwek word.

(b) Die sagegeskenke is tasbare dinge: r oi, wit en groen melk en 'n alpehoring, wat elkeen bepaalde vermoëns besorg, nl. brag en rooi koeie, rykdom en goed, musikale talent - of die dood. Die geskenke staan in die kern van die handeling en word volledig beskryf. Die deurslaggewende geskenk, d.i. die alpehoring, verdwyn nie weer nie, terwyl die sprokiesgeskenk net die handeling bevorder en dan is dit weg.

(c) Die geskenke en skenkers uit die sprokieswêreld is dus anders, treë anders op as in die sagewêreld.

(d) Die sprokiesheld word deur 'n reis tot allerhande heldedade ge= voer, terwyl die sageheld uit die slaap in 'n angsvolle situasie ont= waak.

(e) Die sprokiesheld is nie soseer bewus van 'n keuse nie, en kies hy verkeerd, word die handeling net eff daardeur uitgerek sonder dat dit die afloop onheilspeliend beïnvloed. 'n Verkeerde keuse van die sageheld lei tot die dood.

(f) In die sprokie word menslike spanninge tussen verskillende ka= rakters verdeel; in die sage is dit in die gemoed van 'n enkeling ge= konsentreer.

(g) Die sage leer 'n les. Die koeiwagter kan kies tussen die be= staan van 'n boer, sterk na liggaam en met baie koeie, of van 'n jag= ter/handelaar met groot geldskatte - maar sonder die skoonheid van die kuns. Enersyds is dit dus 'n keuse van stoflike besit en genot; an= dersyds 'n armoedige bestaan, maar wel dié van 'n sanger/musikant. Kies die stoflike sonder die skone en sterf, so sê die sage.

2.3.2 Kritiek op die ontleding

Wanneer ons na bostaande uiteensetting kyk, moet erken word dat dit be= sonder vernuftig bedink is, maar dit blyk tog onmoontlik te wees om met hierdie soort metode te bepaal of 'n vertelling 'n sprokie of 'n sage is. Buitendien is al die argumente nie geldig nie. Sonder om wyd na voorbeelde te soek, maar bloot deur 'n klompie sprokies te gebruik wat algemeen bekend is, kan die volgende stellings gemaak word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Die geskenk of soortgelyke voorwerp in die sprokie hoef nie noodwendig weer sommer so in die niet te verdwyn nie; dit hang net daarvan af hoe belangrik dit vir die vertelling is. Al die rykdomme en skatte wat help om die sprokiesheld(e) "vir altyd gelukkig te laat lewe", is baie beslis dáár tot die einde van die vertelling toe, soos in "Jan en die boontjierank". En volgens die sprokie lê die meultjie wat moet verklaar "Hoekom die see sout is" nog altyd op die bodem van die oseaan en maal.

(b) Die spanninge in 'n sprokie hoef nie oor 'n hele aantal karak= ters versprei te wees nie. By "Rooikappie" word dit enkel en alleen opgebou in die meisietjie se gemoed en neem dit met elke vraag toe: "Hoekom is ouma se oë/ore/neus/mond so groot?"

(c) Angs en vrees kan net so wesenlik deel van 'n sprokiesituasie wees, soos in "Hansie en Grietjie".

(d) Miskien die belangrikste kwessie wat deur die kommentators be= klemtoon word, is egter die stelling: "Die sprokie leer nie", en daar= teenoor: "Die sage leer 'n les". Ons vind egter dat terwyl daar van= selfsprekend sprokies is wat nie 'n les voorhou nie, daar wel 'n mag= tige deel van die wêreld se sprokieskat is wat baie duidelik die een of ander "lewenswaarheid" by die toehoorder wil inskerp. Ons kan selfs sê dat by die Wolf-en-Jakkals-verhale, waar Wolf altyd die sleg= ste daarvan afkom, onregstreeks die les inbegrepe is dat 'n mens nie te liggelowig moet wees nie. Maar regstreeks word daar bv. in "Rooikap= pie" teen die gevolge van ongehoorsaamheid gewaarsku; die hele ont= plooiing van dié sprokie hang trouens saam met hierdie ongehoorsaamheid. Male sonder tel is dit die goeie en deuglike karakter wat beloon en die boses wat bespot of gestraf word, soos in die beroemde verhaal van "As= poestertjie". Dan beklemtoon sprokies dit boonop baie sterk dat hoog= moed voor 'n val kom. Dink maar aan die dosyne voorbeelde waar dit al= tyd die jongste en swakste en "domste" van drie broers is wat op die ou end die beste daaraan toe is, soos trouens ook in die sprokie oor "Die grypvoël" wat deur Coetzee en medewerkers behandel word. In hierdie sprokie is daar selfs meer as een les. Afgesien van die welslae van "Dom Hans" - soos hy deur Coetzee en medewerkers genoem word - in teen= stelling met sy ouer broers se mislukkings, kan ook nie sommer so maklik verklaar word dat dit níé 'n geval is waar eerlikheid beloon en oneerlik=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heid gestraf word nie. Hans bly die waarheid praat totdat die koning sy woord so vele male gebreek het dat hy volgens elke reël van reg en geregtigheid gestraf moet word - al is dit met 'n leuen.

2.3.3 Die verteller as skepper

Ons kom nou by 'n volgende stelling van Coetzee en medewerkers: "As mens intensief met die soort stof omgaan, is die stof-gelykheid van sprokie en sage ... so opvallend dat verwarring dreig en skeidslyne by= na uitgewis word. Die vorser word egter van onbegrip gered deur bewus te kleef aan die wesenlike verskil tussen dié twee verhaalsoorte: 'n sprokie is 'n werklike kunsskepping, d.w.s. dit word gekenmerk daar= deur dat sy oorspronklike skepper hom geestelik bokant die stof verhef, dit beheer, daar iets nuuts van maak om te bekoor, terwyl die geloofs= moment heeltemal verdwyn het. Daarteenoor is die sage 'n berig of ver= moende berig oor die magiese of profane, terwyl dit onmiskenbaar aan= spraak maak op geloofbaarheid; maar die kuns- of skeppingsmoment ont= breek gansenal daaraan, en dit wil nie bekoor of vermaak nie."(19)

Hiermee saam kan ook twee aanhalings uit Erich en Beitl se *Wörterbuch der deutschen Volkskunde* gelees word omdat dit in sekere opsigte daarby aansluit:

(i) Das Volksmärchen als Ganzes ist eine nicht von den Bedingungen der Wirklichkeit abhängige Erzählung, besunders aus der Wunder- und Zauberwelt, die ohne Anspruch auf Glaubwürdigkeit die Zuhörer unterhal= ten will. Das Märchen in einfachsten Formen kann in der Volksgemein= schaft entstehen ...; kunstvollere Formen ... müssen wir auf einen mit reicher Phantasie begabten, uns unbekannten Dichter Zurückführen, des= sen Schöpfung, ähnlich wie beim Volkslied, zum Allgemeingut des Volkes wurde.

(ii) Die sage ist ein mündlich vom Volke überlieferter Bericht, der sich - im Gegensatz zum Märchen - an ein bestimmtes sonderbares Ereig= nis oder eine auffällige Tatsache knüpft, dessen Urheber unbekannt ist und der den Anspruch auf Glaubwürdigkeit erhebt, obwohl er sich häufig mit übernatürlichen und wunderbaren Dingen beschäftigt.(20)

Hier word dus veral drie sake beklemtoon: eerstens die skepper van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sprokie of nie-sprokie (waarby 'n mens die verteller, wat natuurlik ge= woonlik nie die oorspronklike skepper van die ou vertelling is nie, as= ook die toehoorder moet voeg); tweedens die funksie van die vertelling (om te vermaak of nie te vermaak nie); en derdens die kwessie van waar= heid of geloofwaardigheid.

Laat ons in die besonder op die rol van die verteller ingaan. Die kwessie van waarheid of geloofwaardigheid kom weldra volledig ter spra= ke, terwyl die stelling dat die sage nie daarop toegespits is om te ver= maak nie, blote onsin is. Òf 'n verteller nou 'n spookstorie (sage), òf van Wolf- en Jakkals (sprokie) vertel, hy wil sy gehoor boei en meevoer. Anders is hy g'n storieverteller nie en word sy vertelling 'n blote me= dedeling: "Ek het 'n spook gesien. Sjoe, maar ek het geskrik!"

Wat die skepper/verteller van die volksvertelling betref, is daar 'n paar belangrike sake om in gedagte te hou. Daar is reeds op die rol van die enkeling by kultuurskepping gewys: dat dit die enkeling is wat skep, nie die massa nie. Dit kan as 'n feit gestel word dat elke ver= teller, hetsy van die sprokie of nie-sprokie, 'n skepper/herskepper in eie reg is wat wel temas uit die verhaalskat van die volk gebruik, maar opnuut daaraan vorm gee. Om dus, soos Coetzee en medewerkers, by die sprokie te praat van "sy oorspronklike skepper (wat) hom geestelik bo= kant die stof verhef, dit beheer, daar iets nuuts van maak om te bekoor" gaan nie op nie; in plaas van "oorspronklike skepper" moet 'n mens liefs lees: herskepper. Veel ernstiger is die besware teen 'n bewe= ring soos die volgende deur 'n ander Afrikaanse sprokievorser, S.C. Hat= tingh: "Die vorm (van die sprokie), wat in die loop van baie geslagte deur die werksaamheid van verskillende maar tog ooreenkomstig-aangeleg= de persoonlikhede tot stand gebring is, bly in die verdere loop van die tradisie, byna onverander. Die sprokie is volkskuns en as sodanig vind daar nie ingrypende veranderings plaas nie. Saam met die inhoud word ook die vorm oorgelewer - die ritmiese styl word van geslag tot geslag oorgelewer en dit gebeur dat dieselfde persoon dieselfde verhaal altyd in dieselfde vorm oorvertel selfs jare nadat dit vir die eerste keer op= geteken is."[21] Dieselfde verteller kan inderdaad by herhaling die= selfde vorm gebruik, en hy doen dit seer sekerlik ook - maar dan is dit sy eie, persoonlike vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie mening word gesteun deur opmerkings van die heel eerste en be= langrikste optekenaar van volksvertellings in Afrikaans: G.R. von Wielligh. In verband met Boesman-vertellings sê hy o.m.: "'n Storie (is) net so neergeskrywe as 'n Boesman ons dit op sy gebrekkige manier vertel het. Vind ons dan later 'n goeie verteller dan herhaal ons die Stories aan hom en vra hom wat hy daarvan afweet. Dit het ons geluk 'n paar uitstekende vertellers langs die Hartbees- en Hantamriviere te ontmoet, en wat ons hier meedeel, is mees die vrug wat ons by hulle kon insamel."(22)

So is dit dan gesteld met dieselfde tema in die mond van die swak en die goeie verteller. Die saak word sterk beklemtoon deur die Nederlandse hoogleraar Jan de Vries: "Voorheen ging men van de veronderstelling uit, dat de volksoverlevering een vaste onveranderlijke vorm had ... Zodra men echter de volkstraditie nog nauwkeuriger onderzocht, kwamen er ... ande= re eigenaardigheden aan den dag. Het was wel waar, dat een verteller gewoonlik zijn eigen tekst handhaafde en daarvan dus bij latere herha= lingen niet afweek, maar die tekst was dan ook zijn persoonlijk eigendom. Zoals hij vertelde niemand anders in het dorp het sprookje op geheel de= zelfde manier: ieder had zijn eigen vorm geschapen, die beantwoordde aan zijn eigen persoonlijk taal- en stijlgevoel. Het is dan ook niet zo, dat een sprookje van geslacht op geslacht in onveranderlijke vorm wordt doorgegeven, maar het beleeft een onophoudelijke reeks van her= scheppingen, die gedurende een mensenleeftijd wel weer gefixeerd worden, maar van persoon tot persoon zich wijzigen."(23)

Interessante getuienis oor hoe 'n nie-sprokie ook in 'n bepaalde vorm by 'n verteller gefikseer raak, kry ons by die historikus Gustav Preller soos hy dit ondervind het met sy optekening van die herinneringe van ou Voortrekkers: "Ewenals die geval was met talrijke ander voortrekkers deur die opsteller ondervraag, bleek dat ook de Klerk deur jare van her= haling, 'n eienaardige vertel-mothode verkrijg had; en dat, als mens hom in die rede val, wanneer hij aan die gang was, hij die klus af en toe kwijtraak, en dikwels weer van voor af moes beginne."(24)

Dit wil alles nie sê dat daar hoegenaamd nooit gevalle sal voorkom waar die verteller bloot 'n "spreekbuis" is wat die vertelling oordra nie, maar dan is dit gewoonlik ander faktore wat dit meebring. Eerstens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geld dit vir 'n besondere groep vertellings wat as kettingsprokies be= kend staan, soos "Hok, Otjie, hok!"[25] Deur die vaste ritmiese patroon kan hulle miskien eintlik eerder as volksryme beskou word, en is hulle makliker om te memoriseer as 'n lang stuk prosa. Tweedens is daar die geval van die beroepsvertellers: "Die vertel van sprokies (is) 'n kuns, 'n kuns wat in Oosterse lande 'n winsgewende beroep was. In bepaalde families word die vertelling soms deur die kinders van hulle ouers oorge= erf, sodat die sprokiesstyl geslag op geslag dieselfde bly. Hier vind ons volmaakte eenvoud en beperking tot die allernoodsaaklikste. Streng ritmies volg sin op sin en daarmee beweeg die handeling onafwendbaar van hoogtepunt tot hoogtepunt om in die finale oplossing te vervloei."[26] Let op die klem wat ook hier gelê word op die ritmiese binding en die eenvoud van die vertelling wat memorisering vergemaklik. Derdens kan ook die merkwaardige geval genoem word waar volksvertellings in Wes-Afri= ka tydens waarsêery (of dolosgooiery, soos ons dit noem), bekend as *Ifa*, gebruik word. Die volksvertellings vorm deel van die sogenaamde waar= sêer-verse, waarvan 'n dolosgooier glo 'n goeie vierduisend kan ken. 'n Amerikaanse optekenaar, William Bascom, getuig: "The verses form an important corpus of verbal art, including myths, folktales, praise names, incantations, songs, proverbs, and even riddles."[27] By al hierdie voorbeelde is daar dus telkens 'n vaste rede waarom die vertelling as 't ware gestol het - maar selfs dan nog moet 'n mens dit betwyfel of die vertelling altyd woordeliks presies eenders aangebied word, veral as ons by langer vertellings kom. Dis egter nie so deurslaggewend belangrik nie, want die algemene strekking kan nog altyd dieselfde bly. Dis se= ker skaars nodig om die saak verder te beredeneer dat daar by die soeke na 'n onderskeidingsmaatstaf tussen sprokie en nie-sprokie nie na die "oorspronklike skepper" verwys kan word nie, maar dat 'n mens elke ver= teller opnuut in ag moet neem, en dat by sy aanbieding van die verhaal sy persoonlike verteltalent van die grootste belang is. Verhaalvertel= ler en verhaalskepper is dus vir alle praktiese doeleindes een en die= selfde persoon, hoewel hy met tradisionele temas ver uit die verlede kan werk.

In so 'n vertelsituasie is daar aan die ander kant ook die toehoor= ders; dis vir hulle wat die vertelling aangebied word. Eerstens word die onderwerp van die vertelling daardeur bepaal: 'n oupa sal tog nie "skurwe stories" vir sy kleinkinders opdis nie. Enige goeie storie wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by 'n groep se begripsvermoë pas, sal seker aanklank vind, maar dis ook net so 'n algemeen erkende feit, waarvan 'n mens uit persoonlike ervaring kan getuig, dat sekere stories altyd die gewildste bly en, veral deur kinders, oor en oor aangevra word. Tweedens help hierdie intense meelewing om die vorm van die vertelling te bestendig, want die luisteraar sal die verteller dadelik reghelp as hy 'n "verkeerde" wending aan die vertelling gee - iets wat 'n mens ook in die besonder by kindertoehoorders vind. By die hele opset van die vertelling speel die toehoorders dus 'n deurslaggewende rol, wat treffend deur De Vries saamgevat word:

"Volkomen zelfstandig is hij [die verteller] echter niet bij het zoeken naar zijn vorm. Hij moet daarbij voortdurend rekening houden met de eisen van zijn publiek. Zijn hoorders zijn de opperste rechters, voor wier oordeel hij zich buigen moet. De nieuw optredende verteller moet zijn wijze van voordracht toetsen aan de smaak van het publiek: dit oordeelt en veroordeelt. Wat het publiek verwerpt, moet hij laten vallen omdat hij anders zijn kans verspeelt om een gezocht verteller te worden; wat het met instemming aanvaardt is iets, waarop hij verder kan voortbouwen. Zo zoekt en tast hij verder; hij bespiedt de uitwerking van zijn voordracht op het gelaat der hoorders, leert van hun opmerkingen, richt zich naar de voorkeur van het publiek, dat hij bereiken wil. Eindelijk is de definitieve vorm gevonden, de vorm waarin zijn eigen aanleg en de smaak zijner hoorders elkander volledig getroffen hebben."(28)

So word die vertelling waarlik *volks*woordskepping - en so help die toehoorder ook die skeppingsproses aan.

2.4.0 'n Nuwe indeling

Dit wil voorkom of die probleme wat met die indeling van volksvertellings aan die lig gebring is, veral aan twee faktore toegeskryf moet word:

(a) dat geleerdes nie die terrein van die volksvertelling as geheel oorskou het voordat hulle met hul indelings begin het nie; en

(b) dat hulle nie 'n behoorlike onderskeid tussen 'n blote mededeling en 'n vertelling maak nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Mens se hele lewe bestaan uit 'n oneindige reeks handelinge wat as groeipuntjies vir vertellings kan dien. Elke werkwoord impliseer trou= ens 'n gebeurtenis: "Ek word die oggend wakker. Ek staan op. Ek trek aan. Ek eet ontbyt. Ek ry met die bus werk toe." Dit is beslis nog geen storie nie, al word die gebeure ook 'n bietjie meer dramaties: "Net toe ons by Hoofstraat indraai, swaai 'n fietsryer voor die bus in en word noodlottig beseer." So kan al meer en meer besonderhede byge= bring word, maar dit bly steeds net 'n mededeling, 'n gespreksonderwerp.

'n Tekenende voorbeeld van hierdie verskynsel vind ons in 'n boek soos E. de Roubaix se *Boesmanlandse sketse en verhale*, wat in die besonder stof omtrent die volksmens bevat en dus op volksvertellings kon uitge= loop het. Tog skryf die kritikus P.C. Schoonees daaromtrent: Die skrywer "verseker ons telkens dat alles op waarheid berus, en die sketse maak dan ook werklik die indruk van 'n kopie van die werklikheid te wees. Die skrywer slaag egter nie daarin om die ruwe grondstowwe tot kuns te verwerk nie. Die hoogste waarheid is nog iets anders as die waarheid van die noukeurig waargenome feit. Dit is die waarheid wat die kuns= tenaar uitspreek in die taal van sy verbeelding. Dis 'n simboliese, verbeelde waarheid, wat hy nie op 'n logiese manier kan bewys nie, om= dat dit die spontane uiting van sy intuïesie is."(29)

Dieselfde waarheid word deur 'n moderne Engelse kortverhaalskrywer, Wil= liam Sansom, beklemtoon: "We ourselves, in our daily lives, give and take the drama of the day - we are forever telling each other stories of what happened round the corner last Wednesday. The impulse is as plain as a pikestaff, whatever that is; but in daily use it is a muddy pikestaff, and it is the professional writer's task or pleasure to pan that mud for its gold dust."(30)

Ons kan die eerste stap ter onderskeiding van die ware volksvertelling dus soos volg stel:

2.4.1 Die toets van die verbeelding

Om 'n gewone gespreksonderwerp van 'n volksvertelling te onderskei, moet eers vasgestel word in welke mate die verteller daarin slaag om met sy verbeeldingryke hantering van die stof 'n oortuigende verhaalwerklik= heid vir die luisteraar te skep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie beginsel word goed geïllustreer deur die geval van die Afrikaan= se skrywer Jan Spies, wat ook meermale as storieverteller in die Afri= kaanse Diens van die S.A.U.K. optree. Heel dikwels het hierdie vertel= lings bitter min om die lyf, maar dis die manier waarop hy dit aanbied wat die verskil maak:

"(Daar was) 'n oubaas doer iewers in die Laeveld.
Hy en sy seun het alleen gewoon. En hulle was groot, sterk, rowwe mense, maar soos die oumense was: nie ydel nie.

En een aand het hulle soos gewoonlik ná ete boeke-gevat en sou daarna gaan voete was en dan inkruip, maar die ou oom het dié aand pas klaar ge= bid, toe hoor hulle skielik 'n dreuning.
En die ou oom sê vir die seun: 'Maar jong, ek het dan vandag nooit 'n wolk gesien nie. Kyk bietjie.'
En die seun loop tot by die deur. 'Pa,' sê hy, 'kom kyk - dis 'n lig wat so dreun.'

En hulle staan en kyk na dié helder lig wat daar aankom en wat baie duidelik huis toe op pad is. En saam met die lig kom die dreuning. Die ou oom sê: 'Jong, sal dit nie die voleinding wees nie? Jy kan nog gaan, maar kyk hier hoe lyk ek.'

En die ou oom sê die seun moet daar in die voorhuisie bly wag. Hy gat trek net gou vir hom iets anders aan - vir ingeval.
En die seun het die lig nog 'n rukkie staan en aanskou, toe maak hy die deur toe en hy gaan sit by die tafel en wag.
En die dreuning word al harder en harder tot dit kortby die deur moes wees, en daar raak dit stil.

Wat die seun natuurlik nie toe geweet het nie, was dat dit so 'n ou dorpsjaapafslaertjie was wat in die omgewing kom vendusie hou en toe verdwaal het.
En dié kêrel kom klim in die donkerte met sy wit stofjas aan daar uit en hy loop tot by die deur waar hy gaan staan en klop.

Binnekant het die seun gewonder wat nou. En hy vat die lanterntjie en hy gaan maak die bodeur oop en hou die lamp skouerhoog omhoog dat hy goed kan sien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

En daar staan die gedaante in wit geklee voor hom. Na die boekevat en die helder lig en die dreuning en daarby nou nog dié witte wese kon daar nie meer plek vir twyfel wees nie.

Toe sê hy so eerbiedig as hy kon: 'Naand, Engel Gabriël.'"(31)

2.4.2 Die waarheidstoets

Wanneer bepaal is of iets 'n volksvertelling of 'n blote gespreksonderwerp is, kan met die indeling voortgegaan word. Hier is die eerste groot maatstaf of 'n vertelling as die waarheid beskou sal word deur die gemiddelde volksmens van jou tyd, die gemiddelde toehoorder. Dit help nie om die navorser self as uitgangspunt te gebruik nie, want uit die aard van sy opleiding en ontwikkeling sal hy waarskynlik baie meer skepties as die volksmens teenoor die stof staan. Ook help dit nie om te probeer bepaal hoe die volksmens van 'n honderd of tweehonderd jaar gelede daaroor sou gevoel het nie, want dan sal ons waarskynlik op die ou end by 'n punt kom waar alles as waar aanvaar is. Vertellings moet deur elke geslag opnuut beoordeel word, want dit is 'n dinamiese verskynsel wat uit die mensegees voortkom en voortdurend nuwe fasette vertoon. Hoe om te bepaal wat die gemiddelde volksmens van jou tyd oor sake dink? Dit kan jy net regkry deur voortdurend veldwerk te doen en so in aanraking met die mense te bly.

Pas ons hierdie waarheidstoets toe, vind ons dat daar dadelik 'n hele magtige groep vertellings uitgelig word voortspruitend uit die lewe van dag tot dag, in ons eie tyd, maar ook uit die verre verlede, wat as oorlewerings tot ons gekom het: vertellings oor mense en diere en dinge, oor beroemde en berugte figure, oor plekke en gebeurtenisse - met daarby ook vertellings waarin die volksgeloof 'n rol speel: oor spoke en goëlery, oor towenaars en towerdiere, asook (die Afrikanervolk synde 'n Christelik-Protestantse volk) Bybelverhale.

2.4.3 Die maatstaf van die volksgeloof: belewenisvertellings, sages en mites

In meer as negentig persent van die vertellings wat bv. in die Nederlandse sage-indeks voorkom, so het ons reeds gesien, speel die volksgeloof 'n rol, en by die twee onderafdelings waar dit op die oog af nie die geval is nie (nl. *historische sagen* en *etymologische sagen*),

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal dit wel ook meermale gebeur dat die volksgeloof daarby insluip.

Verder kom ons dit teë dat iets wat as 'n blote algemene vertelling ont= staan, algaande 'n element van die volksgeloof bykry sodat 'n mens voel dat dit in 'n ander groep tuishoort, en dat die oorspronklike algemene vertelling en die vertelling-plus-volksgeloof nie albei as sages aange= dui kan word nie.

'n Sprekende voorbeeld is Antjie Somers. "Tradisioneel word Antjie So= mers voorgestel as 'n Bruinman (soms 'n Swartman) met vroueklere aan wat in diê vermomming rondgaan om te roof en te moor, en daar word vertel dat so iemand werklik in die oudae tydens die Hollandse Tydvak aan die Kaap gelewe het." In hierdie opsig is dit nog klaarblyklik die stof vir 'n algemene vertelling. Maar met die jare kom ander dinge by: "In sekere opsigte word sy duidelik as 'n heks voorgestel ... In Stellenbosch word heksagtige towermagte aan Antjie Somers toegedig: haar oë is soos diê van 'n akkedis of geitjie, en sy kan jou in 'n klip verander as sy jou eerste raaksien; sien jy haar eerste, word sý egter 'n klip ('n ver= warring met die basilisk-geloof ...) Die vernaamste aanduiding van haar hekse-aard is egter dat sy haar onsigbaar kan maak en soos 'n ge= dagte van die een plek na die ander beweeg (tradisioneel by hekse op 'n besemstok natuurlik). Antjie Somers is naamlik 'bij het stelen onzicht= baar of loopt op springveeren rond, voorzien van pistool en hand= korf'."(32)

Dit lyk dus na 'n goeie oplossing dat daardie algemene volksvertellings wat as waar aanvaar word, *belewenisvertellings* sal heet, terwyl belewe= nisvertellings waarin die volksgeloof 'n rol speel, as sages aangedui word. In ander opsigte stem diê soorte vertellings ooreen deurdat die verteller gewoonlik na 'n spesifieke persoon, tyd en plek verwys waaraan die gebeure geknoop word om die geloofwaardigheid daarvan te beklemtoon.

Die term *belewenisvertelling* of *belewenisverhaal* word hier aan die hand gedoen omdat dit 'n meer presiese, wetenskaplike aanduiding van die aard van die verhale gee as die vaer term *kampvuurstorie*, hoewel laasgenoemde nader aan die volksmens se taalgebruik staan. Hierdie verhale maak juis aanspraak op waarheid omdat dit vertel van iets wat iemand iewers persoon= lik sou beleef het. Om iets te *belewe* is 'n baie gepaste woord in hier=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die verband, want in letterkundige sin beteken dit: "Die gesiene en gehoorde opneem in die persoonlike gevoelstroom ..." (MAT). Dit is presies wat met die ware volksverteller gebeur, sodat hy die alledaag= se gebeurtenis (gespreksonderwerp) tot 'n belewenis (volkswoordskepping) omvorm. Daar kan trouens bloot van 'n *belewenis* in plaas van 'n bele= wenisvertelling gepraat word, net soos 'n prosavertelling soms bloot 'n prosa heet. 'n Mens kan dit selfs voorsien dat soos die term *belewenis* meer ingeburger raak, dit die langer *belewenisvertelling* heeltemal sal verdring. Dit is trouens in die volksmond meer gebruiklik om te sê: "Ek wil julle 'n belewenis vertel" as "Ek wil julle *van* 'n belewenis vertel". Die term belewenisse kan ook maklik vertaal word as *experiences* in Engels en *Erfahrungen* in Duits.

'n Volk se geloofs-"ontwikkeling", so het ons gesien, strek oor 'n ge= weldig wye spektrum: van kragsgelowe tot selfgeloof, met die stadiums van veelgodery en kerkgeloof tussenin. Die neerslag hiervan in die volksvertelling lei tot 'n ewe groot verskeidenheid sodat dit onderver= deel moet word. Sages het dan betrekking op vertellings waarin reste van die oerou kragsgelowe (veral die animisme) nog 'n rol speel. In die geval van vertellings wat betrekking het op die veelgodedomme (soos dié van die Oud-Grieke/Romeine of die Oud-Germane), of 'n enkele God (soos in die Christendom), praat ons van mites. In Afrikaans het mites dus feitlik uitsluitlik betrekking op Christelike vertellings wat as die waarheid geld, terwyl vertellings i.v.m. die ou godedomme of waarin in= vloed van die ou godedomme voorkom en as onwaar beskou wou word, vir al= le praktiese doeleindes nie bestaan nie.

2.4.4 Anderkant die waarheid: legendes en sprokies

Alle algemene vertellings wat die volksmens nie as letterlik waar aan= vaar nie, word deur geleerdes as sprokies saamgegroepeer. Wat 'n bonte verskeidenheid is dit nie. Die toonaangewende Vlaamse volkskundige K.C. Peeters vat dit soos volg saam:

(i) *Dieresprokies.*

(ii) Eintlike sprokies, naamlik *towersprokies* (bv. prinsesse wat uit die mag van drake verlos word, of helde wat duiwels en reuse oorwin); *legendariese sprokies* (veral oor Christus en Petrus op aarde); *novel=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Satiriese sprokies (bv. die Bloubaard-tipe); *Duiwelsprokies* oor die ge= fopte of dankbare Satan.

(iii) *Koddige vertelsels*, soos grappe en anekdotes.

(iv) *Leuenvertelsels*.

(v) *Kettingsprokies*.

(vi) *Kwelsprokies*, wat die spot met vertellings dryf: "Ik wil U iets vertellen van een rosse kater, die sprong in 't water. Hij sprong in d'asse, de hond begon te bassen. Hij kroop er weer uit en 't vertel= selke is uit."

(vii) *Tekenvertelsels*, waarby tydens die vertelling 'n tekening vol= tooi word. (Ook eintlik kwelsprokies.)

(viii) *Vertelsels by die kaartspel*. Jan ken nie sy kategismus nie, en sy pak kaarte is sy kerkboek. Die aas of een herinner hom dat daar net één God is; die tweetjie laat hom dink aan Maria en Josef wat Chris= tus eerste versorg het; die drietjie lei hom tot die bepeinsing van die drieënige God, ens.

(ix) *Oorsprongslegendes of natuurverklarende sprokies*. Dit vorm as 't ware 'n brug tussen die sprokie, wat uit die ryk van die fantasie kom, en die sage, waarin tot die werklikheid afgedaal word.[33]

Wat Peeters hier stel, is dinge wat min of meer algemeen onder sprokies ingesluit word: dieresprokies, towersprokies, legendariese sprokies, no= vellistiese sprokies (d.i. romantiese sprokies), Duiwelsprokies, koddige vertelsels (grappe en anekdotes), leuenvertelsels, natuurverklarende sprokies. Tog het 'n mens bedenkinge teen die skema. Legendariese sprokies, koddige vertelsels, leuenvertelsels, tekenvertelsels en kaartvertelsels wil sommer met die eerste oogopslag nie gerieflik onder die opskrif sprokies inpas nie. Die maatstaf is foutief: net omdat 'n vertelling nie as letterlik waar beskou word nie, maak dit beslis nog nie 'n sprokie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Laat ons ook van 'n ander kant af daarna kyk. Belewenisse en sages word deur die volksmens as waar aanvaar. Maar gestel daar kom ontwik= keling, soos reeds aangedui, bv. van 'n adolessente beskawing tot 'n mon= dige beskawing? Ons verwys weer na die geval van Antjie Somers: eers belewenisvertelling, toe sage - maar vandag vind ons selfs by die gewone volksmens dikwels g'n geloof meer in Antjie Somers as 'n heks wat onsig= baar rond kan beweeg nie; op die ergste is sy 'n bangmaakkarakter in die kinderkamer, 'n kinderskrik of paaiboelie. Het die verhaal van Antjie Somers nou 'n sprokie geword?

Nog 'n voorbeeld. Daar word vertel hoe trekboere in die oudae by die huidige Postmasburg oorgestaan het, want daar was die lieflikste water= gat en weiding. By die eerste groep was 'n agttienjarige dogter, Ansie, en toe oom Herklaas Venter met sy twintigjarige seun Johan daar aankom, het die twee jongmense dadelik verlief geraak en saans graag op 'n groot, plat klip teen die rantjie gaan sit. Eindelik wil oom Herklaas vort, maar Johan beloof dat hy Ansie binne ses maande kom haal. Die tyd gaan verby: ses maande ... nege maande, maar daar is g'n teken van Johan nie. Ansie sit gedurig op die plat klip en treur en kwyn weg. Toe kom 'n vreemdeling met die nuus dat Johan deur inboorlinge vermoor is. Dit is vir Ansie te veel, sy sterf van 'n gebroke hart en word langs die plat klip weggelê. Kort daarna daag Johan self op: hy makeer niks nie, was net maande lank ernstig siek. Toe hy van Ansie se dood hoor, gaan hy op die groot, plat klip by haar graf sit en treur. Dag en nag drup die trane oor sy wange op die klip af waar hulle in kristalle verander sodat die hele rots snags helder blink as die maan daarop skyn. So het die plek toe die naam Blinkklip gekry.(34) Met watter soort vertelling het ons nou hier te make? Oorspronklik kon die mense dit geglo het, en dan was dit 'n sage. Maar vandag glo niemand dit nie. Is dit dan nou ook 'n sprokie - so aan plek en tyd gebonde en met die werklike name van die hoofkarakters daarby, soos 'n mens by 'n belewenis of 'n sage verwag?

Dit lyk oorbodig om verder getuienis aan te voer dat ons, afgesien van belewenisverhale, sages en sprokies, nóg 'n onderafdeling nodig het. Die benaming legendes kan hiervoor gebruik word. *Legendes* sluit dan in daardie volksvertellings wat oorspronklik belewenisse of sages of soms selfs mites kon gewees het toe die volksmens nog aan die letterlike waar= heid daarvan geglo het, maar wat nou nie meer in dié groepe tuishoort nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omdat die volksmens sy geloof daaraan verloor het.

Ander vertellings kan ook met vrug hier ingedeel word, bv. vertellings omtrent werklike persone wat klaarblyklik apokrief is, soos dié omtrent Christus (dikwels vergesel van Petrus) se omwandelings op aarde - die "legendarische sprookjes" waarvan Peeters praat. Ook daardie anekdotes omtrent historiese persoonlikhede wat ongetwyfeld net in die volksver= beelding bestaan, val in dié groep. Vertellings oor bomenslike menslike prestasies oorskry dikwels die grense van geloofwaardigheid en sou as le= gendes kan geld.

Daarmee het ons by grootliegstories gekom. Dis 'n eienaardige verskyn= sel. Die ware spekskieter vertel sy stories in alle erns as die waar= heid, en hy verwag van sy toehoorders om dit te glo, en ordentlikheids= halwe (of veiligheidshalwe) kan hulle dit miskien ook so voorgee. So was daar die geval van oom Sarel Kotsee waarvan in *Ons Klyntji* berig word: "Oom Sarel was 'n grote fris geboude man, en was daarby amper so sterk as yster, mar di ou het 'n grote fout gehad, en dit was dat hy so freselik het kan liig, hy kan di grofste leun fan di wêreld fertel, sonder syn mond te trek om te lag; en as daar dan onder syn gehoor imand is wat deur syn fratse en leuns wat hy fertel, syn mond durf trek om te lag, of an hom sou sê, dat dit 'n kluitji is, dan kan jy glo dat jy sal ingepeper wo:de met twe fuiste fan oom Sarel wat byna so groot is as 'n waterskulpad."(35) Dit lyk dan na 'n ideale plek om groot= liegstories, wat so nou aan die een of ander legendariese karakter ver= bonde is, ook onder legendes in te deel. Daarby moet dadelik erken word dat daar leuenvertellings is wat sprokiesagtige afmetings aanneem en dáár geplaas kan word, maar beslis nie alle grootliegstories nie.

As ons weer na Peeters se "sprokieslys" kyk, is daar verder koddige ver= tellings (grappe en anekdotes), tekenvertellings, kaartvertellings en natuurverklarende sprokies waaraan ek aandag wil skenk. Wat koddige vertellings betref: 'n doodgewone humoristiese vertelling, soos oor poetse bak, hoort natuurlik by belewenisse. Anekdotes kan belewenis= vertellings of legendes wees, al na gelang van die geloofwaardigheid daarvan. Grappe is heeltemal 'n groep op sigself wat niks met geloof= waardigheid te make het nie. Hulle speel inderdaad 'n besondere rol en het veral in ons tyd dié genre by uitstek geword waarin alle ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volkswoordskeppinge uitmond.

Kaartvertellings is niks anders as gewone humoristiese legendes nie. Tekenvertellings is bloot 'n soort geselskapspel; 'n mens moet ver= sigtig wees om nie elke keer as 'n paar woorde agtermekaar ingespan word om iets te vertel, dit as 'n volksverhaal te beskou nie. Dit het ons reeds by gespreksonderwerpe teëgekom.

Natuurverklarende sprokies kan suiwer sprokies wees, in Afrikaans ver= al 'n hele afdeling dieresprokies. Maar net so is daar 'n groep wat eerder natuurverklarende legendes genoem kan word, soos die verhaal oor die oorsprong van die halfmense van die Noordweste:

"Die merkwaardigste ding aan die plant is dat sy kroon na die noorde toe ombuig. Die jonger plante, tot twee voet hoog, staan regop - ons sê jonger, maar hulle groei so stadig dat 'n plant van agttien duim hoog vyf-en-twintig jaar oud kan wees. Soos hulle groter word, buig die krone sonder uitsondering met 'n hoek van omtrent dertig grade na die noorde toe ... Die noorde is tegelyk waar die middagson sit; maar of hierdie verskynsel iets met die son te doen het, kon niemand nog ver= klaar nie. Dit is 'n wonderlike gesig om die halfmense in die skurwe rante van hul tuiste te sien; seker een van die wonderlikste wat die ganse plantewêreld aanbied. Daar staan honderde van die hoë, sonder= linge wesens, roerloos stil, versteen in hul buiging na die noorde. Geen wonder dat die Hottentotte hulle die naam *halfmense* gegee het nie. Hulle vertel dat hul voorouers lank gelede ten noorde van Grootrivier gewoon het, en toe voor vyande suidwaarts moes vlug. Toe hulle oor die rivier was, draai hulle om, kyk met hartseer terug en sê: 'O, my land!' En dié wat so verlang het, het versteen met hul gesig na die noorde, en hulle staan vandag nog so!"(36)

Van die lang lyste vertellings wat Peeters en andere as sprokies indeel, word net die volgende behou:

- Dieresprokies (waarby natuurverklarende sprokies gewoonlik in= gesluit word)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Towersprokies
- Novellistiese sprokies
- Humoristiese sprokies (waaronder veral sommige grootliegstories)
- Patroonsprokies (soos kettingsprokies)
- Kwelsprokies

2.4.5 Samevattend: 'n Register van gespreksonderwerpe

Volksvertellings kan dus volgens dié skema ingedeel word, waar (a) die grondstof vir sommige soorte volksvertellings kan verskaf:

(a) *Gespreksonderwerpe:* Temas onbeperk, maar gewoonlik gebonde aan spesifieke persone, tye en plekke.

(b) *Belewenisvertellings:* Gebaseer op ware gebeurtenisse (gebonde aan persone, tye en plekke).

(c) *Sages:* Belewenisse, beskou as die waarheid, waarin die ou kragsgelowe 'n rol speel (gebonde aan persone, tye en plekke).

(d) *Mites:* Vertellings oor die Christendom wat as waar geld (volksverhale oor die ou godedomme kom nie in Afrikaans voor nie).

(e) *Legendes:* Dikwels belewenisse of sages, of soms ook mites, wat hul geloofwaardigheid verloor het (gebonde aan persone, tye en plek= ke).

(f) *Sprokies:* Die wêreld van die verbeelding, los van die beper= kende werklikheid.

(g) *Grappe:* Temas onbeperk (uit die werklikheid, of uit die ver= beeldingswêreld).

Wat verder vir 'n vergelykende volksvertellingstudie nodig is, is 'n uitgebreide internasionale indeks waarin vir al die verskillende onder= werpe voorsiening gemaak word. Dit kan tot boeiende resultate lei, want daarmee sal 'n mens in staat wees om vas te stel watter onderwerpe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by 'n besondere volk sterk aanklank vind, en van watter hulle feitlik geen voorbeelde het nie, asook die wyse waarop die vertellings in die verskillende afdelings kan verskuif - van belewenisvertelling tot spro= kie en grap.

Uit bestaande indekse, soos Aarne/Thompson se *Types of the folktale*, Thompson se *Motif-index of folk-literature*, die *Motievenregister bij het sagenonderzoek in het Nederlandse taalgebied*, asook deur eie waarne= mings, is die volgende breë buitelyne van so 'n *Tiperegister van die volksvertelling* opgestel. Net die moontlikhede vir gespreksonderwerpe, wat die groeipunte vir al die ander tipes insluit, word aangedui. Ver= der moet daarop gewys word dat dit uit 'n tradisioneel Afrikaanse stand= punt benader word; 'n Boeddhis bv. sal dit heeltemal anders aanpak.

GESPREKSONDERWERPE

A. *Die Christendom*

1. Die skepping
2. Ou-Testamentiese geskiedenis
3. Nieu-Testamentiese geskiedenis
4. Apokriewe Bybelvertellings
5. Christus (ook Christus en Petrus op aarde)
6. Hemelse gesigte en profesieë
7. Petrus by die hemelpoort
8. Rooms-Katolieke heiliges
9. Die Duiwel, hekse en bose geeste
10. Die Christelike kerk
11. Geloofsgenesing e.a. wonderwerke
12. Kerklike ampsdraers (erns en luim)
13. Ander

B. *Ander groot godsdienste*
(bv. die Islam)

C. *Gode en godeverskynsels*
(Oud-Grieks/Romeins; Oud-Germaans; ens.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D. *Primitiewer religieë*

(bv. by die Boesmans, Hottentotte en swart volkere)

E. *Die geestewêreld*

1. Aardgeeste (bv. die diamantslang)
2. Watergeeste (bv. waterslange)
3. Luggeeste (ook spookgedaantes)
4. Vuurgeeste (ook spookgedaantes)
5. Ander geesverskynsels (bv. boomgeeste)
6. Spookgedaantes (algemeen - waarby spookhumor ingesluit word)
7. Voorbodes (of voorspoke)
8. Spookdiere (of sielsdiere)
9. Spookdinge
10. Spookplekke
11. Plaaggeeste/kinderskrikke

F. *Die wêreld van die wit en swart magie*

1. Bonatuurlike teenstanders
2. Bonatuurlike of betowerde eggenoot of ander bloedverwant
3. Bonatuurlike take
4. Bonatuurlike helpers
5. Magiese voorwerpe
6. Bonatuurlike mag of kennis
7. Towenaars/towerhekse (nie-Christelik)
8. Waarsêery, dobbelary, ens.
9. Goëlery e.a. gedaantewisseling (bv. die nagmerrie, weerwolf)
10. Ander (bv. tokkelossie)

G. *Monsters en legendariese diere*

(bv. die dom monster/mensvreter, die basilisk, ens.; ook mense wat monsteragtig optree)

H. *Historiese onderwerpe*

(bv. legendariese karakters, familiegeskiedenisse, oorloë, hel= dedade)

1. Geboue en plekke
2. Mense
3. Diere en dinge

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

I. *Etimologiese onderwerpe*

1. Plekname
2. Persoonsname (ook byname)
3. Ander (bv. diere)
4. Volksetimologie

J. *Die sosiale gemeenskap*

1. Lotstye (geboorte/doop, hofmaak/huwelik en dood/begrafnis)
2. Feeste
3. Die opvoeding van die kind
4. Kinderspel en jongmensvermake (ook boeresport, georganiseerde sport, ens.)
5. Mens en medemens
6. Ander

K. *Ander volkere en volksgroepe*
(sonder dat die Afrikaner betrokke is)

L. *Kos en drank*
(bv. grooteetkarakters, onwettige drank stook, ens.)

M. *Vervoer en voertuie (nie-gemeganiseerd)*
(ryperd, ossewa, transportry, ens.)

N. *Gelukke en ongelukke*
(ook noue ontkomings, natuurrampe)

O *Avonture (algemeen)*
(verborge skatte, ens.)

P. *Misdaad en straf*

Q *Novellistiese (romantiese) onderwerpe*
(bv. die held/heldin wen die hand van sy/haar beminde; huwelikstrou; die kywende vrou word getem, ens.)

R *Die domme en die slimme*

1. Die Swape (ook Dom-Jan en Slim-Jan)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Tyl Uilspieël
3. Uitoorlê (bv. Eenvoudige Boertjie-tipe)
4. Salomo-tipe
5. Legendariese skelms (Skottie Smith, ens.)

S. *Grootspog en grootlieg*

(grootspog bv. sterkmanne)

T. *Humoristiese onderwerpe (algemeen)*

(bv. poetse, kwajongstreke, ens.)

U *Diere*

1. Wildediere
2. Wildediere en huisdiere
3. Die mens en wildediere
4. Huis- en werfdiere
5. Voëls
6. Visse
7. Insekte

V. *Plante*

1. Aanplanting en versorging
2. Gelukbringers
3. Besielde plante
4. Ander

W. *Die aarde en ander hemelliggame*

1. Aardlore (klippe wat groei, waterwys, ens.)
2. Die son
3. Die maan
4. Sterre
5. Komete
6. Ander verskynsels

X *Die weer*

1. Voorspelling
2. Donderweer
3. Hael

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Weerbeïnvloeding (bv. reënmaak)

Y. *Volksgeneeskundige onderwerpe*

Z. *Stoflike kultuurskeppinge*
(ook bedrywe)

AA. *Akutele onderwerpe*
(oorlog, politiek, ens.)

BB. *Die masjien*
1. Treine
2. Motors
3. Vliegtuie
4. Skepe
5. Ander

CC. *Patroonvertellings*
1. Stapelvertellings
2. Kwelvertellings
3. Ander

DD. *Ongeklassifiseerde onderwerpe*

Dit is voorwaar 'n magte terrein wat die mens in sy gesprekke bestryk en waaruit vertellings kan voortkom, trouens: die hele lewe. Dié voorlopige indeks sal natuurlik eers finaal getoets en reggeskaaf kan word wanneer omvattende opnames van elke tipe vertelling in Afrikaans gemaak is, en dan (soos reeds gesê) is dit wenslik om die taak internasionaal voort te sit sodat vasgestel kan word hoe die verhaalvoorraad van verskillende volkere inpas, want daar sal waarskynlik groot afwykings wees. Waar hekse bv. in die Afrikaanse volksgeloof en volksvertellings feitlik geen rol speel nie, kom daar 'n magtige verskeidenheid heksegelowe in Nederland voor, terwyl ons weer veel, veel ryker aan watergeeste is as die Nederlanders.(37)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.0 Outeurvertellings

'n Laaste term verdien ons aandag. Dit is gebruiklik om na die skep= pinge van besondere skrywers (of outeurs) ter onderskeiding van volks= vertellings as kunsvertellings te verwys. So iets is heeltemal onaan= vaarbaar omdat daardeur 'n gehalte-oordeel geïmpliseer word, en 'n mens dan wel ook iets soos swak "kuns"-vertellings kan kry. Dis verkieslik om liefs van outeurvertellings te praat, wat heeltemal aanneemlik be= hoort te wees aangesien die term "outeur" tradisioneel in Afrikaans ge= bruik is. Die oumense het nl. van die outeurboeke gepraat wanneer hul= le na die spreekbundels e.a. gewyde geskrifte van besondere skrywers verwys het.(38) Naas volksages, volkslegendes en volksprokies, ens., sal ons dan kan verwys na outeursages, outeurlegendes en outeursprokies, ens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Vgl. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.16-20; woordeboek= definisies kom uit die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (WAT), Van Dale se *Groot woordenboek der Nederlandse taal*, en *The shorter Oxford English dictionary*.

2. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.18.

3. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.21.

4. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.18.

5. M.A.P.C. Poelhekke: *Woordkunst*, p.127.

6. W.R. Halliday: *Indo-European folk-tales and Greek legend*, p.1-8.

7. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.156.

8. *Volkskunde - Tijdschrift voor de studie van het volksleven*, 1974, nr.4, p.255-259.

9. Linda Dégh: Folk narrative (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folklife*, p.76-77).

10. Wayland D. Hand: The index of American Folk legends (Wayland D. Hand, red.: *American folk legend*, p.217-219).

11. Aarne/Thompson: *The types of the folktale*, p.19-20.

12. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks= vorhaal (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Julie/Okt. 1967).

13. *Ons Klyntji*, Februarie 1899, p.39.

14. Vgl. Pieter W. Grobbe= laar: Seunie *(Niekie Appelgryn e.a. Afrikaan= se kampvuurstories*, p.5 e.v.).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.133.

16. Vgl. P.W. Grobbelaar: Die Afrikaanse volksgeloof (P.W. Grob= belaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, p.47-48).

17. Linda Dégh: Folk narrative (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folklife*, p.53-83).

18. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks= verhaal (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Julie/Okt. 1967, p.4 e.v.).

19. Abel Coetzee, e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks= verhaal (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Julie/Okt. 1967, p.8).

20. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, inskrywings by *Märchen* en *Sage*.

21. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.33.

22. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.ii.

23. Jan de Vries: Inleiding (J.R.W. Sinninghe: *Vijftig Nederlandse sprookjes*, p.7).

24. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* I, p.212.

25. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.78 e.v.

26. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.33-34.

27. William Bascom: *Ifa divination*, p.11.

28. Jan de Vries: Inleiding (J.R.W. Sinninghe: *Vijftig Nederlandse sprookjes*, p.8).

29. P.C. Schoonees: *Die prosa van die Twede Afrikaanse Beweging*, p.250-251.

30. William Sansom: *The birth of a story*, p.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

31. Jan Spies: *Pilatus tot molshoop*, p.29-30.

32. P.W. Grobbelaar: Die Afrikaanse volksgeloof (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, p.63-64). Vgl. ook F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.53.

33. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.166-169.

34. P.J. Nienaber: *Legendes van ons eie land*, p.28-32.

35. *Ons Klyntji*, Maart 1900, p.59.

36. C.F. Albertyn (red.): *Die Afrikaanse kinderensiklopedie* VIII, p.3661.

37. Vgl. *Volkskunde - Tijdschrift voor de studie van het volkseigen*, 1974, nr.4, p.255 e.v.; P.W. Grobbelaar: Die Afrikaanse volksgeloof (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, p.12).

38. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* III, p.256.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.0.0 TEORIEË EN ANDER OPVATTINGS OMTRENT DIE VOLKSVERTELLING

Met die jare het daar 'n wye verskeidenheid teorieë en opvattings omtrent volksvertellings (veral sprokies en sages) in omloop gekom, wat nog meer verstaanbaar is as 'n mens daaraan dink dat die hele volkskundige navorsing oorspronklik net op *folklore* betrekking gehad het, waarmee die mondelinge oorlewerings van 'n volk bedoel word. Dit is dus onmoontlik om hier 'n volledige oorsig van alle navorsers en hul beskouinge te gee, maar aan die ander kant is dit net so noodsaaklik om van die belangrikstes kennis te dra.

3.1.0 Die oudste teorieë

3.1.1 Die Grimm-broers

Hierdie twee Duitse taalgeleerdes, Jacob Ludwig Karl (1785 - 1863) en Wilhelm Karl (1786 - 1859), word as die "vaders" van die Volkskunde in die algemeen en van sprokiesvorsing in die besonder beskou. Hul vernaamste publikasies in hierdie verband is *Kinder- und Hausmärchen* (Deel I, 1812 en Deel II, 1815), bestaande in 'n groot mate uit sprokies wat hulle self opgeteken en veral op aandrang van Wilhelm - wat ook die meeste werk in dié verband gedoen het - "reggeskaaf" het. Wilhelm het voortgegaan om uitgebreide en hersiene uitgawes van die sprokiebundels tot in 1857 voor te berei. Hierdie oorspronklike twee bundels is in 1822 deur die broers opgevolg met 'n derde deel bestaande uit kommentaar op die verskillende sprokies en 'n vergelykende studie. Die twee broers publiseer ook nog hul *Deutsche Sagen* (1816 - 1818), maar dit is met sy *Deutsche Mythologie* (1835) dat Jacob Grimm die Volkskunde en sprokiesvorsing grondves, hoewel Wilhelm ook 'n teoretiese bydrae gelewer het, soos bv. sy essay oor die aard van volksvertellings wat by die tweede druk van die *Märchen* in 1819 ingesluit is, terwyl dit hy is wat hul opvattings finaal in 1856 formuleer. Eerstens, verklaar hy, is sprokies wat sterk ooreenkomste vertoon, van 'n gemeenskaplike Indo-Germaanse oervorm afgelei; en tweedens is hierdie sprokies niks anders as ou mitologiese verhale uit die godetyd wat verbrokkel het nie (met die bygedagte dat dit dus moontlik is om deur 'n studie van die sprokies weer die ou vergete Duitse godewêreld te rekonstrueer - wat Jacob in sy *Mythologie* probeer doen het). Hoewel die Grimms se opvattinge sterk invloed gedurende die 19de eeu uitgeoefen het, word dit nie vandag meer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur sprokiesvorsers aanvaar nie. Twee gedagtes wat Wilhelm bloot terloops uitgespreek het, sou egter feitlik aksiomaties by die sprokiesvorsing word, nl.: daar bestaan sulke eenvoudige en natuurlike situasies dat hulle telkens onafhanklik in die vertellings van verskillende volkere dwarsoor die wêreld opduik; en verder dat volkere kultuurstof as leengoed by mekaar oorneem.(1)

3.1.2 Theodor Benfey (1809-1881)

Hierdie Duitse Sanskritis publiseer in 1859 'n vertaling van die *Pantsjatantra* (letterlik: die vyf *tantras*, of boeke) - die beroemdste Oud-Indiese versameling fabels en ander volksverhale. In die eerste deel van sy vertaling bespreek Benfey die rol van die sprokie in die literatuur van die Ooste en die Weste, en dan formuleer hy sy bekende stelling dat sprokies (afgesien van die fabels van Esopus) oorspronklik in Indië ontstaan en deur middel van geskrewe bronne na Europa versprei het, en wel eers sedert die IIde eeu. Net die Griekse dierefabels is ouer as die Indiese, en hulle het weer van Europa af na die Ooste beweeg. Ook hierdie teorie het aanvanklik veel steun geniet, maar is later totaal omvergewerp.(2)

3.1.3 Sir Edward Burnett Tylor (1832-1917)

'n Engelse antropoloog en skrywer o.m. van die tweedelige werk *Primitive culture - Researches into the development of mythology, philosophy, religion, language, art and custom* (1871), is veral beroemd vir sy teorie omtrent die animisme in die religie, wat hy hierin uiteensit. In verband met die volksvertelling stel hy hom op die standpunt van die evolusionisme, verklaar dat sprokies die oorblyfsels van primitiewe mites is wat nog onder die mense voortbestaan, en beskryf die verskillende stadia wat dit sou deurgemaak het. Hoewel Tylor se teorieë skerp aangeval is, het dit tog groot invloed uitgeoefen en vertoon vandag nog lewenskrag.(3)

3.1.4 Andrew Lang (1844-1912)

'n Skotse geleerde en joernalis, was 'n verwoestende kritikus van o.m. Benfey se "Indiese teorie". Sy vernaamste volkskundige studie is *Custom and myth* (1884), terwyl hy ook 'n hele reeks sprokiebundels vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders uit die vertellings van talle volkere saamstel, nl. die be= roemde "kleurereeks", begin nde met *The blue fairy book* in 1889, en verder: *The red fairy book*, *The pink fairy book*, *The yellow fairy book* en *The green fairy book*. Wat sy teoretiese opvatting betref, is Lang 'n volgeling van Tylor en soek hy ook na die oorsprong van sprokies in die gewoontes en gelowe van die prehistoriese mens.(4)

3.1.5 Joseph Bédier (1864-1938)

'n Franse geleerde en skrywer wat in sy werk *Les fabliaux* (1893) te velde trek teen die "Indiese teorie", die oortuiging uitspreek dat die ooreen= komste tussen sprokies eintlik net op uiterlike kenmerke berus, en 'n stelling maak omtrent die poligenetiese oorsprong van sprokies eerder as die monogenetiese, m.a.w. sprokies kan heeltemal onafhanklik van me= kaar op verskillende plekke ontstaan, waarna dit deur ander volkere as leengoed oorgeneem word. Hy toon aan dat volksvertellings uit literêre bronne gevoed word. Baie van Bédier se stellings is vandag nog waar, eintlik vanselfsprekend waar, maar in sy tyd was dit nodig dat dit dui= delik uiteengesit word.(5)

3.2.0 Moderne opvattings

Wat die huidige benadering tot volkskundige navorsing in die algemeen en volksvertellingvorsing in die besonder betref, word 'n redelik vol= ledige oorsig deur Dorson(6) gebied, waarin hy nie minder as twaalf verskillende moontlikhede onderskei nie. Die vernaamste opvattings word hier na gelang van hul belangwekkendheid volledigier of bloot oor= sigtelik behandel.

3.2.1 Die histories-geografiese metode

Dit word ook die Finse metode genoem omdat dit hoofsaaklik deur Finse geleerdes ontwikkel is, maar dit het dwarsoor die Westerse wêreld ver= sprei en oorheers al dekades lank, tot vandag toe, die sprokiesvorsing, hoewel daar steeds sterker kritiek daarteen ingebring word.

Die metode spruit uit die werk van Julius Krohn (1835-1888), wat ver= skillende onderdele of motiewe in die Finne se vernaamste epiese lie= dersiklus (die sogenaamde *Kalevala*) onderskei het om die verspreiding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarvan en die verandering wat dit in dié proses ondergaan het, na te spoor. Sy seun, Kaarle Krohn (1863-1933), pas die metode op die studie van volksvertellings toe, en sy boek *Die volkloristische Arbeitsmethode* (1926) word die standaardwerk vir sprokiesvorsers van dié skool. Intus= sen tree nog 'n Fin, Antti Aarne (1867-1925), sterk na vore as eksponent van hierdie metode. Sy hoofwerke is *Vergleichende Märchenforschung* (1907) en die reeds genoemde *Verzeichnis der Märchentypen* (1910), waar= in hy sprokies volgens verskillende tipes indeel en nommer. Boonop gaan die inisiatief van die Finne uit vir die stigting van die "Folklore Fellows", 'n internasionale vereniging van volkskundiges met hul invloed= ryke publikasies oor volkskundige sake, veral sprokie- en sagevorsing, wat die *FF Communications* heet.(7)

Een van die belangrikste voorstanders van hierdie metode buite Finland, is die Amerikaner Stith Thompson (geb. 1885), wat Aarne se indeks onder die titel *The types of the folktale* in Engels vertaal het. Hy is ook die samesteller van die monumentale sesdelige *Motif-index of folk-literature - A classification of narrative elements in folktales, ballads, myths, fables, mediaeval romances, exempla, fabliaux, jest-books and local legends* (1932-1937, hersiene en uitgebreide uitgawe 1955).

Aangesien die sprokiesvorsing in Afrikaans tot op datum heeltemal in die teken van hierdie histories-geografiese metode gestaan het,(8) is dit nodig dat ons 'n bietjie meer in besonderhede daarna kyk, en miskien is dit goed om die eerste toepasser van hierdie metode in Afrikaans, nl. S.C. Hattingh, self aan die woord te stel, waar hy dit soos volg opsom:

"Die beginsel waarop die metode berus, stel Aarne as volg: 'Jedes Märchen ist also ursprünglich eine feste Erzählung, die nur einmal an bestimmter Stelle und zu bestimmter Zeit entstanden ist. Dieser Ge= danke ist einer der Grundgedanken der Märchenforschung.' Dat die spro= kie self tot die primitiewe tye en volkere teruggevoer kan word, is on= waar. Selfs by die nederigste volkere kan dit bewys word dat hulle sprokies nie daar ontstaan het nie, maar van elders oorgekom het. Die hele bou van die vertellings bewys dat hulle nie onder primitiewe om= standighede tot stand gekom het nie, maar dat hulle skeppinge van die historiese tyd is. Maar dan moet ons streng onderskei tussen sprokie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sprokiemotief ... Die sprokiemotiewe [d.i. die verhaalelemente waar= uit 'n sprokie opgebou word] is wel reste uit baie ou tye afkomstig, maar daaruit volg nie dat dit ook die geval met sprokies is nie. Hulle stam uit historiese tyd, maar by die samestelling daarvan word ook byna on= herkenbare begrippe en gebruike, uit ou tye oorgeërf, aangewend. Dis ongeloofbaar dat die samestellers van die sprokies aan die oeroue voor= stellings geglo en dit in alle erns vertel het. Van die begin af was dit hulle doel om genot te verskaf, om die hoorders op te vrolik deur die grillige speling van die fantasie. Saam met ontlening, 'Wanderung' van die sprokie van een volk na die ander, kan toevallige ooreenkomste ook moontlik wees, maar die ervare navorser onderskei maklik tussen ont= lenings en sulke toevallighede.

"Sprokies het nie alleen in Indië ontstaan nie, maar ook in Noord- en Suid-Europa. Die variante berus op psigologiese gronde; aanhegting, kontaminasie en analogie is die vernaamste faktore wat veranderings in die hand werk. Sulke veranderings is moontlik omdat sprokies hoofsaak= lik deur mondelinge oordrag verbrei word. Hand aan hand daarmee gaan verbreiding deur middel van die literatuur.

"Die doel van die vorsingsmetode is om uit te vind wat die oorspronk= like vorm van die sprokie is en tewens ook waar hy eerste ontwikkel het. Uit die variante ... moet die oervorm afgelei word en dit ge= skied langs logies-analitiese weg. As uitgangspunt dien die volgende: die vorm wat die meeste aangetref word of die verste verbrei is, sal in die algemeen oorspronkliker wees as 'n minder verspreide. In die tweede plek sal dié vorm voorkeur kry wat mees logies en natuurlik is. Derdens, as die ontwikkeling van 'n verhaal deur 'n bepaalde motief in werking tree, sal 'n vorm waarin die motief ontbreek en die handeling dus sonder direkte aanleiding is, onoorspronklik wees."(9)

Die histories-geografiese metode is beslis wetenskaplik gefundeerd, maar die resultate wat daarmee behaal word, is beperk. "The Finnish monograph may be described as a protracted, exhaustive, and exhausting annotation. But it ignores some of the questions that most interest scholars. Considerations of style and artistry, of the mysterious processes of creation and alterations, of the influences of national cultures, the social context, the individual genius, are out of order

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

among percentage tables and plot summaries," skryf Dorson,[10] en 'n mens is geneig om van harte met hom saam te stem.

3.2.2 Die ideologiese benadering

Daar was tekens hiervan in Nazi-Duitsland, maar vandg is dit veral die Russe wat die volk se *folklore* gebruik om die Kommunisme te bevorder. Een van die vernaamste eksponente hiervan is J.M. Sokolof, wie se hoof= werk *Russian folklore* in 1950 in 'n Engelse vertaling verskyn het. Die kern van sy opvattings kan soos volg weergegee en getipeer word. Eerstens is folklore 'n weerklank van die verlede, maar ook die lewens= kragtige stem van die hede; en tweedens bly folklore nog steeds, soos in die verlede, 'n spieëlbeeld en 'n wapen in die klassestryd. Hier= oor merk Dorson op: "In other words, folklore was to take its place alongside literature, music and the arts as a controlled expression of proletarian ideals. But the unique quality of folklore, rendering it so precious to the Soviet ideology, lay in its possession by the farm and factory workers, and not by a small intellectual elite expressing the ideals of the people. For propaganda purposes the theory that the workers not only recited but also created the lore was mandatory ... Cleverly the Party line fastened onto the creative role of folk narrator and folksinger."[11] Hierdie soort benadering is dus uiteraard tot mislukking gedoem. Totaal onwetenskaplik gaan dit van 'n vooropgestel= de idee uit en manipuleer dan die getuienis om daarby aan te pas.

3.2.3 Die psigologiese benadering

Dit is te begrype dat volksvertelling, veral die sprokie, as produkte van die menslike gees vir sielkundiges soos Sigmund Freud, C.G. Jung en hul volgelinge interessante studiestof sou bied. Met hierdie soort teorieë het ons egter heeltemal 'n ander vakgebied betree wat met die Volkskunde as sodanig niks te make het nie. Die Volkskunde in die be= sonder bestryk so 'n wye terrein dat dit raakpunte met feitlik elke an= der vakgebied vertoon, en 'n volkskundige sal naderhand 'n erkende psi= goloog, filosoof, geneesheer, argitek, ingenieur, ens., moet wees as van hom verwag word om elke aspek van die menslike kultuur tot sy uiterste konsekwensies te ontleed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.4 Die strukturaliste

In 1930 publiseer die Duitser André Jolles sy belangrike werk *Einfache Formen*, waarin hy probeer om die grondliggende vorme of strukture van die volksvertelling bloot te lê, en dan onderskei hy tussen *Legende, Sage, Mythe, Rätsel, Spruch, Kasus, Memorabile, Märchen* en *Witz*. Soos hy dit stel: "Die Litteraturwissenschaft ist dreifach gerichtet. In einer etwas abgegriffenen Terminologie heisst das: sie besitzt eine ästhetische, eine historische und eine morphologische Aufgabe. Wollen wir uns deutlicher ausdrücken, so sagen wir: die Litteraturwissenschaft versucht eine litterarische Erscheinung ihrer *Schönheit* ihrem *Sinn* und ihrer *Gestalt* nach zu deuten." Dis hierdie vorm of struktuur van elk van die genoemde tipes "vertellings" wat hy probeer blootlê.(12) Jolles se uitgangspunt is dus literêr-wetenskaplik, wat heeltemal by die volks= vertelling van pas kan wees, en 'n mens kan daarteen geen beginselbeswaar inbring nie, hoewel daar nie noodwendig met al sy argumente en uitsprake saamgestem word nie.

Die eintlike strukturaliste kan egter volgens twee hoofstrominge inge= deel word:

(a) *Die Russiese stroming.* Reeds in 1928 publiseer die Russiese ge= leerde Wladimir Propp sy *Morfológija skázki*, maar dit bly jare lank feit= lik vergete totdat dit eers ná drie dekades in 1958 as *Morphology of the folktale* in Engels vertaal word (hersiene uitgawe 1968). Hierna volg ook vertalings in ander Westerse tale, soos Frans en Italiaans, en dié metode slaan veral in die Verenigde State sterk in. Propp is nie tevre= de daarmee om volksvertellings (hy behandel spesifiek 'n groep Russiese sprokies) te rangskik volgens die hoofkarakters wat daarin optree, soos Aarne gedoen het nie, want in verskillende variante van een en dieselfde vertelling kan verskillende karakters optree: 'n reus of 'n draak; 'n monster of die Duiwel, of selfs 'n dier soos 'n beer. Wat egter kon= stant bly, verklaar hy, is die handeling, en die een gebeurtenis volg in 'n vaste patroon op die ander. (Die dieresprokie "Jakkals fop vir Tier" kan argumentshalwe ook vertel word as: "Bobbejaan fop vir Leeu"; die handeling bly eenders, hoewel die hoofkarakters ander name dra.) Propp se hoofkarakters heet die *Held* en die *Skurk*, en die verskillende situasies waarin hulle kan beland, noem hy *funksies*. Hy onderskei al= tesame een-en-dertig funksies waarin hy 'n hele massa Russiese sprokies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in verskillende kombinasies inpas en dan in verskillende formules weer= gee wat byvoorbeeld só kan lyk:[13]

$$ABC\uparrow FH-IK\downarrow LM-NQE_{x}UW^{*}$$

Propp se metode is in sommige kringe met die grootste geesdrif begroet. So skryf die bekende Amerikaanse volkskundige Alan Dundes byna ekstaties in 'n inleiding tot die hersiene Engelse vertaling van die *Morphology* in 1968: "Clearly, structural analysis is not an end in itself! Rather it is a beginning, not an end. It is a powerful technique of descriptive ethnography inasmuch as it lays bare the essential form of the folkloristic text. But the form must ultimately be related to the culture or cultures in which it is found. In this sense, Propp's study is only a first step, albeit a giant one. For example, does not the fact that Propp's last function is a wedding indicate that Russian fairy-tale structure has something to do with marriage? ... Whether this is so or not, there is certainly no reason in theory why the syntagmatic structure of folktales cannot be meaningfully related to other aspects of a culture (such as social structure). Many other fruitful areas of investigation are opened up by Propp's study. To what extent is Propp's *Morphology* an analysis of *Russian* fairy tales (as opposed to the fairy tales of other cultures)? ... (To) what extent is Propp's analysis ap= plicable to forms of the folktale other than the fairy tale? ... Another question concerns the extent to which Propp's analysis applies to forms of folk narrative other than the folktale. For example, what is the relationship of Propp's *Morphology* to the structure of epic? ... It would appear that the structure of folk dances and games may be illustrated by Propp's analysis. And what of the structure of nonfolkloristic mate= rials? If there is a pattern in a culture, it is by no means necessary that it be limited to only one aspect of the culture. Quite the contra= ry. Culture patterns normally manifest themselves in a variety of cul= tural materials. Propp's analysis should be useful in analyzing the structure of literary forms (such as novels and plays), comic strips, motion-picture and television plots, and the like ... Propp's *Morphology* may also have important implications for studies of thinking and learning processes ... Finally, Propp's scheme could be used to generate new tales. In fact, Propp's *Morphology* has been programmed for a computer."[14]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit klink alles net 'n bietjies te fantasties, asof Propp die sleutel tot die heelal gevind het, maar dit word tot dusver nog nie deur navorsings= resultate gestaaf nie.

(b) *Die Franse stroming.* Hier is die leierfiguur die Franse an= tropoloog Claude Lévi-Strauss. Waar Propp die struktuur van 'n gegewe teks reglynig van A tot Z ontleed, probeer Lévi-Strauss die onderliggen= de patrone vasstel waarvoor die verskillende elemente heeltemal uit hul verband gehaal en hergroepeer word. So word veral regstreekse teen= oorgesteldes soos lewe/dood of man/vrou betrek. Vir Lévi-Strauss is die reglyninge struktuur blote skyn waardeur tot by die ware grondpa= troon deurgedring moet word. Terwyl Propp en sy dissipels hul metode tot dusver nog net op enkele, afgesonderde groepe kultuurverskynsels, veral volksvertellings, toegepas het, put Lévi-Strauss sy voorbeelde uit "mites" dwarsoor die wêreld by uiteenlopende volkere en kulture.(15)

Om dit uit die ander hoek te benader: in 1955 sit Lévi-Strauss "The structural study of myth" in 'n artikel in 'n Amerikaanse vaktydskrif uiteen. Hy sê: "Mythology confronts the student with a situation which at first sight could be looked upon as contradictory. On the one hand, it would seem that in the course of a myth anything is likely to happen. There is no logic, no continuity. Any characteristic can be attributed to any subject; every conceivable relation can be met. With myth, everything becomes possible. But on the other hand, this apparent arbitrariness is belied by the astounding similarity between myths col= lected in widely different regions. Therefore the problem: if the content of a myth is contingent, how are we going to explain that throughout the world myths do resemble one another so much?"(16)

Verder kom Lévi-Strauss in hierdie artikel tot 'n uiters belangrike ge= volgtrekking: "Prevalent attempts to explain alleged differences be= tween the socalled 'primitive' mind and scientific thought have resorted to qualitative differences between the working process of the mind in both cases while assuming that the objects to which they were applying themselves remained very much the same. If our interpretation is cor= rect, we are led toward a completely different view, namely, that the kind of logic which is used by mythical thought is as rigorous as that of modern science, and that the difference lies not in the quality of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the intellectual process, but in the nature of the things to which it is applied. This is well in agreement with the situation known to prevail in the field of technology: what makes a steel ax superior to a stone one is not that the first one is better made than the second. They are equally well made, but steel is a different thing than stone. In the same way we may be able to show that the same logical processes are put to use in myths as in science, and that man has always been thinking equally well; the improvement lies, not in an alleged progress of man's conscience, but in the discovery of new things to which it may apply its unchangeable abilities."(17) Dit, tussen hakies, sluit aan by die uitspraak van die Duitser Andreas Lommel wat ons reeds vroeër aangehaal het, nl. dat die oermense "must have been thoughtful indivi= duals, and not at all the 'primitive savages' which they were once thought to have been. They were backward only in the sense that they stood at the beginning of human development."(18) Wesenlik beteken dit 'n verwerping van die evolusieteorie.

Om tot Lévi-Strauss en die mite terug te keer: dit is die Fransman se werkmetode wat nie pluis lyk nie. Hy sê bv.: "The technique which has been applied so far by this writer consists in analyzing each myth individually, breaking down its story into the shortest possible sen= tences, and writing each such sentence on an index card bearing a num= ber corresponding to the unfolding of the story. Practically each card will thus show that a certain function is, at a given time, pre= dicated to a given subject."(19) Nou word die inligting op kaarte met gelyksoortige inskrywings in kolomme onder mekaar gerangskik en daar= volgens afleidings gemaak, wat gewoonlik op die blootlegging van sekere teenstellings (dood/lewe, natuur/kultuur, ens.) uitloop - en dis hierdie soort teenstellings in die mite wat vir die menslike gees as uitlaatklep= pe sou dien sodat hy nie voor die inherente teenstrydighede in die lewe swig nie. Die groot vraag bly nou egter: sal twee navorsers wat on= afhanklik van mekaar dieselfde mite ontleed ooit by dieselfde sinne op dieselfde kaartjie uitkom, volgens dieselfde patrone gerangskik, en dus dieselfde afleidings maak?

Dat daar sekere patrone in volkskulture bestaan, en dat die patrone van een volk van dié van 'n ander verskil, is ongetwyfeld waar. Maar in hierdie stadium is 'n mens geneig om wat albei strominge, die Rus=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siese en die Franse, betref die uitspraak van die Britse geleerde Edmund Leach daarop toe te pas waar hy sê: "Lévi-Strauss' discussions about the structure of myth are certainly very clever talk; whether they are really any more than that still remains to be seen."(20)

3.2.5 Die funksionaliste

Bronislaw Malinowski (1884-1942), 'n Pool van geboorte wat 'n genaturaliseerde Britse onderdaan geword het, kan as die "vader van die funksionalisme" beskou word. Hoewel as natuurwetenskaplike opgelei, word hy antropoloog, en ondanks heftige teenstand, het sy idees groot invloed uitgeoefen in die hele Engelse wêreld, ook in Amerika.(21) Malinowski betoog dat dit nie help om net die vorm van 'n kultuurverskynsel te bestudeer nie; jy kan dit eers begryp as jy die funksie daarvan in die besondere gemeenskap bepaal het: "From the point of view of method and theory of field work, the most important principle lies in the functional conception of culture. This declares that to study details detached from their setting must inevitably stultify theory, field work, and practical handling alike."(22) Malinowski gaan van enkele aksiomas uit:

(a) Culture is essentially an instrumental apparatus by which man is put in a position the better to cope with the concrete specific problems that face him in his environment in the course of the satisfaction of his needs.

(b) It is a system of objects, activities, and attitudes in which every part exists as a means to an end.

(c) It is an integral in which the various elements are interdependent.

(d) Such activities, attitudes and objects are organized around important and vital tasks into institutions such as the family, the clan, the local community, the tribe, and the organized teams of economic cooperation, political, legal, and educational activity.

(d) From the dynamic point of view, that is as regards the type of activity, culture can be analyzed into a number of aspects such as education, social control, economics, systems of knowledge, belief and mo=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rality, and also modes of creative and artistic expression.

Die volkskultuur, sê hy, het altyd betrekking op mense wat in vaste verhoudings tot mekaar staan: hulle is in 'n groep georganiseer, hulle gebruik artifakte, en hulle kommunikeer met mekaar d.m.v. taal of ander simboliek. M.a.w., elke menslike handeling en elke kultuurproduk het 'n vaste funksie, en dis hierdie funksie wat blootgelê moet word.(23)

Malinowski was wel 'n invloedryke figuur, maar daar is ernstige beperkings in sy metode, soos die Amerikaner Felix M. Keesing o.m. aandui. Die vernaamste beswaar is dat hy te veel klem op die samehang en interafhanklikheid van kultuurverskynsels in 'n bepaalde groep gelê het, sonder om die invloed van historiese faktore waardeur 'n groep in 'n sekere rigting gedwing is, of die belangrikheid van kultuurverspreiding van een groep na 'n ander, in ag te neem. Hy het die "vorm" van kultuur verwaarloos deur die "funksie" daarvan oor te beklemtoon.(24)

Wat funksionaliste van 'n later geslag betref, is veral belangrik die werk van die Amerikaner William Bascom wat in sy *Ifa divination* (1969), waarna reeds verwys is, o.m. die interessante funksie van die volksvertelling as deel van dolosgooi-seremonies beskryf.

Ook van besondere belang in verband met die volksvertelling is die studies van Linda Dégh, Amerikaanse professor van Hongaarse afkoms. Haar hoofwerk is *Folktales and society - Story-telling in a Hungarian peasant community* (oorspronklike Duitse uitgawe in 1962; Engelse vertaling in 1969). Daarin gee sy onder meer 'n goeie samevatting van die aard van volksvertellingvorsing:

"From its inception, folktale research has had a two-pronged aim: it has been interested, on the one hand, in the nature and origins of oral narration not fixed in writing; and it has been interested in folk culture as expressed in the content and form of the folktale. These two points of view have resulted in two different kinds of research methods. One has sprung essentially from comparative literature and has been established as a new branch of that discipline; the other has developed from the French sociological and the British anthropological schools, which consider folk tradition - to which the folktale belongs - merely

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as a means, a point of departure, for researching the folk community ... In our opinion these two methods and aims - philological analysis of texts and sociological text interpretation - are not incompatible. Isolating them from one another in fact results in one-sidedness which is an obstacle to the true understanding of the folktale and its place in culture and hinders the continuing healthy development of folktale research, the most highly developed field of folklore."(25)

Ondanks hierdie openheid vir verskillende standpunte wat sy te kenne wil gee, is Dégh se groot belangstelling tog in die funksionalisme. Sy noem dan ook 'n indrukwekkende lys vorsers van gister en vandag wat in hierdie rigting neig: die Sweed Carl Wilhelm von Sydow, die Rus Mark Asadowski (met sy belangrike werk *Eine sibirische Märchenerzählerin*, 1926), die Duitsers Friedrich Ranke, Lutz Mackensen en Will-Erich Peuckert, en die Switser Richard Weiss.

Hier volg nog 'n paar van haar belangwekkende uitsprake omtrent funksio=nalisme en die volksvertelling:

(a) Functionally, both the individual telling she story and the listeners take part in the new creation. The structure of the com=munity, its attitudes and moods, the nature and the time as well as the place of the gathering can influence the narrator fashioning his text in such a way that one and the same folktale, recorded under dif=ferent conditions, often shows decisive modifications.

(b) Only when the social role of storytelling replaced the dead text of the folktale as the object of research did it appear necessary to scrutinize the occasions for storytelling. In the face of the new requirements, most of the older collections are unauthentic.

(c) The present aim of research is to get to the bottom of the continuing process of preservation, transmission, variation, innovation and decay, as well as the ethnic cohesion of the tale body, by examining narrating families in the villages where storytelling is still in exis=tence.(26)

Dégh se aanbevole werkwyse by die versameling van stof, is besonder in=siggewend. Sy verlang:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(i) Betroubare opnames van al die stof aan 'n besondere verteller bekend.

(ii) 'n Insig in die lewenswyse en geaardheid van die verteller, gegrond op sosiologiese en presiese psigologiese waarnemings.

(iii) 'n Ondersoek van die hele gemeenskap waarin die stories vertel word om die plaaslike verteltradisie bloot te lê.

(iv) Die waarneming van die hele vertelproses, d.w.s. die deelname van verteller en gehoor.

(v) 'n Herhaling van die hele ondersoek oor 'n tydperk van etlike jare.[27]

Miskien word die hele uitgangspunt van die funksionaliste wat die volksvertelling betref, die beste deur Dorson in 'n enkele sin saamgevat: "In die functional theory, the text itself is meaningless apart from its living presentation, or performance, to a responding audience."[28]

Omdat die funksionalisme op die oog af so aantreklik lyk en die volksvertellingvorsing tot in sy wese raak, is dit nodig dat dit hier 'n bietjie nader ontleed en bespreek word:

(a) Niemand kan seker beswaar daarteen maak dat die funksie van 'n kultuurverskynsel aangedui word waar dit die volkskundige met sy besondere opleiding as volkskundige te ontdek val nie. By stoflike kultuurskeppings is dit eintlik die eerste vraag wat 'n mens jou afvra: waarvoor hierdie of daardie artikel deur die volksmens gebruik is? In die geval van geestelike kultuurskeppinge is algemene waarnemings ook moontlik (bv. die vermaaklikheidswaarde van volksvertellings), maar dis nie te ver nie, of ons kom by die angel: die volkskundige begin al dieper in die mensegees delf en die rol van amateursielkundige speel. (Dégh sê self dat daar "exact psychological observations" omtrent die verteller gemaak moet word.) Dit moet beklemtoon word: tensy die volkskundige toevallig ook 'n opgeleide sielkundige is, kan hy in hierdie opsig niks anders as 'n amateur wees wat op die terrein van 'n ander vakwetenskap rondval terwyl hy sy eie verwaarloos nie. Daar kom 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stadium waar elke vakwetenskaplike moet sê: tot hiertoe en nie verder nie; hier moet ek (indien nodig) die hulp van 'n ander vakwetenskaplike inroep.

(b) Om te verklaar dat alle optekenings van volkskundige stof, en in die besonder volksvertellings, wat nie volgens Dégh se metodes ge= skied het of tans onderneem word nie, onoutentiek is, is verregaande. (Soos Dégh hierbo aangehaal word: "In the face of the new requirements, most of the older collections are unauthentic.") Dan is alles wat vóór die era van die bandmasjien aangeteken is, onoutentiek. Dan is die Grimms onoutentiek. Dan moet ons 'n streep deur die grootste gros van die studies omtrent die volksvertelling trek omdat dit op onoutentieke bronne sou berus. Maar verder: ons kan die stelling maak dat die sorgvuldigste optekenings van die funksionaliste eerder onoutentiek is. Hul optekenings het betrekking op 'n klein groepie mense (vertellers en gehore) in 'n klein segmentjie van die volk in 'n nietige oomblik in die tyd, as dit met die lewensduur van die volk vergelyk word; hul op= tekenings is alleenlik outentiek wat daardie paar enkele vertellers be= tref - as enigiets ooit outentiek kan wees in die sin waarin die funk= sionaliste dit bedoel. (Vgl. die beskouings van die Marandas hieron= der.) Dis seer sekerlik goed om so 'n enkele verteller of twee, drie so volledig as moontlik uit te beeld, maar hulle kan nie sonder meer as verteenwoordigend van die hele volk beskou word nie. Ons kan onsself afvra wat vir die vorser die meeste insig in die volksvertelling van die Afrikaanse volksmens bied: om één verteller ten voete uit te teken, of om deur 'n studie van 'n wye verskeidenheid "onoutentieke" bronne vas te stel dat Wolf-en-Jakkals, die Swape en Uilspieël die gewildste spro= kieskarakters is, terwyl drake, dwerge en feetjies nie bestaan nie?

(c) Die funksionaliste sit op loop met die volksvertelling as sosio= logiese verskynsel, terwyl die letterkundige aspek daarvan afgeskeep word - nieteenstaande Dégh se eie stelling aan die begin van haar studie (soos hierbo aangehaal): "In our opinion these two methods and aims ... are not incompatible. Isolating them from one another in fact results in one-sidedness." Waar sy sosiologiese en "korrekte" psigologiese waarnemings as deel van die volkskundige se taak sien, skram sy van die letterkundige taak weg as sy bv. ná haar uiteensetting van 'n klompie opgetekende vertellings tot dié gevolgtrekking kom: "To unearth the clerical and secular writings in print which diffused the old literary

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

forms and preserved them for a long time among the people is a task for the literary historian. Such an undertaking might well produce price= less information concerning not only sigle genres and themes but the question of form."(29) Dit is juis een van die volkswoordkundige se groot take.

3.2.6 Tydgenootlike Volkskunde

Dit kan ook *Groot-stadsvolkskunde* genoem word, of beter nog: *Gegen= wartsvolkskunde*, om die terme van die Duitse volkskundige Hermann Bausinger te gebruik - die vernaamste beoefenaar van hierdie soort volkskundige navorsing. Die doel en strewe word goed saamgevat in 'n artikel daaroor wat hy in 'n Amerikaanse volkskundige tydskrif gepubli= seer het: "We no longer believe that industrialization necessarily im= plies the end of a specific folk culture, but rather we attempt to trace the modifications and mutations undergone by *folk culture in the in= dustrialized and urbanized world.*"(30)

Bausinger toon in sy hoofstudie *Volkskultur in der technischen Welt* (1961) aan hoe uitvindsels van die moderne tegnologiese tyd - die dors= masjien, trein, motor, vliegtuig - oral die ou volkskultuur deursuur en aanleiding gegee het tot die skepping van nuwe volkskultuur. Hy haal 'n ryk verskeidenheid voorbeelde uit die hele kultuurspektrum aan - vir ons veral interessant die voorbeelde omtrent die volksgeloof, volksrym= pie en volksvertelling. Daar is vertellings wat voortspruit uit die "towerkrag" waarmee die masjien in die (Christelike) geloofslewe van die mense inbreek. As voorbeeld dien die verhaal van die ploeënde boer wat, toe 'n ballonvlieënier hom uit die hoogte toeroep, op sy knieë neerval met die woorde: "Spreek, Here; u dienskneg luister."(31) Maar geleidelik word die tegniese dinge deel van die landskap waarin die mens lewe, 'n saaklike wêreld met saaklike voorwerpe, en wanneer hierdie saaklike voorwerpe vermenslik word, kan dit tot grotesk-grap= pige vertellings aanleiding gee: "In Berlin hält ein kleiner Messer= schmidt-Roller an der roten Ampel unmittelbar neben einem reisigen Lastzug. Aus seinem Führerhaus beugt sich wohlwollend der Chauffeur hinunter zu der Dame, die den kleinen Roller fährt, und fragt: 'Junge Frau, nimmt der Kleene Benzin schon an oder nähren Sie ihn noch sel= ber?'"(32) Ou volksopvattings wat in die volksgelowe en -vertellings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die moderne mens van die tegnologiese eeu opduik, moet egter nie be= skou word as oorleefsels uit vroeëre tye nie, maar as 'n teruggryp na daardie dinge, geprikkel deur hierdie tegnologiese verskynsels.[33] "Auch beim Glauben an die Marsmenschen und beim Auftauchen fliegender Untertassen treffen sich archaische Vorstellungsbilder mit den äusser= sten Grenzen technischen Fortschritts - dies gibt diesen modernen 'My= then' ihre Durchslagskraft."[34]

So verskaf Bausinger 'n hele teoretiese onderbou (wat sterk in die psi= gologiese rigting neig) vir sy ondersoek na die kultuur van die moderne mens in die eeu van die tegniek waaraan ons hier nie verder aandag hoef te gee nie.

In hierdie verband moet ook die belangwekkende boek *Future shock* van die Amerikaanse skrywer Alvin Toffler genoem word. Toffler betoog dat die moderne mens aan "future shock" (die skok-van-môre) ly, en in 'n steeds toenemende mate daaraan gaan ly, omdat sy kultuurlandskap te snel ver= ander. Deeglike kennis van die huidige kultuurlandskap asook van die moontlike toekomstige kultuurlandskap is dus noodsaaklik om die mens hierop voor te berei.[35]

By 'n bespreking van hierdie navorsingsrigting moet ek dit konstateer dat, hoeseer ek miskien ookal met hul teoretiese uitgangspunte mag verskil, dit hierdie geleerdes tot eer strek dat hulle kultuurvorsing dinamies midde-in die moderne lewe plaas en daarmee die gevaar afweer dat dit naderhand net 'n soort mymerstudie oor die "goeie oue tyd" word. Verder is opmerklik die interdissiplinêre benadering waardeur hulle te kenne gee dat dit net nie moontlik is om ons verwikkelde samelewing uit 'n enkele gesigspunt te benader nie, soos Dorson dit stel omtrent 'n klompie Amerikaanse volkskundiges wat ook in dié rigting werk: "They enlist psychological concepts of child development, sociological con= cepts of small group behavior, ethnomusicological concepts of music as social expression, literary concepts of folklore as rhetorical discourse, and folkloric concepts of the oikotypes or regional genres"[36] - d.i. streektipes of subtipes in teenstelling met internasionale tipes. Dit kan natuurlik probleme skep, soos reeds aangedui, indien 'n vorser op te veel vakgebiede wil beweeg, maar met die nodige goeie gesindheid en bereidwilligheid tot interdissiplinêre samewerking, kan dit ook oorkom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word.

3.2.7 Ander eietydse uitsprake van betekenis

(a) *Kurt Ranke (1959).* Op 'n internasionale kongres van volksver= haalvorsers wat in 1959 in Kiel, Duitsland, gehou is, het Ranke groot indruk gemaak met die verkondiging van die idee dat deur 'n studie van die volksvertelling brûe tussen volkere gebou kan word. In die volks= vertelling lê die wesensaard van die volk opgesluit, het hy verklaar. Om hierdie skeppende krag, hierdie *Enérgeia,* in die volk bloot te lê, is die sinryke einddoel van die volksverhaalstudie. Soos sy Vlaamse kol= lega K.C. Peeters dit later saamgevat het: "Es klang wie ein Aufruf an alle modernen Erzählforscher über alle Völkergrenzen hin, als Kurt Ran= ke verkündete: 'Das eigentliche Geheimnis der Erzählgattungen beruht nicht in der Form. Gestalt und Form sind nur sekundär; primär ist die Enérgeia, die schöpferische, seelische Grundkraft im und hinter dem Menschen ... Sie zu erfühlen und zu erkennen, ist letzte, komplexe, sinnumfassende Aufgabe unserer Wissenschaft.'"(37)

Dit is 'n interessante uitspraak, maar toon net weer op hoeveel sypaaie die volkskundige kan verdwaal. Vir die volkskundige is dit bloot 'n verkwisting van energie om sodanige *Enérgeia* (as so iets bestaan) te probeer deurgrond. Dis klaarblyklik 'n terrein vir die psigoloog.

(b) *Max Lüthi (1961 en 1962).* Daar bestaan vele raakpunte tussen die moderne literatuurwetenskap en die moderne folkloristiek, meen Lüthi. Dit beteken geensins dat elke dissipline nie sy eie terrein en metodes het nie. Uit die aard van die saak lê die literatuurwetenskap hom op die toppunte van die letterkunde toe (die opperkultuurlaag), terwyl die volkskunde hom tot die volkswoordskeppinge van die middel- en onderkul= tuurlae bepaal. Lüthi gaan egter 'n stap verder en meen dat die volks= kundige volkswoordskeppinge nie net op sigself moet bestudeer nie, maar ook as neerslag van die volkslewe: "die Kulturprodukte, die Kunst= leistungen wird sie dabei nicht nur als Träger, sondern auch als Aus= druck, als Niederschlag dieses Lebens zu betrachten haben". Dan slaak hy die versugting dat daar 'n beter verstandhouding tussen die volkskun= dige en die literatuurwetenskaplike sal kom: "Es wäre zu begrüssen, wenn die Folkloristik ihrerseits in stärkerem Mass und freudiger als bisher mit der literaturwissenschaftlichen Forschung Kontak zu nehmen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sich entschliessen könnte."(38) Lüthi dui voorts aan dat die sprokies= vorsing soveel geslagte lank in die ban van 'n soeke na en ontleding van sprokiesmotiewe gestaan het omdat so 'n motief op sigself in die her= innering bly vassteek selfs wanneer die omramende vertelling vergete ge= raak het. Motiefvorming alleen is egter nie genoeg nie, want die spro= kie (volksvertelling) kan ook 'n kunswerk wees: "Immer wieder und von der verschiedensten Seiten ist hervorgehoben worden, dass das Märchen eine *kunstvolle Erzählung* sei, dass die blosse Auseinandersetzung mit seinen Motiven daher weder über die Art noch die Zeit seiner Entstehung noch über seine Wesensart Entscheidenes aussagen könne."(39)

Lüthi skep die indruk dat hy 'n ewewigtige denker oor die volksvertel= ling is, en hy is een van die weiniges wat die waarheid insien dat daar 'n onverbreekbare band tussen die volksverhaalvorser en die literatuur= wetenskaplike bestaan. Volkswoordkunde en letterkunde is fasette van dieselfde verskynsel, die een uit die opperkultuurlaag, die ander uit die middel- en onderkultuurlaag, wat mekaar buitendien oor en weer be= vrugtend beïnvloed.

(c) *Herbert Weisser (1968).* Vir Weisser, nes vir Ranke, bly "die mens agter die vertelling" die heel belangrikste, en die vertelling self is van sekondêre betekenis. Die volkskundige kan bv. die herkoms van 'n sage probeer vasstel, maar dit moet hom op die ou end tot die mens lei wat daardie sage geskep het: "Für den Volkskundler darf jedoch die Erforschung der Entstehung einer Volkssage nur eine von vielen Aufgabe sein. Die Gegenstand seiner Forschung ist das Volk oder besser gesagt ein Volk. Ihn muss der Mensch, der die einzelne Volkssage in ihrer Urform geschaffen hat, mehr interessieren als der Inhalt der Volkser= zählung."(40)

Weisser se benadering is dus tipies psigologies of sosiologies, en daar= mee kan nie genoeë geneem word nie. Soos reeds by herhaling aangedui, is dit nie die Volkskunde se lot om bloot 'n lakei van ander vakweten= skappe - hetsy die Filosofie, die Psigologie of die Sosiologie - te wees nie, maar elke faset van die volkskultuur moet in samehang met die oor= eenstemmende faset van die opperkultuur bestudeer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) *Pierre Maranda en Elli Köngäs Maranda (1971).* Hierdie twee geleerdes lê baie sterk klem op die verskil wat tussen 'n volkskundige verskynsel en 'n vorser se optekening van daardie verskynsel bestaan: "there are different kinds of fragmentary pieces: those which the informant did not master completely, and those in which the recording was insufficient. One has, of course, to content oneself with the information which is available; but one should bear in mind that no re= cording is complete, not even a videotape recording, since the actual situation in which folklore is presented is the only environment in which it can live. That means that the tradition-carrier and his audience, their actions and reactions, the language used and its conno= tations, the whole of the group's culture should be known before any ac= curate analysis of a given folkloristic item is made possible. That such requirements are impossible to meet does not effect their validity; and scholarship would certainly gain reliability if the limits of its possibilities were acknowledged."(41)

Daar steek heelwat waarheid in wat hulle sê, en dit is sekerlik goed om die menslike beperkinge van die vorser in gedagte te hou, maar die twee geleerdes is darem ook nie van oordrywing vry te pleit nie. Juis om= dat hy nie so intiem by die verskynsel betrokke is nie, is dit vir die wetenskaplike moontlik om dit meer objektief te beskou en vergelykende afleidings te maak.

(f) *Linda Dégh (1972).* Sy som die besondere belangstellings van die moderne volksverhaalvorser soos volg op: "What is the message of folktales? What are the forces that create, launch, disseminate, main= tain, vary, corrupt, and reinforce them? What do they mean to their performers and their audiences?"(42)

In die algemeen is dit heeltemal gewettigde terreine van ondersoek, hoewel daar steeds teen die gevaar gewaak moet word om te sterk in die rigting van die Psigologie of die Sosiologie te neig. Die grootste be= swaar is dat die ontleding van die letterkundige waarde van die volks= vertelling nêrens vermeld word nie.

(g) *Richard M. Dorson (1972).* Die volkskundige, verklaar Dorson, "needs sufficient familiarity with literature to investigate *literary uses of folklore*, with anthropology to explore the *relationships of*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

folklore to culture, and with history to comprehend the *historical validity of oral tradition*. Other fields such as linguistics, geogra= phy, musicology, sociology, and psychology are also indicated, but the literary, anthropological, and historical approaches are primary."(43)

Dorson se geesdrif sit met hom op loop. Vir hom moet die volskundige 'n soort supergeleerde wees; veel beter resultate sal verkry word as hy hom op êên faset van die volkskultuur toespits sodat hy werklik ge= saghebbend daaroor kan praat.

3.3.0 Algemene beskouing

Wanneer 'n mens die wye verskeidenheid benaderings tot die Volkskunde (en dus die volksvertelling) betrag wat verskillende geleerdes propa= geer (en daar is nog vele méér as die wat hier genoem word), dan skep dit die indruk van volslae verwarring. Die kritiek wat reeds in die loop van ons uiteensetting uitgespreek is, kan soos volg saamgevat word:

(a) Die ideoloë begin by die antwoorde en soek dan na die regte vrae om daarby te pas.

(b) Die strukturaliste van die Russiese skool het miskien iets beet indien hul metode daartoe sou lei om 'n betroubare indeks van volksver= tellings op te stel, maar dit het tot dusver nie gebeur nie, en dit lyk asof hulle op die oomblik nog in hul formules verstrik is en gekniehal= ter word deur die idee dat hulle alle produkte van die menslike gees in 'n paar simbole kan saamvat. Die strukturaliste van die Franse skool beoefen 'n nog duisterder dobbelspel met lukraak gekose sleutel= woorde en 'n kaart van die menslike gees as boerpotprys. Dit alles lyk meer na 'n terrein vir die Psigologie as die Volkskunde.

(c) Ranke soek na die "skeppende oerkrag" wat die menslike gees be= roer, en Weisser stel meer belang in die volksmens as in sy kultuurpro= dukte – ook psigologiese opgawes.

(d) Dorson verwag, in hierdie eeu van spesialisasie, ensiklopediese kennis van die volkskundige wat net tot vervlakking kan lei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(e) Dis hoofsaaklik met die standpunte van Lüthi, en in 'n mate ook met dié van die funksionaliste, Pierre en Elli Maranda en Dégh, dat ons in elk geval op die gebied van die Volkskunde, en in die besonder van die volksvertelling, beweeg. (Vir die Marandas geld dit ook net ge= deeltelik, want hulle is eintlik strukturaliste.)

Dit het dus noodsaaklik geword om die taak van die volkskundige en van die volksvertellingvorser duidelik te stel:

(i) Dis nodig om die een of ander teoretiese standpunt in verband met kultuur en beskawing en volkskultuurprodukte in die algemeen in te neem, soos gebaseer op waargenome feite - 'n praktiese benadering dus en geensins hoogs spekulatief en aanvegbaar nie. Daardeur kan 'n aanvanklike mate van orde verkry word deur bv. te bepaal wat presies met kultuur bedoel word, hoe kultuurskepping plaasvind, en waar die volksvertelling in die hele opset inpas.

(ii) Nou is die volkskundige se eerste groot taak stofinsameling uit geskrewe en mondelinge bronne, die rangskikking van die materiaal, met annotasies waar nodig om uit sy kennis van die volkskultuur miskien on= duidelikhede in die tekste op te klaar.

(iii) Wanneer ons met die volkswoordkunde te make het, moet steeds onthou word dat dit nie net by die geskrewe letterkunde aansluit nie, maar ook by die uitvoerende kunste. In ou, geskrewe bronne is daar soms inligting omtrent die verteller of die reaksie van die gehoor, en by mondelinge bronne moet ons self hierdie dinge aanteken.

(iv) Vanselfsprekend sal ons die funksie van die vertelling (of an= der volkskultuurproduk) in die volksgemeenskap probeer vasstel, soos dit soms van die tekste self afgelei kan word, bv. of dit blote vermaak ver= skaf of lerend wil wees.

(v) Nou het dit tyd geword om die vleuels 'n bietjie wyer te span en deur vergelyking met die vertellings van ander volkere te probeer vasstel watter beïnvloeding daar was, hoe die besondere vertelling aan= gepas is by die volk wie se volkskultuur bestudeer word, watter vertel= lings totaal verdwyn en watter telkens weer in 'n nuwe gedaante opduik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- m.a.w. 'n vergelykende studie van die volksvertelling.

(vi) In hierdie stadium moet daarop gewys word dat ek in beginsel saamstem met Wilhelm Riehl, een van die grondleggers van die Volkskunde as vakwetenskap, dat die volkskundige hom nie net by die gewone volks= dinge kan bepaal nie, maar ook die produkte van die opperkultuur in ag moet neem.(44) Verrassende resultate word verkry as die opperkultuur= produkte van 'n volk nagegaan word, in hierdie geval die letterkunde, en vasgestel word hoe opper- en onderkultuur steeds in 'n wisselwerking verkeer.

(vii) Vervolgens kan ons (saam met Lüthi) die terrein van die letter= kunde (en ook van die uitvoerende kunste) betree sodat 'n waardebepa= ling gemaak kan word. Indien die volkskundige nie self daartoe opge= wasse is nie (wat heel dikwels kan gebeur) moet die hulp van letterkun= diges ingeroep word (soos vakspesialiste uiteindelik oor elke ander as= pek van die volkskultuur, soos die volksgeneeskunde of volksboukuns, geraadpleeg moet word). In elk geval is dit die volkskundige se taak om die stof op te diep en te orden en aan te dui waar dit in die hele volkskultuuropset inpas omdat hy in die besonder hiervoor toegerus is. So sal baie beter resultate verkry word as wanneer elke volkskundige hom as amateurfilosoof of -psigoloog voordoen en soveel rondom die on= derwerp gepraat en gestry word dat die onderwerp self vergete bly. Dit alles doen nie afbreuk aan die feit dat van die volkskundige 'n besonder wye algemene belangstelling vereis word nie. Indien die volkskundige sy taak só getrou volvoer, kan dit tot verrassende vondste lei, soos bv. die nuttige skoolgeneeskundige middels wat nog steeds deur die wetenskap= like ontleding van boererate ontdek word.(45) In die geval van die volksverhaalvorser kan skeppende geeste (indien hy self nie vir die taak opgewasse is nie) uit sy versamelings werke van blywende skoonheid en waarde voortbring. Dit kan gebeur deurdat die volkskultuurprodukte as ondergrond vir 'n geskrif of geskrifte van 'n individuele skrywer dien (vergelyk C.G.S. de Villiers se sketsvertellings oor die Overberg, of M.I. Murray se uitbeelding van 'n bruin gemeenskap in die Sederbergse wêreld),(46) of die volksproduk kan self tot kunswerk omvorm word, soos *Die duisend-en-een nagte*, Charles Perrault se *Stories van Moeder Gans*, of die Grimm-broers se *Sprokies*, waaroor die Engelse digter en kritikus W.H. Auden by geleentheid geskryf het: "*Die Sprokies van Grimm* is, naas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Bybel, die grootste kultuurbesit van die Westerse beskawing."(47)

So, en so alleen, sal die volksvertelling ook in ons moderne tegnologiese beskawing tot sy reg kom en steeds sy rol bly speel om die menslike ver= beelding vleuels te gee. Want, en dit kan by herhaling gesê word, die grootste tragedie omtrent die verdwyning van die ou volkskultuurdinge is die magtige verbeeldingswêreld wat saam daarmee verlore gaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* I, p.466; Stith Thompson: *The folktale*, p.368-371.

2. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* I, p.136; Stith Thompson: *The folktale*, p.376-379.

3. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, p.1137; Stith Thompson: *The folktale*, p.382.

4. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, p.602-603; Stith Tompson: *The folktale*, p.379-382.

5. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* I, p.130; Stith Thompson: *The folktale*, p.393-395.

6. Richard M. Dorson: Current theories of folklore (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folk=life*, p.7-47).

7. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, p.592; Archer Taylor: Introduction (Kaarle Krohn: *Folklore methodology*, p.ix-xii).

8. Vgl. die volgende doktorale proefskrifte aan die Universiteit van die Witwatersrand, almal onder leiding van prof. Abel Coetzee, nl. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing met spesiale toepassing op die Afrikaanse volksverhale* (1943); S.C.H. Rautenbach: *Die wording van 'n siklus in die Afrikaanse diersprokie* (1949); P.D. Swart: *Die sprokie, sy studie en ver=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

breiding, en die verhaalskat van die Basoeto's en Betsjoeanas, met spesiale aandag aan spore van Oosterse en Europese invloed (1956); en W.J.G. Loots: *Die herkoms, ontwikkeling en versprei= ding van die reisiesverhaal* (1961).

9. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorming*, p.24-26.

10. Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folklife*, p.12.

11. Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folklife*, p.17-18.

12. André Jolles: *Einfache Formen*, p.1.

13. W. Propp: *Morphology of the folktale*, p.105.

14. Alan Dundes: Introduction (W. Propp: *Morphology of the folktale*, p.xiii-xv).

15. Alan Dundes: Introduction (W. Propp: *Morphology of the folktale*, p.xi-xiii); vgl. ook Edmund Leach: *Lévi-Strauss*, p.7-8.

16. Claude Lévi-Strauss: The structural study of myth (Lessa en Vogt, red.: *Reader in comparitive religion*, p.291).

17. Claude Lévi-Strauss: The structural study of myth (Lessa en Vogt, red.: *Reader in comparative religion*, p.301-302).

18. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

19. Claude Lévi-Strauss: The structural study of myth (Lessa en Vogt, red.: *Reader in comparative religion*, p.293).

20. Edmund Leach: *Lévi-Strauss*, p.54.

21. Vgl. Huntington Cairns: Preface (Bronislaw Malinowski: *A scientific theory of culture*, p.v-vii).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22. Bronislaw Malinowski: *The dynamics of culture change*, p.41.

23. Bronislaw Malinowski: *A scientific theory of culture*, p.150-151.

24. Felix M. Keesing: *Cultural anthropology*, p.152.

25. Linda Dégh: *Folktales and society - Storytelling in a Hungarian peasant community*, p.45-46.

26. Linda Dégh: *Folktales and society*, p.52, 53 en 60.

27. Linda Dégh: *Folktales and society*, p.61.

28. Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folklife*, p.24-25.

29. Linda Dégh: *Folktales and society*, p.285.

30. Soos aangehaal in Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folk= life*, p.43.

31. Hermann Bausinger: *Volkskultur in der technischen Welt*, p.31.

32. Hermann Bausinger: *Volkskultur in der technischen Welt*, p.35.

33. Hermann Bausinger: *Volkskultur in der technischen Welt*, p.42.

34. Hermann Bausinger: *Volkskultur in der technischen Welt*, p.47.

35. Alvin Toffler: *Future shock*, p.353-359.

36. Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folklife*, p.42.

37. Karl C. Peeters: Not an neuem und zuverlässigem Material in der Erzählforschung (Harkort, Peeters en Wildhaber, red.: *Volksüberlieferung - Festschrift für Kurt Ranke zur vollen= dung des 60. Lebensjahres*, p.287).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

38. Max Lüthi: *Volksmärchen und Volkssage - Zwei Grundformen erzählender Dichtung*, p.182-184.

39. Max Lüthi: *Märchen*, p.113-114.

40. Herbert Weisser: Zur Entstehung von Sagen in der Gegen= wart (Harkort, Peeters en Wildhaber, red.: *Volksüberlieferung*, p.401).

41. Maranda en Maranda: *Structural models in folklore and transformational essays*, p.17.

42. Linda Dégh: Folk narrative (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folklife*, p.54).

43. Richard M. Dorson: Concepts of folklore and folklife studies (Richard M. Dorson, red.: *Folklore and folklife*, p.7).

44. Vgl. Pieter W. Grobbe= laar: *Volkslewe van die Afrikaner*, p.62-63.

45. *Rapport*, 8 Okt. 1978, p.19.

46. Vgl. van C.G.S. de Villiers o.m.: *Overbergse eergister*, *Klein vaderland* en *Goue fluit, goue fluit;* M.I. Murray: *Witwater se mense*.

47. W.H. Auden (Helene de Villiers, vert.: *Sprokies versamel deur Jacob en Wilhelm Grimm*, 6 dele. Aangehaal in flapteks).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.0.0 DIE ROL VAN DIE VERTELLER

4.1.0 Literêre opvattings omtrent die verteller

Reeds by die vroegste kommentators oor die letterkunde vind on dat aandag aan die rol van die verteller (spreker, stem) in 'n literêre kunswerk gegee word. Onder die Oud-Griekse wysgere het veral Plato en Aristoteles hieroor duidelik standpunt ingeneem.

By 'n bespreking van die opvoedingsvereistes vir die jong voogde van sy ideale Republiek, kom Plato tot die gevolgtrekking dat "the object of education is to teach us to love beauty".(1) Daarom: "Our artists and crafsmen must be capable of perceiving the real nature of what is beautiful, and then our young men, living as it were in a good climate, will benefit because all the works of art they see and hear influence them for good, like the breezes from some healthy country, insensibly moulding them into sympathy and conformity with what is rational and right."(2) So 'n aandrang op die mooie en goeie in die kunswerk, ook die woordkuns, lei onvermydelik daartoe dat Plato 'n baie besliste standpunt inneem omtrent wat in so 'n werk toelaatbaar is.

Plato verklaar dat in 'n woordkunswerk gebruik gemaak word van òf "simple narrative" òf "representation", of 'n mengsel van die twee.(3) Die Engelse klassikus H.D.P. Lee (wat ook 'n vertaling van *The Republic* onderneem het) verduidelik: "He classes poetry according to the degree to which it employs what we should call 'direct speech' as opposed to indirect speech and narrative. Direct speech involves what he calls 'representation': that is, it requires the poet or narrator to put himself in the position of the character speaking, think his thoughts and feel his feelings. Plato objects to this on the grounds that he does not want his Guardians to deviate from their own character by representing other characters, especially bad characters."(4)

Voorts deel Plato die woordkuns in drie tipes in: "First, that which employs representation only, tragedy and comedy ... Secondly, that in which the poet speaks in his own person; the best example is lyric poetry. Thirdly, that which employs both methods, epic and various other kinds of poetry."(5) Dis geen wonder dat die drama en toneelspelers nie in Plato se ideale staat geduld sal word nie, maar: "For our-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selves, we shall for our own good employ story tellers and poets who are severe rather than amusing, who follow the style of the good man ..."[6]

Plato se opvattings is van besondere betekenis vir die volksvertelling, veral mites omtrent die gode, soos Lee dit stel: "It must ... be re= membered that the Greeks had no Bible, and what the Bible has been to us as a source of theology and morals, the poets were to the Greeks."[7] Plato onderskei tussen ware verhale en fiktiewe vertel= lings, lg. veral oor die helde en gode, en gaan dan voort: "Our edu= cation must use both, and start with fiction ... (You) know we begin by telling children stories. These are, in general, fiction, though they contain some truth ... Then it seems that our first business is to supervise the production of stories, and choose only those we think suitable, and reject the rest. We shall persuade mothers and nurses to tell our chosen stories to their children and so mould their minds and characters ... The greater part of stories current to-day we shall have to reject."[8] Hy is dus 'n voorstander van streng sensuur wat alle vertellings betref; die waarheid of onwaarheid daarvan is om 't ewe, solank die strekking net opheffend is. Die didaktiese inslag van die vertelling is vir hom van kardinale belang, maar eintlik is die woordkunstenaar nie in sy ideale staat welkom nie. "(You) will know that the only poetry that should be allowed in a state is hymns to the gods and paeans in praise of good men; once you go beyond that and admit the sweet lyric or epic muse, pleasure and pain become your rulers instead of law and the principles commonly accepted as best."[9]

Plato se opvatting omtrent sekere tipes woordkuns/vertellings as na= bootsing, vind weerklank by Aristoteles, en hy verklaar dat alle soorte kuns nabootsing is, wat net van mekaar verskil "by virtue of having (1) different means, (2) different objects, and (3) different methods of imitation".[10] Hierdie nabootsing deur die "verteller" kan op drie maniere geskied: "(1) by narrating part of the time and dramatizing the rest of the time ... (mixed mode), or (2) with the same person con= tinuing without change (straight narrative), or (3) with all the per= sons who are performing the imitation acting, that is, carrying on for themselves (straight dramatic mode)",[11] en hy verkies dat die skrywer so ver as moontlik in die agtergrond bly en dus eerder praat deur die ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staltes wat hy skep.

Anders as Plato, beskou Aristoteles die skrywer/verteller en sy skep= pinge nie as bedreigings nie, maar as voortvloeisels uit die menslike gees: "As to the origin of the poetic art as a whole, it stands to reason that two operative causes brought it into being, both of them rooted in human nature. Namely (1) the habit of imitating is conge= nital to human beings from childhood (actually man differs from other animals in that he is the most imitative and learns his first lessons through imitation), and so is (2) the pleasure that all men take in works of imitation."(12) Die digter, die skrywer, die verteller, by implikasie die volksverteller, het 'n besliste rol in die gemeenskap te speel.

Hoewel daar in die hieropvolgende eeue sporadies deur skrywers na die rol van die skrywer/verteller verwys word, neem dit eers in die twin= tigste eeu 'n betekenisvolle plek in literatuurbeskouings in. Soos die Afrikaanse letterkundige J.C. Kannemeyer dit duidelik saamvat: "Die literatuur by die primitiewe volkere is mondeling oorgelewer deur 'n spreker wat die gedig of verhaal in die aand voor die vure voorge= dra het. In die Middeleeue word dié tradisie voortgesit deur die reisende troebadoers en die ministrele wat hulle liedere langs die strate of aan die howe sing. Vir die luisteraars was hierdie spre= ker die eintlike stem van die literêre kunswerk; eers veel later is in= gesien dat 'n mens in so 'n geval 'n dubbele spreeksituasie het: die spreker in die kunswerk en die spreker wat die kunswerk voordra. Met die ontstaan van die boekdrukkuns is die moontlikheid geskep dat die luisteraar die teks sowel met sy oog as met sy oor kon volg. Die li= teratuur - veral die poësie en die roman - het toenemend 'n leeslite= ratuur geword, 'n ontwikkeling wat die spreker bewustelik 'n stem *in* die kunswerk gemaak het, 'n spreker wat in die woorde op die papier bestaan."(13)

Die laat 19de-eeuse Amerikaanse romanskrywer Henry James streef daarna om tot binne-in die bewussyn van die karakters deur te dring sodat die leser die handeling as 't ware saam meemaak en daar geen steurende ver= telstem tussenbeide kom nie. In 'n reeks voorwoorde tot 'n heruitgawe van sy werke vroeg in die twintigste eeu lig hy sy metode verder toe,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en dit word op sigself 'n omvattende studie oor *The art of the novel*, onder welke titel dit later afsonderlik in boekvorm gepubliseer is. Letterkundiges soos Percy Lubbock bou hierop voort. Lubbock skryf: "The whole intricate question of method, in the craft of fiction, I take to be governed by the question of the point of view - the question of the relation in which the narrator stands to the story. He tells it as *he* sees it, in the first place; the reader faces the story-teller and listens, and the story may be told so vivaciously that the presence of the minstrel is forgotton, and the scene becomes visible, peopled with the characters of the tale. It may be so, it very often is so for a time. But it is not so always, and the story-teller himself grows conscious of a misgiving. If the spell is weakened at any moment, the listener is recalled from the scene to the mere author before him, and the story rests only upon the author's direct assertion." Daar moet 'n oplossing vir hierdie probleem wees, en dit is dat die vertelstem deel van die verhaal self word. "If the story-teller is in the story himself, the author is dramatized; his assertions gain in weight, for they are backed by the presence of the narrator in the pictured scene. It is advantage scored; the author has shifted his responsibility, and it now falls where the reader can see and measure it; the arbitrary quality which may at any time be detected in the author's voice is dis= guised in the voice of the spokesman. Nothing is now imported into the story from without; it is self-contained, it has no associations with anyone beyond its circle."(14)

Lubbock het navolgers gehad, maar soos te verwagte, het daar hewige ver= set teen so 'n eensydige benadering gekom, en dit word beweer dat hulle die eise van die drama op die prosavertelling wil toepas. Daar bestaan net soveel regverdiging vir die vertelstem wat regstreeks met die leser praat, soos die bekende letterkundige Wayne C. Booth o.m. welsprekend betoog.(15)

T.o.v. die gedig word aandag aan die spreker geskenk deur mense soos T.S. Eliot, asook Cleanth Brooks en Robert Penn Warren.(16) In die Afrikaanse letterkundige wêreld word die ontleding van die stem/spreker in die literêre kunswerk 'n vaste en belangrike onderdeel van die kri= tikus se toerusting. Die volledigste ondersoek van die hele kwessie is vervat in *Die stem in die literêre kunswerk* van Kannemeyer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Veral van betekenis vir hierdie studie oor die volksvertelling, is natuurlik die opvattinge oor die rol van die stem/verteller in die verhalende prosa. Twee tipes vertellers word onderskei: "Die eerste is 'n verteller wat sy eie verhaal vertel of 'n newekarakter in die verhaal wat oor ander mense praat. Hierdie soort vertelling hou bepaalde voordele in: die 'ek' wat voortdurend aanwesig is, gee 'n groot geloofwaardigheid en werklikheidsillusie aan die vertelling, dit maak die verhaal konkreet deur dit vanuit 'n definitiewe gesigspunt aan te bied, en die 'ek' wat vertel, los die ordening van die verhaal op 'n maklike wyse op deurdat hy as 't ware die hele vertelling kan 'dirigeer'. Aan die ander kant het dit dié nadeel dat alles wat die verteller wil sê, sy eie ervaring moet wees en vanuit sý siening vertel moet word. Dit gee 'n sekere eensydigheid en beperktheid aan hierdie soort aanbiedingswyse." Dit is die situasie wat die grootste gros volksvertellings (van die belewenis tot die legende) betref, soos later vollediger aangedui sal word. "Die tweede moontlikheid is dat die verteller verder verwyder van sy materiaal staan as blote rapporteur van die gebeure of as iemand wat nie self in die verhaal intree nie, maar sy karakters se motiewe ken en interpreteer. Hierdie metode is nie so onmiddellik as die eerste soort nie, maar daarteenoor skep dit haas onbeperkte waarnemingsmoontlikhede, omdat die verteller 'n superieure brein het en die verlede, hede en toekoms ken,"[17] aldus Kannemeyer. Dit vind ons in die Afrikaanse volksvertelling veral by Christelike mites en sprokies.

4.2.0 Die volksverteller

By die volksvertelling moet duidelik onderskeid gemaak word tussen die mondelinge verteller en die skrywer wat volksverhale op papier oorvertel. In lg. geval sluit dit by die gewone skryftradisie aan en moet op dieselfde manier as enige literêre werk beoordeel word. Daar is natuurlik ook nog 'n derde moontlikheid, nl. die volksverteller wat sy verhale self neerskryf.

Wanneer die volksverteller self aan die woord is, is daar een belangrike onderskeid wat gewone literêre werk betref: as daar van 'n "ek" gepraat word, is dit nie 'n fiktiewe "ek" nie, maar die verteller self wat onomwonde bedoel word - wat belewenisse, sages, mites en meermale selfs grootlieglegendes betref. Die waarheidselement is trouens,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos ons gesien het, 'n belangrike onderskeidingsmiddel tussen verskil= lende tipes vertellings. Hierdie feit dat die ek-verteller ook die hoofkarakter in sy eie verhaal is, kan 'n besondere tretkrag en onmid= dellikheid daaraan verleen.

By mondelinge vertelling kom nog ander faktore in die spel, want 'n goeie vertelling is niks anders as 'n toneelopvoering-in-die-kleine, 'n dramatiese alleenspraak nie - en word die toehoorders totaal meege= voer, kan dit gebeur dat hulle selfs in gesprek met die verteller tree. Die goeie verteller gebruik dieselfde tegnieke as die akteur: handge= bare, mimiek, stembuigings, versnelde of vertraagde tempo, dramatiese pouses, klanknabootsings. Selfs rekwisiete kan aangewend word: 'n geweer om te beduie hoe in die jagveld geskiet is, 'n klip (of selfs 'n handvol koeëls) in die kampvuur om die toehoorders op 'n dramatiese oomblik die skrik op die lyf te jaag. In die algemeen kan 'n mens sê dat die volksverteller baie meer direk met sy stof en sy hoorder/leser omgaan as die gewone skrywer, en by die goeie verteller verleen dit 'n besondere frisheid en egtheid aan sy vertelling.

4.3.0 Die getuienis ontleed

Afgesien van 'n hoogs gesofistikeerde literêre benadering tot die volks= vertelling as klaar gevormde mondelinge literatuur, is dit ook nodig om na die vermoedelike, diep verborge oorsprongs van hierdie verskynsel te kyk as 'n mens dit beter wil begryp.

4.3.1 Primitiewe beskouing van die vertelling as iets konkreets

Op die onderste trap van ontwikkeling (soos dit tradisioneel gestel word) as jagter-en-kosversamelaar, staan die Boesman. In 'n merkwaardige optekening van W.H.I. Bleek, 19de-eeuse Duitse geleerde en voorste ken= ner van die Boesmantaal, in Julie/Augustus 1873 uit die mond van die Boesman Kâbbo, kry ons 'n treffende insig in die primitiewe mens se op= vatting omtrent 'n vertelling. Kâbbo was een van talle Boesmans wat in hierdie tyd weens veediefstal gevonnis is om aan die breekwater in Ta= felbaai te werk. Nou wil Kâbbo terug na sy tuiswêreld toe, en hy sê onder meer:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Thou knowest that I sit waiting for the moon to turn back for me, that I may return to my place. That I may listen to all the people's stories, when I visit them; that I may listen to their stories, that which they tell ... that I may sit in the sun; that I may sitting, listen to the stories, which yonder come, which are stories which come from a distance. [Kâbbo explains that a story is 'like the wind, it comes from a far-off quarter, and we feel it.'] Then I shall get hold of a story from them, because they (the stories) float out from a distance ... I must first sit a little, cooling my arms; that the fatigue may go out of them; because I sit. I do merely listen, watching for a story, which I want to hear; while I sit waiting for it; that it (the people's stories) may float into my ear. There are those to which I am listening with all my ears; while I feel that I sit silent. I must wait (listening) behind me, while I listen along the road [Kâbbo explains that, when one has travelled along a road, and goes and sits down, one waits for a story to travel to one, following one along the same road.]; while I feel that my name floats along the road."(18)

Dit is in ooreenstemming met die natuurmens se siening van die ganse wêreld. Tandpyn, bv., is nie net 'n tand wat seer is nie, maar daar is 'n wurmpie (iets konkreets dus) wat aan die tand vreet.(19) Duisternis is nie net 'n toestand wat ontstaan weens die uitsluiting van lig nie, maar het self substansie.(20)

4.3.2 Die natuurmens se voorliefde om te personifieer

Daar bestaan vir die natuurmens geen duidelike skeidslyne tussen mense, diere en dinge nie; ook dier en ding tree soos mense op. Hier is 'n paar sprekende opskrifte van vertellings in Bleek en Lloyd se *Specimens of Bushmen folklore:* "The children are sent to throw the sleeping sun into the sky" (p.44), "What the stars say, and prayer to a star" (p.80) en "A snake which announces death" (p.430).

Mooi word hierdie geesteshouding deur die Nederlandse geleerde H.W. Heuvel saamgevat: "Welk een boeiend schouwspel, dat ontwaken der kinderlijke ziel. Het pasgeboren kind heeft nog geen andere behoefte dan voedsel en dekking. Maar spoedig openbaren zich anderen aandriften, onder deze ook de zucht tot weten. De kleine wil de dingen leeren

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kennen en later ook hun samenhang begrijpen. Met verwonderde oogen ziet hij de wereld aan, waarin hij zoo pas zijn intree deed en vraagt naar hoe en waarom. En het kind denkt zich alles bezield: De pop, waarmee het speelt, is zoet of ondeugend; de deur, waartegen het zich bezeert, is stout. Maar wij ouderen, antwoordend op het eindeloos vragen der kleuters, leeren hun allengs de wereld zien door onze oogen, veel nuchterder en realistischer. Zulke kinderen waren ook de volken van den verren voortijd en geen oudere was er, die hun andere wijsheid verkondigde."(21)

In hierdie verband skryf Lommel omtrent die volksmens in die jagter= stadium: "The hunter's entire mode of thought, as well as his art, is dominated by animals, which he sees as equal or even superior to him= self. In this mythology the early hunter makes no distinction between man and beast: men may be transformed into animals and *vice versa*. In his art, human beings appear as animals, and later frequently as hybrid beings, such as occur later in Egyptian art and even in Classical times. Throughout North Africa there are rock pictures depicting hu= man beings with animal heads. The Eskimos of Alaska are well known for their masks representing part-human, part-animal creatures, and American Indian masks from the North-West sometimes have an animal head ouside which springs open to reveal another mask with a human face in= side, symbolising the human soul inhabiting the animal."(22)

4.3.3 Die primitiefste vertellings

(a) *Gespreksonderwerp,"belevenisverhaal"*. 'n Boesman vertel van 'n donderstorm wat hulle oorval het:

The thunderstorm

When the rain fell upon us at night, I did thus, while the rain fell, I lay, playing the "goura" like "Coos Groot-Oog" [a rain sorcerer]. And mamma said to me, did I not see how the rain was lightening; that I did like "Coos Groot-Oog"; did I not know that "Coos Groot-Oog" was a person who used, if people scolded him, he used, (when) he was angry with the people, to say to the people, about it, that the people seemed to think that the rain would fall; but (on the contrary) the rain would stand still, while the rain did not fall. The rain used really to stop;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

when "Coos Groot-Oog" had said that the rain would not fall.

When mamma rebuked me, I did not listen to her, for, I lay, playing the "goura", like "Coos Groot-Oog". And mamma became silent; when she saw that I did not seem as if I heard her. And mamma lay down; I lay, playing the "goura".

And the rain did thus, as I lay, playing the "goura", the rain first seemed to shine into our eyes. And the rain did thus, (when) we were thinking that it was going to lighten and it seemed as if the rain were closing our eyes, when it was the light that entered our eyes; we stood shutting our eyes, while we felt as if darkness kept our eyes closed. And when we had not (yet) opened our eyes, the rain gave us things on account of which our eyes seemed as if they were green, and the rain lightened, while our eyes felt green.

And the rain, lightening, went over us; and the rain did as follows to a stone which stood outside, in front of our hut, the rain, lightening, shivered it.

And mamma exclaimed: "N-ń-ń-ń-ń!" And father questioned mamma, as to what was the matter with her; had the rush of the storm [the narrator compares this to the wind from a cannon ball] reached her, that she exclaimed as if in pain? And mamma told father about it, that the thing seemed as if the rain were tearing off her skin; therefore, she had exclaimed with pain. And mamma said that we had wished to fall dead; it was our fault that we had not been willing to obey her when she rebuked us about a very little thing. We had wanted to see (what would happen) when we did not appear to hear when she rebuked us.

I had acted thus, when mamma told me to leave off playing the "goura" - like "Coos Groot-Oog", - I would not listen; I was the one who saw that the rain had intended to kill us, on account of my doings.(23)

Opmerklik - in hierdie stuk - waaroor onsekerheid bestaan of ons dit bloot 'n gespreksonderwerp of 'n belewenisverhaal of selfs 'n sage, moet noem:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die rol van die volksgeloof wat in die hele vertelsel ingeweef is: die reënmaker, die ghoera wat die weer beïnvloed, die weerlig wat die klip laat bewe.

- Hoe alles konkreet voorgestel word, ook kleure. Deur hul ge= slote ooglede skyn die weerlig groen, maar die verteller sê verder: ".. our eyes seemed as if they were green ... our eyes felt green".

- Die hele vertelling is 'n stuk net so uit die lewe gegryp, d.w.s. die lewe soos die Boesman dit ondervind.

(b) *Belewenisverhaal.* Die vertelling wat hier volg, is in 1871 ook uit die mond van 'n Boesman opgeteken:

The leopard and the jackal

The jackal watches the leopard, when the leopard has killed a spring= bok. The jackal whines (with uplifted tongue), he begs the leopard for springbok flesh. He howls, he begs, for he is a jackal. Thus he howls, he indeed begs, because he is a jackal. Therefore he howls when he begs, he indeed wants the leopard to give him flesh, that he may eat, that he also may eat.

Then the leopard is angry, the leopard kills him, the leopard bites him dead, he lifts him up, he goes to put him into the bushes; thus he hides him.(24)

Ons het hier klaarblyklik ook met 'n poging tot 'n belewenisverhaal te make. Wat dadelik opval, is dat die vertelling feitlik vormloos is, sonder 'n behoorlike afloop en sluitende slot. Dit is soos dinge in die lewe gebeur, waar iets selde tot 'n finale ontknoping kom, of as daar 'n ontknoping is, kan dit jare duur voordat dit bereik word.

(c) *Sprokie.* Uit die Hottentot-taal, opgeteken in die sestigerja= re van die 19de eeu, kom die volgende:

The zebra stallion

The Baboons, it is said, used to disturb the Zebra Mares in drinking. But one of the Mares became the mother of a foal. The others then

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

helped her to suckle (the young stallion), that he might soon grow up.

When he was grown up, and they were in want of water, they brought him to the water. The Baboons, seeing this, came as they formerly were used to do, into their way, and kept them from the water.

While the Mares stood thus, the Stallion stepped forward, and spoke to one of the Baboons, "Thou gum-eater's child!"

The Baboon said to the Stallion, "Please open thy mouth, that I may see what thou livest on." The Stallion opened his mouth, and it was milky.

Then the Stallion said to the Baboon, "Please open thy mouth also, that I may see." The Baboon did so, and there was some gum in it. But the Baboon quickly licked some milk off the Stallion's tongue. The Stallion on this became angry, took the Baboon by his shoulders, and pressed him upon a hot, flat rock. Since that day the Baboon has a bald place on his back.

The Baboon said, lamenting, "I, my mother's child, I, the gum-eater, am outdone by this milk-eater!"(25)

Hierdie vertelling, wat 'n soort dieresprokie wil wees, het maar min om die lyf. Tog, hoe swak ookal gekonstrueer, hoe boggerig ookal die hele vertellinkie, sluit dit af met 'n verklaring oor waar 'n bobbejaan aan sy kaal sitvlak gekom het. Met hierdie soort natuurverklarende sprokies sou die bruinmense later uitmunt.

4.3.4 Primitiewe vertellers onder invloed van meer ontwikkelde kultuur=draers

Byna dertig jaar vóór bostaande primitiewe Hottentotsprokie, teken die Engelse reisiger sir James Alexander drie dieresprokies op by Hotten=tot-vertellers wat klaarblyklik geruime tyd in aanraking met blankes was. Hier is 'n voorbeeld:

Fish-stealing

Once upon a time a Jackal, who lived on the borders of the colony, saw a waggon returning from the seaside laden with fish. He tried to get

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

into the waggon from behind, but he could not; he then ran on before, and lay in the road as if dead. The waggon came up to him, and the leader cried to the driver, "Here is a fine kaross for your wife!"

"Throw it into the waggon," said the driver, and the Jackal was thrown in.

The waggon travelled through a moonlight night, and all the while the Jackal was throwing the fish out into the road; he then jumped out himself, and secured a great prize. But a stupid old Hyena coming by, ate more than her share, for which the Jackal owed her a grudge; so he said to her, "You can get plenty of fish, too, if you lie in the way of a waggon as I did, and keep quite still whatever happens."

"So!" mumbled the Hyena.

Accordingly, when the next waggon came from the sea, the Hyena stretched herself out in the road.

"What ugly thing is this?" cried the leader, and kicked the Hyena. He then took a stick and thrashed her within an inch of her life. The Hyena, according to the directions of the Jackal, lay quiet as long as she could; she then got up and hobbled off to tell her misfortune to the Jackal, who pretended to comfort her.

"What a pity," said the Hyena, "that I have not such a handsome skin as you!"(26)

Afgesien van Alexander se drie optekenings, kom nog verskeie sulke Westerse sprokies in Bleek se versameling Hottentot-vertellings voor - en 'n mens kan hierin maar net die invloed van blankes (werkgewers, reisigers, sendelinge) vermoed. Gevolgtrekking: die primitiewe ver= teller pas hom met gemak by die afgeronde Westerse vertelwyse aan sodra hy dit leer ken het. Dit is dus nie 'n geval dat hy nie in staat daar= toe sou wees nie, maar bloot dat daardie kultuurpatroon nog vir hom vreemd is. As hy dit nie by Westerlinge geleer het nie, sou hy dit miskien wel vroeër of later self bedink het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.5 'n Emosionele geloofsopwelling lei tot vertellings

Gilbert Murray, beroemde klassikus van weleer, skryf: "We must nog forget the power of hallucination, still fairly strong, as the history of religious revivals in America will bear witness, but far stronger, of course, among the impressionable hordes of early men. 'The god,' says M. Doutté in his profound study of Algerian magic, 'c'st le désir collectif personnifié', the collective desire projected, as it were, or personified. Think of the gods who have appeared in great crises of battle, created sometimes by the desperate desire of men who have for years prayed to them, and who are now at the last extremity for lack of their aid, sometimes by the confused and excited remembrances of the survivors after the victory. The gods who led the Roman charge at Lake Regillus, the gigantic figures that were seen fighting before the Greeks at Marathon, even the celestial signs that promised Constantine victory for the cross: - these are the effects of great emotion: we can all understand them. But even in daily life primitive men seem to have dealt more freely than we generally do with apparitions and voices and deamons of every kind."(27)

Dit moet beklemtoon word: die sterk emosionele betrokkenheid van die oorspronklike belewer/verteller by die gebeure wat tot 'n sage lei - en ook die latere oorverteller moet hierdie emosionele betrokkenheid by sy gehoor kan opwek, anders val dit plat en kan die waarheid daarvan betwyfel word.

4.3.6 Primitiewe diepsinnigheid

Selfs wanneer 'n mens die Boesmans se mitologiese vertellings in verwaterde vorm by G.R. von Wielligh in sy *Boesman-stories* lees (in 'n vreemde taal, Afrikaans, opgeteken en boonop verwerk), word jy getref deur die diepe erns en poëtiese verbeeldingrykheid van hierdie eenvoudige wêreldsiening: die Reënbees wat uitkoms uit die droogte bring; Nag en Duisternis met hul drie dogters: die Berge, die Vlaktes en die Waters; die Son as die kop van Danser Vuurman, en die Maan as die skoen van die Mantis; die Môrester wat die hart van Daeraad is, en die Aandster is die oog van Aandskemering. As voorbeeld volg een van hul gebede, gerig tot 'n groot, blink ster:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Vat my hart, wat gebrek ly. Gee my jou hart, wat in oorvloed klop. Want ek glo nie dat jy gebrek kan ly nie. Alles daarbo by jou rol en skitter in oorvloed. Vat my maag, wat so beestelik honger voel, my maag, my maag, wat brand van gebrek. Gee my jou maag, wat gevul is met die lekkerste kos. Jy ly nooit honger nie; daarom is jy so groot, so vet en so blink. Vat my arm, wat so slog skiet, wat nie kan raak= skiet nie. Al hou my oog hoe mooi korrel, dit is mis en bly mis. Gee my jou arm, waarmee jy so net skiet - altyd raak en nooit mis nie. Dan sal ek, en my vrou, en my kinders, en algar ons mense genoeg kos kry, dat ons gesigte ook kan blink, dat ons harte ook kan skitter, dat ons ook so skoon en vet kan word. Toe help ons, help ons - en help ons mooi!"(28)

Ook van betekenis is die volgende uittreksel uit een van hul vertellings.

Die diere vra kos en water

Toe die Diere en ook die Mense gemaak was, het hulle nie kos en water gehad nie. Toe moet die een Dier die ander se vleis eet en sy bloed drink. Maar dit gee 'n uitroeiery onder hulle af; dog wat anders kon hul doen? Hulle huil toe oor hulle toestand en soek om verbetering. 'n Baie groot Olifant, wat so groot is dat hy oor 'n rantjie of koppie kon sien, praat toe en sê: "As ek dood is, sal ek dit baie lekkerder hê as nou. Dan is ek 'n groot Gees, wat geen kos en water nodig het nie; want Geeste eet en drink nie; en as ek 'n Gees is, sal ek vir julle algar sorg. My bene sal ek bome laat word, wat vrugte vir julle kan lewer; my senings sal plante word, wat op die grond rank en vir julle waterige waatlemoene en wilde komkommers dra, en my hare sal op die grond groei en gras word. Dan sal julle oorgenoeg kos hê ..."

Van al die diere wat sterk genoeg is om die groot Olifant dood te maak, is die groot Slang met die blink steen op sy kop die enigste; want hy is nie alleen baie sterk nie, maar daarby ook baie giftig ... Hierop maak die groot Slang 'n aanval op die groot Olifant, en byt hom met sy gif dood. Toe het al die Diere vereers genoeg kos en drank aan die vleis en bloed van die Olifant. Dieselfde aand sien die Diere die groot Gees van die Olifant, met twee groot vurige oë en bek, rondstap; maar die Gees stap weg en doen vir hulle niks nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So het hy aand vir aand kom kyk na sy aas, waaraan die diere eet tot daar glad niks meer oorgebly het nie as net die bene, senings en hare. Toe praat die Gees met die bene, die senings en hare, dat hul bome, rankplante en gras moet word, wat kos aan die Diere moet verskaf, en dat hul hulle eie sade moet dra, om hulleself verder voort te plant. Toe kom daar bome, rankplante en gras.

[Die vertelling lui verder o.m. dat daar egter nog nie water was nie. Die slang-met-die-steen kruip toe onder die grond in en laat die water in 'n fontein uitborrel. Van toe af was daar genoeg kos en water vir almal.]

Maar party Diere was te moorddadig en wederstrewig en kon nie ophou om te moor en te verslind nie. Hulle wou glad nie veldvrugte en gras eet nie. Leeu, Tier, Wolf die Wildekatte, Valk, Uil en nog baie ander het tot daardie klas behoort, om niks anders as vleis te wil eet nie. Aasvoël het gesê hy is met die aas van die dooie Diere tevrede. En so bestaan die wêreld vandag nog: Die een leef van die ander, en son= der die ander kan die een nie bestaan nie.(29)

Dit is hier ook die plek om aandag te gee aan 'n werklik merkwaardige uiteensetting van die primitiewe geestesgesteldheid deur Lommel: "The hunter's effort to subordinate himself to his natural environment is disturbed by the need to kill. This is the first serious step in the dissociation of man from his environment. The hunter kills ani= mals in order to live, but this necessary slaying weighs more and more heavily upon his mind. It seems as though one of early man's major intellectual achievements is the attempt to become free from his burden. He finds a way of thinking death out of existence, and invents the con= cept of the immortal soul and of eternal life. The early hunter per= suades himself that he is not really killing the animals themselves but only their bodies and that they can come to life again if their bones are looked after and treated with the correct magic. This attitude leads to reproduce animals through art. With the image he makes, he hopes to obtain control over the essential substance, the spiritual content, of the animal portrayed. The pictures themselves are inten= ded to capture and contain the imagined powers of the animals concerned and are conceived of as a magical means of ensuring the supply of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

game."(30)

Ons het gesien hoe konkreet die volksmens dink. Dit is dus nie onbil= lik om te verwag dat hy sy vertellings net soos sy tekeninge of ander beeldende kunsvorms sal aanwend nie. Dit doen hy inderdaad; ook in sy vertellings skep hy realistiese woordbeelde van die diere. Soos Von Wielligh dit stel: "Hy graveer of skilder voorwerpe soos hy dié in die natuur aantref - sonder pogings aan te wend om daarop te verbe= ter. Daarom, as ons sy stories deurlees, dan vind ons hierdie karak= tertrek as 'n polsslag wat al sy verhale deurstroom ... Want met die deurlees sal selfs die gewone leser bespeur dat die diere hulle rolle nes op die aldaagse toneel speel: Leeu is die gesaghebber en baie sterk; Tier volg hom in rang op; Wolf is onbeskaamd en 'n indringer; en Jakkals is 'n bangbroek, en daarom meestal 'n bedelaar. In die vertellings van Boesmans kom dus, ooreenkomstig hulle begrippe, haas geen oordrywing voor nie. So is Boesman-Stories ook maar blote karaktertekeninge, of karaktersketse."(31)

In die woorde van Lommel kan ons dus ook omtrent Boesman-vertellings sê: "With the image he makes, he hopes to obtain control over the essential substance, the spiritual content, of the animal portrayed."

Dit is egter feitlik vanselfsprekend dat nie alle geleerdes soos Lom= mel oor sake sal dink nie. Die bekende Amerikaanse antropoloog Carle= ton S. Coon gaan bv. van presies die teenoorgestelde standpunt uit: "A well-drawn French cave painting shows a hunter dressed in an antler disguise. Psychologists and critics have read into this work of art all sorts of sinister meanings. To an anthropologist familiar with primitive hunting techniques this is just a man ready to hunt deer. Perhaps he is practising. Perhaps he is trying to induce the spirit of the forest that controls the deer to make a fat buck walk his way, but to my way of thinking there is nothing more sinister in it than a picture of an American jet pilot putting on his electrically heated stratosphere suit before taking off. Whatever the artist's overt mo= tive in painting it, he did it because he felt a creative urge and liked to express himself, as every artist does, whether he is painting a bison on the wall of a cave or a mural in the main hall of a bank."(32)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit wil voorkom as 'n soort redenasie wat daarop ingestel is om 'n mak= like oplossing vir 'n moeilike probleem te regverdig. Die Britse ge= leerde Edwin Oliver James weerlê die idee van 'n blote "creative urge" baie doeltreffend deur daarop te wys dat hierdie rotstekeninge en ander beeldende kunswerke in Europa gewoonlik in bitter moeilik bereikbare plekke weggesteek is, in donker hoekies en gaatjies. Dit was, sê hy, hierdie mense se heilige plekke:

"Under the precarious conditions in which the human species emerged, food, children and an orderly corporate life were essential for survival. Therefore, it was around these basic needs that prehistoric religion grew and developed, concentrating upon the mysterious lifegiving forces. This is clear in the cave art, sculptures, paintings and engravings of the Upper Palaeolithic age, from about 40 000 to 12 000 BC, especially in the decorated caves in France and Spain. These were executed by the earlier representatives of *homo sapiens*, and not infrequently they occur on the walls of deep and tortuous limestone caverns, often in nooks and crannies and obscure positions none too easy to reach ... Thus, at Font-de-Gaume in a sacred chamber beyond a stalactite barrier at the end of the cave there is the figure of a woolly rhinoceros in red ochre high up on a narrow crevice, together with engravings of a lion and horses. It would appear that the prehistoric artist could only have done these while standing on the shoulders of his assistant, having only a flicker= ing lamp burning marrow or fat with a wick of moss. It is inconceivable that this was done merely for aesthetic reasons as 'art for art's sake' on an almost vertical wall ten feet above the surface."(33)

Dis onnodig om hierdie kwessie verder te beredeneer: wat ookal die pre= siese betekenis daarvan was, die primitiewe mens se kunsuitinge het iets met sy wêreldsiening te make gehad. Lommel sê voorts: "The concepts which these Stone Age people associate with the rock paintings are logi= cally consistent, as is their entire cosmology, but for the modern Euro= pean the underlying premises of their philosophy are difficult to grasp. Prehistoric man tried to comprehend his environment analogically, in parables, and to integrate himself into the life about him by the perfor= mance of symbolic actions."(34)

Dit is inderdaad een van die grondtemas van die Boesman se vertellings: hoe hy daarin sy omgewing, wat sy medemens en die diere insluit, d.m.v.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelykenisse probeer verklaar en begryp - en sodoende ook sy eie plek in die lewe. So word inhaligheid, vraatsug, of die loon van die spot bv. in die gedaantes van die kraai, die aasvoël en die perdeby uitgebeeld.(35) En die diere is ook nie doodgewoon diere nie. Soms is dit hul god Kag= gen, die mantis, wat 'n dieregedaante aanneem; dikwels is die diere "Boesmans van die ou geslag", of anders kan die Boesman self hom in 'n dier verander. So leer hy hom blykbaar met die gedagte vereenselwig dat daar mense van uiteenlopende aard voorkom, nes daar allerhande soor= te diere is, en ook dat sommige karaktereienskappe tot sodanige optrede kan lei dat dit met die dood strafbaar is. Daar is voorwaar 'n obses= sie met die dood, en herrysenis, in die Boesman-vertellings:

Die wolke

Die wind is die asem van al die goed wat lewe. So is die stormwinde die asem van die Grootvoël wat in 'n gat in die berge woon, wat hom in wolke kan wegsteek en wat dan na die see vlieg om reën te gaan haal ... As iemand sterf, word sy hare wolke. As 'n voël sterf, word sy vere ook wolke. Maar hierdie soort wolke gee nie reën nie, want hulle is net hare en vere wat nie water bevat nie ...

As iemand gesterwe het, dan staan sy spore nog vars in die sand asof die persoon nog leef; maar hy is dood. Sy asem, wat sy wind is, het klaar uitgewaai, sy hart het omgekantel en kan nie meer roer nie. Daar= om kom die stormwind en waai die spore van die afgestorwe persoon gelyk met die sand. Want waarom moet sy spore nog daar in die sand bly as hy reeds dood is? Is die spore in klei sigbaar sodat die wind die klei nie kan stukkend breek nie, dan giet die wolke 'n stortbui uit en wis die spore uit. Want hy vra ook: as 'n persoon dood is, waarom moet sy spore nog lewe?

As die een se lyk op die aarde doodlê, dan kom die wind en maak 'n sterk warrelwind en dié vat die lyk op - al is hy onder die grond begrawe - en bring dit na die hol bak wat tussen die twee opstaande horings van die nuwe maan is, en hy plaas die lyk saggies daarin neer. Daarom is dit dat die Boesmans 'n lyk in 'n sittende posiesie begrawe: Hy moet te enige tyd gereed wees om op te staan ...

Dan kom die persoon se wolk neer en dwaal nes 'n swaar mistige weer oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die graf om die opstandeling ... te bedek, sodat die ander nie kan sien dat die dooie weer lewendig geword het nie. Die hare, of vere, van die wolk kom weer op daardie een se lyf groei, sy wind gaan weer in hom en die een stap rond asof hy nooit dood gewees het nie.

As 'n ongedierte iemand verskeur en opgeëet het, dan bring die mistige weer al die dele van sy liggaam bymekaar, die hele wêreld word klam en nat, en groei weer aan mekaar vas, net soos die persoon of ding tevore gewees het.(36)

So ook staan diere wat tydens die jag gedood is, weer in hul vertel= lings op. Dit blyk duidelik uit hierdie inleidende gedeelte van 'n lang, lang verhaal:

The resurrection of the ostrich

The Bushman kills an Ostrich at the Ostrich's eggs; he carries away the Ostrich to the house. And his wife takes off the Ostrich's short feathers which were inside the net, because they were bloody; she goes to place them (on the bushes). They eat the Ostrich meat.

A little whirlwind comes to them; it blows up the Ostrich feathers. A little Ostrich feather that has blood upon it, it blows up the little feather into the sky. The little feather falls down out of the sky, it having whirled round falls down, it goes into the water, it becomes wet in the water, it is conscious, it lies in the water, it becomes Ostrich flesh; it gets feathers, it puts on its wirgs, it gets its legs, while it lies in the water. It walks out of the water, it basks in the sun upon the water's edge, because it is still a young Ostrich.(37)

4.3.7 Die deurslaggewende faktor: geloof

Waarheen 'n mens jou ookal met die primitiewe volksmens se vertellings wend, iewers kom jy by die volksgeloof uit. Die presiese aard van hier= die volksgeloof is interessant, maar dit is eintlik nie van belang wat die hoofdraad van die argument betref nie. Al wat ek wou bewys, is die oorheersende rol wat die volksgeloof in die primitiewe volksvertelling speel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit beteken dat die primitiewe volksvertellings feitlik voor die voet as sages of mites beskou kan word, hoewel daar natuurlik altyd uitson= derings sal wees. As ons dit aan die tentatiewe onderwerpindeks van volksvertellings toets, is dit eintlik net drie van die meer as twintig afdelings wat by die primitiewe volksmens nie in die ban van die volks= geloof sou gestaan het nie, en al drie het betrekking op humoristiese vertellings, nl. *R. Die domme en die slimme*, *S. Grootspog en grootlieg* en *T. Humoristiese onderwerpe (algemeen)*, en selfs hieroor hang daar 'n vraagteken. Dink bv. aan die grootspogvertelling omtrent "Perdeby en sy vrou".(38) Dan is daar die wrang humor van "Wolf en sy twee vroue", waar Wolf so graag nog 'n vrou wou gehad het, nl. 'n jong Boes= manvrou, maar van toe af is dit net twis en tweedrag in sy huis (waarop die merkwaardige slot volg wat net so by Esopus gevind word: "En dit het 'n spreekwoord onder die Boesmans geword as iemand straf verdien: 'Gee hom twee vroue,' want die jong vrou trek sy grys hare uit om hom jonk te maak, en die ou vrou sy swart hare om 'om oud te laat lyk.")(39)

Die volksmens van vandag betrek die bonatuurlike net so maklik by sy vertellings - soos Pieter Burrows, 'n bruinman en baasverteller van die Sederberge. Sy verhaal handel oor Dirk Ligter, legendariese skaapste= ler en baashardloper van weleer: "Dirk het weer in die veld skaap ge= slag en die vleis na 'n grot toe gedra om te droog. Nog so besig, toe is die bek van die grot skielik vol berede polisie en een sê hy sal moet saamkom. Nee, hy kom, sê Dirk, want 'n as vir wegglip die is daar dan nou nie. Gee dan net tyd dat hy sy vleis en goed kry. Nee, reg, hy mag maar. Pak rustig sy vleis en goed in, hang sy rammetjie (ramkie) oor sy nek. Toe mik hy skielik diekant toe, en toe die polisie dáár keer, glip hy anderkant uit. Maar dit is gelykwêreld en die perde is amper op hom. Toe maak hy sô: hy gaan sit plat op die grond - en verander hom self in 'n miershoop!"(40)

Verder is daar die vormontwikkeling in die primitiewe se vertelling: aanvanklik lyk hul verhale na brokstukke uit die lewe, 'n konkrete be= nadering wat oral uit hul denkwyse spreek - soos hulle iets sien gebeur, word dit net so in hul vertellings oorgeplaas; dis 'n snit uit die werk= likheid. Dan leer hulle 'n abstrakte (Westerse) vorm ken, en volgens hierdie vorm moet die vertelling nou gebuig en aangepas word. Dit is dieselfde soort ontwikkeling wat ons in die primitiewe beeldende kunste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sien. Geleidelik kom daar 'n neiging tot abstrahering, bv. die slang (vrugbaarheidsimbool) word 'n spiraal; die beeldjies van die belangrike sg. hurkende figuur (wat aansluit by voorvaderaanbidding) word tot allerhande geometriese patrone verwerk. En voor iemand kan abstraheer, moet hy vormgevoel hê, net soos 'n goeie vormgevoel spreek uit die manjifieke realistiese tekeninge wat hierdie sogenaamd primitiwe mens soms gemaak het - "those who produced these works must also have been men of unique intellectual accomplishment, in a word, great artists who are comparable with the dominating figures of historical times".(41)

Dit skyn dus asof die primitiewe volksmens se hele lewe so met die volksgeloof verstrengel is dat *al* sy vertellings sages of mites is. Verbleek die geloof, kry ons legendes; val dit heeltemal weg maar die vertelling behou sy waarheidsillusie, belewenisvertellings; word die geloofselement volkome na die verbeeldingswêreld oorgedra, ontstaan sprokies. Dit is vandag natuurlik hoegenaamd nie al manier waarop die verskillende tipes volksvertellings tot stand kom nie: elke tipe kan van meet af oorspronklik geskep word, of daar kan onderlinge verskuiwings wees, bv. 'n vertelling wat as belewenis begin en as 'n sprokie eindig. Maar dit is tog goed om te weet wat die verre beginpunt van die volksvertelling was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Plato: *The Republic*, p.144.

2. Plato: *The Republic*, p.142.

3. Plato: *The Republic*, p.131.

4. Plato: *The Republic*, p.130.

5. Plato: *The Republic*, p.133

6. Plato: *The Republic*, p.137.

7. Plato: *The Republic*, p.113.

8. Plato: *The Republic*, p.114-115.

9. Plato: *The Republic*, p.384.

10. Aristoteles: *Poetics*, p.15.

11. Aristoteles: *Poetics*, p.18.

12. Aristoteles: *Poetics*, p.20.

13. J.C. Kannemeyer: *Die stem in die literêre kunswerk*, p.4.

14. Percy Lubbock: *The craft of fiction*, p.251-252.

15. Vgl. Wayne C. Booth: *The rhetoric of fiction.*

16. Vgl. Cleanth Brooks en Robert Penn Warren: *Understanding poetry;* T.S. Eliot: *Selected essays* en *The three voices of poetry.*

17. J.C. Kannemeyer: *Die stem in die literêre kunswerk*, p.81; vgl. ook p.146-147.

18. Bleek en Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore*, p.299-303.

19. H. van der Merwe: Volkswetenskap (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boere=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wysheid, p.123).

20. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.76.

21. H.W. Heuvel: *Volksgeloof en volksleven*, p.4.

22. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

23. Bleek en Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore*, p.321-325.

24. Bleek en Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore*, p.245.

25. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.39-40.

26. Sir James Alexander: *Expedition of discovery into the interior of Africa* II, p.246-247.

27. Gilbert Murray: *Five stages of Greek religion*, p.26-27.

28. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.190.

29. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.179-184.

30. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

31. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.i-ii.

32. Carleton S. Coon: *The history of man*, p.123.

33. Edwin Oliver James: Prehistoric religion (Geoffrey Parrin= der, red.: *Man and his gods*, p.25-26).

34. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

35. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.3-11, 15-22 en 101-104.

36. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.167-169.

37. Bleek en Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore*, p.137-139.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

38. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.101-104.

39. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.127-133; J.P.J. van Rensburg (vert.): *Die mooiste verhale van Esopus*, p.30.

40. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

41. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17; vgl. ook Lommel in die algemeen vir die verskynsel van abstrahering in di primitiewe mens se kuns.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING B

VAN GESPREK TOT LEGENDE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.0.0 GESPREKSONDERWERPE

5.1.0 Agtergrond

Taal is die vernaamste kultuurgawe van die mens en ook die vernaamste instrument waarmee hy nuwe kultuur skep. Soos die Amerikaanse geleerde Walter Goldschmidt dit stel: "If culture is seen to be the unique characteristic of man, language must be viewed as the particular human gift that makes culture possible. For without the human capacity to communicate intricate patterns of thought - to re-create experience in words - culture could not exist. There are some who believe that it is language which is the truly distinguishing feature of man, and that culture is a mere by-product of this human attribute. However that may be, this much is true: All mankind has language, and man alone among the known creatures of the world is endowed with speech ... Language, then, is an elaborate structure of vocal symbolization, capable of infinite variation, through which ideas, understanding and feelings are communicated, and through which we tend to perceive the events of the world ... Language is also something more; or rather, language performs another function. We translate experience into language, and through language we communicate experience to others. In this way language serves as a kind of storehouse for human experience. A person discovers that in a drought water may be found underground at certain kinds of places. Though he may be dead before the next severe drought if he has imparted this wisdom to others, his descendants can benefit from his experience."(1)

Die gesprek het dus 'n besonder belangrike funksie, want as een mens nie met 'n ander kommunikeer nie, is taal nutteloos. Die enkeling wat eenkant alleen die stilte in skree, lewer beslis geen bydrae tot die groep of volk se kultuurontwikkeling nie, en sy boodskap, as hy so iets het, sal saam met hom van die aarde af verdwyn.

Laat ons ter illustrasie na drie unieke gesprekke kyk, drie van die oudste gesprekke ooit opgeteken en wat algemeen aan die Afrikaner bekend was. Hierdie gesprekke is so gestileer dat dit die kern van drie vertellings, drie mites, vorm.

Die eerste gesprek staan in die eerste Bybelboek en het met die mens se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sondeval te make. Tot in daardie stadium was dit God alleen wat gepraat en opdragte uitgereik het: "Laat daar lig wees!" Of: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde ..." Of: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie ..." Daarna volg die drie uiters dramatiese gesprekke. Eerstens is daar die gesprek tussen die slang en Eva:

"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet."(2)

Die tweede gesprek volg kort op die eerste nadat Adam en Eva albei van die verbode vrugte geëet het. Hulle kom agter dat hulle naak is, en hulle skuil weg toe God in die aandwindjie in die Paradystuin kom wandel:

"Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. Daarop sê die Here God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet. Daarop is hulle uit die Paradys verdrywe."(3)

Die derde gesprek is tussen die Here en Kain wat sy broer, Abel, doodgeslaan het - hulle, die eerste twee kinders op aarde gebore:

"Toe sê die Here vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek weet nie. Is ek my broer se wagter? En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. Daar= om sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. Daarop sê Kain vir die Here: My skuld is te groot om dit te dra. Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir U aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan. Maar die Here sê vir hom: Daarom as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word. En die Here het 'n teken gegee aan Kain, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie."(4)

So klink 'n alledaagse gesprek natuurlik nie: dis wydlopig met aller= hande oortollighede, en dikwels met onafgeronde sinne. Tog kan dit, soos aangetoon, die groeipunte vir vertellings vorm.

5.2.0 Die 17de en 18de eeu in Suid-Afrika

Vandat Jan van Riebeeck en sy mense in 1652 aan die Kaap voet aan wal ge= sit het, is daar gepraat en baie gepraat. Onderwerpe was daar in oor= vloed, soos dié waaroor ons vandag nog oorvloediglik gesprekke aanknoop. Wanneer ons Van Riebeeck se *Daghregister* omtrent sy tien jaar aan die Kaap deurblaai, kry ons 'n beeld van sommige van die dinge wat die tonge in beweging gebring het, want afgesien van die onderwerpe in hierdie amp= telike verslag, was daar vanselfsprekend talle en talle ander gespreks= onderwerpe waarvan ons nie weet nie. Hier volg 'n paar voorbeelde uit Van Riebeeck se eerste jaar:

Aprilis anno 1652

Sondagh, 7 do. Desen avont voeren noch samen eens aenlant om ter loops eens ten naesten bij affte speculeeren waer 'tfort gemaeckt sal dienen. Cregen desen avont oock 2 wilden aenboort, daer onder een die wat engels sprack, welcke wij den buijck met eeten ende drincken dapper vulden. Maer na wij uijt haer vernemen conde, souden van haer geen vee te crij= gen wesen, alsoo ons door gebroocken Engelse woorden ende teijckenen te kenne gaven sij maer vissers waren ende de beesten doordie van Sal= dania altijt gebracht wierden.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Junius anno 1652

6 do. Harde noortwestelijcke wint ende veel regen. Snamiddaghs liep de wint heel Z.W. met groote slaghregenen, waer door wij desen dagh weijnich ofte niet costen vorderen in onsen arbeijt aende fortificatie ende huijsinge, 'twelck wij met de plancken ende presenningh [geteerde seildoek] soo dicht niet costen maecken dat ons broot ende andere drooge waren cunnen voor nat worden ende bederven bewaren. Savonts is den sieckentroosters vrou van een jonge soon bevallen, sijnde 't eerste kint dat binnent fort de Goede Hope geboren is, soo als wij den siecken= trooster eergister eerst een plaetse in't fort hadden gegeven, daer tot noch niemant anders als hij in woont, houdende wijlieden noch altesamen huijs inde tenten, buijten 'tfort voorde loos opgeslagen, maer hopen in dander weecke meest al'tsamen nae binnen te trecken ende aldaer wat beter woonplaets te kiesen.

Julius anno 1652

8 do. Schoon, helder sonneschijn weer, wint als gister. Hebben weder partije wortel saet in d'aerde (daer toe bereijt) laten saijen. Dese 7 a 8 dagen drooghte heeft de aerde soo hard weder gemaeckt datter met picken ende houwelen qualijck in te comen is, 'twelck ons langh ende verdrietigh werck aen 't uijtgraven vande grachten ende op vullen der punten ende wallen maeckt. Op dato is bijden Raedt den persoon Jan Planx, bosschieter op 'tJacht de Goede Hope, over stoute moetwilligheijt tegen't opperhooft petulanter [driftig] begaen, bij sententie gecondem= neert vande rheede te vallen ende met 50 slagen gelaerst te worden, als onder dato deses bij sententie boeck largo [breedvoerig] can naegesien worden.(5)

'n Vername onderwerp van bespreking in hierdie tyd, moes die legenda= riese goudstad Monomotapa gewees het. Aan 'n ekspedisie op 'n ont= dekkingstog na die binneland gee Van Riebeeck onder datum 3 Februarie 1659 bv. opdrag dat hulle eers die Namas moet probeer bereik: "sijnde die Namana, als Ul. selfs oocq gehoort hebt, overheer van al dit Hotten= doos geslacht, woonende in steenen huysen, met swarte muyren van binnen, gecleet met witte bereyde vellen, die ons mettertijt oocq verder sullen cunnen leyden na de Chobonas, welcke noch boven deese Namanas heerschap= pey hebben over dit Caepse volcq ende seer rijck van goudt, daer gehou=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

den wordt dat de reviere Spirito Sancto leyt uyt welcke al 't goudt na Mosambique soude gehaelt worden ... (Als) Ul. het verder rijsen niedt al te lang valt, (ende Ul.) verneempt, dat bij deese Namanas niet besonders gevonden wierdt, souden wij het verder reysen na de Chobonas ofte tot de stadt Monapatapa, daer den Keyser woont ende 't landt rijck van goudt is, op de voorsz. reviere Spirito Sancto, goet achten.(6)

Uit 'n dagjoernaal omtrent een van hierdie togte, meermale onder aanvoe= ring van Pieter van Meerhoff, kom 'n brokkie wat as die beginpunt van 'n sage (of 'n grootlieglegende) kon gedien het: "Ende ick, Pieter van Meerhoff, heb mij(n) snaphaen genomen en ben een weynigh langs de rivier gegaen om een vogel te schieten; soo heb ick een levendigh monster ver= nomen met 3 hooffden, gelijck drie kattenhooffden, en hadt drie lange steerten in 't water uytcomen, niet wetende wat het voor een gediert is geweest."(7)

Simon van der Stel se bekende reis na Namakwaland in 1685/86 lei tot die ewe bekende ontmoeting met 'n renoster wat sy *kales* (koets) naby die hui= dige Piketberg verwoed bestorm het: "Ondertusschen vertoonde zich aan ons een Rhinocer, van een ongeloofelyke groote, die met een groote furie en quaadheid regt midden op onzen trein aanquam, daar hy langs liep tot agter toe, alwaar de Heer Commandeur met zyn Kales stont, op welke hy regt toezettende, hebbende de Heer Commandeur quaalyk zoo veel tyds, om uit de Kales te komen, springende daar evenwel uit met een donderbus in de hand, leide alzoo op den zelven, die geen zes treden van hem af was, aan, en meende vuur te geven; doch de donderbus weigerde, springende de agterste rust op de voorste; doch het woedend dier, 't welk wy anders geen staat maakten, of het zou de Heer Commandeur in ons byzyn verslon= den hebben, liep hem raakende aan het lyf voor by; en wy geloofden, dat het zelve van de schoot quam, die een van de Ed. Heer zyn wildschut= ten hem gaf; daar op liep het zelve voorts met een groote snelheid van ons. Verscheide anderen, die te paard waren gezeten, wisten het zelve al mede niet te ontvlugten, verlaatende hunne paarden met een groote schrik, waar van zy op verscheide plaatzen zich bezeert hadden."(8)

Met goeie insig skryf die vroeë letterkundige Elizabeth Conradie omtrent hierdie voorval, verwysende na die joernaalhouer: "Tientalle male het hy dit self aan sy kinders, aan vriende, aan gaste en reisigers oorver=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tel met die nodige gebare: van geslag op geslag is dit mondeling oorgelewer en selfs in 'n tydperk, wanneer die prestasies van die Oos-Indiese Kompanjie, die Hollandse tyd, in die vergeetboek digge= slaan was, het die verhaal nooit sy bekoring verloor nie."(9) Dit is inderdaad hoe belewenisse ontstaan, hoe dit versprei en oorgelewer word. En vandag nog op skool, in elk geval deur verbeeldingryke on= derwysers, word dit nog as 'n belewenisverhaal vertel.

Adam Tas wat in sy *Dagboek* so gemoedelik oor die lewe in ou Stellenbosch kon skryf - en net so verontwaardig teen goewerneur W.A. van der Stel kon uitvaar - vermeld telkens: "Wij geraakten wacker aan 't keuvelen onder 't storten van een glaasje roode wijn en een pijpje smooks."(10) Afgesien van die stryd teen die owerheid, neem die alledaagse skinder= nusies 'n belangrike plek in: "Na dat Mr. Hans de Smit nevens zijn vrouwtje een wijltje hier geweest waaren, de vrouw een teetje gedronken, enz., en wij met elkanderen eenige glaasjes wijn en eenige pijpjes met smookkruijd geconsuminderd hadden, zijn se na hun huijs geslentert. Onder anderen is mij ook verhaald, als dat Juffr. Selijns een jonge zoon heeft ter weereld gebragt, als mede dat zij weder met haar man vereenigt is en dat se thans zamen wonen. Off dit van langer duur zal zijn, leerd den tijd."(11)

Hier is 'n tweede voorbeeld waaroor seker lank daarna nog op Stellenbosch gesels is: "Onder 't smooken van een pijp tabak wierde mij verteld, als dat gisteren namiddag voor 't huijs van Jacobus de schoenmaker een oor= log was ontstaan, gemelde Jan Hagelse schoenflicker was, met zijn boos= aardig wijff geadsisteerd, 't wijf van Christian Martensz. (in de wande= ling Mosterts Marij genaamt) op de huijd gekomen. 't Wijf van den schoenflicker sloeg Mosterts Marij met een pik tegen 't hoofd dat er't bloed by neer liep; deselve viel door die slag ter aarden; toen quam de schoenmaker toeloopen en trapten dat nederleggende vrouwe-schepsel met de voet op de borst, buijk, enz. Ondertusschen was des flickers wijf ook niet stil, maar roerde de vuijsten zoo hard als zij konde en onge= twijffeld zouden se dat schepsel hebben dood geteijsterd, zoo de Hr. Bek niet was op 't mat gekomen en gezegt hadde hier van kennis te zullen dragen; toen lieten se van haar af. Ondertusschen moest het deernis= waardige schepzel zoo toegetakeld na huijs slenteren."(12)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die geskiedenis neem sy loop, en daar is o.m. 'n hele verskeidenheid reis- en landbeskrywings om die prentjie vir ons in te kleur, hoewel 'n mens moet onthou dat seker nie almal geloofwaardige of onbevooroor= deelde getuies is nie. Valentyn, Kolb, Mentzel, Sparrman, die abbé De Lacaille, Thunberg, Le Vaillant, en met die Britse besetting in 1795: Lady Anne Barnard.

Otto Friedrich Mentzel, wat van 1733 tot 1741 aan die Kaap vertoef het, oordeel nie altyd baie gunstig oor die boerebevolking in die binneland nie. Omtrent die vroue sê hy: "In the country districts the members of the opposite sex are not brought up to be as fashionable, polite and well-mannered as in the City. One may seldom call them handsome, though they are not actually ill-favoured. They rarely, or hardly ever, visit anybody but their nearest neighbours. Many reach the age of twenty with= out having seen the City or a church ... To describe the true nature of the country women, one can say no more than that they are indeed not very polite, but neither are they rude ... They are not very talkative, but neither are they shy; not forward, but not dull either. They speak quite frankly and naturally to people whom they see for the first time, and look everybody in the eye straight and unabashed, but their conversation does not go beyond household affairs."(13)

Oor die mans in die algemeen en oor die jongkêrels skryf hy nog krasser: "Nor can much be said about the conversation among farmers. They invite each other just as little as the town people. They do not often meet except when they have to discuss something, seldom otherwise. Then they smoke a few pipes together and drink a few cups of tea, or perhaps a glass of wine or brandy, according as the occasion arises. The sons and daughters of neighbours meet more frequently ... It is easy to ima= gine the kind of conversation that goes on among young African farmers' sons, who are illiterate and have seen and experienced nothing except what they learned in their fathers' house about grain-growing, cattle-rearing and hunting. The head servant of a farmer in Europe is cleverer and speaks much more sensibly than such human calves, whose usual witti= cisms are mere coarseness, and whose jokes and amusements are mere fool= ishness, to which one cannot listen without disgust."(14)

Nugterder, en seker nader aan die volle waarheid, klink die volgende op=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

merking van Mentzel: "everyone in the house rejoices at the sight of a visitor, whether he knows him or not. A stranger always brings new material for conversation and new tales which keep the conversation going and make it pleasant. Therefore, when stopping with cultured, well-bred people it is often difficult to continue one's journey. To please them one would like to stay several weeks with them."(15)

Omtrent die getuienisse van reisigers is daar 'n interessante paragraaf by die geskiedskrywer Graham Botha, verwysende na die plattelandse boe= rebevolking in die 18de eeu: "Travellers have complained of the taciturnity of these people who would sit for hours without speaking many words. An occasional yes or no was often advanced during a con= versation but when it drifted to matters relating to farming interests, the weather, crops, cattle, the various kinds of game, themselves or re= lations, the church or the last sermon heard then the host was a good conversationalist. The lack of conversation on matters pertaining to the latest European news or to the outer world generally was merely the result of ignorance. It was the consequence of the absolutely isolated life led and the very little reading indulged in. The only book read and known thoroughly was the Holy Bible, and it would have surprised the visitor if the farmer had begun conversing on the various biblical characters, particularly the patriarchs of old. In some parts, as in the district of Swellendam, many of the farmers were lively in their conversation and were even witty."(16)

5.3.0 Die 19de eeu

Afgesien van die stroom van belangrike historiese gebeure wat tot ge= sprekke sou lei - die Bataafse Tydvak, die finale Britse besetting, grensoorloë, die Groot Trek, die opkoms van die Boererepublieke, goud en diamante, die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, die Vryheidsoorlog van 1880/81, die Jamesonstrooptog, die Boereoorlog - was daar ook die gewone, alledaagse gespreksonderwerpe.

Die eeu begin met 'n gunstige verslag oor die Afrikaner en sy gesels= gewoontes deur dr. H. Lichtenstein, 'n Duitse geneesheer wat tydens die Bataafse Tydperk aan die Kaap was: "We could not help being once more surprised to see so much natural good breeding and civility, so much propriety in their modes of expressing themselves, under such

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

simple garments, and among people living at the distance of sixty miles form the capital, in a dry and solitary country, fit only for the feed= ing of cattle, and half encircled by some of the wildest among the savages of the neighbouring districts. A couple of sturdy young lads, whose eyes glistened with health and contentment, delighted us very much with the eager manner in which they related a number of hunting and travelling adventures they had met with; and the effect was ex= ceedingly increased by the concise, yet expressive, African Dutch language, in which the relation was given."(17)

Omtrent die vroue openbaar Lichtenstein dieselfde begrip: "It may easily be imagined that the African ladies cannot display any knowledge in books, or in works of art, and that they do not possess very refined feelings in any way: every thing by which they are surrounded from their earliest youth is of the most simple and prosaic kind: they live entirely among themselves, and have therefore no opportunities of gaining any enlarged stock of ideas. Those who do not understand the relations in which these women are educated, and in which they con= stantly live, of which alone therefore they can have any clear compre= hension, and upon which alone they are consequently enabled to speak, - who judge them according to the first impression made, will very probably be led to consider them as shy and simple. It is by no means impossible that they may take offence at modes of expression in fact very polite and well bred, because they do not understand them: while the rough joke of an African youth, at which our ladies would blush and cast down their eyes, will be received with laughter and applause."(18)

Een van die heel vroegste stukke in Afrikaans geskrywe, is 'n soort gesprek, 'n samespraak, deur die Nederlander M.D. Teenstra wat in 1825 van 12 Maart tot 7 April aan die Kaap was en onder meer die Caledon-bad vir sy gesondheid besoek het. Om vir sy volksgenote in Nederland 'n idee te probeer gee hoe die mense hier praat, stel hy die stuk saam. As ons die *Zamenspraak* interessantheidshalwe met die oog op groeipunte vir volksvertellings ontleed, is daar minstens drie moontlikhede:

(a) *Sonde met die bure*

De Boer (tot den slaaf November). Ga hier naast naar mijn' buurman

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de Rottum en zeg voor hem, dat het braaf slecht is, dat hij de vark maar zoo loopen laat.

(b) *Apestreke*

De Vrouw. November! Zie daar is die aap weer uit die ket[ting] - Sies! ik ben bang, dat hij hier komt; kenje hem met beter vastmaken nie?

De Boer. Die aap is braaf slim.

De Slaaf. Ja sueur! die aap al te danig listig, rech! rech! hij niet spreek, om hij geen boodschap doen wil nie.

(c) *Die waterkuur*

De Boer. Vindt uwe wat baat bij 't bad?

Ik. Zeer weinig.

De Vrouw. Voor die jicht is die bad anders al te danig goed.(19)

'n Nuwe bron van inligting omtrent gespreksonderwerpe is die nuusberigte in die koerante en tydskrifte wat in hierdie eeu in 'n grote verskeidenheid aan die Kaap en later dwarsdeur Suid-Afrika begin verskyn. Ter illustrasie volg 'n klompie voorbeelde uit *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift:*

Mei/Junie 1824, p.156: Op het onverwachts stierven op den 3 Mei, de Heeren Josias Brink, vader en zoon. - De zoon, omtrent 23 jaren oud, en onlangs gehuud, ging uiterlyk gezond naar bed, en was in korte oogenblikken aan de zyde zyner echtgenoote een lyk. - De vader, dit vernemende, wierd door eene beroerte overvallen, en stierf den volgenden dag. Zy zyn in een graf gelegd, en laten twee weduwen na, om hun verlies te betreuren.

November/Desember 1824, p.399: De Heer Melvill, Gouvernements Agent te Grikwastad, heeft een witte Mantatee, met wit wollig haar, door hem op het slagveld gevonden, met zich mede gebragt. Het is een jongetje van omtrent vier jaren oud, dat zich vry verstaanbaar in het Hollandsch weet uit te drukken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Julie/Augustus 1825, p.290: 'De Hr. Van Rooyen in het Distrikt van Grahamstad, is door de wolven zoo geweldig aangevallen geworden, dat beide zyne armen zyn afgezet. In het midden van den nacht in de vee= kraal een groot geweld hoorende, sprong hy uit zyn bed, en begaf zich met zyn geweer en eenige honden naar de plaats: hy vond zyne kudde door de wolven overrompeld, en terwyl hy zyne honden tegen eenen jongen wolf aanhitste, werd hy door de andere aangevallen en zoo verschrikkelyk ge= teisterd, dat deze amputatie hoogst noodsakelyk was.

Maart/April 1834, p.159: In de maande Maart en April hebben er by Stellenbosch 3 verschrikkelyke verwoestingen door brand plaats gehad, zoowel door moedwillige stichting, als door ongeluk.

Julie/Augustus 1837, p.397: ('n Groot seeleeu is by die seehoof in Tafelbaai gesien.) Nadat het monster zich overeind had gepostuurd, met meer dan de helft van zyn ligchaam, dat wel 5 voeten hoog was, open= de het deszelfs verschrikkelyken muil, begroette de aanschouwers met een gebrul, en keerde weder in zee.

Daar kom nog 'n nuwe faktor om mee rekening te hou: die Engelse reis- en landbeskrywings wat in hul honderdtalle in die loop van die eeu ver= skyn, asook die werk van Engelse joernaliste wat 'n al groter omvang aanneem. Dit sou verkeerd wees om alle gevalle waar hulle krities teenoor die Afrikaner staan, aan kwaadwilligheid toe te skryf. Ons het reeds gesien dat ook lede van ander volkere, soos die Duitser Ment= zel, soms skerp kon kritiseer. Maar in die algemeen is dit nie weg te redeneer dat hierdie Engelse skrywers minder simpatiek teenoor die Afri= kaner is nie. Dis deel van hul hele geestesopset.

In hierdie verband is dit insiggewend om te let op wat twee hedendaagse Britse geskiedskrywers, Lindsay en Washington, te sê het. Omtrent lord Palmerston, wat die 19de-eeuse Engelse politieke toneel van die dertigerjare tot by sy dood in 1865 oorheers het, word verklaar: "What were the principal ideas which influenced the attitude of the British people towards the foreigner and which Palmerston's policy reflected? In the first place, they felt a pleasing sense of superiority towards continental peoples who were apparently not blessed with the common sense, moderation and experience which, with God's help, had brought

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

England through the revolutionary era without any major outbreak of violence. The language of Palmerston's letters and dispatches was that of the typical man in the street rather than the cautions utterance of the British Foreign Secretary. About Austria he wrote: 'The Austrians are really the greatest brutes that ever called themselves by the underserved name of civilized men.' Taking a somewhat patronizing interest in the political conflicts occuring in foreign countries, Palmerston seldom neglected an opportunity to give to foreign rulers the benefit of his advice."(20)

Teen die einde van die eeu is dit weer o.m. Joseph Chamberlain as minister van kolonies wat groot visioene vir die Britte sien: "Chamberlain's opposition to the granting of self-government to Ireland was part of a larger vision of a new and greater British empire pursuing its civilizing mission among many backward races. Anything which tended to break up the unity of the empire, such as Gladstone's Irish schemes, must be resisted."(21)

In Suid-Afrika raak Empire-bouer Cecil John Rhodes die volgende kwyt: "Only once race ... approached God's ideal type, his own Anglo-Saxon race; God's purpose then was to make the Anglo-Saxon race predominant, and the best way to help on God's work and fulfil His purpose in the world was to contribute to the predominance of the Anglo-Saxon race and so bring nearer the reign of justice, liberty and peace."(22)

Watter hoop kon daar dan vir die Afrikaner-bêkvelder wees om in die oë van diesulkes guns te vind? As voorbeeld kan verwys word na James Edward Alexander (later sir James) se boek oor sy ontdekkingstog deur Noordwes-Kaapland tot diep in die huidige Suidwes in die jare 1836/37. Hy probeer klaarblyklik om regverdig te wees in sy beskrywing van die mense van die land, en hy kon minstens Nederlands praat sodat hy darem kon verstaan wat hulle sê. Tog kan hy dit nie help om 'n bietjie neerbuigend te wees wanneer hy van sy gesprekke met die "Boors" vertel nie: "I had a number of set questions for them, by which conversation was kept up for a considerable time: such as interrogatories regarding their children - the smut in corn - the horse sickness, and the advantage of substituting wooled sheep for the bare-backed large-tailed breed."(23)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder kla hy omdat die mense by Leliefontein so lank by hom in sy tent gesit en kuier het: "I was very glad to see and to make acquaintance with the farmers, from whom I received much hospitality; but it was too much to expect that my whole forenoon should be consumed in answering, at long intervals, such questions as this: If I was not afraid to travel alone; - if the Governor was 'versch' ... [seker: fris en gesond]; - if the king was an old carle; - how many children the Governor had; - if they were married or single; - if I was tired of this place. These, with their answers, would perhaps occupy an hour and a half; the lusty boor all the time sitting in the middle of the bed, for want of a chair; while I, in my turn, would ask if the farmer was married; - the number of *his* children; - would repeat the old story of the rust in the corn; - the horse sickness, and *wollig schaap* (Merino sheep); asked how far it was from one place to another; - where the game was to be got."(24)

Oor Voortrekker-gesprekke merk 'n nederlander, K.J. de Kok, wat in 1855 as landmeter in die Boererepublieke aangekom en vyf-en-veertig jaar daar gewerk het, 'n bietjie suur op: "De oude voortrekkers, waartoe mijn vriend behoorde, hadden bijna allen drie verhalen die zij dikwels te pas brachten, namelijk:

1. Dat van hunne familie oorspronkelijk *drie broeders* naar Afrika waren gekomen.

2. Dat bij den grooten Trek naar Natal zijn of zijns vaders wagen het eerst den Drakensberg was afgegaan.

3. Dat er in Frankrijk of Holland eene groote erfenis disponibel was, die hem van vaders of moeders zijde toekwam."(25)

Afrikaanse briewe in koerante neem geleidelik toe en dui ook die soort dinge aan waaroor die mense gesels het. Hier volg 'n paar uittreksels:

De Zuid-Afrikaan, 17 Desember 1830. Mynheer! Ik hoor en ziet dit bayen dinge wat gebeur in jou Courant kom, zoo als verlede week het jy van di Swellendamse tenders geschryven, maar hoe kom tog dit mynheer van die Zwellendam Schutkraal niet schryve, maak ik geloof dat mynheer daar nog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

niets van weet. Hoe kom tog dit Swellendam een aparte wet het, wie maak tog die zoort van wette, ik geloof die man trek al te bayen ponde op zyn gemak, want hy disponeer al te gemakkelyk over onze goed, ik wensch dat ik die man, al was dit maar voor een dag als die zon zoo reg warm is op myn land kan kry om koorn te sny. dan zal ik hom laate proeve hoe of ons onze goed moet verdiene. ik ziet, myheer, als in andere distrikke schutvee verkocht word dan kom dit tog eers in de Courant. daar kan ons dan in zien waar of onze vee is en dan kom ons tog in de gelegen Heid om dit te gaan uitlosse, maar in Zwellendam nie. Hulle verkoop zoo maar jou goed zonder dat jy daar iets van Hoor of weet ...

UE. Dienaar,
EEN BOER.(26)

Het Kaapsche Grensblad, 22 Augustus 1846. Mynheer! - Onze menschen is alweer uit geweest op patrolje en gister terug gekomen. Zulle was tot na Aries Berg, en daarvandaan dus kant Grahams Stad tot na Slag Kaamer in Zuurberg, maar niets bysonder gedaan of gesien. Het is tog swaar ieder maal die dorps menschen uit te neemen, want die wat gaat is meest arm en ambagts menschen; en paarden is schaars te krygen, en ook so sleg dat zulle byna niet kan loopen. Maar die menschen wordt daarom gedwongen om te gaan ...

UE. vriend,
SAMUEL VELBROEK,
Samuels zoon.(27)

Die eerste ware boek in Afrikaans, nl. Louis Henri Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar* (1861), is in die vorm van 'n gesprek, en dit nogal oor 'n saak wat die Afrikaner gewoonlik na aan die hart lê, nl. die politiek, en wel die kwessie of die Oostelike Provinsie van die Westelike Provinsie moet afskei en 'n selfstandige kolonie word. Klaas Waarzegger is 'n sterk voorstander daarvan, terwyl oom Jan Twyfelaar nog oortuig moet word. Die volgende uittreksel kom uit die eerste samespraak:

Klaas. - O! wil oom daarvan hoor? Wel ik kan oom alles vertel, van stukkie tot beentje. Oom weet mos wel, dat daar een dorp is, wat hulle Kaapstad noem. - dit leg reg west van hier van daan, veertig schofte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met de ossen wagen, en dan moet een mens niks verzuim nie. Wel, oom, in de Kaapstad woon de Gouverneur en andere groote lui, en daar is ook al de groote kantore, en daar wordt ook al de wette gemaak in die Parlement.

Jan. - Wag tog, neef Klaas, dat ik jou in de rede val, - ik het zoo veel van de Parlement gehoor wat de wette maak; hoe een kerel is hy tog? Is hy een Kaapenaar?

Klaas. - Geduld tog, oom Jan, en ik zal jou alles vertel; maar oom moet my nie hinder nie, ander zal ik de helfte vergeet.(28)

Dit is egter eers met die Eerste Taalbeweging en die oprigting van die eerste Afrikaanse koerant, *Die Patriot*, in 1875 en die eerste tydskrif, *Ons Klyntji*, in 1896 dat die Afrikaanse volksmens werklik aan die woord kom. *Die Patriot* is egter nog te veel 'n strydblad vir Afrikaans, en die lesers se briewe handel op enkele uitsonderings na oor die bevordering van die taal en verset teen vyandiggesindes; vir ander gespreksonderwerpe is daar nie juis plek nie.

In *Ons Klyntji* kan die volksmens egter sy hart uitpraat oor alles en nog wat, maar daar is tog beperkinge. In die eerste uitgawe van Maart 1896 kondig die redakteur, ds. S.J. du Toit, aan: "O'er politiek sal ek ni praat ni, maar as daar miskiin 'n woordji my ontfal, denk dan mar, dat 'n jongmens partykeer onfersigtig is."(29) (Die redakteur gesels naamlik met die lesers asof hy self die 'klyntji' is.) Later lui dit: "Oom L.C. Taljaard stuur fer my 'n mooie stori fan 'n sê-skulpad, na aanlyding fan wat oom Paul gesê het, dat jy 'n skulpad eers syn kop moet laat uitsteek foor jy dit kan afkap. Dis 'n mooie stori, wat seker met genoege sou gelees worde; mar nou het myn foogde mos besluit dat ek geen *godsdiins* of *politiek* moet opneem ni en dis 'n politieke stori, daarom kan ek dit nou tot myn spyt ni opneem ni."(30) Dit alles moet 'n mens in gedagte hou wanneer jy die stukke in *Ons Klyntji* (belewenisverhale, sages en legendes, asook bydraes wat nog nie rêrig volksvertellings geword het nie - sprokies uitgesluit) as 'n soort barometer van die gespreksonderwerpe in die volksmond wil gebruik.

Insiggewend omtrent die houding van die volksmens teenoor sake rakende die godsdiens, is dat die redakteur 'n leser moet betig omdat sy bydrae dalk as oneerbiedigheid teenoor die Here vertolk kan word.(31) Spoedig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet hy nog ernstiger beswaar maak teen verskillende stories omtrent predikante - steeds dieselfde klompie temas, net in verskillende vorms - wat hy ontvang, "en dan word daarin te ligfêrdig o'er di Bybel en godsdiins gespreek oek. Dis mos ni iits om pret mê te maak ni."(32) 'n Mens kan maar net vermoed dat dit seker vertellings soos dié omtrent Petrus by die hemelpoort was wat ds. Du Toit so ontstel het. Hy kon nie begryp dat die Bybel as vertroude boek deur die volksmens ook in sy alledaagse lewe as gebruiksvoorwerp, selfs by sy ontspanning, betrek kon word nie - sonder dat hy werklik oneerbiedig wou wees Die Bybel is die Woord van God Almagtig wat die mens se lewe in sy hand hou, en die predikante is sy gesalfdes. Dit is dus eerder soos 'n bang kind wat fluit in die donker as hy, die volksmens, 'n bietjie oor hierdie dinge lag.

Daar is nog tipes insendings wat deur die redakteur om verskillende re= des beperk is. Aan grootliegstories kon hy aanvanklik geen vat kry nie. In 1897 praat hy namens *Ons Klyntji:* "Myn ooms en neefs het wel gesê op di Taalkongres dat ek ferdigte ferhale kan opneem ... mar of hulle nou juis begeer dat ek moes kans gê om te kyk wi di lekkerste kan liig, daar twyfel ek aan." Tog: "As, myn pa en myn foogde wil hê, gê ek eendag 'n prys fer di een wat di lekkerste kan liig."(33) Hierteen maak 'n leser dadelik beswaar dat dit net in die Duiwel se kraam sal pas: "Myn Nefi, ... leu'ens moet jy tog ni opneem ni, om te siin wi di beste kan liig; want die 'Fader fan di leuens' sal tog al te bly wees, as hy siin dat myn Nefi dit doen, en wat sal dan fan ons jong geslag worde!"(34) Die aandrang was egter blykbaar so sterk dat grootliegsto= ries uiteindelik tog 'n plek kry.

Daar is tipes bydraes deur lesers wat die redakteur uiteindelik van die hand moes wys omdat dit te veel en eenselwig raak, soos vrystories en stories oor die jag. I.v.m. 'n insending oor 'n leeujag sê die redak= teur bv.: "di stukki sou goed wees oek; mar ek kry so baing storiis van di aard, dat myn ooms my tog ni moet kwalik neem as ek sê dat ek ni kans siin om dit op te neem ni; want ek is 'n bitji bang dat myn lesers naderhand sal moeg worde fer di eentonighyd".(35) Dieselfde geld vir vrystories, wat bowendien nie eens altyd goed is nie en net vir die be= trokkenes self van belang kan wees.(36)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer 'n leser verklaar dat hy graag spookstories in *Ons Klyntji* wil lees, het die redakteur nie beswaar nie, mits dit ware gebeurtenisse is. Dit blyk trouens dat ds. Du Toit vas aan die bestaan van spoke glo.(37)

Ds. Du Toit vat die onbruikbare tipes bydraes in Januarie 1900 onder 'n paar hoofpunte saam:

(a) Vrystories sonder enige nut.

(b) Stories wat te onkies is.

(c) Paskewille (d.i. skimpgeskrifte waarmee een die ander probeer kleineer).

(d) Stories waarvan hy geen kop of stert kan uitmaak nie.(38)

Hierdie sprake van onkiesheid bring die kwessie van die gevoelswaarde van woorde en temas in verskillende tydvakke na vore. Wat vir die Afrikaner van die 19de eeu onkies was, sal die Afrikaner van die tweede helfte van die 20ste eeu miskien glad nie hinder nie, en omgekeerd. So vertel 'n leser van sy kwajongstreke in die ou dae: "Fer wi weet hoe lank het ons met di oop bek staan en asem skep." En: "Nadat ons 'n rukkie met di oop bek na die stukkende fles staan kyk het."(39) Dis ondenkbaar dat 'n korrespondent vandag in so 'n geval iets anders as "oopmond" sal gebruik. In 'n ander vertelling jaag 'n ou man 'n ver= meende inbreker by sy huis uit "met 'n flinke skop onder syn agter= stel".(40) Ewe smaaklik word elders vertel van kwajongens op Stellen= bosch wat so met die koster se perd gelol het. Die aand toe hy hulle voorlê, weet hulle waar hy is "en hulle fat 'n bali met nagfuil en keer dit stilletjiis op syn kop om".(41) (Dis merkwaardig hoe snaaks nag= vuil of menslike uitwerpsels vir die volksmens is; die eerste Duitse Uilspieëlboek uit die 15de eeu is bv. vol daarvan.)

Niemand sou die volgende vandag juis 'n sitkamervertelling noem nie. Tydens die Boereoorlog gaan 'n man na 'n jong weduwee vry, maar hy lyk bra gehawend, en sy hemp hang uit. Die man, wat homself Kiribout Krapbeen noem, vervolg: "Myn lesers moet ferstaan dat di soort fan frou= mense, wedufrouens niks omge ni wat hulle seg ni. So 'n rukkie daarna gaan ons eet, na ons klaar ge'eet het gaan ons forentoe na di sitkamer toe. Weer so o'erals o'er gepraat, begin ek somar kort af o'er fryery

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met haar te praat. Sy sit so doodstil my an te kyk, asof sy denk dat ek misskiin kan mal wees. Daarna ge sy my antwoord; ek begin al so stadig in di knyp te raak. 'Jy is 'n mooie bog fryer,' seg sy, 'wat met 'n stukkende broek, wat di hemp nogal oek uitsteek, na my toe te kom om o'er fryery te praat! Wil jy ni liewerste tet hê ni;' en sy spring op en kom na my kant toe; mar si, waar was jy? Kiribout kon die draai na di deur byna ni kry ni; uit by di deur en op ou Fluit, sonder hoed en sommar and' jaag uit di fiir spore. Sy skre my agterna, ek moet omdraai; mar daar was geen keer-kans ni."(42) Dan, hoewel lesers blykbaar hierdie storie sonder om te blik of te bloos aanvaar het, word beswaar gemaak teen die onskuldige woord "teef" wat in 'n Wolf-en-Jakkalsstorie voorgekom het.(43)

Ontleed ons nou die 380-tal bydraes wat in 1896 tot 1906 in *Ons Klyntji* verskyn het en as voorbeelde van gespreksonderwerpe kan dien, kry ons die volgende verspreiding. (Die indeling van die voorlopige indeks van gespreksonderwerpe word gebruik, en die verskillende tipes van die hoog= ste tot die laagste frekwensie gerangskik, met die persentasie van die groottotaal daarby.)

(Sien tabel op volgende bladsy.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indeling van gespreksonderwerpe in Ons Klyntji

		Getal	Persentasie
T	Humoristies (algemeen)	71	20,79
S	Grootspog/grootlieg	48	12,63
U	Diere	44	11,58
H	Histories	37	9,74
J	Sosiale gemeenskap	29	7,63
K	Ander volkere en groepe	25	6,58
E	Geestewêreld	25	6,58
R	Domme en slimme	19	5,00
AA	Aktueel	11	2,89
P	Misdaad en straf	11	2,89
N	Gelukke/ongelukke	8	2,11
Y	Volksgeneeskunde	8	2,11
A	Die Christendom	7	1,84
O	Avonture	6	1,58
G	Monsters/legendariese diere	5	1,32
D	Primitiewer religieë	5	1,32
F	Wit en swart magie	4	1,05
W	Aarde e.a. hemelliggame	4	1,05
M	Vervoer (nie-meganies)	2	,53
L	Kos en drank	1	,26
Q	Novellisties	1	,26
V	Plante	1	,26
22	afdelings	380	100%

Afgesien daarvan dat die afdeling "Humorsties (algemeen)" bo-aan die lys verskyn, bestaan feitlik die hele afdeling "Grootspog/grootlieg" ook uit humoristiese vertellings, terwyl daar humor in talle van die ander afdelings verskuil is. 'n Mens kan dus met veiligheid sê dat minstens vyftig persent of meer van dié onderwerpe die een of ander humoristiese inslag gehad het. Verder speel diere 'n besonder be= langrike algemene rol in 'n hele aantal afdelings.

'n Laaste bron van gespreksonderwerpe wat genoem kan word, is die jeug= herinneringe van mense wat in die laaste dekades van die eeu gebore is en waaroor daar later geskryf is. So verklaar ds. P.J. Viljoen in sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

outogiografie: "Ons oumense het graag oor predikante gesels. Hulle het dit altyd gedoen met die grootste agting en liefde. Selfs as hulle 'n staaltjie of 'n grap ten nadele van een of ander predikant vertel het, was dit nooit in 'n gees van kwaadwilligheid nie, maar ter wille van die snaaksheid en buitengewoonheid daarvan. Dikwels is die snaaksheid of buitengewoonheid juis vir hulle gebore uit die feit dat dit met 'n predikant gebeur het of deur 'n predikant gesê of vertel is."(44) Prof. J.J. Smith onthou o.m. interessante gesprekke oor fabeldiere, soos die eenhoring: "Die woord *eenhoring* is vroeër 'n taamlik bekende woord onder ons ou mense gewees. Ek onthou nog baie goed hoe op 'n seker Bybelprent waarop Adam en Eva saam met allerhande Paradysdiere afgebeeld was, die eenhoring speciaal aan my in my kinderjare aangewys is as een van die sonderlinge diere van die ou-ou tyd. Hy het daar uitgesien soos 'n perd, maar het 'n lang, reguit horing in die middel van sy voorkop gehad. Ek herinner my ook nog enkele gesprekke waarin die gestalte en die eienskappe van wonderdiere soos die lewiathan en die eenhoring met groot belangstelling uitgepluis is."(45)

Al hierdie verskillende los aspekte wat genoem is, kan sinvol saamgevat word as ons na die kenmerke van die volksaard van hierdie Afrikaner van weleer kyk, want wat die mens is, kom tot uiting in wat hy sê. Daar word deur letterkundiges bv. tereg by mensbeelding groot klem op karakteropenbarende dialoog gelê. Prof. Bun Booyens onderskei sewe sulke wesenskenmerke, wat ons 'n goeie beeld gee:

(a) Die Afrikaner is in die eerste plek 'n *godsdienstige mens*. Hy kan hom beswaarlik 'n ander lewensbeskouing voorstel. Maar hy is verder meer bepaald Clavinisties-gereformeerd in sy lewensrigting en -opvatting ... Terwyl die Calvinisme enersyds die volstrekte soewereiniteit van God beklemtoon, lê dit andersyds nadruk op die verantwoordelikheid van die mens. Dit wil die lewe in beroep en arbeid sien as diens van God en die naaste. Naas die erkenning van die Almag van God leef daar dus by die Calvinis 'n roepingsbesef wat sy ganse lewe beheers ... In die praktyk het die leer van Calvyn die Afrikaner daartoe gebring om die lewe in sy geheel te beskou en dit meer en meer te sien in die lig van die voorskrifte van die Bybel. In die tyd toe die blywende tradisies van die Afrikaner vasgelê is, was die Bybel by verre die belangrikste rigsnoer van die lewe. Die Bybelse, en meer bepaald die Ou-Testa=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mentiese gedagtewêreld, het vir die Afrikaner die maatstaf geword by die beoordeling van sedelike sosiale kwessies. Geen wonder dat die Afrikaner graag na 'n godsdienstige sanksie of 'n godsdienstige regver= diging vir sy doen en late gesoek het en tans soms nog soek nie.

(b) In noue samehang met sy godsdienssin, het 'n *taaie konserwa= tisme* deel geword van die eie-aard van die Afrikaner. Op sy beurt was dié konserwatisme seker die vernaamste faktor by die handhawing van 'n eie kultuur en eie-aard ...Hierdie sterk konserwatisme van die Afrika= ner het, veral tot by Wêreldoorlog II, uiting gevind in die Afrikaner se beskouing oor bv. die heiliging van die Sabbat, die onaantasbaarheid van die huweliksband, die veroordeling van egskeiding en 'n byna Puri= teinse houding teenoor sekere vermake soos dans, kaartspel, perdewedren= ne, gemengde baaiery en die bioskoop.

(c) Die Afrikaner is in die derde plaas uit hoofde van sy geskiede= nis en agtergrond in sy diepste wese 'n *landelike mens*. As boer en pro= duk van die platteland is sy uitsig op die lewe landelik gekleur. Meer as 200 jaar lank het die Afrikaner hom op die platteland bevind ... Feit is dat ons mense tradisioneel naby die aarde en die natuur gelewe het, en dat die landelike bewussynshinterland nog baie wesenlik by ons mense lewe.

(d) Baie nou verwant hieraan is die *individualisme* van ons mense. Die individualisme van die Afrikaner spruit voort uit die afgesonderd= heid waarin hy gelewe het, en die feit dat hy gedwonge was om dinge op sy eie manier te doen. Sy selfstandigheid het hom hierin gesterk. Hy het verkies om selfstandig te boer, sy eie besluite te neem en onafhank= lik van ander op te tree. Dit het soms daartoe gelei dat individue of klein gemeenskappe verkies het om dinge op eie houtjie te doen sonder om die belange van ander of dié van die groter gemeenskap in ag te neem.

(e) Die eertydse individualisme van die landelike Afrikaner het hom= self verloor of, anders gestel, opgegaan in die *gesinslewe*, en hiermee raak ons 'n ander wesenskenmerk van die Afrikaner aan. In ons geskie= denis oor die eerste 250 jaar van ons volksbestaan het die huisgesin of, in sy breëre opset, die gesin, op die voorposte verrig wat die skool en kerk in die gevestigde gemeenskappe gedoen het. Trouens, die huisgesin was die enigste inrigting onder al die ander erkendes in die maatskappy wat saam met ons mense die binneland getem het. Die individualistiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baanbreker het met agterlating van alles sy huisgesin of familie saam met hom geneem. Dit was die huisgesin wat in al die sosiale, ekono= miese en kulturele behoeftes van die landelike Afrikaner moes voorsien.

(f) In sy mooi doktorale verhandeling oor *Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes* het dr. C.C. Nepgen in die dertigerjare gekonstateer dat die Afrikaner in sy optrede teenoor sy medemens, waar dit sedelike kwessies betref, 'n sterk *waardigheidsbesef* openbaar. Hy verklaar dat die Afrikaner van sy dag op die toeskouer en die vreemdeling die indruk maak dat hy bewus is van sy sedelike en ekonomiese selfstandigheid, en dat hy verder bewus is van 'n roeping in die lewe, sy plek in die wêreld en op wie daar 'n verantwoordelikheid rus. Hy is iemand wat bewus ge= word het van sy sedelike en persoonlike meerderwaardigheid. In die landelike milieu waarin hy hom bevind het, het hy - byna soos 'n patriarg - 'n waardige plek ingeneem.

(g) Die *taal* van 'n volk, meer bepaald die soepele volkstaal, verteen= woordig een van die treffendste wesenskenmerke van sodanige volk ... Feit is dat die Afrikaner as praktiese mens sy erfgoed en leengoed algaande tot eiegoed verwerk en veredel het en hierdie skat vrylik en op vinding= ryke wyse aangevul het met sy eie skeppinge in verband met, byvoorbeeld, die lewe op die jag, kommando, trekpad, boerebedryf, die huislike lewe, humor en spot, personalia, die plante- en dierewêreld, die volksgeloof, volksgeneeskunde, die grond, plek- en plaasnaamgewing, ensovoorts. En hoe nader jy aan die lewende Afrikaanse taal kom, hoe duideliker staan die beeld van die gebruiker en sy geestesingesteldheid, sy eie aard, voor jou.[46]

5.4.0 Die 20ste eeu

Die eeu begin vir die Afrikaner in die hartjie van die Boereoorlog, en *oorlog* sou, soos in die vorige eeu, tot vandag toe die uitgangspunt vir duisend maal duisende gesprekke wees, waarby die politiek - plaaslik en internasionaal - aansluit. Tog loop gesprekke oor die gewone, en ook meer ongewone, fasette van die lewe natuurlik nie dood nie.

Gesprekke oor *spoke* toon nā die Boereoorlog inderdaad 'n oplewing. "Met de vroomheid van den Afrikaner," skryf Schonken, "gaat zeer goed samen een ingeworteld geloof aan duivel en spoken; ja zoo diep wortelt het ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

loof en spoken, dat men er openlijk voor uitkomt: als bijgeloof wordt het nauwelijks gerekend. 'Spookstories' vertellen vormt op gezellige bijeenkomsten een voorname bezigheid; bij honderden kan men ze verza= melen. De stof heeft zich na de verschrikkingen van den oorlog nog be= langrijk vermeerderd: 'Het is vreeslik', schrijft mijn moeder, 'zoals het op sommige plaatsen in de Vrijstaat na de oorlog spookt.'"(47)

"Ons oumense het *diere* gesels," het iemand wat net nâ die Boereoorlog jonk was, eenmaal verklaar. "Hulle het diere geken, en die een het graag teen die ander gespog met die prestasies van 'n perd of os."(48)

'n Predikantsvrou van destyds wat diep in die hart van die volksmens ge= kyk het, kon later 'n tipiese *skinderlustige* vir ons teken: "Tant Alie Joubert, wat altyd goed op hoogte is van al die nuus in die omtrek, ver= tel onder groot geheimhouding vir die vrouens dat die storie nou so goed as waar is, dat die dorpsorrelis gaan trou met die vrederegter se dog= ter."(49)

Een van die sentrale temas in die geskiedenis van hierdie tydvak tot en met die afloop van die Tweede Wêreldoorlog, is die *verarming* van die plattelandse Afrikaner (sodat daar van die armblankevraagstuk gepraat is), en die daarmee gepaardgaande *verstedeliking*. In syfers uitgedruk, lyk dit sô: "Teen 1900 was daar nog geen 10 000 Afrikaners in die stede nie. Sowat nege-tiendes was boere op boereplase. In 1911 was daar reeds 200 000 Afrikaners in die stede, in 1926, 391 000, in 1936, 535 000 en in 1961, 1 369 000, d.w.s. sowat 75% van die Afrikaners. Die sensus van 1970 het onthul dat 87% van alle Blankes in die stede en stedelike gebiede woon. As ons die Engelstaliges buite rekening laat, woon daar vandag sowat 12% van alle Afrikaners op die platteland terwyl sowat 88% van alle Afrikaners in die stede en dorpe woon. As ons bedink dat aan die begin van die 20e eeu daar slegs 10% van die Afrikaners in stedelike of dorpsgebiede gewoon het, teenoor die 88% van vandag, is dit duidelik dat daar 'n groot omwenteling plaasgevind het: die Boerevolk het tot stadsvolk geword - en dit binne die tydsbestek van ongeveer 'n halwe eeu."(50) Hierdie getalle kom uit die historikus F.A. van Jaarsveld se kort studie oor *Die verstedeliking van die Afrikaner*. Hier volg nog enkele paragrawe daaruit om te toon hoe hierdie verstedeliking die Afri= kaner geraak het:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Dit was die Brit wat binne Boeregebied die diamante van Kimber= ley sedert 1871 en die goud van Johannesburg en die Rand vanaf 1886 met eie en oorsese kapitaal ontgin het. Deur die mynbou het hulle die Industriële Rewolusie van oorsee, wat aan die Afrikaners verbygegaan het, nou skielik in sy midde gebring. Suid-Afrika het eensklaps van 'n sui= wer landbouland in 'n landbou-mynbouland ontwikkel. Dit het 'n radikale breuk met die verlede gebring: die selfonderhoudende Boere-ekonomie is onverwags vervang deur 'n kapitalistiese geldekonomie. Daarop was die Boer wat net één beroep geken het, nl. dié van boer te wees, onvoorbe= reid ... In die midde van 'n landelike pioniersvolk het daar nou stede verrys wat feitlik verlengstukke was van die Britse nywerheidstede.(51)

(b) Die Afrikaner was nie 'n stedebouer nie: hy was 'n landeling. Die stede het nie soos in Europa geleidelik uit die boeredorpies gegroei nie, maar het eensklaps in die midde van die plattelandse Afrikaners ver= skyn. Dit het 'n radikale breuk met hulle verlede beteken. Die stede is opgerig deur Engelstaliges en hulle gees het daarin oorheers. Johan= nesburg was prakties 'n Engelse nedersetting in Boeregebied. Die le= wenswyse, taal, kultuur en vermaak van die stad was Engels. Engels was ook die taal van die handel en industrie. Vir die Afrikaners was die stede vreemd, "uitlands" en derhalwe 'n verskrikking. In die stede sou hulle as werknemers by Engelstalige werkgewers 'n vreemdelingskap en vereensaming ervaar.(52)

(c) Die skielike verplasing van die eerste landelike Afrikaners in 'n stedelike omgewing het 'n kultuurskok meegebring wat sy gesins-, in= tellektuele, ekonomiese en godsdienstige lewe tydelik in verwarring ge= bring het. Vele het in agterbuurtes tereg gekom en van die nederigste ongeskoolde werk teen lae lone verrig. Daarom dat van die intrekkendes verkies het om hulle in die buitewyke van die stad, in die omstedelike gebied, op kleinhoewes te vestig waar hulle nog iets van die landelik= heid kon behou. Hulle wou nog 'n eie koei melk, of eie groente kweek.(53)

(d) Terwyl die eerste geslagte Afrikaners in die stede hulle nog volkome "plattelanders" gevoel het, het hulle kinders en kindskinders in die tweede en derde geslag, wat van kindsbeen af enkel en alleen die stedelike dampkring ingeasem, geen plattelandse ervaring, en geen ver= bintenis meer met die verlede gehad het nie, in die ware sin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die woord tot stadsmense geword. Die normale, rasegte stadsafrikaner het sy verskyning begin maak. Dansy kerk, skool en kultuurorganisasies het die Afrikaners, na 'n aanvanklike periode van verwarring en ontwrigting, hulle siel gevind, en hulle nasieskap en tradisies gehandhaaf. In sommige opsigte het hulle verskil van hulle landelike stamgenoot, maar dit geld die uiterlike lewenswyse; innerlik het hulle aansluiting gevind by die tradisies van 'n waardige, landelike voorgeslag.(54)

In die hartjie van hierdie krisistyd vir die Afrikaner, van 9 Junie 1939 tot 14 Mei 1954, verskyn daar 'n rubiek "By die uitspanning" in *Die Huisgenoot*. Van 1939 tot 21 September 1951 behels dit uitsluitlik bydraes van lesers waarin hulle vertel van ervarings wat hulle self beleef het, of miskien op goeie gesag by 'n oupa of ouma of iemand anders gehoor het - vertellings uit die lewe dus. Van Oktober 1951 tot Mei 1954 bestaan "By die uitspanning" voort as 'n persoonlike rubriek deur Sarel, wat nog soms van lesers se bydraes gebruikmaak. In die loop van hierdie vyftien jaar het daar volgens berekening ongeveer tienduisend bydraes van lesers verskyn, en dit bied dus 'n goeie beeld van die tipe gespreksonderwerpe wat minstens die kern van moontlike vertellings bevat. 'n Uitgebreide steekproef het die volgende temaverdeling aan die lig gebring:

Frekwensie van gespreksonderwerpe in "By die uitspanning"

		Getal	Persentasie
T	Humoristies (algemeen)	88	24,44
U	Diere	77	21,39
N	Gelukke/ongelukke	46	12,78
J	Sosiale gemeenskap	38	10,56
O	Avonture	30	8,33
H	Histories	26	7,22
K	Ander volkere en groepe	12	3,33
S	Grootspog/grootlieg	12	3,33
P	Misdaad en straf	11	3,06
A	Die Christendom	7	1,84
BB	Die masjien	5	1,39
E	Geestewêreld	3	,83
F	Wit en swart magie	2	,56
D	Primitiewer religieë	1	,28
14	afdelings	360	100% (55)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die feit dat veral 'n afdeling soos "Grootspog/grootlieg" so laag op die lys staan, moet daaraan gewyt word dat *Die Huisgenoot* dit aanvanklik as onverbiddelike vereiste gestel het dat bydraes wáár moet wees, en dit is eers later effe verslap. Dit het natuurlik ook 'n beslissende invloed gehad wat die afdelings "Geestewêreld", "Wit en swart magie" en "Primitiewer religieë" betref, sodat hulle laaste op die lys verskyn. As 'n mens dit in ag neem, bestaan daar basies geen dramatiese verskille tussen die gespreksonderwerpe soos dit in *Ons Klyntji* voorgekom het en dié in "By die uitspanning" nie. Humor loop nog steeds voor (en ook hier is daar humor in vele van die bydraes in ander afdelings, sodat ons dit nog altyd op minstens vyftig persent van die totaal kan stel). Interessant is dit dat diere steeds so 'n hoë plek beklee, en die vermeerdering in "Gelukke/ongelukke" is veral toe te skryf aan die uitwerking van die masjieneeu: noue ontkomings wat betref motor-, trein- en ander ongelukke.

In die laaste jare van "By die uitspanning", tussen 1951 en 1953, verskyn 'n ander reeks in *Die Huisgenoot* wat ook vir hierdie ondersoek van betekenis is, nl. "Die oop gesprek" deur N.P. van Wyk Louw. Hierdie reeks is belangrik omdat dit in die teken van die tyd staan: dat die Afrikaner hom in die stad nie net aangepas en ekonomies gerehabiliteer het nie, maar dat daar ook 'n *intellektuele verdieping* by die geestelike leiers van die volk gekom het. In sy artikels behandel Van Wyk Louw 'n wye verskeidenheid onderwerpe: letterkundig, wysgerig, volks, die hele kompleks van lewe en dood. Later, toe hy in Europa woonagtig was, het Van Wyk Louw 'n bietjie nostalgies hieroor geskryf:

"Een van Suid-Afrika se goeie dinge waarna 'n mens nooit sal ophou verlang nie, is die heerlike 'oop' gesprekke wat jy so dikwels daar kon kry. 'Oop' gesprekke: gesprekke waarin jy oor *alles* kon praat, waar geen standpunt te 'gewaagd' was nie, waar jy alle moontlike vorms van die lewe - tot die vreemdstes toe - van alle kante kon benader, en waar die gesprek tog nooit tot belediging, twis, woede sou ontaard nie.

"En gesprekke met mense wat vêr van jou af staan in elke opsig: gelowige teen ongelowige, Kommunis teen Liberalis of Nasionalis, Calvinis teen Katoliek ... En sô het 'n mens gepraat nie alleen in 'n vaste kring van vriende nie: dié soort gesprek kon jy kry in Kaapstad in jou eie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huis of 'n kennis s'n, of êrens bokant die see, teen die berg se hange ... of in 'n motor op pad iewers deur die Karoo ... of in Transvaal, in 'n voorkamer, in 'n hotelsitkamer ... En dikwels met mense wat jy die dag tevore nie geken het nie.

"En waaroor daar dan so gepraat is?

"Ek sou dit die maklikste kon uitdruk as: alle dinge wat in die hemele is, of op die aarde, of in die waters onder die aarde: politiek, wysbe= geerte, kuns, literatuur; teologie dikwels ...

"Altyd waar en ernstige onderwerpe dus?

"Nee, nie altyd nie, Of dit kon gebeur dat jy van lig na swaar toe oor= gaan of van swaar na lig; dit het dikwels so gekom dat 'n boeiende verhaaltjie die toegang was tot 'n ondersoek na die mees verborge dryf= vere van die mens se hart; of andersom: dat 'n ernstige onderwerp ver= helder kon word deur 'n geestige voorbeeld, 'n klugtige situasie. En baie, baie dikwels was dit ook weer net *vertel:* die oproep van 'n hele wêreld van vreemdheid en van die boeiende deur anekdotes, ontmoetings, krakatersketse. Maar hoofsaak was seker tog die botsing van menings, die ondersoek na standpunte, die ingraaf onder 'n ander se fondamente terwyl hy self weer jou eie grondslag met die koevoet toets."(56)

Vreemd, en insiggewend, waar die vertelling, ook die volksvertelling, oral kan skuil - tot in die diepsinnigste gesprekke. Maar die vyftig= jare is verby; dit het die sewentiger- en tagtigerjare geword, en in= tussen het sovéél gebeur. Die mens se ruimvaarte en landings op die maan het dit eens en vir altyd selfs tot by die man in die straat laat deurdring dat die sg. *atoomeeu* aangebreek het, en wat daarvan moet word, weet niemand nie. Soos een vorser dit stel: "Modern 'high' cultures, that is to say, the technically developed industrial civilisations of Europe and America, are no longer mature cultures in the old sense but something entirely new and different. Since the French Revolution these cultures have lost or surpassed the form and order of earlier high cultures, and they are now advancing, with an impetus hitherto unknown, towards a new system the character of which is yet hidden from us."(57) Hierdie siening van Europa en Amerika, geld ook vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrika, die opkomende jong reus van die nywerheid en tegnologie. Wat sou in hierdie opset van die Afrikaner word, die verstedelikte Afrikaner wat getalsgewys die plattelander 88 teen 12 oortref - veral die "nuwe Afrikaner" wat geen landelike bande meer het nie? J.A. Heyns, Nederduits-Gereformeerde teoloog, skryf:

(a) Die Nuwe Afrikaner is 'n mens wat nie in 'n wit-swart denkskema wil dink nie; met ander woorde hy wil genuanseerd dink. *Alles* by hom is nie noodwendig reg en waar en goed nie, terwyl *alles* by die ander nie noodwendig verkeerd en vals en lelik is nie.

(b) Die Nuwe Afrikaner word deur 'n kritiese geestesingesteldheid gekenmerk. Hy is 'n mens wat nie net 'n toeskouer wil wees nie ... Nee. Hy wil self saamdink en saamdoen. Daarom veroorloof hy hom die reg om kritiek uit te spreek... Juis om dié rede is daar by die Nuwe Afrikaner 'n wydverspreide gevoel van onbehae - 'n onbehae wat betref sy politieke party en talle teoretiese en praktiese aspekte van byvoorbeeld sy party se rassebeleid, sy ekonomiese toestand, sy kerk, sy koerante, sy vermaaklikheidswêreld, sy kunswêreld. Hierdie gevoel van onbehae en onvergenoegdheid - wat natuurlik ook 'n vorm van kritiek is - is in baie opsigte nog vaag en onomlynd; dikwels nog onverwoord en selfs nog nie behoorlik gefundeer nie - gedagtes wat uitgespreek word in klein groepies rondom 'n koppie tee of 'n drankie, op die gholfveld of langs die tennisbaan.

(c) Die Nuwe Afrikaner dink vennootskaplik. Diep onder die indruk van ons uiters gevaarlike posisie in die wêreld en bewus van die feit dat ons wel talle individuele vriende in die buiteland het, maar geen enkele volk wat as volk en selfs geen enkele kerk wat as kerk ons vriendskaplik gesind is nie, soek die Nuwe Afrikaner sy heil en die heil vir sy volk in 'n vennootskaplike verhouding met hulle wat saam met hom hul tuiste in Suid-Afrika vind.

(d) Die Nuwe Afrikaner is materialisties ingestel. Meer as ooit tevore speel rykdom, gerief en aansien 'n byna onbepaalbaar groot rol in die lewe van baie Afrikaners. Van onder af het hy hom opgewerk tot op die hoogste sport van die ekonomiese lewe. Vroeër was dit net die anderstalige wat op die direksiestoel en agter die bestuurderstafel gesit het. Nou is daar ook 'n Afrikaner, en met gesag kan hy saampraat en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

andere luister. Vroeër was dit hý wat moes luister ... Tegelyk, het die glans van geld egter sy oë verdof vir die beginsels waardeur die lewe van die Christen-Afrikaner behoort gelei te word.

(e) Die Nuwe Afrikaner het oppervlakkig geword en sensasiebewust= heid het soos 'n siekte-epidemie van baie besit geneem. Die intiemste sake in die verhouding van man en vrou word tot die been - of liewer tot op die bed - oopgevlek in boek, koerant en tydskrif en alles word met verbysterende gulsigheid verslind ... Voor die hekke van sportpa= viljoene staan hulle ure en dae tou vir kaartjies, en die spelers word soos klein godjies aanbid (ensovoorts).(58)

'n Mens vra jouself onwillekeurig af: watter rol speel die ware ge= sprek nog in die lewens van baie van lg. mense? Is daar hoegenaamd nog geleenthede buite die daaglikse werkkring waar hulle sinvol met mekaar kan verkeer en gesels: die soort situasie wat noodsaaklik is vir die voortbestaan en aanvulling van die volksvertelling, in watter vorm ook= al?

In 1967 is 'n insiggewende vierdelige verslag gepubliseer in verband met 'n jeugondersoek wat deur die Departement van Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria vir die Nasionale Jeugraad van die F.A.K. onderneem is. In die deel oor *Jeug en vrye tyd* kom belangrike gege= wens aan die lig wat vir hierdie ondersoek van waarde is. Daar is bv. aan die jongmense gevra: "Indien u 'n aand vry sou hê, hoe sou u dit die graagste wou bestee?" Wat die Afrikaanstaliges betref, was die be= vindinge soos volg:(59)

(Sien volgende bladsy.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jeugdiges se voorkeur t.o.v. vryetydsbedrywighede op 'n vrye aand

	Persentasie
Lees	19,5
Saam met familie of vriende deurbring	12,5
Bioskoop besoek	11,7
Saam met 'n vriend(in) deurbring	10,5
Na die radio luister	7,9
Niks doen	6,6
Plate speel	5,2
Eet en dans	4,0
Algemene buitenshuise ontspanning	3,1
Slaap	3,1
Stokperdjie beoefen	2,6
Huishoudkundige ontspanning (bv. brei, naaldwerk)	2,3
Gesels en algemene sosiale verkeer	1,9
Partytjie hou/bywoon	1,6
'n Opvoering (toneel, ballet, opera, ens.) bywoon	1,4
Die een of ander kuns beoefen (bv. sing, skilder, ens.)	1,4
Binnenshuise speletjies van allerlei aard	1,1
Braaivleis	0,5
Meganiese bedrywe beoefen	0,4
Korrespondensie	0,3
Ander en ongespesifiseerd	2,4
	100%

Wanneer 'n mens die lys nagaan, vind jy dat lees gesprekke uitsluit, 'n besoek aan die bioskoop doen dit in 'n groot mate, en so ook om na die radio te luister, ens. By die volgende tydverdrywe sal die gesprek egter in mindere of meerdere mate 'n rol speel:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Persentasie
Saam met familie of vriende deurbring	12,5
Saam met 'n vriend(in) deurbring	10,5
Niks doen	6,6
Eet en dans	4,0
Algemene buitenshuise ontspanning	3,1
Stokperdjie beoefen	2,6
Huishoudkundige ontspanning (bv. brei, naaldwerk)	2,3
Gesels en algemene sosiale verkeer	1,9
Partytjie hou/bywoon	1,6
Binnenshuise speletjies van allerlei aard	1,1
Braaivleis	0,5
Ander en ongespesifiseerd	2,4
	49,1%

'n Redelik ruim plek vir die gesprek is daar dus wel nog - miskien liewers: was, want daar is nog nie bepaal wat die uitwerking van televisie is nie, maar die mens is 'n sosiale wese, en heeltemal sal die gesprek sekerlik nie verdring word nie. So kan Benedictus Kok, volkstaalkenner, nog in 1974 skryf: "Luister gerus wanneer ons baasvertellers op dreef kom, ons skrywers die keurige en sappige dialoog van die een of ander streektaal aanwend, ons geselslustige boeremense met hulle sprankelende vertellinge begin. Wat 'n bekoorlike glans, wat 'n vrolike vernuf wanneer daar lekker gemoedelik gesels word, of dit rondom die kampvuur in die Bosveld is, by 'n vleisbraaigeleentheid tydens die een of ander feestelikheid of by 'n intieme vriendekring met Nuwejaarsfees. 'n Behaaglik-vertroude atmosfeer word geskep en dit tintel behoorlik van oorspronklike en verrassende woorde, wendige en wyshede. Elkeen wil 'n noot in die psalm gooi en almal gesels trippelstryk. Dan word land en sand aanmekaar gebabbel, flink en onderhoudend, die een beeldende uitdrukking deur 'n vindingryker frase oortroef."(60)

En solank die gesprek dáár is, sal skeppinge met die taal in die volksmond voortduur - al moet alles ook weens 'n steeds sneller lewenstempo ingekort word, sodat die belewenisvertelling of sprokie krimp tot 'n grap.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Walter Goldschmidt (red.): *Exploring the ways of mankind*, p.64-68.

2. Genesis 3: 1-6.

3. Genesis 3: 8-13.

4. Genesis 4: 9-15.

5. H.J.J.M. van der Merwe: *Scheepsjournael ende Daghregister*, p.50, 53 en 54.

6. Jan A. van Riebeeck: *Daghregister* III, p.11-12.

7. Jan A. van Riebeeck: *Daghregister* III, p.483.

8. Francois Valentyn: *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende* I, p.242.

7. Elizabeth Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* I, p.40.

10. Adam Tas: *Dagboek*, p.52.

11. Adam Tas: *Dagboek*, p.36.

12. Adam Tas: *Dagboek*, p.40.

13. O.F. Mentzel: *A geographical and topographical description of the Cape the Good Hope* III, p.102-103.

14. O.F. Mentzel: *A geographical and topographical description of the Cape the Good Hope* III, p.118.

15. O.F. Mentzel: *A geographical and topographical description of the Cape the Good Hope* III, p.119.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16. C Graham Botha: *Social life and customs during the eighteenth century*, p.74-75.

17. H. Licthenstein: *Travels in Southern Africa* I, p.115-116.

18. H. Lichtenstein: *Travels in Southern Africa* I, p.154-155.

19. M.D. Teenstra: *De vruchten mijner werkzaamheden*, p.240-241.

20. Lindsay en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions 1851-1951*, p.11-12.

21. Lindsay en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions 1851-1951*, p.16.

22. Soos aangehaal deur F.A. van Jaarsveld: *Lewende verlede*, p.230-231.

23. Sir James Alexander: *Expedition of discovery into the interior of Africa* I, p.16.

24. Sir James Alexander: *Expedition of discovery into the interior of Africa* I, p.64-65.

25. Een Hollander (K.J. de Kok): *Toen en thans*, p.95.

26. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.17.

27. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.49.

28. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Brieve uit 1861*, p.6.

29. *Ons Klyntji*, Maart 1896, p.1.

30. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.22.

31. *Ons Klyntji*, September 1897, p.167.

32. *Ons Klyntji*, Desember 1897, p.240.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

33. *Ons Klyntji*, Februarie 1897, p.264.

34. *Ons Klyntji*, April, 1897. p.48.

35. *Ons Klyntji*, Julie 1899, p.165.

36. *Ons Klyntji*, Desember 1899, p.278.

37. *Ons Klyntji*, Februarie 1899, p.48.

38. *Ons Klyntji*, Januarie 1900, p.19.

39. *Ons Klyntji*, Mei 1905, p.5.

40. *Ons Klyntji*, November 1905, p.2.

41. *Ons Klyntji*, Oktober 1904, p.154.

42. *Ons Klyntji*, Januarie 1904, p.8.

43. *Ons Klyntji*, Oktober 1896, p.166.

44. P.J. Viljoen: *Ek kyk terug*, p.206.

45. J.J. Smith: *Op ons taalakker*, p.591-592.

46. B. Booyens: Wesenskenmerke van die Afrikaner se identiteit (*Handhaaf*, Augustus 1970, p.32-34).

47. F.Th. Schonken. *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.40-41.

48. Burger Olivier, skrywer van: *So onthou ons die oewerbewoners van die ou "Grootrivier:.*

49. Mev. dr. W.P. Steen= kamp: *Kykies in ons volkslewe*, p.153.

50. F.A. van Jaarsveld: *Die verstedeliking van die Afrikaner*, p.7.

51. F.A. van Jaarsveld: *Die verstedeliking van die Afrikaner*, p.10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

52. F.A. van Jaarsveld: *Die verstedeliking van die Afrikaner*, p.19.

53. F.A. van Jaarsveld: *Die verstedeliking van die Afrikaner*, p.21.

54. F.A. van Jaarsveld: *Die verstedeliking van die Afrikaner*, p.30.

55. Die steekproewe geld vir die volgende uitgawes van *Die Huisgenoot:* Oktober-Desember 1939, April - Junie 1942, Julie - September 1945, Januarie - Maart 1947, Julie - September 1949, en Januarie - Maart 1953.

56. N.P. van Wyk Louw: *Maskers van die erns*, p.1-2.

57. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.12-13.

58. J.A. Heyns: Die nuwe Afrikaner (*Die Huisgenoot*, 18 Februarie 1972, p.32-35).

59. J.E. Pieterse (red.): *Jeug en vrye tyd*, p.9-10.

60. B. Kok: Ons sappige volkstaal (B. Kok, red.: *Afrikaans, ons pêrel van groot waarde*, p.10).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.0.0. BELEWENISVERTELLINGS

"Tales told for entertainment, tales explaining some fact, tales per= serving the memory of some person or event, and tales primarily interest= ing for their form and manner of narration have presumably always existed," skryf die Amerikaner Archer Taylor tereg. Dis egter baie moeilik om die ouderdom van 'n besondere vertelling presies te bepaal. Van een vertel= ling bestaan daar miskien 'n eeue-oue skriftelike oorlewering, maar 'n verhaal wat eers gister neergeskryf is, kan dalk oorspronklik veel ouer wees. "As is characteristic of folklore, the time when a tale has been written down gives no reliable indication of its age ... Tales about historical persons might seem to be defined by their subjects, but they are often transferred from an older and less-well-known figure to one of current fame; many stories of Lincoln, Napoleon, or Alexander the Great, for example, were first told of other men and transferred to these more famous persons as they came to be accepted as typical of certain quali= ties." Om die ouderdom van 'n vertelling te probeer vasstel, het vor= sers hoofsaaklik nog net studies omtrent sprokies onderneem, maar die metode kan op enige vertelling toegepas word:

"Though attempts to fit a given story to contemporary life often obscure the interpretation or introduce elements belonging to later periods, scholars have nevertheless identified elements which clearly belong to very different periods in human culture. The task of cutting down a forest and growing a graden in a single night in order to win a bride is, for example, a fantastic modification of a task appropriate to an agricultural civilization and may have arisen at a time when a wooer might be required to perform such a task. The tabus violated by Psyche, who must not see her husband Cupid in the light, or by Elsa, who must not speak Lohengrin's name, or by the miller's daughter, who defeats Rumpel= stilzchen by guessing his name, reflect prehistoric conventions con= cerning marriage and the use of names ... The social customs reflected in tales that show the king as the ruler of a tiny state, the king's palace as a large farmhouse, inns situated in the forest and not in the town, and rare references to reading and the handicrafts all point to conditions of life prevailing in the Middle Ages."(1)

'n Mens moet dus onthou dat jy by 'n studie van die volksvertelling nooit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met absolute waarhede werk nie. Verder, waar hier 'n corsigtelike skets van die lotgevalle van die belewenisvertelling deur die eeue as agtergrond vir die Afrikaanse belewenisvertelling volg, word hoof= saaklik op die Wes-Europese stromings klem gelê, met vermelding van die Oosterse waar nodig.

6.1.0 Die Klassieke Oudheid: Oud-Egipte en Mesopotamië

'n Studie van die Oud-Griekse en Romeinse stoflike kultuur, in die be= sonder hul boukuns wat so grondliggend vir die ontwikkeling van die Wes= terse argitektuur was, bring invloede uit Oud-Egipte en van die ou kultu= re uit die Land-tussen-die-twee-riviere (Mesopotamië) aan die lig. Daar was dus noue onderlinge kontak, en invloede op die geestelike kul= tuur sou nie uitgebly het nie.

6.1.1 Oud-Egipte

In die eerste instansie is daar die interessante stukkie getuienis dat Cheops, bouer van die groot piramiede, volksverhale aan hom laat ver= tel het - drieduisend jaar voor Christus. Afgesien van die bestaan van volksvertellings in die volksmond wat ons maar net kan vermoed, was daar heel vroeg dus reeds al 'n tradisie van amptelike storievertel= lers.(2)

Die vertellings wat uit daardie vroeë jare behoue gebly het, is meestal sprokies of wat ons vandag legendes sal noem. Tog is hier en daar 'n enkele belewenisvertelling of minstens 'n belewenismotief opgeteken. Die eerste is die sg. Potifera-motief (K2111 - die kodenommer verwys na Thompson se *Motif-index*). Dit kom voor in een van die mooiste en oud= ste vertellings, nl. van "Die twee broers", wat omstreeks 1250 v.C. neer= geskryf is. Nadat die oudste broer se vrou vergeefs die jongste broer probeer verlei het, gaan die verhaal voort:

"Now her husband returned home at even, according to his daily custom, and he entered into his house and found his wife lying there, as though she had suffered violence at the hands of an evil doer. And she gave him no water for his hands as was her custom, neither did she light the lamp before him, and his house was dark.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"And she lay there uncovered. And her husband said unto her, 'Who hath spoken unto thee? Arise.'

"Then she answered him: 'No man has spoken unto me except thy younger brother.' ...

"Then did his elder brother become like a panther, and he made his axe sharp, and took it in his hand. And his elder brother placed himself behind the door of his stall, to slay his younger brother on his return at evening, when he drove back his oxen into the stall."(3)

Treffend is die beheersde vertelstyl, sonder tierlantyntjies, soos 'n goeie volksverteller dit ook sal meedeel. Ná hierdie realistiese inlei= ding, kom egter 'n sprokieswending: een van die beeste waarsku die jon= ger broer dat sy oudste broer hom inwag om hom dood te maak, die jongste broer vlug, waarop 'n hele reeks fantastiese gebeure volg.

Uit die tydperk van die Nuwe Koninkryk (1600 - 1000 v.C.) stam nog 'n volbloed-belewenisvertelling oor 'n voorval in die oorlog, met die be= kende Trojaanse perd-motief (K754.1) daarin vervleg. Thompson vat saam: "The opposing general is deceived by the Egyptian general, who pretends to be willing to betray his army and who thus gets the enemy general into his tent and so much off his guard that he is easily overcome. The next day he pretends to send hundreds of sacks into the city as presents, but the sacks contain soldiers who overcome the city."(4)

6.1.2 Tussen-die-twee-riviere

Daar bestaan 'n lang en kleurige Oosterse tradisie van openbare storie= vertelling, en ook merkwaardige getuienis hoe hierdie stories deel van die mense se lewe was. So skryf sir John Malcolm, Britse diplomaat wat van die jaar 1800 af 'n dekade lank sy land in Persië verteenwoordig het: "I made translations, not only of history and poetry, but of fables and tales, being satisfied that this occupation, while it improved me in the knowledge of the language, gave me a better idea of the manners and mode of thinking of this people than I could derive from any other source. Besides, it is a species of literature with which almost every man in Persia is acquainted; and allusions to works of fancy and fiction are so common in conversation, that you can never enjoy their society if ig=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

norant of such familiar topics." Maar die vertelling het vir hierdie mense nog veel meer beteken as om kleur aan hul gesprekke te gee. In die despotiese bestel waarin hulle geleef en gesterf het, was die ver= telling die enigste middel wat hulle kon gebruik om hul wettige klagtes op 'n veilige, simboliese manier onder hul meerderes se aandag te bring: "The warmth of the climate of the East, the ever-teeming abundance of the earth, while it fosters lively imaginations and strong passions, disposes the frame to the enjoyment of that luxurious ease which is ad= verse to freedom. That noblest of all plants which ever flourished on earth has, from the creation to the present day, been unknown in the East. This being the case, the fathers of families, the chiefs of tribes, and the sovereigns of kingdoms are, within their separate circles, alike despotic; their children, followers, and subjects are consequently compelled to address these dreaded superiors in apoligues, parables, fables, and tales, lest the plain truth, spoken in plain language, should offend; and the person who made a complaint or of= fered advice should receive the bastinado (putting his eyes out), or have his head struck off on the first impulse of passion, and before his mighty master had time to reflect on the reasonableness of such promp punishment."(5)

Uit die Arabiese wêreld kom die *rāwi* of *nakkâl* as beroepsverteller, soms ook *kassâs* of *maddâh* genoem, en wat ooreenstem met die Hindoes se *bhat* of barde. So 'n *rāwi* wissel sy vertelstyl gedurig af. "The Rāwi would declaim the recitative somewhat in conversational style: he would in= tone the Saj'a or prose-rhyme and he would chant to the twanging of the Rabāb, a one-stringed viol, the poetical parts," skryf Richard F. Burton, vertaler van *The book of the thousand nights and a night.*(6) Uit 'n vroeër Engelse bron van omstreeks 1800 haal Burton 'n lewendige woord= skildery van so 'n storieverteller aan:

"He recites walking to and fro in the middle of the coffee-room, stop= ping only now and then, when the expression requires some emphatical attitude. He is commonly heard with great attention; and not unfre= quently in the midst of some interesting adventure, when the expectation of the audience is raised to the highest pitch, he breaks off abruptly and makes his escape, leaving both his hero or heroine and his audience in the utmost embarrassment. Those who happen to be near the door en=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deavour to detain him, insisting upon the story being finished before he departs; but he always makes his retreat good, and the auditors suspending their curiosity are induced to return at the same time next day to hear the sequel. He has no sooner made his exit than the com= pany in separate parties fall to disputing about the characters of the drama or the event of an unfinished adventure. The controversy by degrees becomes serious and opposite opinions are maintained with no less warmth than if the fall of the city depended upon the decision."(7)

Van die magtige ryke van Klein-Asië het uit die vroegste tye net 'n handjievol geskrifte behoue gebly, meestal legendes en fabels, maar daar is tog een belewenisverhaal uit Oud-Assirië wat die tyd deurstaan het. Dit kom voor in 'n papirusteks van ongeveer 420 v.C., en daar word vertel van die wyse Achikar, minister van die koning, wat ter dood veroordeel is, maar hy skuil weg totdat sy land in gevaar verkeer, waar= op hy na vore kom en sy volk red. Dit is opgeneem in Aarne/Thompson se *Types of the folktale*, met daarna die tale en/of plekke waar dit in die onlangse verlede weer opgeteken is:

Achikar (A/T 922A). Falsely accused minister reinstates himself by his cleverness.
Romeens, Pools, Russies, Jiddisj, asook in Indië.

6.2.0 Die Klassieke Oudheid: Oud-Griekeland en Rome

"From ancient Greece we have an abundance of literary records of almost every kind, but not a single attempt to preserve for us an authentic folktale as known and told by the ordinary Greek," skryf Stith Thompston, en verder: "From casual references scattered throughout Greek litera= ture we may be sure that something very close to the folktale as known among the peasantry of modern Europe was a part of the entertainment not only of children but of adults."(8)

Tog was daar reeds in Homeriese tye in Oud-Griekeland 'n sterk vertel= tradisie van heroïese belewenisse, hetsy in spraak of sang. Daar was bv. die heldesangers wat die groot dade van weleer met lierbegeleiding besing het. So word in die *Odusseia* vermeld van die blinke sanger wat voor die gaste optree: "Maar nadat hulle die begeerte vir drank en voedsel versadig het, toe het die Muse die sanger aangespoor om te sing van die roemryke dade van manne."(9) Dit was inderdaad deur hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heldesangers dat die twee groot sogenaamde Homeriese eposse, die *Illias* en die *Odussaia*, wat waarskynlik in die 9de eeu v.C. ontstaan het, eeue lank helder in die herinnering gebly het. Nã die sangers het die rondtrekkende *rapsodes* gekom. Die Stellenbosse klassikus J.P.J. van Rensburg skryf: "Waarskynlik die regstreekse opvolger van die Homerie= se sanger in historiese tye was die publieke voordraer, die rapsode. Hy was miskien self ook 'n epiese digter, maar in historiese tye het hy net in die openbaar gedigte voorgedra. Die openbare voordrag van Homerus deur rapsodes kan so ver as 600 v.C. terug gevoer word, en was waarskynlik selfs vroeër as dit in algemene gebruik. En verder, dit was die gebruik dwarsdeur die hele Griekeland. In Athene was daar 'n besondere wet wat bepaal het dat Homerus voorgedra moet word deur rap= sodes een maal elke vier jaar by die fees van die Panathenaia. Ter illustrasie van die indruk wat hierdie voordragte op die Grieke gemaak het ..., (is daar) die *Ion* van Plato: Ion is 'n professionele voor= dragkunstenaar wat na Athene gekom het om by die Panathenaia voor te dra. In 'n gesprek met Sokrates vertel hy met trots wat sy gemoeds= aandoeninge was wanneer hy, getooi in 'n sierlike gewaad, met 'n goue krans op sy kop, op 'n verhoog gaan staan en Homerus voordra: by die patetiese dele word sy oë vol trane, en by tonele van verskrikking rys sy hare! Hy moet ook dieselfde gevoelens by sy toeskouers opwek, soms meer as 20,000 toeskouers, anders word hy nie betaal nie!"(10)

Hierdie rapsodes was inderdaad hoog in aansien en is net soos die atle= te vereer. Verder kan 'n mens seker vermoed dat hulle op hul togte ook ander verhale as net dié uit Homerus sou vertel het. Bowendien is in Homerus self heelwat raakpunte met die volksvertelling soos dit deur die eeue in Wes-Europa sou ontwikkel: meestal sagestof, legendes en sprokies, maar soms tog ook 'n belewenismotief, soos in die *Illias*, waar die held valslik daarvan beskuldig word dat hy die koningin wou verlei (Potifera-motief, K2111), of die brief aan 'n naburige koning met die versoek dat die held van kant gemaak moet word (Uriabrief-mo= tief, K978).(11)

Die gesproke of gesonge woord, die storie in die vorm van ballade of vertelling, het deurgaans 'n belangrike rol in Oud-Griekeland gespeel. So lees ons by Cary en Haarhoff oor *Life and thought in the Greek and Roman world:* "Among the principal social functions of the more well-to-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

do Greeks ... was the dinner-party ... Professional musicians or dancers or jugglers were sometimes hired to keep a party going. In Greece, however, the company usually provided their own entertainment, by singing ballads or catches." En verder "Greek ... literature from earliest days was wedded to sound. The earliest epic was chanted to the notes of a lyre, and lyric poetry of necessity implied a musical accompaniment. Where music did not give support to the words, as in the later epic, in drama, and in prose, the text was written not merely to be read but for recital. Herodotus composed his *History* not for book-readers, but for listeners at public recitals." Of: "As a pioneer of historiography, Herodotus was naturally imperfect in his technique. He was casual in the collection and the sifting of his information, and his attitude to his subject was rather one of epic admiration than of scientific detachment. Moreover the studiously discursive character of his narrative ..., though entirely suitable to an audience at a recital, is at times disconcerting to a reader."(12)

By die vroeë Romeine was dit ook die gebruik om ballades by hul bankette te sing, en "their national pride of achievement first found expression in the ballads".(13) Tydens die vestigingsjare van die Romeinse Ryk met die uitgerekte stryd tussen die vermoënde patrisiërfamilies en die gewone plebejers om die politieke mag, sou hierdie baladesangers, self uit die volk, en volksdigters 'n rol kon speel om hul medevolksgenote aan te hits en die patrisiërs af te kraak met daardie magtige instrument wat so tipies Romeins is: die satiriese woord. Een van die mees gehate patrisiërs was Appius Claudius. Die Engelse geskiedskrywer lord Macaulay skets 'n voorval wat ideale stof vir 'n belewenisvertelling en 'n volksdigter bied:

"The immediate cause of the downfall of (his) execrable government was said to have been an attempt made by Appius Claudius upon the chastity of a beautiful young girl of humble birth. The story ran that (Claudius), unable to succeed by bribes and solicitations, resorted to an outrageous act of tyranny. A vile dependent of the Claudius house laid claim to the damsel as his slave. The wicked magistrate, in defiance of the clearest proofs, gave judgement for the claimant. But the girl's father, a brave soldier, saved her from servitude and dishonour by stabbing her to the heart in the sight of the whole Forum." So 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhaal, die verhaal van die arme Virginia, sou in die harte van die volksmense voortleef. "It can hardly be doubted that a story so ad= mirably adapted to the purposes both of the poet and of the demagogue would be eagerly seized upon by minstrels burning with hatred against the Patrician order, against the Clausian house ... Just at (the right) moment it is announced that a popular poet, a zealous adherent of the Tribunes [die volksverteenwoordigers], has made a new song which will cut the Claudian nobles to the heart. The crowd gathers round him, and calls on him to recite it. He takes his stand on the spot where, according to tradition, Virginia, more than seventy years ago, was seized by the pandar of Appius, and he begins his story."(14)

Die balladesang het later in Rome uitgesterf toe die Romeine hulle al meer en meer oorgegee het aan die genot van "brood en spele" - die tyd van die groot sirkusvertonings, die gevegte van die gladiatore, die optrede van die *joculatoris* (narre, voorlopers van die Middeleeuse jong= leurs) en die *mimae* (mimiekartieste).

Tog moet die verhale uit hul roemryke verlede, of soms ook 'n roemryke hede waaraan hulle self deel gehad het, vir die Oud-Grieke en Romeine historiese of aktuele onderwerpe vir belewenisvertellings gebly het. Hier kan verwys word na verhale soos "Die Spartane by Thermopulai" (Oud-Grieks) of "Horatius by die brug" (Romeins), wat ons vandag nog uit literêre bronne ken.(15)

Baie van die Oud-Griekse en Romeinse vertellings beskou ons natuurlik vandag as legendes. Tog is daar 'n klompie van die Oud-Griekse ver= tellings wat die algemeen-menslike so suiwer weergee dat dit deur die eeue in die volksmond bly voortbestaan het en tot vandag toe as be= lewenisverhale oorgelewer word. Hier is eers die twee treffendste voorbeelde:

J. <u>Die sosiale gemeenskap</u>

Alcestis (A/T 899). Wife sacrifices self for husband when his parents refuse.

Hongaars, Serwo-Kroaties, Grieks, Turks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die literêre bewerking van die tema soos dit in Euripides se drama *Die Alkestis* (438 v.C.) voorkom, is dit in die ou mitologie gehul. Van Rensburg som dit soos volg op: "*Toneel:* Pherai, die paleis van koning Admetos. In die proloog vertel Apollo dat die Noodlot Admetos toegelaat het om nie te sterwe nie, mits hy iemand kan kry om in sy plek te sterf. Sy vrou, Alkestis, was die enigste persoon wat gewillig was om dit te doen. Nou verskyn Thanatos (die Dood) om Alkestis te kom haal ... Dan word Alkestis self binnegedra en sterf sy, beween deur haar man en haar klein seuntjie ... Admetos se ou vader, Pheres, kom ook na die begrafnis en word deur sy seun verwyt omdat hy wat al oud is, nie gewillig was om vir hom te sterf nie ... Herakles verskyn self ook en verneem dat dit Alkestis is wat gesterf het. Hy storm uit om met Thanatos te gaan worstel, en keer na 'n ruk terug met Alkestis ... en gee Alkestis terug aan Admetos. Die drama eindig met die vreugde van Admetos ... en die Koor se verwondering oor die geheimsinnige weë van die Noodlot."(16) Die volksvertelling het al die onwerklikhede egter van hom afgeskud en bly voortbestaan as 'n aangrypende voorbeeld van huwelikstrou.

Oedipus (A/T 931). As foretold by the prophecy, the hero kills his father and marries his mother.

Fins, Lyflands, Laplands, Iers, Spaans, Katelaans, Italiaans, Roemeens, Hongaars, Tsjeggies, Russies, Grieks, Turks, Frans-Amerikaans, asook op die Wes-Indiese Eilande, in Indonesië, en in Spaans-Amerikaans.

Sophokles behandel die tema in sy *Oedipus Rex* (c.440 v.C.) Oor die geskiedenis van die vertelling in die volksmond, skryf Stith Thompson: "a famous story coming from Greek drama keeps being repeated as an oral tale, the myth of Oedipus. The essential points always remenbered are the prophecy that the youth shall kill his father and marry his mother. He is saved after exposure and reared by another king. The prophecy is fulfilled with tragic results ... The fact that it is told as a traditional story testifies to the close affinity of this old myth with real folk tradition."(17)

Nog 'n paar Oud-Griekse vertellings wat as belewenisverhale in die volksmond voortgeleef het, is die volgende:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The ring of Polycrates (A/T 736A). A king throws a ring into the sea. It is found next day in a fish brought to him.

The husband locked out (Puteus) (A/T 1377). An adulteress returns home late at night and her husband refuses to admit her. She threatens to throw herself into the well. The husband goes after her. She en= ters the house and bars him out.

The matron of Ephesus (A/T 1510). A woman mourns day and night by her husbands grave. A knight guarding a hanged man is about to lose his life because the corpse has been stolen from the gallows. The matron offers him her love and substitutes her husband's corpse on the gal= lows so that the knight can escape.

Hoewel daar nie bewyse van 'n regstreekse Romeinse invloed op die be= lewenisvertelling van die Weste bestaan nie, moes die Romeinse Ryk 'n magtige instrument vir die verspreiding van volksverhale oor 'n wye gebied gewees het. 'n Mens hoef maar net in gedagte te hou dat die Wes-Romeinse Ryk omtrent 'n duisend jaar, van 500 v.C. tot 500 n.C., standgehou het, terwyl die Oos-Romeinse Ryk nog 'n duisend jaar langer voortgegaan het; dat dit feitlik die hele beskaafde wêreld van des= tyds ingesluit het; dat sy soldate in al vier windrigtings uitbeweeg en weer huis toe teruggekeer het; dat daar die uitgebreide handel was, die huursoldate uit soveel wêreldde le, die slawe. Al is dit nie so opgeteken nie, moes die Romeinse Ryk 'n groot gelykskakeling van volks= vertellings teweeggebring het, nie net in Wes-Europa nie, maar ook tus= sen Weste en Ooste.

6.3.0 Vertellings oorgedra van enkeling tot enkeling

Meermale spreek volksvertellingvorsers hul verbasing daaroor uit dat 'n besondere tema op sulke wyd verspreide plekke opduik. So skryf die volkskundige Alexander Krappe bv. na aanleiding van 'n paar legendes: "Quite unexplainable is the isolated occurence of some story type in widely separated countries. Thus we find the story of the knight or soldier who falls into a dragon pit, lives on the moisture oozing out of the walls, and finally saves himself by sitting down on the dragon's tail as the animal leaves the pit, localized in the Alps ... and in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prussian Poland." Verder kom dit in Skandinawië en in Spanje voor. "Since the same tale forms part of the *Gesta Romanorum* ['n beroemde Middeleeuse versameling verhale], one might be tempted to derive all these variants from a written source." Maar nou is hierdie tema ook in die Ooste bekend, o.m. in China. Dan is daar nog 'n ander voorbeeld: "And what is one to say of the famous story of a dragon killed by a bull raised expressly for this purpose, a tale found in the Alps ... and in Norway."(18)

Dadelik kom verskillende vrae na vore, nl.: Hoe betroubaar/volledig is die bronne? Sou die genoemde verhaaltemas nie ook elders in Wes-Europa opgeduik het as dáár deegliker stofinsameling gedoen is nie? Soos Hervé Daras, wat 'n tiental jare gelede met 'n sage-ondersoek in Vlaandere behulpsaam was, later sou vra i.v.m. motiewe wat hy en sy makkers in die provinsie Antwerpen opgeteken het, maar ander veldwerkers nêrens elders in Vlaandere gevind het nie: "Zal men nu besluiten dat deze motieven enkel en alleen in *ons* gebied voorkomen?? Veel hangt immers af van de onderzoeker zelf!" Verder verklaar hy: "Een vraag die men zich in dit verband zou kunnen stellen is de volgende: hoeveel zegspersonen, resp. sagen moet men dan eigenlijk in elke gemeente wel hebben opdat het onderzoek enige waarde zou hebben? Het antwoord is eenvoudig: men moet zo lang verzamelen (en luisteren!) totdat men in die *jungle* van sagenmotieven en hun 100-en varianten een duidelijke lijn, een systeem begint te ontdekken dat zonder 'hineininterpretierung' op *kaart* kan gebracht worden." Dan beklemtoon hy dit weer: "In verband met het sagenonderzoek kan niet genoeg onderstreept worden dat de verzamelaar met het trekken van conclusies niet voortvarend mag te werk gaan. Essentieel is dat men hiervoor *voldoende materiaal* terbeschikking heeft."(19) Aan hierdie vereistes gemeet, skiet veral die ou versamelings sekerlik ver, ver te kort.

Voorts kan dit as 'n kultuurwet gestel word dat 'n volk daardie dinge uit ander volkskulture oorneem wat by sy eie volksaard aanpas, soos dit o.m. deur erflikheidsfaktore en die kultuurbodem bepaal word.

Die belangrikste saak word egter dikwels deur volkskundiges uit die oog verloor. Hulle praat van groot kultuurstrominge, van volkere en volksgroepe. Daarby word vergeet dat net soos kultuurskepping die werk van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die enkeling is, net so vind kultuuroordrag, dus ook die oordrag van volksvertellings, van enkeling tot enkeling plaas.[20] Tien mense kan saam sit en luister hoe iemand 'n storie vertel, en oor 'n maand het driekwart van hulle dit miskien al weer grootliks vergeet. Want kul= tuuroordrag is nie net 'n kwessie van aangee nie, maar ook van aanvat. Dit vereis 'n besliste poging by die ontvanger om daardie stuk kultuur waarmee hy in aanraking kom, sy eie te maak. So vind ons vandag nog in elke gemeenskap sy uithaler-grapvertellers, maar die oorgrote meer= derheid luister en lag saam, hoewel hulle selde of ooit self 'n grap vertel. Dit kom dus daarop neer dat terwyl die kultuur van 'n volk in breë trekke ooreenstem, dit van enkeling tot enkeling kan verskil, al na gelang van persoonlike aanleg, belangstelling en omstandighede (bv. of hy ooit met 'n besondere stukkie kultuurgoed in aanraking gekom het). So ontstaan daar in die groot see van volkskultuur 'n verskeidenheid van ongekaarte kultuureilande. Die kultuurbeeld wat die volkskundige saam= stel wanneer hy uitvaar om stofinsameling te doen, hang dus af van wel= ke kultuureilande hy by uitkom en by watter hy verbygaan sonder om te weet dat hulle bestaan.

Hier volg net een voorbeeld uit eie ervaring. In Franschhoek in Kaap= land het 'n beroemde spekskieter, oom Jan Sparriewarrie, geleef wat in die veertigerjare oorlede is: dus is daar in die Franschhoek-omgewing nog talle staaltjies omtrent hom in omloop. Toe ontmoet ek 'n vrou[21] wat as kind op Kroonstad in die Vrystaat stories van oom Jan gehoor het by 'n ou familievriend wat van Franschhoek afkomstig was. Derdens is daar 'n storie van oom Jan wat in die veertigerjare deur 'n leser van Pretoria aan 'n tydskrif gestuur is.[22] Vierdens, toe ek 'n radio= program "Ons Erfenis" oor volkskultuurverskynsels aangebied het, skryf 'n oud-Franschhoeker in 1974 uit Burgersfort, Transvaal, om 'n hele handvol staaltjies omtrent oom Jan mee te deel.[23] Hier is dus vier verskillende en wyd verspreide kultuureilande waarop oom Jan Sparrie= warrie sy verskyning maak en waar vertellings omtrent hom in omloop kon gekom het. 'n Volkskundige navorser kan nou miskien later bo in Transvaal stofinsameling doen wanneer die oud-Franschhoeker nie meer daar is nie en die mense al vergeet het waar hulle oom Jan se stories oorspronklik gehoor het; dan sou die volkskundige kon aanneem dat dit 'n Transvaalse grootliegkarakter was. Andersins kan die navorser mis= kien net by Franschhoek uitkom en die afleiding maak dat oom Jan 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streekfiguur is wat bloot binne 'n klein geografiese gebied bekend is. Dit moet weer eens beklemtoon word: kultuurskepping vind deur die enkeling plaas, kultuurgoedere word van enkeling tot enkeling oorgedra, en op die ou end is dit weer die enkeling wat daardie kultuurstof by die enkeling opteken. Dus is dit geensins vreemd dat dit soms lyk asof volksvertellings groot spronge maak en in wyd verspreide gebiede aan die lig kom nie. Dit kan wees dat die optekenings vir ander gebiede net nie volledig genoeg is nie, of dit kan wees dat die vertelling deur 'n paar enkelinge - pelgrims, sendelinge, handelaars, matrose, soldate - uitgedra is en, om persoonlike redes vandag aan ons onbekend, dit juis na punt A en punt M en punt Z gebring het, maar nie na punt B en C, of K en L, of X en Y nie. Daar is niks geheimsinnigs aan die hele proses verbonde nie.

6.4.0 Die wortels van die Westerse beskawing: Die Middeleeue

Om die ontstaan, aard en verspreiding van volksvertellings in die Weste beter te kan begryp, moet die belangrikste agtergrondgeskiedenis ingeskets word. Daar word gewoonlik na Oud-Griekeland, Rome en die Christendom as die drie "wortels" van die Westerse beskawing verwys,[24] maar dit skyn 'n te eensydige benadering te wees wat die ewe belangrike Oud-Germaanse en Oosterse bydraes geringskat. 'n Mens sou dus vyf wortels van die Westerse beskawing wil noem, nl.

- Die wonder van Oud-Griekeland
- Die glorie van Rome
- Die gawe van die Christendom
- Die durf van die Oud-Germane
- Die eksotiese sinnelikheid van die Ooste

Die wonder van Oud-Griekeland gebeur nie sonder dat hy uit die Oostersgerigte Oud-Egipte en Mesopotamië put nie. Wanneer die Romeinse Ryk Oud-Griekeland verower, word die Oud-Griekse beskawing nie uitgewis nie, maar tot in die hartjie van Rome, dwarsdeur Wes-Europa, en dieper die Ooste ingedra. Die volksverhuisende Oud-Germaanse stamme verskyn op die toneel, iewers uit die noordooste van Europa, en terwyl hulle deur Wes-Europa stroom en ooswaarts tot in Indië afsak, hamer hulle aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

poorte van Rome, wat eindelik sy hart amptelik aan die Christendom - 'n nuwe wêreldgodsdiens met 'n Oosterse agtergrond - gee. Dit gebeur in die 4de eeu n.C. toe die Romeinse Ryk weens sy talle probleme in twee verdeel word met Rome as hoofsetel van die Wes-Romeinse Ryk en Bisantium (of Konstantinopel, soos dit hernoop word) die middelpunt van die Oos-Romeinse Ryk.

Spoedig vind nog 'n groter skeiding en versmelting van invloede plaas. Die Wes-Romeinse Ryk, met sy Oud-Griekse en Christelike inslag, swig omstreeks die jaar 500 n.C. voor die Oud-Germaanse druk, en uit die verwoesting kom 'n nuwe bestel na vore, Germaans gekleur, met Oud-Griekse en Romeinse invloede daarby, maar veral in die teken van die Christelike Rooms-Katolieke Kerk - die enigste bolwerk in hierdie onsekere tye, want die Germane raak ook gekersten. In Bisantium hou die Bisantynse Ryk, met sy kern van Romeinse, Oud-Griekse en Christelike invloede, nog 'n duisend jaar lank in 'n Oosterse atmosfeer stand. Die mengsel is hier dus anders, en ons kan praat van 'n Christelike Wes-Europa met Germaanse inslag, en 'n Christelike Bisantium met 'n Oosterse inslag.

Nou kom nog 'n sterk Oosterse invloed in die spel, nl. die militante godsdiens van die Islam wat soos 'n brand deur die Arabiese wêreld versprei en hierdie nuwe Mohammedane in 'n wapenstryd teen die "ongelowige" Christene van Wes-Europa en Bisantium inwerp. Hulle behaal aanvanklik groot welslae, verower Noord-Afrika (bekend as die More) en 'n groot deel van Spanje, asook die Heilige Land.

Die lewe in Wes-Europa bereik 'n laagtepunt, maar dan word die Oosterse aanslag deur Germaanse durf en daadkrag gestuit. Eers is daar die opkoms van die Frankiese Ryk wat verhoed dat die Mohammedane Europa verder binnedring. Dan tree die Noormanne of Vikinge - gedugte Germaanse seevaarders en vegters uit Skandinawië - na vore. Hulle verower Engeland in die IIde eeu, en Suid-Italië, en verdryf die Arabiere (met behulp van die groot handelstede Genua, Pisa en Barcelona) uit die Middellandse See, terwyl die More in Spanje ook geleidelik teruggedwing word. Teen die einde van die IIde eeu is Wes-Europa gereed om die Heilige Land aan die Arabiere te probeer ontruk, aangesien Bisantium weens innerlike verdeeldheid te swak is om op te tree. 'n Nuwe tydvak, nl. van die ridderskap en die Kruistogte, breek aan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maar hoe is dit intussen met die volksvertelling gesteld? Afgesien van verhale wat ongetwyfeld in die familie- en vriendekringe voorgekom het, afgesien van die nuwe verhaalstof wat deur al die gebeure geskep is, was daar ook besondere groepe mense wat die vertellings uitgedra en wyd bekend gestel het.

By die verhuisende Oud-Germaanse volkstamme was reeds sedert die vroegste tye sangers en vertellers, aanvanklik met die doel om die verhale van hul gode en helde oor te lewer (nes die heldesangers en later die rapsodes in Oud-Griekeland). So was daar in Brittanje en Bretagne (Frankryk) by die Kelte die druïdiese priester-*bardes*, in Skandinawië die *skâlde* wat hul eddas en sagas van geslag tot geslag in herinnering gehou het, by die Angel-Saksers wat Brittanje later ingeval het, die *scôps* en *gleemen*.(25)

Met die aanbreek van die Middeleeue kry ons die swerwende sangers en vermakers, wat in die algemeen as *minstrele* en *jongleurs* aangedui kan word, maar in die verskillende lande onder 'n verskeidenheid name bekend gestaan het. Hierdie mense het 'n groot leemte gevul deur die sekulêre musiek uit te dra en te ontwikkel, waar die kerk net in kerkmusiek belang gestel en sekulêre musiek inderdaad as iets boos beskou het. Die musiekhistorikus Victor Yellin stel dit so: "The *minstrels* themselves were probably descended from the Roman mimes and jugglers; they were variously called *joglars* in Provence, *jongleurs* in norther France, and *Gaukler* in Germany. Their ignorance of notation and their self-interest, combined with the Church's anathema which denied them even the hope of salvation, helped preserve the secrets of their art. Imitating the guilds that became popular after the development of cities and towns, these vaudevillians formed brotherhoods for professional schooling and mutual protection. The minstrels may have served as intermediaries between folk music and the later highly stylized and sophisticated art of the courtly troubadour, trouvère, and minnesinger."(26)

Nog twee musiekhistorici, Bauer en Peyser, skets die belangrike rol wat hierdie minstrele gespeel het, nie net om volksvermaak en musiek nie, maar ook vertellings te versprei: "Without newspapers, airplanes, radio, telegraph, railroads, and regular mail channels, the people would have been bereft indeed had it nog been for the minstrels. They sang in market place, bazaar, before the peasant and in the halls of the mighty.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

They delivered the news and gossip entertainingly in song and poetry, and sowed the seeds of popular romance as well as preposterous fiction. They, inveterate travelers, enlivened, fed, and stimulated people in widely separated territories. They wrested livings from both rich and poor in proportion to their musical skill and their power of pleasing or flattering. They knew most of the songs by heart, but the few who could read carried their parchments in a little wallet."(27)

6.5.0 Die Renaissance-van-die-twaalfde-eeu

Met die 12de eeu breek een van die merkwaardigste tydvakke in die Wes= terse geskiedenis aan, en daar kom 'n oplewing wat as die Renaissance-van-die-twaalfde-eeu bekend geraak het, as voorloper van die eintlike Renaissance in die 15de eeu.(28) Ons vind hierdie vernuwing op feit= lik elke terrein. Waar die Christelike Kerk met sy kloosters dwars= deur die Middeleeue tot hiertoe feitlik die enigste setel van die ge= leerdheid was, brei die universiteitswese uit. Dit bring 'n groot ver= ruiming van insigte, aangesien die kerk 'n sterk remmende invloed was wat sy dogmas op elke lewensterrein wou laat geld. Een tekenende voorbeeld, wat ook vir die volksvertelling in die algemeen van belang sou wees, kan hier behandel word.

Tussen die 2de en 5de eeu n.C. ontstaan, waarskynlik in Egipte en waar= skynlik in Grieks, 'n merkwaardige geskrif. Dit, asook die skrywer, het as *Physiologus* bekend geraak (letterlik: die naturalis). Vir 'n duisend jaar lank, dwarsdeur die Middeleeue, bly dit van die mees ge= liefde leesstof en word in talle Westerse en Oosterse tale oorgesit.(29) Dit dien ook as voorbeeld vir talle ander soortgelyke *bestiariums* (ge= skrifte oor *beesten*, diere) wat met die loop van tyd ontstaan. Vir ons van besondere betekenis is die Nederlander Jacob van Maerlant se *Der naturen bloeme* (ca.1280), gebaseer op die Latynse werk *De natura rerum* van Thomas Cantimpratensis.(30) So 'n bestiarium, betoog die Ameri= kaanse geleerde T.H. White, is "a serious work of natural history".(31) Dan is dit verstommend om die *Physiologus* te lees. Dit bestaan hoof= saaklik uit kort stukkies omtrent diere, maar ook 'n klompie voëls, rep= tiele en selfs aardgesteentes word betrek, en aan elke beskrywing van so 'n dier of ding word die een of ander Christelike boodskap gekoppel. Hier volg enkele van die beskrywings:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The ant-lion

Eliphas the king of Theman said: "The Ant-Lion perished for lack of food." (Job 4, 11).

Physiologus says that he has the countenance of a Lion and the hinder parts of an Ant. His father is a flesh-eater, but his mother is a plant-eater. When now they beget the Ant-Lion they beget him with two attributes: he cannot eat flesh, for that is contrary to the nature of his mother; and he cannot get nourishment from plants, for that is against the nature of his father: so he perishes because there is no food for him.

So, likewise, has every man a double spirit contrary in all its ways. Man cannot go two ways nor speak double in prayer. It is not well to say Yes and No. Let your Yea be Yea and your Nay Nay: "For woe be to the sinner that goeth two ways" (Sirach 2, 12).(32)

The hedgehog

Physiologus relates of the Hedgehog that he is a small beast shaped like a ball entirely set round with prickles. He procures his nourishment in this way: he goes to a vine, reaches down the clusters, tears off the grapes, and casts them on the ground. Then he throws himself down, and the grapes fasten on to his prickles, and he brings them home to his children, and leaves the clusters empty on the vine.

The hole in which the Hedgehog lives is provided with two openings and is bored with air-holes, and, when the North wind begins to blow, he stops the opening which is turned to the North wind, but when the South wind blows he stops the opening which is turned to the South wind, and opens the North hole which he before had stopped.

And thou, oh man!, do thou apply thyself to the right and true vine which is Christ, the true God, and consider how thou canst allow the evil spirit to draw thee from thy safe place and drag thee into error with the prickles of death so thy place of safety is lost and thy soul becomes empty as the vine.(33)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dan is daar bowendien ook nog fantasiediere of -voëls, soos die eenhoring of die griffioen, wat net so in alle erns bespreek word. Wanneer 'n mens hierdie uiteensettings lees, vra jy jouself die vraag af: hoe is dit moontlik; kon die skrywer dan nie net by sy agterdeur uitgestap en gaan kyk het nie, dan sou hy tog gesien het dat hy onsin kwytraak?

White verdedig hierdie ou skrywer(s) deur daarop te wys in watter onwetenskaplike toestande hulle gewerk het: "But the Physiologus lived in the age of faith. He lacked ... our modern means of communication and our apparatus of criticism. He was beset by a hundred traditions and fables which the March of Mind had not yet exploded. There was no *Encyclopaedia Britannica* for him, no *Oxford English Dictionary*. He was doing his best, and a wonderful best it was, when all things are considered, to write a serious text-book on biology."(34)

Verder wys hy daarop hoeveel belaglike bygelowe omtrent diere vandag nog by die volksmens voorkom. 'n Mens kan hierop antwoord dat dit wel waar is wat die gewone volkskultuur betref, maar die skrywers van hierdie bestiariums was veronderstel om die draers van die opperkultuur in hul tyd te wees. Miskien kom James Carlill, vertaler van die *Physiologus*, nader aan die waarheid wanneer hy daarop wys dat die algemene gees van die tyd nie bevorderlik vir wetenskaplike denke was nie. Die mense het eenvoudig nie in feite belang gestel nie: "facts, as such, ceased to have any importance for the human mind. No one took the least interest in ascertaining how anything happened. Not fact but doctrine was the proper subject for contemplation; the outward fact was merely the t[illegible] of an inward reality, some verity of faith. The only concern of humanity was the disclosure of this hidden verity of which the observed fact was the sign or token. God has devised the habits and attributes of all animated nature simply for our instruction in the essentials of dogma."(35)

Hierdie geestesklimaat is natuurlik uiters geskik vir die skepping van sages en legendes. Maar in die 12de eeu begin 'n verandering intree. Ten eerste - seker die belangrikste - raak die lewe veiliger. Die aanslag van die Islam is gestuit; in Wes-Europa self is daar wel nog nie juis sterk nasionale state met sentrale regeringsgesag nie en bly die gevaar van die plunderende rowerbaronne bestaan, maar tog bring die ont-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plooiing van die sogenaamde feodale stelsel groter sekerheid. Aan die hoof van so 'n feodale eenheid staan 'n adellike leenheer met 'n onder= worpe boerestand wat sy grond vir hom bewerk en allerhande dienste lewer in ruil vir die beskerming wat hy hulle bied. So 'n leenheer se krygs= mag het bestaan uit gespesialiseerde vegsmanne, naamlik die ridders, wat vir hul dienste met leengoedere, d.i. grond, beloon is, want weens die noodsaaklikheid van 'n wapenrusting en perd was dit 'n duur onder= neming om 'n ridder te wees. Met al hierdie mag in hul hande, het die ridders van nou af die toneel oorheers.(36) Om hulle verder te ver= skans, laat die leenhere vir hulle kastele met uitkyktorings en ophaal= brûe bou. Ek het, wat die vermaak betref, reeds op die rol van die hofnarre gewys, maar ook die minstrele vind hier 'n toevlug. "The settlements, widely isolated, fortified against the enemy and suspicious of the stranger, welcomed the minstrel. He was their diversion between the clangors of battle, their solace and newsman in a rigorous period. 'Noblemen use not to make suppers, without harpe or symphony,' says Bartholomaeus Anglicus (13th century)."(37)

Die nuwe lewensdrif kom tot uiting in die oprigting van magistrale Go= tiese katedrale. Die dors na kennis stimuleer die ontwikkeling van die universiteitswese: Palermo word die sentrum vir die geneeskunde, Boulog= ne vir die regstudie waarin die ou Romeinse juridiese begrippe weer 'n ereplek inneem, Chartres word die middelpunt van 'n ewewigtige humanis= tiese wêreldbeskouing sodat getrag word om die opvattinge van die Chris= tendom met dié van die Klassieke Oudheid te versoen.

Die bestendiger lewe bring 'n opbloei van die handel, die uitbreiding van die ou handelstede, en die stigting van nuwes. Met meer geld in omloop, kan die regeerders 'n beter besoldigde en onpartydige amptenary bekostig. Om die mannekrag te verskaf, is daar in hierdie tyd 'n klein bevolkingsontploffing, en in die harte van mense leef 'n ongekende lewens= vreugde. Dis asof die skille van hul oë afval en hulle die wêreld in perspektief kan sien. Carlill kies 'n goeie voorbeeld om dit toe te lig. "By the time of the gothic revival," skryf hy, "the *Physiologus* tales, under the name of Bestiaries, began to be regarded with a reverence mo= dified by the rising spirit of humour. If the reader will go to Bever= ley Minster, to Ripon, to Lincoln, or to Westminster Abbey, and, turning up the choir stalls, will study the misericords carved thereunder, he will

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

see the beasts and birds of *Physiologus*, the Gryphon, the Centaur, the Charadrius gazing sharply, the Fox feigning death, the Pelican in her piety plucking the down from her breast, and the Peacock screaming wildly at his feet. These are the stories that the woodcarvers knew best: they were more familiar to them than the incidents of either the Old or the New Testaments. But they had evidently begun to regard them not merely with reverence as godly lessons but with the sense of humour which was by that time beginning to revive upon the earth. The carving of the Fox preaching in the habit of a friar suggests that the world was getting ripe for the enjoyment of other literature than the *Physiologus* stories."(38)

Dis 'n tyd waarin mense en idees (en vertellings) vryelik oor die lands= grense vloei, en daar is 'n sterk Oosterse invloed deur die kontak met die Heilige Land. So verklaar H.A. Guerber,(39) Duitse skrywer oor Middeleeuse legendes en verwante verskynsels, dat dit die Kruistogte is wat die duidelikste stempel op hierdie verhale afgedruk het. Daar is wel in hierdie sg. Middeleeuse romans nog 'n rare vermenging van heiden= se en Christelike motiewe, maar die Kruistogte verteenwoordig die groot waterskeiding wat die hele Wes-Europa se geesteslandskap betref.

Die Kruistogte bring ook 'n groot toename van rondtrekkende volksver= makers mee. Bauer en Peyser skilder die lewendige toneel: "The Cru= sades had instilled into men the love of travel. After the first Cru= sade, the roads were alive with strolling singers, jugglers, mounte= banks and players. They gave the world color, as, clad in brilliant hues, beribboned and befeathered, they trudged from town to town. Every tavern was regaled with their fun and fancy. The country fairs lured them, and the country girls awaited them with conquetries and ardor. These music makers came from every rank; gay scions who had spent their wherewithal, impoverished craftsmen, and even monks, tired of the discipline of the monastry, all took to the road and gave it the effect of 'gay motley'."(40)

Dié volksvermakers was soms ongelooflik veelsydig, soos ene Robert le Mains wat verklaar het dat hy 'n veertiental musiekinstrumente kan be= speel (o.m. die luit, viool, doedelsak en harp), en verder: "I can sing a song well, and make tales and fables. I can tell a story against any man. I can make loveverses to please young ladies, and can play

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the gallant for them if necessary. Then I can throw knives into the air and catch them without cutting my fingers. I can do dodges with string most extraordinary and amusing. I can balance chairs, and make tables dance. I can throw a somersault, and walk on my head."(41)

Belangrike nuwe groepe *varende luyden* verskyn op die toneel, soos die *clerici vagantes* (rondtrekkende kerklikes, bv. monnikke), ook as *goliarde* bekend - lg. benaming afgelei van die legendariese biskop Golias, wat glo hul oorspronklike voorloper was. Hulle maak hul verskyning omstreeks die tyd van Karel die Grote, en dwarsdeur die 12de eeu tot vroeg in die 13de dwaal hulle oral in Wes-Europa rond. Nã 1225, toe die groot universiteite eers op dreef gekom het, word nie meer van hulle gehoor nie. Hulle kom voort uit alle volkere en taalgroepe, met Latyn as universele kommunikasiemedium. In die algemeen was hulle deugniete, bekend vir hul onsedelikheid. Nes die rondtrekkende minstrele, toneelspelers en akrobate, tree hulle oral op en sing graag van die wyn en die vrou, of anders gee hulle satiriese voorstellings van die kerklike owerhede.(42)

Die minstrele was ook in hierdie selfde tyd betrokke by 'n ander groot "wonder" van die Middeleeue, nl. die ontplooiing van die heraldiek. Om strydvaardig te bly, neem die ridders gereeld aan groot wapenspele of toernooie deel. Dit word al moeiliker om die verskillende deelnemers uit te ken omdat hul wapenrustings so eenders was, en hul gesigte boonop met helms bedek. Eers is verskillende kleure ingevoer, toe skuinsstrepe, kruise en diersoorte, ens., waarvan afbeeldings bv. op die skilde en dekklede van die perde aangebring is. Die heraldiek is gebore. Dit was soos 'n lont wat die hele ridderwêreld laat vlamvat, skryf die Suid-Afrikaanse heraldikus C. Pama, en verder: "Dit is waarskynlik omdat dit deur almal so gesien en ervaar is, dat die heraldiek so 'n vinnige opmars deur Wes-Europa kon maak. Die riddermaatskappy het as 't ware sit en wag vir tekens wat hom uiterlik kon simboliseer, en die kleurryke wapens is dadelik as sodanig herken en aanvaar."(43)

Soos te begrype het die toernooie, wat op die ou end magtige byeenkomste op sigself geword het sonder die werklike gedagte aan voorbereiding vir oorlog, ideale geleenthede vir die minstrele gebied om hul kuns te beoefen. Sommiges van hulle het van die een toernooi na die ander getrek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die hele opset van so 'n byeenkoms haarfyn leer ken en selfs gesagheb= bendes i.v.m. die ridderlike kentekens geword. Dit is hierdie minstre= le wat as heroute bekend raak, en spoedig is die reëlings met betrekking tot heraldiese wapens en die goedkeuring daarvan in hul hande gelaat. Party tree in die diens van 'n bepaalde ridder, ander gaan werk in groe= pe by edelliede en vorste.(44) So kry ons nuwe raakpunte tussen die minstrele, as mense uit die volk, en die adel; die moontlikhede van kultuurbeïnvloeding oor en weer vermenigvuldig.

Die onafgebroke stroom van mense-in-beweging wat met die Kruistogte ge= paardgaan, bring selfs 'n hele taalverskuiwing mee: "The West met the East. The interchange of dialect and contacts made profound changes in language. The Romance languages stemmed from the Roman Latin. This became affected by the rougher dialects of the Frankish and Gothic tribes. From the mixture came a rustic Latin or *Romanse rustique* and out of the admixture developed French, Spanish, Italian, Portuguese, and Roumanian. In the south of France, the new language (was) Proven= cal."(45)

In die brandpunt van die Middeleeue staan die ridderskap met sy gedis= siplineerde hoflikheid en vroueverering. Hooggeplaastes begin ook lief= desliedere skryf en voordra, of laat dit namens hulle voordra, sodat die minstrele se aansien styg en die kerk sy kwaai teenstand laat vaar. Twee van die belangrikste groepe van hierdie nuwe digter-sangers, is die *troubadours* van Provence in Suid-Frankryk, en die *trouvères* in Noord-Frankryk.

Ons kry nou 'n verdeling tussen die beroepsvermakers, die minstrele of jongleurs, wat van hul talente moet lewe, en die amateurs wat die kunste net as liefhebbery beoefen. Onder die amaterus is daar talle edelman= ne en selfs vorste. In 'n geslote hofkring het hulle dan hul liedere, begelei met een of ander musiekinstrument, voorgedra. Kan hulle self nie musiek maak nie, moes hulle noodgedwonge die hulp van jongleurs in= roep - en wanneer die jongleur of minstreel dan weer sy swerftog voort= gesit het, kon hy hierdie liedere van die adellikes by die dorpsfeeste aan die gewone volksmense voorsing.(46)

Eugene Mason, wat hom in die Middeleeuse woordkuns verdiep en o.m. vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

knap verwerkings van die ou ballades en romans uit Frans in Engels gesorg het, stel dit só: "If the *trouvères* (or *troubadours*) were the 'aristocracy of this literature', the minstrel was its 'democracy'. Sometimes he rose almost to the status of the trouvère, composing his own stories, and reciting them even in king's houses. Generally, however, the minstrel was but a strolling player, speaking other men's thoughts, and wandering over the length and breadth of the land ... At any rate, the common folks heard him gladly, before the church or on the village green."(47)

Afgesien van die Franse *troubadours* en *trouvères* (die terme beteken "ontdekkers" of "uitvinders"), moet ook die Duitse *Minnesänger* genoem word. Die naam is afgelei van die ou woord *Minne* wat liefde beteken, en dit was waaroor hulle meestal gesing het, afgesien van odes vir groot openbare feesvierings of roubeklag. Hul oorspronklike tuiste was Bo-Oostenryk, en hulle het van kasteel tot kasteel en dorp tot dorp - selfs buite hul landsgrense - getrek om hul liedere te sing. Hulle kom dus in 'n mate met die minstrele ooreen, maar aan die ander kant moet hulle as skeppers van minnepoësie met die *troubadours* en *trouvères* vergelyk word.(48)

Wat presies was die inhoud van hierdie liedere en ryme, en hoe het die gewone volk daarteenoor gereageer? Daar is reeds in die algemeen na liefdesgedigte verwys, en dat daar wedersydse beïnvloeding tussen adel en volksmens verwag kan word. Max Müller, Duitse geleerde wat hom in Engeland gevestig en daar groot invloed uitgeoefen het, probeer tot die kern deurdring. Hy haal eers Tieck, een van die eerste bloemlesers van hierdie digwerk, se gloeiende oorsig aan. "At that time," skryf Tieck, "believers sang of faith, lovers of love, knights described knightly actions and battles, and loving, believing knights were the chief audience. The spring, beauty, gayety, were objects that could never tire: great duels and deeds of arms carried away every hearer, the more surely, the stronger they were painted; and as the pillars and dome of the church encircle the flock, so did religion, as the highest, encircle poetry and reality; and every heart, in equal love, humbled itself before her." Dit is 'n soort onwerklike, uiters romantiese wêreld wat hier aan ons voorgehou word, met geloof, liefde, ridderlikheid en die natuurskoon as die hoofbestanddele. Die Skotse historikus en skrywer Thomas Carlyle,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat ook as getuie deur Müller opgeroep word, raak ewe liries, maar hy voer dit darem 'n stappie verder deur daarop te wys dat hierdie sang- en rymlus van *troubadour, trouvère, Minnesänger* en minstreel die gewone volksmens ook aangesteek het sodat hy saam rym en sing, so goed of so sleg hy kan: "Then truly was the time of singing come; for princes and prelates, emperors and squires, the wise and the simple, men, women and children, all sang and rhymed, or delighted in hearing it done. It was a universal noise of song, as if the spring of manhood had arrived, and warblings from every spray - not indeed without infinite twitterings also, which, except their gladness, had no music - were bidding it welcome." Müller maak beswaar dat alles darem te eensydig rooskleurig voorgestel word: "And yet it was not all gladness; and it is strange that Carlyle, who has so keen an ear for the silent melancholy of the human heart, should not have heard that tone of sorrow and fateful boding which breaks, like a suppressed sigh, through the free and light music of that Swabian era."(49)

Ook dit is nog nie die volle waarheid nie - wat die *Minnesänger* en diesulkes betref miskien wel, maar daar is 'n meer aardse stroming by die gewone minstrele, meer kontreet en realisties as die bra abstrakte vreugdes en leed van die ander sangers. "The stories written by such men as these," sê Mason, "are racy of their soil, and give the very form and pressure of their times.... Nor is it only with the lives of the rich that the mediaeval minstrel was concerned. He dealt, too, with the lives and aspirations of that yet more numerous class, the poor."(50)

Die algemene sekulêre liedere van hierdie tyd, in teenstelling tot die kerksang, word gewoonlik met 'n Franse term as *chansons de gens* (letterlik: liedere van die mense, volk) aangedui. Dan is daar die lang, uitgebreide digwerke, soos die *chansons de geste* (liedere van heldhaftige dade),(51) afgesien van die ridder- en ander rymromans en groot eposse wat in die Middeleeue 'n hoogtepunt bereik. Hier, as voorbeeld, volg 'n lysie van die bekendstes wat Guerber behandel: *Beowulf* (p.1), *Van den vos Reynaerde* (p.35), die *Nibelungenlied* (p.59), *Karel die Grote* (p.162), *Die heilige graal* (p.243), *Merlin* (p.273), *Koning Artur en sy ridders van die Tafelronde* (p.285), *Tristan en Isolde* (p.311), en *El Cid* (p.345).(52)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Basies het ons in hierdie eposse met patrisiërkuns te make, meermale onderbreek deur gedeeltes wat bloot liriese ontboesemings is. Tog is daar so 'n voortdurende kontak tussen koning en kneg met die minstreel en diesulkes as tussengangers dat die verhale volksbesit word. "Overal werden zij bekend," sê Guerber, "zoo goed aan rijk als aan arm, door de (minstreelen), die van kasteel naar hut, van herberg naar paleis gingen, in elk geval een welkom gast."(53) Belewenisvertellings kom hier nie juis voor nie; veel eerder is dit legende- en sprokiestof.

In ander lande het nog sangers en vertellers onder ander benaminge opgetree, maar as algemene voorbeelde is die genoemdes voldoende.

6.6.0 Sangvertelsels ("cante-fables")

Eugene Mason vestig die aandag op 'n besonder interessante verskynsel i.v.m. die (volks)vertelling met verwysing na die titelverhaal in die bundel *Aucassin and Nicolette and other mediaeval romances and legends*, wat deur hom saamgestel en vertaal is. Hy skryf: "A single copy of 'Aucassin and Nicolette', transcribed in the thirteenth century, and preserved as by miracle, has retained for us not only a charming tale, but also an unique specimen of the minstrel's craft. Without it we could not have gathered that so elaborate a blending of prose and verse was possible to a strolling player of mediaeval France. The cante-fable was designed for recitation, with illustrative gesture, to the accompaniment of viol and pipes. In this, and not only in this, it seems to suggest an Eastern origin, and to-day, in any Moorish coffee-house, the tales of the *Arabian nights* are delivered in a manner very similar to that witnessed in Provence seven hundred years ago."(54)

Hierdie sangvertelsels, waarvan voorbeelde vandag nog op sommige plekke in die wêreld voorkom, kan soos volg nader omskryf word: "A narrative form in which a story is told partly in song: common in folktales of many languages and many countries. The song sections, usually in dialogue, are the most important or emotionally charged elements of the story, containing magical utterances, witty or wise replies to questions, riddles, sayings of poets, musicians, birds or animals, wishes or calls, etc. The prose narrative explains or sets the scene for the song,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

which may be repeated, with or without change, in the course of the tale. Examples are found in the Grimm collections, in *The thousand and one nights*, in the *Panchatantra*, in old Irish romances and Scandinavian sagas, in British folktales, among the Negroes of Africa, the West Indies, and the United States, in scattered and fragmentory form among the white population of the United States, etc. ... Survivals among white singers in the United States show a special fondness for the humorous tale, especially of the deceived husband variety, *Our goodman* having been preserved in cante fable style among soldiers, sailors, hillbilly singers, etc."(55)

So iets is in die Afrikaanse volksmens se vertellings feitlik onbekend, maar 'n vermenging van vers en prosa kom wel algemeen by die swart volkere van Suid-Afrika voor,(56) en daar bestaan bv. iets soortgelyks in die sprokies (in Afrikaans vertel) van die Buys-basters in Noord-Transvaal, wat soms dele van die dialoog sing. Daar moet egter onthou word dat hulle sterk deur hul swart bure beïnvloed is.(57)

6.7.0 Die Middeleeue (vervolg)

Daar kan na nog ander volksverhale en volksvermakers-met-die-woord verwys word, bv. die toneelspelers. Die magtige Rooms-Katolieke Kerk onderdruk die georganiseerde drama soos dit by die Oud-Grieke en Romeine voorgekom het as heidens en sedebederwend, maar onder die rondtrekkende minstrele en andere is ook die mimiekspelers, terwyl sommige van die jongleurkunsies 'n dramatiese inslag het, sodat 'n soort toneeltradisie tog aan die gang gehou word.(58)

Langsamerhand ontwikkel in die kerk self 'n dramatradisie: uit die liturgie, wat in die Roomse Kerk sterk dramatiese trekke vertoon, asook uit die behoefte om Bybelverhale vir die ongeletterde en onbegrypende volksmassa aanskoulik en verstaanbaar voor te stel. So ontstaan eers die *misterie* wat oor die een of ander Bybelonderwerp handel, waarop die *moraliteit* volg: enige toneelspel met 'n boodskap.(59) Dit lei tot die *mirakelspel* buite die kerkmure, nog steeds met 'n Christelike inslag, nl. die voorstelling van een of ander wonderwerk. Dan volg die *abele* spele. Die woord *abel* beteken bekwaam, vernuftig, en dit dui dus op 'n kunstige opvoering oor enige wêreldse onderwerp, dikwels gedramati-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

seerde voorstellings van die ou ridderromans. Om so 'n program mee af te sluit, is 'n *abele spel* gewoonlik deur 'n *clute* (klug) of *sottemie* gevolg - en dis hier waar ons weer op die terrein van die belewenisvertelling kom, want so 'n *sottemie* was "een gedramatiseerde anekdote of een ruw-realistisch tafereeltje uit het alledaagse leven".(60) Twee voorbeelde sal 'n duidelike insig in hierdie soort vermaak gee:

De buskenblaser: (Van) eene oude man, die een gewaande verjongingskuur ondergaat: een kwakzalver laat hem voor goed geld in een bus met roet blazen; zijn jonge vrouw beloont hem met een pak slaag.

Nu noch [*dit is: toe maar*]: Een man, die door zijn vrouw slecht behandeld wordt, houdt zich op raad van een buurman krankzinnig, antwoordt op alles "nu noch", maar komt bedrogen uit als hij zo onvoorzichtig is de list te verklappen.(61)

Onder die rondtrekkende volksvermakers is daar nou ook die volbloed-toneelspelers, soos die Engelse digter George Crabbe hulle teken:

> "Drawn by the annual call, we now behold
> Ou Troop Dramatic, heroes known of old,
> And those, since last they marched, enlisted
> and enrolled:
> Mounted on hacks or borne in wagons some,
> The rest on foot (the humbler brethren)
> come ...
> Peruse these bills, and see what each can do, -
> Behold! the prince, the slave, the monk, the Jew;
> Change but the garment, and they'll all engage
> To take each part, and act in every age."(62)

Daar is wyd aangevoor - iets wat deur volksvertellingvorsers te maklik nagelaat word - sodat 'n mens 'n oorsigtelike beeld kan kry van die wye bedrywigheid wat op die gebied van die woordskeppinge tydens die Middeleeue aan die gang was - 'n bedrywigheid wat uit die volkswoordskeppinge geput en ook sy stempel daarop gelaat het. Die sleutelwoord omtrent volksvermakers was beweeglikheid, sodat waar boeke nog uiters skaars was en koerante en tydskrifte nie bestaan het nie, hulle hul stof

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van mens tot mens oorgedra het.

Dis insiggewend om te kyk na enkele van die belewenisvertellings van die Middeleeue wat deur die geslagte hul gewildheid sou behou. Die Duitse vorser Lutz Röhrich skryf in die besonder met betrekking tot Duits: "In der Dichtungsgeschichte des Mittelalters erwacht um die Mitte des 13. Jahrhunderts eine neue Vorliebe des Publikums für die kurze Erzählung. Im Gegensatz zum höfischen Roman der mittelhochdeutschen Blütezeit handelt es sich um 'niedere Epik', mit der auch ein neuer stofflicher Bereich erschlossen wird: Zum erstenmal bilden Volkserzählungen, die zum Teil noch heute lebendig sind, die inhaltliche Grundlage mittelhochdeutscher Dichtung."(63)

Uit die vier-en-twintig vertellings wat Rörich in sy tweedelige werk behandel, is ses belewenisverhale uitgesoek. Hulle word volgens die algemene patroon ingedeel; daarna volg 'n opsomming van die vertelling soos dit in Aarne/Thompson se *Types of the folktale* voorkom, met die nommer daarby (bv. A/T 1362); dan volg die bladsynommer by Rörich (bv. RI, p.204 beteken Rörich, deel I, bladsy 204), en, waar van toepassing, 'n aanduiding dat die tema ook nog in Afrikaans bekend is, volgens Abel Coetzee e.a. se *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal.*

Q. <u>Novellistiese onderwerpe</u>

The snow-child. A sailor's wife bears a son in his absence and says that it came from eating snow. Later the husband makes away with the boy, who, he says, melted in the sun.

A/T 1362; RI, p.204.

The hero catches the princess with her own words

I *The contest.* A princess is offered in marriage to the youth who outwits her in repartee.

II *The clues.* On the way to the contest the hero picks up a dead crow, an egg, and other objects.

III *The contest.* By producing these objects at the proper time he brings all the princess's words to scorn (often obscene).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AT/ 853; RI, p.222.

The faithless wife. Asks God how she can fool her husband. The husband from the tree (or rafters) tells her that she can make him blind by feeding him milk-toast. The husband feigns blindness and slays the lover. The body is thrown into the river.

A/T 1380; RII, p.323.

R. Die domme en die slimme: Uitoorlê

The old beggar and the robbers. The robbers dress an old beggar up in fine clothes. They take him in front of the shopkeeper's house. Get many goods on the credit of the fine gentleman. Disappear with the goods and leave the old man behind.

A/T 1526; RI, p.173.

T. Humoristies (Algemeen)

The priest's guest and the eaten chickens. The servant who has eaten the chickens tells the guest to flee because the priest is going to cut off his ears, and he tells the priest the guest has stolen two chickens. The priest runs after him crying, "Give me at least one of them."

A/T 1741; RI, p.192. (Ook in Afrikaans bekend.)

Wife falls into a stream. The husband searches for his drowned wife upstream. She is too obstinate to go with the current.

A/T 1365A; RII, p.307. (Ook in Afrikaans bekend.)

Middeleeuse (Katolieke) predikers was baie lief daarvoor om hul preke met allerhande wyse gesegdes, staaltjies of verhale as voorbeelde, genoem *exempla* (enkelvoud: *exemplum*), toe te lig. Feitlik vanselfsprekend sou daar 'n band tussen hierdie *exempla* en die vertellings in die volksmond bestaan. So skryf die reeds genoemde Alexander Krappe: "The medieval *exemplum* is not, strictly speaking, a folktale type. A product of medieval Catholicism, these illustrative stories were used to enliven the sermons of priests and friars ... Many of these stories have no folklore status but are tales and anecdotes taken from the clas-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sical writers, chiefly Cicero, Seneca, and Valerius Maximus. Others relate historical events culled in chroniclers such as Bede. A considerable number, however, are bits of oral folklore heard and reproduced by priests or wandering friars."(64)

Uit Frederic C. Tubach se magtige *Index exemplorum - A handbook of medieval religious tales*, wat 5 400 inskrywings bevat, is die volgende lysie van veertien belewenisvertellings saamgestel. In hierdie geval word die Tubach-opsommings gebruik (bv. Tu 25), terwyl die Aarne/Thompson-nommers ook aangegee word (A/T 1641B):

A. Die Christendom: Kerklike ampsdraers (luimig)

Abscess cured by laughing. A bishop teaches a woman to diagnose by looking at the scraps of food around the bed of the sick person. After she becomes famous as a physician, the bishop develops an abscess in his throat. Visiting him, she can find nothing but hog food around his bed and says that he has eaten too much of it. The bishop laughs so hard that the abcess bursts.

Tu 25; A/T 1641B.

Drunkard becomes monk. A drunkard becomes a monk through his wife's contrivance. She sends for monks and tells them that her husband is dying. They take the heavily intoxicated man to the monastery. When he becomes sober again, he is too ashamed to leave the monastery.

Tu 1803; A/T 1406.

J. Die sosiale gemeenskap: Mens en medemens

Shooting at father's corpse. Three (four) boys each claim to be the only son of a man who has just died. The youngest of them refuses to shoot at the father's corpse and is judged to be real son.

Tu 1272; A/T 920C.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Friendship tested. A youth thinks he is buying friends by spending money freely: all fail him when he tests them by pretending he had murdered someone. Only his father's halffriend is ready to die for him.

Tu 2216; A/T 893.

P. Misdaad en straf

Thief tricked into returning sword. A thief takes a sword from a boy in the forest and robs him. The boy wishes his hand cut off so that he could claim he had not lost his belongings without a struggle. The boy pulls his hand back and the sword is struck in a tree trunk, whereupon the boy pulls it out and kills the thief.

Tu 4806; A/T 1527A.

Q. Novellistiese onderwerpe

Weeping bitch. An old woman tells a faithful young wife that the weeping bitch she sees is her daughter who was transformed when she refused to lie with a man; the young wife is thus deceived into yielding to a man.

Tu 661; A/T 1515.

Chaste empress. An empress locks her husband's brother in a tower for the five years her husband is away because he repeatedly makes advances at her. When the emperor returns, she is falsely accused of adultery.

Tu 1898; A/T 712.

Pilgrim returns for marriage. A knight promised to princess Aglaes returns from the Holy Land after seven years; just in time to elope with her on the day fixed for the marriage to the King of Hungary.

Tu 3792; A/T 974. (Soortgelyke tema in Afrikaans.)

Wife throws stone in well. A man keeps his wife in a stone house with high walls. Falling in love with a young man, she goes out and threatens to throw herself into the well, but, instead, throws in a

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stone. Running back, she bars the door and locks her husband out.

Tu 5246; A/T 1377.

Widow of Ephesus I. A widow, matron of Ephesus, mourning at the tomb of her recently deceased husband, is consoled by the sentinel at the gallows.

Tu 5262; A/T 1510.

Wife shared with friend. A knight befriends a man with whom he shares everything. The man's wife falls in love with the knight. The hus= band wishes to expose the adulterous wife by having the knight tell the story of his conquests. The latter, however, concludes by saying that the conquest of his friend's wife was only a dream and the lovers continue to see each other.

Tu 5287; A/T 1419E.

R. Die domme en die slimme: Swaaptipe

Milk spilled. An old woman, carrying milk to market, makes plans to become rich. Imagining she is riding a foal (one of the animals she will buy with all her wealth), she moves her feet and hands and breaks the pot of milk.

Tu 3286; A/T 1430. (Wyd bekend in Afrikaans.)

T. Humoristies (algemeen)

Treasure under inscription stolen. A clerk who had hidden his treasure under a stone with the inscription, "Here it is," found that someone had taken the money and written on the stone, "Here it is not."

Tu 4967; A/T 1341B.

Wine on market-day. A man and wife vow to drink no wine except on market-days. They soon hold their own market-day by selling their don= key to one another.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tu 5311; A/T 1447.[65]

Voordat ons finaal van die Middeleeue afskeid neem, is daar nog enkele gebeurtenisse wat genoem moet word. Dit is in die eerste instansie nie oorloë en gerugte van oorloë nie (hoewel Frankryk gedurende die Laat Middeleeue in die uitgerekte en verwoestende Honderdjarige Oorlog betrokke was), maar ander rampe wat Wes-Europa tref, die ergste daarvan die groot pesepidemie, bekend as die Swart Dood, wat van 1348 - 1350 woed en na raming tussen 'n kwart en 'n derde van die bevolking uitgewis het. Dit het vanselfsprekend 'n neerdrukkende invloed op die ekonomie, veral weens die tekort aan mannekrag wat daardeur ontstaan. In die tweede helfte van die 14de eeu kom geleidelike herstel en eindelik 'n nuwe oplewing.[66]

Iemand soos die reeds genoemde Carlill (vertaler van die *Physiologus*) hou die prikkelende mening daarop na dat die Swart Dood eintlik 'n seën was. Dit skud die Middeleeuer finaal wakker om los te breek uit die wêreldvreemde dogmas van die Katolieke Kerk: dat hierdie wêreld bloot 'n skadubeeld en 'n simbool en dus onbelangrik is - op sy ergste selfs demonies. Dit laat die Middeleeuer ontwaak tot die besef dat die lewe kosbaar en die wêreld mooi is. "Nothing," sê Carlill, "could recover the old elasticity (of thought) except some great event affecting the life of the European races as a whole, and that event came in the fourteenth century, with the series of epidemics, culminating in the great Black Death ... Within two generations after the Black Death were born Huss, Fernel, Columbus, Gutenberg, Masaccio, Copernicus, and in little more than a hundred years the whole mental outlook of the European peoples was entirely changed. The world had suddenly become deeply interesting, and nature adorable."[67]

Dit is natuurlik iets wat meermale in die geskiedenis waargeneem kan word, soos bv. die opkoms van die vitalisme as wysgerige stelsel, maar ook as lewenshouding nâ die Eerste Wêreldoorlog met sy ongehoorde menseslagting in Europa - 'n "anti-intellektualisme, die verheerliking van die skeppende krag en die intuïsie bo die logiese denk", soos N.P. van Wyk Louw dit by geleentheid opgesom het, en verder: "Hierdie anti-intellektualisme en irrasionalisme was 'n atmosfeer van die Europese jeug nâ die Wêreldoorlog. Nâ die vier jaar van die dood en beklemming het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die jeug hom met 'n hartstog wat ons in Suid-Afrika skaars kan begryp, gewend na wat hy as sy vertraagde lewensreg beskou het: sport, vryheid, die opelug-lewe ... die waardes van die jong dier in hom."(68) Hoe dit ookal sy, die 15de eeu sou een van die mees dramatiese tydvakke in die Westerse geskiedenis inlui wat uiteindelik die ganse wêreldopset ingrypend sou verander.

Tweedens moet nog iets gesê word omtrent die ridderwese. Toe dit eers tot volle ontplooiing gekom het met sy kleurige heraldiese wapens, sy hoë ideale van eerbaarheid en manlikheid (hoewel dit deur swakkelinge meermale verloën is), sy sentimentele verbondenheid aan 'n "verre geliefde", het dit veel bygedra om 'n gees van onwerklikheid te bestendig en 'n fantasiewêreld te skep. Pama som dit só op: "Die verbeeldingskrag van die Middeleeuse wêreld was inderdaad onuitputlik. In die begintyd van die heraldiek is steeds weer nuwe vorme van verandering en variasie geskep. Dit het gelyk asof die ridders in die ban gekom het van hul eie kleurryke familiesimbole, wat die late Middeleeue geheel beheers het en wat toernooie en selfs veldslae tot ware feeste van uitbundige kleur gemaak het. Dit was gebeurtenisse wat 'n onuitwisbare indruk op die deelnemers en die toeskouers gemaak het en in die epiese gedigte van die tyd besing en in wapenboeke met goud, silwer en ander kleure vasgelê is."(69) Tog is die eerste tekens van ondergang reeds daar toe groot ridderafdelings van kort ná die aanvang van die 14de eeu telkens in veldslae deur voetvolk en boogskutters verslaan is. Dit duur in die 15de eeu voort totdat met die ontplooiing van die Renaissance en die algemene aanwending van buskruit op die slagveld (reeds lank bekend, maar nooit juis vir oorlogvoering gebruik nie) die ridderskap finaal in duie stort. Nietemin sou die invloed van hierdie tyd nog eeue lank in die literatuur bly deurwerk, eers as die onderwerp van 'n skynbaar eindelose ry prosaromans vir die patrisiërs, om later - in die vorm van volksboeke - na die gewone volkslae deur te dring.

Die volle omvang van die invloed wat die ridderwese op die volkswoordskeppinge uitgeoefen het, is moeilik te bepaal. Dit is beslis nie so groot soos 'n mens miskien sou verwag het nie, maar selfs in Afrikaans bestaan tog 'n floue afskaduwing daarvan in enkele ou Nederlandse volksballades wat ons oorgeneem het, soos "Die nonnetjie en die ridder-tjie"(70); dit leef in ons stamland se legendes - en wat anders as 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ridder is die prins wat in sprokiesland die heldin uit die benouenis red?

6.8.0 Die Renaissance

Uit 'n boukundige oogpunt word gewoonlik aanvaar dat die Renaissance, gebaseer op 'n "hergeboorte" van belangstelling in die Klassieke Oudheid, van omstreeks 1400 met die eerste roeringe in Italië tot by die afloop van die Neo-Klassisisme omstreeks 1820 strek.(71) Dit lyk na 'n goeie afbakening ook wat die geestelike kultuur betref en oorspan 'n tydperk van vier eeue waarin nasionale state sterk na vore tree, die konings en adel 'n toppunt van mag en glorie bereik, en eindig met die Franse Revolusie en Napoleontiese oorloë, waarna die Westerse wêreld nooit weer dieselfde sou wees nie.

Die Renaissance is 'n nuwe begin, maar ook die einde van baie dinge. Een is reeds genoem: die ondergang van die ridderwese met al sy aanhangsels, soos heroute en minstrele. Dit bring 'n einde aan die eenheid van die Christelike Kerk (hoewel daar vroeër al kleiner afvallige groepe was), en lei tot godsdiensoorloë en godsdiensvervolging, wat die wreedste van alle oorloë en vervolgings kan wees omdat sulke sterk emosies gaande gemaak word.

Laat ons kortliks na nog 'n paar keerpunte kyk:

Daar was die opkoms van die humanisme wat die klem laat val op die enkeling, nie meer verswelg in 'n massa soos tydens die voorafgaande Middeleeue nie.

Daar was die hekseervolgings wat van die einde van die 15de tot die einde van die 17de eeu meer as 'n halfmiljoen mense 'n marteldood laat sterf het, en 'n onuitwisbare merk op die Europese volksgeloof en sagevertellings gelaat het.

Daar was die ontdekkingsreise wat nuwe wêrelde en kulture vir die Wes-Europeërs oopgestel het.

Daar was die kolonisering van hierdie gebiede waardeur mense van Wes-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Europese oorsprong in heeltemal nuwe rigtings ontwikkel het, soos bv. die Afrikaners in Suider-Afrika.

Daar was die Hervorming wat 'n hele nuwe denkrigting aan die mensdom geskenk het, en o.m. gelei het tot die Tagtigjarige Oorlog en die verwoestende Dertigjarige Oorlog, tot die optrede van die Katolieke Inkwisisie en die verwisings van geloofsvlugtelinge.

Daar was ander oorloë oor die ryk handelskatte wat die ontdekkingsreise blootgelê het.

Daar was die eerste tekens van die opkoms van 'n tegnologiese beskawing.

Daar was die groot, soms revolusionêre deurbraak van die volksmassas na demokratiese regering.

Dit alles saam bring ervarings mee wat neerslag in die verskillende volkskulture vind; dit lei tot die beweging van mense wat die verspreiding van volkskultuurgoedere bevorder.

Van die grootste belang is dat Johann Gutenberg tussen 1440 en 1450 "die boekdrukkuns uitgevind het", soos dit gewoonlik kortweg gestel word, hoewel dit nie heeltemal korrek is nie. Vóór Gutenberg is die meeste boekrolle wel deur skribente gekopieer, maar daar is ook reeds boeke bv. met gesnyde houtblokke of gegraveerde plate gedruk. Sy revolusionêre uitvinding was om los, gegote letters te gebruik. "He fulfilled the need of the age for more and cheaper reading matter," sê die historikus S.H. Steinberg, "by substituting machinery for handicraft. Drawing upon the technical experience of the writing-master, the wood-engraver, and the metal-worker, he produced movable types which could be combined at will."(72) Hierdie boekdrukkuns sou op die lange duur 'n groot invloed op die volksvertelling uitoefen deurdat dit die grootskaalse optekening en wye verspreiding daarvan moontlik gemaak het.

Terwyl die geleerdes van die Renaissance in Oud-Grieks of verkieslik Latyn skryf, gebeur dit nou dat ander skrywers die volkstaal gebruik om 'n groter publiek te bereik. Wanneer 'n mens die boeke en geskrifte van belang vir die volksvertelling noukeurig nagaan, word 'n sekere

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

patroon daarin ontdek. Geskrifte of boeke in Latyn uit die Middeleeue of Vroeë Renaissance, soos die bekende *Gesta Romanorum* ("Dade van die Romeine"), einde 13de/begin 14de eeu, of Bracciolini se *Liber facetiarum* ("Boek van snaakse stories") uit die jaar 1470, waarin temas en vertellings uit die volksmond 'n rol speel, word opgevolg met vertellings of boeke in die volkstaal waarin hierdie ou verhale nog invloed uitoefen. Daar is bv. in Nederlands *De seven vroeden van Rome* (1479) wat op Oosterse en Oud-Griekse bronne teruggaan: en in Duits Johannes Pauli (ca. 1450 - 1530) se *Schimpf und Ernst* (1522), bevattende 693 stukke; Jörg Wickram (ca. 1500 - 1566) se *Rollwagenbüchlein* (1555), in herdrukke uitgebrei tot 101 stukke; en Martin Montanus (ca. 1530 - ca. 1566) se *Wegkürzer* (1557), met 42 stukke.(73)

Die duidelikste resultate kan miskien bereik word indien ons die lotgevalle van enkele Middeleeuse belewenisvertellings wat reeds vroeër bespreek is, in hierdie tyd nagaan. Dieselfde indelings, met die Aarne/Thompson-nommers daarby, word weer gebruik.

Q. Novellistiese onderwerpe

The snow child (A/T 1362)

Die oudste weergawe van hierdie vertelling kom in 'n 10de-eeuse Latynse manuskrip voor. In hierdie Latynse vorm was dit waarskynlik algemeen in die Middeleeue bekend. In Middelhoogduits verskyn twee bewerkings, die een in die 13de eeu, en die ander effe later. Johannes Pauli neem dit in sy *Schimpf und Ernst* (1522) op; Hans Sachs, beroemde *Meistersänger*, gebruik dit in 1536 in een van sy liedere; dit kom as *exemplum* in talle preke voor. Dit duik ook in enkele ander versamelbundels op, en optekenings uit die volksmond skyn op Pauli se weergawe te berus. Daar bestaan verder 'n Rusiese weergawe in die volksmond, in 1865 gepubliseer.(74) Uit mondelinge bronne is dit meer onlangs opgeteken in Noors, Deens, Yslands en Frans.(75)

The hero catches the princess with her own words (A/T 853)

Die oudste bron is 'n Middelhoogduitse gedig van teen die einde van die 14de eeu, waarskynlik uit die volksmond opgeteken, en dit bestaan net in manuskripvorm. Daarna volg 'n Franse prosavertelling in die 16de eeu. Dit is in die 19de en 20ste eeu op talle plekke uit die Duitse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volksmond neergeskryf.[76] Ander optekenings uit die volksmond bestaan in: Fins, Estlands, Lyflands, Litaus, Laplands, Sweeds, Noors, Deens, Iers, Engels, Frans, Spaans, Nederlands, Vlaams, Duits, Hongaars, Tsjeggies, Serbo-Kroaties, Russies, Grieks (Modern), Frans-Amerikaans, Spaans-Amerikaans, asook op die Kaap-Verdiese Eilande en die Wes-Indiese Eilande.

T. Humoristies (algemeen)

Wife falls into a stream (A/T 1365A)

Hierdie vertelling is tydens die Middeleeue in Latyn en Duits opgeteken; dit is talle kere as *exemplum* by kerkdienste gebruik; dit word deur Johannes Pauli in sy *Schimpf und Ernst* ingesluit, asook in talle ander Duitse bronne. Dit kom selfs by die beroemde 17de-eeuse Franse skrywer Jean de la Fontaine voor.[77] Later optekenings in Fins, Estlands, Litaus, Sweeds, Noors, Engels, Frans, Spaans, Wallies, Duits, Slowaaks, Russies, Engels-Amerikaans, Spaans-Amerikaans asook in Indië en in Afrikaans.

6.8.1 Ballades-in-plano

Een van die interessantste neweprodukte van die ontwikkeling van die boekdrukkuns, was die verspreiding op uitgebreide skaal van ballades op groot, ongevoude velle papier *(in plano)* afgedruk. In Duitsland het dit *Flugblattlieder* of *fliegende Blätter* geheet en word só omskryf: "Flugblattlieder, auf Jahrmärkten angepriesen und von wandernden Händlern kolportiert, spiegeln seit den frühen 16. Jahrhundert den Volksgesang, die sie nachhaltig durch Massenverbreitung beeinflussen. Viele Volkslieder sind uns in ihrer älteren Gestalt überhaupt nur durch Einblattdrucke und fliegende Blätter überkommen. Die älteren Drucke sind meist mit prächtigen Titelholzschnitten verziert. Die Melodien wurden nur in seltenen Fällen abgedruckt."[78]

In Engeland is van *broadside ballads* gepraat, waar 'n *broadside* 'n groot vel papier, net op een kant bedruk, aandui. Hulle maak ook kort ná die "uitvinding" van die boekdrukkuns in die 15de eeu hul verskyning, en op straat, by kermisse en op markdae is daarmee gesmous - tot in die 19de eeu.[79] Hierdie *broadsides* was inderdaad so gewild dat mense dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekoop en teen die mure van hul woonvertrekke opgeplak het sodat hulle sommer maklik van daar af kon sing. Die bekende Engelse maatskaplike historikus G.M. Trevelyan wys daarop dat "the ordinary farmer and cottager saw no printed matter of any kind except Bible, Prayer Book, and

> The ballads pasted on the wall,
> Of Joan of France and English Moll,
> Fair Rosamund, and Robin Hood,
> And the little children, of the Wood."(80)

In die Nederlande, Noord en Suid, word soms van 'n *vliegende blad*(81) of sommer van *markt- en straatliederen*(82) gepraat. Lewendig skilder Peeters vir ons so 'n sanger wat sy lied ten beste lewer om verkope aan te moedig: "Kan men zich een jaarmarkt in Vlaanderen indenken zonder liedjieszanger en zou er wel één belangrijke gebeurtenis zijn, die niet haar plaats krijgt in het repertorium dezer troubadours?" Gebeurtenisse uit die alledaagse lewe word besing, en voor koerante en tydskrifte algemeen in omloop gekom het, was hulle die nuusbodes, veral vir die plattelander. Hierdie liedjies "handelen over scheeps- en treinrampen, oorlogsgebeurtenissen en revoluties, stakingen en opstootjes, diefstallen en moorden, liefdesdrama's en branden, over de levensevenementen van de leden der koninklijke families, stroperdrama's en ongevallen". Die liedjiesanger leef hom hartstogtelik in sy onderwerp in sodat hy werklik trane stort oor die verontregtes, en ten hemele roep om wraak, terwyl sedelessies wat uit die gebeure geleer kan word, nie agterweë bly nie. Afgesien van nuusbrokkies, kom ook algemene temas voor: "balladen en romancen, liefdesliederen en burlesken over gefopte boeren, oude tantes en onervaren reizigers". Hierdie straatliedere is seer sekerlik (gewoonlik) nie van hoogstaande literêre gehalte nie. Die sanger wil sy eenvoudige hoorders meesleur, hulle dwing om sy liedjies te koop en self te gaan sing. Daarom gebruik hy meestal die gewilde melodieë van die dag en dui bó sy teks aan: "Op de wijze van ..."(83) Die liedjiesanger put hul stof uit dieselfde bron waaruit belewenisvertellings voortkom, nl. alledaagse gespreksonderwerpe, afgesien van bestaande volksvertellings wat hulle verwerk. Hul invloed op volkswoordskeppinge moet dus groot gewees het.

'n Laaste groep beroepsvermakers wat hier genoem kan word, is die soge-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naamde *sprooksprekers* (kortverhaalvertellers) van die Nederlande. Hulle vermaak weliswaar die hoër stande, maar kom tog meestal uit die gewone volk en skep dus 'n band tussen onder- en opperkultuur. Die Nederlandse letterkundiges De Vooys en Stuiveling deel omtrent hulle mee: "Omstreeks 1400 kwamen de noordelijke Nederlanden in de letterkunde meer naar voren. Onder de hogere standen werden door zogenaamde *'sprooksprekers'* korte verhalen, didactische of allegorische gedichten voorgedragen. Een *spro=ke* met komische of spottende inhoud heet ook wel *boerde*. Er zijn vrij=wat boerden, grotendeels van onbekende dichters, bewaard, die als ver=dienstelijke volkskunst naast de kluchten geplaast kunnen worden. De sprooksprekers waren als beroepsdichters afhankelijk van de gunst van voorname heren."(84)

6.8.2 Volksboeke

'n Verdere nalatenskap van die boekdrukkuns aan die gewone volk en volks=kultuur, was die honderde sg. volksboeke wat deur die eeue in al die be=langrikste Wes-Europese tale verskyn het. Hierdie kort oorsig word dus beperk tot volksboeke in die Dietse taalgebied.

Interessant is dit dat die eerste belangstelling in 'n studie van die volksboeke van die geniale Napoleon Bonaparte tydens sy keiserskap uit=gegaan het. Hy het 'n Franse geleerde opdrag gegee om ondersoek daar=na in te stel, want hy wou graag sy volk begryp, ook deur te weet wat hulle lees. Die verslag is voltooi, en "van dat oogenblik af begon men te begrijpen, welk eene onschatbare bron voor de kennis van 't volksle=ven de populaire volksliteratuur is", skryf die Nederlander G.D.J. Scho=tel(85), wat self so 'n taak vir sy eie land onderneem en sy bevindinge onder die titel *Vaderlandsche volksboeken en volkssprookjes* (twee dele) gepubliseer het.

As volksboeke moet in die eerste instansie beskou word "de goedkope, slecht gedrukte en geïllustreerde ridderromans, die door verschillende drukkers-uitgevers te koop werden aangeboden, nadat de adel, voor wien deze romans waren geschreven, wegens de in de mode komende klassieke auteurs, ze niet meer las",(86) skryf die Vlaming Emile H. van Heurck, groot kenner en versamelaar van hierdie soort volkslektuur. Dit was egter nie net verwerkings van die ou berymde ridderromans wat so onder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die volk versprei is nie. Die hoofstukopskrifte van Schotel se reeds genoemde werk gee 'n mens 'n goeie indruk van die wye verskeidenheid wat aangebied is:

- Almanakken
- Prognosticatiën [d.i. boeke oor sterrewiggelary]
- Horoskooptrekken, handkijken, kaartleggen, waarzeggen uit koffiedik, enz.
- Schoolboeken, schoolprenten
- Ridderromans
- Romans aan de mythologie en geschiedenis ontleend
- Phantastische, ridder-, historische en andere romans en novellen
- Sproken [kortverhale], kluchten
- Reizen
- Overzettingen der Klassieken, spreuken- en raadselboeken
- Volksboeken over en voor vrouwen
- Liefdesgeschiedenissen, roovers- en andere romans
- Godsdienstige volksboeken, leven der heiligen
- Geestelijke, straat- en bakerliedjes
- Sagen, verhalen, sprookjes

Die boeke was dikwels ongelooflik swak afgewerk, beide wat voorkoms en inhoud betref. Gewoonlik is sommer 'n grys papieromslag vir 'n band gebruik, en die hele boek was van 'n swak gehalte papier. In die sg. prosaverwerkings van rymromans is die versreëls doodeenvoudig agtermekaar geskryf, soms selfs met behoud van die rymwoorde. Weens kerksensuur of omdat die teks nie in 'n vaste getal bladsye wou inpas nie, is hele hoofstukke van verhale weggelaat. Dieselfde illustrasies is oor en oor vir verskillende boeke gebruik sodat hulle hoegenaamd nie by die inhoud gepas het nie. Met die loop van tyd is die taal van die boeke darem nou en dan gemoderniseer. Groot oplae is gedruk en deur die boekhandelaars in hul winkeltjies te koop aangebied, of deur smouse en andere "langs de straten en op de markten, op kermissen en op bedevaartsplaatsen" aan die man gebring. Hierdie volksboeke het hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bloeityd tussen die 16de en die helfte van die 19de eeu beleef. Hoe= wel verskillende titels daar presies was, is vandag onmoontlik om te sê, want die boeke is maklik aan flenters gelees, maar dit moes honderde be= loop het.(87)

Van Heurck gee 'n goeie algemene tipering van hierdie werke wanneer hy sê: "De volksboeken zijn in feite de late vertegenwoordigers van de middeleeuwsche letterkunde; deze is vervuld van allerhande wonderen, tovermachten buitengewone avonturen, ongenadige oc logen, eigenaar= dige gevechten, verheven of schuldige liefdes, onvergelijkelijke offers, bloedige haat, monsterachtige schelmstukken en afschrikwekkende bloed= schande; tevens is zij een trouwe, onopgesmukte en ongesluierde weer= gave van het godsdienstige, militaire en burgerlijke leven onzer voor= ouders door de eeuwen heen."(88)

So 'n uitgebreide en volgehoue inwerking van opperkultuurprodukte op die draers van die onderkultuur moes 'n beduidende invloed gehad het. Ab= solute bewyse hiervoor bestaan daar natuurlik nie, want dit was 'n tyd toe die volksvertelling nog nie in eie reg bestudeer is nie, en veral belewenisverhale is nog nooit stelselmatig uit die volksmond opgeteken nie.

6.8.3 Renaissance-formalisme

Ondanks al die mooi en nuwe dinge wat die Renaissance gebring het, was daar tog altyd iets kunsmatigs daaromtrent. Dit het nie uit die volk voortgekom nie, en die simbole van die Klassieke Oudheid wat tot herle= wing gebring is, was vir hulle blote uiterlikhede sonder 'n innerlike geestelike inhoud. 'n Mens kan dit toelig deur die kruisteken teenoor voorbeelde uit die Oud-Griekse en Romeinse mitologie te stel. Vir die Christengelowige Renaissance-mens het die kruis van Christus emosionele betekenis, terwyl die mitologiese voorstellings blote aardighede is. Ons sien die uitwerking van hierdie formalisme bv. in die volkslied. Die Middeleeue was 'n bloeityd vir die volkslied, skryf die Nederland= se volkskundige K. ter Laan, maar met die koms van die Renaissance word dit verwaarloos.(89) G'n wonder dat die Suid-Afrikaans-gebore Engelse digter R.N. Currey sy bundel vertalings van Franse Renaissance-gedigte *Formal spring* noem nie, en dan skryf hy o.m.: "poets struggled to write

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

within a framework of elaborate and rigid forms, and gradually discovered subtler disciplines of poetic expression. Nearly all the vast poetic output of this period was formal exercise."(90)

Ons merk hierdie verwikkeling dwarsdeur Europa. Toe die tyd van die Duitse *Minnesänger* verbygegaan het en hulle nie meer in die adellike kaste= le welkom was nie, neem die sg. *Meistersänger* oor, lede van die gewone burgery in die stede wat hulself in gildes saamvoeg en jaarliks groot saagwedstryde hou waar om pryse meegeding is. Met enkele uitsonde= rings is dié harde woorde omtrent een en almal waar: "they wrote poems as they plied their trade, by purely mechanical rules, and bound them= selves by a multitude of puerile restrictions and pedantic regulations. Their subjects were painfully commonplace, and their treatment destitude of all artistic feeling. Yet these singers' guilds flourished from the 13th to the 16th century; the last was not dissolved until 1839, at Ulm."(91)

'n Soortgelyke lot tref die Provencaalse troebadoers. Oorloë en poli= tieke onderwerping aan die sentrale Franse owerheid, asook kerklike ket= terjagtery waardeur talle van die ou geskrifte verwoes word, laat die taal en veral die digkuns van Provence in die 13de eeu feitlik verdwyn. Eers tydens die Renaissance, in die 15de eeu, kom 'n oplewing, maar nou is alles formeel. *Jeux floraux*, oftewel digwedstryde, word gereël en pryse uitgedeel. So draal dit eeue lank voort.(92)

In Frankryk kry ons reeds sedert die Laat Middeleeue die *rhétoriqueurs*, wat in Nederland tot die stigting van die *rederijkerskamers* lei. Oor= spronklik was die doel van die kamers om die kerk met sy toneelopvoerings te help. Tydens die Vroeë Renaissance in die 15de eeu word die kamers al meer selfstandig, neem die vorm van gildes aan en interesseer hulle in die kunste en wetenskappe in die algemeen. Prinsen spreek 'n inter= essante mening oor hierdie frontverandering uit: "Er was eenig besef ontwaakt ... dat aan het leven in de kunst zekere geestelijke aristocra= tie verbonde was. Welnu, de burgerij ... ging in de aristocratie iets begeerlijks en – waarom ook nie! – bereikbaar zien. Men ging er een teeken van uiterlijke beschaving in zoeken, dat iedereen wel goed zou staan. Men kreeg bovendien behoefte aan vereeniging, ook, om een mo= dern woord te gebruiken, aan societeitsleven."(93) Een van die vernaam=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ste ampsdraers van so 'n kamer was die *factor*, wat eintlik die aristieke leier was en gewoonlik die toneelstukke vir die wedstryde tussen die verskillende kamers geskryf het - in die algemeen byeenkomste van oorstelpende prag en praal. Boonop is met verse meegeding, en elke kamerlid kon natuurlik deelneem. "Niet zelden," sê Schotel, was hierdie verse "zeer onkiesch".(94) Maar afgesien van die onkiesheid, was die verse gewoonlik boonop stroewe, droewe pogings. In die 17de eeu kom *dichtgenootschappen* tot stand wat teen die einde van die eeu die rederykerskamers feitlik totaal verdring en tot die einde van die 18de eeu sou voortbestaan. Allerlei soorte "gedigte" word vervaardig wat die skrywers dan gesamentlik of afsonderlik in bundels uitgee. "Bijna ieder die lezen en schrijven kon maakte verzen, en ontelbaren overstroomden het land met rijmelarij," aldus Schotel.(95) Meer hoef hieroor nie gesê te word nie. By al hierdie formalisme en peutery sal die volksvertelling nie baat nie. Tog is dit belangrik juis omdat dit die volkswoordskeppinge feitlik totaal uit die upper- en middelkultuurlaag verdring; dit bly omtrent net in die onderkultuurlaag voortbestaan totdat die skoonheid daarvan in die loop van die 18de en 19de eeu herontdek sou word: eers die ballade, veral deur die toedoen van Thomas Percy (latere biskop van Ierland) met sy *Reliques of ancient English poetry* (1765); en daarna die volksvertelling (sprokies en sages, maar tog met belewenisvertellings tussendeur geweef) deur die Grimm-broers vroeg in die 19de eeu.

6.9.0 Die 19de en 20ste eeu

In hierdie tydvak staan die lewe in Wes-Europa in die teken van die Nywerheidsomwenteling, en uiteindelik die tegnologiese beskawing van die atoomeeu. Dit bring 'n groot verskuiwing van onderkultuurdraers mee wat van die platteland af na nuwe werkgeleenthede by die stedelike fabrieke stroom, terwyl die stad met die ontwikkeling van vervoerdienste en ander kommunikasiemiddels sy invloed al sterker na die agtergeblewe plattelanders uitstraal.

"The Church School," skryf Lindsay en Washington oor toestande tydens die tweede helfte van die Victoriaanse Era in Engeland, "where the villagers had learned to read and write, was used as an assembly-room. If the parson and schoolmaster were enthusiastic, it was a centre of enlightenment and entertainment for adults as well as for children. Lec=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tures and discussion-classes and concerts would be regular attractions ... The villagers were not ignorant of the outside world now. They read the newspapers brought by train to the nearest town and from there by one of the farm milk-carts returning from its rounds."(96)

Hierdie nuwe invloede hou dus op die oog af veel goeds in, maar vele mooi dinge gaan daardeur verlore. Lindsay en Washington skryf voorts: "To some these increasing contacts with the outside world made country life more tolerable. To others they were a disturbing influence. Education framed for the most part by townsmen for town children some= times made young contrypeople look down on the traditions, festivals, folk-songs and dances of the villages. Many began to yearn for the bright lights and varied amusements of the towns."(97)

Tog is die prentjie nie heeltemal so duister nie. Die volkskultuur is taai, en die skepping daarvan duur voort, gevoed deur die gebeure van die lewe self. Die ou minstrele het verdwyn, maar die stem van die straatsanger het nog nie stil geword nie. By die jaarmark duik hy telkens weer met 'n nuwe versameling liedjies op om die mense te ver= maak en te ontroer sodat hulle sy afdrukke sal koop. Hier volg beknop= te voorbeelde, almal min of meer 19de-eeus, en almal Nederlands, soos deur D. Wouters versamel.(98)

Opmerklik is dit dat verhale van misdaad en die liefde die meeste af= trek kry. Verder moet onthou word dat nie alle ballades rondom 'n oorvertelbare storie opgebou is nie, soos bv. hierdie "Nieuwejaarslied", wat só begin:

Vrienden, 'k wens u altegaar
Vreugde en voorspoed bij elkaar,
Dat ieder voor zijn oude dag,
In dit jaar wat zorgen mag.
Ik wens dat zij niet zullen trouwen,
Die niets hebben om huis te bouwen,
'k Wens u in 't huwlijk veel plezier,
Aan ieder man zes kruiken bier.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ik wens den brander in dit jaar
Dat hij zijn jenever mag maken zwaar.
Ek wens den tapper tot zijn baat
Dat hij veel naar de kelder gaat.
Ek wens den kleermaker veel te naaien,
Dat hij zijn winkel goed kan draaien,
Den schoenmaker wens ik er bie
Alle dagen een paar of drie.(99)

G. Monsters (en legendariese diere)

'n Monster in menslike gedaante. 'n Vrou raak jaloers omdat haar man te veel aandag aan die diensmeisie gee. Toe die man een oggend werk toe is, vermoor sy die diensmeisie wreedaardig met 'n mes, sny die vleis van haar beendere, kook dit en sit dit vir haar man voor om te eet. Daarna vertel sy hom wat gebeur het. Hy gaan na die polisie, en sy kry haar straf.

Wouters, p.11-12.

J. Die sosiale gemeenskap

Die ontaarde seun. Die enigste seun van goeie boerouers lewe losbandig. Hy trou met 'n ordentlike meisie, maar maak haar net so ongelukkig. 'n Oorstroming verwoes die ouers se eiendom, dog toe hulle by hul seun hulp soek, jaag hy hulle weg. Nou tref die eerste ongeluk die seun: 'n brand verwoes sy besittings. Dan sterf sy vrou van verdriet, en ook sy ouers gaan die dood in. Almal verag hom sodat hy as soldaat na die Oos= te gaan, waar hy spoedig sneuwel.

Wouters, p.52-53.

N. Gelukke en ongelukke

Wonderbaarlik gered. 'n Visser en sy twee seuns beland op 'n ysskots. Veertien dae lank dryf hulle so rond, ly honger en dors en verkluim byna van die koue voordat land in sig kom. Iemand swem hulle tegemoet, gevolg deur 'n boot met 'n wakker bemanning. Hulle is veilig.

Wouters, p.64-66.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

P. Misdaad en straf

Die skrik van die platteland. Vier broers met twee trawante trek deur die platteland en brand en roof net waar hulle kom. Ten slotte word hulle gevang, en die einde is die galg.

Wouters, p.13.

Q. Novellistiese onderwerpe

Die ryk jong meisie en die stalkneg. Mathilde, enigste dogter van 'n ryk baron, raak op haar vader se stalkneg, Lodewijk, verlief. 'n Ruk lank kry hulle dit reg om hul minnespel geheim te hou totdat Mathilde 'n kind verwag. Nou kom die baron die waarheid agter, en Mathilde moet voor haar vader se woede vlug, met Lodewijk agterna. Die baron en sy knegte begin 'n groot soektog te perd. Teen die tweede dagbreek kry hulle die minaars hand aan hand, in hul bloed gesmoor.

Wouters, p.23-24.

Soos ons die 20ste eeu inbeweeg, vra 'n mens jouself onwillekeurig af: maar watter belewenisse sou die mense van dié tyd vertel? Daar is reeds na die rol van die skuins grap as vandag se volksvertelling by uitstek verwys, maar dit moet weer eens beklemtoon word dat die ongure niks nuuts is nie. Hierdie stroming was maar altyd in die volkskultuur teenwoordig. "De volksliteratuur van elk land," skryf Van Heurck, "bezit verzamelingen anecdoten, aardigheden en raadsels, die allen met een min of meer lichtzinnige, gewaagde, ja zelfs vuile (wat niet hetzelfde is als gemeene) saus onvergoten zijn, en die den lachlust moeten opwekken."(100)

As voorbeelde van belewenisvertellings uit ons eeu, volg hier nou opsommings en indelings van 'n aantal Amerikaanse voorbeelde wat vir ons besonder insiggewend is omdat in die Verenigde State, net soos in Suid-Afrika, 'n nuwe volk uit 'n Wes-Europese agtergrond ontwikkel het. Die afkortings waarmee die bronne aangedui word, is soos volg:

B.A. Botkin: *Sidewalks of America* - Botkin.
Richard M. Dorson: *American folklore* - Dorson I.
Richard M. Dorson: *Buying the wind* -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Regional folklore in the United States - Dorson II.

H. Historiese onderwerpe

Die legendariese kaptein Horace Smith en die eenbeen-broek. Skeeps= kaptein Smith kry op sy oudag swaar, en hy leef van steel. Hy ryloop, en man met bestelmotor laai hom op. Smith moet agter by bagasie sit. Hy sien punt van blou broek by koffer uitsteek en vroetel dit heelte= mal uit. Toe gooi hy sy eie flenterbroek by venster uit en trek bloue aan, maar ongelukkig het dit aan 'n eenbeen-man behoort en het net een pyp.

Dorson II, p.65-66.

Die skyngeveg. Om kermis by Albuquerque te vervrolik, word skyngeveg met loskruitpatrone tussen Amerikaanse soldate en Indianestam gereël. Op aangewese dag kom dit aan lig dat Indiane wrok koester en hul geweers met regte koeëls gelaai het. Daar moet vinnig opgetree word om hulle te ontwapen, en dit was laaste skyngeveg wat met Indiane gereël is.

Botkin, p.207-208.

J. Die sosiale gemeenskap

Die noodlottige ontgroening. Nuwe student word op stoel vasgemaak en geblinddoek. Nou sny seniors kastig sy arm oop, maar dis net agter= kant van meslem wat teen sy vel gedruk word. Dan hang hulle nat hand= doek oor stoel en laat dit in emmer afdrup terwyl hulle nuweling wysmaak dat dit sy bloed is wat hy hoor. Hulle verlaat vertrek, en as hulle ná paar uur terugkom, is nuweling dood van skok.

Dorson I, p.258. (Variant ook in Afrikaans bekend.)

'n Handdruk uit die graf. By ontgroening van studente word hand uit mediese laboratorium gesteel. Geblinddoekte meisie word wysgemaak dat sy gestorwene gaan groet, hulle druk gesteelde hand in hare, hardloop by vertrek uit en sluit deur. Volgende oggend kry hulle meisie, haar hare spierwit van skok, waar sy aan hand sit en eet.

Dorson I, p.259. (Ook in Afrikaans bekend.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

N. Gelukke en ongelukke

Tussen twee vure. Tydens militêre opleiding gedurende Tweede Wêreldoorlog moet dienspligtiges deur gebied met doringdraadversperrings en vol landmyne kruip terwyl skerp ammunisie op hoogte van een meter boor hulle gevuur word. Een dienspligtige kom op ratelslang af, reg om te pik. Verskrik spring dienspligtige orent en word platgeskiet.

Dorson I, p.272.

Hare word wit van skok. Vrou se kop word in hyserdeur vasgevang (weens die agtelosigheid van operateur, of iets van dié aard), terwyl haar lyf in hyserskag afhang. Lyk val na benede, en kop rol oor hyser se vloer. Die hare het spierwit geword van skok.

Dorson I, p.254.

Q. Novellistiese onderwerpe

Die kywende baas hervorm. Kantoorbaas is tiran, en eendag kan sy sekretaresse dit nie meer uithou nie. Sy pluk kantoordeur oop en skree vir hom: "Meneer, jy sal honderd jaar moet soek om weer 'n tikster soos ek te kry. Ek lyk altyd netjies, ek sit nooit ledig rond nie, en ek het kunsaanleg. Volgende betaaldag wil ek soveel-en-soveel hê." Van toe af is kantoorbaas so gaaf met haar dat hy alles doen wat sy sê en selfs vir haar bruismelk aandra.

Botkin, p.291.

R. Die domme en die slimme

Die honderddollarnoot. Welgeklede vrou koop kleinigheid en betaal met honderddollarnoot. Winkelklerk vat noot eers na kassier om te bevestig dat dit eg is. Daaroor is klant baie verontwaardig en skop groot behaai op omdat sy nie vertrou word nie. Volgende dag is sy weer daar met ander honderddollarnoot. Dié keer kry sy haar kleingeld sonder meer. Later blyk dit dat noot vervals is.

Dorson I, p.253. (Soortgelyke vertelling in Afrikaans bekend.)

Wanneer 'n mens hierdie verhale so een ná die ander lees (en daar is nog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

honderde, selfs duisende ander voorbeelde), kom jy onder die indruk daarvan dat die mens se vernuf om uit elke soort situasie 'n vertelling te skep, geensins deur die tegnologiese ontwikkeling van die 20ste eeu afgestomp is nie, maar daar is gevaartekens, soos ons weldra sal sien. Daar het wel 'n verandering van inhoud en aanslag gekom, maar basies val dit nog in dieselfde groepe uiteen wat ons reeds in die Middeleeue en selfs vroeër by die Klassieke Oudheid teëgekom het. Klemverskuiwings was daar, snelvertellings (soos grappe) kon gewilder geword het in 'n eeu met sy versnelde lewenstempo, maar die kern bly dieselfde.

Die verspreiding van hierdie vertellings is ook by omstandighede aange= pas. Basies is daar die mens in gesprek met sy medemens, maar verder die moderne, dikwels professionele, seremoniemeester; die geskrewe woord in oorvloed (koerant, tydskrif, boek); die nuwe kommunikasiemid= dels (telefoon, radio en televisie) wat sneller as die vlugvoetige min= streel van weleer tot die wonings van koning en kneg deurdring. Dit is die een groot gevaar: dat die geredelike beskikbaarheid van vermaak die volksmens se skeppingsvernuf aan bande lê.

Die masjien en alles in verband daarmee, wat so in die middelpunt van ons tydgenootlike beskawing staan, word self betrek sodat nuwe vertel= lings daaromheen opgebou word. Ek kan hier net enkele voorbeelde aan= haal. Die bronne en die afkortings daarvoor gebruik, is soos volg:

Antti Aarne/Stith Thompson:	*The types of the folktale* - A/T gevolg deur die tipenommer.
Hermann Bausinger:	*Volkskultur in der technischen Welt* - Bau= singer.
Richard M. Dorson:	*American folklore* - Dorson I.

BB. <u>Die masjien</u>

Die masjien as bonatuurlike verskynsel: Die stem uit die hemel.
Duitse offisier styg met ballon op en word heeltemal uit sy koers ge= dryf. Hy wil land en kyk of hy nie dalk iemand sien wat ankertou kan help vashou nie. Gewaar eensame boer wat met sy span osse ploeg. "Hallo! Hoor jy my?" roep offisier. Verskrik oor stem wat hom so

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skielik uit hoogte aanspreek, sak boer op sy knieë neer en stamel: "Spreek, Here; u dienskneg luister!"

Bausinger, p.31. (Soortgelyke vertellings in Afrikaans bekend.)

Die masjien as bedreiging: Stoomskip (trein, fiets) word vir die Duiwel aangesien.

A/T 1315*. (Soortgelyke vertellings in Afrikaans bekend; die masjien word gewoonlik met spookgedaante verwar.)

Humoristies: Stewels per telefoon versend. Boer hang paar stewels en brief oor telefoondraad om dit stad toe te stuur. (As dit nie geluk nie, meen boer in sommige variante dat daar 'n verkeerde adres op brief is.)

A/T 1710. (Ook in Afrikaans bekend.)

Algemeen: Die merkwaardige vergasser. Daar word vertel van merkwaar= dige vergasser wat drie maal so ver op liter brandstof kan ry, maar olie= maatskappye hou dit van mark af. Eksperimentele motor met so 'n ver= gasser is per abuis aan iemand verkoop, maar toe eienaar handelaar ver= tel hoe min petrol motor verbruik, gee handelaar hom dadelik nuwe motor in ruil daarvoor omdat wondermotor nie bedoel was om bemark te word nie.

Variante. Buiteband wat nooi afslyt nie, of skeermeslem wat nooit stomp word nie.

Dorson I, p.253. (Soortgelyke vertellings in Afrikaans bekend.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Archer Taylor: Folk tale (*Collier's encyclopedia* X, p.141-142).

2. Stith Thompson: *The folktale*, p.274.

3. Richard Garnett (red.): *The international library of famous literature* I, p.72-73.

4. Stith Thompson: *The folktale*, p.274.

5. Sir John Malcolm: Persian forms and fables (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* XIII, p.6191-6192).

6. Richard F. Burton (vert.): *The book of the thousand nights and a night* VIII, p.148.

7. Richard F. Burton (vert.): *The book of the thousand nights and a night* VIII, p.148-149.

8. Stith Thompson: *The folktale*, p.278.

9. Homerus: *Die Odusseia* (vert. deur J.P.J. van Rensburg), p.94.

10. J.P.J. van Rensburg: *'n Oorsig van die Oud-Griekse letter=kunde*, p.15-16.

11. Vgl. Stith Thompson: *The folktale*, p.279.

12. Cary en Haarhoff: *Life and thought in the Greek and Ro=man world*, p.146, 234 en 244.

13. Cary en Haarhoff: *Life and thought in the Greek and Ro=man world*, p.252.

14. Lord Macaulay: Virginia (Richard Garnett, red.: *The international library of famous litera=ture* I, p.456-459).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15. Vgl. (Charlotte Yonge): *A book of golden deeds*, p.21 en 31.

16. J.P.J. van Rensburg: *'n Oorsig van die Oud-Griekse letter=kunde*, p.79-80.

17. Stith Thompson: *The folktale*, p.141.

18. Alexander Krappe: European folklore (Maria Leach, red.: *Standard dictionary of folklore, mytho=logy and legend* I, p.356).

19. Hervé Daras: Hoe "wetenschappelijk" was het Vlaamse sagenonderzoek tussen 1953-1966? (afge=rolde rondskrywe), p.13, 21 en 31.

20. Vgl. Jan de Vries: Vertelling en lied (Jan de Vries, red.: *Volk van Nederland*, p.276-277).

21. Tans mev. Ena Lötter, La Terra de Luc, Franschhoek.

22. *Die Ruiter*, 30 April 1948, p.3.

23. Ons Erfenis (Zeeman).

24. Van der Meer en Lemmens: *Kleine atlas van de Westerse beschaving*, p.10 e.v.

25. Vgl. Bauer en Peyser: *Music through the Ages*, p.86; *Conso=lidated encyclopaedia* VI, inskrywing by *Minstrel*.

26. Victor Yellin: History of music (*Collier's encyclope=dia* XVII, p.5).

27. Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.84-85.

28. Vgl. C. Pama: Familiewapens en ander heraldiese sim=bole (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afri=kaner en sy kultuur IV: Families, fa=miliename en familiewapens*, p.1-8). By hierdie artikel kom ook 'n uitgebrei=de bronnelys voor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

29. Vgl. James Carlill (vert.): Introduction (*Physiologus*, p.177 e.v.).

30. Vgl. J. Prinsen: *Handboek tot de Nederlandsche letterkundige geschiedenis*, p.66.

31. T.H. White: *The bestiary*, p.231.

32. *Physiologus* (vert. deur James Carlill), p.189.

33. *Physiologus* (vert. deur James Carlill), p.194-195.

34. T.H. White: *The bestiary*, p.248.

35. James Carlill (vert.): Introduction (*Physiologus*, p.157-158).

36. Vgl. C. Pama: Familiewapens en ander heraldiese simbole (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur IV: Families, familiename en familiewapens*, p.4-5).

37. Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.87.

38. James Carlill (vert.): Introduction (*Physiologus*, p.181).

39. H.A. Guerber (uit die Duits verwerk deur H. van Eysinga): *Mythen en legenden uit de Middeleeuwen*, p.xii.

40. Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.85.

41. Soos aangehaal deur Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.85.

42. Edward J. Dent: Social aspects of music in the Middle Ages (*The Oxford history of music - Introductory volume*, p.200-201).

43. C. Pama: Familiewapens en ander heraldiese simbole (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur IV: Families, familiename en familiewapens*, p.13).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

44. C. Pama: Familiewapens en ander heraldiese sim= bole (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afri= kaner en sy kultuur Families, familie= name en familiewapens*, p.30).

45. Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.88.

46. *Chambers's encyclopaedia* VIII, inskrywing by *Provencal language and literature*.

47. Eugene Mason (samest. en vert.): *Aucassin and Nicolette and other mediaeval romances and legends*, p.xii-xv.

48. *Consolidated encyclopaedia* VI, inskrywing by *Minnesinger*.

49. Max Müller: Old German love songs (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* III, p.1450-1453).

50. Eugene Mason (samest. en vert.): *Aucassin and Nicolette and other mediaeval romances and legends*, p.xv.

51. Bauer en Peyser: *Music through the ages*, p.84 en 87.

52. H.A. Guerber (uit die Duits verwerk deur H. van Eysinga): *Mythen en legenden uit de Middeleeuwen*.

53. H.A. Guerber (uit die Duits verwerk deur H. van Eysinga): *Mythen en legenden uit de Middeleeuwen*, p.xiv.

54. Eugene Mason (samest. en vert.): *Aucassin and Nicolette and other mediaeval romances and legends*, p.xvii-xviii.

55. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mytho= logy and legend* I, p.189-190.

56. Persoonlike mededeling deur prof. Kobus Gildenhuys, hoogleraar in Bantoetale aan die U.O.V.S.

57. F. van der Merwe: Die Buyse van Mara-Buys *(Tydskrif vir*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Volkskunde en Volkstaal, Mei 1946, p.140).
58.	Hermien Dommisse:	*Die dramaturg en sy gemeenskap*, p.71.
59.	Poelhekke en Gielen:	*Woordkunst*, p.227.
60.	De Vooys en Stuiveling:	*Schets van de Nederlandse letterkunde*, p.20.
61.	De Vooys en Stuiveling:	*Schets van de Nederlandse letterkunde*, p.20.
62.	George Crabbe:	Strolling players (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* X, p.4577).
63.	Lutz Röricb:	*Erzählungen des späten Mittelalters* I, p.5.
64.	Alexander Krappe:	European folklore (Maria Leach, red.: *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* I, p.356).
65.	Frederic C. Tubach:	*Index exemplorum - A handbook of medieval religious tales.*
66.	Hayes, Baldwin en Cole:	*History of Western civilization*, p.265.
67.	James Carlill (vert.):	Introduction (*Physiologus*, p.174).
68.	N.P. van Wyk Louw:	Die digter Marsman (H. Marsman: *Poëzie en proza*, p.xiv-xv).
69.	C. Pama:	Familiewapens en ander heraldiese simbole (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur IV: Families, familiename en familiewapens*, p.20).
70.	Dr. S.J. du Toit:	*Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.212 e.v.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

71. Martin S. Briggs: *Everyman's encyclopaedia of architecture*, p.18 e.v.

72. S.H. Steinberg: *Five hundred years of printing*, p.24.

73. G.D.J. Schotel: *Vaderlandsche volksboeken en volks=sprookjes* II, p.109, e.v.; Wolfgang Richter: *Schöne Schwänke für jung und alt*, p.185-188.

74. Lutz Röricn: *Erzählungen des späten Mittelalters* I, p.294-299.

75. Onlangse optekenings verwys deurgaans na Aarne/Thompson: *The types of the folktale.*

76. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.299-300.

77. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.486-488.

78. *Brockhaus Enzyklopädie* VI, inskrywing by *Flugblattlieder.*

79. *The new encyclopaedia Britannica (Micropaedia)* II, inskrywing by *broadside ballads.*

80. G.M. Trevelyan: *English social history*, p.333.

81. Jan de Vries: Vertelling en lied (Jan de Vries, red.: *Volk van Nederland*, p.293).

82. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.236.

83. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.236-238.

84. De Vooys en Stuiveling: *Schets van de Nederlandse letterkunde*, p.5.

85. G.D.J. Schotel: *Vaderlandsche volksboeken en volks=sprookjes* I, p.vii.

86. Emile H. van Heurck: *De Vlaamsche volksboeken*, p.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

97. Emile H. van Heurck: *De Vlaamsche volksboeken*, p.2-7.

88. Emile H. van Heurck: *De Vlaamsche volksboeken*, p.2.

89. K. ter Laan: *Folkloristisch woordenboek van Nederland en Vlaams België*, p.446.

90. R.N. Currey: *Vernal spring*, p.ix.

91. *Chambers's encyclopaedia* VII, inskrywing by *Minnesinger*.

92. *Chambers's encyclopaedia* VIII, inskrywing by *Provencal language and literature*.

93. J. Prinsen: *Handboek tot de Nederlandsche letterkundige geschiedenis*, p.152.

94. G.D.J. Schotel: *Het maatschappelijke leven onzer voorvaderen in de zeventiende eeuw*, p.319.

95. G.D.J. Schotel: *Het maatschappelijke leven onzer voorvaderen in de zeventiende eeuw*, p.333.

96. Lindsay en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions 1851-1951*, p.28.

97. Lindsy en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions 1851-1951*, p.28.

98. D. Wouters: *Het Nederlandsche straatlied.*

99. D. Wouters: *Het Nederlandsche straatlied*, p.35.

100. Emile H. van Heurck: *De Vlaamsche volksboeken*, p.192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.0.0 BELEWENISVERTELLINGS IN AFRIKAANS

7.1.0 Verspreiders en verspreidingsmoontlikhede

In Afrikaans was daar nooit iets soos die indrukwekkende Europese opset van troebadoers, minstrele en diesulkes wat die verspreiding van volks= vertellings kon aanhelp nie. Die ridderskap met al sy aanhangsels was trouens lank reeds iets van die verlede toe Jan van Riebeeck die verver= singspos aan die Kaap kom stig het, maar in Europa was daar nog altyd die jaarmarkte met hul straatsangers, die rondtrekkende toneelspelers en ander volksvermakers - iets wat ons nooit in ons land geken het nie. Tog, hoewel die omstandighede hier anders was, het ons reeds uit die Wes-Europese toestande gesien dat mense in beweging ook 'n verspreiding van die storievoorraad meebring. Laat ons dus die moontlikhede in Suid-Afrika nagaan.

7.1.1 Vlottende personeel

Dis 'n bekende feit dat daar dwarsdeur die koloniale tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, van Jan van Riebeeck af in 1652 tot met Uniewor= ding in 1910, 'n voortdurende kom en gaan van oorsese personeel was: van die kommandeur of goewerneur af tot by die eenvoudigste soldaat of klerk. In hul privaatlewe was daar talle geleenthede waar hulle met die gevestigde bevolking in aanraking kon kom, al was dit ook maar wan= neer hulle 'n glas wyn in die kroeg gaan drink het, en dan kon vertel= lings uitgeruil word. Verder weet ons, in elk geval wat die Hollandse Tydvak betref, dat wanneer die V.O.C. se groot handelsvloot in Tafelbaai voor anker gelê het, die Kapenaars met mekaar gewedywer het om aan offi= sier en matroos - teen 'n buitensporige vergoeding gewoonlik - privaat= verblyf te verskaf, en weer was daar kans om te gesels en te vertel.(1)

7.1.2 Die reisigers wat die land in 'n standhoudende stroom besoek en tientalle boeke oor hul ervarings geskryf het, sou nie net stof by die plaaslike bevolking ingesamel het nie, maar self ook hul bydrae tot die gesprekke moes lewer - soos ons reeds gesien het dat besoekers altyd op die platteland welkom was, ook oor die nuus uit die buitewêreld wat hul saamgebring het. Wanneer die "harde nuus" op was, sou daar wel persoonlike staaltjies en anekdotes ter sprake gekom het. Uit die 19de eeu is daar die tipiese getuienis van 'n predikant wat van 1885-1895 in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die destyds afgesonderde Namakwaland gewerk het. Wanneer hy en van sy kerkraadslede op die ver plase gaan huisbesoek doen het, het hulle saans dikwels langs die pad om 'n kampvuur gesit. 'Nu worden de pijpen aan= gestoken; er wordt over leeuwen en tijgers gezelst, en de leraar ver= haalt de wonderlijke dingen, die hij in de laatste tijdschriften gelezen heeft."(2) So sou dit ook met die reisigers gegaan het - in elk geval met diegene wat Afrikaans kon verstaan.

7.1.3 Veeboere en jagters

Die akkerbou het die Kaapse vryburgers hoel spoedig nie tevrede gestel nie: dit was harde werk, aanvanklik was daar probleme met arbeid, en later weer met oorproduksie en pryse. Hoewel die Kompanjie probeer keer het, het al meer en meer hulle tot die veeboerdery gewend, en toe goewerneur W.A. van der Stel dit eers begin aanmoedig, het die veeboer= dery onstuitbaar toegeneem. Hierdie veeboerdery lei algaande tot 'n trekboerbestaan, soos die historikus P.J. van der Merwe dit (in 1938) gestel het: "So het die boere al voor die end van die sewentiende eeu begin om periodiek met hul vee te trek - 'n gebruik wat die klimaat en bodemgesteldheid van ons land tot op die huidige dag nog gereeld in stand gehou het."(3)

Voorts was daar die jag, want wild was volop en die koloniste kon goed skiet. "In hierdie omstandighede het die jag op wild gou ontsettend populêr geword. Reeds teen die begin van die jare sewentig van die sewentiende eeu - miskien selfs nog vroeër - het die koloniste die ge= woonte ontwikkel om met waens die land in te gaan om vir die onderhoud van hul families en slawe grootwild te gaan skiet."(4)

Van der Merwe som op: "Die jag op wild en die behoeftes van die eksten= siewe veeboerdery het saamgewerk om die pioniers in 'n toestand van hoë mobiliteit te hou. Die wild het dikwels rondgetrek, en ook die geogra= fiese gesteldheid van die land het dit vir die veeboere wenslik - dikwels noodsaaklik - gemaak om van woonplek te verwissel."(5)

So was daar aan die een kant die trekboer wat so 'n belangrike rol in ons pioniersgeskiedenis gespeel het, en aan die ander kant die beroeps= jagter. Veral in die 19de eeu het die Afrikaanse beroepsjagters, as=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook beroepsjagters van oorsee, 'n glorietyd beleef. "In die tweede helf= te van die negentiende eeu word die jag 'n belangrike bedryf in Trans= vaal," skryf die historikus C.J. Scheepers Strydom. "'n Besonder groot aantal mense neem daaraan deel. Maar hierdie beroepsjagters gaan nie as enkelinge na die jagveld nie; hulle is in klein groepies georgani= seer ... 'n Transvaal ontstaan 'n eienaardige gewoonte onder beroepsjag= ters. Die jagters het hul gesinne saamgeneem en in baie gevalle nie net gesinne nie, maar hul vee inkluis. Die waens was hul wonings. Die kamp is opgeslaan binne redelike afstand van die bepaalde jagveld... Trek die wild te ver, word die waens nader gebring... Minstens agt maande van die jaar is die beroepsjagter van Transvaal dus met sy hele gesin op safari waar dan ook voorsiening vir die kinders se onderwys ge= maak moes word. Die jag het deel geword van die lewe van hierdie men= se."(6)

En die volksvertelling? Abel Coetzee verklaar onomwonde: "Bedags te perd of te voet in die skietveld met jaghonde, draers, e.a. skietvolk. En saans, moeg, maar behaaglik langs die kampvuur by die wa waar vleis gebraai en jagverhale vertel word. Hier langs die kampvuur het ons Afrikaanse volksverhaal sy grootste opbloei geken... "(7) Tog moet ons saam met Strydom 'n versugting slaak: "Uit verskillende bronne ver= neem 'n mens van die rykdom van jagstories wat die Boerejagters saans by die kampvure of in gesprek met vreemde besoekers vertel het. Maar die geskiedskrywer staan byna magteloos ten opsigte van hierdie avon= ture. Dis verlore bronne, want die Boerejagters het nie die moeite gedoen om hierdie belewenisse op papier te stel nie, soos besoekende jagters uit ander lande wel gedoen het. Die Boerejagters van die ag= tiende en negentiende eeu het nie met pen en papier die wildernis inge= trek nie."(8) Ons is verplig om op genoemde uitlandse bronne, oorle= werings en die latere optekenings van jagavonture (soos J. von Moltke se *Jagkonings* en *Veldsmanne*) te steun as ons iets van hierdie belewenis= se te wete wil kom.

Wat die trekboer betref, het dit algaande 'n lewenshouding by vele Af= rikaners geword om te wil gaan kyk wat agter die blou berge lê. Dit het hulle nie net deur Suid-Afrika laat versprei en tussen winter- en somerplase laat heen en weer beweeg nie, maar ook soms tot ver buite die landsgrense uitgedryf na Angola, Rhodesië, Oos-Afrika, Argentinië,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Verenigde State. "Waarnemers soek nog steeds die ware oorsake van die trekgees wat die Afrikaner minstens twee eeue lank voortgedryf het," skryf Strydom. "By elkeen van die menigvuldige trekke is daar uiterlike dryfvere wat deur die betrokke trekkers self, asook deur hul nasate, as die ware beweegredes voorgehou word.... By die onderskeie trekbewegings moet ons nie soseer die moeilikhede en ergernisse soek wat so 'n trek voorafgegaan het nie, maar eerder waarom sulke steurnisse normaalweg nie 'n ander as die Afrikaner sou laat besluit het om alles agter te laat en die bloute in te trek nie."(9) Die laaste volbloed-trekboere in Suid-Afrika het nog tot nâ die Tweede Wêreldoorlog in die Boesmanland rondbeweeg. Hulle was "mense wat nie 'n duim grond besit nie, maar wel duisende skape. Met 'n ontsaglike tentwa, sy familie en alles wat nodig is daarop, trek die man van bakboord na stuurboord, van oos na wes, ja, in alle windrigtings waar daar net sprake is van 'n 'lewetjie'," skryf H.A. Rossouw, Namakwalander van geboorte wat feitlik sy lewe lank in die Noordweste skoolgehou het. "Daar was byvoorbeeld die 'Bloedrivier se Laer', soos hulle hulself genoem het. Dit was 'n groep van nagenoeg 'n dosyn wagns, elkeen met 'n groot trop skape. Hulle was glo almal familie van mekaar, daar uit Kenhardt, Brandvlei se wêreld. Dit was die verskrikking van die Boesmanland. Waar hulle langs getrek het, was die aarde nie net gestroop van alle lewe nie, maar die kans dat daar ooit weer iets sou groei, was uiters gering. Die boere het hulle die 'Sprinkaanplaag van Egipte' genoem."(10) Hoe dit ookal sy, hierdie soort leefwyse is die teelaarde vir volksvertellings.

7.1.4 Dolende werkers

Van die vroegste tye van die V.O.C. af was daar mense wat van plek tot plek getrek, 'n ruk lank daar gewerk, en dan weer verder verskuif het. Soms was dit verloopte soldate en matrose, maar dikwels ook Kompanjiedienaars wat 'n ruk lank van hul pligte vrygestel is om die koloniste met die een of ander taak te help - veral as *onderwysers*, omdat skoolgeriewe op die platteland anders hoegenaamd nie sou bestaan het nie. Die opvoedkundige P.S. du Toit skryf oor die "boereskoolmeesters", soos hy hulle noem: "Hierdie boereskoolmeesters het ongetwyfeld in 'n baie belangrike behoefte voorsien en veel daartoe bygedra om die bevolking in die binneland van 'n toestand van algehele ongeletterdheid te vrywaar. As baanbrekers op onderwysgebied in die vroeë jare dien hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eervol vermeld te word."[11] Historikus P. . . . n der Merwe oordeel baie minder simpatiek oor hierdie mense: "Die onderwys wat plaaskinders gekry het, het hulle in die reël ontvang van rondswerwende skoolmeesters wat hul ouers self moes huur. Hierdie onderwysers, wat 'n betreklik ver= agtelike posisie in die samelewing beklee het, het van plaas tot plaas deur die Kolonie rondgetrek. Gewoonlik het hulle nie langer as ses maan= de of 'n jaar op dieselfde plek gebly nie, en in hierdie tyd moes hulle die opvoeding van hul leerlinge voltooi. Meermale was hierdie sogenaam= de onderwysers ontslane matrose of soldate, wat self net kon lees en skryf en in menige opsig 'n oneer vir hul beroep was."[12] Waarskynlik moet 'n mens maar 'n middeweg volg en aanvaar dat daar die goeies én die sleg= tes onder dié leermeesters was. Die feit bly egter staan dat elkeen sy eie klein kultuurwêreldjie met hom saamgedra het, deur afkoms en ervaring anders saamgestel as die kultuurwêreld van die Boeremense met wie hy in aanraking gekom het, en dus wat die volksvertelling betref, 'n moontlike verhaalbron.

So was daar ook ander dolende werkers. Met die "frydom fan di slawe" het sommiges van hulle as *vakman* van plaas tot plaas getrek en stuk= werk gedoen. Daar was bv. in die Boland rond 'n Maleier, ene Adam Sny= er, wat so rondgegaan en klere gemaak het. In 'n artikel in *Ons Klyn= tji*, blykbaar deur die redakteur, ds. S.J. du Toit, vertel hy hoe Adam in sy kinderjare in die Paarl "by myn ouers an huis gekom en dage lank daar soms besig was met klere te maak; want follens ou gewoonte het ons boer= mense sig hy voorbaat meesal fan goed met toebehore fer 'n foegsame tyd in foorraad foorsiin, om met alles gereed te wees fer di snyer as hy in syn rondgang op di plaas kom, dat niks hom in di weg moet wees ni om di klere so gou as molik klaar te maak, opdat hy dan weer na di naaste buur= man kan gaan wat ook op syn diins wag." Ds. Du Toit voeg by: "En daar Adam grappig fan aard was, het ek altyd met hom wat te babbel gehad." Later het dit geblyk wolhaarstories te wees. Adam se "opvolger" was Jakob Snyer, 'n knap werker, maar 'n groot skelm oor wie 'n hele klomp stories in omloop was.[13]

Ná die Boereoorlog het 'n hele klompie van die Engelse soldate verkies om in Suid-Afrika te bly, en hulle het dan meermale so 'n swerwerbestaan gevoer en allerhande werkies op die plase gedoen, bv. messe geslyp.[14] In hierdie tyd van heropbou ná die verwoesting van huise en ander geboue in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die voormalige twee Boererepublieke, het ook heelwat bruin vakmanne uit die Boland in hierdie gebiede gaan werk.[15] Vandag nog, wanneer 'n mens rondgaan en volkskundige veldwerk doen, kom jy telkens op die spo= re van sulke swerwer-vakmanne af, by bruinmense wat in dele van die Noordweste van plaas tot plaas stoele gemaak het.[16]

7.1.5 Smouse en transportryers

Padverbindings met die boere op die voorposte was uiters swak, en dit was vir hulle 'n groot opoffering om by die markte en winkels te kom. Gevolglik het teen die einde van die 18de eeu al die gebruik ontstaan dat slagtersknegte by die plase omgegaan het om vee op te koop[17] (voorlopers van die latere sg. oskopers en spekulante), terwyl smouse hul koopware na die boere toe gebring het. "Teen die tyd van die Groot Trek het die smous al 'n baie belangrike rol in die lewe van die grens= distrikte gespeel," skryf P.J. van der Merwe. "Smouse het gereeld met twee of drie waens of karre belaai met klerasie en kruideniersware, on= der die boere rondgery. Hulle kon meestal sowat alles wat die boere nodig gehad het, lewer en het ook bestellings vir hul volgende besoek geneem. Die smous het gewoonlik vooraf die boere laat weet dat hy kom en hulle in kennis gestel watter pad hy gaan volg. En terwyl die nuus dat hy in aantog was in alle rigtings versprei het, het hy stadig van een plek na die ander voortgetrek en meermale 'n paar dae op 'n sentraal geleë plek oorgestaan ... Die koms van die smous, wat meestal 'n ou be= kende was, was in daardie dae altyd 'n groot gebeurtenis, want hy het nie alleen benodigdhede gebring nie, maar dikwels ook pos en altyd ten minste nuus."[18] Afgesien van hierdie groot smous-handelaars, hoor 'n mens ook van die gewone bondeldraers, gewoonlik Jode of Indiërs, wat met hul pakke negosiegoed en snuisterye van plaas tot plaas geswerf het. C.J. Langenhoven vertel bv. uit sy kinderdae vóór 1900 hoe daar een aand "'n voetganger-vreemdeling" by hul plaashuis in Hoeko, Ladismith (Kaap), aangekom het "met 'n bondel negosie op die rug en op een been springen= de", want hy het sy voet teen 'n klip stukkend gestamp, en Langenhoven se aangenome moeder het hom gesond gedokter.[19]

Die Boere het egter nie net kopers gebly nie, maar self handelaars ge= word. Daar is reeds verwys na die waens vol negosieware en ander goe= dere waarmee die mense gereeld uit die Kaap getrek het om in die binne=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

land, veral die twee jong Boerereppublieke, te gaan smous. Nuwe waens en karre self is by die groot Bolandse wamakerye, soos in die Paarl en Wellington, in lang toue agter mekaar gehaak en in die binneland verhandel. So het 'n familielid van wabouer Albertus Malan van Wellington later vertel hoe Malan sy voertuie Pretoria toe gebring en daar op "Goewermentsplein" van die hand gesit het: "Oom Albertus Malan het sy waens en ook karre nie met osse bespan na Transvaal gebring nie, maar wel met muile. Gewoonlik het hy twee sodanige trekke van waens en ook 'n paar karre gebring met agt muile in elke span ... Op die waens het hy altyd ook gedroogde vrugte en veral rosyntjies waarvan die wakiste volgelaai was, saamgebring. Ook het hy byna altyd 'n hele paar bondels sweepstokke (bamboessweepstokke) gehad ... Al hierdie goeters is dan hier op Pretoria versmous. Partykeer as hy kopers daarvoor gekry het, het oom Albertus ook die muile met hulle tuie hier verkoop en net vier muile met hulle tuie en 'n kar uitgehou, waarmee hy dan weer na Wellington terug is."(20)

Tot met die voltooiing van die spoorlyne, en veral nâ die ontdekking van goud en diamante in die binneland, was transportryery o.m. van die hawestede af, vir die Boere 'n lonende bedryf, hoewel daar ook baie risiko's was, soos nat paaie, waens wat breek en siektes onder die osse. Maar by die uitspanplek was daar darem altyd 'n tydjie vir gesellige verkeer. C.F. Gronum, wat in Marico se wêreld in Transvaal grootgeword het, put uit inligting wat hy later by die "oumense" versamel het, as hy so 'n toneel skets: "Wanneer sulke groepe transportryers bymekaar kom en uitspan, stap hulle na die ander by hulle waens om te gaan kennis maak. Party kom ver uit die noorde van Transvaal en ander uit die Vrystaat. Op die veldstoeltjies langs die waens gesels hulle oor die dinge wat voorlê en verneem van mekaar se opinies ... Hier is nou die tyd om oor alles te gesels, oor land, sand en rant, oor vlaktes en waterpanne en nat paaie. Ook oor kerk en politiek, oor kafferoorloë en sendelinge, oor Majuba, diamantvelde, oor die boerdery, mofskape, sybokhare, vrugte, koringlande en watermeule. Dit gaan oor grootwildjagte, tot aan die Zambezi, die prys van ivoor en volstruisvere."(21)

7.1.6 Wapenskoue en kommandodiens

Die kommandostelsel, wat vir meer as twee-en-'n-half eeu die Afrikaner se tradisionele verdedigingstelsel sou wees, het vroeg reeds aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaap ontwikkel. Omdat die Kaap so ver van die Nederlandse moederland verwyderd was, moes hy self in 'n groot mate vir sy eie verdediging sorg. "Die omstandighede het dit dus vanself meegebring dat die Afrikaner vry= wel vanaf die begin as die vernaamste verdediger van sy vaderland moes optree," skryf die historikus G.D. Scholtz. "Teen 'n buitelandse vy= and sou hy die kern van die weermag moes vorm en teen 'n binnelandse vy= and sou hy byna steeds op sy eie krag moes staat maak."(22) Met hier= die stelsel, wat later in die twee Boererepublieke voortgesit is, het gereelde oefeninge of wapenskoue en soms langdurige kommandodiens ge= paardgegaan. Oor die wapenskoue in die Boererepublieke, skryf B. Spoel= stra, Nederlandse Boerevriend wat hom teen die einde van die 19de eeu in Transvaal kom vestig het, dat elke wyk twee of drie maal per jaar so 'n wapenskou gehou het, waar hoofsaaklik aandag aan skietoefeninge gegee is.(23) Hy voeg by: "Dit was altyd 'n mooi gesig as soveel gewapen= de burgers bymekaar was, aangetrek of hulle dieselfde dag sou optrek teen die vyand. Dit was mooi om die vrolike, opgewekte uitdrukking op hulle gesigte te sien, want die wapenskouwing was vir hulle nie 'n ver= velende ding nie, maar amper soos 'n feesdag, want al die ou maats en vriende van die eensame plase was op so 'n dag weer 'n rukkie byme= kaar."(24)

Is dit nodig om teen die vyand uit te trek, word die burgers opgekomman= deer. Onvermydelik is daar nie altyd geveg nie en moes hulle soms dae lank in die laer deurbring. Spoelstra is weer aan die woord: "Die tyd van niksdoen op 'n laerplek was lekker en plesierig vir die eerste paar dae, maar het gou verveel. Die boer wou nie van huis gaan om 'n nutte= lose lewe in die laer te lei nie. Hy moes iets kry om hom besig te hou. Omdat hulle nie van oorlogsoefeninge of 'dril' gehou het nie, moes daar allerlei speletjies uitgedink word ... So het hulle in die kommando (as daar nie geveg is nie) die tyd omgemaak met koffie-kook, slag, kos-gaar= maak, gesels en speel, tot die bevel kom om te veg."(25)

7.1.7 Swerwers

Elke geslag lewer blykbaar sy mense op wat "anders" is, wat nie 'n ge= vestigde bestaan kan voer nie en graag swerf. Sulke mense help nie net om volksvertellings te versprei nie, maar nuwe vertellings word dikwels rondom hulle opgebou. Ek kan hier twee noem wat om verskeie redes besonder bekend geraak het, maar daar sou dosyne ander gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] (ook bekend as Skoorbek, Spoorbek, selfs Skeerbek) is in Duitsland gebore en kom voor 1815 na die Kaap, waar hy hom in die di= strik Humansdorp gaan vestig en een van ons bekendste sagetigure word aangesien hy die wit magie beoefen, d.w.s. sy bonatuurlike magte gebruik om goed te doen. Daar word bv. vertel dat hy 'n dief aan sy buit laat vassit het, dat hy rietdakke teen brand kon besproek sodat die strooi nooit weer vlam sou vat nie, en dat hy siekes genees het.(26) So het hy dan ook as die Witte Krag bekend geraak. Mev. J.C. Fick, wat die Groot Trek as jong dogter meegemaak het, het later in 'n onderhoud oor Skoorbek gesê: "Evangelist was hy gewees en 'n braaf, godvresend man. Hij was nie getrouwd nie. Sij hare het in lang krulle om sij hoof ge= hang ... Hij het nie klere gehad als die ander mans nie, hij was soos 'n monnik gekleed gewees en hij het altijd te voet gegaan ... Die mense het altijd angstig gevoel als hij in die huis is, want hulle weet goed, elke woord wat hulle praat, hoor hij, al is hij nie in die kamer nie. Maar die mense het daarom tog die grootste verering vir hom gehad, hij het altijd elkeen geholp wat in die nood was en nooit geld wil aanneem nie."(27)

Die tweede karakter was *oom Gideon (Knoppies) Halnekom* van Moorreesburg, wat teen die einde van die 19de en begin 20ste eeu 'n bekende figuur in die Boland was. A.C. Cilliers, voormalige Stellenbosse hoogleraar, het later in sy jeugherinneringe vertel hoe oom Knoppies by hulle op die plaas Olyfboom in die distrik Wellington kom kuier het: "Waarom sy by= naam ou Knoppies was, weet ek nie; maar hy was bekend as 'n ou *Wander= vogel* en rymelaar. As die bui hom pak, het hy so 'n draai in sy omge= wingswêreld gemaak en vir 'n paar dae by boermense orals rond op hul pla= se gekuier. Daar het hy dan vir hulle van sy rympies wat hy op los blaadjies laat druk en altyd saam met hom gedra het, voorgedra; of som= mer so spontaan onder die gesels nuwe rympies opgemaak en opgesê. Op 'n goeie dag het hierdie einste ou Knoppies ook by ons op Olyfboom opge= daag ... Hy was so 'n gesette ou man, met 'n yl, vaalgrys baardjie. Pa was lief vir geselskap en hy en ou Knoppies het lekker daar in ons voor= kamer sit en gesels ... Hy het ons toe vertel van die strooptog wat 'n Boerekommando drie jaar tevore, in 1902, daar in die geweste van Darling gemaak het."(28)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.1.8 [illegible]

In die loop van die geskiedenis van die Afrikaner was daar 'n hele reeks feeste waarvan sommige gekom en gegaan en soms weer gekom het, en andere gekom het om te bly, soos P.H. Kapp in sy groot kulturhistoriese werk oor [illegible] aandui. Dit nodeloos om al die verskillende fees= te te probeer opnoem, want al wat ons hier daaromtrent interesseer, is tot dit mense byeengebring het in 'n geestesklimaat wat bevorderlik vir gesellige onderlinge verkeer en dus ook vir die vertel van volksverhale was.

Wat kerklik-godsdienstige feeste betref, was die Nagmaal van besondere betekenis. "Vir die boer wat ver van die dorp gewoon het, was dit on= moontlik om elke Sondag in die kerk te wees, maar alles is in die werk gestel om minstens die April- en September-Nagmaal by te woon," skryf Kapp en voeg dan by: "Dikwels is daar in hierdie tyd ook nog 'n kerk= basaar gehou om fondse in te samel. Voeg hierby die blye weersiens van kennisse en vriende en die geleentheid wat jongmense gekry het om mekaar, en veral lede van die teenoorgestelde geslag, te leer ken; die waens op die kerkplein uitgespan, die tente, die stadige rokies of knetterende vuurtjies, en jy het 'n feesatmosfeer wat inderdaad met die ou Europese kermisse vergelyk kan word."(29)

Die vernaamste kalenderfees was Nuwejaar, met die tradisie daaraan ver= bonde dat die jongkêrels op Oujaarsnag allerhande kattekwaad aangevang het. "Hierdie kwajongstreke het altyd in die grootste geheimsinnigheid geskied," skryf Kapp, "en het daarin bestaan dat los voorwerpe, enso= voorts, by huise en op plaaswerwe weggesteek of op moeilik bekombare plekke geplaas is. So is hekke omgeruil, paaie versper, perde en muile omgeruil, saals versteek, karwiele afgehaal, wasgoed weggesteek, enso= voorts."(30) Sulke kwajongstreke het self tot allerhande belewenisver= tellings aanleiding gegee, afgesien van die vertellings wat familie en vriende tydens groot Nuwejaarsamekomste uitgeruil het.

'n Hele reeks interessante maar meer lokale oesfeeste het voorgekom, soos die oesaf op Bolandse koring-en-wynplase, druiwefeeste nâ die pars, trapmasjienfeeste wanneer die stoomdorsmasjien opgedaag het, en die mie= lie-bôl *(mealie-ball)* in Suid-Kaapland as die mieliekoppe blaar-af gemaak is.(31)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onder gesinsfeeste kan ons noem bruilofte, begrafnisse en die verjaar= dagviering van die oudste manlike familielid, die vader van die gesin, die patriarg - "maar dan meer in die vorm van 'n familiefees as 'n ver= jaardagfees".(32) Dit hang saam met die tradisionele patriargale fami= liestelsel by die Afrikaner waarin verstedeliking en die kleingesin van die stad eers 'n verandering gebring het.(33)

7.1.9 Verenigings

Die idee van debatsverenigings is deur die Britse Setlaars van Engeland af na Suid-Afrika gebring. In 1824 is die eerste *Literary and Scien= tific Institution* in Kaapstad gestig, en aanvanklik bly die hele bewe= ging baie Engels en tot die opperkultuurlae beperk. Eers met die gelei= delike ontwaking van Afrikaner-nasionalisme in die sewentigerjare van die 19de eeu, en veral nâ die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880 - 81, word die debatsvereniging aangegryp om die Afrikaanse volksmens wakker te skud en nasie- en taalbewus te maak.(34) Ook in hierdie tyd word 'n *Christelijke Jongelieden Vereeniging* op Stellenbosch gestig nadat die eerste soortgelyke vereniging reeds in die sestigerjare van die 18de eeu in Switserland ontstaan het, en die beweging in die loop van die 19de eeu, veral in die laat veertigerjare, in verskillende Europese lande, soos Engeland, Nederland en Duitsland, sterk opgebloei het. In Suid-Afrika het die beweging nâ die stigting van die eerste C.J.V. snel ver= sprei. Soos iemand later getuig het: "Ons weet ... dat dit in Suid-Afrika 'n nasionale beweging geword het, eweas ons Kerk, en dat dit feitlik uit en vir en deur die volk ontstaan het."(35)

Hand aan hand het die C.J.V.'s en debatsverenigings feitlik die rol van volksuniversiteite vervul om kennis tot op die afgeleë platteland te versprei. Terselfdertyd het dit ook die gesellige samesyn van die mense bevorder - en waar mense destyds gesellig saam was, het die volks= vertelling ook vroeër of later tot sy reg gekom.

Nâ 1930 kwyn die debatsverenigings en word een nâ die ander ontbind.(36) Dit is te begrype indien 'n mens die moeilike ekonomiese toestande van destyds in gedagte hou wat die verstedeliking van die Afrikaner en die geleidelike ontvolking van die platteland tot gevolg gehad het. In daardie stadium het die debatsvereniging egter reeds sy doel gedien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.1.10 Volksboeke

In die katalogus van die Ballot-boekeversameling in die Jagger-biblio= teek van die Universiteit van Kaapstad wat as verteenwoordigend beskou word van die lektuur wat 'n opgevoede Hollands-Afrikaanse Kolonialer tussen die jare 1770 - 1820 sou geïnteresseer het,(37) staan 'n enkele inskrywing as vingerwysing: *UYLEN-SPIEGEL (No date) (Torn).*(38) Dit is 'n tipiese volksboek, soos ons dit reeds in die Nederlande leer ken het, met 'n gewone papierband en op swak papier gedruk, volgens skatting 'n vroeë 19de-eeuse uitgawe. Dit bewys dat hierdie soort boeke wel ook in Suid-Afrika versprei is, hoewel dit as 'n wonder be= skou moet word dat hierdie een eksemplaar behoue gebly het, so broos en verganklik is dit. Hierdie boeke het gewoonlik nie in 'n biblioteek tereggekom nie: hulle is flenters gelees totdat die plunjes daarvan op die ashoop beland het. Selfs in die Nederlande, so het ons gesien, waar duisende male meer eksemplare in omloop sou gewees het en ander= halfeeu vroeër met 'n studie daarvan begin het, kon nog nooit 'n volle= dige lys titels opgestel word nie.

Omtrent die bestaan van die ou volksboeke onder ons mense, is daar ook nog enkele ander brokkies inligting van belang. I.v.m. Uilspieël skryf iemand in 1920 anoniem aan die kinderlesers van *De Goede Hoop:* "Julle moet weet dat julle baie meer storie-boeke het als ons ou mense gehad het toe ons nog kinders was ... Maar daar was 'n ou storie-boek wat die ou mense baie van gehou het, en die naam van die ou boek was 'Uilspiel', en mij ouers het mij baie van Uilspiel vertel."(39)

Verder is daar in 1903 'n verwysing deur ds. S.J. du Toit in *Ons Klyntji* na 'n boek oor baron Von Münchhausen. Hy skryf omtrent 'n bydrae van een van die lesers wat hy ontvang het en sê: "Foorgaande lijk mij 'n Afrikaanse lesing fan een fan di storiis fan Baron Munchausen, wat in Duits geskrywe en in Hollans fertaald an ons Drukkery goedkoop te kry is."(40)

Waarskynlik vorm die een of ander ou volksboek die agtergrond vir 'n bydrae deur 'n leser met die skuilnaam Dr. Ysterbaard wat in 1881 in *Die Patriot* onder die titel "Die sterke Swaab" verskyn.(41)

Dit is dus sekerlik geregverdig om die afleiding te maak dat die tipiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ou volksboeke uit ons Nederlandse en Duitse stamlande gehelp het om volksvertellings in Suid-Afrika te versprei. Nâ 1900 word daar in elk geval in Afrikaans 'n hele eie reeks volksboeke geskep, in die besonder die verwerkings deur P.A.M. Brink, bv. *Avonture van die swenver-held Don Kwiksot*, *Jakkalsstreke - 'n Vrye vertaling van "Reinaart de Vos"*, *Uilspieël* en *Die avonture van Baron von Munchhausen* - boeke wat deur die jare male sonder tal herdruk is en groot bekendheid geniet het.

Samevattend kan ons sê dat daar beslis by 'n gedeelte van die Afrikaner= volk langsamerhand 'n toestand van afsondering ontstaan het. So is in die *Carnegie-verslag* omtrent die armblankevraagstuk in 1932 onder meer bevind: "Deur geografiese of geskiedkundige oorsake het daar oral in ons land klein afgesonderde groepe ontstaan, veral langs riviere of wa= terryke klowe. Miskien 'n paar geslagte agtereen woon die groepie daar in gedeeltelike afskeiding van die res van die volk. In Transvaal ver= al bestaan die neiging by lede van dieselfde Kerk om so te versamel. Nâ verloop van tyd ontwikkel sekere tradisies aangaande huislike, kerk= like en maatskaplike gebruike, totdat 'n vaste groepstempel op die lewe afgedruk word. Dink- en spreekwyses, methodes van handel en boer ont= staan, geheel eie aan die groep."(42) In die groot geheel kry ons eg= ter 'n beeld van 'n volk-in-beweging, of van volksmense wat met enkelin= ge-in-beweging in aanraking kom. Dit is vanselfsprekend 'n voorvereis= te vir die verspreiding en gelykskakeling van volksvertellings in die hele kultuurgebied.

7.2.0 Die storievertellers van naderby

In *Ons Klyntji* verneem ons van oom Jan Keet van die Paarl, na wie reeds vroeër verwys is. Al die mense "was gek na hom gewees om syn grappig= heid en omdat hy sofeel fan die oue ty'e kon fertel en kon byna op elke frats wat hy fertel 'n rympie op dig".(43) In dieselfde bydrae word 'n toneeltjie geskilder van hoe mense voor 1860 met stampkar of wa kerk toe ry; die voertuig is vol gelaai, want soms reis meer as een gesin op dieselfde wa. Onderweg sing hulle graag geestelike liedere "of an= ders fertel hulle fer makaar grappige ferhale en gebeurtenisse, fan froeger tye".(44) Dramaties is die uitbeelding van oom Koot wat op die leeujag vir sy metgeselle alles omtrent dié diere uitlê, en terself= dertyd is dit sommer 'n skets van 'n goeie storieverteller wat hom vol=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kome in sy onderwerp inleef: "Toen oom Koot siin dat syn toehoorders so ernstig luister, wys hy met syn hand en arm hoe 'n leeu syn stêrt in di rond swaai as hy brullende ankom en met di oopgesperde bek gewis op 'n mens sal spring; en om hulle dit so lewendig molik te laat besef, maak hy met di groot ope mond 'n krakende geluid uit syn keel, beweeg syn arms in 'n houding soos 'n leeu syn pote hou as hy spring, en wyl hy di houding anneem met di freemde geluid daarby, spring hy meteens op in 'n posisi soos 'n leeu."(45)

In 'n ander tydskrifartikel uit die jaar 1905 lui dit: "Langzamerhand sterven ze, de een na de andere, weg, die brave oude mensen, die Zuid-Afrika gemaakt hebben wat het vandaag is, een land, waar ook de blanke man rustig wonen en welvaart smaken kan. En met hen dalen mee ten grave vele van die treffende episodes en boeiende verhalen uit de voortijd, waarmee ze ons, toen we nog kleine kinderen waren, 's winters om het klapperend vuurtje gezeten, de lange avonden wisten te korten."(46)

F.Th. Schonken skryf: "Wat nu die huiselijke genoegens aangaat, de avonden in de week worden in gezellige kringen met grappen, vertellingen en raadsels doorgebracht." En verder: "in de borst van den Afrikaner waren twee zielen: aan de ééne zijde een levenslustige opmerkingsgave voor komische situaties, die zich dikwijls als grove humor uit, aan den anderen kant een neiging tot het sentimenteele en een ernstige drang naar het bovenaardsche."(47)

Die vertelkuns was nie tot die een of ander groep beperk nie. Soms was die pa die verteller. 'n Anonieme tydskrifleser getuig: "Uit daardie ou vervloë dae van onrus en awentuur, toe die boer moeg geploeg met die roer in die hand en die veewagter gewapen moes waak oor sy weide, het my pa vir ons meer as een grillig-kielierige storie vertel."(48)

Soms was die ouma aan die woord. "Stories van allerlei aard kon 'n mens by haar ontlok deur met 'n onskuldige vraag die verhaalkraantjie oop te draai. As sy eers die lippe smak en begin: 'Wel, my kind, vanmelewe het ons ..., dan weet jy die draai word ver gevat."(49)

Soms was dit 'n oom wat wel ter tale was. "Vir Lang-Renier onthou ek nog baie goed. As klein dogtertjie het ek oopmond geluister as hy ver-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tel, en kon hy vertel!"(50)

Soms het die jongmense onder mekaar vertel. "Die jongmense het 'n aktiewe sosiale lewe gevoer, ondanks afgesonderdheid en gebrekkige vervoermiddels. Hulle het baie keer op 'n plaas saans bymekaargekom en dan hulself vermaak deur stories te vertel. Elkeen kry dan 'n beurt om 'n storie op te dis. Party het 'n gawe hiervoor gehad en kon knap stories uitdink."(51)

Mooi word die hele vertelsituasie deur ene G. Eloff uit sy jeugherinneringe opgeroep: "Toe my ouers nog op die plaas gewoon het, was daar ... 'n groot tafel in die woonkamer. Maar dié het 'n dik groen kleed met afhangende klosse oor gehad. Die olielamp het reg bo die tafel gehang. Skuins oor die kleed was nog 'n loper en daarop het die blompot gestaan. Hier en daar het kersvetdruppels die wol saamgeklont. Ek kan nog voel hoe ek gedurende winteraande die plekke probeer fyn vryf het tussen my vingers, want toe het ons saans lank om die tafel gesit en gesels. My vader se twee broers het dikwels ook saam met ons daar verkeer. Hulle kon hulle so vertoustig in die deurlewing van allerlei avonture in die destyds nog [illegible] woeste bosveldplaas. Soms was spookverhale aan die orde, op ander kere vertel moeder vir ons van die konsentrasiekampe waar sy die ellende saam deurgemaak het terwyl vader op kommando was. Daar het ons eerstehands gehoor van Malabog, van Magatle se galg, van die tsetsevlieg, van kapok op die einste berge waar ons altyd Saterdagaande gaan jag het. Kapok op hierdie hoë rug van Megaliesberg moes iets toweragtigs gewees het. Hier het ons gehoor hoe daardie en nog ander spruitjies en lopies mettertyd droog geword het, hoe daar gunter 'n groot pan was vol palmietgras, wilde-eende en -makoue. Hier het ons gehoor hoe vader toe hy die oorkantste lande skoongemaak het, op 'n groot klomp patrone en nog wat afgekom het ... almal drade wat ongemerk ons vasgeweef het aan ons land. Kostelike stondes!"(52)

Eg na die lewe geteken, hoewel dit in fiksiewerke voorkom, is die twee kort sketsies van baasvertellers waarmee ek afsluit. Die eerste kom uit Leon Maré se beskrywing van 'n Nuwejaarsfees in die dae van weleer: "Toe die hele klompie genooide ou olifantjagters dan eindelik om oom Org versamel het onder die seringboom, was dit nie lank nie, of hulle volg hom na 'n wa toe waaroor 'n tamaai bokseil gespan was. Nouliks

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar, of hulle lê en gesels en sit onder swaar tabak-rookwolke. Dis volstruise skiet, 'oolfante' bekruip; dis die jagveld daar onder aan Sabie, Loendoe en Majaaierland."(53)

Ten slotte, oom Kalie, soos J.D. Olwagen hom aan die leser bekendstel: "Toe die kuns van storievertel uitgedeel is was hy met siel en oor teen= woordig - so sê hy self - en jarelange ondervinding het hom in staat ge= stel om daardie kuns nog te verbeter en sy eie kleur daaraan te gee ... Sy broune raak ook nooit uitgeput nie, want hy besit die gawe om een storie oor en oor te vertel, maar met so 'n behendigheid dat dit telkens na 'n nuwe storie klink ... Die lang winteraande vind hom altyd voor sy kaggel met 'n skare kinders om hom."(54)

7.3.0 Intervolklike belewenisvertellings

Hoewel belewenisvertellings streng gesproke net tot 'n besondere volks= groep behoort omdat dit die waarheid sou wees en hoofsaaklik sou verwys na dinge wat lede van die groep self beleef het, is daar tog temas wat so aantreklik is dat dit in talle tale vertel word asof die gebeure hul= le juis in daardie taalgebied afgespeel het. Dit beteken geensins dat die vertellers hul hoorders doelbewus om die bos probeer lei nie, maar op sy swerftog in die volksmond raak 'n geliefde vertelling so ingebur= ger dat die volksmens naderhand vas glo dat dit uit sy ervaringswêreld of uit dié van een van sy volksgenote voortkom. Ek het dit bv. al per= soonlik teëgekom dat 'n bejaarde volksrymelaar as kind 'n volksrympie geleer en dit deur die jare saam met sy eie rympies herhaal het, totdat hy op die ou end die een nie meer van die ander kan onderskei nie en glo dat hy ook die skepper van die volksrym is.(55)

Hier volg nou so 'n lys van intervolklike belewenisvertellings, ingedeel in groepe volgens die algemene patroon, met telkens die Aarne/Thompson-tipenommer (A/T) daarby waar dit bestaan, asook die vernaamste ander tale waarin dit vertel word. Net die opskrifte van die vertellings word hier gebruik. By die latere oorsigtelike indeks van Afrikaanse belewenisvertellings gee ek die inhoud van dié verskillende vertellings kortliks weer en dui ook die Afrikaanse bronne aan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. Die Christendom

Predikant: Geo gebooren [illegible] (A/T [illegible]). Skots, Iers, Engels, Frans, Vlaams, Duits, Italiaans, Tsjeggies, Russies, Turks, Fins, Sweeds, Noors, Deens, Yslands, Frans-Amerikaans, Spaans-Amerikaans.

J. Die Sosiale Gemeenskap

Hofmaak: Die [illegible] (A/T [illegible]). Iers, Nederlands, Duits, Roemeens, Russies, Fins, Sweeds, Noors, Deens, Indies, Engels-Amerikaans.

Kinders: Moet gesien maar nie gehoor word nie (A/T 1562). Engels, Iers, Vlaams, Fins, Sweeds, Italiaans, Indies.

N. Gelukke en Ongelukke

Ongeluk: Seun in rotsspleet. Switserse dialekte.

P. Misdaad en Straf

Moord: Vrou vermoor onwetend eie man (A/T 939A). Frans, Duits, Hongaars, Grieks, Tsjeggies, Frans-Amerikaans, Engels-Amerikaans.

R. Die Domme en die Slimme

Swaap-tipe: Saag boomtak af waarop hy sit (A/T 1340). Iers, Frans, Vlaams, Waals, Duits, Spaans, Italiaans, Fins, Hongaars, Tsjeggies, Russies, Grieks, Engels-Amerikaans.

Algemeen: die prokureur se hond (A/T 1589). Engels, Iers, Vlaams, Waals.

U. Diere

Jakkals.: Raak van vlooie ontslae (A/T 63). Vlaams, Deens, Hongaars, Pools, Russies, Spaans, Indies, Engels-Amerikaans.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] Engels, Frans, Duits, Spaans, Fins, Sweeds, Deens, Pyleggies, Russies, Indies, Engels-Amerikaans, Amerikaans (Seters).

Wanneer 'n mens dié vertellings in oëuskou neem - en daar is nog 'n hele reeks ander Afrikaanse belewenisse wat elders in die wêreld ewe bekend is - dink jy dadelik aan die moontlike oplossings: beïnvloeding, poligenese, of Afrikaans as oorbron.

(a) *Beïnvloeding.* Dit is 'n bekende feit dat volkskultuurskeppinge maklik oor volksgrense heen beweeg indien dit by 'n ander volk in 'n behoefte voorsien en ook by daardie volk se kultuuraard aanpas. Wat volksvertellings betref, is veral sprokies internasionale burgers wat hulle oral tuis maak waar hulle welkom is. So iets kon met belewenisvertellings ook gebeur het, hoewel dit moeiliker sou gaan omdat hulle, soos aangedui, op die besondere volksmense se eie ervarings sou berus. Ons het egter reeds gesien dat 'n belewenis voor dit werklik storie word 'n verbeeldingselement bykry. Die bekende beginsel van kultuurerfgoed wat 'n volk by sy stamvolkere oorneem en leengoed by ander volkere met wie hy in die loop van die geskiedenis in aanraking kom, sou dus by die belewenisvertelling beslis 'n rol gespeel het.

(b) *Poligenese.* Dit is die beginsel dat dieselfde kultuurverskynsel, of verhaaltema in die besonder, onafhanklik by verskillende volkere kon ontstaan het. So iets is moontlik. Dink maar bv. aan een van die belangrikste gebeurtenisse op die beskawingspad van die mensdom, nl. die uitvinding van die moderne boekdrukkuns, wat feitlik gelyktydig en heeltemal selfstandig in Duitsland en Engeland plaasgevind het.

Wat volksvertellings betref, is so iets uiteraard moeilik te bewys. 'n Mens kan jou egter voorstel dat 'n eenvoudige verhaaltjie soos "Swaaptipe: Saag boomtak af waarop hy sit" onafhanklik op 'n tiental plekke op aarde kon ontstaan het. Kom 'n mens egter by 'n besondere tema soos "Slang: Die huisslang en die kind", raak dit onwaarskynlik.

Samevattend kan ons dus sê: dit is nie onmoontlik dat sommige belewenisvertellings elders in die wêreld bekend, wel onafhanklik in Afrikaans ontstaan het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(c) [illegible] As ons 'n kultuurverskynsel by die Afri= kaanse volksmens kry wat ook elders in die wêreld voorkom, is die eerste reaksie: ons het dit by daardie volk of volkere oorgeneem. 'n Mens kan dit egter as 'n beginselstandpunt stel dat tensy bewys kan word dat 'n volksverhaal (of ander kultuurverskynsel) reeds voor 1652 elders in die wêreld voorgekom het, daar geen rede is om Afrikaans altyd as die ont= vanger van die invloede te beskou nie; Afrikaans kan net sowel die oer= bron wees waarvandaan so 'n volksvertelling deur die wêreld versprei het.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat die sg. isolasie waarin die Afrikanervolk tot aan die begin van die 20ste eeu sou verkeer het, bloot relatief was. Kaapstad was 'n bedrywige internasionale hawestad met 'n gedurige kom en gaan van mense van talle nasionaliteite. Baie van die soldate en amptenare, wat soms lank aan die Kaap gestasioneer was en intiem met die landsburgers kennis kon gemaak het, is later na ander besittings van die V.O.C. verplaas. Daar was 'n voortdurende stroom oorsese landreisigers wat die wêreld hier deurkruis, met die men= se kontak gemaak, en meermale 'n boek of wat oor hul ervarings gepubli= seer het. Sendelinge het gekom en gegaan. Afrikaners wat verder wou leer, moes van die vroegste jare af na Europa toe. Dan was daar nog die korrespondensie tussen immigrante en hul mense in die Europese stamlande. Daar was dus 'n oorvloed van kanale waardeur 'n verhaal uit die hart van Suider-Afrika tot in 'n wye verskeidenheid Westerse (en Oos= terse) lande kon vloei. Dit het klaarblyklik gebeur met die belewenis= vertelling "Ongeluk: Seun in rotsspleet", wat so wyd verspreid in Suid-Afrika voorkom, maar - sover ek kon vasstel - oorsee net ook nog in Switserland vertel word. 'n Vertelling is nl. soos wat 'n klip wat in 'n dam geplons word: waar die klip val, is 'n groot geplas, en dan kring die rimpels al wyer uit. Dié verhaal van die seun wat deur sy eie vader geskiet word, het 'n groot geplas in Suid-Afrika veroorsaak, maar die rimpels het nog nie te ver uitgedein nie.

7.4.0 Die geskiedenis van belewenisvertellings in Afrikaans

7.4.1 [illegible] Tydvak

Soos reeds by die bespreking van gespreksonderwerpe aangedui, kan ons in 'n groot mate daar net gis omtrent die aard van die belewenisse wat in hierdie tyd tot volwaardige volksvertellings kon uitgegroei het omdat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bronne ontbreek waar die volksmens self aan die woord is. Daar bestaan egter wel ander algemene bronne waaruit in elk geval onderwerpe vir moontlike belewenisvertellings in dié tydvak verkry kan word.

(i) *Amptelike bronne.* Die amptelike joernaal omtrent die belang= rikste daaglikse gebeure aan die Kaap wat tydens die V.O.C. se bewind, van 1652 tot 1795, deur die verskillende kommandeurs en goewerneurs ge= hou is, dien saam met ander amptelike stukke - soos die resolusie- en notuleboeke, inkomende en uitgaande korrespondensie, en hofverslae - as grondslag vir 'n geskiedenis van die tyd. Veral die volgende kan ge= noem word:

Jan van Riebeeck se deel van die joernaal, bekend as die *Daghregister*, is in drie dele gepubliseer.

Geo. McC. Theal, seker die heel belangrikste vroeë Suid-Afrikaasne his= torikus, se *History of South Africa*, versamel in elf bande.

Victor de Kock, gewese Kaapse argivaris, se verhaal van die slawelewe aan die Kaap tydens die V.O.C.-bewind, getiteld: *Those in bondage.*

P.B. van der Watt, Nederduits-Gereformeerde kerkhistorikus, se geskrif oor mense wat deur die jare opskudding in die kerklike lewe in Suid-Afrika veroorsaak het: *Beroerders en beroeringe.*

(ii) *Dagboeke.* Die *Dagboek* van Adam Tas is ongetwyfeld die belang= rikste en mees insiggewende geskrif in hierdie kategorie.

(iii) *Land- en reisbeskrywings.* 'n Hele verskeidenheid mense wat die Kaap tydens die 17de en 18de eeu besoek en vir korter of langer periodes hier vertoef het, het geskrifte daaroor nagelaat. Vir ons oorsigtelike register van belewenisvertellings is die volgende as bron= ne gebruik:

Francois Valentyn: *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende* (deur die Van Riebeeck-vereniging in twee bande uitgegee). Hierdie Nederlandse dominee het lank in die Ooste gewerk en die Kaap vier keer op heen- en terugreise besoek, nl. in 1685, 1695, 1705 en 1714. Afgesien van sy eie waarnemings, maak hy ook van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander dokumente gebruik.

Peter Kolb, 'n Duitser wat van 1704 tot 1713 aan die Kaap gewoon en ge= werk het, en Karl Peter Thunberg, 'n Sweedse plantkundige wat van 1771 tot 1775 aan die Kaap was en verskeie wetenskaplike ekspedisies na die binneland onderneem het, is twee van die ou skrywers oor die vroeë dae wat bruikbare vertellings nagelaat het. Hulle word verteenwoordig in twee baie leesbare boeke oor die ou reisigers wat G.W. Eybers saamgestel het: *Outydse sketse en stories uit die ou reisigers*, en *Op die voet= spoor van die ou reisigers*. Die feit dat Kolb glo geneig was om 'n bietjie aan te dik, skep vir die volksverhaalvorser gelukkig nie soveel probleme as vir die historikus nie.

Ten slotte moet die Duitser Otto Friedrich Mentzel genoem word. Hy kom in 1733 na die Kaap, waar hy tot 1741 vertoef en verskeie betrekkings beklee. Sy geskrifte oor die Kaap is deur die Van Riebeeck-vereniging in vier bande uitgegee, o.m. *Life at the Cape in the mid-eighteenth century; being the biography of Rudolph Siegfried Alleman.*

(iv) *Oorlewerings* verteenwoordig vanselfsprekend belangrike bronne vir volksvertellings, hoewel die historiese juistheid van die gegewe al= tyd onder verdenking staan. In *Ons Klyntji* verskyn etlike interessante oorgelewerde familiegeskiedenisse, en in die uitgawe van Februarie 1899 kom 'n paar treffende belewenisse met "Rowers in die Kaapse Flakte" voor. Op die oog af is 'n mens geregverdig om dit na die Hollandse Tydvak terug te voer, want daar word verklaar dat dit gebeur het "in die dage toen di Kaap di eerste dorp was".(56) Tog word in een van die verhale vertel van twee pond geld wat in "duwweltjiis" (pennies) by die bank gewissel is - en die pond en die pennie as geldeenhede stam uit die Engelse Tydvak. Selfs banke was onbekend aan die Ou-Kaap, en die eerste daarvan, die sg. Lombard-bank, is eers in 1793 geopen.(57) Omdat die vertellings egter wentel om die feit dat die boere verplig was om in Kaapstad as enigste dorp hul geld te gaan haal, kan ons aanvaar dat die "foutiewe besonder= hede" wat nie by die tydvak inpas nie, latere toevoegings in die oorle= weringsproses was.

'n Nuttige boek waarin vele van die ou oorlewerings opgeneem word, is *Van Riebeeck se stad* deur Izak W. van Tonder, 'n joernalis van weleer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Paar van ons treffendste oorlewerings wat waarskynlik oorspronklik belewenisvertellings was en uit die Hollandse Tydvak sou stam, nl. oor "Antjie Somers" en "Die heks van Hexrivier", het oor die grense van die sage beweeg en sal dáár volledig bespreek word.

7.4.2 Die Engelse Tydvak tot 1875

Die soort bronne bly basies dieselfde, want hoewel die perswese in hierdie tydvak ontwikkel, word daar van die volksmense nie veel meer as 'n brief hier en daar oor die een of ander grief opgeneem nie. Daar kan dus weer verwys word na:

(i) *Amptelike bronne*, d.w.s. amptelike dokumente e.a. geskrifte. In hierdie tyd is die belangrikste historiese gebeure natuurlik die Groot Trek, met sy voor- en naspel, die opkoms van die Boererepublieke, en die ontdekking van diamante en die eerste goud.

Hier is egter 'n paar algemene sake waaraan ons eers aandag moet skenk. Elke tydvak word gevul met die talryke belewenisse van die mense van daardie tyd. Dit wissel van blote persoonlike belewenisse tot belewenisse wat in belangrikheid toeneem namate dit die plaaslike (familie) groep, die streekgemeenskap of die hele volk raak. Die algemene belangrikheid van 'n belewenis kan op een of meer verskillende terreine lê: polities, ekonomies, maatskaplik of religieus. Die geskiedenis van 'n tydvak soos dit deur historici beskryf word, bestaan hoofsaaklik uit 'n distillaat van die belangrikste politieke belewenisse, met die ekonomiese daarby, terwyl die maatskaplike en religieuse net bygehaal word waar dit rigtinggewend op die politiese en ekonomiese strominge inwerk. Van dieselfde tydvak kan natuurlik ook 'n maatskaplike of religieuse geskiedenis geskryf word, waar die klem dan verskuif word en die politiese en ekonomiese as agtergrond dien.

Uit 'n volkskultuurkundige oogpunt is dit belangrik om te onthou dat die "amptelike" (politiese en ekonomiese) geskiedenis van 'n tydvak in 'n groot mate deur die lede van die opperkultuurlaag oorheers word omdat hulle oor die middele en geleerdheid beskik wat meebring dat hulle die magsposisies beklee. 'n Lid van die onderkultuurlaag kan ook 'n belangrike rol vervul, maar dan eers nadat hy hom tot die opperkultuurlaag "op=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewerk" het. Die amptelike geskiedenis is dus hoofsaaklik patrisiër= geskiedenis waarin die gewone volksmens net figureer indien hy iets be= sonders doen: 'n heldedaad miskien, of 'n misdaad wat die hele gang van sake verander (soos Tsavendas se moord op die Suid-Afrikaanse eer= ste minister, dr. H.F. Verwoerd). Boonop maak die leiers van die op= perkultuurlaag van die gewone volksmense, die onderkultuurlaag, gebruik om hul grootse planne ten uitvoer te bring. Die befaamde ontdekkings= reisigers se skepe was deur gewone volksmense beman; volksmense het in die leërs van die wêreldveroweraars geveg; in 'n demokratiese staat is dit die volksmense wat die politieke leier aan die bewind plaas sodat hy hulle volgens sy insigte kan regeer.

(ii) *Dagboeke en joernale.* So, soos hierbo uitgebeeld, beleef elke volksmens sy onderdeeltjie van die groot geheel waaruit sy volk se ge= skiedenis bestaan, maar hy beleef dit uit sy eie plaaslike (familie) kring. Uit hierdie opset ontstaan 'n besondere soort geskrewe bron, nl. die dagboek of joernaal: die dagboek, waarin belewenisse van dag tot dag aangeteken word; en die joernaal, waarin eers ná afloop van die groot gebeurtenis daarop teruggekyk en die herinneringe daaraan geboek= staaf word. Hierdie soort geskrifte kan dramatiese, afgeronde episodes bevat indien die verteller wel so iets meegemaak het, maar meermale is dit feitlik vormloos, dwaal op sypaadjies af, en bestaan uit 'n aaneen= skakeling van tientalle klein belewenisse. Dis uiters moeilik om hier= die geskrifte in hanteerbare onderafdelings in te deel, en tog het soort= gelyke onafgeronde mondelinge vertellings 'n baie belangrike rol vervul, veral in die dae toe daar geen boeke oor dié onderwerpe beskikbaar was nie.

So skryf ene P.J. van der Merwe, wat as seun een van die Dorslandtrekke meegemaak en in Angola grootgeword het: "Ons Boerekinders in Angola het geen vaderlandse geskiedenisboeke gehad waaruit ons ons volksgeskiedenis kon leer nie; maar onder die Dorslandtrekkers was daar etlike ou Voor= trekkers wat die geskiedenis van ons voorouers haarfyn kon vertel en so is ons volksgeskiedenis van geslag tot geslag oorvertel."(58) Wat Suid-Afrika betref, is daar later herhaaldelik in verband met die vie= ring van Dingaansfeeste (Geloftefeeste) gelykluidende getuienisse opge= teken, bv. deur 'n Nederlander, G.A.A. Middelberg, wat so 'n geleentheid bygewoon het: "Allen vertelden van den grooten Trek, zich herinnerde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hunne jeugd en de verhalen hunner vaders, en vertelde van den moord van Piet Retief en zijne honderden voortrekkers door het verraad van Dingaan, en hoe eindelijk die machtige kafferkoning vernietigd werd en hoe telkens de Engelschen kwamen om wat de Boeren gewonnen hadden hen af te nemen en waardeloos te maken, en er werd geen beleefdheidsdoekje gebonden om den mond der stoere worstelaars, wanneer ze telkens wezen op den aartsvijand die nooit rustte."(59)

Kapp vat die aard van dié soort vertellings by Dingaansfeeste soos volg saam: "Die geskiedenisvertelling was oor die algemeen eenvoudig. Gebeurtenisse is feitelik verhaal, en die vertolkings het nooit wyer of dieper as die godsdienstige betekenis daarvan gestrek nie. Met ander woorde, die geskiedenis moes illustreer en het geen dieper, indringende selfondersoek gebring of tot 'n hervertolking van gebeurtenisse gelei nie. Dit is ook te begrype, want die vertellings was op selfdeurlewing of oorlewerings gebaseer. Die geskiedenis van die Transvaalse (en in 'n mindere mate die Vrystaatse) Republiek het die vertellings oorheers. Daarnaas het die geskiedenis van die Groot Trek en die lotgevalle van die Voortrekkers die belangrikste plek ingeneem. Die stryd teen die inboorlinge het ook meer as terloopse aandag gekry."(60)

Die belangrikste dagboeke uit hierdie tyd, is die *Dagboek van Louis Trichardt* (of Tregardt) (twee verskillende uitgawes, versorg deur Gustav Preller en die taalkundige T.H. le Roux onderskeidelik), en die *Dagboek van Erasmus Smit*, saam met 'n versameling belangrike joernale en ander geskrifte oor die Voortrekkertyd deur Preller opgeneem in sy reeks *Voortrekkermense* (6 dele). Hier is oorgenoeg stof van albei tipes vir die volksverhaalvorser: die wyd uitdyende vertelling (soos "Tregard se oortog oor die berge na Lourenco Marques"), of die afgeronde snelvertelling (soos "Die dood van Dirkie Uys"). (Interessant is dit om daarop te let dat die merkwaardige verhaal van die jonge F.P. van Gass, soos opgeneem in die eerste deel van Preller se *Voortrekkermense* in 1918, nadat dit van 15 Maart tot 1 Junie 1914 as vervolgstuk in *Die Brandwag* verskyn het,(61) in 1919 deur 'n kinderblad as 'n grootliegstorie aangebied is; miskien was die redakteur se oordeel oor dié dokument nie heeltemal verkeerd nie.)(62)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) *Land- en reisbeskrywings.* Afgesien van die publikasies van die groot getal Engelstalige besoekers in hierdie tydvak, is die hierbo genoemde Voortrekkergeskrifte feitlik al van betekenis.

(iv) *Oorlewerings* bly die vernaamste bron vir volksvertellings, maar aangesien hulle deurloop na die bloeityd van nã 1875, is dit onnodig om hier langer daarby stil te staan.

7.4.3 Die bloeityd 1875-1925

Hierdie halfeeu oorspan 'n uiters belangrike tydvak in ons geskiedenis, wat die taal betref die opkoms en amptelike erkenning van Afrikaans, maar verder ook talle vername historiese gebeurtenisse wat tot nuwe belewenisvertellings, sages en legendes sou lei, bv. die Dorslandtrekke, die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-81 en die gepaardgaande nasionale bewuswording van die Afrikaner, die ontdekking van nõg diamante en goud, die Boereoorlog, die heropbou asook die verspreiding van Afrikaners na vreemde wêrelddele, Uniewording, die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie, die Groot Griep, die Mynstaking - en tussen dit alles deur: verstedeliking. Verder is dit 'n bloeityd wat die optekening van volksvertellings betref, eers in die werke van die manne van die Eerste Taalbeweging en hul simpatiseerders; toe weer, nã die Boereoorlog, die manne van die Tweede Taalbeweging. Vertellings wat dwarsdeur die eerste driekwart van die 19de eeu as oorlewerings oorgedra is, mond in hierdie tydvak uit; oorlewerings wat in hierdie tydvak ontstaan, bly die volgende vyftig jaar vername stof vir groot versamelings, soos Abel Coetzee se rubriek "Waar die volk skep" in *Die Brandwag* (1938-1945), "By die uitspanning" in *Die Huisgenoot* (1939-1954), en selfs vir 'n radioreeks soos *Ons Erfenis* (1970-1974). Hoe wyd verspreid Afrikaanse belewenisvertellings inderdaad opgeteken is, blyk uit die bronnelys vir 'n oorsigtelike tiperegister wat weldra volg - en weer eens moet dit sterk beklemtoon word dat dit net 'n oorsigtelike register is om die hoofstrominge aan te dui. 'n Volledige register sal nog talle ander bronne betrek.

7.5.0 'n Paar legendariese karakters

Dit is heeltemal onmoontlik om die hele wye spektrum van Afrikaanse belewenisverhale hier te probeer ontleed. Daarom word ter illustrasie net enkele legendariese karakters nader toegelig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.5.1 Paul Kruger

Dit gebeur meermale dat belangrike historiese figure legendaries word en tot allerlei volksvertellings aanleiding gee. In die Nederlande, veral Suid-Nederland, was daar bv. keiser Karel V (1500-1558) van die Heilige Romeinse Ryk. "De Vlamingen hadden hem ... lief en gaven er, vooral wanneer hij onder hen vertoefde, de ondubbelzinnigste blijken van. Met de meeste zorgvuldigheid werd dan ook al wat aan hem herinnerde, opgespoord, bewaard, en een schat van anecdotes, hem betreffende, uit den mond van het volk opgeteekend, verzameld en uitgegeven," skryf Schotel.(63) Dan kan ook verwys word na die geloof by vele volkere dat 'n geliefde heerser nie werklik dood is nie, maar iewers in die berge slaap om in tyd van nood sy mense te kom verlos, in Duitsland bv. verbonde aan keiser Karel I (Karel die Grote) en keiser Frederik I (Frederik Rooibaard),(64) maar hier het ons natuurlik met sages te make.

In Afrikaans is daar 'n hele verskeidenheid van sulke histories belangrike legendariese karakters, soos Adriaan van Jaarsveld uit die woelige dae op die oosgrens van die ou Kaapkolonie, Hans Dons (Hans de Lange) uit die Groot Trek, en genl. De Wet uit die Boeroorlog. Geeneen het egter die volksverbeelding so aangegryp soos pres. Paul Kruger van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek nie. Historici kan maar met vers en kapittel aandui dat pres. M.T. Steyn van die Republiek Oranje-Vrystaat 'n groter staatsman as hy was en die eintlike "siel van die vryheidstryd (Boereoorlog)"; dis die naam van Paul Kruger wat in die volksvertelling bly voortleef. Dit is inderdaad merkwaardig watter verskeidenheid verhale oor Paul Kruger vertel word, sommiges op ware gebeurtenisse gegrond, ander klaarblyklik verdigsels, maar waar die waarheid ophou en die volksverbeelding oorneem, is nie altyd moontlik om te bepaal nie.

(a) *Die kerkman.* Paul Kruger se openlike godvrugtigheid het 'n diepe indruk op sy mense met hul Ou-Testamentiese lewensuitkyk gemaak. "In voor- en teenspoed het hy die hand van God leer ken," skryf sy biograaf D.W. Krüger, "en dit alles is bevestig deur die Heilige Skrif, sy daaglikse metgesel wat sonder aarseling in al sy besonderhede aanvaar is en deel van sy lewe geword het."(65) Dit lei tot vertellings (A. *Die Christendom*) soos dié omtrent Kruger as ou man in ballingskap wat nog steeds met die Duiwel worstel.(66)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) *Die merkwaardige mens.* 'n Groot groep verhale omtrent Paul Kruger handel oor sy besondere prestasies, liggaamlik en geestelik (H. *Historiese onderwerpe* en U. *Diere*, in die besonder jagervarings). Ons leer hom ken as 'n uitermate sterk geboude en atletiese jongman wat 'n wedloop teen die vlugvoetigste lede van 'n swart stam wen en hieroor jare lank in hul liedere besing word.(67) Toe sy voorlaaier tydens 'n jagtog bars, toon hy byna bomenslike wilskrag en uithouvermoë deur sy vergruisde duim self met 'n knipmens af te sit.(68) Hy verrig klinkende heldedade by die Spelonke van Makapan tydens 'n veldtog teen 'n swart stam.(69)

Talle ander avonture in die jagveld lei tot vertellings. As veertienjarige seun skiet hy sy eerste leeu, en dit loop op 'n hele petalje uit, soos hy later self vertel het: "Ons het saam daar rondom die leeu oor die voorval gestaan en gesels. 'n Sekere Hugo het voor die leeu gaan sit om die tande, wat besonder groot was, te meet. Sonder enige kwade bedoelings het ek die leeu 'n skop teen sy maag gegee, waarop hy skielik 'n angswekkende brul geuiter het, sodat Hugo die tandmetery vergeet en van skrik op sy rug geval het." Dit was die laaste bietjie lug wat uit die dooie leeu se longe gepers is. Hugo skaam hom omdat hy so groot geskrik het. "Hy wou my te lyf gaan, maar die ander het hom dit laggend belet en verduidelik dat ek hom slegs in my onwetenheid die skrik op die lyf geja het."(70) So was daar vele meer ontmoetings.

(c) *Die Eenvoudige Boertjie en die nuwe Salomo.* Dit verskaf vir die volksmens oneindige genot wanneer vertel word hoe een van hulle, op die oog af sommer so 'n nikswerd takhaar, tussen rykes en belangrikes beland (gewoonlik is dit 'n Boer en die Engelse wat die onderskeie rolle vertolk) en hulle dan met sy onverwagte vermoëns om sy pinkie draai of hulle op die neus laat kyk. In hierdie verband kan verwys word na die so bekende sprokiemotief, wat later behandel word, waarvolgens die oënskynlik nikswerd jongste broer op die ou end met die louere wegloop. In die geval van Paul Kruger is dit vir die Afrikaanse volksmens tog te mooi as hy met sy skynbare takharerigheid die hipergesofistikeerde Engelse hoëlui in die verleentheid stel. Wyd bekend is die verhaal hoe Paul Kruger tydens 'n eetmaal saam met koningin Victoria (in der waarheid het hulle nooit ontmoet nie) uit sy vingerwasbakkie gedrink het.(71) Dit gaan nog verder, en Kruger word graag as 'n soort moderne Salomo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorgestel. In hierdie verband word die bes afgeronde verhale o r hom vertel, bv. oor die vloekende koetsier, die skelm hotelbaas, en die erf= porsie. (Vgl. R. *Die domme en die slimme.*)

(d) *Legendes.* 'n Sameloop van omstandighede lei daartoe dat Paul Kruger se naam verbonde raak aan een van die hardnekkigste legendes in Afrikaans wat vandag nog soms as die volle waarheid vertel word, nl. die verhaal van die sg. Kruger-miljoene. Paul Kruger is so 'n veelsydige karakter dat sy naam selfs aan 'n paar grootlieglegendes verbind word.

(d) *Grappe.* Paul Kruger steek die laaste grens van die volksvertel= ling oor en word die hoofkarakter in 'n aantal gewilde volksgrappe. Be= kend is die sg. voorval tydens 'n oorsese besoek aan Engeland toe een van Kruger se metgeselle ontsteld aan hom kom vertel dat die Engelse die President se foto in die toilet opgehang het. "Dis in orde," ant= woord Kruger. "As 'n Engelsman 'n Boer sien, dan moet hy k..."(72) Ook in die groot en belangrike groep volksgrappe oor Petrus by die he= melpoort vul Kruger meermale een van die hoofrolle, gewoonlik saam met 'n "volksvyand" soos Cecil John Rhodes, en hy kom natuurlik die beste daarvan af.

7.5.2 Skottie Smith

George St. Leger Gordon Lennox is in 1845 by Perth, Skotland, uit 'n adellike Skotse familie gebore en in 1919 by Upington in Suid-Afrika oorlede. Van jongs af was hy avontuurlustig, en nã 'n twis met sy va= der verlaat hy sy geboorteland vir goed. Hy veg in verskeie oorloë en opstande in Europa en die Ooste, besoek Australië en die Verenigde State waar hy in talle voorvalle betrokke raak, voordat hy hom in 1877 by die Suid-Afrikaanse berede grenspolisie aansluit, maar spoedig dros en een van die mees berugte (en ook beroemde) vrybuiters in die geskie= denis van Suid-Afrika word.(73) F.C. Metrowich, wat 'n biografie oor hom saamstel, som dit soos volg op: "Cattle-rustler and horse-thief, highwayman and outlaw, secret service agent and patriot, I.D.B. traf= ficker and confidence trickster, soldier of fortune and half a dozen other things besides, Scotty was loved and feared and hated throughout the border districts for nearly three decades."(74) Onder die boere word die bynaam Scotty Smith wat hy steeds gebruik, sommer aangegee as Skottie of selfs Skortjie Smith.(75)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Volledige weergawe van al sy eskapades, waaromtrent vele vertellings nog in die volksmond in omloop is, veral in die omgewing van Upington waar hy lank gewoon het en ook begrawe lê, kan nie hier gegee word nie nie.(76) Tog is daar sekere temas wat steeds weer voorkom: sy perde= stelery, hoe hy gewoonlik die rykes beroof en die armes help, en dat hy na willekeur uit die tronk kon ontsnap.(77) Tereg word hy deur Metrowich in die subtitel van sy boek "South Africa's Robin Hood" ge= noem.

Die kwessie van die Robin Hood-tema in Afrikaans is interessant. Hoe= wel hierdie bekende en gewilde karakter, waaroor soveel verhale in die Engelse wêreld voorkom, ongetwyfeld sedert die 19de eeu minstens uit boeke aan die Afrikaner bekend moet gewees het; hoewel die Engelse kultuur so 'n groot invloed op die Afrikaner uitgeoefen het, ook wat sy volkswoordskeppinge soos volksrympies en -liedjies betref(78) - tog het ek geen enkele optekening van 'n ou Afrikaanse volksverhaal teëgekom wat regstreeks met Robin Hood verband hou nie. Die boogskutters van Sherwood Forest was blykbaar te ver uit ons mense se ervaringswêreld verwyderd om hulle in Suid-Afrika te akklimatiseer. Dit het die op= trede van 'n Robin Hood-agtige figuur soos Skottie Smith geverg om hier= die tema ook Afrikaans te maak.

7.5.3 Dirk Ligter, 'n bruinman wat berug geraak het as veedief, veral in die Sederberge en die Ceres-Karoo, is waarskynlik in die tagtigerjare van die 19de eeu in die omgewing van Clanwilliam of verder noord gebore, van gemengde Masbieker- en Boesman-herkoms.(79) Volgens mnr. A.P.C. (oom Wit-Andries) Nieuwoudt van Kromrivier in die Sederberge, het Dirk op dié plaas grootgeword. "Met 'n droogte het Dirk Ligter se ma met haar kinders daar na Kromrivier gekom en oom Andries se oupa het toe be= sluit om aan die aia en haar kinders woonplek op die plaas te gee. So het dit gebeur dat Dirk Ligter daar op Kromrivier grootgeword het. Oom Andries se pa en Dirk Ligter het saam grootgeword ... Dirk was oom An= dries se pa se maat. Hulle was min of meer ewe oud en Dirk Ligter was oom Andries se vader se gunsteling."(80) Moontlik was dit nie Dirk Ligter se ma nie, maar sy ouma wat na Kromrivier toe gekom het, want on= der die bruinmense het dit meermale gebeur dat van die kleinkinders, ver= al buite-egtelikes, aan die ouma "gegee" word; dit sou dan verklaar hoe= kom Pieter Burrows, bruin gids van die Sederberge, altyd sy vertelling oor die karakter begin met die woorde: "Dirk Ligter, hy wat nie 'n pape

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of 'n mame gehad het nie, net 'n ouma", soos die Afrikaanse skrywer Hen= nie Aucamp meedeel.

Dirk het sy eerste opgetekende oortreding begaan toe hy sestien jaar oud was. Hy is "met 'n vetgemaakte kalkoen na Wupperthal gestuur om aan die sendeling Gerdener vir sy verjaardag te gee. Dirk Ligter het nie baie van die mense gehou nie en het die kalkoen self opgeëet." Hieroor is hy glo tronkstraf opgelê.(81) Hy is vermoedelik in 'n ouetehuis of hospitaal in Kaapstad oorlede, maar die datum is onbekend, hoewel dit waarskynlik nâ 1938 moes gewees het omdat Boerneef in diê jaar 'n skets= verhaal oor hom publiseer waarin vermeld word dat hy nog lewe, hoewel hy iewers in die Kaap siek lê.(82)

Die vertellings omtrent Dirk Ligter kan in enkele groot groepe ingedeel word: (a) die galante dief; (b) die baashardloper; en dit gaan oor in vertellings waarin (c) bonatuurlike magte aan hom toegeskryf word.

(a) *Die galante dief.* By Boerneef, wat Dirk Ligter met sy skets= verhale aan 'n wyer publiek bekend gestel het, lees ons telkens van sy windmakerige voorkoms: "Hy het 'n swart baadjie en valerige broek aan, en 'n wit hemp. Sy hoed is aan die regterkant opgetoon, en 'n mooi, groot, wit volstruisveer bewe by die hoedband uit."(83)

Wanneer hy 'n skaap skelm slag, soos by oom Karl, een van sy talle werk= gewers, word daar nie gemors nie. "Die vleis van die geslagte hamel is mooi netjies in die vel toegedraai en met bossies toegemaak. Net 'n stuk van die rib is uitgesny en waarskynlik gebraai, want hier is 'n vars vuurmaakplek agter 'n groot suikerbos."(84) Daarna gaan hy dorp toe om hom aan die polisie oor te gee, en hy beken teenoor oom Karl: "Ek is baie jammer dat ek dit gedoen het, maar die skaap se boude het alte lekker gedril toe hy so voor my uitstap. Ek het hom toe maar neerge= trek, en hier is ek nou."(85)

Hy steel nooit by die Nieuwoudts van Kromrivier waar hy grootgeword het of by Andries Leipoldt, ook van die Sederberge, nie, maar gewoonlik net by mense van wie hy nie gehou het nie. Hy ontsnap maklik uit die tronk, en - so 'n innemende persoonlikheid het hy - dan is daar selfs onder die boere vriende wat hom altyd help. Oom Wit-Andries onthou hoe Dirk Lig= ter een aand aan sy ouers se kamervenster geklop het. Hy het langs die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pad 'n klompie afgedwaalde vee gekry en hulle kraal toe gebring. 'n Rukkie later kom twee polisiemanne daar aan en oornag op die plaas sonder om agter te kom dat Dirk ook daar is. Die volgende oggend drink Dirk eers saam met die plaaswerkers koffie en kry padkos voor hy maak dat hy wegkom.(86) Toe hy op 'n slag uit die tronk ontsnap en by oom Wit-Andries-hulle se winterplaashuis in die Karoo inbreek om matrasoortreksels vir klere te bekom, steek hy al die waardevolle artikels weg sodat dit nie dalk gesteel sal word nie.(87) Die beeld van Drik Ligter as 'n traak-my-nie-agtige swerwer wat maak en breek soos hy lus het en steel omdat dit vir hom lekker is en nie omdat hy moet nie, word versterk deur 'n episode waarin hy as 'n besonder knap werksman voorgestel word.(88)

(b) *Die baashardloper.* Volgens oorlewering was Dirk Ligter feitlik elke perd se moses.(89) Daar was bv. die geleentheid toe hy die dokter negentig myl ver op die dorp gaan roep, weer teruggehardloop het en nog voor die dokter se perdekar op die plaas was.(90) G'n polisieperd kon vir hom kers vashou nie. Dit was 'n algemene gesegde dat hy hom net laat vang het as hy hom wou laat vang. Op 'n keer toe 'n konstabel met hom op pad was, het hy skoon onder die perd uitgehardloop en by die tronk gaan wag.(91) Daar word selfs vertel dat dit Dirk Ligter was wat die liedjie oor "Die witperd van Calvinie" gemaak het. "Op Calvinia was daar 'n konstabel met 'n witperd wat hom nooit kon vang nie, en as hy so 'n eat voor die perd uitgehardloop het, het hy die liedjie altyd gesing," aldus oom Wit-Andries.(92) Volgens Boerneef het hy gesing:

> "Dis die wit perd van Calvinie,
> hy loop maar hy kan nie sien nie,
> dis die kolperd van Calvinie,
> hy loop maar hy kan nie sien nie."(93)

Al meer verbeeldingryk word die verhale oor hom soos die volksmens voort=borduur. Hy gebruik 'n beesvel as valskerm om van koppe en kranse af te spring as die polisie op sy spoor is.(94) Eendag het hy selfs 'n springhaas aangekeer, vertel Paul Joubert wat saam met sy drie broers in 'n soort spelonk in die Sederberge woon: "Hy was 'n onwettige man, meneer, en sy baas kon hom nie meer die skaap laat oppas nie, toe laat hy hom 'n klomp perde en donkies oppas. Tussen die spul was 'n donkie=merrie wat moes vul. Die aand toe Dirk se baas by die kraal kom, sit daar 'n tamaai springhaas tussen die donkies. Dirk dog heeltyd die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haas was die donkievul en keer hom toe aan kraal toe. Die haas het hom glo lelik laat bontstaan, maar watwou, vir Dirk kon niks weghardloop nie."(95)

(c) *Bedeeld met bonatuurlike magte.* In hierdie verhaal oor Dirk Ligter en die springhaas het ons natuurlik reeds die terrein van die be= lewenis verlaat en by die legende uitgekom, want dis duidelik dat selfs die volksmens nie die waarheid daarvan kan glo nie en dit maar net vir die lekkerte vertel. Moeiliker is die gevalle waar aan Dirk Ligter ook bonatuurlike magte toegedig word. Sommige volksmense kan dit as die waarheid beskou (waardeur dit sages sal word), maar ek meen tog dat ons kriteriumgroep, nl. die Afrikaanse volksmens, dit net as legendes beskou.

Pieter Burrows vertel hoe die polisie Dirk Ligter in 'n grot vasgekeer het. Hy glip onder hulle hande uit, maar dis gelyk en oop wêreld, en hulle gaan hom vastrap. "Toe maak hy sô: hy gaan sit plat op die grond - en verander homself in 'n miershoop! Die polisie het agter die klippe en tussen die bossies gesoek, maar Dirk was net weg. Een kon= stabel het op Dirk se skouers kom klim om die wêreld rondom te kan be= kyk, en so naby is hy dat Dirk ... die horlosie in die polisieman se onderbaadjiesak kan hoor tik. Dronkgeslaan is die polisie later daar weg. Eers later, toe Dirk vir 'n ander oortreding aangekeer is, het hulle van hom gehoor hoe hy dit reggekry het om so spoorloos te ver= dwyn."(96)

Daar is iets Uilspieëlagtigs in die springhaasstorie (by Uilspieël sou dit 'n geval gewees het van "opdrag te letterlik uitgevoer"), en ook in die volgende (maar dan sou dit die kinkel gekry het van "oormoedige kyk op sy neus"). Peter Burrows vertel naamlik: "Nog in die tronk op Clan= william toe laat weet hy 'n boer in die distrik hy moet die rooibont= koei vet voer, want op so-en-so 'n dag kom hy hom slag. Waaraan die boer homself nie gesteur het nie, ... want sit Dirk Ligter nie veilig agter die tralies nie. Maar daardie nag toe blaas Dirk op die slotte en dit gaan oop, en toe die boer die volgende oggend by die kraal kom, toe hang die vel van die rooibontkoei netjies gespan oor die kraal= muur!"(98)

Wesenlik is Uilspieël, soos later in die afdeling oor sprokies aangedui

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal word, 'n versetfiguur in wie se soms nogal geniepsige streke die ge= wone volk hulle op hul verdrukkers (hetsy rykes, adellikes, kerklikes of heersers) wreek, en ons vind ook dat Uilspieël in Suid-Afrika by die bruinmense soms 'n bruinman word wat die blanke boer op sy plek sit. 'n Mens kan dus sê dat Dirk Ligter in die wêreld van die bruinmens blyk= baar ook 'n soort versetfiguur van nie-besitters teenoor besitters word, maar hy kry iets by wat ons nooit by Uilspieël - hetsy in Europa of in Suid-Afrika - teëkom nie, nl. bonatuurlike magte. Blykbaar word Dirk Ligter ook tot 'n soort messiaanse karakter verhef.

7.6.0 Oorsigtelike tiperegister van belewenisvertellings in Afrikaans

Die volgende afkortings word i.v.m. die bronverwysings by die onderskeie vertellings gebruik:

Anon = Anoniem: *Hiervan en daarvan* deur Skoolinspekteur.
Ballantyne = R.M. Ballantyne: *Six months at the Cape.*
Boerenvriend = *De Boerenvriend* (almanak).
Boerneef I = Boerneef: *Versamelde prosa.*
Boerneef II = Boerneef: *Van my kinderdae.*
Brink I - VII = Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies*
Burger = *Die Burger.*
Celliers = Jan F.E. Celliers: *Jopie Fourie en ander nuwe gedigte.*
Conradie = Elizabeth Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* II.
DAK = *Die Afrikaanse Kind* (tydskrif).
DB = *Die Brandwag.*
Dep. = Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, U.S.
DGH = *De Goede Hoop.*
DH = *De/Die Huisgenoot.*
DJ = *Die Jongspan.*
DK = *Die Kleinspan.*
DR = *Die Ruiter.*
DT = *Die Taalgenoot.*
DU = *De Unie.*
De Beer I = L. de Beer: *Half hours of leisure.*
De Beer II = L. de Beer: *Uren in Zuid-Afrika.*
De Kock = Victor de Kock: *Those in bondage.*
Eie = Eie jeugherinneringe van skrywer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ellman = A. Ellman: *South Africa [illegible] sketches.*

Eybers I = G.W. Eybers: *Outydse sketse [illegible] uit die [illegible] reisigers.*

Eybers II = G.W. Eybers: *Op die voetspore van die [illegible] reisigers.*

Fleur = *Fleur* (tydskrif).

Grimm = Hans Grimm in J.J. Dekker (red.): *Duitse kortverhale.*

Gronum = C.F. Gronum: *Ou Mariee II: Transporting, runderpes en poskoetse.*

Grosskopf = J.F.W. Grosskopf: *[illegible].*

Hobson = S.B. Hobson: *Broom.*

Hoogenhout = Imker Hoogenhout: *Op die delwerye.*

Juta = Réné Juta: *The Cape Peninsula.*

Kotzé = D.J. Kotzé: *Dapper kinders van Suid-Afrika.*

Langenhoven I - XVI = C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* (16 dele).

Lübbe = Aletta Lübbe: *Tussen twee riviere.*

Malherbe I = Janie A. Malherbe: *Predikante-prestasies en petaljes.*

Marais = Eugène N. Marais: *Die mieties van Nooitgedacht, of Sketse uit die lewe van mens en dier.*

Meintjes = Johannes Meintjes: *President Steyn.*

Mentzel = O.F. Mentzel: *Life at the Cape in the mid-eighteenth century, being the biography of Rudolph Siegfried Alleman.*

Mulder = Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister.*

Nienaber I = P.J. Nienaber: *Legendes van ons eie land.*

OK = *Ons Klyntji.*

OTa = *Ons Taal.*

OT = *Ons Tijdschrift.*

Olwagen = J.D. Olwagen: *Drie kinderstories.*

Ons Erfenis (soms gevolg deur kodenom=mer) = Ons Erfenis-versameling, Uitkyk, Franschhoek.

Reitz = F.W. Reitz: *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse ge=digte.*

SAUK = Afrikaanse Diens, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

Schonken = F.Th. Schonken: *De oorsprong der [illegible] volksoverleveringen.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TAV, gevolg deur nommer	= Abel Coetzee e.a.:	*Tipe-register van die Afrikaanse volksverhaal.*
TVV	= *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal.*	
Tas	= Adam Tas:	*Dagboek.*
Theal I - XI	= Geo. McC. Theal:	*History of South Africa* (11 dele).
Valentyn I en II	= Francois Valentyn:	*Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behorende* (2 dele).
Van der Spuy	= S.J. van der Spuy:	*Jong Zuid-Afrika.*
Van der Watt	= P.B. van der Watt:	*Beroerders en beroeringe.*
Van Niekerk	= A.A.J. van Niekerk:	*Hermeuter.*
Van Riebeeck I - III	= Jan van Riebeeck:	*Daghregister* (3 dele).
Van Tonder	= Izak W. van Tonder:	*Van Riebeeck se stad.*
Viljoen	= P.J. Viljoen:	*Ek kyk terug.*

A. Die Christendom

Die laaste oordeelsdag. Teen einde van 19de eeu is daar sprake dat wêreld op bepaalde dag sal vergaan. Boer en sy vrou gaan dorp toe omdat hulle nie alleen op plaas wil wees wanneer uur aanbreek nie. Nag twaalfuur kom poskoets aan, en koetsier blaas soos gewoonlik op sy beuel. Haastig maak boer sy vrou wakker en sê sy moet opstaan, "want daar klink die trompet van die Aartsengel".

Variant: Ou vroutjie skrik groot toe sy op Sondagoggend soldate deur straat sien marsjeer, want sy meen dis laaste oordeelsdag. Sy storm kerk binne en beland tussen ouderlinge met haar hoed agterstevoor op (vgl. afdeling BB. *Die masjien.*)

De Beer, p.28; DK, 6 Julie 1928, p.3.

Predikant: Krap hele gemeente om. Ds. E.F. le Boucq kom in Maart 1707 na Kaap. Is vol klagtes oor mense. In Drakenstein dank hy twee kerkraadslede wederregtelik af. Sy traktement word hom ontneem. Dominee bewapen homself met sabel en twee pistole en jaag te perd in Stellenbosch en Drakenstein rond om steun te werf. Kry later twee

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slawe, gewapen met swaar stokke met ysterbeslag, as lyfwagte. Belaster Goewerneur en andere tot hy in 1708 deur Politieke Raad beveel word om land te verlaat. Nã hewige geregtelike stryd is hy verplig om na Ooste te vertrek.

Van der Watt, p.7-10.

Predikant: Gee geboorte aan kalf. (Vgl. Tiperegister vir intervolklike belewenisvertellings). Siek predikant word oorreed dat hy geboorte aan kalf gaan gee nadat dokter sy urine ondersoek het wat per abuis met dragtige koei s'n vervang is. Toe kalf huis binnekom, meen predikant dat dit sy kind is.

TAV, tipe 1739.2 (mondelinge oorlewering).

Predikant: Saam met ouderling dronk gemaak. Koetsier wat kwaai drink, bring predikant en ouderling na dorp weg. Op ou end drink kerkmanne saam met hom om te verhoed dat hy dronk word en hulle dalk verongeluk. Op dorp gekom, is koetsier nog nugter en kerkmanne dronk.

TAV, tipe 1849A.2 (mondelinge oorlewering).

Predikant: Lag kliphard in kerk. Op warm Sondagoggend sit koster met groot bleskop in voorportaal van kerk. Hy dut in en begin kopspeel. Hansbok kom binne en speel saam kop. Hy meen seker dat koster hom daag, staan reg, en toe koster se kop weer sak, stamp hy hom bo van stoel af. Predikant, wat alles van preekstoel af gesien het, lag klip= hard. Gemeente so verontwaardig dat hulle hom voor kerkowerheid daag.

Viljoen, p.216.

Predikant: Wys dief uit. Dief steel kool uit predikant se tuin. Sondag in kerk sê predikant hy gaan sy gesangboek tussen gemeente ingooi, en die Here sal sorg dat skuldige getref word. Skuldige buk weg en sê vir sy vrou: "Koes, Kaatjie!"

Variant: Leraar se geslagte vark gesteel, en dis vrou wat in kerk vir haar skuldige man skree: "Koes, Gert!"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brink I, p.56; TAV, motief J1141.1 (mondelinge oorlewering).

Predikant: Verlore bril in Bybel ontdek. Vrou se goueraambril word nâ twee jaar nog vermis. Sy kla daaroor by predikant op huisbesoek, en tot haar verleentheid ontdek hy dit tussen blaaie van haar Bybel toe hy iets wil voorlees.

Brink I, p.135; Eie.

Paul Kruger en die Duiwel. As banneling in Nederland tydens Boereoor= log kla President, wat met oop Bybel voor hom sit, dat hy sleg geslaap het, want hy het stryd met Duiwel gevoer. Sy lyfarts, 'n ongelowige, sê dis snaaks, maar Satan pla hom nooit nie. Paul Kruger antwoord: "Duiwel het jou lankal veilig weggebêre, maar hy weet dat ek nie sy eiendom is nie."

DH, Maart 1917, p.290.

E. Die geestewêreld

Spookhumor: "Ek soek Piet Grawe!" Op dorp woon ene oom Piet Grawe wat aan heupjig ly, maar hy kan lekker spookstories vertel en spog graag met sy dapperheid. Drie broers bring oom Piet Saterdagmiddag na hul plaas kort buitekant dorp. Teen donker begin een broer in kerk= hof naby opstal "spook". Oral is vuur, en wit gedaante verrys in maan= skyn. Oom Piet draai sakdoek om hand en stap nader om "spook" te groet. Hy vra: "Gees, wie soekt gij?" Vermomde broer antwoord: "Ek soek Piet Grawe!" Oom vlieg net daar om, vergeet van sy heupjig en laat loop huis toe. Hy probeer nie eens agterdeur oopmaak nie, maar spring los oor onderdeur. Volgende dag moet broers medisyne vir sy heup van dorp af laat kom.

DB, 5 Sept. 1941, p.35.

Spookhumor: "O, neem die sondaars aan!" Karools, 'n Griekwa, kan baie drink. Een aand lê plaasmense waar hy woon hom met lakenspook voor toe hy van dorpskroeg af kom. Karools lê oop, en so ver as hy gaan, roep hy: "O, neem die sondaars aan!"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OK, Okt. 1896, p.163.

Spookhumor: "Waar is my goue arm?" Toe vrou van ryk man se arm afgesit word, laat hy vir haar goue arm maak. Sy kom later te sterwe, en soos sy versoek het, word sy met goue arm begrawe. Ryk man is egter vrek en dit hinder hom dat goue arm so nutteloos in graf lê. Gaan grawe kis op, vat goue arm en steek dit onder sy bed weg. Daardie nag ver= skyn wit gedaante in kamer. Dis spook van sy vrou. "Waar is my goue arm?" vra sy en kom al nader en nader. Vir tweede maal vra sy: "Waar is my goue arm?" Man lê haar in doodsvrees en aanstaar. Nou is sy by hom ... (Die welslae van die vertelling hang daarvan af in hoeverre die verteller sy luisteraar of luisteraars kan boei sodat hulle ademloos op die ontknoping wag. As spookvrou die derde maal sê: "Dáár is my goue arm!" maak die verteller skielik lawaai deur bv. voor die luiste= raar/s op die tafel te slaan, of hy gryp een van die luisteraars vas. Die groot skrik wat hierdeur veroorsaak word, is die klimaks van die vertelling.)

Variant. Man sny lykskleed se mou saam af wanneer hy goue arm uit kis haal. Vrou kom spook by hom en sê: "Een mou! Een mou!" Man skrik so groot dat hy goue arm met mou en al in kis gaan terugsit.

Nota: Tydens die Boereoorlog bly pres. M.T. Steyn van die Oranje-Vry= staat een aand met sy burgers by mense oor. Hy vertel die verhaal van die goue arm, en toe hy by die klimaks kom, laat 'n jong huisbediende met 'n stapel borde wat gestaan en luister het, alles net so val en vlug.

DH, Feb. 1923, p.422; Eie; Meintjes, p.143-144.

Spookhumor: Begrafnisgangers op loop. Perderuiter verdwaal in donker en reën. Kom by opstel waar tentwa staan, trek sy nat klere uit en kruip onder kombers op wabed sodat hy plaasmense nie hoef te steur nie. Volgende oggend toe man wakker skrik, is wa op pad en agterna stap sing= ende begrafnisstoet. Hy het vorige aand nie geweet dat kis met lyk on= der bed in wa staan nie. "Vandag begrawe hulle my lewendig!" dink man. Poedelnakend spring hy onder waseil uit, en mense laat spat. Man sien ouerige tannie met groot voorskoot en mik na haar toe, maar sy hardloop tot sy neerslaan en hyg: "Ag neef, ek het jou mos mooit kwaad aange= doen nie." "Ek wil ook niks doen nie," sê man. "Gee my net voor=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoot." So bedek hy sy naaktheid, maar teen diē tyd het begrafnisgang= ers reeds verdwyn. Met moeite is hulle weer by graf gekry.

DB, 5 Feb. 1943, p.28.

Spookhumor: "Toe ek nog gelewe het ..." Boervrou is een aand alleen tuis toe groep vreemde swartmans oor werf aangestap kom. Sy vrees moeilikheid, wikkel haarself in laken toe en maak voordeur oop. Swart= man vra of ene meneer Harmse daar woon. "Ja," antwoord vrou met diep stem, "maar hy is nog op plaas uit. Toe ek nog gelewe het, het ek ook hier gewoon." Die swart besoekers vlug vervaard.

DH, 22 Des. 1939, p.33.

Spookvrees: Nag in die kerkhof. Jongman se moed getoets deur nooi. Stuur hom om op middernag spyker in graf te slaan. Pen punt van jas vas en sterf van angs.

Eie; Schonken, p.54; TAV, motief N384.2 (mondelinge oorlewering).

F. Die wêreld van wit en swart magie

Die mag van die verbeelding (Iemand glo hy/sy is getoor): Die meisie wat 'n geitjie ingesluk het. Jongkêrel gryp geitjie en terg meisie daarmee. Hulle stoei, en geitjie val voor meisie se gesig verby ter= wyl sy met wydoop mond gil. In nag droom sy dat geitjie by haar mond ingekruip het en voel iets in haar maag kriewel. Wil nie eet nie en word al swakker. Dokter fop haar deur ander geitjie te vang, instru= ment in haar keel af te steek en geitjie kastig te laat uitspring. Meisie word gesond. Ses maande later vertel dokter haar hoe hy haar geflous het. Skielik voel meisie weer geitjie in haar maag, kwyn weg en sterf. (Soms is dit 'n man wat 'n hoender in sy kop hoor pik.)

DGH, Aug. 1905, p.44-45; Eie.

H. Historiese onderwerpe

Heldedaad: Die slavin en die luiperd. "Tegen den avont is een Jongh veulen dicht bij't fort inde duijnbosjens door een grooten, mageren

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lupaert besprongen ende vernielt, geen 4 treden vanden vrij meulenaer, Wouter Cornelisz., met sijn slaven ende slavinnen besigh wesende aldaer eenigh dun hout te cappen, welckers eene slavin, 't jongh paertjen onder de claeuwen van voorhaelden lupaert siende, daerna toetradt ende met een bijl, inde handt hebbende, denselven soodanigh inden hals ende het hooft hieu dat hij datelijcq daerbij bleeff doot leggen, doch was t' veulen al de keel aff gebeeten, 'tbloet uijtgesoogen ende 'teenemael van't leven beroofft, waeraen d'E. Compagnie, vermits de nodigheijt van paerden al= hier, wel hondert gulden schade heeff."

Van Riebeeck II, 25 Sept. 1658.

Heldedaad: Jochem Willemszoon, 1ê eerste Woltemade. In nag van 4/5 Junie 1692 strand drie skepe tydens storm naby monding van Soutrivier in Tafelbaai. Een van skepe deurstaan storm en word later weer vlot ge= maak, bemanning van tweede is naby genoeg om self veiligheid te bereik, maar *Hoogergeest* 1ê agter hoë branders, en dis duidelik dat skip nie lank gaan hou nie. Onder honderde mense wat gebeure van land af dop= hou, is dit net Jochem Willemszoon wat optree. Met dun loodlyn om sy lyf, swem hy telkens deur golwe en bring klompie opvarendes uit. Dit gaan te stadig. Terwyl hy bietjie op skip rus, laat hy dik kabeltou met loodlyn strand toe sleep, sy makkers op land prakseer 'n vlot, en so - met kabeltou en vlot - word meeste van bemanning gered.

Theal III, p.377-378; Valentyn I, p.48-54.

Heldedaad: Wolraad Woltemade. Oggend van 1 Junie 1773 1ê *De Jonge Thomas*, Nederlandse skip onderweg van Ooste na vaderland, in hewige noordwestestorm gestrand naby monding van Soutrivier. Ou man, Wolraad Woltemade, opsigter van dieretuin, bring verversings weg vir sy seun, korporaal in diens van V.O.C. wat moet help om uitspoelgoedere van skip op strand te bewaak. Lot van mense op skip gryp ou man so aan dat hy sy perd golwe instuur, tot by wrak laat swem en twee opvarendes strand toe bring. Sewe maal 1ê hy tog af en red veertien man, maar agste keer begin skip uitmekaarbreek, te veel mense werp hulle op hom en sy perd, en Woltemade verdrink saam met hulle in golwe.

Eybers, I, p.13-14 (uit Thunberg).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Heldedaad: [illegible]
Jong Vrystaatse boer, ene De Beer, kom in wintermaande omstreeks 1870 in Transvaal aan op soek na plaasgrond, en hy staan rukkie oor by van= genoot in Drakensberge op grens tussen Transvaal en Natal - een van koud= ste dele in Suid-Afrika. Een middag steek ysige storm op, en toe va= der De Beer sy beeste in kraal jaag, merk hy dat jong koei in veld ge= kalwe het, maar kalfie is nie daar nie. Almal moet help soek, sy dog= ter Racheltjie (12) ook, en haar klein boetie dwing saam. Hulle ver= dwaal, en eers volgende oggend kry mense hulle. Racheltjie het miers= hoop soos bakoond uitgehol, haar boetie in al haar klere toegedraai, hom in miershoopholte geplaas en toe self voor opening gaan lê. Sy het verkluim, maar boetie is gered.

Kotzé, p.80-82; Marais, p.68-73.

Heldedaad: Paul Kruger by Spelonke van Makapan. Kommando van Zuid-Afrikaansche Republiek keer volgelinge van opperhoofde Mapela en Makapan in spelonke vas. Een nag kruip Kruger by spelonk in en oorreed groep vrouens en kinders om hulle oor te gee. Tydens beleg word een van bur= gers, Piet Potgieter, doodgeskiet, en sy lyk val bo van krans af agter vyandelike skans. Kruger spring onder swaar geweervuur oor skans en bring lyk van fris geboude vriend veilig uit.

Krüger I, p.41-42.

Heldedaad: Dirkie Uys wil sy vader nie alleen laat sterf nie. Dit gaan sleg met Voortrekkers in Natal ná moord op hul leier, Piet Retief, en daaropvolgende aanvalle deur Zoeloeleër by Bloukrans en Weenen. Kommandante Piet Uys en Hendrik Potgieter, wat anderkant Drakensberge gebly het, kom help. Hulle ruk met twee kommando's op, maar by Italeni word Uys-hulle in hinderlaag gelok en kommandant swaar gewond. Uys gee burgers by hom bevel om uit te jaag en hulself te red, maar sy seun Dir= kie (15) draai terug, en hy sterf saam met sy vader.

Kotzé, p.53-59.

Heldedaad: Japie Greyling wil nie praat nie. Afdeling Engelse soldate kom een oggend tydens Boereoorlog by Greylings se plaasopstel in omgewing

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Hoopstad in Vrystaat. Hulle het drie Boere van huis af sien wegry en vermoed dat een van hulle kommandant Greyling is, hoewel dit nie ge= val was nie. Deur middel van tolk ondervra Engelse offisier jonge Japie oor waar Boerekommando is. Hy weier om te praat, selfs toe Engelse vuurpeloton op hom aanlê, al is dit net bluf. Engelse offisier is so geïmponeer deur seun se moed dat hy sy hand druk en sê: "Ek hoop ek sal jou eendag weer ontmoet."

Kotzé, p.151-154.

Familiegeskiedenis: [illegible]. Vlug vir sy geloof as Protestant uit Katolieke deel van Duitsland tot by see en word deur Turke gevang. Hy genees hul koningin van ernstige siekte, en hulle hou hom as soort dokter aan. Terwyl hy eendag kruie versamel, sien hy vreemde skip aankom. Word aan boord geneem en bereik Kaap die Goeie Hoop.

OK, Nov. 1901, p.175.

Familiegeskiedenis: [illegible]. Kommandeur Ferreira, 'n Portugees, ly skipbreuk aan Kaapse kus. Gaan woon onder Hugenote by Franschhoek, word Protestant en trou met Hugenotevrou.

OK, Nov. 1898, p.201.

Legendariese karakter: Paul Kruger sit [illegible]. Voorlaaier bars in Paul Kruger se hand toe hy renoster skiet en linkerduim half afgeruk. Dit lyk asof hy sy hele hand gaan verloor, maar Kruger sit duim self met knipmes af en ná maande genees wond eindelik.

Krüger I, p.32-33.

Legendariese karakter: Paul Kruger en die groot diamant. Diamant van tweehonderd karaat wat eens in besit van Mosjwesjwe was en deur Tsjaka afgeneem is, word sestien maal gesteel voor dit in hande van opperhoof Memela van Transvaal beland. Witman probeer dit by hom afneem, daar is groot geveg en opperhoof word gevang. Paul Kruger tree tussenbeide en laat hom vry. Opperhoof beloon President met diamant, wat hy in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wond verberg het. Op een of ander manier beland diamant later in Vati= kaan.

OK, Nov. 1901, p.174.

Legendariese karakter: [illegible]. Hoewel Boerekommandant tydens Boereoorlog deur vyand tereggestel is, het mense volgehou dat hy nie gesterf het nie omdat sy beendere nooit gevind is nie. Tot in haar gryse ouderdom het briewe by sy moeder uitgekom van m ase wat haar nooi om na dié of daardie swerwer in hul distrik te kom kyk of dit nie haar seun is nie.

Fleur, Aug. 1947, p.60.

Legendariese karakter: [illegible] op loop. Gedurende Boereoorlog kom afdeling Engelse soldate by Boervrou wat besig is om pannekoek te bak. Soldate wil daarvan hê, maar vrou sê: "Nee hulle is nog *te vit." "[illegible]?"* roep aanvoer= der uit. Toe maak Engelse dat hulle wegkom. (Soms is die vrou besig om brood te bak.)

DGH, Maart 1904, p.167; Eie.

Legendariese karakter: Oom Jan Keet en die regter. Koster Keet moet eenmaal in hofsaak voor regter getuig. In daardie dae het ook man ge= naamd Jors Engels op Tulbagh gewoon. Deur tolk vra regter vir oom Jan of hy Engels ken. "Ja," sê oom Jan, "ek ken hom goed." Regter was baie kort van draad en sê vir tolk: "Vra hom of hy Engels kan spreek." "Ja," sê oom Jan, "laat hom maar roep; ek sal lekker met hom spreek." Toe begryp regter en laggend sê hy: "Vra aan meneer Keet of hy Engelse taal ken." "Nee", sê oom Jan, "Engelse taal ken ek nie, maar vir Jors Engels ken ek baie goed."

OK, Mei 1901, p.76.

Legendariese karakter: Dirk Ligter handloop perde [illegible]. Skrywer Boerneef ry as seun met sy oom Willie Ta in Sederberge toe hulle op bruinman Dirk Ligter afkom. Dis spogperde, maar Dirk Ligter, uithaler-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hardloper en -skaapdief, draf gemaklik saam, haal kitaar van sy nek af en sing liedjie daarby.

Boerneef I, p.4.

Legendariese karakter: [illegible]. Hardloop Calvi= nia toe, afstand van negentig myl, om dokter na sieke te ontbied. Weier geleentheid terug op dokter se perdekar, maar draf afstand weer af en kom eerste op plaas aan.

Boerneef I, p.65-66; Dep., SED I, Bylaag, p.22.

Legendariese karakter: [illegible] Dirk Ligter vang nie. Po= lisieperde kan nie vir Dirk Ligter kers vashou nie. By geleentheid vat konstabel hom tronk toe omdat hy weer skaap geslag het. Dirk weet hy is skuldig, probeer nie eens ontvlug nie, draf vooruit en kom eerste op dorp waar hy konstabel by tronk inwag om hom op te sluit.

Boerneef I, p.57-60; Burger, 17 April 1970, p.2; Dep., CER I, p.8.

Legendariese karakter: Dirk Ligter steel nie by vriende nie. Dirk ontsnap uit tronk, gaan na winterplaas van mense by wie hy grootgeword het, laat bandietpak in huis en maak vir hom nuwe klere van matrasoor= treksels. Waardevolle artikels in huis steek hy weg sodat niemand an= ders dit dalk sal vat nie.

Dep., SED I, Bylaag, p.20-21.

Legendariese karakter: Dirk Ligter, die knap werksman. Boer besig om pad te maak toe vreemde bruinman by hom aankom en hom help om werk in kort tydjie af te handel. Toe bruinman wegdraf terwyl hy kitaalsnare tokkel, beken hy dat hy Dirk Ligter is.

Boerneef I, p.53-55.

Historiese voorval: Kommandeur red homself met slentersing. Here Sewentien, bewindhebbers van V.O.C., is ontevrede omdat kommandeur Si= mon van der Stel aan Kaap die Goeie Hoop Franse skepe so vriendelik ont=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vang het dat Franse koning goue ketting en medaljon met sy portret aan hom skenk. Voordat Here XVII k[illegible] optree, verklaar Frankryk (groot han= delskonkurrent) oorlog teen Nederland, maar toe Franse skip, *Normande*, in April 1689 Tafelbaai binnevaar, weet kaptein nog nie daarvan nie. Hy stuur boot na land, Van der Stel sien sy kans, laat Franse opsluit en stuur Nederlandse matrose, in gevangenes se uniforms geklee en onder die Franse vlag, terug na skip. Franse kaptein is so gerus dat ander Nederlandse skepe in baai sy skip vasgekeer het voor hy besef wat aan gang is. Nou dien *Normande* as lokaas, beman deur Nederlanders in Franse uniforms. Omtrent tien dae later kom tweede Franse skip aan, word gerusgestel deur teenwoordigheid van *Normande*, en voordat Franse kaptein waarheid agterkom, is sy skip ook verower. Here Sewentien is so verheug oor nuus dat hulle Simon van der Stel vergewe en tot goewer= neur bevorder.

Theal III, p.358-359.

Historiese voorval: Die prinses se skip. Groot Russiese skip strand in 1815 by Kaap Agulhas. Meeste mense verdrink. Lyke en goedere spoel op strand uit, o.m. lyk van prinses met kosbare diamantring aan vinger. Paar jaar later is daar kastige ryk man in omgewing wat loop en spog met blink diamantring aan pinkie.

OK, Julie 1900, p.138.

Historiese voorval: Die verlorende kind tussen Boesmans. Blanke kind van omtrent drie jaar word omstreeks 1780 deur bende Boesmans ontvoer. Jare later word hy deur Kaapse burgers gevind. Hy het soos Boesmans leer leef en praat, en opperhoof onder hulle geword. In beskawing kwyn hy weg en sterf.

DU, April 1907, p.340.

Historiese voorval: Die Jameson-inval in Bybelse taal beskryf. Die strooptog wat Jameson in 1896 uit Rhodesië in Transvaal onderneem het, aangehits deur Cecil John Rhodes, word in Bybelse taal weergegee: "Het geschiedde nu in het vijftiende jaar van Paul, den richter en voortrek= ker, dat He-Rhodes, de tweevorst en regeerder van Kaapland en Charter=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

land, zijne oversten en gezellen bij elkander riep. En hij sprak tot hen zeggende: Gij mannen uit d. tien verloren stammen Israels, gij zo= nen van Levi en van Reuben en van Gath, neigt uwe ooren tot mij en hoort mijne redenen ..." (Dit is deur 'n gewone volksmens geskryf, en jare daarna kon mense dit nog van buite opsê.)

Langenhoven XV, p.67.

[illegible]. In distrik Graaff-Reinet woon twee boere aan begin van 19de eeu op dieselfde plaas. Terwyl hulle een aand op stoep sit en ge= sels, kom sewe swartmans daar aan, vra brood en vleis te koop, en slaap= plek vir nag. Eerste boer verwilder hulle, maar tweede boer vat hulle na sy huis en gee hulle kos. Paar jaar later breek grensoorlog uit. Tweede boer en paar van sy makkers word deur swartes omsingel en gevang. Swartmans dans om hulle en sê hoe hulle doodgemaak gaan word. Toe tree swartman na vore en sê hy is een van sewe wat destyds so vriendelik deur boer behandel is. Hy pleit by kaptein om boer se lewe te spaar. Kap= tein se hart word week, en hy skenk boer en sy metgeselle hul vryheid.

Conradie, p.9; DU, Nov. 1905, p.234. Vgl. Grosskopf, p.iii.

Oorlogshumor: hoe ruik bloed? Kommandant Gideon Scheepers in ligte skermutseling naby Barrydale betrokke. Twee benoude *Town Guards* skuil in sloot. Een vra vir ander: "Hoe ruik bloed?" "Nee, ek weet nie." "Wel, as bloed soos str... ruik, is ek swaar gewond."

Variant: Boer op kommando kan nie sy maag beheer nie. As skote val, dan werk dit. Terwyl hulle eendag voor vyand uitjaag, vra hy vraag vir makker: "Hoe ruik bloed?"

Dep., BAR II, p.24; Eie.

Oorlogshumor: Engelse soldaat met sy kop in meelkis. Tydens Boereoor= log snuffel Engelse soldaat Boervrou se huis deur terwyl sy makker perde water gee. Hy sien groot meelkis, vrou maak dit ewe vriendelik vir hom oop, en toe hy met kop en arms daarin afbuk, klap sy deksel dig en spring bo-op. Haar skoonsuster ransel spartelende soldaat met besemstok af. Hy het nie weer daar kom lol nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible]: Engelse offisier snuffel deur korrespondensie van Afrikaanse winkelier. Briewe is in diep koslaai met rissies, ens., daaroor ge= sprinkel om vismotte uit te hou. Toe offisier weer buk, stamp winke= lier hom van agter dat hy met sy kop in laai beland, en hy skop laai toe. Offisier spook en proes en nies voor hy weer vry is.

DH, 7 Julie 1939, p.41; 17 April 1942, p.27; Eie.

Oorlogshumor: Die [illegible]. In Boereoorlog sien Hollander wat saam met Boere veg hoe lekker aanmekaar Engelse met hul meksim skiet. Hy laai sy ou sanna agt skote ná mekaar en trek af. Daar is geweldige slag en hele loop bars oop. Een van Boere hardloop nader en wil geweer optel, maar Hollander skree: "O neen, laat ze maar liggen. Het heeft nog maar een maal gedonderd en moet nog zeven maal donderen." (Vgl. Swaapsprokie: "Ses skote in een", A/T/G 1890B.1.)

DB, 30 April 1943, p.197.

J. Die sosiale gemeenskap

Mens en medemens: Die [illegible]. In laaste dekades van 18de eeu was daar Maleierslaaf, ene Frank, aan Kaap wat vasbeslote was om juk van slawerny af te werp. Kom met sy eienaar ooreen dat hy hom vir sekere som kan vrykoop. Nadat hy geld bymekaargemaak en betaal het, skaf hy self vir hom twee slawe aan en het genoeg geld om boot te koop en huis in te rig. Met sy slawe kom hy ooreen dat as hulle hom getrou dien, hy hulle ná aantal jare sal vrystel en ook genoeg kapitaal sal verskaf om self onderneming te begin. Kul hulle hom, verkoop hy hulle. So word Frank man van aansien en rykdom.

De Kock, p.207-208.

Hofmaak: Die stiksienige weduwee (oujongnooi). (Vgl. Tiperegister vir intervolklike belewenisvertellings.) Bysiende weduwee verwag besoek van wewenaar. Om hom te imponeer, steek sy naald in kosyn van staldeur. Sy vra wewenaar om dit vir haar te gaan haal, maar hy kan niks sien nie. Sy loop self om naald te kry, want sy sien dit glo tog te duidelik, maar dan val sy bo-oor koei wat in paadjie lê. So ontdek wewenaar haar be= drog.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible]: Oujongnooi wil kommetjie koffie vir besoeker skink, maar sien kat wat op tafel sit vir koffiekan aan.

Brink I, p.91; DK, 28 Mei 1926, p.6; Olwagen, p.31; TAV, tipe 1456 (mondelinge oorlewering).

[illegible]: *[illegible]*. Jongkêrel is man van vele vrese. Op ou end word hy gedaag om leeu te skiet voordat hy meisie kan kry. Sy broek bewe so dat hy dit nadenkend uittrek. Toe is hy nie meer bang nie, skiet leeu en kry sy bruid.

OK, Julie 1898, p.102.

[illegible]: *[illegible]*. Twee kêrels eintlik oorlaste soos hulle meeding om hand van skone Hessie Vermaak. Sy besluit om hulle op proef te stel. Nommer een moet nag om halftwaalf in doodskis op solder gaan lê, deksel oor hom toetrek en tot twaalfuur daar bly. Nommer twee, wat niks van nommer een weet nie, moet om kwart-voor-twaalf vier amandels met hamer op vier hoeke van doodskis gaan kraak en dan ketting drie maal omheen sleep. Nommer een skrik so groot dat hy by kis uitvlieg, en daardeur jaag hy nommer twee ook op loop. So is Hes= sie van altwee ontslae.

Variant: Drie kêrels moet om middernag toertjies in kerkhof gaan uit= voer: nommer een moet in kis klim, nommer twee moet dennepitte op hoeke van kis kraak, en nommer drie moet ysterketting laat ratel. Al drie vlug.

Brink I, p.93-103; DK, 31 Des. 1926, p.7; OK, Nov. 1897, p.212; TAV, tipe 326A.1.

[illegible]: *Die skelm vryery.* Kêrel word nooi se huis belet, maar as ouers Saterdae dorp toe ry, gaan hy skelmpies kuier. Eendag gesels hulle te lank, ouers daag op, en kêrel moet solder invlug, reg bokant ouers se slaapkamer, maar dit gaan moeilik, want solderplanke is los aangesien hulle nog aan huis werk. Aand toe ouers in bed is, pla vlooie hulle. "Eina, wat byt so!" sê ma en steek kers op. Kêrel skuif planke nuuskierig weg om ook te sien. Planke gee mee en kêrel val met donderende slag tussen oumense in, kers dood. Hy vlug, maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in deur hoor hy pa nog sê: "Ag, ou vrou, het die donderweer jou ook getref? Dis maar net Here se genade dat ons nie altwee dood is nie."

DT, Des. 1972, p.18.

Hofmaak: Die kêrel wat te hara probeer het. Man met mooi dogter slag een Vrydag bees. Toe roep hy Sannie en haar kêrels, Koos en Piet, na= der. Hy sê een wat alleen bees se borsbeen kan oopbreek - dis gewoon= lik vier man se werk - kan sy dogter kry. Koos sien dis hopeloos en laat dit vaar. Piet gooi alles in, en sy kop sak al laer tussen bors= bene af. Skielik gee sy kragte in, borsbene klap toe en knyp sy kop vas. Toe hy eindelik loskom, gee hy vinnig van plaas af pad.

Van Niekerk, p.74.

Hofmaak: Die kêrel skrik hom boeglam. Jongkêrel gaan kuier by oom met mooi dogters. Aand met huisgodsdiens voel hy iets onder tafel teen sy been, en daar is ligte gesnork. Hy gee skree, spring agteruit en skop tafel dat dit skuiwe. Dit was al die tyd net kat.

OK, Des. 1899, p.279.

Huwelik: Die bruid wil nie ja sê nie. Kêrel drie maal voor preekstoel met Maria. Elke keer maak hy haar kwaad en sy wil nie op vrae in trou= formulier ja antwoord nie. Op ou end trou kêrel met iemand anders.

OK, Junie 1897, p.82.

Huwelik: Jaloesie lei tot moord. C. is verlief op Sannie, maar F. sleep ook vlerk. Tydens Vryheidsoorlog van 1880/81 word C. gewond, en nadat F. mislukte poging aangewend het om C. te vermoor, skryf hy vals brief namens C. aan Sannie dat sy met F. moet trou. Toe F. en Sannie al voor preekstoel staan, daag C. daar op, en hele huweliksplegtigheid word ontwrig. Sannie trou met C., en weer probeer F. hom vermoor, maar hy skiet ander man dood en word gehang.

OK, Maart 1899, p.63.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible]: "Die oog wil ook wat hê." Twee kêrels kuier by pa se enigste dogter. Een kêrel is baie aantreklik, maar sleg geaard; ander kêrel is onaansienlik, maar goeie mens. Dogter sê vir pa: "Die oog wil tog ook wat hê" en trou met aantreklike kêrel. Ruk later kla sy by pa dat man haar sleg behandel en selfs blou-oog geslaan het. Vader antwoord: "My kind, jy het self gesê die oog wil ook wat hê, en daar het jy dit nou."

DT, April 1972, p.31; OK, Des. 1906, p.1.

Huwelikdriehoek: Terug uit die graf I. Man bly jare lank weg op jag= tog sodat sy vrou naderhand meen dat hy dood is. Sy wil weer gaan trou, toe haar man een aand donker daar opdaag. Sy weet eers nie wie dit is nie, maar hulle dogtertjie herken hom. Die aanstaande bruidegom vlug verwilderd.

OK, Feb. 1898, p.38.

Huwelikdriehoek: Terug uit die graf II. Tydens Eerste Wêreldoorlog doen man bomskok op en verloor sy geheue. Werk jare op plaas in Europa, totdat hy eendag skielik alles onthou. Keer terug na Suid-Afrika, maar sy vrou is intussen weer gelukkig getroud. Hy stap weg, en hulle sien hom nooit weer nie.

DH, 29 Mei 1942, p.29.

Huwelikdriehoek: Terug uit die graf III. (Salomo-tipe). Arm man ver= laat sy huis om te gaan verdien, maar ontroue vriend saam met wie hy ge= reeld vir sy vrou geld stuur, hou dit vir homself. Vrou meen naderhand haar man is dood en trou met ryk man. Toe arm man terugkeer, wil ryke vrou nie weer laat gaan nie. Regter moet beslis. Hy verskyn voor twee mans en sê dat vrou haarself opgehang het. Ryke wil nou nie be= slommernis van begrafnis hê nie, maar arme bly getrou en sê hy sal haar weglê. Net toe stap vrou springlewendig binne. Sy het alles gehoor, gaan saam met arm man, en hulle leef gelukkig.

OK, April 1904, p.63.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hwaliksh[illegible]: "Pas op vir die tak!" Kwaai vrou kom te sterwe. Op pad kerkhof toe loop draers te na aan granaatheining, tak slaan haar onder ken, en sy sit regop, want sy was net in skyndood. Jare later toe sy rêrig sterf en draers naby granaatheining kom, sê haar man: "Pas op tog net vir tak, vriende!"

Brink II, p.115; Eie.

Kinders: Moet gesien maar nie gehoor word nie. (Vgl. Tiperegister vir intervolklike belewenisvertellings.) Streng vader laat kinders nie toe om tydens ete aan tafel te praat nie. Eendag wil seun iets sê, maar vader maak hom stil. Vader kom eers ná ete agter dat seun hom teen onaangenaamheid sou gewaarsku het (bv. dat daar wurm op slaai was wat sy vader geëet het, of dat sy vader se baadjie aan brand is, ens.)

TAV, tipe 1562 (mondelinge oorlewering).

Kinders: Onnosele mishandel. Man gee vir onnosel kind blink stuiwer en sê dis goue pond. Hy gaan na winkelier daarmee, maar dié vererg hom, klap kind teen kop en gaan hom te lyf. Kind word siek en sterf.

OK, Feb. 1897, p.261.

L. Kos en drank

Legendariese grooteetkarakter: Oom Jan Kol moet hardloop. Oom Jan Kol, ou luiaard wat net van bedel leef, is eendag op pad van Molteno na Koperberge. Een van boere is al moeg vir sy dinge en trek paar geweer=skote agter hom af. Luiaard is verplig om vir een maal in sy lewe te hardloop.

OK, Jan. 1897, p.237.

Legendariese grooteetkarakter: Oom Jan Kol en die sewe slagskape. Oom Jan Kol (Mynhardt) - wat sy bynaam gekry het weens pienk kol voor sy kop, of kaal kol agter op sy kop, of twee silweragtige kolletjies hare - kry op een van sy bedeltogte sewe skape by boer present. Hy slag al sewe gelyk en maak vleis droog soos biltong omdat hy glo niemand

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het wat sk[illegible]e kan oppas nie.

Ons Erfenis, VK 140, 171, 172, 173 en 176.

Legendariese [illegible]: [illegible] padkos op. Mense is besig om wa te laai, want hulle wil na Nagmaal op dorp gaan. Oom Jan Kol kom daar aan en sê hy voel honger. Dogter van huis bring skaapboud wat hulle vir padkos gaargemaak het, sny paar skyfies vleis en klompie brood, skink kommetjie koffie en sit melkbeker op tafel. Toe sy weer daar kom, hoor sy hoe oom Jan murgbene oopkap. Van boud vleis is net bene oor, brood is op, melkbeker leeg, en koffiekan op konfoor byna ook. Nadat hy laaste murgbeen uitgesuig het, vryf hy met altwee hande oor sy maag en sê: "Baie dankie, my kind. Ik heb wel gedaan."

Ons Erfenis, VK 180 en 181.

Legendariese grooteetkarakter: [illegible] die voëls kos. Oom Jan Kol was lang, maer man en net so lui as wat hy vraatsugtig was. As boere vir hom halfsak mielies, koring of meel gee, steek hy gat daarin sodat dit verloor so ver as hy dit dra en sak al ligter word. Toe iemand hom eendag hieromtrent vra, sê hy: "Voëls moet ook kos hê."

Ons Erfenis, VK 169, 170, 173, 174, 181, 185.

N. <u>Gelukke en ongelukke</u>

Noue ontkoming: Uit skyndood gered deur ringdief. In 18de eeu is op plaas Leeuwenvoet naby Leeukop in buitewyke van Kaapstad dogter van ge= sin Jurgens oorlede. Met groot diamantring aan vinger word sy in fa= miliegrafkelder weggelê. Bediende breek grafkelder in nag oop. Toe hy vinger met ring wil afsny, sit meisie skielik regop. Sy was net in skyndood.

Schonken, p.54; Van Tonder, p.230.

Noue ontkoming: Brand op see. Skip raak op oopsee aan brand. Daar is ook sestig vaatjies kruit aan boord. Ná geweldige stryd en doodsbe= noudheid word vlamme eindelik geblus.

OK, April 1896, p.24.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] Twee blanke vriende en bruinman gaan in nag met net in rivier visvang. Terwyl hulle biet= tjie op eiland slaap, kom rivier af en keer hulle vas. Hulle word met groot gesukkel gered.

OK, Aug. 1898, p.124.

[illegible] In oorlog teen swart kaptein wat nie belastings wil betaal nie (negentigerjare van 19de eeu), skiet swartman een van Transvaalse burgers in bors regoor hart. Bybeltjie in burger se binnesak keer koeël sodat man met sy lewe daarvan afkom.

DH, Mei 1919, p.27.

[illegible] (Vgl. Tiperegister vir intervolklike be= lewenisvertellings.) Vader en seun op jag in berg. Seun se voet gly, en hy stort in rotsspleet af. Ondanks alle pogings met toue en rieme en lere, kan hulle hom nie weer uitkry nie. Uiteindelik smeek seun sy vader dat hy hom moet doodskiet omdat hy pyn nie meer kan verduur nie. Vader doen dit. (Verhaal word aan talle plekke in ons land verbind: Barkly/Maclear; Clanwilliam; Cradock; Gordonsrots, Paarl; Harri= smith; Kogmanskloof, Montagu; Tarkastad; die Vallei van Verlatenheid, Graaff-Reinet).

Variant in OK: Jagter val in skeur en smeek vriende om hom te skiet. Toe is daar meteens geweldige aardbewing wat aarde verder oopskeur so= dat ander jagters hul vriend kan uitkry. (Vgl. *Sprokies.*)

Boerenvriend (1894); Grimm, p.58; Nienaber, p.11; Ons Erfenis; OK, Des, 1897, p.224.

Natuurramp: Die groot aardbewing van 1809. Geweldige aardbewing aand van 4 Desember 1809 skud Kaapstad tot in sy fondamente. Groot opskud= ding en verwarring.

Van Tonder, p.172.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

P. Misdaad en straf

[illegible] (Vgl. Tiperegister vir inter= volklike belewenisvertellings.) Verwaarloosde padloper vra vrou her= berg vir nag. Vrou ontdek sakkie goudstukke in sy besit en vermoor hom om dit te bekom. Stol later vas dat dit haar eie man was wat Amerika toe gegaan het om sy geluk te beproef.

OK, Mei 1901, p.77; TAV, tipe 939A.

[illegible] Aan begin van 18de eeu loop agt slawe (mans en vroue) uit Kaapstad weg met doel om Madagaskar te be= reik. Slaweskaapwagter wat naby Soutrivier in veld by sy trop lê en slaap, word keelafgesny. Entjie verder kom hulle blanke teë, vra hom water, en toe hy hulle na fontein lei en boonop bietjie tabak gee, val slawemans hom aan en kap hom aan stukke. Wanneer slawe gaan sit om veldvrugte te eet, gebruik leier sy bebloede mes sodat hy bloed van sy slagoffer kan inkry, "want dan sal ek sterk word". Voor hulle veel verder vorder, word hulle gevang en belhamels volgens gebruike van tyd gestraf deur hulle op wiel te breek of te verwurg.

De Kock, p.78-80.

[illegible] Einde 1750 bewapen Maleierslaaf homself met skerp dolk en Oosterse kris en storm deur Kaapse strate. Hy is besig om amok te maak, sal almal in sy pad doodsteek todat hy oorweldig en om lewe ge= bring word, want dit is hulle manier van selfmoord. Binne enkele mi= nute het slaaf twee nagwagte en medeslaaf vermoor. By Goewerneurswo= ning in Kompanjiestuin bring hy wag om lewe en gaan tweede soldaat te lyf toe hy sy makker wil help. Goewerneur hoor wat gebeur het en stuur sy sterkste slaaf gewapen met swaard om dokter te haal. Hy kom amok= maker teë, hulle veg, maar g'neen kan oorhand kry nie sodat Maleier vlug. Dié nag word Kaapstad deur swaar gewapende soldate en burgers gepatrolleer. Volgende dag ontdek een van burgers met ses slawe by hom Maleier se skuilplek aan voet van Tafelberg. Maleier val verwoed aan met bajonet wat hy by vermoorde wag gevat het, wond een slaaf nood= lottig en beseer drie ander voordat een van oorblywende slawe sy kop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met klip vermorsel.

De Kock, p.195-196.

[illegible]. Perderuiter op pad met sak geld deur Kaapse Vlakte waar rowers dikwels agter bosse skuil. Dit gebeur dat berede rower hom voorkeer. Man steek hand in sy sak asof hy geld wil uithaal. Trek rower se aandag af deur te kenne te gee dat iemand anders aan kom is. Toe rower wegkyk, pluk man pistool uit en skiet hom dood.

OK, Feb. 1899, p.37.

[illegible]. In jaar 1897 by Pelgrimsrust. Gemaskerde ruiters keer poskoets voor. Roof altesame £12 000.

leur, Maart 1947, p.37.

[illegible]. Ou vrou op voorposte aand alleen tuis. Groep swartmans maak gat onder huismuur deur om in te kom. Binne staan vrou met handbyltjie gereed. Elke kop wat in gat verskyn, kap sy af en sleep lyk binnetoe. Hou so aan totdat almal dood is.

OK, Feb. 1901, p.27; TAV, tipe 956B (mondelinge oorlewering).

[illegible]. Blanke seun van ongeveer agttien jaar in Oostelike Provinsie by swartmense gekry. Hy praat hulle taal en leef volgens hul gebruike. Hy word teruggebring na Wellington waar hy tien jaar tevore, omstreeks 1870, waarskynlik deur transportryers ontvoer is.

Malherbe I, p.21.

Q. <u>Novellistiese onderwerpe</u>

[illegible]. Jong Kaapse slaaf en slavin raak op mekaar verlief. Hul eienaar wil nie toelaat dat hulle trou nie. Wanhopig gryp slaaf dolk, deurboor sy geliefde se hart, waarna hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

homself om lewe bring. So is hulle in dood verenig.

De Kock, p.123.

[illegible]. Boer trou met hooghar= tige vrou. Op pad huis toe weier sy om hek oop te maak. Boer sê vir haar: "Dis eerste keer." Kort daarna struikel sy een perd, en hy sê vir hom ook. "Dis eerste keer." By volgende hek weier vrou weer, en boer sê: "Dis tweede keer." Kort daarna struikel perd weer, en boer sê: "Dis tweede keer." Toe perd nogmaals struikel, haal boer sy ge= weer uit en skiet perd dood. By derde hek hoef hy sy bruid nie eens meer te vra nie, maar sy maak sommer dadelik hek oop.

TAV, tipe 901 (mondelinge oorlewering).

[illegible]. Amerikaanse miljoenêr kom tydens besoek aan Suid-Afrika op Oos-Transvaalse plaas. Hy word vriendelik onthaal, drink koppie koffie en vra nog halwe koppie. Boervrou skink koppie presies half. Miljoenêr is verbaas, want nog nooit het iemand vir hom halwe koppie geskink as hy halwe koppie vra nie. Toe miljoenêr te sterwe kom, laat hy vir vrou ruim bedrag in sy testament na.

DB, 30 April 1943, p.19.

R. <u>Die domme en die slimme</u>

Swaap-tipe: [illegible]. (Vgl. Tiperegister vir intervolklike belewenisvertellings.) Dom man klim in boom, neem met sy gesig na stam plaas en saag tak af waarop hy sit. Val saam met tak en breek sy stuitjie. (Soms vertel as reine waarheid en betrokke dom= me selfs uitgewys; soms vertel as Swaap-sprokie.)

TAV, tipe 1240 (mondelinge oorlewering).

Swaap-tipe: Die reis na Johannesburg. Oom Freek-hulle van plaas Tra= liesfontein, Heidelberg (Tvl.), kry swaar, en hulle besluit dat oudste seun, Piet, hul ou koei Johannesburg toe moet vat om te verkoop. Dis droewe afskeid. In Johannesburg steel Piet van hongerte warm koek in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bakkery, gooi dit voor by hemp in, verbrand verskriklik, en hy en koei beland in tronk. Toe hulle daar uitkom, verruil Piet koei vir vyf-en-vyftig brille aan Jodesmous. By huis gee sy pa hom ordentlike pak oor sy onnoselheid, en Piet word agtermekaar kêrel.

OK, Maart 1897, p.19.

[illegible] Dit bly een moles op ander, want eers het oom Dirkie sy pyp tuis vergeet, toe het hy weer g'n ekstra klere gebring nie; hy gaan haal sy koffertjie twee uur te perd ver, maar toe hy terug by wa is, ontdek hy dat dit vol droëvye is. So gaan dit met rampe en terugslae tot in jagveld.

OK, Mei 1897, p.64.

[illegible] Toe hy nog slaaf was, het Jakob snags in buurt rondgeloop om te kuier of eetgoed te steel. Sy eienaar laat paar kettingskakels aan sy bene klink sodat hy lawaai maak net waar hy loop. Toe kom Jakob kort-kort in nag water uit grippie reg voor woonhuis drink, en hy hou almal uit slaap met sy lawaaierige kettings. Op ou end is eienaar verplig om kettings weer te laat afhaal.

OK, Okt. 1899, p.232.

[illegible] Nâ sy vrystelling as slaaf, word Jakob snyer, en hy doen goeie werk, maar mense sê hy is so skelm dat hy stuk materiaal voor jou oë sal steel. Sekere huisvrou be= sluit dat sy haar nie gaan laat kul nie, en toe Jakob by haar kom werk, hou sy hom fyn dop. Tog, hoewel hy onderbaadjie voor haar oë sny, is daar twee onderbaadjies toe hy klaar gewerk het.

OK, Okt. 1899, p.231.

[illegible] Skottie, berugte perdedief, kom een aand by boer aan en verstrek vals naam. In gesprek sê boer hy sal Skottie Smith bitter graag wil vang, want hy het £50 beloning wat polisie uitloof baie nodig. Skottie sê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wie hy is en dwing man om hom aan polisie uit te lewer. Boer kry sy beloning, en Skottie word opgesluit. Selfde aag ontsnap hy egter weer en gaan by boer slaap. (Volgens Gronum, p.10, was hy by Afrikaners ook as Skortjie Smit bekend.)

TVV, Feb/Mei 1951, p.103.

[illegible]. Daar is pragtige, lewendige swart hings op vendusie in Kimberley. Nie een van afslaer se werknemers kan op sy rug bly nie, en afslaer vra of vrywilliger uit omstanders nie sal probeer nie. Kort mannetjie kom eindelik na vore, vat teuels bymekaar, streel perd en wip in saal. Perd is volkome on= der beheer. Man ry entjie terwyl bieëry begin. Hy draai by straat in, en toe iemand besef wie dit is en "Skottie Smith!" uitroep, is hy al goei op pad by dorp uit.

TVV, Feb./Mei 1951, p.102.

[illegible]. Mot is tydens Boereoorlog krygsgevangene op Ceylon, waar hy Engelse dae gee. Toe hy eendag opdrag kry om vir sy straf boompies te plant, plant hy almal met wortels na bo en sê: "Dis hoe ons in ons land maak."

Ons Erfenis, VK 192, 193 en 201.

[illegible]. Pearson, baaswilddief van Suidwes, is besig om klomp wildevolstruisvere te sorteer van voëls wat hy geskiet het, toe een van sy werkers boodskap bring dat polisie klaar op werf is. Pearson vat vere in tjalie toe en gee dit vir Boesmanvrou met kind op rug. Hy sê sy moet vere na mev. Pearson in slaapkamer vat en haar kind dan knyp gee sodat dié kan skree. Pearson stap uit na polisie en sê sy vrou het pas kind in wêreld gebring, maar sy en baba is glad nie wel nie. Nou is polisie hulpeloos, en hulle weet nie wat om te maak nie. Pearson sê hulle moet asseblief sy buur= vrou gaan ontbied. Polisie ry weg, en toe buurvrou op plaas kom, is daar natuurlik g'n probleme nie.

DH, 23 Jan. 1953, p.37.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible]: [illegible]. Wanneer polisie op wilddief Pearson se spoor is, verdwyn hy sommer in niet. Wat gebeur, is dat hy met motor jag wat maklik uitmekaargehaal kan word. Dan laai hy stukke van motor en wildkarkasse op pakosse en Boesmandraers, en dit lyk asof aarde hom ingesluk het.

DH, 23 Jan. 1953, p.37.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Die [illegible]. Tussen Engelse perde wat gereed staan vir resies, lyk ou Knol, Boer se perd, maar vaal. Tog, toe hulle wegtrek, kan beroepsjaers nie naby hom bly nie en kyk lelik op hul neus.

OK, April 1903, p.29.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Die [illegible]. Ou Boer kom in Kaapstad. Drie studente probeer met hom gek skeer, maar elke keer kom hy beste daarvan af.

Variant: Ou Jood word spottend deur drie studente begroet: "Môre, vader Abraham ... vader Isak ... vader Jakob." Ou Jood antwoord: "Nee, ek is Saul, seun van Kis. Ek soek drie verlore esels van my vader, en hier het ek hulle gekry."

DGH, 1 Nov. 1903, p.53; OK, April 1897, p.34.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Boerseun laat studente op hul neus kyk. Wysneusige studente wil pret maak met boerseun wat op dorp hout kom verkoop. Hulle sê vir hom as hy hul vraag kan beantwoord, betaal hulle hom £3 in plaas van £1.10.0 vir hout. Vraag: "Wie was Moses en Aäron se ouers?" Boerseun ken Bybel en antwoord: "Amram en Joggebed." Studente haal nukkerig geld uit, maar seun sê: "Ek sal julle ook vraag stel. Kan julle dit antwoord, kry julle hout verniet; anders betaal julle my £6 daarvoor." Hulle willig in, en seun sê: "Julle het my iets van honderde jare gelede gevra, maar ek vra julle iets van vandag: wie is my ouers?" Studente is uitoorlê. (In variante word verskillende ander Bybelvrae deur studente gestel.)

DH, Aug. 1917, p.114; Ons Erfenis; OK, Mei 1899, p.119.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] Jakob leer goed op universiteit, maar hy is verwaand. Op pad met trein om sy laas= te eksamen te gaan aflê, klim oënskynlik eenvoudige ou mannetjie by hom in. Dit is professor en een van Jakob se eksaminatore, maar hy weet dit nie. Jakob begin sy wysheid verkondig, maar stadigaan keer ou man= netjie hom met sy vrae in hoek vas. Vererg roep Jakob: "Wat weet jy? Ek het my opleiding by vyf professore gehad?" Mannetjie antwoord: "Ek weet van kalf wat aan agt koeie gesuip het, maar al wat van hom ge= word het, was 'n grote os." Jakob is op sy plek gesit.

OK, Mei 1905, p.11.

[illegible] Twee onderwyservriende van platteland gaan vir skoolvakansie in private hotel in Pretoria tuis. Daar is jong vrou wat hul aandag wil trek, en een aand bly sy en Tom in sitkamer agter terwyl sy maat gaan slaap. Rukkie later draai Tom hul kamerdeur oop en sê: "Stap binne. Ek gee nou vir jou geld." Vreemde vrou is by hom. Toe sy binne is, spring Tom na deur, sluit dit van bin= ne en sê: "En toe! Ek sal graag wil weet wat jy by twee vreemde mans in hul slaapkamer maak!" Vrou skel, maar Tom verduidelik aan makker: "Toe ek by haar kamerdeur verbykom, vra sy ek moet haar met haar valies help. Ek het binnegestap, en sy het deur van binne gesluit en gesê sy sal alarm maak as ek haar nie £5 gee nie. Toe sê ek dat ek nie genoeg geld by my het nie en dit eers in my kamer moet gaan haal." So is sy geflous.

DH, 3 April 1942, p.27.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Die pruimer. Tydens transportrydae is tien waens op pad uit Vrystaat na Kimberley se diamantvelde. Lui oom Sarel tot oorlas saam, want hy wil niks anders doen as pruim nie, en dan spu hy tog te lekker op 'n kol. Saans by kampvuur vermaak hy sy makkers deur kole wat hulle uitwys een vir een raak te spu. Een aand word transportryers deur twee gewapende rowers oorval. Terwyl een rower manne by vuur oppas, gaan ander geld soek. Oom Sarel rol pruimpie in sy kies, en op regte oomblik tref hy rower kolskoot in oog. Rower laat los rewolwer en gryp na sy gesig. Gou word hy en makker oorval. Van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe af is oom Sarel welkome geselskap op transportpad.

DR, 7 Nov. 1947, p.3; 2 April 1948, p.36.

Eenvoudige Boertjie-tipe: [illegible]. Klein Her= klaas van Rooyen van Riviersonderend gaan in Kaap kuier, maar jol so vro= lik saam met nooiens dat hy net sikspens oorhet, en hy is dood van honger. Hy stap na bakkery en sê daar is nie genoeg kos om hom vol te maak nie. Bakker is dadelik kwaad, en Herklaas wed hom vir sikspens dat hy bakkery leeg sal eet. Bakker dra aan, en Herklaas eet tot hy nie meer kan nie. Vrolik erken hy dat hy weddenskap verloor het, betaal sikspens en stap vort.

Brink I, p.31.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Die dronkie Sebiem. Hendrik Blits, dronk= lap en leegleêr van delwerye, sien hoe Groot Lawaai sy span van veertien verhongerde donkies mooiddadig slaan om waterwa weg te sleep. Hendrik staan op waar hy onder doringboom gelê en slaap het, trek flenterbaadjie uit en stap na Groot Lawaai toe. Hy sê Groot Lawaai moet donkies nie so slaan nie, en toe Groot Lawaai hom vloekend te lyf wil gaan, blyk dit dat Hendrik goeie bokser is. Hy gee Groot Lawaai pak van sy lewe en laat hom belowe om ordentlik met sy diere te werk.

Hoogenhout, p.17.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Paul Kruger en die lord. Hoë Engelse lord op reis in Suid-Afrika. Kom by Kruger en beklemtoon die telkens aan die tolk: *"You may tell the President that I am Lord So and So. And you, may tell the President that my father was Lord So and So."* "Hm!" sê Kruger. "Vertel vir die Engelsman my vader was 'n skaapwagter."

DAK, Mei 1918, p.3.

Eenvoudige Boertjie-tipe: Paul Kruger drink water uit vingerbakkie. Tydens deftige eetmaal saam met koningin Victoria by besoek aan Engeland, meen pres. Kruger dat vingerwasbakkie drinkwater is. Hy drink uit bak= kie, en hoë Engelse gaste drink ook uit hul vingerbakkies om hom nie sleg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te laat voel nie.

Eie.

[illegible] Op besoek aan koningin Victoria spuug pruimende pres. Kruger tabaksop sommer op vloer. Bediende kom en plaas spuugbak langs hom. Kruger spuug nou aan ander kant van stoel. Bediende verskuif spuugbak. Toe dit derde maal ge= beur, sê Kruger: "As jy dit nou weer doen, spuug ek in daardie mooi bak."

Eie.

Eenvoudige Boertjie-tipe: [illegible] diamante soek. Diamante by Alexanderbaai ontdek, en daar is slim planne hoe om dit uit te smokkel. Met motor kan jy nie naby kom nie, want jy val in sand vas. Ponie het kontakte met werkers in diamantgebied, en telkens kom haal hy pakkie - te voet. Spesiale konstabel wat glo so wonderlik goed kan hardloop, gestuur om Ponie te vang. Een oggend vroeg tel Ponie sy pakkie op, en konstabel kom, maar nie te haastig nie. Ponie besef dat hy hom wil flou maak. Daarom laat hy hom tot binne praatafstand nader en vra: "Kom jy nog?" Dan seil hy onder hom uit. Derde maal, toe hulle al tien myl gehardloop het, sê Ponie vir konstabel: "Ek raak nou bietjie haastig, want daar voor in berge is plek waar ek wil gaan koffie maak. Draai liewers om, of jy vrek vandag van dors." Toe is Ponie weg. Twee dae later kom konstabel val-val van uitputting by Port Nolloth aan.

Mulder, p.78.

Jode en Jodestreke: Twee soorte wyn uit een vat. Skelm perdehande= laar sê hy kan twee soorte wyn uit dieselfde vat tap. Hy boor gate bo en onder in vat en vra boer moet dit met sy voorvingers toehou sodat hy swikke kan gaan soek. Terwyl boer so staan, vat perdehandelaar twee perde wat hy gekoop het en maak dat hy wegkom sonder om te betaal.

OK, Sept. 1899, p.191.

Jode en Jodestreke: Vrou uitgeloot. Jood loot sy vrou uit teen os per

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lootjie. Hy kry veertig lootjies verkoop. Toe moet mans uitskiet, en ou man van tagtig wen. Vrou wil nie saam met hom gaan nie, en hy eis sy os terug. Jood het wins van 39 osse.

OK, Sept. 1899, p.207.

[illegible]. Jood wil aan sy Afrika=nervriend bewys dat Jode beter sakemanne is. Hulle gaan eers na Afri=kaner inkel, soek koppie en piering uit, en vra toe of die winkelier so 'n koppie het vir iemand wat links is. Nee, sê Afrikaner, maar hy kan een bestel. By Jodewinkel is dit dieselfde prosedure. Toe hulle koppie vra vir iemand wat links is, verdwyn Jood net oomblik, en toe kom hy terug met dieselfde koppie en piering, maar nou is koppie so gedraai dat sy oor links wys.

TAV, tipe 1855.2 (mondelinge oorlewering).

Jode en Jodestreke: Die twee [illegible]. Twee seuns kom een aand by Jood se bakkerswinkel. Jongste gaan binne en sê bakker moet vir hom penniebroodjie gee, maar hy moet dit agter by sy rug onder sy baadjie instop, want daar is groot seun daarbuite wat dit sal wil af=neem. Jood lag en doen dit, en terwyl hy daarmee besig is, steel seun Jood se horlosie en ketting. Toe seuntjie weg is, kom sy maat binne en maak Jood daarop attent dat sy horlosie weg is. Verwoed sit Jood eerste seun agterna, terwyl tweede seun sy winkel plunder.

OT, vol II, 1897, p.136.

Jode en Jodestreke: Die duur vat. Skatryk man van Kenhardt verhuur groot winkel aan ryk Jode. Oom Klaas jag graag, maar nes hy weg is, gaan een van twee Jode vir sy vrou kuier. Oom Klaas koop vat vir £1 by Jode, en toe hy middag kastig weer gaan jag, sê hy sy vrou moet Jood in vat laat wegkruip as hy (oom Klaas) onverwags terugkom. Dit gebeur so, en vrou slaan los sykant van vat ook nog vas. Jood nommer twee kom agter dat daar fout is en dat sy maat in vat moet wees. Oom Klaas sê hy wil sy ou geweer eers weer op skoot sit, rol vat 'n ent weg en teken daar kol op. Dan vat hy vyltjie, begin aan korrel vyl en lê aan na vat, maar net voor hy skiet, sien hy kastig nog iets wat hy wil weg=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vyl. Jood nommer twee begin bie om vat terug te koop: £50, £100, £1 000. Oom Klaas weier telkens tot hy naderhand by £10 000 kom. Toe willig hy in. Jode het nooit weer by sy vrou gelol nie.

OTa, Julie/Aug. 1909, p.21.

[illegible] Lemoene raak knaend uit boord weg, en toe boer een nag gaan kyk, sit Moos, sy troue Masbiekerwerker, bo in boom, maar hy merk boer nie. So vinnig as wat Moos lemoene afgooi, tel boer dit op totdat mandjie vol is. Toe roep hy dat Moos maar kan af= kom. Moos is baie skaam, maar sonder om een woord te raas, verplig boer hom om lemoene te vat waaraan hy so swaar gepluk het. Dit was einde van lemoendiefstalle.

Brink IV, p.163; OK, April 1896, p.30.

Salomo-tipe: [illegible]. Ryk man se vrou kom tot sterwe, en hy besluit om sommer nou al sy goed onder sy kinders te verdeel. Dan sal hy om beurt by hulle kuier. Spoedig kom man agter dat hy nou oor= las vir kinders geword het. Hy laat maak deftige kofferkis met aparte slotte en sleutels vir elke kind, en ook slot en sleutel vir homself. Hy pak kis vol k'ippe met kierie bo-op, sluit dit en roep al sy kinders bymekaar. Aan elke kind gee hy sleutel en steek sy eie in sak. Toe sê hy: "Kis is gevul met skat van duursame waarde. Dit kan egter nie oopgemaak word sonder dat julle almal bymekaar is nie. Daardie een by wie ek tuis is wanneer ek te sterwe kom, sal ook my sleutel kry en groot= ste deel van die skat kan vat terwyl die ander maar met res tevrede moet wees." Nou wedywer kinders onder mekaar dat vader tog by hulle moet tuis= gaan. Kort daarna is vader oorlede en kis word oopgesluit. Hulle kry klippe en kierie, en op kierie lees hulle uitgegraveerde boodskap: "Man wat in sy lewe sy besittings onder sy kinders uitdeel, moet met hierdie kierie gedugte afranseling kry."

OTa, 15 Jan. 1908, p.16.

Salomo-tipe: Paul Kruger en die skalm hotelbaas. Man versoek hotelbaas om £100 vir hom te bewaar, maar toe hy later geld wil gaan haal, weet hotelbaas kastig niks daarvan nie. Man vra president Kruger se raad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

President gee hom nog £100 en sê hy moet dit ook vir hotelbaas gee om te bêre, maar hy moet sorg dat hy twee getuies by hom het. Volgende dag sê President hy moet £100 gaan haal sonder twee getuies. Dag daar= op stuur hy man weer - nou met getuies. Hotelbaas is verplig om te be= taal. So kry man sy geld terug.

DH, Julie 1919, p.78.

Salomo-tipe: [illegible] Kruger [illegible]. Twee broers erf saam plaas by hul vader, maar hulle kan nie oor verdeling ooreenkom nie. Toe hulle by President gaan raad vra, sê hy oudste moet goedere verdeel so goed as hy kan, dan moet jongste eerste kies.

Ellman, p.71.

Salomo-tipe: [illegible]. Koetsier Jan hou leisels op vierperdewa wat Paul Kruger vervoer. Gebruik kort-kort naam van Here. Meteens roep President: "Jan!" Koetsier antwoord, maar Kru= ger swyg. Toe dit derde maal gebeur, word Jan kwaad en sê: "President moenie maak of ek 'n gek is nie!" Kruger sê: "Ek het net drie keer jou naam genoem, en jy word kwaad. Maar jy is al hele oggend besig om Here se Naam te gebruik." Jan het nie weer gevloek nie.

DH, Julie 1919, p.78.

Salomo-tipe: Paul Kruger en die verwaande jongman. Jongman wat graag in Transvaalse staatsdiens wil gaan werk, vertel President hoe bekwaam hy is en wat hy alles kan doen. Pres. Kruger luister geduldig en antwoord: "Daar is blykbaar net één pos wat nie te gering vir jou is nie, nl. pre= sidentskap. Omdat ek dit graag self wil behou, lyk dit my daar is geen betrekking wat ons jou kan aanbied nie."

DH, Julie 1922, p.119.

Salomo-tipe: Die kneg kry sy verdiende loon. Man stuur sy kneg na buur= man om groot som geld te gaan haal. Kneg bring geld, maar hy sê hy het hom amper daarmee uit voete gemaak. Toe het hy kierie in grond gesteek en besluit dat hy na kant toe sal geen waarheen kierie val, en kierie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het in rigting van sy meester se huis geval. Meester steek hom dadelik in pad, want, sê hy, dalk val kierie volgende slag in verkeerde rigting.

OK, Julie 1905, p.14.

[illegible]: Wyse regter Gabriël, met nege kin= ders en kwaai vrou, moet uitspraak gee in saak waarin twee vroue oor selfde kind baklei. Soos Salomo van ouds laat hy groot mes haal en dreig om kind in twee te kap. "Nee, Regter!" sê vrouens. "Moet kind nie beseer nie. Hou hom maar liewers self." Toe maak hulle dat hulle wegkom. So kry regter, tot wrewel van sy vrou, tiende kind by.

Brink VI, p.192.

Rover-tipe: Die [illegible]. Eendag stuur boer slaaf na Kaap om geld te gaan haal. Groot bedrag moet hy goed aan sy lyf versteek, maar klein bedraggie moet hy in kopermunte wissel en dit in sak in hand hou. Toe rower slaaf op Kaapse Vlakte voorkeer, gooi hy sak kopermunte op grond neer. Rower spring van perd af om sak te kry, slaaf jaag weg en vat boonop rower se perd saam.

Variant: Oom Piet Cronjé van distrik Kimberley stuur plaaswerker Klein= booi om geld op dorp te kry. Kleinbooi vat knapsak vir geld en vul twee= de met klinkende stukkies metaal. Boonop ry hy stadigste eseltjie op plaas sodat rower hom nie weer kan inhaal toe hy (Kleinbooi) rower se perd oorneem en daarmee huis toe jaag nie.

DK, 22 Mei 1931, p.7; OK, Feb. 1899, p.31.

Rover-tipe: Die ou vroutjie langs die pad (Antjie Somers) I. In oudae aan Kaap ry man met perdekar oor Kaapse Vlakte toe hy beteuterde vroutjie te voet sien aansukkel. Man laai haar op, maar kom agter dat "sy" baard het. Hy laat kastig per ongeluk handskoen op grond val en vra "vroutjie" om dit op te tel. Toe "sy" af is, jaag hy weg. In "vroutjie" se mand= jie wat op kar agtergebly het, ontdek hy twee gelaaide pistole. (Soms word vertel dat dit 'n dokter was wat "vroutjie" tussen Wynberg en Kaap= stad opgelaai het.)

DB, 5 Nov. 1953, p.15; OK, Feb. 1899, p.31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] . Oom Piet Cronjé, welge= stelde boer, gaan bank geld op Kimberley, maar hy word vertraag en don= kerte oorval hom langs pad. Kom ou vrou met mandjie en groot doek om kop teë. Hy laai haar op. Kleinbooi, plaaswerker van oom Piet, is ook op kar om hekke oop te maak, maar hy raak onrustig en vra of "vroutjie" dit nie sal doen nie aangesien hy altwee sy duime by vorige hek verstuit het. Die "vroutjie" willig in, en oom Piet jaag vir haar weg. Nou is dit nie meer ou "vroutjie" nie, maar fris man wat agter kar aanhardloop. Kleinbooi het intussen twee gelaaide pistole in mandjie ontdek, en hy skiet twee skote oor man se kop. So is hulle van hom ontslae.

Variant: Ryk Transvaalse boer trek geld op dorp en word deur "vroutjie" om bos gelei. Boer sien sy het baard, en hy laat sakdoek op grond val. Toe "vroutjie" dit gaan optel, jaag hy weg, maar hy lê plat vooroor. Rewolwerskoot val en koeël trek deur agterste ruitjie. As boer regop gesit het, was hy dood. (Vgl. *Legendes*. Die "vroutjie" langs die pad is dikwels Antjie Somers, en sy is veral lief om dokters so voor te keer.)

DK, 30 April 1926, p.3; 22 Mei 1931, p.5.

Algemeen: Die prokureur se hond. (Vgl. Tiperegister vir intervolklike belewenisvertellings.) Man gaan na prokureur omdat hond sy broek ge= skeur het. Prokureur sê hy kan tien sjielings eis. Toe beveel man prokureur om te betaal, want dit was sy hond gewees. Prokureur betaal, maar eis £1 van man vir regsadvies.

DGH, 1 Maart 1904, p.146; Reitz, p.99-100.

Algemeen: Skat onder vyand se neus versteek. Tydens Boereoorlog wil ryk Boer £5 000 versteek. Sit geld in trommel, plaas trommel op grond, grawe gat langsaan en gooi los grond oor trommel. Hele oorlog lank hou vyand gat dop om te sien wanneer iemand iets daarin kom begrawe.

DH, Mei 1917, p.22.

Algemeen: 'n Oulap se seëls. Frits wil honderd pennieseëls koop. Stuurse poskantoorklerk tel honderd seëls af, maar weier om geld te aan= vaar toe Frits hom met honderd los pennies wil betaal. Frits gee honderd seëls terug en koop nou net een seël vir oulap, toe nog een, en nog een.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klerk wil kla, maar Frits maak hom stil en hou aan tot hy sy honderd seëls een-een gekoop het. Van toe af is klerk nooit weer so nors nie. (Vandag nog algemeen bekend in Noordwes-Kaapland.)

OTa, Maart/April 1909, p.27.

[illegible] Bywoner steel skaap van plaasboer. Boer kom saam eet en herken sy merkteken aan oor van gaar skaapkop op tafel. Bywoner sny oor af en eet dit op. Toe is daar geen bewysstuk nie.

TAV, motief K417.2 (mondelinge oorlewering).

S. Grootspog (en grootlieg)

Sterkman: Die sterk Myburghs. Drie Myburgh-broers (Izak, Gert en Lode= wyk) het in vorige eeu in Middelburg (Kaap) gewoon. Gert stuur plaas= werker met boodskap, en ses konstabels op patrollie vang hom vir leeglê. Hy ontsnap en hardloop plaas toe. Konstabels agtervolg hom. Gert sê hulle moet trap, en toe hulle hom storm, slaan hy al ses plat. Ry self dorp toe om saak aan te gee. Landdros betwyfel of so iets moontlik is. Gert versoek hulle om twee jukke te bring, breek hulle soos vuurhoutjies en sê hy het twee broers tuis wat nog sterker as hy is. Landdros ver= bied hulle om ooit weer hul hande teen medemens te lig.

DB, 17 Junie 1938, p.8.

Sterkman: Sterk Myburgh wys met ploeg. Izak Myburgh sluit pad wat oor sy grond loop. Buurman besluit om Izak te tart en ry tog met pad. Izak keer hom voor, tel eenvoorploeg waarmee hy besig was met een hand op en wys vir hom dat hy nie hier nie, maar dáár anderkant moet ry. Buurman maak so.

DB, 17 Julie 1942, p.16; Eie.

Sterkman: Sterk Myburgh dra perd. Izak Myburgh met paar makkers op reis. Hulle gesels oor kragtoertjies. Izak stap na sy ryperd, stoot sy kop onder sy bors in, gryp sy voor- en agterpote vas en dra hom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DB, 17 Julie 1942, p.16.

[illegible] Transport=ryer se wa bly met vrag hout teen rantjie staan. Hermanus kom met perdekar daar aan, haak osse voor wa los, vat disselboom met een hand aan neusring en stap met wa teen bult uit.

DB, 24 Junie 1939, p.26.

Sterkman: [illegible] Os maak amok en bestorm al wat voorkom. Hy wil Groot Fant ook skraap, maar Groot Fant spring een=kanttoe, pak dier aan weglêhorings en trap hom op neus met sy groot voet. Os brul, maar Groot Fant hou tot dier so mak soos lammetjie is. (Groot Fant was 'n legendariese karakter in tyd van Groot Trek.)

DB, 24 Junie 1938, p.6.

Sterkman: Draad mors af gebyt. Oom Klaas Byter kon geweldig byt. Kwa=jongens sit stuk staaldraad in roltabak en gee dit vir hom. Oom Klaas byt vir hom pruimpie af, draad en al.

DH, 13 Okt. 1939, p.53.

Sterkman: Sterk en sterk se moses. In oudae het dit meermale gebeur dat een sterke wat van ander hoor en soontoe reis om te gaan kyk of ander man werklik sterker as hy is. So kom sterk Vrystater by sterk Wes-Transvaler en vra of hý sterkman is van wie hy gehoor het. "Ja," sê man anderkant draad. "Wys my net plek waar ek kan inkom," sê Vrysta=ter. "Gee maar sommer jou perd oor heining aan," sê Wes-Transvaler. Vrystater maak dat hy wegkom.

DB, 17 Junie 1938, p.8.

T. <u>Humoristiese onderwerpe (algemeen)</u>

Loetse: "Ek is dood, Meneer!" Hans Gerber, skoenmaker en eenvoudige siel, skiet een nag ander man genaamd Piet se perd dood. Piet maak as=of hy van Duiwel besete is en skiet Hans met loskruit. Hans gaan kla

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by veldkornet dat hy dood is.

OK, April 1898, p.41.

[illegible] Twee jongkêrels doen hulle as dokters voor en genees tante wat kastig so siek is.

OK, Julie 1906, p.15.

[illegible] Oom Frans maak plek gereed in koringland om las= tige rietbokke voor te lê. Oom Daiel ontlaai geweer stilletjies en vervang lopers met balletjies bokmis. Aand gaan hy land toe en "wei" kastig soos bok in koring. Oom Frans skiet en kom op "lyk" van sy vriend af. Vervaard hardloop hy huis toe en wil sommer wye wêreld in= vlug oor "moord", toe oom Daiel perdfris opdaag.

OK, Feb. 1899, p.37.

Poetse: Grootlieg-pret I: Die [illegible] van die brand. In oudae voor 1860 is negosieware met groot trekke waens en karre van Boland af in binneland gaan verkwansel. Oom Hendrik en oom Philip, groot vriende, trek liefs nie saam met mekaar nie omdat hulle sal sukkel met weiding vir hul baie trekdiere. Spreek egter af om op pad bietjie pret te maak met mense wat hulle teëkom totdat hul trekke by Grootrivier by me= kaar aansluit. Op sekere plek vra mense oom Hendrik hoe dit in Boland gaan. "Sleg," sê hy. "Hele see is aan brand." Toe oom Philip dag of twee later daar kom, vra mense hom of hy ook brand gesien het. "Nee," sê oom Philip, "maar dit moes erg gewees het, want toe ek by groot tol= hek kom, was daar waens met vragte gaar vis op pad uit."

DGH, Des. 1904, p.125.

Poetse: Grootlieg-pret II: Die reusevoël. Oom Hendrik vertel mense wat hy op transportpad teëkom, dat terwyl hy oggend elfuur in Kaapstad inkopies gedoen het, dit meteens so donker geword het dat mense in koop= manspakhuis lampe moes opsteek. Later het hulle agtergekom dat dit reusevoël was wat oor Tafelberg gevlieg en op Groenpuntse meent gaan sit het. Toe oom Philip, sy vriend, dag of wat later by selfde mense uit=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom, vra hulle hom of hy voël ook gesien het. Nee, sê hy, maar dit moes reusevoël gewees het, want hy het gesien hoe tweehonderd soldate eier wat voël gelê het van Groenpunt na Goewerneurswoning rol.

DGH, Des. 1904, p.125.

Poetse: [illegible] Oom Jan gaan kuier vir meisie, maar sy wil niks met hom te doen hê nie. Boos stap oom Jan weg, en staljong bring sy perd, maar oom merk nie hoe staljong oor perd se rug stryk tot onder sy stert nie. Daar spring perd tot oom Jan op grond lê. Staljong het terpentyn onder perd se stert gesmeer. Gevolg was dat oom Jan nooit getrou het nie.

Brink I, p.18.

Kwajongstreke: Die resies. Gawerjal moet vee oppas, maar hy en klon= kies jaag resies met perde, hoewel sy pa dit streng verbied het. Pa hou hulle met verkyker van die huis af dop, en uiteinde is afgedankste loesing.

OK, April 1905, p.9.

Kwajongstreke: Wilde rit na die kerk. Tien honde word voor droë bees= vel as rytuig na kerk ingespan. Een van kwajongens ry te perd vooruit met stuk vleis aan tou om honde te lok. Dit gee hele opskudding af.

OK, Des. 1896, p.212.

Babel-tipe: Die Transvaalse Boer en die Engelse biskop. Vurig Engels= gesinde biskop en net so 'n vurige Transvaalse Boerepatriot raak in ge= sprek oor Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880/81. Biskop sê Boere sleg, en Boer skel op Engelse, maar tolk bewimpel alles so dat twee naderhand dink dis beste Engelsman en Boer op aarde.

DGH, Des. 1904, p.122.

Babel-tipe: Lagwekkende antwoorde. Tydens Boereoorlog sit Boervrou en perskes skil. Engelse offisier kom daar aan, maar hulle kan mekaar se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tale nie praat nie. Offisier vra: *"Where are the Boers?"* Boervrou: "Ek skil perseks." Offisier: *"Answer me! Where are the Boers?"* Boervrou: "Om droog te maak." Offisier: *"O, go to hell!"* Boervrou: "Dis goed vir die winter!"

TAV, tipe 1698 (mondelinge oorlewering).

Bakkiesrim: Boere-Latyn. Gert was in Boland op skool, en nou praat hy net van Latyn wat hy daar geleer het, en dat sy pa-hulle dit glad nie sal verstaan nie. Pa is al moeg vir sy grootpratery en leeglêery, sy gestreepte baadjie en nou witbroek. Een oggend vra Pa vir Gert: "Wat is vurk in Latyn?" *"Vurkius,* Pa." "O so, en stal?" *"Stallius,* Pa." "Nou kyk hier, jy vat daardie *vurkius,* trek daardie *baaikius* en *broekkius* uit en gooi *missius* uit *stallius."* (Vgl. A/T 1628*.)

DAK, Des. 1917/Jan. 1918, p.8.

Algemeen: Vrek Van der Poel. Ou Van der Poel van Kaap is so 'n vrek dat hy self nooit eens uitstekende wyne proe wat hy in kelder berg nie. Hy verafsku spinasie, maar toe sy swart kok, Saartjie, vir hom groot bak spinasie kook, verplig hy homself om dit te eet. Naderhand word spinasie al sleg, maar hy wil dit nog nie weggooi nie. Hy stuur Saartjie om vir hom bottel van beste soetwyn uit kelder te bring, skink glasie in en trek spinasie nader. "Hendrik," sê hy vir homself, "nou eet jy eers spinasie, en dan kan jy wyn kry." Vinnig verorber hy spinasie en gooi toe weer wyn in bottel terug terwyl hy vir homself sê: "Lekker gefop!"

Celliers, p.94; Ellman, p.5; Juta, p.58-59; Van Tonder, p.203.

Algemeen: Eenbeen-ganse. Kok maak vir eetmaal ganse gaar, maar breek van elkeen boudjie vir homself af. Toe sy meester daaroor beswaar maak, gaan wys kok hom hoe ganse net op een been by dam staan en slaap. Meester maak lawaai, ganse skrik op, en nou het elkeen twee bene. "Ja," sê kok, "maar u moes aan tafel ook ganse skrikgemaak het." (Vgl. *Sprokies.* Eintlik as Uilspieël-storie in Afrikaans bekend.)

DAK, Feb. 1919, p.5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Algemeen: Die Dood maak dooierigs lewendig. Ou Adonis word te lui om te werk en sê dit het tyd geword dat hy liewers sterf. Sy meester ver= nom hom een aand as doodsengel, gaan na Adonis toe en sê hy kom hom haal. Nou ontken Adonis dat hy oud en swak is, en van toe af is hy weer voor= ste werker.

Variant: Sieke lê in bed en sê hy voel so sleg, hy wil liewers sterwe. Sy vriende maak hom wys dat Dood soos kaalgeplukte hoender lyk. Hulle trek toe hoender se vere uit en gooi strepie mielies tot voor sieke se bed. Met groot oë hou sieke naderende hoender dop, en toe hy by bed kom, roep hy: "Nee, Dood, dis nie ek wat so gesê het nie; dis my broer Piet!"

Brink IV, p.122; Eie.

Algemeen: Oom Jan en die eselmerrie. Oom Jan ry op sy eselmerrie dorp toe. Kwajongens steek stok onder haar stert, sy skop, en oom Jan se mand= jie eiers val flenters. Hy gaan kla by landdros, maar net landdros se vrou is tuis. Oom Jan verduidelik: "Veronderstel nou jy is eselmerrie, en kwajongens kom en steek stok onder jou stert..." Vrou jaag hom met veronderstellings en al by deur uit.

OK, Feb. 1897, p.252.

Algemeen: "Fiet, Kerneels!" Op advies van sy prokureur, antwoord man in hof net: "Fiet, Kerneels!" op alle vrae en kom skotvry. Prokureur gee nou sy rekening vir hom, maar man sê net: "Fiet, Kerneels!" en stap weg.

Eie; OK, Des. 1904, p.190.

Algemeen: Die pakkie spelde. Plaaswerker word spesiaal myle ver Kaap= stad toe gestuur om stukvat vir parsery te gaan haal. Terloops sê boer= vrou dat hy tog ook vir haar pakkie spelde moet saambring. Werker ry twee dae tot in Kaap en is teen Saterdagaand weer terug. Toe blyk dit dat hy stukvat skoon vergeet het, maar spelde het hy darem onthou.

Brink I, p.29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Algemeen: Die eenjeheid. Tant Sina is dokter-boervrou wat saam met haar man, oom Koos, op Bosveldplaas woon. Een van haar pasiënte wat so ver herstel het dat hy regop in bed kan sit, sien saans deur venster hoe oom Koos stilletjies na bakoond stap, wêreld bespied, op hande en knieë neerval en lank so bly. Pasiënt meen dat hy baie godsdienstig moet wees om so alleen te bid, en hy sê dit vir tant Sina. Tant Sina roep net: "Wat! ...Dis g'n bid nie. Hy het seker weer my laaste biet= jie brandewyn uitgesuip." Sy het haar medisynebrandewyn daar begrawe, maar oom Koos het dit ontdek, gaatjie in vat geboor, en saans gaan suig hy dit met lang riet uit.

DH, 24 Nov. 1939, p.47.

Algemeen: Al aan die een kant swaar dra. Theunis en sy neef Paul drink paar snapsies te veel voordat hulle met perdekar teen bergpas af= sak. In driffie knak een wiel se speke morsaf, en hulle lê in water. Paul is fris kêrel, en hy stel voor dat hy kant met stukkende wiel op= tel terwyl Theunis deurry. Theunis raps perde, en Paul moet sy bene dra: deur driffie, teen bultjie uit, en toe hy nie meer kan nie, smyt hy as neer. Daar val hele kar flenters.

DH, 14 Julie 1939, p.41.

Algemeen: "Smeer aan en kom!" Oom Tom se span muile was baie lui. Hy kry raat om terpentyn onder hul sterte te smeer. Oom koop hele bottelvol en smeer aan terwyl ander mense diere vashou. Oom Tom kry net kans om op wa te klouter, toe lê muile oop. Sy ou vrou wil ook saamry, maar daar is nie sprake van stilhou om haar op te laai nie. Oom Tom gooi wye draai, en toe hy weer by haar verbykom, skiet hy bot= tel terpentyn na haar kant toe en skree: "Smeer aan en kom!"

DH, 6 Okt. 1939, p.53.

Algemeen: Die bobbejaankop. In vorige eeu kla Hottentotte van Suid-Kaap dat die boere hulle aanval en doodskiet. Magistraat sê hulle moet bewyse bring. Eendag sterf Hottentot, sy broers sny sy kop af, sit dit in sak en stap aan Swellendam toe. Op pad oornag hulle op plaas, boer hoor wat aan gang is, en hy weet daar kan groot moeilikheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom. Hy gee Hottentotte genoeg drank, en terwyl hulle slaap, ruil hy menskop met bobbejaankop om. By magistraat gooi hulle kop uit, menende dat dit broer s'n is. Hulle skrik toe hulle bobbejaankop sien en roep: "Heits, broer, hoe sit jou ogies dan nou so naby mekaar?" Magistraat jaag hulle huis toe.

Ons Erfenis.

Algemeen: Die doodskoot. Kwaai Jurie dreig buurman Gert dat hy hom sal doodskiet as sy vee weer op plaas kom. Een mistige oggend draai Gert by huis toe vee al lankal weg veld toe is. Skielik besef hy dat dit laat word, skraap sy kossak op kombuistafel en vierpond-stroopblik daarnaas, en lê oop. Ja, vee is in Jurie se veld. Hy spook nog om hulle uitgekeer te kry, toe hy skoot hoor en daar is slag teen sy ag= terkop. Hy slaan soos os neer en vee oor sy hare. Daar klaar gryserige mengsel aan sy hande. Toe gil Gert: "Hy het my geskiet! Kyk net hoe loop harsings!" Eers later ontdek hy dat stroopblik nie vol melk was nie, maar vol suurdeeg. Met rondhardlopery agter skape aan, het suur= deeg te veel gas gevorm en deksel afgeskiet. Dis wat hom getref het.

Mulder, p.53.

Algemeen: "Dis moontlik ..." Eenvoudige man glo alles wat aan hom ver= tel word. Jongkêrel wil dit vir vriend wys, en hulle gaan na man toe.

Jongkêrel: Eendag ry ek te perd met sak koring op my rug.
Ou man: Dis moontlik.
Jongkêrel: Nie te ver nie, of dwarrelwind suig my in lug op, en ek gryp aan wolk vas.
Ou man: Dis moontlik.
Jongkêrel: Ek hang nog so aan wolk, toe dink ek aan sak op my rug.
Ou man: Dis moontlik.
Jongkêrel: Ek vat sak, maak vir my tou en klim af aarde toe. Halfpad breek tou, en ek val ses voet in grond in. Toe moet ek graaf gaan haal om myself uit te spit.
Ou man: Maar nou lieg jy mos, neef.

De Beer I, p.163; OK, Junie 1906, p.15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] Ou rondloper-onderwyser gaan een nag in Wes-Transvaal saam met plaasmense te perd erdvarke jag. In jagveld moet hulle vinnig opklim. Onderwyser sukkel en bid hardop dat Here hom moet help. Jakkals blaf hier kort agter hom, en in benoudheid spartel hy bo-oor perd, anderkant af. Toe sê hy: "Ag, Here, nou het U my te veel geholpe."

TAV, tipe 1580A* (mondelinge oorlewering).

Diere

Jag - ernstig: Die tier in die bergkloof. Tier (luiperd) in bergkloof vasgekeer. Hy skeur Fortuin, gewese slaaf, se hele kopvel los met kap van poot voordat honde hom doodbyt. Fortuin genees.

OK, Des. 1899, p.273.

Jag - ernstig: Die jongman en die tier. Hendrik maak beeste bymekaar langs rivier, toe hy honde hoor blaf. Daar is tier (luiperd) wat onder krans in olienhoutboom lê. Gooi tier met klippe, en tier spring uit boom. Honde pak hom, en Hendrik gryp hom aan stert. Hy slaan tier met kierie, en honde geepad uit vrees vir houe. Nou is dit stryd op lewe en dood voordat Hendrik tier met kierie doodgeslaan het.

OK, Okt. 1896, p.164.

Jag - ernstig: Paul Kruger en die olifantkoei. Paul Kruger gee oli= fantkoei doodskoot. Koei weet dat sy besig is om dood te gaan, tel haar kleine met slurp op om hom vol te suip voordat sy neerslaan.

OK, Feb. 1901, p.31.

Jag - ernstig: Paul Kruger en die gekweste buffel. Gekweste buffel= koei jaag Paul Kruger tot in modderpoel, tuimel self in en daar vind verwoede gestoei plaas. Eindelik is albei so uitgeput dat hulle in verskillende rigtings van mekaar af wegstap.

Krüger I, p.25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jag - humoristies: [illegible] Afgetrede ou Engelse walvis=jagter kry klomp onervare jongkêrels bymekaar om walvis te jag as hy weer verskyning in Mosselbaai maak. Uit onkunde gaan jongklomp roekeloos te werk, en dis net bestiering dat hulle walvis doodkry en ongeskonde daar=van afkom.

OK, Des. 1898, p.238.

Jag - humoristies: [illegible] As veertienjarige skiet Paul Kruger eerste leeu. Terwyl mense om dooie leeu saamkom en een van mans sy bek oopmaak om te kyk hoe lank tande is, skop Paul Kruger leeu in pens, en met laaste lug in sy longe, stoot leeu brul uit. Man val reg agteroor van skrik en wil seun toe net te lyf gaan, maar ander mans keer hom.

Krüger, I, p.18-19.

Jag - humoristies: Op die spoor van die ystervarke. Twintig man, oud en jonk, vertrek aand om ystervarke te jag wat skade in mielies en pam=poene aanrig. Dis holdersteholder gedoente in berg met onervare klomp. As hulle nie mis slaan wanneer ystervark by gat uitpeul nie, vlug hulle van angs. Een kêrel is so benoud dat hy glad nie kan wegkom nie. Daar spring dier tussen sy bene deur, en penne steek. Onverrigter sake keer hulle terug na opstal.

DGH, Maart 1905, p.225; OK, Maart 1897, p.20.

Jag - humoristies: "Ek is mos Pa se seun." Jagters gebruik spesiaal versterkte wa om tot naby leeu te kom. Leeu jaag jagters op loop; hulle vlug tentwa in, en leeu agterna, maar seun van twaalf behou sy positiewe en skiet hom dood. Toe een van jagters uit wa klim, staan seun voor hom. "En wie is neef?" vra man, nog steeds vervaard. "Ek is Jan Nortjé," antwoord hy. "Ek is mos Pa se seun."

Variant: Vader en seun met transportwa op pad in stormagtige nag. Voor=osse huiwer, en hulle meen dat daar iemand in pad moet wees. Pa loop aan een kant van osse om, en seun aan ander kant, en by voorosse loop hulle tromp-op teen mekaar vas. "Ek is Dries Vermeulen, Oom," sê seun. "Naand, neef, ek is oom Frans Vermeulen van Kalkpan," antwoord pa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Maar dan is Oom mos Pa!" roep Dries verlig uit. "Ja, neef, ek is vader van agt kinders," antwoord pa. "Maar Oom is mos my eie pa!" sê seun.

DB, 15 Mei 1913, p.782; DH, 29 Des. 1939, p.41; DK, 6 Mei 1932, p.1; OK, Nov. 1904, p.173.

Jag - humoristies: [illegible] Jagkommando'tjie op leeu se spoor. Leeu spring een jagter plat, maar makker skiet dier dood, en jagter kom heelhuids daarvan af. Ene oom Jan gaan voor dooie leeu sit om sy tande te bekyk, toe ander kêrel op dier se pens trap. Leeu brul, en oom Jan skrik so groot dat hy dwarsdeur doringbos vlug en van sy klere net paar rafels oor is. (Gewoonlik word vertel dat Paul Kruger as seun die leeu geskiet het, en dat dit hý was wat op die dier se pens getrap het.)

OK, Feb. 1899, p.48.

Jag - humoristies: Leeu aan die stert. Oom Gert wil bok vir pot gaan skiet. Sien net stert uitsteek en besluit om bok sommer te vang en lood te spaar. Hy storm, gryp stert vas, en daar trek dier. Eers toe hy ent gehardloop het, kom hy agter dat hy leeu beet het, en hy laat haastig los.

OK, Mei 1898, p.69.

Jag - humoristies: Leeu is die wadrywer. Jagters gaan met vierperdewa leeus skiet. Leeu storm onverwags en spring voor op wakis terwyl mans geepad. Daar trek perde, en dit lyk kompleet asof leeu wadrywer is. So hardloop span tot op plaas.

DK, 17 Junie 1932, p.3.

Jag - humoristies: Op 'n wolf se rug. Wolf (hiëna) word in wolfhuis gevang. Toe plaasmense hom laat uitkom, koers hy reg op een man af en tussen sy bene deur. Man knyp verbouereerd vas, en daar ry hy vyftig tree agterstevoor op wolf voordat hy afval.

OK, Feb. 1899, p.38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bobbejaan: Bobbejaan [illegible] slawekind. In 1705 reis boer, Ferdinand Appel, uit distrik Stellenbosch na warmbron by Caledon. By bergpas laat hy vrouens en kinders afklim sodat osse wa makliker kan trek. Toe hulle oorkant kom, is Klein Lea, negejarige slawekind, weg. Hulle soek tevergeefs, en al wat hulle gewaar, is groot troppe bobbejane. Terug op plaas lol bobbejaan een aand by boer se venster. Boer gaan uit, en bobbejaan lei hom tussen berge in tot waar uitgeteerde slawekind met veldkosse in hande langs waterstroompie lê. Blykbaar het sy tyd in ge= selskap van bobbejaan deurgebring, en verskrikking was vir haar te veel. Sy sterf in boer se arms. Aand terwyl hulle kind ter ruste lê, hoor hulle rumoer onder bobbejane. Volgende oggend kry hulle verskeurde lyk van ontvoerder op kind se graf. Sy makkers het hom laat boet omdat hy met mense omgegaan het.

Eybers II, p.60-73 (uit Kolb).

Hond: Die kraaiende hond. Mense word in bome vasgekeer deur rivier wat onverwags in nag afkom. Daar is hond saam met een man in boom. Toe dag breek, kraai haan, en van verligting dat daar iemand naby is, kraai hond agterna. Mense en hond is gered, en van daardie dag af kraai hond.

OK, Mei 1903, p.39.

Hond: Die afgedwaalde lam. Een reënerige aand is swak lammetjie van trop af weg. Vroegaand begin jakkalse tjank op soek na buit. Plaas= hond Prins blaf luidkeels vir nagdiere en verdwyn van werf af. Mense gaan maar slaap. Volgende oggend toe boer na kraal stap, gewaar hy swart bondeltjie onder doringbos. Dis ou Prins, en vas teen sy rug lê vermiste lammetjie ongedeerd. Hond het [illegible] dwarsdeur nag teen jakkalse beskerm.

DH, 3 Jan. 1947, p.35.

Hond: 'n Seun en sy hond. Plaas aan Skot verkoop. Hy hou plaashond, Bles, ook agter. Bles wil nie daar bly nie, maar Skot maak hom vas. Toe gaan seun aan wie hond behoort hom stilletjies losmaak. Skot, sy vriende en ander honde is op Bles en seun se spoor. Seun vrees dat agtervolgers hom gaan skiet, maar slaag daarin om met sy hond onder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

treinbruggie deur te ontsnap.

OK, Julie 1898, p.98.

Hond: Slim dier pak sy meester se halfkroon op. Hond is baie slim en getrou. Sy meester steek halfkroon in graspol weg en iemand anders tel dit op en steek dit in sy sak. Nou rus hond nie tot hy ander man se broek met geld na sy meester gebring het nie.

OK, Jan. 1900, p.14.

Jakkals: Raak van vlooie ontslae. (Vgl. Tiperegister vir intervolklike vertellings.) Boer sien hoe jakkals vlokkies skaapwol bymekaarmaak. Hy byt dit tussen tande vas, klim agteruit in dam en sak in water weg tot net stukke wol uitsteek. Al dier se vlooie klim op wol, en hy laat dit wegdryf. So is jakkels gereinig.

Anon, p.146; SAUK, 28 Julie 1977; TAV, tipe 63 (mondelinge oorlewering).

Krokodil: Is sterker as leeu. Man kwes bok. Bok vlug deur rivier, en leeu vang hom. Krokodil in water het ook bloed geruik, kom uit en stap stadig nader. Leeu knor verwoed, maar krokodil pak hom aan neus beet en sleep hom onder water in.

DK, 11 Mei 1928, p.4; OK, Feb. 1901, p.31.

Leeu: Mensvreterleeu slaan toe. In Oktober 1705 onderneem landdros Starrenburg en geselskap landtog na gebied van Hottentotte. Op 2 Novem= ber kampeer hulle by Hottentotkraal. Omstreeks middernag raak vee onrus= tig en een van skildwagte skreeu luidkeels. Mense gewaar leeu wat met iets in sy bek van tente se kant af verskyn en hom uit voete maak. He= wige geweervuur word op bos gerig waar hy verdwyn het, en kampmense stel vas dat een van skildwagte verdwyn het. Volgende dag is daar groot soektog na leeu en baie vergeefse geskiet voordat Hottentotkaptein hom met assegaai wond en sy volgelinge hom verder van gras af maak. Oorblyf= sels van skildwag word begrawe.

Valentyn II, p.32-38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Leeu: Laaste leeu van die Karoo. Omstreeks 1840 kom leeu op ou boer af wat te voet op pad was en onder boom lê en rus. Leeu spring op hom, maar ou man maak asof hy dood is. Leeu hou bek by man se oor en brul, en rol hom heen en weer soos kat met muis speel. Gaan dan op hurke sit en hou man dop, maar man bly roerloos. Eindelik loop leeu teleurgesteld weg, want hy vreet g'n dooie ding wat hy nie self om lewe gebring het nie. Toe leeu weg is, kom man stadig orent en stap huis toe. Dit was laaste leeu wat in daardie Karoostreke gesien is.

Ballantyne, p.90 e.v.

Leeu: Bekruip die bekruiper. Jongman moet een aand beeste gaan soek. Sien hulle in vleitjie wei. Toe hy by beeste kom, merk hy dat leeu hom bekruip. Dit skiet hom te binne dat oumense gesê het leeu is self bang vir bekruip. Hy val dadelik plat in gras en kruip voort, en elke keer loer hy oor grassade vir leeu. Dan trek hy sy kop terug en kruip verder. Loer vyf of ses maal so vir leeu tot dier dit nie meer kan hou nie. Sê net "Woef!" en laat spat, stert tussen bene.

DB, 25 Jan. 1919, p.279.

Muis: Die dankbare muis. Man sien muis heen en weer hardloop na bossie voor agterdeur, maar dan spring hy weer agteruit. In bossie is slang. Net as slang wil pik, spring muis weg asof hy slang se aandag probeer aftrek. Man maak slang dood. Muis hardloop reguit na bossie toe, tel klein muisie in bek op en sit dit voor man se voete neer. Nie te lank daarna nie kom muis met tweede kleintjie in sy bek te voorskyn en verdwyn veld in daarmee. Nâ rukkie kom haal hy muisie wat hy by man se voete neergesit het. Blykbaar was dit sy manier om dankie te sê.

DH, 20 Maart 1953, p.49.

Orang-oetang: "Die ou Masbieker met sy stok". Teen helfte van 19de eeu het orang-oetang in omgewing van Kaap Agulhas rondgedwaal. Hy het seker van een of ander skip af uitgespoel. Doen niemand ooit kwaad aan nie, maar vrouens en kinders is doodbang vir hom. Neem eendag erdepot vol konfyt by bediende af en eet tog te lekker. Omdat hy altyd met stok soos kierie rondloop, kry hy bynaam van "Ou Masbieker met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy stok".

OK, Julie 1900, p.137.

Papegaai: Transaksie namens sy meester ingeklink. Man koop brandhout by wa wat van plaas af inkom dorp toe. Volgende oggend is daar tweede vrag hout waarvoor hy moet opdok. Sy papegaai het sy meester vorige dag mooi afgeluister en toe namens hom ook vrag bestel.

Olwagen, p.29.

Renoster: Goewerneur in die knyp. Onderweg na koperberge van Namakwa= land word goew. Simon van der Stel se koets digby Piketberg deur verwoe= de renoster bestorm. Van der Stel spring uit en lê met donderbus aan, maar vuurwapen slaan vas. Een van Goewerneur se wildskuts gee dier skoot, en dit help blykbaar om hom van koers te bring sodat hy rakelings by Van der Stel verbysnel en hom uit voete maak. Sommige van perde= ruiters skrik so groot dat hulle van rydiere afval en nie ongedeerd daarvan afkom nie.

Valentyn I, p.242.

Renoster: Vlug tot binne-in huis. Renoster beland op werf waar hart= beeshuisie staan. Honde skraap hom. Verwilderd storm renoster by huisie in waar mense sit en werk. Hulle moet vinnig padgee en ontkom ter nouernood.

OK, Junie 1905, p.11.

Slang: Die huisslang en die kind. (Vgl. Tiperegister vir intervolk= like belewenisvertellings.) Jong meisietjie is baie lief vir diere. Vat twee maal per dag baie melk vir haar "goggatjie" om te drink. Huismense ontdek dis tamaai slang wat uit gat in huis se fondament kom om deur meisietjie gevoer en selfs oor rug gestreel te word. Vader skiet slang dood, en kind sterf van hartseer. (Vgl. *Sages.*)

DH, 30 Nov. 1923, p.25; 10 Nov. 1939, p.51; 10 April 1942, p.29; Eie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slang: Die man, die slang en die leeu. Man op pad terug deur boswêreld nadat hy by vriende gekuier het. Hy word so moeg dat hy gaan lê en slaap. Word wakker van beweging. Dis mamba wat op sy bors lê en reeds sy lyf lig om te pik. Man sluit oë om dit nie te aanskou nie. Meteens is slang weg, en man hoor woeste gebrul. Dis leeu wat hom ook bekruip het, en slang gaan leeu te lyf. Binne minute is leeu dood en slang seil weg. Man kry dit nie oor sy hart om slang te skiet nie, want hy wat amper sy moordenaar was, het sy redder geword.

DK, 29 April 1927, p.3.

Slang: 'n Slang in plaas van papegaaitjies gevang. Man in Bosveld sien droë stuk boomstomp met gate daarin en hoor iets binnekant woel. Meen dis papegaaitjies. Hy stop gate toe, kap droë stomp af en dra dit na sy tent. Toe hy stomp kloof om by papegaaitjies te kom, peul mamba uit. Man val dwarsdeur tentseil, en sy seuns moet slang doodmaak.

DJ, 8 Okt. 1937, p.8; OK, Mei 1898, p.70; Mei 1905, p.13.

Slang: 'n Slang wat nie 'n slang was nie I. Oom dink paling wat man uittrek, is slang. Toe stuk riet hom steek, meen hy slang het hom gepik. Sy ou vrou moet net kwaai dokter totdat hy waarheid hoor. Toe is hy skielik gesond.

OK, Des. 1896, p.200.

Slang: 'n Slang wat nie 'n slang was nie II. Armaans steel stuk van sy pa se roltabak. Hang dit aan tou in sy broekspyp sodat niemand dit sal agterkom nie. Toe moet hy in tuin gaan help skoffel. Hy vergeet van tabak. Skielik voel hy iets teen sy been roer. "Slang!" skree hy. Sy pa gryp mes en sny broekspyp van onder tot bo oop, en daar hang stuk roltabak.

DK, 18 Maart 1927, p.3.

Vis: Vis vang vis. Naglyn word in rivierwater gelaat. Volgende oggend is daar iets aan, maar dit voel eienaardig toe hengelaar intrek, so asof dit aanhou meegee. Eers sien hy baber van ongeveer vyftien pond. Hy trek weer aan lyn, en daar kom geelvis van so twee pond met hoek in sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bek uit baber se keel. Geelvis moes tien tot twaalf uur in baber se pens gewees het, want sy skubbe was al half verteer.

Lübbe, p.58.

Wolf: Ou Danster en die wolf. Danster, ouerige bruinman, stap met sy viool om by dansparty op buurplaas musiek te maak. Beland in vanggat vir wildediere wat in paadjie gegrawe is. Gat is te diep en walle te steil om uit te klim. Meteens hoor hy iets grom. Dis wolf (hiëna) wat voor hom in gat geval het. Wolf kom dreigend nader, maar toe Danster aan vioolsnare raak, spring dier agteruit vir geluid. Ou Dan= ster is verplig om hele nag lank viool te speel om wolf van sy lyf af te hou. Toe hy volgende oggend gered word, is daar nog net een heel snaar oor.

DJ, 25 Okt. 1940, p.12; DU, Nov. 1905, p.236; OK, Feb. 1899, p.39.

Y. Volksgeneeskundige onderwerpe

Boererate: "Toe ek eendag siek was". Man voel nie wel nie, en hy gee hom oor aan genade van sy vrou. Sy dokter net met boererate. Dit voel vir hom op ou end asof hy doktery net deur wonderwerk oorleef het.

OK, Sept. 1897, p.157.

Z. Stoflike kultuurskeppinge

'n Onsmaaklike verrassing. Bediende het sy deurtrekker uitgewas en aan boom gehang, en op een of ander manier beland dit in pot vleis. Ou oom eet van vleis, en hy voel nie te goed toe hy agterkom wat "taai stukkie" eintlik is nie.

OK, Okt. 1904, p.157.

BB. Die masjien

Die masjien as bonatuurlike verskynsel: Die geluid uit die hemel. Ou swartman ry op sy donkiekarretjie toe hy eerste maal in sy lewe vlieg= tuig gewaar wat met donderende gedreun nader kom. Ou man dink dis die laaste oordeelsdag en skree:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Jesus, min my salig lot!
Hardloop donkies, daar kom God!"

Eie.

Die masjien as bedreiging: Trein, motor, fiets word vir spookgedaante aangesien. Jan van Wijk stap een aand nā kuiertjie terug huis toe. Meteens kom hy agter dat hy nie alleen is nie. Op sy spoor is lang, smal gedaante sonder voete, neus of mond, en groot oog voor bors. Jan hardloop tot hy nie verder kan nie en val dan neer om op einde te wag. Fietsryer ry verby. Dit was die "spook".

Brink I, p.16-18.

Humoristies: Stewels per telefoon versend. Seun in stad skryf dat sy vader vir hom paar skoene moet stuur. Vader hang skoene oor telefoon= drade vir vinnige aflewering.

TAV, tipe 1710 (mondelinge oorlewering).

Humoristies: Die radiodiens. Hoof van plaasskool nooi mense van buurt om Sondagoggende om beurt na kerkdiens oor radio te luister. Dis oom Willem se beurt. Hy luister aandag na vreemde "masjien", toe hoesbui hom oorval. Dieselfde gebeur met iemand in kerk van waar uitgesaai word totdat dominee sê: "Sal die broeder wat so hoes tog maar asseblief kerk verlaat; dis erg steurend." Verleë sluip ou Willem buitentoe en bly op stoep staan totdat diens verby is.

DH, 17 Nov. 1939, p.37.

Humoristies: Die rolprentvertoning. Oom Jan sien vir eerste keer in sy lewe 'n rolprent. Dis verhaal van arm weduwee wat uit huis gesit word omdat sy nie huishuur kan betaal nie. Balju is besig om haar goedjies op te skryf, hoe weduwee ookal huil en smeek. Vir oom Jan is dit te veel. Hy spring op en drafstap na die doek toe terwyl hy uit= roep: "Laat staan haar. Ek sal alles betaal. Julle sal nie 'n wedu= wee verdruk waar ek by is nie."

DH, 2 Sept. 1949, p.43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Humoristies: Die eerste trein is die ergste. Ou Boer het nog nooit trein gesien nie. Eenmaal moes hy weens droogte wegtrek. Nag maak hy en sy skaapwagter vir hulle onwetend naby spoorlyn slaapplek. In don= kerte kom helder verligte passasierstrein aan. Skaapwagter roep dat wêreld vergaan, maar Boer sê ewe bedaard: "Nee, kan jy nie sien dis plaas wat op loop is nie? Maar wat vir my snaaksste is, is dat kom= buis voor hardloop."

DH, Aug. 1916, p.108.

Humoristies: "Kyk! Ek ry die trein al loshande." Man ry vir eerste maal trein van Barroe na Graaff-Reinet. Later vertel hy aan vriend: "In begin was ek maar bangerig en het goed vasgehou, maar toe ons by Klipplaat kom, toe ry ek loshande."

DH, Sept. 1916, p.134.

Algemeen: Die merkwaardige uitvindsel. Navorser het masjientjie ont= werp wat lug heeltemal steriliseer sodat g'n mens verkoue sal kry nie. Sy patentregte deur vervaardigers van allerhande preparate teen verkoues uitgekoop, want hulle sal te veel skade ly. (Vroeër is ook vas geglo dat daar ontsaglike oliebronne in Suid-Afrika bekend is, maar dit is dig gehou omdat oliemaatskappye geld op hul tenkskepe sou verloor.)

Eie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. O.F. Mentzel: *Description of the Cape* II, p.80-81.

2. W.J. Conradie: *Ondervindingen van eene jonge predikant in Namakwaland*, p.90.

3. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.32.

4. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.43.

5. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.62.

6. C.J. Scheepers Strydom: *Wilde roeping*, p.54-55.

7. Abel Coetzee: *Daar kom die wa*, p.14.

8. C.J. Scheepers Strydom: *Wilde roeping*, p.55.

9. C.J. Scheepers Strydom: *Afrikaners in die vreemde* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* V, p.5).

10. H.A. Rossouw: *Namakwalandse kroniek*, p.9.

11. P.S. du Toit: Onderwys in Kaapland (J. Chr. Coetzee, red.: *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956*, p.10).

12. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.246.

13. *Ons Klyntji*, Okt. 1899, p.231-232.

14. Ons Erfenis, LEW 18.

15. Persoonlike jeugherinnering van skrywer.

16. Onderhoud deur skrywer met mnr. Gideon Kotzé, Grootvlei, Kamieskroon, in Des. 1971.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

17. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.199.

18. P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie*, p.202.

19. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XI, p.184.

20. Ons Erfenis, VE 3.

21. C.F. Gronum: *Ou Marico II: Transportry, runderpes en poskoetse*, p.51-52.

22. G.D. Scholtz: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner I, 1652-1806*, p.156.

23. B. Spoelstra: *Ons volkslewe*, p.162-167.

24. B. Spoelstra: *Ons volkslewe*, p.163.

25. B. Spoelstra: *Ons volkslewe*, p.183-184.

26. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, inskrywing by *Schörbeck*.

27. L. Rompel-Koopman: *In het land van Piet Retief*, p.45.

28. A.C. Cilliers: *Lewensavontuur II: Seunsjare op Olyfboom*, p.21-22.

29. P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.28).

30. P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.178).

31. P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.167-174).

32. P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.198).

33. Vgl. G. Cronjé en J.D. Venter: *Die patriargale familie*, p.35 en p.131-134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

34. *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, inskrywing by *Debating societies*.

35. F.W. Boonzaier: *Die vereniging*, p.2-3.

36. *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, inskrywing by *Debating societies*.

37. R.F.M. Immelman: Kaapse bibliofiele en hulle boeke in die 18e eeu (*South African Libraries*, April 1952, p.96).

38. *Ballot Collection: Alphabetical list of holdings*, p.22.

39. *De Goede Hoop*, 15 Aug. 1920, p.61.

40. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.154-156.

41. *Die Patriot*, 4 Feb. 1881, soos aangehaal deur P.J. en G.S. Nienaber in *Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*, p.244-245.

42. Dian Joubert (samest.): *Toe witmense arm was - uit die Carnegie-verslag 1932*, p.14.

43. *Ons Klyntji*, Mei 1901, p.76-77.

44. *Ons Klyntji*, Mei 1901, p.76.

45. *Ons Klyntji*, Okt. 1897, p.192.

46. *De Unie*, Nov. 1905, p.234.

47. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.109 en 118.

48. *Die Huisgenoot*, 23 Mei 1924, p.47.

49. Ernst van Heerden: *Die aamborstige klok*, p.75.

50. Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister*, p.104.

51. Dep., WIN I, p.9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

52. G. Eloff: Die tafelkleed (*Die Huisgenoot*, 9 Junie 1939, p.35).

53. Leon Maré: *Die Nuwejaarsfees en ander verhale*, p.18.

54. J.D. Olwagen: *Drie kinderstories*, p.25-26.

55. Vgl. oom Freek (Wolbokkie) van Zyl van Albertinia en "Die ge= skenk" in Pieter W. Grobbelaar: *Koeitjies in die klawer*, p.122-129, asook Nawoord, p.138.

56. *Ons Klyntji*, Februarie 1899, p.31.

57. *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, inskrywing by *Banking, commercial*.

58. P.J. van der Merwe: *Ons halfeeu in Angola*, p.3-4.

59. Soos aangehaal deur P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.60).

60. P.H. Kapp: *Ons volksfeeste* (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur* III, p.60).

61. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* I, p.5.

62. *Die Afrikaanse Kind*, Sept./Okt. 1919, p.12-13.

63. G.D.J. Schotel: *Vaderlandsche volksboeken en volks= sprookjes* I, p.133.

64. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.390.

65. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.13.

66. *Die Huisgenoot*, Maart 1917, p.290.

67. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.29.

68. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.32-33.

69. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.41-42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

70. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.18-19.

71. Eie.

72. Eie.

73. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VI, inskrywing by *Lennox, George St. Leger Gordon.*

74. F.C. Metrowich: *Scotty Smith,* p.1.

75. C.F. Gronum: *Transportry, runderpes en poskoetse,* p.10.

76. Vgl. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Feb./Mei 1971, p.102.

77. F.C. Metrowich: *Scotty Smith,* p.1-2; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* p.102 e.v.

78. Vgl. dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie* vir talle voorbeelde.

79. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VI, inskrywing by *Ligter, Dirk.*

80. Dep., SED I, Bylaag, p.20.

81. Dep., SED I, Bylaag, p.20.

82. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VI, inskrywing by *Ligter, Dirk.*

83. Boerneef: *Versamelde prosa,* p.49.

84. Boerneef: *Versamelde prosa,* p.56.

85. Boerneef: *Versamelde prosa,* p.57.

86. Dep., SED I, Bylaag, p.20-21.

87. Dep., SED I, Bylaag, p.20-21.

88. Boerneef: *Versamelde prosa,* p.53-55.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

89. Boerneef: *Versamelde prosa*, p.49-52.

90. Boerneef: *Versamelde prosa*, p.65-66; Dep., SED I, Bylaag, p.22.

91. Boerneef: *Versamelde prosa*, p.57-60; *Die Burger*, 17 April 1970, p.2; Dep., CER I, p.8.

92. Dep., SED I, Bylaag, p.22.

93. Boerneef: *Versamelde prosa*, p.59, 66, 190 en 191.

94. Dep., CER I, p.8.

95. *Foto-Beeld*, bylae by *Die Beeld*, 9 Maart 1969, p.6.

96. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

97. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2; Marthinus Versfeld: Die Se= derberge (Merwe Scholtz, red.: *Wynland*, p.211).

98. *Die Burger*, 17 April, p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8.0.0 SAGES: DIE WESTERSE STROMING

Hier het ons te make met vertellings waarin die oerou kragsgelowe (ver= al die animisme) nog 'n rol speel, en wat deur die volksmens van ons tyd in die algemeen nog as waar aanvaar word, of aanvaar sou word as dit aan hulle bekend was. Aangesien die verspreiding van sages en ander volksvertellings dieselfde patroon volg as wat reeds vir belewenisse vasgestel is, hoef daar nie weer hierop ingegaan te word nie. Daar sal dus op die belangrikste kenmerke van hierdie vertelvorm gekonsen= treer word, en op daardie voorbeelde wat vir die Afrikaanse sage van be= sondere betekenis is.

8.1.0 Die sage en die volksgeloof

Hoewel aspekte van die volksgeloof 'n deurslaggewende rol in die sage speel, vertoon die sage wanneer dit op skrif gestel word dikwels bra onaantreklik omdat sageversamelaars nie 'n duidelike onderskeid maak tussen 'n blote brokkie volksgeloof en 'n volksverhaal nie. Wat net 'n gesprekonderwerp is, word as 'n volbloed-vertelling aangebied. Dit gebeur in alle sageversamelings uit 'n groot verskeidenheid Wes-Europese lande wat geraadpleeg is. Hier volg enkele voorbeelde uit die Nederlande, alles die werk van vooraanstaande vorsers.

Van De Cock en Teirlinck is daar eerstens twee voorbeelde uit Brabant, twee voorbeelde uit 'n totaal van 566, en 'n groot persentasie van die sg. sages is volgens hierdie patroon.

122. Het spook van Meulebeek

Het spook van Meulebeek heeft, voor een veertigtal jaren, menigeen schrik aangejaagd. Met heette het nog de "Zwette Madam." Alle nachten zag men de zwarte vrouw springen en dansen op de Gentsche kassei, of nevens de vaart, of dichtbij de kerk, waar toen nog het kerkhof was. De "Zwet= te Madam" sprak niet; en niemand verteld dat zij coit een mensch heeft kwaad gedaan.(1)

163. De Roode Haan zit op 't dak

De Roode Haan is een kwaaddoende vuurgeest. Hij steekt de huizen in brand en het volk zegt nog, als het ergens brandt: "De rooien haan zit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op 't dak!" Ook kapte men outijds op den kleinen Zavel te Brussel den rooden haan den kop af; deze werd bewaard om tegen brand beveiligd te zijn.(2)

Uit 'n totaal van 273 sg. sages wat Alphons de Cock uit die Vlaamse volksmond byeengebring het, volg nog twee voorbeelde:

124. De waterduivel van Wetteren

Zekere Meesters kwam eens, des nachts, van de wijk "den Ecke", te Wet= teren, naar huis terug. Ter plaatse waar zich thans de poederfabriek bevindt, zag hij een zwarte gestalte op hem afkomen, en zie, zijn sprong hem op den rug, en de verschrickte Meesters moest het spook dragen tot in de Moerstraat! Aan de herberg "De vier Gekroonden" werd hij van zijn last bevrijd, maar nu tot huis toe begeleid door meer dan zestig witte katten! Eene der katten wilde hem tergen, en hij sloeg haar een poot af... 's Anderdaags was een wijf van het dorp hare hand kwijt.(3)

143. De hellewagen te Lebbeke

In Lebbeke vertelt men van een koets zonder paarden, hellewagen geheeten; deze reed, te middernacht, tusschen Brussel en Dendermonde. Men be= weerde, dat de koets zich door duivelskunst bewoog en met de snelheid van den wind voortvloog. Wij hebben personen gekend, die in vollen ernst staande hielden, dat zij den hellewagen met eigen oogen hadden zien voorbijvliegen.(4)

J.R.W. Sinninghe, bekende Nederlandse vertellingvorser, probeer sy op= tekenings meer dramaties weergee, maar meermale is dit nog glad nie volksvertellings nie.

Spokerijen

In zeker huis buiten Renswoude had de bewoner zichzelf jaren geleden om het leven gebracht. Iederen avond keerde hij terug en dan was het huis helder verlicht. Die spokerij werd zoo gevreesd, dat de eigenaar jaren= lang geen huurder vinden kon.(5)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit dieselfde werk haal ek nou ter vergelyking 'n voorbeeld aan waar rondom die kern van volksgelowe omtrent 'n fantasiedier, die basilisk, wel 'n volwaardige verhaal opgebou word. Dit is 'n vertelling oor die basilisk van Utrecht, wat in 'n donker kelder in 'n brouery gewoon en met die verterende blik van sy oë talle mense gedood het.

De basiliscus

't Is een vreeslijker ondier dan alle andere. Onbeweeglijk ligt hij in den duisteren kelder, en hij heeft den kop slechts te wenden naar zijn vijand, om dezen te doen wankelen en te verteeren. En wanneer er ook eens een mensch gevonden werd - maar dit is bijkans onmogelijk - die niet sterft door de vlam om zijn hart, dan is één prik der rechte stekels voldoende om te dooden.

Hoe de stad Utrecht van den basiliscus te bevrijden?

Iemand, meer knaap dan man, bood zich aan, om met hem te kampen. Men bezag hem vol deernis, want het is wel wreed, als een jongeling moet sterven. Maar hij kwam vroolijk, en hij liet zich een blinddoek voor het gelaat binden, opdat hij de vreeselijke oogen niet zou zien. Men vroeg hem naar zijn wapen. Was 't speer of boog, of een slinger, gelijk de knape David slingerde, om Goliath te verslaan?

Hij wees op zijn borst, waarop een plank rustte en niets anders.

"Weet ge dan niet?" - zoo vroeg men hem, "dat de basiliscus stekels heeft? Hij is een groote hagedis, dien ge niet hooren kunt, zoo hij nadert, en zien kunt ge hem ook niet, met uw blinddoek voor het gelaat."

Hij lachte slechts. Men aarzelde. Zou men hem doen dalen tot voor het vreeselijk monster? Weder lachte hij en met jongen, lichten tred liep hij naar beneden.

De basiliscus hoorde zijn schreden en hij hief den kop. Zijn oogen waren vlammen, doch de knaap stierf niet, neen, hij liep zorgeloos, en tastte slechts even. Nog feller vlamden de oogen van den draak, en de jongeling lachte maar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Langzaam kroop de hagedis naderbij. Zoo de vijand niet stierf door het vuur, zoude hij sterven door het vergift. Was er een mensch die den basiliscus kon ontgaan?

Toen wendde de knaap de plank, die op zijn borst rustte, en hij hield den voorkant naar de richting der duisternis, welke vóór zijn blinddoek was.

De basiliscus snelde op hem toe, en plotseling zag hij zijn monsterlijke, doodende oogen, daar het een spiegel was, dien de jongeling met zich had meegedragen, glas der zuiverheid en der waarheid, dat hij voor het ondier plaatste.

De vlam, die allen hadden gevoeld, sloeg 't eigen lichaam van den basilis= cus binnen, en hij werd verteerd tot asch en tot niets.(6)

Dit is klaarblyklik 'n outeursage wat Sinninghe gebaseer het op gelowe uit die volksmond opgeteken, maar dit illustreer uitstekend hoe volks= gelowe 'n verhaal kan word.

8.2.0 Die rol van die Christendom

Toe ons Oud-Germaanse voorvaders van die stadium van die kragsgelowe (emanisme en animisme), oftewel die oerdomheid, oorgegaan het na geloof aan 'n veelgodedom, is die ou natuurmagte gepersonifieer. Die storm= wind het bv. onder die beheer van Wodan geval, die donderweer onder Thor. By die kerstening van hierdie Oud-Germane is hulle ou gode en halfgode as duiwels en bose geeste voorgestel, en dis merkwaardig hoe 'n groot rol hierdie duiwels en bose geeste in die Middeleeuse en selfs latere sages gespeel het, soos hierna aangedui sal word. Dit is waar= skynlik versterk deur die feit dat die Roomse Kerk so baie van die ou heidense rites in aangepaste vorm by sy eie liturgie ingeskakel het om die oorgang na die Christendom vir die nuwe bekeerlinge makliker te maak. Bowendien moes die kerkdienste in Latyn, wat vir die gewone volksmens niks beteken het nie, vir hulle nie juis verskil het van heidense rituele waar towenaar-priesters onverstaanbare geheime for= mules geprewel het nie. Die Christelike kerkdienste tot die einde van die Middeleeue was net so emosiebelaai as die seremonies van die oerdomheid of veelgodery. Eers met die Hervorming het die rede al

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer en meer in die Christelike Kerk tot sy reg gekom. Die duiwels en bose geeste verloor veel van hul houvas op die volksgeloof, en die ou kragsgelowe, in die besonder die animisme, kom in 'n suiwerder vorm na vore. Nie net die kerkgeloof is hervorm nie, maar ook die gewone volksgeloof.

8.3.0 Die elementgeeste

In die Oudheid - in Oud-Egipte, Oud-Griekeland en Rome - was die gang= bare opvatting dat die wêreld uit die vier sg. elemente vuur, lug, water en aarde saamgestel is. Dit het 'n geweldige invloed op die volksge= loof uitgeoefen en gevolglik speel vuur-, lug-, water- en aardgeeste so 'n besondere rol.(7)

8.3.1 Vuurgeeste

Vir 'n natuurvolk is vuur gewoonlik 'n afkaatsing van die sonvuur, ver= want aan die weerlig en aan goud (die "aardse son"). Aan die een kant is vuur 'n lewensonderhouer, aan die ander kant 'n verwoester.(8) Soos een bron dit stel: "In the primitive condition of life, perhaps noth= ing was regarded as of greater importance, or more mysterious in its na= ture, than fire. Its beam dispelled the dread of darkness, and its warmth removed the chill of winter. The fire of the hearth was the centre of domestic life. At the forge, tools and weapons were fashion= ed ... In storms it was seen descending from the sky, and in volcanic eruptions it was seen issuing from the earth."(9)

Daar was bv. die sg. vuurruiter, veral in Duitsland bekend, wat oor die mag sou beskik om 'n brand in te dam deur te perd daaromheen te ry: "Volkstümliche Zaubermassnahmen gegen Schadenfeuer, besonders das Um= kreisen, brachten die Sagengestalt des Feuerreiters hervor ... Mythischen Feuerreiter, aber auch dem Landesherrn und in Übertragung von dessen Kraft auch dem Bürgermeister, Offizier oder Inspektor schreibt man die Gabe zu, durch Umreiten des Feuers eindammen zu können."(10)

8.3.2 Luggeeste

"Of the four Elements, air and fire are regarded as active and male; water and earth as passive and female."(11) Verder word verklaar:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The wind is air in its active and violent aspects." Tog hou dit ook verband met die skeppende krag wat skuil in die asem wanneer dit op iets geblaas word. "At the hight of its activity, the wind gives rise to the hurricane (a synthesis and 'conjunction' of the four Elements), which is credited with the power of fecundation and regeneration."(12)

Talle spooksages kan as voorbeelde van sages i.v.m. vuur- en luggeeste dien, nl. waar die spook in die een of ander vurige gedaante verskyn, en waar hy nie loop nie, maar deur die lug sweef. Die heel belang= rikste van hierdie tipe sages is ongetwyfeld dié i.v.m. die Wilde Jag, wat hier volledig bespreek word omdat dit ook invloed op die Afrikaanse sage uitgeoefen het, en ook omdat dit gewoonlik foutief voorgestel word.

8.3.3 Die Wilde Jaer (Wilde Jaagtog, Hellewa) en die Wilde Jagter (Wilde Jag, Mensjagter)

Om die een of ander onverklaarbare rede word hierdie twee belangrike sagemotiewe gewoonlik deur kommentators as één beskou, wat tot 'n on= eindige verwarring aanleiding gee. Tipies is die volgende beskrywing: "*Wild Hunt*. The ghostly hunters ... who ride through the sky on stormy evenings: known in nearly all parts of the world. The appear= ance of the wild hunters, usually said to be the ghosts of the restless dead, presages evil for the community. This phantom host, its horses and dogs ... make a wild noise in the night, the sound of spirits pass= ing overhead in their eternal wandering; and the sound of the spectral dogs makes earthly dogs howl and yelp in company."(13) Kom ons onder= soek die vraagstuk aan die hand van enkele goeie oorsigtelike bronne, soos Erich en Beitl(14) in Duits en Schrijnen(15) in Nederlands. Hul= le maak ook geen duidelike onderskeid tussen die verskillende aspekte nie, maar die gegewens wat hulle verskaf, is betekenisvol.

(a) *Die Wilde Jaer*. In die eerste instansie is die Wilde Jaer 'n vorstelike figuur. "'s Winters, als de stormwind over onze lage landen heenvaart en door 't geboomte huilt en fluitend over de daken en om de schoorsteenen giert, dan stormt het geestenheir door het luchtruim. Het is de *Wilde Jacht*, die in de volksverbeelding een zoo voorname plaats inneemt ... In de Germaansche landen voerde Wôdan op zijn schimmel *Sleipnir* het geestenheir aan."(16) Die Wilde Jaer is die vrugbaarma= ker; hy is die heer-van-die-heilige-vuur; hy is die beskikker-oor-le=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

we-en-dood; hy is die wegvoerder-van-gedoemdes-na-die-onderwêreld deurdat hy o.m. met die vername Oud-Germaanse god Wodan geïdentifiseer word.(17) Wodan word inderdaad selfs as die hoofgod van die Oud-Germane beskou. Oorspronklik was hy waarskynlik 'n stormdemon, 'n windgod. Dan word hy die heer-van-lewe-en-dood: "Als Gott der Toten, besonders der gewaltsam Getöteten ... wird er bald oberster Herr über Leben und Tod." Hy is beskermgod van oorlog, meester van die geneeskunde en die ou runewysheid: "Er weiss heilende Zauberspruche, z.B. im angelsächsischen Neunkräutersagen."(18) Die noodvuur word ter wille van hom aangesteek.

Die term noodvuur hang saam met die Oud-Hoogduitse *nûan:* stukkend vryf. "Immers, het werd ontstoken doordat men een stuk hout in de opening van een ander of van een wagenrad stak en zoolang draaide, tot het hout vuur vatte. Het voedsel voor het nieuwe vuur, hout en stroo, moest door alle leden der gemeente worden meegebracht. Brandde het vuur, dan moesten menschen en vee daar driemaal doorheen loopen. Na afloop nam ieder een verkoold stuk hout mee naar huis: het was een voorbehoedmiddel tegen besmettelijke ziekte onder menschen en vee ... Dit noodvuur had het karakter van een zoenoffer aan de hoogere machten, het was een reinigings- (en dus vruchtbaarheids-) vuur, dan ook een offervuur aan de verpersoonlijkte vegetatie- en vruchtbaarheidsgoden, wellicht met name aan Wôdan als zonnegod, wiens symbool het rad, het zonnerad, was ... Oorspronkelijk stonden deze vuren met geen bepaalden tijd van het jaar in verband en werden ontstoken, telkens als men de godheid iets te vragen had of ook haar dank wilde brengen."(19)

Wodan staan sentraal in die so belangrike Oud-Germaanse midwinterfees, die sg. joeltyd, wat later in die Christelike Kersvierings opgeneem is. "Het *Joelfeest* ..., ontegenzeglijk het hoogste feest der Germanen, viel in de tweede helft van December en in de eerste van Januari. Dit word het tijdperk der 'Twaalf Nachten' genoemd." Etimologies beteken joelfees waarskynlik die towerryke, die vrolike, en dit is deur groot uitbundigheid gekenmerk weens die genieting van die offergawes aan die siele van die afgestorwenes en aan gode soos Wodan, en ook weens die twee groot slagtye wat daarmee saamgeval het.(20) "Het was de heiligste tijd van het jaar. Dromsgewijze joelden en raasden de geesten door het luchtruim, door hun befaamden voorrijder [Wodan] aangevoerd;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lotsvoorspelling, droomverklaring en tooverij vierden hoogtij; heel de geestenwereld: heksen, weerwolven, elfen, dwergen, waren los; men dronk de *minne*, d.i. de gedachtenis der afgestorvenen; men stelde de geesten onder allerlei vermommingen voor, die thans nog in min of meer gekerstenden vorm voortbestaan. Geofferd werd gedurende dit tijdperk aan de geesten en aan Wôdan, in zijne hoedanigheid van god der vrucht= baarheid, ter wille van de vruchtbaarheid der akkers."(21)

Dit kring verder uit. In hierdie tyd bring die mens gawes uit dank= baarheid vir die oes wat ingesamel is en sien vooruit na nog 'n tyd van vrugbaarheid wanneer die dae van sneeu en winterdoodsheid verbygegaan het. "Zoo vindt men in dit Joeltijdperk dan ook de meesten smuldagen en de meest verscheiden gebaksvormen; zoo worden dan in deze periode de kinderen op allerlei snuisterijen onthaald, voorgesteld als hemel= gaven, door de godheid verleend." Die godheid dra sy geskenke aan die mensdom oor wanneer hy deur die hemelruim ry: "*rijden* is gelijkwaardig met 'geschenken geven', door welke synonimie het verband tusschen 'wind' (rijden door het lucht) en 'vruchtbaarheid' in een helder daglicht treedt".(22)

Veral nâ die kerstening van die Oud-Germane wanneer hul godhede ontluis= ter en as beliggaming van die bose voorgestel word, vind ons die verskyn= sel dat vername Christenleiers die plek van Wodan as aanvoerder van die Wilde Jaagtog oorneem: "in Engeland koning Arthur, in Skandinavië koning Waldemar, in Sleeswijk koning Abel. Frankrijk heeft de Ger= maansche voorstelling overgenomen en op Karel den Grooten en Karel V toegepast; volgens een Bourgondisch gedicht uit de XVIIe eeuw rijdt Charlemagne aan de spits van het geestenheir, terwijl Roland het vaan= del draagt."(23)

Ook kerkheiliges kom in die plek van die Wilde Jaer, die Wilde Jaer wat o.m. skoene en laarse met goud vul.(24) Dit is dus nie vreemd dat Sint Nikolaas, of Sinterklaas, in hierdie rol gesien word nie; hy ry deur die skoorsteen. "En inderdaad, de schoorsteen is de koker der geestenwereld, de verbindingsweg tusschen de hoogere wezens en de gewo= ne stervelingen, - de ruime, ouderwetsche schoorsteen boven den oor= spronkelijk vrijliggend haard, de aloude offerstede ... Is het wonder, dat de schoorsteen een groote rol in de tooverwereld speelt? ... Dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toovermiddelen bij voorkeur in den schoorsteen worden opgehangen? ... Vooral de huisgeesten dalen door den schoorsteen tot den huiselijken haard af."(25)

Soms word ander algemene figure wat met die Christendom geen verband hou nie, in die plek van Wodan as aanvoerder gestel, bv. in Duitsland die "Nachtjäger" of "Schimmelreiter", of na gelang van sy kleding: "Blauhütel, Breithut, Hackelbernt" (d.i., die manteldraer).(26)

Die gode word egter nie net deur ander figure verdring nie. Hulle word inderdaad as duiwels voorgestel. Nou is die aanvoerder van die Wilde Jaagtog nie meer die vrugbaarmaker wat vereer moet word nie; hy is die vreesaanjaende waarvoor die mens in sy pasoppens moet wees. Op Oukersaand, in dele van die Nederlande, "bergen de boeren alle gereed= schap op, omdat zij meenen, dat dit anders beschadigd wordt door *Derk met den Beer* - een soort voorrijder van de Wilde Jacht".(27) Hy word inderdaad aan die Duiwel self gelykgestel: "Aus dem Gott, der im Sturm sein Opfer dahinnahm, ist ein höllischer Jäger mit Zügen des Teufels ge= worden. So wurde auch sein Heer, das ursprünglich aus Hingerichteten und Schlachttoten bestand, in christlicher Ausdeutung zu Ketzern, Hexen und Zauberern oder zu ungetauft Verstorbenen."(28) Daar is sprake van die "Helsche Jacht" of "Helsche Wagel" wat verbyjaag, begelei deur won= derskone musiek of 'n groot geraas, "maar als men sclechts een woord spreekt, houdt ze op. Naar men weet, verbreekt de menschelijke stem in het volksgeloof den ban van de geestenwereld, van het bovennatuur= lijke: vandaar, dat volkstrekt stilzwijgen gevorderd wordt bij het schatgraven, waterscheppen, outijds bij het offeren enz."(29)

Daar is nog 'n laaste aspek wat genoem moet word: "Somtijds ... is van een aanvoerder volstrekt geen sprake, en dan openbaart zich de volks= mythe in haar ruimsten, wellicht ook in haar oudsten vorm."(30) Daar= mee is ons vermoedelik terug in die tyd van die animistiese oerkragte voordat die gode gekom het.

(b) *Die Wilde Jagter.* Dit vorm deel van die Metusalag-motief waar= by die sages van die Vlieënde Hollander en die Wandelende Jood aansluit, d.i. "de sage van een vervloekten jager ... die wegens het schenden van den Zondag gedoemd werd, met zijn honden achter zich, door het luchtruim

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te jagen tot den jongsten dag".[31] Waar die vertelling so regstreeks op Sabbatsontheiliging betrekking het, word dit natuurlik eerder 'n Christelike mite. Ander verklarings word gegee, soos in 'n vertelling uit Vlaandere, maar steeds het dit met 'n vervloeking te make: "Te Melsele, in de Winningen, stond vroeger een kasteel. Daar woonde een weduwe met haar zoon. Maar de zoon gedraeg zich uiterst slecht en deed niets anders dan jagen. Toen zijn moeder op sterven lag, was hij weer op jacht en wilde hij niet bij haar sterfbed komen. Daarom ver= vloekte hem zijn moeder en ze verwenschte hem, om eeuwig te blijven jagen. Sindsdien is de ongelukkige altijd op jacht in de Winningen, en als het slecht weder is, hoort men hem daar loopen en roepen en op zijn hond fluiten."[32]

Soms tree die Wilde Jager as kwelgees op, bv. in Brabant: "Twee boeren kwamen des avonds laat door den Zoniënbosch; de ëen was gansch bedronken, de andere was al nuchter. In eens hoorden zij, van verre, zweepgeklap en hondegebas en peerdegetrappel. 'God bescherm ons, de wilde jager!' riep de eene boer. Maar de dronkaard lachte en sprak: 'Ik zou wel willen weten wat de drommel jaagt.' En hij riep dan met luide stem: 'He daar, Heer jager, geef mij toch ook iet van uwe vangst.' Maar de vrome boer, de andere, maakte een kruis, en ze gingen dan verder en kwamen thuis. Des anderendaags, in den morgen, wilde de vrouw van den dronkaard buiten water halen. Maar als zij de deur opendeed, vond zij een achterkwartier van eenen os, die vóor meer dan eene maand in het dorp was geborsten en op een open plaats van den bosch als aas was ge= worpen. En dat stonk schrikkelijk en was vol maden en wormen."[33]

Laastens is die Wilde Jager die jagter van mense, veral vroue. Die hoofelemente van die vertellings hieromtrent is 'n manlike jagter, 'n vrou (of vroue) wat agtervolg word, en 'n volksmens wat die toneel aanskou; uiteindelik word die vrou(e) deur die jagter dwars voor hom oor die pad gegooi en weggevoer.[34] 'n Voorbeeld van hierdie soort vertelling lui soos volg: Daar was eenmaal 'n koeiwagter in die veld by sy trop toe drie vroue aangehardloop kom en hom vra om hulle te ver= steek. Hy meen dat hulle 'n misdaad gepleeg het en weier. Daarop vlug die vroue verder. "Es dauerte gar nicht lange, so kam ein Reiter, gefolgt von schwarzen Hunden, daher gesprengt und fragte, ob er nicht drei Frauen gesehen habe. Weil er in dem Reiter denjenigen vermutete,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

welcher von den Weibern geschädigt wäre, gab der Hirt über alles genaue Auskunft und wies auch die Richtung an, in der die Flüchtlinge geflohen waren. Sofort verfolgte der fremde Mann diese Spur und war bald den Blicken des Kuhhirten entschwunden. Nach Verlauf einiger Stunden kehrte er jedoch wieder zurück, ihm weit voraus liefen seine Hunde und spragen freudig wedelnd und bellend an dem Knechte empor. Da bemerkte dieser zu seinem Schrecken, dass den Tieren das Feuer bei jedem Laute aus dem Halse fuhr und dass sie auch den Hirtenhund wie einen ihresgleichen mit der Schnauze beschnupperten, dennoch nicht gewöhnliche Hunde sein konnten. Noch mehr aber entsezte er sich, als der Reiter jetzt vor ihm anhielt und er die drei Frauen, an den Haaren zusammengekoppelt, tot über der Mähne des Pferdes hängen sah."(35)

In 'n indringende studie bring Lutz Rörich interessante feite na vore:

(a) Die sage van die Wilde Jagter, wat wyd in Wes-Europa bekend is en reeds eeue lank vertel word, wissel wat karakters betref van streek tot streek en van tydvak tot tydvak, maar die grondliggende tema bly dieselfde.(36)

(b) Die agtervolgde vrou (of gewoonlik vroue) word aan die een kant, onder Christelike invloed, soms voorgestel as 'n mens of verlore siel wat sy straf moet ontvang, of vind aan die ander kant by die ou veelgodedom of nog ouer kragsgelowe aansluiting en word 'n mitologiese of demoniese wese.(37)

(c) Die Wilde Jagter kan die Duiwel wees, of die naam van die Oud-Germaanse god Wodan of een of ander historiese persoonlikheid of demoniese wese word daaraan verbind.(38) Die Wilde Jagter word soms selfs die Primitiese Man.(39) Vroueagtervolging met die oog op 'n "huwelik-sluiting", wat so belangrik is vir die voortbestaan van die stam, is 'n bekende verskynsel in primitiewe kulture. Tog misluk die Primitiewe Man, die Wilde Jagter, se poging in hierdie geval, want die vrou, die gejaagde, word gedood. Wat Rörich nie noem nie, is dat Diana, godin van die bos, wildediere en vrugbaarheid, in sommige gevalle ook as die Wilde Jagter optree. Soms word Diana as 'n driekoppige wese voorgestel, wat volgens sommige kommentators betrekking het op die drie grondliggende drange van die mens: bewaring, voortplanting en geestelike evolusie.(40)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waarskynlik het ons hier met die kern van die sage omtrent die Wilde Jagter te make: vrugbaarheid en voortplanting as 'n voortsetting van lewe, en die jag self as uitdelging daarvan. Soos Andreas Lommel dit stel: "The hunter's entire mode of thought, as well as his art, is dominated by animals, which he sees as equal or even superior to himself ... The hunter's effort to subordinate himself to his natural environ= ment is disturbed by the need to kill."(41) Dit lyk dus na 'n geval van 'n soort selfpyniging, 'n boetedoening, by die mens - iets wat so dikwels in die geskiedenis voorkom. Die Jagter dood nie net die dier en verbreek so sy kringloop van voortplanting nie, maar hy dood ook die vrou en verbreek die mens se eie kringloop. Dis asof die mens vir die dier wil sê: "Ek verwoes nie net vir jou nie, maar myself ook; dit is my lot." Boewendien gee hy die dier die geleentheid om hom te wreek in die gedaantes van die perd waarop hy ry en die jaghonde by hom. Die sage van die Wilde Jagter is 'n openbaring van die mens se diepste we= se, van sy behoeftes en vrese en verlangens. Maar dit gaan ook verder. Deurdat die toneel homself oor en oor herhaal, word daar 'n soort tyd= loosheid aan die karakters verleen en kom dit nooit tot die werklike fi= naliteit van die dood nie. Die vrou (vroue) sterf, maar sterf tog nie finaal nie, want môre vlug en sterf sy weer. En, sê Lommel, een van die mens se grootste vroeë intellektuele prestasies was sy poging om die skuldelas oor die jag van diere van hom af te werp: "He finds a way of thinking death out of existence, and invents the concept of the immortal soul and of eternal life."(42) Dit alles toon weer eens hoe 'n uiters belangrike plek die volksvertelling in die mens se hele gees= telike opset inneem.

8.3.4 Watergeeste

Water is 'n skepper en onderhouer van lewe, maar ook 'n uitwisser daar= van. "Water, in short, symbolize the universal congress of potentia= lities, ... which precedes all form and all creation. Immersion in water signifies a return to the preformal state, with a sense of death and annihilation on the one hand, but of rebirth and regeneration on the other, since immersion intensifies the life-force."(43) Water slaan 'n brug tussen lewe en dood: "Water word voorgestel in die vorm van die rivier van die dood waaroorheen gestorwenes na die hiernamaals vaar. Water is 'n reiniger, word aldus simbolies by die doop gebruik,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en kan ook nie deur spookverskynsels besoedel word nie, want hulle mag nie daarin loop nie."[44]

In Nederland, die waterland, is watergeeste skaars;[45] in Duitsland is hulle volop: watermans, watervroue (bv. meerminne), waterfeë, water=hekse, waterkalwers, waterhonde, en nog veel meer.[46] Opvallend is die afwesigheid hier net soos in Nederland, van waterslange. Trou=ens, die waterslang wat in die Afrikaanse (en in dié van inheemse Suid-Afrikaanse volksgroepe soos die Boesmans en swartmense) volksgeloof so 'n belangrike rol speel, is elders in die wêreld blykbaar feitlik onbe=kend. Dit kom nie voor in Erich en Beitl se gesaghebbende *Wörterbuch der deutschen Volkskunde* nie. In 'n goeie naslaanwerk soos die *Stan=dard dictionary of folklore, mythology and legend* onder redaksie van Maria Leach, wat die volkskunde van feitlik die hele wêreld (met die op=vallende uitsondering van Suid-Afrika) betrek, word net verwys na die waterslang i.v.m. die gelowe van die Amerikaanse Indiane.[47] Dit is eweneens die geval met die *Encyclopedia of world mythology*.[48] Ook Cirlot se omvattende werk, *A dictionary of symbols*, verswyg die water=slang; met watermense is dit anders gesteld. In die Oud-Babiloniese mitologie kom 'n vismens voor: "Oannes, the mythical being who brings culture to mankind, is portrayed as half man and half fish", want die water is "the home of wisdom".[49] In die Duitse taalgebied is die waterman die bekendste watergees.[50] Die verhale van watervroue wat met mense trou, is vandag eerder legendes as sages en sal dáár behandel word.

8.3.5 Aardgeeste

Die aarde, hoewel 'n passiewe element, word steeds as die vrugbare, die moeder-van-almal, gesien: "Die Erde als Hüterin geheime Schätze, vor allem als Spenderin von Kraft und Nahrung für Pflanzen, Tier und Mensch ist in vielen Völkern den Glauben an eine fast immer mütterlich gedach=te Gottheit der Erde geweckt ... Auch wo sie nicht personifiziert wird, lebt im Glauben die Vorstellung von magischer Kraftspendung der Erde."[51] Slange is van die vernaamste geeste wat diep in die skoot van die aarde woon, en hieronder is dit die huisslang wat die sterkste invloed op die sage in Afrikaans uitgeoefen het. Hierdie huisslang is 'n huisgees wat nie gedood mag word nie, of anders sal dit ongeluk bring. Die sage is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyd in Duitsland bekend: "Im deutschen Gebiet ist die Hausschlange oder Hausotter (Hausnadder) ... in vielen Sagen und Märchen der glückbringen= de Hausgeist, den man mit Milch füttert und nicht töten darf."(52)

8.4.0 Spookgedaantes

Die geloof aan spoke lei tot talle sages in ons stamlande.(53) Tog, hoewel kommentators dit nie so duidelik stel nie, word in die opgetekende voorbeelde 'n onderskeid gemaak tussen bose geeste en die terugkerende dode (die bekende Duitse *Wiedergänger*). 'n Interessante bron hier is Tubach se *Index exemplorum*,(54) alles Middeleeuse voorbeelde. Aan die een kant is daar vertellings omtrent spoke ("ghosts") wat klaarblyklik bose geeste is, hulle wat onheil bring, en waarvan net vyf gevalle voor= kom. Aan die ander kant word vertel van die terugkerende dode ("return of the dead"), een van die grootste onderafdelings in die versameling, met 178 inskrywings. Hier volg 'n klompie tipiese voorbeelde, telkens met die Tubach-nommer daarby.

Ghost of dead child. The ghost of a dead child tries to tempt her mother to suicide until a lock of the daed child's hair is burned.

Tu 2276.

Ghost of woman above tomb. A woman's ghost appears above her tomb in a Dominican church and foretells the death of one of the brothers.

Tu 2277.

Ghost: Plague as punishment. A ghost who had been mocked, sent the plague as punishment.

Tu 3817.

Ghost: Pompey haunted by first wife's ghost.

Tu 3838.

Return of the dead: Afterlife affirmed. A monk who did not believe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in an afterlife changed his mind when the soul of the prior to whom he had just given last rites appeared to him, followed by Christ, the Vir= gin and the saints.

Tu 73.

Return of the dead: Bailiff and wife appear after death. The king's bailiff and his wife appear after death to their son, the wife in bliss and the bailiff damned.

Tu 451.

Return of the dead: Bond claimed at funeral. At a funeral a bond for ten pounds is produced against the deceased and payment is claimed. The widow declares that her husband paid it without a witness. At the bidding of the bishop, the corpse sits up, declares the debt paid, and tears up the bond.

Tu 726.

Return of the dead: Eternal drinking. A dead knight, who had been addicted to drinking, appeared to his daughter after thirty days, as promised, holding a cup filled with pitch and brimstone from which he had to eternally drink.

Tu 1795.

Return of the dead: Miser weeps at death. A miser weeps on his death= bed. After his burial the priest hears him bewailing his fate; he is weeping not for his sins but because of his wife who may remarry and squander his property.

Tu 3311.

Wanneer 'n mens probeer nagaan wat die oorsprong van die verskillende tipes spoksages is, vind jy dat die voorvereistes vir die ontstaan van sulke sages wel in die Oud-Griekse/Romeinse volksgeloof aanwesig was, daardie "dark primeval tangle of desires and fears and dreams", soos die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot Hellenis Gilbert Murray dit noem.[55] Verder: "Belief in harm= ful spirits, which is prevalent among primitive peoples, persisted among the peasantry of Greece and Italy."[56] Tog bestaan daar geen sterk tradisie van spookgedaantes (bose geeste of terugkerende dode) nie. In die Griekse en Romeinse volksgeloof "the dead remained imprisoned in the grave, or could not move far from it". Die Griekse onderwêreld waarheen die gestorwenes gegaan het, nl. Hades (wat "onsigbaar" beteken), was 'n duister, onaantreklike plek. "Here the dead flitted about fee= bly and squeaking like bats ... and lacking in any independent persona= lity. Still less distinct was the conception which the Italians had of afterlife: for them the *manes* were a collective mass rather than an aggregate of individuals."[57]

Wat van die Oud-Germane? Dit lyk na 'n vrugbare bron, want soos die volksverhaalvorser Friedrich Ranke aandui, moet die oorsprong van etlike latere Duitse sages moontlik in die Oud-Germaanse tyd gesoek word: "Wir halten es zwar für durchaus nicht unmöglich, dass unter den deutschen Volkssagen die eine oder andere aus einer sehr weit zurückliegenden Zeit, noch aus dem deutschen Heidentum, stamme."[58] Wat hier van die Duitse stroming gesê word, geld ook vir ons ander Germaanse stamlande.

By die Oud-Germane vind ons baie duidelik 'n tradisie van werklike bose spookgedaantes. In 'n weergawe van Oud-Germaanse mitologiese vertel= lings saamgestel uit die oudste geskrewe bronne, word twee maal ver= wys na Thor, die dondergod, wat na die ooste gaan om "hekse en spookge= spuis" dood te slaan.[59] Toe die skone Gerda weier om met die god Frey te trou, word sy gedreig dat "spoke en kabouters" haar sal kwel.[60]

Dit is egter in die ou Nordiese saga omtrent Grettir die Sterke dat die volle geweld van hierdie spookgedaantes die duidelikste blyk. Op die plaas van Thorhall spook dit gevaarlik, en hy sukkel om 'n skaapwagter in die hande te kry totdat Glām by hom kom werk - "'n groot, sterk man, met 'n gesig wat jou snaaks laat voel het as hy na jou kyk: groot grys oë, en vaal hare soos dié van 'n wolf. Hy het nooit kerk toe gegaan nie, en was eiesinnig en onvriendelik."[61] Die nag voor die jaarlik= se joelfees raak Glām met die spook slaags. Toe die mense die volgen= de oggend na hom gaan soek, kry hulle eers die spoor van die spookge= daante. "Dit het vir hulle gelyk of daar 'n groot worsteling plaasge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vind het, want 'n hele ent ver was die klippe en die aarde omgeploeg. Digby het Glám dood gelê, pikswart en opgeblaas soos 'n bees." Daar= vandaan volg hulle die reusespoor van die spookgedaante nog verder. "Op die spoor was daar baie bloeddruppels. Hulle het tot die gevolg= trekking gekom dat die bose wese wat vroeër daar gespook het, vir Glám doodgemaak het, maar dat Glám hom wonde toegedien het wat hom vergoed onskadelik gemaak het, want hulle het die spook na die tyd nooit weer gewaar nie."(62)

Nou begin Glám egter spook. "Hy het die hele dal onveilig gemaak. Som= mige mense wat hom gesien het, het bewusteloos geword en ander het van hul sinne geraak. Kort na die Joelfees het mense gemeen dat hulle hom op die werf sien rondloop. Baie het weggetrek. Daarna het hy snags oor die dakke gedwaal en so die huise verwoes. Toe het hy byna dag en nag gespook."(63) Die held Grettir kom op sy omswerwinge by die plaas uit. Hy besluit om Glám se spook te beveg, en een nag raak hulle hand= gemeen. Grettir spring "onder sy arms in, gryp hom om die middel en klem sy rug so vas as hy kan. Hy het verwag dat Glám agteroor sou swik, maar die spook knel Grettir se hande so styf dat hy onder die krag daarvan wankel ... Nou volg daar 'n vreeslike worsteling, want die spook wou hom heeltemal uit die huis uit trek, terwyl Grettir insien dat, hoe swaar dit ook al was om met Glám binne-in die gebou te veg, dit baie moeiliker sou wees om met hom buite te worstel." Dan steier Glám agteroor "en hy val by die deur uit, sodat sy skouers die kosyn saamsleep en die dak - sowel die latwerk as die hardveryste bedekking - intuimel. So val hy halsoorkop agteroor die huis uit met Grettir bo-op hom." Op die ou end trek Grettir sy swaard uit, kap Glám se kop af "en knyp dit vas tus= sen sy bene om te belet dat die stukke hulle weer aanmekaar heg". Die eienaar van die plaas kom na buite. Hy bedank Grettir hartlik "omdat hy die onreine gees oorwin het. Hulle gaan toe en verbrand Glám tot koue as. Daarna gooi hulle sy as in 'n velsak en begrawe dit diep, so ver as moontlik verwyderd van waar diere wei of mense woon."(64)

Die Vastelandse tradisie is later by die Afrikaner grootliks deur Engelse invloed versterk. Soos iemand eenmaal gesê het: daar is meer spoke per vierkante myl in Engeland as op enige ander plek ter wêreld. So kla 'n briefskrywer dan ook in 'n Suid-Afrikaanse tydskrif van 1906: "De Engelsche literatuur onzer dagen versterkt de menschen in hun geloof aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spokerij en allerlei geestverschijningen. Vooral de Kerstmisnommers van verscheidene Engelsche tijdschriften zijn vol van spook geschiedenissen en dergelijke zotheden."(65)

8.5.0 Voorbodes

Voortekens wat veral op 'n komende sterfgeval sou dui, is wyd bekend: "Das grosste Ausmass und die Zahlreichsten Formen hat der Glaube an Vorzeichen angesichts des ungewissen und gefürchteten Todes."(66) Die tekens kan betrekking hê op voorvalle en vreemde geluide by 'n begraf= nis, die gelui van kerkklokke, die stand van die sterre, die gedrag van uile, honde, perde en ander sielsdiere, en nog veel meer.(67) Dikwels is hierdie tekens veral sigbaar vir iemand wat met die helm gebore is. Hierdie helm (Engels *caul*) is gewoonlik "a covering or membrane; speci= fically, the membrane sometimes enveloping the head and face of a newly born child".(68) Hoewel voorbodes so 'n vername plek in die volksgeloof inneem, lei dit selde of ooit tot 'n volwaardige sage. Die hele opset bly gewoonlik enkelvoudig en eenselwig: iemand sien 'n teken, en dan sterf iemand.

8.6.0 Towenaars en hekse

Met toorkunste wil die mens in die eerste instansie die bonatuurlike dwing of oorhaal om hom te help, wil hy die natuurkragte beheer. Anders gestel: "im Unterschied zum Gebet, das die Erfüllung eines Wunsches in das Ermessen der höheren Macht stellt, gehen Zauberspruch und Zauberhand= lung von dem Elementargedanken aus, dass es möglich sei, auf die höhere Macht einen unmittelbaren Einfluss, eine Nötigung, ja einen Zwang ... auszuüben."(69)

In haar boeiende werk *Magic symbols of the world* gee die Engelse gesag= hebbende Pearl Binder 'n oortuigende uiteensetting hoekom die toorkuns so 'n houvas op die mens verkry het: "people lived precariously, their meagre crops threatened by pest, earthquake, drought and flood, and their lives undermined by pestilence and fear of witchcraft. Their life ex= pectation was brief and most of their children died young. It is not surprising, therefore, that their constant preoccupation was with se= curity and continuity ... They believed the universe to be orderly but menaced by destructive demons bent on disturbing the order and promoting

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

chaos, disease and death. The magic power that supports the sun in the sky, the magic power that causes the moon to wax and wane, the magic power that sends rain to swell the seeds, the magic power that multiplies the game and the magic power that enables man to procreate, all these are the magic powers of nature. This total magic power, in all its endless manifestations, had to be invoked, coaxed and propi= tiated."(70) Dit lei tot offerandes van kos, drank, juwele, mooi klere, die maak van musiek, danse, vleitaal en ook pynlike selfopof= ferings.(71)

Die mens gebruik die toorkuns egter nie net i.v.m. die natuurkragte nie, maar ook teen menslike vyande. Met dit alles in gedagte, maak die be= kende sir James Frazer 'n interessante indeling, wat soos volg saamgevat kan word: "Hy onderskei naamlik tussen homeopaat-towery en kontak-towe= ry, positiewe en negatiewe towerkuns, en ten slotte is daar ook nog swart en wit magie. By homeopaat-towery word die beeld van iets en dit wat afgebeeld word aan mekaar gelykgestel: word daar byvoorbeeld spelde in die afbeelding van iemand gesteek, sal hy pyn verduur, siek word of selfs sterf. By kontak-towery word die naelsnysels, hare, uitwerpsels, die naam en selfs miskien die voetspoor van iemand gebruik om 'n towermag oor hom uit te oefen omdat hierdie dinge in kontak met die slagoffer was en hy nog altyd gedeeltelik daarin teenwoordig sou wees. Positiewe tower= kuns probeer iets bereik; negatiewe towerkuns wil iets afweer. ('n Talisman werk positief, 'n amulet negatief.) Swart towerkuns is boos, maak van bose magte gebruik en veroorsaak verminkings, siekte, die dood; met wit towerkuns word goed gedoen, soos om mense van siektes te genees of boosdoeners aan die pen te laat ry."(72)

Hoewel die grondbeginsels van die towerkuns dus in ons Wes-Europese stamlande aanwesig is, het dit by die Afrikaner in 'n ander rigting ont= wikkel. Die vernaamste towersages in Europa staan in verband met hek= se, wat in die Afrikaanse volksgeloof feitlik totaal verdwyn het. By die Afrikaner is dit die towernaar, die toordokter, waarom alles draai. Soos Abel Coetzee dit saamvat: "Die ... gestalte in ons volksgeloof, wat gegroei het hoofsaaklik onder invloed van die nie-Europese bevolking, is die *toordokter* of *medisynman* of slams, - dink hier aan Skoorbek, Steenberg, e.a. Die Germaanse volksgeloof ken wel persone wat die kuns verstaan om iemand vas te set, wat van gedaante kan verander, die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toekoms kan dui, siektes kan bespreek of besweer, maar die toordokter in sy Afrikaanse gestalte doen nie-Germaans aan; die waarskynlikste verklaring is dat ons hier 'n vorming het waartoe die aanleiding, die neiging alreeds in kiem aanwesig was in ons erfskat, maar wat veral onder Oos-Indiese en ook Suid-Afrikaanse inlandse invloede uitgegroei het tot 'n gestalte wat, ten spyte van punte van ooreenkoms, op geen manier bestempel kan word as erfgoed nie."(73)

Heksery was een van die hoofelemente in die tradisionele Wes-Europese volksgelowe. Dit berus op Oud-Germaanse, Oud-Romeinse en Oosterse gelowe: "Die der Kräuter, der Wahrsagung, des Zaubers kundige Frau, auch in ihrem negativen Sinn als Schadenzauberin, kennt nach Sache und Namen auch das germanische Heidentum ... Romanisch-orientalischer Überlieferung ... enstammt der Glaube an Teufelsbuhlschaft und Hexensabbath."(74) Die tweede fase is die groot kerklike heksevervolgings van die Middeleeue. Die vername Duitse vorser Lily Weiser-Aall teken hierdie oorgang van volksgeloof na kerkdogma wanneer hy hekse omskryf as 'n "Sammelbegriff, der zum Teil auf altem volksmässigem Zauber- und Gespensterglauben beruht, in seiner besonderen Bedeutung als Grundlage des grossen Hexenverfolgungen und -prozesse durch die Theologie der mittelalterlichen Kirchen entwickelt wurde. Sein Inhalt wurde durch die kirchliche und staatliche Gesetzgebung festgestellt und zuerst durch die Ketzerinquisition zusammengefasst. Der neue Begriff war um 1480 fertig."(75) Op die ou end, nā die beëindiging van die heksevervolgings, word die kringloop voltooi en heksery in die volksgeloof gelykgestel aan swart magie: "Der Begriff Hexe ist später wieder und bis heute verallgemeint worden und bezeichnet fast jede Person, die magischen Schadenzauber verübt. Das Verbum hexen ist gleichbedeutend mit verleiden, berufen, verschreien, antun, verwünschen, verzaubern, usw."(76) In die wēreld van die volksvertelling in die algemeen en van die sprokie in die besonder is die beeld van 'n heks as bangmaakfiguur gevestig: "krumme Nase, triefende Augen, rotes Haar, Buckel, hagere Gestalt, Stock, Koptuch".(77)

Die Middeleeuse heksevervolgings moes 'n onuitwisbare merk op die gemoed van die Wes-Europese volksmens gelaat het. "It is estimated that five hundred thousand people were convicted of witchcraft and burned to death in Europe between the fifteenth and seventeenth centuries." Die mis-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dade wat hulle sou gepleeg het, was ooreenkomste met die Duiwel, lang reise op besemstokke, onwettige byeenkomste op heksesabbatte, aanbid= ding van die Duiwel en dat hulle hom onder die stert gesoen het, asook gemeenskap met inkubusse (manlike duiwels) en sukkubusse (vroulike dui= wels). "Other more mundane charges were often added: killing the neighbor's cow; causing hailstorms; ruining the crops; stealing and eating babies. But many a witch was executed for no crime other than flying through the air to attent a sabbath."(78)

In sy goed gedokumenteerde en besonder leesbare studie *Cows, pigs, wars and witches* kom Marvin Harris, 'n tydgenootlike Amerikaanse volkekun= dige, voorts tot besonder interessante gevolgtrekkings i.v.m. verskil= lende aspekte van heksery volgens Middeleeuse uitsprake. Eerstens be= handel hy die vraag hoekom hekse op besemstokke deur die lug sou ry. Hy meen dat die sg. hekse hul lywe met die een of ander bedwelmende salf ingesmeer het wat die liggaam deur die vel binnegedring, hulle in 'n diep slaap laat val en die hallusinasies geskep het dat hulle deur die lug vlieg en hulle aan allerhande buitensporighede oorgee. Wat die besemstokke in die besonder betref, haal hy die moderne vorser Michael Harner aan waar hy sê: "The use of the staff or broom was undoubtedly more than a symbolic Freudian act, serving as an applicator for the atropine-containing plant to the sensitive vaginal membranes, as well as providing the suggestion of riding on a steed, a typical illusion of the witches' ride to the sabbat."(79)

Die heksevervolgings, meen Harris, is in die eerste instansie deur die kerk en die wêreldlike heerserklas gebruik om militante sektariese groepe te onderdruk wat van die 13de tot die 17de eeu so volop was - groepe wat hulle ook ten sterkste teen die konsentrasie van rykdom in die hande van die kerk en adel verset het.(80) Die hoër stande ge= bruik die hekse as sondebokke om die gewone volksmense in bedwang te hou. "The principal result of the witch-hunt system (aside from charred bodies) was that the poor came to believe that they were being victimized by witches and devils instead of princes and popes. Did you roof leak, your cow abort, your oats wither, your wine go sour, your head ache, your baby die? It was a neighbor, the one who broke your fence, owed you money, or wanted your land - a neighbor turned witch. Did the price of bread go up, taxes soar, wages fall, jobs grow scarce? It

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was the work of the witches ... The practical significance of the witch mania therefore was that it shifted responsibility for the crisis of late medieval society from both Church and state to imaginary demons in human form."(81)

Die uitwerking op die volksgeloof en die volksvertelling was oneindig groot. Ontstellende verskynsels wat nie deur bose mense, d.i. hekse, veroorsaak is nie, is aan die Duiwel, die hoof van die hekse, toegedig. Vir eeue lank word iets soos goëlery bv. as duiwelskuns gesien. 'n He= le verskuiwing vind in die volksgeloof en volksvertelling plaas totdat dit nâ die 17de eeu en die staking van die vervolgings weer stadigaan ontheks word.

8.7.0 Goëlery e.a. gedaantewisseling

In verskeie lande word vandag met die Duitse term *poltergeists* (letter= lik: geraasspoke) na goëlery verwys, hoewel dit, eienaardig genoeg, blyk= baar nog nie die wêreld van die volkskundige binnegedring het nie. Die Duitsers Erich en Beitl behandel die verskynsel bv. volgens verskillende kenmerke, o.m. *Klöpfelnächte, klopfen, horchen* en *Holzwurm.*(82) Abel Coetzee wys daarop dat wat deur die Afrikaanse volksmens as goëlery be= skou word, in baie gevalle ooreenkom met gelowe omtrent die weerwolf en die nagmerrie in ons stamlande.(83)

'n Engelse kerkman wat jare lank daaroor navorsing gedoen het, Herbert Thurston ('n Roomse priester), omskryf dit soos volg: "A poltergeist is simply a racketing spirit, which in almost all cases remains invisible, but which manifests its presence by throwing things about, knocking fire= irons together and creating an uproar, in the course of which the human spectators are occasionally hit by flying objects, but as a rule suffer no serious harm."(84) Thurston verwys na die werk van mense wat geval= le van goëlery ondersoek het en verklaar dan dat klem gelê word op die afhanklikheid van sulke verskynsels van "the presence of some particular individual - usually a young person and often a child - who must be as= sumed to possess strange, if unconscious, mediumistic powers".(85)

Die Afrikaanse digter I.D. du Plessis, wat goëlverskynsels wêreldwyd nagegaan het, kom tot dié gevolgtrekking: "met 'n taamlike mate van sekerheid kan gesê word dat daar in alle lande en ten alle tye gebeur=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tenisse plaasvind wat 'vreemd' is en nie volgens bekende natuurwette verklaar kan word nie. Hierdie gebeurtenisse stem ook, wat die hoof= kenmerke betref, in alle lande met mekaar ooreen: voorwerpe (dikwels klippe) word rondgegooi; gewoonlik trek sulke voorwerpe nie reguit deur die lug nie, maar met 'n boog; soms is hulle warm as hulle opge= tel word; klopgeluide word gehoor; meubels en ander voorwerpe slaan aan brand; daar is 'n medium aanwesig; dikwels lyk dit of die gebeurte= nisse aan wraaksug of skuldontlading toegeskryf moet word; die gedrag van die mediums is taamlik eenders (slaperigheid, rusteloosheid); die aard van die geluide wat gehoor word, stem dikwels ooreen; dis selde dat iemand ernstig beseer word."(86)

Ook Thurston lewer kommentaar oor hoe volop gevalle van sg. goëlery dwarsoor die wêreld is: "The very wide range of alleged poltergeist phenomena has often been pointed out and cannot in fact be disputed. We hear of cases in Russia and in Finland, in Java and Sumatra, in In= dia and in China, as well as in every part of the American continent, in South Africa and in Mauritius; while, of course, in the better known parts of Europe hardly a week passes without some such story be= ing reported in provincial newspapers, though they are now too common to attract wide attention exept in a few rare instances."(87)

Wat die wesenlike betekenis van goëlgelowe is, word goed deur I.D. du Plessis saamgevat as hy sê: "Whatever the nature of magic may be, *be= lief* in it makes it an active and powerful force for good or evil ... Superstitious people accept the existence of magic without trying to prove it, just as sceptics tend to deny its existence without investi= gation. There are many people in both classes; but it is only the impartial observers who have the right to make a statement. Many of these are convinced that all poltergeist-phenomena are deceptions; but there are some who feel that when all the evidence has been sifted, cer= tain phenomena remain which cannot be explained in terms of known physi= cal laws."(88)

Opgetekende gevalle van goëlery gaan terug tot die 4de eeu n.C., maar wat die volksvertelling betref, lewer dit nie veel op nie en kom ge= woonlik nie by iets meer as 'n gespreksonderwerp uit nie, soos twee mo= derne Britse kommentators, Douglas Hill en Pat Williams, dit stel: "A

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

case that reportedly occurred in A.D. 355, at Bingen-am-Rhein, is said to be the oldest recorded example; it consisted of the familiar stone-throwing, rapping, and people being dumped out of bed - and it was not surprisingly explained as the work of the Devil. History reveals sporadic cases in every succeeding century, always on the same lines and usually with the same explanation. (One interesting variation appeared in Pembrokeshire, Wales, in about 1190: the stone-throwing poltergeist began to speak, and had a habit of relating in public some of the more embarrassing episodes of various citizens' lives.) No country has been free of them; and in the 1960's the poltergeist is just as ubiquitous and just as stereotyped."(89)

8.8.0 Ander

Daar bestaan nog vele aspekte van die volksgeloof in ons stamlande wat tot sages kon gelei het en wat in 'n verskeidenheid gevalle wel sages opgelewer het, maar in Afrikaans het dit meermale verdwyn.

Van die *legendariese diere* is veral die eenhoring en basilisk vir Afri= kaans van betekenis. Die eenhoring was reeds o.m. by die Oud-Grieke en Romeine bekend. Die Latynse skrywer Plinius vertel in die 1e eeu n.C. dat die Indiërs jag maak op die eenhoring "wat die kop het van 'n hert, die voet van 'n olifant, en die stert van 'n wildevark, terwyl die res van sy lyf soos dié van 'n perd is; hy maak 'n diep loeigeluid en het 'n enkele swart horing, wat in die middel van sy voorkop uitstaan en twee el lank is".(90) Baie bekend was die geloof dat 'n eenhoring sy hoof in die skoot van 'n kuise maagd gaan neerlê en aan die slaap raak, en op dié manier kon jagters hom in die hande kry. Drinkbekers gemaak van die horings van dié diere was sterk in aanvraag (waarskynlik is die horings van renosters gebruik) omdat vergiftigde drank wat daarin gegooi is, sou opskuim en die eienaar van die beker dus daarteen waarsku.(91)

Die naam van die basilisk kom van die Oud-Grieks *basiliskos*, wat "klein koninkie" beteken. Plinius, na wie hierbo verwys is, vertel dat die basilisk in Noord-Afrika voorkom en omtrent twaalf vingers lank is. Die dier het glo 'n wit vlek op sy kop wat baie na 'n kroon lyk, en vandaar waarskynlik sy naam. As die basilisk iemand aankyk, val hy dood neer. Ander gelowe omtrent die basilisk (ook aan die Afrikaanse volksmens be=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kend), is o.m. dat dié adderagtige wesentjie uit die doorlose klein eiertjie broei wat hoenderhane lê, dat hy gewoonlik in ou murasies of kelders wegkruip, en dat sy dodelike blik geneutraliseer kan word deur 'n spieël voor jou te hou sodat hy homself doodkyk. As hy 'n mens eerste sien, sterf die mens; sien die mens hom eerste, sterf hy.(92)

Gestaltes in ons stamlandse volksgeloof wat tot talle vertellings aan= leiding gegee het, maar in Afrikaans feitlik nie bestaan nie, is *drake, reuse en die kleinvolk* (elwe, dwerge, kabouters en feetjies).

Die draak (die term beteken letterlik: die skerpsiende) kan omskryf word as "'n mitiese of fabelagtige ondier van uiteenlopende vorm in die vertellings en voorstellings van die meeste kultuurvolke, maar gewoonlik voorgestel as 'n monsteragtige, geskubde, dikwels vuurspuwende slang of akkedis, met vlerke soos van 'n vlermuis, 'n kam, groot kloue, vurige oë, 'n puntige stert en tong en giftige asem, wat op land of in die wa= ter woon en as skatbewaarder of as landverwoester optree".(93) Veral bekend is die verhaalmotief waar die heldin uit die kloue van 'n draak verlos moet word.(94)

Die reuse is "verpersoonlijking der bandeloose elementen, der ruwe na= tuurkrachten ... Nu eens vertegenwoordigen zij den winter, dan weer den nacht of den stormwind. Zoo ver de mensch in lichaamskracht boven den dwerg of kabouter staat, zoo ver blijft hij beneden de plompe domme= kracht van den reus."(95) Daar bestaan 'n verskeidenheid sages waar= volgens sekere berge en riviere die maaksels van reuse sou wees.(96) Tog is reuse nie so volop in ons stamlandse volksgelowe nie: "Es ist mehrfach bemerkt worden, dass die Riesen im Volksglauben eine verhält= nismässig geringe Rolle spielen. Jedenfalls werden sie viel seltener genaant als Elfen, Zwerge und andere Naturgeister."(97)

Die elwe, "de lievelingen der volksfantasie en der dichtkuns, zijn zielen der afgestorvenen, zijn dus van animistischen oorsprong in engeren zin. Troepsgewijze wonen zij bij elkaar, niet slechts in de bergen, maar ook in bosschen en rivieren ... In onze Middelnederlandsche letterkunde zijn zij uitermate bekend, maar slechts in de ongunstige beteekenis van kwel= geesten of bedrieglijke schijnbeelden."(98)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die dwerge of aardmannetjies behoort ook tot die elffamilie. "In de volksfantasie leven of leefden zij voort als oude mannetjes, klein van gestalte, met langen, grijzen baard en in het grijzen gekleed: immers, evenals alle elfen ontleenen zij het kostuum aan hun omgeving. Zij hui= sen in de bergen en wellicht wijst de kap, waardoor zij zich onzichtbaar kunnen maken, op den nevel, die de bergen aan het oog onttrekt. Over= dag korten zij den tijd met spel en zang in hun ondergrondsch verblijf; het is een jolig, snaaksch, doch tevens listig, sluw, bedreven volkje ... Te Venloo vertelde men vroeger, dat de aardmannetjes te middernacht op het fort Beerendonk uit den grond kwamen en dansten. Want slechts des nachts wagen zij zich buiten, zij schuwen het daglicht ... Over het algemeen zijn zij hulpvaardig en dankbaar voor bewezen diesten ... Nog weet men rond Hasselt te verhalen, dat huisvrouwen en meiden potten en pannen naar een bepaalde plaats brachten, en daar ter vergoeding eenige centimes en een zakje tabak neerlegden: want ook zij rookten uit kleine, typische pijpjes."(99)

Ten slotte noem ek die kabouter. "Zij zijn aan het huis gebonden en vertoeven meestal in de daksparren. Hulpvaardig staan zij den boer in het poegen van het land, den molenaar, den timmerman enz. in al hun be= zigheden ter zijde ... Veelal werd ter vergelding voor de goede bewezen diensten een weerge[illegible] Dit bestond in een schoteltje met melk."(100)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. De Cock en Teirlinck: *Brabantsch sagenboek* I, p.122.

2. De Cock en Teirlinck: *Brabantsch sagenboek* I, p.182.

3. Alphons de Cock: *Vlaamsche sagen uit den volksmond*, p.101.

4. Alphons de Cock: *Vlaamsche sagen uit den volksmond*, p.113.

5. J.R.W. Sinninghe: *Utrechtsch sagenboek*, p.203.

6. J.R.W. Sinninghe: *Utrechtsch sagenboek*. p.191-192.

7. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.163-164.

8. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.105-106.

9. Daniels en Stevans (red.): *Encyclopaedia of superstitions* II, p.946-947.

10. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.203.

11. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.6.

12. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.373.

13. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mytho= logy and legend* II, p.1177.

14. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*.

15. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* (2 dele).

16. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.95-96.

17. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.96.

18. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.896.

19. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.129-130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

20. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.126.

21. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.126-127.

22. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.139-140.

23. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.96.

24. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.149.

25. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.149.

26. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.888.

27. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.157.

28. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.889; Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.123.

29. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.97.

30. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.96.

31. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.96.

32. Alphons de Cock: *Vlaamsche sagen uit den volksmond*, p.III.

33. De Cock en Teirlinck: *Brabantsch sagenboek* I, p.101.

34. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.399.

35. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.49.

36. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.406.

37. Lutz Rörich: *Erzählungen des späten Mittelalters* II, p.395 en 405.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

38. Lutz Förich: *Emblemen des späten Mittelalters* II, p.395 en 404.

39. Lutz Förich: *Emblemen des späten Mittelalters* II, p.405.

40. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.81.

41. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

42. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.17.

43. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.365.

44. P.W. Grobbelaar: Volksgeloof (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boere=wysheid*, p.12). Vgl. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.857.

45. Vgl. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.61-64; Jos Schrijnen: *Nederlandsche Volkskun=de* I, p.94-95.

46. Vgl. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.858-859.

47. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mytho=logy and legend* II, p.1167.

48. *Encyclopedia of world mythology.*

49. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.365.

50. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.858.

51. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.171.

52. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.671.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

53. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.887; Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.108.

54. Frederic C. Tubach: *Index exemplorum – A handbook of medieval religious tales* (F.F. Communications, nr. 204.)

55. Gilbert Murray: *Five stages of Greek religion*, p.13.

56. Cary er Haarhoff: *Life and thought in the Greek and Roman world*, p.303.

57. Cary en Haarhoff: *Life and thought in the Greek and Roman world*, p.331.

58. Friedrich Rancke: Sage (John Meir, red.: *Deutsche Volkskunde*, p.200).

59. Dr. S.J. du Toit: *Kinders van die noorderlig*, p.42 en 97.

60. Dr. S.J. du Toit: *Kinders van die noorderlig*, p.56.

61. Dr. S.J. du Toit: *Mense van die newels*, p.74.

62. Dr. S.J. du Toit: *Mense van die newels*, p.75.

63. Dr. S.J. du Toit: *Mense van die newels*, p.75.

64. Dr. S.J. du Toit. *Mense van die newels*, p.76-79; vgl. ook G. Dekker se volledige vertaling: *Grettir die Sterke*.

65. *De Goede Hoop*, Nov. 1906, p.99.

66. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen volkskunde*, p.846.

67. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen volkskunde*, p.846-847.

68. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* I, p.199.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

69. Erich en Beitl: *[illegible]*, p.[illegible].

70. Pearl Binder: *[illegible]*, p.8.

71. Pearl Binder: *[illegible]*, p.8.

72. P.W. Grobbelaar: Volksgeloof (P.W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boere=wysheid*, p.57-58). Vgl. sir James Frazer: *The golden bough*, p.11-12; Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, p.660-661.

73 Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.196-197.

74. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.328.

75. Soos aangehaal deur Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen volkskunde*, p.328.

76. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.328.

77. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.329.

78. Marvin Harris: *Cows, pigs, wars and witches*, p.207-208.

79. Marvin Harris: *Cows, pigs, wars and witches*, p.217-220.

80. Marvin Harris: *Cows, pigs, wars and witches*, p.225.

81. Marvin Harris: *Cows, pigs, wars and witches*, p.237-238.

82. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, inskrywings by verskillende terme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

83. Abel Coetzee: *[illegible]*, p.28.

84. Herbert Thurston: *[illegible]*, p.2.

85. Herbert Thurston: *[illegible]*, p.2.

86. I.D. du Plessis: *Afrikaanse [illegible]* I, p.78.

87. Herbert Thurston: *[illegible] poltergeists*, p.187.

88. I.D. du Plessis: *[illegible] of the South*, p.64.

89. Hill en Williams: *The supernatural*, p.85.

90. J.J. Smith: *[illegible] taalakker*, p.594.

91. J.J. Smith: *[illegible] taalakker*, p.595-596.

92. J.J. Smith: *[illegible] taalakker*, p.584.

93. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* II, inskrywing by *braak*.

94. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.139.

95. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkuskunde* I, p.111-112.

96. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.112-113.

97. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.639-640.

98. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.90.

99. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.92-93.

100. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.93-94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.0. AFRIKAANSE SAGES

9.1.0 Die vertellers

Sages, in die besonder spoorsages, was deur die jare van die heel gewildste vertellings in Afrikaans. Hieromtrent is die getuienis baie duidelik. 'n Nederlander wat jare lank as landmeter in die twee Boererepublieke werksaam was, K.J. de Kok, getuig oor toestande omstreeks 1860 en later: "Sometimes ghost stories formed the subject of conversation, and, as in most other countries, were frequently discussed by the young people."(1) In [illegible] van Februarie 1899 vertel 'n medewerker hoe hy een middag laat by ene oom Jan gaan kuier het. "Ons sit foor di deur te gesels. Ek het tefore nooit bang geworde om saans in di donker daarfandaan na myn woning toe te loop ni, dog noudat oom Jan al 'n hele ruk besig is om spookstoriis te fertel, begin ek naderhand bang te worde en wat so erg toeneem dat ek yndelik glad ni meer hoor wat oom Jan praat ni."(2)

F.Th. Schonken skryf kort nâ die Boereoorlog: "'Spookstories' vertellen vormt op gezellige bijeenkomsten een voorname bezigheid; bij honderden kan men ze verzamelen. De stof heeft zich na de verschrikkingen van den oorlog nog bela grijk vermeerderd. 'Het is vreeslik', schrijft mij mijn moeder, 'zoals het op sommige plaatsen in de Vrijstaat na de oorlog spookt'."(3) Omstreeks dieselfde tyd word in 'n tydskrif verklaar: "Voor ons, jongelui, is er haast geen gezelliger tijdverdrijf, dan 's avonds om de kachel, voor het flauw-flikkerend vuurtje, van onze ondervindingen in de spokenwereld te vertellen. Of we er die nacht rustiger om slapen of niet, dit komt er minder op aan. Hoe wilder, des te mooier ... Ja, mijn pa komt er vaak ook tussenin, en heeft dan van oom Jakob Coetser te vertellen. Ach, die arme oude man had van duizenden spoken en tien duizenden bittere ondervindingen rekenschap te geven."(4)

In die twintigerjare maak die redaktrise van die kinderafdeling in *Die Huisgenoot*, die skryfster M.E.R., 'n interessante stelling in verband met 'n wedstryd vir die beste spookstorie wat sy uitgeskryf het: "Dit is darem snaaks dat die vier beste stories ... almal van meisies kom. In my dae het die meisies ook altyd die grillerigste spookstories vertel; dit lyk of dit nog so is."(5) In 1940 onthou 'n leser van 'n ander Afrikaanse tydskrif: "As kind was dit een van ons baie aangenaam=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sie aanrtjie ... moeder of vader vir ons saans spoolsteries vertel. Sodat vader dikwels vertel uit die dae toe sy oie vader, my oupa, 'n seeportrser was."(6)

Die bruinmense speel 'n belangrike rol as sagevertellers. Omtrent 'n olifantjag wat vier jong vriende in 1884 onderneem het, getuig een van hulle later hoe hulle saans langs die wa gesit en rook het. "Follens gewoonte en ter tydkorting begin ou Fieland ter ons storiis tertel." Daar word in die besonder na stories oor "di swart mannetji" verwys - klaarblyklik tokkelossie.(7) Ds. W.J. Conradie (1857-1925) vertel van 'n bruin bediende, Slinger, na wie hy van sy jongdae af so graag ge= luister het: "Vooral ook munt hij uit in de wetenschap van plekken, waar de nare spoken zich erin verlustigen, een mens 'die dood op die lijf te ja'! Slinger kan alles zo naar het leven tekenen. Zijn kracht ligt daarin, dat hij letterlik gelooft wat hij vertelt. Hij weet wat hij zegt, en zijn woorden maken een onuitwisbare indruk op ons, als we nog jong zijn."(8) Die skrywer Boerneef (I.W. van der Merwe, 1897-1967) verbeeld so 'n bruin storieverteller, ou Gert Perdebek, wat hy op sy geboorteplaas in die Bokkeveld geken het: "ek het ... graag na die ou se vertellings geluister ... Dis kompleet of ek hom voor my sien. Ja, ek kan nou nog sien hoe hy gesig trek, hoe hy beduie en swaai met sy arms, hoe sy oë fonkel." Ou Gert was maar taamlik lelik, maar "op sy lelikste as hy met sy bangmaak-verhale aan die gang was". Sy lyf praat saam: "Ou Gert wys met sy hande hoe groot Joggem se oë gerek het. Amper so groot as twee diepborde. Dit was natuurlik gans-en-al te groot, maar dit was maar die ou se manier van vertel." Dan word die woordportret voltooi: "Ou Gert bly 'n rukkie stil, druk die twakkies in sy kortsteelpypie in, spuug 'n dun straaltjie tussen sy tande deur, loer onder sy slaphangende hoedrand na my toe en vertel verder."(9) Die invloed van bruin vertellers ook ten opsigte van an= der soorte sages word ten slotte deur iemand bevestig wat in die distrik Hopetown in die Karoo grootgeword het: "Slange was daar genoeg, al die soorte denkbaar, en die stories, bygelowe en vertellings waarmee ek op= gegroei het aangaande hulle, was legio. Baie het ons plaasvolk my wysgemaak, maar ten spyte daarvan het daardie verhale en andere 'n be= langrike rol in ons huislike kring gespeel."(10)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.2.9 Die geskiedenis van die sage in Afrikaans

Teoreties behoort dit heeltemal moontlik te wees om die ontstaandatums, van sommige sages altans, taamlik noukeurig vas te stel. Hier word veral na spooksages omtrent historiese karakters verwys. As 'n mens sy sterfdatum weet, dan weet jy mos ook wanneer die sage gangbaar ge= word het. So eenvoudig is dit egter nie. Dis 'n onbegonne taak om te bepaal hoe spoedig of hoe lank nâ iemand se oorlye 'n spooksage omtrent hom vir die eerste maal vertel is. Verder blyk sogenaamde feite omtrent die lewe van mense wat later die hoofkarakters van spooksages geword het, dikwels ook verdag te wees. Met hierdie beperkinge in gedagte, volg nou 'n oorsig van die vernaamste sages, sagefigure en sagemotiewe in Afrikaans.

9.2.1 Vuurgeeste

Die meeste vuurgeeste in Afrikaans kan in verband gebring word met voor= bodes en veral spookverskynsels. Dwaalligte in die veld of helder blou/wit ligte teen die kamermuur kan tekens van komende sterfgevalle wees.(11)

Die verband tussen vuur en spoke word duidelik aangedui deur die alge= meen bekende geloof dat wanneer 'n spook iemand klap, die brandmerke van die vyf vingers onuitwisbaar op die slagoffer bly. 'n Vuurgees in die gedaante van 'n dwaalgees is 'n swewende vuur wat by nadere onder= soek 'n hond blyk te wees wat 'n gloeiende kool in sy bek dra.(12) Ook die sg. motorspoke moet as vuurgeeste beskou word, soos bv. die ge= val op Pearston waarvan die digter Ernst van Heerden uit sy jongdae ont= hou. Dit het gelyk asof 'n motor met "vurige kopligte" die dorp in die nag uit die rigting van Graaff-Reinet nader, om dan eensklaps in die niet te verdwyn.(13) Soms raak 'n vuurgees so bekend dat hy selfs 'n naam kry, soos die spookhond Rotterdam met sy lang vuurtong.(14)

Partykeer word vuurgeeste wat 'n brand gestig het met die een of ander offerande gepaai, bv. brood of melk, voedsel van die geeste en gode. Wanneer 'n skuur vol graan aan die brand raak, word 'n brood daarin ge= gooi.(15) Brand deur die weerlig (die vuurgees in die gedaante van 'n weergees) gestig, moet met melk geblus word.(16)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.2.2 Luggeeste

Die wind word as 'n soort luggees beskou, want die dwarrelwind (stof=duiwel) wat oor 'n baba beweeg, kan sy asem uitsuig.(17) Wanneer 'n waterslang van die een watergat na die ander trek, neem hy die vorm van 'n luggees aan en beweeg in die gedaante van 'n groot dwarrel.(18) Ook spoke kan in 'n sekere opsig as luggeeste beskou word wanneer hulle nie loop nie, maar bo die grond sweef. Die belangrikste luggeeste is egter die Wilde Jaer en die Wilde Jagter, en dan is daar ook nog die interessante Gees-van-die-storm. Met hierdie luggeeste kom ons wat die Afrikaanse volksgeloof betref waarskynlik die heel naaste aan die Oud-Griekse/Romeinse en die Oud-Germaanse mitologie. Vir die Afrikaan=se volksmens bly die animistiese grondslag egter klaarblyklik die heel belangrikste, en daarom moet dit as sages beskou word.

(a) *Die Wilde Jaer (Wilde Jagter, Helhond).* In die Afrikaanse volksgeloof bestaan verskillende verskynsels en gestaltes wat met die Wilde Jaer of die Wilde Jaagtog in verband gebring kan word. Op etlike plekke in ons land word vertel van 'n koplose wit perd, met of sonder ruiter, wat in stormnagte oor die veld jaag: by Vrede, by Malmesbury en Clanwilliam, asook in Namakwaland.(19) By Kakamas en Potchefstroom is 'n perdekar of ossewa in die nag gehoor; getuies het vertel van die geklap van die sweep, hoe die voertuig by die hek stilgehou en weer ver=der getrek het, maar die volgende oggend was daar g'n enkele spoor nie.(20)

Nog meer spesifiek word die beskrywings. By Venterstad ry 'n vurige wa, bespan met vurige perde en begelei deur soldate, om die siele van afge=storwenes (veral bruinmense) te haal.(21) Uit Lawley word verneem van 'n transportryer wat naby die rivier uitgespan het om te oornag. Met=eens hoor hy 'n vreeslike geraas in die verte, en hy loer by die watent uit. Daar kom 'n koets bespan met vier perde en met 'n koetsier in dolle vaart aangejaag. Meteens hoor hy 'n geweldige slag, en die koets verdwyn. Nā 'n rukkie word die toneel herhaal, en so hou dit die hele nag aan.(22)

Die beste en volledigste beskrywing van die Wilde Jaagtog vind ons by A.B. Ellis, 'n majoor in die Britse "First West India Regiment" wat ver=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

modelik in die tagtigerjare van die vorige eeu (sy boek het in 1887 verskyn) deur Suid-Afrika gereis het.[23] By twee geleentnede het hy mense ontmoet wat die wa aan die suidekant van die Groot Karoo tussen Patatsrivier en Soutkloof (d.i. tussen Ceres en Beaufort-Wes) gesien het, in die streek wat as die "Haunted Country" of die "Spook" bekend gestaan het. Ellis vertel die verhaal soos hy dit een nag by ene Lutterodt, waarskynlik 'n Boer, gehoor het terwyl hul geselskap net anderkant Patatsrivier oorgestaan het.[24]

Omtrent agt jaar tevore (so lui Lutterodt se vertelling) was hy met die poskar van Ceres na Beaufort-Wes op pad. Die koetsier was Anthony (seker Anthonie) de Beer. Hulle hou die aand by Patatsrivier stil om iets te herste' en vertrek die oggend drie-uur weer. Skielik gaan die perde sonder rede staan, en 'n entjie verder steek hulle nogmaals vas. Toe hoor die mense op die kar die gerammel van wawiele en 'n sweepgeklap wat vinnig nader kom. "It was coming along at a furious rate on a dark night, over stones, rocks and bushes ... Presently we saw the white waggon-tilt looming up in the gloom ... In a few seconds we could see the mules, ten, twelve, fourteen of them, with heads down, tearing a= long at full gallop, and a mass of foam and steam. They were about a hundred yards off and coming straight at us. 'Where the hell are you going to?' shouted Anthony. A loud yell came from the waggon. 'To hell;' and then followed a burst of devilish laughter that made my blood run cold ... On came the leading mules. Their heads nearly touched the cart when they swerved off, and the whole span, with the waggon leaping after them, shot past us by a hair's breadth ... (Just) as the waggon was passing us, the driver turned his head round to us and pushed back his hat. Good Heavens! What a face was that we saw ... It was the face of a white man, ghostly pale, like that of a corpse, and the jaws were tied up with a white cloth ... Just as the waggon passed, came another yell of devilish laughter from inside the waggon, and then was dead silence. All in a second the crash, rattle and rumble ceased and not a sound was to be heard. At the same moment the waggon dis= appeared."[25]

Nou volg nog 'n paar interessante en belangrike gegewens:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(i) Die twee insittendes van die posseur hardloop na die [illegible] waar die wa verdwyn het. Meteens sien hulle 'n kampvuurtjie [illegible] wat daarby sit. "[illegible] towards it, thinking to clear [illegible] mystery, when the two men set up, turned their ghastly faces on [illegible] disappeared. At the same moment the fire went out."(26)

(ii) Volgens oorlewering is die man wat die voertuig waarop die [illegible] wa afstuur, van verwoesting red deur hardop te roep (want die menslike stem kan towerkragte verbreek), gedoem om self te verongeluk, en dit [illegible] beur met De Heer. "It was a strange thing, for he was known to be a good and careful driver. He and the cart and horses were found all smashed to atoms at the bottom of a ravine."(27)

(iii) Niemand het ooit gesien hoe die insittendes v[illegible] die spookwa [illegible] nie. "(It) was supposed by some to contain a complement of demons let loose on temporary duty from below, while others were of opinion that it contained the spectres of those who had been destroyed by it, and who, exulting in the prospect of other unfortunates meeting with the fate that had been theirs, gave vent to the mocking and malignent laughter which was always heard."(28)

Die hele atmosfeer wat geskep word, toon dat ons hier met veel meer as 'n gewone spookstorie te make het. Daar is iets demonies in die lug. Die natuurorde word op talle maniere versteur, bv. deur die wa wat met sy span muile en al deur die lug sweef en verdwyn, en dan ook nog die twee vreemde dwalers in die veld met hul vuurtjie wat net so vervlugtend is.

Die vertelling is gedrenk in 'n oerboosheid wat verder terug in die mens se verlede gaan as toe dit 'n naam gekry en Duiwel genoem is. Niemand het nog die insittendes van die wa gesien nie, en daar word maar (soos van mense in 'n Christelike geestesklimaat verwag kan word) gespekuleer dat dit duiwels kan wees. Daar word van 'n hel gepraat, ook 'n term uit die Christelike geloofswêreld - maar Helheim was die naam van die dode-ryk in die Oud-Germaanse mitologie.

Verder kom nog 'n demoniese trek by wat nie in die Wes-Europese voorbeelde genoem word nie. Die spookwa wil die reisigers verpletter; die koetsier stuit hom met sy uitroep (ons het reeds gesien hoe die menslike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stem mag het om towerkragte te verbreek), maar hy moet dan self ge= welddadig sterf.

In Afrikaans (waar daar ook nie 'n voorjaer is nie, maar net 'n groep demone) kom die ou, animistiese inslag van die Wilde Jaagtog besonder sterk na vore, net dunnetjies bedek met 'n nerfie van die Christendom.

(b) *Die Wilde Jagter (Wilde Jag, Mensjagter).* 'n Spookvertelling wat verlangs met die Wilde Jagter in verband gebring kan word, is dié oor die dwalende landdros van Stellenbosch. Dit sou sy oorsprong in die 1780's gehad het, en H.E.V. Leibbrandt, destyds Kaapse argivaris, het in 1887 daaromtrent geskryf: "When I was very young indeed, and when people delighted in ghoststories, and, what is more, sincerely be= lieved in them; I could not - as I saw, in my boyish mind, no reason why I likewise should not believe what the old people then told me - conceive why 'in the witching hour of night' a certain Landdrost (dead, of cource) was said always to ride around the curch at night on his white horse, surrounded by his pack of hounds, and why he did not select a more convenient and less confined spot for himself and his hunting-pack. It was said that he could not rest in his grave, because of something or other that he had done, and that he had, one day or night, I am not quite sure, communicated what it was to the minister, who, however, had positively refused to reveal the secret."(29) Leibbrandt, 'n baie sterk voorstander van bewaring, was oortuig daarvan dat die ge= storwe landdros se gewete hom gepla het omdat hy meegehelp het dat die perseel van die ou kerkhof in tien erwe verkoop is.

Die betrokke landdros was Daniel van Ryneveld, 'n Nederlander van ge= boorte, wat in 1782 landdros van Stellenbosch geword en in 1785 oor= lede is. In hul boek oor *Die kerk van Stellenbosch* verwerp Hugo en Van der Bijl egter Leibbrandt se aantyging dat die landdros "heilig= skennis" gepleeg het en dat die inwoners van Stellenbosch so geskok daaroor was: "die gesonde verstand gebied ons om ernstig te twyfel ... aan die bestaan van daardie geskokte sentiment waaraan die ver= haal dan kwansuis sou ontspruit het. Dieselfde inwoners van Stellen= bosch wat so 'geskok' was, het tog as heemrade meegewerk tot die ver= koop van die grond; het die erwe gekoop en verkoop dat dit 'n aardig= heid was."(30) Hierdie siening versterk die mening dat die landdros

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se dwalery iets met hom as jagterfiguur te make gehad het.

Baie treffend en dramaties is die Wilde Jager in die volgende voorbeeld, hoewel die slagoffer nie 'n vrou is nie, maar 'n seun, en die Wilde Jag= ter verder as 'n soort spookgedaante gesien word wat op die ou end in 'n graf verdwyn. Sulke vervormings in die proses van oorlewering is egter heel algemeen by die volksvertelling. Bonatuurlike verskynsels is deur die Afrikaner buitendien heel dikwels met spokery verbind.

Een aand, so lui die verhaal, stap 'n seun buitentoe terwyl sy ouers binne met kuiergaste sit en gesels. Skielik sien hy 'n perderuiter reguit op hom afgejaag kom. Toe die ruiter hom bereik, buk hy af, gryp die seun in sy arms vas en tel hom op die perd. Die seun skree van angs. Teen 'n geweldige snelheid jaag die ruiter weg, swewend deur die lug, sodat die seun sy bewussyn verloor. Toe hy weer bykom, staan hy in die kerkhof en verdwyn die perd met sy ruiter by een van die graf= te in. Daar het sy ouers, wat na hom kom soek het toe hulle die geskree hoor, hom later gekry.(31)

(c) *Die Gees-van-die-storm.* Omstreeks die helfte van die 19de eeu, so lei 'n mens af, sou daar by twee geleenthede in Natal 'n gedaante aan verskillende mense verskyn het wat hulle wel 'n "spook" genoem het, maar klaarblyklik heeltemal iets anders was. By die eerste geleentheid was 'n staatsaanklaer en 'n vriend een aand van Oliviershoek af onderweg. Langs die pad gewaar hulle meteens tot die verskrikking van hul perde wat dit klaarblyklik ook gesien het, "the luminous figure of a young, fair creature standing close to the roadside, above the level of the grass, on the top of which her feet seemed to rest. She, however, be= gan to vanish before they attempted to pass, disappearing slowly from the feet upwards, the head being the last part of the apparition visi= ble."(32)

Enkele maande later het 'n ander man 'n ontmoeting met blykbaar dieself= de verskynsel gehad, en hierdie ontmoeting het daaraan die naam van die Gees-van-die-storm besorg. Die man was een middag om vieruur te perd op pad naby die Klein Boesmansrivier, toe hy donderweer agter hom hoor en omkyk hoe ver die storm nog is. Die perd kyk ook, en meteens begin hy woes te spring sodat sy ruiter hom met moeite beheer. Op die ou end breek die perd die teuels en storm voort tot binne-in die waters van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rivier. Intussen kry die ruiter darem die geleentheid om duidelik waar te neem wat die perd so ontstel het. Die reën kom vinnig nader en is nie meer as driehonderd tree weg nie. "He was not a superstitious man, he was not drunk, or suffering from low spirits or 'want of spirits,' and yet he saw in the broad daylight coming floating towards him, with outstretched arms, in front of the moving mass of rain, but several feet raised from the earth, a young, fair, ethereal, golden-haired female, whose robes of glittering white trailed just over the highest points of the grass. She spoke not, but came steadily down on him in advance of the storm." Dit was in hierdie stadium dat die teuels gebreek het. "Twice, however, during the headlong gallop, he turned his head to watch the swiftly following rain, which was still preceded by the fair girl with her outstretched arms ... The pursuing 'spooke' vanished as the storm reached the river."(33)

Wanneer 'n mens dié sage lees, voel dit asof jy met 'n soort Oud-Griek= se Demeter (godin van die graan, die landbou en die vrugbaarheid) te ma= ke het - hierdie Gees-van-die-storm wat die reën oor die velde bring, en in Suid-Afrika met sy dorre klimaat was water nog altyd 'n simbool van groeikrag en lewe. Soos 'n kommentator omtrent die Oud-Griekse wêreld dit stel: "Demeter was the goddess who touched men's hearts most deep= ly. In her person all sorrows and griefs were represented, and at the same time she representd the changing seasons and she blessed the ripen= ing of the wheat ... Demeter was Mother Earth, the gentle nurse of crea= tion, sorrowing for the lost seeds when they vanished beneath the earth, radiant with joy when they rose from the earth again."(34) Jaarliks is groot feeste ter ere van haar gehou: "There were gay processions from Athens, with pauses at the wayside shrines for libations, sacrifices, and ceremonial dances, and much banter and some obscenity." Al aan= grypender word die verrigtinge, en die donder speel sy rol: "During part of the ceremony the initiate was led through blind alleys and corridors in total darkness, while thunder echoed against the walls, and he was in a state of abject terror when he came out suddenly into the blinding lights in the presence of the revealed mystery ... No one knows exactly what happened during the mystery; only that there was a triumph over death."(35)

Moontlik kan by die Gees-van-die-storm ook mitologiese invloede van Na=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tal se swartmense, die Zoeloes, bespeur word. Hier kan verwys word na Nomkhubulwaya, die Prinses-in-die-miswolk (i.v.m. wie die beleefde aanspreekvorm Inkosasaan, meesteres, gebruik word), 'n teenhanger van die Oud-Griekse Demeter en die Romeinse Ceres. So word sy in verdig= te vorm deur 'n ou man van die stat aan die jong beeswagtertjies be= kendgestel: "'*Endulo* - lank gelede,' begin die ou man 'het Umdali - die skepper - vir sy dogter gesê sy moet klaarmaak. Hy wil haar na die aarde toe stuur. Daar op die Melkweg het haar hut gestaan ..." In= kosasaan het haar beste rok aangetrek, vertel hy, maar Umdali sê: "'Nee, my dogter, hier is vir jou iets beters.' Toe gee Umdali vir haar die rok vol bome en blomme en gras. 'Hoe sal ek op die aarde kom, Vader?' vra sy. 'Jy sal met die miswolk ry,' antwoord Umdali. 'Dan sal die mense jou sien en bly word.' Die ou man wat vertel se stem word ster= ker. 'So het Inkosasaan afgekom na die aarde toe,' sê hy. 'Sy het die grond vrugbaar gemaak. Toe het sy vir ons *mabela* - graan - gegee om daarin te plant. En toe die mabela opkom en dra, het sy ons geleer om bier en pap te maak. Dit is al die dinge wat Inkosasaan vir ons gedoen het. Nou nog vergeet sy ons nie. Elke jaar as die winter ver= by is en dit planttyd word, bring sy nuwe krag vir die grond, en ook die reën.'"(36)

(d) *"Die kraaie bring dit aan die dag."* 'n Baie interessante ver= telling waarin klaarblyklik ook 'n luggees verskuil is, stam uit Tulbagh in die tweede helfte van die 18de eeu en het betrekking op 'n anonieme slaaf. "This slave worked for Leendert Haasbroek, the sexton. One day Haasbroek reprimanded the slave for leaving dust on the pulpit, chandeliers and footwarmers. The slave cut Haasbroek's throat, but not before Haasbroek had assured him that he would pay for the crime 'even if the crows told the story'. It was easy to escape justice in those days by taking refuge in the mountains or beyond the borders of the colony. For years the murderer went free. Then one day a noisy flock of crows disturbed him while he was resting under a tree. He remembered the sexton's vow and gave himself up."(37)

Die vertelling roep dadelik "die voëls van Ibukos" by 'n mens op. In die Aarne/Thompson-indeks kom dit voor as tipe 960A: "*The cranes of Ibycus*. A murdered man calls on cranes, the only witnesses of the murder, to avenge him. The cranes follow the murderer and point him

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

out." Variante is o.m. opgeteken in Engels, Spaans en Jiddisj.

Ibukos was 'n Oud-Griekse digter uit die 6de eeu v.C., en terwyl hy een= dag te voet op pad was na die Istmiese Spele in Korinthe, word hy in 'n bos deur rowers oorval en vermoor, en in sy nood roep hy tot 'n swerm kraanvoëls in die lug om sy dood te wreek. Sy lyk word gevind, maar niemand weet wie die moordenaar of moordenaars is nie. Terwyl 'n op= voering in die opelugteater van Korinthe 'n ruk later aan die gang is, vlieg 'n swerm kraanvoëls oorheen. Die skuldiges sien dit, en die een roep vir sy maat: "Kyk, dis die kraanvoëls van Ibukos!" Nou wil die mense weet wat hy daarmee bedoel totdat altwee op die ou end moet bieg, voor die hof gebring en tereggestel word.(38)

Die verskyning van die voëls wat juis op die regte tydstip oorheenvlieg, doen bonatuurlik aan, en dit spreek ook uit die Duitse digter Friedrich Schiller se ballade "Die Kraniche des Ibykus", waar hy dit soos volg teken:

> Da hört man auf den höchsten Stufen
> Auf einmal eine Stimme rufen:
> "Sieh da, sieh da, Timotheus,
> Die Kraniche des Ibykus!"
> Und finster plötzlich wird der Himmel,
> Und über dem Theater hin
> Sieht man in schwärzlichtem Gewimmel
> Ein Kranichheer vorüberziehn.(39)

Die kraanvoëls en die kraaie het hul buitengewone gawes daaraan te danke dat hulle as sielsdiere beskou is, op die een of ander manier verbonde aan die gode. In Oud-Griekeland is die kraanvoëls in verband gebring met Apollo, die songod en god van die digkuns, en met Hermes, die bood= skapper van die gode. Dit is dus heel gepas dat hulle die boodskap van die moord op die digter Ibukos sou oordra.(40) Vir die Oud-Grieke was die kraai (of raaf) dikwels 'n aankondiger van stormweer, 'n don= dervoël.(41) Maar by die Oud-Germane speel kraaie 'n nog veel groter rol. Twee van hulle was die persoonlike verkenners van Wodan, die hoofgod, ook Alvader genoem: "Perched on his shoulders sat two inky-black ravens, Hugin and Munin, whom every morning he sent to wing their

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

flight about the world that they might see what was going on. Every evening when they returned, they whispered all that they had seen and heard in his ears."[42] Die kraaie se name beteken Gedagte en Geheue.

9.2.3 Watergeeste

Die waterryke Nederland, so het ons gesien, is arm aan watergeeste, maar in die droë Suid-Afrika wemel dit daarvan Dis waarskynlik juis hierdie kosbaarheid van water wat die mens se aandag in die besonder op die beskikbare voorraad gevestig het en hom feitlik elke rivier en wa= tergat met die een of ander watergees laat bevolk het. Daar is 'n grote veelheid van watermense, soos watervroue en kaaimans, en water= diere, soos waterbobbejane, waterperde, waterbeeste (in die besonder die waterbul), die roerdomp, die waterkokkewiet ('n soort waterkrappie wat glo die kinders se tone sny as hulle kaalvoet in die modder en nattig= heid loop), en dan waterslange. Die meeste van hierdie waterdiere is egter net vae verskynsels wat blykbaar as paaiboelies gebruik is om kinders van gevaarlike plekke af weg te hou.[43] Belangrik is water= vroue, kaaimans en waterslange.

(a) *Watervroue.* Die geloof aan meerminne "kom haas algemeen oor die Afrikaanse kultuurgebied voor, maar minder in die eintlike Karoo, wat arm is aan oop waters", skryf Abel Coetzee.[44] Afgesien hiervan en belangriker in die Afrikaanse volksgeloof, is daar die watermeid of watermeisie, ook genoem waternooientjie, waterheks, fonteinmeisie, en nog veel meer name.[45] Die geloof aan 'n watervrou is by die Afrika= ner deur die inheemse volksgroepe van Suid-Afrika versterk: die bruin= mense, die swartmense en die Boesmans. Von Wielligh vat die Boesmans se geloof omtrent die sg. meid-van-die-waters soos volg saam: "Daar was 'n jongmeid wat altyd water by 'n fontein gaan haal het. Daar naby die fontein was 'n groot gat water, en in daardie gat water het pragtige Blomme gegroei. Haar ma het haar dogter altyd gewaarsku om tog nie daardie mooi Blomme te gaan pluk nie; want hulle is jongmeide wat na die water weggevoer was om daar Blomme te word. Maar daardie Blomme was vir daardie jongmeid tog te aantreklik, en die versoeking om hulle te pluk was tog te groot, sodat sy die drang om hulle te pluk nie kon weerstaan nie. Sy wou dit maar net eenmaal waag. Sy stap daardie gat water in, maar toe verdwyn die Blomme onder die water, en die groot Waterslang trek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meteens die jongmeid ook in die water. Die jongmeid word toe nie in 'n Blom of Padda verander nie, maar sy bly mens, wat die krag kry om ander mense met haar onsigbare wil die waters in te trek - buitekant die water het sy daardie mag nie besit nie. Sy was dus mens, maar kon net soos 'n Padda in die water en daar buitekant lewe. So stap sy van ... gat water na die ander rond. Die jongmeid het toe die Meid van die Waters geword. In die water besit sy die mag om mense op on= sigbare wyse in te trek; daar buitekant betower sy weer die mense met haar skoonheid, sodat hulle haar onwillekeurig volg."(46)

Dis hierdie soort watervrou wat veral in die Afrikaanse volksgeloof voorkom. Soms bly dit net by 'n geloof en 'n gespreksonderwerp, bv. as oor die prinses van Prinsesvlei in die Kaapse Skiereiland gepraat word wat die vorm aanneem van persgeel waterblomme en haar slagoffers verstrengel en laat verdrink.(47) Soms groei dit uit tot 'n sage, soos dié een oor die watervrou van die Breërivier wat in 'n seekoeigat tussen Rawsonville en Worcester woon en op 'n jongman verlief geraak het.(48)

(b) *Die kaaimans.* Die invloed uit die swartmense se geloofswêreld op die gelowe omtrent die kaaiman, is ooglopend. Hulle glo "that the waterspirits live under water just about as they do on land. They have houses and furniture, and even cattle. They are wiser than other people, and from them the witch-finders get their art."(49)

In die Afrikaanse volksgeloof lui dit dat daar soms oënskynlik mense tussen die palmiet op die rivieroewer beweeg, maar kom jy nader, verdwyn hulle en sit daar 'n klompie pragtige meisies met die onderlywe van vis= se op 'n rots in die middel van die stroom. Dan verdwyn die meisies en verskyn 'n pragtige roos op die water. Wil jy dit gryp, word jy inge= trek en na die onderwaterse huis van die kaaimans gevat. So word 'n hele sage opgebou.(50)

(c) *Waterslange.* Ons het gesien dat waterslange geen rol in ons stamlandse volksgeloof gespeel het nie, maar in Afrikaans is dit van die belangrikste watergeeste. Hierdie waterslange kan sonder of met 'n steen op die kop wees, oftewel die sg. gekroonde slang.(51) Ons het ook reeds gesien dat die waterslang volkome inheems in Suid-Afrika is, en die opvattinge daaromtrent nuutskeppinge deur die Afrikaner, sterk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beïnvloed deur ander bevolkinsgroepe. Die idee van 'n diamantslang (maar dan as aardgees) kom egter wel uit Europa en ook uit die Ooste.[52] Die volwaardige vertellings waartoe dit aanleiding gee, is egter nie sages nie, maar word vandag deur die Afrikaanse volksmens as legendes beskou.

9.2.4 Aardgeeste

Die vernaamste aardgeeste in die Afrikaanse volksgeloof is ook slange: die diamantslang, die blêrslang wat 'n geluid maak soos 'n afgedwaalde klein bokkie in die veld om sy slagoffers aan te lok,[53] en dan die merkwaardige dassie-adder, blykbaar net in Afrikaans bekend, en boonop wyd deur die land, van die Kaap tot in Transvaal.[54] So word reeds in 1825 berig dat die dier "geleek naar de groote hagedissen ..., maar daarvan in kleur verschilde, zynde de *Das-Adder* ligt geel met zwarte plekken, even als de Pof-adder. Zy houdt zich in de holen der rotsen op en voedt zich met Dassen en Konynen, die gewoonlyk deze holen bewonen. Zy heeft zeer korte pooten, eenen grooten bek, en kan met gemak eenen Das geheel inslikken."[55] Die digter-wetenskaplike Eugène N. Marais vertel dat 'n sg. ooggetuie 'n dassie-adder in die eerste dekade van ons eeu soos volg aan hom beskryf het: "Dit was 'n slang - 'n bont slang - omtrent twintig voet lank met ongeveer die dikte van 'n luislang van dieselfde lengte; maar in plaas van 'n slangkop had die dier die kop en voorlyf van 'n dassie. Hy het duidelik twee voorpote gesien en die kop en voorlyf van die dassie-gedeelte had bruin hare."[56] Die slang sou besonder giftig wees.[57] Dit alles bly egter net by volksgelowe en word nie sages nie.

Die verhaal van die huisslang is wyd in ons land bekend en stem wesenlik ooreen met wat in Europa vertel word.[58] In Afrikaans word dit egter eerder as 'n belewenisvertelling aangevoel wat net soms oor die grens van die sage beweeg.

9.2.5 Ander geesverskynsels

Hier moet veral na Tokkelossie verwys word wat die Afrikaanse geloofswêreld uit die volksgelowe van verskeie swart volkere binnegedring het. Vir hulle is hy uit die geslag van die watermense, kort en dik, dikwels baie harig, selfs half mens en half dier. Hy kan hom onsigbaar maak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur sy hoedjie op te sit en is dus die ideale boodskapper van towenaars en hekse. Hy doen graag kwaad, terg mense en is vernielsugtig. Teen= oor kinders en swaksinniges is hy egter vriendelik en verrig huiswerkies vir die vrou by wie hy bly. Sy vernaamste optrede is geslagsverkeer met vroue; die man moet met hom meeding, en sodoende word die vrou se aansien verhoog.(59) So verklaar die volkskundige dr. S.J. du Toit: "Dit is moontlik dat die Bantoe-Tokkelossie ontstaan het enkel as psi= giese projeksie van die vrou se seks- en moeder-drang in 'n maatskappy waar veelwywery en lobola-stelsel die uiting daarvan beperk. Die Tok= kelossie is nie alleen man nie, maar omdat hy klein is, ook kind. Eenmaal geskep, het hy nog ander eienskappe gekry, is hy vir ander doel= eindes gebruik."(60)

By die Afrikaner het Tokkelossie hierdie funksie totaal verloor, en hy tree hoofsaaklik as tussenganger by goëlery op waar hy deur die goëlaar gebruik word om 'n spesifieke slagoffer te treiter.(61) Afgeronde sa= ges oor hom, is skaars.

9.2.6 Spoke

Soos reeds by die bespreking van die sagevertellers in Afrikaans aange= dui, was spoke miskien die gewildste onderwerp van bespreking onder ons mense as dit by die bonatuurlike kom. Letterlik honderde en selfs duisende voorvalle is opgehaal, maar gewoonlik het dit nie verder as gespreksonderwerpe ontwikkel nie. Tog het van die treffendste sages in Afrikaans juis ook hier ontstaan, soos duidelik uit die volgende oorsig van die belangrikste historiese spookverskynsels in Afrikaans blyk.

Daar kan net op gewys word dat die spoke presies dieselfde kenmerke as in ons stamlande vertoon. Hulle kan onderskei word as die goeies, die [illegible] en die terugkerende dode. Die enkele geval bekend van 'n ware [illegible] ("Die vrou in die gewelvenster") moet as 'n mite beskou word [illegible] later onder bespreking.

(a) *Die jongkvrou van Leeuwenhof.* In die dae van die Kompanjie het die dogter van 'n fiskaal woonagtig te Leeuwenhof in Kaapstad op 'n jong skeepskaptein verlief geraak, sô word vertel. Die fiskaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was teen 'n huwelik gekant, en die paartjie besluit om met die jong kaptein se skip te vlug, maar die vader kom dit te hore en laat die kaptein op 'n aanklag van seerowery in hegtenis neem. Hy word in Nederland verhoor en tereggestel. Die meisie het van 'n gebroke hart gesterf, maar haar gees dwaal op sekere aande bo die groot trap in die ou huis rond wat tans as Administrateurswoning van Kaapland dien. Soms word bygevoeg dat die spookgedaante 'n baba in haar uit= gestrekte arms hou, maar sy trek dit terug sodra iemand dit probeer vat. Verder word verklaar dat net besoekers of vreemdelinge die ge= daante kan sien, of daar word vertel dat jy die trap snags kan hoor kraak asof iemand dit bestyg hoewel niks gesien word nie.(62)

Die beroemdste en betroubaarste getuie van so 'n dwalery in die ou huis, was appèlregter sir John Kotze wat een aand in Julie 1866, toe hy 'n seun van sestien was en die Kotze-gesin in die huis gewoon het, 'n vreem= de ondervinding gehad het: "As I left my room, I saw a tall woman dressed all in white coming out of my second sister's room at the fur= ther end of the passage. She walked slowly and noiselessly ... Her appearance caused me no fear, for I instinctively felt it was a genuine vision, though I was certainly surprised at this unexpected apparition. I proceeded quietly towards the open doorway, where we met, and I stopped to look at her as she gently passed not more than a few inches from me. She appeared to be about five feet six inches in height ... The features of her face were well defined, and she seemed to be about twenty-eight years of age. Her hair was dark-brown and her eyes were blue. She gazed at me sadly as she moved along and entered the bathroom, the door of which was generally kept open."(63)

In sy boek oor die verhaal van Leeuwenhof kom A.J.B. de Klerk tot die gevolgtrekking dat die dwalende meisie moontlik Gysberta Joanna, oudste dogter van fiskaal Blesius uit die tyd van goew. W.A. van der Stel, kon gewees het, want "nêrens is aangeteken dat (sy) haar ooit in die huwelik begeef het nie".(64) Dit is egter nie korrek nie. Volgens die jongste navorsing het sy twee maal in die huwelik getree, nl. in 1707 en 1726.(65) Die identiteit van die spookvrou bly dus nog 'n onopgeloste vraag.

(b) *Coenraad Fiet (of Fiejt).* Hierdie wreedaard het glo op die plaas gewoon waar Clanwilliam later aangelê is.(66) Dit moes dan se=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerlik 'n hele paar jaar voor 1808 gewees het, want in daardie jaar het ene Jan Dissel op die plaas geboer, wat as Jandisselsvlei bekend was, toe die staat hierdie opstal gekoop en Jandisselsvleidorp gestig het, waarvan die naam later na Clanwilliam verander is.(67) Trouens, volgens oorlewering gaan Coenraad Fiet se geskiedenis terug na die Kompanjiestyd.(68)

Coenraad Fiet is eerste deur C. Louis Leipoldt aan die wye publiek bekend gestel met sy ballade "Ver in die Troe-troe-vlakte" wat in 1919 in 'n tydskrif gepubliseer is,(69) en wat hy die volgende jaar in sy bundel *Dingaansdag* opneem. Die letterkundige M.P.O. Burgers opper die moontlikheid dat Fiet dieselfde karakter as Coenrad Dierman is waaroor Leipoldt reeds as seun in Februarie 1897 in 'n Kaapse tydskrif geskryf het.(70) Daarin sê Leipoldt dat baie grusame verhale vertel word, bv. van "the red hot oven and the trembling slave, of the burying alive of disobedient retainers, of the wholesale murder of harmless ox traders, and the appropriation of their herds, of the drinking bouts in the cellar, of the bones dug into the wells ... Coenrad was a bad man, a savage fellow, a drunkard, and a murderer".(71) Oor die ontstaan van sy ballade het Leipoldt later verklaar dat hy die verhaal van Fiet in sy kinderdae by die oumense gehoor het, en in die besonder by 'n ou vrou wat in haar jeug nog 'n slavin was.(72) In die ballade konsentreer Leipoldt net op êên voorval, nl. hoe Fiet die beeskoper Piet Ryneveld op 'n stormnag vermoor het.

Fiet se misdadigheid het egter veel verder gestrek, soos reeds uit Leipoldt se artikel as seun blyk. Die historikus P.J. van der Merwe het ook met die oumense van Clanwilliam gaan gesels en hulle het hom meer besonderhede vertel: "Hy het altyd uit sy pad gegaan om aan slagtersknegte wat vir hulle Kaapse base in die binneland gaan vee koop het, herberg te verskaf. Die slagtersknegte het altyd geldsakke vol harde kontant by hulle gehad, want die boere wou destyds niks met papiergeld te doen hê nie. Koenraad Fiet het in daardie geldsakke belang gestel. Hy het op 'n taktvolle manier by sy gaste uitgevind waarheen hulle gaan en wanneer hulle vertrek. Dan het hy hulle deur die volk laat voorlê, met knopkieries laat doodslaan en hulle geld geroof. Daarna het daar nooit weer 'n haan na hulle gekraai nie."(73)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is nie vreemd dat so 'n bose karakter allerhande duistere vermoedens by die mense sou laat ontstaan nie. Van der Merwe skryf: "Jare lank het die ou mense geglo dat ou Koenraad Fiet se gruweldade 'n vloek oor die dorp gebring het. Hulle het altoos gesê: 'Kla' William sal 'n beeskraal bly (nooit ontwikkel nie) totdat selfs ou Koenraad Fiet se stof vergaan het.'"(74) Leipoldt suggereer dat Fiet in die graf nie rus kan vind nie, waar hy hom blykbaar uit die graf laat praat:

> "Jaar uit en in verandering, want lewe staan nie stil.
> En hy wat agtertoe wil kyk 'n uurtjie te verspil,
> Hy loop verdwaal en vind geen rus nog wins in wat hy kry.
> En ek alleen bly stilstaan as die jare hol verby,
> Want as ek vorentoe wil trap hou Ryneveld my vas,
> En struikel moet ek, want ek dra sy dooi lyk as 'n las."(75)

Veel treffender is egter 'n ander oorlewering waardeur die verhaal 'n volbloed-sage word. Toe die mense die dag van Coenraad Fiet se dood in sy slaapkamer kom, so word vertel, het hy daar op sy rug gelê, en op sy bors was 'n yslike pikswart hond met gloeiende oë. Die mense het verskrik gevlug, en toe hulle dit eindelik weer in die kamer gewaag het, was Fiet al dood. Van toe af, en vandag nog, dwaal daar op maan= lignagte by die sg. Mieliedraai - net as 'n mens Clanwilliam binnekom, daar waar Fiet se huis gestaan het - 'n tamaai swart hond met vurige oë rond.(76) Blykbaar moet 'n mens dus hierdie swart hond as die beliggaming van Fiet se bose swart siel sien.

(c) *Antjie Somers.* Hy/sy is onteenseglik die veelsydigste karakter in ons volksoorlewerings, en daar is feitlik geen tipe volksvertelling waar sy nie 'n rol speel nie. Ons het Antjie reeds onder belewenisse teëgekom (R. *Die domme en die slimme.* Rower-tipe: Die ou vroutjie langs die pad). Verder tree sy as hoofkarakter in 'n reeks wyd uiteenlopende sages op.

Die spook van Tuynstraat. C. Louis Leipoldt voer die ontstaan van die Antjie Somers-oorlewering terug na die laaste laksman van die Kompanjie wat glo op 'n oop stuk grond, oorskadu deur 'n paar doringbome, aan die bokant van Tuynstraat (tans Koningin Victoria-straat), Kaapstad, selfmoord gepleeg het omdat daar nā die Britse oorname van die Kaap in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1795 geen werk meer vir hom was nie. Die spook wat toe begin dwaal het, was van 'n man in vrouedrag; die rede: onbekend. Dit het so 'n paniek onder die Kapenaars veroorsaak dat die owerheid besluit het om hom "uit te ban", hoe weet niemand nie, maar hy het uit die Kaap verdwyn en daarna op Kuilsrivier, Stellenbosch en Worcester verskyn. "Sy vroulike drag was toe al so goed bekend dat die volk hom as vrou= mens aangesien en hom Annetjie genoem het. Omdat hy - of sy - net in die somermaande verskyn het, kon die van 'Somers' aan hom - of haar - toegevoeg word, en Annetjie het maklik verander tot Antjie."(77)

Die kopbeen op die stukvat. Van die digter en skrywer D.F. Mal= herbe, gebore in 1881 op 'n plaas in Daljosafat naby die Paarl, verskyn in sy bundel *Rivier en veld* (1922) 'n ballade getiteld "Antjie Somers" (later oorgedruk in die bundel *Somerdae*, 1928). Op die oog af lyk dit asof ons hier met 'n suiwer volkstema te make het, maar in Malherbe se studie *Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme* (1924) verskyn die volgende inskrywing: "*Antjie Somers*, spreekwoordelike persoonlikheid wat dien om kinders skrik aan te ja; vroeër meer gebruiklik as teens= woordig; bekend in die Boland, ook noord van die Heksrivierberge o.a. Beaufort-Wes en Carnarvon. Dit word verhaal dat Antjie Somers, 'n jong in vrousklere, met 'n mandjie en 'n lang mes (Schonken 23 praat van 'n pistool) rondgeloop het om te steel, maar eendag deur 'n boer doodge= skiet is." Malherbe het dus blykbaar allerhande los motiewe uit die Afrikaanse volksgeloof en die wêreld van die volksvertelling saamgeweef om sy Antjie Somers-sage te skep. Die motief van die kopbeen op die stukvat is egter so tipies volks, terwyl Antjie Somers ongetwyfeld 'n rol in Malherbe (Paarliet van geboorte) se jeugwêreld sou gespeel het. Dus word sy ballade tog hier weergegee.

Volgens die ballade was Andries Somers in sy jongdae 'n visser by Muizen= berg, 'n goeie swemmer en dapper man wat dikwels met reddingswerk gehelp het. Eendag belaster 'n jaloerse makker hom, en die latere Antjie gee hom 'n goeie afranseling, word deur die kêrel se vriende aangeval, en in die bakleiery slaan hy een dood. Met vroueklere aan vlug hy weg na Klein Drakenstein, waar hy 'n uithaler-werker op 'n wynplaas word. Dit moes om en by die begin van die 19de eeu gewees het, want nadat hy later dood en begrawe is en "donker sestig jare ongehinderd omgedroom het" in die aarde, word sy kopbeen eendag uitgegrawe toe die boer 'n nuwe win=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gerd aanlê, en hy plaas dit op die rand van 'n stukvat om wyndiewe te verwilder.

Intussen het die verhaal van Antjie Somers se vlug blykbaar bekend ge= raak, want daar word nou vertel van 'n moorddadige dwalende gedaante in vroueklere met 'n mandjie vol toorgoed en 'n groot mes. As kind, deel die digter mee, het hy die gedaante van Antjie Somers self gesien:

met jou breedgestreepte sisrok,
met jou rooibont ou bestroentjie.

Verskrik het hy gevlug terwyl die gedaante al groter en groter word:

dreigend-hoog jou bont gestalte
teen 'n somber westerwolksbank ...
in die wapad groter, voller
groei jy teen die westerwolkbank.

So dwaal Antjie Somers omdat hulle haar rus in die graf versteur het:

Jy wil wraak neem, Antjie Somers,
op die hedendaagse werkvolk
wat jou wreed die rus kom weier
op die Konsertinaheuwel.(78)

Die vermoorde skaapwagtersvrou. In 'n vertelling uit Tulbagh, opgeteken deur die skryfster Miemie Louw-Theron, word die naam Antjie Somers aan 'n werklike vrou verbind: "Op Langkloof in die Winterhoek= berge is 'n skaapwagtermeid deur haar man vermoor omdat hy verlief was op 'n ander meid. Die vermoorde meid loop nou snags rond in 'n spier= wit gewaad, op en af in die nou paadjie bokant die krans, en sy sing 'n hartverskeurend treurige deuntjie. Niemand kan dit in die berg uithou as sy sing nie, almal vlug. Soms kom sy af in die bergkom om stout kinders te vang."(79)

Die vergete wagwoord. Nog verder word die verhaal van Antjie Somers uitgedra. Tydens die Boereoorlog het Antjie glo saam met 'n afdeling Engelse soldate opgetrek, seker om vir hulle allerhande kamp= werkies te doen. Op 'n dag beset die Engelse 'n koppie buitekant Vic= toria-Wes. Die aand sluip Antjie by die kamp uit om in die dorp te gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kuier. By haar terugkeer ken sy nie die wagwoord nie en word doodge= skiet. Toe kom die Engelse agter dat "sy" eintlik 'n bruinman van ongeveer 25 jaar is. Van toe af stap daar in die omgewing van die koppie 'n gedaante in swart vroueklere rond met 'n groot sak om onge= hoorsame kinders in te gooi.(80)

(d) *Jan Prinsloo-se-nag.* Volgens oorlewering was Jan Prinsloo 'n bloedverwant van Marthinus Prinsloo, een van die leiers van die Graaff-Reinetse opstand ná die Britse oorname van die Kaap in 1795, en het hy ook daaraan deelgeneem. Hy was in een stadium 'n grootwildjagter, maar vestig hom later op 'n plaas, wat as Prinslooskloof bekend sou raak, aan die boloop van die Gamtoosrivier in 'n verlate gebied tussen die Swartberge en die kleiner Swartruggensreeks.(81) Hy behandel die bruin= mense, swartmense en Masbiekerslawe op sy plaas baie wreed, maar dit be= reik 'n hoogtepunt kort ná die moeilikheid in Graaff-Reinet. Twee van sy bruin helpers se vrouens gaan sonder verlof kuier en neem 'n kind met hulle saam. By hul terugkeer, ransel Prinsloo hulle ongenadiglik af en skiet hulle dan dood. Daarna gaan hy hul mans ook met die sam= bok te lyf. Dié nag dros al die bruinmense van sy plaas af en sluit hulle by die Xhosas aan, wat juis 'n inval oor die Visrivier onderneem het. Op slot van sake word 'n geselskap koloniste waarby Prinsloo hom bevind, totaal uitgewis, en net Prinsloo ontsnap. Sewe van die bruin= mense wat by hom gewerk het, agtervolg hom te perd in die kloof op en maak hom uiteindelik in die beeskraal van kant. Dit was 'n broeiende stormnag, die nag van 15 Januarie.(82)

As ons na die historiese feite kyk, dan vind ons dat Graaff-Reinet se op= stand van Januarie tot April 1799 geduur het. Verder was daar die Derde Grensoorlog van Maart 1799 tot Februarie 1803 waarin vele bruin= mense hul lot saam met die Xhosas ingewerp het en plundertogte ook in die omgewing van Graaff-Reinet aan die orde van die dag was.(83)

Maar watter Jan Prinsloo sou dit gewees het? Die enigste aanduidings is, soos reeds genoem, dat hy 'n familielid van die opstandsleier Mar= thinus Prinsloo was en "a grown man years before the English came across the shining waters and took the country from the Dutch".(84) Volgens die genealoog J.A. Heese was hierdie Marthinus, gedoop in 1751, 'n seun van die ou pionier Willem Prinsloo.(85) Gaan ons nou die Prinsloo's

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se stamboom in De Villiers/Pama se *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* na, blyk dit dat Jan ('n afkorting van Johannes) veral in die kombinasie Joachim Johannes 'n familienaam by die Prinsloo's was.(86) Die enigste Prinsloo wie se lewensbesonderhede by die gegewens van die oorlewering omtrent Jan Prinsloo-se-nag inpas, is egter net Joachim gedoop. Moontlik was daar 'n vergissing by die inskrywing in die doopregister, of dalk is hy so gedoop, maar is hy volgens die ou familienaam tog Jan genoem. Kyk ons nou na hierdie Prinsloo, vind ons dat sy vader, Nicolaas, 'n broer van Marthinus se vader, Willem, was. Hy is in 1782 met Aletta van Staden getroud, en hulle het drie kinders, drie seuns, gehad wat in 1785, 1788 en 1790 gedoop is.(87)

Die volle verskrikking van die spookgebeure op Prinslooskloof is later deur die jong Stephen Goodrick, 'n grootwildjagter, beskryf nadat hy die plaas einde 1860 gekoop en hom met sy gesin daar gevestig het.(88) Eers is daar met tussenposes van 'n paar dae telkens voorvalle by die perdestal wat min of meer volgens dieselfde patroon verloop: "About the middle of the night Goodrick and his wife were suddenly aroused by a great commotion in the stable; the horses were trampling, plunging, and squealing as if suddenly disturbed or scared. Then there rose upon the night, as it seemed just outside the house, a wild scream, hideous in its intensity and full of horror."(89) Wanneer hy en 'n paar van sy swart helpers een nag weer die oorsaak van die lawaai gaan ondersoek, sien hulle "a figure pass through the open doorway, as they supposed, and swiftly glide away to the hillside. The dark figure was clad in a broad-brimmed Boer hat and quaintly-cut old-fashioned looking dress, as Goodrick could plainly notice." Hulle agtervolg die gedaante "but after a few minutes' running the man suddenly vanished into the bushy scrub that grew on the mountain-side, and no further trace could be found". Daarna ontdek hulle dat die staldeur nog altyd gesluit is en nie oopgestaan het soos hulle vermoed het nie, en die perde "as usual were loose, and in the last extremity of fright".(90) Goodrick, 'n knap skut, skiet selfs by 'n paar geleenthede op die gedaante, maar dit het geen uitwerking nie.(91)

'n Bruinman, Cupido, wie se vader glo nog vir Jan Prinsloo gewerk het, verduidelik later aan Goodrick dat dit Prinsloo se spook is wat by die stal lol omdat hy in sy lewe so lief vir perde was: "he had the finest

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stud in the Colony, and took great pains and trouble with it; and they say Jan's ghost is still just as fond as ever of his favourites, and is always in and out of the stable in consequence. Anyhow, the horses don't care about it, as you know; they seem just as scared at him as any human being."(92)

Die hoogtepunt van die spokery is egter op Jan Prinsloo-se-nag, 15 Jan= uarie, wanneer die hele grusame geskiedenis van sy dood hom weer af= speel. Dis 'n stormnag, en tussen die donderslae deur hoor die mense die gekletter van perdepote en 'n gegil en geskreeu teen die heuwel uitkom. Dit beweeg verby die huis tot by die beeskraal omtrent ses= tig tree daarvandaan. 'n Geweerskoot val. Goodrick hardloop om te gaan kyk, gevolg deur Cupido en nog 'n bruinman. In die kraal, nou helder verlig deur die maan, want die storm het verbygetrek, "a fright= ful-looking group was tearing madly round. First ran a tall, stout figure, clad in the broad-brimmed hat and quaint old-fashioned leathern costume, which Goodrick in a moment recognised." Dit was dieselfde ge= daante wat hy etlike kere by die perdestal gesien het, maar nou het hy 'n ou olifant-pangeweer in sy hande. "The figure, as it fled, had its face half-turned to its pursuers, who consisted of six half-naked Hot= tentots armed with assegais and knives. As the chase, for such it was, swept round the kraal and the figures approached the entrance, every face could be plainly discerned; and this was the horrible part of it. These faces were all the faces of the dead, gaunt, ghastly, and grim, and yet possessed of such fiendish and dreadful expressions of anger, cruelty, and lust for blood, as to strike a chilling terror to the hearts of the three spectators." Die voorste gedaante struikel en val. "In an instant, with diabolical screams, the ghostly Hottentots fell upon their quarry, plying assegai and knife. Again the awful scream that the kloof knew so well rang out upon the night; then fol= lowed a torrent of Dutch oaths and imprecations." Die gedaante slaan wild na sy agtervolgers met die geweer wat hy aan die loop vashou. Kans vir die omslagtige laaiproses is daar nie. Boosheid straal uit sy gesig - "the expression of every crime and evil passion". Sy ag= tervolgers dring nader, "and once more rang the fiendisch dying yell. Then, still more awful, the Hottentots as it seemed in an instant, stripped the half-dead body, hacked off the head and limbs, and tore open the vitals, with which they bedabbled and smeared themselves as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

they again tore shrieking round the kraal." Meteens is alles stil en die gedaantes het verdwyn.(93)

Goodrick verneem by Cupido dat g'n boer dit nog ooit lank op die plaas kon uithou nie. Hy self trek ook weg en keer nie weer terug nie. Iemand wat die plaas by hom koop, kom onverwags te sterwe.(94)

Die verhaal van Prinsloo-se-nag leef voort. "To this day, all the farmers of the countryside confirm that on the night of every 15th January, the ghosts of Jan Prinsloo and his killers sweep through that evil kloof," verklaar Eric Rosenthal, die bekende joernalis en skrywer van feiteboeke.(95)

(e) *Willem Gebhardt.* Die tragiese verhaal van Willem Gebhardt (of Gebhart) word in 1903 in *Ons Klyntjie* breedvoerig as 'n "Afrikaanse familie legende" vertel. Volgens die hele aanslag lyk dit asof ons hier met die werk van die redakteur, ds. S.J. du Toit, te make het.

Die geskiedenis begin aan die einde van die 18de eeu in Nederland waar 'n "eerbare burgermysi" deur 'n gesiene en invloedryke man verlei word. Toe hy agterkom dat sy 'n kind van hom verwag, maak hy 'n aanbod aan Gehbardt, sr., wat destyds 'n onderwyser en voorleser was. Indien hy met die meisie trou, sou hy sorg dat Gebhardt as predikant na die Kaap gestuur word. Dit gebeur, en Gebhardt het in die jaar 1800 predikant in die Paarl geword. Die kind wat gebore is, het die name van sy pleegvader gekry en is Willem genoem. Sy regte vader het verder tienduisend gulden belê, die rente waarvan vir die kind se opvoeding gebruik moes word, en by sy mondigwording sou hy die volle bedrag erf. Sterf hy voor die tyd, sou dit ds. Gebhardt toeval.

Willem se moeder is oorlede toe hy nog jonk was, en ds. Gehbardt het hom van toe af swak behandel en die kinders uit sy tweede huwelik (met Johanna du Toit, dogter van die plaasbestuurder op die pastoriegronde), nl. Piet, Jan en Johanna, gedurig voorgetrek. Hy was egter die liefling van sy pleegmoeder. Willem moes saam met die slawe op die plaas werk, maar terwyl sy pleegvader baie ongewild in die gemeente was, het al die mense van hom gehou. Ná sy mondigwording raak hy verloof aan Martjie, die dogter van 'n gesiene en welgestelde ouderling, en hy praat van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trou. Dit maak sy pleegvader nog meer vyandig teenoor hom.

Sake is blykbaar op die spits gedryf toe Willem se werklike vader in die geheim, sonder dat die seun daarvan wis, by die ouderling navraag doen of dit waar is dat Willem so swak deur sy stiefvader behandel word, of Willem sy erfporsie by sy mondigwording ontvang het, en indien nie, sal sy vader volmag aan die ouderling stuur om die geld op te eis. Die ouderling konfronteer ds. Gebhardt met die brief, en hy tree nog meer meedoënloos teenoor Willem op.

Een middag begaan 'n slaaf genaamd Klaas 'n klein misstap. Ds. Gebhardt dwing Willem om Klaas genadeloos af te ransel. Die volgende môre kry hulle Klaas dood op sy slaapplek, en Willem word op aanklag van moord deur die veldkornet tronk toe gevat. Later is egter vertel dat Klaas nie van die pak slae dood is nie, maar dat hy in die nag vermoor is deur= dat iemand sy bors en ribbes ingedruk en gekraak het (natuurlik deur ds. Gerhardt, of in opdrag van hom). Die geneesheer, dr. Barnevelt, 'n groot vriend van die dominee, getuig egter dat die slaaf van die drag slae oorlede is. Willem word ter dood veroordeel en is op 15 Nov. 1822 in Kaapstad tereggestel.(96)

Op sy versoek is hy ondergroot belangstelling in die Paarl begrawe "on= der di twê jamboesbome in di tuin. Daar het myn o'erlede moeder kort foor haar dood fer my eendag gesê, dat ek molik spoedig fer haar sal ferloor en dan molik baing sal moet ly, mar dat ek op God moet fertrou, hoe bitter myn lot ook mog wees, en op gen mens ni."(97) Met die tuin het hy waarskynlik die pastorietuin bedoel. Mettertyd is vertel dat die jong Gebhardt nie in sy graf rus vind nie en dat 'n wit gedaante in die nabyheid van sy graf gewaar is.(98)

Soos 'n mens by so 'n oorlewering verwag, is daar heelwat gegewens wat nie met die historiese feite klop nie. Ds. Jean Guillaume Louis Gebhardt is in 1757 te Mannheim in Duitsland gebore, waarskynlik 'n afstammeling van 'n Franse Hugenoot as 'n mens na sy name kyk. (Hy was egter ook vol= gens die Duitse vorme daarvan bekend as Johan Wilhelm Ludwig.)(99) Hy is in 1805 in Engeland as predikant gelegitimeer en in Julie 1808 as le= raar van die Paarl benoem, hoewel hy eers in 1810 na die Kaap kom. Al hierdie datums en lewensbesonderhede verskil van die oorlewering soos in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Afrikaanse opgeteken. Verder was daar geen pastorieplaas nie, maar ds. Gebhart het die pastorie in die Paarl verhuur en op die plaas Simonsvlei, Klein Drakenstein, gaan woon. Wat wel waar is, is dat 'n seun van hom in 1822 weens die dood van 'n slaaf tereggestel is. Hierdie kind moes dus reeds in Europa gebore gewees het, anders sou hy in 1822 maar net twaalf jaar oud gewees het, en dit klink hopeloos te jonk vir so 'n oortreding en straf. Indien 'n mens die verhaal van Willem se afkoms glo, kon dit dan moontlik met die dominee se legitimasie in 1805 in Engeland iets te make gehad het; dan was Willem in 1822 reeds sewentien jaar. Ds. Gebhart was 'n swak predikant en sy gemeentesake deurmekaar. In die amptelike geskiedenis word die feite omtrent Willem se oortreding ook heel anders gestel: "In die aand van sy lewe moes ds. Gebhart 'n bittere ondervinding deurmaak. 'n Seun van hom is in 1822 tot die dood veroordeel omdat hy 'n slaaf so gestraf het dat die slaaf aan die gevolge daarvan oorlede is. Daar ds. Gebhart nie meer sterk was nie, moes die gebeurtenis baie nadelig op hom ingewerk het. In Julie 1823 bedank hy dan ook weens siekte en klimmende jare. Ongeveer twee jaar daarna is hy op 12 Oktober 1825 in Kaapstad oorlede."(100) Die verhaal soos dit in *Die Afrikaanse* verskyn, word egter vandag nog deur ou inwoners van die Paarl oorvertel.(101)

'n Ander weergawe van die Gebhardt-sage kom in D.F. Malherbe se ballade "Jan Gebhardt" in sy bundel *Somerdae* voor. Sy voornaam is nou nie meer Willem nie, maar Jan, wat in elk geval nie so vreemd is nie, want die seun het blykbaar sy vader se name gedra, en die eerste daarvan was Johan.

Jan Gebhardt was 'n harde man, en toe hy een van sy slawe so erg met 'n ysterstok afransel dat hy van inwendige bloeding beswyk, is hy skuldig bevind en tereggestel. "Ruim sestig jaar" later wil iemand vir hom 'n opstal aanlê op die plaas in die dorp waar Jan Gebhardt opgehang en begrawe is. Die geskikste plek vir 'n woonhuis is op die presiese plek waar Gebhardt se graf sou lê. Hy sien egter nie kans om op 'n graf te bou nie en sit sy arbeiders aan die werk om Gebhardt se beendere te soek. Terwyl hulle grawe, begin die aandskadu's daal, en ongemerk kom 'n grysaard "met bewende knieë en krom" in die pad opgestap. Hy praat met hulle en vra wat hulle soek. "Ou man, ons soek Gebhardt se stof," sê die eienaar. Daarop antwoord die ou man:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Hier was wel 'n grafhoop, maar dit was skyn:
Jan Gebhardt het stil in die nanag verdwyn.

Die sipier het hom self vir 'n geldsom laat gly,
en vrindskap se trou hom die land uit gelei.

Want hy was onskuldig: nie van sy kastyding
het die slaaf gesterf, maar in nagtelike lyding

het 'n skurk hom gewurg dat Gebhardt kon hang;
só fyn was die lis wat Jan Gebhardt wou vang.

Hy was seun van 'n koning, wat skatte sou erf,
en so het gemeenheid sy rykdom verwerf.

Toe swerwe hy dakloos van land tot land
en ontvang sy brood uit genadige hand.

Maar nou is hy klaar en krom en styf ...
en hier staan Jan Gebhardt in lewende lyf!"

Die werkers vlug, en die eienaar draf al vinniger agterna. Die vol= gende dag is wel beendere en 'n skedel gekry, maar van toe af dwaal daar elke middernag 'n vreemde gedaante in die tuinpad.(102)

Indien 'n mens die hoofelemente van die verhaal uitlig, is dit basies dieselfde as diē in *Ons Klyntji:* die teregstelling sonder dat hy skul= dig was, die graf - en daarby dan die spookgedaante. Die vertelling van die grysaard lyk na Malherbe se eie vinding en is vol teenstrydig= hede. 'n Skynteregstelling was heeltemal onmoontlik, want dit het des= tyds buitendien in die openbaar geskied. Bowendien was die graf nie leeg nie, want die beendere is later daar gekry. Blykbaar het Malherbe (hoewel dit nie slaag nie) probeer om iets van die Wandelende Jood-motief op die Gebhardt-verhaal oor te plant. Sy besondere belangstelling in hierdie ou oorlewering blyk o.m. daaruit dat hy in 1911 'n reeks van drie artikels hieroor in *Die Brandwag* geskryf het.(103)

(f) *Die heks van Hexrivier.* Hierdie beroemde spooksage, een van die treffendstes in Afrikaans, is sover vasgestel kon word, vir die eerste maal in 1914 deur die skrywer D'Arbez in 'n tydskrif gepubliseer (en dit bly tewens een van die beste weergawes daarvan wat bestaan). Hy ver= klaar dat hy die verhaal "vele jaaren geleden uit de mond van een oude

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoner heb gehoord"[104] en vertel dan dat in die jaar 1720 'n boer genaamd Etienne de Savoye, waarskynlik die enigste seun van die Huge= noot Jacques de Savoye, op die plaas Bellevue (Schoongezicht) gewoon het waar De Doorns later aangelê is. De Savoye en sy vrou ('n dogter van die Hugenoot Jacques Malan) het net een kind gehad, 'n dogter ge= naamd Estelle, wat so 'n mooi jongmeisie geword het dat die kêrels haar "La belle enchanteresse" (Die skone heks) genoem het. Saterdae het hulle in groot getalle op haar pa se plaas saamgedrom. Uiteindelik lyk dit asof Charles du Pré, 'n flink jongman van Franschhoek en ook uit 'n Hugenotegeslag, die gunsteling is, maar dan wys Estelle na 'n rotspunt in die berge agter hul huis en gee hom die noodlottige opdra: "We noemen die rots 'La roche du Soleil' (De Zonnenklip), ... wan de eerste stralen van de opkomende zon verlichten hem. Oû Anna, onze Hottentot-ayah, vertelt dat daar boven op die rots een prachtige rode bloem groeit, een der schoonste in de wereld, en de man die die blom plukt, zal het schoonste meisje op aarde tot z'n vrouw krijgen. Je zei de andere dag dat ik voor je het schoonste meisje was, welnu, breng mij de rode bloem, ek ik zal je vrouw worden."

Charles klim die berg uit, en met groot moeite kry hy die blom wat 'n ent onderkant die rotspunt uit die berghang groei. Hy gaan plat op sy maag lê en leun ver vooroor. "Hy had de bloem in z'n handen - hij pluk= te haar. Een kraak! de dunne steenlaag waarop hij steunde brak - levensloos lag Charles du Pré, vermorzeld en verpletterd onder aan de voet van de 'zonnenklip'!" Die meisie se vader hoor later by 'n skaap= wagter van die ongeluk. Hulle gaan die jongman se lyk haal. "Charles du Pré lag dood; z'n hoofd was ontzettend verminkt; slechts aan z'n kleren was hij te herkennen. Zijn rechterhand omklemde een prachtig rode bloem - de 'disa grandiflora.'" Toe Estelle die lyk sien, is die skok vir haar te veel. Sy raak van haar sinne af. Maer en uitgeteer lê sy op haar bed, waar sy dag en nag bewaak moet word. Op 'n helder nag glip sy by die huis uit terwyl haar oppasster slaap, klim die berg in en spring van die rotspunt af waar die jongman na benede gestort het.

"Driemaal in mijn leven," sluit D'Arbez af, "heb ik in de nacht, met een heldere maan aan de hemel, te voet gestapt door de Heksrivierkloof vanaf De Doorns tot voorbij de plaats van mijn vriend, Jan Viljoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

En telkenmale was het mij alsof op 'La Roche du Soleil,' de rode 'zon=
nenklip,' er een wit verschijnsel was dat ongeveer de vorm had van een
vrouwelike gedaante." Sou dit maar net die maanstrale gewees het, of
dalk iets anders?(105)

Die verhaal self bied 'n goeie weergawe van die sage soos dit vertel
word (afgesien daarvan dat dit die *disa uniflora* moet wees, want dis
die korrekte naam van die bloedrooi disa).(106) Die name van die ka=
rakters - De Savoye, wat weer opduik, uitgesonderd - is egter blykbaar
alles denkbeeldig en deur D'Arbez, bedrewe skrywer van historiese ro=
mans, self gegee. Dink bv. aan die passie waar hy al die jongkêrels
wat by die meisie kuier aan die leser bekend stel. "Daar was Jan Greeff,
van Stellenbosch; Hercules du Toit, van Drakenstein; Johannes Vlok en
Piet Pretorius, beiden van Stellenbosch; Gerrit van der Bijl, van de
Paarl vallei; Charles du Pré en Pierre de Villiers, beiden van Fransch
Hoek; en Jean Villon van Drakenstein."(107) Dit is knap gedoen en al=
mal name wat teen die begin van die 18de eeu in hierdie streke kon voor=
gekom het, maar dis heeltemal ondenkbaar dat so iets in 'n volksoorlewe=
ring behoue sou gebly het.

Presies twee jaar later (in 1916) publiseer D'Arbez 'n tweede weergawe
van hierdie vertelling in tydskrifvorm(108) onder die opskrif "De rode
bloem" (wat in 1918 saam met vyf ander verhale in *"Losse klippe"* gebundel
word). Nâ sy artikel van 1914 en voor hy sy verhaal van 1916 geskryf
het, moes D'Arbez nuwe inligting bekom het, want die name in "De rode
bloem" verskil aansienlik van die voriges. Waarskynlik het een van die
lesers van die artikel in *De Unie* met hom in aanraking gekom, hoewel daar
in die rubriek vir korrespondensie g'n spoor van so iets gevind kon word
nie. In elk geval het die redaksie besonder min ruimte aan lesersbriewe
afgestaan. Die vertelling is nog basies dieselfde, maar D'Arbez se in=
formant word aangedui as oom Jan Naudé. Die vader van die meisie is
nou die Hugenoot Pierre de Savoye, die meisie is Elise, en die jongkêrel
Philippe Durand, seun van Jean Durand, 'n Hugenoot. Die voorval sou
omstreeks 1703 plaasgevind het toe Elise 'n meisie van negentien jaar
was. Die rotspunt is in die Matroosberg. As bron vir sy vertelling
beroep oom Jan hom op sy voorgeslagte: "Ik heb dit veel al van mijn
grootvader gehoord, en hij heeft me verteld dat zijn grootvader, de zoon
van de eerste Naudé die voet in Zuid-Afrika zette, de 'Schone Heks' goed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekend had, en zelfs één van haar vrijers was geweest." Oom Jan ver= meld verder: "En mijn grootvader zei, dat op heldere, mooie maanlicht= avonden men 't spook van de Schone Heks op de rotspunt heeft gezien, een gezicht dat echter aan weinig mensen beschoren is geweest."(109)

Soos so dikwels in 'n volksoorlewering, klop die gegewens nie met die historiese feite nie. Die Hugenoot De Savoye was nie Pierre nie, maar Jacques. Sy kinders was Marguerite, Barbère, Jacques, Aletta en Philippe - dus geen Elise nie.(110) Hy het plase by Simonsberg en in die Wagenmakersvallei besit, maar nooit in die latere Hexriviervallei nie.(111) In 1712 keer hy en sy vrou terug na Europa. Aan die man= like kant het die familie heeltemal uitgesterf in Suid-Afrika.(112) In die geslagsregister van die Durands kom daar ook niemand voor wat vir die rol van die ongelukkige jongman kwalifiseer nie.(113) Die informant, oom Jan Naudé, is òf 'n skepping van D'Arbez, òf oom Jan se geheue speel hom parte, òf anders is die familieoorlewering 'n bietjie aangedik, want in die geslagsregister van die Naudés is niemand wat aan die begin van die 18de eeu 'n hofmaker by die heks van Hexrivier kon gewees het nie. Die stamvader sit trouens eers in 1718 voet aan wal.(114)

D'Arbez se verhaal is die bron vir die hele geskrewe tradisie van hier= die sage in Afrikaans. In 1948 gee die digter S.J. Pretorius 'n same= vatting daarvan as inleiding vir sy (literêr swak) ballade "Die heks van Hexrivier", wat in die bloemlesing *Afrikaanse verhalende verse*, saamge= stel deur P.J. Nienaber, opgeneem word. (Dit is ook in latere bloem= lesings, nl. *Vorm en inhoud* en *Digters en digsoorte*, ingesluit, wat her= haaldelik vir skole voorgeskryf is en dus wyd sirkuleer.) Pretorius se ballade word in 1949 in beknopte vorm deur die skrywer Lawrence G. Green weergegee in sy boek *In the land of afternoon*. Nienaber bied 'n prosa= weergawe van D'Arbez se verhaal in sy boek *Legendes van ons eie land*, wat in 1952 verskyn.(115) Pretorius se ballade is ook die bron vir die jongste Afrikaanse oorvertelling deur Grobbelaar in *Die mooiste Afrikaan= se sprokies* (1968).

'n Koerantartikel onder die opskrif: "Survey of aboriginal place names" in 1926(116) bring 'n verdere variant na vore, vermoedelik ook uit die volksmond opgeteken. Waarskynlik gebruik Lawrence Green dit as bron

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wanneer hy in 1957 'n nuwe weergawe van die ou verhaal publiseer.(117) In sy boek *Beyond the city lights* verwys hy na *In the land of afternoon* en verklaar: "Since then I have heard another version with more detail." Hy bedoel vermoedelik dat iemand die koerantartikel onder sy aandag ge= bring het, want wanneer hy in sy boeke vertellings weergee wat hy self by die een of ander plaaslike informant gehoor het, vermeld hy dit ge= woonlik. Die gegewens van betekenis is soos volg: die vader se naam is J.H. Meiring, die dogter Eliza, die plaas Buffelskraal. Die kêrel se naam word nie genoem nie, maar die datum van die voorval word nou na die sestigerjare van die 18de eeu verskuif, want daar is sprake daar= van dat haar voorletters E.M. en die jaartal 1768 op een van die ruite van 'n kamervenster uitgekrap was; die ruit het egter om en by die vyftigerjare van ons eeu gebreek.(118)

Die mees onlangse optekening van die verhaal is deur 'n student in 1973 gedoen. Die besonderhede van die gebeure is nog steeds basies dieself= de: "Die volgende vertelling oor die heks van Hexrivier is alombekend in die Hexvallei. Dit word van geslag tot geslag oorgedra en die vol= gende is deur my moeder (mev. Judith Naudé van De Doorns) aan my vertel. Eendag was daar 'n baie mooi meisie met die naam Elize. Sy het 'n kê= rel gehad en was baie lief vir hom. Hy moes eers sy liefde bewys deur 'n rooi disa in die Matroosberge te gaan pluk. As hy daarmee terugkom, sou sy met hom trou. Hy het hoog geklim en uiteindelik 'n disa gekry. Toe hy egter die berg afkom, het sy voet gegly en hy het verongeluk. Elize het baie getreur en haarself verwyt. Sy het eendag by 'n hoë ven= ster uitgespring en na die berg gegaan. Daar het die berg ook haar lewe geëis. Die huidige inwoners van die plaas, Clovelly, waar Elize gewoon het, is nog steeds skrikkerig vir die spookkamer. Die huisvrou sê dat sy nooit na sononder in die spookkamer van Elize gaan nie. Die kamer word ook nie gebruik nie!"(119) 'n Interessante aspek waarna hier terloops verwys kan word, is dat die spokery nou (ook) in die huis plaasvind.

Verdere navrae het aan die lig gebring dat Clovelly eintlik die ou plaas Buffelskraal is. Die woonhuis, glo die oudste in die De Doorns-omgewing, staan aan die voet van die Matroosberg en is in 1767 opgerig. Die hui= dige bewoners van die plaas is mnr. en mev. D. Hill. Afgesien van die spookkamer, is die verhaal aan mev. Hill bekend dat die wit gedaante van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die meisie glo soms op maanlignagte op 'n rotspunt teen Matroosberg ge= sien word, maar sy het self "nog nooit iets gewaar nie".[120]

In 1979 voeg Penny Miller 'n kwasstrepie by om die prentjie verder in te kleur: "Her spirit, lamenting the death of her lover, wanders the windswept crags on moonlit nights. When the moonbeams glitter on the first frostings of winter snow, the farmers in the valley below nod and say: 'The witch is in the mountains tonight.'"[121] Vir iemand wat hedendaagse boermense ken, klink dit egter nie na 'n outentieke opteke= ning nie, maar eerder na 'n verbeeldingsvlug van die skryfster.

'n Paar belangrike nuwe feite kom na voro. Die meisie is Elize (Elise) of Eliza, gebruiklike afkortings vir Elisabeth. Dit is die mees kon= stante gegewe in al die variante van die verhaal: in D'Arbez se finale weergawe, in die koerantartikel van 1926, en in die studenteweergawe van 1973. Die ou plaas Buffelskraal kom in meer as een bron voor. Die vader se naam word in die 1926-artikel as J.H. Meiring aangegee.

Wanneer 'n mens die gegewens kontroleer, is die datum 1768 dadelik ver= dag, want die oorspronklike swaairaamvensters is omstreeks 1840 met Georgiaanse skuiframe vervang,[122] waarvan die ruite boonop heelwat groter as dié van die Kaaps-Hollandse vensters was. Die jare 1767-1768 was bowendien om ander redes vir Buffelskraal belangrik. Die geweldatum van die ou woning (vandag Clovelly) is 1767, maar die huis is volgens oor= lewering in 1767-1768 gebou.[123] Dis heel moontlik dat die buitewerk, dus ook die gewel, in 1767 voltooi is, maar die finale afronding eers in 1768. Op die plaas is 'n tweede woning wat die geweldatum 1768 dra (jare lank bekend as Lemoenbult-op-Buffelskraal).[124] Wie dit dus ookal eerste opgeteken het dat die voorletters E.M. en die datum 1768 op die ruit van die woning op Buffelskraal uitgekrap was, het dit mis= kien nie met sy eie oë gesien nie en kon hom maklik misgis het deur dit te verwar met bou- en geweldatums deur sy informant genoem. Die informant kon hom self ook misgis het. Sulke soort dinge kom 'n mens feitlik daagliks teë wanneer jy navorsing doen.

Aanvaar 'n mens dat die voorletters E.M. wel op die ruit was (en daar bestaan geen rede om dit summier te verwerp nie), duik ander probleme op. Die plaas De Buffelskraal, soos dit toe geheet het, is in 1750 aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pieter Hugo toegeken. Hy is in 1752 oorlede, en die plaas is aan sy seun Jacobus (Jacob) Hugo (1737-1769) bemaak. In sy tyd is die twee wonings gebou: die ou Buffelskraal en Lemoenbult-op-Buffelskraal. Die rede waarom twee huise nodig was, is dat sy moeder nog jong kinders gehad het en nie weer getroud is nie.(125) Ná Jacob se dood trou sy weduwee, Catharina Magdalena Hoppe, in 1771 met Wouter de Vos, wat in 1780 ook 'n tweede maal trou, nl. met Susanna Barbara du Bruyn. Aan twee broers uit hierdie tweede huwelik word Buffelskraal met sy twee opstalle in 1834 oorgedra, nl. Philippus (geb. 1797) en Dirk (geb. 1798). Albei was getroud: Philippus met Margaretha de Bruyn (troudatum onbekend), en Dirk in 1821 met Elizabeth Maria Hugo (oorl. 1847), en daarna weer met Anna Maria Möller. Die stambome is nog nie verder uitgewerk nie, maar eerstens kan daarop gelet word dat Philippus of Philip 'n naam is wat baie algemeen by die De Vosse voorkom,(126) en tweedens dat albei egpare teen 1840 kinders van om en by negentien of twintig jaar kon gehad het.

Ons kan nou na die volgende leidraad kyk, nl. dat die meisie Elise (Elize) Meiring, dogter van J.H. Meiring, was. Die stamvader, ds. A.M. Meiring, kom in 1743 in Kaapstad aan. Die eerste J.H. in sy nageslag is Johannes Hendricus (geb. 1787) wat in 1818 getroud is met Catharina Magdalena de Wet (1797-1842), en in 1845 hertrou met Anna Cahtarina Hugo, wed. van Bernard Jean Gerard de la Bat, 'n eie niggie van Elizabeth Maria Hugo wat met Dirk de Vos getroud was. (Haar vader, Jacobus Hugo, was 'n broer van Elizabeth Maria se vader, Petrus Francois Hugo.) J.H. Meiring was in die Worcester-omgewing woonagtig en het net een dogter gehad wat ongetroud gebly het, nl. Johanna Elizabeth. Haar geboorte- of doopdatum word nie vermeld nie, maar haar naam staan in die geslagsregister tussen dié van 'n suster in 1820 gebore en 'n broer omstreeks 1823 gebore. Dus kan haar geboortedatum op omstreeks 1821/22 gestel word.(127) Sy kon dus in 1840 ongeveer negentien jaar oud gewees het. Johanna/Anna is 'n baie algemene naam, en dit sou nie vreemd wees as sy op haar tweede naam Elise of Elisa genoem is om verwarring te voorkom nie.

Dit kan dus as moontlikheid gestel word dat hierdie Johanna Elisabeth Meiring die sg. heks van Hexrivier was, die jongman een of ander Philip de Vos, en dat die voorval omstreeks 1840 plaasgevind het. Ver-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

der was dit dan nie die meisie wat op Buffelskraal gewoon het nie, maar wel die jongman. Hoe die voorletters E.M. op die venster van Buffels= kraal gekom het? Moontlik het die meisie in haar nood na die woning van haar geliefde gegaan, want, soos reeds aangetoon, was daar noue bande tussen die onderskeie families. Moontlik het sy nooit eens die kêrel die berge ingestuur nie, maar het hy dit in jeugdige oormoed self gedoen. Dalk was dit 'n doodgewone bergklimongeluk waaromheen die volksverbeelding voortgeborduur het.

Daar is nog ander fasette aan hierdie fassinerende sage. Pleknaamkun= dige E.J. du Plessis stel dit as 'n feit dat Elise "op eg Switserse edelweiss-tradisie haar minnaars die taak opgelê het om vir haar 'n rooi disa teen die hoë rotse van die Matroosberg te gaan pluk".(128) Ook mev. Hill weet, volgens 'n persoonlike mededeling, van die sg. Switserse edelweiss-verhaal, maar kan nie sê waar sy daaraan kom nie en beskou dit as algemeen bekend. Op die oog af lyk so iets heeltemal aanvaarbaar, want die edelweiss is wel 'n heel besondere blom wat hoog in die Alpe groei. Tog ken Richard Weiss, skrywer van die gesagheb= bende *Volkskunde der Schweiz*, nie so 'n oorlewering nie. Hy verwys wel na die edelweiss, maar heeltemal in 'n ander verband.(129) Ook Europese skrywers wat hulle in die besonder daarop toegelê het om volks= oorlewerings omtrent blomme te versamel, weet nie van so iets nie.(130) Laastens kom dit nie in die Aarne/Thompson-indeks voor nie. Hoe die edelweiss-vertelling dan in Suid-Afrika in omloop gekom het? Dis on= waarskynlik dat dit spontaan in die volksmond ontstaan het, want die volksmens skep gewoonlik nie nuwe volkskultuur teen die agtergrond van 'n vreemde kultuurbodem nie. Heel waarskynlik het die een of ander skrywer van die edelweiss gelees, die verhaal van die heks van Hexri= vier geken, 'n nuwe verhaal geskep en dit in die een of ander koerant, tydskrif of boek (aan my onbekend) gepubliseer, van waar dit versprei het. Die tema van die heks van Hexrivier word trouens deur Jochem van Bruggen in sy roman *Telerugestel* (1918) aangewend, na 'n Transvaal= se agtergrond verplaas, en dié keer boet die held nie met sy lewe nie nie.(131) As onderwyser sou Van Bruggen seker op *De Unie*, onder meer mondstuk van die Z.A.O.U., ingeteken en D'Arbez se artikel daar gelees het, of anders sy verhaal uit *Die Brandwag* geken het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die Aarne/Thompson-indeks is wel twee inskrywings wat verwantskap met die verhaal van die heks van Hexrivier toon:

A/T 467 *The quest for the wonderful flower (jewel)*

I *Obtaining the flower.* A youth finds a lovely (a) flower or (b) jewel and takes it to a king. The kind demands another (c) at the request of his queen or daughter.

II *The quest.* After many adventures on the way, the youth finds a princess who produces the flowers (jewels) magically, marries her, and returns in triumph.

(Van hierdie verhaal is agttien variante opgeteken, almal in Indië.)

A/T 614* *Fatal climb for healing plant.* The son of a rich shepherd climbs on a cliff for the plant which can restore his sick father; he falls into the precipice and perishes. (Een optekening, in Pole.)

Dit is interessant dat dit, soos reeds aangedui, glo die "aia" was (heel moontlik van Oosterse slawe-afkoms) wat Elise van die wonderblom hoog in die berge vertel het.

Ten slotte kan daarop gewys word dat by Ladismith (Kaap) 'n vertelling in omloop is i.v.m. Prins-se-krans (asook die name Prinsrivier en Prinsrivierpoort) wat sterk ooreenkomste met die verhaal van die heks van Hexrivier vertoon. Dit lui soos volg: "Hoog teen die kranse eintlik onbereikbaar - was daar 'n bynes. 'n Kleurling-jongman en sy nooi het eenmaal daar in die poort gewandel. Hulle het die bynes opge= merk en gesien hoe die bye so ywerig werk. Die nooi sê toe aan haar minnaar dat, as hy van die heuning van daardie bynes vir haar bring, hy haar verseker as vrou kan kry. Die jongman was seker baie lief vir die nooi, want hy het gesê dat hy 'n plan sou beraam. Na 'n tyd het hy teruggekeer na die kranse waar die bynes was. Hierdie keer was hy gewapen met 'n klomp houtpenne, 'n hamer, 'n velsak agter sy rug en 'n mes in sy sak. Hy het die eerste houtpen in 'n naat van die krans stewig ingeslaan en daarop getrap, daarna het hy 'n volgende pen hoër op ingeslaan. So het hy voortgegaan om verdere penne al hoër teen die rotsmuur in te slaan en sodoende kon hy teen die krans uitklim; hy het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baie goed gevorder tot hy net onder die bynes was. Dit was 'n nes oor= vol van pragtige heuningkoeke. Hy het van die koeke begin lossny en die velsak daarmee gevul. Heuningkoeke is swaar en die man het nie daarmee rekening gehou dat die houtpen onder sy voet nie die massa van hom en die heuning sou kon dra nie. Toe die velsak vol was, het die houtpen afgebreek. Hy het na benede gestort en sy nek gebreek. Baie jare nâ hierdie gebeurtenis het daar nog van die houtpenne in die skeure van die krans gesteek. Hierdie dapper bruinman se naam was Prins en vandaar die benaming Prinsrivier en Prinsrivierpoort." Dis feitlik onnodig om te sê dat dit glo in die poort spook, natuurlik die arme Prins wat sy geliefde toe nooit gekry het nie.(132)

(g) *Die Tugela-spook.* Omstreeks die jaar 1850 is 'n trekgroep van vyftien waens met sowat tagtig mense op pad van Pietermaritzburg na Utrecht. Meteens gewaar hulle 'n vrou wat slingerend in die pad aan= stap, en die voorman van die trek stuur drie jongkêrels om te gaan kyk of sy nie dalk hulp nodig het nie; moontlik is die wa waarop sy was deur rowers geplunder.

"Toen di drie ferkenners haar nader merk hulle ferskillende bisonderhede wat hulle besorgdhyd fermeerder en di opni fan di kommandant lyk te be= festig. Haar hare was geheel ferpluk, ofskoon nog half opgemaak. En nou merk hulle dat di doek wat langs haar rug athang heeltemal deurweek is fan bloed. Haar gang was wankelende mar dit lyk of sy ni merk dat hulle haar agterfolg ni. Di drie stap toen nog finniger en was al 'n paar trede fan haar af. Sodra hulle met haar wou praat draai sy plot= seling uit met 'n klyn kaffer foetpatji. Haar opfolgers en di hele geselskap op di wagens ferstaan toen dat sy hulle wou onnflug. Sy probeer toen swakkiis om te hardloop, en swaai ferskye male haar arms wild deur di lug, mar kyk nooit om ni en laat gen geluid hoor ni. Dit lyk toen of sy in grote angs en pyn ferkeer en dit maak di drie jonge mans nog begeriger om haar hulp te ferleen. Een fan hulle roep fer haar sy moet stil staan, daar hulle haar gen kwaad sou doen ni, mar fer haar wou help. Sy gê gen antwoord ni, mar perbeer al meer om te ont= flug. Daar staan toen niks anders op ni as om haar met geweld teen te hou. Een fan hulle loop fooruit en wou haar an di arm fat. Mar hy fat somar in di lug, en di frou ferdwyn heeltemal opeens."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vyftien jaar later word 'n dronklap-winkelier wat sy vrou op daardie presiese plek vermoor het, skuldig bevind en tereggestel nadat sy swart werkers, wat hy eers omgekoop het, hom op die ou end gaan verklik het. Die vrou het nie weer gedwaal nie.(133)

(h) *"'n Geheimsinnige ontmoeting fan 'n ou Voortrekker".* 'n Heel merkwaardige spooksage wat uit 1852 sou dateer, word in *Ons Klyntji* van Augustus 1905 gepubliseer (oorgedruk uit die blad *Land en Volk*). Ene Hendrik J. du Plessis vertel hoe hy in daardie jaar in die Transvaalse Bosveld op reis was na die Waterberg, toe hy in die afgesonderheid by die mooi opstal van 'n boer genaamd Swartz en sy vrou uitkom. Hy merk dat die man heelwat ouer as die vrou is, en ook is daar spanning in die lug. Laat daardie nag hoor hy 'n gefluister en voetstappe in die eg= paar se kamer langs syne en elders in die huis, en hoe die vrou die man huilend soebat om iets nie te doen nie. Eindelik kom hulle op die stoep uit, en in die helder maanlig sien die besoeker hoe die vrou haar man probeer terughou, maar hy ruk los en stap weg.

"Toen Swartz sowat 20 trê'e fan di stoep af was, siin ek dat hy 'n ander frou, blykbaar follens postuur omtrent fan syn ouderdom, want ek het haar mar fan agter gesiin, met syn een hand an di arm beet had, wat traag lyk om te loop. Hy loop met haar tot op omtrent 50 trê'e na di spruit syn kant toe waar hy bly staan, soos dit lyk 'n paar woorde met di frou praat, kwaad word, met syn arms 'n paar maal in di lug swaai, di frou met di linker hand an di keel beet kry en geef haar 3 geweldige fuisslage in di gesig sodat sy neerfal, en nadat hy haar 'n party dugtige skoppe of trap= pe toegediin het, laat hy haar lê en kom terug." Die nag verloop sonder verdere voorval, en die volgende oggend is die besoeker vort.

Toe die reisiger eers etlike jare later weer op die plek kom, staan nog net die bouval van die huis daar, en hy verneem dat Swartz kort ná sy vorige besoek weggetrek het; niemand het weer van hom gehoor nie, want hy het waarskynlik sy van verander. Die geheimsinnige gebeure van daardie nag word vir die verteller effe opgeklaar toe hy by intrekkers uit die Kolonie hoor dat daar 'n ryk boer genaamd Swartz was wat sy vrou wreed vermoor het. Hy was getroud met 'n weduwee van omtrent sy eie ouderdom, maar hy het vermoedelik op sy agttienjarige stiefdogter ver= lief geraak en sy vrou doodgeslaan en -geskop toe sy met hom daaroor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

praat, waarna hy en die meisie noordwaarts gevlug en as man en vrou saamgeleef het.[134]

Hierdie spookverhaal is buitengewoon omdat die gebeure hom herhaal ter= wyl een van die partye nog lewe, en dit nie plekgebonde is nie, maar agter die een hoofkarakter aan verskuit.

(i) *Gert Swanepoel.* In die eerste helfte van die 19de eeu het Gert Swanepoel (geb. 1816) en sy vrou op die plaas Rietfontein langs die Gouritzrivier naby die huidige Calitzdorp gewoon. Hulle het twee kin= ders gehad. In 1841 is hy vir die eerste maal gevonnis, weens aanran= ding met geweld, en vir twee jaar na Robbeneiland gestuur. Enkele ja= re later, nl. in 1846, word hy aangekla van moord op 'n inboorlingwerker, maar weens gebrek aan getuienis vrygespreek. Nou bou hy 'n houtheining om sy huis, hou kwaai honde aan en verwilder besoekers. Nā die Grens= oorlog van 1846-47 word staatsosse op sy plaas gekry. Hy word voor die hof gebring, maar weer eens weens gebrek aan getuienis ontslaan. In der waarheid het hy die hoofgetuie (Jan Willemse) vermoor, soos la= ter aan die lig sou kom. Gerugte van roof, moorde en wreedhede doen die ronde, en Swanepoel geniet blykbaar die opspraak wat hy verwek, want hy besoek George in 'n buitengewone "uniform" wat hy self ontwerp het: 'n heldergroen baadjie met vergulde knope, 'n wit onderbaadjie en 'n tamaai hoed met swart volstruisvere versier. In 1856 word hy weens die moord op een van sy vernaamse handlangers ter dood veroordeel en tereggestel.[135] Swanepoel se vrou, so word vertel, was soms nog wreder as haar man. "Sy't sommer die klein bruin kindertjies op die plaas wat te veel gehuil het, se tonge uitgebrand of hulle in die warm buite-oond gegooi."[136]

Die geval van die Swanepoels het C. Louis Leipoldt diep geïnteresseer, hy skryf artikels daaroor, en in verskeie verhale word die tema ver= werk.[137] Dit is egter veral in die volksmond dat dit wyer uitkring. Daar word vertel dat dit "dwaal" by Swanepoel se ou opstal, waarvan nog net die bouvalle oorgebly het. Geheimsinnige bruin vlekke verskyn op 'n groot, plat klip naby die plek waar eenmaal die agterdeur van die huis was. Dit is glo die bloed van slagoffers wat Swanepoel en sy vrou daar keel-af gesny het.[138] Dié geloof is nie vreemd nie, want bloed is natuurlik by uitstek draer van die animistiese oerkrag wat in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menslike of dierlike liggaam skuil.

In ander oorlewerings speel die Bybelwoord dat die "misdade van die vaders" aan die kinders besoek word, 'n rol. "Maar die Swanepoels se moordlustigheid het nie by ou Gert opgehou nie. S hele nageslag het sy streke geërf," word verklaar. Sy kleinseun is glo "by Sonop naby Brits, Transvaal, gehang omdat hy sy skoonseun se keel, op die aand van laasgenoemde se troue, met 'n mes afgesny het". En "sy agterkleinseun is gehang omdat hy moedswillig 'n Kleurling op Bonnievale doodgery het".(139)

9.2.7 Toordery

Die toordokter of towernaar soos ons hom by die Afrikaanse volksmens teëkom -- so het ons reeds vasgestel - is 'n nie-Germaanse verskynsel wat ontwikkel het onder invloed van die inheemse swart volkere en die ingevoerde Oosterse slawe, waar hy 'n geweldige groot rol gespeel het. Dit het gebeur hoewel die toorkuns teen die Afrikaner se Calvinistiese kerkgeloof indruis: waar die kerkgeloof berusting in die wil van God voorskryf, wil die mens met toorkunste juis gebeure volgens sy eie wil beïnvloed. Besoeke aan of van 'n toordokter het dus met die grootste geheimhouding gepaardgegaan.(140) Die Afrikaner se geloof aan toor= dokters is egter nie moeilik te verklaar nie. Hy bevind hom in 'n kultuurbodem saam met ander volksgroepe wat wel van toordokters gebruik maak, meen dat hy die slagoffer van toorkunste is wanneer hy ongeneeslik siek word of onverwagse skade ly, en dan word die hulp van 'n toordokter geredelik ingeroep om die bose met die bose, of minstens 'n kenner van die bose, te bestry.

(a) *Slamse.* Die Kaapse Maleiers, volgelinge van die Islam en daar= om dikwels Slamaiers of Slamse genoem, is vir die Afrikaner toordokters by uitstek, hoewel hul rol dieper die land in (hulle is veral bewoners van die Boland) dikwels deur swart of Indiër-toordokters oorgeneem word. Die Maleier, as Oosterling, doen vir die Afrikaner geheimsinnig aan, en dit word ongetwyfeld deur iets soos die vir die Westerling vreemde khalifa-vertonings versterk. Van betekenis is in hierdie verband die uitspraak van die Nederlandse geleerde Jan de Vries: "wenn fremde auf einer niedrigeren Kulturstufe stehende Volkselemente mit anderen zusam=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menwohnen, so werden sie oft als wohlbewandert in der Magie be= trachtet".[141] Volgens die Afrikaanse volksgeloof kan die Slams wit en swart magie beoefen, m.a.w. hy kan die oorsaak van iemand se siekte wees, of hy kan daardie siekte genees. Die Slamse maak gewoonlik van kontaktowery gebruik: iewers word 'n botteltjie of pakkie met uitwerp= sels, hare, naels (dié dele waarin die mana in 'n sterk mate aanwesig is) van die slagoffer begrawe, waardeur hy ongeneeslik siek raal Kom 'n ander Slams daardie botteltjie of pakkie uitgrawe en tot niet maak, word hy gesond. Algemeen bekend is dit dat 'n Slams vir 'n verliefde die een of ander middel kan gee, gewoonlik doepa genoem, wat hy/sy in die nooi of kêrel se kos moet gooi om haar/sy guns te wen. Die Slamse is ook belangrike bordgenote as jy by iemand wil laat goël, of die goëlery ongedaan wil maak.[142]

(b) *Blanke towenaars.* Blanke towenaars is gewoonlik beoefenaars van die sg. wit toorkuns, d.w.s. hulle gebruik hul gawes om goed te doen, siekes te genees, boosdoeners aan die pen te laat ry, en so meer. Tog is daar ook van hulle wat swart towenaars was, soos (ironies die naam) De Witt-Natal: "As iemand wraak wou neem, het hy na (hom) gegaan en hy het dan 'n sekere kruietipe verskaf ... Hierdie kruie is dan stilletjies êrens gestrooi waar die man sou verbyloop. Sodra hy daaroor geloop het, het sy beenmurg begin uitdroog en dit het dan dikwels gepyn. Soms het hy krokodilgif aan die mense gegee; as hulle dit in iemand se tee gesit het, het dié persoon baie naar geword."[143]

Etlike name van wit towenaars duik op. Daar was Gertzen-Middelburg in Transvaal,[144] Ou-Hiet (Heath) in Kaapland,[145] en Steenberg-van-die-Vrystaat.[146] Die twee heel belangrikstes was egter Spoorbek en Sors de Beer.

Heinrich Schörbeck is in Wesfale, Duitsland, gebore (datum onbekend), kom voor 1815 na die Kaap en gaan woon in die latere distrik Humansdorp waar 'n stukkie grond, bekend as Spoorbek-se-erf, in 1816 aan hom toege= sê word. Hy is eintlik 'n opgeleide klipmesselaar, maar rig 'n water= meul op en word meulenaar vir die omgewing. Sy naam word in die volks= mond vervorm tot Skoorbek, Spoorbek, Skeerbek en selfs Skoubek, maar weens die bonatuurlike magte aan hom toegeskryf, staan hy ook as die Witte Krag bekend.[147] Iemand wat hom self as kind geken het, nl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mev. Johanna Fick, het (so het ons reeds gesien) later o.m. van hom getuig: "Die mense het altijd angstig gevoel als hij in die huis is, want hulle weet goed, elke woord wat hulle praat, hoor hij, al is hij nie in die kamer nie. Maar die mense het daarom tog die grootste verering vir hom gehad, hij het altijd elkeen gehelp wat in die nood was en nooit geld wil aanneem nie."(148)

Tipies van die magte aan hom toegeskryf, is dat hy 'n huisdak teen brand bespreek het sodat die dekriet nie eens wou vlam vat toe die dak later afgegooi is nie; dat hy 'n brand in 'n skaapkraal geblus het deur 'n vars brood daarin te gooi; dat hy 'n dief aan sy buit laat vassit het; dat hy 'n vrou wat hom beledig het haar spraak vir 'n etmaal ontneem het en 'n ander kranksinnig laat word het; dat hy 'n das in 'n slang kon verander, en weer terug na 'n das; dat hy die toekoms kon voor= spel.(149) Sommige van die voorvalle waarby hy betrokke sou gewees het, raak so verbeeldingryk (bv. die inhalige vrou se straf) dat dit as legendes beskou moet word.

Sors de Beer het teen die einde van die 19de eeu op 'n plaas langs die Vogelrivier in die distrik Pearston gewoon, maar sy hulp is deur mense in talle dele van die land ingeroep. Hy het glo oor magte soortgelyk aan dié van Spoorbek beskik. Hy kon tydpyn bespreek sodat dit heel= temal verdwyn; hy kon 'n dief aan sy buit laat vassit; hy het siekes (veral geestelik versteurdes) genees; hy kon die toekoms voorspel.(150) Soms kon hy verskriklik wraak neem (soos Spoorbek wat 'n vrou krank= sinnig laat word het) deur 'n woord te spreek sodat die weerlig jou huis presies op 'n vasgestelde tydstip aan die brand sou slaan.(151)

9.2.8 Goëlery

In die algemeen stem dit by die Afrikaner presies ooreen met die sg. *poltergeists* in Europa en hoef dus nie verder toegelig te word nie. Ander vorme van gedaantewisseling, in die besonder die nagmerrie en weerwolf, het meestal redelik vae gelowe gebly met hier en daar 'n ver= telling wat gedeeltelik daarmee in verband gebring kan word. Gewoonlik word by hierdie soort verskynsels in Afrikaans ook van goëlery gepraat.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.2.9 Voorbodes

Dit speel (net soos spoke en goëlery) 'n besonder belangrike rol in die Afrikaanse volksgeloof, maar die meeste oorlewerings daaromtrent het niks meer as gespreksonderwerpe gebly nie. Voorbodes kan talle vorme aanneem, bv. 'n lykstoet wat verskyn aan iemand wat heldersiende is; 'n onrustige gevoel wat oor hom kom; vreemde roepende stemme wat in die nag opklink; 'n kind wat in die vlei huil; 'n geklop aan die deur; bloedspatsels uit die niet; natuurtekens, soos klein vlies= wolkies aan die lug; die ongewone gedrag van diere, bv. 'n haan wat in die middel van die nag kraai; dwaalligte in die veld, of ligte teen die kamermuur; 'n droomgesig, o.m. van bloed of 'n vlermuis.(152)

Net soos in Europa is die tragedie dat iemand wat 'n voorbode sien, ge= woonlik niks aan die gebeure kan verander nie, en dit is dus 'n sware las wat op hom rus.(153) Dit word algemeen aanvaar dat so 'n helder= siende met die helm gebore is.

Een van die merkwaardigste gevalle van 'n heldersiende mens in Afri= kaans, is dié van die jonge Jacoba Marais uit die dertigerjare van ons eeu in die distrik Brits, Transvaal. Reeds op die ouderdom van twee maande was sy eendag blykbaar sonder rede baie kriewelrig, en later het haar moeder gehoor dat 'n man juis op daardie tydstip verdrink het. Dit het voortgeduur totdat sy op die ouderdom van 21 maande vlot kon praat en telkens vooruit vertel het van mense wat gaan verdrink of ver= ongeluk of siek word en sterf (of soms genees). Nooit kon sy met haar gawe iemand se lewe red nie.(154)

9.2.10 Monsters en legendariese diere

Afgesien van waterslange, die dassie-adder en sulke verskynsels wat reeds in ander afdelings behandel is, was daar nie veel gelowe aan monsters wat tot sages gelei het nie. Wat legendariese diere betref, was veral die eenhoring en basilisk van belang. Hieroor skryf die taalgeleerde J.J. Smith besonder insiggewend.

By die Afrikaner was die eenhoring veral uit die Bybel bekend. "Ek onthou nog baie goed," verklaar Smith, "hoe op 'n sekere Bybelprent waarop Adam en Eva saam met allerhande Paradysdiere afgebeeld was,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die eenhoring speciaal aan my in my kinderjare aangewys is as een van die sonderlinge diere van die ou-ou tyd. Hy het daar uitgesien soos 'n perd, maar het 'n lang, reguit horing in die middel van sy voorkop gehad. Ek herinner my ook nog enkele gesprekke waarin die gestalte en die eienskappe van wonderdiere soos die ... eenhoring met groot belangstelling uitgepluis is. Ons ouers en grootouers het natuurlik as getroue Bybellesers die meeste van die nege plekke in die Ou Testament geken waar van die eenhoringdier melding gemaak word."(155)

Ook in verband met die basilisk het Bybelse invloed 'n rol gespeel. "Ons ou mense het die woord *basilisk* op skrif gesien in hul Nederlandse Bybel, waar dit 'n paar maal gebruik word," skryf Smith, en verder: "Die Statevertalers het heel waarskynlik die naam *basilisk* oorgeneem van die Duitse Bybelvertaling van Luther ... Ons Afrikaanse vertalers het *basilisk* natuurlik van die Statebybel oorgeneem."(156)

Geen volwaardige Afrikaanse vertellings omtrent die eenhoring of die basilisk kon opgespoor word nie.

9.2.11 Diere- en plantelore

Hier het ons eweneens hoofsaaklik met 'n reeks algemeen bekende volksgelowe te make, bv. dat 'n ystervark sy penne kan uitskiet, of dat plante wat onder die grond dra met die afgaan van die maan geplant moet word. Tog is daar 'n sage omtrent 'n besielde boom wat nadere aandag verdien.

Omstreeks 1890, so lui die verhaal, is in Griekwaland-Wes op 'n plaas naby Olifantshoek 'n Griekwa-seuntjie, Hendrik Mpeka, gebore. Almal het gesê dat hy 'n gelukskind is, want op dieselfde dag het 'n klein kameeldoringboompie sy kop op 'n rantjie naby die ouers se hut uitgestoot. Die oumense het verklaar dat dit 'n teken is: die geeste het die boompie geplant, en dit sou 'n sinnebeeld van die kind se lewe wees. Kwyn die boom weg, sou die kind sterf, maar as die boom lewe, sou die kind ook lewe. Die boompie is dus afgekamp en gereeld water gegee, en hy en die kind het groot en sterk geword. Hendrik het die boom vandat hy kon self versorg, want die oumense het gesê dat sy siel in die boom is. Al die Griekwas het dit geglo, en selfs die Boere van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die omgewing het gemeen dat daar iets in steek.

Hendrik was egter rusteloos van geaardheid, en hy is weg na Johannes= burg toe. "My siel sal veilig wees in die boom wat in die land van my vadere groei," het hy gesê. Jare het verbygegaan, maar Hendrik het nie teruggekom nie. Toe het die oumense begin fluister dat hy die geeste met sy wegblyery vertoorn en dat hulle sy siel sal kom vat. Die boom het inderdaad begin doodgaan, en sy mense kon niks doen om dit weer aan die groei te kry nie. Nâ vyf maande was nog net 'n paar groen blaartjies in die boonste takke oor. Een nag steek 'n gewel= dige storm op en druk die boom plat teen die grond sodat die laaste groen blaartjies verdwyn. "Die geeste het die siel van Hendrik Mpeka kom haal," het die ou Griekwas gesê. 'n Maand later het daar 'n brief van 'n mynbestuurder uit Johannesburg aangekom met die nuus dat Hendrik aan myntering dood is. Die Griekwas het hulle nie daaraan ge= steur nie. Hulle het geweet dat die geeste vir Hendrik se heengaan verantwoordelik was.(157)

Die boom as simbool van groei en lewe (vgl. die familiestamboom) is wyd oor die wêreld bekend, en so ook die gebruik om 'n sg. lewensboom by die geboorte van 'n kind te plant, bv. in Duitsland: "Dem Augenblick der Geburt wird Bedeutung und Dauer verliehen durch den Geburtsbaum, der ... in der Geburtstunde oder etwas später geplanzt wird."(158) Die hele betekenis van hierdie handeling, wat ook in die Lae Lande voorkom, word goed deur Schrijnen saamgevat: "als het boompje groeit, zal ook het kind groeien en gedijen. Dit hangt samen met de opvatting, dat het leven van den mensch als het ware een dubbelganger heeft in het vegetatieve leven van een boom, die al zijn lotsbeschikkingen deelt of zelfs bepaalt: een opvatting, die stoelt op de animistische voorstel= ling eener wezenlijke overeenkomst tusschen de plant en den mensch."(159)

Geen bewyse kon gevind word dat dié gebruik na Suid-Afrika oorgeplant is nie. Dit was waarskynlik om praktiese redes omdat geskikte jong boompies in ons dorre land nie geredelik verkrygbaar sou wees nie; om= dat so 'n groot deel van die volk vir so lank 'n mobiele bestaan gevoer het; en ook omdat die risiko met die plant van 'n boom weens die kli= maat so groot was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9.3.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse sages

Afgesien van bronne reeds by die tiperegister van Afrikaanse belewenis= vertellings genoem, word na die volgende verwys:

Aylward = Alfred Aylward: *The Transvaal of to-day.*

Bryden = H.A. Bryden: *Kloof and Karroo.*

Burgers = M.P.O. Burgers: *C. Louis Leipoldt.*

Coetzee I = Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur.*

Coetzee II = Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof.*

D'Arbez = D'Arbez: *"Losse klippe".*

De Klerk = A.J.B. de Klerk: *Leeuwenhof.*

Dep., gevolg deur kodeletters en -syfers = Stof ingesamel deur dosente en studente van die Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

De Villiers = Almero de Villiers: *Stage-coach adventures.*

Ellis = A.B. Ellis: *South African sketches.*

Green I = Lawrence G. Green: *Beyond the city lights.*

Green II = Lawrence G. Green: *In the land of afternoon.*

Grobbelaar I = Pieter W. Grobbelaar: *Maans se straf.*

Grobbelaar II = Pieter W. Grobbelaar (red.): *Die Afrikaner en sy kul= tuur VI: Boerewysheid.*

Hugo en Van der Bijl = A.M. Hugo en J. van der Bijl: *Die kerk van Stellenbosch.*

Kotze = Sir John Kotze: *Biographical memoirs and reminiscences.*

Leibbrandt = H.E.V. Leibbrandt: *Rambles through the archives of the Colony of the Cape of Good Hope.*

Leipoldt I = C. Louis Leipoldt: *Dingaansdag.*

Leipoldt II = C. Louis Leipoldt: "Twee ou legendes" (P.G. du Plessis, red.: *Hoogtepunte*).

Malherbe II = D.F. Malherbe: *Somerdae.*

M.E.R. = M.E.R.: *Uit en tuis.*

Miller = Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa.*

Rosenthal = Eric Rosenthal: *They walk in the night.*

Saunders = E. Saunders: *Legendes van die Mooirivier.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

E. Die geestewêreld

Vuurgeeste: Die vuurruiter. Huis is aan brand. Skoorbek laat swart= man drie maal met perd omheen jaag. Toe skree Skoorbek: "Water toe!" Net toe perd se pote aan damwater raak, trek vlamme in vuurrooi streep agterna en word geblus.

Dep., JOU I, p.17-18.

Vuurgees: Die driftige konsertinaspeler tot inkeer gebring. Man speel Saterdagaande so graag konsertina by danspartye dat hy sy vrou en kinders verwaarloos. Een Sondagoggend vroeg stap hy terug huis toe en loop nog altyd klawers van konsertina en druk, toe daar in laagte waar hy moet deur skielik kole vuur om hom spat en hom teen skuinste uit agtervolg. Man skrik so groot dat hy nooit weer op danspartye gaan speel nie en eerder Sondae met katkisasieklasse by kerk help. Dit het in omgewing van Graafwater in Noordwes-Kaapland gebeur.

Dep., GRAA I, p.27-28.

Vuurgees: Die bobbejaan met die gloeiende stert. Tydens transporttog wil man sy handlangers poets bak. Tel kopbeen van bobbejaan op, sit aand brandende kersie daarin, hang laken om sy skouers en lê hulle voor. Handlangers skrik geweldig, en man lag hulle uit. Man gaan saam met een van sy maats onder wa lê en slaap. Voel skielik hoe iemand of iets hom slaan. Dis yslike bobbejaanmannetjie wat hom met sy gloei= ende stert te lyf gaan. Man is verplig om te laat inspan en verder te trek, en hy gooi kopbeen weg. Toe word hy nie weer gepla nie.

DB, 26 Sept. 1941, p.21.

Luggeeste: Die Wilde Jaer (Wilde Jaagtog, Hellewa). Reeds volledig behandel.

DB, 17 Mei 1940, p.31; Ellis, p.152-168.

Luggeeste: Die Wilde Jagter (Wilde Jag, Mensjagter). Reeds volledig behandel.

DB, 19 April 1940; Hugo en Van der Bijl, p.39; Leibbrandt, p.181.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Luggeeste: Die gees-van-die-storm. Reeds volledig behandel.

Aylward, p.211-213.

Luggeeste: "Die Fraale bring dit van die dag." Reeds volledig behandel.

Green I, p.118-119.

Watergeeste: Die watervrou van die Breërivier. Jongman sit graag langs rivier en droom. Mense meen dat hy van sy verstand is, en sy vader stuur hom na gestig. Die watervrou wat in rivier woon, het egter baie lief geword vir jongman, en toe hy nie meer verskyn nie, is sy woedend. Van toe af eis sy telkens slagoffer. Daarna is dit ruk lank veilig tot sy weer toeslaan.

Dep., WEL I, p.3.

Aardgeeste: Die kind en die slang. Die bekende belewenisvertelling omtrent die kind wat altyd melk vir 'n slang in 'n skeur in die huisfondament gevat het, word in sommige variante 'n sage. Nadat die vader die slang gedood en die kind van hartseer gesterf het, word die kind se graf deur 'n yslike slang bewaak: die gees van die slang in die fondament.

Coetzee I, p.49.

Spoke - algemeen: Die jonkvrou van Leeuwenhof. Reeds volledig behandel.

De Klerk, p.31-33; Kotze, p.70-72.

Spoke - algemeen: Coenraad Fiet. Reeds volledig behandel.

Burgers, p.125; DH, 5 Nov. 1926, p.3; 30 Junie 1950, p.29; Leipoldt I, p.55-58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spoke - algemeen: Antjie Somers. Reeds volledig behandel.

DB, 1 Aug. 1941, p.23; 5 Nov. 1943, p.15; Leipoldt II, p.86; Malherbe II, p.69-75.

Spoke - algemeen: Jan Prinsloo-se-nag. Reeds volledig behandel.

Bryden, p.356-385; Rosenthal, p.101-117.

Spoke - algemeen: Willem Gebhardt. Reeds volledig behandel.

Dep., PAA III, p.7-12; Malherbe II, p.54-58; OK, Julie 1903, p.74-77; Aug. 1903, p.95-96.

Spoke - algemeen: Die heks van Hexrivier. Reeds volledig behandel.

D'Arbez, p.150-162; DB, 1 Sept. 1916, p.117-120; Dep., WOR IV, p.10-11; DU, 1 Sept. 1914, p.68-70; 1 Okt. 1914, p.99-102; Green I, p.133-134: Green II p.43; Miller, p.82.

Spoke - algemeen: Prins-se-krans. Reeds volledig behandel.

Pers. mededeling Abr. H. de Vries; DT, Sept. 1974, p.5.

Spoke - algemeen: Die Tugela-spook. Reeds volledig behandel.

OK, Des. 1903, p.166-167.

Spoke - algemeen: "'n Gehymsinnige ontmoeting fan 'n ou Voortrekker." Reeds volledig behandel.

OK, Aug. 1905, p.11-15.

Spoke - algemeen: Gert Swanepoel. Reeds volledig behandel.

Burgers, p.66-80; Dep., CALI III, p.11 e.v.; Ons Erfenis (Calitzdorp).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spoke - algemeen: Die klap van 'n spook. In vorige eeu stap groep jongmense op Stellenbosch verby kerkhof waar geraamtes opgegrawe word. Ene mej. Faure skop aan kopbeen met rooi hare en spot. Aand gaan jong= mense weer stap. Toe hulle regoor kerkhof kom, kry mej. Faure klap op arm sodat sy huis toe gedra moet word weens pyn. Op haar arm is vyf vingermerke ingebrand wat tot haar dood sigbaar was.

OK, Feb. 1899, p.48.

Spoke - algemeen: Die veglustige bokram. Man raak in ou Kaapkolonie op ander man se vrou verlief. Hulle vermoor haar man, stop sy lyk in klipskeur en trou, maar daar is g'n rus vir hulle nie. Elke aand as hulle wil gaan slaap en lig uitblaas, verskyn geweldige bokram wat dreig om hulle te stoot. Hulle swerf tot op hul oudag in verewaentjie rond, maar kan nie aan bokram ontkom nie. In voornag moet man met brandende kers waak, en in nanag vrou. (Dit is blykbaar die vermoor= de man wat in die gedaante van die bokram by hulle spook.)

TVV, Feb. 1949, p [illegible].

Spoke - algemeen: Die ontroosbare moeder. Enigste seun sterf jonk en moeder bly ontroosbaar. Seun verskyn aan haar, wys haar sy kombers, en sê dit is so nat van haar trane dat hy nie kan rus nie. Moeder hou op met treur.

TAV, tipe 769 (mondelinge oorlewering).

Spoke - algemeen: Die ontroue vriend. Man kom te sterwe, en sy beste vriend begin met sy weduwee lol. Een aand toe vriend weer by vrou kuier, word drie maal aan deur geklop, maar telkens as vriend gaan oopmaak, is daar niemand nie. Derde maal sien vrou haar oorlede man in deur staan met horlosie wat vriend nog vir hom gegee het in sy hand. Hy laat dit op grond stukkend val en verdwyn. Daarmee het hy ontroue vriend se vriendskap in sy gesig teruggegooi.

Ons Erfenis (Stellenbosch).

Spoke - algemeen: Die vermoorde broer. Twee broers is verlief op self=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de meisie. Eerste broer trou met haar, en tweede broer vermoor hom deur hom met mes in rug te gooi. Nou kan vermoorde nie in graf rus nie. Hy verskyn as ryloper langs pad, en as iemand uitgeteerde ge= daante oplaai, bemors hy hele motor met bloed.

Dep., JOH 1, p.7-8.

[illegible] - [illegible]. Vader en seun met ossewa op pad na Philippolis in Vrystaat. Skielik verskyn fier, regop man op wit perd en dit lyk asok hy vader gaan platry sodat hy half onder wa moet skuil. Aan ander kant van wa lyk dit vir seun asof perd reg op hom afkom, en hy moet ook padgee. Wa se rem slaan vanself vas. Toe verdwyn ruiter. Later verneem vader en seun van landmeter wat hom laat omkoop het om bakens op verkeerde plekke aan te bring. Nou ver= skyn hy telkens weer om te wys waar bakens eintlik moet staan.
DR, 21 Nov. 1947, p.20.

Spoke - algemeen: Erfporsie moet aan wettige erfgenaam vergbesorg word. Vrou bemaak haar ringe en ander persoonlike besittings aan haar seuntjie, maar nâ haar dood deel haar [illegible] uit onder nooiens uit. Hel der oordag verskyn vrou aan vriend wat met perdekar op pad is, stap tus= sen perde deur en sê vir hom: "Gaan sê vir my man hy moet onreg herstel en sorg dat my kind weer ringe kry." Dit word gedoen, en vrou het nie weer verskyn nie.

DB, 16 Aug. 1940, p.18.

Spoke - algemeen: Die deugniet kom huis toe. In buitewyke van Karoo= dorpie het vader, moeder en enigste seun gewoon. Vader was bakker van dorpie, en hy en sy vrou was hardwerkende mense, maar seun was deugniet. Eendag maak hy vader se geldtrommeltjie leeg, vat sy enig= ste perd en loop weg na Kimberley se diamantvelde, waar hy alles deur bring. Een aand keer hy terug huis toe, skel op sy vader en moeder en eis nog meer geld. Vader stap uit, kom met geweer terug en skiet deug= niet dood. Daarna gaan hy en vrou lyk in groot stoof van bakkery ver= brand. Van toe af word hele droewe gebeurtenis van deugniet se tuis= koms op maanlignagte deur skimagtige figure oor en oor in huis herhaal sodat niemand daar wil woon nie en hele plek eindelik verval.
Ons Erfenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spoke - gedaante: Ketting maakte met kinders. Nâ vrou se dood bly man met twee klein kindertjies agter. Hy sluit hulle saans alleen in huis toe, en dan gaan hy oral kuier en pret maak. Toe hy een aand laat terugkeer, sien hy wit gedaante van huis af wegbeweeg. Hy sluit oop en ruik brand. Hardloop na kinders se kamer en sien dat kers gordyne aan brand gesteek het, maar iemand het dit afgeruk en vlamme geblus. Man besef dat wit gedaante sy vrou was wat uit grat teruggekeer het om haar kinders te red.

Grobbelaar 1, p.17-21.

Spoke - bosen: Kwatwards word getem. In oudae het op Franschhoek in Boland groep Duitsers in groot dubbelverdiepinggebou gewoon. Hulle was lief vir jag, het baie gedrink, rusie gemaak en mekaar doodgeslaan. Slagoffers is onder vloer begrawe. Op ou end was net enkeles oor wat toe weggetrek het. Man koop plaas, maar eerste aand wat hy en sy gesin in huis wil slaap, gaan agterdeur vanself oop, gefluit word gehoor en trop jaghonde storm binne. Een van honde verander in vurige gedaante. Verskrik vlug mense uit en gaan in tentwaens slaap. Volgende dag sê plaaslike leraar by sal hulle help. Gaan aand in huis slaap. Stem roep hom drie maal om te kom eet. Hy vind spookgeselskap by maanlig aan tafel en sê hy bid altyd voor hy eet. Dominee val by stoel op sy knieë neer en bid volle uur lank. Toe hy weer opstaan, het spookge= daantes gewyk. Nuwe plaaseienaar en sy mense is nooit weer lastig ge= val nie.

DH, Maart 1923, p.476-477.

F. Die wêreld van die toorkuns (wit en swart)

Toorderij: Kop afgesny en aangelas (Spoorbok). Klomp mense bymekaar. Skoorbek sê vrywilliger moet vorentoe kom, hy wil vir hulle iets wys. Daarop trek Skoorbek mes met lem van twee voet lank onder sy baadjie uit en sny man se kop af. Toe vat hy kop en plak dit weer op lyf. G'n druppel bloed het gemors nie, en daar is g'n letsel aan man se keel nie. Aanwesiges verwonderd oor Skoorbek se vermoëns.

DB, Jan. 1942, p.13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toordery: Die wonderbaarlike waatlemoen (Spoorbek). Man gaan vra Spoorbek se hulp, want sy vrou is ernstig siek. Spoorbek sê: "Toe maar, jou vrou sal nie doodgaan nie. Kom ons plant eers waatlemoen." Hy sit waatlemoenpit op vloer neer, en dadelik is daar plantjie wat al langer groei. Dra klein waatlemoentjie, wat binne oogwenk yslik groot en ryp word. Spoorbek sny waatlemoen oop, en hulle eet daarvan. Toe hulle by man se huis kom, is sy vrou heeltemal gesond.

DB, 11 Julie 1941, p.29.

Toordery: Bose vrou gestraf (Sors de Beer). Sors de Beer word gehaal na siekbed van man. Hy sê sieke sal reeds dood wees as hulle daar kom, maar hulle sal betyds wees om skuldige wat daarvoor verantwoordelik is, aan te wys. Toe hulle na man se huis aankom, sien hulle ou swartvrou van daar af weghardloop. Sors de Beer skreeu agterna dat sy haar straf sal kry omdat sy man met haar toordery doodgemaak het. By huis gekom, is man dood soos Sors de Beer gesê het, maar volgende dag hoor hulle dat ou swartvrou daardie nag deur honde verskeur is.

Dep., KIR I, p.14.

Toordery: Die gepaljaste bruidegom. Kêrel laat meisie staan en gaan met ander trou. Net voor huwelik drink hy saam met gewese nooi koel= drank in kafee. Toe hulle nã huweliksbevestiging plaas toe ry, wil hy sy bruid net verwurg. Mense is verplig om hom vas te bind. Hulle laat Slamaier kom, wat man genees. Hy is deur sy voormalige nooi ge= paljas.

Dep., GRAA I, p.7-8.

Toordery: Vrou met toorkunste verbrand. Man wil met ander vrou trou en besluit om sy vrou te vermoor. Hy gaan na toordokter en kry by hom mengsel velle en bene van slange, likkewane en ander diere. In veld steek hy dit in graspol aan brand. Allerhande goggas peul uit vlamme, maar man keer hulle met sy kierie terug sodat hulle uitbrand. Toe hy by sy huis kom, is sy vrou ook dood verbrand.

DB, 9 Feb. 1940, p.29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorbodes: Bloedspatsel uit die niet (Die dood van Piet Retief). Ernst du Toit, swaer van Voortrekkerleier Piet Retief, sit oggend van 8 Feb. 1838 voor sy lessenaar op plaas Kleinbosch naby Paarl en skryf, toe groot bloedspatsel uit niet papier voor hom rooi vlek. Hy stel deeglik ondersoek in. Daar is g'n stukkende plek aan hom nie. Gaan kyk op solder of dit nie dalk vlermuis is wat sy prooi verslind nie, maar daar is ook niks nie. Mense sê later dit was volgesuipte muskiet wat in vlug gebars het. Toe kom berig van moord op Retief, en dit word bereken dat dit presies in uur plaasgevind het toe bloed op papier geval het. Dit was dus teken van sy dood wat aan sy geliefdes oorgedra is.

Grobbelaar II, p.34.

Voorbodes: Die roepende stem. In middel van nag roep stem jongman drie maal op sy naam. Dit gebeur drie maal dat hy so deur stem gewek word. Rukkie later begin hy van hoofpyn kla en sterf skielik. Dit het omstreeks 1897 gebeur.

DR, 22 Aug. 1947, p.19.

Voorbodes: Vader verskyn aan sy dogter. Vrou is besig om aandete te berei op plaas. Dis 9 Des. 1936. Toe sy klaar is, gaan sit sy vir haar man en wag terwyl sy na haar ouers verlang wat 43 myl van daar af woon. Skielik voel sy iets soos windvlaag in vertrek, en in skemerte sien sy gesig van haar vader. Sy spring op en hardloop na hom, maar toe sy by deur kom, is daar niemand nie. Later vertel sy haar man daarvan, en weer sien sy gesig van haar vader. Dit gebeur derde maal, hoewel haar man niks merk nie. Week later kom tyding dat haar vader aan hartaanval dood is.

DR, 7 Nov. 1947, p.18.

Goëlery: Die afgunstige buurvrou. Twee buurvourens kan nie klaarkom nie. Een is nors van geaardheid en ander vriendelik. Toe begin dit by vriendelike vrou goël. Net wanneer sy vir gaste kook en deksel van pot lig, val roet of stuk van skoorsteenpleister in kos. Man gee haar raad om pot kokende vet altyd op stoof te hou; as iets weer in kos val,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet sy dit uitskep en in vet gooi. Vrou doen dit, en daar ners buurvrou word erg verbrand. Dis einde van goëlery.

DB, 8 Maart 1940, p.21.

Goëlery: [illegible]. Net wanneer man en vrou vir middag=ete aansit, is daar haan wat kraai en te kere gaan. Eendag kom haan weer, kraai en vlieg oor tafel. Man kap sy een poot met mes af. Da=delik begin hul baba in kamer huil. Vrou gaan kyk. Kind se regter=pinkie is af. Iemand het d.m.v. kind by egpaar gegoël.

Dep., BLOED I, p.55.

Goëlery: Goëlaar kry op sy [illegible]. Snags is daar gewe[illegible] met huis=raad in huis sodat mense nie kan slaap nie. As man opstaan om te gaan kyk, is alles stil. Ten einde raad laat hy Slams kom. Slams beveel dat oop bokwa op werf getrek word. Plaaswerkers moet hul baadjies uittrek, op hoop gooi en dan op wa klim. Slams skud baadjies een vir een uit, en dan kan eienaar daarvan weer van wa afklim. Op ou end is net Korannaman en sy vrou oor. Slams tik met latjie op hul baadjies, en met elke hou, krimp twee op wa van pyn inmekaar. Hy hou aan totdat dit lyk asok hulle stuipe kry. Nou laat hy hulle nog uur lank op wa sit voordat hulle mag loop. Dis einde van goëlery.

M.E.R., p.160-161.

Goëlery: Leeu met silwerkoeël geskiet. Een aand op transportpad vra swartman vir transportryer of hy dan nie vir leeus bang is nie. Tran=sportryer antwoord ontkennend. Net toe brul os asof leeu hom gevang het. Transportryer laai silwerknopie in geweer en skiet leeu. Toe hy by plek kom, lê swartman daar dood. In sy mond is nog oshare van dier wat hy gevang het. (Dié vertelling kom met Europese weerwolfver=hale ooreen.)

DB, 9 Feb. 1940, p.29.

Goëlery: Die goëlkatte. Boer koop plaas waar dit verskrikklik goël. Daardie aand vat hy Bybel, tafeltjie, stoeltjie, kers, handbyl en bedde=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goed, gaan na goëlhuis toe en neem plaas in vertrek waar trap oploop na solder. Hy sit by tafeltjie en lees in bybel. Groot kat verskyn uit solder en gaan sit op treetjie van trap. So hou dit aan totdat daar sewe katte is. Eerste kat kyk betekenisvol na ander katte, en hulle begin dreigend na boer aanstap. Boer kap met handbyltjie na leierkat, en sy poot morsaf. Daar is donderslag, en toe is alles weg. Boer gaan rustig slaap. Net voor sonop kom buurman te perd aangejaag. Hy soek hulp, want sy vrou het haar een hand op geheimsinnige wyse verloor. Man vat hom na waar katpoot by soldertrap lê, en nou het dit in vrouehand met diamantringe aan vingers verander. Buurman eien sy vrou se hand. Dit was einde van goëlery. Later kom dit aan lig dat vrou mense van plaas af p[illegible]r weggoël het om dit vir appel en ei te kan koop.

Coetzee II, p.103-104; TAV, tipe 326A (mondelinge oorlewering).

Weerwolf: Grou Teef. In omgewing van Augrabies het ene Willem Mostert gewoon. Hy neem gestalte van hond aan en loop dan saans rond om ander mense se vleis te steel. Een aand gooi iemand hom met kookwater. Hond skree: "Eina!" maar swyg dan omdat hy besef dat hy homself verraai het. So ontdek mense dat dit Willem Mostert is, en hy kry bynaam Grou Teef.

Dep., AUG I, p.8.

G. Monsters en legendariese diere

Monsters: Die motby. In byenes in wal van Wilgerivier naby Frankfort in Vrystaat woon motby. Hy vreet gate in heuningkoeke, maar bye doen niks aan hom nie. As hy kwaad is, klink dowwe, aanhoudende gedreun uit nes. Sodra nes oopgemaak word, stap hy uit en klouter teen iets op, soms mens se broekspyp, om van daar te val en te vlieg. Hy rol angel af wat teen sy voorkop opgerol is, en as hy steek, is sy gif so dodelik soos koëel. Sewe honde kom in sy pad, en hy steek hulle dood. Man word ook sy slagoffer. Toe kruip hy terug in nes. So is boosaardige motby. (Insender van vertelling glo dit self nie en meen motby is heeltemal onskadelik.)

DB, 11 April 1941, p.23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

[illegible] Naby oog van Mooirivier kom jagter in oudae een aand teer skemer vreemde bobbejaan= agtige dier teë. Hy staan goed ses voet hoog op sy agterpote, is sterk gebou, en sy hele lyf bedek met lang gryserige hare. Man trek skoot af, en dier hardloop op vier pote tussen bosse in. Al meer men= se sien dier, altyd in aand of maanlignag. Hy val niemand aan nie, maar tog word mense bang. Hoenders verdwyn uit hokke en brode uit oonde. Een aand skiet iemand drie maal op hom, maar kan hom tog nie wond nie. Mense sê nou dat mandier bonatuurlik is. Vreemde voetspoor word in modder aan kant van rivier ontdek. Groep gewapende ruiters volg spoor tot by grot in wal van rivier by diep water. Niemand wil dit waag om by grot in te gaan nie, en mandier kom ook nie weer uit nie. Daarna begin groot reëns, en mandier is nie weer gesien nie.

Saunders, p.15-16. (Vgl. Ben Venter: *Wit bobbejaan*.)

U. Diere

Die spooksteenbok. Laat namiddag met net paar minute sonskyn oor, vertoon steenbok hom hier naby jagter. Man lê aan en skiet, maar wanneer hy by plek kom, het bok verdwyn, om weer elders te verskyn. Jagter skiet hele paar skote met selfde gevolg totdat bok wegdraf en jagter weet dat dit spooksteenbok is. Tuis neem jagter drie koeëls, maak kruisies op hul punte en meng hulle met ander koeëls in sy koeël= sakkie. Wanneer hy nou weer op spooksteenbok afkom, gebruik hy koeëls uit sakkie sonder om te kyk of dit gemerkte koeël is, maar sodra hy met gemerkte koeël skiet, tref hy spooksteenbok dodelik. Hy verwyder een van bok se horings, maak dit skoon, en dra dit altyd by hom. Nooit weer skiet hy enkele skoot mis wanneer hy in jagveld kom nie.

DB, 24 Julie 1942, p.19; TVV, Aug. 1949, p.11.

V. Plante

Die boom met 'n siel. Reeds volledig behandel.

De Villiers, p.80-83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. K.J. de Kok: *[illegible]*, p.124.

2. *Ons Klyntji*, Feb. 1899, p.32.

3. F.Th. Schonken: *De [illegible] der Engelsch-Hollandsche volks[illegible]*, p.40-41.

4. *De Unie*, Sept. 1905, p.140.

5. *Die Huisgenoot*, Maart 1923, p.476.

6. *Die Brandwag*, 19 April 1940 (in rubriek "Waar die volk skep").

7. *Ons Klyntji*, Aug. 1897, p.139.

8. W.J. Conradie: *Op reis in het Zuidwesten*, p.17.

9. Boerneef: *[illegible]*, p.36, 43, 45 en 46.

10. *Die Brandwag*, 15 Julie 1938, p.29.

11. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.49; Dep., KOR I, p.19.

12. Dep., WIL I, p.3.

13. Ernst van Heerden: *Die aamborstige klok*, p.91-92.

14. Dep., VIL III, p.33.

15. Dep., HEIL I, p.7.

16. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.49.

17. Eie waarneming.

18. Dep., BLOED I, p.35; VIL III, p.30.

19. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.81.

20. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.85.

21. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.85.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22. *Die Brandwag*, 17 Mei 1940, p.31.

23. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.152-168.

24. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.152-153.

25. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.159-160.

26. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.161.

27. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.162.

28. A.B. Ellis: *South African sketches*, p.164.

29. H.E.V. Leibbrandt: *Rambles through the archives of the Colony of the Cape of Good Hope (1688-1700)*, p.181.

30. A.M. Hugo en J. van der Bijl: *Die kerk van Stellenbosch*, p.39.

31. *Die Brandwag*, 19 April 1940, p.29.

32. Alfred Aylward: *The Transvaal of to-day*, p.213.

33. Alfred Aylward: *The Transvaal of to-day*, p.211-212.

34. Robert Payne: *The truimph of the Greeks*, p.59.

35. Robert Payne: *The triumph of the Greeks*, p.58-59.

36. Pieter W. Grobbelaar: Die prinses in die miswolk (*Die petaljes van die drie Patatte*, p.42-47); vgl. ook L.H. Samuelson: *Zululand - its traditions, legends, customs and folk-lore*, p.164-166.

37. Lawrence G. Green: *Beyond the city lights*, p.118-119.

38. *Consolidated encyclopaedia* V, inskrywing by *Ibycus*.

39. J.J. Dekker: *Goethe und Schiller - Gedichte in Auswahl*, p.169.

40. *Encyclopedia of world mythology*, p.211.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

41. *Encyclopedia of world mythology*, p.212.

42. E.M. Wilmot-Buxton: *Told by the Northmen*, p.11-12.

43. P.W. Grobbelaar: Volksgeloof (Pieter W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, p.21).

44. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.37.

45. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.37.

46. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.139-140.

47. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.64-65.

48. Dep., WEL I, p.3; RAW I, p.3; WOR III, p.11-12.

49. Daniels en Stevans: *Encyclopaedia of superstitions* II, p.1073.

50. Dep., RIV I, p.3-4.

51. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.39-42.

52. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.40.

53. *Fleur*, Okt. 1947, p.65; Ernst van Heerden: *Die aamborstige klok*, p.75-76.

54. Eugène Marais: *'n Paradys van weleer*, p.103.

55. *Z.A. Tydschrift*, Sept./Okt. 1825, p.366.

56. Eugène Marais: *'n Paradys van weleer*, p.103.

57. *Z.A. Tydschrift*, Sept./Okt. 1825, p.366.

58. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.49.

59. Abel Coetzee: *Ons volkslewe*, p.50 e.v.

60. *Die Brandwag*, 19 Junie 1942.

61. Eie waarneming.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

62. A.J.B. de Klerk: *Leeuwenhof*, p.31-33.

63. Sir John Kotze: *Biographical memoirs and reminiscences*, p.71.

64. A.J.B. de Klerk: *Leeuwenhof*, p.33.

65. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p.74.

66. *Die Huisgenoot*, 30 Junie 1950, p.29.

67. E.J. du Plessis: *'n Ondersoek na die oorsprong en be= tekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviernaame*, p.236.

78. Persoonlike mededeling deur mnr. P.A.N. Swart, jare lank onder= wyser op Clanwilliam, in 1972.

69. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1919.

70. M.P.O. Burgers: *C. Louis Leipoldt*, p.125.

71. Aangehaal deur M.P.O. Burgers: *C. Louis Leipoldt*, p.125.

72. *Die Huisgenoot*, 5 Nov. 1926, p.3.

73. *Die Huisgenoot*, 30 Junie 1950, p.29.

74. *Die Huisgenoot*, 30 Junie 1950, p.29.

75. C. Louis Leipoldt: *Dingaansdag*, p.58.

76. Persoonlike mededeling deur mnr. P.A.N. Swart.

77. C. Louis Leipoldt: Twee ou legendes (P.G. du Plessis, red.: *Hoogtepunte*, p.86).

78. D.F. Malherbe: *Somerdae*, p.69-75.

79. *Die Brandwag*, 1 Aug. 1941, p.23.

80. *Die Brandwag*, 5 Nov. 1943, p.15.

81. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.356-358 en 378.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

82. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.378-381.

83. G.M. Theal: *History of South Africa* V, hfst. I en III.

84. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.378.

85. J.A. Heese: *Slagtersnek en sy mense*, p.102.

86. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* II, p.739-742.

87. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* II, p.740-742.

88. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.359-362.

89. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.362-363.

90. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.367-368.

91. H.A. Bryden. *Kloof and Karroo*, p.370.

92. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.382.

93. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.371-376.

94. H.A. Bryden: *Kloof and Karroo*, p.381-385.

95. Eric Rosenthal: *They walk in the night*, p.117.

96. *Ons Klyntji*, Julie 1903, p.74-77; Aug. 1903, p.95-96.

97. *Ons Klyntji*, Julie 1903, p.77.

98. Dep., PAA III, p.11-12.

99. Dep., PAA III, p.8.

100. Feite omtrent ds. Gebhardt se lewe ontleen aan *Kwartmillennium-gedenkboek van die N.G. gemeent Paarl*, p.90-93.

101. Dep., PAA III, p.7-12.

102. D.F. Malherbe: *Somerdae*, p.54-58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

103. *Die Brandwag*, 15 April 1911, p.695; 1 Mei 1911, p.717; 1 Junie 1911, p.12.

104. *De Unie*, 1 Sept. 1914, p.68.

105. *De Unie*, 1 Sept. 1914, p.68-70; 1 Okt. 1914, p.99-102.

106. Rudolf Marloth: *Dictionary of common names of plants*, p.23.

107. *De Unie*, 1 Sept. 1914, p.68-69.

108. *Die Brandwag*, 1 Sept. 1916, p.117-120.

109. D'Arbez: *"Losse klippe"*, p.150-162.

110. C. Graham Botha: *The French refugees at the Cape*, p.85-86.

111. C. Graham Botha: *The French refugees at the Cape*, p.120.

112. C. Graham Botha: *The French refugees at the Cape*, p.51.

113. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* I, p.181-182.

114. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* II, p.618.

115. Lawrence G. Green: *In the land of afternoon*, p.43.

116. *The Star*, 16 Okt. 1926.

117. Lawrence G. Green: *Beyond the city lights*, p.133-134.

118. Vgl. ook E.J. du Plessis: *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviernamme*, p.102-103. (Die bronverwysings in dié werk is nie altyd baie suiwer nie).

119. Dep., WGR IV, p.10-11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

120. Persoonlike mededeling deur mev. D. Hill, Clovelly, De Doorns (eggenote van die plaaseienaar) in 1979.

121. Penny Miller: *[illegible]*, p.82.

122. Fransen en Cook: *The old houses of the Cape*, p.207.

123. Persoonlike mededeling deur mev. D. Hill.

124. Fransen en Cook: *The old houses of the Cape*, p.207.

125. Fransen en Cook: *The old houses of the Cape*, p.207; De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* III, p.1080.

126. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* III, p.1080-1081.

127. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* II, p.549.

128. E.J. du Plessis: *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviernamme*, p.102.

129. Richard Weiss: *Volkskunde der Schweiz*, p.241.

130. Bv. Inez N. McFee: *A treasury of flower stories.*

131. Jochem van Bruggen: *Teleurgestel*, p.55-61.

132. *Die Taalgenoot*, Sept. 1974, p.5; persoonlike mededeling deur skrywer Abr. H. de Vries ('n boorling van Ladismith) in 1974.

133. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.166-167.

134. *Ons Klyntji*, Aug. 1905, p.11-15.

135. M.P.O. Burgers: *C. Louis Leipoldt*, p.67-69 en 79-80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

136. Dep., CALI III, p.11.

137. M.P.O. Burgers: [illegible], p.66-67.

138. Ons Erfenis (Calitzdorp).

139. Dep., CALI III, p.11.

140. Vgl. Hennie Aucamp (red.): [illegible], p.106.

141. Jan de Vries: *Algemeene Religiewetenschap* II, p.65.

142. Vgl. P.W. Grobbelaar: Volksgeloof (Pieter W. Grobbelaar, red.: *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Encyklopedie*, p.58-59).

143. Dep., BLOED I, p.40.

144. *Die Brandway*, 8 Maart 1940, p.21.

145. *Die Brandway*, 6 Feb. 1942, p.19.

146. Dep., WIT I, p.10-11; *Die Brandway*, 6 Feb. 1942, p.19.

147. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p.726-727.

148. L. Rompel-Koopman: *In het land van Piet Retief*, p.45.

149. Dep., BLOED I, p.54; HUM I, p.10-17; HUM II, p.6-10; JOH I, p.17; JOU I, p.17-18; *Ons Erfenis*, VK 186-190; Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.54; en *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.111 e.v.

150. Ons Erfenis, VK 152-157.

151. Dep., VIL III, p.33.

152. Dep., BAR II, p.39; CAL II, p.11-14; DUR I, p.3; EDE I, p.5; OLT I, p.7; WIL I, p.5; *Die Ruiter*, 22 Aug. 1947, p.19; 31 Okt. 1947, p.11; Huibrecht Mulder; *Dit was gister en eergister*, p.92 e.v.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

153. Vgl. C. Louis Leipoldt: [illegible], p.72.

154. Eric Rosenthal: [illegible], p.176-180.

155. J.J. Smiht: [illegible], p.591-592.

156. J.J. Smith: [illegible], p.584.

157. Almero de Villiers: [illegible], p.80-83.

158. Erich en Beitl: *[illegible] Volkskunde*, p.242.

159. Jos. Schrijnen: *[illegible] Volkskunde* I, p.249.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10.0.0 MITES

10.1.0 Algemene kensketsing

Die term mite is vandag baie gewild onder geleerdes, maar dit word onge= lukkig nie altyd in dieselfde betekenis gebruik nie. Die moderne Ame= rikaanse letterkundige Hugh Dickinson verklaar: "I consider myths simply as those stories, already immemorially old, received from the cultures of classical Greece and Rome which tell not only of man's relations with his kind, but also with his gods or the supernatural in whatever form it may be represented."(1) Waarom die Oud-Germaanse mitologie uitge= sluit word, is nie duidelik nie. Bowendien is hierdie definisie so vaag dat alle Oud-Griekse/Romeinse volksvertellings daaronder tuisge= bring kan word.

Die literêre teoretici Wellek en Warren vaar veel beter wanneer hulle skryf: "Historically, myth follows and is correlative to ritual; it is 'the spoken part of ritual; the story which the ritual enacts.' ... But in a wider sense, myth comes to mean any anonymously composed story telling of origin and destinies, the explanations a society of= fers its young of why the world is and why we do as we do, its pedago= gic images of the nature and destiny of man."(2)

Ons kan enkele ander omskrywings van mites noem wat telkens nuwe gesigs= punte na vore bring. Rex Warner: "Many myths of all countries are attempts to explain the world which to primitive man was even more up= redictable and alarming than it is to us. They also very often ex= press attempts to control or to influence, at least to some extent, this world."(3)

Poelhekke en Gielen: "De mythe is een verhaal van heidense goden of godinnen. Zij wil iets verklaren, zij het op primitieve wijze; ofwel zij bergt - in haar oorsprong - een geheime kracht, die door het ver= haal a.h.w. is geconserveerd. De mythe bezat dus voor de primitieve mensheid een magisch vermogen, dat door het vertellen geactiveerd kan worden ... Godsgeloof behoort tot haar wezen ... Vaak zijn mythen ook hineininterpretierungen van natuurverschijnselen."(4)

Geoffrey Parrinder: "Most myths tell how something came to exist; man,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the world, certain animals, social affairs. The myths make a 'sacred history' of the people ... Myths also tell about supernatural beings, gods and ancestors ... Myths are stories, the product of fertile imagination, sometimes simple, often containing profound truths."(5)

Erich en Beitl wys daarop dat by mites onderskei kan word tussen: (a) godeverhale, (b) heidense (Oud-Germaanse, voor-Christelike) oorleweerings van volksgelowe, en (c) alledaagse volksvertellings, en dan voeg hulle by: "Als Mythus bezeichnen wir ... heute die Erzeugnisse der dem bodengebundenen, in der Gemeinschaft stehenden ('primitiven') Menschen in besonderem Mass eigenen Denkweise schlechthin. Mythologie wäre demnach etwa zu übersetzen als die 'Lehre vom Volksglauben'."(6)

Dit blyk dat dié kenners dit in die algemeen eens is dat mites in 'n hoë mate met verklarings vir die ontstaan van dinge te make het. (Hier word ernstige pogings bedoel, godeverklarings, en nie die meestal humoristiese verklarings waarvan ons dieresprokies so vol is nie.) Verder lyk dit asof hierdie verhale steeds aan die een of ander versameling gode of halfgode geknoop word, soos die Oud-Griekse/Romeinse of die Oud-Germaanse mitologieë - *nie-Christelike mites* dus. Dit is egter nie heeltemal korrek nie.

Die lyn moet deurgetrek word totdat ons by die God van die Christendom en Bybelse mites kom. So skryf 'n Engelse kerkman, Gilbert Thurlow, omtrent die Ou Testament: "The early narratives in the Bible conform to the historical definition of myth, in that Adam, Eve, Cain, Abel, Noah, and others named in them are not to be seen as individuals who lived in certain times and places. They are instead far more important and relevant to us as timeless types of human nature who constantly recur." As voorbeelde van Ou-Testamentiese mites bespreek hy o.m. die skepping, sondeval, Kain en Abel, die sondvloed, en uiteindelik die Toring van Babel.(7) Nog 'n Engelse kerkman, George Every, skryf omtrent Nieu-Testamentiese mites: "The Christian Church came to maturity among poor, humble people with little workshops in the back streets of Levantine cities, and among peasants and fisherfolk in Syrian and Anatolian villages. In these surroundings it was perfectly natural that the story of Christ's life, of his birth, ministry and death, should be told in the manner of myths of the gods, with colours

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heightened, and dark and light intensified. No Christian, no one of any religion, and very few informed students of religious history will doubt that there were healings, not only of the possessed, the demoniacs of the Gospels, but of some who were blind, lame or paralysed, and others who at any rate appeared to be dead. But these miracles may well have been multiplied, and some parables of what should happen may have been turned into wonder stories of what did happen."(8) Wat hier i.v.m. die mite in die volksmond beklemtoon moet word, is dat dit nie saak maak of 'n Bybelverhaal nie oorspronklik die letterlike waarheid was nie; dit het via die Bybel by die mense van latere geslagte as 'n ware verhaal bekend geraak en moet dus as 'n Bybelse of *Bybels-Christe= like mite* beskou word.

Afgesien van Bybelse mites het talle vertellings omtrent Bybelkarakters, soos Christus en Petrus, of die moeder Maria, of omtrent sg. Christen= heiliges in omloop gekom (veral binne die Katolieke Kerk) wat dan *al= gemeen-Christelike mites* genoem moet word.(9) Hier kan net daarop ge= wys word dat veral algemeen-Christelike mites gewoonlik in ons stamlande legendes genoem word: "De legende is de dichterlijke voorstelling van een kerkelijke overlevering of het verhaal van een gebeurtenis, die betrekking heeft op het geloof en meestal een wonder bevat."(10) Soos reeds aangedui, lei hierdie soort willekeurige aanwending van terme tot 'n onhoudbare situasie.

'n Ander gebruik van die term mite raak wel nie ons indeling van volks= vertellings nie, maar moet tog genoem word omdat dit vandag so algemeen voorkom. Die klassikus G. van N. Viljoen verduidelik: "Die woord *mite* beteken in sy Griekse oorsprong basies 'n vertelling. Mettertyd ontwikkel hieruit twee gespesialiseerde betekenisse: 'n ware historie= se vertelling, dus geskiedskrywing; of 'n fiktiewe vertelling, en ver= al dan vertellings oor die gode en helde van vroeë tye, wat met die woord mitologie saamgevat word." Hierdie twee betekenisse van die term vloei soms ineen, en 'n werklike, historiese gebeurtenis word later dalk as fiksie beskou (vgl. die geval van die Trojaanse Oorlog), of 'n aan= vaarde waarheid blyk later fiksie te wees (vgl. die teoloog Bultmann se "ontmitologisering" van die Nuwe Testament). "En dis nogal kenmerkend van die mite," voeg Viljoen by: "Die fiktiewe, op blote geloof of ver= beelding gebaseerde vertelling, word soms met 'n byna religieuse verbe=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tenheid aangehang wat selfs die nugter historiese werklikheid nie be= skore is nie!"[11] So kry ons dan sg. mites in die geskiedenis van elke volk, by die Afrikaner bv. die tradisionele geloof aan uitverkoren= heid.

Soos reeds aangedui, beskou ek as mites daardie verhale wat uit die volksgeloof spruit waarin God of gode 'n rol speel. Vertellings wat bloot op werklike historiese gebeurtenisse gegrond sou wees, is bele= wenisse.

10.2.0 Stamlandse mites

10.2.1 Bybels-Christelike mites

Dit behoef geen verdere betoog dat Bybelverhale eeue lank vername ver= telstof in ons stamlande was nie. "Biblical legend ...," skryf Stith Thompson, "are an important element in the folktale of Europe and a large part of Asia ... A number of the well-known Bible stories, such as Ruth, ... Daniel in the Lions' Den, Jonah in the belly of the Fish, and the like, keep being told with no substantial change."[12] Hoe= wel die Bybelstof eeue lank mondeling oorgelewer is, of saam met wat later as apokriewe of selfs vals boeke beskou sou word, in handgeskrewe afskrifte versprei is, bestaan die kānon van die ou Testament eers vol= ledig sedert die einde van die 1st eeu n.C. en dié van die Nuwe Testa= ment sedert die 4de eeu.[13]

10.2.2 Algemeen-Christelike mites

Hierdie soort mites is in 'n grote veelheid in ons stamlande aangetref, en veral in die beginjare van die Christendom in Wes-Europa deur 'n verskeidenheid geskrifte gevoed. So skryf die Bybelhistorikus G.S. Wegener omtrent die vroeë Christene: "Hul ongehoorde honger na alles wat in die geringste verband tot die boodskap staan of moontlik mag staan, het hulle onkrities laat gryp na alles wat uiterlik daarmee ooreenkom. Net soos die sotste voorwerpe as heilige oorblyfsels ver= samel en vereer is, het die twyfelagtigste geskrifte ingang by die ge= meente gevind. Hierdie vroeë Christene was eenvoudige mense met wei= nig kritiese vermoëns. In talle gevalle het hulle droggeskrifte en die ware Evangelie met dieselfde geesdrif aanvaar."[14]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoe wyd hierdie Bybelse invloed was, kan met enkele voorbeelde toegelig word. Dit sluit allereers vertellings omtrent die skepping en al die vroeë hoogtepunte van die Bybelverhaal in, soos Stith Thompson verklaar: "For all those peoples whose religions background is Christian, Moham= medan, or Jewish the legends concerning creation are normally based upon the Old Testament account. But there has been no feeling that this account is so sacred it cannot be elaborated. A very considerable number of legends have grown up around such Biblical stories as the Garden of Eden and the Flood."(15) Dan moet mense soos Lot se vrou en die wyse koning Salomo ook nie vergeet word nie.(16)

Wat die Nuwe Testament betref, het 'n nog groter verskeidenheid ver= tellings in omloop gekom. Eerstens is daar in die vroeë geskrifte talle Maria-verhale. "Die aantal wonderwerke rondom die moeder van Christus ... is legio," skryf Wegener. "So word daar reeds om die geboorte van Maria 'n digte sluier van vertellings geweef. Alles wat met haar gebeur, alles wat sy sê, ook by die wiegie, is wonderbaarlik. Maria kon reeds op driejarige leeftyd vrome gesange sing, en as meisie oortref sy al haar tydgenote in wysheid, deemoed, skoonheid en kuisheid. In alle besonderhede word sy op haar pad gevolg en met uiters oordrewe uitvoerigheid word veral die wonder van die geboorte en haar maagdskap uitgebeeld."(17)

In die meeste van hierdie soort vertellings is Christus natuurlik die hoofkarakter. Daar word beskryf "hoe die kindjie Jesus die een wonder na die ander doen. Op vyf jaar wek Hy 'n speelmaatjie uit die dood op, op ses jaar dra Hy water in sy jassie sonder dat 'n druppel deur die poreuse materiaal val, op agt bevind Hy Hom plotseling tussen 'n trop woeste leeus wat voor Hom op die grond val om Hom te aanbid. Dan weer kalmeer Hy 'n draak, die Egiptiese afgodebeelde bars voor Hom oop, en so gaan dit voort, 'n byna oneindige ry van die wonderlikste gebeurte= nisse."(18)

Die Kersfees as die geboortefees van Christus gee aanleiding tot 'n groot groep vertellings: "As an independent legend perhaps the best known is that of the tree which bears apples only at Christmas time. It blossoms at midnight and is full of apples by the morning. This belongs to the large series of Christmas legends, partly of ecclesiasti=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

cal and partly of popular origin, but now as real as any other folk traditions. Another such Christmas legend which deserves mention here is the miraculous apparition of presents on Christmas morning through the agency of Santa Claus. Countries vary, of course, in the name of the benefactor, but the general legend is widespread."(19)

Christus tree meermale saam met die apostel Petrus in hierdie vertel= lings op, bv.: *"The Savior and Peter in night-lodgings.* Peter is twice beaten. Peter and Christ are sleeping in the same bed. The drunken host returns home and beats Peter. Peter changes places with Christ. The host then comes in to beat the other lodger. Peter again receives the blows." *(A/T 791.)* Nog 'n voorbeeld is: *"Christ and Peter in the barn.* Threshing with fire. The peasant forces them to rise early and thresh in payment for lodging. They separate the grain (from the chaff) by means of fire. When the peasant tries to do the same thing the barn burns down." *(A/T 752A.)*

Die apostels, veral Petrus, tree soms onafhanklik op. Dan word Petrus gewoonlik as bewaker van die hemelpoort voorgestel wat besluit oor wie mag ingaan en wie nie, maar in werklikheid is dit nie volksvertellings nie, maar blote volksgrappe, wat later in dié afdeling behandel sal word. (Vgl. die hele groep A/T 774-774P.) Oor die apostel Johannes het skrywers merkwaardige verhale bedink wat heel waarskynlik deur die goedgelowige volk as waar aanvaar en oorvertel is, indien 'n mens let op wat met ander soortgelyke stories gebeur het. Een daarvan lui: "Die apostel kom moeg en uitgeput by 'n herberg aan en besluit om die nag daar te vertoef. Maar skaars het hy gaan lê, of swerms weeluise kom uit elke skeurtjie en gaatjie van die bed te voorskyn om hom te pynig. Maar moenie dink Johannes laat sy nagrus hierdeur verstoor nie. Hy gee eenvoudig 'n kort bevel en die weeluise marsjeer in geslote for= masie soos goed afgerigte soldate na die deur en neem daar stelling in. Hier hou hulle nou roerloos wag totdat die uitgeruste Johannes hulle die volgende oggend na hul bedskeure laat terugkeer."(20)

Dan is daar die kerkheiliges, maar vir die Afrikaner as Calvinis is dit van weinig belang. Tereg sê Stith Thompson: "Of the hundreds of saints' legends in the Middle Ages, only a relatively few have become popular in Protestant countries."(21)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sg. sieners het deur die eeue 'n belangrike rol gespeel. "Ook die verskillende apokaliptiese geskrifte was wyd en syd bekend," skryf Wegener. "Dit is die boeke van sieners met hul visioene van hemel en hel, oordeelsdag en die Godsryk."(22) Dié soort geskrifte handel oor temas wat baie sterk na die gewone volksmens deurwerk.

10.2.3 Die Wandelende Jood

Hierdie merkwaardige Christelike mite word in beknopte vorm saamgevat as: *"The Wandering Jew.* Ceaseless wandering with inability to die as punishment for blasphemy." *(A/T 777.)* Die vertelling, wat die verbeelding van die volksmens so sou aangryp dat dit in 'n skynbaar eindelose reeks variante bestaan, is (sover bekend) vir die eerste maal in die 13de eeu n.C. opgeteken.(23) Die verhaal begin waar Jesus Christus voor Pontius Pilatus verskyn en ter dood veroordeel word. "When ... the Jews were dragging Jesus forth, and had reached the door, Cartaphilus, a porter of the hall, in Pilate's service, as Jesus was going out of the door, impiously struck Him on the back with his hand, and said in mockery, 'Go quicker, Jesus, go quicker; why do you loiter?' and Jesus, looking back on him with a severe countenance, said to him, 'I am going and you will wait till I return.' And according as our Lord said, this Cartaphilus is still awaiting His return. At the time of our Lord's suffering he was thirty years old, and when he attains the age of a hundred years, he always returns to the same age as he was when our Lord suffered." Die man het hom bekeer, is in die Christelike Kerk gedoop en ontvang die naam Josef. Hy lei nou 'n godvrugtige lewe en wag op die laaste oordeelsdag.(24)

Eers sedert die 16de eeu duik die naam van die Wandelende Jood reëlmatig in geskrifte op. "Grootouders verhaalden hunnen kleinkinderen dat zij van hunne grootouders gehoord hadden, dat deze hem en gesproken hadden ... Ook werd nu en dan in Mercuriussen en Nieuwsbladen in het loop der 17e eeuw vermeld dat hij zich hier en daar in Engeland, Duitsland, Frankryk, België en de Nederlanden had vertoond."(25) In die volgende woorde wat in die mond van die Wandelende Jood self gelê word, is die rede vir sy rustelose swerftogte saamgevat: "Ick stond ... aen myne deur en sag het volck komen geloopen, roepende dat men Christus kruyssen ging. Ick nam haast mijn kind op mynen arm, om het te laeten sien,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ende ick sag Christus aenkomen, geladen met sijn swaer kruys, al wache= lende tot voor mijn deur, alwaar hy een weinig wilde rusten; maer ick die dat voor eene oneere hield, seyde tegen Christus met seer spytige woorden: weg met uw kruys, gaet voort van myne deure, ick en wil niet dat een booswicht daer blijft rusten. Toen zag my Jezus seer drucke= lijck aen en seyde: "Ick gae, en ick zal rusten, en gy sult oock gaen en niet rusten, tot den jongsten dag des oordeels, als dan sal ick in uwe tegenwoordigheyt aen de regterhand mijns Vaders rechten de twaalf geslachten der Joden, die my kruyssen sullen."(26)

Allerhande bykomende besonderhede word oorgelewer, bv. dat die Wandelen= de Jood daardie plekke opsoek waar oorloë, pesepidemies en ander rampe die mense tref, maar hy bly behoue. Hy probeer selfmoord pleeg, maar 'n engel verhoed dit.(27) In ander oorlewerings word hy deur die jare gelouter: "He was believed to have become gifted with supernatural wis= dom, and his cruelty was turned to repentance. In his journeys through every land he exhorted men to be mindful of their sins and thus avoid the wrath of God."(28) Hy heet gewoonlik Ahasveros, maar ook ander name kom voor.

10.2.4 Die Vlieënde Hollander

Van hierdie verhaal bestaan ook talle variante, maar veral twee word die meeste teëgekom. Volgens die eerste variant was die kaptein (gewoon= lik word hy Van der Decken genoem) 'n bekwame seevaarder wat die afstand tussen Nederland en die Verre Ooste in rekordtyd afgelê het, maar daar= by was hy 'n roekelose mens wat eenmaal op Paassondag in 'n storm uitge= vaar het, net toe die kerkklokke begin lui: "Christus het opgestaan!" Die mense drom op die kaai saam, want so iets het hulle nog nooit gesien nie: die skip se seile "bolden zich tegen de wind in, alsof er door een onzichtbare macht tegen de storm in werd geblazen, en dwars tegen de wind in schoot het schip regelrecht op de havenmond af! De schipper bewoog niet. De matrozen bewogen nie ... Een dodenreis werd dit! Van mond tot mond gingen de woorden, die de hovaardige schipper had geroepen. Deze schipper daagde God uit! ... Ze zagen, hoe een grote, zwarte vogel rondom de bazaanssteng vloog. Ineens sloeg een hevige schrik om hun hart heen. Scheen de zon op de zeilen? Maar er was geen zon! Was er dan brand op de schip uitgebroken? Maar ze zagen geen rook en geen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vlammen. Toch flikkerden de zeilen vuurrood en zwart als de nacht werd de romp van het schip ... Hoog zagen ze het nog eenmaal op een golf, toen verdween het."(29)

Volgens 'n tweede variant word die Vlieënde Hollander regstreeks aan die Kaap verbind. Van der Decken sou in 1640 van Nederland af uitgevaar het, maar 'n storm het verhoed dat hy om Kaappunt kon kom. Toe het hy God vervloek en gesê dat hy dit wel sal regkry, al duur dit ook tot die oordeelsdag. "Op daardie oomblik, so vertel die oorlewering, het daar 'n wolk verskyn, en uit die wolk het 'n engel op die skip neergedaal. Die bemanning en die passasiers is met skrik bevang en het Van der Decken gesmeek om hom te onderwerp. Die kaptein ... het nie eens sy pet gelig nie; en toe die engel hom op sy onsinnigheid wys, het hy sy pistool op die hemelse gedaante gerig en gevuur. Die koeël het die kaptein se eie hand deurboor. Maar toe het die engel sy vloek oor die lasterende Van der Decken uitgespreek: Hy sal solank die ewigheid duur die see bevaar; nêrens sal hy mag land nie; hy sal geen bier of tabak meer smaak nie; hy sal alleen gal kry vir drank en gloeiend warme yster vir voedsel! Die engel het verdwyn, en daarmee die bemanning en die passasiers. Van der Decken se skip is laag op die water gebou, met 'n boegspriet wat hoog in die lug steek en aan die punt waarvan 'n groot lantern hang. Op die agterskip is die hoë agterstewe, waarop die veroordeelde vir ewig rusteloos heen en weer loop om verbygaande skepe te probeer aanhou. Matrose glo vas dat indien 'n stuurman van 'n skip ag gee op die sein en nader gaan, sy skip met almal daarop gedoem is."(30) Deur die eeue, tot in ons tyd, is die skip glo herhaaldelik in Suid-Afrikaanse waters gesien.(31)

10.2.5 Die Duiwel (Faust-motief)

In die Christelike geloofswêreld is die beliggaming van die bose die Duiwel. "He seems to have been walking up and down on the face of the earth since long before the days of Job," sê Stith Thompson, "and his presence is widely known and felt, in all the lands of western civilization. There is little consistency to be looked for in such a legend ... (The) concept seems to be an inconsistent merging of the Biblical Satan, the general idea of evil spirits abroad, the goat-footed god Pan, or the satyrs, and sometimes the Oriental demon or 'jinn.' Sometimes also any ogre is spoken of as a devil, especially in German tra-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dition."[32]

Wat Thompson uit die oog verloor, iets wat so maklik gebeur, is die belangrike invloed van die Oud-Germaanse geloofswêreld, wat nie in be= rekening gebring is nie. "In die ou Germaanse volksgeloof was die bok die heilige dier van die dondergod Donar ... Met 'n rollende wa bespan met twee bokke (beeld van die wolke) het Donar deur die lugruim gevaar en met sy hamer rotse en berge aan stuk geslaan ... By die kers= tening van die Germaanse stamme het die ou gode en geeste van die vroeër geloof in die reël duiwels in die nuwe geloof geword. Dit spreek vanself dat die getal duiwels later geweldig groot was, daar dit nie alleen al die bose geeste van die Heilige Skrif moes omvat nie, maar ook al die gode van die oorwonne heidendom ... Die meeste eienskappe van die heidense Donar het op die hoofduiwel of Satan van die Christelike geloof oorgegaan ... Donar se bokke het natuurlik ook hul plek in die duiwelse geselskap gekry. Maar daarby het nog gekom dat die bok in baie lande en godsdienste die symbool van onreinheid en onkuisheid was ... Dit is dan geen wonder dat die duiwel van die mid= deleeuse Christelike Kerk hom so dikwels in die gestalte van 'n bok vertoon het nie. En in watter vorm hy ook afgebeeld word, het hy by= na altyd twee bokhorings en twee bokpote."[33]

Afgesien van die Bybels-Christelike mites waarin die Duiwel 'n rol speel, het hy ook die verbeelding van skrywers en gewone volksmense deur die eeue aangegryp. Aarne/Thompson neem bykans 'n honderd voor= beelde van Duiwelverhale uit die volksmond op. In Frederick C. Tubach se *Index exemplorum* is daar meer as vyfhonderd.

Baie bekend is die sg. Faust-motief waarvolgens iemand vir persoonlike gewin sy siel aan die Duiwel verkoop. Dit is gebaseer op die lewe van 'n werklike Johannes (of Georg) Faustus (ong. 1480-1540), blykbaar 'n heel knap Duitse Renaissance-geleerde en universiteitsdosent in die Klassieke, wat homself ook uitgegee het as dodebesweerder, sterrewigge= laar, palmleser en waarseer.[34] Verder het hy o.m. daarop aanspraak gemaak dat hy die wonderwerke van Christus kon herhaal, dat hy deur die lug na Venesië kon vlieg, en dat hy die alchemiste na die kroon kon steek. "Uit alles blyk dat hy 'n windmakerige bestaan gelei en die aandag van belangrike tydgenote getrek het. Selfs die Wittenbergse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Reformator Melanchton ... was oortuig van Faust se verbond met die dui= wel, wat in die gedaante van 'n swart poedel verskyn het, en van die bonatuurlike dinge wat hulle saam verrig het." Verder: "In 1540 het hy arm en ellendig na sy geboorteplek teruggekeer, waar hy op 'n aand dood in die straat gevind is. Volgens die kroniek het die duiwel hom verwurg en sy nek omgedraai."(35)

'n Hele verskeidenheid volksboeke het rondom hierdie sonderlinge karak= ter ontstaan. Hiervan is die oudste en bekendste die *Historia van D. Johannes Faustus* (1587), waarvan minstens sestien herdrukke verskyn het, o.m. ook in 'n Nederlandse vertaling. Die Faust-oorlewering het be= roemde skrywers deur die eeue geïnspireer, maar ook in die volksmond is verhale oorgelewer, soos Stith Thompson dit stel: "The details of this bargain and the dealings between man and the evil one have interested not only men like Goethe and Marlowe but many more humble bearers of tradi= tion since the Middle Ages."(36)

In 'n ander groep verhale omtrent 'n duiwelskontrak *(A/T 756B)* word o.m. vertel hoe 'n kinderlose vrou, "having despaired of help from heaven, at last invokes the devil to give her a child, even if he is like the devil himself. Her wish is fulfilled ... The child kills his nurses and com= mits unnamable crimes. Eventually he is converted and does severe penance before he is rescued from the dominion of the adversary." Dit is die beroemde verhaal van Robert.(37)

Talle van die vertellings omtrent die Duiwel wat b[illegible] vir die mense van die Middeleeue as die waarheid gegeld het, en dus mites was, word in ons moderne wêreld as verbeeldingsvlugte, en dus as legendes of selfs spro= kies, beskou.

Die ander belangrike beliggaming van die bose is die heks, wat reeds in die hoofstuk oor Westerse sages behandel is. Daar het ons gesien hoe die heksegeloof uit die oervolksgelowe opgekom het, maar dan breek die stadium aan waar die Christelike Kerk dit tot kerkdogma verhef, 'n proses wat teen 1480 voltooi was. Wanneer heksevertellings regstreeks deur hierdie Christelike dogmas gekleur word, moet dit as mites beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10.2.6 Nie-Christelike mites

Die Oud-Griekse/Romeinse en Oud-Germaanse veelgodedomme het geweldige invloed op die Wes-Europese volksgeloof uitgeoefen, maar met die kers= tening van hierdie volkere is dit feitlik totaal verdring en, soos ons gesien het, word hierdie gode tot duiwels verklaar. In die geloofs= wêreld vind interessante verskuiwings plaas. Die ou gode en godinne handhaaf hulself nog in die patrisiërkultuur, in die letterkunde en ander kunste, terwyl in die plek van die veelheid van gode en halfgode Wes-Europa tot die einde van die Middeleeue en selfs daarna deur 'n veel= heid van duiwels oorstroom word, later aangevul deur honderdduisende nek= se. (Volgens 'n 16de-eeuse skrywer het die duiwelryk uit altesame 72 prinse en 7 405 926 duiwels bestaan, "afgesien van moontlike foute in die berekening".)(38) Eers met die betreklike rus wat teen die begin van die 18de eeu in Wes-Europa gekom het nâ die beëindiging van die groot godsdiensoorloë (voortspruitend uit die Hervorming) en die beëindiging van die heksevervolgings, vind ons 'n dramatiese afname in die getal duiwels. Nou keer die volksmens egter nie terug na die ou veelgode= domme nie; hierdie godegestaltes is finaal deur die gestaltes van die Christendom verdring. Hulle keer na die oerou kragsgelowe terug, ver= al die animisme. Wat vertellings betref, floreer die nie-Christelike sage, maar die nie-Christelike mite het verdwyn.

In wat vandag die tradisionele volksvertellings van ons Wes-Europese stamlande genoem word, kon g'n enkele voorbeeld gevind word wat volle= dig aan die veelgodedomme gekoppel kan word nie. 'n Belangrike vertel= ling soos dié omtrent die Wilde Jaer is waarskynlik sterk deur die Oud-Germaanse veelgodedom beïnvloed, maar die volksmens voel dit klaarblyk= lik nie so aan nie. Dit word òf gesien as iets duiwels (Christelike invloed), òf as 'n vergestalting van onnoembare bose kragte (invloed van die animisme).

Daar bestaan wel 'n enkele Wes-Europese nie-Christelike outeurmite wat hier genoem kan word omdat dit aan Suid-Afrika verbonde is en letterkun= dige verwysings daarna soms opduik, hoewel dit geen invloed op die volks= vertelling gehad het nie. Dit is die verhaal van Adamastor, 'n skepping van die groot Portugese digter Luis Vaz de Camoens (1524-1580) in sy be= roemde epiese digwerk *Os Lusiadas* (letterlik: "Die seuns van Lusus", d.i. die mitiese voorvader van die Portugese; dus beteken die titel:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Die Portugese").[39] Camoens beskryf hierin die gloriejare van Portugal toe sy seevaarders, in die besonder Vasco da Gama, die wêreldseë verken het. Op die patroon van Homerus en andere word die Oud-Griekse/Romeinse godewêreld betrek en beskryf hoe die gode hulle met die sake van die mens bemoei. In hierdie verband skep Camoens die karakter Adamastor, gekoppel aan die ou mitologiese verhaal oor hoe die reuse teen die hoofgod (Zeus by die Oud-Grieke, Jupiter by die Romeine) in opstand gekom het om verpletterend verslaan te word. Die aaklige reus Adamastor raak egter op die seenimf Thetis verlief, en sy bedrieg hom deur voor te gee dat sy hom ook liefhet, maar toe hy meen dat hy haar in sy arms vasgryp, is dit al die tyd 'n rotsagtige berg wat hy omhels.[40] Beskaamd vlug hy om 'n nuwe wêreld te soek waar hy rus kan vind, maar die gode laat hom versteen tot die uitloper wat ons vandag as Kaappunt ken: "My flesh changed to hard earth, my bones to crags. These limbs you see, this frame, were then projected across the vast watery spaces, until finally the gods completed the transformation of my huge bulk into this remote headland. And, to double my sufferings, Thetis still pursues me with these encircling waves."[41]

10.3.0 Die mite in Afrikaans: Bybels-Christelik

Die siening dat die Afrikaner tradisioneel 'n Bybel-gelowige volk was, is nie net 'n oorlewering nie, maar dis onweerlegbaar deur vorsers soos die volkskundige C.P. Mulder bewys. Hy kom o.m. tot die gevolgtrekking: "Dat 'n diepe godsdienssin aan die bodem lê van feitlik die hele Afrikaanse volkskultuur, is vir my nou 'n voldonge feit."[42] Verder: "Die Afrikaner verskil daarin van sy Wes-Europese tydgenoot dat hy in die binneland van Afrika feitlik twee eeue lank afgesonder was, met slegs die Bybel as kultuurvormende faktor in sy lewe ... Voeg daarby dat die leefwyse van die veeboer-pionier feitlik 'n presiese herhaling van dié van die Ou-Testamentiese aartsvaders was, terwyl die Groot Trek die patroon van die Israelitiese uittog uit Egipte so getrou nagevolg het dat die Trekkers hulle gaan beskou het as 'n 'tweede' Israel."[43]

Die vertel van Bybelverhale, uit die Ou en die Nuwe Testament, het dus 'n besonder belangrike plek ingeneem. In verband hiermee, verklaar die Afrikaanse skrywer Mikro (1903-1968) in sy outobiografie, waarin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy deurgaans in die derde persoon na homself verwys: "Elke Sondagmid= dag vertel Ma Bybelstories vir die twee buksies [Mikro en sy broer]. Sy sit daar by die venster van die eetkamer - die venster wat wes kyk - en Sam staan eenkant van haar en hy aan die ander kant. En terwyl die storie nog aan die gang is, kom die vee kraal toe en saam met die skaap= wagter, Koning Dawid, kan hulle luister na die geblêr van duisende skape. Dawid van die Bybel had 'n tamaai lang hakkierie, amper soos die een wat Pa altyd gedra het, net baie mooier."(44)

Nog treffender is die getuienis van die digter W.E.G. Louw (geb. 1913) oor sy jeugjare in Sutherland waar hy aandui dat die Bybelse geskiede= nis deur ons oumense heeltemal na 'n Suider-Afrikaanse milieu oorgeplaas is: "Soos die meeste kinders van my geslag het ek by wyse van spreke met die Bybel grootgeword: eers die Kinderbybel, later die Stateverta= ling van die Bybel en eindelik die Afrikaanse Bybel ... Hoe dit ook sy, vir my, wat met dié mense en stories grootgeword het, is dié verhale, heeltemal nog afgesien van hul primêre godsdienstige betekenis, min of meer wat die mitologie van Griekeland en Rome vir die manne van die Renaissance moet gewees het ... Daar is trouens iets baie opwindends daarin om 'n figuur soos, sê maar, Moses in 'n Karoo-omgewing te sien, met die berge en bossies van ons wêreld rondom hom in plaas van dié van Palestina. Of Simson! Weet u, ek onthou nog hoe my oupa van moeders= kant soms dié stories vertel het. Hy was 'n eenvoudige skaapboer, maar 'n man met 'n skerp verstand en 'n lewendige verbeeldingskrag. Of hy 'n Wolf-en-Jakkalsstorie vertel het ... en of hy vertel het hoe Simson driehonders jakkalse gevang het, hulle sterte aanmekaar vasgebind het met fakkels daartussen en hulle in die Filistyne se koringlande gejaag het, álles het in ons kinderlike verbeelding op Gunsfontein se vlakte afgespeel!"(45)

Hoe so 'n verskuiwing na 'n Suid-Afrikaanse sfeer kon plaasgevind het, word duidelik belig in enkele merkwaardige optekenings deur 'n naamlose skoolinspekteur in 'n boek wat hy in 1935 gepubliseer het en dus waar= skynlik betrekking het op voorvalle sê in die twintigerjare. 'n Skool= kind is aan die woord, blykbaar in 'n plattelandse skooltjie:

Moses en Aäron aan die hof van Faraö

Vroeg daardie môre, Meneer, het Moses en Aäron na die hof van Faraö ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaan. Hulle was uitasem toe hulle daar aangekom het, want aan slape= lose nagte het dit nie ontbreek nie. Moses het met sy kierie geklop en die meidjie - Saartjie was haar naam, Meneer, het toe die voordeur oopgemaak.

"Die base wil seker vir die Oubaas sien? Kom binne asseblief."

"Dankie! Ons sal liewer hier op die stoep sit. Dis lekker koel hier," antwoord Moses.

"Dan sal ek gou vir Oubaas gaan roep."

Faraö het nogal gou verskyn, Meneer, en hulle begroet.

"Wag, laat ek eers gou koffie bestel."

Die woorde was nog nie droog van sy lippe nie of hy skuif die gordyn van die venster agter die rusbank opsy en skree: "Saartjie, Saartjie, bring gou drie koppies koffie hier!"

En hulle het gesels en gesels en gesels, maar later sê Moses aan Faraö: "Kyk, Faraö, alle grappies nou op 'n stokkie. Die Here het ons na jou gestuur met 'n boodskap; jy moet die kindere Israëls laat trek, en as jy dit nie doen nie, sal die Here vir jou woel."(46)

Die verhaal van die Verlore Seun word ook in dié trant vertel. Hier= die soort gemoedelike omgang met Bybelverhale het waarskynlik meege= help dat sekere mistastinge ingesluip het wat selfs vandag nog oorge= lewer word. Die interessantste hievan is die verhaal van Kain en Abel se offerande. In die Bybel staan net: "En de Heer zag Häbel, en zijn offer aan; maar Kaïn en zijn offer zag Hij niet aan." (Gen. 4:4-5.) In die volksmond is egter vertel dat Abel se offerrook pylregop getrek het, maar Kain se rook het om sy altaar bly dwarrel; so het hulle ge= weet wie se offer deur die Here aanvaar is.(47)

10.4.0 Algemeen-Christelike mites in Afrikaans

Daar kon geen enkele voorbeeld opgespoor word van 'n vertelling waarin Bybelfigure buite Bybelverband optree en wat as waar beskou word nie. Gedagtig aan die Afrikaner se tradisionele houding teenoor die Bybel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as die enigste en onfeilbare Woord van God, is so iets nie vreemd nie. Mites omtrent verskynings deur goeie geeste wat as niks anders as he= melinge beskou kan word nie, want doodgewone spookgedaantes is hulle nie, kom egter wel voor. Die bekendste voorbeeld is ongetwyfeld dié van die vrou wat aan die begin van die 19de eeu in 'n gewelvenster van die (Ou) Hooggeregshofgebou in Kaapstad verskyn het om met haar luide sang van 'n doempsalm die korrupte mense in regeringsposte aan die kaak te stel.(48)

Vertellings omtrent hemelse gesigte en profesieë was gewild. Een van die merkwaardigste versamelings getuienisse omtrent hemelse ge= sigte wat in Afrikaans bestaan, is *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing* deur eerw. B. du Biel, wat teen die einde van die 19de eeu deur die Rynse Sendinggenootskap as sendeling na Suid-Afrika ge= stuur is. Van sy kinderdae af het eerw. Du Biel allerhande hemelse gesigte gesien. (Die "gevaarlike krankheid" en "ewige genesing" waar= van daar in die titel van die boek sprake is, dui op sy oorspronklike toestand van sondigheid en uiteindelike bekering.) Nâ eerw. Du Biel se heengaan is sy geestelike dagboek, soos dit tereg genoem kan word, deur sy dogter Annie uit die oorspronklike Duits vertaal, deur sy seun Albert (die vroeë Afrikaanse skrywer A. du Biel) ingekort en persklaar gemaak, waarop dit in 1934 gepubliseer is: 'n boek van 350 bladsye.(49)

Eerw. Du Biel verduidelik die rede waarom hy hierdie gesigte gesien het, soos volg: "Die vertelling is van belang, omdat dit bewys dat elke mens in sy siel 'n eie klein wereld besit. As aardbewoners ken ons alleen die sigbare en stoflike wereld. Daar is egter ook 'n onsigbare en onverganklike wereld, waarvan ons verganklike wereld slegs 'n af= beelding is. Daarom, wanneer ons die sigbare wêreld met erns betrag, ontstaan daar 'n verlange in ons na 'n wereld, waarin die dood nie heerskappy sal voer nie, en waarin lyding en smart moet wyk vir die koms van 'n ewigheid van volmaakte geluk."(50)

Hier volg 'n voorbeeld van die soort dinge wat in die boek beskryf word. As seun, nadat hy reeds vroeër gesigte gesien het, dwaal die jong Du Biel eendag tydens skoolpouse na die markplein. "Terwyl ek besig was om langsaam daarheen te stap, het ek nagedink oor wat dit beteken om in die hande van die lewendige God te val. Ek had reeds bewyse genoeg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat Hy my in die gereg geneem het, en dat Sy hand uitgestrek was om verder met my te handel. Wat kon ek anders verwag as 'n vreeslike straf vir my te grote sonde ... In die oomblik is my vrees en wanhoop egter vernietig geword deur 'n nuwe gesig, wat sig voor my ontvou het. Op 'n groot vlakte temidde van 'n eie wereld het 'n Spruit gestaan, Wat op 'n regop staande kers gelyk het. Die hoogte daarvan was ongeveer ses duim en die dikte nie heeltemal een duim nie. Sy liggaam en die inhoud daarvan was die ongeskape oerlig en die witheid van Sy gestalte was van so 'n aard dat alleen iemand, wat dit gesien het, daarvan 'n denkbeeld kon vorm. Dit was 'n wonderbare skerp wit, waarmee 'n versagtende teer blou gemeng was, en dit het die deursigtige gestalte 'n verruklik fraaie voorkoms gegee ... Sodra my blik op die wonder val, het 'n herhaalde uitroep my verbaasde siel ontglip: 'O, wat 'n liefliikheid! Wat is dit? Wat het hierdie beminlike Wese met die openbaring Gods te doen, wat ek as 'n straf vir my sonde beskou?' Met sy vriendelike blik het die Spruit 'n jubbelende lente in my siel gebring, wat alle vrees in 'n enkele oomblik verban het. O, ek het die fraaie Wese bemin en wou hom graag langer aanskou, maar die een salige oomblik moes my bevredig, want ek moes na die skool terug."(51)

Dit gebeur soms dat profetiese gawes aan mense, veral die sg. wit towenaars, toegeskryf word. Een van die bekendstes van hierdie profesieë lui dat Heinrich Schörbeck sou gesê het: "Wanneer die Kromrivier eendag terugloop in sy bedding, sal Engeland soos 'n meelsak uitgeskud word." Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die munisipaliteit van Port Elizabeth die Kromrivier as deel van 'n waterskema opgedam, die water het terug in die rivierbedding opgestoot - en nâ die oorlog is die Britse Ryk geleidelik ontbind.(52)

Ons bekendste profeet was egter ongetwyfeld Nicolaas Pieter Johannes Jansen (Siener) van Rensburg (1864-1926), en sy voorspellings het tot talle vertellings aanleiding gegee. Siener Van Rensburg het sy besondere vermoë as 'n gawe van God gesien, en daarom word die verhale daaromtrent as mites beskou. Hy is in die distrik Wolmaransstad gebore en gaan in 1899 as 35-jarige saam met sy broer Hans op kommando. Daar begin hy gesigte sien, en dit word vir hom 'n stryd tussen die Bose (Santan) en die Goeie om sy siel. Een nag het hy van sy kommando af weggedwaal. "Die volgende dag toe die burgers wakker skrik, was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Niklaas van Rensburg skoonveld. Die son was 'n hele paar span bo die horison uit toe Hans en 'n paar ander burgers vir Niklaas onder 'n vaal= bos teen 'n naburige bultjie vind. Die uitdrukking op sy gelaat was die aakligste wat hulle nog gesien het. Sy oë was rooi gehuil en sy gesig was verwronge; die bloed het onder sy weggevrete vingernaels uitgestroom soos hy die grond om hom heen omgedelf het. Niklaas van Rensburg se persoonlikheid en innerlike lewe het in die paar uur van verskrikking verdiep; vreemde gedagtes het in hom ontwaak; in sy siel het 'n ander, geheimsinniger persoonlikheid opgestaan. Die profeet was in hom ge= bore."(53)

Siener van Rensburg het twee soorte gesigte gesien: "Niklaas van Rens= burg het in beelde gesien en ook 'werklikhede' voorspel, dit is gebeur= tenisse vooruit waargeneem in realistiese vorm. Die eerste, die 'apo= kaliptiese' verskynings, het uitleg nodig gehad om verstaanbaar te wees. Hy het onrustig gesoek na daardie uitleg en menigmaal verkeerd getas. Die visioene van werklikhede moes 'n mens maar net afwag om vervul te word."(54)

Genl. J.H. de la Rey het grenslose vertroue in die Siener gehad, hom dwarsdeur die Boereoorlog by sy kommando gehou en ook daarna nie die bande verbreek nie. 'n Tipiese voorbeeld van Siener van Rensburg se visoene wat in volksvertellings sou voortleef, is dié een wat die Slag van Tweebosch voorafgegaan het: "Ek sien 'n rooi skilderbul van Vry= burg af kom. Sy horings staan vorentoe. Hy wil graag baklei. Hy is moedig en sterk, maar as hy by Baberspan kom, begin sy horings hang. Dit sal egter nog slegter met hom gaan, want as hy by Hartsrivier kom, sal hy heeltemal poenskop wees en sal nie meer kan stoot nie."(55) Dit het net so gebeur. Die Britse aanvoerder, lord Methuen, is ver= pletterend verslaan en is self in die slag gewond.

Vertellings omtrent wonderwerke, veral wondergenesings, gekoppel aan die Bybelse God, kom heel dikwels voor. Twee beroemde universele mites, nl. oor die Vlieënde Hollander en die Wandelende Jood, is ook in Afri= kaans bekend. Die verhaal van die Vlieënde Hollander is blykbaar goed ingeburger, en telkens word berig dat die spookskip gesien is, tot so onlangs as in 1959.(56) Hoe sterk die mite omtrent die Wandelende Jood ingeslaan het, m.a.w. of daar wel geglo is dat hy ook in Suid-Afri=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ka dwaal, is nog nooit bo alle twyfel bepaal nie. Dat die verhaal reeds lank by die Afrikaner bekend is, kan nie betwis word nie. Ek hoef maar net enkele voorbeelde te noem. In 1911 bespreek die skrywer en geleerde D.F. Malherbe dit volledig in 'n reeks tydskrifartikels.(57) Die veel gelese volkskrywer C.J. Langenhoven skryf 'n treffende verhaal omtrent 'n ontmoeting wat hy met die swerwer sou gehad het, getiteld "Die swerwende Jood", wat eers in 'n koerantrubriek verskyn en in 1929 in 'n keur daaruit onder die opskrif *Aan stille waters* in boekvorm uitgegee word.(58) Dan is daar die maklik groeiende plant, die Verdwaalde of Dwalende of Wandelende Jood, met sy veelkleurige blare wat in feitlik elke boerewoning bekend was en vandag nog dikwels gekweek word.(59) Vae verwysings is bekend dat die Joodse bondeldraer-smouse van vroeër so moes swerf omdat hulle "iets aan die Here gedoen het toe Hy op aarde was",(60) asook 'n enkele optekening dat die Wandelende Jood 'n bedelaar is wat van plaas tot plaas moet swerf omdat hy Jesus op die dag van sy kruisiging gevloek het.(61)

Die Duiwel is deel van die Christelike geloofswêreld, maar die meeste Afrikaanse vertellings waarin hy optree, is so spottend of verbeeldingryk uitgeborduur dat dit hoegenaamd nie as geloofbare mites aanvaar kan word nie. Enkele uitsonderlings is daar egter wel, soos dié een uit Witbank omtrent 'n boer wat by 'n kopbeen in die veld verbystap, daarna skop en sê: "Vanaand kom jy ook na my dogter se bruilof!" Daardie aand klop iemand aan die boer se deur, en dis die geraamte wat daar staan. Die gaste vlug terwyl die huis agter hulle afbrand. Later vind hulle spore op die werf, soos dié van 'n mens met net drie tone aan elke voet.(62) Drietoon is een van die algemeen bekende name vir die Duiwel.(63)

Selfs by die Afrikaanse weergawes van die beroemde Faust-motief moet 'n mens meermale twyfel of dit werklik ernstig bedoel word. Die beste uitbeelding daarvan is ongetwyfeld in D.F. Malherbe se ballade "Jakob Ontong",(64) waarin vertel word van 'n bruinman (Jakob) wat om middernag op die kruispad sy siel aan die Duiwel verpand om betowerd te leer kitaarspeel sodat hy hom op die ontroue Saartjie kan wreek. Dis onbekend of die ballade op 'n werklike oorlewering berus en of Malherbe maar net op die algemene motief voortgebou het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Ander Afrikaanse vertelling omtrent 'n siel wat aan die Duiwel ver= koop word, verloop sodanig dat 'n legende, feitlik 'n sprokie, ontstaan. Dit handel ook oor 'n man wat graag kitaar wil leer speel en toe by 'n vreemdeling raad kry dat hy tot om middernag op die kruispad moet gaan wag. Daar sal allerhande nare slange en insekte kom, maar hy hoef nie bang te wees nie. Die Duiwel sal self verskyn en hom leer. Alles gebeur net so. Toe die Duiwel klaar is, staan hy op en sê: "Beveel my nou om iets te doen. As ek dit regkry, vat ek jou siel, of anders is jy vry." Die man gee die Duiwel opdrag om 'n horlosie oop te maak sonder dat hy daaraan raak. Die Duiwel kan dit nie doen nie, en so het die man leer kitaarspeel en tog sy siel behou.(65) In nog 'n variant is die afloop darem meer aanneemlik vir 'n verhaal wat in alle erns ver= tel word. Wanneer die Duiwel die man se siel wil kom haal, vra die man hom om liewers die volgende aand te kom. As die Duiwel weer opdaag, sit die man en Bybel lees, en die Duiwel durf hom nie aanraak nie. Die man lees totdat die haan kraai, en die Duiwel verdwyn.(66)

10.5.0 Nie-Christelike mites

Indien 'n mens die feite omtrent die Afrikaner se volkswording in gedag= te hou, is dit nie vreemd dat geen spoor van nie-Christelike mites ge= vind kan word nie. Ons het gesien dat hierdie soort mites reeds by ons stamvolkere uitgesterf het, en die Afrikanervolk self het in Suid-Afrika nooit 'n voortyd van veelgodery geken nie. Die mitologieë van die in= heemse volkere waarmee hy in aanraking gekom het (Boesmans, Hottentotte, swartmense) het hom nie aangestaan nie, en bloot die animistiese trekke in hul volksgelowe het die animistiese trekke in sy eie versterk.

10.6.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse mites

Nuwe geraadpleegde bronne by dié wat reeds genoem is, is die volgende:

Botha = Sybrandt Botha: *Profeet en krygsman.*

Breytenbach = J.H. Breytenbach (red.): *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog.*

Oost = Harm Oost: *Wie is die skuldiges?*

Die vertellings val almal in groep A: *Die Christendom.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bybels-Christelik: Ou en Nuwe Testament. Al die bekende Bybelverhale, van Adam en Eva tot die lewens van die apostels, is as Christelike mites vertel.

Algemeen-Christelik: Die singende vrou in die gewelvenster. Een nag verskyn vrou in bonatuurlike wit kleed en met vlammende oë in gewelven= ster reg bokant voordeur van (Ou) Hooggeregshofgebou in Adderleystraat, Kaapstad. Sy sing psalm 82, waarin die owerheid beskuldig word van wanbestuur. Goewerneur hoor stem in sy woning en stuur wagte om te gaan kyk, maar hulle staan bevrees voor hierdie wese. Nadat sy klaar gesing het, verdwyn sy weer. Volgende dag besluit owerheid om venster te laat toebou, en vrou het nie weer verskyn nie. Tog het haar ver= skyning hopelik uitwerking ten goede gehad.

DB, 17 Julie 1942, p.16; Ons Erfenis (Carse).

Algemeen-Christelik: Sterfbedgesig van die hemel. Sterwende jongman in Paarl beskryf hoe sy gees na hemel opgevaar het en wat alles daar te sien was - merkwaardige, volledige uitoensetting.

OK, Julie 1906, p.10-12.

Algemeen-Christelik: Teken tot bekering. Man sien hemel in helder ligkrans. Sodra sy oë daaraan gewoond raak en hy skerper wil kyk, ver= dwyn dit. Hy besef dat dit voorteken is om hom tot bekering op te roep.

Dep., KOR I, p.21.

Algemeen-Christelik: Siener van Rensburg. Reeds volledig bespreek in oorsig van Afrikaanse mites.

Botha; Breytenbach, p.183; DH, 12 Sept. 1975; Oost, p.354-368.

Algemeen-Christelik: Wondergenesing van kind wat koors gehad het. Enigste kind van ouers dodelik siek aan koors. Lyk asof hy gaan sterf. Moeder slaan Bybel willekeurig oop en begin lees. Dis verhaal in II Konings van gestorwe seun wat deur Elisa opgewek is. Net toe moe=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

der lees hoe seun sewe maal genies het, begin haar siek kind ook nies. Halfuur later sit hy regop in bed en speel, heeltemal gesond.

Fleur, Nov. 1947, p.20.

Algemeen-Christelik: Deur wonderwerk van dors gered. Man en sy gesin sterf byna van dors op trek in dorre landstreek. Hy bid vurig tot Here en doen gelofte dat hy plek weer sal besoek as hy vyftig jaar oud is om sy kinders van uitredding te vertel indien Here hom help. Toe hy opkyk, sien hy groot boom voor hom en stap nader. Waar twee tamaai stamme mik vorm, is holte vol water. Hulle is gered.

DB, 15 Sept. 1920, p.87 e.v.

Algemeen-Christelik: Die dorp wat vervloek is. In 1820 help Boer, Jan van Jaarsveld, Britse Setlaars met vier waens aanry en doen alles in vermoë om hulle by Salem gevestig te kry. Toe weier Britse owerheid aan Kaap om hom volgens belofte te vergoed. Op ou end spreek Van Jaarsveld woedend vloek oor plek uit: dat dit nooit sal groei en ont= wikkel nie. Nâ anderhalfeeu is Salem vandag nog net gehuggie.

Nienaber I, p.33-35.

Algemeen-Christelik: Die Vlieënde Hollander. Reeds volledig behandel.

Miller, p.58; Rosenthal, p.17-27; Van Tonder, p.74-77.

Algemeen-Christelik: Die Wandelende Jood (Metusalem-motief). Reeds volledig behandel.

Dep., JOH I, p.18; Eie.

Algemeen-Christelik: Drietoon (die Duiwel) se wraak. Reeds volle= dig behandel.

Dep., WIT I, p.21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Algemeen-Christelik: Jakob Ontong verkoop sy siel aan die Duiwel om te leer kitaarspeel (Faust-motief). Reeds volledig behandel.

Malherbe II, p.59-64.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Hugh Dickinson: *Myth on the modern stage*, p.4.

2. Wellek en Warren: *Theory of literature*, p.195-196.

3. Rex Warner: Foreword (*Encyclopedia of world mytho= logy*, p.9).

4. Poelhekke en Gielen: *Woordkunst*, p.153.

5. Geoffrey Parrinder: *African mythology*, p.16.

6. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.545-546.

7. Gilbert Thurlow: *Biblical myths and mysteries*, p.4.

8. George Every: *Christian mythology*, p.16-17.

9. Vgl. vir voorbeelde George Every: *Christian mythology*; Gilbert Thurlow: *Biblical myths and mysteries*.

10. Poelhekke en Gielen: *Woordkunst*, p.169.

11. G. van N. Viljoen: *Ideaal en werklikheid*, p.70.

12. Stith Thompson: *The folktale*, p.266.

13. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.84 en 96.

14. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.90.

15. Stith Thompson: *The folktale*, p.235.

16. Stith Thompson: *The folktale*, p.265-267.

17. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.88.

18. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.88.

19. Stith Thompson: *The folktale*, p.261.

20. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.89; vgl. ook p.90.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

21. Stith Thompson: *The folktale*, p.268-269.

22. G.S. Wegener: *In die begin was die Woord*, p.88; vgl. ook George Every: *Christian mythology*, p.105-121.

23. S. Baring-Gould: *Curious myths of the Middle Ages*, p.5.

24. S. Baring-Gould: *Curious myths of the Middle Ages*, p.7-9.

25. G.D.J. Schotel: *Vaderlandsche volksboeken en volks= sprookjes* II, p.267-268.

26. G.D.J. Schotel: *Vaderlandsche volksboeken en volks= sprookjes* II, p.267.

27. Vgl. S. Baring-Gould: *Curious myths of the Middle Ages*, p.1-3.

28. Robinson, Wilson en Picard: *The encyclopaedia of myths and legends of all nations*, p.198-199.

29. Cor Bruijn: *Nederlandse sagen*, p.9-10.

30. Izak W. van Tonder: *Van Riebeeck se stad*, p.75.

31. Vgl. Eric Rosenthal: *They walk in the night*, p.17-27.

32. Stith Thompson: *The folktale*, p.251-252.

33. J.J. Smith: *Op ons taalakker*, p.562-563.

34. Gegewens omtrent dr. Faustus ontleen aan Balthazer Verhagen: *Faust*, p.7-13.

35. Balthazar Verhagen: *Faust*, p.9-10.

36. Stith Thompson: *The folktale*, p.269.

37. Stith Thompson: *The folktale*, p.269.

38. J.J. Smith: *Op ons taalakker*, p.563.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

39. Luis Vaz de Camoens: *The Lusiads*, p.15-20.

40. Luis Vaz de Camoens: *The Lusiads*, p.128-132.

41. Luis Vaz de Camoens: *The Lusiads*, p.132.

42. C.P. Mulder: *Watter uitwerking het die noue omgang met die Bybel gehad op die ontstaan van die Afrikaanse volkskarakter* (kort titel: *Die Afrikaanse volkskarakter*), p.168.

43. C.P. Mulder: *Die Afrikaanse volkskarakter*, p.170.

44. Mikro: *Hy koop toe vir hom 'n pen*, p.20.

45. W.E.G. Louw: *Persoonlike perspektiewe*, p.22-23.

46. Skoolinspekteur: *Hiervan en daarvan*, p.80-81.

47. Persoonlike jeugherinnering en latere waarnemings deur skrywer.

48. *Die Brandwag*, 17 Julie 1942, p.16.

49. Vgl. B. du Biel: *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing*, voorwoord deur Albert du Biel.

50. B. du Biel: *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing*, p.1.

51. B. du Biel: *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing*, p.27-28.

52. Dep., HUM I, p.11.

53. Sybrand Botha: *Profeet en krygsman*, p.5 e.v.

54. Harm Oost: *Wie is die skuldiges?* p.360.

55. J.H. Breytenbach (red.): *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.183.

56. Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa*, p.58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

57. *Die Brandwag*, 15 April 1911, p.695; 1 Mei 1911, p.717; 1 Junie 1911, p.12.

58. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XI, p.182-187.

59. *Die Brandwag*, 26 Julie 1940, p.29.

60. Persoonlike jeugherinnering van skrywer.

61. Dep., JOH I, p.18.

62. Dep., WIT I, p.21.

63. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* II, inskrywing by *Duiwel*.

64. D.F. Malherbe: *Somerdae*, p.59-64.

65. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb/Mei 1951, p.112.

66. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb/Mei 1951, p.114.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.0.0 LEGENDES

Onder legendes word daardie vertellings ingesluit wat deur die algemene opset van die verhaal en/of die vermelding van name en datums en plekke nog aan die werklikheid gebind is, maar wat die volksmens nie meer glo nie, of (soos in die geval van grootliegvertellings) waarskynlik nooit geglo het nie. Ons het hier m.a.w. in 'n groot mate te make met ver= tellings wat oorspronklik as belewenisse, sages of mites aangebied is, en meermale op pad is om geheel en al in die verbeeldingswêreld van die sprokie op te gaan. Dit is dus 'n onbegonne taak om uit 'n Suid-Afri= kaanse agtergrond te probeer aandui watter vertellings deur die Wes-Europese volksmens as legendes aanvaar word. Al wat gedoen kan word, is om daardie vertellings wat vandag in Afrikaans wel as legendes be= skou word, waar moontlik terug te voer na die Wes-Europese agtergrond en sodoende aan te toon waar die wortels lê.

11.1.0 Legendes rondom die persoon van Christus

Apokriewe verhale omtrent Christus se omwandeling op aarde is volop in Wes-Europa, maar in Afrikaans skaars, en dié wat daar wel bestaan, word ongetwyfeld deur die Afrikaanse volksmens as legendes vertel. Wat Peeters omtrent hierdie soort vertellings by die Vlaamse volksmens mee te deel het, geld ook vir ons ander stamlande. Hy skryf: "De aanwezigheid van Ons-Heer op de wereld en zijn wederwaardigheden tijdens zijn reizen zijn het onderwerp van vele legenden, die gekenmerkt zijn door hun geestige, humoristische toor. Meestal is Hij vergezeld van St. Pieter ook wel eens van St. Jan. In sommige legenden, waarin over= blijfselen van heidense sagen voortleven, zien wij O.L. Heer en St. Pieter de rol toegewezen eertijds vervuld door Wodan en Thor of bij de Grieken door Zeus, Hermes, enz. In vele dezer 'Zwerversagen' wordt iemand beet= genomen; worden degenen beloond, die de werken van barmhartigheid be= oefenen; worden vooral de armen gelukkig gemaakt."(1)

Wat die herdenking van die geboorte van Christus tydens die jaarlikse Kersfees betref, is veral die figuur van Sinterklaas (Sint Nikolaas)(2) of Kersvader van belang (onder Engelse invloed algemeen in Afrikaans as Vader Krismis bekend). Geleerdes meen dat dit bloot 'n kerstening van die Oud-Germaanse hoofgod, Wodan, is: "de Sleipnir berrijende Wô= dan-Odhin levert de patroon".(3) Eweneens vind die herdenking juis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op 25 Desember plaas omdat dit in die hartjie van die so belangrike Oud-Germaanse midwinterfeeste geval het, soos reeds volledig in die hoofstuk oor sages in Wes-Europa aangedui. Deur die eeue het veral in die Engelse kultuurwêreld (wat die Afrikaner sedert die 19de eeu baie sterk beïnvloed het), 'n vaste patroon ontwikkel: "Santa Claus ... rides of the roofs in a sleigh drawn by reindeer on Christmas Eve and delivers presents to worthy children who have hung stockings over the fireplace. (He) has become a traditional part of nursery lore."(4) Omdat die Christuskind in die middelpunt van die Kersvierings moet staan, is daar telkens by die Afrikaner met sy Calvinistiese inslag pogings aan= gewend om die gestalte van Kersvader met Christus self te identifiseer. Op 'n kind se vraag wie Vader Krismis tog eintlik is en hoe hy in enke= le nag dwarsoor die wêreld kan reis, antwoord die moeder:

"My kindjie lief, kom staan hier soet
Aan Ma se sy en luister goed.
Ou Vader Krismis, kindjie teer,
Is die Gees van ons Liewe Heer
Wat op Sy dag, deur lief en goed,
'n Woonplaas vind in elk gemoed.
Almagtig is die Gees, my kind;
Daar's niks vir Hom te swaar gevind.
Die Gees is dan ook onbeperk -
Ons Vader Krismis ken geen perk."(5)

'n Verdere verafrikaansing van die Kersvader-oorlewering was in die eer= ste dekades van die 20ste eeu in die Paarl bekend. I.v.m. die vir die Afrikaanse kind vreemde slee en takbokke waarmee Sinterklaas deur die lug sou ry om sy geskenke uit te deel, is verklaar dat hy 'n donkie ge= bruik, en die kinders het dan altyd op Oukersaand wanneer hulle hul kou= se ophang, voer en water vir die klein donkie neergesit.(6) Dit bly egter net 'n legendemotief in die volksmond en word nie 'n afgeronde ver= telling nie.

Nog 'n mooi ou Afrikaanse legendemotief, wat op stamlandse gelowe terug= gaan,(7) lui dat die diere in die krale of veld vroeg op Kersoggend neer= kniel met hul koppe na die ooste - daar waar die lewegewende son verrys en Christus eendag weer op die wolke sal verskyn - en dan "speel" of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dans die maan en ander hemelligame uit eerbetoon teenoor die Verlosser wat in daardie nag gebore is.(8)

Omtrent Christus se omwandeling op aarde, so 'n ryke bron van vertel= lings in ons stamlande soos reeds aangedui, kon net 'n enkele legende in Afrikaans opgespoor word. Eendag wil Hy oor 'n rivier gaan, en daar staan 'n bok, 'n skaap en 'n eseltjie. Hy vra die bok om Hom oor te dra, maar die bok antwoord hooghartig: "Nee, ek sal nog nooit my kraaksteweltjies laat nat word nie." Die skaap sê banghartig dat Hy te klein en swak is. Die esel is egter tog te gewillig om dit te doen. Daarom word hy beloon met die teken van die heilige kruis van Christus, wat 'n mens vandag nog op sy rug kan sien. (Die hare op 'n esel se stuitjie vertoon dikwels 'n kruisvorm.)(9)

Die kruisiging van Christus wat so 'n diepe indruk op die volksgemoed gemaak het, lei in Wes-Europa tot talle legendes. "Zij hebben bij planten en dieren de gelijkenis opgespoord met de werktuigen der passie: in de noot bevindt zich een nagel ... De Duizendknoop, het Schilders= verdriet ... en andere planten ... dragen voor altijd nog de sporen van de bloeddruppels, die er op vielen." Dan volg hierdie vertelling: "Tijdens de Kruisiging van Christus bemerkten de soldaten dat er een nagel ontbrak. Men zocht overal doch men vond er geen. Een wever, ziende dat de beul in moeilijkheden verkeerde, liep naar huis, trok een nagel uit zijn weefgetouw en gaf hem aan de Joden." Hieroor word hy deur Christus verdoem, en van toe af is die wewers die ongelukkigste mense op aarde.(10)

In Afrikaans bestaan net 'n legendemotief in hierdie verband: "Sien jy hierdie ou kameeldoring, hoe krom en verwronge sy takke is? Dit is die vloek op die kameeldoringboom dat sy takke en lote nooit reguit sal groei nie - want die Kruis van Christus is van kameeldoringtakke ge= maak."(11)

11.2.0 <u>Algemeen-Bybelse/Christelike legendes</u>

Algemeen-Bybelse, of spesifiek algemeen-Christelike legendes en veral legendemotiewe, is meer algemeen, hoewel glad nie volop nie. In die Transvaalse Bosveld word vertel dat dit die mamba was, een van die do=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

delikste en mees gevreesde Suid-Afrikaanse slange, wat Eva in die Paradys verlei het.[12] Die diere onthou nog steeds die Sondvloed. Wanneer reën aan die kom is, raak hulle dus onrustig en vlug na hoërliggende dele omdat hulle bang is dat hulle sal verdrink.[13] Merkwaardig is 'n optekening uit 1842 waarvolgens dit blyk dat die mense vroeër geglo het dat Noag se ark bokant Tafelberg anker gegooi het; Tafelberg is dus die Bybelse Ararat. 'n Geselskap gaan vir 'n uitstappie na die kruin van Tafelberg, en dan soek hulle "natuurlijk ijverig naar Noach's anker, dat, volgens de overlevering, de eerste schipper op deze plek uitwierp, toen hij de duif uit de ark liet vliegen".[14]

'n Mooi legende i.v.m. die sg. halfmense van die Noordweste is uit die wêreld van die bruinmense oorgeneem. Hierdie suilvormige plante wat geweldig stadig groei, tot 2½ meter hoog word met 'n deursnee van 20 cm, staan in die dor streek rondom die laer loop van die Oranjerivier met hul krone teen 'n hoek van ongeveer dertig grade noordwaarts gebuig. Of dit iets met die middagson te make het, kon nog nooit vasgestel word nie. Deur die Hottentotstamme van weleer is vertel "dat hul voorouers lank gelede ten noorde van Grootrivier gewoon het, en toe voor vyande suidwaarts moes vlug. Toe hulle oor die rivier was, draai hulle om, kyk met hartseer terug en sê: 'O, my land!' En dié wat so verlang het, het versteen met hul gesigte na die noorde, en hulle staan vandag nog so."[15] Die ooreenkoms met die Bybelverhaal omtrent Lot se vrou wat in 'n soutpilaar verander het omdat sy omgekyk en terugverlang het na haar besittings in die bose Sodom en Gomorra waaruit hulle in opdrag van God moes vlug, is ooglopend. Die skrywer A.A.J. van Niekerk verbind die vertelling ook aan Lot se vrou, maar fouteer waarskynlik wanneer hy die mening uitspreek dat die verhaal nie baie oud kan wees nie omdat sendeling Heineers in 1844 in hierdie wêreld die Namakwas begin kersten het.[16] 'n Mens hoef maar net Hendrik Jacob Wikar se *Joernaal* te lees om te besef hoe sterk die Hollandse invloed, en daarmee sekerlik ook kennis van Bybelverhale, reeds teen 1775 in dié streke was, want Wikar het daar Hottentotte teëgekom wat Nederlands magtig was.[17]

Nog 'n treffende legende wat Christelike invloed vertoon, is die verhaal van die Malteserkruis in die Sederberge. Daar was 'n man (glo 'n Skandinawiër) wat so lief vir die Sederberge was dat hy vir hom da[illegible] plaas gekoop het om tot sy dood toe in dié wêreld te kon woon. Eenda[illegible] 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staptog, ontdek hy 'n goudrif in 'n diep grot. Hy besef dat die skoon= heid en stilte van dié gebied onherroepelik geskend sal word as goud= soekers instroom, en hy hardloop na buite om God op sy knieë te smeek dat Hy die goudrif tog moet wegvat. Dan stap hy weer by die grot in, maar die goud is nog altyd daar. 'n Tweede en 'n derde maal gaan hy bid. Intussen het 'n donderstorm opgesteek, 'n bliksemskig slaan neer, en die man word gedood, maar die geweld van die slag laat die grotwande intuimel sodat die goudrif vir altyd afgesluit is. En op die plek waar die man gesterf het, staan 'n magtige rotsformasie in die vorm van 'n Malteserkruis.(18)

Die Duiwel is een van die heel gewildste karakters in die Wes-Europese volksvertelling, hetsy mite of legende of selfs sprokie. Daar "entstanden eine Unzahl von Teufelsagen im Volke", soos Erich en Beitl dit stel.(19) Dis 'n onbegonne taak om hier die herkoms van elke Duiwellegende in Afrikaans (waar dit nie naastenby so volop is nie) te probeer nagaan, maar 'n mens kan ná 'n ondersoek van verteenwoordigende bronne(20) onomwonde verklaar dat vir feitlik elke Afrikaanse voorbeeld 'n prototipe in ons stamlande bestaan.(21)

Iets van die skrikwekkende boosheid van die Duiwel spreek uit 'n vertel= ling wat in Johannesburg opgeteken is. Twee broers speel altyd saans in 'n verlate huis kaart. Een aand klop iemand aan die deur. Die oudste broer gaan oopmaak, en 'n vreemdeling kom binne; hy loop met die een voet sag en die ander voet hard. Hulle speel verder, die oud= ste broer laat kastig per ongeluk 'n kaart val, en toe hy dit optel, sien hy dat die vreemdeling een perdevoet het. Die broer maak versko= ning dat hy sleg voel en liewers wil gaan slaap, en hy sluit die deur versigtig van die buitekant af. Die volgende oggend toe hy weer in die vertrek kom, sit die jongste broer nog steeds op sy stoel, maar sy nek is omgedraai. Die vreemdeling met die perdevoet (wat natuurlik al die tyd die Duiwel was) is nêrens te vinde nie. Hy moes deur die sleutelgat ontsnap het.(22)

Noordwes van Louwsburg in Natal is 'n ruwe streek wat as die Duiwel-se-Wêreld bekend staan. Die Duiwel het die Here glo gesmeek om ook iets te mag skep. Dit word toegestaan. Toe die Duiwel sy skepping voltooi het en sy eie handewerk sien, is hy baie ontevrede, smyt homself soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n stoutkind op sy rug neer en skop alles uitmekaar. Dis waarom die plek so woes lyk.[23]

Die Faust-motief lei tot verskeie legendes in Afrikaans. Die legende van die man wat kitaar wou leer speel en toe die Duiwel uitoorlê het deur hom te beveel om 'n horlosie oop te maak sonder dat hy daaraan raak, is reeds in die hoofstuk oor mites genoem.[24] Soortgelyke ver= tellings kom meermale voor, en ook ander onmoontlike take word aan die Duiwel opgedra. Een van die bekendstes is dat hy water met 'n sif moet skep.[25] Nog 'n slim set word in 'n variant uit Nababeep beskryf. Toe die Duiwel kom om die man se siel te vat, sê hy dat hy die man sal spaar as hy vir hom kan sê hoe oud hy (die Duiwel) is. Die man kry 'n dag lank kans om die antwoord te soek. Die volgende dag smeer die man sy lyf vol teer, rol in 'n hoop hoendervere en gaan lê by die deur waar die Duiwel moet inkom. Toe die Duiwel dié gedaante gewaar, sê hy hardop by homself: "Ek is vandag 690 jaar oud, maar so iets het ek nog nooit gesien nie." Die man maak hom gou skoon, gaan na die Duiwel toe en sê vir hom: "Jy is vandag 690 jaar oud." Die Duiwel is verplig om die man met rus te laat.[26]

Ook in ander tipes legendes kom die Duiwel die slegste daarvan af. In Rustenburg is die vertelling opgeteken dat die Duiwel eendag vir die eer= ste maal gesien het hoe 'n man 'n perd beslaan. Dadelik wil hy sulke skoene hê. Die smid klem die Duiwel se voet in 'n skroef vas, maak die hoefyster gloeiend warm en druk dit teen die Duiwel se voetsool. Die Duiwel skree van pyn, en toe die smid hom loslaat, verdwyn hy soos die blits. Daarom is die Duiwel vandag nog so bang vir 'n hoefsmid en vir 'n perdehoefyster. (Dis een van die redes waarom so 'n hoefyster 'n gelukbringer is.)[27]

11.3.0 Die elementgeeste

Terwyl watergeeste, soos ons reeds by die bespreking van sages gesien het, in Nederland baie skaars is (maar volop in Duitsland), is dit die vernaamste elementgeeste in Afrikaans en trouens die enigste elementgees= te waaromtrent volledige legendes bestaan.

'n Belangrike groep van hierdie legendes het betrekking op watermense, aansluitend by vertellings wat veral in ons Duitse stamland voorkom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hier dink 'n mens eerstens aan die sg. Undines: "Sometimes water spirits were represented as marrying mortals. Undines were female water spirits who readily intermarried with human beings. An undine who bore a child by such a union received with her babe a human soul. But the man who married her had to be careful not to go on the water with her, or at least not to anger her there, lest she return to her original element. Should this happen and should he venture on a second marriage, the undine would seek to destroy him. In some sto= ries, Undine is the name of an individual rather than merely one of the group."(28) Soms moet sy haar vel as waterdier afwerp om mens te word.(29) Sodoende sluit dit aan by 'n mooi legende waarin luggeeste betrek word, nl. die *Schwanjungfrauen* (swaanmeisies): "The most wide= spread swan transformation myth tells of a man who sees a flock of swans alight by the water, and watches them discard their feather gar= ments, revealing themselves as beautiful maidens. He steals the robes of one of the swan maidens and lives happily with her until one day she finds the garments, puts them on and disappears."(30)

Wat Afrikaans betref, dink 'n mens hier veral aan die legende van die robvrou. 'n Visser sien om twaalfuur die nag hoe 'n aantal robbe na die strand swem, hul velle afgooi, en dan is hulle pragtige vroue wat op die sand dans. Hy steel een van die velle, en toe die vroue weer hul velle aantrek en wegswem, bly een op die strand agter. Die visser trou met haar, en hulle het twee kinders, maar eendag ontdek die vrou haar vel in die kelder, snel see toe, trek dit aan en swem weg. Abel Coetzee verklaar dat hierdie verhaal goed bekend was in Transvaal en die Vrystaat.(31)

Nog 'n legende omtrent watermense het betrekking op die sogenaamde kaai= mans. Hulle lok hul slagoffer deur bv. 'n blom op die water te laat verskyn, en as hy dit wil vat, trek hulle hom in. So word vertel van 'n man wat 'n roos op die rivier sien dryf het. Die kaaimans gryp hom toe hy nader kom en vat hom na hul woning onder die water. Daar is dit heeltemal droog, met die water wat 'n koepeldak oorheen vorm. Hulle vra hom of hy vis of vleis eet, en hy antwoord: "Vleis", want hy weet dat hulle self gedeeltelik vis is en hom sal doodmaak as hy "Vis" sê. Hierdie watermense het selfs hul eie trop slagbeeste met gewebde pote om makliker te swem. Bedags wei hulle op die rivieroewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die man werk vir die kaaimans, en hulle laat hom na enkele dae toe om sy mense te gaan groet. Een oggend kom 'n miswolkie van die rivier se kant af op. Die man beweeg in die miswolkie terug na die rivier toe, verdwyn onder die water en is nooit weer gesien nie.(32)

Die gekroonde slang is o.m. bekend in Duitsland en Frankryk, asook in die Verre Ooste en by die inheemse volkere van Suid-Afrika.(33) Uit al hierdie oorde kon die Afrikaanse volksgeloof en volksvertellings dus beïnvloed word. 'n Baie algemene soort legende in hierdie verband, is die volgende. Wat dit nog interessanter maak, is die feit dat die gebeurtenis glo reeds in 1857 plaasgevind het - 'n ou oorlewering dus. Op die plaas Rysmierbuit aan die Moorivier in Transvaal was 'n jong swart beeswagtertjie wat eendag gesien het hoe 'n slang met 'n blink steen op die kop aangeseil kom, dit versigtig laat afrol voor hy gaan water drink, waarna hy dit weer kom opsit. Dadelik hardloop die bees= wagtertjie na die plaasopstel toe om te gaan vertel wat gebeur het, maar die boer lag hom net uit. Die tweede dag kom die slang weer, maar die beeswagtertjie wag tot die aand voordat hy die boer daarvan vertel. Die derde dag gaan die boer saam veld toe. Hy gewaar die slang en die blink steen, en terwyl die slang water drink, raap hy 'n klomp nat mis op en bedek die steen daarmee. Toe vlug hy huis toe. Die slang merk wat gebeur het, en hy storm agter die boer aan, maar dis te laat. Die boer klap die deur voor hom toe, gryp sy geweer en skiet hom dood.(34) So eindig hierdie spesifieke vertelling, maar 'n bekende afloop is dat iemand wat 'n slangsteen in die hande kry, die res van sy lewe baie gelukkig is.(35)

Uit die tyd van die groot diamantkoors dateer die legende van hoe die waterslang 'n diamant op sy kop gekry het. 'n Swart handlanger van 'n delwer gaan eendag by die rivier water skep, maar kom nie weer terug nie. Een van sy vriende gaan kyk wat gebeur het, en 'n waterslang (wat blykbaar die vriend reeds in die rivier ingesleep het) pak hom. Hy spartel en spook totdat van die ander handlangers onraad merk en hom te hulp snel. Een tel iets op wat na 'n klip lyk en gooi die waterslang so geweldig teen sy kop dat dit 'n ent daarin wegsink. Die waterslang is bedwelmd en laat sy prooi los. Die ding waarmee die swartman hom gegooi het, was egter nie 'n klip nie, maar 'n dia= mant. Dit word oorerflik, en van toe af dra daardie waterslange dia=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mante op hul koppe.[36]

Nog 'n legende oor die gekroonde slang het betrekking op die Grootslang van die Oranjerivier. 'n Man loop eendag langs die rivier en tel 'n pragtige blink klip op. Hy vat dit huis toe en sluit dit weg in 'n kis met kosbaarhede wat altyd onder sy bed staan. Die nag word hy wakker en voel dat hy in die water lê, en hy weet dat die rivier besig is om sy walle te oorstroom, hoewel dit die droë tyd van die jaar is. Die man is verplig om op die huis se dak te klim, en later sien hy in die maanlig hoe die kis by sy kamervenster uitdryf en deur die water weggevoer word. Toe sak die vloed net so skielik weg. Die man het onwetend die steen van die Grootslang van die Oranjerivier opgetel, en die slang het sy steen weer kom haal.[37]

Baie van die bruinmense in die Sederberge, veral die vroue, dra 'n swart garedraad om die keel. Dit is glo uit roubetoon vir die waternôi wat vissers eenmaal langs die weskus gevang en saam met haar kind in 'n ri= vierkuil gesit het. Die waternôi het hulle gesmeek om haar terug na die soutwater toe te vat, maar hulle wou nie omdat hulle haar in 'n plek wou hê waar almal haar kon sien. Spoedig is sy en haar kind dood. "Nou rou ons maar ...," Soos een van die bruinmense in die vyftigerjare aan die skrywer W.A. de Klerk gesê het toe hy daar op besoek was. "Ons rou maar vir die waternôi. As ons dit nie doen nie, sal die soutwater nog oor die land spoel en ons algar versuip."[38]

11.4.0 Spooklegendes

Onder die so geliefde spookvertellings in Afrikaans is daar dié wat later ook vir die volksmens hul waarheidselement verloor en dus legendes word.

11.4.1 Die huilende baba langs die pad (die ettimi-ê)

Dit was, na die groot verskeidenheid variante geoordeel, een van die heel gewildste vertellings onder ons mense.

'n Man ry op 'n stappie te perd, toe hy meteens 'n huilende baba voor hom in die pad sien lê. Hy meen dat die kind miskien uit 'n watent geval het, tel hom in sy arms op en ry verder. Soos hy ry, word die kind al swaarder, totdat die man by homself sê: "Ek sal die kind maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet neersit, want ek kan hom nie meer vashou nie." Verbaas hoor hy die kind met 'n kwaai stem antwoord: "Jy sal my nie hier neersit nie, maar daar waar jy my gekry het." Met 'n groot gesukkel kry die man dit reg en raak van sy las ontslae.(39)

In 'n variant word die baba 'n tokkelossie – 'n nare, afskuwelike ou swart man wat jou vasklou en dwing om hom rond te dra terwyl hy al swaarder word. 'n Mens sal hom net met kookwater van jou rug kan af= brand. As die tokkelossie sien dat jy hom nie verder kan dra nie, klim hy af, looi jou met sy kierie uit en verdwyn.(40)

Soms kry die groeiende monster 'n naam en word hy die ettim-ê of die tête-my-têt genoem. Laasgenoemde naam het glo betrekking daarop dat toe die man wat die kind op sy rug gedra het, hom beveel om af te klim, hy antoowrd: "Tête-my-têt; waar ek sit, sit ek vas."(41)

In plaas van die kind, is dit soms 'n kalfie wat langs die pad lê. 'n Transportryer laai hom op, maar hy word al groter totdat hy die hele wa vul. Dit alles gebeur in die nag. Eers wanneer die haan met dagbreek kraai, gee die wa 'n ruk en die kalfie verdwyn.(42)

Daar kon nêrens 'n vertelling uit ons stamlande opgespoor word wat pre= sies hiermee ooreenkom nie. Dit herinner egter aan die Christophorus-motief. Volgens Europese oorlewering het Christophorus (letterlik: Christus-draer) in die 3de eeu n.C. gelewe, en hy is die beskermheilige van reisigers. Hy was reusagtig en het reisigers op sy skouers deur 'n rivier gedra. Eendag vat hy 'n kind oor, maar die kind word al swaarder sodat hy die anderkantste oewer met moeite bereik. Nou ver= neem hy dat die jong reisiger die Christus-kind is op Wie se skouers die sonde van die hele wêreld rus, daarom het Christophorus soveel moeite met sy las ondervind. Die Kind verdwyn, en Christophorus word met ewige geluksaligheid beloon.(43) In hierdie geval is die toene= mende las dus iets goeds. In Stith Thompson se *Motif-index of folk literature* kom 'n enkele inskrywing voor wat sterk ooreenkoms met die Afrikaanse legende vertoon, maar dié legende is glo tot Litaue beperk: "G303.3.5.3. *Devil becomes heavier and heavier.* Animal taken into cart becomes so heavy that horses are unable to pull cart. If it is brought home it turns to stone or tree-stump." Dan is daar ook 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhaalmotief uit Indië: "D1687 *Object magically becomes heavy*".

Verder is bekend 'n Tsjeggo-Slowaakse vertelling van 'n onaansienklike meisie wat nooit 'n dansmaat kon kry nie. Die Duiwel verskyn in mens= like gedaante, dans met haar tot laat die nag en vat haar saam hel toe, maar sy klou hom so vas dat hy haar nie afgelaai kan kry nie. Ten einde raad keer hy terug na die aarde en praat 'n skaapwagter om dat hy hom moet help dra. Toe die meisie die skaapwagter net so vasklou, trek hy sy jas stilletjies uit en smyt haar met jas en al binne-in 'n dam water. So is hy en die Duiwel van die klouende meisie verlos.(44)

Daar is veral een bekende gestalte in die volksgeloof van die Lae Lande wat 'n mens in sommige opsigte aan die ettimi-ê laat dink. Hy kan ook van gedaante verander en pen sy slagoffer dikwels met sy gewig vas. Dit is die Kludde. Origens is dit 'n soort weerwolf wat "'s nachts rondzwerft en die de mensen zó maar op het lijf valt. Hij kan de gedaante aannemen van planten en dieren. Meestal doolt hij rond bedekt met een zwart hondsvel en met een keten rond de hals. Het gebeurt ook dat hij zich 's nachts op een slapende stort en hem verstikt door zijn gewicht."(45) Soms word die Kludde 'n soort Wandelende Jood wat sy siel ter wille van rykdom aan die Duiwel verkoop het, maar in plaas dat hy hel toe gaan, moet hy nou op die aarde ronddool "zonder ergens rust te vinden en zonder ooit met de mensen in goede betrekkingen te staan. Als de geest vlucht, schreeuwt hij: Kludde! Kludde! En daarnaar wordt hij genoemd."(46)

'n Enkele Afrikaanse variant waarin die huilende kind met tokkelossie vereenselwig word, dui miskien 'n ander rigting van beïnvloeding aan, want tokkelossie is in die algemeen vir die blanke 'n bose figuurtjie. Die eienskap dat hy swaarder word, kom egter nie in die besonder by die swart volkere of die blankes voor nie.(47)

11.4.2 Die vuurtjie langs die pad

Hier is eweneens 'n baie beroemde Afrikaanse legende, maar geen verwant= skap met die vertellings van ander volkere kon gevind word nie.

'n Kommentator oor die Afrikaner in die laaste drie, vier dekades van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die 19de eeu noem dié soort vertelling "a very favourite one in every family" en vat dit soos volg uit die mond van 'n informant saam: "When my grandfather came back from Capetown to Stellenbosch, ... he walked along the road a short distance in front of his team, after sundown. Seeing a small fire a little ahead, he filled his pipe, intending to light it at the said fire (matches not being known in those days). On arrival, he found a lot of natives sitting around it, and applied for a light. Nobody obliging him, or taking the least notice of his re= quest, he lost his temper, and gave one of the company a small kick in the ribs. He immediately received a slap in the face, natives and fire disappeared as if by magic, and he kept the mark of the fingers on his face to the day of his death."(48)

In een variant word die tema vermeng met die bekende grootliegverhaal (wat later behandel word) waar die man sy geweer in die Duiwel se mond aftrek, en lg. dan sê dat die twak 'n bietjie sterk is. Die vertelling lui dat 'n man op reis te perd in 'n swaar reënstorm 'n paar Boesmantjies langs die pad sien met 'n yslike kool vuur tussen hulle. Hy rig sy ver= soek, maar die Boesmantjies roer nie. Met sy geweer gewapen, stap die man nader. Een van die Boesmantjies dink dis 'n pyp en suig daaraan. Die man trek die skoot af, die Boesmantjie steier effe agteruit en sê: "Sterk twak! Sterk twak!" Verskrik jaag die man weg.(49)

11.4.3 Nooientjie de Jonker

Blykbaar ook 'n nuutskepping by die Afrikaner is hierdie interessante vertelling wat iets bonatuurliks bevat, maar deur die humoristiese streep sy geloofwaardigheid verloor en 'n legende word.

Daar was eenmaal 'n boer, De Jonker, wat aan God nòg gebod geglo het. Elke Saterdagaand hou hy 'n party op sy plaas, en tot Sondagoggende word gedans, gedrink en plesier gemaak. Een Sondagoggend donker steek 'n geweldige donderstorm op, die weerlig tref die huis, en De Jonker, sy gesin en gaste word almal in die vlamme verteer. Jare later kom 'n verdwaalde reisiger tydens 'n swaar donderstorm in die omgewing. Hy hoor van ver af musiek en laggende stemme, klop aan, en die huisvrou nooi hom binne. Hy wil nie saam dans nie, eet net en gaan dan na sy kamer. Toe hy die volgende oggend wakker skrik, lê hy op die grond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 'n ou bouval. 'n Entjie weg staan sy perd onder 'n boom in plaas van in die stal. Naby die man, onder 'n geroeste stuk sinkplaat wat skuins teen die muur rus, sit 'n kapokhennetjie en broei. "En toe, ou hennetjie," sê die reisiger, "hoe is ons dan so alleen vanmôre?" Met 'n gekekkel vlieg die hen van die nes af op en roep:

"Ek is Antjie de Jonker,
ek dans in die donker!"

Verskrik saal die reisiger sy perd op en maak dat hy wegkom. Op 'n buurplaas hoor hy die verhaal van die De Jonkers, en hoe hulle en die gaste altyd weer op onweersnagte terugkom om die dansparty voort te sit. Dis hul straf vir hul Sabbatsontheiliging. Antjie was De Jon= ker se dogter en altyd op die voorpunt van die dansery.(50)

Die besonderhede van die vertelling bly feitlik konstant in al die variante; dis net die naam van die meisie wat verander, en ons kry Nooientjie de Jonker en ook Hennetjie de Jonker.(51)

11.5.0 Uit die towerwêreld

11.5.1 Paljas

In alle lande en tye vind ons dat pogings aangewend word om 'n geliefde se geneentheid met die een of ander soort towermiddel te wen, soos een bron dit stel: "Charms to bring about love are found in folk practice the world over." Een van die vernaamste towermiddels is 'n "general charm used as a medicine and based on ingredients of a general charac= ter". Die beroemdste plant waarvan sulke liefdes- of minnedrankies be= rei word, is die alruin. Onder primitiewe gemeenskappe is dikwels 'n brousel van die voortplantingsorgane van diere gemaak.(52)

In Afrikaans is 'n liefdespoeier genaamd paljas, wat gewoonlik van 'n (Slamse) toordokter verkry en in die geliefde man of meisie se kos of drank gegooi word, algemeen bekend. Die woord paljas is afgelei van die Maleise *pelijas*, wat "'n toormiddel" beteken.(53)

'n Humoristiese paljasvertelling wat klaarblyklik nie die waarheid is nie, lui dat 'n kêrel wat die meisie op wie hy verlief was nie in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hande kon kry nie, vir haar 'n appel met paljas daarin gee. Sy raak agterdogtig en gooi dit vir 'n varksog. Toe is die sog al agter die man aan en agtervolg hom tot in die huis, sodat hy later verplig is om die dier dood te skiet.(54)

11.5.2 Spoorbek en die inhalige vrou

Een van die mooiste verhale oor die 19de-eeuse wit towenaar Heinrich Schörbeck word vandag ongetwyfeld as 'n legende beskou.

Een aand op een van sy dwaaltogte kom Spoorbek op die plaas van 'n ryk vrou aan en vra kos en herberg vir die nag. Sy is 'n onvriendelike, inhalige mens, gee hom nors-nors 'n stuk kos en laat hom in die waenhuis slaap. Die aand daarop kom Spoorbek by 'n arm vrou, 'n weduwee met 'n klomp kinders. Sy gee hom die beste kos wat sy het en laat hom soos 'n geëerde gas saam met haar oudste seun in die kamer slaap. Die volgende oggend vroeg sê Spoorbek vir die arm vrou dat sy as beloning die hele dag sal aanhou met die eerste ding waarmee sy die dag begin. Die vrou het 'n paar jaart linne in die huis en begin vir haar kinders hemde uitskeur, die hele dag lank, sonder dat die materiaal opraak. Die ryk vrou kom dit te hore, laat Skoorbek spesiaal roep, gee hom die beste kos en laat hom in die vrykamer slaap. Die volgende oggend spreek hy dieselfde seën oor haar uit. Die ryk vrou het haar klaar voorgeneem dat sy die hele dag lank geld gaan tel sodat dit al meer en meer kan word. Net toe sy na die geldtrommel toe draai, byt 'n vlooi haar, en sy gryp om hom te vang en dood te druk. So het sy daardie hele dag vlooie gevang.(55)

11.5.3 Antjie Somers

Weer eens duik hierdie merkwaardige karakter op, en al hoe meer word besonderhede uit die verbeeldingswêreld bygelas sodat 'n mens tereg kan sê dat ons hier met legendestof te make het. Nou is sy klaarblyklik 'n heks, maar dis duidelik dat die Afrikaanse volksmens, wat geen voorliefde vir heksgelowe het nie, dit glad nie so ernstig bedoel nie. Dit spreek onder meer uit hierdie kindergediggie wat vermoedelik op volksoorlewering gebaseer is. So klink die twee slotstrofes:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Antjie het 'n besem groot,
Wat sy haar huisie mee vee,
Maar in die nag as die windjie ruis,
As die kinders veilig is in huis,
As die uil hoe-toet, en die paddas skree,

Dan borrel daar rook by haar skoorsteen uit,
Besem kry vlerke, en een, twee, drie,
Spring Antjie met haar kat en al daarop,
Die deur is hul uit op 'n stywe galop -
In die lug gaan hulle vlie.(56)

In Beaufort-Wes is vertel dat iewers in die veld 'n grashutjie gestaan het waarin Antjie Somers woon. Sy is 'n Slamaiervrou (wat natuurlik beteken dat sy soos 'n Slams kan toor). Gedurig sit sy gebukkend oor 'n potjie waaruit groot vlamme en rook opslaan en neurie 'n deuntjie. Onder haar rok dra sy 'n sak met aaklige goeters daarin. Wanneer sy uitgaan om stout kinders te vang, stop sy hulle in die sak.(57) In Carnarvon is weer vertel dat die ou heks net in die somermaande ver= skyn; in die winter gaan sy na 'n warmer streek - vandaar haar naam. Sy loop nie, maar spring met staalvere onder haar voete, dertig tot veertig tree op 'n slag. Nooit vang sy meer as een kind nie, want die gewig kan die staalvere laat breek.(58)

So kan nog vele voorbeelde opgenoem word, en hoewel Antjie Somers daar= deur as 'n legendariese karakter opgebou word, groei geeneen van die op= tekenings tot 'n volwaardige, afgeronde volksvertelling uit nie. Dis nog net die grondstof waaruit 'n legende kan ontstaan.

11.6.0 Historiese legendes

In ons geskiedenis is 'n groot verskeidenheid verhale oor fabelagtige skatte wat oorspronklik as die reine waarheid vertel is, maar algaande het die besef deurgedring dat dit waarskynlik blote legendes is. Eers was daar die gerugte omtrent die merkwaardige ryk van Monomotapa wat eeue lank onwrikbaar geglo is deur koning en kneg.(59) Dan was daar die skat van die swart opperhoof Lobengula.(60) As voorbeeld behandel ek die verhaal wat die Afrikaner die nouste raak: die so=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genaamde Kruger-miljoene.

11.6.1 Die Kruger-miljoene

Daar bestaan weinig legendes in ons geskiedenis wat hardnekkiger ver= kondig is as dié van die Kruger-miljoene. Toe pres. Paul Kruger die Transvaalse hoofstad, Pretoria, in 1900 voor die oprukkende Engelse leërmagte verlaat en na die Laeveld uitgewyk het, is die staat se beskikbare goud en goudmunt saam met hom vervoer. Dit sou miljoene der miljoene ponde werd gewees het, aldus die oorlewering. Nou het daar twee soorte sg. ooggetuies na vore gekom. Volgens die een groep is dit iewers in die Transvaalse Laeveld begrawe, niemand weet meer presies waar nie, om deur die een of ander gelukkige ontdek te word. Die ander verklaar op hul beurt dat pres. Kruger die goud saam met hom Europa toe gevat het.

'n Tipiese "ooggetuieverslag" is dié van H.L. Hall wat in 1858 in En= geland gebore is en as kind saam met sy ouers na Suid-Afrika gekom het. In 1900 boer hy naby Nelspruit en hou ook 'n plaaswinkel aan. Hy het later getuig: "Paul Kruger sou daardie oggend vertrek, sy goud saam met hom, na Lourenco Marques en Europa. Ek het gesien hoe die goud gelaai word. Dis uit 'n gewone trok gelaai, en twee polisieman= ne was nodig om 'n kis op te lig tot in Eloff se kapkar. Die kapkar kon net vyf kiste per slag neem. 'n Mens kon sien hoe sak die kar se vere met elke kis wat gelaai word. Die kiste is aangery na 'n ander trok wat op die hoofspoorlyn staan. Toe word daar nog elf lang kiste oorgelaai - ek vermoed dié het seker goue ponde bevat; dié kiste was heelwat ligter, seker omtrent vyftig pond elk. Nadat alles gelaai was, het die trein na Lourenco Marques vertrek. En dit was die laaste wat ons van Kruger se miljoene gesien het. Dit is sonder twyfel saam met hom Europa toe en daar gebruik om die oorlog voort te sit."[61]

Teen hierdie soort stellings is later deur iemand soos die historikus Gustav S. Preller baie sterk beswaar gemaak. Hy het destyds as hoof= klerk in die Transvaalse departement van mynwese gewerk, was self by toe die laaste goud uit Pretoria verwyder is, en verklaar uitdruklik dat geen staatsgoud saam met pres. Kruger Europa toe is nie.[62]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die amptelike mening van historici oor dié saak kan dan ook soos volg in die woorde van W.J. de Kock saamgevat word: "Ever since 1900 there have been rumours concerning a so-called hidden Kruger fortune supposed to be buried somewhere in the Transvaal. In the course of years nume= rous statements have been made by persons who declared that they could prove the existence of the 'Kruger millions'. Many fruitless excava= tions have been made to find them. On the strength of abundant docu= mentary evidence ... it can be affirmed that there never existed a hidden treasure which belonged either to President Kruger personally or to the government of the Transvaal Republic." Die goud wat wel uit Pretoria verwyder is, is aan 'n Duitse firma in Lourenco Marques ver= koop. Dit is op die grens van Mosambiek afgelewer en deur die Duit= sers in dertig kiste na Europa verskeep.(63)

Tog kon die skrywer Chris Barnard, wat in die Laeveld grootgeword het, in 1975 nog omtrent die Nelspruit-omgewing vertel: "Die oortuiging be= staan vandag nog onder sekere Laevelders dat die President sy 'goue miljoene' tot op die dorp saamgery en tydens sy verblyf aldaar iewers in die distrik begrawe het. Soos die storie loop, het hy 'n kaart nagelaat wat aanwys waar die skat begrawe is; en volgens dié kaart moet 'n mens in die omgewing van 'n groot maroelaboom op die plaas Boschrand, waar ek grootgeword het, na die trommel geld soek. Ek het dikwels saans op die werf staan en kyk hoe 'n hoopvolle lantern tussen die stamvrugbome en truksvyebosse ronddobber op soek na 'n plek waar die grond sag genoeg lyk om te grawe. Die skatgrawers het nooit na my wete, op iets afgekom nie. En sal ook seker nooit."(64)

Die oorlewering omtrent die Kruger-miljoene is een van daardie dinge wat moeilik ingedeel word. Hoewel dit sterk verhaalelemente bevat, vorm dit tog nie 'n afgeronde vertelling nie. Verder, hoewel klaar= blyklik 'n legende, is dit vir vele volksmense die reine waarheid, hoe= wel daar ook diegene sal wees (soos die Engelsman Hall) wat dit gedeel= telik of volkome in twyfel trek.

Die Kruger-miljoene het boonop aanleiding gegee tot 'n aantal baie werk= like gevalle van bedrog wat die grondstowwe vir belewenisvertellings bied. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die volgende. Jare ná die Boereoorlog kom 'n Pretorianer by 'n Boerekommandant wat naby Stander=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ton woon, sê dat hy as penkop onder hom geveg het, en vertel dan dat hy 'n klomp staafgoud in verrotte houtkiste tydens 'n prospekteertog naby Lydenburg ontdek het. Hy gee aan die kommandant 'n stukkie van een van die stawe om te laat toets; dit is suiwer goud, en die kommandant koop die staaf by hom vir £200. Op die ou end blyk dit dat die staaf doodgewone brons is. Oor hierdie bedrog het die Pretorianer in die tronk beland. Nâ sy vrylating het hy presies dieselfde streek met 'n ander man uitgehaal en is weer gevonnis.(65)

11.7.0 Novellistiese onderwerpe

In 'n vermaaklike verhaaltje in *Ons Klyntjie* word vertel dat die koning van 'n sekere land te sterwe gekom het, en daar word besluit dat die eerste man wat sy dienaars die volgende oggend op straat raakloop, in sy plek koning sal word. Hulle kom op die werklose Jan af, vat hom paleis toe, trek hom 'n koningskleed aan en laat hom op die troon sit. Later daag sy vrou daar op, maar hy groet haar nie eens nie. "Ken jy my dan nie meer nie, Jan?" vra sy. "Ek ken myself nie; hoe moet ek jou nog ken?" antwoord koning Jan.(66)

Die Duiwel speel wel 'n rol in die volgende voorbeeld, maar die verhaal word so deur die menskarakters oorheers dat dit hier ingedeel word. 'n Jong egpaar is baie gelukkig, en die Duiwel kan dit nie verdra nie. Daarom vra hy 'n listige ou vrou om hom te help; as sy tweedrag tussen hulle kan bring, gee hy haar 'n paar skoene. Nou gaan sê die ou vrou vir die man: "Weet jy dat jou vrou ontrou aan jou is en jou wil dood= maak?" Vir die vrou sê sy: "Weet jy dat jou man ontrou aan jou is? Maar ek sal jou help. Aan sy ken groei 'n lang haartjie. Vat 'n skeermes en sny dit af terwyl hy slaap." Terwyl die man eendag net maak asof hy slaap, sluip die vrou met 'n skeermes na hom toe. Hy meen dat sy hom rêrig wil vermoor, spring orent en jaag haar weg (of slaan haar dood). Toe die listige ou vrou haar beloning gaan haal, staan die Duiwel op die oorkantste wal van 'n diep sloot en gee vir haar die skoene aan die punt van 'n lang stok aan. "Is jy dan bang vir my?" vra die ou vrou. "Ja," sê die Duiwel. "Jy het reggekry wat ek nie kon nie. Vir iemand wat so slu en listig is, bly ek in my pasop= pens."(67)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daardie mooi legende (reeds vroëer genoem) oor die herkoms van die naam Blinkklip (later Postmasburg) hoort ook hier tuis.[68]

11.8.0 Grootspog

Vertellings oor ons sterkmanne, hoedanig sg. ooggetuies ookal vir die waarheid daarvan instaan, klink in die meeste gevalle so fantasties dat dit feitlik om 't ewe is of dit as ware belewenisse of oordrewe legendes ingedeel word. Hoeveel van hierdie soort verhale vandag nog bekend is, blyk uit die groot reaksie toe *Die Huisgenoot* in 1974/75 in samewerking met die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 'n wedstryd vir sterkmanverhale uitgeskryf het. Uit die inskrywings word 'n klompie van die verbeeldingrykste vertellings hier aangehaal.

Oom Lewies van die Strandveld was teen die einde van die 19de eeu met sy transportwa vol vate wyn op pad na die Kaap, toe sy wa bo-op Sir Lowryspas teen 'n ander .ots. Die vreemdeling is net moeilik en wil sommer slaan, maar oom Lewies sê hulle moet liewers 'n doppie saam drink. Met dié woorde trek hy die prop van 'n halfaam op sy wa uit, lig dit omhoog, hou die opening voor sy mond en sluk. Toe plaas hy die vat terug, maar die ander man sien nie kans om hom dit na te doen nie en is ook sommer so mak soos 'n lammetjie.[69]

Martiens Byneveld het in die dertigerjare by Koës in Suidwes-Afrika ge= woon. 'n Vriend bring vir hom eendag 'n klompie goed met sy wa van Keetmanshoop af saam. Toe hy die wa sien aankom, stap Martiens om die goed te gaan haal. "Hy het 'n sak mielimeel (200 pond) op sy linker= skouer gelig, 'n sak boermeel op sy regterskouer geplaas en toe sy vriend gevra om vir hom die sakkies suiker en stampmielies (100 pond elk) op te lig sodat hy dit saam met die ander twee sakke op sy skouers kon kry. Daarna is nog 'n pakkie materiaal onder sy arm vasgedruk." Sy vriend gesels eers land en sand aanmekaar, Martiens luister aandagtig en ge= sels saam voordat hy op die ou end sê: "Ou maat, ek moet loop. Die goedjies word swaar." Toe stap hy vyfhonderd tree tot by sy huisie bo-op 'n duin.[70] Dis 'n soort tema wat die volksmens se verbeelding aangryp, en 'n mens is nie verbaas om dit elders teë te kom nie. Dit word bv. ook in die Noordweste vertel, en hier is die held ene Andrew Pedersohn. Eendag stap hy Wallekraal toe om vir hom 'n sak koring

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(203 pond) te koop, vat dit onder sy arm en begin die terugreis. "Net buite die winkel loop hy 'n ou vriend raak. Die stap 'n entjie saam om te gesels. Die gesels was lekker, hulle stap maar stadig, staan so elke nou en dan 'n rukkie stil ook. Andrew dink nie eens daaraan om sy sak neer te sit nie, skuif dit net so elke nou en dan onder die ander arm in. Eindelik draai die vriend om, en Andrew is vort na sy huis, twaalf myl daarvandaan. Toe hulle by 'n later geleentheid weer ontmoet, en die vriend vra of die koring dan nie later swaar geword het nie, antwoord hy: 'Nogal. Ek moes dan glad twee keer rus.'"(71)

Sterk Hermanus, so vertel iemand van Vredenburg, het eendag jongosse van so drie, vier jaar oud gaan koop. Die eienaar sê as hy die osse aan die agterpoot vang en uit die kraal sleep, soos 'n mens skape vang, kan hy hulle present kry. Nadat Sterk Hermanus drie uitgesleep het, sê die eienaar dis genoeg. So kry Sterk Hermanus 'n hele span osse sonder om 'n duit daarvoor te betaal.(72)

In die distrik Reddersburg in die Vrystaat het twee broers Jan en Kosie Aucamp geboer, maar hulle plase het nie aanmekaar gegrens nie. Om by sy broer te kom, het Kosie sommer oor 'n buurman se plaas gery - 'n afstand van ongeveer driehonderd tree. Die buurman sê toe Kosie mag oor sy grond na sy broer toe loop, maar nie ry nie. Toe die buurman weer sien, stap Kosie met 'n skotskar op sy rug na sy broer se plaas om iets te gaan haal. Die buurman kan maar net lag en gee hom daarop toestemming om in die vervolg die ent te ry.(73) (Hierdie vertelling vertoon verwantskap met die bekende Uilspieël-vertelling waar die grap= maker deur die koning belet is om weer sy voete op sy grond te sit, wat later in die afdeling oor sprokies behandel sal word. Uilspieël klim toe op 'n skotskar wat hy vol grond gemaak het en sê dat hy op sy eie grond ry.)

11.10.0 Algemene humoristiese vertellings

Een voorbeeld is voldoende om hierdie soort legende toe te lig. Ons beweeg hier natuurlik op die grens van die volksgrap - dit hang net af hoe beknop of omvattend die vertelling aangebied word.(74)

'n Fransman en 'n Duitser kom een aand by 'n suinige vrou. Sy het 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heerlike gebraaide patrys in die huis, maar sê dat sy dit die volgende oggend vir dié een sal gee wat die mooiste droom. Daardie nag gaan die Fransman en eet die patrys stilletjies op, en terwyl die Duitser die volgende oggend van sy droom vertel, luister hy hom af. Hy het tog te mooi gedroom, sê die Duitser, van 'n hemelleer met engeltjies. Ja, sê die Fransman, hy het ook van die leer na die hemel toe gedroom, maar die engele het die vrou saamgevat. Daarom het hy maar die patrys opgeëet.(75)

11.10.0 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse legendes (uitgesonderd grootlieglegendes)

Omdat die leuenvertellings so 'n oorweldigende rol in Afrikaans speel, word hier eers 'n tiperegister van al die ander soorte legendes gegee, terwyl 'n tiperegister van grootliegverhale later by 'n oorsig van dié soort vertelling ingesluit sal word. Aangesien al die voorbeelde hier opgeneem reeds volledig behandel is, word net die kort opskrifte en bronne vermeld. Die volgende nuwe bronne word gebruik:

AKE	= *Die Afrikaanse kinderensiklopedie* (11 dele).
Barnard	= Chris Barnard (red.): *Die Transvaalse Laeveld.*
Chilvers	= Hedley A. Chilvers: *The seven lost trails of Africa.*
De Kok I	= K.J. de Kok: *Empires of the veld.*
De Kok II	= *Toen en thans* deur Een Hollander.
Grobbelaar III	= Pieter W. Grobbelaar: *Daar's 'n ding aan die gang in die akkerbos.*
Grobbelaar IV	= Pieter W. Grobbelaar: *Die nag der nagte.*
Nienaber II	= P.J. Nienaber: *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek.*
Preller	= Gustav S. Preller: *Oorlogsoormag e.a. sketse en verhale.*
Quass	= F.W. Quass: *Die tweede Rebellie.*
SESA	= *Standard encyclopaedia of Southern Africa* (12 dele).
ZAT	= *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift.*

A. Die Christendom

Kersvader se donkietjie (motief).

Grobbelaar III, p.36-45.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Diere knied en hemelliggame "speel" op Kersoggend (motief).

Grobbelaar IV.

Christus wra die bok, die skaap en die [illegible] om Hom oor riviertjie te vat.

Ons Erfenis, VS 9.

Kameeldoring gestraf omdat Christus se kruis van sy hout gemaak is (motief).

Quass, p.69.

Mamba het Eva verlei (motief).

Quass, p.90.

Diere nog steeds bang vir [illegible] (motief).

Dep., VIC I, p.12.

Noag se anker lê op Tafelberg (motief).

ZAT, Sept/Okt. 1842, p.389-390.

Die herkoms van die halfmense.

AKE VIII, p.3660-3661; Van Niekerk, p.62.

Die Malteserkruis in die Sederberge.

DH, 21 Jan. 1966, p.38.

Die Duiwel vermoor die kaartspelende broer.

TVV, Feb./Mei 1951, p.111.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Duiwel-se-Wêreld.

Nienaber II, p.207.

Faust-motief: Man wat sy siel aan Duiwel verkoop het, sê hy moet hor= losie oopmaak/water met sif skep.

TVV, Feb./Mei 1951, p.112-114.

Faust-motief: Die Duiwel se ouderdom.

TVV, Feb./Mei 1951, p.112.

Die Duiwel word beslaan.

DB, 23 Feb. 1945, p.19.

E. Die Geestewêreld

Die visser trou met 'n robvrou.

Coetzee II, p.60.

Man gaan woon by kaaimans in rivier.

Dep., RIV I, p.3-4.

Die steen van die gekroonde slang gesteel.

Saunders, p.12-15.

Waar die gekroonde slang sy stee. vandaan kry.

TVV, Aug./Nov. 1955, p.4.

Die Grootslang van die Oranjerivier.

Coetzee I p.40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mense rou vir die waternôi.

TVV, Nov. 1953, p.14.

Die huilende baba, kalf langs die pad (ottimi-ê).

DB, 30 Junie 1939, p.23; 19 April 1940, p.29; Roelofse, p.40; TVV, Feb. 1945, p.95-96.

Die vuurtjie langs die pad.

DB, 30 Junie 1939, p.23; De Kok I, p.124-125; De Kok II, p.133; Dep., ARA I, p.3; OK, Feb. 1899, p.48; TVV, Mei 1945, p.122.

Nooientjie (Antjie, Hennetjie) de Jonker.

DB, 22 Sept. 1939, p.40; 21 Junie 1940, p.44; 12 Julie 1940, p.27 e.v.; 16 Aug. 1940, p.18; TVV, Feb. 1949, p.69-70.

F. Die wereld van die toorkuns (wit en swart)

Die gepaljaste varksog.

DB, 9 Feb. 1940, p.29; Eie.

Spoorbek en die inhalige vrou.

DB, 11 Julie 1941, p.29.

Antjie Somers as 'n soort heks (motiewe).

DB, 1 Aug. 1941, p.23; 5 Nov. 1943, p.15; DK, 2 Sept. 1932, p.7.

H. Historiese onderwerpe

Die Kruger-miljoene.

Barnard, p.60-61 en 131; Chilvers, p.146-147; Preller I, p.84-94;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SESA IV: "Kruger-millions".

Q. Novellistiese onderwerpe

Jan word koning.

OK, Sept. 1899, p.208.

Jong egpaar se geluk deur jaloesie verwoes.

DGH, Aug. 1920, p.64; TVV, Feb./Mei 1951, p.109.

Die minnaars van Blinkklip.

Nienaber I, p.28-32; TVV, Feb. 1949, p.90-92.

S. Grootspog

Sterkman tel vat wyn op en drink.

DH, 22 Nov. 1974, p.69.

Sterkman staan lank en gesels terwyl hy hele vrag goedere dra.

DH, 29 Nov. 1974, p.35; Mulder, p.96.

Sterkman vang ossies soos skape uit.

DH, 27 Des. 1974, p.10.

Sterkman dra skotskar omdat hy nie oor grond mag loop nie.

DH, 10 Jan. 1975, p.28.

11.11.0 Grootlieglegendes

Ons kom nou by een van die heel belangrikste groepe vertellings van die Afrikaner. Daar is so 'n grote verskeidenheid spekskieters en spek=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skietstories dat blykbaar net die Amerikaners vir ons kan kers vashou. Soos Stith Thompson omtrent dié soort volksvertellings in Amerika getuig: "perhaps most popular of all are what is known to American storytellers as tall tales".(76)

11.11.1 Die aard en opset van die grootliegverhaal

Die Nederlandse geleerde C. Kruyskamp maak 'n nuttige onderskeid tussen die "pure leugendicht", oftewel 'n leuenvertelling ter wille van die leuen; die leuenvertelling as parodie; en die fantastiese vertelling (soos oor Luilekkerland).(77) Eintlik is *parodie* die oorkoepelende term: "Men kan ze ... beschouwen als parodieën op de normale loop der dingen, op de alledaagse wereld en haar logica, op de causale samenhang der natuurlijke gebeurtenissen ... Het kenmerk van de leugenliteratuur is immers juis dit met het air van volkomen oprechtheid en waarheid debiteren van tastbare leugens, van volgens de gangbare logica onmogelijke dingen." En verder: "In wezen kan men het beschouwen als een vlucht uit de werkelijkheid."(78)

Ons is hier miskien by die kern van die leuenverhaal in die volksmond. By die literêre verhaal is dit meermale op satire gemik, maar vir die volksmens (al sê hy ook dat dit sommer vir die pret is,(79) 'n verbeeldingsvlug) bring dit 'n ontsnapping mee na 'n wêreld waar hy die meester is en nie die kneg nie, waar almal voor sy vindingrykheid moet buig, waar hy die toon aangee en die held is wat alles kan vermag. Net soos Uilspieël en die Swape (soos weldra aangedui sal word) elk op 'n eie manier versetkarakters was, so is die spekskieter in verset teen die tirannie van die werklikheid wat hom beperk.

Hierdie soort verbeeldingswêreld van die grootliegverhaal moenie met dié van die sprokie, veral die towersprokie, verwar word nie. Die Amerikaanse volkskundige Carl Withers, wat etlike bloemlesings "bogstories" saamgestel het, dui die onderskeid baie duidelik aan. Hy sê omtrent dié soort stories: "All leap, at some point or other, from the everyday world of reality into an impossible, absurd, and utterly delightful world of nonsense. This is quite a different world from the magical one of supernatural happenings that we enter when we read fairy tales ... When we read the stories of Cinderalla, ... or of Sindbad the sailor,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

we must read them seriously and with momentary belief (or at least 'suspension of disbelief') if we are to come under their spell." Maar by die "bogstorie" is dit 'n ander soort betowering: "it is their complete impossibility and absurdity which captivate us".[30] Miskien moet 'n mens daarby voeg: selfs vir die toehoorder van 'n leuenverhaal is dit 'n plesier dat die onverbiddelike lewenswette 'n oomblik lank verbreek word en die doodgewone volksmens vir 'n wyle die gang van dinge beheer.

11.11.2 Die agtergrondgeskiedenis van die grootliegverhaal

Die vername Griekse skrywer Lucianus (120-180 n.C.) se *Aléthous historiae* (Ware geskiedenisse) kan as die oudste leuenverhale op skrif beskou word. Eintlik is die inslag van die werk satiries en hekel hy die groot reisbeskrywings met hul ongelooflike avonture, van Homerus af tot in sy tyd.[81] Hy wend daarvoor die soort oordrywings aan wat eie aan die grootliegvertelling is, soos uit die volgende kort aanhaling uit 'n Engelse vertaling blyk. Hy en sy reisgenote is deur 'n storm na 'n eensame eiland gedryf. Die skrywer en 'n soekgeselskap gaan die land verken:

"When we had proceeded about two thousand paces from the shore through the forest, we came up to a pillar of brass, on which in Greek letters, half effaced and consumed by rust, this inscription was legible: Thus far came Bacchus and Her les. We also discovered, at no great distance from it, two footmarks in the rock, one of which measured a whole acre, but the other was apparently somewhat smaller. I conjectured the les= ser one to be that of Bacchus, and the other that of Hercules. We boved the knee, and went on, but had not proceeded far when we came to a river, that instead of water ran with wine ... But being curious to learn whence this stream derived its origin, we went up to its head; but found no spring, and only a quantity of large vines hung full of clusters, and at the bottom of every stem the wine trickled down in bright transparent drops, from the confluence whereof the stream arose."[82] Hierdie werk het later invloed op die talle Von Münch= hausen-uitgawes uitgeoefen.

Vervolgens kan genoem word die *Modus florum*, 'n vertelling in Latyn uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die 10de eeu, wat oor 'n soort leuenwedstryd handel waarin 'n koning sy dogter op die spel plaas as beloning vir iemand wat hom sal laat uitroep: "Dit lieg jy!"(83) Hierdie tema kom in die volksmond dwars= oor Europa voor, en 'n variant daarvan bestaan ook in Afrikaans, soos later aangedui sal word, hoewel dit by ons eerder 'n sprokie is.

Uit 'n Middeleeuse Latynse gedig kom die bekende vertelling van die reusagtige koolkop. Die grootliegter se maat vertel van net so 'n reusagtige pot. "Om wat mee te maak?" vra die grootliegter. "Om daardie koolkop in te kook," antwoord sy maat.(84) Hierdie verhaal, soos vele ander grootliegstories, is opgeneem in 'n groot verskeidenheid grapboeke (wat later in die hoofstuk oor grappe behandel sal word). Die vertelling is goed in Afrikaans bekend.

Die oudste bloemlesing van leuenvertellings, wat vanselfsprekend groot invloed uitgeoefen het, is die Duitse *Finkenritter*. Dit dateer uit die 16de eeu.(85) Die leuenvertelling in literêre vorm beleef 'n op= bloei in die tydvak van die rederykers "die hun uitbundigheid ook in het verzinnen en aaneenrijgen van leugens hebben botgevierd",(86) d.w.s. in die 16de en 17de eeu.

Hierdie tyd is ook die tyd van die grootlagboeke, die volksboeke oor karakters soos Tyl Uilspieël en die Swape. In 'n boeiende ontleding wys die Duitser Helmut Wiemken daarop dat dit 'n periode van groot ver= twyfeling vir die Wes-Europese volksmens was. Die mag van die Roomse Kerk wat in die Middeleeue so gerusstellend onaantasbaar gelyk het, is besig om in duie te stort aangesien die kerk aan homself ontrou geraak het, en dit sou aan die een kant tot die Hervorming lei en aan die ander kant tot die heksevervolgings en sulke dinge om sy gesag weer te probeer vestig. Ook die wêreldlike owerhede is meer bedreigend as beskermend. Teen hierdie agtergrond is Uilspieël 'n opstandsfiguur waardeur die gewone mens hom op die owerhede wreek.(87) Die verhaal van die Swape verteenwoordig op sy beurt 'n satire op die sg. demokratiese gemeenskap met al die dwaashede daarby inbegrepe. Die Swape is opstandsfigure teen die tirannie van die logika (wat so onlogies kan wees).(88) Hier= die soort geestesgesteldheid is, soos ons gesien het, die teelaarde vir die grootliegvertelling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.11.3 Baron Von Münchhausen

Die karakter uit die wêreld van die grootliegvertelling wat die groot= ste invloed uitgeoefen het, was ongetwyfeld baron Von Münchhausen (of Munchausen). Die model was 'n Duitse beroepsoldaat, Karl Friedrich Hieronymus von Münchhausen (1720-1797), oor wie daar in die streek Ha= nover 'n magdom vertellings in die volksmond in omloop gekom het wat van 1781 af in 'n reeks artikels in 'n Berlynse tydskrif weergegee is.

Die skrywer van die oorspronklike Von Münchhausen-boek was Rudolph Erich Raspe (1737-1794), 'n knap Duitse wetenskaplike, kenner van die geologie en filosofie, skrywer, kommentator en vertaler. Tog bring sy arbeid vir hom geen groot finansiële voordele nie. Hy pleeg be= drog om uit die skuld te probeer kom en moet na Engeland vlug om tronk= straf vry te spring. Daar voer hy 'n sukkelbestaan.

In 1785 publiseer Raspe 'n dun boekie in Engels: *Baron Munchausen's narrative of his marvelous travels and campaigns in Russia*, gebaseer op die vertellings van die Duitse beroepsoldaat, hoewel weinig van die temas oorspronklik is en die meeste tot in die Middeleeue teruggevoer kan word. Die boek slaan onmiddellik in, en in 1786, 1787 en 1792 verskyn nuwe Engelse uitgawes, telkens aangevul deur ander skrywers wat Raspe met sy meesleurende vertellings bekoor het. Die Baron se avon= ture word in talle tale oorgesit. Veral belangrik is die Duitse uit= gawe van 1786 deur die Duitse digter Gottfried August Bürger.(89)

Ook op die Afrikaanse volksvertelling het baron Von Münchhausen sterk invloed uitgeoefen, soos nog sal blyk. Interessant is dit egter dat die een enkele avontuur wat die Baron regstreeks aan Suid-Afrika ver= bind, nog nooit in Afrikaans uit die volksmond opgeteken is nie. Onder die opskrif "How the Baron travelled to Africa in a marvellous chariot" word nl. vertel hoe hy besluit het om 'n ontdekkingstog deur Afrika te onderneem, waar hy minstens onderkoning van Monomotapa wou word. Hy reis in 'n koets, 'n langwerpige gevaarte soos 'n uitgeholde haselneut van geweldige omvang, en getrek deur nege bulle, drie-drie agter mekaar ingespan. Eers besoek hy o.m. Egipte en reis dan verder. "I drove on with the most amazing rapidity; and thinking to halt on shore at the Cape, I unfortunately drove too close, and shattered the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

right side wheels of my vehicle against the rock, now called the Table-Mountain. The machine went against it with such impetuosity, as completely shivered the rock in a horizontal direction; so that the summit of the mountain, in the form of a semi-sphere, was knocked into the sea; and the steep mountain becoming thereby flattened at the top, has since received the name of Table-Mountain from its similarity to that piece of furniture."(90)

Baron Von Münchhausen se avonture behou hul gewildheid dwarsdeur die 19de eeu en dring die verhaalwêreld van die Afrikaanse volksmense binne: seer sekerlik deur mondelinge oorlewerings uit Europa, maar ook d.m.v. volksboeke. In 1903 verwys ds. S.J. du Toit bv. in *Die Klyntjie*,[illegible] na 'di storiis fan Baron Munchausen, wat in Duits geskrywe en in Hollands vertaald an ons Drukkery goedkoop te kry is".(91) In die twintiger-jare van die 20ste eeu verwerk P.A.M. Brink [illegible] *Munchhausen* in Afrikaans, en dit word talle kere herdruk. In die sestigerjare verskyn *Die avonture van Baron Von Münchhausen*, uit die Duits vertaal deur W.O. Kühne. So word die vertellings in die volksmond steeds opnuut aangevul, al word talle van die verhale later blote grappe.

11.12.0 Grootlieglegender in Afrikaans

11.12.1 Die 17de en 18de eeu

Die oudste opgetekende verwysing aan die Kaap na wat 'n mens as die kern van 'n grootliegvertelling kan beskou, kom reeds in Jan van Riebeeck se *Daghregister* voor. Onder datum 10/11 Maart 1661 is nl. 'n joernaal deur Pieter van Meerhoff omtrent 'n ontdekkingsreis na die binneland ingevoeg. Daarin vertel hy dat hy op 14 Februarie sy geweer gevat het om voëls langs die Olifantsrivier te gaan skiet, toe hy 'n monster met drie koppe soos katkoppe en drie lang sterte in die water gesien het.(92) Tog, hoewel wonderbaarlike reise van die wêreld se beste leuengeskiedenisse opgelewer het,(93) het so iets selde aan die Kaap gebeur. Elizabeth Conradie se uitspraak is: "in al die 17de eeuse dagregisters word ons getref deur die waarheidssin van die skrywers. Baie selde word uit die verbeelding gegryp, en die klein stukkie fantasie van Van Meerhoff in 1661 oor 'een levendigh monster ...'

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon so selde so ver dat dit julle daardeur in die oog-oring."(94)

Tog is grootliegverhale ongetwyfeld aan die mense van die Kaap vertel, want soos ons reeds gesien het, was dit 'n tydvak waarin spekskietsto= rie in Wes-Europa besonder gewild was. Een van die knap spekskieters was niemand anders as die strenge goew. Simon van der Stel nie. Die Duitser Peter Kolb, wat van 1705-1713 aan die Kaap was en die ou Goe= werneur dus in die jare nā sy aftrede ontmoet het, deel mee (in die oorvertelling van C.W. Eybers): "goewerneur Simon van der Stel was 'n gawe man en 'n eersteklas regent, maar hy was lief om met 'n sedige gesig 'n mens allerlei dinge te probeer wysmaak. Toe ek b.v. by een geleentheid op besigheid buite op sy pragtige plaas Constantia was, het hy my vertel dat hy in vroeër jare 'n ontdekkingsreis van honderde myle na die noorde gemaak het. Hy was aan 't soek na die koperberge by Monomotapa, waarvan hulle hom vertel het. Na'at hy vir ses maande gereis het en baie voorwerpe teëgekom het, het hy die verlangde berg ontdek. Die berg was so ryk aan kopererts dat die warm sonstrale die koper laat smelt het en dit in rooi strome langs die berghelling laat afvloei het. Dit was niks besonders nie, maar wat wel noemenswaardig voorgekom het, was dat die berg verskriklik hoog was, want hy en sy geselskap het dit begin opklim en dit het hulle presies veertig dae en veertig nagte geneem om bo-op te kom. Dit was egter nog nie so danig nie, want 'n mens verwag mos dat 'n berg wat jy ses maande neem om te bereik, moet hoog wees, maar dit was vir die goewerneur vreemd dat, toe hy daar 'n nag moes deurbring op die top om uit te rus voordat hy weer afkom, en toe die maan opkom en hoe langer hoe hoër klim, totdat dit reg bokant die kruin van sy berg was, hy uitvind dat die maan glad nie so ver van die aarde was soos die sterrekykers voorgee nie, want hy kon duide= lik die gras op die maan hoor groei. Toe vra die goewerneur my baie ernstig wat my opienie as wysgeer en sterrekundige daaromtrent was."(95)

Onder die 18de-eeuse reisigers het veral die Franse voëlkundige Francois le Vaillant, wat tussen 1781 en 1784 aan die Kaap was, berug geraak vir sy oordrywings en dat hy "graag voor sy leser wil poseer" as die held van elke avontuur,(96) maar werklike leuenvertellings word dit nie. Dis maar bloot 'n bietjie spoggery.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.1[illegible] Renier [illegible]

Ons bekend [illegible] wat die Afrikaanse baron Von Münchhausen ge=noem kan word, [illegible] de Winnaar. Die gegewens omtrent sy lewe is egter 'n [illegible] en onseker. D. du Preez, skrywer van [illegible] [illegible], [illegible], [illegible]: "Dit is dokumentêr bewys dat Jan de Winnaar, oom Renier [illegible], reeds voor die Groot Trek, van Mosjesj in die wyk Koesberg, Zastron, grond 'geleen' het, daar hierdie sluwe opper=hoof nie grondbriewe wou verskaf nie. Renier de Winnaar lê begrawe aan die voet van sy geliefde Aasvoëlberg, waar hy na 'n ryke leeftyd van 102 jaar op 10 Desember 1883 oorlede is."(97) Volgens die skryfster Penny Miller is sy lewensbesonderhede soos volg: "His brother, J.H. du Wen=naar, owned a farm named [illegible] (where Zastron now stands) and farmed there until 1838, when frontier disturbances drove him away. Once peace was restored, he returned, bringing with him his brother, Renier."(98) Die skrywer Dolf van Niekerk praat van: "Zastron, dorps=naam van die plaas Verliesfontein, eiendom van Renier de Winnaar, wat net mooi 102 jaar oud geword het, se vader."(99) Wat wel waar is, is dat Renier de Winnaar se grafsteen net buite Zastron aan die onderpunt van Zastronkloof gesien kan word, en daarop lui die inskripsie dat hy op 15 Sept. 1781 gebore en 10 Des. 1883 oorlede is.(100)

Kyk 'n mens egter na De Villiers/Pama se *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*, verander die prentjie. Renier se oupa was Jan de Win=naar, die eerste De Winnaar wat na die Kaap gekom het. Sy vader was Hendrik Pieter de Winnaar, 'n burger van Stellenbosch, wat in 1794 met Susanna van Jaarsveld getroud is. Reynier Petrus de Winnaar is op 2 Okt. 1796 gedoop, trou eers met Jacoba Coetzer, en op 17 Jan. 1836 vir die tweede maal te Cradock met Gerbreg Pretorius. Geen broer word vermeld nie; net 'n suster, Hendrica (gedoop in 1808 te Swellendam).(101)

Uit hierdie gegewens kan 'n mens aflei dat Renier de Winnaar omstreeks 1796 gebore is (sy vader is trouens eers in 1794 getroud); dat die ge=sin, soos so vele ander in daardie tyd, geleidelik van Stellenbosch af na die binneland verskuif het (waar Renier se suster in 1808 op Swellen=dam gedoop is); dat Renier self later nog verder getrek het (hy is in 1836 op Cradock getroud); en dat hy hom uiteindelik op Verliesfontein gevestig het (waar Zastron later aangelê is), om in 1883 in die hoë

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ouderdom van ongeveer 87 jaar heen te gaan.

Hoe onseker die feite omtrent sy lewe lokal is, bly dit egter waar dat Renier de Winnaar 'n baasverteller was, hoewel daar ongetwyfeld later vertellings aan hom toegeskryf is waarvoor hy nie verantwoordelik was nie, soos so dikwels met sulke vername figure in die wêreld van die volksvertelling gebeur. Opmerklik is ook die groot aantal Von Münch=hausen-verhale waarmee hy mense sou vermaak het.

Die vroegste skriftelike verwysing na Renier wat teëgekom is, verskyn in 1897 in *[illegible]* wanneer die redakteur, ds. S.J. du Toit, redes verstrek waarom hy 'n klompie ingesonde verhale nie plaas nie: "Di storiis fan 'Ou Renier' wat 'n frind uit die Frystaat ons stuur is ... ni oorspronklik Afrikaans ni, mar 'n wysiging fan Baron Munchhausen syn wonderferhale wat op ferskillende manire hiir in omloop is."(102) Sedert die begin van die 20ste eeu duik Renier de Winnaar se naam ge=reeld in geskrifte op. (Voorbeelde van sy vertellings word later in die oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse grootliegverhale opgeneem.)

11.12.3 Ferdinand van Gass

Besonder interessant is die geval van die jong Voortrekker Ferdinand Paulus van Gass wie se *Herinneringe* in 1918 deur die historikus Gustav S. Preller as eerste bydrae in sy boek *Voortrekkermense* opgeneem word;(103) later sou dit tot sy bekende serdelige reeks Voortrekkerge=skrifte met dieselfde titel uitgebrei word. Van Gass is vandag ver=al bekend oor sy avonture toe hy glo eenkeer in Natal van 'n jagge=selskap afgedwaal en 'n ruk lank saam met die Zoeloes geleef het, ver=al weens die literêre verwerking hiervan in 'n verhaal vir die jeug deur F.A. Venter: *Wit oemfaan* (1965). (Reeds in die dertigerjare het die geskiedenis van Van Gass die stof verskaf vir 'n jeugverhaal: *Die agterryer* deur C.R. Swart.)

Pas 'n jaar nâ Preller se boek verskyn het, word grepe uit Van Gass se boek in die tydskrif *Die Afrikaanse Kind* aangebied onder die opskrif: "Spekstories deur Krokkewaan - 'n Ware spekstorie. Die merkwaardige lewensloop van F.P. van Gass".(104) Wanneer 'n mens Van Gass se *Her=inneringe* lees, besef jy dadelik dat Krokkewaan nie verkeerd geoordeel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie. Hoewel Prelier nêrens sy woord in twyfel trek nie, blyk Van Gass 'n uithaler-spekskieter te wees. Hier word net nie enkele episodes verwys.

Terwyl die trekkers by Sandrivier in die Vrystaat oorstaan, word die jong Van Gass gestuur om te kyk of daar nie skape in die wilsand vassit nie, en hy is juis besig om 'n paar uit te haal, toe die honde begin blaf, hy dadelik aan leeus dink en maak dat hy wegkom. "Maar stelt u voor, - eer ik op de wal was, ontmoette ik niet minder dan negen leeuwen! ... Ik gaf net één sprong dwars uit 't voetpad, en daar was ik vast in 't hoge gras en dikke bosen, die er stond. Zij gingen allen voorbij zonder zich aan mij te storen, ofschoon ik zó nabij was, dat ik hen met de hand kon aanraken, en, achtervolgd door de honden, gingen zij allen in de rivier tussen de schapen door, die er in het zand vast= zat, zonder de minste notitie van hen, gaande hun koers. Toen ... ik zag dat zij hun koers aanhield met lopen, ging ik weer terug en ver= loste de schapen uit 't zand."(105)

Nog meer verbeeldingryk is sy vertelling oor die dooie seekoei wat hy een nag man-alleen en omring deur krokodille uit die rivier moes haal. "Ten laatste kwam ik tot 't besluit om 't paar grote stompen te nemen en aan elkander te binden met matjesgoedtouwen en eên spul brandende vuur= stompen erop te zetten en met die vuurstompen de krokodillen weg te houden." So gesê, so gedaan. Sy vaar uit, word deur drie krokodille bedreig, hou hulle met die vuurstompe van sy lyf af en begin die opge= blaasde seekoei wal toe aanstoot. Meteens slaan een van die krokodille die stompe met sy stert los vanmekaar en blus die vuur. "Veronderstel de toestand, waarin ik geplaatst was: drie krokodillen om mij heen, en een daarvan zó 'n grote monster, die mij met één slag in twee kon gebe= ten hebben ... Met 't breken van mijn vaartuig verloor ik ook mijn stok= ken, die ik voor roeien had gebruikt, zodat ik met mijn handen moest in 't water werken om voort te komen." Eindelik bereik hy die wal, en dir res van die nag sny hy die hele seekoei sonder hulp in stukke op.(106)

So is daar nog talle sulke episodes, ook wanneer hy later na die Kolonie terugkeer. Ferdinand van Gass verdien voorwaar 'n ereplek onder ons spekskieters.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.12.4 Ons Klyntji

As redakteur gooi ds. S.J. du Toit telkens wal teen insendings deur lesers wat hy as naskrywings van die avonture van baron Von Münchhausen beskou.(107) Tog plaas hy in een geval 'n verhaal oor 'n weggeraakte by, hoewel hy daaraan toevoeg: "Foorgaande lijk mij 'n Afrikaanse le= sing fan een fan di storiis fan Baron Bunchausen."(108) Dis gelukkig, want waar die Baron net vermeld dat hy bye moes oppas,(109) word hier 'n boeiende en verbeeldingryke uitbreiding daarvan gegee.

Afgesien van enkele los grootliegvertellings,(110) is daar ook sprake van 'n grootliegwedstryd - 'n heel besondere verskynsel wat ons meermale by hierdie soort vertelling aantref.(111) Verder word 'n klompie grootliegters spesifiek by name genoem. Eerstens is daar oom Tobias van Tonder uit die Kolonie,(112) en oom Stoffel Vermaak, iewers uit een van die twee Boererepublieke.(113)

Oom Sarel Kotsee was blykbaar uit die omgewing van Beaufort-Wes afkom= stig, want dit is waarvandaan 'n leser 'n hele klompie grootliegverhale omtrent hom instuur. Die insender vertel: "hy kan di grofste leuen fan di wêreld fertel, sonder syn mond te trek om te lag; en as daar on= der syn gehoor imand is wat deur syn fratse en leuens wat hy fertel, syn mond durf trek om te lag, of an hom sou sê, dat dit 'n kluitji is, dan kan jy glo dat jy sal ingepeper worde met twe fuiste fan oom Sarel wat byna so groot is as 'n waterskulpad".(114)

Van nog 'n spekskieter, oom Hans, word geen verdere besonderhede vermeld nie, maar hy is 'n goeie storieverteller.(115) Oom Luikes was blykbaar 'n vermaarde spekskieter in sy dae, want van hom word gesê dat hy beroemd was "in di kuns om gedug te kan spek skiit. Menig leser sal wellig fan hom gehoor hê en watter onsinnige dinge hy soms kon fertel."(116) By 'n ander geleentheid verklaar die informant: "En wat ni erg mooi was fan oom Luikes ni, by elke kluitji wat hy jou op die mou soek te spelde, het hy altyd ferskrikkelik gesweer dat dit di waarhyd is wat hy fertel. Of hy dit self geglo het weet (ek) ni."(117)

Die laaste grootliegter wat in *Ons Klyntji* genoem word, is oom Kool, oor wie die bekende optekenaar van volkskundige stof G.R. von Wielligh in 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reeks sketse getiteld "Smoorkossiis" skryf.[118] Hy het glo aan die voet van die Drakensberge in 'n hartbeeshuisie gewoon. Sy vertellings is nie altyd so waffers nie, maar daar is 'n groot verskeidenheid ou en nuwe verhale, want hy was lief om die mense "'n kool te stowe", soos die uitdrukking gelui het.

11.12.5 Oom Paul

'n Aanduiding van hoe gewild spekskietery was, is die geval waar selfs pres. Kruger glo in 'n grootliegwedstryd betrokke was. (Sulke wedstry= de kom meermale voor, dikwels 'n Boer wat mense van ander nasionaliteit= te - Engelsman, Amerikaner - met sy vindingrykheid die loef afsteek, maar gewoonlik word dit bloot as grappe vertel.) Paul Kruger se ver= haal het gelui dat hy eendag gesien het hoe 'n olifant gaan water suip, toe 'n krokodil hom aan die slurp pak. Twee ander olifante stap nader, en hulle begelei hul makker tot by 'n plek waar twee bome dig teenme= kaar groei. Toe trek hulle die bome vanmekaar, die aangevalde olifant plaas die krokodil in die opening, en sy makkers laat die bome weer los. Die krokodil is verplig om sy slagoffer te laat gaan, en hy bly hoog en droog hang. Die President is getroef deur 'n ander spekskieter wat vertel het hoe hy eendag op 'n bok geskiet het net toe die dier oor 'n hoogtetjie beweeg. Die koeël het by die hoef ingegaan, dwarsdeur die been getrek, deur die bok se rug, agter by sy kop in, en het by sy oog uitgekom.[119]

By 'n ander geleentheid het pres. Kruger saam met 'n Joodse vriend in sy kantoor in Pretoria gesit, en toe die vriend aanhou met uitvra oor die President se avontuurlike lewe, het hy vertel van die dag in die jagveld toe 'n olifant hom gejaag het. So in die hardloop kom hy op 'n leeu af, maar die leeu spring ook om en vlug vir sy lewe, al in die= selfde bospaadjie langs. Dan is die jongman voor, en dan weer die leeu. Maar die olifant kom al nader en nader ... Net toe word die ver= telling onderbreek deur iemand wat die President dringend na die Volks= raad ontbied, en niemand kon hom later oorreed om dié merkwaardige ver= haal te voltooi nie.[120]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

11.12.6 Die 20ste eeu (oom Karel Veerkar en oom Jan Sparriewarrie)

Soos daar al meer geleenthede kom om in tydskrifte en later ook in radio-uitsendings van hul staaltjies oor te vertel, raak al meer en meer spek=skieters bekend - so baie dat dit soms lyk asof geen enkele distrik son=der sy grootliegter was nie. Soms leer 'n mens hulle net op hul voor=name ken as oom Gys of oom Hans of oom Piet; soms op sy volle name, soos oom Chrisjan Hattingh van Burgersdorp. As tipiese en besonder begaafde voorbeelde van hierdie soort storievertellers, wil ek net na twee karakters in die besonder verwys: oom Karel (Veerkar) van der Merwe van Porterville en oom Jan (Sparriewarrie) Mynhardt van die Franschhoek-omgewing.

Oom Karel Veerkar het nog in die eerste dekades van ons eeu op Porter=ville gewoon en gewerk. Hy was 'n wamaker van beroep en het ook veer=karre (perdekarre met vere in teenstelling met stampkarre wat nie vere gehad het nie) gemaak, maar dis nie seker of hy sy bynaam daaraan te danke het nie: "Volgens sommige mense het hy die naam gekry omdat hy veerkarre vervaardig het. Ander weer sê dat hy die bynaam van sy va=der wat mank was en soos 'n veerkar beweeg het, gekry het." Hoe ook=al, sy werksplek was net langs die barbierswinkel, en gewoonlik het hy sy stories daar gaan vertel.(121)

Mense wat hom geken het, het later getuig: "Hy het nie daarvan gehou dat jy hom in die rede val terwyl hy besig was om te vertel nie, of om hom uit te vra oor 'n spesifieke ding wat hy genoem het nie. Gewoon=lik het hy dan sommer opgehou om te vertel en hoe daar ook al gesoebat is dat hy moet voortgaan, het hy net geweier. Wanneer jy laat blyk het dat jy hom nie glo nie, het hy jou laat staan en jou voortaan geïgno=reer."(122)

Toe die Hoërskool Porterville in 1970 honderd jaar oud was, is daar ge=lukkig 'n besondere poging aangewend om staaltjies omtrent oom Karel Veerkar op te teken. Die gevolg is dat in *Die eeublad van die Hoër=skool Porterville, 1870-1970* goed anderhalf dosyn van sy verhale, met variante, opgeneem is.

Miskien 'n bietjie jonger as oom Karel Veerkar was oom Jan Sparriewarrie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sy ouers het in die destydse Lerouxdorp (tans Groendal) buite Fransch= hoek gewoon, 'n oom Jan op Vyeboom oorkant die berg, anderkant die plek wat nog altyd die Tol genoem word omdat daar in vroeër jare 'n tolhuisie gestaan het. "Oom Jan was geen leuenaar nie, maar kon net 'n bietjie vergroot, en het nie verdra dat 'n mens hom moet weerspreek nie - daar= om is hy oom Jan Spaar-die-waarheid genoem," vertel iemand wat hom nog in sy kinderdae geken het.(123) As hy op sy stukke was en lekker aan die vertel, het hy sy toehoorder (sê maar oom Willie) graag aangespreek en bevestig dat hy nie leuens vertel nie: "Oom Willie, ek lieg jou nie tóé nie, maar ..."(124)

Oom Jan Sparriewarrie was jare lank beeswagter, want vroeër het die boere van Franschhoek taamlik baie vee aangehou. Om hierdie rede het 'n hele groep van hulle 'n groot gemeenskaplike plaas by Saldanha besit waarheen oom Jan dan in die droë Bolandse somermaande met die beeste getrek het. Iemand wat etlike male hierdie tog met oom Jan meegemaak het, is mnr. Krynauw Geldenhuys, tans van Bellville. Uit sy mededelings, wat in die Ons Erfenis-versameling opgeneem is, blyk dit dat oom Jan Sparriewarrie ongetwyfeld een van ons mees begaafde storievertellers was.

11.12.7 Toon Prens

Daar is reeds verwys na die boek *Renier de Winnaar, baasverteller* waarin D. du Preez nie net 'n klompie De Winnaar-stories uit die volksmond oor= vertel nie, maar sonder veel welslae probeer om self 'n aantal grootlieg= stories op te maak wat hy dan aan Renier de Winnaar koppel. Heel anders is die geval met Toon Prens (Prins of Prinsloo), 'n skepping van die skryfster Minnie Postma. In die algemeen is haar verhale verbeeldingryk en oortuigend, hoewel dit soms baie ver van tipiese grootliegvertellings in die volksmond afwyk. Oor die ontstaan van hierdie karakter deel die skryfster in 'n brief onder datum 19 April 1971 mee:

"Oom Koot (Duiwel) Swanepoel was 'n bekende storieverteller in Rouxville se distrik. Die eerste verhaal wat hy my vertel het was weer 'n vertel= ling van 'n bekende ou grootprater Willem Blik. Ek het toe weer hier= die liegstorie op my eie manier verwerk vir die 'Huisgenoot' en die held die naam gegee van Toon Prens." *Die Huisgenoot* se kortverhaalredakteur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het so baie daarvan gehou dat twee reekse Toon Prens-verhale ontstaan het. Hieruit is later 'n keur in boekvorm gepubliseer, getiteld *Toon Prens* (1958). Oor die verhale in die boek skryf Minnie Postma verder: "Onder hulle is meeste afkomstig van ou Koot Duiwel. Doodgewone ver= tellings wat ek in liegstories vir die ou grootprater Toon P. verwerk het, maar daar is ook van hulle wat pure verdigsel van my kant was. Ou Koot Duiwel is in die graf met die salige waan dat hy en 'Miempie van der Post' die boek geskryf het, maar dat die Huisgenoot se mense maar 'n taamlike 'gemors' van sy vertellings gemaak het aangesien hy baie van die stories amper nie herken het nie."

Die bekende oom Kaspaas, 'n skepping van T.O. Honiball, is natuurlik ook 'n spekskieter, maar sy vertellings sluit nouer by grappe aan en sal daar bespreek word.

11.12.8 Oorsigtelike tiperegister van Afrikaanse grootliegstories

Daar moet op gewys word dat baie voorbeelde van spekskietery net ver= haalmotiewe is en nie volledige vertellings nie; die vertelling word dan uit 'n opeenstapeling van sulke motiewe opgebou. Dis 'n verskyn= sel wat ons oral by dié soort storie, ook by baron Von Münchhausen, teëkom.

A. Die Christendom

Paulus se stoel. 'n Ou oom vertel dat hy self in Rome die stoeltjie gesien het waarop die apostel Paulus gesit en tuie maak het.(125) Dié terloopse verwysing sluit ongetwyfeld aan by die leuenliedere wat reeds in die eerste helfte van die 18de eeu in Nederland gewild was. In 'n liederbundeltjie van 1721 kom bv. 'n leuendig van ses-en-twintig strofes van ses reëls elk voor: "De zingende reyziger op een ezel zonder staart, verhalende zyn wonderlyke droomen, die hy heeft gedroomt".(126) Hierdie leuendigte het, gedeeltelik altans, ook in Afrikaans bly voort= leef:

Die eerste dag kom ek in Rome,
daar sit walvisse in die bome
en sing psalms op Latyn.
Hul stemme smelt so vloeiend saam

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos klokke teen die helder maan,
en dit wil sê: suiwer en rein.[127]

Duiwel: Sterk twak (A/T 1157). Gewoonlik aan Renier de Winnaar toe=geskryf. Die Duiwel kom by Renier en vra hom 'n stop tabak. Renier sê hy kan aan sy pyp rook, druk die loop van sy voorlaaier in die Duiwel se mond en trek die skoot af. "Ai, maar jy rook darem sterk twak!" sê die Duiwel terwyl hy die koeëls uitspuug. Soms is dit 'n spook wat aan die geweerloop rook.[128]

Duiwel: Die gat deur die krans. Die groot ronde gat of "oog" in Aas=voëlberg by Zastron (waar Renier de Winnaar gewoon het), is te wyte aan 'n ontmoeting tussen Renier en die Duiwel. Soms word dit as 'n voort=setting van die vorige verhaal vertel: die geweer waaraan die Duiwel rook, skiet sy kop af sodat dit 'n gat in die krans ruk. Ander kere word verklaar dat Renier en die Duiwel stry gekry het. Renier haak af, die Duiwel koes, hy tref die krans met sy kaal vuis en slaan 'n gat dwarsdeur.[129]

Duiwel bars in trane uit (motief). Hy is hartseer omdat Renier de Win=naar soveel beter as hy kan lieg.[130]

E. <u>Die geestewêreld</u>

Spook as wadrywer. Oom Karel Veerkar gaan waens op Springbok verkoop. As hulle by 'n ou klipmuur naby Clanwilliam kom, klim Vaaljan, die spook, op die wa. Van nou af span hy die esels uit en in, gee hulle voer en water, ens. By die terugkeer klim Vaaljan weer by dieselfde plek af.[131]

J. <u>Die sosiale gemeenskap</u>

Die mens self: Baard verys. Oom Petrus van Wyk van Sutherland vertel dat dit in daardie wêreld so verskriklik koud word. Terwyl hy 'n vrag hout met sy donkiewa aanry, hoor hy iets soos kerkklokke lui. Dis sy baard wat in sulke lang yskerse hang, en dit rinkel as hy beweeg.[132]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die mens self: Kind groei haar dood. Oom Chrisjan Hattingh van Bur= gersdorp kry medisyne by 'n dokter in Johannesburg vir sy jongste dog= ter wat nie wil groei nie. Teen die derde dag was sy twaalf voet lank en het haar morsdood gegroei. Hulle rol haar soos 'n slang op en plaas haar in 'n vierkantige kissie vir die begrafnis.(133)

Die mens self: Kunsgebit van bobbejaantande. Oom Jan Sparriewarrie van Franschhoek se dokter maak vir hom 'n kunsgebit van bobbejaantande. Toe spring hulle uit sy mond as hy in die mierieland kom om van die groenmielies te eet.(134)

Die mens self: Derde stel tande (motief). 'n Swartman het so oud geword dat sy derde stel tande uitgekom het.(135)

Vermaak: Die knap rugbyspeler. Oom Karel Veerkar was 'n kranige rugbyspeler. In sy dae was daar 'n reël dat wanneer meer as drie van jou teëstanders lê as jy 'n drie druk, dit nie tel nie. Daarom sê oom Karel vir sy makkers as hy die bal kry: "Maak staan!" Dan loop hy almal voor hom plat, maar sy makkers tel hulle op en hou hulle op hul voete. Nadat die skeidsregter die drie toegeken het, los sy mak= kers hul opponente, en daar lê al vyftien spelers.(136)

M. <u>Vervoer en voertuie (nie-gemeganiseerd)</u>

Ryperd: Die blitsige hardloper (motief). Oom Luikes se ryperd is so vinnig dat die weerlig net sy stert skroei terwyl hy voor donderweer uit padgee.(137)

Ossewa: Die krimpende trektou (A/T 1917). Hierdie verhaal was baie gewild, is deur 'n hele verskeidenheid spekskieters vertel, en daar is talle variante. Die wa sit in 'n drif vas, die osse stap aan en rek die trektou (riem) uit tot dit soos 'n voorslag is. By die huis maak die man die voorosse aan 'n boom vas. Toe dit warm word, krimp die trektou en sleep die wa tot op die werf.(138)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Osseua: Die verlore wiel kom terug. Dit is nog 'n gewilde verhaal, vertel deur oom Chrisjan Hattingh van Burgersdorp, oom Tobias van Ton= der, en andere. Op trek verloor die een wawiel. Later kom dit van= self by die huis aangerol. (In een geval word vertel dat die wiel bin= ne drie dae rondom die wêreld gerol het.)(139)

Osseua: Die pampoenwiel. Terwyl oom Jan Sparriewarrie met 'n vrag pampoene op pad stasie toe is, breek die een wawiel. Hy vervang dit met 'n yslike pampoen en laai sy vrag veilig af.(140)

Trekdiere: Die flukse os (motief). Oom Hans se agteros is ná 'n dui= send vermanings so fluks dat wanneer die wa bly staan, hy beur dat sy nek tot by die opses-osse rek.(141)

Trekdiere: Troue os se geraamte roer as sy eienaar praat. 'n Os vrek op die trekpad (of osse word deur weerlig doodgeslaan sodat net die kaiings oorbly). Wanneer die eienaar later op die os (osse) praat, kruip die beendere na mekaar toe (of die kaiings dril).(142)

Trekdiere: Leeu(s) in plaas van os(se) ingespan. Hierdie beroemde verhaal is glo reeds deur ene oom Piet in verband met 'n jagtog van 1838-1839 vertel. Hy span die oggend donker in, en ligdag sien hy dat hy 'n leeu onder die juk het. (Soms is dit 'n hele span leeus.)(143)

Trekdiere: Span ry onderdeur water/modder. Oom Maans en oom Koos, al= bei van Namakwaland, asook ander vertellers, ry met 'n wa en sak heel= temal in die modder (of onder rivierwater) weg. Die diere hou aan met trek en kom veilig deur.(144)

U. <u>Diere</u>

Man in vat aan wolf se stert (A/T 1875). Ene Jenkelman met sy togwa op pad na Port Natal, sien 'n vuurtjie langs die pad. Hy span uit en kom agter dat dit twaalf mensvreters is wat daar sit. Hulle vang hom en plaas hom in 'n pekelvat. Die nag kom snuffel 'n wolf aan die vat, en met die geskuur steek sy stert deur die sponsgat. Die man gryp daaraan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vas, en die wolf sleep hom in die vat weg. Geleidelik breek die vat in stukke sodat die man op 'n enkele dui tot in Port Natal ry.(145)

Voëls vlieg weg met boom (A/T 1[illegible]).* Die voëls pla by Piet Gouws se vyeboom in die agterplaas. Hy kry raad om voëllym aan die boom te smeer. Die volgende oggend sit 'n hele swerm voëls aan die boom vas. Toe hy met sy haelgeweer lostrek, vlieg die voëls met boom en al weg. Die gat is nog altyd daar in sy agterplaas.(146)

Vegtende leeus vreet mekaar op. 'n Man sit op 'n koppie in die Vry= staat en sien 'n rooi stofwolk al nader kom. Dis twee leeus wat baklei. Later verdwyn die leeus voor sy oë. Hy gaan stel ondersoek in en sien dat die leeus mekaar opgevreet het totdat net hul stertkwaste oor was.(147)

Tier vreet rosyntjiebrood uit man se hand. Oom Jan Sparriewarrie gaan koop 'n rosyntjiebrood op Franschhoek en stap dan oor die berg na die Tol toe, waar hy woon. 'n Tier agtervolg hom. Hy begin hardloop en stamp die tier telkens met die rosyntjiebrood van hom af weg. Toe hy eindelik die hekkie by die huis voor die tier toeklap, is daar net één rosyntjie van die hele brood oor.(148)

In krokodil se pens (Von Münchhausen) (A/T 1889G). Die Baron se verhaal oor hoe hy deur 'n groot vis ingesluk is, hou verlangs verband met dié van oom Piet wat vertel dat 'n swartman in 'n krokodil se pens beland het. Oom Piet skiet die krokodil uiteindelik, sny hom oop, en die swartman peul uit. Dit is net betyds, want hy het al begin haar-af gaan.(149)

Die leeu met die vat aan sy stert (A/T 1911). 'n Man bygenaamd Bang-Piet (so vertel oom Gys) wil 'n leeu skiet en kruip in 'n vaatjie weg met 'n gat daarin om sy geweerloop deur te steek. 'n Leeuwyfie kom en probeer haar poot by die vat in[illegible], maar dit is te klein. Toe draai sy om en steek haar stert deur. Piet gryp die stert en gee dit 'n knoop. Die leeu begin hardloop en sleep die vat saam totdat 'n stuk losgaan en Piet ontsnap. 'n Ruk later kom oom Gys op 'n jagtog in daardie wêreld aan. Hy gewaar 'n leeuwyfie met kleintjies, en elkeen met 'n vaatjie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan sy stert.(150)

Perd met wol op sy rug (A/T 1911A). 'n Perd suip eendag te veel bier uit 'n kleipot en slaan neer. Almal meen dat hy dood is, maar toe hy klaar afgeslag is, blyk dit dat hy net dronk was. Ses skape word ge= slag, die velle op hom gepak, en hulle groei vas. Nou is die perd 'n ryperd, maar elke jaar lewer hy ook sy skeersel wol.(151)

Die vinnige perd (motief). Oom Sarel Kotsee se perd is so vinnig dat as hy 'n voël op die volgende bult skiet, dan vang hy hom in sy hand voordat dit op die grond val.(152)

Die groot os (motief) (A/T 1960A). Oom Hans slag 'n os wat so groot is dat toe hy die vel oopspalk, dit twintig voet breed en dertig voet lank is.(153)

Voorosse van tien jaar oud suip nog (motief). Wanneer oom Sarel Kotsee se span ná 'n lang tog by die huis kom, spring hulle sommer met wa en al oor die kraalmuur om aan die koeie te suip.(154)

Die rekkende hond. Die Goosen-broers van Namakwaland gaan 'n bynes teen 'n krans uithaal. Hulle klim met 'n leer tot op 'n lysie reg onder die nes, en die hond volg hulle. Toe val die leer om, en daar sit hulle. Die broers bedink 'n plan. Die een hou aan die voorpote van die hond vas, en sy broer laat hom afsak. Die hond rek en rek totdat die broer op die grond staan. Hy kan toe die leer vir die ander broer regsit. Die uitgerekte hond begin te bewe en ruk en krimp weer tot sy normale grootte.(155)

Ram stamp homself tot niet. Oom Jan Sparriewarrie loop deur die veld, toe 'n ram hom skraap. Hy klouter teen 'n ystertelefoonpaal uit tot waar dit 'n skouertjie maak. Die ram loop die paal storm en stamp dwarsdeur die nag totdat net sy stampende stertjie die volgende oggend oor is.(156)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groot vakleier (A.T. 1400). 'n Voël vlieg onder die son deur, en dit is drie dae donker op Graaff-Reinet. Hy gaan sit op die berg en lê 'n eier. 'n Honderd man moet die eier gaan haal. Hulle gly en val, die eier breek, en nege-en-negentig mense verdrink in die geel. Net een bly oor om daarvan te vertel.(157)

Hos uit mondanen. Oom Stoffel Vermaak gewaar 'n arendsnes in 'n ge= weldig hoë boom. Hy klim veertien dae lank boontoe. In die nes kry hy 'n springbok, hase en patryse te ete.(158)

Uil draai eie nek af. 'n Ou oom van Laingsburg loop in die veld en sien 'n uil in 'n boom sit. Hy stap al rondom die boom, en die uil draai sy kop agter hom aan. Toe hy die vyfde keer omloop, hoor hy net knips! en die uil se kop val op die grond. Hy het sy eie nek af= gedraai.(159)

Vlooie lê 'n voet dik (motief). Eenmaal was daar by oom Hans so baie vlooie dat hulle 'n voet dik op sy trapvloer gelê het.(160)

Die wegraak van die by (Von Münchhausen). 'n Jongman moet sy oupa se bye oppas. Daar was so baie byeneste dat hy hulle nie kon tel nie, en hy tel toe maar die bye. Een by raak weg, en hy gaan hom soek op 'n hoenderhaan se rug. Hy kry die by waar hy op 'n eiland by 'n boer werk en vat hom huis toe. (Die tema van bye oppas en dan na een gaan soek, word soos ons gesien het, net deur Von Münchhausen genoem(161) maar by die vertellers in *Ons Klyntji* groei dit tot 'n lang leuengeskie= denis uit.)(162)

U <u>Diere: Jag</u>

Kloutjie by die oor. Hierdie vertelling is so gewild in Afrikaans dat "Die kloutjie by die oor bring" 'n spreekwoordelike uitdrukking geword het. Die verhaal lui dat 'n ou jagter vreeslik kon spekskiet, en dan moes sy swart helper altyd alles bevestig wat hy sê. Eendag vertel die jagter dat hy 'n bok dwarsdeur die agterkloutjie en die oor geskiet het. "Ja," beaam sy helper, "die bok was net besig om sy oor te krap."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die mense weg is, vra hy die jagter om tog nie weer so ver vanme= kaar af te rieg nie; hy het amper nie die kloutjie by die oor gekry nie.(163)

Jagter dop leeu om (Von Münchhausen) (A/T 1889B). Hierdie beroemde Von Münchhausen-vertelling (hy het 'n wolf omgedop) het ons oumense ook bekoor. Oom Gys en oom Piet is maar twee van die vertellers wat so 'n avontuur sou belewe het. Op 'n jagtog storm 'n leeu met sy bek groot oop. Daar is nie kans om te skiet nie. Die jagter stamp sy vuis in die leeu se bek, dwarsdeur sy lyf, gryp hom aan die stert vas en dop hom om. So hou hy hom dan in die wind om biltong te word.(164)

Boom groei uit bok se kop (Von Münchhausen) (A/T 1889C). Oom Hendrik Blom, oom Kasper en ander anonieme jagters ontdek in die veld dat hul= le nie meer koeëls het nie. Hulle skiet 'n bok dan maar met die pit van 'n vrug waaraan hulle eet, reg tussen die oë. Die volgende jaar as hulle weer in die jagveld kom, groei 'n boom uit daardie pit op die bok se kop. Soms is die vrugte aan hierdie boom al ryp vir eet.(165)

Hond middeldeur gekap en weer gelas (Von Münchhausen) (A/T 1889L). Renier de Winnaar is gewoonlik die verteller in Afrikaans. Op 'n haas= jag probeer hy die diertjie met sy sabel onthoof en kap dan per ongeluk sy hond middeldeur - soms van die neus tot die punt van die stert, en soms deur die middellyf. Hy las die hond per ongeluk onderstebo so= dat twee pote nou boontoe en twee ondertoe wys. As die hond se een paar pote moeg gehardloop is, draai hy om en hardloop op die ander twee.(166)

Voorlyf van gekweste bok vlug. Die Nels van Glen, naby Bloemfontein, vertel dat hulle gaan jag het. Die een skiet 'n blesbok, hy spring weg en ruk homself middeldeur. Daar trek die voorlyf, en die jagter te perd agterna, maar hy kan dit nie vang nie.(167) (Vgl. Von Münch= hausen se perd wat middeldeur geskiet is in die oorlog, sodat hy net op die voorste helfte ry. Toe hy dit agterkom, las hy die perd weer, A/T 1889P.)(168)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gelukskoot (Von Münchhausen) (A/T 1890). Dit gee 'n hele ketting= reaksie af, bv. net toe hy die bok wil skiet, gly die jagter op die be= vrore grond. 'n Vis spring juis uit die water en word dodelik getref; die opslagkoeël skiet die bok dood; van die skrik vir die vis, slaan die jagter agteroor en rol 'n haas plat; twee patryse vlieg teen hom vas, en is ook dood. Ene Flip Nôhbrand word soms as die held van dié verhaal genoem.(169)

Jagter skiet op mespunt en verdeel koeël in twee (A/T 1890P). 'n Jag= ter, soms oom Jan Sparriewarrie en soms oom Hans, ontdek dat hy net een koeël het, en daar loop twee bokke Hy plant sy mes met die lem na bo in die grond, skiet op die lem, die koeël word in twee verdeel en al= bei bokke getref.(170)

Laaistok vol eende (Von Münchhausen) (A/T 1894). Dikwels 'n Renier de Winnaar-verhaal in Afrikaans; ook by Flip Nôhbrand of Hendrik Blom. Die jagter kom by 'n waterpan vol wilde-eende, en omdat hy nie koeëls het nie, skiet hy met sy laaistok (soms met 'n pyl) en ryg twaalf wil= de-eende in, almal deur die oë.(171)

Dier se stert met spyker teen boom vasgeskiet (Von Münchhausen). (A/T 1896). Renier de Winnaar, oom Hans, oom Kluitjie of oom Piet gaan jag, maar hy het net 'n spyker in sy sak. Hy skiet daarmee en pen die dier (leeu, rooikat, jakkals) se stert teen 'n boom vas, sny 'n kruis voor sy kop, die dier spring uit sy vel en maak dat hy wegkom, en die jagter is tevrede met sy buit.(172)

Dertig bergskilpaaie/twee wavragte duiwe met een skoot. Oom Sarel Kot= see kry 'n klomp bergskilpaaie wat bo in 'n boom die bas sit en afvreet. Hy skiet dertig met een skoot. Renier de Winnaar skiet twee wavragte duiwe met een skoot.(173)

Bobbejaan met slang geskiet. Oom Jan Sparriewarrie lê bobbejane voor, en 'n slang kruip by sy geweerloop in. Hy skiet die slang dwarsdeur die bobbejaan sodat die stert by sy rug afhang en die kop by sy bors. Die bobbejaan vlug en jaag sy makkers, wat so bang vir slange is, op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

loop.(174)

Geweer haal homself oor (motief). Op oom Luikes se wa haal die geweer homself oor, en die perd wat agteraan die wa vasgehaak is, kry trane in sy oë - so lus is hulle om te gaan jag toe hulle 'n trop renosters gewaar.(175)

Meerkat op vier uur afstand geskiet. Oom Hendrik de Wet van Suidwes-Afrika skiet op 'n stoffie in die verte. Toe ry hy van agtuur tot twaalfuur om by die plek te kom. Hy het 'n meerkat wat besig was om 'n gat te grawe deur die blaaie geskiet.(176)

Wonderbaarlike jaghondjies (motief). Oom Luikes het klein jaghondjies wie se oë nog nie eens oop is nie. Tog gaan hulle al jag en bring elkeen 'n haas huis toe.(177)

V. Plante

Boom doodgepik deur slang (Von Münchhausen) (A/T 1889M). 'n Slang jaag oom Teuns Koester (Coetzer) in Transvaal. Hy spring agter 'n boom in, die slang pik in die boom vas, die boomstam begin swel, en die boom vrek.(178)

Koekmakranka hys man en perd in lug op (Von Münchhausen). Hier is weer 'n baie mooi voorbeeld waar een van baron Von Münchhausen se beroemde verhale volkome na 'n Afrikaanse sfeer verplaas is. Die Baron was naamlik te perd op reis in Rusland. Die wêreld is bedek met sneeu. Die aand haak hy sy perd vas aan iets wat soos 'n stuk boomstam lyk en gaan lê en slaap. Toe hy die volgende oggend wakker word, bevind hy hom in die strate van 'n dorpie, en sy perd hang bo aan die weerhaan op 'n kerktoring. Die dorpie was al die tyd onder die sneeu bedek, en toe dit smelt, het die Baron saam afgesak.(179) In Afrikaans word vertel van oom Willie wat op pad deur die Knersvlakte was terwyl 'n lekker reënbui uitsak. Donkeraand saal hy af op 'n plek waar so 'n wit klippie lê, sit sy saal langs die klippie neer, maak sy perd se teuels soos die gewoonte was aan sy voet vas, leun teen sy saal aan en raak aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

slaap. Ligdag skrik hy wakker en voel iets rem aan sy voet. Hy kom agter dat die kastige wit klippie die punt van 'n koekmakranka was wat die nag so sterk gegroei het dat hy met sy saal en al hoog in die lug sit terwyl die perd aan die teuels afhang grond toe.(180)

Die groot koolkop/pampoen/mielies (A/T 1960D). Hierdie soort oordry= wing bied baie gewilde grootliegtemas. Oom Tobias van Tonder mors op trek 'n klompie koolsaad langs die pad. Toe hy weer by die plek ver= bykom, staan daar so 'n geweldige koolkop dat die osse elf dae lank net in die boonste blare wei. Oom Luikes en Renier de Winnaar se osse raak weg, en hulle spoor die verlore diere eers maande later in 'n uitgeholde pampoen op. In oom Jan Sparriewarrie se geval is dit 'n varksog wat verdwyn om te gaan jong. Oom Sarel Kotsee het 'n tamaai ertappel ge= kweek, en daar word vertel van mielies wat so hoog gegroei het dat die koppe toe hulle ryp word, heeltemal weg in die grond val sodat die men= se hulle met koevoete moet uithaal.(181)

X. Die weer

Suidooster lig huis se dak op (motief). In die Swartland lig die suidooster 'n huis se dak in een stuk op, en die huisbaas kan nie be= sluit of hy die dak na die mure toe moet terugbring, en of hy die mure onder die dak moet inskuif nie.(182)

Waar die ooste- en westewind ontmoet. Oom Hendrik de Wet ry eendag in die Namib. Die oostewind waai sterk. Skielik steek sy motor vas en wil nie vorentoe of agtertoe nie. Hy was op die plek waar die win= de ontmoet. Dus swaai hy sy motor na regs en ry tussen die winde deur.(183)

Klippe word sag van reën (motief). Oom Luikes sê dit het een jaar so baie gereën dat die klippe sag geword het. Hy kon sommer sy vinger daarin steek. Die reëndruppels was vier voet in deursnee.(184)

Hoe uitgebreid die voorgaande oorsig van leuenverhale in Afrikaans ookal lyk, verteenwoordig dit minder as die helfte van die vertellings wat reeds opgeteken is, en niemand weet hoeveel ander voorbeelde nog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in omloop is nie. Soos reeds aangedui, is die Amerikaners net so lief vir leuenvertellings, en 'n vergelykende studie van voorbeelde in Afrikaans en Amerikaans (wat uiteraard nie hier onderneem kan word nie), sal waarskynlik interessante raakpunte aan die lig bring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.195.

2. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.199-202.

3. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.199.

4. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mytho= logy and legend* I, p.967.

5. Maggie Roorty in *Die Kleinspan*, 21 Des. 1928, p.4.

6. Pieter W. Grobbelaar: Geskenke vir Kersvader *(Daar's 'n ding aan die gang in die akkerbos*, p.36-45).

7. Vgl. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* I, p.157 e.v.

8. Vgl. Pieter W. Grobbe= laar: *Die nag der nagte*.

9. Ons Erfenis, VS 9.

10. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.197.

11. F.W. Quass: *Die tweede Rebellie*, p.69.

12. F.W. Quass: *Die tweede Rebellie*, p.20.

13. Dep., VIC I, p.12.

14. *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Sept./Okt. 1842, p.389-390.

15. *Die Afrikaanse kinderensiklopedie* VIII, p.3660-3661.

16. A.A.J. van Niekerk: *Hermeuter*, p.62.

17. Hendrik Jacob Wikar: *The Journal of Hendrik Jacob Wilkar, etc.*

18. *Die Huisgenoot*, 21 Jan. 1966, p.38; Ons Erfenis.

19. Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, p.751.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

20. Aarne /Thompson: *The types of the folktale;* Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volks=kunde;* Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* (2 dele); Stith Thompson: *Motif-index of folk literature* (6 dele); Frederic C. Tubach: *Index exemplorum – A handbook of medieval religious tales.*

21. Vgl. ook S.C. Hattingh se artikelreeks "Praat van die Duiwel" wat in 1950-1951 in die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* verskyn het.

22. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Feb./Mei 1951, p.111.

23. P.J. Nienaber: *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek,* p.207.

24. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Feb./Mei 1951, p.112.

25. *Tydksrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Feb./Mei 1951, p.113-114.

26. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Feb./Mei 1951, p.112.

27. *Die Brandwag,* 23 Feb. 1945, p.19.

28. Robinson, Wilson en Picard: *The encyclopaedia of myths and legends of all nations,* p.189.

29. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof,* p.60.

30. *Encyclopedia of world mythology,* p.226.

31. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof,* p.60.

32. Dep., RIV I, p.3-4.

33. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur,* p.40-41.

34. E. Saunders: *Legendes van die Mooirivier,* p.12-15.

35. Vgl. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof,* p.72; Dep., CALI I, p.4-5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

36. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Aug./Nov. 1955, p.4.

37. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.40.

38. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Nov. 1953, p.14.

39. *Die Brandwag*, 30 Jun. 1939, p.23; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1945, p.95.

40. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1945, p.95-96.

41. Emily Roelofse: *Kleigruis en johannesbrood*, p.40; *Die Brandwag*, 19 April 1940, p.29.

42. *Die Brandwag*, 30 Junie 1939, p.23; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1945, p.95.

43. *Collier's encyclopedia* VI, inskrywing by *Christopher, St.*

44. Erik Jelde: *Märchen der Welt*, p.171-174.

45. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.242.

46. K.C. Peeters: *Eigen aard*, p.243.

47. Vgl. Abel Coetzee: *Ons volkslewe*, p.50-79.

48. K.J. de Kok: *Empires of the veld*, p.124-125; vgl. ook Een Hollander (skuiln. van De Kok): *Toen en thans*, p.133; Dep., ARA I, p.3; *Ons Klyntji*, Feb. 1899, p.48.

49. *Die Brandwag*, 30 Junie 1939, p.23; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Mei 1945, p.122.

50. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1949, p.69-70.

51. *Die Brandwag*, 22 Sept. 1939, p.40; 21 Junie 1940, p.44; 12 Julie 1940, p.27 e.v.; 16 Aug. 1940, p.18.

52. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, p.647-648.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

53. S.P.E. Boshoff: *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, p. 91.

54. *Die Brandwag*, 9 Feb. 1940, p.29; eie jeugherinnering van skrywer.

55. *Die Brandwag*, 11 Julie 1941, p.29.

56. Annie Rörich in *Die Kleinspan*, 2 Sept. 1952, p.7.

57. *Die Brandwag*, 1 Aug. 1941, p.23.

58. *Die Brandwag*, 5 Nov. 1943, p.15.

59. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VII, inskrywing by *Monomotapa*.

60. Vgl. D.H. van Zyl: *Swerwerspore*, p.1-24.

61. H.L. Hall: Die storie van Mataffin (Chris Barnard, red.: *Die Transvaalse Laeveld*, p.60-61).

62. Gustav S. Preller: Die "Kruger-miljoene" (*Oorlogsoormag e.a. sketse en verhale*, p.84-94).

63. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VI, inskrywing by *"Kruger millions"*.

64. Chris Barnard (red.): *Die Transvaalse Laeveld*, p.131.

65. Hedley A. Chilvers: *The seven lost trails of Africa*, p.146-147.

66. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.208.

67. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb./Mei 1951, p.109; *De Goede Hoop*, Aug. 1970, p.64.

68. P.J. Nienaber: *Legendes van ons eie land*, p.28-32; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1949, p.90-92.

69. *Die Huisgenoot*, 22 Nov. 1974, p.69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

70. *Die Huisgenoot*, 29 Nov. 1974, p.35.

71. Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister*, p.96.

72. *Die Huisgenoot*, 27 Des. 1974, p.10.

73. *Die Huisgenoot*, 10 Jan. 1975, p.28.

74. Vgl. Oom Wynand en Androk: *Vinnige [illegible]*.

75. *Ons Klyntji*, Mei 1898, p.71.

76. Stith Tompson: *The folktale*, p.214.

77. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.101).

78. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.155).

79. Vgl. D. du Preez: *Renier de Wirnaar, baasverteller*, p.vii.

80. Carl Withers: *A world of nonsense*, p.105.

81. *Collier's encyclopedia* XV, inskrywing by *Lucian;* C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.97).

82. Lucianus: An ancient Gulliver (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* II, p.580-581).

83. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.97 en 151).

84. Stith Tompson: *The folktale*, p.215-216.

85. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.110 en 156).

86. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.98).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

87. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, Hans Clawert und den Schildbürgern*, p.xxi-xxiii.

88. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, asw.* p.xxxii-xxxiii.

89. *Collier's encyclopedia* XVI, inskrywing by *Munchausen;* R.E. Raspe e.a.: *The singular advertures of Baron Munchausen.*

90. R.E. Raspe e.a.: *The singular adventures of Baron Munchausen*, p.104-110.

91. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.156.

92. Jan Anthonisz van Riebeeck: *Daghregister* (3 dele).

93. Vgl. Joseph Jacobs (samest.): *The book of wonder voyages.*

94. Elizabeth Conradie: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* I, p.41.

95. G.W. Eybers: *Op die voetspoor van die ou reisigers*, p.26-27.

96. G.W. Eybers: *Outydse sketse en stories*, p.iii.

97. D. du Preez: *Renier de Winnaar, baasverteller*, p.vii.

98. Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa*, p.297.

99. Vgl. Aletta Lübbe: *Tussen twee riviere*, p.7.

100. Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa*, p.297 en 306.

101. De Villiers/Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* III, p.1138.

102. *Ons Klyntji*, Junie 1897, p.96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

103. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* I, p.1-108.

104. *Die Afrikaanse Kind*, Sept./Okt. 1919, p.12-13.

105. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* I, p.14-15.

106. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* I, p.67-70.

107. *Ons Klyntji*, Feb. 1897, p.264; April 1897, p.48; Junie 1897, p.96.

108. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.156.

109. R.E. Raspe e.a.: *The singular adventures of Baron Mun= chausen*, p.41.

110. *Ons Klyntji*, Aug. 1898, p.126; Des. 1900, p.234-235.

111. *Ons Klyntji*, Des. 1900, p.234-235.

112. *Ons Klyntji*, Jan. 1904, p.6.

113. *Ons Klyntji*, Julie 1898, p.103-104.

114. *Ons Klyntji*, Maart 1900, p.59-60.

115. *Ons Klyntji*, Aug. 1898, p.126; Sept. 1899, p.192 en 201.

116. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201.

117. *Ons Klyntji*, Feb. 1900, p.45-46.

118. *Ons Klyntji*, Mei 1906. p.7-8; Julie 1906, p.12-14; Aug. 1906, p.1-3.

119. A. Ellman: *South African anecdotes*, p.68-69.

120. D.W. Krüger: *Paul Kruger* I, p.26-27.

121. Dep., POR I, p.3-4.

122. Dep., POR I, p.3.

123. Ons Erfenis (Zeeman).

124. Ons Erfenis (Zeeman).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

125. *Die Ruiter*, 11 Julie 1947, p.31.

126. C. Kruyskamp: Het Nederlandse leugendicht (*Volkskunde*, vol. 63, p.118-119).

127. Pieter W. Grobbelaar: *Varkies in die bone*, p.129.

128. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* (5de bundel), p.77-84; *Die Brandwag*, 1 Okt. 1914, p.vii; *Die Huisgenoot*, Sept. 1920, p.188; Ons Erfenis, VK 46; *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb./Mei 1951, p.113.

129. Aletta Lübbe: *Tussen twee riviere*, p.7; Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa*, p.297.

130. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb./Mei 1951, p.113.

131. Dep., POR II, p.12-13.

132. Ons Erfenis, VK 80.

133. Ons Erfenis, VK 141.

134. Ons Erfenis.

135. *Die Ruiter*, 11 Julie 1947, p.31.

136. Dep., POR II, p.16-17.

137. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201.

138. *Die Huisgenoot*, Feb. 1919, p.631; Ons Erfenis, VK 71, 74 en 77.

139. L. de Beer: *Half hours of leisure*, p.162; Ons Erfenis, VK 142; *Ons Klyntji*, Jan. 1904, p.6.

140. Ons Erfenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

141. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201.

142. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* (3de bundel), p.44-50; *Die Kleinspan*, 21 Mei 1928, p.3; Ons Erfenis, VK 105.

143. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks=verhaal*, motief X1004.1; *Die Huisge=noot*, Feb. 1919, p.630; Helena J.F. Lochner: *Vrolike verseis vir st. II*, p.18-19; Ons Erfenis, VK 72 en 91.

144. Ons Erfenis, VK 88 en 95; Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister*, p.90-91.

145. Wm. Nichol: *Reënboog oor my jeug*, p.207-209.

146. Ons Erfenis, VK 115.

147. Ons Erfenis, VK 88.

148. Ons Erfenis.

149. *Die Huisgenoot*, Feb. 1919, p.630.

150. *Die Afrikaanse Kind*, April 1918, p.4.

151. P.J. Nienaber: *Eerste stemme*, p.28-31.

152. *Ons Klyntji*, Maart 1900, p.60.

153. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201.

154. *Ons Klyntji*, Maart 1900, p.60.

155. Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister*, p.89-90.

156. Ons Erfenis.

157. *Die Kleinspan*, 30 Julie 1926, p.7.

158. *Ons Klyntji*, Julie 1898, p.103-104.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

159. Ons Erfenis, VK 83.

160. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201.

161. R.E. Raspe e.a.: *The singular adventures of Baron Munchausen*, p.41.

162. *Ons Klyntji*, Des. 1900, p.234-235; Des. 1903, p.154-156.

163. Ons Erfenis, VK 73; *Ons Klyntji*, Aug. 1898, p.126; *Ons Tyd=schrift*, vol. 1, p.357.

164. *Die Afrikaanse Kind*, Nov. 1916; *Die Huisgenoot*, Feb. 1919, p.630-631; Abel Coetzee e.a.: *Tipere=gister van die Afrikaanse volksverhaal*, tipe 1889B (mondelinge oorlewering).

165. *Die Afrikaanse Kind*, Nov. 1918, p.7; Abel Coetzee e.a.: *Tipe=register van die Afrikaanse volksver=haal*, tipe 1889C (mondelinge oorlewe=ring): Ons Erfenis, VK 107; *Die Rui=ter*, 2 April 1948, p.3.

166. *Die Afrikaanse Kind*, Junie 1920, p.2-3; *Die Brandwag*, 1 Okt. 1914, p.vii; *Die Huisgenoot*, Sept. 1920, p.188; Ons Erfenis, VK 87.

167. Ons Erfenis, VK 77.

168. R.E. Raspe e.a.: *The singular adventures of Baron Munchausen*, p.36-37.

169. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* (6de bundel), p.128-130; *Die Kleinspan*, 19 Nov. 1926, p.5; *Die Ruiter*, 20 Feb. 1948, p.3.

170. Ons Erfenis: *Ons Klyntji*, Aug. 1898, p.126.

171. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies*, (6de bundel), p.131-132; Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volksverhaal, tipe 1894 (mondelinge oorlewering); Ons Erfenis, VK 107.

172. *Die Brandwag*, 1 Okt. 1914, p.vii; en 22 Mei 1942, p.25; *Die Huisgenoot*, Feb. 1919, p.630; *Ons Klyntji*, Aug. 1898, p.126.

173. *Die Huisgenoot*, Sept. 1920, p.188; *Ons Klyntji*, Maart 1900, p.60.

174. Ons Erfenis.

175. *Ons Klyntji*, Feb. 1900, p.45.

176. Ons Erfenis, VK 78.

177. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.201; Feb. 1900, p.45.

178. *De Goede Hoop*, Maart 1921, p.343.

179. R.E. Raspe e.a.: *The singular adventures of Baron Munchausen*, p.15-16.

180. Ons Erfenis, VK 97.

181. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks=verhaal*, tipe 1960D (mondelinge oor=lewering; *Die Huisgenoot*, Nov. 1920, p.291; Ons Erfenis, VK 99; *Ons Klyntji*, Feb. 1897, p.264; Feb. 1900, p.46; Maart 1900, p.59; Jan. 1904, p.6; F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.54.

182. Ons Erfenis, VK 84.

183. Ons Erfenis, VK 105.

184. Ons Klyntji, Sept. 1899, p.201.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING C

DIE SPROKIE EN VERWANTE VERTELLINGS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12.0.0 DIE WÊRELD VAN DIE SPROKIE

12.1.0 Die sprokie as vertelvorm

Anders as in die geval van die ander tipes volksvertellings wat tot dus= ver behandel is, is die bande met die sintuiglik-waarneembare wêreld soos ons dit ken, nou heeltemal ontbonde. Dit wil nie sê dat hierdie wêreld geen plek in die sprokie het nie. Inteendeel, die sprokie speel hom in hierdie wêreld af, en een van die bekorings is juis hoe die beperkinge van dié wêreld opgehef word. Die mens kan met die dier praat, plante kan oornag opskiet tot hulle aan die hemel raak, klippe kan groei. Dit is 'n magtige ryk van die verbeelding, maar in die beste voorbeelde van die sg. Westerse tipe, nog steeds opgebou volgens die wette van die logika om nã 'n reeks gebeurtenisse wat die een op die ander volg by 'n bevredigende ontknoping uit te kom.

Hoewel ek in vele opsigte met hom verskil, soos telkens aangedui word, vat die Afrikaanse sprokievorser S.C. Hattingh sekere algemene eienskap= pe van die Westerse sprokie, in besonder die towersprokie, goed saam:

(a) Die styl van die Europese sprokie "is 'n vasomlynde stylvorm waarin die drieledige bou, beide wat persone en handelings-elemente be= tref, 'n vernaame rol speel. Die hoofklem in die gebeure val op die derde afdeling. So vind ons dat die derde en jongste seun gewoonlik die held is en die derde avontuur is die gevaarlikste." (Hier kan net gewys word op die bekende verskynsel in die volksgeneeskunde dat dit juis die jongste kind is wat sekere handelinge moet uitvoer omdat hy blykbaar nog die naaste aan die moederskoot staan en die inwonende krag of mana in hom daarom op sy suiwerste is. Verder is die getal drie in die volksgeloof dikwels simbool van volmaaktheid.)

(b) Die karakters wat in die meeste sprokies optree, is tipes: "hulle is volkome goed of volkome sleg. Die lofwaardige strewe van die held triomfeer altyd. Die slegtes ontvang hulle regmatige, maar soms ook grusame straf. Of die held van nature onbeholpe is en of hy uiterste begaafdhede besit, uiteindelik seëvier hy deur sy eie krag en skranderheid ... Diepere gevoelens soos medelye, haat, nyd, vreugde of droefheid word nie uitgebeeld nie, maar alleen as uiterlike tekens genoem. Selfs die liefde, alhoewel dit die magtigste faktor in die sielelewe van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die sprokiesheld is, ontbeer 'n diepgaande ontleding. Die handeling is altyd sonder geestelike motivering."

(c) Die held het gewoonlik 'n helper wat oor towerkragte beskik - die een of ander dier of bonatuurlike wese wat hom in sy beproewinge steun.

(d) In die sprokie bestaan geen geografiese of tyd-ruimtelike grense of standverskille nie. "Boereseuns word verhef tot koning en 'n arme diensmeisie tot koningin. Die betekenis van maatskaplike indelings verstaan die sprokie nie: Koninkryk beteken 'n toekomsoord waar rykdom, mag en respek vir die held wag."

(e) Breë natuurskildering ontbreek. "Die tonele in die handeling word altyd met twee woorde gegee: donker woud, wye vlakte, eindelose see, groot stad ens."

(f) "Die sprokie besit geen dramatiese of liriese elemente nie; alle handeling word opgelos in 'n vinnige, styfgespande, epiese vertel= ling. Die behaaglike breedte van Oriëntalistiese en Europese kunsspro= kies is totaal afwesig." (Hier word die veralgemenings te ver gevoer. Gewoonlik is daar wel 'n sterk epiese inslag by sprokies, maar die li= riese kom bv. in sangvertelsels na vore, soos ons later ook in Afrikaan= se sprokies sal sien. I.p.v. die term "kunssprokies" verkies ek na= tuurlik, soos verduidelik, "outeursprokies".)

(g) "Die tegniek van die vertelling is die allereenvoudigste. Die sprokie het 'n voorliefde vir die aforistiese, wat voortspruit uit die feit dat dit mondeling verbrei word. Gelyksoortige handelinge word met dieselfde woorde vertel om die geheue van die verteller te steun. Vir die aanvang en slot is daar veelvuldige formules; sommige is eenvoudig; andere uiters lank en tipies versier."(1)

12.2.0 'n Wêreldwye verskynsel

Daar bestaan blykbaar geen volk of volksgroep ter wêreld waar die spro= kie nie in die een of ander vorm voorkom nie. Soms vertoon die spro= kies wat vertel word 'n sterk verwantskap oor 'n wye gebied: "Students of the tale have long realized that the lands from Ireland to India form an important tradition area where the same stories are found, some of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

them extending over the entire territory, and some following these peoples as they migrate to distant continents."(2) Tog kom daar aan die ander kant diepgaande verskille tussen die sprokies van sekere wêrelddele voor, soos tussen die sg. Westerse tipe en "tales of such areas as Central Africa, the North American Indians, or Oceania".(3)

Verder kan die vertellings van een en dieselfde volk tot meer as een van die groot sprokieswêrelde behoort. Veral van betekenis vir ons is die geval van die Kaapse Maleiers. Hul dieresprokies sluit by die algemene Afrikaanse Westerse stroming aan,(4) terwyl hul towersprokies gewoonlik so Oosters gekleurd is dat hulle glad nie in dieselfde tipe= register wil inpas nie.(5)

12.3.0 Sprokietipes en sprokiemotiewe

Daar kan by die sprokie 'n onderskeid gemaak word tussen sekere kleiner motiewe waaruit dit opgebou is, en dan die volledige sprokietipe. Soos Stith Thompson dit duidelik saamvat: "A *motif* is the smallest element in a tale having a power to persist in tradition. In order to have this power it must have something unusual and striking about it. Most motifs fall into three classes. First are the actors in a tale - gods, or unusual animals, or marvelous creatures like witches, ogres, or fairies, or even conventionalized human characters like the favorite youngest child or the cruel stepmother. Second come certain items in the background of the action - magic objects, unusual customs, strange beliefs, and the like. In the third place there are single incidents - and these comprise the great majority of motifs."(6)

Hierteenoor kry ons die sprokietipe. "A type is a traditional tale that has an independent existence. It may be told as a complete narrative and does not depend for its meaning on any other tale. It may indeed happen to be told with another tale, but the fact that it may appear alone attests its independence. It may consist of only one motif or of many. Most animal tales and jokes and anecdotes are types of one motif." Towersprokies bestaan gewoonlik uit 'n hele verskeidenheid motiewe.(7)

Dit kan dus gebeur dat die derde tipe motief wat hierbo genoem is, nl. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

enkele voorval of avontuur, op sigself 'n sprokietipe kan wees.

12.4.0 Die wortels van die Westerse sprokie

Aan die hand van Stith Tompson se uitgebreide en uitstekende studie *The folktale* word hier 'n beknopte oorsig van die voorgeskiedenis van die Westerse sprokie gegee om as agtergrond vir die latere bespreking van die Afrikaanse sprokie te dien. Deurgaans vind ons dat daar altyd twee groot beginsels geld: die mondelinge weergawe kan uit 'n skriftelike bron ontspruit, of die geskrewe bron kan 'n weergawe van 'n mondelinge oorlewering wees. Sprokies kom m.a.w. uit die opper- én onderkultuurlaag voort, en die twee lae beïnvloed mekaar voortdurend oor en weer.(8) 'n Kennis van albei soorte bronne is dus nuttig en belangrik. Die oudste geskrifte is egter ongelukkig almal literêr van inslag en geen optekenings uit die volksmond kom voor nie.

12.4.1 Oud-Egipte

Verskeie verhale op papirus wat 'n verwantskap met volksvertellings vertoon, het bewaar gebly, maar net twee kan met sprokies in verband gebring word. Die eerste, "Die skipbreukeling" (2000-1700 v.C.), is 'n verwarde verhaal waarin o.m. 'n slangkoning optree. Heel boeiend is die storie van "Die twee broers" (ong. 1250 v.C.) waarin die vrou van die eerste broer die tweede broer tevergeefs wil verlei en hom dan valslik daarvan beskuldig dat hy haar probeer aanrand het. Die beskrywing van sy wedervarings terwyl hy vir sy broer vlug, het 'n sterk godsdienstige inslag, maar 'n sprokiesmotief soos dié van die koei wat met hom praat (motief nr. B211 volgens Thompson se *Motif-index of folk-literature*) kom ook voor.(9)

Besonder interessant is 'n verklaring vir die herkoms van die sprokie oor "Apoestertjie" (A/T 510) wat ek in 'n ou Kaapse tydskrif teëgekom het. Die anonieme skrywer vermeld egter nie sy bron nie, en in geeneen van die standaardwerke oor die volksvertelling kon bevestiging daarvoor gevind word nie. Aspoestertjie se regte naam was glo Rhodope, 'n mooi Egiptiese meisie wat omstreeks 670 v.C. geleef het. Eendag gaan sy baai en sit haar besonder klein pantoffeltjies daar naby neer. 'n Arend gryp een van die pantoffeltjies, vlieg daarmee oor Memfis waar die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koning besig is om regspraak uit te oefen, en laat dit aan sy voete val. Die pantoffeltjie is so klein en fraai dat 'n onweerstaanbare begeerte in die Koning opkom om die draagster daarvan te leer ken. Hy stuur sy dienaars op 'n soektog dwarsdeur die land, en op die ou end word Rhodope opgespoor. Die dienaars bring haar na die paleis, en sy word die vrou van koning Psammetikus.(10) Koning Psamtik I (die Griekse vorm van sy naam was Psammetikus) was 'n knap heerser wat van ong. 663-610 v.C., met Memfis as hoofstad, oor Egipteland regeer het.(11) Indien dié ou verhaal wel tot die ontwikkeling van die Aspoester-karakter aanleiding gegee het, bied dit 'n merkwaardige voorbeeld van hoe 'n vertelling van die een soort na 'n ander beweeg: van 'n belewenis tot 'n sprokie.

12.4.2 Die Land-tussen-die-twee-riviere

Die boeiende verhaal van *Gilgamesj* (wat waarskynlik tot ong. 2000 v.C. teruggaan) is die belangrikste werk uit die antieke beskawings van dié wêrelddeel. Ná die dood van sy vriend besoek Gilgamesj die doderyk. Talle sprokiesmotiewe is in die vertelling, wat feitlik vanselfsprekend sterk godsdienstig gekleur is, verweef. Voorbeelde hiervan is dat Gilgamesj die antwoorde op sekere raaisels by die dode gaan soek (vgl. H1292); daar is 'n boom wat juwele i.p.v. vrugte dra (F811.2.2); hy kry 'n lewegewende plant in die hande (D1346.5); maar 'n slangmonster steel dit weer by hom (vgl. G303.3.3.15).

Uit ongeveer dieselfde tydvak stam "Die verhaal van Etana", 'n soort dierevertelling, eweneens met 'n sterk mitiese inslag waarin ook spro= kiesmotiewe voorkom, bv. die soektog na die wondergeneeskrui (D1500.1.4).(12)

12.4.3 Die wêreld van die Bybel

Die magtige Bybelverhaal wat die hele Westerse beskawing ingrypend be= invloed het en as een van die wortels daarvan beskou moet word, het die volksvertelling van die Afrikaner, soos reeds telkens aangedui, in vele opsigte gekleur. Daar is ook talle Bybelse geskiedenisse wat 'n sterk sprokiesagtige inslag het, soos die verhaal van Josef, van Moses, of van Jona. Soos ons later sal sien, lyk dit asof die Bybelverhale in 'n groot mate die towersprokie in Afrikaans verdring het. Boonop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het uit die Bybelwêreld die Duiwelkarakter na vore gekom wat in 'n hele aantal Westerse sprokies 'n rol speel, net soos die geval is met Chris= tus en die Heilige Petrus.

12.4.4 Oud-Griekeland

Oor die plek van die volksvertelling, en dus ook die sprokie, in hierdie ou beskawing ('n tweede wortel van die Westerse beskawing), skryf Thomp= son: "From ancient Greece we have an abundance of literary records of almost every kind, but not a single attempt to preserve for us an authen= tic folktale as known and told by the ordinary Greek. The situation is much the same as with Biblical tradition: there is much evidence of the presence of many of our best-known folktale motifs and sometimes indi= cation that many of the more elaborate narratives were known in much the form familiar to us in present-day folklore. But both in the Bible and in Greek literature these narratives are lifted from their natural homely surroundings and are made to serve the purpose sometimes of the writer of sacred books, sometimes of the epic poet, and sometimes even of the dramatist. From casual references scattered throughout Greek literature we may be sure that something very close to the folktale as known among the peasantry of modern Europe was a part of the enter= tainment not only of children but of adults."(13)

Van die talle sprokiemotiewe in Oud-Griekse bronne kan die volgende voorbeelde genoem word: die ontsnapping deur musse met die kinders van die monster om te ruil (K1611); die mens wat dieretaal leer deurdat 'n slang sy oor lek (B165.1.1); die uitkenning van die heldin d.m.v. 'n verlore skoen (H36.1); die dwaas wat die golwe van die see probeer tel (vgl. J311.1); die muntstuk wat telkens na sy eienaar terugkeer (A/T 745; D1602.11; vgl. N211); betowerde wensringe (D1470.1.15); betowerde sit= meubels wat aan die sitter vaskleef (D1413.5); en betowerde tafels wat vanself kos verskaf (D1472.1.7).(14)

'n Ander baie belangrike Oud-Griekse bron is die sg. fabels van Esopus, wat vermoedelik uit die 6de eeu v.C. afkomstig is. Esopus het self blykbaar niks op skrif gestel nie, en die oudste weergawe daarvan in Grieks wat behoue gebly het, is dié van Babrius (ong. 2de eeu n.C.). In hierdie fabels kom verskeie beroemde sprokies voor, òf skeppings van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Esopus, of deur hom uit die volksmond aangepas. Die volgende is ook in Afrikaans bekend: "Ondankbare slang terug onder klip" (A/T 155), en "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074).

12.4.5 Rome

Hoewel die Romeine se beskawing 'n derde wortel van die Westerse beskawing vorm, bestaan hul vernaamste invloed op die latere sprokievoorraad wat nagespoor kan word, in die pupularisering van Esopus se fabels in verskeie Latynse uitgawes. Miskien die heel belangrikste hiervan was dié van Phaedrus wat dit in die 1ste eeu n.C. in rymvorm weergegee het. Dan was daar Avianus se rymverwerking van Babrius se Griekse uitgawe in die 4de of 5de eeu n.C., en Romulus se Latynse prosaverwerking van Phaedrus in die 10de eeu n.C. Die Latynse Esopus het van die vernaamste leerboeke in die Middeleeuse kloosterskole geword, en met die ontwikkeling van die boekdrukkuns in die 15de eeu is dit in feitlik elke Europese taal oorgeit en versprei.(15)

12.4.6 Die Oud-Germane

Uit die Oud-Germaanse kultuur, wat die vierde en laaste groot wortel van die Westerse beskawing vorm, het ongelukkig geen geskrewe bronne behoue gebly waaruit ons 'n beeld van die volksvertellings van destyds kan kry nie. 'n Mens kan maar net in gedagte hou dat die invloed uit hierdie oord groot moes gewees het.

12.5.0 Die Oosterse stroming

12.5.1 Algemene opset

Die Oosterse mondelinge tradisie loop o.m. in die 3de eeu v.C. uit op die *Djataka* (of *Jatakam*, letterlik "hergeboortes", aansluitend by die Boeddhistiese geloofswêreld). Talle legendes, sprokies en fabels is daarin opgeneem. Verder was daar die beroemde *Pantsjatantra* ("Die vyf boeke"), vermoedelik in die 3de eeu n.C. in Indië saamgestel. Die verhale vertoon verwantskap met die Esopus-fabels en dui op onderlinge beinvloeding tussen Oos en Wes. In die 8ste eeu n.C. word 'n Arabiese weergawe hiervan saamgestel: die *Fabels van Bidpai* (of Pilpai), dikwels ook *Kalila en Dimna* genoem na aanleiding van die twee jakkalse wat as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofkarakters daarin optree. Tussen die 9de en die 14de eeu n.C. ontstaan verder 'n verkorte weergawe van die *Pantsjatantra*, nl. die *Hitopadesa* ("Die vriendelike onderwysing"). Sedert die 15de eeu is hierdie fabels in feitlik elke Westerse taal oorgesit.(16)

Die ander belangrike bron, vir novellistiese vertellings en towersprokies, is *Di Arabiese nagstories* of *Die duisend-en-een nagte* (of *The book of the thousand nights and a night*, soos sir Richard F. Burton se twaalfdelige vertaling daarvan heet). Dit kan teruggevoer word na 'n geskrif wat reeds in die 10de eeu n.C. bestaan het, maar het sy finale beslag moontlik eers in die 18de eeu gekry. Die boek het soos 'n sneeubal gegroei, waarskynlik beginnende met 'n heel beskeie werkie wat hoofsaaklik uit sprokies bestaan het. Alles word ingevoeg binne die raamwerk van die verhaal van Sjeherazade wat 1001 nagte lank aan die Sultan stories vertel om haar lewe te red, want uit vrees dat sy vrou ontrou aan hom sal wees, het hy vroeër elke aand 'n nuwe bruid gevat om haar die volgende oggend te laat onthoof. So 'n opset van stories-binne-'n-storie is baie gewild in die Ooste.

Met die loop van jare is steeds nuwe stof bygevoeg en sommige van die ouer verhale verwerp. "As it now exists, the *Arabian nights* is made up of a chaotic mass of heterogeneous matter, assembled from all quarters of Oriental tradition." Onder die hoofbestanddele daarvan is sprokies en ander fantasieverhale waarskynlik van Indiese of Persiese oorsprong. 'n Gewilde verhaal soos dié van "Sindbad, die matroos" was oorspronklik 'n afsonderlike boek.

Die Arabiese nagstories het vir die eerste maal in die Weste bekend geraak deur 'n Franse vertaling wat tussen 1704-1717 deur Antoine Galland gepubliseer is. Veral in die 19de eeu verskyn 'n hele verskeidenheid vertalings in Engels en Duits.(17) Hierdeur word 'n vreemde towerwêreld vir die Westerling ontsluit, iets wat vir die Oosterling heeltemal normaal is. "The most fantastic flights of fancy, the wildest improbabilities, the most impossible of impossibilities, appear to them utterly natural, mere matters of everyday occurrence," soos die vertaler Burton sê.(18)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12.5.2 Die Maleiers

Daar bestaan 'n besondere band tussen Suid-Afrika en die Maleise kul= tuurwêreld omdat die Maleiers in die 17de en 18de eeu gesogte slawe aan die Kaap was. Soos iemand dit gestel het: die Maleier was "the king of slaves".(19)

Afgesien van die tipiese Oosterse towersprokies van magtige sultans, dapper prinse en skone prinsesse (die wêreld van *Die Arabiese nagsto= ries*) wat gewoonlik aan die Maleiers verbind word, was daar ook ander. 'n Britse geleerde en koloniale amptenaar, Walter Skeat, wat in 1899 'n navorsingsekspedisie na die Maleise Skiereiland meegemaak het, het later 'n versameling vertellings uit die volksmond uitgegee onder die titel *Fables and folk-tales from an Eastern forest.* Hierin kom naas towersprokies, wat na sages en mites neig, 'n hele verskeidenheid dieresprokies voor.

Die groot held van hierdie sprokies is die nietige Bisamhert, 'n klein inheemse boksoort, teenhanger van Hasie by die swart volkere van Afri= ka, of van Jakkals by die Europeërs. Nes Hasie in die geval van die swart volkere dikwels strydig met sy natuurlike vermoëns optree, ge= beur dit dat Bisamhert voorgestel word as 'n boomklimmer en vleiseter.(20) Een kenmerk van dié sprokies is dat hulle dikwels natuurverklarend van aard is: waar plante aan hul eienskappe kom,(21) hoekom daar soveel verskillende soorte voëls is.(22) Daar is 'n hele aantal fabels of fabelagtige vertellings.(23) Selfs die bekende "Wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074) ontbreek nie; in hierdie geval is dit Kraai en Waterslak wat meeding.(24)

Van besondere belang is drie sprokies wat sterk ooreenkomste met be= kende Afrikaanse dierevertellings vertoon: "The king of the tigers is sick" ("Koning Leeu is siek", A/T 50); "The tiger and the shadow" ("Tier skrik vir sy eie weerkaatsing", A/T/G 92.1); en veral "The elephant has a bet with the tiger" ("Die vasgemaakte sterte", A/T/ G 2A.1).(25)

Voorts is daar die verhaal van reusagtige geeste wat absoluut Swaapagtig optree.(26) Ten slotte weet ons uit ander bronne dat Uilspieël 'n ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wilde karakter in die voormalige Nederlandse Oos-Indië was; in sommige dele het hy as Towo bekend gestaan.(27)

Dit is dus duidelik dat daar 'n sterk voorraad inheemse vertelgoed is, aangevul en/of gewysig onder Wes-Europese invloed. Oor hierdie Wes= terse beïnvloeding skryf Stith Thomspon: "The penetration of these tales into the islands lying southeast of Asia has been going on for a very long time and has been dependent upon the spread of religions, Buddhist and Mohammedan, as well as upon actual migration. A very considerable number of folktales has certainly traveled from India to the islands of Sumatra, Java, and Borneo, and to the Celebes and the Philippines [d.w.s. die hart van die voormalige Nederlandse Oos-Indië, later Indonesië genoem]. All these islands, and hundreds of others in the area, have a considerable uniformity in native tradition. Sometimes they have made over the tales which they have borrowed from the west into the regular native pattern, but most often the tales have remained foreign, exotic."(28)

In 'n insiggewende tabel dui Thompson aan welke sprokies in die Weste bekend (of hulle nou ookal oorspronklik in Europa of in Asië ontstaan het), ook in Indonesië opgeteken is. Daar is meer as honderd voor= beelde wat in den brede soos volg ingedeel kan word:

F.	Die wêreld van die toorkuns	45
J.	Die sosiale gemeenskap	20
Q.	Novellistiese onderwerpe	10
R.	Die domme en die slimme	10
U.	Diere	25

(29)

12.6.0 Die stem van Afrika

12.6.1 Die inheemse volksgroepe van Suid-Afrika

(a) *Die Boesmans.* As jagters en voedselversamelaars het hierdie mense nog op die onderste sport van die beskawing gestaan. Bleek en Lloyd se manjifieke werk *Specimens of Bushmen folklore*, wat grootliks berus op navorsing wat tydens die sewentiger-en tagtigerjare van die 19de eeu onderneem is, laat by 'n mens die indruk dat die Boesman se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertelvoorraad 'n byna onontwarbare geheel vorm. Feitlik alles is deurdrenk met hul religie, of dit nou ookal oor 'n belewenis handel, en of hulle verhale oor diere vertel. Die mite is dus sentraal, met aan die een kant vertellings wat na die belewenisverhaal neig, en aan die ander kant na die dieresprokie. ('n Mens kan nie ontkom aan die gedagte dat die verhaalvoorraad van al die vroegste natuurmense, waar ookal op aarde, so daar uitgesien het nie.) Ook opmerklik is dit hoe dikwels die verhale blote brokke en nie afgeronde gehele is nie.

Nog 'n belangrike bron is G.R. von Wielligh se *Boesman-stories* (4 dele), waarvan die eerste twee dele ons 'n blik op hul vertellings gee. Von Wielligh het ook reeds in die sewentigerjare van die 19de eeu met sy waarnemings begin: "As kind het ons vir die eerste maal in 1870 met Wilde Boesmans kennis gemaak; want dit was in daardie tyd dat ons met ons vader 'n reis deur dele van Namakwaland, deur Boesmanland en die Han= tam onderneem het. Saans, en ook gedurende die dag, het baie van die oudjies by ons wavuur kom aansit om te gesels ... Vir 'n geringe ver= goeding was hulle te gewillig om aan die kleinbasies stories te vertel, wat ons met ope mond en ore ingedrink het." Van 1876-1883 kom hy as landmeter in die Noordweste in noue kontak met hierdie mense en maak aantekeninge van hul vertellings.(30)

Omtrent die Boesmanreligie skryf Von Wielligh: "Sover ons uit die ver= hale opmaak, bestaan onder die Boesmans geen bepaalde, uitgewerkte stel= sel van godsdiensopvatting nie. Dit kan ook nie anders nie; want on= der hulle bestaan geen erkende priesterstand nie. Iedereen het sy eie begrip oor die mag van goeie en slegte geeste. Hulle glo dat daar eers 'n flou lig bestaan het voor die Son gekom het. Die ougeslag, of voor= geslag, kon hul verander net soos hulle wou. Die Son, Maan en Sterre word tesame met die Hotnotsgod ('n sprinkaansoort) vereer. Die bestaan van denkbeeldige Diere (Geeste) word erken en hulde toegebring."(31)

Kom ons nou by die Boesman as verteller, is Von Wielligh se opmerkings eweneens insiggewend. Hy wys bv. op die oorheersende rol van die re= ligie in hul vertellings: "Dit gaan oor gedaanteverwisseling van mense en diere, groot waterslange wat riviere kan opdam, toordery, ens."(32)

Die belangrikste vir die huidige ondersoek is natuurlik die Boesman se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dierevertellings, omdat hulle daarin die naaste aan sprokies kom. Hieroor vertel J.F. Jacobs in 'n boek wat eers in 1956 gepubliseer is, maar klaarblyklik op die skrywer se eie kinderjare in die eerste dekades van die 20ste eeu betrekking het. Outa Buks praat van "toeka se dae" en sê: "Au, daardie dae toe die ougeslag hulle sommer in 'n lou of 'n tier of 'n wolf kon verander. Ja, die ougeslag was nie maklike mense nie. Jy sien nou 'n Boesman hierlangs jou stap en as jy weer kyk, dan is dieselfde Boesman 'n lou of 'n tier."(33)

In 1963 publiseer Jan J. van der Post sy versameling Boesmanstories: *Jagters van die duine*. Gebore in 1927 in Rehoboth, Suidwes-Afrika, het hy as seun glo lank saam met 'n groep Boesmans rondgeswerf. Opmerklik in dié boek is 'n sekere Westerse inslag wat 'n mens nie in vroeër versamelings teëkom nie, ongetwyfeld voortspruitend uit die Boesmans se jarelange kontak met ander volksgroepe. Tog is hierdie verhale, ook die "dieresprokies", nog steeds in die Boesmans se volksgeloof gedrenk.

Om na Von Wielligh terug te keer: belangrik is sy verdere opmerkings omtrent die Boesmanvertellers waar hy hulle met bruin vertellers vergelyk: Die bruinman "is 'n pretmaker (humoris), en verstaan die kuns om eienaardighede van diere op grappige wyse te verklaar. Hy tree op as spottekenaar (karikaturis), en lewer ons spotprente (karikature) van 'n taamlike goeie gehalte. Die Boesman daarinteen, is weer 'n kunstenaar (artis), en wel na eie kultuur - hoe laag dit ookal mag wees. Hy is selfs musikant en digter wat die natuurklanke getrou kan naboots ... Hy graveer of skilder voorwerpe soos hy dié in die natuur aantref - sonder pogings aan te wend om daarop te verbeter. Daarom, as ons sy stories deurlees, dan vind ons hierdie karaktertrek as 'n polsslag wat al sy verhale deurstroom ... Want met deurlees sal selfs die gewone leser bespeur dat die diere hulle rolle nes op die aldaagse toneel speel: Leeu is die gesaghebber en baie sterk; Tier volg hom in rang op; Wolf is onbeskaamd en 'n indringer; en Jakkals is 'n bangbroek, en daarom meestal 'n bedelaar ... So is Boesman-stories ook maar blote karaktertekeninge, of karakterskets."(34) En verder: "Uit die Boesmanversameling sal dit duidelik blyk dat daar wel deeglik digterlike sin en verhewenheid van gedagtes in sekere mate by die Boesmans bestaan."(35)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit val dadelik op dat die vertellings reeds by Von Wielligh, hoewel hy min of meer in dieselfde tyd as Bleek met sy waarnemings begin, afgeronde stories vorm. (Dis ook die geval by Jacobs en Van der Post.) Dit toon duidelik Westerse invloed, 'n vermoede wat versterk word deur die feit dat Bleek die verhale in die Boesmans se eie taal opteken, terwyl Von Wielligh nêrens laat blyk dat hy in iets anders as Afrikaans met hulle gesels het nie.

(b) *Die Hottentotte.* Die ou Hottentotstamme het as jagters en veeboere 'n sport hoër op die beskawingsleer as die Boesmans gestaan. Oor hul religie skryf die volkekundige J.P. van S. Bruwer: "The Hottentots had no clear concept of an after-life or of the Deity. They believed that when a person died his soul or spirit lived in his grave but came out sometimes and made people ill, for which reason they avoided graves." Hulle het aan verskillende bonatuurlike wesens of geeste geglo. Hiervan was Tsui/Goab, skepper van die Hottentotte, die belangrikste. "He is the great hero of the Hottentots, makes and lives in the clouds and in answer to their prayers sends rain and makes their herds and flocks fertile." Verder was daar Heitse Eibib, "a great prophet and hero, who could kill many monsters and could change his shape. When he died and was buried he came to life again, so that their are many graves of Heitse Eibib, consisting of huge cairns on which every passer-by must cast a stone." Hulle het die maan aanbid en vas aan toordery en toordokters geglo. "Witch-doctors could prepare medicines to protect people against evil spirits and powers ... Many of these witch-doctors could make predictions concerning rain and livestock, and interpret dreams and the meaning of directions of the wind and the sounds made by birds and animals."(36)

Die hele geestesgesteldheid wat hieruit spreek, en in die besonder hul verhouding tot die diere, wat oor bonatuurlike kennis en gawes sou beskik, gee dadelik 'n aanduiding dat hul vertellings nes by die Boesmans 'n sterk mitiese inslag sou hê.

Die hele verskuiwing in die denkwêreld wat daar onder Westerse invloed plaasvind, blyk baie mooi uit die bundel vertellings *Reynard the Fox in South Africa* (1864), wat deur Bleek saamgestel is. Naas voorbeelde van primitiewe sprokies (soos nr. 1: "The lion's defeat" en nr. 2:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The hunt of the lion and jackal" [37] vind ons "dieresprokies" wat eintlik nog mites is (nr. 14: "The elephant and the tortoise" en nr. 22: "The flying lion").[38] Dan kom 'n mens verder sprokies met 'n suiwer Westerse inslag teë (nr. 3: "The lion's share").[39] Bleek skryf dit toe aan 'n sekere "congeniality between the Hottentot and European mind".[40]

(c) *Die swart volkere.* Hier het ons te make met mense wat, naas jagters en veeboere, ook 'n meer gevestigde bestaan as landbouers gevoer het. Inleidend tot sy versameling volksvertellings van die inheemse volkere, *Folklore of Southern Africa,* skryf A.C. Partridge: "The Bantu peoples are animists, who practice ancestor-worship, and are convinced of the survival of the soul after death. They believe in the supernatural; spirits are thought directly to influence the affairs of life, one of the most feared being the *tikoloshe,* regarded as an agent of the witch-doctors. The African is vague about God, but the Zulus recognise a Supreme Being, called Unkulunkulu. The Xhosa equivalent *Qamata* meand 'The Creator' while the Sotho name *Modimo* signifies 'Great Spirit'."[41]

'n Mens kom dus ook 'n groot aantal mitiese vertellings wat op bonatuurlike verskynsels berug by die swart volkere teë - die soort vertellings wat by die Westerlinge reeds die gebied van die volksgeloof verlaat en in die verbeeldingswêreld van die sprokie oorgegaan het.

Wat dierevertellings betref, is daar egter 'n belangrike ontwikkeling: dit het in die meeste gevalle dieresprokies geword, los van die volksgeloof. Eerstens kry ons nog voorbeelde van die primitiewe soort vertelling. "Sommige verhale hang onlogies saam en word nie tot 'n logiese slot gevoer nie," skryf 'n student van die swart tale, J.D.N. Lotz. Verder kom daar twee duidelike groepe dierevertellings voor: etiologiese verhale (d.w.s. verhale waarin sekere eienskappe van die diere verklaar word), en algemene sprokies, waarvan vele 'n uitgesproke les bevat en dus fabels genoem word.[42]

Dit is in hierdie sprokies "altyd die kleinste en weerloosste diere wat triomfeer: Hasie, die sluwe bedrieër; klein Paddatjie, kalm en meedoënloos in sy optrede; en Verkleurmannetjie, bedagsaam en uitgeslape."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ondanks ander menings, steun ek persoonlik diegene wat daarin sien "die bedekte verset van die gewone onderdaan teen die despotiese mag van die opperhoof, sy raadsmanne en sy krygers wat met absolute mag oor lewe en dood oor sy onderdane regeer. Van bo tot onder in die sosiale struk= tuur is dit die sterkere wat oor die swakkere heerskappy voer. Saans om die vuur geniet die fantasie dan vrye spel en skep die onderdrukte ge= moed van die onderhoriges behae daarin as Hasie en sy trawante die gro= tes en die sterkes uitoorlê."(43) Dit is iets wat ons later bv. ook by Uilspieël sal teëkom. Westerse en Oosterse invloede het vanself= sprekend deur die eeue op die vertellings van die swartmense ingewerk.

12.6.2 Swart slawe

Die meerderheid slawe wat tydens die Kompanjiebewind aan die Kaap inge= voer is, was uit Afrika: van Mosambiek (die sg. Masbiekers), maar ver= al van die destydse Madagaskar.(44) Nâ 1713 het die getalle van die slawe diê van die Europeërs begin oortref. In 1718 was daar 2 145 Europeërs teenoor 2 436 slawe; in 1753 was dit 5 533 teenoor 6 045; en in 1795 altesame 14 927 teenoor 16 839.(45)

Op Madagaskar het self 'n interessante vermenging van kulture plaasge= vind, want dit word aanvaar dat die mense van diê land "oorspronklik afstam van twee hoofrasse, nl. donkervellige Negers wat eeue gelede uit Afrika emigreer het, en die Maleiers wat heelwat ligter van kleur was en van Soematra afkomstig was".(46)

Uit die bundeltjie *Madagaskarstories* (1961) deur Anne de Ville kan enkele gevolgtrekkings omtrent diê mense se vertellings gemaak word. Daar is towersprokies (soos by die swart volkere van Suid-Afrika), en dieresprokies, bv. oor die wedren tussen Trapsuurtjies en Wildevark (wat ooreenstem met die Afrikaanse "Jakkals en Krap hardloop resies", A/T 275). Trapsuurtjies sorg dat hy ongemerk van 'n takkie af op Wildevark se nek val en skep sodoende die indruk dat Wildevark hom nie kan wen nie. Die sprokie bied terselfdertyd 'n verklaring vir die vraag waar mak varke vandaan kom. Nâ sy nederlaag teen Trapsuutjies word Wildevark nl. nadenkend, stil en besadig omdat hy besef dat alles op aarde nie met brute krag reggekry kan word nie, en hy is dan die grootvader van al die werfvarke.(47)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baie gewild is vertellings oor twee karakters, Ikotofetsi en Mahaka, wat glo lank, lank gelede werklik geleef het, maar hulle was twee reg= te Uilspieëls. Wanneer hulle 'n ou man en vrou moet help om 'n rysveld skoon te maak deur die droë stengels te verwyder, trek hulle die jong rysplantjies uit en gooi hulle weg. Hulle bied aan om 'n ou vrou wie se oë verskriklik brand van die skerp sonlig, van haar kwaal te genees. I.p.v. salf gee hulle haar 'n potjie gom, en daar staan sy met toegeplak= te oë terwyl die twee skelms hulle met haar trop skape uit die voete maak.(48)

Een van hulle avonture staan in verband met die tipiese Swaapgeskiede= nis "Saag boomtak af waarop hy sit" (A/T 1240). Hulle oortuig 'n man wat besig is om 'n tak af te kap dat hy dit makliker sal regkry as hy op die tak self plaasneem.(49)

12.7.0 Beroemde versamelaars en outeurs

Van die vroegste tye af moes daar storievertellers gewees het, as 'n mens let op die belangrike rol wat die volksverhaal vandag by primitie= we volksgroepe speel. Tog was dit eers met die Renaissance en die ontwikkeling van die boekdrukkuns dat hierdie verhale op beduidende wyse opgeteken raak, hoewel nie letterlik uit die volksmond nie, maar in verwerkte vorm. Die eerste versamelings Europese volksvertellings word in Italië gepubliseer deur mense soos Straparola in die 16de eeu en Basile in die 17de eeu. Giovanni Francesco Straparola (oorl. ca. 1557) se versameling *Le piacevoli notti* ("Die vermaaklike nagte") ver= skyn in twee dele in 1550 en 1557. Die beroemde sprokie van "Die ge= stewelde kat" (A/T 545B) word bv. hier vir die eerste maal in boekvorm weergegee. Sy landgenoot Giambattista Basile (ca. 1575-1632) is die skrywer van die beroemde *Pentamerone*, wat tussen 1634 en 1636 in ver= skillende dele gepubliseer is. Dit bevat 'n groot rykdom aan sprokies, o.m. "Die meisie help die held ontvlug" ("Die swaanmeisie", A/T 313), wat ook in Afrikaans nagevolg sou word in die vertelling oor "Ou Groene= nag".(50)

Hierdie soort boeke het dit moontlik gemaak dat die geskiedenis van tal= le sprokies oor etlike eeue heen nagespoor kon word. (Vgl. *The folktale* van Stith Thompson; die grootste gedeelte van hierdie omvangryke werk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word aan 'n deeglike oorsig van die navorsingsresultate gewy.) Ons kan hier net na enkele van die belangrikste versamelaars/verwerkers en sprokieskrywers kyk wie se werk in Afrikaans, al is dit ook net in die geskrewe tradisie, neerslag gevind het.

12.7.1 Charles Perrault

Hierdie Franse digter en skrywer (1628-1703) publiseer in 1697 sy *Histoires ou contes du temps passé avec des moralités* ("Geskiedenisse of verhale van gister met lessies daarby"), maar dis onder die subtitel *Contes de ma mère l'Oye* ("Verhale van moeder Gans") dat dit wêreldberoemd sou raak. (Moeder Gans is blykbaar 'n denkbeeldige storieverteller, soms voorgestel as 'n ganswyfie wat haar kleintjies met haar stories vermaak.) Perrault se werk was die eerste weergawe van stories uit die volksmond in Frankryk en bevat sulke beroemde sprokies soos "Klein Duimpie" (A/T 327), "Rooikappie" (A/T 333) en "Aspoestertjie" (A/T 510).[51]

In Afrikaans word Perrault se werk anoniem in tydskrifverwerkings en versamelings sprokies gebruik, maar sy naam duik vir die eerste keer in 1948 op toe *Aspoestertjie, Klein Duimpie* en *Die verhaal van Klein Rooikappie* as enkelverhale gepubliseer word. In die daaropvolgende jare is daar 'n paar ander sulke uitgawes totdat 'n groot keur *Die mooiste sprokies van moeder Gans* in 1967 in 'n vertaling van André P. Brink verskyn.

12.7.2 Die Grimm-broers

Die verhaal van die Grimm-broers met hul onvergelyklike *Kinder- und Hausmärchen* (2 dele, 1812-1815), is reeds by die bespreking van volkskundige teoretici vertel. In Afrikaans bly vertalings van hul werke eweneens groot gunstelinge.

P.A.M. Brink se *Sprokies van gebroeders Grimm* verskyn om en by 1918 en word verskeie male herdruk. In 1920 sorg D.J. Smal vir *Hansie en Grietjie e.a. verhale* en *Vrou Holle e.a. verhale*. Die belangrikste vroeë versameling is *Grimm se sprokies* verwerk deur 'n Dogter van Ons Volk, wat gedurende die dertigerjare uitgegee word en 'n vyftigtal verhale bevat. In die sestigerjare word hul versamelde sprokies deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Helene de Villiers in ses dele in Afrikaans vertaal: *Hansie en Grietjie e.a. sprokies* (1962), *Repelsteeltjie e.a. sprokies* (1962), *Die gansoppastertjie e.a. sprokies* (1962), *Hans-my-ysterswark e.a. sprokies* (1963), *Die sterredalers e.a. sprokies* (1964), en *Die bal van kristal e.a. sprokies* (1964). 'n Keur uit hierdie vertalings verskyn in 1967 in 'n praguitgawe as *Die mooiste sprokies van Grimm.*

12.7.3 Asbjörnsen en Moe

In die Skandinawiese literatuur oor die sprokie neem Peter Christian Asbjörnsen (1812-1885) en Jörgen Ingebretsen Moe (1813-1882) 'n sentrale plek in, vergelykbaar met dié van die Grimms in Duitsland. Huile deurkruis Noorweë om die ou vertellings uit die volksmond op te teken en publiseer tussen 1842 en 1871 vier bundels *Norske folkeventyr* en *Norske huldreeventyr og folksagn* ("Noorse volksvertellings" en "Noorse heldeverhale en volksages").(52) 'n Keur uit hul sprokies word in 1969 in Afrikaans uitgegee onder die titel *Die graspoppie e.a. Noorse sprokies* (vertaler: Marina van Rensburg). Een van hul optekenings wat ook in Afrikaans baie bekend is, is "Die betowerde meuletjie" (of: "Hoekom die see sout is", A/T 565).

12.7.4 Joel Chandler Harris

Die Amerikaner Joel Chandler Harris (1848-1908) se Negerkarakter Uncle Remus wat in dialektiese Engels sy dieresprokies oor "Brer Rabbit" (Brother Rabbit) en "Brer Fox" vertel, het wêreldberoemd geraak. Van Harris se bekendste werke is *Uncle Remus, his songs and his sayings* (1880) en *Nights with Uncle Remus* (1883).(53) 'n Afrikaanse weergawe van 'n aantal van hierdie verhale, *Diere stories vir die kleinspan.* (?1925), word deur R. Hamelberg versorg. Blykbaar om dit meer aanneemlik vir die Afrikaanse kind te maak, word die bron nie vermeld nie en selfs te kenne gegee dat ene Outa Jan aan die woord is. In 1970 verwerk Chris van Lille 'n keur uit Harris se boeke: *Stories van oom Remus.*

12.7.5 Andrew Lang

Daar is ook reeds met Andrew Lang (1844-1912) as teoretikus oor die sprokie kennis gemaak en genoem dat wat sprokieversameling betref, sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

roem op sy "kleurereeks" (van *The blue fairy book* tot *The green fairy book*) berus. Sy invloed in Afrikaans is miskien groter as wat dit lyk omdat hy sprokies uit tal' tale bekend gestel het wat dan vertaal kon word sonder om spesifiek na sy werke as bron te verwys.

12.7.6 Joseph Jacobs

Die knap geleerde Joseph Jacobs (1854-1916) bring in sy twee bundels, *English fairy tales* (1890) en *More English fairy tales* enkele jare later, altesame 87 sprokies byeen. Voor hom is nie veel stofinsameling in Engeland gedoen nie. Hy stel verder die bundels *Celtic fairy tales* (1892) en *More Celtic fairy tales* (1894) saam, asook *The book of wonder voyages*, waarin hy uit die wêreldliteratuur put.(54) Jacobs het die waarde van sy werk besef, soos hy skryf: "As the world grows old and grey, and men become everywhere alike, the value of the imagination for ornament and for delight will become more and more appreciated, even in education."(55)

In Afrikaans, soos elders in die wêreld, is talle van Jacobs se opteke= nings deur die jare uitgegee sonder dat erkenning aan hom verleen is, bv. "Jack and the beanstalk" (A/T 328), "The story of the three bears" (wat later as "Gouelokkies" bekend geraak het), of "The story of the three little pigs" (A/T 124A*). Dis maar eers van onlangs af dat sy naam by Afrikaanse uitgawes genoem word, bv. *Die storie van die drie varkies* (1969), *Hennetjie Pen* (1968), en [illegible] (1970).

12.7.7 Die Arabiese nagstories

Dit bly deur die jare gewilde leesstof in Afrikaans en talle vertalings en verwerkings van die bekendste sprokies word gepubliseer. Die vol= gende kan as voorbeelde genoem word. *Aladdin met die wonderlike lamp e.a. verhale* (1920) deur D.J. Smal; P.A.M. Brink se verwerking getiteld *Verhale uit die Arabiese nag stories* (1921), wat etlike kere herdruk is; *Sindbad die seevaarder* (1930) en *Arabiese nagstories* (1944) deur A.E. Carinus; asook *Ali Baba en die veertig rowers* (1968) deur Marie Agosti= nis. Die belangrikste uitgawe is *Die Arabiese nagte* (1966), 'n verwer= king deur André P. Brink.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12.7.8 Wilhelm Hauff

Een van die belangrikste skeppers van outeursprokies wie se werk in Afrikaans neerslag gevind het, is die Duitse skrywer Wilhelm Hauff (1802-1827). Hoewel hy kort voor sy 25ste verjaardag oorlede is, word sy versamelde werke later in 36 boekdele uitgegee: romans, gedigte, verhale en sprokies. Dis hierdie sprokies wat hom onsterflike roem besorg het, soos iemand dit gestel het: "zijn sprookjes behoren tot de vaste geestelijke eigendom van het Duitse volk".(56) Van sy karakters, veral Klein Moek en kalief Ooievaar (Kraanvoël) bekoor Afrikaanse kinders ook al geslagte lank. In 1927 publiseer C.M. Booysen *Klein Muck en kalief Kraanvoël*. Daarna volg o.m. *Die [illegible] van Alexandrië* (1929) deur A.E. Carinus; *Sprokies* (1931) deur J. Es; en *Ou Kraai, die dwergie* (1946) deur K. Bonsma. 'n Uitgebreide keur uit sy werk, *Die mooiste verhale van Hauff*, word in 1969 deur Grobbelaar versorg.

12.7.9 Hans Christian Andersen

Hierdie Deens prins onder die storievertellers (1805-1875) het omtrent sy sy eie werk gesê: "My fairy tales were just as much for older people as for children; these understood only the trappings and did not appreciate the whole until they grew up."(57) Hy skryf ook dramas, romans en reisverhale, maar dis sy sprokies wat aan hom onsterflike roem besorg het. Die eerste klein bundeltjie verskyn in 1835 en is daarna jaarliks met 'n soortgelyke publikasie opgevolg. Hy het altesame 156 sprokies geskryf. Andersen se vertellings is soms biografies; hy put uit *Die Arabiese n[illegible]* wat sy vade[illegible] om vertel het, uit die werk van verskeie Eu[illegible]se [illegible] (ook die Grimms), en uit die Deense volksverhaalvoorr[illegible]. Dit is [illegible]erdaad die volksvertelling wat as sy uitgangspunt dien: "The folktale was the basic model, but Andersen refined and developed it into a vehicle for personal comment and criticism, grave or gay, bitter or tender."(58)

Andersen het in Afrikaans net so gewild geraak. Een van sy vertellings, nl. "Die lelike eendjie", word trouens deur ons mense as 'n universele sprokie aanvaar, soos later aangedui sal word. P.A.M. Brink verwerk 'n bundeltjie van sy *Sprokies* in 1918. Van toe af loop die stroom geleidelik al sterker. A.E. Carinus versorg 'n uitgawe van *Die waterpoot=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

entjie in 1927, J. Es 'n uitgawe van *Die denneboompie e.a. sprokies* in 1931, en Gratia Hess 'n uitgawe van *Sprokies van Andersen* in 1932.

In die sestigerjare is daar 'n klein ontploffing van Andersen-publi= kasies. Afgesien van 'n twintigtal uitgawes van verskillende enkel= vertellings, verskyn ook 'n volledige vertaling van sy versamelde spro= kies uit die Deens deur Marié Opperman in sewe dele: *Duimelize e.a. sprokies* (1963), *Die lelike eendjie e.a. sprokies* (1963), *Holger die Deen e.a. sprokies* (1966), *Die wind vertel e.a. sprokies* (1968), *Die biskop van Börglum e.a. sprokies* (1968) *Die skurwe padda e.a. sprokies* (1968), en *Tante Tandpyn e.a. sprokies* (1968). Nog 'n praguitgawe is 'n keur uit hierdie vertalings uitgegee as *Die mooiste sprokies van Andersen* (1968).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. S.C. Hattingh: *Sprokiesversing*, p.30-31.

2. Stith Thompson in Aarne/Thompson: *The types of the folktale*, p.7.

3. Stith Thompson in Aarne/Thompson: *The types of the folktale*, p.8.

4. Vgl. die latere hoofstuk "Tiperegister van Afrikaanse sprokies".

5. Vgl. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volks=verhaal*, p.16.

6. Stith Thompson: *The folktale*, p.415-416.

7. Stith Thompson: *The folktale*, p.415.

8. Vgl. Stith Thompson: *The folktale*, p.272-273.

9. Stith Thompson: *The folktale*, p.273-276.

10. *De Goede Hoop*, Aug. 1905, p.38.

11. *Collier's encyclopedia* XIX, inskrywing by *Psamtik I*.

12. Stith Thopmson: *The folktale*, p.276-277.

13. Stith Thompson: *The folktale*, p.278.

14. Stith Thompson: *The folktale*, p.280.

15. Vir algemene oorsig, vgl. W. Doorenbos: *Handleiding tot de geskiedenis der letterkunde* (2 dele); verder inskrywings by verskillende name en titels in *Collier's encyclope=dia*.

16. Vir algemene oorsig, vgl. W. Doorenbos: *Handleiding tot de geskiedenis der letterkunde* (2 dele); verder inskrywings by verskillende name en titels in *Collier's encyclope=dia*.

17. *Collier's encyclopedia* II, inskrywing by *Arabian nights*.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18. Richard F. Burton: *[illegible]* I, p.xviii.

19. Victor de Kock: *[illegible]*, p.53.

20. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.5-8.

21. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.13-15.

22. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.66.

23. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, verhaal nr. 1, 7 en 10.

24. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.33-35.

25. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.3-4, 28-29 en 41-48.

26. Walter Skeat: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*, p.68-69.

27. *Die Jongspan*, 20 Aug. 1937, p.13; vgl. Jan de Vries: *Volks=verhalen uit Oost-Indië* (2 dele).

28. Stith Thompson: *The folktale*, p.283-284.

29. Stith Thompson: *The folktale*, p.288-293.

30. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.I.

31. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.III.

32. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.7.

33. J.F. Jacobs: *Outa Buks se stories*, p.7.

34. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* II, p.I-II.

35. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.II.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

36. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* V, inskrywing by *Perrault*.

37. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.1-4.

38. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.27-29 en 45-46.

39. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.5-8.

40. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.xiv.

41. A.C. Partridge: *Folklore of Southern Africa*, p.ix.

42. J.D.N. Lotz: Die dieresprokie by die Bantoe, p.53-54.

43. J.D.N. Lotz: Die dieresprokie by die Bantoe, p.59-60.

44. Victor de Kock: *Those in bondage*, p.22; *Standard encyclopaedia of Southern Africa* IX, inskrywing by *Slavery at the Cape*.

45. Victor de Kock: *Those in bondage*, p.237.

46. Anne de Ville: *Madagaskarstories*, p.1.

47. Anne de Ville: *Madagaskarstories*, p.23-27.

48. Anne de Ville: *Madagaskarstories*, p.3-7.

49. Anne de Ville: *Madagaskarstories*, p.7-8.

50. Stith Thompson: *The folktale*, p.19; *Collier's ency=clopedia* III en XXI, inskrywings by *Basile* en *Straparola*.

51. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, myth and legend* II, inskrywing by *Perrault*.

52. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, myth*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and legend I en II, inskrywings by *Ambjörnsen* en *Moe*.

53. Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, myth and legend* I, inskrywing by *Harris*.

54. Joseph Jacobs: *English fairy tales*, flapteks en nota van uitgewer.

55. Joseph Jacobs: *The book of wonder voyages*, p.viii.

56. Wilhelm Hauff: *Sprookjes van Hauff*, omslagteks.

57. Aangehaal deur Reginald Spink in sy i leiding tot Hans Chris= tian Andersen: *Fairy tales and sto= ries*, p.vii.

58. Reginald Spink in sy inleiding tot Hans Christian Andersen: *Fairy tales and stories*, p.vii-viii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.0.0 KENMERKE VAN DIE AFRIKAANSE SPROKIE

Op die kruispunt van sovele kulture uit die Weste en die Ooste asook uit Afrika, kom aan die suidpunt van hierdie groot vasteland geduren= de die 17de en 18de eeu 'n nuwe Afrikaanse volk met 'n eie taal tot stand. Die verskeidenheid invloede is feitlik oorweldigend, en dit sou geregverdig wees om 'n sameraapsel van alles en nogwat in hierdie mense se volkskultuur te verwag. Tog, as 'n mens na die Afrikaner se volksvertellings in die algemeen en hier in die besonder na die spro= kie kyk, gebeur dit nie. In dié hoofstuk sal stap vir stap aangetoon word hoe die mense hul sprokies uitsoek; dit waarvan hulle hou, aan= vaar en daarop voortbou terwyl hulle dit wat hulle nie aanstaan nie, links laat.

Dis inderdaad 'n merkwaardige proses as 'n mens daaraan dink uit hoe= veel individue 'n volk saamgestel is. 'n Mens kan N.P. van Wyk Louw dit eintlik nie verkwalik dat hy spottend verwys na 'n "'Volksaard' ... waarmee volks-'kundiges' kwansel, want ek glo nie dat so iets bestaan nie".(1) Tog moet daar oënskynlik so iets wees. Die Nederlandse ge= leerde W.A. 't Hart se aanspraak is blykbaar glad nie so vergesog nie: "De stand van de sociale wetenschappen maakt het heden ten dage mogelijk een systematische volkenpsychologie op te zetten, die het gecompliceer= de object op een efficiënte wijze zal kunnen bepalen en bewerken."(2)

13.1.0 Die vertellers

13.1.1 19de-Eeuse verwysings

'n Boorling van Dal Josafat in die Paarl-omgewing onthou uit die veerti= gerjare: "In di tyd toen di plate en stowe gekom het, toen was in elke kombuis gewoonlik 'n grote fuurert, dan sit ons wat kinders is, foor of na ons saans les en gebed of Gesangfers of Ps. opgesê het langs di fuur storiis fertel en raaiseltjiis gê"(3) Hy noem dan 'n sewetal diere= sprokies.

Nog 'n leser van *Ons Klyntji* skets 'n situasie waar stories vertel word: "Waarde Klyntji, Ons stuur fer jou 'n stori wat fer baing kinders onbe= kend is, nou kan jy ver hulle dit gaan vertel waar hulle saans langs di fuur sit om miliis te laat skiit of uintjiis te braai; so lank hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dan di goetertjies eet wat hulle gebraai het, kan jy di stori fertel wat hiir volg."(4) Die leser bedoel een van die skaars towersprokies: "Die sewekop-gedierte" (A/T 300). 'n Derde leser stuur twee Uilspieël-stories soos hy dit by sy oupa gehoor het.(5)

In 'n verwysing na die kinderjare van ds. W.J. Conradie (1857-1925), wat op toestande gedurende die sewentigerjare van die 19de eeu betrekking het, kom die interessantheid aan die lig dat dieresprokies (gewoonlik met Jakkals in die hoofrol) as 'n soort tydkorting by die arbeid tydens 'n kersemaakaand op 'n Karooplaas in die distrik Murraysburg vertel is: "Onder of nâ die werk is koffie gedrink en koek geëet en raaisels opge= gee wat op die kerse betrekking het ... Almal is in opgeruimde stemming; selfs oom Hendrik het die aand 'n storie vertel."(6)

'n Hollander, B.H. van Breemen, skryf oor 'n Nagmaalsnaweek omstreeks dieselfde tyd op Greytown in Natal. Die Sondagaand is 'n klompie Hol= landers in die tent van meester Jansen byeen. "Langzamerhand werd het gezelschap vergroot door eenige Afrikaanders, waaronder ook Gert en oom Andries, welke laaste voor oom Botma als verteller niet onderdeed en dan ook geen gelegenheid voorbij liet gaan om die gave te luchten. Vooral toen na de koffie een glaasje brandy volgde, raakte oom Andries' tong los en vertelde hij allerlei voorvallen uit zijn vroeger leven, waarbij de spek niet gespaard werd. Ieder begon nu te vertellen, en zoo kwamen ook de anecdotes en raadsels voor den dag, waarvan de Afri= kaander een groot liefhebber is. Oom Andries vertelde ten slotte eenige niet onaardige fabels."(7) Hy bedoel dieresprokies.

Ook mev. pres. M.T. Steyn van die ou Vrystaatse Republiek was 'n knap storieverteller, o.m. van dieresprokies, soos een van haar dogters, mev. dr. J.S. du Toit, later meegedeel het: "Mammie het nooit die gawe om stories te vertel verloor nie ... Sy kon kleintjies roerloos laat sit terwyl hulle met betowering luister na haar vertelling van Wolf en Jakkals en die stoute lammetjie of bokkie wat te laat in die kraal ge= kom het ...(Sou) daar een in die kring wees wie se ogies begin blink het, en die lippies by die hoeke trek, kon Mammie behendig die storie vrolik laat end."(8)

Die sprokievertellers by uitstek was egter die bruinmense. Ook die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meeste Boesman-vertellers waarvan daar sprake is, was toe al so deel van die wêreld van die bruinman dat daar teiriik geen onderskeid gemaak kan word nie. Dit is trouens net G.R. von Wielligh wat in hierdie tyd egter Boesman-vertellings in Afrikaans versamel.

'n Leser van *Ons Klyntji*,[8] skryf: "Toen ek 'n kind was (dit sal my nooit fergeet ni) het ik o'eral ingekruip by di ou folk om hulle storiis aan te hoor. En dan was hulle by al hulle leuns en storiis nogal opreg froom."[9] Oor 'n klompie Uilspieël-stories verklaar ds. S.J. du Toit (1847-1911): "Ek herinner my oek hoe myn outa saans by di fuur fer ons kinders di storiis fertel het."[10]

Veral dieresprokies was egter aan die orde van die dag. Ds. S.J. du Toit sê: "Myn doel is ... om te bewaar hoe ons oue Hotnots di storiis fertel het."[11] Terwyl hul vader dorp toe was, onthou 'n leser van *Ons Klyntji* uit sy seunsjare, moes hy en twee broers saam met 'n bruin= man, Ou Lustig, 'n os slag. "Meteens kry ou Lustig so 'n glimlaggi en sê: het di basiis al gehooor hoe dat Jakhals fer Leeu gefop het? Nê, outa, kom fertel dit fer ons, dan werk ons plesirig."[12]

Goed word 'n vertelsituasie (weer 'n dieresprokie) deur 'n ander leser geskets: "Uit di Dongas Storiis wat ou Danster Pylman fer ons kinders fertel het, wil ek nou een daarfan medeel. Een somer-aand lê 'n hele spul fan ons jongetjiis by di trapfloer in di kaf, want dit was ons ge= woonte, om na die drukte en warmte fan di dag, daar te gaan rus. Soos julle weet het di ou mense in di tyd baing ou Boesmans gehad. Di Boesmans was natuurlik oek in ons geselskap, want ons het mar altyd ge= doen wat ons kan en hulle gepaai met twak fan pa - wat ons wegmoffel - om ver hulle te gê dat hulle fer ons moet storiis fertel. Ou Danster Pylman was dan yndelik di baas-storiis-ferteller, feral wanneer ons hom 'n stukki twak en 'n bitji daggatjiis gegê en hom so wat fan syn deugde fertel het wat ons kasta so hoog op prys stel, dan word di ou regte trots, krap so 'n bitji an syn peperkorreltjiis kop, steek syn pyp op en dan kan jy hom kom hoor."[13]

Ds. W.J. Conradie noem verskeie bruin vertellers. Een van die vernaam= stes was die sg. Mal Saul: "Hy was boordevol stories en raaisels en kon hulle baie lewendig vertel. Sy oë, sy gebare, sy stem, alles het so

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fyn inmekaar gepas soos die swawelsterte van die ouderwetse stoof van ouma Pienaar. As hy met 'n storie begin, dan skud hy sy kop om al sy gedagtes lewendig en wakker te hou, maak 'n boksprong en sê: 'Ai, kêrels, maar kyk ou Skilpad is darem 'n moker van 'n man ...'"(14) By 'n ander geleentheid is die seuns by "outa Niewiet in die veld by die skape. Die ou jong berei ons middagmaal voor, leer ons hoe om vleis op 'n spit of tussen warmgemaakte klippe te braai, maak koffie vir ons en vertel stories."(15) Van ou Adam Pos onthou hy: "Met gespanne aandag het ons (kinders) geluister na die grieselige stories wat hy so goed kon vertel."(16) Dan was daar ook nog Slinger: "Niemand evenaart hem in het vertellen van de heldedaden van 'Hasie en Schildpad' en van de treurige lotgevallen van arme ou Wolf, die maar, al jammers, door de sluwe Jakhals gefopt werd."(17)

As kind op Clanwilliam het die digter C. Louis Leipoldt (1880-1947) met oorgawe geluister na 'n ou bruin vrou: "'n skraal, maer, imponerende gestalte, wat my altyd aan die Heks in Dore se tekening laat dink het. Sy was slaaf gewees ... en sy kon vir ons urelank vertel van wat in die ou dae gebeur het." By haar het hy ook "die oorleweringe omtrent Eenoog en Voetoog" gehoor(18) - towersprokies dus.

Niemand het die ou bruin vertellers fyner beluister of met meer geesdrif oor hulle geskryf as G.R. von Wielligh (1859-1932) nie. Hy noem 'n hele verskeidenheid op, onder meer Ou Januarie, die drywer van die ploegspan perde toe Von Wielligh as sesjarige seun op 'n plaas by die Paarl waar hy grootgeword het, moes toulei. "Natuurlik was ons dan teen vieruur in die namiddag baie moeg, maar ou Januarie ... het ons dan opgebeur met stories van Wolf en Jakkals. Dit het 'n wonderlike opwekkende uitwerking gehad, so dat ons glad vergeet het dat ons moeg voel."(19) Ou Hendrik Boesman "kom ook baie en belangrike stories vertel, veral as hy saans op die es langs die vuur sit. Maar sy opvolger, ou Piet Wolfryer, het ver bo hom uitgemunt sowel in sy verhale self as in die manier, waarop hy dit vertel. Hy kon deur sy persoonlikheid dinge so aanskoulik voorstel, dat hy aandagtig luister afgedwing het."(20) Later, by Tulbagh (omstreeks 1875), het Von Wielligh met twee "beroemde vertellers" kennis gemaak: Willem Sterrenberg (Ou Arrie) en Adam Kwartel. Hulle was twee komiekli' mense "wat ons soms so laat lag het, dat die trane uit die oë kom".(21) Von Wielligh word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

landmeter, hy deurkruis Suid-Afrika, en orals soek hy steeds die baas-vertellers op.[22]

13.1.2 Die vroeë 20ste eeu

Sommige van die vertellers wat hier genoem word, stam waarskynlik ook uit die 19de eeu, maar daar is geen presiese aanduidings in die bronne nie.

In 1905 betreur die onderwysblad [illegible] die geleidelike afsterwe van die "brave oude mensen, die Zuid-Afrika gemaakt hebben wat het vandaag is ... En met hen dalen mee ten grave vele van die treffende episodes en boeiende verhalen uit de voortijd, waarmee ze ons, toen we nog kleine kinderen waren, 's winters om het klapperend vuurtje gezeten, de lange avonden wiste te korten." Van die vertellings wat genoem word, is stories oor "broer Wolf en neef Jakhals".[23]

Die digter-broers N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw onthou vertellings van hul oupa (of oupas) uit hul jeugjare op Sutherland omstreeks die tyd van die Eerste Wêreldoorlog. Van Wyk Louw het later verklaar: "Hierdie verhaal van Jan de Rower het ek jare gelede deur my oupa hoor vertel."[24] ("Uilspieël steel Koning se ryperd/Koningin se ring", A/T 1525AII en III). W.E.G. Louw onthou op sy beurt hoe sy oupa aan moederskant Wolf-en-Jakkalsstories kon vertel, "en hy het die rooijak= kals, Klaas Naald soos ons hom genoem het, gekên, hoor!"[25]

Deur die jare volg 'n hele verskeidenheid getuienisse van volksmense dat vaders, moeders, oupas, oumas, ooms, tantes, broers, susters of ander kinders vir hulle stories vertel het: oor Jakkals-en-Wolf, Uil= spieël, die Swape, ook kettingsprokies en (seldsaam) 'n towersprokie of twee.[26]

Tipiese voorbeelde is die volgende. In 1938 skryf 'n tydskrifleser: "As kinders het ons altyd baie graag geluister na die Wolf en Jakkals= stories wat ons ouers, ooms en tantes so lief was om te vertel, vernaam= lik in die winteraande as ons so lekker om die vuur sit. Ons het des= tyds in die distrik Steynsburg, Kaapprovinsie gebly, en die stories was alom-bemind deur ons kinders. Dit was altyd vir ons mooi om te hoor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoedat die slim Jakkals die onnosele Wolf uitoorlê het, en as iemand so 'n storie begin, dan was ons al gretig om te noor watter slim plan= ne Vossie nou weer aan die dag gelê het."(27)

Die Boesmanlandse skrywer I. de Kouba x merk lakonies op: "In die lang vervloë aande - op wag by ons vee en langs die vuurtjies - het ons tyd gehad om die ou swaapstories te verander, uit te brei en na ons smaak oor te vertel. Want ons het onsself en veral ander ou kennisse altyd in die verhale herken. Daar het die knoop gelê."(28)

In die sewentigerjare getuig 'n radioluisteraar oor sy kinderdae dat hulle o.m. Uilspieël-verhale met slapenstyd by hul ouers gehoor het. "Ons het niks geweet van feë nie." I.v.m. die "Dieregesprekke" (A/T 106) lui dit: "Die storie was baie gewild want pa kon die pluim= vee so pragtig namaak en dit was di kroon van die storie."(29)

Nog steeds bly die bruinmense belangrike vertellers. F.Th. Schonken verklaar: "Zonder hun medewerking zou zeker veel van den Germaanschen voorraad verloren zijn gegaan."(30) K.L. en A.O. Vaughan, wie se boek in 1910 verskyn, plaas Ou Hendrik in allerlei plaasomstandighede wat eg klink, bv.: "De regenbui kwam zo schielik en met zulk een geweld dat de 'schoffel jongens' verplicht waren het tabaksland te verlaten. En recht dankbaar, ging de oude Hottentot naar het 'wagen-huis' om aan een velkaros, die hij voor zijn 'Klein Nooi' maakte, te werken. Hier vonden de kinderen hem."(31)

Knap is Sanni Metelerkamp (1914) se tekening van Outa Karel, 'n baster-Boesman van die Karoo: "The centre of attention was the quaint old native, who, having relegated his duties to his children and grandchil= dren, lived as a priviledged pensioner in the van der Merwe family he had served so faithfully for three generations. The firelight played over his quaint figure with the weirdest effect, lighting up now one portion of it, now another, showing up his astonishingly small hands and crooked fingers, as he pointed and gesticulated incessantly - for these people speak as much by gesture as by sound - and throwing exagge= rated shadows on the wall. This was the hour beloved by the children, when the short wintry day had ended, and, in the interval between the coming of darkness and the evening meal, their dear Outa Karel was al=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lowed to tell them stories. And weird and wonderful stories they were - tales of spooks and giants, of good and bad spirits, of animals that talked."(32)

Die skrywer Mikro (1903-1968), wat homself in die derde persoon verwys, skryf oor hom en sy broer Sam as kinders op 'n Karooplaas: "Daar was nou wel nie boeke in hul ouerhuis nie, maar hy was daagliks in aanraking met baasvertellers. Sam was een ... Pa en Ma was baas= vertellers, veral van Bybelse verhale. Dan was daar ook oom Floors, 'n skaapwagter, oom Koos, die smous, en elke bruinman op Van Reenens= plaas. Hy onthou nog goed hoe hy en Sam dikwels weggeloop het na die vaal rantjie se voet om daar in die kookskerm van asbosse na die ver= tellings van die bruinmense te luister."(33)

C.J. Grové verwys net een maal na die bron van die verhale in sy boek *Jakkals se strooptogte* (1932) wanneer hy praat van: "in die ou dae toe al die diere nog mens was, soos outa Abram altyd sy stories begin het".(34) Elders is hy meer uitgesproke hieromtrent wanneer hy ver= klaar dat hy die stories by 'n bruinman opgeteken het, "nie sommer 'n denkbeeldige persoon nie, maar 'n ware, werklike outa Abram wat jare= lank by ons op die plaas gewoon het".(35)

So kom nog 'n verskeidenheid verwysings na bruin sprokievertellers voor voor(36) tot in die sewentigerjare van ons eeu, wanneer oor Pieter Bur= rows, 'n gids vir besoekers aan die mees afgeleë dele van die Sederber= ge, getuig word: "Die velddiere is vir hierdie baasverteller nie net 'n naam nie; elkeen kry 'n eie persoonlikheid en tree met die grootste ge= mak in sy stories op."(37)

Samevattend kan daarop gewys word dat die bruinmense onteenseglik as die vernaamste vertellers van dieresprokies na vore tree. En aange= sien dieresprokies (soos later baie duidelik uit die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" sal blyk) die heel vernaamste groep sprokies in Afrikaans verteenwoordig, moet die bruinmense as die belangrikste ver= tellers van Afrikaanse sprokies beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.2.0 Ander Afrikaanssprekers en hul vertellings

Afgesien van die bogenoemde vertellers wie se sprokies blykbaar hoof= saaklik op Wes-Europese voorbeelde, aangevul met hul eie nuutskeppinge, berus het, het die Afrikaner in die loop van sy geskiedenis met 'n ver= skeidenheid ander vertellers uit ander volksgroepe in aanraking gekom. Hy het hul sprokies leer ken deurdat hy hul tale aangeleer het, of (be= langriker vir hierdie ondersoek) deurdat daardie mense ook in Afrikaans vertel het. Hier word verwys na die Boesmans, die ou Hottentotstamme, die Maleiers en die verskillende swart volkere.

13.2.1 Die Boesmans

Eugène N. Marais gee in 1927 'n boeiende uiteensetting van die Boesmans se klankryke, ritmiese dwaalstories, soos hy dit noem, en verklaar: "Die kinders het altyd 'n dwaalstorie gekies wanneer die keuse aan hul= le oorgelaat was, en vandag kan hulle nog 'n menigte opsê, woord vir woord, en outa Flip is al dertig jaar in sy graf!"(38)

Von Wielligh skryf geesdriftig oor aande langs die vuur in die Noord= weste toe hy nog 'n kind was: "Nou begin outa ons een Storie na die ander te vertel. Nou en dan las die ouaia 'n woord tussenin ... Haar Stories is net so mooi en net so boeiend as dié van outa, want sommige Boesmanmeide is net sulke uitstekende storievertellers as hulle mans."(39) Dit is 'n betowerde wêreld waardeur mens en dier en ding beweeg. Ou Bamboes is aan die woord: "'Ja, in daardie dae het glad 'n ander soort Boesmans gelewe as nou. Dit was vir hulle maar net 'n oogknip se werk om hulle in diere te verander. Daarom is baie van die diere wat julle nou nog sien, niks anders as daardie ou Boesmans van daardie tyd nie - hulle loop nou in gedaantes van diere rond.' Hier las die ouaia 'n woordjie in en sê: 'My basies en nonnies, julle moet verstaan, die ou Boesmans het toe baie meer hulle kinders moes oppas as nou, anders vang daardie ou toornaars gou-gou die kinders ...' Ou Bamboes vat weer die woord en vertel: 'Ja, in daardie dae sien jy miskien 'n mens staan, jy loop soontoe. As jy daar kom, staan daar 'n boom vol heerlike vrugte en die man is skoonveld-weg. As jy van die vrugte wil pluk, dan weg is daardie boom, en dan kyk jy in die tande van 'n Leeu ...'"(40)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klaarblyklik is ons hier by die kern van die saak. Ondanks die verrassende diepsinnigheid en poëtiese inslag wat ons meermale in Boesmanvertellings teëkom, het die vir die Afrikaner vreemde geloofswêreld wat daarin 'n neerslag vind, dit vir hom onaanvaarbaar gemaak. Al sou hy ook graag, wanneer die geleentheid hom voordoen, na sulke vertellings luister, het dit nooit deel van sy eie kultuurgoed geword nie.

Hierdie botsing tussen die geloofswêreld van die Boesman en die Afrikaner bring mee dat hoewel Afrikaners van hierdie vertellings geken het, dit nooit ingestuur is wanneer Afrikaanse volksvertellings versamel is nie (terwyl daar oorvloedig van die bruinmense se vertellings gebruik gemaak is). Ek verwys hier in die besonder na belangrike bronne uit drie verskillende tydvakke: *Ons Klyntji* (1896-1906); Abel Coetzee se rubriek "Waar die volk skep" in *Die Brandwag* (1938-1945); en die radioreeks *Ons Erfenis* (1970-1974).

13.2.2 Die Hottentotte

Dis onnodig om weer by die vertellings van die ou Hottentotstamme stil te staan, want om dieselfde redes as in die geval van die Boesmans, het dit vergete geraak. Dis eers toe hulle in die bruin bevolking opgeneem is, dat hulle van ons belangrikste sprokievertellers geword het. Interessant is 'n opmerking van Bleek (wat reeds gedeeltelik aangehaal is) i.v.m. die geredelike aanvaarding van die Westers-georiënteerde dieresprokies deur die ou Hottentotte: "the disposition of the Hottentots to the enjoyment of such Fables, and their easy growth on this arid soil, be it their native or adopted one - shows a much greater congeniality between the Hottentot and European mind than we find between the latter and any of the black races of Africa".(41)

13.2.3 Die Maleiers

Vandat die eerste Oosterse slawe reeds in die tyd van Jan van Riebeeck aan die Kaap ingevoer is, het die Maleiers in 'n besondere verhouding tot die Hollandse Kompanjiedienaars en later koloniste gestaan. Die historikus Graham Botha skryf: "The child was left, as a rule, to the care of a slave nurse girl, called the 'ayah', until he went to school ... Many ayahs became very attached to their little charges to whom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

they were afterwards given in ownership by the parents."[42] Baie van hierdie "ayahs" was Maleiers. Hulle sou dus vansprekend ook as storie= vertellers opgetree het. I.D. du Plessis, skrywer/digter en kenner van die Maleierleefwyse, noem hulle "die uitverkore bediendes van die ou koloniste".[43] Tog vind ons geen bewyse dat die tipies Oosterse sprokies van die Maleiers (soos deur Du Plessis opgeteken in sy bundels *Uit die Slamse buurt* en *Die gevleuelde perd*) hoegenaamd by die Afrikaner neerslag gevind het nie. ('n Volledige bespreking van die sprokie "Die groot rookwedstryd" of "Tafelberg se kleed", A/T/G 1091A.1, waar van Maleierinvloed sprake is, volg later in die hoofstuk "Historiese oorsig van die voorkoms van Afrikaanse sprokies".) Die vir die Afri= kaner vreemde agtergrond en atmosfeer is sekerlik die oorsaak waarom hierdie Oosterse sprokies vir ons onaanvaarbaar gebly het, soos Du Ples= sis dit noem: "die ryk waar Sultans en Wazirs, mooi *poeteri's* en dapper prinse, Doederomandro's en vlieënde perde nog bestaan".[44] ('n *Wazir* is iemand wat 'n hoë rang beklee, 'n *poeteri* 'n prinses, en die *Doedero= mandro* 'n draakagtige monster.)

Met die dieresprokies was dit egter 'n ander saak. Ons het gesien hoe lief die Maleiers in die Ooste vir dieresprokies was. In Du Plessis se optekenings van Maleier-sprokies aan die Kaap - die enigste wat daar is - kom weliswaar weinig dieresprokies voor, maar hulle is in die alge= meen so goed dat dit deel van 'n groter tradisie moet vorm. Die vertel= ling getiteld "Doederomandro"[45] toon inderdaag sterk ooreenkomste met die bekende "Wolf en die sewe bokkies" (A/T 123), hoewel met 'n sterk Oosterse inslag. "Wolf en Leeu"[46] omvat twee sprokies: "Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief" (A/T/G 30.2) en "Jakkals gooi warm klip in Wolf (Leeu) se mond" (A/T/G 30.1). In hierdie geval is Wolf net i.p.v. Jakkals die held. "Boer en Jakkals"[47] is die wyd bekende "Ondankbare slang terug onder klip" (A/T 155). Ten slotte is daar die manjifieke optekening van "Hasie by die dam" ("Die waterdief gestraf", A/T/G 175.1), een van die heel beste weergawes van 'n sprokie in Afrikaans.[48] Dit verteenwoordig bowendien een van ons bekendste sprokietipes wat in 'n groot verskeidenheid bronne opgeteken is. Boonop is daar Uilspieël. By Du Plessis kom een voorbeeld voor: "Klein Klaas en Groot Jan",[49] d.i. "Perdevel as waarsêer" (A/T 1535).

Dit lyk dus tog asof die Maleiervertellers kon bygedra het om sekere

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dieresprokies en verhale oor Uilspieël in Afrikaans gewild te maak, hoewel hul algemene vertelstyl soos deur Du Plessis weergegee, vreemd is aan die Afrikaanse sprokiestyl soos 'n mens dit in ander bronne teëkom.

13.2.4 Die swartmense

Daar bestaan oorvloedige bewyse dat die Afrikaner met die swartmense se sprokieswêreld kontak gehad het. Wat die 19de eeu betref, noem W.J. Conradie die swartman Adam Pos bv. een van die vernaamste storievertellers van sy jeug,[50] en voeg dan by: "Met gespanne aandag het ons geluister na die grieselige stories wat hy so goed kon vertel. Veral sy vreeslike geskiedenisse van dassie-adders, mensvreters en tweelyfgediertes het ons harte van angs laat krimp."[51] (p.83).

Von Wielligh het in sy jongdae na "'n gesellige Basoetoe", die bokwagter Stuurman, se vertellings geluister: "Ons het Stuurman saans leer lees in ruil vir stories uit sy land. Kafferstories handel meer oor ou kaffers (en) geeste van afgestorwenes."[52]

In *Ons Klyntji* verskyn 'n sewetal sprokies uit die wêreld van die swartmense.[53] Dit word in die 20ste eeu gevolg deur 'n gestadigde stroom van dié soort vertellings in tydstrifte en in boekvorm. Ons noem die volgende versamelings: D.J. Seymore: *Outa Danster en aia Martha* (gedeeltelik, 1931); Frank Brownlee: *Suid-Afrikaanse sketse in swart en wit* (gedeeltelik, 1940); J. Bruwer: *Die renoster wat een maal in duisend jaar lag* (1941); Minnie Postma: *Legendes uit die misrook* (1953), *Legendes uit Basoetoland* (s.j.), en *Litsomo* (1964); A.D. Keyser: *Venda-sprokies uit die volksmond oorvertel* (1949); H.W.D. Longden: *Matambo vertel* (1951), en *Dierestories van ou Bayana* (1952); Helene Oosthuizen: *Sprokies uit Pondoland* (1952); F.J. de V. Hamman: *Naturellesprokies* (1954); Adelheid Keyser: *Sprokies uit Noord-Transvaal* (s.j.); Pieter F. Erasmus: *Towerbeelde by die aandvuur* (1957); en *Legendes uit die skemeruur* (1960); J.P. Bruwer: *Die goue mantel e.a. verhale* (1959); G.N. Lansdown: *Waarom henne kekkel e.a. dieresprokies* (1969); en Aletta Lübbe: *Hasie se dinge* (1970).

Sonder om te diep op die saak in te gaan, kan die volgende stellings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemaak word:

(i) Die geliefkoosde towersprokies van die swartmense waarin 'n slang bv. in 'n dapper prins verander (en wat meermale miskien eerder as mites beskou moet word), vind jy nie by die Afrikaanse volksmens nie.

(ii) Dieresprokies waarin die karakters onnatuurlik optree (bv. ver= al Hasie wat 'n vleiseter word), het ook vreemd gebly.

(iii) Die mensvreter in die swartmense se vertellings het totaal die reus van ons stamlandse sprokies verdring. (Vgl. die afdeling oor towersprokies in die hoofstuk: "Tiperegister van Afrikaanse sprokies".)

(iv) By die dieresprokies, waarvoor die Afrikaner so lief was, het die swartmense seer sekerlik invloed uitgeoefen. 'n Mens dink in die besonder aan die belangrike Hasie-figuur wat ook meermale as held in Afrikaanse sprokies optree. Tog moet onthou word dat invloede van buite steeds geld t.o.v. tipes vertellings wat by die Afrikaner reeds gewild was. Vreemde dinge bly vreemd.

13.2.5 Algemeen

Wat die invloed van inheemse vertellers op die Afrikaanse sprokie betref, moet op sekere stellings van Hattingh gewys word. Hy sê: "Meeste Afri= kaanse dieresprokies is verbindings van Bantoe-, Hottentot- en Maleier= verhale."(54) Verder verklaar hy: "Byna al die Afrikaanse dierever= hale is òf van die Hottentotte en Bantoes afkomstig òf dit is deur hulle vervorm en saamgeweef met meer primitiewe vorms, waar aanpassing moontlik was."(55) Dit is veralgemenings wat op geen wetenskaplike gronde berus nie. Ek verwys net weer eens, wat die Hottentotte betref, na Bleek se *Reynard the Fox in South Africa* waarvolgens die primitiewe tipe sprokievertelling onder Westerse invloed 'n gedaantewisseling on= dergaan het tot ons die bruin vertellers kry wat so 'n belangrike rol gespeel het. Net so probeer Hattingh die gebrek aan invloed van die tipiese Boesman-sprokies op die Afrikaanse sprokievoorraad met 'n on= juiste stelling verklaar: "Die Boesmans kon nie as werkvolk gebruik word nie en tree dus nooit toe tot die nouer gemeenskapslewe van die blankes soos met die ander inboorlinge die geval was nie."(56) Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word geloënstraf as ons maar net na die reeds aangehaalde *Boesman-sto=ries* deur Von Wielligh, *Outa Karel's stories* deur Sanni Metelerkamp en *Outa Buks se stories* deur J.F. Jacobs kyk.

13.3.0 Afbakening van die Afrikaanse sprokiewêreld

Net soos elke aspek van die kultuur van alle volkere op aarde, is die Afrikaanse sprokievoorraad opgebou uit erfgoed, leengoed en nuutskep=pinge. Alle sprokies by ons stamvolkere bekend, kan egter vanselfspre=kend nie as Afrikaanse besit beskou word nie. Net so is aangetoon dat selfs alle sprokies wat in die een of ander stadium in Afrikaans ver=tel is, nie deel van die Afrikaanse sprokievoorraad geword het nie. Dieselfde geld vir nuutskeppinge. Iewers sal die bakens geplant moet word.

13.3.1 Erfgoed en leengoed

Daar bestaan 'n aantal universele sprokie wat seer sekerlik by die mees=te mense van elke Westerse volk bekend is. Ek bedoel sprokies soos "Klein-Duimpie" (Perrault-tipe, A/T 327), "Hansie en Grietjie" (A/T 327A), "Jan en die boontjierank" (A/T 328), "Rooikappie" (A/T 333), "Aspoester=tjie" (A/T 510), en "Sneeuwitjie" (A/T 709). Daarby kan enkele Ooster=se sprokies gevoeg word, nl. "Aladdin" (A/T 561) en "Ali Baba en die veertig rowers" (A/T 954), asook 'n outeursprokie: "Die lelike eendjie" deur Hans Christian Andersen.

Ook Afrikaanse kinders het die meeste van hierdie sprokies seker tradi=sioneel geken. In 'n tydskrifweergawe van "Klein-Duimpie" (Perrault-tipe) in 1896 word vermeld dat die sprokie oorvertel word vir kinders asook vir volwassenes "die een oogenblikje kunnen wijden aan de zoete herinneringen hunner kindsheid".(57) 'n Weergawe van "Hansie en Grietjie" verskyn in 1905 in tydskrifvorm.(58) Ook in 1905 word in 'n tydskrif na Aspoestertjie verwys as die meisies se "vriendin uit hare jeugd".(59) In die eerste jare van die 20ste eeu skryf Schonken: "Behalve een gedeelte der dierensprookjes zijn verder ... bekend Per=rault's 'Vertellingen van Moeder de Gans' (Assepoestertjie, Klein Duim=pie en andere, deels door boeken overgebracht)."(60) Die avonture van "Ali Baba en die veertig rowers" word in 1907 en in 1914-1915 vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jong lesers oorvertel.[61] "Sneeuwitjie" maak in 1912 haar buiging in 'n Afrikaanse tydskrif.[62] Die verhaal van "Die lelike eendjie" word reeds in 1896 in 'n tydskrif vertel.[63] Hierby moet in alle billikheid gevoeg word dat toe W. Versfeld sy *Springbok rympies en sto= ries voor die kinders* omstreeks 1907 gepubliseer het, hy daarin kla: "Dit is een skande dat al die voorname kinderkamer rympies en sprookies, wat so goed bekend en populair is met die kinders van andere lande, hier onder onse Afrikaanse kinders byna onbekend is."[64] Onder die spro= kies wat hy oorvertel, is daar o.m. "Klein Rooikappie", "Jan en die wonderlike boontjie" (d.i. "Jan en die boontjierank"), en "Lenie, die askoekkie" (d.i. "Aspoestertjie"). Versfeld was egter grootliks ver= engels en het nie genoegsame kontak met die Afrikaanse volksmens gehad nie.

Hoe dit ookal sy, soos uit die ander verwysings blyk, sou die grootste gros van hierdie sprokies beslis nie totaal onbekend gewees het nie. En in die loop van die 20ste eeu is al die genoemde sprokies d.m.v. ver= werkings in tydskrifte en boekvorm wyd bekend gestel en bowendien dikwels (dit weet 'n mens uit eie ervaring) van moeder na kind oorgedra. Tog, tot vandag toe, sal geen volksmens een van genoemde sprokies noem wan= neer hy gevra word om Afrikaanse sprokies wat hy nog kan onthou, oor te vertel nie. (Variante wat so ver afwyk dat die oorspronklike glad nie meer geredelik daarin herken kan word nie, kom wel voor, bv. "Jan steel die mensvreter se skatte", 'n variant van "Jan en die boontjie= rank".)

Aan die ander kant is daar talle sprokies wat net so wyd oor die wêreld heen bekend is, en tog sonder om te skroom deur die Afrikaanse volksmens as sy eie aanvaar en oorvertel is. Wat towersprokies betref, is daar bv. "Ou Groenenag" (A/T 313), "Die seun wat nie bang kon word nie" (A/T 326), en "Die drie wense" (A/T 750AII). Daar is Swaap- en Uil= spieël-verhale, te veel om op te noem. Dieselfde geld vir dieresprokies, en in die besonder vertellings oor Jakkals-en-Wolf, bv "Die botterdief= stal/visdiefstal" (A/T 1), "Vang vis met stert" (A/T 2), "'Die sieke dra die gesonde!'" (A/T 4), "Jakkals hou die krans vas" (A/T 9A), en "Jakkals en Wolf in die skaapkraal" (A/T 41). (Voorbeelde kan nageslaan word in die hoofstuk: "Tiperegister van Afrikaanse sprokies". Waar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die tipenommer net deur die letters A/T voorafgegaan word, beteken dit dat die Afrikaanse weergawe volkome met die internasionale ooreenstem. In ander gevalle, voorafgegaan deur A/T/G of A/T/T, moes nuwe nommers toegeken word omdat die Afrikaanse vorm te ver afwyk, of omdat dit nuutskeppinge verteenwoordig.)

Wat die sg. universele sprokies betref, kan dit nie as deel van die Afrikaanse sprokievoorraad beskou word nie omdat die volksmens dit nie as tradisioneel Afrikaans aanvaar nie. 'n Mens kan jou dus by 'n af= bakening van die Afrikaanse sprokievoorraad m.b.t. die stamlande of intervolklike voorraad net deur bestaande optekeninge uit die volks= mond en persoonlike waarneming laat lei. Dieselfde beginsel geld, soos ons gesien het, ook t.o.v. die leengoed wat by inheemse sprokie= vertellers oorgeneem is.

13.3.2. Die vernaamste tipes sprokies

Slegs enkele kommentators het hulle in vroeër jare uitgelaat oor die vraag welke tipes sprokies die bekendste in Afrikaans is, maar hulle het suiwer geoordeel. Schonken spreek hom wel nie duidelik oor die saak uit nie, maar gee tog veel aandag aan dieresprokies, die Swape (ook Dom-Jan en Slim-Jan) en Uilspieël.(65)

In 1916 word in 'n anonieme tydskrifartikel verklaar: "Die geskiede= nis van Johan van Riebeeck of van Piet Retief is in 'n menigte boeke op= geteken, en tog is daar vele mense, wat hul geskiedenis maar heel swak= kies ken; die stories van Jakhals en Wolf daarenteen word so te sê nooit in ons land gelees nie, en tog ken bijna elke kind en grootmens dit. In Suid-Afrika word voornamelik dierstories (soos die van Jak= hals en Wolf), stories omtrent die held Uilspieël, Swaapstories, en stories van Dom Jan en Slim Jan aan die kinders vertel. Sprokies (Engels 'fairy tales') skijn veel minder bekend te wees, en self die woorde 'sprokie' en 'fee' is aan die meeste van ons mense onbekend. Weliswaar lees Afrikaanse kinders veelal Grimm's 'Fairy tales' en en= gelse vertaling, maar algemeen bekend is sulke stories nie onder ons volk nie."(66)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vier jaar later merk nog 'n anonieme artikelskrywer op: "In die ver= lede moes die Afrikaanse kind tevrede wees met Swaapstories en met die stories van Jakkals en Wolf, Uilspieël, Dom Jan en Slim Jan, en 'n paar ander."(67)

Wat dieresprokies in die besonder betref, was die etiologiese belangrik. Von Wielligh skryf met betrekking tot die verhaalskat van die ou bruin vertellers: "Dit sal ieder leser wel opgeval het dat daar twee klasse stories bestaan. Die eerste het tot doel om seker eienaardighede voor= komende in sekere diere op 'n luimige en toepaslike wyse te verklaar; die twede klas is meer die voortvloeisel om grappige vertellings op die lewenswyse van Jakkals en Wolf toe te pas, sonder noodwendig sonderlinge eienaardighede aan te raak - ander diere word natuurlik ook voorgestel as besonder skrander of dom."(68) Daarteenoor bestaan die fabel feit= lik nie in die volksmond nie, soos in 'n latere hoofstuk oor dié onder= werp aangetoon sal word. Gewone dieresprokies is egter wel soms deur die verteller gebruik om "vir ons te preek", sê Von Wielligh.(69)

13.3.3 Belangrike gapings

'n Mens se besondere voorliefdes blyk net so duidelik uit dit wat hy onthou as uit dit was hy vergeet. Nog selde in die geskiedenis is iemand so as 't ware met sprokies uit wes, oos en noord oorstroom as die Afrikaanse volksmens. Telkens is hierbo bewyse aangevoer hoe 'n grote verskeidenheid van hierdie sprokies wel aan die Afrikaner vertel is; met die loop van jare kon hy dit al meer en meer in boekvorm lees. (Vgl. ook die hoofstuk oor die belangrikste Afrikaanse sprokiekarakters, nl. Jakkals-en-Wolf, die Swape en Uilspieël, wat volg.) Tog, asof deur 'n onderlinge sameswering tussen die mense, yl verspreid oor 'n groot land, word sekere soorte aanvaar en daarop voortgebou, terwyl an dere vergete raak sodat ons uiteindelik van 'n tipies Afrikaanse spro= kievoorraad kan praat.

By sy Wes-Europese stamouers (Hollanders, Duitsers, Franse, later Engel= se, asook enkele Swede, Dene, Italianers, ens.)(70) kon die Afrikaner dieresprokies, soos van Jakkals-en-Wolf, hoor, van die Swape en Uil= spieël, asook die by die Europeër so geliefde towersprokies. Op die eersgenoemde voorraad is voortgebou, maar towersprokies het gekwyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dwerge en reuse, feetjies en drake dwaal in 'n veelheid oor die land= skap van die Europeër se volksverbeelding.(71) By die Afrikaner word 'n klein groepie towersprokies van sy gewildste vertelgoed, maar hulle bly vir hom universele sprokies; nog 'n klein groepie raak in 'n mate ingeburger, maar die grootste gros verdwyn in die niet. I.p.v. reuse kry ons wel mensvreters (iets wat natuurlik ook in ons stamlande voor= kom), 'n verskynsel wat vermoedelik versterk is deur die feit dat daar vroeër wel kannibalisme deur sommige swart stamme beoefen is.

Vermeldenswaardig is die geval van die Duitse berggees Rübezahl. Die eerste optekening van sy geskiedenis vind ons in die jare 1662-1665 in Latyn, die modetaal van die tyd, deur die Duitser J. Prätorius: *Daemonologia Rubinzalii Silesii* ("Demonverhaal van Rübezahl van Sile= sië"), want Rübezahl se ryk is die Reusgebergtes in Oos-Silesië, tans in Oos-Duitsland. Dit was egter J.K.A. Musäus se *Legenden von Rübe= zahl* (1782-1787) wat 'n ware volksboek geword het. Tot vandag toe ding kinderboeke oor Rübezahl in Duitsland met Uilspieëlboeke om die eerste plek op die gewildheidsleer mee en word dit in verstommende oplaes van honderdduisende eksemplare gedruk. (Van een uitgawe het bv. in 1963 reeds 'n 96ste druk verskyn.)(72) Rübezahl is so gewild dat selfs in ons tyd nog nuwe avonture rondom hom versin word: *Rübe= zahl ist wieder da* (1967) deur Gerhard Kloss. In Afrikaans word hy in 1927 in boekvorm aan die Afrikaanse kinderlesers bekendgestel in die boekie *Rübezahl-sprokies*, oorvertel deur Chr. Booysen. Dit word in 1948 gevolg deur Walter Spiethoff se *Ratsman die Reus*, en in 1973 deur Grobbelaar se *Pas op vir Rapetal!* G'n spoor van Rübezahl of van 'n tema wat hoegenaamd met hom in verband gebring kan word, is in die Af= rikaanse volksvertellings teëgekom nie. Dis egter belangrik om te onthou dat Rübezahl 'n towergestalte is wat in die Duitse volksgeloof ontstaan het.

13.3.4 Herskepping en nuutskepping

Die sprokieverteller is 'n skepper en herskepper. Wanneer 'n mens 'n besonder goeie variant van 'n sprokie teëkom, kan jy seker daarvan wees dat die tema wel miskien oorgelewer is, maar die unieke vorm waarin dit geniet word, is daardie spesifieke verteller s'n. Von Wielligh, met sy jarelange wye ervaring van die optekening van sprokies oor die lengte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en breedte van Suid-Afrika, skryf: "Ons het nie twee vertellers ontmoet nie, wat een en dieselfde Storie presies eners verhaal. Dit kan ook nie anders nie; want die verhale het nog nie 'n vaste geskrewe vorm aangeneem nie. So gee elke verteller maar terug wat aan sy geheue vaskleef en waar gedeeltes hand uitgeruk het, daar word die ontbreken= de plekke opgevul met voortbrengsels uit sy eie vrugbare verbeeldings= krag. So word soms van een Storie twee verhale gemaak, of twee Stories word in een verhaal saamgevat."(73) Elke optekenaar van 'n sprokie word dus in 'n mate ook herskepper daarvan, tensy dit woordeliks uit die mond van die verteller aangeteken word, wat in g'n enkele geval in Afrikaans gebeur het nie.

Von Wielligh het nog etlike ander betekenisvolle waarnemings omtrent die rol van die ou bruin vertellers as skeppers of herskeppers gemaak. Hy noem die belangrikheid van die wyse waarop 'n storie vertel is; afge= sien van die hooftema is daar ook die "byvertellings": "'n deskunde op hierdie gebied het baje goeie en luimige bijvertellings daarbij - alles die vrug van sij vrije skeppende brein".(74)

Verskeie van die vertellings in Von Wielligh se versamelings moet as nuutskeppings van 'n besondere verteller beskou word, want "ons het dit by ondervinding, dat sekere persone eienaars was van sekere Stories".(75) Elders brei hy daarop uit: "Moenie glo dat die ou voorgeslag alleen die patent vir stories uitgeneem het nie, en dat hulle direkte afstammelinge net die praatmasiene geword het om die stories na te vertel. Nee, ons kan hieromtrent deur nouwkeurige waarneming verklaar dat ons in ons jong dae Hotnots aangetref het, wat net so bekwaam was om 'n storie op te maak als die romanskrijwers van ons tijd - en misskien beter. Hoe menigmaal het ons aan outa gevra waarom dit of dat so is. Als hij nie op die plek die rede kon opnoem nie, dan sê hij wag. Maar vanaand het hij sij storie klaar; en ieder aand daarna als hij dit oorvertel is 'n aanmerkelike verbetering in gehalte en luim te bespeur."(76)

Oral in die ou tydskrifte kom 'n mens gevalle teë waar volksmense, in aansluiting by die bestaande sprokievorme en rondom die bekende sprokie= karakters, blykbaar probeer om hul eie vertellings te skep. Hier volg enkele voorbeelde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voltruis is jaloers omdat Giraf so 'n lang nek het en bo in die bome se toppe kan wei. Sekretarisvoël raai hom aan om by Uil raad te vra, en Uil sê dat hy 'n sekere soort bessie moet eet. Hy doen dit, en daar het hy 'n lang nek.(79) Krokodil woon in 'n dam, en hy word ge= durig lastig geval deur 'n meerkat, wie se naam destyds sommer nog Kat was. Eendag (kort voor Kersfees) bind Krokodil twee klappers aan Kat se stert vas; Kat vlug by sy gat in, en toe die klappers afgaan, ruik dit so sleg dat die ander katte buitentoe hardloop. Krokodil skrik, want hy het altyd gemeen dat daar net een kat is. "O!" sê hy. "Daar is meer katte." Die katte meen dat hy hulle op hul eintlike naam aan= spreek en van toe af word hulle meerkatte genoem.(78) Wolf steel 'n geweer wat Boer gestel het en gaan daarmee jag, maar dis Jakkals wat die gekweste bokkie voor hom wegraap en saam met sy vrou en kinders 'n feesmaal hou.(79) Wolf maak vrede met Jakkals en noodi hom na sy verjaardagparty. Die karakters word heeltemal vermenslik; die diere sit bv. by 'n tafel aan en eet stoofpatas. Dit word aand, Wolf klim op 'n klip om die gaste te bedank, maar intussen steel Jakkals en sy vrou die vet skaap wat Wolf vir die aand se vleisbraai geslag het. Nou moet die gaste droëbek huis toe.(80) Jakkals oornag by Wolf, en daar is 'n lieflike eend op tafel. Wolf vertel dat hy die eend by Boer ge= steel het. Toe Wolf die volgende nag weer gaan steel, lê Jakkals hom met sy geweer voor. Net toe Wolf die eend het, skiet Jakkals op hom. Wolf laat die eend val en hardloop weg met Hond bowendien op sy spoor. Jakkals vat die eend vir hom.(81)

Dis opmerklik hoe flou hierdie soort storietjies in vergelyking met die bekende ou sprokies is. Weer oordeel Von Wielligh verrassend suiwer. Wat hy te sê het oor die dieresprokies soos hy dit by die ou bruin vertellers opgeteken het, kan 'n mens ook op bogenoemde voorbeel= de van toepassing maak: "Deur 'n studie van die Stories te maak, sal dit die leser gou tref, dat die goed bekende Stories meer pittig en vernuftig is as die minder bekendes. Met nadink hieromtrent lyk dit of die bekendes ouer as die minder bekendes is en het dus deur soveel meer vrugbare kanale van verbeeldingskrag van so baie vertellers ge= vloei - wat natuurlik nie die geval met die minder bekendes is nie."(82)

Hierdie mening word bevestig deur die goeie, soms uitstekende werk, deur knap individuele skrywers met "vrugbare kanale van verbeeldingskrag"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waar hulle op karakters en/of temas uit die volksverhaalskat voortbou. Voorbeelde is die volgende: mev. H. van Heerden (skuilname: Tannie, Tannie van Die Brandwag, Tannie van Klein Duimpie): *Die kaskenades van Klein Duimpie* (3 dele, 1917-1922), *Die kaperjolle van die swaap* (1922), en *Die outata Een-oog e.a. stories* (1922); Eugène N. Marais: *Dwaal-stories e.a. vertellings* (1927); J. Alb. Coetzee: *Klein Duimpie en Klein Pinkie* (1927); G.C. en S.B. Hobson: *Kalahari kasdenades* (1929); J.M. Friedenthal: *Ondank is die wêreld se loon* (1931) en *Nukkebol Reinard* (1936); en T.O. Honiball: *Jakkals en Wolf* (12 versamelings, 1943-1961), opgevolg deur: *Jakkals en Wolf van Uilkraal*, *Jakkals en Wolf sien spoke* en *Jakkals en Wolf in die pekel* (al drie 1978).

Insiggewend is die volgende gevalle wat toon hoe die volksverbeelding werk. In die eerste voorbeeld uit *Ons Klyntji*, in wat 'n realistiese klein belewenisvertellinkie behoort te wees, word die diere half vermenslik en kry ons iets van die sprokiesatmosfeer: "Dit gebeur eens te Greystone, Estcourt, Natal, dat ek uitgaan di morge om 8 uur, Julie 23, 1903, met 'n hond en ek kry 'n haas lê en slaap. Ek roep di hond en wys hom. Di hond spring, mar oompi, di haas was te slim. Hy spring op en veg: 'Ag nê, ou hond, jy kan my ni so froeg fang ni,' en hy hardloop reguit huistoe, in di tuin en kruip weg. Ek en di hond soek, en daar was 'n kat oek in di tuin op jag fer muise; en di arme haas spring op en hardloop reguit na di kat toe en di kat siin hom kom en wag hom in. Di haas gaan net foor di kat ferby en di kat spring en fang di arme haas, di arme haas kan net eens sê: 'ag, op myn nugter maag so in die pen.' Di kat gryp hom by di keel en ferwurg hom. Ek fat di haas, leg hom in di kombuis op tafel, en ek gaan fer brekfis. Toen ek terug kom was di haas weg, oom Kat het hom weer gefat en opgefreet, ek kry net di pote en di kop fan di haas. Wat denk julle fan so'n kat. Ek beken, dit is dapper."(83)

'n Tweede soortgelyke vertellinkie berus op 'n persoonlike belewenis in my jeugjare op 'n Vrystaatse plaas: "Witseun en Swartseun spit saam in die tuin. 'n Entjie van hulle af lê Hond. Soms lyk dit asof hy slaap; dan lig hy weer sy kop en kyk hulle aan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Swartseun: 'Sien jy, die hond wil met jou praat.'

Witseun: 'Wat wil hy praat?'

Swartseun: 'Hy sê sy hart is seer.'

Witseun: 'Hoekom is sy hart seer?'

Swartseun: 'Hy sê as hy water gedrink het, dan wil jy nie daarvan drink nie.'

Witseun: 'Sie! Nee, dan is die water nie meer skoon nie.'

Swartseun: 'Hy sê as hy uit 'n bak geëet het, dan wil jy nie daaruit eet nie.'

Witseun: 'Sie! Nee, dan is die bak vuil.'

Swartseun: 'Hy sê as hy aan 'n stuk kos gehap het, dan wil jy dit nie meer hê nie.'

Witseun: 'Sie!'

Swartseun: 'Hy sê as hy 'n haas gevang het, dan vat jy die vleis en gooi net die bene vir hom.'

Nou kan Witseun nie antwoord nie, en dis Hond wat 'Sie!' sê, maar hy het seker net genies."(84)

In 1970 skryf 'n koerantman, Ben de Kock, oor 'n besoek aan die Seder= berge waar die bruin gids Pieter Burrows hulle saans op stories vergas het: "Dit is dan dat die herinneringe loskom, stories oor die Seder= berge en sy mense met die tweede, derde sopie losgeskud raak. En as 'n mens soos Pieter Burrows van sy tiende jaar af byna elke nag die af= gelope 29 jaar met 'n spannetjie pakdonkies in die oopte of onder 'n skuiling oorgestaan het, dan het jy veel om te vertel oor die lewe in die veld, en van nou ontkomings met roofdiere wat deur die ruik van die donkies aangelok word. Die velddiere is vir hierdie baasverteller nie net 'n naam nie; elkeen kry 'n eie persoonlikheid en tree met die groot= ste gemak in sy stories op."(85)

'n Laaste voorbeeld, uit die Noordweste, is van 'n nuutskepping wat reeds die vorm van 'n sprokie begin aanneem, hoewel dit nog nie tradisioneel is en as egte volksprokie aanvaar kan word nie. Huibrecht Mulder, boor=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ling van daardie wêreld, skryf: "Vandag weet ek dat as my oupa Achen= bach 'n geleerde man was, hy die wonderlikste sprokies sou kon geskryf het. Hy kon met soveel oortuiging vertel van die olifant wat elke dag dorp toe gekom het om geld te bedel. Sodra hy genoeg gehad het, het hy kroeg toe gegaan, vir hom 'n gelling wyn gekoop, en dit smaaklik uitgedrink. Hoedat die olifant hom eendag vir 'n suinige man vervies het, die man en sy hond gejaag het om hulle fyn te trap. Toe hy nou sien hy kan nie die man vang nie, toe tel hy maar die hond met sy slurp op en gooi sy baas met hom plat."(86)

Kyk 'n mens nou na die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" vind jy drie nuutskeppinge (ek het hulle in elk geval nêrens anders teëgekom nie) wat besonder gewild was en talle male opgeteken is: die bra gru= same Swaapstorie "Jy lag nog" (A/T/G 1116.1), en twee Jakkals-en-Wolf= stories: "Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief" (A/T/G 30.2), en "Jakkals gooi warm klip in Wolf (Leeu) se mond" (A/T/T 30.1). In die interes= sante sewetal avonture van "Die dokter wat dieretaal kon praat" (A/T/G 670.1) is die hoofkarakter dr. Jakob Jager, en H.C. Boshoff wat dit in *Ons Klyntji* beskryf, sê dat hy die verhale by 'n Griekwa met dié naam gehoor het. Hy voeg by dat die grond waarop die dorp Jagersfon= tein later aangelê is, oorspronklik aan hierdie man behoort het, en dat Jagersfontein na hom vernoem is. Volgens die *Suid-Afrikaanse pleknaam= woordeboek* is dit basies korrek. Die plaas is by Jacobus Jagers gekoop, en die dorp "ontleen dan ook sy naam aan die Griekwafamilies, die Jagers, wat by die fontein bokant die teenswoordige myn gewoon het".(87) 'n Mens moet dus aanvaar dat Jager (of Jagers) die skepper van hierdie ver= tellings is, want ek kon hulle nêrens elders opspoor nie.

Belangrik is die bydraes van K.L. en A.O. Vaughan se Outa Hendrik, C.J. Grové se Outa Abram en (in 'n mindere mate) Sanni Metelerkamp se Outa Karel, nie alleen t.o.v. hul byvertelsels nie (d.w.s. die besondere ma= nier waarop hulle op 'n tema voortborduur), maar ook soms met nuutskep= pinge. By die Vaughans is daar: "Jakkals ontsnap uit die mensvreter se kloue" (A/T/G 1-299), "Wolf pas varke op" (A/T/G 37*.2) en "Ratel met die heuning in sy bloed" (A/T/G 70-99). By Grové is daar: "Wolf se klein agtervoetjie" (A/T/T 30.11), "Jakkals steel al die kos op Rooikat se bruilof" (A/T/T 30.13), "Jakkals ontsnap uit die mensvreter se kloue" (A/T/G 1-299), "Jakkals se dood" (A/T/G 1-99), en 'n variant van "Ratel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die heuning in sy bloed" (A/T/G 70-99).

Von Wielligh se bydrae met die optekening van nuutskeppinge is tê omvattend om hier volledig weer te gee. Dit kan in die "Tiperegister" nagegaan word. Die treffendste is egter ongetwyfeld hoe hy 'n magtige skeppingsiklus in Afrikaans tot stand bring waar daar elders en in ander tale net enkele los vertellings voorkom: "Waar die diere vandaan kom" (A/T/G 1-299), "Die kleredrag van die diere en die voeëls" (A/T/G 222.1), "Die voëls en die insekte kry stry" (A/T/G 222.2), "Die insekte kies 'n koning" (A/T/G 275-299), "Bykoning se fees" (A/T/G 275-299), "Krokodil is koning van die waterdiere" (A/T/G 70-96), "Koning Krokodil en koning Aasvoël kry stry" (A/T/G 70-96) - en dit is nie eens almal nie.

13.4.0 Sprokiebou en verwante sake

13.4.1 Verwantskap met die Westerse stroming

Soos telkens in die loop van hierdie studie aangedui, bestaan daar 'n groot verskil tussen die sg. primitiewe en Westerse sprokie en sluit die Afrikaanse sprokie by die Westerse stroming aan. Hierdie soort patroon van 'n afgeronde verhaal met 'n klimaks is trouens ook na ander Afrikaanssprekers (die afstammelinge van die Boesmans en van die ou Hottentotstamme) oorgedra.

Aangesien towersprokies betreklik skaars in Afrikaans is, kry ons minder te make met die drieledige bouvorm (gebeurtenisse in drieë), of die jongste seun wat as held optree - iets wat so tipies van hierdie soort vertellings in ons stamlande is. Waar dit wel voorkom, kry 'n mens gewoonlik voorbeelde wat baie nou by die Wes-Europese weergawes aansluit, soos "Die sewekop-gedierte" (A/T 300), of "Tafeltjie-dek-jou" (A/T 563).

Herhalings vorm egter wel deel van die vertelstyl ter wille van die dramatiese effek. In die bekende verhaal van Jakkals en Wolf se botterdiefstel (A/T 1), lui dit bv.: "Hul loop in die pad, hul loop in die pad en hul loop vêr in die pad. En hulle kry 'n oswa. Op daardie oswa was botter. Jakkals ruik die botter, Wolf ruik die botter. En die twee kry somar lus vir daardie botter."(88)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.4.2 Verteltegnieke

Die sprokieverteller maak van allerhande metodes gebruik om die sprokiesatmosfeer beter op te roep en die genot van die toehoorder te verhoog.

(a) *Omramende formules.* Hiermee word die sprokie as 't ware afgebaken, dit skep verwagting by die luisteraar en rond die vertelling ten slotte af. Mooi word dit deur Von Wielligh toegelig: "(Outa) roep uit: 'Goue kwint, my storie begint!' Dan storm ons toe om te luister. As hy so 'n end weg vertel het, roep hy weer uit. 'Goue kalf, my storie is half'. Dan hang ons ore nog vaster aan sy lippe. Maar roep hy verlaas uit: 'Goue fluit, my storie is uit!' dan smeek ons almal tegelyk: 'Toe, toe, outa! Vertel nog net enetjie.' Daarop begin hy weer."(89) Blykbaar is al drie uitroepe soms aan die einde van 'n vertelling bygevoeg, want elders skryf Von Wielligh: "Goue kwint, my Storie begint; Goue kalf, my Storie is half; Goue fluit, my Storie is uit! So het ons Outas altyd gesê as hulle klaar met vertel het."(90)

Schonken verklaar: "Een sprookje wordt altijd besloten met het slotrijmpje: "Goue fluit, mij storie is uit; en daarbij behooren de andere invoegsels: Goue kwint, mij storie begint, en: Goue kalf, mij storie is half."(91) Dit is blykbaar ook deur Maleiervertellers gebruik.(92)

Allerhande variante het voorgekom, bv. "Goue lint, my storie begint",(93) of "Goue ring, my storie begin".(94) Soms is die storie afgesluit met: "Voëltjie fluit, (my) storie is uit".(95) Nog 'n variant lui:

"Goue, goue ring,
my storietjie begin.

"Hosa! goue kalf,
my storie is half.

"Hiesa! goue fluit,
my storie is uit."(96)

In 'n enkele geval word "gouden" weergegee as "goeden", nl. "Goeden (kalf), mijn storie is half, // Goeden fluit, mijn storie is uit."(97)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(b) *Inleidings.* Soms is daar eers 'n aanloop tot die verhaal waarin allerhande wyshede kwytgeraak word voordat die eintlike vertel= ling begin. Hier volg 'n gedeelte van so 'n inleiding soos Von Wiel= ligh dit opgeteken het: "Hoor, julle moet goed luister na wat ek jul= le gaan vertel, sodat julle eendag aan julle kinders weer kan vertel watter deurtrapte skelm Jakkals was, watter onnosele domkop Wolf was en watter fyn planne Hasie kon gemaak het. En ou beenkop, ou Skilpad dan? O, hy lyk of hy nie 'twak' kan sê nie; maar moenie glo nie: hy weet goed genoeg waar Dawid die wortel gegrawe het."(98)

Dit ontwikkel selfs in 'n soort prekie, wat later volledig behandel sal word in die hoofstuk "Fabels e.a. vertellings met 'n strekking". Hier volg 'n voorbeeld. Ou Danster Pylman (van Boesman-herkoms) begin: "Duusman syn kind! Julle lol nou weer o'er storiis, mar julle moet weet as ons morre te laat slaap dan is di ou baas met di kweper kiri op ons hakke en dan is di wereld fer ons te klyn soos ons sal hardloop, idereen met 'n goeie party rapse o'er di agterst[illegible] want julle weet net so goed as ek dat di morre-ster ons son is, dan moet ons uit di kasse= mat uit om weer di floer te smeer eer dit dag word, dat di follende trapsel betyds kan angelê worde. Ou baas is nou reeds aan slaap, met di kweper kiri kort by hom, mar dit traak my ni, want di spreekwoord sê: as 'n mens ni sterk is ni dan moet hy slim wees anders raak jy geflous. En net soos dit met di mense is so is dit met di dire oek."(99)

(c) *Vermensliking van dierekarakters.* Wat die eerste opval, is dat die diere (ook soms dinge) dialoog soos mense gebruik en selfs met die mense praat. Hierop lewer die ou vertellers baie duidelik kommen= taar. As 'n kind vir die bruin verteller vra: "En hoekom dan die diere vandag nie meer praat nie?" dan roep hy uit: "Ja, hulle kan! Maar dis net van vergalste skelmagtigheid, daardie! Glo my hulle kan; maar net hulle wil nie. Twee dinge het hulle nog nie geleer nie, en dis: om te lees en om te skrywe."(100) By 'n ander geleentheid ver= duidelik hy: "Kyk, julle moet goed verstaan: vroeër was die Diere nie so skelm as teenswoordig nie. Hulle het op Boer se werf gekom en het lekker met Boer, en sy vrou, en sy kinders kon sit en gesels; maar net toe die vergalste goed begin skelm word, van toe af wou hul nie meer gras vreet nie; maar word lekkerbekkig en wou net vleis eet, en begin toe onder Boer se skape, sy bokke, sy hoenders en sy ganse te vang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarvandaan wou Boer hul nie meer op die werf sien nie."(101) Nog 'n verteller stel dit sô: "O, maar hierdie dinge het lank, lank ge= lede gebeur toe diere nog kon praat en soos mense was."(102)

Die hele dieresprokie draai daarom dat die diere in menslike situasies nes verskillende mensetipes optree. (By die voorbeelde word net die tipenommers van die sprokies gegee; in die hoofstuk "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" word die volledige bronne aangedui.) Jakkals en Wolf verhuur hulle aan Boer om sy boord te skoffel (A/T 9). Jakkals fop Wolf (Leeu) met 'n brief (A/T/G 30.2). Die Koning ('n mens) loof sy dogter uit, Jakkals probeer ook om haar as bruid te kry, laat Leeu (wat haar moet oppas) op 'n skoppelmaai ry, en hy vlug later met 'n perdewa (A/T/T 30.8). Wolf kap hout met 'n byl (A/T 38). Die diere hou Nuwejaarsfees, en daar is kosskottels op die tafel (A/T/G 49A.1). Leeu gee 'n dansparty, en Hansie is die musikant (A/T/G 50*.1). So is daar talle meer.

Soms word 'n hele vermenslikte toneel geteken: "Eens op 'n goeie dag kom neef Jakhals 'n bitji kuier by oom Wolf, want hy was getroud met 'n susters kind fan Wolf en fandaar bestaan di familiskap. Di twê het eers gesit en praat, en nadat hulle elkeen 'n paar pype uitgerook het, gaan hulle langs di rifiirtji loop om di plan te bespreek wat di beste sal wees om 'n jong fet bees of fet hamel in hande te kry en lekker klaar te maak fer di follende dag, wyl dit dan di ferjaardag was fan Wolf."(103) Interessant is in hierdie geval die skielike oorgang na die dierewêreld: "Meteens siin hulle in di rifiirtji 'n paar ou beesmurgbene in di water lê. Haastig gryp Wolf een fan di murgbene, gaan langes di water op syn pens lê met di murgbeen tussen syn foorpote; dan byt hy elkemaal 'n stuk fan di been af, kou dit fyn, suig di murg uit en goi di koutjiis weg." (104)

Nog 'n sprekende voorbeeld lui: "Eens vraag wolf fer Jakhals om te gaan jag. Jakhals is gewillig, en de dag bepaal om te gaan jag, kom Jakhals en di twe maak klaar om te gaan. Maar wolf slag eers 'n fette Afrikaner hamel, fer syn frou en kinders wat by di huis moet bly. Toen fat hulle di geweers en gaan toen fort. Toen hulle al fêr geloop het seg jakhals: - 'Myn tyd! oom Wolf, ek het myn mes by oom se huis fer= geet.'"(105)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(d) *Nabootsing van dieregeluide.* Dit kan vanselfsprekend baie help om 'n vertelling te verlewendig en is dan ook veral deur sommige bruin vertellers ten beste aangewend. Von Wielligh skryf: "En voel die ou die aand op sy stukke, dan brul hy nes 'n Leeu, tjank nes 'n Jakkals, huil nes 'n Wolf, kraai nes 'n Haan of trippel nes 'n Perd. Arrie, dit gaan soms so luidrugtig, dat pa uit die voorhuis moet skreeu: 'Stadig, stadig daar in die kombuis, of ek sal laat brul en tjank as daar te brul en te tjank is!'"(106)

Hoewel weinig bevestiging vir hierdie verskynsel in ander bronne gevind kon word, beteken dit hoegenaamd nie dat dit 'n geïsoleerde geval was nie. Ons het reeds by belewenisse gesien hoe 'n verteller 'n leeu naboots en "met di groot ope mond 'n krakende geluid uit syn keel" maak.(107) Verder weet ek uit persoonlike ervaring hoe graag die volksmens in vertellings geluide namaak, bv. die geklop van perdepote met die geklap van sy tong.

Sanni Metelerkamp laat Outa Karel gedurig verskillende geluide naboots, bv.: "Yes, baasjes, Leeuw killed Steenbokje there in the kloof. He tore the skin off - skr-r-r-r - and bit through the bones - skrnch, skrnch, skrnch - and ate little Steenbokje for his breakfast." 'n Halfbladsy later is dit Vrou Leeu wat by haar man kla oor Jakkals: "'Ohê! ohê! ohê!' cried Tante. 'The bad, wicked Jakhals! ... He has run off with the nice fat hamel, and me - yes *me*, the King's wife - has he beaten with the entrails! Ohê! ohê!'" Nog 'n halfbladsy later is Leeu op Jakkals se spoor: "'His eyes glared like fire in a dark kloof when there is no moon, and when he brulled it was very terrible to hear - hoor-r-r-r-r, hoor-r-r-r-r.' and Outa gave vent to several deep, blood-curdling roars."(108)

Oor die belangrikheid van klankespel by die volksverteller, veral die meer primitiewe, verwys Eugène Marais eers na dr. Bleek, volgens wie by die Boesmans elke dier in 'n vertelling sy eie dialek praat,(109) en voeg dan by: "die uitwerking van die tale op die later Afrikaanse Boesmanstories is eienaardig gewees. In die meeste oorspronklike Boesmanstories verskyn gedurig liedjies en gediggies wat een of ander van die diere opsê. Nou, toe die Boesmantaal self aan uitsterwe was, het die vertellers die stories in hulle eienaardige Afrikaans oorgesit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die dieretaalliedjies en -gediggies het sommige nog bly bestaan selfs nadat die vertellers die betekenis verloor het. Mettertyd het hulle 'n mengelmoes van Boesmans en Afrikaans geword, heeltemal sonder betekenis. Die klank was die vername ding, die betekenis 'n onderge= skikte saak."(110)

Hierdie betekenisverlies van woorde totdat dit 'n blote versameling klanke word, is natuurlik baie algemeen by volksrympies.(111)

(e) *Eiename en byname in sprokies.* Waar dit by vertellings soos belewenisse of sages 'n voordeel is indien die hoofkarakter op sy naam genoem kan word omdat dit die geloofwaardigheid verhoog, gebeur dit selde dat 'n eienaam in 'n sprokie gebruik word. Van die bekendste uit= sonderings is Hansie en Grietjie, of Gelukkige Hans. Meer algemeen is dit dat 'n naam toegeken word wat van die karakter se besondere voorkoms afgelei is: Klein-Duimpie, Pinkie, of Rooikappie. Hierdie name kom gewoonlik voor in sprokies waarin mense as hoofkarakters optree.

In Afrikaans vind ons, afgesien van genoemde voorbeelde, name soos Ou Groenenag (Groenmenak),(112) Jannie de Dobbelaar,(113) en Pikswart= jie.(114) Dit gebeur dat selfs aan die mees geliefde dierekarakters soms eiename toegeken word. Wolf se vrou is tant Wolfina,(115) Jakkals se vrou Jakomina,(116) en Leeu se vrou tant Lewina.(117) Daar is in een sprokie sprake van Ryk Jan Leeu.(118) Die gewildste is egter die naam Klaas vir Jakkals: net Klaas,(119) of uitgebrei tot Klaas Lin= nert,(120) en Klaas Naald.(121) Die stamlandse benamings Reinaert vir Jakkals en Nobel vir Leeu het in egte optekenings uit die volksmond to= taal verdwyn.

Met hierdie soort naamgewing hang saam die gebruik van beleefdheidsvorme soos die reeds genoemde "tante" by die vrouens van Leeu en Wolf; verder "juffer" (Vos) by Jakkals se vrou;(122) en broer Jakkals en broer Wolf, waaroor dr. N. Mansvelt in sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioti= con* (1884) opmerk: "*Broer-Jakhals*, onder welken naam de jakhals (vos) in Afrikaansche vertellinge als wijlen Reinaart optreedt, en waardoor men zooveel als eene onwillekeurige genegenheid voor den bekende ouden schelm wil uitdrukken. Zoo ook zegt men *Broer-Wolf*."(123) So is daar talle ander variasies. Heel dikwels spreek die diere mekaar ook as ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lykes soos op die tradisionele Afrikaanse manier by mense as "neef" aan.[124]

Hierby kan gevoeg word dat in die dierelandse hiërargie Leeu gewoonlik die koning is, met Tier en (eienaardig genoeg) Beer as sy generaals,[125] en Jakkals as sy veldkornet en dokter.[126] Jakkals (soms Hasie) tree ook as Leeu se boodskapper op.[127]

(f) *Die plek van liedjies en rympies.* In enkele Afrikaanse spro= kies kom rympies voor, en daar word soms aangedui dat die een of ander karakter die woorde sing, maar ek kon net in vier gevalle bewyse vind dat liedjies inderdaad deur die verteller gesing is, hoewel dit ook nie in die ware sin van die woord sangvertelsels *(cant fables)* word nie.

In "'Die sieke dra die gesonde!'" (A/T 4) word aangedui dat Jakkals die woorde sing terwyl hy op Wolf se rug ry.[128]

'n Mooi voorbeeld is "Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief" (A/T/G 30.2). Wanneer Jakkals kastig die brief van Leeu (Wolf) aan sy vrou voorlees, bring hy 'n rympie in:

"Hout-tom-tê
Oom Leeu het gesê
Ek moet vier el wors hê.

"Hout-tom-tê
Oom Leeu het gesê
Ek moet twee wit brode hê.

"Hout-tom-tê
Oom Leeu het gesê
Ek moet een pond botter hê."[129]

Ek het selfs iemand uit die Noordweste ontmoet wat glad nie meer die storie ken nie, maar wel nog die rympie onthou:

"Hom-tom-tê,
Neef Wolf het gesê ..."[130]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die sprokie "Jakkals is skoolmeester" (A/T 56C) vlug Jakkals vir Tier nadat hy die klein tiertjies verslind het, en om die blaam op iemand anders te probeer werp, leer hy vir die bobbejane 'n liedjie:

"Ons het Oom Tier zijn kinders geëet,
Ons het Oom Tier zijn kinders geëet,
Ons het Oom Tier zijn kinders geëet,
Tal de ral, de ral de dee."(131)

'n Ander keer kom die liedjie in erg verkorte vorm voor:

"Ons het oom Tier
se kinders opgeëet."(132)

In haar uitbeelding van Outa Karel, wat baie outentiek klink, gee Sanni Metelerkamp die afloop van sy vertelling omtrent Jakkals wat 'n warm klip in Leeu se bek gooi (A/T/T 30.1) soos volg weer. (Ongelukkig is die lied in Engels vertaal en weet 'n mens nie wat die presiese woorde was nie, want Outa Karel het in Afrikaans vertel.)

"Only wicked Jakhals and his family rejoiced. With their bushy tails waving and their pointed ears standing up, they danced round the fire, holding hands and singing over and over:

"'Arré! who is stronger than the King of Beastland?
Arré! who sees further than the King of Birdland?
Who but tick-tailed Jakhals, but the Silver-mained One?
He, the small but shy one; he, the wise Planmaker.
King of Beasts would catch him; catch him, claw him,
kill him!
Ha! ha! ha! would catch him! Ha! ha! ha! would kill him!
But he finds a way out; grills the fat-tailed hamel,
Feeds the King of Beastland with the juicy tit-bits;
Eats the fat-tailed hamel while the King lies dying;
Ha! ha! ha! lies dying! Ha! ha! ha! lies dead now.'

"Outa crooned Jakhals' triumph song in a weird monotone, and on the last words his voice quavered out, leaving a momentary silence among the small folk."(133) Daar moet net op gewys word dat Outa Karel natuurlik van Boes=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

man-herkoms was, maar hy het in Afrikaans en in 'n Afrikaanse omgewing opgetree, en daarom kon hy en mense soos hy wel invloed op ander sprokievertellers uitgeoefen het.

Die belangrikste voorbeeld is "'My moeder het my geslag'" (A/T 720) omdat die hele ontknoping in die rympie/liedjie opgesluit lê. Die tema is wyd in die wêreld bekend. Oor die Afrikaanse weergawe skryf dr. S.J. du Toit in 1924: "'n Ander rympie ... vorm in die omgewing van Zastron, O.V.S., nog die kern van die sprokie van die bose stiefmoeder. Terwyl die vader in die veld is vermoor sy haar stiefseuntjie, en omdat sy nie weet wat om met die liggaampie te doen nie, kook sy hom en sit dit haar man voor. Die beentjies word deur die sustertjie, Leentjie, onder die Olieboom begrawe. Ieder aand as die vader huis toe kom sien hy op die boom 'n voël sit, wat so pragtig sing. Die stiefmoeder stuur dan elke keer haar dogtertjie om die voël weg te ja. Een dag besluit die vader om te luister; en dit is wat hy hoor:

"'My moeder het my geslag,
My vader het my geëet,
En my suster Leentjie
Het al my beentjies
Onder die olieboom begrawe.'"

Daar word nie vermeld of die liedjie van die voël wel deur die verteller voorgesing is nie. Verskeie variante van die rympie op sigself is opgeteken sonder die storie daarby.(134) In Tante Kota se bekende bundeltjie volksrympies, die vroegste versameling in sy soort in Afrikaans, nl. *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders* (1916), lui dit:

Kwik kwik stertjie
Wat ben ik een schone vogeltje
Mijn moeder het mij geslag
Mijn vader het mij gegete
Mijn zuster Leentje het al mij beentjes
Onder een grote olieboom begrawe.(135)

Net so interessant is die gevalle waar 'n bruin verteller Engelse liedjies in sy vertellings invleg, eerstens in "Skoolmeester Jakkals vry na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tortelduifie" (A/T/G 2400 e.v.). Die optekenaar kon selfs ook nog die wysie onthou. Die eerste lui:

"Oh, who will kiss dêt snow white hênd,
Dêt snow white hênd, dêt snow white hênd?
Oh, who will kiss dêt snow white hênd
When I am far away?"

Die tweede voorbeel is:

"You am de honey-, honey-sukkel,
You got de swiets;
I am de big, big stallion,
I got de sting."(136)

Liedjies kom ook voor in nog twee optekenings van dieselfde verteller, nl. 'n variant van "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074) en "Die wet van die ark" (A/T/G 2400 e.v.). (Vgl. die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies".)

'n Liedjie word baie effektief gebruik in 'n vermenslikte weergawe van "Wolf en die sewe bokkies" (A/T 123). Dit is in die sewentigerjare by 'n Pretoriase vrou opgeteken wat dit weer by haar moeder gehoor het. 'n Pa en ma woon met hul kinders, Johan en Marietjie, in 'n huisie diep in die bos. Eendag gaan die ouers winkel toe, en die ma sê die kinders moet die huis sluit en net oopmaak as hulle haar 'n besondere liedjie hoor sing, waarna sy drie maal sal klop. Sy sing dan die liedjie aan hulle voor:

"Doedoe, mama Rosie.
Ek kom van die eiland,
Bonsiena! Bonsiena!
Tienge-lieng! Maak oop die deur!"

Die ouers is skaars weg of Wolf, wat alles afgeluister het, kom sing die liedjie en klop aan die deur. Johan sê hulle moet oopmaak, maar Marietjie antwoord dat dit nie hul moeder se stem is nie, en buitendien was daar net twee kloppies. Johan maak tog oop, en Wolf sluk die twee kinders in. 'n Ruk later kom die ouers tuis, die liedjie word nou vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

derde maal gesing, en toe daar geen antwoord is nie, gaan haal die pa 'n byl en kap die voordeur oop. Daar lê die versadigde Wolf in die huis en slaap. Die pa kap sy kop af, sny sy maag oop, en Johan en Ma= rietjie kruip ongedeerd daar uit.(137)

Die Maleiers wend rympies/liedjies baie treffend in hul vertellings aan. Dit vorm bv. 'n wesenlike deel van "Doederomandro" ("Wolf en die sewe bokkies", A/T 123),(138) asook van "Hansie by die dam" ("Die waterdief gestraf", A/T/G 175.1). In lg. geval sing Hasie wanneer hy by die diere se dam gaan water steel:

"En 'n tinghoe, ting, ting,
En 'n tinghoe, ting, ting,
Oem, Oem, nog 'n wal,
Oem, Oem, ander wal,
Hasie kalbassie met sy doem, doem, doem!"

En wanneer Skilpad die dief gevang het en met hom aanstap terwyl hy op sy rug vassit, sing hy:

"Trap soetjies,
Trap soetjies,
Bring vir Hasie stadig aan.
Hasie was 'n brawe man,
Skilpad het hom mooi gevang."(139)

(g) *Opsetlike wanvoorstellings.* Soos die goeie skrywer, gebruik die volksvertellers -teeds nuwe middele om sy verhale af te wissel. Diere is graag deur die ou bruin vertellers as baie knap of baie dom geteken, maar: "Om die belaglike sy weer te verlig, word dom diere as slim voorgestel," skryf Von Wielligh.(140) Dis wel 'n alleenstaande voorbeeld, maar dit onderstreep die feit dat die verskillende vertel= lers hul kunsies gehad het om hul toehoorders te boei.

(h) *Meelewing van die toehoorders.* Die toehoorders tree soms in 'n gesprek met die verteller om meer besonderhede te verkry, beswaar te maak teen aspekte van die vertelling wat vir hulle onaanneemlik klink (hoewel hulle maklik oortuig word), of om instemming te betuig.

Wanneer die verteller so 'n ent weg is met sy verhaal "wil ons kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

een streep deur van hom weet of dit alles regtig waar is. 'Wel seker, my basies en nonnies! Sal outa dan saans vir julle kom sit en lieg?' merk hy dadelik op ... Ons kinders glo dit dan vas. Ons glo dit, omdat ons dit liewers so wil hê; want ons wil graag na wonders en wonderwerke luister. Ons hartjie brand om iets uit die pad te verneem, of van dinge te hoor, wat ons nie aldag met die oog sien, of met die oor hoor nie. Want die dagelikse gebeurtenisse, wat ons kan verklaar, word eentonig, word vervelig om na te kyk en te luister."(141)

'n Sprekende voorbeeld van hoe die volksmens die verteller kan kruisvra en kastig sekere aspekte in twyfel trek, is die volgende uitbeelding van 'n vertelsituasie omstreeks die tweede dekade van die 20ste eeu. 'n Groep bruinmense is besig om saam met 'n blanke voorman bankies te spit in die wingerd. Outa Gawie is die verteller: "'Ewe spoggarig kom Hasie opgestap na die plêtform te'wyl hy sy mooi lang stert hien en wier swaai.' 'Hou djou pêre (perde), oom Gawie. Van wanner af het Hasie 'n lang stert? Dit kammos nie wies nie ...,' sê-vra Boel. 'Kyk, manne,' sê Ou Gawie, 'julle is nog te jonk om van daai dae te wiet. Innie tyd van my storie het alle hasies nog lang stête gehat ...'"(142)

Intense meelewing spreek uit die toehoorders se kommentaar by die vertelling van "Die kinders en die mensvreter" (A/T 327). 'n Bruin vrou is aan die woord, en die kinders van haar werkgewer die toehoorders. Hulle ken die verhaal natuurlik al goed, maar dit bly boeiend. Ou Voetoog, die mensvreter, is op die spoor van 'n groep boeties en sussies, en hulle vertraag sy gang telkens deur allerhande towervoorwerpe neer te gooi wat dan in groot struikelblokke verander: "Sarie neem die mens-bobeen en gooi dit in die water. Die rivier maak alkant walle en die kinders is deur. Voetoog volg hul maar Sarie gooi die mensblad in en die water vloei weer soos voorheen. Die vervolger toe onder die water en die kinders juig. (Hier het die bediende dan gesê: 'Fluit, fluit my storie is uit', waarop ons dan gesê het: 'Jy jok die storie is nognie klaar nie'). Nou goed, Voetoog wou deurswem om tog die kinders te vang maar toe hy met sy toonoë gekyk het, het hy die boer op sy kar, gewapend, sien aankom. Moeg het hy uit die water gekom; sy vrou gaan doodkap; sy huis aan die brand gesteek en self in die vlamme omgekom. (Goedso het ons opgemerk)."(143)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.4.3 Siklusse

Volksvertellers laat graag twee of meer sprokies die een op die ander volg sodat 'n siklus gevorm word. J.D.N. Lotz vat dié verskynsel goed saam: "Elke sprokie besit 'n mate van polariteit of aantrekkingskrag waardeur dit op 'n natuurlike wyse by 'n ander aanknoping kan vind. By sommige is hierdie eienskap so sterk dat 'n aantal sprokies hulle in 'n min of meer vaste kring of siklus saamgroepeer. Een vertelling vorm die kern waaromheen 'n aantal ander sprokies beweeg, soos 'n aantal planete om 'n son. Sekere gebeurtenisse in die kernverhaal en in elk= een van die randverhale dien as aanknopingspunt tot die kernverhaal en tot mekaar onderling."(144)

S.C.H. Rautenbach het 'n studie van siklusvorming i.v.m. Afrikaanse die= resprokies gemaak. Van die kernverhale wat hy noem, meen ek dat die volgende die belangrikste is (die titels word weegegee soos dit in die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" voorkom): "Die waterdief gestraf" (A/T/G 175.1), "Die voëls kies 'n koning" (A/T 221), "Koning Leeu is siek" (A/T 50), en veral die jagsiklus.(145) Lg. omvat gewoonlik die volgende (bronverwysings in die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies"): "Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief" (A/T/G 30.2); "Jakkals hys Wolf (Leeu) met swak riem op" (A/T/T 30.4); en "Jakkals gooi warm klip in Wolf (Leeu) se mond" (A/T/T 30.1).

In nog 'n wyd bekende siklus tree Dom-Jan en Slim-Jan as hoofkarakters op. Ek het trouens nog nooit die verskillende sprokies afsonderlik hoor vertel nie. Die siklus bestaan uit: "Moenie te veel eet nie" (A/T 1691); "Die deur saamgedra" (A/T/G 1009.1); en "Die rowers onder die boom" (A/T 1653).

Uilspieël is een van daardie magnetiese karakters in die wêreld van die volksvertelling wat nie net verhale na hom aantrek wat oorspronklik in 'n ander verband vertel is nie, maar ook as siklusvormer optree. Baie bekend is 'n groep Meesterdief-verhale wat Uilspieël-verhale word en terselfdertyd 'n klein siklus vorm: "Uilspieël steel die Koning se ry= perd" (A/T 1525A II);"Oortreder staan op eie grond" (A/T 1590); en "Uilspieël steel die Koningin se ring" (A/T 1525AIII).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.5.0 Enkele ander aspekte van belang

13.5.1 Oustories

Interessant is die benaming oustories vir sprokies, veral dieresprokies. Vroeër was dit moontlik meer algemeen bekend, want in 1923-1924 bied *Die Huisgenoot* (vermoedelik met die skryfster M.E.R. as redaktrise van die kinderblad) enkele sprokies as "ou stories" aan.(146) Vandag is die term blykbaar net in die Noordweste gangbaar. In die kindertyd= skrif *Vonk* publiseer Niklaas Swart in 1969-1970 'n reeks dieresprokies uit Namakwaland as oustories.(147) Omtrent die eerste vertelling merk hy op: "Nou ja, in Namakwaland vertel hulle hierdie oustorie smaaklik, want in 'n oustorie het elke dier 'n menslike persoonlik= heid."(148)

By geleentheid het ek omtrent die moontlike herkoms van die term navraag gedoen, en 'n Namakwalander het soos volg geantwoord: "Ek wil net ver= duidelik waarom ons altyd van 'oustories' gepraat het. Dit was veral die geval met stories waarin diere soos mense praat, huise bou en al sulke dinge doen. Wanneer die kind dan van die storieverteller wil weet of 'n perd, kat of hond dan kan skryf of bou terwyl hulle nie hande het, sal die verteller antwoord: 'O, maar hierdie dinge het lank, lank gelede gebeur toe diere nog kon praat en soos mense was.' Die kind wil miskien nog nie hierdie verklaring aanvaar nie en dreig dan: 'Wag, ek sal tog vir Oupa gaan vra of dit die waarheid is.' Hiermee sal hy egter ook nie indruk op die verteller maak nie, want hy sal net sê: 'Jou Oupa sal ook nie weet nie, want dit was in die outyd la-a-ank voor sy dae gewees.' So het hierdie verhale oustories geword."(149) Dit is 'n vernuftige uitleg wat heel aanvaarbaar klink.

13.5.2 Beroepsvertellers en vergoeding aan vertellers

Dit het wel gebeur dat sprokies as tydkorting by die arbeid vertel is. Daar is reeds verwys na 'n ouerige oom wat tydens kersemaakaand in die Noordweste dieresprokies vertel het.(150) Ook is terloops die geval genoem van sprokievertelling terwyl bankies gespit is: "In 1921 was ek voorman op 'n wynplaas waar ek die bruinmense se vertellings van spoke soos Witkeil, Bloubaard, en die Afkopman, asook stories van Jakkals-en-Wolf se dinge gehoor het. Daar was gewoonlik 'n baasverteller wat ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

durig deur sy spanmaats in die rede geval is wanneer sy stories na die mening van sy luisteraars te verbeeldingryk geword het - alles egter in 'n gees van goedhartige geskerts wat veel bygedra het om die *bukwerk* te bespoedig."(151) In geeneen van die gevalle is egter sprake daarvan dat die verteller betaling ontvang het of 'n beroepsverteller was nie.

Vertellers is soms wel op ander maniere met 'n geskenkie aangemoedig of vergoed. 'n Leser van *Ons Klyntji* skryf: "Ou Danster Pylman was dan yndelik di baas-storiis-ferteller, feral wanneer ons hom 'n stukki twak en 'n bitji daggatjiis gegê en hom so wat fan syn deugde fertel het wat ons kasta so hoog op prys stel."(152)

Sanni Metelerkamp getuig oor Outa Karel: "Then suddenly he started with well-feigned surprise and beamed on Pietie, who stood beside him with a soopje in the glass kept for his especial use. This was a nightly performance."(153)

Von Wielligh onthou: "Partykeer is outa onwillig om mooi te vertel; maar ons weet somar gou dat hy iets wil hê: 'n pruimpie tabak of 'n stuk rosyntjie-brood maak hom dadelik in sy glorie. Het hy die gekry, dan blink hy van glimlaggies en is uitgedos in die vrindelikheid self en begin dadelik vertel."(154) Elders skryf hy: "Die volgende aand is ons weer in die kombuis, weer moet outa se hart 'witgemaak' word met 'n lemoen of ander geskenk, dog meestal vertel hy sonder beloning."(155)

13.5.3 Beer as karakter

Die mag van die tradisie word treffend bewys deur die feit dat hoewel bere in ons land totaal onbekend is, die Beer-karakter van ons Wes-Europese stamlande ook in Afrikaanse vertellings optree.

Reeds by ds. W.J. Conradie, d.w.s. in die sestigerjare van die 19de eeu, verskyn Beer twee maal, nl. in "Jakkals hou die krans vas" (A/T 9A) en "Wolf (Beer) en die rondekop-gedierte" (A/T 157). Die verteller is 'n Afrikaner-boer.(156) Ook in *Ons Klyntji* maak Beer twee keer sy verskyning, weer in die verhaal van die rondekop-gedierte, en dan in "Jakkals wil koning wees" (A/T/T 30.8); in lg. geval is Beer en Tier koning Leeu se twee generaals.(157) Een van die vertellers is van Boesmanher-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koms.[158] 'n Derde keer tree Beer in die vertelling oor die ronde= kop-gedierte op, nl. in 'n tydskrifweergawe in 1908[159] Persoonlik het ek in die sewentigerjare 'n bejaarde Boesmanlander op Pofadder na Beer as sprokiekarakter hoor verwys.[160]

13.5.4 Sprokies nie net vir kinders nie

Sprokies word deesdae uitsluitlik as kinderlektuur gepubliseer sodat 'n mens dit moet beklemtoon dat hierdie vertelvorm oorspronklik, ook in Afrikaans, hoegenaamd nie net vir kinders bedoel was nie.

Daar is herhaaldelik al na die sprokievertellings by 'n kersemaakaand in die Noordweste gedurende die sestigerjare van die 19de eeu verwys; dit was hoofsaaklik vir die vermaak van volwassenes.[161] Van Breemen, vermoedelik verwysende na 'n geval uit die tagtigerjare van daardie eeu, skryf oor volwassenes in die geselskap van volwassenes: "Oom Andries vertelde ten slotte eenige niet onaardige fabels."[162]

In *Ons Klyntji* word nêrens vermeld dat die sprokies vir kinderlesers bedoel is nie. Dis volwasse lesers wat vir die genot van ander vol= wasse lesers skryf, en dis hulle wat d.m.v. prysvrae aangemoedig word om dieresprokies in te stuur.[163]

Dis eers met die koms van die nuwe Afrikaanse tydskrifte van die 20ste eeu dat sprokies konsekwent in die kinderafdeling of in tydskrifte spesiaal vir kinders gepubliseer word. So word dit dan ook in boek= vorm as kinderleesstof aangebied.

Uit persoonlike waarneming weet 'n mens dat sprokies vandag nog vir 'n hele aantal volwassenes aangename leesstof bly.

13.5.5 Die obsene en ongure

Dat die obsene en ongure in die volksmond lewe, weet elke mens seker uit eie ervaring, maar die tradisionele aard en omvang daarvan is onbe= paalbaar omdat mense dit selde opteken en gewoonlik doelbewus verswyg. Soos Von Wielligh omtrent sy eie werkmetode meedeel: "Ons het getrag om die verhale net so neer te skrywe as outa dit sou verhaal het - maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in verbeterde taal en met weglating van herhalings (en) onstigtelike uitdrukkings en het verder onderdruk sulke stories, wat die grense van welvoeglikheid te buite gaan."(164)

Raadpleeg 'n mens die stamlandse volksboeke waarin van ons eie mees geliefde sprokieskarakters optree, dan vind jy dat die stroom van die obsene en ongure sterk loop. In die oorspronklike Duitse *Ein kurtz=weilig lesen von Tyl Ulenspiegel* uit die 16de eeu(165) is die klimaks in 'n verbasende persentasie van die verhale dat Uilspieël hom op die een of ander plek ontlas en sy slagoffer in die verleentheid stel. Reinaert de Vos, een van die Wes-Europese voorvaders van ons eie Jak=kals, was geen engeltjie nie. Wanneer Isengrim, die Wolf, by koning Nobel, die Leeu, oor Reinaert se wandade klaar, verklaar hy:

"Maar ontfermt u boven al
Wegens dat zijn geile lijf
Heeft besmet mijn echte wijf,
Wegens dat hij op mijn kroost
Eens zijn water heeft geloosd,
Op mijn kindren, waar zij lagen,
Zo dat twee nooit meer en zagen;
Want zij werden stekeblind."(166)

So kan voorbeelde vermenigvuldig word, maar dis die toestand in Afri=kaans wat ons interesseer. Schonken skryf oor die klein siklus van Dom-Jan en Slim-Jan: "'Moenie te veel eet nie'" (A/T 1691), "Die deur saamgedra" (A/T/G 1009.1) en "Die rowers onder die boom" (A/T 1653), maar dié keer is hulle met Swape i.p.v. rowers in die weer: "Toen de twee in een boom geklommen waren, kwamen er een troep Zwaben ... om daar onder uit te rusten. Toen overvielen Dom Jan de natuurlijke be=hoeften. De Zwaben echter dachten er anders over en maakten de op=merkingen: 'Ons liewe Heertjie geeft re'ent (regen); Ons liewe Heer=tjie geeft kos.'"(167)

Nog meer uitgebreid is die weergawe van 'n bruin verteller wat in die laat sestigerjare in Franschhoek opgeteken is. Toe Dom-Jan en Slim-Jan by vreemde mense slaap, word Dom-Jan die nag wakker en gaan pampoenkoe=kies in die kombuis soek. Hy eet lekker en wil 'n paar vir Slim-Jan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saamvat, verdwaal in die donker, en kom onwetend by Boer en sy vrou uit. Hy hou 'n pampoenkoekie vir die vrou, maar ongelukkig by haar verkeerde kant. Sy los onhoudend winde, en Dom-Jan meen dis Slim-Jan wat die koekie probeer koud blaas. Vies gooi hy die vrou met al die koekies, daar is 'n kabaal, en Dom-Jan en Slim-Jan vlug. Hulle loop die deur uit sy kosyne, en Dom-Jan dra dit saam omdat hy te onnosel is om dit te laat los. Toe hulle in 'n boom klim om te rus, kom 'n bende rowers hul geld reg onder hulle tel. Dom-Jan se blaas word vol, en die rowers sê dankie vir die koeldrank van Bo. Hy ontlas, en hulle is verheug oor die manna uit die hemel. Op die ou end laat Dom-Jan die deur val, die rowers vlug, en hy en Slim-Jan is skatryk.(168)

Wat Uilspieël betref, verklaar Schonken: "Van zijn voorliefde om zich - zooals in het oude volksboek - met vuil te vermaken, heb ik niets ver= nomen."(169) Tog het ek by die hierbo genoemde bruin verteller die geval teëgekom van "Die goue voël" (A/T 1528). Uilspieël is op vlug vir Boer nadat hy hom weer 'n streep getrek het. Toe Boer op hom afkom, gooi Uilspieël sy hoed oor die plek waar hy pas ontlas het en sê hy het 'n goue voël gevang; Boer moet dit net oppas terwyl hy 'n koutjie gaan haal. Uilspieël maak dat hy wegkom, Boer probeer die voël skempies vang deur hom vas te gryp en besmeer hom.(170)

'n Terloopse opmerking van Von Wielligh maak 'n mens nuuskierig. Om= trent dieresprokies sê hy: "Daar is wel 'n paar wat die grense van welvoegelikheid op seer skrandere wijse oortree; maar ons is bly om te sê: net 'n paar daarvan."(171) Hoe sou hierdie ou vertellers te werk gegaan het? Nou het daar gelukkig 'n uitstekende voorbeeld hier= van aan die lig gekom.

In die reeds genoemde geval van die storieverteller wat sy medewerkers vermaak terwyl hulle omstreeks 1920 op 'n Bolandse plaas besig was om bankies in die wingerd te spit, verwek Jakkals as skoolmeester opspraak deurdat hy skelmpies by een van sy leerlinge, die jonge Tortelduifie, aanlê ("Skoolmeester Jakkals vry na Tortelduifie", A/T/G 2400 e.v.). Jakkals moes voor die Skoolraad verskyn, Giraaf is die inspekteur, Se= kretarisvoël die notulehouer, en Hasie een van die getuies. By geleent= heid verklaar Hasie: "'Ja, oom Sekketaars, ek het op 'n annerdag weer gahoor hoe hy wat Jakkals is vir Torreldyfie sing:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"'You am de honey-, honey-sukkel,
You got de swiets;
I am de big, big stallion,
I got de sting.'

"'Dis nou ganog, Hasie,' sê Sekketaars haastag, want sien, hy was bang lat die klein windgat in pertiekkelers sal gaan, en dâ was vroumense ok by." Deurgaans is die verteller se taalgebruik baie pront, en geen doekies word omgedraai nie. "Toe was die moer los", lui dit op een plek, en elders: "Dit sal mos 'n helse bastery afgee." So is daar vele meer. Een treffende vergelyking klink bra grillerig: "sy bek is so glat soos 'n palang in 'n emmer snot".(172)

13.5.6 Sprokies en geselskapspele

Daar is 'n geval waar 'n kettingsprokie, nl. "Die vlugtende pannekoek" (A/T 2025), ook as spel aangewend kan word. Van Rooyen en Pellissier verduidelik: "Die volgende Boesmanstorie wat byname vir 'n aantal be= kende diere bevat, kan gebruik word om die skerpsinnigheid van jong kinders te toets deur die storie een maal hardop vir hulle deur te lees en dan in die afwesigheid van die ander aan hulle een vir een die geleentheid te gee om die storie volledig sonder foute, net soos hier aangeteken, oor te vertel. Die een wat die minste foute maak, het gewen." Dis die verhaal van Pannekoek wat uit die pan spring en weg= hardloop omdat hy nie geëet wil word nie. Die diere wat hy teëkom, is Leeu Grootkop, Tier Bontekros, Wolf Vulletjiestert, Wildehond Skerp= smoel, Olifant Stawiepoot, Haas Steilore en Vark Bakoor.(173) Daar word ongelukkig nie vermeld of die sprokie tradisioneel so as spel ge= bruik is nie. Dit kon natuurlik die geval gewees het.

Onderhoudend is die volgende sprokiespeletjie, 'n nuutskepping uit die distrik Boshof in die Vrystaat: "Die storie van Sniep, Snap, Snor, Lor was vir die vermaak van die talle skoolkinders wat in die twintigerjare amper elke naweek hier op die plaas kom besoek aflê het. Sniep, Snap, Snor, Lor was die name van 4 honde van my vader wat moes blaf of tjank as hy hulle name noem. Sy ou vrou wat saam op jag moes gaan moes sê 'ja my ou man'! Dan was daar ander van die kinders wat ... die berg= stroom se geluid moes maak. Daar was die Leeu ens. ens. As die ver=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teller dan begin met sy storie het hy, met 'n plak in die hand, die een na die ander effekte gekry (van) die gehoor voor hom. As een so ver= diep raak in die storie dat hy nie die geweer, die donderweer, die wind of hond namaak nie, kry hy 'n raps. U kan uself dus voorstel hoe so'n vertelling verloop het, 'n drie dimensie vertelling wat op 'n distansie heel amusant gegaan het."(174)

Die voorkoms van sulke sprokiespele is geensins onbekend nie. 'n "Gra= fisch kwelsprookje" noem Schrijnen 'n geval waar al vertellende, vol= gens die aanduidings in die verhaal, 'n tekening gemaak word. Op die ou end word verklaar dat die man oor wie die sprokie handel, in 'n kat verander het - en daar staan die tekening van 'n kat dan.(175)

Ons is hier egter besig om oor die grense van die sprokie te beweeg. 'n Voorbeeld wat wel by Aarne/Thompson voorkom en ook in die *Tiperegis= ter van die Afrikaanse volksverhaal* opgeneem is, nl. A/T .579: "Leeu, bok en koolkop oor rivier", kan hoegenaamd nie meer as 'n sprokie be= skou word nie; dis 'n blote vernufspel. Aan die toehoorders word die probleem gestel: "Man het taak om leeu, bok en koolkop een vir een oor rivier te neem; hy mag maar een per keer oor roei; as leeu en bok bymekaar bly, vreet leeu bok; as bok en kool bymekaar bly, vreet bok kool." Die oplossing: "Man neem eers bok oor. Kom haal dan kool; laat kool bly en bring bok terug. Neem dan leeu oor. Kom haal dan bok."(176)

'n Soortgelyke voorbeeld is van 'n gans wat in die dam wem en 'n aantal ander ganse sien wat oorheen vlieg. Hy skree vir hulle: "Hier, julle honderd!" Die ganse skree vir hom terug: "Jy en ons, plus nog soveel soos ons, plus die helfte van ons, plus 'n kwart van ons maak 'n honderd." Die vraag is natuurlik: "Hoeveel ganse het in die lug gevlieg?" Die antwoord: 36 ganse.(177)

Dan word ook vertel van 'n b t aan sy kneg £100 gee om honderd stuks vee te koop: beeste, skape en hoenders. Vir die beeste betaal hy £5 stuk, vir die skape £1 stuk en vir die hoenders 1s. stuk. Hoeveel het hy van elke soort gekoop? Die antwoord: 19 beeste, 1 skaap en 80 hoenders.(178)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13.5.7 Op die grense van die volksrym

Abel Coetzee skryf: "As mens die gebied van die volkskuns betree, ver= vaag die grense tussen die verskillende soorte dikwels heeltemal. Jy tref bv. 'n *verhaal* aan wat sulke sterk ritmiese en rymende bestanddele bevat dat dit mens onwillekeurig laat dink aan *volkspoësie*. Die dig= terlike bestanddele kan ook só sterk wees dat mens die verhaal kan sing, en dan het jy 'n *volksliedjie*."(179) Dit is baie waar.

(a) *Kettingsprokies*. Hier beweeg ons volkome op die grens tussen die sprokie en die rym. Wat aan die een kant kettingsprokies heet, kan aan die ander kant stapelryme genoem word. Sommige voorbeelde sluit egter nouer by die prosavertelling aan, terwyl ander ritmies so sterk gebind is dat dit volslae ryme word. "Hok, Otjie, hok!" (A/T 2030) kan dus eerder as 'n kettingsprokie beskou word en "Die lied van die boom" (A/T/G 2019-2020) as 'n stapelrym. Hierdie soort onderskeiding bly egter bra willekeurig en subjektief.

Herhalings hou vir die volksmens dwarsoor die wêreld bekoring in, en dit help hom om 'n groot verskeidenheid besonderhede makliker te ont= hou. So ontstaan 'n vertelling of rym waarin telkens 'n nuwe beson= derheid by die stapeltjie gevoeg word, of 'n enkele besonderheid word telkens weggeneem. Dit kan ook beskou word as skakels in 'n lang ket= ting, waarin hierdie skakels gewoonlik van ongelyke omvang is en stel= selmatig vergroot word. In 'n sekere groep gevalle kom 'n dramatiese ommekeer waardeur die hele ketting verbreek en 'n laaste groot skakel geswys word.

'n Tipiese voorbeeld van lg. soort, is "Hok, Otjie, hok!" (A/T 2030). 'n Ou vroutjie gaan mark toe en koop vir haar 'n vark, maar tuis gekom, wil die vark nie in die hok gaan nie. Sy neem op 'n klip plaas en sê:

"Stok, slaan die vark!"
Die stok wil die vark nie slaan nie,
Die vark wil in die hok nie gaan nie.
"Hok, ootjie, hok!"

"Vuur brand die stok!"
Die vuur wil die stok nie brand nie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die stok wil die vark nie slaan nie,
Die vark wil in die hok nie gaan nie.
"Hok, ootjie, hok!"

So word die skakels van die ketting al groter en groter. Die water wil die vuur nie blus nie, die koei wil die water nie suip nie, die man wil die koei nie slag nie, die riem wil die man nie hang nie, die muis wil die riem nie kou nie, en die kat wil die muis nie vang nie. Dan kom die ommekeer in die afloop:

"Hond, byt die kat!"
Die hond byt die kat,
Die kat vang die muis,
Die muis kou die riem,
Die riem hang die man,
Die man slag die koe,
Die koe suip die water,
Die water blus die vuur,
Die vuur brand die stok,
Vark in die hok.(180)

Die volgende verklaring word vir die ontstaan van hierdie tipe ketting= sprokie gegee waarvan dieselfde karakters dikwels in verskillende ver= tellings optree (stok, vuur, water, koei, man, ens.), hoewel 'n mens moet onthou dat dit onbewysbare spekulasie bly: "Die verklaring vir die ontstaan van die rympie sou kan gesoek word in primitiewe opvattinge en gebruike in verband met die towery. 'n Voorwerp wat die mens op prys stel - en lewensmiddele is sulke voorwerpe in 'n primitiewe same= lewing - is onbruikbaar geword omdat dit getoor is. Om die betowering, wat op alles val, wat met die voorwerp in aanraking kom, ongedaan te maak, moet stap vir stap trug gegaan word tot die punt waar die heksery ontstaan het."(181)

"Die lied van die boom" (A/T/G 2019-2020) begin so:

Daar staan 'n boom in die aarde
En bloei so skoon - O boom!

Aan die boom sit 'n tak,
'n mooie tak!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n lieflike tak!
Die tak sit aan die boom,
Die boom staan in die aarde
En bloei so skoon - O boom!

En aan die tak sit 'n nes,
'n mooie nes!
'n lieflike nes!
Die nes (sit) aan die tak,
Die tak (sit) aan die boom,
Die boom staan in die aarde
En bloei so skoon - O boom!

So word die ketting aanmekaargelas: in die nes lê 'n eier, van die eier kom 'n duif, van die duif kom 'n veer, van die veer kom 'n bed, op die bed lê 'n man, langs die man lê 'n vrou, langs die vrou lê 'n kind. Hiermee eindig dit, en ons kry nie 'n omgekeerde aksie soos by "Hok, Otjie, hok!" nie.(182) Albei kettingsprokies (of stapelryme) berus op voorbeelde uit die Nederlande. Dáár is ook al getrag om allerhande betekenisse aan "Die lied van die boom" te koppel. Sommiges sê dis Maria en Josef en die Christuskind wat onder die boom rus; andere sê dis die lewensboom uit die Oud-Germaanse mitologie.(183)

'n Volledige samevatting van kettingsprokies in Afrikaans kom later voor in die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" en wel in die onderafdeling DD.I "Patroonverhale: Kettingsprokies". Daar kan ook net daarop gewys word dat van hierdie sprokies inderdaad gesing is, soos "Die mens begeer maar altyd meer (Sensusrym)" (A/T/G 2018*.1),(184) en "Die lied van die boom".(185)

(b) *Vingersprokies.* Met hierdie bekoorlike naam (afgelei van die Duitse *Fingermärchen*)(186) word daardie kort ryme aangedui waarin 'n hele verhaaltjie omtrent Duimpie-hulle vertel word, ook berustend op Nederlandse voorbeelde:

Duimpie het 'n os gekog,
Janneman het hom tuis gebrog,
Langman het hom afgeslag,
Vietjie het wors gestop,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klein Skelmpie eet alles op.

Net so bekend is die volgende:

Duimpie het in die water geval,
Lekkepot het hom uit gehaal,
Lange Jan het hom huis toe gedra,
Korte Knaap het hom neer gelê,
En Pinkie het vir ma gaat sê.(187)

Dr. S.J. du Toit merk hieromtrent op: "Die voorstelling van die vingers as persone, en, met name, as kinders van een huis, lyk volkome natuurlik in die sprokiesatmosfeer van die kinderkamer. Die kleinste is die verklikker en word by die ete voorgetrek." Tog kan dit nie sonder meer ontken word dat die vingername en vingerrympies aan die ou volksgelowe verbonde kan wees nie. "In die eerste plek is dit wel opmerkenswaardig dat sowel hierdie vingername as die sprokies daaraan verbonde wyd verbreid is. Veral die sprokies vertoon onderlinge ooreenkoms in tal van lande. Die hand word vandag nog beskou as die besitter van eienskappe waaruit die toekoms kan voorspel word. By die Grieke was ieder vinger aan 'n ander god gewy, en uitdrukkings soos 'Gods hand' en 'Gods vinger' word nog daeliks gebesig." So noem hy nog talle verbande tussen die volksgeloof en die vingers op en sluit af: "Niks natuurliker, dus, as om aan te neem dat die bygeloof ook sy rol sal gespeel het by die ontstaan van name en sprokies in verband met die vingers, al is dit vandag met juisheid nie meer na te gaan nie."(188)

13.6.0 Die bronne

Die optekenings van of verwysings na Afrikaanse sprokies vóór 1875 kom baie sporadies en bloot terloops voor. Daarna vermeerder die voorbeelde, en iemand soos Von Wielligh begin selfs sprokies sistematies versamel, maar die eindprodukte bly steeds verwerkte weergawes en nooit woordelikse optekenings uit die volksmond nie.

13.6.1 Die oudste bronne

Die vroegste optekenings van sprokies op Suid-Afrikaanse bodem vind ons in Hendrik Jacob Wikar se *Joernaal* (1779), sir James Alexander se *Expe=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dition of discovery into the interior of Africa (1838) en dr. W.H.I. Bleek se *Reynard the Fox in South Africa* (1864). Ons het hier deur= gaans te make met sprokies soos deur die inboorlinge (veral die ou Hottentotstamme) vertel, hetsy in Afrikaans of in hul eie taal, en die vernaamste wat 'n mens van hierdie sprokies kan sê, is dat sommige voor= beelde baie duidelik spore van Westerse invloed vertoon wat miskien in 'n mate na die Hollands/Afrikaanse bewoners van die Ou-Kaap terugge= voer kan word.

Die belangrikste bronne wat ons in elk geval darem iets van die Afri= kaanse sprokievoorraad vóór 1875 te wete laat kom, hoe karig ookal, is W.J. Conradie, *Ons Klyntji*, en daarby ook B.H. van Breenem.

Ds. W.J. Conradie (1857-1925), o.m. skrywer van die eerste *Afrikaanse Kinderbybel*, publiseer tussen Augustus 1915 en Mei 1916 'n reeks arti= kels "Schetsen uit het Boereleven" in *De Burger*, wat in 1943 in 'n Af= rikaanse vertaling as *Sketse uit die Boerelewe* in boekvorm verskyn. In hierdie sketse stel ds. Conradie 'n hele paar storievertellers uit sy kinderjare bekend en gee 'n tiental van hul sprokies (almal diere= sprokies, met daaronder veral vertellings oor Jakkals-en-Wolf) redelik volledig weer; na vertellings oor mensvreters en diesulkes verwys hy net. Ds. Conradie moes hierdie sprokies om en by die sestigerjare van die 19de eeu gehoor het.

In *Ons Klyntji* kom 'n paar gevalle voor waar medewerkers dit duidelik stel dat hulle die sprokies in hul jeugjare omstreeks 1840 gehoor het, of dat die sprokies in daardie tyd vertel is. Die een geval het be= trekking op 'n sestal dieresprokies (drie algemeen, drie Jakkals-en-Wolf).[189] In 'n ander geval is 'n tweetal Swaapverhale betrokke.[190] Die derde geval is waar ds. S.J. du Toit, die redakteur, getuig dat hy in sy kinderjare Uilspieël-stories by 'n bruin verteller gehoor het.[191]

Die Nederlander B.H. van Breemen, skrywer van *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika* (1882), gee twee dieresprokies weer wat hy by Afrikaners gehoor het. Indien 'n mens na die publikasiedatum van sy boek kyk, is jy seker geregverdig om aan te neem dat die sprokies wel minstens in die sewentigerjare by die vertellers bekend moes gewees het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Interessantheidshalwe kan genoem word dat die skrywer van die eerste Afrikaanse boek, L.H. Meurant (1811-1893), lief vir fabels was, maar klaarklaarblyklik berus dit op literêre bronne en het ons nie hier met volksvertellings te make nie. Reeds in 1845 gebruik hy 'n fabel in 'n brief aan 'n koerant, en in sy beroemde *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* (1861) word vier fabels opgeneem.(192)

13.6.2 Hoofbronne

Die bloeityd van die tradisionele Afrikaanse sprokie wat bronne betref, val onbetwisbaar in die tydperk 1875-1925. Selfs wanneer ons met veel later stofinsamelings te make het, kan die voorbeelde feitlik deur die bank teruggevoer word na vertellings wat informante in hierdie tydvak gehoor het.

(a) *Ons Klyntji* (1896-1906). Hierdie eerste Afrikaanse tydskrif, onder redakteurskap van ds. S.J. du Toit, is 'n ryk bron wat die Afrikaanse volkskultuur betref. S.J. du Toit is wel oorgeesdriftig as hy verklaar: "Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form ... Di *Patriot* het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe."(193) 'n Afrikaanse letterkunde is nie gevorm nie, maar belangrik vir hierdie ondersoek is dat *Ons Klyntji* nie net 'n tydskrif vir die volksmens geword het nie, maar ook van die volksmens. Tientalle vertellings en vertellinkies deur lesers is daarin opgeneem, o.m. sprokies. So word dit 'n belangrike en relatief vroeë bron.

In verhouding tot die ander vertellings is die sprokies min. Dit moet aan S.J. du Toit se houding toegeskryf word. Telkens weier hy om ingesoude sprokies te plaas "om dit ni oorspronkelik is nie".(194) Hy het wel besef dat sprokiës dikwels wêreldburgers is en skryf by geleentheid na aanleiding van twee verhale wat hy ontvang het: "Dis oorspronklik storiis fan 'Uilspiil', soos dit onder ons folk ferspry en op ferschillende manire gewysig is, soos dit met folksferhale gaan." Dan voeg hy egter by: "Maar nou leg daar nog te feul oorspronkelike Afrikaanse storiis op plek te wag, en di moet tog di foorkeur kry."(195)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie gehamer op die onoorspronklikheid of oorbekendheid van die "stokbeen ou" sprokies,[196] klink soos 'n refrein deur die verskillende jaargange van die blad. As 'n mens dan let op hoeveel van hierdie sprokies hy tog nog afkeur aangesien lesers dit nogtans aan hom gestuur het, vanselfsprekend omdat hulle gemeen het dat dit eg Afrikaans is, besef jy hoe 'n groot skat hier verlore gegaan het.

(b) *F.Th. Schonken* (1879-1909). Sy proefskrif *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, die eerste poging tot 'n wetenskaplike studie van die Afrikaanse volkskultuur, is oorspronklik aan die Universiteit van Leipzig in Duitsland geskryf, was by sy dood nog nie heeltemal voltooi nie, en is eers in 1914 in 'n Nederlandse vertaling gepubliseer. Soos 'n mens kan verwag, verwys hy na die meeste sprokies in baie beknopte vorm met net genoeg besonderhede om die vertellings te kan identifiseer. Op dié manier noem hy 'n veertigtal voorbeelde wat minstens aan die begin van die twintigste eeu by ons mense bekend was.[197]

(c) *G.R. von Wielligh* (1859-1932). As dit nie vir hierdie onvermoeide versamelaar was nie, sou ons kennis van die Afrikaanse sprokie, in die besonder die dieresprokie, gedurende die laaste dekades van die 19de eeu uiters karig gewees het. Sy eerste optekening van 'n sprokie is die vertelling oor "Die betowerde bos" (A/T/G 505.1), opgeneem in die verhaal *Jakob Platje* wat oorspronklik as vervolgstuk in *Ons Klyntji* verskyn het voordat hy dit in 1918 in boekvorm uitgee.[198] In die laaste twee uitgawes van *Ons Klyntji* voordat die blad finaal doodloop, verskyn altesame 26 van die "Dire Storiis" wat hy by bruin vertellers gehoor het, 4 in November 1906 en nie minder as 22 in Desember 1906 nie; hy skryf trouens veertien van die tydskrif se sestien bladsye vol. Hierdie stories plus nog vier word in 1907 in boekvorm uitgegee as *Dire storiis* Oor hierdie versameling het Von Wielligh later self getuig: "Op versoek van 'Ons Klyntji' het ons in 1906 Dertig verkorte Diere Stories vir publikasie geskrywe; maar aangesien die spelling wat daardie tydskrif destyds gevolg het nie in die smaak van die lesende publiek geval het nie, so moes die beknopte uitgawe daaronder ly."[199]

Reeds as kind kon Von Wielligh na 'n hele verskeidenheid vaardige, hoofsaaklik bruin vertellers luister.[200] Van sy sewentiende jaar af het hy Suid-Afrika as landmeter deurkruis. "In die Karo of in Boesmanland kan 'n landmeter soms van elf tot drie uur geen waarnemings doen nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorwerpe op 'n afstand lyk dan groter deur 'n landmetersinstrument gesien. Dan sit ons in die koelte van 'n bos of boom en wag op die wind." Vir tydkorting moet sy bruin helper stories vertel.[201] Oral was storievertellers by hom welkom, soos hy elders sê: "Met ons uitgebreide rondreis in Suidafrika, het ons gehoor verleen aan baie Storie-vertellers."[202]

Von Wielligh se werkmetode was om die verskillende variante van 'n sprokie wat hy te hore gekom het, met mekaar te vergelyk. Dan het hy "getrag om die verhale net so neer te skrywe as outa dit sou verhaal het".[203] Tog moes hy met die oog op die gewone leserspubliek waarvoor die boeke bedoel was, aanpassings maak. Die verhale is neergeskryf "in verbeterde taal en met weglating van herhalings (en) onstigtelike uitdrukkings".[204] By 'n ander geleentheid lê hy nog meer klem op die veranderings wat hy noodwendig moes aanbring: "Sou ons net die (gedagtegang) van die vertellers in aanmerking geneem het, dan sou dit beslis die waarde van hierdie werkie as 'n wetenskaplike voortbrengsel verhoog het; maar weer aan die ander kant sou dit ongetwyfel minder in die gewone leser se smaak geval het. Ons het ons egter so na moontlik gehou aan Outa se manier van vertel om die ware karakter van Dierestories nie geweld aan te doen nie. Die behoefte is: leesstof vir die gewone leser! en daarna het ons gemik."[205]

So verskyn sy vier bundels *Diere stories* (1917-1922). Boonop was daar sy vier bundels *Boesman-stories* (1919-1921), wat wel nie op die terrein van die Afrikaanse volksvertelling lê nie, maar in hul soort net so waardevol is. Verskeie van hierdie bundels is meer as een maal herdruk. In 1958 publiseer Rhoda Barry 'n keur van twintig dieresprokies uit Von Wielligh se werk, weer onder die titel *Dierestories*. Dit word ook herdruk.

'n Laaste belangrike bydrae maak Von Wielligh self toe hy in 1928, reeds gevorderd in jare, nog 'n dieresprokie in 'n kindertydskrif laat verskyn: "Vanwaar kom al die diere?"[206] (Vgl. A/T/G 1-299). Dit vorm die sluitstuk vir die magtige monument van die verbeelding wat hy en die ou bruin vertellers na wie hy met soveel oorgawe geluister het, vir ons sou nalaat: die verhaal oor die begin van die dinge. Die belangrikheid van Von Wielligh se rol in die bewaring van ons ou dieresprokies kan nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorskat word nie.

(d) *Vaughan, Metelerkamp en Cronjé.* Hoe bitter skaars boeke met Afrikaanse sprokies is, blyk daaruit dat hierdie skrywers, afgesien van Von Wielligh, die enigstes is wat werke van belang uitgee met vertellings wat hoofsaaklik op oorlewerings in die volksmond berus. In al drie gevalle is bruin vertellers aan die woord en word veral dieresprokies (hoofsaaklik van Jakkals of Jakkals-en-Wolf) aangebied.

K.L. en A.O. Vaughan se boek *Ou Hendrik z'n stories* verskyn in 1910. In 'n tydgenootlike blad word vermeld: "Dit boekje is geschreven door een engelse officier en zijn Afrikaanse echtgenote, tans woonagtig in Engeland, nabij Londen. Het zijn dertien stories van Wolf en Jakkals en andere dier-stories door ou Hendrik aan die kinderen van zijn baas verteld."(207) Die toneeltjies uit die plaaslewe waarin ou Hendrik en die kinders optree, word in Nederlands beskryf, maar die dialoog, en dus ook die vertellings, is in 'n krommerige Afrikaans. Etlike van die verhale bevat nuwe stof wat nie by Von Wielligh voorkom nie.

Outa Karel's stories - South African folk-lore tales (1914) is geskryf deur Sanni Metelerkamp. Mej. Metelerkamp is as agterkleinkind van die bekende George Rex op Knysna gebore, die oudste van twaalf kinders. (Haar moeder was die dogter van John Rex, seun van George Rex.) Sy word joenalis by die *Cape Argus* in Kaapstad, tree as die eerste vroulike parlementêre verslaggeefster in Suid-Afrika op en verwerf bekendheid onder die skuilnaam Lady Penny. Van haar verskyn etlike kortverhale, *Outa Karel* en 'n toneelstuk *In die dae van Van Riebeeck,* waarmee sy 'n prys in 'n landwye kompetisie wen. Weens haar groot belangstelling in die geskiedenis van haar oupagrootjie, tree sy af en lê haar jare lank op navorsing hieromtrent in Engeland en Suid-Afrika toe. Kort ná die voltooiing van haar manuskrip is sy in 1945 oorlede. Dit verskyn postuum (vermoedelik in 1955) onder die titel: *George Rex of Knysna - The authentic story.*(208) Agt van die vyftien vertellings in *Outa Karel* berus blykbaar op stories wat sy Outa Karel (oorlede in 1911) op 'n plaas in die Groot Karoo(209) hoor vertel het, en/of sluit by die dieresprokies van ander bruin vertellers aan (Outa Karel was van Boesman-afkoms),(210) nl. nr. 1, 2, 3, 4, 5, 10, 11 en 13. Die origes is Boesman-vertellings, wat in minstens twee gevalle volgens die skryfster se eie mededeling op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorbeelde in Bleek en Lloyd se *Specimens of Bushmen folk-lore* be= rus.(211) Die skryfster se vertelstyl is lewendig, en sy gee 'n sim= patieke beeld van Outa Karel, maar ongelukkig nie in die oorspronklike taal nie, soos sy self sê: "I greatly regret that they appear here in what is, to them, a foreign tongue. No one who has not heard them in the *Taal* - that quaint, expressive language of the people - can have any idea of what they lose through translation."(212)

C.J. Grové was 'n sendeling van beroep, en volgens hom was Outa Abram die bron vir die elf vertellings in *Jakkals se strooptogte* (1932).(213) Bekende stof word afgewissel met sprokies wat nêrens anders voorkom nie. Dis 'n waardevolle bron, hoewel die skrywer klaarblyklik nie daarin slaag om die tipiese styl van die ou bruin vertellers (vgl. Von Wielligh) minstens redelik outentiek weer te gee nie.

(e) *"Waar die volk skep"*. Dr. Abel Coetzee, wat die eerste hoog= leraar in die Afrikaanse Volkskunde sou word, behartig van Mei 1938 - April 1945 'n rubriek onder hierdie opskrif in *Die Brandwag*, aanvanklik weekliks, maar later soms tweeweekliks of meer ongereeld. Dit bestaan uit kort besprekings van sekere aspekte van die Afrikaanse geestelike volkskultuur, hoofsaaklik na aanleiding van bydraes wat van lesers ont= vang is. In die loop van die jare verskyn honderde sulke lesersbydraes en word dit een van ons hoofbronne, ook wat volksvertellings betref. Feitlik deur die bank verklaar insenders hiervan dat hulle dit by 'n vader, moeder, oupa, ouma of ander verteller in hul kinderjare gehoor het, en 'n mens kan dus met veiligheid aanvaar dat dit reeds vóór 1925 bekend moes gewees het.

(f) *Ons Erfenis*. Van Januarie 1970 - Desember 1974 het ek hierdie weeklikse program in die Afrikaanse Diens van die S.A.U.K. versorg. Feitlik dieselfde werkmetode as in Abel Coetzee se tydskrifrubriek is gevolg. Die luisteraars het geesdriftig deelgeneem en honderde bydraes is ontvang, maar dit was opmerklik hoe skaars sprokies geword het. Die insenders hiervan was omtrent almal bejaarde mense, en ons kan die oor= sprong ook sonder meer in die tydvak vóór 1925 plaas.

(g) *C.A. Pienaar*. In die laat sewentigerjare het ek kennis gemaak met mnr. C.A. Pienaar, afgetrede boer van Somerset-Wes. Hy het 'n twee= tal sprokies opgeteken gehad soos hy hulle onthou het uit omstreeks 1920

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe hy as jongman 'n ruk as voorman op 'n Bolandse plaas in die distrik Stellenbosch gewerk het en daar in sy bruin werkspan 'n baasverteller was. Op my aandrang het hy altesame tien van die vertellings opgeteken, waarvan 'n afskrif in die *Ons Erfenis*-versameling bewaar word. Om meer as een rede is hierdie optekenings 'n merkwaardige vonds sonder gelyke in Afrikaans. Pienaar slaag daarin om die tipiese spraak van die bruin volksmens weer te gee (op die patroon van Joel Chandler Harris se Uncle Remus), terwyl hy geen doekies omdraai nie, maar die stories (almal dieresprokies) vertel nes hy hulle gehoor het, met skuins verwysings en al. In die sprokies kom boonop etlike liedjies voor, iets wat baie skaars in Afrikaans is, en verder is hierdie verhale uitstekende voor= beelde van hoe die volksmens rondom geliefde karakters (o.m. Jakkals en Hasie) allerhande oorspronklike vertellings skep, geplaas in sy eie tyd en omgewing. So koop Hasie bv. 'n motorfiets by 'n bekende plaaslike motorhawe van destyds ("Hasie koop 'n motorfiets", A/T/G 2400 e.v.), of hy en Jakkals gaan rugby kyk ("Hasie en Jakkals op Nuweland", A/T/G 2400 e.v.), waar 'n klompie beroemde spelers van daardie dae in aksie gesien word. Pienaar se manuskrip is ongetwyfeld 'n uiters be= langrike bron.

13.6.3 Ander bronne

(a) *Koerante*. Optekenings van of verwysings na sprokies kom so sporadies in koerante voor dat hulle hoegenaamd nie sistematies deur= gewerk kon word nie. In die loop van algemene volkskundige navorsing het ek nogtans met heelwat koerante te make gekry, maar soos later uit die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" blyk, was die stof wat aan die lig gekom het bloedweinig. Die enigste uitsondering is *De Volk= stem* van 1905, maar dit is 'n bekende bron waarna Schonken reeds ver= wys.(214)

(b) *Tydskrifte*. Die tydskrifte is belangrike bronne, hoewel geen= een met *Ons Klyntji* vergelyk kan word nie. Hier word veral verwys na *Die Boerevrou(w)*, *Die Afrikaanse Kind*, *Die Brandwag*, *De Goede Hoop*, *De/Die Huisgenoot*, *Die Jongspan*, *Die Kleinspan*, *Ons Taal*, *Die Taal= genoot*, *De Unie*, *Jong Zuid-Afrika* en *Vonk*. Die grootste gros van hier= die tydskrifte het nā 1900 ontstaan, en die verskil in benadering wan= neer 'n mens hulle met *Ons Klyntji* vergelyk, is opvallend. Dis nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou meer die volksmens wat self aan die woord gestel word nie ('n ru= briek soos "Waar die volk skep" is die uitsondering), maar daar word hoofsaaklik vîr die volksmens (en andere) geskryf. Die klem het van die onderkultuurlaag na die opperkultuurlaag verskuif. Dit is meest= al professionele mense wat nou die skryfkuns beoefen. Tog kom 'n mens belangrike voorbeelde van sprokies teë, hoewel die sappige, volk= se verteltrant in die meeste gevalle ontbreek.

(c) *Boeke (algemeen).* Daar is weinig boeke, afgesien van die reeds genoemdes, wat werklik as bronne beskou kan word, en dan kom ge= woonlik ook net enkele sprokies voor. Die belangrikstes is Ian D. Col= vin: *Romance of Empire: South Africa,* dr. S.J. du Toit: *Suid-Afri= kaanse volkspoësie,* Van Rooyen en Pellissier: *Raai roai riepa - Die Afrikaanse raaiselboek* en Kobus van Zyl: *Jannie de Dobbelaar.* Die ander boeke word genoem omdat hulle interessante verwerkings van Afri= kaanse sprokies bevat, moontlik gegrond op iets wat die skrywer in die volksmond gehoor het, soos G.C. en S.B. Hobson se *Kalahari kaskenades;* J.M. Friedenthal se *Ondank is die wêreld se loon* en *Nukkebol Reinard;* verskeie verhale en kinderrympies van Helena J.F. Lochner; Minnie Post= ma se: *Toe Ma nog Meintjie was;* en Sita se *Klipsop.*

In *Kalahari kaskenades* vorm die bekende sprokie "Die waterdief gestraf" (A/T/G 175.1) die sentrale tema waarop die Hobson-broers verbeeldingr= ryk voortborduur en ook ander sprokietemas betrek, soos dié van "Bobbe= jaan se towerviool" (A/T/G 70-99). Friedenthal gee in 'n "Voorwoord= jie" tot *Ondank is die wêreld se loon* te kenne dat ons hier met 'n ou slaaf se vertellings te make het, maar dis net 'n truuk om die verhaal meer outentiek te laat klink. Al verband wat dit met die volksvertel= ling het, is dat Wolf en Jakkals tradisioneel voorgestel word. *Nukke= bol Reinard,* 'n vervolg op eg. boek, is ook in die sfeer van die volks= vertelling, en een bekende tema word ingewerk, nl. dié van "Ondankbare slang terug onder klip" (A/T 155).

Die geval van Helena Lochner is interessant. Haar talle verhale vir kin= ders is later in ses versamelbundels uitgegee, nl. *Kleuterland, Kinder= land, Kammaland, Storieland, Diereland* en *Avontuurland* terwyl 'n keur, nl. *Versieland,* uit haar kinderverse verskyn. As kind op Somerset-Wes was daar twee ou bediendes in die huis, Jana en Kandaas, albei afstam=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

melinge van slawe en groot storievertellers.[215] Ongelukkig het sy nooit aangedui watter verhale sy by hulle gehoor en watter sy uit literêre bronne oorgeneem het nie, maar talle volkstemas kom in haar werk voor.

(d) *Vakpublikasies.* Die Afrikaanse volkskundige studie as wetenskap het maar stadig ontplooi en vakpublikasies is skaars. Wat sprokies betref, is daar veral S.C. Hattingh se gepubliseerde doktorale proefskrif *Sprokiesvorsing*, en W.J.G. Loots en S.C.H. Rautenbach se ongepubliseerde proefskrifte *Die herkoms, ontwikkeling en verspreiding van die reisiesverhaal in Afrikaans*, en *Die wording van 'n siklus in die Afrikaanse diersprokie.* Belangrik is die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 'n kwartaalblad wat sedert 1944 verskyn. Abel Coetzee, S.C. Hattingh, W.J.G. Loots en P.D. Swart doen baanbrekerswerk toe hulle 'n *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal* in 1967 publiseer (as die Julie/Oktober-uitgawe van die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*), hoewel dit nie sonder gebreke is nie. Die vernaamstes is die onvolledigheid van die geraadpleegde bronne (veral die tydskrifte en belangrike boeke soos K.L. en A.O. Vaughan se *Ou Hendrik z'n stories* ontbreek), terwyl talle universele sprokies en fabels opgeneem word wat 'n mens nie as deel van ons tradisionele vertelgoed kan beskou nie. Al die genoemde bronne in hierdie afdeling bevat verwysings na of optekenings van sprokies uit die volksmond.

(e) *Skoolleesboeke.* Dit lyk vanselfsprekend dat skoolleesboeke 'n rol by die oordrag van sprokies kan speel. Ongelukkig het dit geblyk dat sulke leesboeke of leesreekse van vóór 1925 (die bloeityd van die Afrikaanse sprokie) uiters moeilik bekombaar en dikwels totaal onverkrygbaar is. Selfs die befaamde Nienaber-versameling van Afrikaanse boeke in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein het nie veel opgelewer nie.

Wat betref Nederlandse leesboeke saamgestel in Suid-Afrika, kon die volgende geraadpleeg word: *Longman's leesboek voor Zuid-Afrika* (reeks, 1905); P. Elffers: *De buitenschool - Leesboek voor de hogere klassen van de buitenscholen in Zuid-Afrika* (1912); en *Longman's leesboek voor Verenigd Zuid-Afrika* (reeks, 1912). In Afrikaans verskyn voor 1925 'n tiental reekse skoolleesboeke; 'n presiese getal kan nie vasgestel word nie omdat almal nie gedateer is nie.[216] Ek kon die volgende raadpleeg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(wat die reekse betref, ook net gedeeltelik): C.J. Alers: *Die Afrika=nerkind* (reeks, 1919-1922); Jan F.E. Celliers: *Afrikaanse leesboek (vir huis en skool)* (1920); K. Bonsma en P.J. Kloppers: *De Bussy's leesboek vir Suidafrika* (reeks, 1920); en C.J. Alers (red.): *Jong Suid-Afrika* (reeks, 1923-1924).

Uit hierdie steekproef blyk dat Afrikaanse sprokies, of in elk geval sprokies wat as deel van die Afrikaanse sprokievoorraad beskou kan word, 'n betreklik geringe plek in leesboeke inneem. Veel meer gewild is universele fabels (natuurlik oor die sedelesse wat daarin voorkom, want die leesboeke is deurgaans uiters didakties), asook soms verta=lings van die sprokies van Grimm en van Andersen. Ek het trouens net vier sprokievoorbeelde van betekenis vir Afrikaans teëgekom, nl. A/T/G 30.2: "Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief" in *Longman's leesboek voor Zuid-Afrika*, st. III (les 4); A/T 56C: "Jakkals is skoolmeester", gevolg deur A/T 9A: "Jakkals hou die krans vas" in Bonsma en Kloppers: *De Bussy's leesboek vir Suid-Afrika*, st. III (les 29); A/T 130: "Die reisende diere se nagverblyf" in Alers: *Jong Suid-Afrika*, st. IV (les 23); en A/T 1415 (variant c): "Gelukkige Hans" (hier Frans Fortuin genoem) in Elffers: *De buitenschool* (les 37).

Aangesien hier met 'n steekproef volstaan moes word, is skoolleesboeke liewers nie in die bronnelys van die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" opgeneem nie aangesien al die bronne wat daar aangegee word (afgesien van die koerante) so noukeurig as moontlik deurgegaan is. Indien enkele skoolleesboeke tussenin vermeld word, kan dit die skewe indruk wek dat alle los leesboeke en leesreekse voor 1925 volledig ge=dek word.

Nog een kwessie moet hier aangeroer word. Abel Coetzee en medewerkers vermeld in hul *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal* telkens by inskrywings: "Verhaal het bekend geword uit skoolboek: Longmans Lees=book voor Zuid-Afrika, st. 3" (A/T 32: "Jakkals ontsnap uit put met emmer"), of: "Golden Dawn Reader VI (gedig) maak dié verhaal in S.A. bekend" (A/T 111A: "Wolf beskuldig Lam vals en vreet hom op"), en so nog talle meer. Dis onbewysbare stellings waarteen 'n mens liefs moet waak. Die meeste van die vertellings wat so deur hulle aangedui word, was ook in ander verwerkings as in skoolboeke beskikbaar. Trouens, fabel=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boeke het, soos elders aangedui, reeds van Jan van Riebeeck se tyd aan die Kaap voorgekom, dwarsdeur die 19de eeu het fabels in tydskrifte verskyn, in *Ons Klyntji* kry ons voorbeelde, en ook in die 20ste-eeuse boeke en tydskrifte word fabels heel dikwels opgeneem. Dit is onverdedigbaar om nou juis skoolleesboeke as die enigste of vroegste bronne uit te sonder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. N.P. van Wyk Louw: *Rondom eie werk*, p.41.

2. W.A. 't Hart: *Volkenpsychologie*, p.84.

3. *Ons Klyntji*, Julie 1900, p.141-142.

4. *Ons Klyntji*, Sept. 1898, p.148.

5. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.56.

6. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.112-113.

7. B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika*, p.91.

8. *So onthou ek ...*, p.91.

9. *Ons Klyntji*, Junie 1897, p.79.

10. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.56; vgl. cok *Ons Klyntji*, Mei 1905, p.7.

11. *Ons Klyntji*, April 1897, p.47.

12. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.68.

13. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.16.

14. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.42.

15. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.107.

16. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.83.

17. W.J. Conradie: *Op reis in het Zuidwesten*, p.17.

18. *Die Huisgenoot*, 5 Nov. 1926, p.31.

19. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.5.

20. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.5.

21. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.6.

22. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.6-7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

23. *De Unie*, Nov. 1905, p.234.

24. *Die Jongspan*, 3 Julie 1963, p.3.

25. W.E.G. Louw: *Persoonlike perspektiewe*, p.23.

26. *Die Brandwag*, 1 Sept. 1912, p.222; 25 Feb. 1919, p.299-300; 27 Jan. 1939, p.41; 29 Mei 1942, p.17, 19 Junie 1942, p.17; *De Goede Hoop*, 11 Aug. 1920, p.61; *De/Die Huisgenoot*, Mei 1916, p.21; 28 Aug. 1923, p.194; 11 Jan. 1924, p.23; 1 Feb. 1924, p.27; 13 Junie 1924; 7 Nov. 1924, p.35; *Die Kleinspan*, 9 Des. 1927, p.8; 1 Junie 1928, p.8; *Ons Erfenis*, o.m. VS 54, 61 en 62.

27. *Die Brandwag*, 25 Nov. 1938, p.29.

28. *Die Brandwag*, 22 Jan. 1939, p.29.

29. *Ons Erfenis*.

30. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.138.

31. K.L. en A.O. Vaughan: *Ou Hendrik z'n stories*, p.30.

32. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.8-9.

33. Mikro: *Hy koop toe vir hom 'n pen*, p.30.

34. C.J. Grové: *Jakkals se strooptogte*, p.149.

35. P.J. en G.S. Nienaber: *Die Afrikaanse diereverhaal*, p.13-14.

36. Vgl. *Die Kleinspan*, 10 Maart 1933, p.6; Helena J.F. Lochner: *Vrolike versies* (st.II), p.18; *Ons Erfenis*, VS 5; P.C. van Zijl: *Snaakse Afrikaanse rympies*, p.41; Kobus van Zyl: *Jannie de Dobbelaar*, flapteks.

37. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

38. Eugène N. Marais: *Dwaalstories e.a. vertellings*, p.ii.

39. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.7.

40. G.R. von Wielligh: *Boesman-stories* I, p.5-6.

41. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.xiv.

42. C. Graham Botha: *Social life and customs during the 18th century*, p.40.

43. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.vii.

44. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.viii.

45. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.1-10.

46. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.193-196.

47. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.81-84.

48. I.D. du Plessis *Die Maleise samelewing aan die Kaap*, p.39-42.

49. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.157-163.

50. W.J Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.40.

51. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.83.

52. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.6.

53. *Ons Klyntji*, Aug. 1900, p.156-159; Okt. 1900, p.184-186; Nov. 1900, p.213-214; Des. 1901, p.202; Maart 1903, p.10-11; Des. 1903, p.169-170.

54. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.38.

55. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.58.

56. S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing*, p.58.

57. *Ons Tijdschrift*, 1e jrg. (1896), p.195.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

58. *De Unie*, Sept. 1905, p.137-140.

59. *De Goede Hoop*, Aug. 1905, p.38.

60. F.Th Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.53.

61. *De Goede Hoop*, Des. 1907, p.127 e.v.; *Die Brandwag*, 10 Des. 1914 en 15 Jan. 1915.

62. *Die Brandwag*, 1 Des. 1912, p.408-412.

63. *Ons Tijdschrift*, 1e jrg. (1896), p.134-139.

64. W. Versfeld: *Springbok rympies en stories voor die kinders*, p.ii.

65. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.179-184.

66. *De Huisgenoot*, Mei 1916, p.21.

67. *Die Huisgenoot*, Sept. 1920, p.177.

68. G.R. von Wielligh: *Diere stories* IV, p.4.

69. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.13.

70. Vgl. J.A. Heese: *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867*, p.21 en 32.

71. Vgl. Stith Tompson: *The folktale*, p.243-254.

72. Vgl. Chr. Kutschera: *Rübezahl*.

73. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II, p.6.

74. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1919, p.295.

75. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II. p.7.

76. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1919, p.295.

77. *De Goede Hoop*, Aug. 1923, p.61.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

78. *Die Kleinspan*, 6 Aug. 1926, p.3.

79. *Die Kleinspan*, 6 Julie 1934, p.2.

80. *Die Jongspan*, 12 Feb. 1937.

81. *Die Jongspan*, 11 Jan. 1937, p.1.

82. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II, p.6.

83. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.168.

84. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.70-71.

85. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

86. Huibrecht Mulder: *Dit was gister en eergister*, p.88.

87. P.J. Nienaber: *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*, p.249.

88. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.10.

89. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.11.

90. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II, p.93; vgl. ook *Diere stories* III, p.87, en *Diere stories* IV p.80.

91. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.53.

92. Vgl. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I, p.196.

93. *Die Brandwag*, 5 Aug. 1938, p.30; *Ons Erfenis*, VS 10.

94. *Die Huisgenoot*, Aug. 1923, p.194; 7 Nov. 1924, p.35.

95. *Die Huisgenoot*, 7 Nov. 1924, p.31; *Die Kleinspan*, 8 Okt. 1926, p.8.

96. *Die Jongspan*, 15 Okt. 1937, p.12.

97. L. de Beer: *Uren in Zuid-Afrika*, p.37.

98. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

99. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.16-17.

100. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.10-11.

101. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.12.

102. *Ons Erfenis*

103. *Ons Klyntji*, Jan. 1899, p.11.

104. *Ons Klyntji*, Jan. 1899, p.11.

105. *Ons Klyntji*, Julie 1897, p.95.

106. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.13.

107. *Ons Klyntji*, Okt. 1897, p.192.

108. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.17-19.

109. Vgl. Bleek en Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore*.

110. Eugène N. Marais: *Dwaalstories e.a. vertellings*, p.i.

111. Pieter W. Grobbelaar: *Trippe trappe trone*, p.201.

112. *Die Kleinspan*, 1-22 Junie 1926; Kobus van Zyl: *Jannie de Dob= belaar*.

113. Kobus van Zyl: *Jannie de Dobbelaar*.

114. *Die Volkstem*, 17 Jan. 1928, p.15.

115. *Ons Klyntji*, Junie 1896, p.68-69; Mei 1898, p.67.

116. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1910, p.295.

117. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.68-69.

118. *De Goede Hoop*, Nov. 1906, p.158.

119. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.116-117.

120. *Ons Erfenis*, VS 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

121. W.E.G. Louw: *Persoonlike perspektiewe*, p.23.

122. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.68-69.

123. H.J.J.M. van der Merwe: *Vroeë Afrikaanse woordelyste*, p.149.

124. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II, p.88.

125. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.16.

126. G.R. von Wielligh: *Diere stories* II, p.83 e.v.; *Diere stories* IV, p.34.

127. K.L. en A.O. Vaugnar: *Ou Hendrik z'n stories*, p.5.

128. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.115-116. *De Unie*, Julie 1908, p.33.

129. *Die Kleinspan*, 27 Aug. 1926, p.6-7.

130. *Ons Erfenis*.

131. L. de Beer: *Uren in Zuid-Afrika*, p.30-37.

132. *Vonk*, 29 Sept. 1969, p.17.

133. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.24.

134. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.27-28.

135. Tante Kota: *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders*, p.24.

136. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Jan. 1980, p.16-17.

137. Chris Lamprecht: *Dit kom van ver af* (S.A.U.K.-klankargief, TM 238).

138. I.D. du Plessis: *Uit die Slamse Buurt* I, p.3-10.

139. I.D. du Plessis: *Die Maleise samelewing aan die Kaap*, p.38 en 41.

140. G.R. von Wielligh: *Diere stories* IV, p.4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

141. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.10-11.

142. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Jan. 1980, p.15.

143. *Ons Erfenis*, VS 57.

144. J.D.N. Lotz: Die dieresprokie by die Bantoe, p.57.

145. Vgl. S.C.H. Rautenbauch: *Die wording van 'n siklus in die Afrikaanse diersprokie.*

146. *Die Huisgenoot*, 28 Des. 1923, p.26; 11 Jan. 1924, p.23.

147. *Vonk*, 8 Sept. 1969 - 16 Maart 1970.

148. *Vonk*, 11 Aug. 1969, p.9.

149. *Ons Erfenis.*

150. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.112-113.

151. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Jan. 1980, p.13.

152. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.16.

153. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.10.

154. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.9.

155. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.112.

156. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.117-119.

157. *Ons Klyntji*, Feb. 1897, p.253; Maart 1897, p.17.

158. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.17.

159. *De Unie*, Julie 1908, p. 32-33.

160. *Ons Erfenis.*

161. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.116 e.v.

162. B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika*, p.91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

163. Vgl. *Ons Klyntji*, Sept. 1896, p.135.

164. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.6.

165. Helmut Wiemken (samest.): *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel*, u.s.w.

166. Jan Frans Willems: *Reincert de Vos*, p.12.

167. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.184.

168. *Ons Erfenis*.

169. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.182-183.

170. *Ons Erfenis*.

171. *Die Brandwag*, 23 Feb. 1919, p.295.

172. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Jan. 1980, p.13-17.

173. Van Rooyen en Pellissier: *Raai raai riepa*, p.172-174.

174. *Ons Erfenis*.

175. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.187-188.

176. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal*, tipe 1579 (mondelinge oorlewering); *Die Brandwag*, 27 Aug. 1943, p.17: F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.58.

177. *Die Brandwag*, 27 Aug. 1943, p.17.

178. *Die Brandwag*, 27 Aug. 1943, p.17.

179. *Die Brandwag*, 5 Maart 1943, p.19.

180. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.79-80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

181. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.52.

182. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.88-89.

183. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.92-94.

184. *Die Brandway*, 5 Maart 1943, p.29.

185. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.88.

186. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.19.

187. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.19.

188. Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*, p.20-21.

189. *Ons Klyntji*, Julie 1900, p.141-142.

190. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.160-161.

191. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.56; Mei 1905, p.7.

192. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.88-89.

193. *Ons Klyntji*, Junie 1896, p.72.

194. Vgl. *Ons Klyntji*, Jan. 1898, p.3; Julie 1899, p.165; Sept. 1899, p.188.

195. *Ons Klyntji*, Maart 1899, p.56.

196. *Ons Klyntji*, Jan. 1900, p.19; ook Jan. 1898, p.3.

197. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.53, 139-142 en 179-184.

198 *Ons Klyntji*, Aug. 1905, p.7-8; G.R. von Wielligh: *Jakob Platjie*, p.57-65.

199. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.5.

200. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.5-7.

201. G.R. von Wielligh: *Diere stories* III, p.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

202. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.6.

203. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.6.

204. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.6.

205. G.R. von Wielligh: *Diere stories* IV, p.3.

206. *Die Kleinspan*, 13 Jan. 1928, p.3.

207. *De Unie*, Aug. 1910, p.54.

208. J. Rex Metelerkamp: Introduction (Sanni Metelerkamp: *George Rex of Knysna*, p.5).

209. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.ix en 1.

210. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.4 e.v.

211. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.vii.

212. Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.viii.

213. Vgl. C.J. Grové: *Jakkals se strooptogte*, p.149.

214. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.136.

215. Helena J.F. Lochner: *Haan loop weg*, bandteks.

216. P.J. Nienaber: *Bibliografie van Afrikaanse boeke* I, p.711-713.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14.0.0 HISTORIESE OORSIG VAN DIE VOORKOMS VAN AFRIKAANSE SPROKIES

14.1.0 Die 17de en 18de eeu

Daar bestaan geen enkele optekening van 'n sprokie uit die mond van die Afrikaanse volksmens in hierdie tydvak nie, en ook deur afleiding uit ander bronne, is die oes maar skraal. Selfs die beroemde vertelling oor "Die groot rookwedstryd" ("Waar Tafelberg sy kleed gekry het"/"Kap= tein Van Hunks en die Duiwel", A/T/G 1091A.1), wat uit die Hollandse Tydvak sou stam, het eers in die vroeë jare van die 20ste eeu sy beslag gekry en sal dáár bespreek word.

14.1.1 "Ronde, ronde kousie" (A/T 2271)

Met 'n hele omweg kan 'n mens aflei dat hierdie klein treitersprokie moontlik aan die Kaap bekend was. By Schonken (wat skryf oor toe= stande rondom 1900) kom 'n verwysing voor na "grappige plagerijen zoo= als de geschiedenis van 'die ronde, ronde kousie', die nooit verder komt dan het begin".(1) Die Nederlandse sprokievorser G.J. Boekenoogen gee hierdie sprokie weer soos dit omstreeks 1850 in Kampen vertel is:

"De kinderen vragen moeder of zuster om een vertelling en deze zecht eindelijk: Zal ik je dan vertellen een mooi avontuurtje, een schoon avontuurtje, een avontuurtje van rood rood kousje? Wil-je het weten, dan zal ek het je zeggen.

- Ja, alsjeblieft.

- Nee, het is niet: ja, alsjeblieft, maar het is een mooi avontuurtje, een schoon avontuurtje, een avontuurtje van rood, rood kousje. Wil-je het weten, dan zal ik het je zeggen.

- De kinderen allen: Ik wil het weten!

- Nee, het is niet: ik wil het weten, maar een mooi avontuurtje, een schoon avontuurtje, een avontuurtje van rood, rood kousje. Wil-jé het weten, - enz., net zoolang totdat de geplaagde kinderen op de vertelster aanvliegen en deze bekennen moet dat zij er ook niet van weet."(2)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Boekenoogen wys voorts daarop dat die treitervertellinkie van "Rood=kousje" telkens in ou Nederlandse boeke en geskrifte uit die tweede helfte van die 16de eeu tot die einde van die 18de eeu genoem word sonder dat iemand presies sê hoe dit tóé vertel is. Een van die ver=hale waarin daarna verwys word, is die *Batavische arcadia* (1637) deur J. van Heemskerk. 'n Eksemplaar van hierdie boek, en wel 'n herdruk van 1707, kom voor in die Von Dessin-versameling in Kaapstad, bestaan=de hoofsaaklik uit 17de- en 18de-eeuse boeke wat aan die Kaap byeenge=bring is.(3) Hierin sê die skrywer dat kinders van kleins af hul va=derlandse geskiedenis geleer moet word. "En Moeders, en Minnens, mosten 't haere Queeckelingen, in plaetse vande souteloose sproockjes, van 't Root-kousje ..., en dierghelijcke lammeryen meer sonder op-hou=den vertellen, en in-scherpen."(4)

Die verwysing na die treitersprokie is daar; die boek was aan die Kaap bekend, in hoe 'n wye kring weet 'n mens nie; en of iemand dit ooit destyds vertel het, is ook onbekend, hoewel dit (volgens Schonken) teen die einde van die 19de eeu voorgekom het. Dat dit egter wel sedert die 17de eeu aan Kaap vertel is, lyk nie onmoontlik nie.

14.1.2 <u>"Hasie as boodskapper van die maan" (vgl. A/T 47A, 70 en 92A)</u>

Die eerste sprokie aan die Kaap opgeteken, kom uit die sewentigerjare van die 18de eeu. Dit verskyn in die *Joernaal* (1779) van die Sweed Hendrik Jacob Wikar, wat uit die Kompanjiesdiens in Kaapstad weggeloop en tot by die Oranjerivier rondgeswerf het. Hy het die vertelling by die Hottentotte gehoor, waarvan verskeie Nederlands/Afrikaans magtig was. Die vertelling lui:

"Tzoekoab of God zoude in oude tyden (toen de menschen zo treurig waaren, daarover dat haare vrienden kwamen te sterven) een boodschap aan den haas gegeeven hebben, dat hy moeste den menschen boodschappen, dat ze over zulks niet hoefden treurig te zijn, dewyle zy en haare vrienden schoon zy nu kwamen te sterven, tog t' eeniger tijd weeder her=leeven zouden gelijk de nieuwe maan. Den haas beloofde zulks te ver=rigten ... maar hy loog en zeyde aan de menschen: die dood is, zal dood blyven en niet herleeven, gelijk de nieuwe maan."(5) Vir die Hot=tentotte was hierdie vertelling hoegenaamd nie 'n sprokie nie, maar deel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van hul volksgeloof - 'n mite dus, want Wikar deel verder mee dat hulle die haas oor sy vals boodskap gehaat en hom doodgemaak het waar hulle kon, maar geweier het om sy vleis te eet.(6)

Die vertelling is later talle kere by Boesmans, Hottentotte en Swart volksgroepe as mite opgeteken,(7) maar dit lyk nie asof dit by die Afrikaner 'n sprokie geword het nie. Die geloofswêreld waaruit dit voortkom, was vir hom te vreemd.

14.1.3 Fabels

Die fabel is in sy wese (in Wes-Europa en ook in Afrikaans) 'n literêre vorm wat selde net so uit die volksmond opgeteken word, soos later by 'n bespreking van dié soort vertelling sal blyk. Tog bestaan verskeie dierefabels, veral van Esopus, wat ook wye bekendheid as sprokies geniet het. Dit bly natuurlik 'n ope vraag of hierdie fabels wel Esopus se skeppinge was en of hy dit nie self uit die volksmond oorgeneem en sy boodskappe daaraan geknoop het nie.

Wat Esopus betref, is daar in die Von Dessin-versameling die *Vita et fabellae Aesopi* (s.j.), twee bundels van *Les fables Heroiques imitées de celles d'Esope* (1669), asook vier bundels van Phaedrus se oorvertellings van Esopus-fabels: *Phaedri fabulae* (1701, 1719 en twee van 1728). Ander fabelbundels in die versameling is A. Poirters se *Ydelheid der wereld* (1714), Jacob Cats se *Spiegel van den ouden en nieuwen tyd* (1722), en C.F. Gellert se *Fabelen en vertelsels* (1772).(8) Hiervan is die Esopus-bundels vir ons ondersoek die belangrikste, en hoewel hoofsaaklik in Latyn, moet 'n mens onthou dat Latyn destyds die taal van die geleerdheid was, en die inhoud van die boeke kon na verskillende lae van die bevolking deurgewerk het. Die onderwys aan die Kaap dwarsdeur die bewind van die Kompanjie was in 'n swak toestand, maar die eerste sg. Latynse skool in Kaapstad is tog in die tweede dekade van die 18de eeu deur Lambertus Slicher gestig,(9) en die fabels sou daar beslis as leerboek gebruik gewees het. Dan ook kon die meer ontwikkelde ouers dit aan hul kinders oorgedra het, en die kinders dit weer onder hul makkers versprei het. 'n Mens dink in hierdie verband onwillekeurig aan die prentjie wat P.B. Borcherds van die lewe in die Stellenbosse pastorie van ds. Meent Borcherds gedurende die laaste dekade

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die 18de eeu teken: "The children were, under the eye of the mama, usually occupied during the evening with their lessons, whilst the paterfamilias was engaged in his study. About nine o'clock supper was announced, the family assembled round the table, and then we had the benefit of listening to interesting and useful information collected in the study-room and delivered with appropriate remarks and observa= tions."(10)

Die Ballot-versameling, byeengebring gedurende die laaste dekades van die 18de eeu en die eerstes van die 19de eeu (tans gehuisves by die Universiteit van Kaapstad), bevat die *Phaedri fabularum* (1693), asook Gellert se *Fabeln und Erzählungen* in twee dele (1763-1766), en 'n Ne= derlandse vertaling daarvan (1772-1774).(11) Ander werke in die ver= sameling van belang vir die volksvertelling is so laat 18de-eeus (of vroeg 19de-eeus) dat dit nie hier in berekening gebring kan word nie.

14.1.4 Towersprokies en die stellings van Sigrid Schmidt

In 1977 verskyn daar van die Duitse volksverhaalvorser Sigrid Schmidt 'n artikel met die veelbelowende opskrif: "Europäische Märchen am Kap der Guten Hoffnung des 18. Jahrhunderts."(12) In 1960-1962 en weer in 1975 het Schmidt studiereise in Suidwes-Afrika onderneem om onder die Nama-sprekende volksgroepe volksverhale op te teken. "Das Repertoire der Erzähler bestand fast immer aus einem bunten Wechsel von altem, heimischem Gut und ursprünglich europäischen Geschichten." Toe verder oor hierdie Europees-getinte vertellings navraag gedoen is, ontdek Schmidt dat dit gewoonlik na die Rehoboth-Basters lei: "'Mein Grossva= ter hat uns das erzählt', sagte eine sehr dunkelhäutige Dama-frau, 'der war Baster'. - 'Grossmutter hatte ihre Geschichten von ihrer Mutter, und die kam mit den Basters ins Land'. Selbst weit im Süden, auf die Frage nach der Quelle der Geschichte, wurde angegeben: 'Die habe ich von einem Alten aus Rehoboth gehört'."(13)

Schmidt redeneer nou dat die Basters afstammelinge van blanke vaders en Nama-moeders uit die jare rondom 1800 is, mense wat eers in Noordwes-Kaapland gewoon en hulle omstreeks 1870 by Rehoboth gevestig het. Dan volg dié belangrike stelling: "Ihre materielle und geistige Kultur ist ... zu einem grossen Teil Erbe der europäischen Vorfahren. Wahr=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

scheinlich waren sie es, die viele der heute im Lande verbeiteten Märchen europäischer Herkunft aus dem Kapland mitbrachten ... Wenn die Rehobother die Überbringer der kapholländischen Traditionen waren, dann ist anzu= nehmen, dass die Märchen aus den Familien der weissen Stammväter kamen. In der zweiten Hälfte des 18. Jahrhunderts müssen demnach bei diesen die Märchen erzählt worden sein."(14) Schmidt gaan voort en bespreek 'n dertigtal sprokies wat geheel of gedeeltelik by die Nama-sprekers van Suidwes opgeteken is, in die meeste gevalle met die gevolgtrekking daar= by dat dit waarskynlik op "eine alte kapholländische Tradition" terug= gaan.(15)

Hoe aanloklik die gedagte ookal is om, waar die 18de eeu juis so braak lê, skielik op 'n ryke sprokieskat af te kom, is Schmidt se stellings ongelukkig nie aanvaarbaar nie:

(a) Hoewel dit teoreties heeltemal moontlik is dat sommige van hier= die sprokies van die 18de-eeuse Afrikaner afkomsitg is, bestaan daar hoegenaamd geen bewyse hiervoor nie. Die optekenings waarmee Schmidt werk, is tussen 1888 en 1975 gedoen, en sedert 1800 kon te veel ander invloede op die sprokievertellers ingewerk het.

(b) Europese sendelinge het 'n baie groot rol in die geskiedenis van die Basters gespeel. Soos die historikus J.S. Marais omtrent die Basters by die verskillende sendingstasies skryf: "They were the only ones who managed to preserve their indentity - in some cases only tem= porarily - as separate communities." En verder in die besonder oor die totstandkoming van die Rehoboth-gemeenskap: "In 1868 it was decided to leave de Tuin ['n sendingstasie in Noordwes-Kaap], and seek a new home across the Orange, in the territory which later became German South West Africa, where Rhenish missionaries had already for several years been labouring among the Hottentots and Hereros ... In 1868 ninety heads of families (mainly Bastards) left de Tuin accompanied by their missionary. They trekked slowly northward, shedding members of the party on the way, and in 1870 about thirty families (say 300 souls) settled at Rehoboth, where their descendants still live to-day."(16)

(c) Soos reeds aangedui, is dit heeltemal foutief om te veel klem op die groot afsondering van die mense in die binneland gedurende die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18de en 19de eeu te lê. Daar was voortdurende kontak met ontdekkers, jagters, reisigers, handelaars, avonturiers, skipbreukelinge, trekkers, sendelinge en talle andere wat tot kultuurbeïnvloeding gelei het. In die geskiedenis van Suidwes self word 'n mens getref deur die uiteen= lopende kultuurdraers wat daar opgetree het, soos 'n navorser dit stel: "Die gebied wat as Suidwes-Afrika bekend geraak het ... was in die ne= gentiende eeu voorwaar 'n kookpot van belangebotsings tussen 'n skyn= baar eindelose verskeidenheid bevolkingsgroepe."(17) Om in sulke om= standighede 'n reguit lyn oor die dekades heen na 'n besondere voedings= bron vir 'n besondere kultuurverskynsel te probeer trek, is onmoontlik.

14.1.5 Von Wielligh oor dieresprokies

By geleentheid het Von Wielligh hom skerp uitgespreek teen spekulasies oor die ouderdom van die dieresprokies soos deur die bruinmense vertel: "Om te gis en wild op toegewaaide spore te gaan jag, het ons nou g'n lus voor nie ... Want gissings is soos blinde skote in die donker - gewoonlik mis. En als dit raak is, dan is iemand daarvan seker nie."(18) Tog is dit Von Wielligh self wat die rigsnoere neerlê waardeur hierdie dieresprokies tot die Hollandse Tydvak, d.w.s. minstens die 18de eeu, teruggevoer kan word.

Daar is van hierdie stories, skryf hy, "wat nie in die minste kenmerke van beskaafde toestande dra nie, en waarin die naam van Boer of enige van sij gereedskappe nie genoem word nie. Dan is daar weer stories waarin die name van Boer en sij gereedskappe wel degelik 'n plek inneem." Hierdie name en werktuie kan egter maklik met voorbeelde uit die bruin= man se eie verlede vervang word. "Maar dan blij daar ook stories oor, waarin die toestelle nie so gemakelik deur ander vervang kan word nie, soos bijvoorbeeld in die storie waar Boer met die Wolf met geweer, pis= tool en sabel veg; of waar Wolwehuise en slagijsters op die voorgrond staan."(19) Die storie waarin die geweer, pistool en sabel voorkom, is natuurlik die Jakkals-en-Wolfsprokie oor "Die rondekop-gedierte" (A/T 157).

Elders spreek Von Wielligh hom nog duideliker uit: "As ons die Diere Stories noukeurig volg, dan kom ons tot die gevolgtrekking, dat hulle teenswoordige vorm in die Hollandse tyd, en nie in die Engelse tyd, aan=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geneem het. Want die woord Boer en sy gereedskappe word nogal vry in die verhale ingevleg; terwyl ons aan die ander kant nooit die naam van Engelsman in verband met 'n Storie gehoor noem het nie."(20)

Dit geld natuurlik wat die bruin vertellers betref. Tog is daar 'n sprokie, en juis die genoemde een oor "Die rondekop-gedierte", waarin 'n Engelsman wel optree. Volgens 'n vertelling wat Von Breemen in sy boek van 1882 aanhaal, wil Jakkals vir Leeu wys wat 'n man is. Hulle kom 'n Hollander en dan 'n Engelsman teë, maar Jakkals steur hom nie aan hulle nie. Eers wanneer 'n Boer te perd en met 'n geweer oor die skouer nader, sê Jakkals: "Dat is nu een man."(21) Dieselfde verhaal word deur die vroeë Afrikaanse skrywer M.H. Neser in *Ons Klyntji* vertel, maar die ooreenkomste in die bewoording is so ooglopend dat hy dit ongetwyfeld uit Van Breemen se boek oorgeskryf het.(22) Dis opmerklik dat dit die enigste geval is waar iemand hierdie sprokie in dié vorm opgeteken het. Gewoonlik word vertel hoe Jakkals en Wolf eers 'n kind, dan 'n ou man en uiteindelik 'n man in die fleur van sy jare teëkom, en dis hý wat die regte mensgedierte is.(23) Moontlik het Van Breemen se segsman die vertelling met opset die aand aangepas, want Van Breemen merk op: "De in de tent aanwezige Hollanders namen geen aanstoot aan de minder vleiende rol die oom Andries hen in de fabel liet spelen; zij waren reeds lang aan het onschuldige bluffen der Zuid-Afrikaanders gewoon." Buitendien is die verhaal blykbaar kot nâ die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-81 vertel toe patriotisme hoog geloop het, want Van Breemen voeg by: "De lezer ..., wien de jongste gebeurtenissen in Transvaal niet onverschillig hebben gelaten, zal moeten toegeven, dat de door oom Andries vertelde fabel gebleken is niet zoo geheel onwaar te zijn."(24)

Von Wielligh se stelling is dus geensins onaanneemlik nie, en dis ook iets wat 'n mens uit die beskikbare feite kan aflei. Die latere oorheersende rol van die dieresprokie dui op 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14.2.0 Die 19de eeu tot 1875

14.2.1 Alexander en Bleek

Sir James Alexander en dr. W.H.I. Bleek se publikasie in 1838 en 1864 van enkele dieresprokies wat klaarblyklik Westerse invloede vertoon, is belangwekkend, maar 'n mens moet versigtig wees om nie te veel waarde daaraan te heg nie - om dieselfde redes as wat in die geval van Sigrid Schmidt se stellings oor 18de-eeuse towersprokies aangevoer is. Die vertellers by Alexander en Bleek is nl. blykbaar ook lede van die ou Hottentotstamme oorkant die Grootrivier in Suidwes-Afrika.

Alexander skryf dat toe hulle omstreeks Augustus 1837 in hierdie streek gereis het, hy hierdie dierestories gehoor het: "The jackals at night yelling round us brought on stories at the fire of these animals, of their cunning as compared with the stupidity of other beasts." Hy praat dan van die "Namaqua nights' entertainments".(25) (Daardie streek staan as Groot Namakwaland bekend.) Die vertellers was waarskynlik nie die bruin Kaapse lede van sy geselskap nie, want hy voeg later by: "These stories are absurd enough; but they serve to show how 'children of a larger growth' can be amused in the region of the Orange river."(26) Die drie dieresprokies wat hy meedeel, is variante van twee Jakkals-en-Wolfvertellings: "Die botterdiefstal/visdiefstal" (A/T 1) en "Jakkals laat kind doop" (A/T 15); asook een Jakkals-storie: "Die vasgemaakte sterte" (A/T/G 2A.1).(27)

Bleek se hoofbron was 'n aantal optekenings uit die volksmond in die Namataal (met Duitse vertalings) deur eerw. G. Krönlein van die Rynse Sendinggenootskap te Berseba in Suidwes-Afrika.(28) Van die ses sprokies wat van Westerse invloed getuig, handel drie oor Jakkals-en-Wolf: "Jakkals gooi warm klip in Wolf (leeu) se mond" (A/T/T 30.1); "Jakkals hys Wolf (Leeu) met swak riem op" (A/T/T 30.4) en "Dokter Jakkals beveel wolfvel vir siek leeu aan" (A/T 50).(29) In die orige drie speel Jakkals ook 'n hoofrol: "Jakkals bid eers voor ete" (A/T 6); "Jakkals, Duifie en Reier (Haan, Korhaan)" (A/T 56A); en "Ondankbare slang terug onder klip" (2 variante, A/T 155).(30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

14.2.2 Verwysings in "Ons Klyntji" en elders

Uit terloopse opmerkings deur ds. S.J. du Toit en andere in *Ons Klyntji* kan 'n mens die volgende sprokies identifiseer wat omstreeks 1840 in die Paarl-omgewing bekend was.

Daar is een verhaal uit die skeppingsiklus van die diere, nl. "Die voëls kies 'n koning" (A/T 221); drie oor Jakkals-en-Wolf: "Die botterdief=stal/visdiefstal" (A/T 1); "Jakkals en Wolf in die skaapkraal" (A/T 41); en "Wolf aan perd se stert" (A/T 47A); asook twee algemene dieresprokies: "Die waterdief gestraf" (A/T/G 175.1); en "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074).(31) Twee Swaap-vertellings en die verhaal van "Die dom vrou" (A/T 1384) word in verband gebring met die tyd "toen di Kaap so kort deur di oude Trekkers ferlate is". Die Swaap-verhale is: "Sout gesaai" (A/T 1200); en "Lig in vensterlose gebou ingedra" (A/T 245).(32)

Die redakteur is klaarblyklik self aan die woord wanneer 'n vyftal Uilspieël-stories weergegee word soos 'n ou bruin verteller dit in sy kinderjare aan die skrywer meegedeel het. Dit kan dus tot omstreeks 1850 teruggevoer word. Die verhale vorm 'n lang siklus: "Die waarheid maak vyande" (A/T/G 1691B*.1), "Perdevel as waarseêr" (A/T 1535), "Porse=leintjies" (A/T/G 1535.1), "Handel in lyke en ou vrouens" (A/T/G 1535.2), en "Uilspieël in die sak" (A/T/G 1535B.1).(33)

Buiten in *Ons Klyntji* en die boeke wat afsonderlik bespreek word, het ek op nog 'n verwysing afgekom wat op die bestaan van dieresprokies, moontlik Jakkals-en-Wolf, in hierdie tyd betrekking het. Tant Kotie Steenkamp (1868-1945) vertel in haar ongepubliseerde *Joernaal* hoe hulle as kinders in die Wes-Vrystaat saans in die kookskerm vergader het: "dan zit die kinderjes vannaant alom die vuur (hout was vol op) en outa kie=wiet die schaapwagter moet dan Wolf stories vertel".(34)

14.2.3 Conradie en Van Breemen

Ds. W.J. Conradie, wie se vertellings na die sestigerjare van die 19de eeu teruggaan, gee ons 'n goeie beeld van 'n agttal dieresprokies uit dié tyd. Een kom uit die skeppingsiklus, nl. "Die voëls kies 'n koning" (A/T 221). Vyf handel oor Jakkals-en-Wolf: "'Die sieke dra die geson=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de!'" (A/T 4), "Stert is taaiboswortel" (A/T 5), "Jakkals laat kind doop" (A/T 15), "Jakkals en Wolf in die skaapkraal" (A/T 41), en "Wolf (Beer) en die rondekop-gedierte" (A/T 157). In nog drie sprokies is Jakkals die hoofkarakter: "Jakkals hou die krans vas" (A/T 9A), "Jakkals, Duifie en Reier (Haan, Korhaan)" (A/T 56A), en "Jakkals en Haan: Vrede op aarde" (A/T 62). Een algemene dieresprokie handel oor "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074).(35) 'n Terloopse verwysing dui moontlik op die verhaal van "Esel: Leeu rek onnosele Esel se ore uit" (A/T/G 70-99).(36) Conradie noem dit net dat hy ook verhale oor mensvreters gehoor het. Dit val dan in die groep "Bonatuurlike teenstanders" (A/T 300-399).(37)

Na Van Breemen is reeds herhaaldelik verwys, en ook aangedui hoekom 'n mens sekerlik kan aanvaar dat die algemene temas van die twee dieresprokies wat hy noem, reeds vóór 1875 bekend sou gewees het. Die eerste is eintlik 'n Jakkals-en-Wolfstorie, hier aangebied as Jakkals en Leeu: "Wolf (Beer, Leeu) en die rondekop-gedierte" (A/T 157). Die tweede is 'n algemene dieresprokie: "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074).(38)

14.2.4 Samevattend

Ek het hier so 'n noukeurige uiteensetting gegee van die sprokies wat vóór 1875 vertel is om duidelik aan te toon dat dit nie wesenlik verskil van dié wat ons in die bloeityd (1875-1925) teëkom nie.

14.3.0 Die bloeityd van die Afrikaanse sprokie (1875-1925)

14.3.1 Die omvang van die Afrikaanse sprokievoorraad

Hierdie periode kan inderdaad wat ons kennis van die Afrikaanse sprokievoorraad betref as die kerntydvak beskou word. Daar is reeds aangedui dat al die hoofbronne nie net uit hierdie jare dateer nie, maar lateres ook hierheen teruggevoer kan word.

Daarby moet egter onthou word dat Von Wielligh se herinneringe aan sprokievertellers reeds na die sestigerjare van die 19de eeu teruggaan. Bowendien word nêrens in *Ons Klyntji* vermeld dat van die sprokies wat daarin voorkom deur kinders ingestuur is nie; dit is klaarblyklik deurgaans

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die werk van volwassenes. As ons die ouderdom van 'n volwassene op minstens 21 jaar stel (en gewoonlik, dit weet 'n mens uit ervaring, is veel ouer mense die gewilligste medewerkers), kom jy in die periode voor 1875 uit.

So word dit soos die groot skakels van 'n ketting wat die een in die ander sluit, en wat die dieresprokie betref, is 'n mens geregverdig om te aanvaar dat dit van die wordingsjare van die Afrikaner af sy gewildste vertelgoed in hierdie afdeling van die volksverhaal was, met Jakkals as die oorheersende figuur. Nuwe temas sou wel bygekom en ou temas vergete geraak het, maar die dierekarakters het gebly. Dieselfde geld waarskynlik wat Uilspieël en die Swape betref, maar hier beweeg ons op moeliker terrein omdat stamlandse volksboeke in enige stadium 'n groot invloed kon uitgeoefen het, en dis bekend dat volksboeke oor Uilspieël gedurende die 19de eeu in omloop was, soos later nader aangedui sal word.

In die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" wat later volg, kom ongeveer driehonderd inskrywings voor. Die volgende tabel gee 'n beeld van die vernaamste tipes sprokies in drie hoofbronne, nl. *Ons Klyntji*, "Waar die volk skep" *(Die Brandwag)* en *Ons Erfenis*, met as sentrale datums 1900, 1940 en 1970 onderskeidelik. Eers word die totale getal sprokies in elke bron gegee, en daarna 'n ontleding van die belangrikste soorte:

	OK	DB	OE
Totaal:	107	72	68
Tower:	5	2	5
Diere:	77	19	11
Uilspieël:	15	9	22
Swape:	5	26	22

Alvorens afleidings gemaak word, moet 'n mens onthou dat ds. Du Toit nie veel erg daaraan gehad het om Uilspieël-vertellings in *Ons Klyntji* op te neem nie. Dit het blykbaar ook die toesending van Swaap-vertellings deur lesers geraak, want omstreeks dieselfde tyd word by Schonken 17 vertellings omtrent die Swape en Dom-Jan genoem (teenoor slegs 3 oor Uilspieël).[39] Die groep van 26 dieresprokies deur Von Wielligh wat in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die laaste twee uitgawes van *Ons Klyntji* (November en Desember 1906) verskyn, is ook in berekening gebring, hoewel dit nie in die "Tipere-gister van Afrikaanse sprokies" opgeneem is nie omdat dit bloot ver-korte weergawes verteenwoordig van vertellings wat later weer in Von Wielligh se reeks *Diere stories* gepubliseer word.

'n Mens sien dus dat towersprokies deurgaans skaars is, terwyl die ge-wildheid van dieresprokies taan. As al die faktore in ag geneem word, bly die getal Uilspieël- en Swaap-vertellings feitlik konstant. Dit het waarskynlik daarmee te make dat baie van hierdie soort verhale mak-lik as blote grappe vertel kan word, en soos in 'n latere hoofstuk aan-gedui word, het grappe in die 20ste eeu geleidelik die sprokie verdring.

14.3.2 "Tafelberg se kleed".

Seer sekerlik ons beroemdste "oorspronklike" sprokie vandag is die ver-telling oor "Die groot rookwedstryd" (A/T/G 1091A.1, "Tafelberg se kleed", "Kaptein Van Hunks en die Duiwel"). 'n Mens kan trouens sê dat dit die enigste van ons sprokies is wat internasionale status ver-werf het. Dit is bv. opgeneem in die mooi tweedelige keur van *The world's best fairy tales* saamgestel deur Belle Becker Sideman, bestaan-de uit 74 sprokies; dit verskyn in 1970, word herhaaldelik herdruk en wêreldwyd versprei. Eintlik verkeer hierdie vertelling nog op die grens tussen die legende en die sprokie: dis gekoppel aan 'n vaste plek (Tafelberg), en met karakters wat werklik sou bestaan het (kap-tein Van Hunks en die Duiwel).

Wanneer 'n mens die geskiedenis van dié sprokie nagaan, word jy getref deur die feit dat geen verwysing daarna in die ou bronne voorkom nie. Met Tafelberg self is dit anders gesteld. Reeds van vroeg af het hy die aandag getrek, en net só vroeg is die Duiwel op die een of ander manier met die Kaap en sy berge in verband gebring. Op 'n Kaart tus-sen 1457 en 1459 gepubliseer, word die Kaap die Goeie Hoop aangedui as Cabo di Diab: Kaap van die Duiwel.(40) Jan Pietersz Cortemünde wat in Desember 1672 aan die Kaap was, verwys na die spits langs Tafelberg wat later as Duiwelspiek bekend geraak het (oorspronklik was dit die Windberg of ook Duiweberg): "When the clouds strike it, they call forth a horrible roaring and growling, which is often heard three hours

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

before the wind is felt. For this reason it is also called the Devil's Mountain."(41) In 1691 skryf 'n ander besoeker oor die woeste winde in Tafelbaai en voeg by: "Die berg dra die naam van die *Duiwelsberg*, omdat hij so baje kwaad doen."(42) So verskyn in dokumente en geskrifte uit die 17de en 18de eeu naas die naam Windberg telkens die naam *Duyvels Bergh*.(43) Teen die einde van die 18de eeu bring die ou spekskieter baron Von Münchhausen 'n besoek aan die Kaap en besorg, volgens hom, aan Tafelberg sy unieke voorkoms, soos in die hoofstuk oor Afrikaanse legendes aangedui. In 'n artikel wat in 1842 in 'n Kaapse blad verskyn, word na die misbank oor Tafelberg as "des Duivels Tafellaken" verwys, en die skrywer voeg by: "Een frissche wind uit het zuidoosten, die meestal aankondigt, dat de duivel zijn tafellaken uitspreidt, stak nu op."(44) Hier is klaarblyklik iemand aan die woord wat maar te graag die verhaal oor Van Hunks sou meegedeel het as hy net daarvan bewus was, omdat hy 'n ontvanklike gemoed vir dié soort dinge gehad het. Hy vertel bv. hoe hulle tydens 'n besoek aan die kruin van Tafelberg op die uitkyk was vir "Noach's anker, dat, volgens de overlevering, de eerste schipper op deze plek uitwierp".(45)

Selfs teen die einde van die 19de eeu was die verhaal van "Die groot rookwedstryd" hoegenaamd nie aan die algemene Kaapse publiek bekend nie. Dit blyk maar te duidelik uit die werk van die vroeë Afrikaanse skrywer Melt J. Brink. Hy was deur en deur Kapenaar, en in sy *Grappige stories en andere versies* (eerste bundel, 1893) berym hy talle ou Kaapse stories uit die volksmond, soos hy self sê: "Mijn doel was slechts om uw lachlust op te wekken, en om die 'Oude Stories' aan de vergetelheid te ontrukken."(46) In die bundel kom inderdaad 'n lang rym oor "Tafelberg" voor waarin die skrywer soek na 'n verhaal om te vertel, en hy fabriseer op die ou end sy eie storie dat die windstorms van die somer en die reën van die winter die gevolg is van 'n stryd tussen Leeukop en Duiwelspiek, wat weerskante van Tafelberg lê:

Die Duivel aan zijn oostekant,
Die Leeuw daar aan zijn West,
Lijk somtijds nijdig op makaar,
En doet dan goed hul best
Makaar te plaag, en dan moet ons
Wat hier beneden woon,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Net haarlaat, als hul hoog daar bôo
Hul vechterij vertoon![47]

Ook skryf hy in sy derde bundel *Grappige stories en andere versies* (ong. 1900) oor "Die suidooste wind", en weer kan hy nie 'n goeie storie kry nie.

Teen die einde van 1905 word Tafelberg in 'n tydskrifartikel as 'n bejaarde reus gepersonifieer: "Tafelberg had zich de muts over de oude ogen getrokken, als wilde de grijze reus niet aanzien, wat tans aan zijn voet plaats zou vinden."[48]

Die keerpunt kom wanneer Ian D. Colvin op die toneel verskyn. Colvin (1877-1938), 'n Engelse joernalis wat etlike jare lank aan die Kaap werk voordat hy in 1909 weer na Brittanje terugkeer, was 'n begaafde skrywer en besonder lief vir ou volksoorlewerings, soos sy drama *The leper's flute* (1920), gebaseer op 'n Kaapse sage uit Oranjezicht, getuig. In sy boek *South Africa* wat in 1909 in die reeks *Romance of Empire* verskyn, word die verhaal van "Die groot rookwedstryd" wat aan Tafelberg sy kleed besorg het, vir die eerste maal vertel: "How Table Mountain got its cloud".[49] Alle bestaande uitgawes van die verhaal (en daar is heelwat, soos ons later sal sien) berus onmiskenbaar op hierdie weergawe van Colvin. Dit is dus belangrik om te probeer vasstel wat sy bronne was.

Colvin self sê bloot dat hy die verhaal by die Kaapse Maleiers gehoor het: "we must go to the Malay quarter of Cape Town, and there fall a-gossiping with one of the old Hajis or Moulvis who know so much that we do not understand ... And if we are lucky and tactful, one of them may tell us ... how Table Mountain comes to have its tablecloth."[50] Later sê hy: "Many of the old travellers ... agree in imputing to the cloud a diabolical origin, though they have been unfortunate as to be unaware that its true cause was known only to the old Malay soothsayers, who are the storehouses of so much that is strange and curious in the history of Cape Town."[51] Op die oog af lyk dit heeltemal aanneemlik, maar dit strook nie met die feite nie. Daar is reeds aangetoon dat 'n gesoute Kapenaar soos Melt Brink niks van kaptein Van Hunks geweet het nie. In al I.D. du Plessis se geskrifte oor die Kaapse Maleierkultuur wat sedert die dertigerjare verskyn (o.m. die drie bundels sprokies *Uit die Slamse*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

buurt I en II, en *Die gevleuelde perd*), kom geen verwysing na Van Hunks oor nie, hoewel hy dekades lank ten nouste met die Maleiers en hul storievertellers geskakel het.

Daar is ook ander feite wat in gedagte gehou moet word. In Januarie 1909, dieselfde jaar waarin Colvin sy boek oor Suid-Afrika publiseer, verskyn postuum van die belangrike 19de-eeuse Engelse digter Dante Gabriel Rossetti (1828-1882) in *The English Review* 'n lang verhalende gedig: "The ballad of Jan Van Hunks". Hy het dit reeds op agttienjarige leeftyd in 1846 geskryf en feitlik voltooi, maar rond dit eers uiteindelik in 1882 op sy sterfbed af. Hy skenk die manuskrip aan sy goeie vriend Theodore Watts, wat dit in 1909 in bogenoemde literêre tydskrif publiseer, en dit is dus ook nie in Rossetti se versamelde werke opgeneem nie.(52) Eers in 1929 word dit in 'n beperkte oplaag in boekvorm uitgegee. Wat Colvin se verhaal betref, skryf die redakteur van die reeks *Romance of Empire* in 'n voetnoot: "The Editor thinks it right to say that this story was in his hands several months before the publication of a poem by Dante Gabriel Rossetti on another version of this legend."(53) Rossetti se ballade is gebaseer op die verhaal "Henkerwyssel's challenge" in *Tales of chivalry*, wat een van die mees geliefde boeke van sy jeug was: "An illustrated serial named *Tales of chivalry* (but chivalry is not more prominent in its pages than some other things) was constantly read, and its woodcuts inspected and coloured."(54) Hierdie feite omtrent die geskiedenis van Van Hunks is reeds vroeër deur navorsers aan die lig gebring, en dis waar ek die drade moes probeer saamvat.(55)

Die eerste wat opval, is dat die naam Van Hunks asook die feit dat hy met die Duiwel in 'n rookwedstryd betrokke was, te uitsonderlik is om bloot toevallig by beide Rossetti en Colvin voor te kom. Roodwedstryde blyk trouens verrassend skaars in die wêreld van die sprokie te wees. In die Aarne/Thompson-indeks kom in die afdeling onder die algemene opskrif "Contest between man and ogre" (A/T 1060-1114) tussen al die dosyne kragmetings wat beskryf word, net één voor wat met rokery verband hou. Dit is: "Guessing the name of the Devil's secret plant (Tobacco)" (A/T 1091A). Daarvan is vyf variante in Frans en drie in Nederlands opgeteken. Die idee van 'n rookwedstryd berus dus hoegenaamd nie op 'n groot volkstradisie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tweede kwessie is die naam Van Hunks. Ons het gesien dat Rossetti se ballade op 'n bron teruggaan waarin die Duiwel se teëstander Henker= wyssel heet. Hoe het dit dan gebeur dat hy en Colvin albei die naam Van Hunks gebruik het? Die een moontlikheid is dat Rossetti die naam by een of ander kennis nā 'n besoek aan die Kaap gehoor het (die Kaap was in 1846 al jare lank 'n Britse besitting), getref is deur die ooreenkom= ste tussen die Kaapse verhaal en die geliefde boekstorie uit sy jeug en die naam toe in sy ballade gebruik het. Daar is egter reeds aangedui dat die Van Hunks-oorlewering tot by die publikasie van Colvin se weer= gawe in 1909 hoegenaamd nie aan Kapenaars bekend was nie. Dit lyk dus asof die beïnvloeding andersom plaasgevind het en dat Colvin by Rossetti kers opgesteek het. Hoewel Rossetti se ballade eers gepubliseer is nadat Colvin sy verhaal voltooi het, moet 'n mens onthou dat Colvin self 'n knap skrywer was. Hy sou vriende in die Engelse literêre wêreld ge= had het, en dáár sou die bestaan van 'n manuskrip van so 'n belangrike digter soos Rossetti 'n ope geheim gewees het. Dis moontlik dat hy Rossetti se ballade voor publikasie kon gelees het, maar nog meer waar= skynlik dat hy Rossetti se bron, nl. *Tales of chivalry*, geken het.

Laat ons nou kortliks die inhoud van die oorspronklike bron, Rossetti se ballade en Colvin se weergawe met mekaar vergelyk. "Henkerwyssel's challenge" word terloops aangedui as "A tale of Dordt", maar ek kon g'n spoor daarvan in Nederlandse versamelings volksvertellings vind nie. Volgens die skrywer van die verhaal het hy dit gedurende die 18de eeu in Bologne by 'n bejaarde Nederlander gehoor. Daar word vertel dat Henker= wyssel - 'n afgetrede seeman wat blykbaar geldelik goed daaraan toe was, maar daarby 'n wilde mens wat hom volgens gerugte selfs aan seerowery skuldig gemaak het - hom in Dordrecht gaan vestig het. Hy was 'n groot roker, en niemand kon hom dit nadoen nie. Eendag sluit hy en skipper Peter van Funk (let op die naam, klaarblyklik die inspirasie vir Rossetti se Van Hunks; Henkerwyssel is in elk geval feitlik onhanteerbaar in dig= vorm) hulle in 'n vertrek toe vir 'n rookwedstryd wat Van Funk se lewe kos. Nou spog Henkerwyssel êërs, en hy verklaar dat selfs die Duiwel nie teen hom opgewasse is nie. Een nag hoor sy huishoudster vreemde geluide in Henkerwyssel se kamer. Sy gaan roep die dominee, en hy ontdek Henker= wyssel se lyk in die vertrek, met by hom 'n klein ou mannetjie, wat blyk die Duiwel te wees; hierdie roodwedstryd het Henkerwyssel nie oorleef nie. Die ou mannetjie verdwyn met die lyk en al, en van toe af, elke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jaar op die dag toe Henkerwyssel gesterf het, of wanneer 'n skip in die nabyheid strand, verskyn 'n lig in die venster van die vertrek waar Henkerwyssel gesterf het en sit hy en die ou mannetjie weer hul rookwed= stryd voort.(56)

Rossetti pas sy bron drasties aan. Hier is geen sprake van 'n skeeps= kaptein nie; Van Hunks is bloot 'n bose, ryk man wat al dertig jaar lank groot weddenskappe op rookwedstryde teen mense aangaan en nooit verloor nie. Dan daag hy selfs die Duiwel uit, en 'n klein ou manne= tjie verskyn aan hom. Terwyl hulle rook, klop Van Hunks se seun en dogter in die bitter koue nag aan die deur en vra hul vader om hulp, maar hy wil nie eens vir hulle oopmaak nie, en hulle sterf ellendig. Die tweede nag van die rookwedstryd kom die priester, ontbied deur die huisbediende, die vertrek binne. Van Hunks sit ineengeskrompel en be= wusteloos op sy stoel. Die priester probeer nog met die Duiwel rede= kawel, maar val in 'n beswyming neer, en toe hy weer bykom, het Van Hunks en die vreemdeling verdwyn. Die Duiwel het hom oor sy skouer gegooi en weggedra hel toe. Daar laat die Duiwel die bokant van sy skedelbeen oopkap, sy arms en bene afsny en 'n rooiwarm buis in hom insteek. Nou is Jan Van Hunks sy geliefkoosde pyp.(57)

Colvin se weergawe lui dat Van Hunks 'n jagter in diens van goewerneur Van der Stel was. (Hy sê nie of dit Simon of sy seun Willem Adriaan was nie.) Toe, op 'n goeie dag, verdwyn hy van die Kaap af, en by sy terugkeer is hy skatryk, waarop die mense fluister dat hy 'n seerower geword het. Hy gaan woon alleen in 'n huis teen die hange van Duiwels= piek met slawe om na sy beskeie boerdery om te sien, terwyl hy self net rook en drink. Eendag sit hy bo teen die berg en rook toe 'n vreemde= ling verskyn en hom 'n stop tabak vra. Hulle raak in 'n rookwedstryd gewikkel, en hulle rook dae lank totdat 'n magtige wolk oor Tafelberg uitsprei. Uiteindelik slaan die vreemdeling teen die grond neer, en toe die hoed van sy kop afskuif, sien Van Hunks dat hy horings het; dit is die Duiwel self. Die Duiwel kom weer by, daar is 'n geweldige donderslag, en die vreemdeling en Van Hunks verdwyn. So het 'n vee= wagtertjie wat alles van agter die beskutting van 'n suikerbos [illegible]skou het, later getuig. "And if you want any proof of my story, to this day the place is called Devil's Peak. And when there is an ordinary south-easter, an old citizen will remark that the Devil is smoking to-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

day. But when it is a black south-easter, blowing great guns and tum= bling cloud, then, he will say, it is the Devil and Van Hunks."(58)

Afgesien van die tema van 'n rookwedstryd met die Duiwel en die naam van die hoofkarakter, is daar dus geen ooreenkomste tussen Colvin se weergawe en Rossetti s'n nie. Dit is anders gesteld wat Colvin se ver= haal en *Tales of chivalry* betref. In albei gevalle het ons te make met 'n seerower wat terugkeer om tussen sy mense te woon, en 'n rookwedstryd met die Duiwel wat weer en weer herhaal word.

Uit voorgaande feite is my gevolgtrekkings die volgende:

(i) Colvin is die skepper van die verhaal oor Van Hunks en die Duiwel, en dit berus hoegenaamd nie op 'n oorlewering wat hy by die Kaap= se Meleiers gehoor het nie. Soos so dikwels in die skryfwêreld gebeur, het hy hom hierdie "digterlike vryheid" veroorloof om dit aan die Maleiers te knoop sodat die verhaal meer outentiek sou klink.

(ii) Die gebruik van die naam Van Hunks dui daarop dat Colvin moontlik voor die publikasie van Rossetti se ballade van die bestaan daarvan ge= weet het. Aan die ander kant is dit ook moontlik dat hy in sy oorspronk= like manuskrip eers 'n ander naam aan sy hoofkarakter gegee het en dit nâ die verskyning van Rossetti se ballade in *The English Review* verander het, want die boek is later gepubliseer.

(iii) Colvin het sy verhaal op "Henkerwyssel's challenge" in *Tales of chivalry* gebaseer, 'n boek wat hy waarskynlik ook uit sy jeug onthou het. Dit moes 'n gewilde werk in 19de-eeuse Engeland gewees het. Rossetti (geb. 1828) het dit as seun geken, terwyl ek 'n uitgawe van 1854 geraad= pleeg het. Colvin is in 1877 gebore.

Daar kan verder net op gewys word dat die styl van Colvin se verhaal niks met dié van die volksvertelling gemeen het nie. Dis boonop swaar gelaai met geskiedenisfeite oor seerowery wat hom met sy groot belang= stelling in die geskiedenis (hy was o.m. die skrywer van etlike biogra= fieë) sterk sou geïnteresseer het. So het die eer Colvin te beurt ge= val om (naas iemand soos Hans Christian Andersen met sy "Die lelike eendjie") een van die weinige storievertellers te wees wie se werk waar=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lik volksbesit geword het en tans selfs internasionale erkenning verkry het. Die weergawe van "Die groot rookwedstyrd" in die keur *The world's best fairy tales* waarna verwys is, is nl. Colvin s'n. Van Colvin as skrywer is gesê: "Die gehalte van Colvin se werk was sodanig dat, indien hy hom nie so aan die joernalistiek gewy het nie, hy een van die mees geslaagde skrywers van sy tyd sou geword het."(59) 'n Mens kan hom dus hierdie klein monumentjie gun.

Die verdere lotgevalle van ou kaptein Van Hunks en die verskillende wisselvorme van sy naam kan nou nagegaan word. Die eerste weergawe van sy geskiedenis nā Colvin vind 'n mens in 'n kindertydskrif van 1929: "Tafelberg se wolk" deur Japie du Plessis.(60) Soos alle latere verwerkings van die verhaal (so het ons reeds gesien) is dit baie duidelik op Colvin gebaseer. Daarmee maak Van Hunks sy intrede in die Afrikaanse wêreld. Dan duik hy in Italië op in 'n boek deur Elena Maino: *Il vento del Sud Africa - Leggende* (1934) ("Die wind van Suid-Afrika - Vertellings"). Hier heet hy net Van Hunk. Hy word Van Honk genoem in Helena J.F. Lochner se boekie *Tafelberg se kleed* (1935). (Dit word later opgeneem in die versamelbundel *Kannaland*, 1970.) In 1936 verskyn hy weer as Van Hunks in deel V van *Die nuwe-metode leesboeke* deur B. Taute en A.W. van der Horst ('n verwerking van Michael West se reeks *The new method readers*); die opskrif: "Hoe Tafelberg sy mus gekry het".(61) Iris Vaughan noem hom Van Plots in "'n Verhaaltjie omtrent Tafelberg" wat sy opneem in haar boekie *Ware verhale uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis* (1942, 'n vertaling uit die Engels).(62) Lawrence G. Green en Izak W. van Tonder, albei snuffelaars in die ou geskiedenisse wat waarskynlik Colvin se werk self sou geraadpleeg het, noem hom Van Hunks in hul onderskeie boeke *Tavern of the seas* (1947)(63) en *Van Riebeeck se stad* (1950)(64) P.J. Nienaber noem hom Van Hunk wanneer hy 'n aantal *Legendes van ons eie land* (1952) vertel.(65) In 1964 verskyn hy nogeens as Van Hunk wanneer Rosalie Liguor-Reynolds die boek van Elena Maino uit die Italiaans verwerk en onder die titel *Legends of the South East wind* publiseer.(66) Ook in die sestigerjare verskyn die reeks *Kinders van die wêreld* onder redaksie van C.F. Albertyn. In deel VIII vertel H. Retief Aspeling die verhaal van "Tafelberg se wit kleed". Hier word die naam Van Donck(67) vir die eerste keer, sover vasgestel kan word, in 'n gepubliseerde weergawe gebruik (hoewel ek persoonlik reeds in die vyftigerjare in Kaapstad met die naam in die volksmond ken-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nis gemaak het). Op aandrang van die uitgewer Leon Rousseau van die firma Human en Rousseau, wat as gebore Kapenaar verklaar het dat hy die ou kaptein in sy kinderjare net as Van Hunks geken het, word dié naam in Grobbelaar se weergawe in *Die mooiste Afrikaanse sprokies* (1968) gebruik,[68] hoewel die skrywer se oorspronklike keuse die naam Van Donck was. Leon Rousseau publiseer self 'n oorvertelling van die ou verhaal: *Van Hunks en sy pyp* (1965).

Vandag is die name Van Hunks en Van Donck so ingeburger in Afrikaans dat dit deel van die spreektaal geword het. In 'n koerantartikel oor die nagwag in die kabelspoorstasie op Tafelberg, word verklaar: "Saans as Van Donk en die duiwel se pype 'n swart Sedoos uitblaas is daar net een man wat hul rokery trotseer."[69] En in 'n brief uit Parys aan die skrywer Chris Barnard in Suid-Afrika slaak die digter Breyten Breytenbach die versugting: "Wanneer laas was ek in die Boland? ... Rook Van Donk nog soms op Tafelberg?"[70]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.53.

2. G.J. Boekenoogen: Nederlandsche sprookjes uit de XVIIde en het begin der XVIIIde eeuw (*Volks=kunde*, vol. 20, p.134).

3. Von Manger en Kaufmann: *Catalogue of the Dessinian Collection in the Public Library of Cape Town*, p.176.

4. J. van Heemskerk: *Batavische arcadia*, p.125-126.

5. E.E. Mossop: *The journal of Hendrik Jacob Wikar, etc.*, p.138-140.

6. E.E. Mossop: *The journal of Hendrik Jacob Wikar, etc., etc.*, p.138-140.

7. Vgl. o.m. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.69-74 (5 variante); J.F. Jacobs: *Outa Buks se stories*, p.63-65; Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories*, p.70-77; en A.J. van Zyl: *Soeloelegen=des, en -gewoontes*, p.5-6.

8. Von Manger en Kaufmann: *Catalogue of the Dessinian Collection in the Public Library of Cape Town*, p.78, 81, 160, 166, 170, 177, 180 en 205.

9. E. G. Malherbe: *Education in South Africa 1652-1922*, p.36.

10. P.B. Borcherds: *An autobiographical memoir*, p.178-179.

11. *Ballot Collection - Alphabetical list of holdings*, p.1 en 8.

12. Sigrid Schmidt: Europäische Märchen am Kap, u.s.w. (*Fabula*, vol. 18, nr.1/2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13. Sigrid Schmidt: Europäische Märchen am Kap, u.s.w. (*Fabula*, vol. 18, nr.1/2, p.40-41).

14. Sigrid Schmidt: Europäische Märchen am Kap, u.s.w. (*Fabula*, vol. 18, nr.1/2, p.41).

15. Sigrid Schmidt: Europäische Märchen am Kap, u.s.w. (*Fabula*, vol. 18, nr. 1/2, p.43-69).

16. J.S. Marais: *The Cape Coloured people 1652-1937*, p.74 en 88-89.

17. C.J. Scheepers Stry= dom e.a.: *Afrikaners in die vreemde* (P.W. Grob= belaar, red.: *Die Afrikaner en sy kul= tuur* V, p.12).

18. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1919, p.295.

19. *Die Brandwag*, 25 Feb. 1919, p.295.

20. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.6-7.

21. B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika*, p.92.

22. *Ons Klyntji*, Sept. 1896, p.136.

23. Volledige bronnelys in "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" wat later volg.

24. B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika*, p.92.

25. Sir James Alexander: *An expedition of discovery into the in= terior of Africa* II, p.264.

26. Sir James Alexander: *An expedition of discovery into the interior of Africa* II, p.250.

27. Sir James Alexander: *An expedition of discovery into the interior of Africa* II, p.246-250.

28. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.xi-xii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

29. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.7-8 en 19-20.

30. W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa*, p.11-13 en 21-23.

31. *Ons Klyntji*, Julie 1900, p.142.

32. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.160-161.

33. *Ons Klyntji*, Mei 1905, p.7-9.

34. Tant Kotie Steenkamp: *Joernaal*, p.15-16.

35. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.42-43, 107-108 en 113-119.

36. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.37.

37. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.40-83.

38. B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika*, p.91-92.

39. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.179-184.

40. René Juta: *The Cape Peninsula*, p.43.

41. Jan Pietersz Cortemünde: *An adventure at the Cape of Good Hope*, p.16.

42. *Die Brandwag*, 25 Aug. 1918, p.79.

43. Vgl. P.J. Nienaber: *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*, p.207-208.

44. *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Sept./Okt. 1842, p.390-391.

45. *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Sept./Okt. 1842, p.389.

46. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies I*, p.iii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

47. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* I, p. 5.

48. *De Unie*, Des. 1905, p.276.

49. Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa*, p.155-164.

50. Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa*, p.155-156.

51. Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa*, p.164.

52. *Dante Gabriel Rossetti - His family letters* I, p.108.

53. Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa*, p.155.

54. *Dante Gabriel Rossetti - His family letters* I, p.108.

55. Vgl. *Africana Notes and News*, Des. 1947, p.24; Maart 1948, p.50; Jose Burman in *Standard encyclo= paedia of Southern Africa* X, inskrywing by *Table Mountain legends*.

56. *Tales of chivalry*, p.385-388.

57. Dante Gabriel Rossetti: *The ballad of Jan Van Hunks*.

58. Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa*, p.155-164.

59. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p.190; alle lewens= besonderhede omtrent Colvin aan dié brond ontleen.

60. *Die Kleinspan*, 18 Jan. 1929, p.1.

61. Taute en Van der Horst: *Die nuwe-metode-leesboeke* V, p.3.

62. Iris Vaughan: *Ware verhale uit die Suid-Afrikaanse ge= skiedenis*, p.51.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

63. Lawrence G. Green: *Tavern of the seas*, p.21.

64. Izak W. van Tonder: *Van Riebeeck se stad*, p.71.

65. P.J. Nienaber: *Legendes van ons eie land*, p.15.

66. Elena Maino (verw. Rosalie Liguor-Reynolds): *Legendes of the South East wind*, p.7.

67. C.F. Albertyn (red.): *Kinders van die wêreld* VIII, p.399.

68. Pieter W. Grobbelaar: *Die mooiste Afrikaanse sprokies*, p.32.

69. *Tydskrif-Rapport*, 25 Julie 1976, p.6.

70. *Die Huisgenoot*, 29 Julie 1977, p.8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15.0.0 FABELS EN ANDER VERTELLINGS MET 'N STREKKING

Die mens lees graag vir sy medemens 'n les. Veral die ouer geslag hou meermale hul ondervindings as voorbeeld aan die jongeres voor, wat aansluit by die eeue-oue opvatting dat dit die oudstes van die stam is wat deur hul lewenservaring die grootste wysheid in pag het. Gedenkskrifte en joernale word meermale opgestel met die uitdruklike doel om vir andere, veral die kinders en kindskinders, as rigsnoer te dien. So begin die Voortrekkervrou Anna Steenkamp (geb. Retief) haar *Gedenkskrif:* "Dit gedenkschrift is gemaakt voor mijn familie, kinderen en kindskinderen, tans nog in de binnelanden woonachtig, opdat zij mogen weten waarom hunne ouders en grootouders hun moederland hebben verlaten en welke angst en benauwdheid, pijn en smart, honger en kommer, zowel van vijanden als van vuur ons getroffen hebben, en oorzaak waren van veel droevig zuchten en bittere tranen, hoewel we geleid en beschermd werden door onze getrouwe God en Vader in deze zware omstandigheden."(1) Selfs 'n spookstorie soos "'n Gehymsinnige ontmoeting fan 'n ou Foortrekker" word aangeteken sodat "di geskidenis wat ek nou opskryf kan diin fer myn nageslag".(2) Dit alles sluit aan by pres. Paul Kruger se gevleuelde afskeidswoorde aan sy volk: "zoekt in het verledene al het goede en schone, dat daarin te ontdekken valt, vormt daarnaar uw ideaal en beproeft voor de toekoms dat ideaal te verwezenlijken".(3) Word nie uit werklike ervarings geput nie, kan vertellings versin word om die een of ander boodskap toe te lig, en so ontstaan die moontlikheid dat elke tipe vertelling 'n strekkingsvertelling kan word.

15.1.0 Die vernaamste tipes strekkingsverhale

Sekere tipes verhale onderskei hulle daardeur dat hul hele bestaan afhanklik is van die feit dat die een of ander boodskap of strekking daarin opgesluit lê.

15.1.1 Die allegorie

Volgens die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* is dit 'n "Sinnebeeldige beskrywing, vertelling of voorstelling wat bedoel is as simboliese voorstelling, met verborge betekenis, van iets wat in werklikheid plaasvind of bestaan".(4) Hierby kan verder gevoeg word: "Veelal worden in de allegorie abstracte begrippen voorgesteld als personen (lente, dood, de

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deugden). 'De lachende lente' is een allegorie, omdat de lente wordt gepersonifieerd, hetgeen blijkt uit het woord 'lachende' ... Dit is slechts een heel klein voorbeeld; soms is een heel werk allegorisch."(5) Een van die bekendste allegorieë in die wêreldletterkunde is *The pil= grim's progress* van John Bunyan.

Niemand sal dit ontken dat daar sterk allegoriese bowetone in die volks= vertelling, in die besonder die sprokie, kan wees nie. Die hele gees= tesgesteldheid van die ou volksmense waaruit die sprokieswêreld met sy pratende diere en dinge ontstaan het, is sterk allegories gekleur. Ook die hele kwessie van die simboliek van sprokies het daarmee te make. Tog is die allegorie as verhaalvorm waarin karakters en gebeurtenisse doelbewus met sekere betekenisse gelaai word, vreemd aan die volksver= teller en hoef dus nie hier verder bespreek te word nie.

15.1.2 Die lerende anekdote

Naas die doel van die volksvertelling om te vermaak, is die lerende baie sterk daarin aanwesig. Aan die belewenis of sage of selfs die legende kan baie maklik 'n lessie geknoop word, of die hele inslag daarvan kan lerend wees. Dit word dan lerende anekdotes, lesse uit die lewe - in die geval van die belewenis of sage lesse wat op die reine waarheid ge= grond sou wees; in die geval van die legende gegrond op 'n verbeeldings-, maar nog steeds realistiese, verhaal gekoppel aan mense wat kon gelewe het en dinge wat kon gebeur het. Veral gewild is lerende anekdotes om= trent episodes uit die lewens van beroemde mense.

15.1.3 Die gelykenis

Dit word ook 'n parabel genoem, van die Grieks *parabolè:* 'n vergelyking. Die beste omskrywing van dié soort vertelling - 'n omskrywing waarmee ek my volkome vereenselwig - kom voor in die *Grote Winkler Prins:* "een bedacht verhaal of een aan het dagelijkse leven ontleend voorval, dat tot doel heeft op een aanschouwelijke wijze een belangrijke waarheid of een etische les duidelik te maken. Ze onderscheidt zich van de fabel, doordat ze tot het gebied van de mogelijkheden behoort, en van de allegorie, door= dat niet alle trekken van de gelijkenis speciale betekenis behoeven te hebben. De gelijkenis plaatst beeld en werkelijkheid tegenover elkaar, het gaat om één hoofdgedachte."(6) Die gelykenis beroep hom dus ook op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n waarheidselement, of minstens 'n moontlikheidselement gesien teen die agtergrond van die alledaagse sintuiglik-waarneembare werklikheid (d.i. vertellings wat baie maklik deur die volksmens as die reine waarheid aanvaar word, al is dit ook denkbeeldige voorvalle). In die algemeen kan 'n mens dus sê dat die gelykenis niks anders as 'n belewenis-vertelling of sage met 'n sedeles daarby is nie.

Die lerende inslag van die gelykenis kan verder vereng word tot ons by 'n spesifiek religieuse opset kom, en dit dan omskryf word as 'n "sinne-beeldige verhaal waardeur 'n godsdienstige of sedelike waarheid verdui-delik word deur 'n beeld ontleen aan die daaglikse lewe - veral dié wat Jesus gebruik het by sy prediking ...: *Jesus het, met behulp van die aardse, die ewige dinge aanskoulik uitgebeeld in sy gelykenisse".*(7) Hierdie soort gelykenis met sy Christelike strekking is by die Afrikaner 'n mite.

Ons merk dus dat algemene gelykenisse, d.i. gelykenisse gekoppel aan be-lewenisse en sages (en selfs legendes indien deur die verteller en/of hoorder aanvaar word dat dit 'n verdigte verhaal is, maar dan altyd 'n verhaal wat moontlik waar kon gewees het) presies ooreenstem met leren-de anekdotes. Dit is miskien beter, om misverstande uit te skakel, dat die term gelykenis net gebruik word soos die Afrikaanse volksmens dit die beste ken: 'n lerende vertelling in die Christelike sin waarin spesifiek hemelse waarhede met aardse voorbeelde toegelig word, in die besonder soos deur Christus aangewend.

15.1.4 Die fabel

Die term fabel kom van die Latyn *fabula:* 'n gesprek, diskoers. Hier-die oerou vertelvorm het deur die eeue die belangstelling van geleerdes gaande gemaak, maar waar so baie kommentaar gelewer word, skep dit later meer verwarring as wat dit verheldering bring. Wat sake vererger, is dat dit in die volksmond baie los en vas gebruik word. Dit kan bv. 'n valsheid aandui: "Dis bloot 'n fabel, en daar steek geen waarheid in nie." In verboë vorm kan dit iets ongelooflik benoem: "Die minerale-rykdom van die land is fabelagtig."(8) Enige dieresprokie word soms 'n fabel genoem, soos in *Fabels - Die avonture van Vossie* deur Oom Juf-fie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met die fabel as verhaalvorm word egter gewoonlik 'n lerende vertelling bedoel. Volgens die groot Franse fabulis Jean de la Fontaine bestaan die fabel uit twee dele, "one of which may be called the body, the other the soul. The body is the fable, the soul the morality."(9) Hierdie les kan duidelik aan die begin of einde van die vertelling gestel of in die storie verweef word. In 'n fabel van die 18de-eeuse Duitse fabulis Magnus Lichtwer, nl. "Die beraubte Fabel", word hierdie wesenskenmerk van dié verhaalvorm goed verbeeld. Die godin van die digters genaamd Fabel reis eendag na 'n vreemde land waar sy deur booswigte oorval word. Aangesien sy geen geld by haar het nie, begin die rowers om haar kosbare klere laag op laag van haar af te stroop. Meteens staan die godin heeltemal ontklee voor hulle. Die rowers sien wie sy eintlik is en gee haar klere gelate terug, want niemand kan dit verduur om die naakte Waarheid te aanskou nie.(10)

Die grootste probleem duik op wanneer kommentators, soos die belangrike tydgenootlike Duitse vorser Erwin Leibfried, dit as voorvereiste stel dat fabels net oor diere, plante en dinge (hoofsaaklik diere) handel: "Zum Inventar der Fabel gehören unbelebte Naturgegenstände, Planzen und Tiere."(11) Elders brei hy op hierdie stelling uit: "Seit dem 18. Jh. wendet man das Wort 'Fabel' als Gattungsbezeichnung nurmehr auf die Form einer Erzählung an, in der Tiere, Pflanzen oder Dinge eine führende Rolle spielen und in der eine bestimmte Lehre verdeutlicht werden soll."(12)

Dit skep onoorkomelike probleme wanneer die aard van 'n vertelvorm afgelei word van die identiteit van die karakters wat daarin voorkom. Reeds by Esopus vind ons talle gevalle waar mense of gode in sy vertellings optree. Om in lg. geval dan bv. van 'n *Götterfabel* te praat,(13) is 'n onbevredigende oplossing en verskuif net die kruks van die kwessie. Die aanneemlikste is om alle lerende vertellings wat by die sprokie aansluit as fabels te beskou, m.a.w. vertellings wat los van die werklikheid staan en deur die mense als suiwer verbeeldingsverhale aanvaar word.

Ander fabelvorsers lê sterk klem op die feit dat fabels dikwels as wapens in die een of ander politieke stryd gebruik is, en daar word verklaar dat die fabel onbegryplik word indien ons die politieke klimaat van die tydvak waarin dit ontstaan het, nie in ag neem nie. Soos Rudolf Kreis dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stel: "Ihrer dialektischen Struktur entsprechend ist sie ein politisches Kampfmittel."(14) Daar steek ongetwyfeld waarheid in wat hy beweer, en hy toon duidelik die politieke strekking in fabels van Esopus tot Luther en van Luther tot Kafka aan, maar hy oordryf. Die fabel het wel soms 'n politieke oogmerk, maar beslis nie altyd nie.

15.2.0 Die plek van die strekkingsverhaal in Afrikaans

Die lerende is in die volksmens se kultuuruitinge ingebou en het ook algemeen by die Afrikaner voorgekom, maar nogtans nie so sterk soos by mense wat nog nader aan die natuur leef nie. Dis verhelderend om 'n vergelyking te tref met die tipiese, tradisionele, beeldryke taal van die swartmense.

By 'n skrywer soos G.H. Franz, wat in sy boek *Moeder Poulin* probeer om die spraak van 'n swart vertelster so noukeurig as moontlik in Afrikaans weer te gee, val dit dadelik op hoe omtrent elke bladsy voorbeelde oplewer van vergelykings wat as klein fabels beskou kan word, in die groter geheel van die verhaal ingevleg. Een van die swartmense wat na Moeder Poulin se verhaal luister, sê dat sy nie alles op een slag moet vertel nie, maar elke dag so 'n stukkie: "'n Mens eet nie al die meel in een dag op nie. Môre en oormôre moet ook nog geëet word."(15) Die kind wat op sy eie 'n ontdekkingstog onderneem, word met die belofte van lekker kos terug uit die gevaar huis toe gelok: "Dit is die moederbors wat die kind uit die leeu se bek gehaal het."(16) Dis die mans se lot om alleen gevare te trotseer: "Weet jy dan nie dat as mans gaan jag, moet die vrouens tuis bly nie? Dis net wanneer die buffel dood is dat die vrouens met hul mandjies kom om die vleis te dra."(17) Die vertelster verwys na die krag van water: "'n Vol rivier is soos 'n krokodil: as hy jou vat, dan is daar nie eens beentjies om te begrawe nie."(18) Afgesien van hierdie vrye beeldspraak wat elke spreker op sy eie skep, is daar ook vaste uitdrukkings, bv. om aan te dui dat 'n jongman nie net by die huis moet sit nie, maar eers die wêreld moet sien voor hy trou en hom vestig: "Vir 'n jongkêrel is die reis, // Tuis-sit trou sy eie suster."(19)

By die Afrikaanse volksmens kom ons nie dié breë soort beeldspraak teë nie, maar daar is nog altyd spreekwoorde en spreekwoordelike uitdrukkings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat in talle gevalle klein storietjies veronderstel en feitlik fabels op sigself is: "Altyd op dieselfde aambeeld hamer"; "'n Aap in 'n porseleinkas"; "Al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding"; "Die aarde was toe te koud vir hom om op te trap"; "Lyk of die aasvoëls sy kos afgeneem het:"; "'n Adder aan sy bors koester"; "Op die afdraand wees met sy briek los"; "Agteros kom ook in die kraal"; "'n Perd agterstevoor ry"; "Een vrot appel steek al die ander aan"; "As die armoede by die voordeur inkom, gaan die liefde by die agterdeur uit"; "Sy as het vasgebrand"; "Iemand sit op die ashoop".(20)

Ook by die volledig uitgewerkte vertelling as fabel vind ons duidelik verskille. In die tradisionele vertellings van die Boesmans en die ou Hottentotstamme speel die fabel geen rol nie. Hulle vertellings staan nog te na aan die mite: elke vertelling het 'n ingeboude les, maar dis 'n religieuse boodskap. Eers by volkere op 'n ander beskawingsvlak, soos die Maleiers in die Ooste en die swart volkere in Suid-Afrika, kom deels 'n skeiding. Verhale word nou vertel en 'n boodskap daaraan vasgeknoop - òf religieus, òf algemeen-didakties. In lg. geval kry ons dan fabels, en daar is aangedui hoe gewild fabels, veral dierefabels, by hierdie volkere was.

By die Afrikaner, en sekerlik by ander Westerse volkere, is daar 'n verdere ontwikkeling. In die volksmond raak die fabel as vertelvorm op die agtergrond. Tog wil dit nie sê dat die lerende inslag by vertellings ontbreek nie. Dit is nou egter hoofsaaklik aan belewenisse, sages, mites en legendes gekoppel.

As 'n mens die tiperegister van die verskillende soorte volksvertellings deurgaan, kom jy agter in hoe vele van die voorbeelde daar 'n ingeboude les is, of hoe maklik 'n lewensles uit so 'n vertelling afgelei kan word. Onder belewenisse het die oumense gevalle van spookhumor (soos "Ek soek Piet Grawe!", waar iemand met sy eie dapperheid spog om op die ou end die slegste daarvan af te kom) graag afgesluit (dit weet ek uit ondervinding) met die gesegde: "Grootpraat en broeksk...t is nie 'n kuns nie!" Verhale van heldedade moet dien om die jongmense tot standvastigheid en deursetting aan te spoor. So kan 'n mens voortgaan. Besonder gewild is episodes uit die eie lewe of uit die lewens van beroemde mense. In die geval van spooksages is die uitgesproke les dikwels:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Laat die dooies met rus", of: "Moenie met dinge lol waarmee julle niks te make het nie; dit kan julle suur bekom." Die lesse in Christelike mites opgesluit, is vanselfsprekend. Onder die legendes verkondig baie van die volksballades wat ons oumense so graag gesing het - realistiese, maar denkbeeldige verhale - duidelik 'n lewensles, soos die droewe geskiedenis van "Constant en Bertina". Die meisie se ouers belet Constant die huis, want "syn stand is te gemeen". Op die ou end pleeg Constant selfmoord, en Bertina ook. Dan sluit die ballade af met die duidelike les:

> "O, Ouwers spiegel jull' en leer,
> Breek om die geld gen liefde meer;
> Daar liefde geld te bowe gaat
> En selfmoord is 'n yslik kwaad."(21)

Hierdie lesse kan van 'n algemene aard of spesifiek Christelike wees: "Pas op vir die Bose; die Satan is listig", of: "Hoe ondeurgrondelik is Gods weë", of: "So wonderbaarlik het die Here ons gered". Net die lerende sprokie is skaars. (Nie dat die sprokie nie ook 'n strekking het nie, maar op 'n ander manier, soos later aangedui sal word.)

Die hele verskynsel kan moontlik soos volg verklaar word. Die lerende inslag van sy vertellings, sy lewenswysheid wat hieruit blyk, is vir die volksmens 'n ernstige saak. Daarom koppel hy dit liefs aan verhale wat as die waarheid geld, of wat as waar beskou kan word.

Verder is herhaaldelik daarop gewys dat die mens in 'n sekere stadium van ontwikkeling geen onderskeid tussen mens en dier maak nie, soos bv. die Boesman; die dier is trouens in baie opsigte as die mens se meerdere beskou. Geleidelik kom 'n verskuiwing in opvattings, maar steeds bly die dierewêreld net 'n verlengstuk van dié van die mens. Dit, meen ek, was die geestesgesteldheid by die Oosterse Maleiers, die swart volkere van Suid-Afrika en die Oud-Grieke in die tyd toe fabels, veral dierefabels, by hulle so gewild was. Dit was dus doodnatuurlik vir hulle om diere in situasies te laat optree waaruit hulle lewenslesse kan aflei. (In hierdie verband kan verwys word na Frank Worthington, versamelaar van dieresprokies by die swartmense van Afrika, se stelling: "But I do not believe that Aesop, the man, ever lived. I think that as Chandler Harris collected stories from freed slaves in the Southern States of Ameri-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ca and gave them to a grateful world through the mouth of an old negro whom he chose to call Uncle Remus, so also did some one of ancient days - a Greek perhaps - collect similar stories from the black slaves of his time and attribute them all to a negro whom he chose to call Aesopus.")[22] Hierdie soort houding teenoor die dier is die geestesgesteldheid waaruit die *Physiologus* voortgekom het, met sy vergesogte Christelike lesse geknoop aan vergesogte beskrywings van diere. Dit is die geestesgesteldheid wat die Middeleeuse dierepos sy oorstelpende gewildheid besorg het. Dit is die geestesgesteldheid wat die Rooms-Katolieke Kerk genoop het om net 'n Christelike vernissie oor ou, ou volksrituele te verf, en waarin sy beeldediens kon floreer. Dit is die geestesgesteldheid van die tyd van die heksevervolgings, van die byna ontelbare heiligegeskiedenisse, die Duiwelverhale, en 'n hele nuwe vertelvoorraad omtrent Christus en Petrus en die Moeder Maria. Die element van lering, Christelik of algemeen, vorm 'n onafskeidbare deel hiervan.

Die Afrikaner se Gereformeerde voorvaders maak hulle doelbewus van baie van dié dinge los. Daar kom 'n nugterder benadering. Die hekse, die heiliges, die grootste gros van die Duiwelgeskiedenisse, die Moeder Maria asook Christus en Petrus in 'n groot mate (d.w.s. buite Bybelse verband) verdwyn uit sy vertelgoed. By die Afrikaanse volksmens kom ook 'n totaal nuwe benadering teenoor die dieresprokie, teenoor sy sprokievoorraad in die algemeen. Dit word merendeels as blote vermaak aangewend (afgesien van die groot simboliese lesse wat deel van die weefsel van die sprokie vorm), en hy konsentreer op onderhoudende dierekarakters soos Jakkals-en-Wolf, of op Uilspieël en die Swape. Die sprokie, die dieresprokie, het sy waarheidselement verloor, daarom word dit nie meer regstreeks as die draer van lewenslesse gebruik nie. Vir die kind is die sprokie wel nog waar, maar ons moet onthou dat dit gewoonlik volwassenes is wat die sprokies vertel, en dit is hulle wat die lesse bylas. Daarom word die lerende liefs tot ander afdelings van die volksvertelling beperk - soos die Bybel, wat die Afrikaner so ingrypend beïnvloed het, die voorbeeld stel. Die duisende lesse in die Bybel spreek uit regstreekse vermanings, uit lewensgeskiedenisse (wat aansluit by die lerende anekdote) en gelykenisse, en daar word net twee maal van fabels gebruik gemaak: die fabel van Jotam, en die fabel van Joas.[23]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15.3.0 Die boodskap van die sprokie

"(Die) sprokie is wars van alle sedelering, alhoewel die hele gees van 'n tydperk menigmaal in 'n sprokie vasgelê is," skryf Abel Coetzee,[24] en elders praat hy van die sprokie "wat in sy skoonste vorm net vermaak wil bring".[25] Die strekking is egter net so wesenlik deel van die sprokie as van die ander soorte volksvertellings wat reeds behandel is.

15.3.1 Die inherente boodskap

Die ware volksprokie kom nie bloot willekeurig tot stand nie. Dit neem motiewe in hom op wat meermale op oerou volksgelowe teruggaan, en wat die mens glo, is vir hom waarheid. Die sprokieswêreld hou met die diepste wese van die mense verband. Max Lüthi sê: "Die Bilder, die das Märchen zeichnet, sind nicht Einkleidungen, sondern echte, und das heisst: wirklich erschaute Bilder." Sprokies is kinders van die verbeelding, en die verbeelding skep vryelik, maar sy moontlikhede word tog begrens deur wat die mens self is. Die fantasie "ist sich keines Zwanges bewusst, aber die Bilder und Geschehensfolgen, die sie erschaut und komponiert, steigen aus dem innern Erleben des Menschen auf und entsprechen ihm". Om hierdie beelde na vore te bring, werk verlossend op beide skepper en toehoorder in: "Und solches Aufsteigen aus dumpfem Innenraum ins lichte und scharf umrissene Bild schafft Befreiung, dem, der das Märchen dichtet, und dem, der es hört."[26]

Die kernboodskap van die tradisionele towersprokie is dat die goeie oor die kwade seëvier. Uilspieël stel dikwels die mens in sy enge kleinsieligheid aan die kaak. Die Swape wys wat met iemand gebeur as hy nie sy gesonde verstand gebruik nie. Selfs al lyk dit miskien onregverdig dat die sluwe Jakkals in die dieresprokies so dikwels sy sin kry, spreek hierdie vertellings in hul wese 'n verdoemende oordeel oor die nutteloosheid van brute krag en geweld uit. Wolf is sterker as Jakkals, so ook Leeu en Tier en vele ander van sy slagoffers, en selfs Jakkals kan bedroë daarvan afkom wanneer hy 'n swakker teëstander afdreig (soos in "Jakkals, Duifie en Reier", A/T 56A).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15.3.2 Die bygevoegde boodskap

Wanneer 'n algemene lewensles doelbewus aan 'n sprokie gekoppel word, kry ons 'n fabel. Soms word die sprokie egter ook op ander maniere gebruik om 'n boodskap oor te dra. Dikwels het ons in sulke gevalle met literêre voorbeelde te make, maar dit gebeur ook in die volksmond.

K.L. en A.O. Vaughan laat hul Outa Hendrik 'n enkele keer sy kinder= toehoorders vermaan, na aanleiding van die vertelling oor "Ratel met die heuning in sy bloed" (A/T/G 70-99). "En zo weet jullie nou hoe kom ou Ratel zo gek van heuning is - dit is in zijn bloed, en wat in die bloed is kom uit in die vlees. En nou, jullie kleintjes, pas op, en steel nie jullie pa zijn heuning of jullie zal ook zo worde."(27)

Die beste bron is Von Wielligh. Soms het 'n bruin verteller 'n hele preek na aanleiding van 'n sprokie of sprokiekarakter afgesteek: "Maar die fyn planne van Jakkals, spitsneus, het hom nie altyd uit die vaal-water kon red nie. Nee, daar was moesoek bo moesoek, rissies bo pe= per! Glo my, hy het baie keer sy druiwe-sop teengekom. Ai, hoe het die Heuningbye, seersteek, hom nie laat bokspring nie? (Dan lag outa, dat die trane so oor sy wange rol). Hoe het Reier, kannie-lagnie, hom nie naar op die maag laat voel nie, toe hy die skurwe padda bo uit die boom in sy bek laat val het? Nee, moenie vir jou altyd te slim wil hou nie, dink daaraan, dat jou tabak ook kan nat word en dat jou pyp= steel ook kan breek."(28)

'n Literêre voorbeeld van 'n sprokie wat in 'n fabel omgeskep word, is die vroeë Afrikaanse digter F.W. Reitz se oorvertelling van "Die water= dief gestraf" (A/T/G 175.1). Daar is 'n lang inleiding oor die doenig= hede van die diere, maar as hy by die eintlike verhaal kom, val Reitz sommer met 'n lessie weg: "Grootpraat is ook somtyds 'n wapen, maar grootdoen is beter. En dit het Skilpad getoon." Wanneer Skilpad ein= delik vir Jakkals, die waterdief, gevang het deurdat die skelm vassit aan die taai bywerk wat op Skilpad se dop gesmeer is, weet niemand hoe om hom weer daar af te kry nie, maar die klein swartmiertjies knaag die bywerk gou-gou los. Skilpad kan sy gang gaan, maar Jakkals sit in die tronk. Dan sluit Reitz met nog 'n lessie af: "Kinders, onthou! Langsaam; maar versigtig, en sekuur. Dis Skilpad. Klein; maar saamwerk en helpmekaar. Dis Swartmiertjie."(29)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die merkwaardigste literêre poging in Afrikaans om 'n paar lesse aan 'n bekende dieresprokie te knoop, is seer sekerlik dié van ene Beta in *De Goede Hoop*, waar hy probeer om van "Jakkals is skoolmeester" (A/T 56C) 'n soort Christelike gelykenis te maak, en meer nog: hy gebruik die sprokie as 't ware as 'n soort teksvers vir 'n preek. Dit laat 'n mens aan die ou bestiariums dink. Sy vertelling begin sô:

"Neef Jakhals het een keer 'n Kosskool gehou, en Oom Tier sit drie van sij kinderkies in die skool. Dis goed vir ieder mens om 'n werksaamheid te hê. Om te werk is nie 'n skande, maar 'n eer.

"Oom Tier het sij kinderkies baie lief gehad, en so kom hij al dae vir hulle kuier. Kinders moet baie dankbaar aan God wees vir ouers wat hulle lief het, en vir hulle eer en gehoorsaam wees.

"Nou het Jakhals 'n slegte plan in sij kop gehad. Toe sê hij vir Oom Tier, hij moet tog nie so aldae bij sij kinderkies kom kuier nie, want dit hinder hulle in hulle lesse. Maar dit was 'n leuen.

"So'n bose Jakhals, hij vertel nie alleen 'n leuen nie, maar hij wil Oom Tier ook bedrieg! So gaan dit, kinders. Leuens en bedrog is tweelinge. 'n Mens kan dit ook lees in die geval van Ananias en Saffira, vir ons opgeteken in Hand. 5. Pas op vir die eerste leuen! Julle het seker gehoor van die spreekwoord: 'Al loop die leugen nog zo snel, de waarheid achterhaalt hem wel.' En Gods Woord sê duidelik dat geen leuenaar die hemel sal binne gaan nie!"

Dit gaan voort tot by die slotles: "Hier in die geskiedenis, kinders, sien ons dat dit met 'n mens maar net so gaan so's dit met Jakhals gegaan het. Hij het sonde gedoen. Eers was hij skuldig aan ontrou en toe aan moord. Toe moes hij vlug en 'n onrustige lewe voer. So was dit ook met Kaïn. Verder, op sonde volg straf, en die straf agtervolg die sondaar, net so's Oom Tier vir Jakhals agtervolg het. Daarom, wees bang om sonde te doen, en lees Ps. 119 vs.5."(30)

15.4.0 Lerende anekdotes

Oral in die ou tydskrifte en boeke kom 'n mens lerende anekdotes teë,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvanklik in Nederlands, en later in Afrikaans, wat algemene sedelesse of spesifiek Christelike boodskappe wil oorbring. Hierdie anekdotes kan betrekking hê op voorvalle wat werklik plaasgevind het of sou plaas= gevind het, of anders kan dit fiktiewe verhale wees, maar dan nog steeds realistiese weergawes van dinge wat kon gebeur het. Ons het hier dus te make met uitbreidings van sekere soorte belewenisse of sages (werklike voorvalle), of van legendes (fiktiewe verhale).

15.4.1 Christelike strekking

C.P. Hoogenhout se *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders* (1879) wemel van volbloed-prekies met 'n algemene of Christelike boodskap terwyl die storie-element, op enkele uitsonderings na, totaal ontbreek. Een tipiese Christelike strekkingsverhaaltjie word egter wel opgeneem. 'n Meisietjie dra 'n kruis as sieraad om haar nek. Eendag breek die twee balkies vanmekaar, en toe sy dit vir haar vader gee om reg te maak, lê hy die balkies opgemaak sodat hulle in dieselfde rigting wys, en hy vra of dit nog 'n kruis is. Sy antwoord ontkennend. Toe lê hy die balkies dwars oormekaar, en dit vorm 'n kruis. Die boodskap: "'die lange balk is ons liwe Heer syn wil en di korte is onse wil. As ons wil nou in diselfde rigting loop as ons liwe Here syne, dan is daar gen kruis ni. Maar soos ons wil dwars teen di wil van God is, dan maak ons daar= deur ver ons 'n kruis.'"(31)

Eerw. J.W. van der Rijst (Oom Willem, 1828-1904), een van die vroegste skrywers van stukke in Afrikaans met 'n Christelik-godsdienstige strek= king wat o.m. opgeneem word in die bundels *Evangeli in di volkstaal* (2 dele, 1884-1885), vertel talle verhaaltjies met boodskappe. Een daarvan lui dat daar 'n winkelier was wat baie geld gemaak, maar God vergeet het. Drie seuns word vir hom gebore, en al drie kom baie jonk te sterwe. Toe besef die man dat die Here hom weens sy sonde so swaar kasty. Sy droef= heid oor sy sondes is groter as die droefheid oor sy gestorwe kinders, en so word hy bekeer.(32)

Treffender is 'n optekening deur ds. W.J. Conradie oor hoe hy as jong predikant by 'n bejaarde gemeentelid gekla het dat mense sy preke aan= prys, maar as hy hulle daaromtrent uitvra, kan hulle niks onthou nie. Oom Michiel vertel hom daarop van 'n jong dominee wat by 'n vrou gekom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het waar sy by 'n watersloot besig was om wol in 'n sif te was. Sy wens hom met sy preek van die vorige dag geluk, maar kan geen besonderhede verstrek nie. Die predikant word kwaad, waarop sy antwoord: "Kyk die wol hier. Ek gooi gedurig water in die sif. Niks bly agter nie, en tog word die wol spierwit. Net so het die liewe preek met my hart gedoen."(33)

Honderde van hierdie soort verhaaltjies, meermale ook aan die lewens van historiese persoonlikhede gekoppel, word deur die jare van preekstoele af verkondig, in preekbundels opgeneem en veral ook in die kinderafdelings van kerkblaaie soos *Die Kerkbode* gepubliseer. Die oumense was lief daarvoor (dit het ek self ondervind) om treffende preke wat hulle gehoor het, oor te vertel, en so word hierdie soort verhaaltjies in 'n mate volksvertellings. Opmerklik is die afwesigheid van dié tipe vertellings in *Ons Klyntji*. Dit is egter daaraan te wyte dat die redakteur, ds. S.J. du Toit, duidelik opdrag ontvang het om van die godsdiens en die politiek weg te bly. Daarom wys hy ingesonde stukke van dié aard van die hand.(34)

Belangriker, en in 'n volle mate deel van die volksverhaalvoorraad, is verhale met 'n Christelike strekking wat soms oor geliefde karakters uit die volksgeskiedenis vertel word. Dit maak nie saak of die voorvalle wel plaasgevind het nie; dit word vertel asof dit werklik gebeur het. Vir die volksmens is dit veel treffender as hy kan glo dat 'n verhaal waar is. So skryf 'n leser oor die bydraes in *Ons Klyntji*: "Daar is stukke in wat my laat trane stort, omdat ek weet dat dit ni uit di fingers gesuig is."(35) 'n Vername karakter in hierdie verband is Paul Kruger. (Vgl. onder belewenisse: "Paul Kruger en die vloekende koetsier", en "Paul Kruger en die Duiwel".) Opgetekende voorbeelde van dié soort is nie volop nie.

Ten einde 'n getroue beeld van die Afrikaanse volksmens se vertelgoed te kry, moet egter steeds onthou word dat die Bybel en Bybelse dinge vir hom nie altyd net 'n bron van strekkingsverhale was nie. Ek verwys na Petrus by die hemelpoort (later in die hoofstuk oor grappe behandel), wat so 'n gewilde humoristiese karakter by die Afrikaanse volksmens was. Ds. S.J. du Toit kla oor bydraes wat hy van lesers ontvang: "en dan word daarin te ligfêrdig o'er di Bybel en godsdiins gespreek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oek. Dis mos ni iits om pret mê te maak ni."[36] Ook vorm humoristiese vertellings oor predikante, die "gesalfdes van die Here", 'n belangrike onderdeel van die Afrikaanse volksverhaalvoorraad, soos by herhaling aangedui.

15.4.2 Algemene lesse

Enkele vertellings met algemene boodskappe, soms in rymvorm, word deur C.P. Hoogenhout in sy bogenoemde kinderboekie opgeneem. Daar is bv. sy bekende ballade oor "Jan Bantjies", die Kaapse bruinman wat so knap met perde was totdat hy 'n prooi van die perderesies en dronkenskap geword het.[37]

Jan Lion Cachet se *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het* deur Ou Oom Jan is breed opgesette strekkingsverhale na die lewe geteken. (Die eerste novelle verskyn in 1882 in *Die Patriot*, die laaste in 1898/99 in *Ons Klyntji*, en hulle word op die ou end in 1907 saam gebundel.) Veral die laaste novelle oor "Die baasduiwel" is "volgens die skrywer min of meer 'n onveranderde portret".[38] Ons het dus hier duidelik te make met stof wat ook in die volksmond neerslag kon gevind het.

So kom 'n mens die strekkingselement in talle geskrifte teë. Ds. J.D. Kestell (Vader Kestell) vertel uit sy eie ervarings as predikant hoe hy eendag by 'n arm vrou gekom het wat besig was om brood te knie. Hy vra haar of sy dan nooit iets (bedoelende geld) vir later spaar nie, maar sy antwoord dat hulle dan juis te min het om van te lewe. Nogtans, wys die dominee haar tereg, hoewel sy elke krummel brood nodig het, hou sy darem 'n stukkie van die deeg om later as suurdeeg te gebruik. So kan ook op ander gebiede waar dit lyk asof daar niks is nie, iets te spare afgekny word.[39]

In 'n tydskrif soos *Die Kerkbode* verskyn in byna elke uitgawe van dié soort verhaaltjies, maar weer eens is dit 'n karakter soos Paul Kruger wat dit werklik in die volksmond gangbaar maak. (Vgl. voorbeelde onder "Salomo-tipe" by belewenisse.) 'n Goeie voorbeeld hiervan, en trouens ook 'n goeie voorbeeld van hoe die vertelling in die volksmond uit talle oorde beïnvloed word, het ek by my vader gehoor. My vader het in 'n tydskrif die verhaal gelees van 'n man wat erg aan asma gely het. Een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aand kom hy op 'n plaas, maar hoewel dit drukkend warm is, waarsku die huismense hom om onder geen omstandighede sy kamervenster dié nag oop te maak nie omdat daar berigte van gevaarlike rowers in die omgewing is. Die man word die nag so benoud dat hy glad nie kan slaap nie. Dis be= ter om teen 'n rower te staan te kom as om te versmoor, besluit hy, tel sy skoen op en gooi. Hy hoor ruitglas breek en dadelik spoel 'n koel luggie oor hom sodat hy rustig insluimer. Die volgende oggend ontdek hy dat die buitevenster nog bottoe en al die ruite heel is. Hy het al die tyd die ruitglas van 'n muurkassie stukkend gegooi. Die les: 'n mens moet oppas om nie jou verbeelding met jou op loop te laat sit nie.(40) Hierdie verhaal is by meer as een geleentheid opgehaal en het op dié manier 'n ware volksvertelling geword wat op 'n verbeeldings= verhaal berus.

15.5.0 Fabels

15.5.1 Die fabel as wêreldwye verhaalvorm

Toe die herkoms van die sprokie nagegaan is, is reeds 'n oorsig van die ontplooiing van die fabel in die Weste en die Ooste gegee met Esopus en die *Pantsjatantra* as twee van die belangrikste vroeë bronne. Met die stryd om meer vryheid vir die enkeling, hetsy op kerklike of poli= tieke gebied, wat rondom die Renaissance ontstaan, word die fabel weer 'n ideale wapen. Die groot Duitse hervormer Martin Luther (1483-1546) is baie lief vir hierdie skryfvorm en verwerk ook verskeie Esopus-fabels in Duits. In die volgende eeu is daar die Fransman Jean de la Fontaine (1621-1695), miskien die belangrikste fabeldigter naas Esopus; in elk geval oefen hy en Esopus tot vandag toe die meeste invloed uit.

La Fontaine maak vir hom naam as digter en skrywer, maar dis sy *Fabels* (die eerste ses boeke in 1668, die laaste ses in 1880) wat deur die eeue hul bekoring sou behou. Hy put uit Esopus en talle ander bronne en skep self nuwe fabels, alles weergegee in rym en met fyn aksentverskui= wings sodat daar agter die gewone les ironiese kommentaar op die lewe verskuil lê. Soos een kritikus dit stel: "They supply three several delights to three several ages: the child rejoices in the freshness and vividness of the story; the eager student of literature in the consummate art with which it is told; the experienced man of the world

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in the subtle reflections on character and life which it conveys."(41)

Die 18de eeu is die bloeityd van die literêre fabel in Europa. Ek noem net die Engelse digter John Gay (1685-1732), die Duitsers Christian Fürchtegott Gellert (1715-1769) en Gotthold Ephraim Lessing (1729-1781); en dan volg die vername Russiese fabulis Iwan Krilof (1768-1844). In ons eeu was daar veral die Amerikaner James Thurber (1894-1961).

Dit alles het egter hoofsaaklik met die fabel as literêre vorm te make. Tog, as 'n mens na die wye verspreiding van verskeie Esopus-fabels in die volksmond volgens die Aarne/Thompson-indeks kyk, is dit duidelik dat die fabel in Europa ongetwyfeld ook 'n volksverhaalvorm was. Hier is enkele voorbeelde: "Jakkals ontsnap uit put met emmer" (A/T 32), "Hong met vleis oor brug" (A/T 34A), "Jakkals (Bobbejaan) sien dat spore net by siek Leeu se grot ingaan" (A/T 50A), "Jakkals en Kraanvoël nooi mekaar uit" (A/T 60), "Jakkals sonder stert" (A/T 64), "Muis verlos Leeu" (A/T 75), "Been in Wolf se keel" (A/T 76), "Klok om kat se nek" (A/T 110), "Wolf beskuldig Lam vals en eet hom op" (A/T 111A), "Plaasmuis besoek Dorpsmuis" (A/T 112), "Ondankbare slang terug onder klip" (A/T 155), "Androkles en die leeu" (A/T 156), "Die hardkoppige bokke" (A/T 202), en "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074).

15.5.2 Die fabelvoorraad in Afrikaans

Dat die fabels van veral Esopus en La Fontaine deur die jare redelik wyd in die Afrikaanse wêreld bekend moes gewees het, is onbetwisbaar, soos weldra aangetoon sal word. Nou het ons hier weer met 'n lastige vraag te make: watter fabels kan as deel van die Afrikaanse volksverhaalvoorraad beskou word, en watter is net deel van die literêre tradisie?

Abel Coetzee en medewerkers neem al die hierbo genoemde voorbeelde van Esopus-fabels in hul *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal* op. Twee gevalle is bo verdenking en ongetwyfeld van die gewildste volksvertellings in Afrikaans, nl. "Ondankbare slang terug onder klip" (A/T 155), en "Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante" (A/T 1074). Wat die ander voorbeelde betref, meen ek dat ons hier

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meermale iets soos die universele sprokies het waarna elders verwys word. Niemand kan betwis dat hierdie fabels wyd in Afrikaans bekend is nie. Nogtans is dit nie iets wat 'n mens geredelik uit die volksmond opteken nie. Informante voel gewoonlik baie duidelik aan dat hierdie fabels van elders af oorgeneem is, en hulle moet dus as universele fabels be= skou word.

Enkele ander fabels is deur my in die "Tiperegister van Afrikaanse spro= kies" opgeneem. Dit is mooi verhale, maar daar moet erken word dat dit almal grensgevalle is, slegs in 'n beperkte gebied bekend, en 'n mens weet selfs nie of dit nie soms bloot op literêre bronne berus nie. Ek verwys hier na: "Jakkals en Haan: Vrede op aarde" (A/T 62), "Kat: Die geveinsde Kat" (A/T 112**), "Brommer en By" (A/T/G 275-299), "Spinne= kop en Jig: Die beste plek om te woon" (A/T 293C*), "Die Duiwel en die Afrikaner" (A/T/G 754A), "Die Duiwel se skoliere" (A/T/G 815-849), "Wolf en sy vrou ruil werk om" (A/T 1408), en "Kanarie en Kraai: Die onbevoegde regter" (A/T/G 1551.1).

Om 'n duidelike beeld van die plek van die fabel in die Afrikaanse wêreld te kry, is dit nodig dat ons nie net die volksbronne sal afsonder nie, maar ook steeds die literêre bronne in gedagte hou. Dit kan gedoen word deur telkens die belangrikste figuur of bronne in 'n besondere tydvak uit te lig.

(a) *Louis Henri Meurant (1811-1893).* In die oorsig oor die voor= koms van Afrikaanse sprokies, is aangedui dat fabelboeke veral van Eso= pus (en Phaedrus) in die 17de en 18de eeu aan die Kaap beskikbaar was. Met die koms van tydskrifte en koerante nâ 1800 vind 'n mens 'n stand= houdende stroom fabels wat uit die wêreldvoorraad oorvertel word, soos veral weerspieël in *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift.*(42) Dit is al= les egter nog in Nederlands. Die eerste fabel in Afrikaans opgeteken (sover vasgestel kon word) dateer uit 1845 en kom voor in 'n brief van Platje Wysneus aan *Het Kaapsche Grensblad* - ongetwyfeld deur die redak= teur, L.H. Meurant, self. Dit is die fabel van "Die jagter en die ape".(43) Of Meurant dit iewers gelees of self opgemaak het, is onbe= kend. Dit moet egter onthou word dat deur die eeue sekerlik etlike duisende fabels in die wêreld geskryf is, dikwels in geskrifte of boeke wat vandag skaars verkrygbaar is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Altesame drie fabels kom in Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waar= zegger en Jan Twijfelaar* voor, sedert Desember 1860 as koerantstukke gepubliseer om in 1861 die eerste boek in Afrikaans te word: die Eso= pus-fabel oor "Die hoogmoedige padda en die os" (A/T 277A);[44] "Die aap en die timmerman",[45] uit die Oosterse *Pantsjatantra;*[46] en dan "Die drie Swape".[47] Lg. was oorspronklik 'n suiwer Swaapstorie son= der enige les daarby en kom voor in *Die Abenteuer von den sieben Schwa= ben* van Ludwig Aurbacher.[48] Meurant het dit egter so omgebuig dat dit 'n fabel word.

Die fabel oor "Die hoogmoedige padda en die os" was baie gewild by daar= die eerste skrywers in Afrikaans. Meurant verwys nog een maal terloops daarna: "hulle is nets die ouwe wyfie brulpadda, wat van domme hoogmoed gebars het".[49] Ook in die geskrifte van Samuel Zwaartman (H.W.A. Cooper, 1842-1894) kom dit voor, in 'n brief onder datum 15 Junie 1870: "Nou is hij kompleet nets de padda wat hom zoo groot wou blaas als en os, net nou bars hij."[50]

(b) *Arnoldus Pannevis (1838-1884).* In die Nederlandstalige tyd= skrifte en koerante bly die stroompie fabels konstant vloei, en met die opbloei van die eerste Afrikaanse Taalbeweging in 1875 word fabels al meer en meer in Afrikaans oorvertel. Omstreeks 1879-1880 berym dr. Pannevis "Die gebarste parra" en "Die kraai en die jakkals" na die Frans van La Fontaine.[51] Lg. fabel kom ook by Esopus voor, nl. "Die jakkals en die kraai met die kaas in sy bek" (A/T 57).

(c) *C.P. Hoogenhout (1843-1922).* Dié geliefde skoolmeester wat so graag 'n boodskap aan die kinders oorbring, maak tog nie van die fabel gebruik nie. Hy verkies die regstreekse sedeles. Tog, in een geval word sy weergawe van die Engelse kinderrympie "Mary had a little lamb" as "Mimi en haar lammetji" 'n mooi fabel.[52]

(d) *Ons Klyntji (1896-1906).* Fabels is glad nie volop in *Ons Klyntji* nie. Die eerstes verskyn in 1898, en dit is drie van dié wat in die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" opgeneem is, nl."Kat: Die geveinsde kat" (A/T 112**), "Spinnekop en Jig: Die beste plek om te woon" (A/T 293C*), en "Kanarie en Kraai: Die onbevoegde regter" (A/T/G 1551.1).[53] Die fabel oor die spinnekop en jig kom by La Fon=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

taine voor. Die herkoms van "Die onbevoegde regter" kon nie vasgestel word nie. "Die geveinste kat" toon sterk ooreenkomste met wat Aarne/Thompson as 'n ou Russiese fabel aandui waarvan nog net een variant, nl. in Letties, uit die volksmond opgeteken is. Dis voorwaar vreemd waar 'n volk se verhaalvoorraad oral aansluiting vind. As inleiding tot 'n lang godsdienstige gedig skryf A.J. Heroldt (1831-1902), gereelde medewerker aan *Die Patriot* en *Ons Klyntji*, die fabel oor "Die spinnekop en die vlieg".(54) Dit kan 'n nuutskepping wees. Die ander fabels in hierdie blad is die werk van B.R. Buys, afgesien van 'n oordruk van "Die kraai en die jakkals" van Pannevis.(55)

(e) *B.R. Buys (1876-1938).* Van beroep 'n onderwyser, was hy ook 'n gereelde medewerker aan *Ons Klyntji*. In 1899 publiseer hy onder sy een skuilnaam, Barbu, en die vreemde opskrif "Enige grappiis" drie verhaaltjies wat as fabels beskou kan word: "Die man en die wind", "Net maar 'n ribbok" en "Moet of moenie".(56) Dit is blykbaar oorspronklike werk, hoewel lg. op 'n ou volkstema berus. Voordat 'n moeder kerk toe stap, sê sy dreigend vir haar seuntjie: "Jy moet nou dat die ganse en kalkoene die blaarslaai opvreet solank ek weg is!" Dadelik gaan jaag hy hulle in die tuin en kan nie begryp hoekom sy moeder hom later daaroor wil straf nie. Die les is natuurlik dat 'n mens altyd duidelik moet sê wat jy bedoel. Onder sy ander skuilnaam, Darius Bendolf, publiseer Buys in 1905-1906 altesame 24 verwerkings van Esopus-fabels uit die Engels.(57)

(f) *Twee skrywers en twee tydskrifte.* Melt J. Brink (1842-1925) lewer 'n verdienstelike beryming van 'n Esopus-fabel: "Die gevaar om twee vroue te trou".(58) In *De Unie* verskyn berymings van enkele fabels van Esopus en La Fontaine in 1905 en 1906, bv. "Plaasmuis besoek Dorpsmuis" (A/T 112).(58) Die interessantste is 'n klaarblyklik oorspronklike beryming deur E.J.B. Schonck (van wie niks verder bekend is nie) oor die hond wat soveel vreemde tale kon praat dat hy sy eie taal verleer het.(60) Dit het vanselfsprekend betrekking op die Afrikaanse taalstryd en verengelsing. Interessant is ook die berymde fabel oor die vuurhoutjie en die denneboom in 'n ander tydskrif, *De Goede Hoop*.(61) Die magtige denneboom verhef hom bo die nietige vuurhoutjie, maar uiteindelik is dit die vuurhoutjie wat hom laat uitbrand - want die vuurhoutjie had 'n kop. Die skrywer en herkoms van dié fabel is onbekend. Nog 'n taalstryder, J.H.H. de Waal (1871-1937),

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwerk 'n tweetal fabels uit Nederlands, die treffendste dié omtrent Jakkals wat die lomp eende oortuig dat hulle goeie danseresse kan word, hulle uit hul hok lok en 'n slagting aanrig. Die oorspronklike is deur die Nederlander G.W. Lovendaal.(62) Die ander fabel is die verhaal van die ganse wat vandag nog hoogmoedig is omdat hulle voorvaders eenmaal die Kapitool in Rome gered het deurdat hulle die vyand gewaar en alarm gemaak het. Die les: moenie op die roem van andere teer nie. Hierdie fabel kom in die werk van die groot Russiese fabulis Iwan Krilof voor, maar De Waal het die Nederlandse beryming deur A. Bogaers verwerk.(63)

(g) *W.H. Boshoff (1865-1918).* Hierdie predikant en kindervriend was die vernaamste berymer van klassieke fabels in Afrikaans, soos "Die hoogmoedige padda en die os" (A/T 277A), "Die hond in die krip", "Hond met vleis oor brug" (A/T 34A), en "Die esel in die leeuvel" (A/T 214B).(64) In die meeste van sy gediggies (almal in die bundel *Gediggies vir ons kleintjies*,?1914) probeer hy die een of ander les invleg, dikwels suiwer Christelik sodat dit klein gelykenisse word, maar dan ook meer algemeen sodat ons fabels kry, soos "Parmantig" (die verhaal van die oormoedige Tinktinkie en Olifant), en die bekende "Oom Tys en die bobbejaan" (hoewel dit ook meer na 'n gelykenis neig).(65)

(h) *Ds. Willem Postma (1873-1920).* As taalstryder van die Tweede Beweging en knap skrywer onder die skuilnaam Dr. O'kulis, was hy onteenseglik ons belangrikste skrywer van oorspronklike fabels, asook die man wat die fabel die sterkste as politieke wapen aangewend het (soos later volledig bespreek word). Afgesien van sy politieke fabels, wat gewoonlik in ander skryfwerk vervleg word om 'n argument te onderstreep, het hy goed 'n twee dosyn oorspronklike fabels geskep. Dikwels is hulle staties en betogend sonder veel handeling, en soms is daar 'n duidelike Christelike inslag sodat dit op die grens van 'n gelykenis staan. 'n Tipiese voorbeeld van sy fabelstyl is die volgende:

Perskeboom en Roos

"Rosie, vir watter nut is jij op aarde? Ik dra tog vrugte en wierp mij koele skaduw vir mij bass. En jij?"

"Ik dien dieselfde baas als jij. Onse baas het ook oë en neus moet jij

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedink. Ik gun jou jouw plek - laat jij mij maar begaan op mij plek, wat die Skepper en die baas vir mij beskik het."(66)

Ons is hier baie ver verwyderd van die soort fabel wat ook as verhaal in die volksmond oorgelewer word.(67)

(i) *Verdere voorbeelde uit tydskrifte en die eerste boeke.* Deur die jare bly fabels, hoofsaaklik verwerk uit die wêreldliteratuur, 'n vaste deel van Afrikaanse kindertydskrifte of afdelings vir kinders in algemene tydskrifte. Op enkele uitsonderings na het dit uit die skryfwêreld vir volwassenes verdwyn. Hier volg enkele voorbeelde van fabels in tydskrifte.

In *Die Brandwag* verskyn 'n paar fabels, o.m. die klaarblyklik geliefde verhaal van "Die hoogmoedige padda en die os" en "Die jakkals en die kraai met die kaas in sy bek".(68) 'n Reeks van vyftien Esopus-fabels word in *Die Afrikaanse Kind* opgeneem.(69) *Die Kleinspan* en *Die Jong=span*, wat dekades lank die enigste en veel gelese Afrikaanse kindertyd=skrifte sou wees, bly nie agter nie. Die bronne in die oorgrote meer=derheid gevalle is òf Esopus òf La Fontaine. In 1930 verskyn 'n reeks van nege fabels,(70) 'n reeks van drie,(71) en ook nog 'n los fabel.(72) Gedurende 1936-1937 publiseer die bekende skryfster vir kinders Helena J.F. Lochner 'n verwerking van ses fabels in *Die Jongspan*.(73) 'n Tref=fende fabel wat meermale opduik, is "Die Japanse steenhouer" uit die groot Nederlandse skrywer Multatuli se *Max Havelaar*.(74) Soms lewer 'n medewerker 'n interessante uitbreiding van 'n bestaande fabel, soos die skrywer E. Serfontein met "Die jakkals en die kraai met die kaas in sy bek". Daar word vertel hoe Jakkals vir Kraai vlei dat sy so mooi kan sing totdat sy die stukkie kaas in haar bek laat val. Dan raap Jak=kals die kaas op en verslind dit. Van ver af hou Boer vir Kraai deur sy verkyker dop, en hy is tog te bly dat die kaas verdwyn het, want hy het dit vergiftig om van haar ontslae te raak. Nou is dit egter Jak=kals wat teen die grond neerslaan, en Kraai sê vir hom: "Wat is dit nou met jou, Jakkals? Dit lyk my jy wil hier voor my doodgaan. Maar wag net 'n bietjie; ek wil jou ook graag 'n les leer. Let noukeurig hierop: die lied van selfs 'n kraai kan sy siel van die dood red."(75)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit hoofde daarvan dat dit 'n kerkblad is, bring *Die Kerkbode* graag les= se tuis. Daar word egter voorkeur gegee aan die lerende anekdote, en dis selde dat iets opduik wat ook as fabel beskou kan word, soos die verhaaltjie oor "Die geurende roosknopnie". Die blare van 'n roos word deur die wind afgeskud. Die tuinman se vrou sit hulle in 'n kleipotjie omdat hulle so lekker ruik. Eindelik is die blare heeltemal verdor en word weggegooi, maar die lieflike geur bly nog lank aan die potjie kleef. "Die roos is die lewe van 'n goeie mens. Die geur is sy invloed. Lang nog nadat hy dood is, bly die geur van sy lewe bestaan en dank ons die Heer vir hom en vir wat hy was."(76)

Die eerste kinderboeke met vertaalde en verwerkte fabels begin verskyn, en Esopus is die groot gunsteling. Daar is P.A.M. Brink se weergawe van die *Fabels van Esopus* (1918), wat talle herdrukke beleef; J.P. Hebel: *Skatkissie* (1929); mev. J.J. Jordaan: *Stories uit Esopus* (?1930); Michael West: *Fabels en sprokies* (1936); en Oom Piet (P.M. van der Lingen): *Fabels van Esopus* (1940).

(j) *C.J. Langenhoven (1873-1932).* As uitgesproke didaktikus wend Langenhoven wel die fabel aan; dis eintlik vreemd dat hy dit nie meer= male doen nie. Hy is lief daarvoor om klassieke fabels op sy eie ma= niet aan te pas. Veral skitterend is sy weergawe van die Esopus-fabel "Die meulenaar, die seun en die donkie" (A/T 40).(77) Dan is daar "Die donkie met die leeuvel om" (A/T 214B);(78) "Die wedren tussen die diere: Die slapende haas" (A/T 275A, twee maal);(79) en "Die leeu en die standbeeld" (30) Langenhoven skep ook 'n klompie oorspronklike fa= bels in rymvorm, soos "Liefdes-dorings", "Die veragter" en "Die verbete= ring".(81) In eg. word vertel hoe 'n koei by 'n doringboom kom en vra dat hy sy dorings opsy moet draai sodat sy van die blare kan eet om melk vir haar kalf te kry. Net toe verskyn 'n jakkals wat haar kalf as kos vir die jakkalskinders wil hê, maar die koei verwilder die jakkals met haar horings.

Toe antwoord eers die boom vir haar:
"My dorings is ook horings maar -
Sien jy my kinders in my skoot?
Ek moet my blommetjies bewaar."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(k) *C. Louis Leipoldt (1880-1947), A.G. Visser (1878-1929), Joubert Reitz (1881-1919) en I.D. du Plessis (geb. 1900).*

Die fabel word nooit 'n vorm wat sterk by die grootste gros van ons skrywers inslaan nie. Waar hulle dit wel gebruik, is dit dikwels net 'n enkele voorbeeld. Van Leipoldt is daar "Die varkblom en die lelie=blom";[82] van Visser "Roos en appelkoos";[83] van Joubert Reitz "Die eiewys lam";[84] en van Du Plessis "Geleende vere".[85]

(l) *Ander.* Deur die jare duik steeds interessante voorbeelde van fabels op. Daar is bv. enkele optekenings uit die volksmond, soos "Brommer en By" (A/T/G 275-299) en "Die boer ploeg voort" (A/T/G 2400 e.v.).[86] Daar is 'n aanpassing van die bekende Esopus-fabel: "Jak=kals en die suur druiwe" (A/T 59); dis nou biltonge wat te hoog hang, en as hy hulle nie kan bykom nie, sê hy dat hy hulle nie wil hê nie om=dat hulle te droog is.[87] Onder die moderne skrywers van kinderverha=le is dit veral Grobbelaar wat hierdie verhaalvorm gebruik.[88] Van ons groot digter D.J. Opperman is daar 'n enkele treffende voorbeeld: "Fabel".[89] Suiwer moderne fabels in die volksmond wat as grappe vertel word, sal later in die hoofstuk oor die volksvertelling vandag behandel word.

Wat boeke betref, verskyn drie bundeltjies *Fabels van Aesopus* deur Toni Field in 1964. Die bekende digter Uys Krige vertel die resiesverhaal van *Die haas en die skilpad* (1968) oor. 'n Standaardversameling is J.P.J. van Rensburg se boek *Die mooiste verhale van Esopus* (1970), wat 198 fabels bevat. 'n Ander fabulis wie se werk al meer en meer in Af=rikaanse verwerkings verskyn, is La Fontaine. In die sestigerjare word 'n tiental boekies met individuele fabels gepubliseer. Dan is daar 'n boek soos *Elf fabels van Fontaine* (1969) deur Helena Vorster. Die ver=naamste versameling *Fabels van La Fontaine* (1975), berym en oorvertel deur E.P. du Plessis, met altesame 70 voorbeelde. 'n Pragversameling bevattende 'n keur uit die fabels van die wêreld, is *Die groot fabelboek* (1965), waarvan Winie S mann as redaktrise optree.

15.5.3 <u>Die fabel as strydskrif</u>

Die belangrikheid van die fabel as wapen in 'n politieke stryd, so is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reeds aangedui, word sterk deur navorsers beklemtoon. In Afrikaans word dit op beperkte skaal in hierdie verband aangewend.

Die eerste fabel in Afrikaans wat opgespoor kon word, nl. "Die jagter en die ape", is deur Meurant in 'n stryd teen die munisipaliteit van Graaff-Reinet gebruik. Hy klaag dat munisipale aanstellings bloot baan= tjies vir boeties is, en dat 'n mens die owerheid gedurig heuning om die mond moet smeer, nes die jagter met die ape gemaak het.(90) Ook die ander fabels wat ons by Meurant teëkom, in sy *Zamenspraak* en *Brieve*, staan i.v.m. 'n politieke stryd, nl. die groot kwessie van destyds of die Oostelike Provinsie van die Westelike Provinsie moet afskei.(91)

In die taalstryd van ong. 1875-1925, wat in baie opsigte ook 'n politieke stryd was, kom 'n mens die fabel selde as wapen teë, afgesien van los= staande voorbeelde soos Schonck se rym oor die hond wat soveel vreemde tale geleer het.(92) Die enigste man wat die fabel in hierdie verband werklik tot sy reg laat kom, is Dr. O'kulis. Meermale word die fabel in sy bekende, soms nogal skerp, koerantrubriek "Oogdruppels" (1905-1914) aangewend om mense te striem wat hy as vyande van die ware Afrikaner be= skou. Hier volg twee tipiese voorbeelde.

Om die volk te waarsku teen die sg. konsiliasiebeleid wat destyds o.m. deur die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, lord Selborne, verkon= dig is, versin hy 'n fabel, soos P.J. Nienaber dit saamvat: "Jakkals wou naamlik eendag graag kennis maak met 'n klomp lammers om hulle toe te spreek oor die onderwerp 'konsiliasie'. Omdat hy weet dat hulle hom nie vertrou nie, het hy Wolf se hulp ingeroep. Gelukkig was die lammers verstandig, want, het die voorman van hulle gesê: 'Als wolf en jakhals in kompanie gaan, is dit tyd dat lammers wakker moet bly, en als hulle konsiliasie begin preek, is dit tyd dat lammers huis-toe gaan.' Les: Die Boere moet oppas vir Lord Selborne se konsiliasie-politiek!"(93)

In ander gevalle wend hy soms bekende fabels aan om sy saak te stel, soos met die Esopus-fabel "Jakkals sonder stert" (A/T 64) gebeur. Dr. O'kulis trek te velde teen 'n mede-Afrikaner, ene Krisjan Botha, wat verklaar dat dit nodiger vir Boerkinders is om Engels te leer as vir Engelse kinders om Hollands te leer. "Dit lyk vir my of 'n man nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer 'n 'ware Afrikaner' kan wees wat sy moedertaal verruil ver 'n ander ... (Als) neef Krisjan ons nou kom vertel dat ons nie sodanig moet vashou aan die twee vaandels van onse nasionaliteit 'ware Afrikaner of Boer' en onse moedertaal, dan laat dit my denk aan die ou jakhals wat sy stert in die slagyster verloor het en toe vir die ander jakhalse gevra het om hulle sterte ook maar te laat afkap, omdat dit mode is. Ik wil net hoop dat die toehoorders verstandig genoeg was om in hulle hart vir neef Krisjan te seh: 'Nee, oumaat, sonder 'n stert is 'n jakhals nie meer 'n egte jakhals nie.'"(94)

Dr. O'kulis wend in seer sekerlik sy bekendste werk, *Die eselskakebeen* (1909), Andersen se beroemde sprokie oor "Die lelike eendjie" aan om die Boerevolk voor te stel. Sy toepassing: "Dit het met die Boergees, Boertaal en Boer-tradisies gegaan soos met die lelike eendjie. Dit moet alles wijk voor die wat van minder waarde en betekenis was. Oor-al is die Boer vertrap en verstoot. Die wat Boer wou blij moes pad gee en op sij gaan en als hij nog te voorskijn wou kom, dan moes dit wees met hoed in die hand en met nederige houding. Maar die lelike eendjie het sij natuur behou en al het hij stil geblij en opsij gestaan, ja selfs weggevlug van sij omgewing, sij vere het stadig aan gegroei en sij vorm het ontwikkel."(95)

By politieke kommentators van vandag het die fabel vergete geraak. Ek kon net een enkele geval opspoor, nl. "Die Duiwel en die Afrikaner" (A/T/G 754.1), by Dawie van *Die Burger*.(96) In die volksmond het ek ook net een geval teëgekom, nl. 'n toepassing van die Esopus-fabel: "Paddas besluit om nie in put te spring nie" (A/T 278A*). Die fabel lui dat twee paddas woonplek gaan soek het nadat hul dammetjie opgedroog het. Toe hulle by 'n put kom, wil een sommer inspring, maar die ander sê nee, wat sal gebeur as die put ook droog is? Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hierdie fabel gebruik teen Afrikaners wat Duitsgesind was: "Al hou ons nie van die Engelse bewind nie, weet ons waar ons met hulle staan. As jy agter Hitler aanloop, is dit soos 'n padda wat in 'n put spring: jy weet nie wat vir jou wag nie, en jy weet ook nie hoe om weer uit te kom as jy nie daarvan hou nie."(97)

Die spotprent het vandag die fabel as politieke wapen verdring, wat nie so vreemd is nie, want in baie opsigte is so 'n spotprent niks anders as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n fabel-in-beeld nie: 'n storietjie deur sekere gestileerde karakters voorgestel met 'n politieke lessie daarby.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Gustav S. Preller: *Voortrekkermense* II, p.30.

2. *Ons Klyntji*, Aug. 1905, p.11.

3. Vgl. mev. K. Malherbe (red.): *Die Boerevrou-boek*, p.150.

4. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* I, inskrywing by *Allegorie*.

5. *Grote Winkler Prins* I, inskrywing by *Allegorie*.

6. *Grote Winkler Prins* VIII, inskrywing by *Gelijkenis*.

7. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* III, inskrywing by *Gelykenis*.

8. Vgl. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* II, inskrywing by *Fabel*.

9. *Encyclopaedia Brittannica* VIII, inskrywing by *Fable*.

10. Manfred Windfuhr (red.): *Deutsche Fabeln des 18. Jahrhunderts*, p.40.

11. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.21.

12. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.1.

13. Erwin Leibfried: *Fabel*, p.21.

14. Rudolf Kreis: Fabel und Tiergleichnis (H. Ide, red.: *Projekt Deutschunterricht* I, p.57).

15. G.H. Franz: *Moeder Poulin*, p.2.

16. G.H. Franz: *Moeder Poulin*, p.5.

17. G.H. Franz: *Moeder Poulin*, p.9.

18. G.H. Franz: *Moeder Poulin*, p.9.

19. G.H. Franz: *Moeder Poulin*, p.1.

20. Kritzinger, De Villiers en Pienaar: *Afrikaanse spreekwoorde, gesegdes, ens.*, inskrywings onder A.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

21. Hattingh en Rautenbach: *Volkskuns uit die Eerste Tydperk*, p.39-40.

22. Frank Worthington: *African Aesop*, p.11.

23. Rigters 9, vs. 7-15; II Konings 14, vs. 9.

24. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.62.

25. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal*, p.10.

26. Max Lüthi: *Volksmärchen und Volkssage*, p.12.

27. K.L. en A.O. Vaughan: *Ou Hendrik z'n stories*, p.153.

28. G.R. von Wielligh: *Diere stories* I, p.13.

29. *Die Huisgenoot*, 12 Sept. 1924, p.33.

30. *De Goede Hoop*, 15 Des. 1920, p.237-239.

31. Jan Wat Versies Maak (C.P. Hoogenhout): *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders*, p.63-64.

32. P.J. Nienaber (red.): *Evangeli in die volkstaal*, p.174-175.

33. W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe*, p.10-11.

34. Vgl. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.22; Sept. 1899, p.188.

35. *Ons Klyntji*, Aug. 1906, p.13.

36. *Ons Klyntji*, Des. 1897, p.240.

37. Jan Wat Versies Maak (C.P. Hoogenhout): *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders*, p.25-27.

38. P.J. Nienaber: *Jan Lion Cachet met sy Sewe duiwels*, p. 45.

39. J.D. Kestell: *My nasie in nood*, p.41-43.

40. Eie jeugherinnering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

41. *Consolidated Encyclopaedia* V, inskrywing by *La Fontaine*.

42. Vgl. *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Nov./Des. 1825, p.441-442; Julie/Aug. 1831, p.311-312; Julie/Aug. 1832, p.315; Julie/Aug. 1838, p.311.

43. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.38-39.

44. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger, ens.*, p.28-29.

45. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger, ens.*, p.34.

46. H.G. van der Waals (vert.): *Pancatantra*, p.10.

47. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger, ens.*, p.35.

48. Ludwig Aurbacher: *Die Abenteuer von den sieben Schwaben*, p.12-13.

49. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger, ens. - Brieve*, p.71.

50. G.S. Nienaber: *Die Afrikaanse geskrifte van Samuel Zwaartman*, p.54.

51. P.J. Nienaber: *Dr. Arnoldus Pannevis, vader van die Afrikaanse taal*, p.164-166.

52. Jan Wat Versies Maak (C.P. Hoogenhout): *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders*, p.60.

53. *Ons Klyntji*, Junie 1898, p.18; Okt. 1898, p.174.

54. *Ons Klyntji*, Des. 1905, p.14.

55. *Ons Klyntji*, Des. 1905, p.16.

56. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.200.

57. *Ons Klyntji*, Des. 1905, p.13; Mei 1906, p.10.

58. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* IV, p.85-93.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

59. *De Unie*, Nov. 1905, p.232; Feb. 1906, p.362; April 1906, p.457.

60. *De Unie*, Feb. 1907, p.265-266.

61. *De Goede Hoop*, Nov. 1910, p.108.

62. J.H.H. de Waal: *Stompies*, p.137-138.

63. J.H.H. de Waal: *Stompies*, p.127-128.

64. W.H. Boshoff: *Gediggies vir ons kleintjies*, p.22, 27 en 33.

65. W.H. Boshoff: *Gediggies vir ons kleintjies*, p.24 en 29-31.

66. *Die Brandwag*, 25 Okt. 1917, p.147.

67. Dr. O'kulis se fabels kom voor in *Die Brandwag*, 25 Sept. 1917, p.97 en 121; 25 Okt. 1917, p.129 en 147; P.J. Nienaber: *Dr. O'kulis met sy Eselskakebeen*, p.162 e.v.

68. *Die Brandwag*, 15 Aug. 1912, p.190; 25 Sept. 1917, p.114; 25 Okt. 1917, p.155-156.

69. *Die Afrikaanse Kind*, Junie 1917, p.5; Aug. 1917, p.7; Sept./Okt. 1919, p.11; Feb. 1920, p.9.

70. *Die Kleinspan*, 30 Mei 1930, p.3; 6 Junie 1930, p.7; 20 Junie 1930, p.7.

71. *Die Kleinspan*, 30 Mei 1930, p.4; 17 Okt. 1930, p.8.

72. *Die Kleinspan*, 20 Junie 1930, p.7.

73. *Die Jongspan*, 28 Aug. 1936, p.16; 9 Okt. 1936, p.14; 30 Okt. 1936, p.16; 11 Des. 1936, p.14; 18 Des. 1936, p.16; 1 Jan. 1937, p.14.

74. Vgl. *Die Kleinspan*, 24 Mei 1929, p.1; *Die Jongspan*, 27 Nov. 1936, p.5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

75. *Die Kleinkoper*, 12 Okt. 1929, p.8.

76. *Die Kerkbode*, 14 Aug. 1939, p.274.

77. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XI, p.57.

78. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XV, p.30 e.v.

79. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* X, p.280; *Versamelde werke* XI, p.120.

80. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XV, p.140.

81. C.J. Langenhoven: *Versamelde werke* XVI, p.375, 382 en 389.

82. C. Louis Leipoldt: *Uit drie wêrelddele*, p.138.

83. A.G. Visser: *Rose van herinnering*, p.90.

84. *Die Huisgenoot*, April 1920, p.379.

85. *Die Jongspan*, 26 Maart 1937, p.3.

86. Eie jeugherinneringe; vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.60-61.

87. Ons Erfenis; vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.58-59.

88. Vgl. vir voorbeelde Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.68-76.

89. D.J. Opperman: *Dolosse*, p.14.

90. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.38-39.

91. Vir bronne vgl. hierbo.

92. *De Unie*, Feb. 1907, p.265-266.

92. *De Unie*, Feb. 1907, p.265-266.

93. P.J. Nienaber: *Dr. O'kulis se Oogdruppels vir nasionale siektes*, p.32.

94. P.J. Nienaber: *Dr. O'kulis se Oogdruppels vir nasionale siektes*, p.58.

95. Dr. O'kulis: *Die eselskakebeen*, p.70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

96. Louis Louw (samest.): *Dawie 1946-1964*, p.98.

97. Eie jeugherinnering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16.0.0 DIE GEWILDSTE SPROKIEKARAKTERS

Waar in die geval van die ander soorte vertellings (belewenisse, sages, mites en legendes) net verteenwoordigende voorbeelde genoem kon word, het ek die Afrikaanse sprokievoorraad so volledig as moontlik aangeteken, soos saamgevat in die "Tiperegister van Afrikaanse sprokies" in die volgende hoofstuk. Hieruit kan nou sekere afleidings volg, mits enkele vrae eers bevredigend beantwoord kan word.

16.1.0 'n Ontleding van die Afrikaanse sprokievoorraad

16.1.1 Hoe betroubaar is die versameling?

Dit is die eerste vraag wat 'n mens kwel: gee die versameling 'n ware beeld van die tradisionele Afrikaanse sprokievoorraad, of het deur die jare te veel verlore gegaan wat nooit opgeteken is nie? Ongetwyfeld is daar sprokies wat saam met hul vertellers in die graf verdwyn het. Dit besef 'n mens maar te goed as jy vandag nog soms op 'n voorbeeld afkom wat volgens jou informant reeds van die jare vroeg af in hul familie bekend was, maar in geen ander bron verskyn nie (vgl. "Hans die geluksoeker", A/T/G 461.1).

As 'n mens die "Tiperegister" ontleed, vind jy dat van die ongeveer 300 inskrywings omtrent 60 sprokies (20%) 'n hoë frekwensie het, m.a.w. hulle is in vier of meer verskillende bronne opgeteken. Meer as nege-tiendes van hierdie spesifieke sprokies is op hul beurt uit ons Wes-Europese stamlande oorgeneem en enkeles uit Afrika en die Ooste. Dis te begrype. Hierdie sprokies sou van die begin af aan ons mense bekend gewees het, en hoe ouer en bekender 'n vertelling, hoe wyer die verspreiding. Verder is daar 60 sprokies (20%) wat klaarblyklik volslae nuutskeppinge is. Die oorblywende 60% wissel van sprokies wat op Wes-Europese e.a. voorbeelde berus tot sprokies wat in so 'n mate aangepas is dat dit byna as nuutskeppinge beskou kan word. Dit lyk na 'n goeie verspreiding, en ook is die omvang van die voorraad baie bevredigend. (In die Aarne/Thompson-indeks, hoofsaaklik van Europese vertellings, kom ongeveer 770 hoofdipes voor, en goed 20% daarvan is beslis nie sprokies nie.) Hoe yl die nette ookal was wat deur die jare gespan is, het die meeste Afrikaanse eksemplare blykbaar tog daarin beland.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16.1.2 Hoekom is towersprokies so skaars?

Indien 'n mens die "Tiperegister" verder ontleed, vind jy die volgende: Van die ongeveer 300 sprokies is omtrent 50% (145 voorbeelde, in ronde syfers) dieresprokies. In omtrent die helfte van hierdie dieresprokies is Jakkals die hoofkarakter, en 'n bietjie meer as die helfte van lg. is Jakkals-en-Wolfstories; Jakkals tree dus in ong. 25% van die totale sprokievoorraad op. Altesame 15% (45 sprokies) handel oor die Swape (waarby Dom-Jan ingesluit is), en nog 18% (55) oor Uilspieël. Slegs 7% (22) is towersprokies. Die orige 12% betaan uit kettingsprokies (15), sprokies oor mense in die algemeen (11), raaiselsprokies (8), sprokies verbonde aan die Christendom waarin die Duiwel gewoonlik die hoofrol speel (6), en treitersprokies (2).

Onder die kernvoorraad van 60 sprokies met 'n frekwensie van vier of meer optekenings, is 50% (30) dieresprokies (en in twee-derdes daarvan speel Jakkals die hoofrol), 25% (15) Swaapstories, en 12% (7) vertellings oor Uilspieël. Daar is 'n paar kettingsprokies (5), en net drie tower= sprokies: "Die seun wat nie bang kon word nie" (A/T 326), "Tafeltjie-dek-jou" (A/T 563), en "Die drie wense" (A/T 750AII).

Hoekom sou die Afrikaanse sprokie so ontwikkel het, en veral: hoekom die groot gebrek aan towersprokies terwyl dit in ons stamlande en elders as dié sprokies by uitnemendheid beskou word? Miskien het die sonnige klimaat teenoor die mis-en-reënryke Europa en die hele voorkoms van die land iets daarmee te make. Helena J.F. Lochner het bv. gesê: "Feetjies is oorsese dametjies en sal mos onmoontlik in die droogtestreke van ons land kan bestaan."(1)

Hierdie selfde klimaat, hierdie selfde landskap het egter nie verhinder dat daar 'n sterk inslag van die toorkuns in die vertellings van ander volksgroepe in dieselfde kultuurbodem voorkom nie: die Maleiers (vgl. I.D. du Plessis se *Uit die Slamse buurt* I en II, en *Die gevleuelde perd*), die Boesmans (vgl. G.R. von Wielligh se *Boesman-stories* I en II), die ou Hottentotstamme (vgl. W.H.I. Bleek se *Reynard the Fox in South Africa*), en die swart volkere (vgl. maar net G.M. Theal se baanbrekerwerk *Kaffir folk-lore*). Boonop sal elkeen wat al 'n besoek aan dele soos die Rich= tersveld of die Sederberge gebring het, kan getuig dat dit ideale speel=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

plekke vir reuse behoort te wees.

By die Afrikaner verval die Maleiers e.a. Oosterlinge (en onthou ook die talle Kompanjiedienaars wat jare lank in die Ooste gewerk het, waar= van sommiges hulle permanent aan die Kaap sou vestig) se veelheid van towersprokies, hoewel hulle dit ook in Afrikaans vertel. Hul dierespro= kies oefen daarenteen wel invloed uit, maar die geliefde fabel-inslag verdwyn. Boonop help die Maleise vertellers moontlik om Uilspieël uit te bou. Van die mense uit Afrika, verval die Boesmans se towerverhale, hoewel dit soms ook in Afrikaans vertel word, asook die meer korrekte karakterisering in hul dierensprokies (bv. Jakkals as 'n skelm lafaard), en die diepsinnige poëtiese inslag in teenstelling met die lughartiger vrolikheid wat 'n mens so dikwels by die ou bruin en wit vertellers teëkom. Dis eers wanneer 'n Boesman onder die invloed van hierdie bruin en wit vertellers verkeer dat hy 'n bydrae tot die Afrikaanse sprokie= voorraad lewer. Die tower- en dierevertellings van die ou Hottentot= stamme verval. Hierdie mense speel hul magtige rol as Afrikaanse sprokievertellers nadat hulle met Europeërs en slawe, veral uit Afrika, vermeng het om die bruinmense te word. Die swart volkere se towerver= tellings en dierefabels verval. Dis net waar hul dieresprokies by die algemene Afrikaanse stroming aansluit dat hulle invloed uitoefen. Die toweragtige in al hierdie volksgroepe se vertellings spruit gewoonlik uit hul "amptelike" volksgeloof en moet miskien eerder mites, of in elk geval sprokies met 'n sterk mitiese inslag, genoem word.

Die kultuurbodem bestaan egter ook uit dié dinge wat die mens self daar= in geskep het. Soos die Britse kultuurhistorici Lindsay en Washington dit stel: "It is often forgotten how great a part of the beauty of the countryside is due to men's efforts."(2) Hier is die teëstellings opval= lend: die yl bevolkte Suid-Afrikaanse bodem teenoor Europa met sy tien= talle dorpies en stadjies en stede. Die belangrikste miskien is die oerou kastele wat so deel van die Europese landskap uitmaak. Dit is die tuiste van konings en prinse, van edelhere en ridders - die ideale, ge= heimsinnige agtergrond vir die towervertelling.

Die hele sosiale struktuur van die Afrikaner leen hom nie tot hierdie soort towersprokies nie. Hy ken nie adellikes in sy volksopset nie. Diesulkes is vir hom vreemde wesens in ver lande oorkant die seë. In

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenstelling hiermee kom die Kaapse Maleiers uit 'n Oosterse agtergrond met sultans en hul hofhoudings. Die swart volkere het meermale hul eie konings en prinse en prinsesse gehad.

Anders as sy Europese stamouers leef die Afrikaner tradisioneel in 'n landskap met 'n ongelooflike rykdom aan wildediere. 'n Mens kan jou dit vandag skaars indink. Die Nederlandse landmeter K.J. de Kok ("Een Hollander") wat lank in die Boererepublieke gewerk het, verklaar: "Van 1855 af heb ik de beide republieken van de Limpopo tot aan de Oranje rivier gekend en bereisd, maar om iemand die het niet aanschouwd heeft een denkbeeld te geven, hoe dat grondgebied van dien tijd af tot omtrent 1868 overdekt was met wild, daartoe voel ik mij niet bekwaam. De vlakten, bulten en holten werden begraasd door talrijke groepen van blesbokken, wilde beesten en springbokken. Hartebeesten bepaalden zich, althans in groote troepen, tot de Transvaal. In het Oosten van de Vrijstaat waren de quagga's talrijk. Leeuwen hielden zich bij voorkeur in de nabijheid van dat laatste wild op. Struisvogels heb ik nooit meer dan ten getale van 400 bijeen gezien."(3)

Tant Kotie Steenkamp (1868-1945), wat in die Wes-Vrystaat grootgeword het, skryf in haar *Joernaal:* "ag die zwart wilde beeste loop troppe, ik het eendag lank in een sloot weggekruip ver wilde beeste, hulle manier was om in die ronte te maal, en te vluit met hulle neuse, en piets met die sterte, ag waar is die gelukkige daa? wat daar nognie zooveel boosheid en straffen was, die land was vol huppelende wilde diere."(4) Goed teken sy die huiweringwekkende nagatmosfeer te midde van die veelheid van diere; die gesin staan met hul skape 'n ruk lank in die buiteveld oor, soos die gebruik was: "ons paar groot dogterjes moet in die tent slaap, Vader en Moeder met in ('n) paar kleinere in die lang tent waa, wat agter tot pakplek ver meel en ander goet dien, maar ag dit is nognie eers heeltemaal donker, dan hoor ik de jakkals schreeuw, dan beef mij hart al, o ja daar huil ook in ('n) wolf, en netnou begin die honde te blaf ... ag wat het ik als kind tog bang nagte deeurgemaak."(5) Dit is g'n wonder dat die oumense so behep met vertellings oor diere, met dieresprokies was nie. Diere was ten nouste met hul daaglikse bestaan verweef.

Die Afrikaner soek vanselfsprekend daardie dinge uit sy Europese erfenis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en uit die beskikbare leengoed by die omringende volksgroepe in Suid-Afrika waarmee hy hom die beste kan identifiseer. Die drie gewildste towersprokies uit Europa wat hy heeltemal sy eie maak en hoegenaamd nie as vreemd aangevoel het nie, kon net sowel in Suid-Afrika afgespeel het: "Die drie wense", "Tafeltjie-dek-jou" en "Die seun wat nie bang kon word nie". Dis boonop gewone mense wat hierin optree, nie prinse en adellikes nie.

Die mens se kerkgeloof (as hy al so ver ontwikkel het) en sy algemene volksgeloof, die hele wêreld van die bo-sinnelike, speel 'n deurslaggewende rol by die ontwikkeling van towersprokies. Die towersprokie kom uit die sage en mite voort. In die Afrikaner se volkskultuur met sy betreklik kort ontwikkelingsperiode was daar nie tyd vir die eeuelange proses van verskuiwing waardeur so iets kon gebeur nie. Hy skep of leen sagekarakters wat by sy milieu aanpas: dassie-adders en blêrslange en waterwesens. Hierdie gestaltes kon nie so duisende jare lank in die volksverbeelding gis, soos bv. in Europa, totdat die geloof daaraan vervaag, daar bygedig en die sages sprokies geword het nie. Want die sprokie, die towersprokie, moes by die een of ander baasverteller ontstaan het. Hy neem motiewe uit die wêreld van die sage en die mite (daardie afdelings van die volksvertelling met hul gebondenheid aan wat vir die volksmens ware gebeurtenisse is, gewoonlik nie afgeronde verhale nie, maar meer episodies, los voorvalle soos in die lewe self), en dig dit om tot 'n sprokie met sy gebeure in drieë, sy herhalingselement, sy besondere ritmiese styl, sy ontwikkeling na 'n klimaks en bevredigende ontknoping. Dit kan die werk van 'n skrywer wees met die regte aanvoeling vir dié soort dinge sodat sy verhaal/verhale uit die opperkultuurlaag deur die onderkultuurlaag oorgeneem word, of dit kan die een of ander anonieme volksmens wees. En soos dit van geslag tot geslag oorgelewer word en talle vertellers met hul verbeelding daarop inwerk, word dit geleidelik geslyp en kry ons in die beste gevalle 'n ware juweel.

Dit is die algemene patroon wat hier geskets is, maar tog kry ons ook uitsonderings en individuele voorkeure. Daar is reeds vasgestel dat towersprokies in Afrikaans skaars is, dat die volksmens self die grootste gros van die klompie wat wel reeds geslagte lank deur ons mense vertel word, as vreemde burgers, as universele sprokies beskou. Dan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom 'n mens 'n geval soos "Ou Groenenag" (A/T 313) teë. Dis een van die belangrikste towersprokies waarvan honderde variante dwarsoor die wêreld opgeteken is. Net een maal duik dit in ons ou bronne op toe dit in 1928 in *Die Kleinspan* verskyn. Tog verklaar die optekenaar: "My ma het dit vir ons vertel; sy het dit weer by haar ma gehoor, en so het die storie van die een geslag na die ander gegaan, tot dit by my gekom het."(6) In daardie gesin, kan 'n mens tereg sê, het dit tradisioneel geword. Dan loop die skrywer Kobus van Zyl dié sprokie weer in die sewentigerjare in die Noordweste by 'n bruinman raak wat van die een plek na die ander swerf en liefs stukwerk doen. Hy vertel van ou Groenmenak en Jannie de Dobbelaar. Basies is dit dieselfde sprokie, maar nuut aangepas "en hy verander hom van tyd tot tyd deur onlangse gebeure in te werk".(7) By hierdie bruinman is dit dus ook tipiese volksvertelgoed. Ook ander towersprokies is teëgekom wat, hoewel volgens die weinige optekenings blykbaar sterk gelokaliseerd, tog deur Afrikaanse volksmense op hul eie manier aangepas en van geslag tot geslag oorgedra is. Daarom is hulle deel van ons sprokievoorraad en word in die "Tiperegister" opgeneem.

16.2.0 Jakkals (en Wolf)

Wanneer die oorheersende rol van Jakkals in die Afrikaanse dieresprokie ter sprake kom, word gewoonlik net na die invloed van die Middelnederlandse *Van den vos Reynaerde* verwys en dit daarby gelaat. So eenvoudig is dit egter nie. Daar was 'n lang Westerse én Oosterse geskrewe tradisie wat mekaar oor en weer beïnvloed het, en dit het neerslag gevind en is aangevul deur vertellings in die volksmond.

16.2.1 Die vroegste tradisies

Ons beweeg hier weer deels oor dieselfde terrein as toe 'n aanduiding van die vroegste bronne i.v.m. die ontwikkeling van die sprokie in die algemeen gegee is. Daar is nl. twee belangrike beginpunte in die Weste, die Esopus-tradisie en die tradisie van die *Physiologus*, asook 'n Oosterse tradisie wat van die *Jatakam* en die *Pantsjatantra* af nagegaan kan word.

(a) *Die Westerse fabeltradisie.* Esopus (Oud-Griekeland, 6de eeu v.C.) verteenwoordig 'n uiters belangrike oorgang van die tyd waar die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diergod 'n sentrale plek in die mens se religieuse bedrywighede inge= neem het, na die tyd toe die dier minder emosioneel benader is en net 'n simboliese rol begin speel. Dit hang saam met die opkoms van die Wysbegeerte in die 6de eeu v.C. in Oud-Griekeland toe die geleerdes pogings begin aanwend het om wêreldverskynsels op 'n rasionele wyse te verklaar. In sy omvattende en belangwekkende werk oor *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, stel Francis Klingender dit só: "Just as science, philosophy, art and religion came to be re= cognized as distinct approaches to the truth, each with its own proper methods, so too a clearer separation was made between man's various needs that he had hitherto attempted to satisfy in magic rites ... As a result of this great sorting-out of spiritual procedures it was pos= sible for man to approach nature and, in particular, animals with a greater degree of detachment than hitherto. The naturalists explained the anatomy, physiology and habits of the different species in ever greater detail on the basis of careful observation and dissection; moreover the rites in which men's peasant-ancestors once gave vent to their deepest anxieties by dancing in animal masks or killing and eating their god in some animal-form were now regarded as quaint rustic survi= vals or the hidden practices of sectaries."(8)

In Esopus se fabels word die diere, en in 'n hoë mate Jakkals, simbole van die gewone volksmens se verset teen hul onderdrukkende heersers, soos so dikwels met karakters in die volksvertelling gebeur. Klingen= der skryf oor hierdie fabels: "By evoking childhood memories of animal fairy-tales and, to some extent also, every-day observations, these new symbols could gain a powerful hold on the imagination." Die fabels word in Oud-Griekeland aangewend "first as a 'slave-language' for the guarded expression of 'dangerous thoughts' and then for sweetening the pill of moral instruction".(9) Hierdie fabels speel nl. 'n belangrike rol in skoolonderrig, en sou dit al die eeue lank doen: dwarsdeur die bloeityd van Oud-Griekeland en Rome met die talle weergawes in Grieks en Latyn, dwarsdeur die Middeleeue en die Renaissance toe dit algaande ook in ander vertalings verskyn, en word vandag nog daarvoor gebruik. In dié fabels is Jakkals by uitstek die slim of uitgeslape dier. Hoe sterk hy as sodanig in die mense se verbeeldingswêreld gevestig was, blyk ook uit 'n ander bron: "The fox's native wit is vividly depicted on a fith century B.C. dish ... which shows the fox relating to Aesop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the exploits of the animals which formed the basis for his fables."(10)

(b) *Die Physiologus-tradisie.* Vreemd soos die uitsprake van die *Physiologus* en ander bestiariums ookal vir ons mag klink - so is reeds vasgestel toe ons op die spoor van die volksvertelling in Europa geloop het - moet onthou word dat dit as wetenskaplike werke bedoel was en tot nã die Middeleeue geweldige invloed uitgeoefen het, soos James Carlill, vertaler van die *Physiologus*, dit stel: "The sermons of Physiologus which he spake concerning the animal-world formed a great part of the library of Christian Europe for nearly a thousand years. They were read or recited from the Bosphorus to Iceland; they were quoted by popes and repeated by friars; they were taught in the Universities and schools, were copied in the cloisters, were recited by the fire-sides, and were rendered visible to the faithful by carvins in choir or chan= cel."(11)

Sõ lui die *Physiologus* se beskrywing van die jakkals, kompleet met Chris= telike boodskappe daarby:

The fox

"The foxes have holes and the birds of the air have nests" (*Matt.* 8,20): thus says the Scripture concerning the Lord: and in *The Song of Salomon* Salome says: "Bring us the little foxes, for they destroy the grapes" (*Cant.* 2,15), and David says in a psa m: "They will become the portion of the foxes" (*Ps.* 63,10).

Physiologus relates of the Fox that he is a very crafty animal. When he is hungry and can find no prey, he entices it thus: he seats himself in a warm place where there is chaff, or else casts himself on his back and holds his breath and swells up his body completely so that he appears dead. The birds believe that he is really dead, and they fly down to him in order to eat him up; but he springs up and catches them and eats them up.

So also is the Devil very crafty in his ways. He who would partake of his flesh dies. To this flesh belong adultery, covetousness, lust, mur= der. Thence also Herod is likened to this animal: "Go," says the Lord, "and speak to that fox" (*Luke* 13,32).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Well spake Physiologus of the Fox (12)

Die *Physiologus* en ander bestiariums kon die volksvertelling nie reg= streeks beïnvloed nie, want dis nie verhale wat daarin verskyn nie, maar bloot sketse. Tog het dit in die volksgeloof neerslag gevind, en die volksgeloof is 'n vername bron vir die volksverhaal. Verder weerspieël dit nie net die gees van 'n wêreldvreemde tyd nie, maar moes gehelp het om hierdie gees te bestendig - 'n tyd wat iets so onwerkliks soos die ridderdom kon voortbring, en saam met die ridderdom die oorstelpende kleureprag en simboliek van die heraldiek; 'n sprokiestyd, nie net van betowerde kastele en prinse op wit perde nie, maar ook 'n sprokiestyd waarin Reinaert die Vos vir die mense waarlik kon lewe.

Hoe die eienaardige uitsprake van die *Physiologus* en ander bestiariums wat soveel eeue lank as die waarheid verkondig is, in die volksverbeel= ding kon bly voortleef, blyk ook uit die geval van die hiëna (wat vir die Afrikaner Jakkals se groot teëstander Wolf sou word). In die *Physiologus* staan geskryf: "Physiologus relates of this animal that it is a man-woman, now male and now female. It is an unclean beast, because it changes its nature."(13) Oor die wolf in die Afrikaanse volksgeloof, deel Abel Coetzee in 1938 mee: "Eienaardig is 'n taai ge= loof onder ons ou mense dat die wolf (die weerwolf of die tierwolf) tweeslagtig is ('n trassie). Daar is dus geen paring nodig nie, of, met paartyd rits hulle gemeenskaplik in 'n kring. Onlangs nog het ek op Tamboekiesfontein (Heidelberg, Tvl.) gehoor van vyfendertig tierwolwe wat so in 'n kring gestaan het. Net voor hulle paar, maak hulle 'n woeste lawaai en dan is dit lewensgevaarlik om naby te kom."(14) En ons oumense was tog mense van die veld gewees. Dis vreemd hoe die oë dinge sien soos die hart dit glo.

(c) *Die Oosterse tradisie.* Terwyl Esopus besig was om sy diere= fabels te vertel, d.w.s. die 6de eeu v.C., gebruik Boeddha dieselfde soort verhale om sy leerstelling van reïnkarnasie te verduidelik, hoewel hierdie *Jatakam* ("hergeboortes" of "geboorteverhale") eers omstreeks die tyd van Christus hul finale beslag op skrif gekry het. Omtrent 'n hon= derd van hierdie verhale is dierestories. Volgens Boeddha "a foxy man, or a lion-hearted one, had, no doubt, either been a fox or a lion in an earlier life, or would be in the next".(15)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afgesien hiervan was daar natuurlik die *Pantsjatantra* (waarin sommige vertellings verwantskap met Esopus vertoon), die *Fabels van Bidpai* (met die twee jakkalse Kalila en Dimna as hoofkarakters), en later die *Hitopadesa*. Dan was daar natuurlik ook altyd die mondelinge tradisie waarin dierestories 'n groot rol gespeel het.

(d) *Die diereposse.* Gedurende die Middeleeue word die groot diereposse in Wes-Europa geskep. Hoe hulle ookal van mekaar verskil (die dierefabels was internasionaal, die diereposse meer nasionaal gebonde), word die kern van die vertelling gevorm deur die bekende dieresprokie: "Koning Leeu is siek: Jakkals beveel wolfvel aan" (A/T 50), wat ook by Esopus voorkom. Al die diere behalwe Jakkals besoek hul siek koning. Wolf sien 'n geleentheid om Jakkals in 'n slegte lig te stel, maar Jakkals het uiteindelik tog opgedaag, hoor Wolf se woorde en sê dat hy by 'n dokter raad vir Leeu se siekte gaan vra het, en sy aanbeveling is: 'n afgeslagte wolfvel so warm-warm op die pynplek gelê.[16]

Een van die oudste diereposse bekend, is die *Ecbasis captivi* ("Die ontvlugting van 'n gevangene"), iewers tussen 936-940 n.C. deur 'n Franse monnik in Latynse verse geskryf. Die groot stryd tussen Jakkals en Wolf word egter vir die eerste maal uitgebeeld in *Ysengrimus*, omstreeks 1150 ook in Latynse verse in Vlaandere geskryf.[17]

'n Nuwigheid is dat die diere name kry. Ysengrimus ("die draer van die ysterhelm of ystermasker") is die wolf en Reinardus ("baie hard") die jakkals. Altesame twaalf avonture word beskryf. "Koning Leeu is siek" (A/T 50) is natuurlik daar, 'n sprokie wat in Afrikaans in die volksmond voorkom, asook variante van nog twee sprokies wat ons goed ken: "Vang vis met stert" (A/T 2) en "Wolf lees boodskap op perd se hoef" (A/T 47E).[18]

Nou ontplooi die groot Reinaert-epos: satiries van inslag nes die *Ysengrimus*, teen die heersersklasse gemik, en waarskynlik die werk van 'n verskeidenheid *trouvères* wat elkeen 'n deel bygedra het. Tussen 1170-1250 word in Frankryk nie minder as 27 sg. "vertakkings" van die *Roman de Renard* geskep nie. Dit raak een van die gewildste werke van die Middeleeue, dele daaruit word op kermisse en by jaarmarkte voorge-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dra, en vertalings/verwerkings kom algemeen voor. Omstreeks 1180 word een van die Franse vertakkinge ('n mens kan dit feitlik hoofstukke van die groot, omvattende epos noem) in 'n Duitse *Reinhart Fuchs* verwerk. Ongetwyfeld die beste en beroemdste weergawe wat die grootste invloed dwarsdeur Europa uitgeoefen het, was die Vlaamse *Van den vos Reinaerde* (of Reynaerde) uit omstreeks die jaar 1250, gebaseer op etlike Franse vertakkinge met nuwe wendinge daarby. Deur die eeue vind verdere vertalings en verwerkings en aanpassings plaas. Van die interessantstes is William Caxton (een van die eerste mense wat die boekdrukkuns ontwikkel het) se *Historye of reynart the foxe* (1481), wat die Reinaert-epos ook in Engeland vestig, en die groot Duitse digter Wolfgang von Goethe se *Reineke Fuchs* (1794). Die koms van goedkoop volksboeke nā die ontwikkeling van die boekdrukkuns versprei die epos ook in gedrukte vorm onder die volksmassas.(19)

'n Groot aantal ou fabels en algemene dieresprokies wat ook in die volksmond leef, is in die Reinaert-epos vervleg. Aan die ander kant sou die epos tot die bestendiging van dié vertellings bygedra het. Interessant is die gedagte van verset teen oorheersing en verdrukking wat ook hier voorkom.

Wat Afrikaans betref, moes daar invloed op die sprokievoorraad gewees het. Die feit dat Beer, een van die vername karakters in *Van den vos Reinaerde*, in Afrikaans opduik, kan moontlik hieraan toegeskryf word. Die idee van hoogverraad teen koning Leeu in "Jakkals wil koning wees" (A/T/T 38.8, Variant [illegible]) sprait ook miskien uit dié bron. Verskeie van die sprokies in die epos is goed in Afrikaans bekend, maar dis onmoontlik om te bepaal of hulle nie uit *Reinaerde* of uit die algemene stamlandse volksoorleweringe afkomstig is.

Die vroegste Afrikaanse uitgawe verskyn in 1922 onder die titel *Jakkalsstreke*, verwerk deur P.A.M. Brink; dit word talle kere herdruk. In 1933 volg *Reinaart, die jakkals*, vertaal deur mev. J.J. Jordaan. Jakkals is 'n vername karakter in die Afrikaanse kinderlektuur, soos o.m. blyk uit die bronne vir Afrikaanse sprokies wat vroeër bespreek is. Die beste, hoewel sterk verkorte weergawe van die epos word onder die titel "Reinaert die vos" opgeneem in *Die groot fabelboek* (1965), onder redaksie van Winie Schumann.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

16.3.0 Uilspieël

Die karakter Tyl Uilspieël is van Duitse oorsprong, maar in al ons stam= lande bekend. Volgens oorlewering het daar werklik aan die begin van die 14de eeu so iemand in Sakse gelewe, orals in Europa rondgeswerf en die mense met sy streke laat les opsê totdat hy in 1350 oorlede is. Hierdie aanspraak kon nie deur navorsing bevestig word nie, maar die van Ulenspiegel/Ulenspeyghel het wel vroeër in Duitsland voorgekom; dit is vandag uitgesterf.

Die eerste volksboek oor Uilspieël, sover bekend, het in 1515 verskyn: *Ein kurzweilig lesen von Tyl Ulenspiegel.* Van toe af het Uilspieël-boeke gewild gebly. Net in die 16de eeu was daar altesame agttien Duitse uitgawes en herdrukke. Reeds in 1520 verskyn 'n eerste Engelse uitgawe, in 1530 'n uitgawe in Vlaams, en in 1532 in Frans. 'n Beryming in Latyn word in 1558 uitgegee, in 1571 is daar 'n uitgawe in Deens, en omstreeks dieselfde tyd ook in Pools. 'n Berymde Duitse uitgawe da= teer uit 1572.(20) Deur die eeue behou die volksboeke hul gewildheid. Veral sedert die 20ste eeu word die vertellings vir kinders verwerk waarby heelwat aanpassings nodig is, want die oorspronklike is dikwels bra kras.

Uilspieël was so gewild dat afgesien van die volksboeke, talle verhale oor hom in die volksmond (ook in Afrikaans) in omloop gekom het. Soos dit met so 'n gewilde karakter gaan, het daar ook, soos reeds in ander gevalle geblyk het, talle verhale aan hom verbonde geraak wat oorspronk= lik heeltemal in 'n ander verband vertel is. Groot kunstenaars het hom al as held in hul werke gebruik, soos die Vlaamse skrywer Charles de Coster met sy roman: *De legende en de heldhaftige, vrolijke en roemrijke daden van Uilenspiegel en Lamme Goedzak in Vlaanderenland en elders* (1867), waarin hy 'n vergestalting van die onverwoesbare Vlaamse gees word, en Richard Strauss in sy toondig: "Till Eulenspiegels lustige Streiche" (1895).

Veral die Nederlandse volksboeke oor Uilspieël was seker aan die Afri= kaanse volksmens bekend. Hierdie boeke, so is reeds verduidelik, was op baie swak papier gedruk en swak gebind sodat hulle gewoonlik nie be= waar gebly het nie. In die Ballot-versameling by die Universiteit van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaapstad is 'n enkele voorbeeld van so 'n Neuerlandse volksboek: *De vermakelijke lotgevallen van Uilenspiegel op nieuw aan 't volk verteld.* Geen datum van uitgawe word vermeld nie, maar dis ongetwyfeld vroeg 19de-eeus. Ds. S.J. du Toit verwys in *Ons Klyntji* na "'n ou stori wat o.a. in di boek fan Uilspi'el foorkom".(21) In 1920 skryf 'n medewerker in *De Goede Hoop*: "daar was 'n ou storie-boek wat die ou mense baie van gehou het en die naam van die ou boek was 'Uilspiel,' en mij ouers het mij baie van Uilspiel vertel".(22)

Wat Afrikaanse boeke betref, verskyn *Uilspieël*, 'n verwerking deur P.A.M. Brink, in 1922. Daarna volg *Uilspieël se malkopstreke* (1927) deur Tannie (mev. H. van Heerden); *Tyl Uilspieël* (1952) deur Ela Spence; en *Tyl Uilspieël: twaalf van sy avonture* (1963), navertel deur Erich Kästner en N. Beekman. In 1967 publiseer Grobbelaar 'n omvattende verwerking uit die oudste bronne: *Die vermaaklike lewe van Tyl Uilspieël.*

Wesenlik bly die patroon van Uilspieël se avonture in die ou volksboeke dieselfde: hy voer dinge wat mense figuurlik as beeldspraak bedoel letterlik uit, en in dié proses is dit gewoonlik 'n hooghartige of hoogwaardige wat aan die pen ry. Want Uilspieël is by uitstek 'n versetkarakter, soos in die onderafdeling oor leuenlegendes vlugtig aangedui is.

Die 15de en ook die 16de eeu, die eeu van die eerste opbloei van Uilspieël-boeke, was inderdaad tye van groot ontbering vir die Europese volksmens. Weens wanpraktyke verbrokkel die Katolieke Kerk, en die wêreldlike bewindhebbers buit hul onderdane uit. Dit lei tot die Hervorming en die Volksopstand *(Bauernkrieg)* van 1524-1525. Die kerk probeer homself met dreigemente, met ketterverfolgings en die verbranding van hekse, handhaaf. Die wêreldlike owerheid verlaat hom op geweld, en die geringste oortredings lei tot foltering en die doodstraf. Die verval van die kerklike gesag bring mee dat die mense hulle in hul vrees en nood tot ander dinge wend, en ons kry die demonmanie van dié tyd: gelowe aan duiwels en hekse en geestebeswering. Die vernis van die Christendom wat die kerk oor die ou heidense gelowe, met hul sterk emosionele verbondenheid aan duister en onsegbare dinge, gesmeer het, is af. Maar dit word ook die tyd van die narremanie: "(In) der 'Narromanie' des 16. Jahrhunderts macht sich der Drang nach Rebellion gegen die fraglich gewordene soziale Ordnung Luft. Der Narr is der Antagonist aller

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Torheiten, die seine Welt regiere ... Wie die Menschen die Teufel beschworen, weil sie sich in ihrem Glauben nicht mehr geborgen fühlen konnten, so beschworen sie ... unter den Druck einer Obrigkeit, die mehr Drohung bedeutete als Schutz, die Gestalt des rebellischen Narren - die Gestalt Ulenspeigels," skryf Helmut Wiemken in sy indringende oorsig.(23) Hy voeg by: "Für die Menschen dieser Übergangsepoche war die Gestalt Ulenspiegels das Symbol einer Freiheit, die sie so wenig besassen, dass sie ihnen nur als Narrenfreiheit begreiflich werden konnte. Als Narr durfte Ulenspiegel all das sagen und tun, was sie nicht sagen und tun durften."(24)

Wanneer 'n mens die voorraad Uilspieël-vertellings in Afrikaans nagaan, tref dit jou dat Uilspieël blykbaar sy funksie as versetkarakter verloor het. 'n Enkele keer laat hy iemand deurloop wat sekerlik nie by die Afrikaanse volksmens gewild was nie omdat niemand graag enige soort belasting betaal nie, nl. die tolman (A/T/T 1635.1!). Origens tree hy net as 'n soort grapjas op. Hy word trouens heel dikwels met Dom-Jan of die Swape verwar (vgl. "Tiperegister van Afrikaanse sprokies"), en sy kenmerkende streke wanneer hy opdragte te letterlik uitvoer, gesien as blyke van onnoselheid. Geeneen van die bewindhebbers teen wie die Afrikaanse volksmens die grootste griewe gekoester het, nl. die Kompanjie in die Hollandse Tydvak en later die Britte, word ooit deur Uilspieël uitoorlê nie. Die groot versetkarakters in Afrikaans is historiese figure, veral pres. Paul Kruger en genl. De Wet, wat die Britte male sonder tal konfronteer en altyd die beste daarvan afkom. Hoewel hierdie vertellings klaarblyklik in die meeste gevalle apokrief is, word hulle as die reine waarheid, as belewenisse vertel. Nog 'n tipiese geval is die Uilspieëlagtige Mot Smidt wat as krygsgevangene tydens die Boereoorlog vir hom naam gemaak het met sy treitering van die Britse owerheid. Van sy geliefkoosde soort streke was om op tradisionele Uilspieël-manier opdragte te letterlik verkeerd uit te voer: as hy die tuin moet skoffel, skoffel hy alles uit wat daar staan, groente en onkruid; as hy boompies moet plant, plant hy hulle, maar met die wortels in die lug. (Vgl. die hoofstuk oor Afrikaanse belewenisvertellings.) Dit lyk asof Uilspieël sy rol as versetkarakter by die Afrikaners verloor het omdat hy vir hulle 'n sprokiefiguur geword het, en verset teen onreg is vir die volksmens te 'n ernstige saak om dit met 'n denkbeeldige karakter te doen; vir die Europese volksmense was Uilspieël daarenteen 'n wese van vlees

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en bloed.

Insiggewend is verder optekenings van Uilpsieël-vertellings in die laat sestigerjare by 'n bruin Bolandse plaaswerker. Vir hom was Uilspieël 'n lewende werklikheid, tewens ook 'n bruinman, en sy vertellings het feitlik deurgaans daarop neergekom dat Uilspieël die blanke boer as werkgewer op sy neus laat kyk het. Hy het die volgende verhale vertel: "Die goue voël" (A/T 1528); "Die betowerde pot" (A/T 1542III); "Vreem= de name veroorsaak onmin" (A/T/G 1562G*.1); "Engelse sout in kos" (A/T/G 1635.31); "Die uil in die toring" (A/T 1641III); en "Opdrag te letter= lik uitgevoer: Hardevoer" (A/T 1696).

Dieselfde gebeur in 'n tydskrifbydrae uit die dertigerjare. Uilspieël verskyn in die gedaante van Slim-Jan, die vrolike, kitaarspelende bruin= man wat die een boer nā die ander met sy streke uitoorlê. Daar is al= tesame agt ontmoetings, waaronder bekende Uilspieël-temas soos: "Genoeg water en hout ingedra" (A/T/G 1010.1); "Die hele kar gesmeer" (A/T 1017); "Vreemde name veroorsaak onmin" (A/T/G 1562G*.1); "Die waarheid maak vyande", variant a (A/T/G 1691B*.1); "Skoene vir plaasdiere" (A/T 1695); "Opdragte te letterlik uitgevoer" (A/T 1696), nl. "Sny kort" en "Laat koffie/tee trek".(25) In die wêreld van die bruin arbeider het Uil= spieël blykbaar 'n versetkarakter gebly.

16.4.0 Die Swape

Oorspronklik was die Swaapverhale voorbeelde van streekspot waarin met die bewoners van 'n besondere dorp of streek die gek geskeer word. So heet die Swape in die ou volksboek oor hul avonture wat in 1598 in Duitsland gepubliseer is, die Schildbürger, moontlik verwysende na die stadjie Schilda in Sakse. Omtrent 'n halfjaar vroeër het 'n ander, minder gewilde versameling soortgelyke vertellings verskyn, maar die boek wat deur die eeue sy bekoring behou het, was Paul Brachfeld se: *Die Schiltbürger - Wunderselzame abentheurliche unerhörte und bissher unbeschriebene Geschichten und Thaten der obgemelten Schiltbürger in Misnopotamia hinder Utopia gelegen.* Later is hierdie spottery oorge= dra op die streek Swabe en heet die onnosels Swape, hoewel die term Schildbürger tot vandag toe in Duits bly voortbestaan het. Brachfeld het vir sy boek allerhande los verhale uit die volksmond en waarskynlik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook uit ou geskrewe bronne rondom 'n sentrale groep karakters saamgesnoer. Deur die eeue beleef die boek talle herdrukke en word 'n regte volksboek. Allerhande nuwe vertellings oor die Swape ontstaan in die volksmond en in die verbeelding van skrywers, en in 1835 publiseer Ludwig Aurbacher: *Die Abenteuer von den sieben Schwaben*, wat eweneens dadelik inslaan.

Die Swape het blykbaar regstreeks van Duitsland af na Suid-Afrika gekom, want die term Swaap bestaan nie in Nederlands nie. Onder die Nederlanders is dit gewoonlik die inwoners van Kampen, die Kampenaars, wat vir hierdie streekspot uitgesonder word, terwyl daar ook 'n beroemde alleenloper-Swaap is: Hans Hannekemaaier. In Engeland is daar die Gothamites, die inwoners van Gotham.

Veral in die loop van die 20ste eeu word Swaap-vertellings hoofsaaklik as kinderlektuur aangebied, en soos in die geval van Uilspieël, is verwerking en aanpassing nodig, want die oorspronklike weergawes is soms te kru.

Die vroegste verwysing na die term Swaap in 'n Afrikaanse geskrif teëgekom, is "Die sterke Swaab", 'n vertelling op rym deur ene Ds. Ysterbaard wat in *Die Patriot* van 4 Feb. 1881 verskyn het. Hoewel met hierdie "Swaab" letterlik net 'n inwoner van Swabe bedoel word wat aan die Kruistogte deelgeneem het, wend Dr. Ysterbaard dit in dieselfde jaar in die betekenis van 'n onnosel mens aan as hy die politieke gebeure van die tyd hekel en skryf:

> Siek, siek, al te siek
> Van so'n Swabe politiek.[26]

In *Ons Klyntji* word Swaapstories afgeskeep. By een geleentheid verskyn enkele "Afrikaanse Swape storiis" as onderdele van die verhaal oor "Die dom vrou" (A/T 1384).[27] Die Swaap-verhaal "Lugkastele" (A/T 1430) word as algemene vertelling aangebied.[28] Dan verwys ds. S.J. du Toit by sy weergawe van 'n paar Uilspieël-verhale na "di Swapestoriis, wat ek molik oek later sal nafertel",[29] maar hy kom nie sover nie.

Die daaropvolgende jare verskyn in die nuwe kindertydskrifte sporadies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Swaapstories, dikwels nie veel meer as los grappies nie. Tannie van Die Brandwag (mev. H. van Heerden) publiseer 'n lang reeks oor "Wat die Swaap gedoen het", soms volkstemas, soms nuutskeppinge, soms blote grappies, en soms vernuftige Uilspieël-avonture wat aan die Swaap toegeskryf word.(30) Dit word later in boekvorm uitgegee as *Kaperjolle van die Swaap* (1922). Die eerste hoofstuk van die ou Duitse volksboek oor die Schildbürger word deur mev. F.C. Niemeyer vir 'n kindertydskrif verwerk onder die opskrif: "Die Skildburgers",(31) In 1935 publiseer die skrywer E.B. Grosskopf 'n tydskrifreeks waarin hy Aurbacher se boek oor "Die sewe Swape" oorvertel.(32)

Boeke oor die Swape bly egter skaars. Helena J.F. Lochner gee 'n oorspronklike Dom-Jan-boekie uit: *Maljan onder die hoenders* (1937), later opgeneem in *Kinderland* (1969). Sy verwerk ook drie hoofstukke uit die ou Duitse volksboek (*Storieland*, 1973). Daar is enkele boekies van ander skrywers waarin na Swape verwys word, maar dit het niks met die oorspronklike volksverhale te make nie. 'n Duitse verwerking deur Georg Paysen Petersen van enkele verhale uit die ou Schildbürger-boek word onder die titel *Die burgers van Schilda* (1972) deur Santie Grosskopf vertaal. Die volledigste weergawes uit die oudste bronne is Grobbelaar se boeke: *Die Swaaplanders* (1969) en *Die avonture van die sewe Swape* (1972).

Wiemken argumenteer dat die Swaapverhale, of eintlik die ou Schildbürger-boek, 'n satire is en ook 'n soort versetskrif verteenwoordig. Dit is 'n satire op die ontplooiende demokratiese dorpsbestuur en op die swakhede van die demokrasie in die algemeen waar burgers in verkose ampte allerhande belaglikhede aanvang, en: "noch heute ist - zumal in Deutschland - das Schildbürgertum eine latente Gefahr der Demokratie".(33) Aan die ander kant is die Swape se dwaashede 'n verset teen die dwingelandy van die logika: "Denn auf ihre besondere Art sind auch die Schildbürger Rebellen: sie rebellieren gegen die Vernuft."(34)

'n Mens kan dit nie betwis dat Wiemken ongetwyfeld gelyk het sover dit die doelstellings van die skrywer van die ou Schildbürger-boek aangaan nie. Ons stel egter in die volksmens belang, en ek twyfel of hierdie satiriese inslag of verset-teen-die-logika hoegenaamd iets met die gewildheid van hierdie vertellings in die volksmond te make het. Eers-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tens moet onthou word dat die Schildbürger-karakters voorbeelde van streekspot is waarin met die bewoners van 'n sekere dorp of gebied die draak gesteek word. (Al was die oorspronklike Schilda miskien ook 'n denkbeeldige plek, word hierdie verhale in die volksmond oorgedra op die bewoners van Swabe en heet hulle Swape. In Nederland is hulle o.m. die Kampenaars, in Engeland die inwoners van Gotham.) Wanneer iemand sulke streekspot beoefen, beteken dit - al word dit nie so duidelik gesê nie - dat hy die eie met die ander vergelyk en bevind dat aangesien lg. belaglik is, hy en sy groep of stad of streek so 'n bietjie beter is, want hulle sal nie sulke dwaashede aanvang nie.

Selfs in Afrikaans waar daar geen sprake meer van streekspot kan wees nie en Swaap net 'n algemene naam vir 'n dommerd geword het, is hierdie geestesgesteldheid te bespeur. 'n Mens sou kon verwag dat die Afrikaners, so bewus van hul eie Bybelse inslag dat hulle hulself as 'n Tweede Israel beskou het, omring deur die heidense inheemse volkere, miskien hierdie volkere as die Swape sou aandui. Hier en daar is vaagweg iets daarvan te bespeur, maar in die geheel gebeur dit nie. Die Swape is heeltemal 'n nasie op hul eie, die onnosele "ander klomp". Hulle moet nog eers Afrikaans leer, en beland daarmee al klaar in die moeilikheid (A/T 1697). Kort-kort gaan hulle by buurman Boer raad vra, en hy probeer hulle met sy gesonde verstand reghelp (vgl. "Tel hulleself verkeerd", A/T 1287; en "Die huis moet verskuif word", A/T 1326.1), hoewel hy ook nie die versoeking kan weerstaan om soms 'n bietjie met hulle die gek te skeer nie (vgl. "Pampoen is donkie-eier (perde-eier)", A/T 1319). Die Swape kan versetkarakters wees, maar dan is dit verset teen die eie menslike beperkinge wat jy enkele oomblikke lank kan vergeet as jy jou soos 'n god verhef en oor die dwaashede van die Swaap-skepsels glimlag. By die Swape het ons nie verset van die volksmens teen 'n heerserklas nie, maar verset binne die eie stand.

Ons moet ook nader kyk na die verskynsel van Dom-Jan en Slim-Jan (of Dom-Jan en Slim-Piet, of Dom-Piet en Slim-Piet). Slim-Jan is maar net die medespeler wat help om die handeling aan die gang te sit. Die "held" van die vertellings waarom die gebeure draai, is Dom-Jan, terwyl Slim-Jan met sy groter verstandelike vermoëns werklik nie veel doen om sy broer van sy dwaashede te genees nie. (Vgl. die bekende siklus: "Moenie te veel eet nie", A/T 1691; "Die deur saamgedra", A/T/G 1009.1;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en "Die rowers onder die boom" A/T 1653.)

In sulke gevalle lyk dit trouens asof daar 'n hele ommekeer in die volksmens se houding is. Hy verlekker hom nie meer in sy verheffing bo die onnosel nie, maar identifiseer hom blykbaar met hierdie karakter asof hy daarmee te kenne wil gee dat Slim-Jan maar so wys kan wees as hy lus het, maar dis die arme Dom-Jan wat met die prys wegstap. Dom-Jan word hier 'n teenhanger van die Eenvoudige Boertjie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Helena J.F. Lochner: *Haan loop weg*, bandteks.

2. Lindsay en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions*, p.20.

3. Een Hollander (K.J. de Kok): *Toen en thans*, p.45.

4. Tant Kotie Steenkamp: *Joermaal*, p.20.

5. Tant Kotie Steenkamp: *Joermaal*, p.24-25.

6. *Die Kleinspan*, 1 Junie 1928, p.8.

7. Kobus van Zyl: *Jannie de Dobbelaar*, flapteks.

8. Francis Klingender: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, p.82-83.

9. Francis Klingender: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, p.86.

10. Francis Klingender: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, p.85.

11. James Carlill: Introduction to *Physiologus (The epic of the beast*, p.157).

12. *Physiologus (The epic of the beast*, p.190-191).

13. *Physiologus (The epic of the beast*, p.191).

14. Abel Coetzee: *Die Afrikaanse volksgeloof*, p.90-91.

15. Francis Klingender: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, p.86.

16. William Rose: The Medieval beast epic (*The epic of the beast*, p.xi-xvii).

17. Francis Klingender: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages*, p.366.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18. William Rose: The Medieval beast epic (*The epic of the beast*, p.xvii-xxii).

19. William Rose: The Medieval beast epic (*The epic of the beast*, p.xxiii-xxxviii).

20. Vgl. Helmut Wiemken (samest.): *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, usw.*, p.IX-XV.

21. *Ons Klyntji*, Sept. 1899, p.188.

22. *De Goede Hoop*, 15 Aug. 1920, p.61.

23. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, usw.*, p.XXII.

24. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, usw.*, p.XXIV.

25. *Die Kleinspan*, 4 Maart 1932, p.3.

26. P.J. en G.S. Nienaber: *Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*, p.244-245.

27. *Ons Klyntji*, Des. 1903, p.160.

28. *Ons Klyntji*, Sept. 1904, p.148.

29. *Ons Klyntji*, Mei 1905, p.7.

30. *Die Brandwag*, 15 Junie 1914 - 25 Mei 1918.

31. *Die Kleinspan*, 20 Julie 1928, p.3.

32. Begin in *Die Jongspan*, 8 Feb. 1935, p.6.

33. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, usw.*, p.XXXIII-XXXV.

34. Helmut Wiemken: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, usw.*, p.XXXII.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

17.0.0 TIPEREGISTER VAN AFRIKAANSE SPROKIES

Soos reeds aangedui, word hier na 'n geheelbeeld van die Afrikaanse sprokie gestreef. Ook moderne sprokies word ingesluit, hoewel hulle eers later in die hoofstuk oor tydgenootlike vertellings aandag kry.

Dieselfde hoofindelings as by die ander volksvertellings word gebruik, maar soms was dit nodig om onderverdelings te maak, soos in die geval van dieresprokies. Om naslaan te vergemaklik, word die numeriese volgorde van die Aarne/Thompson-indeks binne die onderafdelings behou.

Afrikaanse sprokies wat met voorbeelde by Aarne/Thompson ooreenstem, word met 'n A/T-nommer aangedui. Sprokies wat afgesien van verskille tog in die breë opset pas by voorbeelde in die A/T-indeks en waarvoor reeds nuwe nommers in die *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal* deur Abel Coetzee e.a. toegeken is, word as A/T/T aangegee. Sprokies waarvoor ek self nuwe nommers moes toeken, kry A/T/G-verwysings. Soms kon nêrens in die Aarne/Thompson-indeks 'n spesifieke voorbeeld gevind word waarby die Afrikaanse sprokie aansluit nie, en dan word bloot die hele groep genoem waar dit hoort, bv. A/T/G 1-299.

Wat die bronne betref, het ek so wyd as moontlik gesoek, en na my mening word hier 'n feitlik volledige weergawe van die beskikbare voorraad in Afrikaans gebied.

Die afkortings wat vir die geraadpleegde bronne gebruik word, is soos volg:

Bleek	=	W.H.I. Bleek: *Reynard the Fox in South Africa.*
Boerevrou	=	*Die Boerevrou.*
Burger	=	*Die Burger.*
Colvin	=	Ian D. Colvin: *Romance of Empire: South Africa.*
Conradie	=	W.J. Conradie: *Sketse uit die Boerelewe.*
DAK	=	*Die Afrikaanse Kind.*
Dawie	=	Louis Louw (samest.): *Dawie 1946-1964.*
DB	=	*Die Brandwag.*
De Beer	=	L. de Beer: *Uren in Zuid-Afrika.*
De Clercq	=	E.S. de Clercq: *Skoolmeester Jakkals.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dep. (gevolg deur verwy= singsnommer)	=	Voorbeelde van tygenootlike sprokies versamel deur dosente en studente van die Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Universiteit van Stellenbosch.
DGH	=	*De Goede Hoop.*
DH	=	*De/Die Huisgenoot.*
DJ	=	*Die Jongspan.*
DK	=	*Die Kleinspan.*
DT	=	*Die Taalgenoot.*
DU	=	*De Unie.*
Du Plessis I	=	I.D. du Plessis: *Die Maleise samelewing aan die Kaap.*
Du Plessis II	=	I.D. du Plessis: *Uit die Slamse buurt* I.
Du Plessis III	=	I.D. du Plessis: *Hasie by die dam.*
Du Toit	=	Dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie.*
Eie	=	Eie jeugherinneringe van skrywer.
Eybers	=	F.J. Eybers: *Skatkis van die eeue.*
Gedigte	=	*Afrikaanse gedigte (Eerste versameling)* (Uit *Die Patriot*).
Goldblatt I	=	Sarah Goldblatt: *Wolf en Jakhals versies* I.
Goldblatt II	=	Sarah Goldblatt: *Wolf en Jakhals versies* II.
Groenewald	=	C.F. Groenewald: *Rympies en raaisels.*
Grové	=	C.J. Grové: *Jakkals se strooptogte.*
Grobbelaar I	=	Pieter W. Grobbelaar: *Die mooiste Afrikaanse sprokies.*
Grobbelaar II	=	Pieter W. Grobbelaar: *Die wegraak van die bont by e.a. Afrikaanse sprokies.*
Grobbelaar III	=	Pieter W. Grobbelaar: *Toutrek e.a. Afrikaanse sprokies.*
Grobbelaar IV	=	Pieter W. Grobbelaar: *Die heks van Hexrivier e.a. Af= rikaanse sprokies.*
Grobbelaar V	=	Pieter W. Grobbelaar: *Bobbejaan en die eina-pere e.a. Afrikaanse sprokies.*
Grobbelaar VI	=	Pieter W. Grobbelaar: *Jakkals Tiervreter e.a. Afrikaan= se sprokies.*
Grobbelaar VII	=	Pieter W. Grobbelaar: *Die afgunstige leeus e.a. Afri= kaanse sprokies.*
Grobbelaar VIII	=	Pieter W. Grobbelaar: *Die rc -vrou e.a. Afrikaanse sprokies.*
Grobbelaar IX	=	Pieter W. Grobbelaar: *Goue voël e.a. Afrikaanse spro= kies.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar X = Pieter W. Grobbelaar: *Klaas Luiaard e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XI = Pieter W. Grobbelaar: *Wolf en Jakkals in die lang pad e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XII = Pieter W. Grobbelaar: *Die gekroonde slang e.a. Afri= kaanse sprokies.*

Grobbelaar XIII = Pieter W. Grobbelaar: *Hasie Musikant e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XIV = Pieter W. Grobbelaar: *Die lui skoenmaker e.a. Afri= kaanse sprokies.*

Grobbelaar XV = Pieter W. Grobbelaar: *Die gawe van die eenhoring e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XVI = Pieter W. Grobbelaar: *Die Son-seuns e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XVII = Pieter W. Grobbelaar: *Die riviermeisie e.a. Afrikaan= se sprokies.*

Grobbelaar XVIII = Pieter W. Grobbelaar: *Die dief in die nag e.a. Afri= kaanse sprokies.*

Grobbelaar XIX = Pieter W. Grobbelaar: *Een vir jou en een vir my e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XX = Pieter W. Grobbelaar: *Dokter Jakkals e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XXI = Pieter W. Grobbelaar: *Gouelinkie e.a. Afrikaanse spro= kies.*

Grobbelaar XXII = Pieter W. Grobbelaar: *Ou Waar-sêer e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XXIII = Pieter W. Grobbelaar: *Moenie aan my vat nie e.a. Af= rikaanse sprokies.*

Grobbelaar XXIV = Pieter W. Grobbelaar: *Lanterntjie brand e.a. Afrikaan= se sprokies.*

Grobbelaar XXV = Pieter W. Grobbelaar: *Ouvrou Rooimus e.a. Afrikaanse sprokies.*

Grobbelaar XXVI = Pieter W. Grobbelaar: *Die dokter wat dieretaal kon praat - 'n Afrikaanse sprokie.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar XXVII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Stories vir die lente.*
Grobbelaar XXVIII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Stories vir die somer.*
Grobbelaar XXIX	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Verhale van die veld.*
Grobbelaar XXX	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Blou-ogies.*
Grobbelaar XXXI	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Die vrou wat nie haar mond kon hou nie.*
Grobbelaar XXXII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Koning Leeu se verjaardag.*
Grobbelaar XXXIII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Duimeling.*
Grobbelaar XXXIV	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Pinkie.*
Grobbelaar XXXV	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Hans die geluksoeker.*
Grobbelaar XXXVI	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Die maanklip.*
Grobbelaar XXXVII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Keiser, keiser Karelyn.*
Grobbelaar XXXVIII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Daar's 'n ding aan die gang in die akkerbos - Stories en rympies.*
Grobbelaar XXXIX	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Die vurige wa e.a. Afrikaanse kampvuurstories.*
Grobbelaar XL	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Storieman se tyd - Stories en rympies.*
Grobbelaar XLI	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Die groot Afrikaanse fabelboek.*
Grobbelaar XLII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Trippe trappe trone.*
Grobbelaar XLIII	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Varkies in die bone.*
Grobbelaar XLIV	=	Pieter W. Grobbelaar:	*Koeitjies in die klawer.*
Grobbelaar XLV	=	Pieter W. Grobbelaar:	Ou Groenenag.
Grobbelaar XLVI	=	Pieter W. Grobbelaar:	*My rooi rympieboek.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hattingh I	=	S.C. Hattingh: *Sprokiesvorsing.*
Hattingh II	=	S.C. Hattingh: *Die land van wie-weet-waar.*
Hobson	=	S.B. Hobson: *Broers.*
Hobson-broers	=	G.C. en S.B. Hobson: *Kalahari kaskenades.*
Jacobs	=	J.F. Jacobs: *Die Grikwas en hul bure.*
Jong ZA	=	*Jong Zuid-Afrika.*
Komnick/ Linde I	=	Günther Komnick en Freda Linde: *Botter-aas.*
Komnick/ Linde II	=	Günther Komnick en Freda Linde: *Die standsmusikante.*
Krige	=	Uys Krige: *Die haas en die skilpad.*
Kruger	=	Nellie Kruger: *Daar was eendag ...*
Lamprecht	=	Chris Lamprecht: *Dit kom van ver af.*
Leipoldt I	=	C. Louis Leipoldt: *Kampstories.*
Leipoldt II	=	C. Louis Leipoldt: *Paddastories vir die peetkind.*
Lochner I	=	Helena J.F. Lochner: *Versieland.*
Lochner II	=	Helena J.F. Lochner: *Vrolike versies (st.II).*
Lochner III	=	Helena J.F. Lochner: *Kleuterland.*
Lochner IV	=	Helena J.F. Lochner: *Kinderland.*
Lochner V	=	Helena J.F. Lochner: *Kammaland.*
Lochner VI	=	Helena J.F. Lochner: *Diereland.*
Lochner VII	=	Helena J.F. Lochner: *Storieland.*
Malherbe	=	Marie Malherbe: *Langlat en Rolpot.*
Metelerkamp	=	Sanni Metelerkamp: *Outa Karel's stories.*
Nienaber	=	P.J. Nienaber: *Legendes van ons eie land.*
OK	=	*Ons Klyntji.*
Ons Erfenis	=	*Ons Erfenis-versameling.*
Oom Juffie	=	Oom Juffie: *Fabels - Die avonture van Vossie.*
OTa	=	*Ons Taal.*
Pienaar	=	C.A. Pienaar: *Manuskrip.*
Postma	=	Minnie Postma: *Toe Ma nog Meintjie was.*
Prenteboek	=	Prenteboek-uitgawe van *Hok, Otjie, hok!*
Schonken	=	F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen.*
Sita	=	Sita: *Klipsop.*
Tannie	=	Tannie van Die Brandwag: *Die kaskenades van Klein Duimpie* II.
Tante Kota	=	Tante Kota: *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

T.A.V.	=	Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal.*
TVV	=	*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal.*
Van Aardt	=	A.E. van Aardt: *Die slim Hasie.*
Van Blerk	=	H.S. van Blerk: *Die tweebeenjagter e.a. kinderstories.*
Van Breemen	=	B.H. van Breemen: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika.*
Van Rooyen/ Pellissier	=	G.H. van Rooyen en S.H. Pellissier: *Raai raai riepa.*
Van Zyl AI	=	Kobus van Zyl: *Jannie de Dobbelaar.*
Van Zyl AII	=	Kobus van Zyl: *Die voëls kies 'n koning.*
Van Zijl B	=	P.C. van Zijl: *Snaakse Afrikaanse rympies.*
Vaughan	=	K.L. en A.O. Vaughan: *Ou Hendrik z'n stories.*
Volkstem	=	*De/Die Volkstem.*
Vonk	=	*Vonk.*
Von Wielligh I-IV	=	G.R. von Wielligh: *Diere stories* I-IV.
Von Wielligh V	=	G.R. von Wielligh: *Jakob Platjie.*
ZAT	=	*Het (Nederduitsch) Zuid-Afrikaansche Tydschrift.*

A. Die Christendom

Die smid wat die Duiwel uitoorlê het (A/T 330). Smid verkoop siel aan Duiwel, wat dit nâ sewe jaar sal kom haal. Intussen kom heilige Petrus eendag by smid, hy beslaan esels gratis, en Petrus skenk hom drie wense. (Soms engel wat by smid kom.) Smid wens dat iemand wat op sy stoel gaan sit, in peerboom klim of in geldsak kruip, nie sonder sy verlof weer sal vrykom nie. (Wens iemand wat aan hamer vat, op bank gaan sit of pere afpluk, daaraan sal vassit.) Duiwel telkens met een van verbode artikels vasgetrek totdat hy belowe om smid met rus te laat. (*Alternatiewe slot:* By sy dood gaan smid na hemelpoort, maar word weggewys omdat hy siel eenmaal aan Duiwel verkoop het. Gaan na hel, maar Duiwel sê sy onderhoriges moet hom nie toelaat nie, of anders sit hulle naderhand aan allerhande goed vas. Nou dwaal smid nog op aarde rond.)

DB, 15 Maart 1913; Ons Erfenis; TVV, Feb./Mei 1951, p.107.

Die man in die maan (A/T/G 750-799). Man (soms vrou) gaan op Sondag hout kap in bos. Kar hoog gelaai. Perde jaag skoon weg van aarde af

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot by maan. Daar kan houtkapper (man/vrou wat hout optel) nog altyd met volmaan gesien word. Straf vir ontheiliging van Sabbat.

Eie; Lochner I, p.32; IV, p.20-26 (variant). Vgl. Grobbelaar X, p.5-8; XXIII, p.22-25; XXVIII, p.127-128.

Die Duiwel en die Afrikaner (fabel) (A/T/G 754.1). Duiwel dink aan ellendes van oorloë, onderdrukking, ens., wat hy reeds oor volk gebring het, maar hy kon hulle nie onderkry nie. Nou gaan hy probeer om hulle welvarend te maak.

Dawie, p.98. Vgl. Grobbelaar XLI, p.68.

Hoe Duiwel in mens gekom het (A/T/G 810.1). Duiwel gaan kuier en vra buurman om sy seuntjie (Beuresie) op te pas. Seuntjie stout en buurman gooi hom in vuur. Tweede keer stamp hy hom in modder vas. Elke keer ontsnap seuntjie. Derde keer kook man hom en eet hom op. Duiwel is in sy skik, want hy wou nog altyd sy seun in mens gehad het.

TVV, Feb./Mei 1951, p.109-110.

Die Duiwel se skoliere (fabel) (A/T/G 815-849). Duiwel leer sy skoliere lieg en bedrieg. Toe hulle volleerd is, sê hy hulle moet een vir een by skooldeur uitgaan, en laaste een se siel sal hy as beloning vat. Almal storm uit, en toe hy laaste een wil gryp, wys hy na sy skaduwee en sê dat daar nog iemand is. So is Duiwel deur eie leerling bedrieg. Van toe af hoef hy nie meer rond te gaan om te lieg en bedrieg nie: mense doen dit self.

DB, 10 Maart 1944, p.28. Vgl. Grobbelaar XII, p.16-19.

Die groot rookwedstryd (A/T/G 1091A.1). Van Hunks wat Ou-Kaap se arm man verlaat het, keer ná jare skatryk terug. Mense sê hy het seerowerkaptein geword. Gaan woon in huisie teen Windberg (Duiwelspiek) en sit graag teen berghang en rook terwyl hy oor Tafelbaai uitkyk. Vreemdeling met hoë hoed verskyn en daag hom tot rookwedstryd. Rook drie dae en drie nagte totdat wit walm teen Tafelberg se hange afsak. Vreemdeling gee op en slaan agteroor sodat hoed van sy kop afskuif, en Van Hunks sien aan horinkies dat dit Duiwel self is. Van Hunks sê hy het gewen,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar daar is net donderslag, en Van Hunks en Duiwel verdwyn. Van toe af kom hulle telkens rookwedstryd voortsit, en dan hang wit damp oor berg. Dit is waar Tafelberg se kleed vandaan kom.

Colvin, p.155-164. Vgl. Grobbelaar I, p.32-39; VII, p.10-17.

F. Die wêreld van die toorkuns (towersprokies)

Die sewekop-gedierte (A/T 300). Sewekop-gedierte kom uit berge, verniel stad en roof katte, honde, ens. Koning bied beloning vir wie ook al hom verslaan. Drie broers trek op, en jongste slaag, maar sy ouer broers probeer hom kul en self beloning opeis. Jongste het egter regte tekens van sy oorwinning, nl. sewe punte van monster se tonge. Hy trou met prinses.

OK, Sept. 1898, p.148-149. Vgl. Grobbelaar XII, p.5-15.

Sterkman ontset gevange prinses (A/T 301A). Sterkman en maat op jag. Duiwel (eintlik bloot 'n monster) blaas vuurhoutjies dood toe hulle wil kos maak. Sterkman ransel hom af. Hy en Maat agtervolg vlugtende Duiwel tot onder vloer van ou gebou. Kry donker gat in aarde. Sterkman sak met tou af en ontset gevange Prinses, wat aan hom ring gee. Maat trek Prinses op in emmer. Sterkman vertrou vrede nie en sit klip in emmer toe Maat hom moet optrek. Maat sny tou af en laat emmer in gat afstort. Hy meen dat Sterkman dood is en is juis besig om met Prinses te trou, toe Sterkman opdaag. Hy het uit gat gekom met wonderperd wat Duiwel verplig was om vir hom te gee. Maat vlug, Sterkman wys ring aan Prinses en trou met haar.

DB, 23 Feb. 1945, p.19.

Die wondervriende (A/T 301B). Man wil wêreld sien. Kom op pad verskillende mense met besondere vermoëns teë wat sy metgeselle word: 1. Man wat op een been rondspring, want as hy ander been losmaak, hardloop hy so vinnig dat niemand kan bybly nie. 2. Man met geweer wat muggie se oog op afstand van drie myl wil uitskiet. 3. Man met skewe hoed; as hy dit reg opsit, word dit ysig koud. 4. Man wat ontsaglike boom op sy skouer dra. 5. Man wat drie windmeulens paar myl daarvandaan aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gang hou met asem wat hy deur een neusgat blaas. (Hy raak vergete en tree nie weer in die verhaal op nie.) Hulle kom in land van Koning met dogter wat so vinnig kan hardloop dat niemand haar kan inhaal nie. Man-wat-kan-hardloop maak been los en hardloop teen haar na put waar hulle elk emmertjie water moet skep. Hy is al halfpad terug toe meisie eers verbykom op pad na put, en hy gaan lê met kop op eselskakebeen en slaap. Meisie gooi sy water stilletjies uit en laat vat. Man-wat-kan-skiet sien dit en skiet kakebeen onder vriend se kop uit. Hy skrik wakker, gaan skep weer water en wen tog. Koning woedend en laat hulle in ystersel opsluit waaronder vuur aangesteek word. Man-met-hoed sit sy hoed reg op, en hulle kom niks oor nie. Koning skrik en sê hulle moet land verlaat. Kry net soveel goud as wat Man-van-boomstam kan dra. Vriende is skatryk.

DK, 8 Okt. 1926, p.6.

Ou Groenenag (A/T 313). Prins (Jannie de Dobbelaar) dobbel teen Ou Groenenag (Groenmenak), groot towenaar wat tussen vurige berge bly. Hy verloor en word Ou Groenenag se slaaf. Nâ verskeie avonture kom hy met behulp van towenaar se dogter by sy paleis uit. Nou moet hy take uitvoer. (In verskillende variante van verhaal word verskillende take genoem.) 1. Moet eiers uithaal uit nes van goue hennetjie bo-op onklimbare paal. 2. Water uit rots laat kom. 3. Ou huis afbreek en nuwe bou met plankvloere, glasmure en dak van voëltjievere. 4. Ring in sandduin soek. 5. Vingerhoed uit put vol water haal. 6. Naald soek wat in stalmis weggeraak het. 7. Hoenderhok van kraaivere bou. 8. Ganseier uit nes in glasboom gaan haal waar kat daarop broei. Telkens slaag Prins met hulp van ou Groenenag se dogter. Hulle ontvlug saam te perd. Agtervolger (Ou Groenenag met sewemyllaarse, of sy hond, Hel) op verskillende manier afgeweer: 1. Takkie word doringbos. 2. Botteltjie water word rivier. 3. Eier voor kop tref Ou Groenenag dodelik. 4. Dosie miere tussen hond Hel se oë wis hom en sy meester uit. Prins wil met meisie trou, maar sy sê hy moet eers vir haar klere by sy vader se paleis gaan haal. Moet net nie toelaat dat iemand hom soen nie. Prins se hond lek hom oor sy lippe, en hy vergeet meisie wat in bos vir hom wag. Toe Prins later wil trou, kom meisie met hennetjie en haantjie (twee duiwe) daar aan. Sy het hulle leer praat, en toe haantjie hennetjie pik, sê sy: "Hoekom pik jy my so? Het ek jou nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit Ou Groenenag se kloue gered nie?" Dadelik onthou Prins alles en trou met haar.

DK (êên variant in vervolgreeks aangebied): 1 Junie 1928, p.8; 8 Junie 1928, p.8; 15 Junie 1929, p.7-8; 22 Junie 1928, p.7-8; Van Zyl AI. Vgl. Grobbelaar XLV, p.27-40.

Die towervlug (A/T 313/314). Ou Voetoog (met oog onder elke voet) op spoor van meisie. Sy kry drie botteltjies by duifie langs pad: 1. Gooi botteltjie dubbeltjies neer, en dit word bubbeltjieberg. 2. Botteltjie water word wye kuil. 3. Botteltjie vuur laat Ou Voetoog doodbrand.

Ons Erfenis, VS 10.

Die seun wat nie bang kon word nie (A/T 326). Seun (bondeldraer, ou man) gaan slaap in spookhuis/goëlhuis. Bak pannekoek (braai vleis, maak pap) toe stem uit skoorsteen drie maal roep: "Ek val!" Seun sê: "Net nie in my pan nie!" Menseliggaam val stuk vir stuk (of as volledige geraamte) uit skoorsteen. Verskillende ontknopings: 1. Spook gaan wys seun waar skat is; hy moet helfte vir oorledene se vrou en kinders gee en kan res self vat. Dis einde van spokery in huis. 2. Bedelaar word deur swart kat lastig geval; hy kap sy poot af, en dit verander in vrouehand. So is goëlery op end. 3. Ou man vlug vir spook en loop nie weer saans rond nie. (Normale afloop soos in Aarne/Thompson-indeks: Seun leer wat vrees is toe hy met prinses trou en sy waterbak vol vissies in sy nek afgooi terwyl hy slaap.)

DB, 1 Feb. 1915, p.525-526 en 1 Maart 1915, p.554-556 (as vervolgreeks); 22 Sept. 1939, p.21; 22 Maart 1940, p.27; DH, Maart 1923, p.477-478. Vgl. Hattingh II, p.58-68 (literêre bron).

Die kinders en die mensvreter (A/T 327). Tien broertjies en sussies gaan veldkos soek, verdwaal en kom by huis van Ou Voetoog (eintlik Eenoog) uit; hy is mensvreter. Daardie nag snuffel Sarie, die oudste, in huis rond en kry botteltjie seesand, mens se bobeen en blad. Kinders vlug, en Eenoog agtervolg hulle. 1. Sarie gooi botteltjie sand neer, en daar lê reuseduin. 2. Gooi bobeen in vol rivier en water maak oop. 3. Gooi blad in rivier toe hulle deur is, en water sluit. Kinders ont-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

snap, Eenoog gaan terug na sy huis, kap sy vrou dood, steek huis aan brand en kom self in vlamme om. (Vgl. A/T 313/314.)

Ons Erfenis, VS 57. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.43-50.

Variant (a). Reus (mensvreter) se vrou laat kinders ontsnap en lê in hul plek spekboom neer. Reus steek met stok in spekboom en meen dat hulle lekker vet word.

Schonken, p.53.

Variant (b). Gebaseer op literêre bron waarin die hoofkarakter Klein-Duimpie heet (hoewel dit niks met tradisionele klein-Duimpie-verhale te make het nie), en ook motiewe uit Hansie en Grietjie daarin vermeng is.

Ons Erfenis.

Jannie steel die mensvreter se skatte (A/T 328). (Variant van "Jan en die boontjierank", vermeng met motiewe uit "Tafeltjie-dek-jou", A/T 563.) Jannie-hulle is arm. Eendag gaan soek hy brandhout in bos en kom op huis af. Huisvrou steek hom in bakoond weg, want haar man is mensvreter. Drie kosbaarhede: 1. Mensvreter het tafeldoek waarvoor hy net sê: "Laken, laken, dek my tafel!" dan staan daar tafel vol kos. Jannie steel dit, maar skelm herbergier steel dit weer by hom. 2. Hennetjie wat goue eiers lê, ook deur herbergier gesteel. 3. Knopkierie wat herbergier te lyf gaan sodat Jannie tafeldoek en hennetjie terugkry. Nā mensvreter se dood gaan sy vrou by Jannie-hulle op plaas woon.

DH, Aug. 1923, p.194-195. Vgl. Grobbelaar XXI, p.24-31.

MODERN. Rooikappie (fragment) (A/T 333). Rooikappie woon in huis net buite stad. Haar moeder stuur haar om kos vir haar siek ouma in stad weg te bring. Sy stap deur donker strate, word deur skelm gevang en opgeëet.

Dep., MJOH I, p.6.

Hans die geluksoeker (A/T/G 461.1). Hans besluit om sy geluk te gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soek. Ontvang langs pad verskeie versoeke om probleme vir andere oop op te los: 1. Koning I se dogter het verdwyn. 2. Koning II se dogter word elke dag leliker. 3. Man staan in skadu onder boom en kan nie daaruit wegkom nie. 4. Vis lê op brug en kan nie in water kom nie. In Bosveld versteek jong vrou van mensvreter hom, en hy verneem by haar en deur haar bemiddeling by mensvreter antwoorde op vrae: 1. Jong vrou is Koning I se dogter. 2. Koning II se dogter word lelik omdat daar stuk muwwe brood agter kas lê wat verwyder moet word. 3. Man by boom moet padgee as iemand anders by boom kom; hy sal vry wees en ander een gevangene. 4. Vis moet met sy stert op brug slaan; dan sal dit breek en hy weer in water kom. Hans en prinses vlug. Vis slaan brug stukkend, en mensvreter wat hulle agtervolg, word vertraag en eindelik self onder koelteboom gevange gehou terwyl man ontsnap. Koning II se dogter word weer beeldskoon, en Hans trou met prinses, Koning I se dog= ter.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXXV.

Die skeur in die berg (A/T/G 500-559). (In een optekening word hier= die bekende belewenisvertelling so verbeeldingryk dat ons dit as 'n sprokie moet beskou.) Vier mans gaan olifante jag. Eendag bemerk Sagrys iets in diep skeur langs klipkoppie, kyk daarin af en tuimel na benede. Pogings om hom uit te kry, is tevergeefs. Op ou end vra hy dat vriende hom moet doodskiet om hom uit pyn te verlos. Hulle sien nie daarvoor kans nie en vra hul agterryer, Danster, om dit te doen. Hy skiet teen klip vas en tref homself, oënskynlik dodelik. Meteens volg daar aardbewing, skeur word wyer oopgeruk, en nou kan hulle Sagrys red. Danster kom ook springlewendig aangestap. Dit was net 'n skrams skoot. So eindig alles op gelukkige noot.

OK, Des. 1897, p.224-226. Vgl. Grobbelaar I, p.142-144; VI, p.28-30.

Gestorwe ouers help seun in betowerde bos (A/T/G 505.1). Ouers (Grie= kwas) vermoor, en hul seuntjie deur toordokter grootgemaak. Sy stief= ma kan hom nie verdra nie, en toe hy opgeskote is, vaar hy wêreld in met sy pa se kruithoring en geweer en towerkierie wat toordokter vir hom gegee het. Word deur bosgees in gedaante van voëltjie betowerde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bos ingelok. Beland tussen geraamtes wat begin spook, maar sy tower= kierie slaan hulle uitmekaar. Op ou end lei geeste van sy vermoorde ouers hom weer uit bos.

Von Wielligh V, p.57-65. Vgl. OK, Aug. 1905, p.7-8; Grobbelaar I, p.145-151; V, p.11-17.

Harige Pokkel (A/T/G 510.1). (Vgl. "Aspoestertjie", A/T 510 en 510A.) Prinses se vader wil hê sy moet met Ou Koning trou, maar sy het Jong Koning lief en vlug per skip weg. Skip vergaan in storm, en net sy spoel op eiland uit met haar hondjie, trommel klere en harp. Op eiland is baie dassies wat haar hondjie vir haar vang sodat sy vir haar van velle lang oorkleed maak wat haar van kop tot tone bedek dat net haar oë deur twee gate loer. Skip met Jong Koning se mense aan boord pik haar eindelik op. Sy openbaar nie wie sy is nie, maar wil eers vasstel of Jong Koning haar nog liefhet. Sy verskyn voor Jong Koning met dassievelkleed, en Jong Koning sê hulle moet dié Harige Pokkel in kel= dervertrek onder paleis laat bly. Kort daarna gee Jong Koning groot dansparty. Harige Pokkel trek mooi rok uit haar trommel aan en woon dit by. Jong Koning is dadelik verlief op pragtige meisie. Hy sê sy lyk byna net soos sy vorige geliefde wat verdwyn het; sy is net baie mooier. Ook gee hy haar kosbare ring present. Klokslag twaalf= uur verdwyn Harige Pokkel, en hoe Jong Koning ookal soek, kan hy haar nie kry nie. Daarom besluit hy om groot eetmaal te gee in hoop dat sy weer sal opdaag. Harige Pokkel gaan nie, maar in kombuis laat sy kos= bare ring stilletjies in sopkom glip. Toe Jong Koning opskep, kry hy dit, en nou is hy eers begerig om meisie op te spoor. Hy reël een aand geselligheid by paleis, en toe meisie nie verskyn nie, gaan Jong Koning in tuin stap. Hy hoor lieflike musiek uit keldervertrek kom. Dis Harige Pokkel wat op haar harp speel. Jong Koning gaan dadelik soontoe, hoor hele verhaal, en hulle trou. (Hierdie sprokie is oor= spronklik deur oom Koot Duiwel Swanepoel van Rouxville vertel. Vir verdere besonderhede oor die verteller vgl. die bespreking van Minnie Postma se *Toon Prens* in die afdeling oor grootlieglegendes.)

Ons Erfenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Blou-ogies (A/T 511). Daar is drie susters: een het een oog, een het drie oë en net een is normaal met twee oë (Blou-ogies). Ouers sterf, en susters is baie jaloers op Blou-ogies. Sy moet alle werk doen, ook bokke oppas, terwyl sy min kos kry. Eendag kom bok na haar, verander in ou vroutjie en sê sy moet elke dag net sê: "Bokkie, Bokkie, dek die tafel!" dan sal tafel vol kos voor haar verskyn. Nou leef sy lekker tot susters haar afloer en ook tafel laat verskyn. Terwyl hulle gulsig eet, kom swart pot vol kookwater aangesweef, keer op hulle om en brand hulle dood. Van toe af leef Blou-ogies lekker.

DT, Sept. 1972, p.31-32. Vgl. Grobbelaar XXX.

Tafeltjie-dek-jou (A/T 563). (Volg op A/T 212: "Bok: Die leuenagtige bok".) Oudste broer gaan werk drie jaar lank by meulenaar en ontvang as beloning besondere esel. As jy wit laken voor hom gooi en sê: "Bipper-libik", val goue ponde uit sy bek. Skelm herbergier steel dit by hom. Tweede broer werk by meulenaar en kry towerservet. As jy drie maal sê: "Severtjie, dek tafel", staan volle ete voor jou; sê jy: "Servetjie, vou toe", word alles opgeruim. Herbergier steel dit ook. Jongste broer werk by meulenaar en kry knopkierie in velsakkie. As jy daarvoor sê: "Knuppeltjie, uit!" gaan hy vyande te lyf tot jy vir hom sê: "Knuppeltjie, in!" Met behulp van kierie kry derde broer ook sy ander broers se besittings terug by herbergier.

Eie; Kruger, p.27-37; OK (in twee dele) Junie 1899, p.129-130 en Julie 1899, p.156-158. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.56-64; Leipoldt II, p.45-58.

Variant. Noordewind skenk betowerde tafeldoek, skaap wat goudstuk laat val as jy oor sy wol streel en betowerde kierie aan Kosie, skaapwagterseun. Kierie gaan self aan 't slaan as herbergier dit wil steel, Kosie vat sy skaap en maak dat hy wegkom. As kierie nie later dalk gebreek het of ou man dood is nie, slaan dit straks vandag nog.

Eybers, p.37-41. Vgl. Schonken, p.122.

Die beste geskenk (A/T 653A). Koning stuur sy dogter se drie kêrels wêreld in. Een wat kosbaarste geskenk terugbring, kan met haar trou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerste kry verkyker waarmee jy net so ver kan kyk as jy wil. Tweede kry skuitjie wat jou onmiddellik na plek vat waar jy wil wees. Derde kry appel wat net voor sieke se neus gehou kan word, dan is hy gesond. Drie kom met hul geskenke op berg byeen. Eerste sien dat prinses ernstig siek is. Tweede se skuitjie vat hulle na paleis. Derde se appel genees haar. Vraag bly steeds wie met haar moet trou. (*Moontlike oplossing:* 'n Salomosoordeel. Koning sê dat prinses verdeel moet word, en dan sal dit blyk wie haar werklik liefhet.)

OTa, Maart/April 1909, p.14.

Die dokter wat dieretaal kon praat (A/T/G 670.1). Dr. Jakob Jager (Griekwa van geboorte) met sy vrou en ses kinders was eerste mense wat in Vrystaat gaan woon het. Hy dokter onder diere.

(a) *Muishond kry snuif in oë.* Muishond het inflammasie in oë. Dr. Jager se seun wat medisyne moet inpak, sit snuif i.p.v. oogsalf in. Dokter blaas snuif in Muishond se oë, en Muishond trek sy laventelbottel oop.

(b) *Die gevaarlike gehoorpyp.* Dr. Jager se seun sit gelaaide rewolwer i.p.v. gehoorpyp in. Dokter skiet Bobbejaan bokant oog toe hy hom wil ondersoek.

(c) *Krap wat van perd afgeval het.* Krap val van perd en sê sy nek het gebreek. Dokter bevind dat hy sy nek nie kan breek nie omdat hy nie nek het nie.

(d) *Bykoning het seerkeel.* Toe dr. Jager Bykoning wil ondersoek, pak bye hom omdat hy nog na muishondlaventel ruik. Daarna wil hy Skilpad se harde pak klere ruil. Skilpad sê hy wil gehoorpyp wat kan skiet daarvoor hê.

(e) *Die koorspoeier.* Paddas het koors. Dokter laat sak koorspoeier wat onder water gebruik kan word met brandende lont na hulle af. Dokter se seun het koorspoeier met dinamiet verwar, en duisende versamelde paddas word uitmekaar geskiet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(f) *Rotgif vir bruilofgaste.* Dr. Jager se vrou en kinders woon bruilof by. Mev. Jager laat vra bietjie soda, maar seun stuur rotgif. Alle bruilofgaste, ook mev. Jager en kinders, kom om.

(g) *Die weduwee Orang-Oetang.* Dr. Jager trou met skatryk wedu= wee Orang-Oetang. Hulle het 96 kinders, waaronder veertig tweelinge. Dokter word 150 jaar oud. Op plaas wat hy by weduwee gekry het, word later dorp Jagersfontein aangelê waar diamante ontdek is.

OK, Sept. 1897, p.164-165. Vgl. Grobbelaar XXVI, p.4-31.

Die draak van die Swartberge (fragment) (A/T/G 700-749). Draak met geel tande en groen oë het eenmaal in Swartberge gewoon. Hy was baie lief vir vuurmaak en sorg dat daar altyd vuur in berg brand. Nâ sy vrou se dood, wil hy nie meer eet nie en sterf ook. Vandag nog is Swart= berge so rooibruin van al die vuur wat hy daar gemaak het.

Ons Erfenis.

Pinkie (A/T/T 700.1). Klein Hottentotjie wat as Boer se skaapwagter werk, slaap in strooi en beland in pens van melkkoei. Mannetjie praat uit koei se pens met melkman, en hy hardloop weg om Boer se hulp te vra. Pratende koei geslag. Mannetjie kom in wors, en wors in pan, maar hy gee telkens opdrag dat wors omgedraai moet word sodra hy warm kry. Wors vir Boer opgeskep, en toe wors met Boer praat, smyt hy dit deur venster. Mannetjie verjaag hond wat wors wil gryp, bevry homself, en gaan werk weer by Boer. (Naam van mannetjie in verskillende varian= te aangegee as Makrobe en Makrobie; hou moontlik verband met *mikrobe*.)

DT, Feb. 1972, p.31; OK, Sept. 1897, p.156; Ons Erfenis. Vgl. Grob= belaar I, p.14-23; II, p.26-31; XXXIV.

Duimeling (A/T/G 700.2). Duimpie krul hom op in moeder se stopeier (eier van hout bestaande uit twee dele wat opmekaar pas, en aan binne= kant hol). Een van sy broertjies gaan sit dit onder broeis hen. Duimpie word wakker en begin woel totdat hen eier uit nes skop. Hond kom verby en begrawe eier. Dit beland in molsgat. Mol en sy vrou dink dis patat, probeer dit eet en pluk twee stukke vanmekaar af. Daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskyn Duimpie. Mol wys hom pad uit onderaardse gang, en Duimpie be= lowe om vir hom aartappel en patat te bring. (*N.B.* Hierdie nuutskep= ping deur Tannie van Die Brandwag is later as volksvertelling opgeteken.)

Ons Erfenis; Tannie, p.7-11. Vgl. Grobbelaar XXXIII.

Pikswartjie (A/T/G 711.1). Op plaas was daar twee kinders: Sonneskyn= tjie was wit en Pikswartjie swart. Pikswartjie raak jaloers op Sonne= skyntjie omdat sy so mooi is en meer voorregte het. Eendag kom Sonne= skyntjie te sterwe, en Pikswartjie gaan na toordokter om haar te help sodat sy Sonneskyntjie se plek kan inneem. Toordokter gee haar won= derverf om aan te smeer. Verder moet sy drie goudgeel koringare op haar hare plaas, drie spierwit lelies op haar voorhoof, twee hemelsblou koringblomme op haar oë en twee bloedrooi rose op haar wange. Boonop gee hy haar naald om in haar linkerhand te steek sodat dit reguit na haar hart kan trek. Dan sal haar hart pikswart word, en sy sal nie in versoeking kom om te huil nie, want as sy huil, word towermag verbreek en sal sy weer Pikswartjie wees. Pikswartjie verander in Blommetjie en word deur Sonneskyntjie se ouers aanvaar, maar sy is so harteloos en wreed dat vader haar op ou end huis belet. Al een wat haar help, is haar ou swart moeder wat nie weet dat Blommetjie eintlik haar eie kind is nie. In nag sit ou vrou langs Blommetjie se bed en huil oor haar verdwene kind, trane val op Blommetjie se bors, laat naald in haar hart smelt en maak dit wit. So verander sy weer in Pikswartjie, maar nou is sy gelukkig.

DV, 17 Jan. 1928, p.15.

"My moeder het my geslag" (A/T 720). Terwyl vander in veld is, vermoor stiefmoeder seuntjie, kook hom en sit vleis aan man voor. Vermoorde se suster, Leentjie, begrawe beentjies onder olieboom (roosmaryn). Wanneer vader nou saans huis toe kom, sit voëltjie op boom en sing, tot= dat man eendag na woorde luister: "My moeder het my geslag, // My vader het my geëet, // En my suster Leentjie // Het al my beentjies // onder die olieboom begrawe." (So kom moord aan lig.)

Du Toit, p.27-29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die drie wense (A/T 750A II). Arm man vang haas in strik (of koning van visse) en verkry vergunning dat enige drie wense van hom en sy vrou sal uitkom. (Soms word gesê dat Duiwel wense aan man toegestaan het.) Hulle kan nie besluit nie, word naderhand honger, en vrou slaak versugting dat sy graag stuk boerewors sou wou hê. Woedend wens man dat wors aan haar neus vassit. Hulle moet derde wens gebruik om wors weer af te kry.

Boerevrou, Junie 1929, bylaag genaamd "Ons Kleintjie", p.13-16; Eie; DGH, Aug. 1920, p.63; DK, 9 Des. 1927, p.8; Ons Erfenis, VS 58.

Variant. Inhalige ryk man stuur reisiger na arm buurman vir slaapplek. Reisiger beloon arme met drie wense: 'n lang en gelukkige lewe, mooi woning om reisigers beter te ontvang, en troppe beeste en skape sodat hy genoeg kos kan hê om aan reisigers voor te sit. Ryk man sit reisiger te perd agterna en word ook drie wense gegun. Op pad terug struikel perd en man sê: "Ek wens jy vrek." Perd val dood neer. Ryk man stap aan met swaar saal op sy rug. Hy word vies as hy aan sy vrou dink wat lekker by huis is en sê: "Ek wens die saal sit agter haar rug." Verplig om derde wens te gebruik sodat sy van saal ontslae kan raak.

Ons Erfenis, VS 58.

Reus Simon (fragment) (A/T/G 766.1). In oertyd was daar reus genaamd Simon. Gaan op reis en kom by plek waar Stellenbosch vandag geleë is. Lê op rug om te rus, en so slaap hy al eeue lank. Dit is wat vandag Simonsberg genoem word. (As 'n mens mooi kyk, het die berg die vorm van 'n man wat op sy rug lê.)

Dep., MSTEL I, p.20.

MODERN. Die swart prinses (A/T/G 2400 e.v.). (Vgl. A/T 440: "Die paddaprins".) Man vertel dat hy op pad na Stellenbosch rylopende padda by Polkadraai opgelaai het. Padda sê dat sy betowerde prinses is, en net soen van jongman sal haar weer mens maak. Man hou in bosse langs Eersterivier stil, soen haar, en sy verander in pragtige swart prinses - maar die polisie wou nie sy storie glo nie. (Hierdie vertelling het betrekking op die *Ontugwet* wat gemeenskap tussen witmense en gekleurdes verbied.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dep., MSTEL I, p.20-21.

MODERN. Die paddaprinses (ook as fabel) (A/T/G 2400 e.v.). (Vgl. A/T 440: "Die paddaprins".) Beeldskone prinses stap na fontein waar aaklige skurwepadda aan haar sê dat hy betowerde prins is wat net deur soen van meisie gered kan word. Sy soen hom en verander self in skurwepadda. Nou is skurwepaddas nie meer vir haar lelik nie, sy trou met hom, en hulle leef gelukkig saam.

Grobbelaar XLI, p.79.

MODERN. Die maanklip (A/T/G 2400 e.v.). Met hul eerste maanlanding (in 1969) het drie (Amerikaanse) ruimtevaarders maanklip teruggebring. Klip verlang na maan, skiet penwortel in aarde uit en begin groei. Dit veroorsaak groot (Bolandse) aardskudding. Ruimtemanne wat maanklip weggevoer het, se naels groei onbeheerbaar, en hoe hulle dit ookal knip word naels al langer. Manier om rampe te oorkom, is dat drie ou manne maanklip terug moet vat.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXXVI.

MODERN. Die windwolk (fragment) (A/T/G 2400 e.v.). (Hou verband met gebeurtenisse in A/T/G 2400 e.v.: "Die maanklip".) In winter van 1970 toe Bolandse aardskuddings nog steeds gevoel kon word en maanlandings voortgaan, waai windstorm groot plantasies in Bolandse berge plat. Hierdie storm is mens se straf omdat hy met maanlandings windwolk wat om maan gekrul lê, verbreek het.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXXVIII, p.28-35.

J. I. <u>Die sosiale gemeenskap: mense</u>

Gesprek met gebare (A/T 924B). Twee mans wil vasstel wie van hulle vlugste van begrip is deur met gebare gesprek te voer. Op ou end besluit eerste man om eenoog-kneg in sy plek te stuur, en kneg vat stuk brood vir padkos saam. Tweestryd met gebare begin. Vriend wys appel, kneg sy stuk brood. Vriend steek een vinger op, kneg twee. Vriend wys

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

drie vingers, kneg wys vuis en loop. Vriend sê kneg het gewen. Hy het gewys dat sonde deur appel in wêreld gekom het; kneg het gewys dit is deur brood weggeneem. Vriend wys daar is een God; kneg antwoord daar is twee: Vader en Seun. Vriend wys daar is drie: Vader, Seun en Heilige Gees; kneg maak vuis en wys dat al drie saam één is. Dus is hy slimste. Kneg se verklaring vir gebare lui: "Hy wys dat hulle appels eet, en ek wys ons eet brood. Hy wys dat ek net een oog het, en ek wys dat hy twee het. Hy wys dat ons drie oë tesame het, en ek wys ek sal hom opdons."

DB, 3 Des. 1943, p.15.

Die Dood is 'n hoenderhaan (fabel) (A/T 1354). (Vgl. A/T 845). Groot= praterige man wat altyd sê dat hy selfs nie eens Dood vrees nie, word eendag siek. Vriende besluit om hom streep te trek. Vertel hom dat Dood in gedaante van hoenderhaan na mens toe kom. Daarop vang hulle haan, trek sy vere uit sodat hy naar lyk en lok hom skelmpies met mie= lies na sieke se bed toe. Benoud roep man toe hy haan sien: "Nee, Dood, dis nie ek wat gesê het dat ek jou nie vrees nie; dis my broer, Koos!"

Eie, Vgl. Grobbelaar XL, p.23-27.

Die vrou met die los tong (A/T 1381). Man met vrou wat baie kan praat, ontdek kis vol geld langs see (tel rol note op). Hy ruil haas in wip en vis in fuik om en vat vrou dan strand toe. Sy sien vreemde vangste. Net toe kom man uit see en trippel rond van koue. (Een van man se ar= beiders ry op bokram in verte verby.) Man sê dis magistraat wat op strand dans (magistraat wat op bokram ry). Ontdek toe kastig kis geld (rol note). Vrou lap dit uit, en man word voor hof gedaag. Vrou ge= tuig dat hulle geld gevind het op dag toe haas in fuik en vis in wip was, en toe magistraat op strand gedans het (op bokram gery het). Magistraat woedend en spreek man vry.

DB, 14 Feb. 1941, p.21; OK, Maart 1899, p.59-60; Julie 1904, p.115. Vgl. Grobbelaar I, p.28-31; IV, p.26-29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die dom vrou (A/T 1384). (Vgl. Swaapverhaal A/T 1200: "Sout gesaai".) Man se vrou is so dom dat sy sout saai en dink dit sal opkom. Hy gaan soek iemand wat dommer as sy is, anders laat hy haar staan. Ontmoet vrou en sê hy kom van bo af, bedoelende Boland, maar sy meen hy bedoel van hemel (of sê hy kom van Parys af, en sy meen hy sê Paradys), ens. Terug by huis sê hy vir vrou hy sal maar by haar moet bly, want daar is mense dommer as sy.

DH, 18 Julie 1924, p.13; DK, 15 April 1927, p. 8; OK, Des. 1903, p.160-161.

Wat die ou man doen, is altyd reg (A/T 1415).
Variant (a). Ou man en vrou besit net ryperd en besluit om hom op vendusie te verkoop. Langs pad verruil hy perd vir koei, koei vir skaap, skaap vir gans, gans vir hen, hen vir mandjie appels. Ryk man hoor verhaal en sê dat hy ou man ryklik sal beloon as sy vrou nie ontevrede is nie. Ou man vertel haar van ruilery, en sy prys elke keer sy besluit. Kry beloning.

Boerevrou, Nov. 1924, p.55-57. Vgl. Grobbelaar X, p.26-31.

Variant (b). Gewone ruilery. Engelse offisier met twee soldate wed ou man £50. Ou vrou sê telkens: "Wat Vader doet, is altyd goed."

DGH, April 1906, p.237.

Variant (c) (Gelukkige Hans). Hans voltooi leertyd van sewe jaar as meulenaar en word met klont goud so groot soos sy kop beloon. Verruil dit vir perd, perd vir koei, koei vir vark, vark vir gans. (Verruil gans vir meulsteen en is dankbaar toe swaar ding in put val.) Buurman voorspel groot rusie as Hans sy vrou daarvan vertel. Hulle wed, maar Hans se vrou is net dankbaar dat hy behoue is.

Jong ZA, Des. 1895, p.16-19; TAV, tipe 1415 (mondelinge oorlewering); OK, Sept. 1904, p.148; Okt. 1906, p.15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die grootdoenerige hertog (A/T 1562A). Hertog leer diensmeisie aller= hande hoë name vir gewone voorwerpe. Daar breek brand in kasteel uit. Diensmeisie roep: "Meester, aller Meester! Staan op van u bernakel (bed) en skiet u niekerbokker aan (trek u broek aan) ...", ens. Toe sy boodskap afgegee het, is kasteel klaar afgebrand.

Ons Erfenis, VS 4 en 63. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.97-99.

Ou boer sit jong studente op hul plek (A/T 1567C). Drie studente spot met ou boer wat Kaapstad besoek, maar telkens sit hy hulle met sy ge= vatte antwoorde op hul plek. Op ou end eet hulle middag saam en toe studente hom weer probeer flous, looi hy hulle met sambok uit.

OK, April 1897, p.34-35. Vgl. Grobbelaar I, p.152-154; VIII, p.28-30.

Dwaashede tussen vriende (A/T/G 1685.1). Jakob, ryk en lui, nooi sy vriend Bertres (Bertus?), arm maar fluks, om by hom te kom inwoon, maar een wat eerste vir ander kwaad word, moet staan dat vriend sy oor afsny. Hulle tart mekaar oor en weer. Op ou end verloor Jakob oorbel. Staan toe as Jakob Bakoor bekend.

OK, Okt. 1901, p.163-164.

Klank van geld betaal vir geur van brood (fabel) (A/T 1804B). Arm seuntjie staan buite bakkery en verlustig hom in geur van vars brood. Bakker sê hy moet daarvoor betaal. Konstabel laat seuntjie sy twee pennies skud en sê klank van geld het vir geur van brood vergoed.

DK, 11 Sept. 1925, p.5.

Die luiaard: Is mielies gemaal? (A/T 1951). Man te lui om te werk. Vriende stoot hom in kruiwa (dra hom) graf toe. Ryk man bied aan om luiaard sak koring (mielies) te gee. Luiaard vra of dit gemaal is, en toe ryk man ontkennend antwoord, sê hy: "Stoot maar aan." Ryk man wil=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lig in om koring te laat maal, maar luiaard vra of brood al gebak is, en sê dan weer: "Stoot maar aan." Ryk man sê as hy hom iets kan wys wat luier as dit is, gee hy hom pond. Luiaard hou sy sak oop en sê: "Gooi maar in."

Eie; TAV, tipe 1951 (2 voorbeelde). Vgl. Grobbelaar X, p.14-21.

Die boer ploeg voort (fabel) (A/T/G 2400 e.v.). Jongman sien jong boer driftig ploeg en vra hom hoe dit gaan. Boer antwoord dat hy nog nie goeie oes gemaak het nie, maar vanjaar lyk belowend. Jare later kom reisiger weer by plaas verby waar boer, nou ook al gevorderd in jare, weer ploeg. Reisiger vra of hy toe goed gevaar het met sy boer= dery. Boer antwoord dat daar elke jaar teëspoed was, maar vanjaar, daarvan is hy seker, gaan hy oes maak waarvan hy nog altyd gedroom het.

Eie, Vgl. Grobbelaar XL, p.14-19.

J. II. Die sosiale gemeenskap: raaiselsprokies

Wat klink die meeste? (Die arm man se uitgeslape dogter) (A/T 875). Koning stel drie raaisels aan ryk man en aan arme, en wie dit oplos, sal ryklik beloon word: "Wat klink die meeste? Wat blink die meeste? Wat is vetter as vet?" Ryk man koop grootste klok, spieëls en vark= sog wat te vet is om te loop. Dis nie korrek nie. Arm man se dog= ter help hom met antwoorde: donderweer (of Woord van God), weerlig, en die aarde waaruit almal en alles hul vettigheid haal. Koning trou met knap meisie, maar sy mag haar nie met staatsake bemoei nie. Sy help arm man teen wie Koning onregverdige uitspraak lewer, en Koning sê sy moet paleis verlaat. Sy mag net dit wat sy die nodigste (lief= ste) het, saamvat. Aand gee sy Koning slaapdrankie en vat hom saam. Koning sien dat sy hom waarlik liefhet en vergewe haar alles.

DH, 13 Junie 1924; Ons Erfenis, VS 7. Vgl. Grobbelaar XXXVII.

Skaamrood (A/T/G 880-899). Prins raak verloof aan prinses. By sy vertrek gee Prinses haar skoothondjie aan hom as aandenking, maar ver=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geet om vir hom te sê wat hondjie se naam is. Prins stuur boodskapper om uit te vind wat dit is, en hy stel vraag in vorm van raaisel, bv.:

"Komplimente van dié, gij weet van wie.
Hij het mij gestuur om te hoor wat die heet
Die hij van jou skoot genome had."

Prinses antwoord: "Sy naam is soos ek nou lyk." Dit is: Skaamrood (skaamrooi). (Die boodskapper tref die Prinses in die geselskap van vriendinne of 'n ander man aan, volgens die verskillende variante. Oor die manier waarop die boodskapper die raaisel vra, òf oor sy ver= geet het om vir die Prins die hond se naam te sê, òf oor sy met 'n an= der man by haar betrap is, bloos die Prinses.)

DB, 20 Aug. 1943, p.15 (6 voorbeelde); 27 Aug. 1943, p.15 (2 voorbeel= de).

Te slim vir die regter. Regter sê hy sal man (meisie) vonnis (selfs doodstraf) kwytskeld indien hy/sy raaisel stel wat regter nie kan beant= woord nie.

(a) *"Bo my at ..." (A/T/G 927.1).* Man se vrou ry te perd uit en hou onder boom stil om baba aan haar bors te voed. Perd wei in gras, en bo haar pik voëltjie aan bessies. Dink aan raaisel:

"Bo my at (het geëet),
aan my at,
en onder my at,
Raai, raai, wat is dat?"

DB, 3 Des. 1943, p.15 (3 voorbeelde); Ons Erfenis, VS 8.

(b) *Uit die dooie (A/T/G 927.2).* Man se dogter sien in veld ge= raamte met muisnes daarin, en in muisnes is sewe muisies. Dogter druk muisies met haar vingers dood. Raaisel:

"Heen gegaan, weder gekwam.
Sewe uit die dooie genam.
Vyf maak sewe kwyt,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en toe was daar nog tyd."

DB, 27 Aug. 1943, p.17; Ons Erfenis, VS 64.

(c) *Ses pote en een stert (A/T/G 927.3).* Verslae man sit op wa en sien reier met padda in bek oorheen vlieg - altesame ses pote en een stert. Raaisel:

"Skoon verslae,
sit op die wa,
hy sien die een die ander drae:
ses pote en een stert.
Dis tesaam 'n raaisel werd."

DB, 27 Aug. 1943. p.17.

(d) *"Ek loop op Lielof (Loflie)" (A/T/G 927.4).* Meisie slag haar hond, Lielof (Loflie), en maak paar skoene van sy vel. Raaisel:

"Ik loop op Lielof,
ik staan op Lielof,
Lielof heeft my welgedaan."

Variant: "Op Loflie loop ek;
op Loflie staan ek;
op Loflie is ek welgemoed."

Ons Erfenis; Van Rooyen/Pellissier, p.21, nr.245.

Klaas Waarsêer (A/T 1641). Klaas Kriekie gaan sy geluk in Koning se paleis beproef. Op pad kom hy verby koets van Koning se twee seuns wat in klein ongelukkie was. Koning sê as hy drie vrae kan beantwoord, kry hy £5 000; anders sterf hy. 1. Vraag: Waar is Koning se seuns? Antwoord: Hulle het ongeluk gehad, maar sal spoedig daar wees. 2. Vraag: Sal Koning se ou moeder hemel of hel toe gaan? Antwoord: Hemel toe, want sy het g'n tand in haar mond nie, en in hel is gekners van tande. 3. Vraag: Wat is in toe skottel op tafel? Antwoord: "Kriekie is gevang," mompel Klaas, en daar is sowaar kriek in skottel. Hy kry sy beloning. (Vgl. by Uilspieël A/T 1641 II: "Die uil in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toring".)

DAK, Sept./Okt. 1919, p.4-5.

Klaas Weet-al (A/T/G 1641.1). Jongman gaan woon drie dae in paleis teen £100 per dag om te voel hoe koninklike lewe is. Koningin sê hy kan gratis bly as hy haar verlore ring opspoor. Ring is gesteel deur drie diensmeisies, drie susters. Eerste dag bring oudste vir jongman tee, en hy sê: "Ek het nou die eerste," bed elende eerste dag in paleis, maar meisie meen hy bedoel eerste dief. Dit gebeur ook met tweede en derde. Hulle gee ring vir hom, en hy laat dit deur kalkoen insluk om hulle verleentheid te spaar. Kalkoen geslag en Koningin kry ring. Koning stel strikvrae aan slim jongman, hy slaag weer, word ryklik beloon en trou met oudste van drie susters.

OK, Junie 1899, p.137-138.

R. I. Die dommes: Swape

Diere deur onnoselheid vermink (A/T 1007). (Vgl. groep vertellings met selfde tipenommer by Uilspieël.) Slim-Jan en Dom-Piet (Dom-Jan) pas skape (bokke) op. Slim-Jan gaan kos haal en beveel Dom-Piet: "Moenie skape laat wegloop nie, maar keer hulle mooi so om dat hulle gaan lê." Dom-Piet sny skape se pote af (sny hulle keel-af, slaan linkeragterpote af). (Twee broers heet soms Groot-Piet en Klein-Piet.)

DB, 15 Feb. 1911, p.578; DK, 6 Jan. 1928, p.4; 11 Aug. 1933, p.1; Ons Erfenis, VS 44; Schonken, p.184.

Die deur saamgedra (A/T/G 1009.1). (Volg op A/T 1691: "Moenie te veel eet nie.") Slim-Jan en Dom-Piet (Dom-Jan) slaap nag by vreemde mense. Dom-Piet word honger en kry pampoen (pampoenkoekies) in kom= buis. Vat vir Slim-Jan daarvan saam, maar verdwaal en kom in kamer van huisbaas en sy vrou. Hou daarvan vir snorkende vrou en meen dat sy dit probeer koudblaas. Sê dis onnodig, want pampoen is koud genoeg. (Soms word vertel dat dit winde is wat die vrou los.) Hy word vies toe sy nie ophou nie en smyt pampoen op haar. Huisbaas skrik wakker en bestorm hom. Slim-Jan en Dom-Piet vlug. Hulle hard=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

loop deur uit sy kosyn, en Dom-Piet dra dit saam omdat hy te dom is om dit te los. (A/T/ 1653: "Die rowers onder die boom" volg hierop.)

DK, 11 Aug. 1933, p.1; Ons Erfenis; Schonken, p.183-184.

"Jy lag nog" (A/T/G 1116.1). Twee (sewe) Swape bou rondawel. Vergeet om deur en vensters in te sit. Toe hulle klaar is, sit een binnekant vasgekeer. Wil gat in dak brand om hom te laat uitkom, maar hele ge= bou in puin gelê. Binneste Swaap verkool, en sy lippe krul om. Kom= mentaar van ander Swaap (Swape): "Ons ou broer is darem 'n man. Kyk hoe is hy verbrand, en hy lag nog met sy wit tande." / "Jy lag nog; jy kon dood gewees het." / "Jou blikskottel, daar sit jy en lag, en ons dak is na die maan." / "Jy sit nog met jou oop bek en lag nadat ons verniet so hard gewerk het." / "Toe maar, hy leef nog; kyk hoe lag hy."

DB, 26 Jan. 1940, p.29 (4 voorbeelde); 19 Des. 1941, p.23; 24 Julie 1942, p.19; Ons Erfenis, VS 29, 30, 32, 48; Schonken, p.180-181.

Sout gesaai (A/T 1200). Dommes saai sout en meen dat hulle sout sal kan oes. (Hierdie tipiese Swaapverhaal word vertel as onderdeel van A/T 1384: "Die dom vrou.")

DH, 18 Julie 1924, p.13; DK, 15 April 1927, p.8; OK, Des. 1903, p.160-161. Vgl. DB, 25 Feb. 1917, p.317-318.

Die koring mag nie vertrap word nie (A/T/G 1201.1).
Variant (a). Bees in landerye. Swaap word deur makkers op ysterkatel (draagbaar, tafel) deur land gedra om bees te verwilder sodat jaer graan nie sal plat trap nie.

Ons Erfenis, VS 39; Schonken, p.179-180.

Variant (b). Vyf (twaalf) sterk Swape dra die bees (perd) uit land.

DB, 27 Jan. 1939, p.41; Ons Erfenis, VS 59.

Die byterige sekel (A/T/G 1202.1).
Variant (a). Swape maai koring deur halms met else af te steek. Boer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gee hulle sekel, maar sê hulle moet oppas, want hy kan byt. Swaap sny sy vinger raak en smyt sekel tussen koring in. Hulle brand koring af om sekel te laat uitspring sodat hulle dit kan doodslaan.

DB, 28 Julie 1939, p.27; 19 Des. 1941, p.23.

Variant (b). Swape gehuur om koring te sny. Middag hang hulle nes ander arbeiders sekels om hul nekke, maar beseer hulle erg toe hulle sekels weer afhaal. Smyt sekels op grond neer, en toe punte in aarde dring, vlug hulle vir kwaai goed.

Schonken, p.181.

Koei op dak getrek om te wei (A/T 1210). Op rietdakhuisie groei groen mos, en Swape wil koei daar laat wei. Bind tou om haar nek, een stoot van agter en ander trek van voor. Koei wurg. Swaap sê: "Kyk hoe lus is sy vir groenigheid. Haar tong hang eintlik uit."

Ons Erfenis, VS 56; Schonken, p.180.

Broei self eiers uit (A/T 1218). Dom-Jan moet broeis hen oppas terwyl moeder dorp toe gaan. Hy meen dis makliker om self te broei, maak hen dood en gaan sit op eiers. Later besluit hy om hen en eiers eerder te eet, maar kat gryp hen en laat spat.

DT, Junie 1946, p.253.

Saag boomtak af waarop hy sit (A/T 1240). Dom-Jan klim in boom en gaan sit op tak met gesig na stam. Saag tak af waarop hy sit, val en breek stuitjie.

TAV, tipe 1240 (mondelinge oorlewering).

Help die vrag dra (A/T 1242A). Swaap probeer swaar vrag ligter maak deur self op wa te klim en balke op sy skouers te hou.

Schonken, p.180.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hout (klippe) word teruggedra om teen berg af te rol (A/T 1243).
Variant (a). Swape dra houtstompe (klippe) uit berg aan vir oprigting van kerk (huis). By laaste vrag struikel Swaap, en sy stomp rol maklik teen berg af. Nou dra hulle al die stompe terug om dit ook te laat af= rol.

Ons Erfenis, VS 39; Schonken, p.179. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.10-13.

Variant (b). Sewe Swape sukkel met draggies brandhout van berg af, toe een se draggie losgaan, en nadat hy dit weer vasgebind het, rol dit agter ander Swape aan. Nou dra hulle hul draggies ook terug om dit te laat afrol.

DB, 26 Jan. 1940, p.42.

Hy in [illegible]rlose gebou ingedra (A/T 1245). Swape rig gebou sonder vensters op en probeer dan sonlig in sakke binnetoe dra.

DB, 1 April 1916, p.382-383; OK, Des. 1903, p.160-161; Schonken, p.179.

Swape hang in put af (A/T 1250). Swape (sewe, twaalf) kom by put. Daar is geen tou nie, maar net balk (houtstomp) bo-oor. Hang een aan ander in put af. Word al swaarder, en boonste Swaap skree: "Hou vas, ek wil net gou op my hande spoeg." / "Ek wil net gou vervat." *Redes waarom hulle in put afhang:* 1. Wil water skep. 2. Sien die maan weer= kaats, en dink dis kaas of stuk spek. 3. Wil put se diepte meet. 4. Twaalf Swape tel hulself, maar teller vergeet homself en daar bly een kort; sien eie waarkaatsing in put en meen dis hul makker wat ingeval het. (Vgl. A/T 1287: "Tel hulleself verkeerd".)

DB, 26 Jan. 1940, p.42; 14 Feb. 1941, p.21; Ons Erfenis, VS 45, 50 en 51; Schonken, p.179; TAV, tipe 1250 (mondelinge oorlewering).

Variant. Sien maan in put en dink dis kaas. Hou een aan ander vas, maar tou wat hulle vorm, bly te kort. Onderste Swaap skree: "Los daarboven!" So klink boodskap van een Swaap na ander boontoe, hulle los en tuimel in put.

DB, 27 Jan. 1939, p.29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gat by dorp uitgelei (A/T/G 1285.1). Gat val in Swaapdorp in. Swape maak tweede gat langsaan om eerste op te vul, toe weer gat langs tweede gat, ens., en lei gat by dorp uit.

Ons Erfenis, VS 31. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.22.

Lastige kop afgesny (A/T/G 1285.1). Huis se dak met steentjies (d.i. teëls) gebou. Swaap in middel wat van binne af werk, word vasgemessel. Makkers sny sy kop af om dak gelyk te kry en bespaar paar steentjies waar sy nek gat vul.

Schonken, p.181.

Tel hulleself verkeerd (A/T 1287). Tien (sewe, ses) Swape wil hulleself tel. Teller begin by homself: "Ek is ek. Een, twee, drie ..." Tel= kens makeer een. *Oplossing.* 1. Boer tel hulle uit. 2. Boer laat elkeen met sy neus gaatjie in modder druk, en dan tel hulle gaatjies. 3. Hulle hardloop na hul vrouens toe en sien dat hulle voltallig is. (Vgl. A/T 1250: "Swape hang in put af"; A/T 1288A: "Tel nie esel waar= op hy ry nie".)

DB, 14 Feb. 1941, p.21 en 42 (2 voorbeelde); 24 Julie 1942, p.19; DK, 8 Sept. 1933, p.1; Ons Erfenis, VS 45.

Voete raak deurmekaar (A/T 1288).
Variant (a). Swape se voete raak deurmekaar (bv. waar hulle op rivier= wal sit en was). Verbyganger looi hulle met lat, en elkeen hardloop met eie voete weg.

DB, 1 April 1916, p.382-383; 30 April 1943, p.19; Ons Erfenis, VS 35; Schonken, p.184.

Variant (b). Tien Swape slaap op vyf beddens en met hul koppe onder komberse. Een aand kom een van Swape hietjie laat toe rondloper reeds op sy plek ingeklim het. S[illegible] merk dat daar nou drie paar voete op bed is: "Dis my voete, en dis Jan se voete - maar wie se voete is dié?" Klim uit en [illegible] weer voete op bed: "Dis my voete, en dis Jan se voete."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe is hy tevrede.

DK, 8 Sept. 1933, p.1.

Tel nie esel waarop hy ry nie (A/T 1288A). Swaap (soms word hy Uil=spieël genoem, maar dis klaarblyklik 'n Swaapverhaal) word gestuur om tien esels van sy vader in veld te soek. Hy ry op een en jaag ander aan, maar omdat hy vergeet om sy ry-esel te tel, bly daar een kort. (Vgl. A/T 1287: "Tel hulleself verkeerd".)

TAV, tipe 1288A (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.36-37.

Kerk word afgebreek om banke in te dra (A/T/G 1295B.1).* Banke wil nie in dwarste by deur inkom nie. Swape breek kerk af, plaas banke op hul plekke en bou mure weer op. (Sien dan soms hoe voël stukkie strooi oorlangs draai om dit by opening in te kry, breek kerk nogmaals af, haal banke uit en dra hulle eindelik reg in).

DH, Julie 1920, p.85; Ons Erfenis, VS 34. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.16-18.

Variant: Swape kan balke nie by deur inkry terwyl hulle huis bou nie en saag dit op, maar toe is balke onbruikbaar. Buurman help hulle reg.

DB, 19 Des. 1941, p.23.

"Toe ek nog gelewe het ..." (A/T 1313A).
Variant (a). Swape gaan brandhout kap, boom val en tak tref een van kappers. "Ek is dood!" roep hy en slaan neer. Makkers ry met hom en vrag hout huis toe, maar by kruispad weet hulle nie watter kant toe nie. "Jammer Koos is dood, want hy sou kon gesê het," verklaar een. Koos roep onder hout uit: "Toe ek nog gelewe het, het ek altyd linker=kanste pad gevat."

DB, 26 Jan. 1940, p.29.

Variant (b). Swaap slaan donkies voor wa, en verbyganger sê hy sal dood wees as hy dit nog drie maal doen. Swaap slaan donkies per onge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

luk nog drie maal en val kastig dood neer. Sy makkers stap met sy kis na begraafplaas, maar by rivier weet hulle nie verder nie. Swaap in kis sê: "Toe ek nog gelewe het, het ek altyd oor brug gegaan."

DH, April 1920, p.377.

Pampoen is donkie-eier (perde-eier) (A/T 1319). Swaap (Dom-Jan, Uil=spieël) kom op plaas en sien pampoene (kalbasse) op dak. Boer sê dis donkie-eiers (perde-eiers) en gee hom een. Gaan sit teen hang van rantjie daarop en broei. Toe hy opstaan om sy bene te rek (of pampoen weggooi omdat dit deurgelê is), rol pampoen teen skuinste af en jaag haas (bokkie) op. Swaap skree: "Hi-hê, hier's jou pappa!" /"Eseltjie, eseltjie, hier is jou ma!" / "Hoi! hoi! hier's jou mamma!" (Soms word vertel dat die Swape graag 'n perd wou hê, maar omdat hulle nie genoeg geld gehad het om een te koop nie, probeer hulle 'n vulletjie uitbroei.)

DB, 21 Nov. 1941, p.21; 5 Feb. 1943, p.19; DGH, 15 Aug. 1920, p.61; DK, 8 Sept. 1933, p.3; Ons Erfenis, VS 38 en 47; Schonken, p.181; TAV, tipe 1319 (3 variante, mondelinge oorlewerings); Vonk, 4 Mei 1970, p.20.

Variant: Swaap broei in bed. Vrou steek haar hand onder kombers in en sê kleintjie is amper uitgebroei: "Ek voel al sy slurpie."

DB, 30 April 1943, p.19.

Swaap eet padda.
Variant (a) (A/T/G 1319.1).* Swaap kry vis om te braai, maar ken nie vis nie. Man sê hy moet vis net vir vuur wys (liggies braai). Voor hy dit kan doen, val vis weer in rivier. Swaap gryp en kry padda in hande, wys hom vir vuur, en hoe hy ookal spook, sê Swaap net: "Of jy nou kwie=ken (kwiek) en of jy kwaken (kwaak), maar binne sal jy gaan!" Toe eet hy hom op.

DK, 8 Sept. 1933, p.3; 19 Okt. 1934, p.2; TAV, tipe 1319N* (mondelinge oorlewering).

Variant (b) (A/T/G 1319.2).* Swaap en suster op reis. Kry langs pad water uit dam om pap te maak, maar daar beland padda in. Swaap skep vir sy suster pap uit en eet self uit pot. Kom op geraamte van padda

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

af en vra: "Ousus, het aanbrandsel ook pote?" Sy antwoord bevestigend, en hy eet padda.

TAV, tipe 1319 N** (mondelinge oorlewering).

Kos vir sy eie skaduwee (A/T/G 1321B.1). Dom-Jan en Slim-Jan werk op land (pas skape op). Dom-Jan gaan kos haal, sien sy skaduwee langs hom loop en gooi van kos daarvoor. Skaduwee wil nie omdraai nie, en Dom-Jan hou aan om dit te voer tot daar niks oor is nie.

DK, 6 Jan. 1928, p.4; 11 Aug. 1933, p.1; Ons Erfenis, VS 26; Schon= ken, p.184.

Die huis moet verskuif word (A/T/G 1326.1). Swape bou huis, maar ont= dek dit moes eintlik paar tree vorentoe gestaan het. Buurman gooi al= basters op grond en sê hulle moet stoot. Soos albasters onder hul voete gly, meen hulle dat huis beweeg totdat hulle tevrede is.

DB, 1 April 1916, p.382-383; 21 Nov. 1941, p.21; Ons Erfenis, VS 33. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.19-21.

Lampolie (petrol, melk) in die hoed (A/T/G 1349.1).* Swaap moet twee bottels lampolie gaan koop. Sê winkelier moet dit in sy hoed gooi. Een bottel vul hoed. Keer hoed om vir ander bottel. Tuis sê sy vrou daar is skaars een bottel in sy hoed. "Hier is ander bottel," sê Swaap en keer sy hoed weer om.

DB, 24 Julie 1942, p.19; DH, Mei 1920, p.34; Ons Erfenis, VS 36; Schonken, p.182.

Die kort kombers (A/T/G 1349.2).* Boer gee drie Swape op koue dag kom= bers en laat hulle in hooimied slaap. Eerste Swaap sê sy kop kry koud, maar kombers is te kort. Hulle sny stuk onder af en las dit bo aan. Toe kry tweede Swaap se voete koud, en hulle sny stuk bo af om onder aan te las. So gaan dit hele nag. Volgende oggend gee hulle kombers terug vir boer en sê dit beteken niks nie.

DB, 1 April 1916, p.382-383; 24 Julie 1942, p.19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die steeks donkie (A/T/G 1349.3).* Swaap se donkie gaan staan met kar. Swaap maak onder donkie se pens vuur, donkie verskuif vorentoe en gaan staan weer sodat vuur onder kar brand en alles in vlamme opgaan.

Vonk, 4 Mei 1970, p.20.

"Jy mag nie één eet nie" (A/T/G 1349.4).* Jannie is Swaap. Ma wil koek bak en gee hom rosyne om stingeltjies af te breek en sê: "Maar jy moenie één daarvan eet nie." Jannie eet alle rosyne behalwe een.

DB, 26 Jan. 1940, p.29. Vgl. DB, 20 Jan. 1917, p.285-286.

Swaap-beleefdheid (A/T/G 1349 .5). Swaap gaan kuier by vriend. Toe hy loop, stap sy gasheer met hom saam tot by sy huis. Swaap stap weer terug saam met gasheer. So hou dit hele nag aan tot polisie hulle volgende oggend as verdagtes in tronk stop.

DB, 15 Feb. 1911, p.vii.

"Hoe lyk ék vir julle?" (A/T/G 1349.6).* Swaap koop huis en is gewel= dig trots daarop. Kort-kort gaan hy na solder, steek sy kop deur sol= dervenster en sê vir verbygangers: "Hoe lyk ék vir julle?"

DB, 1 Feb. 1911, p.544.

Die goue pond (A/T/G 1349.7).* Swaap sien goue pond in pad lê en dra dit met twee stokkies huis toe omdat dit vir hom soos "warm sjieling" lyk. Verbyganger sê hy sal hom koue sjieling daarvoor gee. Swaap hoor later dat hy eintlik 19 sjielings verloor het. Toe hy volgende dag goue tiensjielingstuk langs pad sien, sê hy: "Nee, jou laat ek lê, want op jou pa het ek klaar 19s. verloor." (Soms Piet Biltong wat goue pond vir 19s. verruil en tweede goue pond nie wil optel nie omdat hy reeds 'n sjieling op transaksie verloor het.)

DB, 24 Julie 1942, p.19; DGH, Jan. 1907, p.160.

Toe dit rosyne gereën het (A/T 1381B). (Volg op A/T 1643: "Die skat in die standbeeld".) Dom-Jan en sy ma is ryk van goue ponde wat hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit standbeeld gekry het. Ma is bang dat Dom-Jan geheim sal verklap en gooi rosyntjies oor hom uit toe hy by soldervenster verbystap. Dom-Jan kan nie sy mond hou nie en beland voor magistraat. Hy beves= tig dat hy goue ponde gevind het op dag toe dit rosyntjies gereën het. Magistraat sê hulle moet hom wegvat, want hy is gek. So behou Dom-Jan en sy ma geld. (Vgl. A/T 1381: "Die vrou wat nie haar mond kon hou nie.")

DT, Junie 1946, p.253.

Lugkastele (A/T 1430). Verskeie moontlikhede. 1. Man gaan komkommers steel. Dink by homself: Vir sakvol komkommers koop hy hoender. Van eiers kry hy kuikens. Van geld vir kuikens koop hy tien lammers. Ruil lammers as hulle groot is vir tien kalwers. Maak kalwers groot en ver= koop hulle. Met geld koop hy huis met eie groentetuin en komkommers. Sal mense huur om dit op te pas en kort-kort vir hulle roep: "Haai, kêrels, hou julle oë oop!" Man is so meegevoer deur sy lugkastele dat hy hardop roep, en baas van tuin hoor hom. Hy vang dief en gee hom afranseling. 2. Cornelius Swaap kry bottel heuning in hande. 3. Ou man en sy vrou kry haan en hen present.

DGH, Jan. 1911, p.150; DJ, 4 Nov. 1938, p.3; DK, 3 Feb. 1928, p.8; OK, Sept, 1904, p.148, Vgl. DB, 15 Julie 1914, p.123-124; Grob= belaar XXVIII, p.34-35.

Dief was betowerde esel (A/T 1529). Mal-Jan met esel op pad na mark. Eerste dief maak ongemerk leiriem om eie nek vas terwyl tweede dief met esel ontsnap. Eerste dief oortuig Jan dat hy esel was, deur sy eie moeder vervloek en betower.

DGH, 15 Des. 1926, p.229.

Slaan maar: Wat intelligensie is (A/T/G 1586A.1). Swaap vra aan boer wat intelligensie is. Boer hou sy hand teen waenhuismuur en sê Swaap moet slaan. Boer ruk sy hand weg, en Swaap se hand flenters. Later wil Swaap dit aan maat verduidelik. Hou sy hand sommer voor sy mond en sê maat moet slaan. (Vgl. by Uilspieël A/T/G 1586A.2: "Slaan maar:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vuur maak".)

Ons Erfenis, VS 52.

Die skat in die standbeeld (A/T 1643). Dom-Jan se ma stuur hom dorp toe om stuk materiaal te gaan verkoop, maar waarsku hom teen mense wat te veel praat. Al ene wat niks sê nie, is standbeeld. Dom-Jan sit materiaal aan sy voete neer en sê hy sal geld volgende dag kom haal. Volgende dag is materiaal weg, en standbeeld wil nie antwoord toe Dom-Jan met hom praat nie. Vies slaan Jan standbeeld met stok, stuk van beeld breek af, en daar staan kleipot vol goudstukke. Jan vat dit. (A/T 1381B: "Toe dit rosyne gereën het" volg hierop.)

DT, Junie 1946, p.253. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.30-33.

Die rowers onder boom (A/T 1653). (Volg op A/T/G 1009A: "Die deur saamgedra".) Slim-Jan en Dom-Piet klim met deur en al in hoë boom. Klomp diewe kom hul geld onder boom tel. Dom-Piet kan deur nie meer hou nie, laat dit tussen diewe val, hulle vlug, en hy en Slim-Jan kry al die geld. (Soms word bygevoeg dat Dom-Jan se blaas vol word, en dan sê rowers, dankie vir koeldrank van bo. Hy ontlas hom, en hulle is verheug oor manna uit hemel.)

DB, 20 Julie 1939, p.27; 19 Des. 1942, p.23; DK, 6 Jan. 1928, p.4-5; 11 Aug. 1933, p.1; Ons Erfenis, VS 28; Schonken, p.183-184.

Variant: Dom-Jan en Slim-Jan stap wêreld in om ryk te word. By kruis= pad gaan hulle uitmekaar. Slim-Jan word moeg en klim uit vrees vir wil= dediere in boom om te slaap. Rowers kom tel hul sakke goud onder boom. Praat oor prinses wat so siek is, en al wat haar kan genees, is lewer van Koning se mooiste perd. Ná vertrek van rowers gaan Slim-Jan na paleis, prinses genees, en hy trou met haar. Dom-Jan hoor van sy broer se rykdom en klim ook in boom. Rowers kom weer goud tel, skaap= vel waarop Dom-Jan sit, gly onder hom uit, en hy val tussen rowers. Hulle vlug, en hy ook ryk.

DB, 28 Julie 1939, p.27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vergete woord (A/T 1687). Swaap (Dom-Jan, Piet) word gestuur om deur te gaan haal. Herhaal woord so ver as hy loop. Spring oor water= stroompie (skrik vir haas), en toe hy anderkant grondvat, het hy woord verloor. Gaan haal pik om woord te soek. Kap gat deur sy voet. Roep uit: "Daar kap ek dwars*deur*..." Toe het hy woord weer. (Daar is in die Aarne/Thomspon-indeks wesenlik geen verskil tussen dié tipe en tipe A/T 1204 nie.)

DB, 1 April 1916, p.382-383; 12 Jan. 1940, p.43; 26 Jan. 1940, p.29; 19 Des. 1941, p.23; DH, April 1920, p.377; Ons Erfenis, VS 29, 32 en 48; Schonken, p.180; TAV, tipe 1204, 1687 en motief J2671.2 (monde= linge oorlewerings). Vgl. Grobbelaar XXVII, p.14-16.

Variant: Slim-Jan en Dom-Jan ploeg. Juk breek, en Dom-Jan word ge= stuur om juk met kram te gaan haal. Herhaal dit oor en oor by homself: "Juk met 'n kram ..." Spring oor sloot, en toe sê hy: "Ooi met 'n lam."

Ons Erfenis, VS 54.

"Moenie te veel eet nie" (A/T 1691). (Gewoonlik inleiding tot A/T/G 1009A: "Die deur word saamgedra".) Slim-Jan en Dom-Piet kom by boer uit. Hulle eet aand saam. Slim-Jan moet altyd teen Dom-Piet se voet skop sodat hy kan weet wanneer om op te hou met eet. Hulle het skaars begin, toe kat teen Dom-Piet se been stamp, en hy hou dadelik op met eet.

DK, 6 Jan. 1928, p.4; 11 Aug. 1933, p.1; Ons Erfenis; Schonken, p.183-184.

Opdrag te letterlik uitgevoer (A/T 1696). (Vgl. hele groep verhale on= der selfde opskrif by Uilspieël. Die voorbeelde dáár word dikwels ook as Swaap-verhale aangebied.) Swaap moet alle langore in veld gaan haal. Slaan hase en donkies dood en bring karkasse huis toe.

DB, 5 Feb. 1943, p.19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Ons drie" (A/T 1697). Drie Swape (Jan, Piet en Klaas) wil Afrikaans leer. Elkeen raak net een sinnetjie baas. Daarna gaan hulle op reis en word deur konstabel by lyk van vermoorde man gevang. In hof vra regter: "Wie het dit gedoen?" Jan: "Ons drie." Regter: "Hoekom?" Piet: "Vir 'n sakkie geld." Regter: "Hiervoor sal julle hang." Klaas: "Dis niks meer as reg nie."

DB, 27 Jan. 1939, p.29; 14 Feb. 1941, p.21; 5 Feb. 1943, p.19; Ons Erfenis, VS 55; TAV, tipe 1697 (3 voorbeelde, mondelinge oorlewerings). Vgl. Grobbelaar XXVII, p.14-16.

Variant (a) (as dieresprokie vertel). Wolf, Tier en Bobbejaan wil menstaal leer. Vertelling verloop soos in geval van Swape, maar uit= eindelik word hulle deur hof vrygespreek toe bewys is dat oorledene aan natuurlike oorsake dood is. Tyd in tronk laat Wolf-hulle egter besluit om nie meer met menstaal te lol nie, en daarom praat diere vandag net hul eie taal.

DK, 25 Aug. 1933, p.8.

MODERN. Variant (b). Pa stuur sy drie seuns een ná ander om sigaret= te te gaan koop, maar verbied hulle om met heks langs pad te praat. Heks vervloek eerste seun om altyd te sê: "Ekke! Ekke!" Tweede sê: "Met 'n mes!" Derde sê: "Vir 'n sakkie geld!" Broers kom by lyk van vermoorde langs pad. Polisieman daag op en vra: "Wie het dit gedoen?" Eerste broer antwoord: "Ekke!" Vra vir tweede: "Hoe?" Hy antwoord "Met 'n mes." Vra vir derde: "Hoekom?" Hy antwoord: "Vir 'n sakkie geld."

Dep., MSIM I, p.9-10.

MODERN. Variant (c). Skoolkinders kry opdrag om Engelse woorde te versamel. Kind leer: *"Sharrap!" "Muhammad Ali"* en *"Cool it, baby!"* Toe juffrou hom volgende dag vra wat hy geleer het, antwoord kind: *"Sharrap!"* Juffrou vra wie dink hy is hy miskien. Hy antwoord: *"Muhammad Ali."* Juffrou sê sy sal hom kantoor toe stuur. Kind sê: *"Cool it, baby!"*

Dep., MBELL II, p.16-17; MSIM I, p.10-11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Woord [illegible] verstaan (A/T 1698G). Swape verwar twee kastige woorde *skurman* ('n skurkagtige man) en *skurmaan* ('n skurwe maan, d.w.s. maan wat nie heeltemal vol is nie).

DB, 27 Jan. 1939, p.29.

Ses skote in een (A/T/G 1890B.1). Boer gee Dom-Jan voorlaaier om vinke te skiet. Hy laai ses skote nâ mekaar, maar vergeet om slagdoppie in te sit en geweer wil nie afgaan nie. Boer sit slagdoppie in, en ge= weld van skoot smyt hom plat op grond. Toe hy orent kom, sê Dom-Jan: "Lê stil! Daar kom nog vyf skote." (Vgl. belewenisvertelling: "Oor= logshumor: Die gevaarlike geweer".)

DK, 31 Aug. 1928, p.2.

R. II. Die slimme: Uilspieël

Anderhalf man en 'n perdekop (A/T 921). Man te perd kom by agterdeur terwyl Uilspieël in kombuis sit; sy perd steek kop oor onderdeur, en man buk ook na binne terwyl hy vra: "Wie is hier?" Uilspieël ant= woord: "'n Man-en-'n-half en 'n perdekop." Dit is Uilspieël self, en wat van man en perd sigbaar is.

Ons Erfenis.

Slim vrae, slimmer antwoorde (A/T 922).
Variant (a). Predikant skryf op sy deur: "Hier leef ek sonder sorg." Koning sien dit en beveel hom om drie vrae binne agt dae te beantwoord: 1. Waar is middel van wêreld? 2. Wat is diepte van see? 3. Wat is Koning werd? Uilspieël, die predikant se koetsier, vermom hom en gaan namens sy werkgewer antwoord: 1. Waar Koning staan, en as hy dit nie wil glo nie, kan hy dit meet. 2. Steenworp, want as jy klip in water gooi, sink dit tot op bodem. 3. Vyftien silwerlinge, want Christus is vir dertig verkoop, en Koning sou seker helfte daarvan werd wees. Van toe af laat Koning predikant liewer met rus.

Ons Erfenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (b). Uilspieël word voor universiteit gedaag om te bewys hoe slim hy is. Professore stel vrae. 1. Hoeveel druppels water in see? Antwoord: Vierhonderd-en-nege maal sewehonderd-en-ses miljoen; wil professore dit nie glo nie, kan julle self gaan tel. 2. Hoeveel dae het verloop van Adam af tot op hede? Antwoord: Sewe - Sondag, Maan= dag, Dinsdag, ens. 3. Hoeveel jaar het sedert skepping verloop? Antwoord: Vyfduisend negehonderd-en-tagtig. Uilspieël is oorwinnaar.

OK, Nov. 1905, p.4. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.42-44.

Variant (c). Koning Jas en koning Tas maak oorlog. Jas wen, en Tas moet drie vrae beantwoord, anders word hy tereggestel. Koning Tas se kok (klaarblyklik Uilspieël) vermom hom soos sy meester en beantwoord vrae: 1. Hoe diep is see? Antwoord: Steenworp, want klip sal tot op seebodem sink. 2. Hoeveel sterre aan hemel? Antwoord: Altesame 8'0 000 516 240 - Koning kan self gaan tel. 3. Wat dink koning Jas? Antwoord: Hy dink dis koning Tas wat voor hom staan, maar dis net sy kok. Daarop word koning Tas vrygelaat.

DGH, Aug. 1920, p.63.

Diere deur moedswilligheid vermink (A/T 1007). Sny skape se koppe af om hulle te dwing om water te suip. (Vgl. inskrywing by Swapo met selfde tipenommer.)

Schonken, p.182.

Genoeg water en hout ingedra (A/T/G 1010.1). Moet hout en water in huis bring terwyl huismense weg is. Gooi spul hout op vloer, maak deure toe en begin water deur venster ingooi sodat dit in huis opdam. (Vgl. tipe A/T 1696: "Opdragte te letterlik uitgevoer".)

DK, 4 Maart 1932, p.3. Vgl. Grobbelaar I, p.136-137; IX, p.18-19.

Die hele kar gesmeer (A/T 1017). Slim-Jan (Uilspieël) moet perdekar was en dan smeer. Hy smeer kar se seile, sitplekke en alles met teer. (Vgl. tipe A/T 1696: "Opdragte te letterlik uitgevoer".)
DK, 4 Maart 1932, p.8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Al die saad op een plek gesaai (A/T 1200A). Skud die saad in hope op land uit. (Vgl. tipe A/T 1696: "Opdragte te lettertlik uitgevoer".)

Ons Erfenis, VS 22.

Een veer slaap so hard (A/T 1290B).* Uilspieël (Dom-Jan) slaap op een veer, en dis vreeslik ongemaklik. Sê dit sal onmoontlik wees om op hele verebed te slaap.

DB, 1 April 1916, p.382-383; 26 Jan. 1940, p.29; Eie; Ons Erfenis, VS 20 en 46; Schonken, p.181-182; TAV, tipe 1290B en 1635.18 (mondelinge oorlewerings). Vgl. Grobbelaar I, p.135; IX, p.17.

*Dit hang af hoe dit val (A/T 1453**).* Wewenaar (Uilspieël) kom by slordige weduwee wat brood knie. Weduwee verkoue, en haar neus loop. Sy vra: "Gaan jy bly, of ry jy verder?" Besoeker antwoord: "Dit hang af waar die bel val: in die skottel, ry ek; buite die skottel, bly ek."

Ons Erfenis; TAV, tipe 1453** (mondelinge oorlewering).

Uilspieël steel Koning se ryperd (Meesterdief) (A/T 1525A II). Uilspieël (Jan de Rower) laat Koning weet dat hy sy perd kom steel. Koning plaas dubbele wagte by stal. Tyl verskyn as verkluimde bedelaar (vroutjie), word in stal toegelaat, bedwelm wagte deur hulle drank met slaapmiddel te gee en ry ongehinderd weg. Kom volgende oggend by Koning spog. Koning verbied hom om weer op sy grond te verskyn.

DJ, 3 Julie 1936, p.3; OK, Junie 1905, p.14. Vgl. Grobbelaar XIV, p.24-27.

Uilspieël steel Koningin se ring (Meesterdief) (A/T 1525A III). Uilspieël (Jan de Rower) laat weet dat hy Koningin se ring gaan steel. Koning laat slaapkamervenster oop en staan gereed met sabel. Uilspieël steek strooipop (houtpop) deur venster, en Koning kap kop af. Terwyl hy "lyk" wegsleep, gaan Uilspieël slaapkamer binne, maak asof hy Koning is en vat Koningin se ring. Volgende oggend kom spog hy by Koning en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ry op kar wat vol van sy eie grond gelaai is. (Vgl. slot van A/T 1525A II: "Uilspieël steel Koning se ryperd".) Tog verwilder Koning hom. (Vgl. A/T 1590: "Oortreder staan op eie grond".)

DJ, 3 Julie 1936, p.3; OK, Junie 1905, p.14. Vgl. Grobbelaar XIV, p.28-31.

Skaap van wagter se rug af gesteel (Meesterdief) (A/T/G 1525D.1). Jan de Rower, slimste dief in land, mag met Koning se dogter trou mits hy verskillende take kan uitvoer; anders word hy tereggestel. Taak: steel skaap van wagter se rug af. Terwyl wagter oggend op pad is, sien hy een nuwe skoen langs pad lê en loop verby. Entjie verder lê tweede nuwe skoen. Wagter sit skaap neer om eerste skoen ook te gaan haal. Jan steel skaap. (Vgl. meegaande A/T 1525A II, A/T 1525A III en A/T/G 1525D.2.)

DJ, 3 Julie 1936, p.3.

Die goue voël (A/T 1528). Uilspieël vlug vir Boer nadat hy lg. weer streep getrek het. Toe Boer op hom afkom, gooi Uilspieël sy hoed oor plek waar hy ontlas het en sê vir Boer daar is goue voël onder hoed. Boer moet dit oppas terwyl Uilspieël koutjie gaan haal. Boer probeer voël skelmpies vang en word besmeer. (Soms vertel van seuntjie en polisieman.)

Grobbelaar I, p.138-141; IX, p.20-23; Ons Erfenis; TAV, tipe 1528 (mondelinge oorlewering).

Perdevel as waarsêer (Groot Klaus en Klein Klaus) (A/T 1535). Uilspieël en broer (Slim-Jan en Dom-Jan) erf elkeen perd. Broer verhuur perd, maar Uilspieël slag syne af, maak vel droog, vang kraaitjie en plaas dit in mandjie, en met vel en kraaitjie stap hy dorp toe. Sien by huis langs pad hoe vreemde man by vrou kuier terwyl haar eggenoot weg is. Toe eg= genoot terugkeer, kry Uilspieël herberg in huis, openbaar teenwoordigheid van vryer kastig met behulp van waarsêer-kraai en verkoop kraai vir groot som geld aan eggenoot. Stap huis toe en maak sy broer wys dat hy geld vir perdevel gekry het. Broer slag sy perd en word uitgelag toe hy vel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wil verkoop.

DB, 19 Des. 1941, p.23; Kruger, p.57-64; OK, Mei 1905, p.7; Ons Erfe= nis, VS 27. Vgl. Grobbelaar I, p.126-130; IX, p.8-12.

Porseleintjies (A/T/G 1535.1). Uilspieël vul sak met stukkies porse= lein wat hy op ashoop optel. Laat dit in sorg van herbergier en sê dis geld. Volgende oggend beskuldig hy bediendes van diefstal. Her= bergier bied groot bedrag geld aan om sy goeie naam te red. Tuis oor= reed Uilspieël sy broer om al sy breekgoed fyn te slaan en stukkies op dorp te verkoop. Broer word bespot.

OK, Mei 1905, p.7. Vgl. Grobbelaar I, p.131-132; IX, p.13-14.

Handel in lyke van ou vrouens (Groot Klaus en Klein Klaus) (A/T/G 1535.2). Uilspieël se broer is woedend oor al sy streke. Slaan persoon dood wat nag in Uilspieël se bed lê, maar dis hul moeder met wie Uilspieël plekke geruil het. Uilspieël vat lyk na mark en plaas dit met bakkie eiers op skoot teen wawiel. Koper word kwaad oor sy nie op vrae antwoord en klap haar onderstebo. Uilspieël sê koper het sy moeder doodge= slaan, en hy moet groot bedrag geld betaal om nie in tronk te beland nie. Uilspieël vertel sy broer dat lyke van ou vrouens goed op prys is, en broer slaan hele wavrag dood. Word gevang, vertel regter wat gebeur het, en Uilspieël veroordeel om in rivier verdrink te word. (A/T/G 1535B.1 volg hierop.)

OK, Mei 1905, p.8.

Uilspieël (Dom-Jan) in die sak (A/T/G 1535B.1). Uilspieël deur polisie in toegeknoopte sak na rivier gedra om hom te verdrink. Hy vra of po= lisie lang stok gebring het om hom onder water te druk. Terwyl hulle stok gaan soek, roep Uilspieël: "Ek wil nie! Ek sal nie koning word nie!" Skaapwagter (beeswagter) kom verby, hoor geroep, wil koning wees, ruil plekke met Uilspieël en word verdrink. Uilspieël jaag trop ska= pe (beeste) huis toe en maak broer (Boer) wys dat hulle uit rivier kom. Broer en vriende (Boer) spring in rivier agter skape (beeste) aan en verdrink. (Volg op A/T/G 1535.2.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DH, 11 Jan. 1924, p.23-24; Kruger, p.65-67; OK, Mei 1905, p.8. Vgl. Grobbelaar I, p.133-134; IX, p.15-16.

Variant (word as verhaal van Slim-Jan en Dom-Jan vertel, volgende op A/T 1535). Slim-Jan wil Dom-Jan oor doodslaan van perd in rivier verdrink. Steek hom in sak, maar vlug vir verbyganger omdat hy bang is vir gereg. Verbyganger is beeswagter, en hy vra wie in sak is. Dom-Jan antwoord: "Die bruidegom. Maak my los, en jy kan bruidegom wees." Dom-Jan smyt sak met beeswagter in rivier en vat trop.

DB, 19 Des. 1941, p.23.

Klipsop (A/T 1539). Landloper (Uilspieël) kom by plaashuis en sê hy kan sop kook van klip. Kinders bring alles wat vir sop nodig is, en Uilspieël plaas dit saam met rivierklippe in soppot. Boer (of sy vrou) word bedrieg en koop pot vir groot bedrag. (Vgl. A/T 1542.)

DB, 26 Jan. 1940, p.29; Ons Erfenis; Sita, p.43; TAV, tipe 1548 (mondelinge oorlewering). Vgl. DB, 15 Nov. 1914, p.337-378; Grobbelaar XVIII, p.10-19.

Vir oudag (A/T 1541). Skelm (Uilspieël) vra Boer (Boer se vrou) geld. Antwoord dat dit vir oudag gebêre word. Skelm sê sy naam is Oudag, en hy kry al die geld.

TAV, tipe 1541 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar I, p.141; IX, p.23.

Die betowerde pot (A/T 1542 III). Uilspieël maak vuur langs pad en kook ketel (pot). Toe Boer met wa en osse aankom, krap hy kole weg, sit ketel op warm grond en slaan dit met swepie (trommel met twee stokke op deksel). Sê vir Boer dat ketel sonder vuur kook. Boer ruil ketel en swepie vir wa en osse (baie geld). (Vgl. A/T 1539.)

DH, 11 Jan. 1924, p.23; Ons Erfenis; TAV, tipe 1635.23 (mondelinge oorlewering).

Vreemde name veroorsaak onmin (A/T/G 1562G.1).* Ou man en vrou het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mekaar nog nooit harde woorde toegevoeg nie. Uilspieël (Slim-Jan) wed dat hy dit sal regkry. Verhuur hom aan egpaar en sê vir een sy naam is Waar's-hy en vir ander sy naam is Hier's-hy (of Daar's-hy). Ou man en vrou begin na hom soek. Een roep: "Waar's-hy!" en ander roep "Daar's-hy!" Ou man raak vies en gee vrou drag slae. Uilspieël wen weddenskap.

DK, 4 Maart 1932; Ons Erfenis (twee voorbeelde, o.m. VS 21). Vgl. Grobbelaar XXIV, p.14-16.

Slaan maar: Vuur maak (A/T/G 1586A.2). Vriend (Uilspieël) wil Dom-Jan kastig wys hoe om vuur te maak. Plaas hand op klip en sê Dom-Jan moet slaan. Trek hand weg, en Dom-Jan slaan op klip. Dom-Jan wil tweede vriend poets bak. Kan nie klip kry en hou hand teen eie wang. Word onderstebo geslaan. (Vgl. by Swape: "Slaan maar: Wat intelligensie is", A/T/G 1586A.1).

TAV, tipe 1586. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.39-41.

Oortreder staan op eie grond (A/T 1590). Uilspieël verskyn voor kwaai Koning op skotskarvrag eie grond, want Koning het hom belet om ooit weer voete op sy grond te sit. (Vgl. A/T 1525A II: "Uilspieël steel Koning se ryperd".)

DJ, 3 Julie 1936, p.3; OK, Junie 1905, p.14; Ons Erfenis, VS 2 en 42.

Uilspieël berei hom voor vir die lewe (A/T/G 1635). Uilspieël se vader, Klaas, stuur hom na meester Tap om te leer. Aan einde van jaar eksamineer Tap vir Uilspieël in teenwoordigheid van sy vader om te wys hoe geleerd hy is, bv. 1. Vraag: Waaruit bestaan wêreld? Antwoord: Uit droog en nat. 2. Wat is nut daarvan? Antwoord: Droë om te eet, natte om te drink. 3. Vraag: In watter land groei kappers? Antwoord: In Capri. 4. Vraag: Hoe onderskei jy tussen dag en nag? Antwoord: As son opkom is dit dag; as hy ondergaan, is dit nag. Nou gee Tap vir Uilspieël opdrag om in Laplandse taal te bid, o.m.: "Pilistria limann gretschka jockei ..." Vader sê as Uilspieël dit self nie begryp nie, hoe moet Here dit verstaan? Hy beëindig Uilspieël se klasse by meester Tap, en nou berei Uilspieël hom alleen vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewe voor. Spoedig sal hy berug wees.

ZAT, Jan./Feb. 1839, p.70-74.

As mens te haastig is (A/T/G 1635.1). Uilspieël werk by Boer. Een oggend stuur Boer hom na buurman om gelling melk te leen. Hy bly jaar weg, en toe hy by deur inkom, haak sy voet sodat hy al die melk uitstort. Uilspieël sê: "Dit kom daarvan as mens te haastig is."

Ons Erfenis, VS 2. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.12-13.

Die Koning se skilder (A/T/T 1635.10). Uilspieël kry opdrag om skildery van koningsgesin te maak. Hy leef lekker en doen niks. By onthulling verduidelik hy dat net mense wat werklik van adellike afkoms is skildery kan sien. Hy trek doek weg, en niemand wil erken dat hy niks kan sien nie. (Vgl. A/T 1620: "Die Koning se nuwe klere".)

OK, Nov. 1905, p.3. Vgl. Grobbelaar XIV, p.13-19.

Die tolman (A/T/T 1635.11). Uilspieël kom met kar en donkie by tolhek. Laai donkie op kar en trek kar self deur tolhek. Tolman vra tolgeld, maar Uilspieël sê: "Vra man wat op kar sit."

OK, Nov. 1905, p.3. Vgl. Grobbelaar XIV, p.20-21.

Die muisvanger (A/T/T 1635.12). Boer huur Uilspieël om muise te vang op solder waar droëvrugte gebêre word. Doen niks en eet net. Boer wil naderhand weet hoe Uilspieël vorder. "As ek dié een vang en nog een, het ek twee." Word weggejaag.

OK, Nov. 1905, p.4; Ons Erfenis, VS 22. Vgl. Grobbelaar XIV, p.22-23.

Die hoenderboudjies (A/T/T 1635.14). Uilspieël werk as kok by Koning, en van elke hoender wat hy gaarmaak, sny hy boudjie af. Toe Koning navraag doen, sê hy hoenders is maar so. Gaan wys Koning hoe hulle op een been sit en slaap. Koning klap sy hande, hoenders skrik wakker en steek tweede been uit. Uilspieël sê Koning moes aan tafel ook hande geklap het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OK, Nov. 1905, p.13; Ons Erfenis, VS 3. Vgl. Grobbelaar XIV, p.9-12.

Die brandende lantern (A/T/T 1635.19). Dorpsraad verorden dat elkeen snags op straat lantern moet hê. Uilspieël word gevang, maar toon regter sy lantern sonder kers. Tweede verordening: daar moet kers in elke lantern wees. Uilspieël gevang, maar het dooie kers in sy lantern. Nuwe verordening dat kers moet brand. Uilspieël steek brandende lantern onder tak weg. Finale verordening: elkeen moet snags lantern met brandende kers by hom hê, en wel sodanig dat almal lig kan sien.

TAV, tipe 1635.19 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XXIV, p.4-8.

Vlieg van huis af (A/T/T 1635.20). Uilspieël maak bekend dat hy van huis se dak af gaan vlieg. Groot skare nuuskieriges versamel. Uilspieël klap kastig met arms, maar sê dan: "Ek kan natuurlik nie vlieg nie; ek wou maar net sien hoeveel dwase daar in ons dorp is."

TAV, tipe 1635.20 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.45-47.

Die gomlastiekskoene (A/T/T 1635.21). Uilspieël (of iemand anders) maak gomlastiek onder skoene vas en spring by eerste verdieping van gebou uit. Wip in lug op, al hoër en hoër, totdat hulle hom moet doodskiet om sy lewe te red (so vertel springer self).

Eie; TAV, tipe 1635.21 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XXIV, p.9-13.

Die bouvallige skoorsteen (A/T/G 1635.24). Uilspieël verhuur hom as boumeester aan Koning. Bou skoorsteenskag, maar sy werk is so swak dat handlanger dit moet vashou tot Uilspieël sy geld ontvang het. Toe laat handlanger los, en skoorsteenskag tuimel inmekaar.

DH, 11 Jan. 1924, p.23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Te sleg dat die son oor hom skyn (A/T/G 1635.25). Uilspieël (Jan Brand) gaan werk by boer (predikant). Moet vrugteboord skoffel, maar lê onder bome en slaap. Boer sê hy is te sleg dat son oor hom skyn. Uilspieël antwoord: "Dis waarom ek in koelte lê." (Vgl. A/T/G 1832A: "Astrante antwoorde".)

DK, 11 Des. 1925, p.8; Ons Erfenis, VS 31.

Uilspieël huil teen afdraand (A/T/G 1635.26). Uilspieël ry huilend op fiets teen afdraand af, want hy dink aan lang opdraand wat voorlê.

Ons Erfenis, VS 49.

Haas-en-hond (A/T/G 1635.27). Dominee nooi Swaap (klaarblyklik 'n verwarring met Uilspieël) vir ete, maar hy (Uilspieël) vertrou vrede nie. Vang haas in wip, trek groot jas aan en steek haas daaronder weg. Toe dominee hom sien, maak hy hondehok oop en sê: "Sa!" Besoeker sit haas neer en sê: "Vat hom!" Hond jaag haas, en hy (Uilspieël) eet lekker ontbyt.

DB, 28 Julie 1939, p.27. Vgl. Grobbelaar XVIII, p.20-22.

Die wynvat (A/T/G 1635.28). (Volg op voorgaande A/T/G 1635.27). Nadat Uilspieël by dominee ontbyt geëet het, sê lg. hulle moet dop wyn in kelder gaan drink. Intussen sê hy stilletjies vir bediende hy moet kelderdeur sluit en Uilspieël goed uitlooi. Toe bediende sambok lig, ruk Uilspieël swik van wynvat uit en smyt dit deur venster weg. Bediende steek sy duim in gat, Uilspieël drink dop en ransel bediende af. Vat ook twee kase voor hy wegstap.

DB, 28 Julie 1939, p.27. Vgl. Grobbelaar XVIII, p.23-27.

Die geld-donkie (A/T/G 1635.30). As Uilspieël donkie se stert optel, val daar kastig goudstuk uit. Hy verkoop donkie ten duurste, maar nou wil hy nie meer goud produseer nie. Koper kla, en Uilspieël sê hy voer donkie verkeerd. As hy goudstukke wil hê, moet hy donkie goud gee om te vreet.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXIV, p.22-28.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelse sout in kos (A/T/G 1635.31). Uilspieël word aangesê om kos te kook, want gaste kom kuier. Sout is op, en hy gebruik toe maar Engelse sout. Almal loop deur.

Ons Erfenis.

Die uil in die toring (A/T 1641 III). Uilspieël gee aan ryk boer voor dat hy waarsêer is. Boer sê daar is iets in hoë toring op plaas. Uil= spieël moet binne drie dae sê wat dit is, of hy kry loesing. Aan einde van derde dag sug Uilspieël: "Ag, ek, arme Uil!" Boer sê daar is wel uil in toring en beloon Uilspieël. (Vgl. A/T 1641: "Klaas Waarsêer".)

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.48-53.

Leer perd (donkie) sonder voer leef (A/T 1682). Uilspieël gee perd elke dag een strooihalmpie minder. Op dag toe perd net enkele halmpie kry, vrek hy. Uilspieël baie teleurgesteld dat perd dood is noudat hy geleer het om sonder voer klaar te kom.

Ons Erfenis, VS 25, TAV, tipe 1682 (mondelinge oorlewering).

Die waarheid maak vyande (A/T/G 1691B.1).*

Variant (a). Vrou wat skeel is, neem Slim-Jan (Uilspieël) in diens en kry hom jammer omdat almal hom haat oor hy die waarheid praat. "Dankie, nooi Skeeltjie," sê hy en word in pad gesteek. ("Dankie, skele juts!" en kry klap.)

DK, 4 Maart 1932, p.3; OK, Mei 1905, p.7. Vgl. Grobbelaar I, p.124-125; IX, p.6-7.

Variant (b). Uilspieël sug droewig: "Hele wêreld haat my." Voeg ná rukkie by: "Maar ek maak self daarna."

Eie. Vgl. Grobbelaar XXIV, p.29-31.

Skoene vir plaasdiere (A/T 1695). Uilspieël (Slim-Jan) kry opdrag om vir almal op plaas (aan Koning se hof) skoene te maak. Maak skoene vir werfdiere. (Vgl. A/T 1696: "Opdragte te letterlik uitgevoer".)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DB, 26 Jan. 1940, p.29; DK, 4 Maart 1932, p.3; OK, Junie 1905, p.13. Vgl. Grobbelaar XIV, p.5-8.

Opdragte te letterlik uitgevoer (A/T 1696). (Vgl. verhale onder self= de opskrif by Swape. Hierdie Uilspieël-verhale word dikwels as Swaap-verhale aangebied.)

(a) *Hardevoer.* Moet vir perde hardevoer (d.i. kaf en koring) gee. Pak krip vol klippe. Soms sny hy ook perde se lippe af en sê vir boer hulle lag oor lekker kos.

Ons Erfenis (2 voorbeelde, o.m. VS 23); Schonken, p.182. Vgl. Grobbe= laar XXVIII, p.14-15.

(b) *Sny kort.* Boer sê Slim-Jan (Uilspieël) moet gras vir perde mooi kort sny, bedoelende kort op grond. Hy sny net are af.

DK, 4 Maart 1932, p.3.

(c) *Laat koffie/tee trek.* Boer sê Slim-Jan (Uilspieël) moet kof= fie/tee goed laat trek. Bind tou aan tuit en trek koffieketel oor tafel rond, of span perde voor teekan en trek dit om huis.

DJ, 26 Feb. 1937, p.15; DK, 4 Maart 1932, p.3; Ons Erfenis, VS 24. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.16-18.

(d) *Boom in bad.* Slim-Jan kry opdrag om vir bad boom in te sit. Hy plant boom in bad. (Moontlik literêre nuutskepping.)

DK, 29 Julie 1932, p.2.

(e) *Skape skeer.* Slim-Jan help skape skeer. Hy seep skaap se gesig deeglik in soos barbier. (Moontlik literêre nuutskepping.)

DK, 5 Aug. 1932, p.6.

(f) *Ganse pluk.* Boervrou sê Slim-Jan moet ganse pluk. Hy loop in boord rond om te sien waar hy ganse aan bome te plukke kan kry.

Stellenbosch-University http://scholar.sun.ac.za

(Moontlik literêre nuutskepping.)

DK, 12 Aug. 1932, p.6.

(g) *Huis skoonmaak.* Uilspieël kry opdrag om huis deeglik skoon te maak terwyl man en vrou kerk toe gaan. Hy dra al die meubels uit en pak dit buite.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXIV, p.17-21.

(h) *Die deurwagter.* Boer gee Swaap (Uilspieël) opdrag om deur op te pas sodat niemand daar inkom nie. Toe dit warm word, breek Uil= spieël deur uit, dra dit na koelteplek toe en gaan daarop sit.

DB, 28 Julie 1939, p.27.

(i) *Vleis aan toutjie.* Swaap (kan ook Uilspieël wees) moet hond by buurman gaan haal en probeer hom dra. Word gebyt en klere verskeur. Boer sê hy moes net toutjie om sy nek gebind en "Siebie! Siebie!" ge= roep het. Wanneer hy boud vleis moet gaan haal, maak hy toutjie om vleis vas, sleep dit agter hom aan en roep: "Siebie! Siebie!" Honde van buurt kom vreet dit op.

Ons Erfenis, VS 37.

Die suinige se vark gesteel (A/T 1792). Uilspieël se suinige buurman (soms dominee) slag vark. Kla teenoor Uilspieël (koster) dat as hy vir alle bure karmenaadjies moet gee, niks van vark sal oorbly nie. Uil= spieël sê hy moet vark buite aan boom hang en gerug versprei dat vark gesteel is. Daardie nag kom steel Uilspieël vark self.

OK, Nov. 1905, p.3; TAV, tipe 1792 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XVIII, p.28-31.

Astrante antwoorde (A/T/G 1832.1).*

(a) *Die bont vark.* Uilspieël (Swaap, maar dis klaarblyklik Uil= spieël-verhaal) pas varke op. Dominee op huisbesoek vra wie baas van varke is. Uilspieël antwoord: "Daardie bonte, wanneer ek hulle kos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gee."

DB, 28 Julie 1939, p.27.

(b) *Die botter-eter.* Jan Brand (Uilspieël) werk by predikant. Botter is skaars en duur, maar hy eet net botter, al probeer predikant ook keer. Toe hy klaar is, sê predikant: "Daardie botter kos drie sjielings per pond." Jan antwoord: "Dit was dit eerlik werd, Meneer."

DK, 11 Des. 1925, p.8.

U. I. Diere: skeppingsiklus

Waar die diere vandaan kom (A/T/G 1-299). Leeu, Jakkals en Wolf was daar van altyd af met Bobbejaan as hul groot towenaar. Hulle het uit Spelonk-van-die-mond-van-die-aarde gekom en dit weer toegepak. Leeu-hulle raak moeg vir veldkos en vra Bobbejaan om vir hulle vleiskos uit spelonk te laat kom. Eers verskyn sprinkane, skerpioene en ander gog= gas, maar dit kan hulle nie eet nie. Toe kom olifante, kameelperde en renosters, maar hulle is te groot. Daarop volg voëls en ander ge= vleueldes, wat onbereikbaar is. Ten laaste kom bokke en kleinwild. Nou is Leeu-hulle in hul noppies.

Von Wielligh in DK, 13 Jan. 1928, p.3 e.v.; vgl. Bleek, p.83.

Die diere kies 'n koning (A/T/G 50.1).*

Variant (a). Diere wil Leeu as koning kies, maar Jakkals sê koning moet bo- en ondertande hê asook horings. Jakkals maak horings van byewas en word as koning gekies. Son smelt horings. Leeu val bedrieër aan en krap lang reep in hare op sy rug. Vrou Jakkals dokter hom, maar van toe af het hy grys streep oor rug.

OK, Mei 1899, p.118. Vgl. Grobbelaar I, p.52-53; IV, p.10-11.

Variant (b). Leeu roep homself as koning uit, en Jakkals is sy veld= kornet, want hy is te bang om teen Leeu te veg. Koning ontbied alle diere om dam te maak (A/T 55), en daar is baie olifantvleis te ete. Daardeur wil Leeu toon hoe sterk hy is, maar olifante was sieklik en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het vanself doodgegaan toe Leeu hulle te hard laat werk het. (Vgl. ook A/T/G 175.1: "Die waterdief gestraf".)

Von Wielligh I, p.47-49.

Variant (c). Diere besluit dat sterkste koning moet wees. Leeu verklaar homself tot koning, en Jakkals is sy veldkornet en boodskapper. Jakkals sê vir Boer dat Leeu homself koning noem, maar Boer sê hy is koning. Leeu stuur een van sy seuns na Boer toe, en Boer skiet hom dood. Van toe af is Boer en Leeu vyande. Leeu verklaar dat vee in Boer se kraal syne is, want hy is koning, en hy gaan saam met sy oudste seun om vee uit te jaag. Veewagter se kind steek Jong Leeu se baard aan brand. Hy vlug, en gras staan in vlamme so ver as hy gaan. Van toe af is Leeu bang vir vuur.

Von Wielligh I, p.49-52.

Koning Leeu se geskenke.

(a) *Horings vir die diere (A/T/G 50*.2).* Op laaste dag van groot fees wat koning Leeu gee, moet alle diere verbykom sodat elkeen present kan ontvang. Koei kry mooi horings en baie melk vir haar kalwers. Koedoe kry mooi horings, maar omdat sy vrou nie daar is nie, kry sy niks. Olifant tel sommer self horings in sy mond uit bondel op, en nou sit hulle daar vas. So is daar talle voorvalle.

Von Wielligh II, p.28-33. Vgl. Grobbelaar I, p.88-95; IV, p.18-25.

(b) *Laventel vir Muishond (A/T/G 70-99).* Groot dansparty by koning Leeu. Een wat langste aanhou, sal Koning se nuwe laventel as geskenk kry. Eindelik is net Hasie en Muishond op dansbaan oor. Hasie dans rats en ligvoets, maar Muishond hou met sy stadige pas aan tot Hasie neerslaan. Leeu gooi laventel self oor Muishond uit.

DK, 26 Mei 1933, p.7.

(c) Dassie se stert (A/T/G 70-99).

Variant (a). Eers het diere nie sterte gehad nie, maar toe kan hulle gaan haal. Dassie is te lui en sê Jakkals moet vir hom een saambring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is net paar vet skaapsterte oor, Jakkals vat een vir Dassie, maar langs pad word hy honger en eet dit stuk vir stuk op sodat niks oorbly nie. Daarom het Dassie nie stert nie.

Variant (b). Dassie is te lui om stert te gaan haal, maar gaan op ou end tog. Kry net lang dunnetjie. Sy neef leen dit by hom vir party= tjie en almal prys dit so dat hy dit nie weer wil afgee nie. Nou het Dassie g'n stert nie en sy neef, wat ook in klipskeure bly en net klei= ner en valer as hy is, het lang dunne.

Vonk, 10 Nov. 1969, p.212. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.75-76.

Krokodil is koning van die waterdiere (A/T/G 70-99). Krokodil en Leeu stry oor koningskap. Toe Leeu wil water drink, vang Krokodil hom, en Leeu stem in dat diere wat voortaan kom water drink, tol moet betaal. Olifant weier. Krokodil vang Klein-Olifant, byt sy ore en slurp af, en hy word waterdier: seekoei. Uit weerwraak vang Groot-Olifant vir Klein-Krokodil en knyp hom in spleet van boomstam vas, waar hy sterf. By volgende geleentheid vang Krokodil vir Groot-Olifant, maar sy makkers kom by en trap Korkodil so plat soos hy vandag nog is. Van toe af ver= my Olifante water waar daar krokodille is.

Von Wielligh II, p.73-77.

Koning Krokodil deel straf uit (A/T/G 70-99). Krokodil is kwaai koning. Hy gee Likkewaan, Krap, Waterskilpad, Vis en Padda opdragte, en toe hul= he dit nie na sy sin uitvoer nie, klap hy hulle so links en regs dat hul= le vandag nog plat is en dikwels uitpeuloë het.

Von Wielligh III, p.58-61. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.6-9.

Koning Krokodil en koning Aasvoël kry stry (A/T/G 70-99). Krokodil, waterkoning, wil Aasvoël, koning van voëls, straf omdat voëls met water= diere lol. Krap sê hy sal help. Knaag boomtak af en laat Aasvoël met slenterslag daaronder vaspen. Toe Krokodil kom om Aasvoël te straf, vlieg Aasvoël weg met Likkewaan, Waterskilpad en Krap wat hom probeer vashou. Een ná ander val hulle op grond. Van toe af stap Likkewaan,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waterskilpad en Krap soms in veld rond, en Aasvoël eet nie aas wat met boomtakke toegemaak is nie.

Von Wielligh III, p.61-63. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.10-13.

Hond en die koningsrol (A/T 200). Nadat diere koning aangewys het (nl. Tinktinkie), is Hond ontevrede. Hy gryp koningsrol, knyp dit onder sy stert vas en hardloop weg. Van toe af ruik honde onder mekaar se sterte om te probeer vasstel wie rol het. (Vgl. A/T/T 200B.1: "Hond: Hoekom honde onder mekaar se sterte ruik.")

TAV, tipe 200B (mondelinge oorlewering).

Die voëls kies 'n koning (A/T 221). Voëls vergader om koning te kies. Tinktinkie stel voor dat voël wat hoogste kan vlieg koning word. Hy klou ongemerk onderaan Arend se vlerkvere vas. Arend vlieg hoogste, maar dan glip Tinktinkie uit en vlieg nog hoër. Ander voëls wil hom nie as koning aanvaar nie en dreig om hom dood te maak. Tinktinkie vlieg in muisgat. Uil moet waghou terwyl voëls grawe en pikke gaan haal. Hy raak aan slaap en Tinktinkie ontsnap. Voëls wil Uil straf. Daarom kruip Uil weg en vlieg vandag nog net nâ donker uit wanneer ander voëls slaap.

Conradie, p.40-41; OK, Nov. 1896, p.14; Julie 1900, p.142; Van Zyl AII; Von Wielligh I, p.36-46. Vgl. Grobbelaar I, p.56-61; IV, p.12-17.

Variant. Dis Aasvoël wat so hoog vlieg met Tinktinkie onder sy vlerk: hy vlieg eers drie dae lank reguit na son, wanneer Tinktinkie uitglip en bo sy kop draai. Dan verdere dag, en vyfde dag keer hy terug aarde toe. Wanneer voëls agterkom dat Uil vir Tinktinkie laat ontsnap het, sê Witkraai: "Nou praat ek g'n woord meer nie." Van toe af maak hy geen geluid nie.

DU, Mei 1908, p.379; Vaughan, p.90-104.

Tinktinkie uitoorlê al die voëls op fees (A/T/G 221.1). Tinktinkie hou koningsfees. Ander voëls spot met hom, en hy sit een nâ ander op sy plek. Tog wil hulle hom nie as koning erken nie. (Volg op voorgaan-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de A/T 221.)

Von Wielligh IV, p.40-45.

Tinktinkie sluit ooreenkoms met Boer (A/T/G 221.2). Tinktinkie, verstote deur ander voëls, sluit ooreenkoms met Boer en word groot vriende met Skeermuis, wat ook altyd deur ander gejag word. Hy sal goggas vang wat Boer se vrugte vreet en lawaai maak as ander voëls kom plunder. (Volg op voorgaande A/T/G 221.1.)

Von Wielligh IV, p.40-45.

Die oorlog tussen die diere en die voëls (A/T/ 222). Diere en voëls stry heftig oor wie sterkste is. Jakkals sê hulle moet dit uitbaklei. Voëls en almal wat vlerke het, staan saam. Jakkals (soms Leeu) is generaal van viervoete. Hy sal op koppie waghou en sy stert in lug opsteek. Solank stert regop staan, weet diere dat hulle aan wenkant is, maar as hy vlag laat sak, moet hulle vlug. Geveg woed, en diere kry oorhand. Geelbytjies kom en steek Jakkals onder stert, hy laat dit sak en diere vlug. Toe verrinneweer voëls diere verskriklik. Van toe het Jakkals so 'n hangstert.

Boerevrou, Jan. 1920; DK, 13 April 1934, p.6-7; OK, April 1897, p.35; Okt, 1903, p.123-125; Nov. 1903, p.137; Von Wielligh I, p.15-20. Vgl. Grobbelaar I, p.40-51, III, p.14-25.

Variant (a). Aasvoël en Jakkals stry oor stuk aas. Loop op oorlog tussen viervoetiges en gevleueldes uit. Jakkals sê vir diere: "Hou aan solank vlagman staan!" Muggie kruip in Leeu se oor weg, luister alles af en gaan sê vir Aasvoël daarvan. Toe voëls begin swaarkry, stuur Aasvoël bye om Jakkals onder stert te steek.

DU, Junie 1908, p.416-417.

Variant (b). Jakkals en Wolf maak oorlog. Gevleueldes steun Jakkals en viervoetiges steun Wolf. Sodra Jakkals en Wolf hul sterte optel, sal oorlog begin. Wolf wag en wag, maar Jakkals doen niks. Toe lig hy sy stert, Jakkals stuur heuningby om hom te steek, en Wolf skrik so

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot dat hy op vlug slaan. So wen Jakkals oorlog.

DB, 25 Nov. 1938, p.29.

Die kleredrag van die diere en die voëls (A/T/G 222.1). (Volg op voorgaande A/T 222). Nā oorlog tussen diere en voëls is daar baie gewondes aan albei kante. Valk en makkers verpleeg voëls. Baie word bont gelap en kry nuwe snawels. Jakkals, Bobbejaan en Aap verpleeg diere en gaan net so roekeloos te werk. Daarom is baie diere vandag so vol kolle en strepe. Krokodil het sy lyf reeds voor slag met horingdoppe bedek, en Skilpad het vir hom beendop laat maak waarin hy kop en pote kan terugtrek.

Von Wielligh I, p.21-24. Vgl. Grobbelaar I, p.40-51; III, p.14-25.

Die voëls en die insekte kry stry (A/T/G 222.2). Nā oorlog teen lopende diere, minag voëls insekte wat saam met hulle geveg het. Insekte dreig om af te skei en word voor raad van voëls gedaag. Hulle verwyt mekaar op vergadering en stryd bars los. Insekte wen slag, maar voëls leer om insekte te eet. Van toe af is hulle vyande. Baie kenmerke van voëls en insekte het hulle gedurende oorlog opgedoen. (Volg op voorgaande A/T 222.)

Von Wielligh I, p.25-29. Vgl. Grobbelaar I, p.54-55; V, p.26-27.

Die visse kies 'n koning (A/T 250). Daar is g'n orde in visryk nie. Een swem regs, ander links, stamp teen mekaar, sluk mekaar in. Daar moet koning wees om na geregtigheid en orde te kyk. Vis wat vinnigste kan swem, sal koning wees. Wedstryd begin, en iemand skree: "Haring is eerste!" Tongvis, wat baie graag koning wou wees, roep nydig: "Aag, die nare ding!" Nou is Haring koning van visse, en Tongvis se mond staan nog altyd so skeef.

DH, 18 Julie 1924, p.13.

Die insekte kies 'n koning (A/T/G 275-299). Insekte besluit om eie koning te kies. Kapokvoël is raadgewer. Stel kunstigheid en dapperheid as vereistes. Koning van bye gekies as koning van alle insekte. Nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trek byeswerms teen mekaar op oor koningskap.

Von Wielligh I, p.30-35. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.14-23.

Bykoning se fees (A/T/G 275-299). Bykoning gee fees ná verkiesing tot koning van insekte. Miskruier met harde dop ontwrig hele orkes. In verwarring steel Mier koning se skêre, Spinnekop steel gare, Perdeby steel naaide, Mot steel woljasse, Vuurvliegie steel paleis se lanterns. Daarom dwarrel goggas vandag nog om ligte, want hulle wil sien of dit nie By se lanterns is nie.

Von Wielligh III, p.80-83. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.24-27.

Bykoning se dogters gaan trou (A/T/G 275-299). Bykoning se dogters moet elkeen man uitsoek. Eerste wil beste danser hê, en Muggie wen. Tweede dogter wil slim man hê. Huisvlieg antwoord beste op raaisel-vrae. Derde dogter wil nog slimmer man hê. Dis Malkopby. So kry ons muggiebye, vliegbye en malkopbye.

Von Wielligh IV, p.35-39. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.28-33.

Hoekom miere nie 'n koning het nie (A/T/G 275-299). Soveel diere en voëls teer op miere dat hulle byeenkom om saak te bespreek. Stry onder mekaar. Party wil in gate onder grond woon, ander wil sterk woning bo-op aarde bou, en so meer. Dus bly hulle verdeeld in groepe, elk met eie koning. Goggakoning het aan hulle saam met Miskruier boodskap van eensgesindheid gestuur, maar Miskruier het nog nooit daar opgedaag nie.

Boerevrou, April 1919, p.27.

U. II. <u>Diere: Jakkals</u>

Hoe Jakkals sy naam gekry het (A/T/G 1-89). Tydens groot oorlog tussen diere en voëls (A/T/ 222) het koning Leeu diere byeengeroep, en elkeen kry pligte. Jakkalse wil nie veg nie. Besluit om liewers koswa te trek, dan is daar buitendien genoeg om te snoep. Toe ander diere hulle met jukke op nekke sien, word hulle *jukhalse* genoem, en dit word la-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ter sommer *jakkalse*. Jakkalse te lui vir swaar werk en sê vir Leeu wa se wiele moet gesmeer word. Leeu roep vir Olifant, toe nog Oliefontein genoem, om by wa te bly en wiele kort-kort te olie. Van toe af trek Olifant sommer wa ook, en Jakkals en sy familie sit en snoep net heeldag.

DB, 18 Nov. 1938, p.29.

Jakkals ontsnap uit die mensvreter se kloue (A/T/G 1-69). In skraal tyd werk Jakkals en Wolf in Boer se tabakland. Wolf skoffel aanmekaar, maar Jakkals sorg dat hy feitlik alle kos kry. Daarom word Jakkals spekvet, maar Wolf bly brandmaer. Ou Mensvreter vang hulle en sit Jakkals in hok om hom nog vetter te maak. Daar is baie pampoene vir hom om te eet. Hy laat Muis en sy broers grootste pampoen uithol, kruip daarin en rol met paadjie af rivier toe. Pampoen stamp teen klip en slinger hom oor water. Ou Mensvreter pik na hom, maar dis te kort, en hy pik homself dood op skerp klip in rivier. Jakkals is gered. (Ou Mensvreter is blykbaar, ook volgens illustrasie, 'n luislang.)

Vaughan, p.30-44.

Jakkals, Kraai en Ouma Tier (A/T/G 1-69). Jakkals en Kraai gaan op reis. Uitgeput kom hulle by Ouma Tier en vra blyplek vir nag. Jakkals voel onrustig en maak verskoning dat hy soms in sy slaap praat. Terwyl hulle lê, sien hy Ouma Tier wil opstaan. Dan roep hy kastig in droom: "Daar kom hy!" Nâ derde keer gaan hy buite stap om sy kop helder te kry. Deur venster sien hy hoe Kraai se kop afgebyt word. Hy vlug.

Vonk, 17 Nov. 1969, p.22.

Jakkals en Krokodil: Jakkals kul Krokodil met water (A/T/G 1-69). Krokodil laat niemand toe om in rivier water te drink tensy hy stuk vleis betaal nie. Jakkals sê hy is groot slagter en sal vir Krokodil wors uit sy slaghuis bring. Eerste dag gooi hy haasvel wat vol klam sand gestop is diep in Krokodil se keel. Tweede dag is dit duikervelletjie vol sand. Derde dag bring hy buffelvel vol afgekoude bene, klippe en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gruis. Krokodil kla dat Jakkals se wors onsmaaklik is. Jakkals sê dan sal hy maar slagtery in rivier kom opsit. Al wat nodig is, is dat hy gat in water moet maak om vleis koel te hou. Hy grawe kastig gat deur water met sy tong weg te stoot, en so kry hy elke dag genoeg te drinke, maar gat vorder nie. Roep hulp van Hond en Kat en hul families in. Daarom lek Hond en Kat vandag nog water op.

Von Wielligh II, p.63-66.

Jakkals en Skilpad: Jakkals byt Skilpad se kop af om hom te straf (A/T/G 1-69). Jakkals kom agter dat Skilpad hom telkens verklap aan Wolf wat op sy spoor is. Nooi Skilpad om saam met hom te gaan stap. Net toe hy kop uit dop steek, byt Jakkals dit af.

OK, Junie 1896, p.68-69.

Jakkals en Leeu: Jakkals bring koning Leeu om die lewe (A/T/G 1-69). Leeu wil Jakkals oor sy ongeregtighede straf, maar Jakkals sê as Leeu hom vermoor, sal hy boet, en Ystervark is sy getuie. Leeu gryp na Ystervark, maar binne oorwenk is hy vol penne. Jakkals grawe vanggat met skerp penne onderin. Stel dooie bok aan oorkant van gat op. Toe Leeu bok wil vang, beland hy in gat op penne en Jakkals gooi hom dood.

OK, Maart 1899, p.68-69.

Jakkals se dood (A/T/G 1-69).

Variant (a). Jakkals en Krap hardloop resies (A/T/ 275), en Jakkals stort oor kloofrand in diep watergat. Krappe pak hom beet, hy verdrink, en hulle eet hom op.

Grové, p.150-169.

Variant (b). Jakkals wil Hoenderhaan nooi om saam te gaan jag, maar Haan staan en slaap met kop onder vlerk. Jakkals vra vir Hoenderhen waar sy kop en een been is, en sy sê dat hulle vroegoggend al gaan jag het. Jakkals dink dis goeie plan om jou lyf te laat slaap terwyl jou kop alleen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jag, vra sy vrou om sy kop af te kap, en dit is verby met hom.

DH, Feb. 1923, p.421-422.

Jakkals (Hasie) en Skilpad ruil vis en heuning (A/T/T 30.3). Jakkals is lus vir visse wat Waterskilpad vang en bied aan om dit by hom te ruil vir heuning. Jakkals vang patrys en verruil dit aan Ratel vir kalbas-vol heuning, maar hy eet patrys self op en laat net pote en vlerke vir Ratel bly. Op pad na rivier suig hy heuning uit koeke, smeer enkele druppels met veer deur Waterskilpad se mond en sê dat heuning uitgelek het uit kalbas. Gryp vis en verdwyn.

Vaughan, p.123-135; Von Wielligh III, p.34-39. Vgl. Grobbelaar XIX, p.20-25.

Jakkals en dooie olifant (A/T/T 30.7). Jakkals ontdek dooie olifant in veld en begin daaraan eet. Vertel vir Wolf (Tier) dat hy olifant self doodgemaak het, en Wolf gee vinnig pad. Waterskilpad sê vir Wolf dat Jakkals lieg. Wolf gaan en verdryf Jakkals. Toe hap Jakkals Water-skilpad se kop af.

OK, Junie 1896, p.68; Von Wielligh IV, p.56-60.

Jakkals en Rooikat: Jakkals steel al die kos op Rooikat se bruilof (A/T/T 30.13). Rooikat se dogter trou met Bontmuishond, en op bruilof maak Jakkals kos. Hy gooi groen hout op vuur, en in rookwolke steel Jakkals se kinders vleis. Vlermuis verklap Jakkals, en hy moet vlug. Volgende dag gee Jakkals vir Rooikat se bruilofsgaste wat by hom aankom van bruilofskos, en almal prys hom.

Grové, p.82-101. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.111-114; XXXII.

Jakkals en Bobbejaan: Bobbejaan in val gelok (A/T 35B).* Jakkals ge-vang in wip wat Boer by lammerhok stel. Daar hang hy met riem om lyf. Bobbejaan kom hom bespot, maar Jakkals sê hy skommel so vir sy gesondheid. Praat Bobbejaan om sodat hy hom verlos en riem om eie lyf bind. Nou hang Bobbejaan in lug totdat Boer hom doodskiet.

DU, Mei 1908, p.376.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkals pas kinders op (A/T 37). Jakkals word deur sy vyande (Wolf en Ratel) in Luiperd (Leeu) se grot toegemaak met groot klip voor bek. Toe Luiperd terugkom, sê Jakkals hy pas kleintjies op, maar intussen verslind hy hulle een vir een. (Gebruik selfde skelmstreek as in: "Jakkals is skoolmeester", A/T 56C). Dan oorreed hy Luiperd om klip weg te rol en ontsnap.

DU, Mei 1908, p.376-377; Vaughan, p.70-78; Von Wielligh II, p.88-93.

Jakkals wil koning wees (A/T/T 38.8).

Variant (a). Jakkals wil in Leeu se plek koning wees en doen alles in sy vermoë om sy guns te wen en dan met sy dogter te trou. Leeu word in slagyster gevang, Jakkals red hom en beskuldig generaals Tier en Beer dat hulle met Boer saamgespan het om Leeu dood te maak. Hulle vlug, en Leeu beloof sy dogter aan wie ookal hulle velle vir hom bring. Jakkals laat hulle in wolfhuis beland, Boer slag hulle af, Jakkals steel velle en gee dit vir Leeu. Hy trou met Leeu se dogter, vergiftig Leeu en roep homself tot koning uit. Sy eie onderdane verdryf hom, en hy word vandag nog gejaag.

OK, Maart 1897, p.16. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.70-75.

Variant (b). Koning (van mense) loof dogter uit aan wie ookal saam met sy leeu in vertrek gaan en lewendig uitkom. Jakkals maak vir Leeu skoppelmaai van twee rieme en laat hom daarop swaai. So kom hy veilig uit vertrek en trou met prinses. Nou hoop hy om koning te word. Intussen kla Leeu by Koning dat Jakkals hom bedrieg het, en hulle agtervolg hom. Toe Jakkals hulle sien aankom, gooi hy riem oor tent van sy perdewa en laat dit soos skoppelmaai heen en weer swaai. "Daar begin dit weer!" sê Leeu en wil nie nader gaan nie. So ontkom Jakkals.

OK, Mei 1900, p.105-106.

Jakkals en Bobbejaan: Slang as lint/serp (A/T 49A).

Variant (a). Bobbejaan stap by smouswa rond, en Jakkals is ook daar. Jakkals sien geelslang lê, tel dit op en sê dis pragtige lint. Bobbejaan wil lint hê, en Jakkals hang slang om sy nek. Nou is Bobbejaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tog te trots, totdat slang sy kop lig. Toe lê Bobbejaan oop, en van toe af is hy so bang vir slange.

Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XXIII, p.10-15.

Variant (b). Bobbejaan trek hom aan om vir nooi te gaan kuier. Jak= kals sê hy moet serp ook omsit en wys na slang wat daar lê. Bobbejaan hang slang om nek en word vasgedraai. Hy spring in water, slang laat los en word paling; dis waar palings vandaan kom.

Von Wielligh III, p.24-25. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.77-80.

Jakkals en Bobbejaan: Die slang in die kosskottel (A/T/G 49A.1). Dis Wolf se beurt om Nuwejaarsfees te gee, en jongspan vra Jakkals watter streep hulle Bobbejaan kan trek omdat hy as magistraat so streng is. Jakkals sê hulle moet slang in een van toe kosskottels sit en Bobbejaan dit laat oopmaak. Skottel beland per ongeluk tydens ete op tafel, reg voor Bobbejaan. Toe Bobbejaan deksel aflig en slang sien, val hy flou, en Jakkals is verplig om slang van gras te maak.

DJ, 19 Feb. 1937, p.13.

Jakkals (Bobbejaan) sien dat spore net by siek Leeu se grot ingaan (A/T 50A). Leeu is kastig siek en lê in grot. Diere moet hom besoek, en so kry hy maklik kos gevang. Jakkals bly egter weg, want hy sien dat spore net by grot ingaan en nie weer uitkom nie.

Goldblatt II; TAV, tipe 50A (mondelinge oorlewering); TVV, Nov. 1957, p.7.

Jakkals en Leeu: Jakkals is koningin Leeu se dokter (A/T/G 50.1). Jakkals beveel heuning vir siek koningin Leeu aan. Kry kalbasvol by Ratel, eet dit self op, vul kalbas met sand en sê dis sandsuikerheuning. Vlieë pak Vrou Leeu. Dassie en Mol moet kom waai, maar hulle speel so baie dat sy hul sterte afhap. Daarna is dit Waaierstertmeerkat se beurt. Nou dokter Jakkals met brandpeule en nieskruie. Vrou Leeu skuur haar mane af. Waaierstert slaan op vlug, en vandag nog woon hy en sy fami= lie in gate waar Leeu en Jakkals hulle nie kan bykom nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Von Wielligh III, p.70-75.

Jakkals, Duifie en Reier (Haan, Korhaan) (A/T 56A). Jakkals dreig om boom plat te druk waar Trotelduif op nes met kleintjies sit, tensy sy een vir hom afgooi. Sy doen dit, maar Reier sê vir haar dat Jakkals nie dreigement kan uitvoer nie, en dat hy ook nie kan boomklim nie. Toe hy weer kom, lag Duifie hom uit. Jakkals wil hom op Reier wreek en vra wat hy sal doen as reën van ooste, weste, noorde, suide of reg van bo kom. In lg. geval druk Reier sy kop onder sy vlerk in, Jak= kals bespring hom en knak sy nek sodat dit vandag nog so geboë is. Rei= er sê Jakkals moet bid voor hy hom eet. Jakkals vou sy hande saam, en Reier ontsnap. (Vgl. A/T 6 en A/T 122B*.)

Conradie, p.107; DK, 17 Nov. 1933, p.1; DT, Junie 1976, p.32; Lochner VI, p.134-136; Metelerkamp, p.118-127; Ons Erfenis, VS 11; OK, Sept. 1897, p.154; Vonk, 3 Nov. 1969, p.11; Von Wielligh III, p.13-23. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.58-62; p.68-69.

Variant (a). Gewone storie, maar as Jakkals probeer om Reier te vang, val hy in diep put.

DB, 1 Sept. 1912, p.222-223.

Variant (b). Jakkals kom heeltemal bedroë daarvan af. Duifie lag hom net uit toe hy haar dreig. Hy vra vir Vlakvoëltjie wat hy sal doen as reën van bo af kom, maar Vlakvoëltjie weier om sy kop onder sy vlerk in te steek.

DU, 10 Junie 1932, p.3.

Variant (c). Dis Tinktinkie wat op nes sit, en Jakkals kry met sy be= drog een van haar eiers in hande. Toe hy tweede maal kom, gooi Reier padda in sy keel af. Waar hy nou ookal gaan, vra voëls hom hoe hy van tinktinkie-eiers hou. Jakkals skaam hom so dat hy sy stert gedurig sleep.

Vaughan, p.105-113.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (d). Jakkals eet twee duifkinders in skool op. Reier vertel Ma Duif daarvan, en Jakkals gryp Reier en wil hom verskeur. Reier sê hy moet eers bid, en toe Jakkals sy oë toemaak, ontsnap Reier.

Vonk, 3 Nov. 1969, p.11.

Jakkals en Tier: Waar Tier aan sy kolle gekom het (A/T/G 56B.1). Nadat Jakkals Tier se kinders opgeëet het (A/T 37 en A/T 56C), wil Tier wraak neem. Jakkals laat Tier van krans tuimel deur half afgesnyde boomstam. Tier bespring Jakkals. Hy koes, gryp Tier aan stert en dam hom met stomp vuur by. Van toe af is Tier so vol swart kolle en beur gedurig vorentoe as iemand hom aan stert gryp.

Von Wielligh IV, p.56-60.

Jakkals is skoolmeester (A/T 56C). Jakkals sê vir Tier dat koning Leeu hom as skoolmeester aangestel het. Tier bring sewe kleintjies, maar mag eers weer met hulle praat wanneer hulle volleerd is. Eerste dag eet Jakkals een welpie op, en aand wys hy vir Tier kleintjies op 'n afstand: ses een nâ ander, en dan weer eerste ene. So hou hy aan totdat almal opgeëet is. Toe moet hy vlug, en van daardie tyd af is hy en Tier vyande. (Vgl. A/T 37: "Jakkals pas kinders op".)

De Beer, p.30-37; De Clercq, p.1-15; DGH, 15 Des. 1920, p.237-238; Grové, p.72-81; Vonk, 29 Sept. 1969, p.17; 6 Okt. 1969, p.7. Vgl. Grobbelaar XI, p.16-20.

Jakkals leer Bobbejaan en sy makkers 'n liedjie (A/T/G 56C.1). Terwyl Jakkals op vlug is vir Tier (vgl. A/T 37 en 56C) kom hy Bobbejaan en sy makkers teë en leer hulle liedjie wat hulle nie begryp nie, bv.

"Ons het Tier se kinders geëet,
ons het Tier se kinders geëet,
ons het Tier se kinders geëet,
tal de ral, de ral de dee!"

As Tier dit hoor, wil hy hulle verskeur, maar stel op ou end vas dat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

een van Jakkals se streke is.

De Beer, p.30-37; DGH, 15 Des. 1920; Vonk, 29 Sept. 1969, p.17.

Jakkals vra Patrys wat hy sal doen as die wind waai (A/T 56D). (Vgl. A/T 56A: "Jakkals, Duifie en Reier".) Jakkals het sy oog op Patrys waar sy op hopie los grond sit. Hy vra wat sy sal maak as wind van oos-te af kom, en sy lig linkervlerk. Wat sal sy maak as wind van weste af kom? Sy lig regtervlerk. Intussen het Jakkals nader gekruip en wil Patrys vang, maar sy skud sand uit haar vlerke en verblind Jakkals.

DU, Julie 1908, p.33.

Jakkals en Haan: Vrede op aarde (ook as fabel) (A/T 62). Jakkals sien Haan in top van boom sit en nooi hom om saam te gaan stap, want daar is vrede uitgeroep onder alle diere. Haan sê hy sien Boer te perd aankom met jaghonde by hom. Jakkals vlug, want hy glo nie onnosele honde weet al dat daar vrede is nie.

Conradie, p.107-108; DJ, 22 Jan. 1937, p.15; DK, 4 Sept. 1925, p.5; OK, Junie 1897, p.95; Okt. 1900, p.192. Vgl. Grobbelaar I, p.96-97; VI, p.10-11.

Jakkals, Bobbejaan en Tier: Die vasgemaakte sterte (A/T/G 78.1). Tier wil met Jakkals gaan afreken oor sy skelmstreke. Toe Jakkals hom sien aankom, sê hy Vrou Jakkals moet kleintjies knyp, en hy roep uit: "Waar-om huil julle so? Ek het dan net gister vir julle twee tiers geslag." Tier vlug en vertel Bobbejaan daarvan, maar Bobbejaan wil dit nie glo nie en self gaan kyk. Tier willig in mits hul sterte aanmekaar gebind word sodat Bobbejaan hom nie in steek kan laat nie. Toe hulle aankom, sê Jakkals: "Dankie, Bobbejaan, dat jy weer vir my tier gebring het om te slag." Tier vlug en sleep Bobbejaan aan sy stert saam. Daarom staan sy stert nog so skeef.

DU, Junie 1908, p.417; Grové, p.72-81; OK, Sept. 1896, p.136; Feb. 1904, p.24-25; Vonk, 6 Okt. 1969, p.7. Vgl. Grobbelaar I, p.101-103; VI, p.15-17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (a). Wolf vat vir Bobbejaan saam om met Jakkals te gaan afreken. Gewone afloop.

Vaughan, p.11-17.

Variant (b). Tier wil Leeu oor sy koningskap gaan beveg. Vat Bobbejaan saam en bind hul sterte aanmekaar. Leeu sê sy vrou moet kinders knyp en dan vra hy of hulle nog nie genoeg tier-, bobbejaan- en aapvleis gehad het nie.

Von Wielligh II, p.5-7.

Variant (c). Olifant het mooi boerdery, en Jakkals haal Wolf en Bobbejaan oor om daar te gaan kos steel. Olifant vang vir Wolf en Bobbejaan, maar Jakkals ontvlug. Toe bind Olifant twee gevangenes se sterte aanmekaar en looi hulle goed met sy slurp uit. Hulle beur so wat hulle kan om weg te kom, en daarom het Bobbejaan se stert vandag nog kinkel.

Vonk, 15 Sept. 1969, p.10.

Jakkals en Tier: Tier (Leeu) vlug vir eie weerkaatsing (A/T/G 92.1). Jakkals en Tier stry oor geslagte bokkapater. Jakkals vlug, en paar dae later bekruip Tier hom waar hy langs waterpoel sit. Jakkals sien hom en sê dat hy net na tiervelle kom kyk het wat hy daar ingegooi het om haar-af te gaan. Tier sien eie weerkaatsing en vlug. (Word soms gevolg deur A/T/G 2A.1: "Jakkals, Bobbejaan en Tier: Die vasgemaakte sterte.").

DK, 10 Maart 1933, p.6-7; OK, Sept. 1896, p.136. Vgl. Grobbelaar I, p.82-84; II, p.15-16; ook I, p.98-101; VI, p.12-15.

Jakkals met sy knapsak vol planne (A/T/G 105.1). Aan begin het diere nie net name en kleure gekry nie, maar elkeen ontvang wapen of slim plan om aan lewe te bly. Jakkals skraap hele knapsakvol slinkse streke bymekaar. Gebruik dit op verskillende maniere.

DB, 25 Junie 1919, p.27-29; Malherbe, p.25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkals spring doodstraf vry (Botter aan stert) (A/T 122Z). Jakkals in slagyster gevang. Boer maak vuur om hom te verbrand. Jakkals vra bietjie botter om te eet as laaste guns. Smeer dit aan sy stert. Sê hy is gereed dat Boer hom aan stert kan vat en in vuur gooi. Jakkals se botterstert glip uit Boer se hande en Jakkals is vry. (Vgl. A/T/G 175.1: "Die waterdief gestraf", en A/T 1310A.)

DK, 4 Aug. 1933, p.3; Meterlerkamp, p.88-107.

Jakkals (Wolf) leer vlieg (A/T 225). Jakkals (Wolf) wil leer vlieg. Aasvoël, Blouvalk of Kuikendief vat hom in lug op en laat hom op grond, in dam, of op eg val. As hy op eg val, is hy dood; anders oorleef hy val en sê soms dat hy as prediker na mense gekom het. (Sluit aan by Christelike geloof oor Jesus wat op wolke sal terugkeer na aarde.)

DB, 1 Nov. 1915, p.191-192; DJ, 18 Junie 1937, p.14-15; OK, Mei 1899, p.118; Vonk, 8 Des. 1969, p.21; Von Wielligh I, p.74-79. Vgl. Grobbelaar I, p.202; IX, p.30.

MODERN. Variant. Boer besluit om Jakkals oor al sy onnutsighede uit vliegtuig op eg te laat val. Terwyl Jakkals deur lug trek, skree hy vir Boer se vriende wat onder by eg staan: "Vat weg! Hier kom julle se Here!" Hulle doen dit, Jakkals land veilig en maak hom uit voete.

Dep., MGRAA I, p.15.

Jakkals en Krap hardloop resies (A/T 275). Krap byt by wegspring aan Jakkals se stert vas. By wenpaal draai Jakkals om sodat hy kan sien waar Krap is, Krap laat los en is voor Jakkals.

Grové, p.150-169; OK, Sept. 1896, p.135; Okt. 1896, p.167; Von Wielligh IV, p.22-26. Vgl. Grobbelaar I, p.181; IX, p.5.

Variant. Dit is resies tussen Skilpad en Jakkals, en Skilpad sit op Jakkals se stert.

DK, 13 Mei 1932, p.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkals en Reier in uitoorlêspel (A/T/G 1064.1). Reier hoor hoe Jakkals spog dat hy met Boer se dogter gaan trou. Gee Boer raad dat Jakkals drie opdragte moet kry om uit te voer: 1. Op nat klip dans dat stof trek. 2. Met mandjie water gaan haal. 3. In een dag eiers uitbroei. Jakkals dans met stof in sy skoene en steek kalbas in mandjie weg sodat hy water geskep kry. Nou berei Reier broeisel eiers op miershoop voor met paddas en krappe tussenin. Hulle laat Jakkals aftog blaas. Hy wil Reier straf. (A/T 56D volg: "Jakkals vra Reier wat hy sal doen as reën van bo af kom". Vgl. A/T/G 1064.2: "Jakkals-en-Wolf: Jakkals dans stof uit klip".)

Von Wielligh III, p.17-23. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.63-67.

Jakkals (Hasie) en Leeu: Die bedreiger bedrieg (A/T 1152). Jakkals en sy vrou gaan kuier. Hy kry langs pad ystervarkpen en tel dit op, want dit kom dalk te pas. Tel vervolgens ou pik en skilpad op. Hulle kom by Leeu se huis. Daar is niemand tuis nie, en hulle eet kos op. Toe hoor hulle Leeu, en hy roep van buite af. Jakkals sê met growwe stem dat hy groter en sterker as Leeu is. Hulle vergelyk kastig snorbaarde (Jakkals gebruik ystervarkpen), toonnaels (Jakkals wys pik), en vlooie (Jakkals wys skilpad). Leeu maak dat hy wegkom.

DH, Julie 1919, p.75; DK, 2 Aug. 1929, p.6; Eie. Vgl. Grobbelaar XVI, p.20-25.

Jakkals en Wildekat gaan weddenskap aan (A/T 1559). Wildekat sê Jakkals hou kastig nie van reiervleis nie net omdat hy g'n reier kan vang nie. Hulle wed: reier teen eend, en as Wildekat nie eend kan vang nie, kan Jakkals sy dogter vat. Jakkals wen en kry dogter. Volgende dag word Wildekat gedood toe hy weer eende probeer vang.

Grové, p.126-149.

U. III. <u>Diere: Jakkals-en-Wolf</u>

Die botterdiefstal/visdiefstal (A/T 1). Jakkals en Wolf sien Boer se wa aankom, en hulle beraam plan om vaatjie botter (vaatjie soutvis) te steel. Jakkals gaan lê in pad. Boer slaan hom met sweep, en hy hardloop weg. Wolf gaan lê, verduur slae, word as dood op wa gelaai, en hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rol vaatjie botter (vis) stilletjies af. Hy en Jakkals verdwyn daarmee in bos. (Gewoonlik gevolg deur A/T 15.)

Conradie, p.113-114; DB, 25 Nov. 1938, p.29; DK, 19 Feb. 1932, p.2; Grové, p.1-10; Lochner VI, p.128-129; OK, Junie 1896, p.69-70; Julie 1896, p.83; Sept. 1897, p.168; Julie 1900, p.142; Von Wielligh II, p.34-39. Vgl. Grobbelaar I, p.182-184; VIII, p.8-10; Komnick/Linde I.

Variant (a). Jakkals steel sakvol biltong van Boer se wa af.

Vaughan, p.64-66.

Variant (b). Jakkals en Wolf bou dam. Smous kom met wa daar aan. Jakkals hou Smous aan gesels terwyl Wolf vaatjie botter steel.

Ons Erfenis, VS 60.

MODERN. Variant (c). Jakkals loop Wolf op straat raak. Wolf sê hy is op pad om heuning te gaan steel, en Jakkals gaan saam. Nâ diefstal haal Jakkals vir Wolf oor om heuning eers in gat weg te steek, en hy eet alles stilletjies alleen op.

Dep., MMOND I, p.16.

Wolf, die spoggerige vryer (A/T/G 1-99). Wolf vry na Leeu se dogter en vat Jakkals saam om by pa te help pleit. Wolf wil dogter imponeer met sy sakhorlosie, maar in plaas daarvan haal hy sy snuifblik uit en moet toe maar daarna kyk. Leeu verwilder twee besoekers met sambok.

DB, 25 Feb. 1919, p.308-309.

Jakkals ontduik Wolf (A/T/G 1-99). Jakkals is wewenaar en gaan by Wolf se dogter kuier, maar Wolf hou nie daarvan nie. Meteens verskyn Wolf in deur. "Daar trek tant Wolfina met vet skaap!" sê Jakkals, en toe Wolf wegkyk, glip hy by deur uit.

OK, Junie 1896, p.68-69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkalsseun en Wolfseun (A/T/G 1-99). Twee seuns net so vol streke soos hul pa's. Steel klein eendjies, patats, kwepers en melk. Hul ouers laat hulle aan pen ry, en kwajongstreke tydelik stopgesit.

Von Wielligh IV, p.65-70.

Vang vis met stert (A/T 2). Jakkals vat Wolf na Boer se dam om vis te vang. Hulle moet hul sterte in water laat hang vir visse om te byt. Jakkals trek sy stert weer stilletjies uit, maar Wolf se stert ys vas. Jakkals gaan roep Boer. Hy dam Wolf met sambok by sodat Wolf sy stert afruk en maak dat hy wegkom.

DB, 25 Feb. 1919, p.308-309; DK, 19 Feb. 1932, p.3; Grové, p.42; OK, Junie 1896, p.69; Von Wielligh IV, p.7-10. Vgl. Grobbelaar XI, p.21-28.

"Die sieke dra die gesonde!" (A/T 4). Wolf is erg deur Boer en sy honde toegetakel (nā skaapstelery, A/T 41, of nā visvangs, A/T 2), maar Jakkals maak asof hy nog erger deurgeloop het. Ry op Wolf se rug en sing by homself: "Die sieke dra die gesonde!"

Conradie, p.115-116; DH, Feb. 1923, p.421; DK, 19 Feb. 1932, p.3; DU, Junie 1908, p.418; Julie 1908, p.33; Ons Erfenis, VS 12; OK, Junie 1896, p.68; Vaughan, p.85-89; Von Wielligh I, p.85-90. Vgl. Grobbelaar I, p.79-80; II, p.11-12.

Stert is taaiboswortel (rooikannawortel) (A/T 5). Jakkals vlug vir Wolf (Leeu) by klipskeur (gat) in, en Wolf kry hom aan stert beet. Jakkals sê dis nie sy stert nie, maar sommer taaiboswortel. Wolf kan met skerp klip daarop stamp as hy hom nie wil glo nie. Terwyl Wolf klip gaan soek, ontsnap Jakkals.

Conradie, p.116; DB, 27 Jan. 1939, p.41; DK, 3 Sept. 1926, p.6-7; Grové, p.31-40; OK, Junie 1896, p.68-69; Maart 1899, p.68-69; Des. 1903, p.169; Von Wielligh III, p.84-87. Vgl. Grobbelaar XX, p.17-19; Malherbe, p.15-17.

Jakkals en Wolf verhuur hulle aan Boer (A/T 9). Sal boord skoffel vir daaglikse rantsoene en skaap elk. Wolf doen werk, en Jakkals gaan rant-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soene haal, eet telkens sy eie op en ook helfte van Wolf s'n. Toe werk klaar is, gaan Jakkals net Wolf se skaap haal, sê dat Boer hulle gekul het, en hulle verdeel skaap. Volgende dag gaan Jakkals terug na Boer en ontvang sy eie skaap. (Vgl. tipe A/T 1561**.)

Von Wielligh III, p.45-51.

Variant: Wolf werk alleen, maar as Boer met sweep klap, spring Jakkals in water sodat dit lyk asof hy papnat gesweet is. Kry beste kos. Op ou end kom Boer bedrog agter, Jakkals maak dat hy wegkom, en Wolf word na behore vir sy werk beloon.

DJ, 30 Sept. 1938, p.1.

Jakkals hou die krans vas (A/T 9A). Jakkals word deur Wolf (Tier) vasgekeer nadat hy hom vir soveelste maal gekul het. Jakkals gaan staan onder hangklip en maak of hy dit moet ophou. Vra Wolf om oor te neem terwyl hy stutpaal gaan soek, en hy ontsnap. (Kom as deel van talle siklusse voor.) (Vgl. A/T 1530).

Conradie, p.116-117; DB, 27 Jan. 1939, p.41; DK, 27 Aug. 1926, p.6-7; 3 Sept. 1926, p.6-7; DU, Mei 1908, p.376-377; Lochner VI, p.127; Metelerkamp, p.88-107; Ons Erfenis, VS 15; OK, Jan. 1896, p.68; Maart 1899, p.68-69; Vaughan, p.78-79; Von Wielligh IV, p.71-75. Vgl. Grobbelaar I, p.193-196; VIII, p.19-22.

Jakkals laat kind doop (A/T 15). Nadat Jakkals en Wolf vaatjie botter gesteel het (A/T 1), sê Jakkals hulle moet dit nie dadelik eet nie. Intussen raak hy kort-kort weg om kastig telkens kind te laat doop: Eerste Hoepel, Tweede Hoepel, ens., tot by Boomskraap. Hy en Wolf gaan bottervaatjie haal, maar dis leeg. Jakkals sê hulle moet in son lê, dan sal botter by skuldige uitbraai. Terwyl Wolf slaap, skraap Jakkals botter van sy eie stert af en smeer dit aan Wolf s'n. Wolf kan dit nie begryp nie en sluip weg.

Conradie, p.114-115; DB, 25 Nov. 1938, p.29; DK, 19 Feb. 1932, p.2; DU, Julie 1908, p.35-36; Grové, p.1-10; Lochner VI, p.129-133; Ons Erfenis, VS 60; OK, Junie 1896, p.69-70; Julie 1896, p.83; Sept. 1897,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

p.168; Von Wielligh II, p.37-39. Vgl. Grobbelaar I, p.185-188; VIII, p.10-14.

Jakkals en Wolf steel Boer se vet (botter) (A/T/G 15.1).

Variant (a). Twee verhuur hulle aan Boer. In nag steel Jakkals al Boer se uitgebraaide skaapstertvet, smeer slapende Wolf se stert daar= mee in, eet ander vet op en gaan rus. Volgende oggend wil Boer vir Jakkals straf, maar hy sê een met stert vol vet is skuldige. Wolf moet deurloop. (Vgl. afloop van voorgaande A/T 15.)

Metelerkamp, p.47-53.

Variant (b). Jakkals en Wolf steel brood en botter in Boer se spens. Jakkals gee Wolf klip met botter bedek, en Wolf kla dat brood baie hard is. Jakkals sê hy moet aan rak vasgemaak word, dan sal brood sagter word. Toe Wolf hulpeloos is, gaan hy Boer roep, en Wolf word uitgelooi.

OK, April 1897, p.35.

Jakkals kul Wolf met vleisdraery (A/T/G 15.1).* Jakkals ontmoet Wolf wat bok gevang het in veld en bied aan om te help dra. Hy skuif hele gewig op Wolf, maar kort-kort sê hy dat vrag te swaar is, en dan moet hulle eers stuk daarvan eet. Op ou end laat hulle agterste helfte bly terwyl Wolf met voorste helfte aanstap. Jakkals gee voor dat do= ring hom gesteek het, bly alleen agter en steel helfte van bok, maar be= weer dat Wolf dit gedoen het. Oor al Jakkals se skelmstreke woon hy en Wolf nie saam in gate nie. (Vgl. A/T 1052.)

DB, 12 Jan. 1940, p.29; Von Wielligh I, p.53-58. Vgl. Grobbelaar XI, p.4-9.

Jakkals gooi warm klip in Wolf (Leeu) se mond (A/T/T 30.1). (Volg dik= wels op A/T/T 30.4 hieronder.) Jakkals braai skaap op hoë krans. Wolf kan nie daar opklim nie. Jakkals draai warm klip in vet toe en gooi dit in Wolf se mond. Wolf sterf (of herstel soms).

DB, 18 Nov. 1938, p.29; DJ, 17 Julie 1936 - 28 Aug. 1936; Du Plessis II, p.195-196; Metelerkamp, p.12-28; OK, Junie 1896, p.70; Oom Juffie;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Von Wielligh IV, p.76-80.

Variant (a). Leeu wil nie vir Jakkals van sy lekker vleis gee nie. Jakkals sê hy het geheime manier om dit te braai, maak klip rooiwarm, gooi dit in Leeu se oop mond, en hy slaan dood neer. Toe kan Jakkals rustig alles opeet.

DB, 23 Jan. 1943, p.29.

Variant (b). Wolf en Sekretarisvoël kry stry omdat Wolf sprinkane gedurig verwilder. Op ou end sluit hulle ooreenkoms: Wolf sal vir Sekretarisvoël klomp sprinkane doodrol, dan sal Sekretarisvoël vir hom klein kalfie by Boer gaan haal. Sekretarisvoël kom aangevlieg, maar i.p.v. kalf het hy warm klip. Wolf spring weg, Sekretarisvoël laat klip val, en dit tref Wolf teen nek en een agtervoet. Daarom is sy nek vandag nog styf en sy een agtervoet mank. (Vgl. A/T/T 30.11 hier= onder.)

OK, Maart 1900, p.61-62.

Variant (c). Rolle omgeruil: dis Wolf wat vleis op hoë rots braai en klip vir Jakkals (soms Leeu) afgooi. Jakkals slaan morsdood neer. So neem Wolf eindelik wraak op sy vyand.

DB, 25 Nov. 1938, p.29. Vgl. Grobbelaar XIII, p.5-9.

Jakkals fop Wolf (Leeu) met brief (A/T/G 30.2). Jakkals en Wolf gaan jag. Jakkals sê hy het iets (sy mes) by huis vergeet en moet dit eers gaan haal. Vat stuk koerant en kom daarmee by Vrou Wolf aan. Sê dis brief van haar man af. Sy kan nie lees nie, en Jakkals lê vir haar uit dat oom Wolf skryf sy moet halwe skaap, hele stert en binnevet vir hom gee. Sy doen dit. (Lees van brief gaan soms met soort rym= pie gepaard: "Him-tim-tê: // neef Wolf het gesê, // ek moet die halwe skaap hê.")

DB, 15 Okt. 1911, p.337; 25 Nov. 1938, p.29; DGH, Julie 1920, p.37; DJ, 22 Mei - 10 Julie 1936; DK, 20 Aug. 1926, p.7-8; 27 Aug. 1926, p.6-7; DU, Junie 1908, p.417; Du Plessis II, p.193-194; Metelerkamp, p.12-28; Ons Erfenis; OK, Junie 1897, p.95; Maart 1899, p.68-69;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OTa, 15 Jan. 1908, p.15; Vaughan, p.2-9; Von Wielligh IV, p.31-34. Vgl. Grobbelaar XX, p.8-11.

Jakkals hys Wolf (Leeu) met swak riem op (A/T/T 30.4). Jakkals en Wolf (Leeu) gaan jag. Jakkals kul Wolf sodat hy al die vleis kry. Hy en sy gesin soek veiligheid in kliptoring wat hulle bou (of bo steil krans). Daar braai hulle vleis, en Wolf word genooi om saam te eet. Hulle trek Wolf met swak rieme op wat telkens breek sodat hy hom byna katswink val.

DJ, 15 Mei 1936 - 10 Julie 1936; DU, Mei 1908, p.377; Grové, p.11-30.

Jakkals en Wolf en die speenvarkies (A/T/T 30.5). Wolf is kwaad vir Jakkals en keer hom vas. Jakkals sê Wolf moenie lawaai nie, want daar is speenvarkies in bos. Wolf moet voor waghou terwyl Jakkals van agter af aanjaag. Jakkals maak dat hy wegkom en gaan vertel Wolf se vrou en moeder dat Wolf g'n enkele varkie kon vang nie. Toe Wolf tuis kom, kry hy pak.

Von Wielligh II, p.40-43.

Wolf se klein agtervoetjie (A/T/T 30.11). Jakkals maak Wolf wys dat hy Boer se vrou net moet dreig om lekker eetgoed te kry. Wolf probeer dit, maar Boer se vrou val hom met outydse strykyster aan. Wolf se een ag= tervoet beland binne-in yster tussen kole en verbrand erg. By genesing is een agtervoet kleiner as ander, en so is dit vandag nog. (Vgl. A/T/T 30.1, variant b hierbo.)

Grové, p.102-125.

Wolf moet dam bou en pad maak (A/T/G 30.15). Toe Leeu drinkwater by sy nuwe huis wil hê, vertel Jakkals dat Wolf goeie dambouer en fonteingrawer is. Leeu beveel Wolf om werk binne een dag af te handel, en Wolf kry sy vriend Erdvark en sy familie om dit te doen. Toe wil Leeu pad na dam hê, en Wolf haal Olifant-hulle oor om dit te bou.

Von Wielligh III, p.84-86.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkals laat Wolf (Tier) in wip beland (A/T 35B).* Jakkals en Wolf stap verby wolfhuis (wip) waarin stuk lokvleis hang. Jakkals sê Wolf moet dit uithaal terwyl hy brandwag staan. Klipdeur val agter Wolf toe. Boer-se-seun kom en gooi riem om Wolf se nek. Hy wil Wolf by wolfhuis uitlei na plaasopstal toe, maar Wolf beur agteruit, klipdeur val en tref hom op rug. Daarom hang sy agterlyf vandag nog so.

DB, 1 Junie 1913, p.29-31.

Variant (a). Wolf beskuldig Jakkals wanneer Boer by wolfhuis opdaag. Hy belowe om Jakkals te help vang.

Von Wielligh III, p.40-44.

Variant (b). Jakkals laat Tier in wip beland. Boer se honde skraap Tier, en hy kom gehawend by sy huis aan.

Von Wielligh II, p.83-87.

Wolf word skaapwagter (A/T/G 37.1).* Boer maak Wolf skaapwagter. Hy vang Jakkals en bring hom na Boer. Jakkals beskuldig Wolf dat dit hy is wat skape wil vang. Boer maak altwee met rieme vas en gaan geweer haal. Hulle ontsnap betyds. (Volg op tipe A/T/G 35B*: "Jakkals laat Wolf in wip beland".)

Von Wielligh III, p.40-44.

Wolf pas varke op (A/T/G 37.2).* Jakkals stuur Wolf om hom as vark= wagter aan Boer te verhuur. Toe Wolf met trop varke kom, sny Jakkals hul stertjies af en steek hulle in modder. Wolf moet vir Boer gaan sê dat varke in modder weggeraak en versmoor het terwyl Jakkals trop na Wolf se kraal toe sal vat. Boer sien dwarsdeur Wolf se storie en slaan hom byna dood. Toe Wolf tuis kom, is Jakkals weg met varke.

Vaughan, p.45-53.

Wolf in houtspleet gevang (A/T 38). Jakkals en Wolf kloof hout. Jak= kals kap hout in lengte, en byl sit vas. Sê Wolf moet hout vanmekaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trek. Jakkals ruk sy byl uit, en Wolf word vasgeknyp. Daarop vat Jakkals hele skaap wat Wolf wou gebraai het.

OK, Mei 1900, p.105; Ons Erfenis. Vgl. Goldblatt I.

Jakkals en Wolf in die skaapkraal (A/T 41). Jakkals en Wolf is hond= mak, en hulle loop sommer in Boer se huis en op werf rond. Eendag kruip hulle deur skuiwergat in Boer se skaapkraal. Elkeen vang lam en begin eet. Jakkals pas telkens of hy nog deur skuiwergat kan kom. Wolf ooreet hom. Jakkals glip weg en waarsku Boer, wat Wolf byna doodslaan voordat hy ontvlug. Wolf beskuldig Jakkals van verraad, maar Jakkals sê dis Bobbejaan se werk.

Conradie, p.115; DB, 1 Junie 1913, p.29-31; 25 Nov. 1938, p.45; Gro= vé, p.31-40; Lochner VI, p.124-127; OK, Junie 1896, p.67-68; Julie 1900, p.142; Vaughan, p.80-85; Van Zijl B, p.39-41; Von Wielligh III, p.9-12. Vgl. Grobbelaar I, p.189-192; VIII, p.15-18.

Variant (a). Dis hamme wat Jakkals en Wolf in Boer se buitekamer steel. Gewone afloop.

DU, Julie 1908, p.36.

Variant (b). Jakkals vertel Boer vooraf van beplande strooptog. Hy lei Wolf in nag eers na hoenderhok, waar Boer hom met assegaai steek. By ganshok gryp Boer sy neus met gloeiende tang vas. In skaapkraal slaan Boer hom met voorhamer. Wolf dink telkens dat dit een of ander dier is wat hom so te lyf gaan.

Von Wielligh II, p.44-49. Vgl. Grobbelaar XI, p.12-15.

Wolf aan perd se stert (A/T 47A). Jakkals en Wolf loop verby slapende perd. Jakkals sê perd is dood en maak Wolf aan sy stert vas om hom weg te sleep sodat hulle hom kan gaan eet. Perd skrik wakker, hardloop weg en sleep Wolf saam. "Ysterklou in die grond slaan!" roep Jakkals vir Wolf. Riem breek en Wolf ontkom.

OK, Junie 1896, p.69; Mei 1899, p.118; Julie 1900, p.142; Ons Erfenis, VS 14; Von Wielligh I, p.80-84. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.41-42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (a). Jakkals sê Wolf moet perd ry, en hy maak hom dan vas om nie af te val nie.

DU, Julie 1908, p.32.

Variant (b), Jakkals en Wolf moet steeks perd uit veld aanjaag kraal toe. Bind Wolf aan slapende perd (voorvoet aan voorvoet en agtervoet aan agtervoet) om hom kraal toe te lei. Jakkals steek perd onder klip= pe, en hy vlug met Wolf veld in. Toe Wolf weer loskom, vra Jakkals: "Maar waarom het jy nie ysternawels in grond geslaan nie, oom Wolf?" Wolf antwoord: "Hemel of aarde kon ek nie beken nie, hoe nog ysterna= wels in grond slaan?"

Burger, 17 April 1970, p.2.

Wolf aan kameelperd vasgetuig (A/T 47C). Jakkals span Wolf in tuig om wild uit vanggat wat Boer gegrawe het, weg te sleep. Boer kom op hom af en looi hom uit. Kameelperd juis toe aan Wolf vasgetuig, en Wolf swaai heen en weer soos hy weghardloop. Eindelik breek tuig en Wolf vry.

Von Wielligh IV, p.27-30.

Wolf lees boodskap op perd se hoef (A/T 47E). Jakkals sê hy wil perde= vulletjie gaan koop. Wolf moet prys onder merrie se linkeragtervoet lees. Perd skop Wolf dat hy sterre sien.

DB, 18 Nov. 1938, p.29. Vgl. Grobbelaar XI, p.10-11.

Wolf probeer koei uitsuip (A/T 47F). Jakkals besmeer homself met wit sap van melkbos en sê dat hy aan koei gedrink het. Wolf probeer, en koei karnuffel hom met horings.

Vonk, 2 Maart 1970, p.21.

Koning Leeu is siek: Jakkals beveel wolfvel aan (A/T 50). Koning Leeu is siek, maar Jakkals kom hom nie besoek nie, en Wolf skinder oor Jakkals se wegblyery. Jakkals hoor daarvan en sê dat hy ver moes reis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om medisyne vir siek Leeu te kry. Warm wolfvel is egter die beste. Wolf word geslag (of ontvlug soms).

DH, Okt. 1919, p.169; OK, Jan. 1897, p.236; TVV, Nov. 1957, p.7; Vaughan, p.5-11; Von Wielligh IV, p.34. Vgl. Grobbelaar XX, p.12-16.

Die pratende huis (A/T 66A). Wolf versteek hom in Jakkals se huis om hom terug te betaal vir al die strepe wat hy hom al getrek het. Jakkals sien spore en roep: "My ou huis! My ou huis!" Sê dan dis snaaks dat sy huis nie antwoord nie. "Kom binne!" sê Wolf, en Jakkals lag hom uit.

DK, 20 April 1928, p.6-7; Grové, p.72-81; Vaughan, p.67-69. Vgl. Grobbelaar XX, p.20-22.

Jakkals ry op Wolf om te gaan vry. (A/T 72). Jakkals en Wolf vry na selfde nooi (Tier se dogter). Jakkals sê Wolf is eintlik sy ryperd, maar niemand wil dit glo nie. Jakkals hou hom siek en ry op Wolf se rug na nooi toe. (Soms is dit Hasie wat op Leeu ry.) (Vgl. tipe A/T 4: "'Die sieke dra die gesonde!'")

DB, 1 Okt. 1916, p.157; 10 Des. 1918, p.xlviii; DGH, Nov. 1906, p.158-159; DK, 28 Julie 1933, p.3; OK, Nov. 1897, p.202. Vgl. Grobbelaar XI, p.29-31.

Variant. Jakkals wil bruilof toe gaan, maar het nie perd nie. Praat Wolf om. By bruilofsplaas jaag hy Wolf tussen ander perde in waar hy net gras en water kry. Wolf is woedend, breek uit en gaan eet saam met bruilofsgaste.

Vonk, 16 Maart 1970, p.8.

Wolf duik in put (A/T/G 92.1). Wolf sien in put weerkaatsing van wolke wat soos netvet lyk. Jakkals hits hom aan om in te duik en vet uit te haal. Wolf roep om hulp, en Jakkals sê dat hy sy vrou en kinders wil hê. Hulle duik ook in, en Jakkals en sy gesin maak hulle uit voete.

OK, Mei 1898, p.67.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jakkals en Wolf bou huis (A/T/G 130A.1). Huis bedoel vir Wolf wat wil gaan trou (of vir koning Leeu). Jakkals werk Wolf se stert aan dak vas terwyl hulle besig is om dit te dek en kry so alle kos vir homself.

Vaughan, p.54-63; Von Wielligh IV, p.16-21.

Wolf (Beer) en die rondekop-gedierte (A/T 157). Wolf loop Jakkals vir eerste maal raak, en hulle begin gesels. Jakkals vertel hoe sterk mens is. Wolf wil graag een ontmoet. Hulle kom op ou man af. Was mens gewees, sê Jakkals. Toe seuntjie. Hy sal nog mens word. Jagter met dubbelloop-haelgeweer is mens. Wolf storm, want hy sê hy is vir niks bang nie. Jagter skiet hom vol hael, jaag hom in, ransel hom met sambok af, en steek hom toe met jagmes. Wolf vlug en kla later oor Jagter se stok wat vuur spuug, sy stert waarmee hy so verskriklik slaan, en sy ribbebeen wat so skerp is. (In verskillende optekenings gaan die Jagter sy teëstander met groot verskeidenheid wapens te lyf, en daar word talle uiteenlopende beskrywings daarvan gegee.)

Conradie, p.118-119; DB, 1 Nov. 1915, p.191; DK, 2 Maart 1928, p.8; 24 Nov. 1933, p.6-7; DU, Julie 1908, p.32-33; Ons Erfenis, VS 13; OK, Feb. 1897, p.253; Jan. 1899, p.11-12; Van Blerk, p.89-97; Von Wielligh I, p.68-73. Vgl. Grobbelaar XX, p.4-7.

Variant: Hulle ontmoet eers Hollander. Dis g'n mens nie. Toe ontmoet hulle Engelsman. Hy sal nooit mens wees nie. Laastens ontmoet hulle Boer, te perd en met geweer. Dis regte mens.

OK, Sept. 1896, p.136; Van Breemen, p.92.

Jakkals dans stof uit klip (A/T/G 1064.2). Nooi by wie Jakkals en Wolf kuier, sê sy sal trou met kêrel wat op klip kan dans dat stof staan. Jakkals maak sy skoene vol as en wen. (Vgl. A/T/G 1064.1: "Jakkals en Reier in uitoorlêspel.")

DB, 1 Okt. 1916, p.157; 10 Des. 1918, p.xlviii.

Wolf en sterk twak (A/T 1157). Variant van bekende grootlieglegende.) Wolf en Jakkals kom op Boer se geweer af. Jakkals sê dis Boer se pyp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wolf steek loop in sy mond, en Jakkals trek sneller. "Die twak is sterk!" sê Wolf en sterf.

OK, Mei 1899, p.118.

Jakkals verdeel die buit (A/T 1533). Jakkals en Wolf vang vet bok= kapater, en Jakkals verdeel buit "gelykop": hy vat twee boude, twee blaaie, twee ribbetjies en vet. Goed sê Wolf, dan vat hy kop.

Jacobs, p.116-118. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.39-40.

U. IV. Diere: algemeen

Die byekerk (A/T/G 1-99). Bobbejaan en Skilpad kom by byenes in hol miershoop. Skilpad sê bye hou kerk en sing. As Bobbejaan stok in nes steek en oor teenaan hou, sal hy mooi liedere hoor. Bye pak Bobbe= jaan, hy vlug in water en verdrink byna. Dop beskerm Skilpad.

Von Wielligh II, p.56-58. Vgl. Grobbelaar I, p.81-82; II, p.13-14.

Variant. (As afloop van Jakkals-en-Wolfvertelling A/T 1: "Die botter= diefstal/visdiefstal".) Nadat Wolf en Jakkals in son gelê het sodat botter by dief kan uitbraai, wil Wolf nie vir Jakkals glo dat hy (Wolf) skuldige is nie. Hy wil Jakkals net vat. Jakkals hoor swerm bye agter damwal en sê: "Hoor hoe mooi sing kindertjies in skool. Ek gaan kyk net gou waar hulle is." Hy glip weg.

DB, 25 Nov. 1938, p.45.

Die diere plant vrugtebome (A/T/G 9.1).

Variant (a). Bobbejaan en Skilpad plant elkeen vyeboom. Skilpad se boom groei mooi, maar Bobbejaan s'n kwyn. Hy gee Bobbejaan raad om warm water op boom te gooi, en boom vrek. Skilpad se boom dra vrugte, maar hy kan dit nie pluk nie. Vra Bobbejaan se hulp. Hy eet vye en gooi net skille vir Skilpad. Skaapwagter help Skilpad om geweer in boom te stel. Toe Bobbejaan aan riem trek, gaan skoot af, en hy skrik hom byna dood. Van toe af is hy so bang vir geweer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burger, 17 April 1970, p.2; Von Wielligh II, p.50-55; Vgl. Grobbelaar I, p.120-123; V, p.28-31; XXVII, p.31-34.

Variant (b). Skilpad plant rissieboom. Toe rissies ryp is, wip Bobbe= jaan in takke en stop kieste vol. Dit brand en Skilpad lag hom uit.

OK, April 1897, p.35.

Variant (c). Hasie en Skilpad plant perskebome. Verhaal verloop soos in (a). As Hasie alleen van Skilpad se vrugte eet, knaag Skilpad boom af, maar Hasie ontsnap. Skilpad maak sy familie bymekaar en laat hulle in gras wegkruip om Hasie les te leer. Toe maak hy Hasie skrik waar hy in gras lê en slaap. Hasie vlug, maar telkens spring een van Skilpad se familie voor hom op, en hy meen dis Skilpad self. Hasie duik in slurp van dooie olifant en skud en skommel hom verskriklik. Skilpad en sy familie dink olifant wil hulle verslind. Vlug halsoorkop. Vroeër het hulle hare op hul doppe gehad, maar hulle vlug nou so vinnig deur bosse en struike dat hare heeltemal afskuur. (Vgl. A/T 1074: "Die wed= ren tussen die diere: Bedrog met verwante".)

Vaughan, p.136-145.

Hond: Hoekom Hond by Boer bly (A/T/T 30.10). Jakkals steel haas wat Hond gevang het, en Hond karnuffel hom goed daaroor. Boer sien dit en maak maats met Hond. Hulle sal Jakkals doodmaak net waar hulle hom in hande kry.

Von Wielligh I, p.59-63. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.86.

Leeu gee dansparty (A/T/G 50.1).* Koning Leeu gee dansparty, en Hasie is musikant. Hy speel tog te lekker, maar Grootkop (Olifant, Renoster?) is jaloers en wil speel. Diere hou nie van sy musiek nie. Grootkop maak oond warm en gryp Haas aan stert om hom daarin te gooi, maar vel gly van stert af en Hasie is vry. (Vgl. "Jakkals spring doodstraf vry (Botter van stert)", A/T 122Z.)

DB, 23 Jan. 1942, p.17. Vgl. Grobbelaar XIII, p.10-15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bobbejaan en die groenmielies (A/T/G 70-99). Bobbejaan met sy wavrag kinders kom op Boer se plaas aan. Aand donker steel hulle paar sakke= vol groenmielies. Toe Boer Bobbejaan voorkeer, hou hy hom doofstom en kom weg.

Vonk, 19 Jan. 1970, p.15.

Bobbejaan se towerviool (A/T/G 70-99). Bobbejaan gaan werk by sy oom Orang-oetang en kry as beloning pyl-en-boog wat nooit mis skiet nie en towerviool wat almal aan dans sit. Wolf sien die pyl-en-boog en kla Bobbejaan aan dat hy dit by hom gesteel het omdat hy dit graag self wil hê. Bobbejaan word doodstraf in hof opgelê, maar kry vergunning om vir oulaas deuntjie op viool te speel. Almal dans tot Wolf erken dat sy aanklag vals is en Leeu vonnis herroep. (Vgl. A/T/ 592.)

Boerevrou, 25 Maart 1919, p.28; Hobson-broers.

Esel: Leeu rek onnosele Esel se ore uit (A/T/G 70-99). Koning Nobel (Leeu) gee diere hul name. Esel kan syne nie onthou nie. Leeu pak hom aan ore en rek hulle twee voet lank voordat naam hom byval. Esel bly dom en leer net twee letters van ABC. Daarom roep hy altyd: "I-i-i, a-a-a!"

Conradie, p.37; DAK, Nov./Des. 1919, p.6-7.

Hasie se kort stertjie (A/T/G 70-99).

Variant (a). Hasie moet vrou Leeu se drie melkkoeie oppas, maar raak aan slaap en koeie loop weg. Glip na mielieland, trek paar hale met hark oor sy lyf en sê vir Leeu koeie het hom gestoot. Skelm dr. Jak= kals laat Hasie in bed bly en sê hy moet goed versorg word. Nâ twee weke moet Hasie Leeu se tabakland skoffel, maar hy sit en pyp rook. Leeu bekruip hom, Hasie duik in gat, Leeu kry sy stert beet en ruk dit af. Daarom stertjie vandag so kort en spierwit soos hy geskrik het.

DB, 18 Nov. 1938, p.29; Vaughan, p.114-122. Vgl. Grobbelaar XXV, p.19-25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (b). Jakkals en sy vrou rig winkel op waar hulle sterte ver= koop. Spoggerige Hasie koop stert wat te groot en swaar is, en toe hy vir honde vlug, haak dit aan draad en skeur af. Weer na Jakkals, maar winkel is gesluit en net klein stertjie hang aan deur. Hasie moet dit maar vat.

DB, 18 Nov. 1938, p.29.

Kameelperd (Volstruis) se lang nek (A/T/G 70-99). Kameelperd loop na sterre en kyk en val in moddergat. Olifant draai sy slurp om Kameel= perd se nek en verrek dit voordat hy hom uitkry.

DU, Junie 1908, p.418. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.69-70.

Koggelmander met sy dun boudjies (A/T/G 70-99). Koggelmander is te lui om kos te soek. Toe sy vrou daaroor kla, sny hy sy eie boudvleise uit dat sy dit kan kook. Daarom is sy boudjies vandag nog so skraal.

Vonk, 10 Nov. 1969, p.22.

Leeu en Volstruis wedywer oor wie die sterkste is (A/T/G 70-99). Leeu en Volstruis brul ewe hard. Op jagtog vang Leeu een hartbees, maar Volstruis skop hele klomp plat. Daarop gaan hulle veg. Volstruis sê hulle moet hoë miershoop van weerskante af op mekaar probeer omstoot. Leeu spring en klou, maar Volstruis skop boonste stuk los sodat dit op Leeu tuimel. Hy is half verstik en verblind van stof, en Volstruis skop met sy skerp tone tot in sy ingewande en ruk lewe uit hom.

Metelerkamp, p.29-39.

Muishond gaan dans (A/T/G 70-99). Jong Muishond dans hele nag deur met volstruismeisies. Toe hy so warm-warm water drink wat sy ma vir hom bring, slaan hy morsdood neer.

Vonk, 25 Aug. 1969, p.10. Vgl. Grobbelaar XIX, p.26-31.

Ratel met die heuning in sy bloed (A/T/G 70-99). Klein-Ratel versot op heuning en steel dit uit sy pa se knapsak, maar sê hy het dit van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boom afgeskraap. Pa Ratel meng stilletjies heuning met bitteralwyn en sê Klein-Ratel moet hom gaan wys aan watter boom hy heuning gekry het. Klein-Ratel vat van die gemengde heuning en smeer dit aan boom. Toe Pa-Ratel dit proe, weet hy dat Klein-Ratel dit gesteel het. Hy jaag Klein-Ratel weg omdat hy slim genoeg is om sy eie kos te gaan soek. Hierdie Klein-Ratel met heuning in sy bloed was oupa van vandag se ratels, en hulle is nog net so lief vir heuning.

Vaughan, p.146-153.

Hasie lag tot sy lip bars (A/T/G 70.1). Hasie (Bokkie) is op eiland en wil graag deur rivier op land kom. Sê vir Krokodil dat, volgens Jakkals, die krokodil wat weet hoeveel hase daar op eiland is, koning van krokodille sal word. (Bokkie spog dat sy familie groter as dié van Krokodil is.) Hy sal Krokodil geheim vertel as hy kan sê hoeveel kro= kodille kop teen stert van eiland tot by oewer sal inpas. Krokodil weet nie, maar hy en sy maats bou brug sodat Hasie (Bokkie) hulle kan tel. Hasie (Bokkie) hardloop oor hul rûe tot op vaste grond. Ha= sie lag tot sy lip bars oor Krokodil se ontsteltenis toe hy nie vir hom wil sê hoeveel hase daar is nie. (Vgl. A/T 47A, 70 en 74D*).

DK, 2 Sept. 1932, p.1; Malherbe, p.14-15. Vgl. Grobbelaar XXIII, p.4-9.

Hond: Ou hond as redder van skaap (A/T 101). Boer jaag Hond weg omdat hy te oud geword het. Wolf sê hy sal kastig een van Boer se ramme vang, dan moet Hond ram red. Dit gebeur, en Hond in ere herstel.

DT, Feb. 1970, p.32.

Hond is Wolf se velbreier (A/T 102). Hond is maer en uitgeteer, en Wolf huur hom om velle te brei. Betaal hom twee lammers, verskaf ge= noeg vet vir breiery en twee velle. Hond gooi velle in water om sag te word, eet eerste dag een lam, tweede dag tweede lam, toe vet en vel= le. Word elke dag vetter en sterker. Eis telkens nog vet by Wolf tot hy sterk genoeg is, pak Wolf en jaag hom op loop.

OK, Julie 1896, p.83; Von Wielligh III, p.76-79. Vgl. Grobbelaar XIX, p.16-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieregesprekke (A/T 106). Haan staan op koringmied en skrop korrels vir pluimvee los. As koring begin min word, sê Kalkoen vir Gans: "Vra nog! Vra nog!" Gans skree: "Gee! Gee!" Haan hou aan met skrop en roep net nou en dan: "Mag dit maar vir ewig duur!" Anderkant mied staan Tarentaal en Makou en skinder. "Bankrot! Bankrot!" sê Tarentaal. "Waar? Waar?" fluister Makou. "In die agterstraat!" antwoord Eend snipperig. (*N.B.* Hierdie weergawe van dieregeluide vorm 'n soort eenheid, terwyl A/T/T 106.1 - 106.6 bloot weergawes van losstaande diere= geluide is en dus hoegenaamd nie as vertellings ingedeel kan word nie.)

Ons Erfenis. Vgl. DH, 4 Maart 1932, p.4; Du Toit, p.36-38; Schonken, p.107; Tante Kota, p.34; TAV, 106.2.1 (mondelinge oorlewering).

*Kat: Die geveinsde kat (fabel) (A/T 112**).* Klein muisies verlaat nes om wêreld te leer ken. Ontmoet Koei en vrees haar groot horings. Moe= der Muis sê Koei is nie gevaarlik nie. Ontmoet Boer, maar Moeder Muis sê hy sal hulle niks maak as hulle hom nie pla nie. Ontmoet dier wat so vriendelik praat en hul vertroue wen. Moeder Muis sê dis geveinsde Kat wat hulle sal verslind.

OK, Junie 1898, p.80. Vgl. Grobbelaar XIII, p.28-31; XLI, p.8; XLVI, p.66.

Hond: Hasie steel Hond se stewels (A/T/G 119A.1).* Hond besig om sy rooi stewels aan te trek, toe Haas daar opdaag. Leen stewels om te voel hoe hulle sit, maar wil hulle nie weer teruggee nie. Daarom jaag Hond vandag nog vir Haas om sy stewels terug te kry.

DK, 6 April 1934, p.1.

Wolf en die sewe bokkies (A/T/ 123). Moeder Bok (Vark) gaan kos soek en laat kleine alleen tuis met waarskuwing om deur nie vir vreemdelinge oop te maak nie. Wolf kom daar aan, maar sy stem te diep. Maak stem sagter met spek (stroop, of sluk gloeiende kole/warm yster in om stem= bande te rek). Probeer weer. Kleine sien poot en weier toegang. Wolf smeer sy poot (hele lyf) wit met meel, hulle laat hom binne en word ingesluk. Moeder kom, volg meelspoor, sny Wolf se maag oop waar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hy lê en slaap, haal kleintjies uit, en stop maag vol klippe en sout. Wolf word dors, wil water drink, val in kuil en kom om.

DK, 9 Maart 1934, p.2-3; Postma, p.32-40; TAV, 123 (mondelinge oor= lewering).

Variant. Ma en Pa woon met hul twee kinders, Johan en Marietjie, in huisie diep in bos. Eendag gaan ouers winkel toe, en Ma sê kinders moet huis sluit en nie weer oopmaak tot hulle haar liedjie hoor sing en drie kloppies gee nie:

"Doedoe, mama Rosie.
Ek kom van die eiland,
Bonsiena! Bonsiena!
Tienge-lieng! Maak oop die deur.
Tok! tok! tok!"

Skaar is ouers weg, of Wolf, wat alles gehoor het, kom sing liedjie voor deur en klop. Johan sê hulle moet oopmaak, maar Marietjie sê dis nie moeder se stem nie, en buitendien was daar net twee kloppies. Johan maak tog oop, Wolf kom binne en sluk kinders in. Ruk later kom ouers tuis, Ma sing en klop, maar daar is geen antwoord nie. Pa gryp byl en kap deur oop. Daar lê versadigde Wolf en slaap. Pa kap sy kop af en sny sy maag oop, en Johan en Marietjie kruip ongedeerd uit.

Lamprecht, TM 238.

Die reisende diere se nagverblyf (A/T 130). Esel word te oud, en baas wil hom wegmaak. Hy vlug en ontmoet Hond, Kat en Hoenderhaan, wat ook te oud is. Kom teen donker by huis waar mense (soms rowers) aan tafel sit. Maak lawaai en mense maak dat hul wegkom. Diere eet en slaap in huis. Mense stuur spioen. Meen Kat se oë is kooltjies en steek vuur= houtjie daarin. Kat krap, Hond ruk stuk uit broek, Esel skop hom, Haan kraai. Spioen sê vir makkers iemand het hom met mes gesny, toe skeur iemand sy broek, iemand slaan hom met altwee vuiste, en nog ie= mand skree: "Slaan dood!" Hulle gaan nie weer terug na huis nie.

OK, Jan. 1897, p.235. Vgl. Burger, 17 April 1970, p.2; Komnick/Linde II; Lochner III, p.45-49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant. Meulenaar se donkie, hond, kat en twee eende moet vir hulle= self sorg nadat diewe meulhuis geplunder het. Gewone verloop. Nadat hulle rowers verdryf het, grawe hond sak vol goue ponde in boshut uit. Hulle vat dit na meulenaar en leef almal gelukkig saam.

DK, 9 Julie 1926, p.6.

Erdvark en Bobbejaan in skaapklere (A/T/G 150-199). Erdvark en Bobbe= jaan vermom hulle met skaapvelle om Boer se lammers te steel. Boer herken hulle in kraal en maak hulle aan paal vas. Erdvark grawe paal los, en hulle ontsnap. Van toe af eet Erdvark net miere.

OK, Julie 1896, p.80; Von Wielligh IV, p.14-15.

Ratel en Boer: Ratelseun en Boerseun kul hul ouers (A/T/G 150-199). Boer verruil gansies vir heuning aan Ratel, maar Boer se ganse bly weg= raak, en Ratel se heuningsak wil nie vol word nie. Kom agter dat dit hul seuns is wat skelmpies heuning en gansies aan mekaar verruil.

Von Wielligh II, p.68-72.

Ondankbare slang terug onder klip (fabel) (A/T/ 155). Slang (Luislang) vasgeknel deur klip. Verbyganger (Bobbejaan, Boesman, Muishond, Skil= pad) ontset hom, en Slang wil weldoener pik. Jakkals kom daar aan, kan kastig nie verstaan wat gebeur het nie en sê Slang moet vir hom wys waar hy gelê het. Dan rol hy klip weer op Slang en alles is soos dit was.

DJ, 28 Jan. 1938, p.3; Du Plessis II, p.81-84; Friedenthal, p.56-57; Hattingh I, p.154; Leipoldt I, p.24-37; Malherbe, p.34-37; Ons Erfe= nis, VS 6; Vonk, 26 Jan. 1970, p.11, Von Wielligh III, p.27-28.

Variant (a). Boer bevry Slang onder klip (of dra hom in sak uit branden= de bos), en as Slang hom wil pik, gaan hulle eers een of twee ander se opinie vra (Boom, Hasie, Hiëna, Koei of Perd), wat almal sê dat Boer moet sterf, voordat hulle by Jakkals kom. Jakkals word soms deur Boer met vet hamel beloon.

Hattingh I, p.153-155 (5 voorbeelde). Vgl. Grobbelaar I, p.9-12; II, p.6-10; XLI, p.14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant (b). Hasie sien Wolf in skeur onder klip vasgeval. Wolf gryp Hasie nadat hy hom bevry het. Hulle vra Eend se opinie, en klip word weer op Wolf gerol.

Hattingh I, p.153.

Wolf en die jagter wat deur weerlig doodgeslaan is (A/T/G 169.1).* Weerlig slaan Jagter in veld dood, en hy bly net so staan met geweer in sy hande. Wolf keer bokke aan, maar Jagter skiet nie. Wolf piets hom met sy karwats. Dit krul om Jagter se been en tref Wolf in sy mond. Dadelik gooi Wolf sweep weg, val op sy knieë en vra om vergifnis, want hy meen dis Jagter wat hom geraps het.

Vonk, 8 Sept. 1969, p.19.

Die teerpop (A/T 175). Boer maak teerpop om Bobbejaan te straf oor skaapstelery (of Wolf maak teerpop om Jakkals te straf oor skelmstukke). Plaas dit iewers (by skuiwergat in kraalmuur, of langs voetpad). Slag= offer kom verby en word kwaad as pop hom nie wil antwoord nie. Slaan met een voorvoet, ander voorvoet, agtervoete, kop, stert tot hy heelte= mal vassit.

Grové, p.49-50; OK, Feb. 1897, p.253; Mei 1899, p.118; Von Wielligh III, p.64-69. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.87-88.

Varianté: Etlike variante bestaan waar 'n dier sy slagoffer met die een of ander klewerige stof vasvang, nl. Bobbejaan vir Jakkals, Dassie vir Tier, en Skilpad vir Hasie. Dié tema vorm ook 'n hoofbestanddeel van die belangrike sprokie "Die waterdief gestraf" (A/T/G 175.1).

Grové, p.49-59; Vaughan, p.18-29; Von Wielligh II, p.15-19; III, p.64-69. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.54-57.

Die waterdief gestraf (A/T/G 175.1). In groot droogte bou diere dam, maar Hasie (Jakkals, Steenbok) wil nie help nie. Toe dam klaar is, steel hy snags water. Verskillende brandwagte telkens uitoorlê. Ein= delik laat Skilpad sy dop met pik/teer/byewerk/voëlent insmeer, lê soos skepklip by dam, en dief sit aan hom vas (soos in A/T 175: "Die teerpop").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Smeek dat diere nie sy stert met vet moet insmeer en sy kop teen rots verpletter nie. Hulle probeer juis dit doen, Hasie glip los en ont= kom. (Vgl. A/T 122Z: "Jakkals spring doodstraf vry".)

DJ, 25 Jan. 1935, p.6; DU, Mei 1908, p.377-378; Hattingh I, p.84-85 (3 variante); Hoh on-broers; Metelerkamp, p.88-107; OK, Maart 1897, p.15-16; Aug, 1897, p.135; Julie 1900, p.141; Van Blerk, p.107-117; Von Wielligh II, p.20-27. Vgl. Grobbelaar I, p.104-112; VII, p.21-29; XLI, p.39-41.

Erdvark kry 'n plat stert en verloor sy tande (A/T/G 200.1). Erdvark en Bobbejaan is vriende, en hulle steel Boer se lammers. Boer stel vanghok op. Klipdeur val op Erdvark se stert; daarom is dit vandag nog so dik. Daarna trek Erdvark per ongeluk gestelde geweer af en ver= loor al sy tande.

Von Wielligh IV, p.11-13. Vgl. Grobbelaar XIX, p.4-7.

Erdvark soek sy tandesalf (A/T/G 200.2). Nadat Erdvark gestelde geweer afgetrek en sy tande verloor het (A/T/G 200.1 hierbo), stuur Leeu vir hom kalbassie tandesalf saam met miere. Daarom grawe Erdvark vandag nog in miershope rond om tandesalf te soek. Beleef allerhande avon= ture, soos toe Jakkals belowe om vir hom tandesalf van heuning, volstruis= eiers en donkiemelk te maak. Elke keer kom Erdvark swakste daarvan af.

Von Wielligh IV, p.50-55. Vgl. Grobbelaar XIX, p.8-9 en 10-15.

Vark se verlore erfenis (A/T/G 200.3). Erdwurm en sy broers moet Vark se erfenis wegbring omdat Vark te laat by Leeu se fees opgedaag het. Dis groot houtskottel waarin saans vanself kos en water kom. Hulle be= grawe dit, en dit raak verlore. Eindelik gee Boer vir Vark trog en kos en sit hom in hok. Vark word vet, maar Hond bly maer. Boer laat hulle omruil, en toe Hond vet genoeg is, sê Boer: "Nou kan ons hom slag." Hond skrik so groot dat hy Vark aan sy oor hok toe sleep en self nooit weer in hok wil gaan nie.

Von Wielligh IV, p.46-49. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.26-29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hond: Hoekom honde onder mekaar se sterte ruik (A/T/T 200B.1). Hond op pad na Leeu met geneeskruie. Raak aan slaap onder boom en bye pak hom oor sterk reuk van kruie. Hond vlug en verloor kruie. Nou ruik honde nog onder mekaar se sterte om vas te stel wie Leeu se geneeskruie het sodat hy sy straf kan kry. (Vgl. A/T 200: "Hond en die konings= rol".)

Von Wielligh I, p.64-67. Vgl. Grobbelaar XXVIII, p.96-98.

Bok: Die leuenagtige bok (A/T 212). Vader jaag al drie sy seuns weg omdat bok wat hulle moet oppas saans sê dat hy niks te ete gehad het nie. Vader moet bok dan self oppas en sien dat hy lieg. Seuns is onskuldig. (Gewoonlik inleiding tot A/T 563: "Tafeltjie-dek-jou".)

TAV, tipe 212 (mondelinge oorlewering). Vgl. Grobbelaar XXVII, p.56-59.

Skilpad: Kraaie dra Skilpad oor water (A/T/G 225A.1). Skilpad wil oorkant rivier gaan wei. Hy byt aan stok vas, en twee kraaie dra hom deur lug. Toe visse skreeu: "Hoera! Skilpad kan ook vlieg!" antwoord hy: "Dit traak julle nie!" en val in water.

DU, Julie 1908, p.36; OK, Jan. 1897, p.235; Von Wielligh IV, p.61-64. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.50-55.

Brommer en By: Waar brommers vandaan kom (fabel) (A/T/G 275-299). Brommer en By was broers, maar Brommer word lui vir werk en gaan liewers Mens se oorskiet eet. Daarom versleg hy en moet vandag selfs armste se bord uitlek, maar By maak kos vir konings.

Eie. Vgl. Grobbelaar I, p.24-27; II, p.22-25; XLI, p.60-61.

Mier: Hoekom Mier so 'n dun lyfie het (A/T/G 275-299). Mier en sy familie was vroëer groot gebou en was beesboere. Beesdiewe steel al hul vee. Mier-hulle agtervolg diewe totdat al hul kos op is. Mier sê hulle moet lyfbande stywer trek om hongerpyne te stil. Gaan voort met agtervolging totdat Mier-hulle heeltemal weggekrimp is en sulke dun middellyfies het.

Vonk, 11 Aug. 1969, p.9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waterslang: Hoe Waterslang 'n bles op sy kop gekry het (A/T/G 275-299). Waterslang wil Otter vang. Stamp kop teen rots sodat been blootgelê word. Likkewaan verpleeg hom. Plek genees, maar nou het Waterslang bles op sy kop.

TVV, Aug./Nov. 1955, p.4-5.

Hasie: Die bedroë toutrekkers (A/T 291). Hasie spog dat hy sterkste in wêreld is. Olifant en Krokodil (Seekoei) daag hom uit. Hasie kry lang tou en laat sy twee teëstanders teen mekaar trek sonder dat hulle mekaar kan sien. Hulle meen dat hulle teen Hasie wedywer en erken een nâ ander dat hy te sterk vir hulle is.

DJ, 22 April 1938, p.13; Van Aardt, p.1-4. Vgl. Grobbelaar I, p.176-180; III, p.26-30.

Spinnekop en Jig: Die beste plek om te woon (fabel) (A/T 293C).* Spinnekop woon by ryk man, maar hy kry swaar omdat daar te veel bedien= des is wat gedurig huis skoonmaak. Jig leef moeilik in arm man se voet omdat hy selfs in koue en sneeu buite werk. Hulle ruil tuistes, want by arm man is nie so baie tyd vir afstof nie, en ryk man vertroetel Jig on= der warm kombers.

OK, Okt. 1898, p.174. Vgl. Grobbelaar XLI, p.10-11.

Die wedren tussen die diere: Bedrog met verwante (fabel) (A/T 1074). Hasie (Bobbejaan, Eland) spot met Skilpad oor hy so stadig loop. Skil= pad daag hom tot wedloop uit. Hy stel sy bloedverwante al langs ren= baan op, en omdat hulle almal eenders lyk, meen sy teëstander dat dit Skilpad self is wat voorbly. Toe Hasie by wegspringplek terugkeer, wat ook wenpaal is, is Skilpad daar, en hy is oorwinnaar sonder dat hy tree versit het. (Vgl. A/T/G 9.1: "Die diere plant vrugtebome", variant c.)

Conradie, p.42-43; DJ, 30 Sept. 1938, p.14; DU, Julie 1908, p.34; Krige; Lochner II, p.34-38; VI, p.137-139; OK, Feb. 1897, p.252; Julie 1900, p.141; Van Breemen, p.91; Von Wielligh III, p.29-33. Vgl. Grobbelaar XXIX, p.40-44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Variant. Dit is Jakkals wat Skilpad aanhits om Hasie uit te oorlê en bedrog reël. Wanneer Hasie kastig wedren verloor het, sing Jakkals liedjie om hom te treiter:

Hasie Windgat herrie resies mit ou Skilpat gave'loor
Skillie hy was proppers net te ver vir hom voor
Die brêkgat vanne Hasie herrie tjêllensj mos gagee
Ma' ou Skilpat het hom onnerie tapyt ingavee.

Moddergat se mense kan nou algar mos gatyg
Lat Hasie gave'loor het en sy kop sal hy moet byg
As hy Skilpat innie pad kry, moet hy sy hoed vir hom lig
Want tien Skilpat orie vyf myl het hy lelik gaswig.

Pienaar, nr. 9.

Wolf en sy vrou ruil werk om (fabel) (A/T 1408). Omdat Wolf so oor sy vrou se huishouery kla, ruil hulle vir dag lank werk om: Wolf sorg in huis en sy vrou op plaas. Teen aand is alles in huis chaoties. Wolf sê dis beter as elkeen liewers sy eie werk doen.

Gedigte I, p.58-60.

Vark: Vark is die onbevoegde regter (fabel) (A/T/G 1551.1). Kanarie en Kraai stry oor wie mooiste kan sing. Besluit dat eerste dier wat hulle teëkom regter sal wees. Dit is Vark. Kanarie sing pragtig, maar Vark steun net terwyl Kraai sy rug krap. Kraai kras in sy oor, en Vark sê hy sing mooiste. Nou moet Kanarie se oë uitgepik word, en hy is net spyt dat hy toegestem het om onbevoegde as regter oor hom aan te stel.

OK, Junie 1898, p.80. Vgl. Grobbelaar I, p.118-119; VII, p.30-31; XLI, p.8.

Skoolmeester Jakkals vry na Tortelduifie (A/T/G 2400 e.v.). Jakkals is skoolmeester, maar hy maak vir Tortelduifie, een van sy leerlinge, ogies. Die Skoolraad ondersoek saak, en leerlinge, o.m. windmakerige Hasie, getuig. Jakkals luister by sleutelgat af, en toe hy hoor dat Skoolraad hom skuldig bevind, maak hy hom betyds uit voete voordat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle hom kan straf. (Vgl. A/T 56C: "Jakkals is skoolmeester".)

Pienaar, nr. 1. Vgl. TVV, Jan. 1980, p.12-17.

Hasie verloor sy stert (A/T/G 2400 e.v.). Hasie het eers mooi lang stert gehad waarop hy baie trots was. Hy vry na juffrou Loerie, wat in Jakkals se plek as onderwyseres aangestel is. (Vgl. voorgaande "Skoolmeester Jakkals vry na Tortelduifie".) Skoolraad kom dit te hore en besluit om hom op sy plek te sit deur sy stert af te sny. Beer, by wie Loerie inwoon, sê hy sal daarvoor sorg. Toe Hasie een aand kom kuier, laat hy hom voor stap by voordeur in, en terwyl sy stert nog agter hom aan sleep, klap Beer skielik deur toe en skerp senslem wat hy onderaan vasgemaak het, sny Hasie se stert morsaf. (Vgl. A/T/G 20-99: "Hasie se kort stertjie".)

Pienaar, nr. 2.

Hasie maak 'n vlieër (A/T/G 2400 e.v.). Hasie belowe Toktokkie dat hy vir hom vlieër sal maak, en toe hy belofte nie uitvoer nie, kla Tok= tokkie hom by hof aan. Nou moet Hasie gouspeel, of anders gaan hy tronk toe. Hasie maak vlieër, maar sorg dat Toktokkie dit op baie winderige dag toets. Vlieër sleep Toktokkie aan tou tussen klippe sodat sy hele agterkant flenters skaaf. Toktokkie daag Hasie weer voor hof, en veldkornet Jakkals is aanklaer, maar Hasie maak hom belag= lik en wen saak. Van toe af is daar vete tussen Hasie en Jakkals.

Pienaar, nr. 3.

Hasie wedywer met Jakkals om juffrou Eekhoring se guns te wen (A/T/G 2400 e.v.). Op dansparty lê Jakkals en Hasie altwee by juffrou Eekho= ring aan, en sy verkies om met Hasie te dans. Jakkals neem wraak deur paar dae daarna vomitief in Hasie se drank te gooi, en toe hy vir Eek= horing gaan kuier, word hy naar en bemors haar rok. Lede van sportklub kom dit te hore en besluit om Hasie te straf, want hy het hul naam deur modder gesleep. Hasie vlug betyds, maar hy sweer wraak teen Jakkals.

Pienaar, nr. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hasie neem wraak op Jakkals (A/T/G 2400 e.v.). (Volg op voorgaande: "Hasie wedywer met Jakkals om juffrou Eekhoring se guns te wen".) Ha= sie kom terug toe gemoedere bedaar het en reël partytjie vir alle diere by juffrou Eekhoring se huis. Vir Jakkals sê hy dat hy spesiale soort smeergoed het om sy stert nog spoggeriger te laat lyk. Hasie maak smeergoed aan en gooi o.m. spiritus en lampolie daarin. Dag van par= tytjie word Jakkals se stert goed ingevryf. Dit lyk tog te pragtig, en hy sprei dit spoggerig op mat by Eekhoring-hulle oop. Ongemerk laat Hasie vuurhoutjie daarop val. Jakkals se stert in vlamme, en Hasie red hom deur hom in los wolmat toe te rol. Nou lyk Jakkals tog te naar, en Hasie is die held.

Pienaar, nr. 5.

Hasie koop 'n motorfiets (A/T/G 2400 e.v.). Hasie skaf motorfiets aan, maar toe hy daarmee gaan ry, sit dit op loop. Hy jaag in dorp se hoof= straat af, en daar is donkiewa voor hom in pad sodat hy sommer by See= koei se winkel indraai, net toe Vark uitkom. Sy word disnis gestamp, daar is groot skade in winkel, en Hasie se motorfiets is daarmee heen. Hulle vat hom hof toe, maar hy stel sy saak so uitgeslape dat hy net opgeskorte vonnis kry en ander diere self vir hulle eie skade moet be= taal.

Pienaar, nr. 6.

Beer raak verstop en Hasie moet help (A/T/G 2400 e.v.). Beer eet te veel turksvye en raak verstop. Hasie gee hom maagspoel met behulp van wildebeeshoring. Dit help, al raak Beer in verleentheid toe Dominee hom op pad bossies toe voorkeer om vir hom te bid.

Pienaar, nr. 7.

Die wet van die ark (A/T/G 2400 e.v.). In ark is Tier veldkornet, en hy stel Hasie aan om toesig te hou dat diere nie met mekaar vermeng nie, want dis wet van ark. Jakkals steek diere op om mielies te steel waarvan hy bier vir groot partytjie brou. Diere raak smoordronk, en Jakkals se koor sing o.m.:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De ênnemals came on one by one
De's one mô riwwer to krôs
One mô riwwer to Djordan
One mô riwwer
One mô riwwer to krôs.

Hasie kom op gedoente af. Diere word streng aangespreek omdat verskillende soorte onder mekaar gevry het, en Jakkals se vonnis is dat hy alle oorblywende drank alleen moet uitdrink, en hy kry boonop twintig houe met rottang onder sy stert. Van toe af hang jakkalse se sterte so. (Vgl. A/T 222: "Die oorlog tussen die diere en die voëls".)

Pienaar, nr. 8.

Hasie en Jakkals op Nuweland (A/T/G 2400 e.v.). Hasie en Jakkals woon rugbywedstryd op Nuweland tussen Stellenbosch en Villagers by. Hulle wed vir sikspens op uitslag: Hasie steun Stellenbosch en Jakkals vir Villagers. Stellenbosch wen op laaste nippertjie. (Die verloop van die westryd word dramaties deur die verteller uitgebeeld.)

Pienaar, nr. 10.

MODERN. Gouelokkies en die drie bere (fragment) (A/T/G 2400 e.v.) Pa-Beer, Ma-Beer en Klein-Beertjie sit aan ontbyttafel. Pa-Beer sê: "Wie het my pap geëet?" Klein-Beertjie sê: "Wie het my pap geëet?" Ma-Beer sê: "Bly stil. Ek het nog nie pad ingeskep nie."

Dep., MKRO I, p.33.

MODERN. Die diere speel rugby (A/T/G 2400 e.v.). Leeu-se-span speel teen Jakkals-se-span. Leeu-hulle is te sterk, en teen rustyd is hulle 96-0 voor, alles drieë, want hulle het geen skopper nie. Ná rustyd is Duisendpoot in Jakkals-se-span, en hy sit een skepskop ná ander oor sodat hulle 99-96 wen. Leeu vra hoekom Jakkals dan nie vir Duisendpoot van begin af laat speel het nie. Jakkals antwoord dat Duisendpoot maar so lank vat om al sy skoene aangetrek te kry.

Grobbelaar XLI, p.80.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MODERN. Die mier wat geleer dans het (fabel) (A/T/G 2400 e.v.). Man wil graag ryk word en bestee jare daaraan om mier te leer dans. Vat mier na kroeg om hom daar te vertoon, maar kroegbaas meen dis een van gewone lasposte en druk hom met sy vinger dood.

Grobbelaar XLI, p.76-77.

MODERN. Die platbek-paddatjie (fabel) (A/T/G 2400 e.v.). Platbek= paddatjie gaan op reis, en aan elkeen wat hy teëkom, vra hy wat hy eet. Ruspe antwoord: "Bassies en blare!" Sprinkaan antwoord: "Bossies en gras!" Mossie antwoord: "Saadjies en wurms!" Reier antwoord: "Plat= bek-paddatjie!" Platbek-paddatjie ruk homself op en vra: "Wat jy wáár kry?"

Ons Erfenis.

MODERN. Die boer en die vis (fabel) (A/T/G 240[illegible] e.v.). Boer vang Vis in plaasdam, maar Vis pleit so mooi vir sy lewe dat Boer hom huis toe vat en in bad water sit. Haal hom elke dag rukkie langer uit water totdat Vis op droë grond kan leef. Nou werk hy vir Boer op plaas, en hy dien hom so getrou dat Boer ná paar jaar besluit om hom te beloon deur kosbaarste besitting aan hom te gee, nl. sy vryheid. Vat Vis en gooi hom terug in plaasdam. Vis sak onder water weg en verdrink.

Grobbelaar XLI, p.81-82.

U. V. Diere: voëls

Hoender gaan by Boer woon (A/T/G 220-249). Jakkals lok Hen en haar kuikens uit veiligheid van boom om vir hom te kraai en eet hulle op. Haan belet ander henne om ooit weer te kraai, en Hond oorreed hom om liewers met sy gesin by Boer te gaan woon.

Von Wielligh II, p.62-67. Vgl. Grobbelaar XXVII, p.100-106.

Tinktinkie hou hom grootmeneer (A/T/G 220-249). Tinktinkie se kleine word verskrik. Sê groot paaiboelie het met kwaai oë in hul nessie gekyk. Tinktinkie kom op Leeu af en spreek hom parmantig aan. Toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

troos hy kleine en sê paaiboelie sal hulle nie weer pla nie.

DH, 15 Aug. 1924, p.35.

Valk word kuikendief (A/T/G 220-249).

Variant (a). Hen leen Valk se skêr om haar kuikens se naels te knip. (Soms word vertel dat kuikens lastig was op Leeu se fees, en dat Valk toe skêr aan hulle gegee het om mee te speel.) Hulle laat skêr in sand wegraak. Valk kwaad en vang kuikens. Vandag nog vang Valk kuikens terwyl Hen in sand skrop om skêr te soek.

DK, 22 April 1934, p.1; Ons Erfenis. Vgl. Grobbelaar XIII, p.16-27.

Variant (b). Vroeër toe diere nog kon praat, het hulle hard gewerk en baie geld verdien. Dit word in groot kas toegesluit, en Valk dra sleu= tel. Hy moet op reis gaan en gee sleutel vir Haan-hulle. Hulle ver= loor sleutel. Toe Valk terugkom, verwilder diere hom omdat hy sleutel nie self opgepas het nie, en Valk vang kuikens uit vergelding totdat sleutel gevind sal word. Hoenders soek vandag nog, en Valk vang nog altyd kuikens.

DK, 9 Aug. 1929, p.8.

Uil oor selfsug gestraf (A/T/G 222.1). Klein voëltjie (Tinktinkie?) na son gestuur om vuur te gaan haal, want so iets was nog onbekend op aarde. Hy slaag daarin, maar vere erg geskroei. Voëls staan elkeen paar vere aan hom af; net Uil te selfsugtig en weier. Koning sê ander voëls moet niks meer met hom te make hê nie, en hulle verjaag hom net waar hy kom. Uil word liewers nagvoël en soek kos wanneer ander slaap.

DK, 14 April 1933, p.8.

Vlermuis: Hoe Muis 'n vlermuis geword het (A/T/G 222A.1).

Variant (a). Jare gelede groot balspel tussen diere en voëls. Beer voer diere aan en Arend voëls. Muis skaar hom aan kant van voëls omdat diere hom spot oor hy so klein is. Hulle maak vir hom vlerke van stuk leer. Muis is so rats dat voëls wedstryd wen. As beloning mag Muis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy vlerke behou.

DK, 1 April 1932, p.5.

Variant (b). Muis en vrou is groot skinderbekke. Word deur diere en voëls verskeur. Dokter Krap las hulle weer aanmekaar, maar vir grap laat hy los velle soos vlerke lyk. Muis-hulle vlieg weg en gaan woon in spelonk. Nou is hulle vlermuise.

Von Wielligh III, p.52-54.

Vlermuis se aanvallers slaan op vlug (A/T/G 222A.2). (Volg op A/T/G 222A.1, variant a, hierbo.) Diere en voëls bly kwaad vir Muis wat Vlermuis geword het. Wil hom in spelonk aanval. Valke, Uil en Jak= kals loop om beurt storm, maar vlug telkens vir vuurvliegies. Hulle meen dis Vlermuis wat so met stompe vuur links en regs slaan. Kat probeer ook, vuurvliegies pak om sy stert, en hy vlug verwilderd.

Von Wielligh III, p.54-57.

Duif leer nes bou (A/T 236). Duif nie by toe ander voëls leer om nes te bou nie. Mossie probeer hom wys, maar elke keer sê Duif: "Dit weet ek." Mossie vererg hom en laat Duif begaan. Daarom dra Duif vandag nog net paar stokkies vir nes aan.

Hobson, p.40. Vgl. Grobbelaar XVII, p.4-8.

Papegaai oor klikkery gestraf (A/T/G 243.1). Smous se papegaai is leuenagtig. Vertel vals dinge oor Smous se vrou wanneer hy tuis kom. Vrou betaal hom terug. Sy laat bediende een aand koffie maal, en Pape= gaai dink dis donderweer. Gooi Papegaai met tuinslang nat, en hy dink dis reën. Vrou steek kers aan en blits met spieëltjie in sy oë. Pa= pegaai dink dis weerlig. Vertel Smous by tuiskoms volgende dag van groot storm. Smous sê dis leuen, en hy gee Papegaai knip in sy tong.

DB, 15 Jan. 1913, p.527. Vgl. Grobbelaar XXII, p.16-25; Lochner VI, p.153-155.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Papegaai se eerlikheid bel [illegible] *(A/T/G* [illegible]*).* Alle diere kon eers praat. Eendag steel hulle Leeu se kos terwyl hy weg is. Toe hy terug=kom, is Papegaai al een wat skuld beken. Omdat hulle so lieg, belet Leeu ander diere om weer te praat. Net Papegaai behou vermoë.

DH, 14 Maart 1924, p.29-30.

DD. I. Patroonverhale: kettingsprokies

Die verlore vingerhoed (A/T/G 2000-2018). Hemp van Koning se varkwagter het skeur in. Vrou wil dit lap, maar vingerhoed is weg. *Ketting:* As haar vingerhoed weg is, kan sy hemp nie lap nie. As sy hemp nie lap nie, kan haar man nie varke oppas nie. As haar man varke nie oppas nie, word hulle nie vet nie, ens. Op ou end word ontdek dat vrou vingerhoed aan haar vinger het.

DH, 7 Nov. 1924, p.35.

Kan 'n jakkals op 'n rooster gebraai word? (Kinderlatyn) (A/T 2010 IA). "Aia Filijaia, kan mens 'n Akster Filijakster op 'n rooster brakster?" "Vra vir Outa Filijouta." *Ketting:* Suster Filijuster, Broeder Fili=joeder, Moeder Filijoeder, Vader Filijader. *Oplossing:* "Ja, 'n mens kan 'n Akster Filijakster op 'n rooster brakster."

DB, 29 Mei 1942, p.17. Vgl. Grobbelaar XLII, p.191-194.

Die mens begeer maar altyd meer (Sensusrym) (A/T/G 2018.1).* 1. As ek 'n man is, dan moet ek ook 'n plaas hê; as hulle my kom vra, hoe heet my plaas? Over-die-berge heet my plaas. 2. As ek dan 'n plaas het, dan moet ek ook 'n vrou hê ... Hartjie-liefie heet my vrou, Over-die-berge heet my plaas. *Ketting.* Welbemind heet my kind; Swarte-tong heet my jong; Lospetos heet my os; Lange-reep heet my sweep; Swarte-spoeg heet my ploeg, ens.

DB, 19 Junie 1942, p.17; 5 Maart 1943, p.19 (2 voorbeelde); DH, Maart 1923, p.475; Du Toit, p.84-87 (3 voorbeelde); Ons Erfenis (5 voorbeel=de). Vgl. Grobbelaar XLII, p.181-184; XLIII, p.137-142.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vertel ek. Oom Jan vra oom Piet: "Vertel my hoe jy so ryk geword het." Oom Piet: "Ek was so lank 'n arm man totdat ek had 'n hennetjie. Prys heet my hennetjie. Ek was so lank 'n arm man totdat ek had 'n haan. Kietlekaan heet my haan, Prys heet my hennetjie." *Ketting:* Wiegel=poot heet my gans; Wollerige Knoop heet my skaap; Beminu heet my kind, ens.

DB, 5 Maart 1943, p.19.

Die lied van die boom (A/T/G 2019-2020). Daar staan 'n boom in die aarde en bloei so skoon - o boom. *Ketting:* Aan die boom sit 'n tak; verder nes, eier, duif, veer, bed, man, vrou, kind, meid (meisie).

DB, 3 April 1942, p.21 (3 voorbeelde); 19 Junie 1942, p.17 (2 voor=beelde); Du Toit, p.88-94 (3 voorbeelde); Ons Erfenis. Vgl. Grob=belaar XLII, p.185-188.

Hennetjie en die mieliepit (A/T/G 2021.1). Hennetjie verstik aan mieliepit en Haantjie soek water sodat sy pit kan afsluk. *Ketting:* Dammetjie, Emmertjie, Smid, Vuurtjie, Denneboom (se bolle), Windjie, Blaasbalk. *Ontknoping:* Blaasbalk sê: "Druk my net!" Haan druk hom, en hy blaas; Windjie waai; Denneboom skud; Vuurtjie brand; Smid soldeer; Emmertjie skep; Dammetjie gee water; Hennetjie gered.

DJ, 13 Nov. 1936, p.15. Vgl. Grobbelaar XXII, p.26-31.

Die vlugtende pannekoek (A/T 2025). Man en vrou bak pannekoek. Vrou gooi Pannekoek in lug op om dit om te keer, en Pannekoek ontsnap deur skoorsteen. Hond sien hom en vra: "Waar kom jy so warm-warm vandaan?" Pannekoek antwoord: "Ek het die Paai en die Maai en die pan ontvlug. Kan jy my vang?" *Ketting:* Hasie, Tier, Wolf, Vark. *Ontknoping:* Vark uitoorlê Pannekoek en eet hom op.

DB, 21 Nov. 1941, p.21; 19 Junie 1942, p.17; DH, 28 Des. 1923, p.26; DU, Julie 1908, p.34-35; TAV, tipe 2025 (mondelinge oorlewering); Van Rooyen/Pellissier, p.172-174. Vgl. Grobbelaar XV, p.15-20; XLII, p.189-191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hok, Otjie, hok! *(A/T 2030).* Vrou koop vir haar varkie op mark. Toe sy by huis kom, wil hy nie in hok gaan nie. Sy sê: "Stok, slaan die vark!" Hy weier. *Ketting.* Vuur, Water, Koei, Man, Riem, Muis, Kat, Hond (Slang). *Ontknoping:* Hond byt Kat, tot by: Vark in hok.

DB, 29 Mei 1942, p.29; DH, 1 Feb. 1924, p.27-28; Du Toit, p.79-80; Groenewald; Prenteboek Vgl. Grobbelaar XXIX, p.45-49; XLIII, p.132-135.

Hasie wil hê dat Leeu hom moet dra (A/T/G 2030.1). Hasie en Leeu gaan jag, en Hasie wil hê dat Leeu hom huis toe moet dra. Leeu weier en sê Hond moet vir Hasie vang, maar Hond wil nie. *Ketting:* Stok, Vuur, Water, Os, Riem, Muis, Kat. *Ontknoping:* Kat jaag vir Muis.

DB, 29 Mei 1942, p.17.

Jakkals en Skilpad plant vyebome (A/T/G 2030.2). (Vgl. "Die diere plant vrugtebome", A/T/G 9.1. Verhaal verloop net soos in hierdie sprokie, maar dié keer is dit Jakkals en Skilpad.) Jakkals eet homself so vol dat tak onder hom breek. Wil hê dat Skilpad hom huis toe moet dra. Skilpad weier. Roep vir Hond om Skilpad te byt. Hond wil nie. *Ketting:* Stok, Vuur, Water, Os, Riem, Muis, Kat. *Ontknoping:* Kat jaag vir Muis. (Heel aan einde is blykbaar 'n afwyking en byt Hond nie vir Skilpad nie, maar wel vir Jakkals, want die slot lui: Jakkals loop dat hy kraak.)

DB, 19 Junie 1942, p.21.

Twee broers gaan verlore koei soek (A/T/G 2030.3). Jan en Piet moet koei gaan soek. Nadat hulle onder boom gerus het, wil Jan nie weer opstaan en verder loop nie. Piet sê: "Kierie, slaan vir Jan." Kierie weier. *Ketting:* Vuur, Water, Os, Riem, Muis, Kat. *Ontknoping:* Kat jaag vir Muis.

DB, 19 Junie 1942, p.17.

Die twee vryers (A/T/G 2030.4). Nooi gee vir Jan en Hendrik elkeen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koeël en sê sy sal trou met een wat vir haar bok skiet. Jan skiet raak, en nou wil Hendrik hê dat Jan hom moet dra. Jan weier en sê Hond moet vir Hendrik byt. Hond wil nie. *Ketting:* Slang, Stok, Vuur, Water, Os, Riem, Mes, Muis, Kat. *Oplossing:* Kat vang vir Muis.

DB, 19 Junie 1942, p.17; 5 Maart 1943, p.29.

Kat, waar's my stert? (A/T 2034). Kat jaag Muis wat by gat inspring, maar Kat byt sy stert af. Kat sê hy sal Muis se stert vir hom teruggee as Muis vir hom bakkie melk bring. Koei weier om melk te gee. *Ketting:* Hond, Stok, Vuur, Water, Os. (*N.B.* Hierdie vertelling is vermeng met A/T 2030 hierbo. Eintlik gaan Muis telkens na iemand anders omdat die Kat al meer en meer eise stel: melk van Koei, vleis van Slagter, brood van Bakker, ens.)

Du Toit, p.78-79. Vgl. Grobbelaar XLII, p.178-180.

Duif en die koringkorrels (A/T/G 2034D.1). Duif vlieg met paar koringkorreltjies (ertjiekorrels) in haar bek om vir haar kleine te gee. Sy word dors, sit korreltjies op stomp neer om water te drink, en dit val in bars. Vra vir Byl om stomp oop te kap. Hy weier. *Ketting:* Muis, Kat, Hond, Lat, Vuur, Water, Olifant, Mier. *Ontknoping:* Mier kruip in Olifant se slurp op.

DB, 21 Nov. 1941, p.21; DT, Julie 1970, p.31; Feb. 1974, p.31; Groenewald, p.43-46.

Bobbejaan met sy stukkende baadjie (A/T/G 2034D.2). Bobbejaan loop met stukkende baadjie in Boer se land en verloor sy drie koringkorrels. Vra ou Eli (skaapwagter) om met Boer te praat sodat hy land ploeg en drie koringkorreltjies kan groei. Eli wil nie. Muis moet Eli se klere kou. Muis wil nie. *Ketting:* Kat, Hond, Stok, Vuur, Water, Olifant (moet Water opslurp), Rooimier. *Ontknoping:* Rooimier kruip in Olifant se slurp op en byt hom. Op ou end is land geploeg, koring skiet pragtig en Bobbejaan ces hele mud.

DH, Jan. 1925, p.41.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Padda met die vratte op sy lyf (A/T 2042). Houtkapper koel sy voete in rivier af, toe Krap hom aan toon byt. Houtkapper swaai Byl en kap boom af. *Ketting:* Boom se vrugte val op Gompou, wat Mier-hulle se nes in sy woede oopkrap. Miere pak Slang; Slang pik Vlakvark; Vlak= vark verskrik Vlermuis in biesiepol; Vlermuis kruip in Olifant se oor; Olifant loop boomstam uit pad; Boomstam val huisie plat; Vrou van huisie woedend. Op ry af probeer sy vasstel wie skuldig is. Boom= stam sê dis Olifant, Olifant sê dis Vlermuis, ens. *Ontknoping:* Pad= da moet help om Krap te straf, maar laat Krap wegkom. Toe knyp die diere hom pimpel en pers en daar kom bulte en knoppe soos vratte op sy lyf.

DJ, 23 Feb. 1940, p.13. Vgl. Eybers, p.11-18; Grobbelaar XVI, p.26-31.

DD. II. Patroonverhale: treitersprokies

Ronde, ronde kousie ("Roodkousje") (A/T 2271). (Net verwysing na ver= haalmotief.)

Schonken, p.53.

Storie sonder einde (A/T 2301). Ryk boer sê jongman wat eindelose sto= rie vertel, kan sy dogter kry. Een kêrel vertel van boer wat ta= maai skuur vir al sy koring moes bou. Daar kom swerm sprinkane. Een gaan by gaatjie in dak in, vat korrel en vlieg weg. Tweede sprinkaan kom, ens. So hou storie ses weke lank aan. Radeloos gee ryk boer sy dogter aan kêrel.

Lochner VII, p.119-122; Ons Erfenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING D

DIE FINALE AFLOOP

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18.0.0 GRAPPE

18.1.0 Agtergrond

Grappe, sê André Jolles, dank hul snaaksigheid daaraan dat iets losgemaak word, dat iets wat gebonde was, ontbind word. Indien die gesegde: "Leer jou laste sonder klagte dra", omgekeer word tot: "Leer om te kla sonder dat jy belas is", dan word die lewenservaring waarop hierdie spreuk berus, ontbind. Soos Jolles dit verder uiteensit: "Die Mittel, über die die Sprache verfügt, um etwas zu lösen, sind ebenso zahlreich wie die Mittel, über die sie verfügt, um etwas zu binden. Jede Weise, in der Sprache einen Sachverhalt zu fasse, heder Sprachform, die dadurch entsteht, hat in dem Witz ihre komische Antipode. Wir brauchen nur, wo eine Abstraktion benutzt wird, auf das Konkrete zurückzugreifen, wo ein Bild gemeint war, auf das Buchstäbliche zurückzukommen, und die witzige lösung ist da. Was nun in der Sprache an sich möglich ist, können wir auf die Logik anwenden. Jeder Denkprozess, alle Bedingungen, Prinzipien, Gesetze und Normen des richtigen Denkens können spontan gelöst werden. Man braucht nur die Reihenfolge zu unterbrechen, ein Glied durch ein anderes zu ersetzen, von der einen Logik in die andere überzuspringen, jedesmal ergibt sich etwas, das durch seinen Widersinn, seine Gegenstreitigkeit, seine Undenkbarkeit die Form Witz annimmt."(1)

Goed word die klugtige, die verspotte of die dieper treffende humoristiese vertelling, dit wil sê ook die grap, deur die Nederlandse letterkundige J. Prinsen getipeer: "Onbezorgde zwervers door de wereld zijn ze, deze luchtige, vluchtige verhalen die door de eeuwen heen gingen van mond tot mond, zonder eenige pretentie dan een oogenblik van oppervlakkig vermaak te geven, te doen losbarsten in een gullen, luidruchtigen lach, soms ook een gemoed te treffen door een innig menschelijk gevoel of door menschelijk lijden een kortstondig soelaas te brengen in de vlakke eentonigheid van het leven. De boerden [geestige vertellings], bruisend van levenslol, in drastische vormen gierend van zinnenlust, schaterend over de misère, waartoe die altijd werkende blinde aandrift het menschdom brengen kan, ze voeren ons in de kroegen en boerenhuizen, onder het ruwe onontwikkelde volk meestal, maar ook in de woning van den deftigen magistraat. Ze vertellen een enkelen keer van een pastoor die zijn eigen varken mee helpt stelen of een dergelijke 'onaanstoote-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lijke' grap, maar bijna steeds is het over de oer-komische buitelingen, waartoe Venus, de pandemische, de stervelingen verleidt, allen, visschers, boeren, poorters, monniken en geestelijken, nonnen en begijnen, ouden en jongen."(2)

Hierdie klugtige of humoristiese strominge vind ons in die heel vroegste letterkunde, in die Oudheid, maar die eerste ware grapboek deur 'n onbekende Griekse skrywer, die *Asteia* ("Die gevatte"), stam waarskynlik uit die 9de eeu. (Vroeër is dit verkeerdelik toegeskryf aan die 4de-eeuse skrywer Hierokles, wat in Alexandrië gewoon en groot aansien geniet het.) Hier is reeds die oorsprong van grappe wat vandag nog vertel word. Daar is bv. die boer wat kla dat sy perd dood is net toe hy hom mooi geleer het om sonder kos klaar te kom. Daar word ook verhaal van 'n man wat baie realisties droom hoe hy in 'n spyker trap en sy voet beseer. "Wat kan jy anders verwag?" sê sy makker toe hy hom daarvan vertel. "Jy wil mos sonder skoene gaan slaap."

Gedurende die Laat Middeleeue en die Renaissance word vele bundels grapverhale saamgestel, en ná die uitvinding van die drukkuns is dit van die eerste boeke wat verskyn. Veral van belang is Poggio Bracciolini van Florence se beroemde *Liber facetiarum* ("Boek van snaakse stories") uit die jaar 1470, wat stof verskaf vir ander versamelings in Italië, en ook in Duitsland, Frankryk, Engeland en ander lande. Prinsen verklaar egter tereg: "Maar daarom behoeven we nog niet aan te nemen, dat ze [die klugtige vertellings] altijd langs litterarischen weg, door vertaling, tot ons zijn gekomen. Dat was een vlottende wereldstof door de overlevering steeds gewijzigd en vervormd, steeds weer elders gelocaliseerd en aan andere, misschien bekende personen vastgeknoopt, altijd weer verder verteld, tot ze ter oore kwam aan een kunstenaar, die er behagen in vond er een aardig min of meer persoonlijk verhaal van te maken, aan een spreker, die er zijn publiek mee hoopte te vermaken en zoo, één uit vele, toevallig voor ons bewaard."(3) Dis hoe dit met die verspreiding van volkskultuurgoedere, en dan ook volksvertellings, gesteld is. Volksvertellings is en bly in 'n groot mate wêreldburgers.

Afgesien van die Westerse stroming, moet die Oosterse nooit uit die oog verloor word nie. Hier is dit weer eens die beroemde Sanskrit-versameling, die *Pantsjatantra*, met sy talle verwerkings en navolgings, soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die fabels van Bidpai (Kalila en Dimra), of die *Hitopadesa* waaruit grap= motiewe in Wes-Europa oorgeneem is.(4)

Nou is daar 'n ander verskynsel wat die aandag verg, naamlik die narre of hofnarre, wat blykbaar van vroeg af oral in die wêreld voorgekom en wie se gewildheid tydens die Middeleeue 'n toppunt bereik het. In Oud-Griekeland was hofnarre, en ook in Rome, en sedert onheuglike tye in Oosterse lande, terwyl selfs die toordokters en priesters by pri= mitiewer volkere iets met hulle gemeen het. Walter Hepworth gee 'n goeie kensketring van hierdie narre tydens hul bloeityd in die Weste: "A very palpable classification is that which distinguished between such creatures as were chosen to exite to laughter from some deformity of mind or body, and such as were so chosen for a certain (to all ap= pearance generally very shallow) alertness of mind and power of repartee, - or briefly, butts and wits. The dress of the regular court fool of the Middle Ages was not altogether a rigid uniform. To judge from the prints and illuminations which are the sources of our knowledge on this matter, it seems to have changed considerably from time to time. The head was shaved, the coat was motley, and the breeches tight, with ge= nerally one leg different in colour from the other. The head was co= vered with a garment resembling a monk's cowl, which fell over the breast and shoulders, and often bore asses' ears, and was crested with a cocks= comb, while bells hung from various parts of the attire. The fool's bauble was a short staff bearing a ridiculous head, to which was some= times attached an inflated bladder, by means of which sham castigations were effected. A long petticoat was also occasionally worn, but seems to have belonged rather to the idiots than to the wits. The fool's business was to amuse his master, to excite him to laughter by sharp con= trast, to prevent the over-oppression of state affairs, and, in harmony with a well-known physiological precept, by his liveliness at meals to assist his lord's digestion."(5)

Hoewel, soos reeds gesien is, hierdie hofnarre meestal maar flou grap= makers was, geniet hulle tog aansien by die volk, en hul name word ver= al in Engeland aan grapboeke verbind om die verkope aan te help, hoewel die inhoud van die boeke niks met hulle te make het nie, maar meestal uit ouer grapboeke saamgestel is. Grapboeke bereik 'n toppunt van ge= wildheid tussen 1500 en 1700, en van die Engelse narre word bygehaal by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgawes soos: *Merry tales of Shelton* (1566?), *The jests of Scogan* (1565/66), en *Tarleton's jests* (1611). Hierdie hofnarre speel verder 'n rol in die letterkunde, bv. die beroemde Falstaff van Shakespeare, en die Franse nar Triboulet uit die tyd van Frans I wat o.m. die held word van Victor Hugo se roman *Le roi s'amuse* en van Verdi se opera *Rigoletto*. Boonop is die narre die voorlopers van die hansworse van later, wat vandag nog hul rol as beroepsgrapmakers in sirkusse speel.(6)

'n Ander verwikkeling is dat volksgrappe toegeskryf word aan narre-uit-die-volk, mense wat werklik gelewe het, of bloot denkbeeldige karakters. Hier is een van die belangrikstes die Duitse Tyl Uilspieël, reeds uit die 14de eeu. Net so gewild raak volksboeke oor domjanne, soos die Swape of *Schildbürger* oor wie die eerste volksboek laat in die 16de eeu uitgegee word. In Nederland is Jan Hanekemaaier die groot domjan, of anders word die Kampenaars uitgesonder. In Engeland is dit die mense van Gotham wat moet deurloop. So is daar die *Merrie tales of the mad men of Gotham*, wat uit die 16de eeu dateer.

Nog 'n tipe vermaaklike vertelling wat wyd inslag vind, is die groot-liegstorie. In Duitsland is daar die sogenaamde *Finkenritter* (1560) en veral baron Von Münchhausen, wie se avonture deur die Duitser Rudolph Eric Raspe in 1785 in 'n dun Engelse bundeltjie uitgegee word.

Intussen het 'n hele rits grap- of grappige boeke in verskillende Wes-Europese tale verskyn. In die Nederlande is daar die vroeë werk van Dirc Potter: *Der minnen loep* ("Die beloop van die liefde", ong. 1415), bespiegelings oor die liefde, deurspek met toeligtende verhale; *Die historie van die sieven wisen mannen van Rome;* asook 16de- en 17de-eeu-se uitgawes van die *Historie van Thyl Ulenspieghel* en *De heerlycke en vrolycke daden van keyzer Carel de V.* Onder die talle werke in Duits, kan die volgende genoem word: Ulrich Boner se *Edelstein* (1461), Johannes Pauli se *Schimpf und Ernst* (1552), Martin Montanus se *Wegkürzer* (1557) en veral H.W. Kirchhoff se *Wendunmut* (1565-1603), wat meer as tweeduisend voorbeelde bevat.

Van besondere betekenis in Engels is *Taylor's wit and mirth* (1635), deur die digter John Taylor versamel "out of Taverns, Ordinaries, Innes, Bowling-greenes and Alleys, Ale-houses, Tobacco-shops, Highwayes and

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Water-passages" - optekenings uit die volksmond dus, en interessant genoeg bevat dit weinig van die grappe wat in die ander versamelings voorkom. Soos ook met die algemene modes die geval was, het talle volksboeke en temas vir volksboeke uit Italië of die Ooste die ander Wes-Europese tale via Frans bereik.(7)

Daar was dus 'n wye verskeidenheid erfgoed wat grappe betref vir die mense van die Kaap.

18.2.0 Die oudste grappe in Afrikaans

Dat 'n mens die humoristiese, en meermale die verspotte, die klugtige, van Jan van Riebeeck se tyd af hier aan die Kaap kan verwag, behoef geen verdere betoog nie. F.Th. Schonken wys op een aspek daarvan: "De zin voor *humor*, die tot op onze dagen overgeërfd is, vertoont zich ook in de vreemdsoortige namen, die Van Riebeeck en de zijnen aan de inboorlingen toebedeelden: het waren meerendeels trots klinkende klassieke of humo= ristische namen van eigenschappen. Zoo noemde Van Riebeeck een Hotten= totschen tolk 'Doman', omdat hij er zoo onschuldig uitzag als een dominie, en zijn slaaf Hannibal, terwijl zijn mannen voor de niet uit te spreken eigennamen der inboorlingen de bijnamen Platneus, Diknavel, Claas Das, Willem de Visser uitdachten (1659). In 1705 werden drie Namaqua-aan= voerders ('kapiteins') herdoopt als Plato, Jason en Vulkaan. En nog heden zijn bij de kleurlingen de namen Adoons (Adonis), Apols (Apollos), Herklaas (Hercules), Kupido, Kandans (volksetymologisch uit Cadace? vergelijk Danster, Speulman) en andere in zwang; in 1740 heetten eenige voorname Boschjesmannen Waterboer, Dragonder, Klein Jantjie. En Sparr= mann merkte op, dat men de slaven naar de maanden en dagen noemde: April, Januarius, Vrijdag ... Denzelfden geest bespeuren wij in de Hollandsche blijspelen en kluchten van de 17e eeuw en zelfs in literatuur in den volkstoon uit de middeleeuwen."(8)

Elders voer Schonken dit nog verder waar hy opmerk: "Wat nu de huislijke genoegens aangaat, de avonden in de [illegible] werden in gezellige kringen met grappen, vertellingen en raadsels doorgebracht."(9) Daar is reeds vroeër verwys na die humoristiese en klugtige [illegible] Van Tas se *Dagboek*. Telkens duik sulke brokstukkies uit die verlede op wat bewaar gebly het. Wanneer die ongewilde goewerneur Van Noodt bv. in 1729 te sterwe kom, ontstaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onder die Kapenaars 'n spotliedjie op maat waarvan gedans kon word:

Poot om poot,
Van Noodt is dood.
Waarnatoe?
Sij swerrenoot.(10)

Wat as die eerste gepubliseerde gedig in Afrikaans beskou word, is 'n vlymende spotlied oor die lafhartige wyse waarop die Kaap in 1795 teen die Engelse besettingsmag verdedig is: "Lied ter ere van die Swellen= damsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muizenburg in dato 7 Aug., 1795". Dit lui o.m. soos volg:

Delpoort koos ons tot Commandant, O wee!
Die kaerel die heeft krijgsverstand.
Hij schoot, eer ons van huis vertrok,
Een groote vette bonte bok. O jee, O jee, O jee!

En ziet, wat steek hij niet vol moed. O he!
Hij zoek de vijand regt verwoed.
Nog zweer hij dan bij zon en maan:
Ons zal nu ook aan 't vegten gaan, O he! O he! O he!

Maar, Ari Neef, de kogel kom, o wee!
Ons kan begrijp, het is een bom,
Kijk hoe ze voor ons neder springt!
O wee! dat is een vreeslijk ding, o wee!

Kom, laat ons achter 't heuvel spring, O wee!
Want dat is vrij die beste ding,
Om daar te bergen onze gat;
Ons kies dan straks het haasepat. Gaat mee!"(11)

Met die vestiging van die drukpers aan die Kaap in die 19de eeu, duik so nou en dan, en wel in Nederlands, 'n egte grappie op, soos dié voor= beeld uit 1825: "*Misverstand.* Een man, die een ondeugend wyf had, waarmede hy het nooit eens had kunnen worden, ging eens in gezelschap van haar eene reis over zee doen. Gedurende dezelve ontstond er eene zoo hevige storm, dat de kapitein bevel gaf, om al hetgeen tot overma=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tigen ballast verstrekte, over boord te werpen. De man, dit bevel hoorende, nam zyne vrouw, en wiep haar over boord. Toen de kapitein hem met verbazing vroeg waarom hy dit deed, antwoorden hy: 'geenen zwaarderen last te kennen dan zyne teedergeliefde wederhelft'."(12)

Die stroom van die algemeen-komiese, ook in Afrikaans, loop geleidelik al sterker in koerante, tydskrifte en ander publikasies. Dit kom voor in die briewe van lesers; in die uitbundighede van die Fransman Charles Etienne Boniface en sy ou vriend en vyand J. Suaso de Lima, bekeerde Hollandse Jood van Portugese afkoms; in die uitspattige "Kaatje Kekkel= bek" van A.G. Bain in 1846 - en toe Louis Henri Meurant eers van hom laat hoor, in koerantbriewe en later in sy beroemde *Zamespraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar*, is die sluise oop. In sy *Brieve*, wat in opvolging van die samesprake verskyn, kom selfs so 'n egte grap-uit-die-lewe voor:

"Neef ... toe val my een storie by wat in de oorlog van 1846 gebeur is by de lager van ouwe Jurie Lombaart, aan Visch Rivier, digt by Graham= stad. Jy weet dat een heele boel van ons Cradockse Doppers daar op wag geleg het. Wel, een avond het de Kaffers ons in de sloot bekruip, en ons vuur warm geskiet. Een Dopper wat de Kaffer verag het, het net zijn kop uitgesteek, toe skiet een Kaffer schram bij zijn kop voorbij. Ik was dig bij hem, en skreef met eens uit: 'Neef Jan! Kyk hoe *onvoor= zigtig* skiet die vrotte Kaffer!'"(13)

In navolging van Meurant is grappige samespreke oor aktuele sake deur dese en gene die mode van die tyd. Daar kan ook nog baie ander voor= beelde van hierdie soort grappige of komiese benadering genoem word, soos Samuel Zwaartman se *Boerenbrieven* van 1870-71, of die vroeë dig= werke van F.W. Reitz en Pulvermacher (Adam de Smidt); ook die volksryme is vol daarvan. In Zwaartman (H.W.A. Cooper) se *Boerebrieven* is selfs op 'n keer 'n tipiese Boeregrap ingewerk: "Julle moet zoo reken dat 'al= le beetjes help,' zoos ou Tanta Katrijn gezeg het, toe zij Neef Koos met haar kierie op die kop geraps het, in plaas van hom met de besemstok te klitz."(14)

Die eerste opgetekende grap in Afrikaans, sover bekend, verskyn as blad= vuller in die Kaapstadse koerant *Het Volksblad* van 6 Maart 1856:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"'Klaas, was jij mee op die commando?' 'Ja, oom, in die laatste Kaffer oor= log.' 'En het jij nog al zaam gevecht?' 'Dat kan oom g'loo'! ons het ge= skiet dat het zoo gons.' 'En het zulle jou nie geraak nie?' 'Ja, alla= matjies, drie maal het ik die schot gekrij'. Twee maal deur mijn hoed, en een maal deur mijn twakzak.'"(15)

Wanneer die Taalbeweging in 1875 begin, en selfs as *Ons Klyntji* in 1896 die eerste Afrikaanse tydskrif word, bly grappe in druk egter steeds skaars (terwyl dit wemel van grappige vertellings). Die grappe in die eerste jaargang van *Ons Klyntji* is bowendien almal "brokkies uit die lewe" (net soos bostaande grap in *Het Volksblad*) wat op ware gebeurte= nisse sou berus:

(i) *Nuwe Jaar 1896.* - Imand fra fer 'n Transfaalse Boer wat teen Jameson gefeg het met Nuwejaarsdag by Krugersdorp: "Hoe 'n nuwejaar het oom gehad?" - Die antwoord was: "Die nuwejaar was mooi, maar di musiik was lelik."(16)

(ii) By Waterfal lê 'n jong man agter 'n klip wat mar klein was. Een ko'el slaat langs hom in di grond en laat hom erg skrik. Hy kyk na di kant van di Engelse en sê "julle skiit mos onverskillig."(17)

Die volgende grap wat 'n mens in *Ons Klyntji* teëkom (of eintlik is dit miskien 'n soort belewenisvertelling) is berym:

Oom Gert en syn Graaf.

Kom, vrinde, ek wil jul 'n grappi vertel,
Wat hiir nou so onlangs by ons is gebeur;
Ons dorpi is stil, so 'n stori loop snel;
Oom Gert wou dit dig hou, mar tog lek dit deur.

Oom Gert is 'n sedig verstandige man,
Bestuur oek ons dorpi regvêrdig en goed;
Oek lees hy *"Ons Klyntji,"* en praat graag daarvan,
Mar praat jy van Rooinek, dan kook gou syn bloed.

Een aand sit Oom Gert weer so lekker te lees:
Dit was in *"Ons Klyntji"*, of so iits, meen ek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar roep toen syn dogter verskrik en bevrees; -
"Papa! kom tog gou, hiir is een by di hek!

"Ek vra hom wi is jy? Mar praat wil hy ni;
Hy staan daar so skellem, gebukkend, half krom.
Ek 't nader gegaan, tot 'n trê of twê, dri,
Mar hoe ek oek vra'e doen of praat, hy bly stom."

Di aant het di Kaffer di graaf daar gesteek
En 'n sak toen ver koue daaro'er oek gegoi.
Oom Gert wis daar niks van: di dogter gaan spreek;
Dit was baing donker, en bang word di nôi.

Oom Gert spring toen op en sit neer di koerant;
Hy word op di plek oek nou sommer vererg;
Want hoe kan 'n man dit tog waag, so astrant,
Op syn y'e grond hiir so syn dogter te terg!

Ja, waarlik, daar staan nog gebukkend di man;
Hy koes weg, di skelm, so lyk dit ver hom,
"Hêi! wat maak jy daar sô, en wi is jy dan?"
So vra oom Gert nogmaals, mar grafi bly stom.

"Mar hoor jy dan ni?" roep di ou hom toe weer,
En stap toen vererg oek al af van di stoep.
"Ek is mos di regter, jy kry net nou seer"
Want vinnig kook, nou al d' Aferkaner syn bloed.

Pleks! stamp hy di grafi nou been in di lug.
Dit wou hy di skurk van 'n vent mos eens leer.
Toen eers vind hy uit: dis 'n graaf, en hy sug:
"'k Het amper myn hand teun di ding nog beseer."

'k Hou baing van oom Gert en syn dogter daarby,
Mar tog van syn hart en syn grappiis di mees:
En mog hy weer eens met 'n graaf gaan bakly,
Dan wens ek van harte daarby oek te wees. (18)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dieselfde patroon kom in een uitgawe nâ die ander voor. In Januarie 1898 is daar wel 'n klompie kort bydraes wat na algemene grappies "uit di kinderwerelâ" lyk, maar daarby staan: "Origineel, - fan kinders op= gegaar", dus sêgoed uit die lewe:

(i) *Broertji:* "Sussi, gê my tog ook fan daar-di gebraaide skaap= niirtji wat jy eet!"

Sussi: "En jy het dan net nou met my rusi gemaak."

Broertji: "Ja, mar ek het toen ni geweet dat jy 'n niirtji gebraai het ni."

(ii) 'n Frou fertel an my dat sy en haar man so jonk getroud is, dat toen hulle eerste kind gebore is hulle daarfoor bang geworde het.(19)

Die eerste algemene (en flou) grap verskyn eers in Februarie 1898: "Daar was een dag dri ou mowwe, padlopers, hulle het fer di dag geloop, en soos jy weet was hulle foete seer; daarna loop hulle agtermakaar in di foet= pad, toen kry di eerste ou 'n padda waarop hy staan en wag fer di twede ou, toen fra hy: broeder, was iis das? Di ander ou sê: iig wis niig was iis das. Hulle wag toen fer di derde ou en fra fer hom: broeder, was iss das? waarop hy sê: O! iig wis was is das das iss nou fletter= mous, tortelduif of wildebees."(20)

So gaan dit voort: talryke grappige belewenisvertellings met nou en dan 'n volbloed-grappie, verkieslik op 'n ware gebeurtenis gegrond: "Ou klyn Saul Solomontji had weer so'n lange spiits in di Parlement gehad, en toen hulle uitgaan sê een fan di grote Parlementslede fer hom: 'Jou klyne misgewas, as jy nou weer eendag so parmantig praat, dan steek ek jou met pens en potjiis in my sak' - 'Ja,' sê ou Solomontji, 'di kan jy doen, mar dan het jy seker meer ferstand in jou sak as in jou kop.'"(21)

Algaande vermeerder die getal en gehalte van die algemene grappe. Hier is 'n klein keur uit die laaste jaar of wat van *Ons Klyntji* (d.w.s. 1905-1906):

(i) Robbert was reeds dikwils foor di hof o'er syn suipery, kom weer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

foor hoog deur di takke.

Magistraat. -Robbert, is jy weer hiir?

Robbert. -Ja meneer.

Magistraat. -Wat het jou hiir gebreng?

Robbert. -Twe konstawels.

Magistraat. -En weer smoor dronk?

Robbert. -Ja, hulle alby.(22)

(ii) 'n Boer laat eens syn fortuin foorspel deur 'n kaartekyker, waarna di gewaande profeet syn betaling fraag, dog di Boer seg: jou esel! jy weet di ferledene, di teenwoordige en di toekoms, mar jy weet ni eens dat ek gen geld het nie? Loop haal dit by Pallas in di apteek!(23)

(iii) *Piit.* - Dawid, het jy ook 'n praatmasiin tuis? - Ja. - En wat het jy daarfoor betaal? - Niks; ek het mar net met haar ge= trou.(24)

(iv) 'n Mysi had twe fryers; di een had 'n goeie bestaan, was knap, deugsaam en ferstandig, dog had enige tekens in syn gesig wat aantoon dat hy di pokkiis gehad het; di ander was 'n regte liwe krullebol en 'n eerste klas meneertji. Sy kom en pleeg raad met haar leeraar omtrent di twe fryers: wat di foorkeur geef an di eerste dog di mysi seg: maar di oog wil tog ook wat hê; en so folg sy haar ye sin. Nadat sy 'n maand met krullekop getroud was, kom sy op 'n goeie dag bitter and huil met 'n gedugte blouoog by di predikant en klaag haar nood, waarop di leeraar fer haar fertroos en seg: ja, oog wil ook wat hê.(25)

Ander geskrifte uit dié tyd moet hiermee saam gelees word, soos veral Melt J. Brink se sewe bundels *Grappige stories en andere versies*, wat tus= sen die jare 1893 en 1909 verskyn. Soos hy self in die inleiding tot die eerste bundel sê: "Als gij denkt er iets nieuws in te vinden laat mij u dan aan 'Ou Vader Salomo' herinneren. - 'Er is niets nieuws onder de Zon,' en het allerminst in dit boekje, het bevat meestal 'Oude Grappies' over verteld, en eenige gelegenheids en andere versjes."(26) Dit is dan ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inderdaad wat hy doen, en talle ou, bekende klugtige belewenisse en grappe word in lang berymings weergegee. In die tweede bundel is daar bv. die grappie van 'n man wie se kwaai ou vrou dood is, maar toe die begrafnisstoet verby 'n boom beweeg, haak haar lykkleed, 'n tak glip los en slaan haar onder die ken - en daar sit sy regop, want sy was nooit rêrig dood nie. Toe sy later werklik sterwe en die stoet by die boom kom,

Roep Oom Piet, opeens: "Sê kêrels!
Pas tog op daar vir die tak,
En laat asseblief die baar gouw
Net 'n bietjie laer sak!"(27)

Dan is daar ook die grap van die oujongnooi wat so graag wou trou. Om die kêrel wat kom kuier te imponeer en te wys dat sy nog glad nie oud is nie, steek sy stilletjies 'n naald in die staldeur. Toe daag sy die kêrel om dit te gaan haal, maar hy kan van die huis af natuurlik niks sien nie. Die oujongnooi stap reguit na die naald toe, maar val bo-oor 'n koei wat in haar pad lê:

Neef Arend het, toen hij haar streke ontdek,
Zijn paerd opgezaal en het daadlijk vertrek,
En die laatste wat Mina van hem het gehoord,
Was dat hij getrouwd was op Zwanepoels Poort.(28)

Uit die tyd van die Boereoorlog stam 'n grappie met een van die treffendste stukkies galgehumor in Afrikaans. Dit het betrekking op die oorlye van die Britse koningin Victoria op 22 Januarie 1901 in die tyd toe haar leërmagte juis besig was om die Boererepublieke dood te wurg. Sy het, blykbaar as 'n soort universele moederfiguur, in die 19de eeu groot aansien ook by die Boere geniet, en die oorlog het hul respek vir haar nie laat afneem nie. Daar is selfs vertel dat sy dood is aan hartseer oor die lot van die twee Republieke. Teen hierdie agtergrond moet die grappie dan gesien word:

Burger: "Nee, neef, dit gaan ellendig. My vrou is skandelik siek in die konsentrasiekamp op Klerksdorp, ons het 'n paar van ons beste manne op die slagveld verloor, en nou moet ons nog verneem dat ons geliefde ou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koningin Viktorie oorlede is."(29)

Dié grappie is tot vandag toe redelik algemeen onder Afrikaners bekend. Besonder interessant is die bewering van die digter C. Louis Leipoldt dat hy miskien op die oorspronklike bron daarvan afgekom het. Leipoldt was naamlik tydens die oorlog eers as oorlogskorrespondent van 'n Kaapse blad op die Vrystaatse grens, en later het hy as hofverslaggewer vir die staat (d.i. die Kaapkolonie) by die verhoor van Kaapse rebelle opgetree. Dit was glo nâ 'n verhoor op Beaufort-Wes dat dit gebeur het. "Die manne is veroordeel, en Leipoldt is so aangegryp deur die hele tragedie dat hy uit die dorp gevlug en die wye veld gekies het. Toe hy hom weer kry, nader hy 'n eenvoudige plaashuisie, en voor sit 'n vrou met verdriet groot op haar gesig geskryf. Leipoldt vra haar wat dan makeer. 'Ag, ou seun,' sê sy, 'dit gaan nie goed nie. Eers kom die runderpes en roei ons uit. Toe vang hulle my seun en hulle vonnis hom. En nou boonop kom die treurige nuus dat die ou Koningin dood is!'"(30)

18.2.1 Paskwille

'n Besondere, soms bra geniepsige soort grap (wat in sy ergste vorm vandag as 'n smeerbrief bestempel sou word), was blykbaar nogal gewild onder ons oumense. Redakteur S.J. du Toit moes telkens in *Ons Klyntji* walgooi wanneer hy vermoed het dat 'n insending die een of ander paskwil is, bv. in die uitgawe van Maart 1897: "'n Neef wat ek liewers ni sal noem ni stuur 'n gedig 'Goeie Raad', o'er 'n man wat 'leef en geef so listig as 'n slang.' Mar di neef moet ons tog ni kwalik neem ni, syn gedig is 'n soort fan persoonlike paskewel, en ek wil tog ni graag enige mens beledig of seer maak ni. Dan word ek mar gehaat, en ek wil tog liwers bemind wees as gehaat."(31)

Die term paskwil is voreër jare deur die Afrikaner in heel verskillende betekenisse gebruik. Vir sommiges was dit bv. 'n naamlose skimpdig, vir andere enige naamlose spotrympie.(32)

Die paskwil het 'n lang voorgeskiedenis. Dit kom naamlik oorspronklik uit die 15de eeu, uit die tyd van die Renaissance in Rome. Pasquino was 'n kleremaker (sommiges sê 'n skoenmaker) met 'n besonder skerp tong. Sy naam is later oorgedra op 'n erg verminkte standbeeld wat glo naby sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

werkplek opgegrawe en op die hoek van een van die stad se pleine opge= rig is. In die loop van die 16de eeu het die gebruik ontstaan om ano= nieme skimpe op die pouslike regering en ander vooraanstaandes teen die standbeeld te plak. Later is nog 'n ou standbeeld opgerig wat die naam Marforio gekry het. Nou het daar 'n soort "dialoog" tussen die twee ontstaan: die een of ander vraag is by Marforio opgeplak, wat dan op gepaste wyse met 'n plakkaat by Pasquino beantwoord is - gewoonlik in Latynse verse, soms in Grieks. Dit is paskwinades genoem en het 'n sekere invloed op die letterkunde uitgeoefen deurdat 'n keur uit dié sê= goed in 1510 in boekvorm verskyn het, en later is paskwinades volgens die oorspronklike patroon deur individuele skrywers uitgegee. In die volksmond het dit egter as paskwille bekend geraak, afgelei van die Ita= liaanse *pasquillo*, 'n verkleiningsvorm van die naam Pasquino.(33) Dis ook die vorm in Nederlands, maar in Afrikaans het daar gewestelik aller= hande ander uitsprake voorgekom: "paskewil", "paskewel" en selfs "pas= kawil".

In Nederland het paskwille van die onaangenaamste soort, d.w.s. as smeer= rympies, in die 17de eeu hoogty gevier. Wat Suid-Afrika en Afrikaans betref, het twee merkwaardige 19de-eeuse gevalle aan die lig gekom waar paskwille nog op die oorspronklike manier opgeplak of aan 'n beeld gekoppel is. L.H. Meurant vertel hoe in Kaapstad in die tweede, derde dekade van die eeu teen die kant van die hoog opgeboude stoep van ene Dreyer se huis op die hoek van die Heerengracht en Langmarkstraat snags dikwels skimpskrifte teen die Britse owerheid opgeplak is. Veral ty= dens die stryd om die vryheid van die pers wat in 1823-24 rondom Thomas Pringle se *South African Commercial Advertiser* ontbrand het, het dit erg gegaan. Meurant skryf:

"'Dreyer's corner' during the excitement which prevailed ... was placarded almost every morning with squibs, and although the 'Dienders' (policemen) were ever on the watch, or pretended to be, the authors of the placards could not be discovered. The writer of these Reminiscences, although a mere lad at the time, frequently copied some of the squibs, many of them being still fresh in his memory ...

O Heere der heere!
Wie zal hier in Afrika meer regeere!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alle die uit Engeland zijn gebannen,
Worden hier groote mannen;
En ons arme Hollandsche gezellen,
Kan men de ribben op het lijf al tellen.
Met een schelling per dag moet men zich mee geneeren,
En als je daar niet genoeg mee hebt, dan moet je
naar Wagemakers Vallei passeeren,
Naar oude Van Riet de Sequester;
O heere, wilt ons toch verlossen,
Van al die Engelsche ossen,
En leidt ons toch naar wenschen,
Ons arme Hollandsche Christenmenschen, Amen.

"This was also one of the squibs which had appeared on 'Dreyer's corner,' and copied by the writer, and retained in his memory ever since."(34) ("Alle die uit Engeland zijn gebannen" verwys onder meer na die Britse Setlaars, en "oude Van Riet de Sequester" het met bankrotskappe gewerk.)

Miskien nog merkwaardiger is die geval wat omstreeks 1880-90 in die distrik Jamestown in die Stormberge voorgekom het. Daar het Tienie Wepener (broerskind van kommandant Louw Wepener) 'n kleibeeld van 'n man gemaak en 'n bladsak oor die beeld se skouer gehang waarin die *paskewil=le* geplaas is, geskryf deur oom Tienie en ook deur sy vriende wat met die speletjie ingeval het. Allerhande troetelgeheimpies is so verklap: van 'n nooi wat 'n kêrel se guns probeer wen deur sy hond vir hom op te pas en die dier dan laat vrek; van 'n huwelik in die verskiet waarvan niemand nog behoort te weet nie; van 'n sieke wat in die geheim 'n Slamse toordokter besoek het. Die kroon is egter gespan toe Stefaans Henning eendag oom Tienie, sy buurman, se beeste skut toe gestuur het. Oom Tienie het net gewag tot oom Stefaans se dogter kort daarna gaan trou het. Toe kom die volgende *paskewil* in die kleinman se bladsak:

Die troudress was maklik vir hom,
Want die het van Wepener se witpensbul gekom.
Hy jaag die beeste nat met skuim
En toe speel hy op die kitaal met sy een duim.
Op die kitaar vir die nooie Vinter
Speel ou Koggelmander somer en winter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy sê dit sal hom nooit nie verveel
Om altyd op dié kitaar te speel.

Oom Stefaans was woedend, en onder die gelag van 'n groep toeskouers wat by was toe hy die rympie lees, het hy uitgeroep: "Die smeerlappe! Die smeerlappe!" en die kleipop stukkend geskop.(35)

Hier is dus eers 'n paskwil as skerp skimpdig, dan een as goediger spotdig. Selfs iets soos die volgende word as 'n paskwil aangedui - geskryf omstreeks 1930 op die muur van 'n latrine in 'n hotel op Caledon toe die emmerstelsel nog algemeen in gebruik was, en dan is die gat in die bankie met 'n deksel gesluit:

Wanneer gij op dit reuk-altaar
Het offer uwer eetlust laat
Ziet toe wanneer gij henengaat
Dat 't wierookvat niet open staat.(36)

Maar daar was ook 'n derde soort paskwil wat hoegenaamd nie meer grappig was nie: die naamlose smeerbrief. Só onthou iemand byvoorbeeld uit die eerste dekade van ons eeu, daar uit Griekwaland-Wes, dat dit baie onaangenaamheid en kwade bloed veroorsaak het: "Daardie paskwille was alles behalwe goedig of grappig, maar baie kwetsend, geniepsig en gemeen. Daar was sekere families tussen wie daar altyd 'n familietwis of vete was, en hulle het mekaar nie openlik met die swaard beveg nie, maar met hierdie paskwille - naamlose briewe, wat gewoonlik deur 'n medepligtige ongemerk agter een of ander voorwerp - soos 'n kis - in die huis van die slagoffer geplaas is waar dit dan later ontdek sal word. In so 'n brief het die skrywer sy vyand beklad, vals beskuldig - sommer regtig karakterskending - wat op lastergedinge kon uitgeloop het as die brief nie naamloos was nie. Maar die skrywer is gou terugbetaal met 'n soortgelyke 'paskewel'. Ek onthou nog hoe my ouers hierdie gemene, lafhartige gedrag afgekeur het."(37)

Die gemoedeliker tipe paskwil toon ooreenkoms met die sogenaamde kontribusies in die joernaalboeke van die ou debatsverenigings. So 'n joernaal vir 'n debatsaand het nl. gewoonlik bestaan uit 'n inleidende essay oor 'n ernstige of lughartige onderwerp, en daarna het die kontribusies gevolg wat deur enige lid bygedra kon word: soms 'n stukkie lewenswys-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heid of bloot 'n grappie, maar heel dikwels 'n kwalik verhole spottery met ander verenigingslede. Hier is 'n tipiese voorbeeld uit 'n joernaal van Koringberg in die Swartland: "En dit geskied op die tweede Sondag van die maand Julie van die jaar ....., dat al die doop ouers van die stad Rustoord optoog in 'n goed gestelde moterprosessie na die stad Semou, om volgens wet hul seuns te laat inskrywe. En die orige deel, hoedat Dr. Omkrap en sy vrou laat was daardie môre, en hoedat hul die middag 'n groot doöpfees gegee het, en hoe hul getreur het, omdat hul nie koek gehad het vir die fees nie, is dit nie geskrywe in die Kronieke van Rustoord nie?"(38) Tussen hakies, net om te toon hoe gewild so 'n joer= naal was: in die een waaruit pas aangehaal is, was altesame 119 kontri= busies vir 'n enkele aand.

Nog 'n tipiese joernaalkontribusie lui so: "Die aand met die Oupos dans het Mej. Blomkool saamgery tot daar met Mnr. en Mev. Roeman. Daar het sy die nag verdwaal saam met 'n Pêrelliet, en die volgende môre het sy in Potjie-Rol se vrykamer op die bed gelê hand om die nek met Mnr. Roeman se kat."(39)

18.2.2 Kensketsing van die vroeë grappe

Wanneer 'n mens na die aard van die grappige in die lewe van die Afrikaan= se volksmens van die 19de eeu kyk, dan moet jy bevestig wat dr. Con de Villiers, bekende skrywer en wetenskaplike, by geleentheid gesê het, nl. dat die 19de eeu ons Middeleeue was. Want die grappige vertellings van hierdie tyd is niks anders as *boerdes* nie, dit is "berymde sowel as pro= savertelling(s) met komiese inhoud aan die volkslewe ontleen en in die middeleeuse letterkunde bekend", soos die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* dit stel. Die komiese vertellings, die grappe kom meestal uit die volk se belewenisse, uit sy gespreksonderwerpe voort, en dit wil geglo wees dat dit werklik gebeur het. Dat dit "waar" is, verleen groter trefkrag daaraan as 'n denkbeeldige snaaksigheid. Dis soos 'n klein kindjie wat by die vertel van 'n sprokie met die onwaarskynlikste karak= ters en gebeure nog altyd verneem of dit rêrig so gebeur het. Dit is deel van die konkrete denkwêreld van die mens op 'n laer beskawingstrap waarin abstrakte geestes- en natuurwetenskaplike bespiegelings geen plek het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Selfs uit die beperkte aantal voorbeelde wat aangehaal is, begin dit verder deurskemer dat die komiese by die volksmens so wyd soos sy hele lewe kan wees, dat daar geen tipe gespreksonderwerp is wat nie tot 'n grappige vertelling kan lei nie.

Dan moet 'n mens jou ook nie verbeel dat g'n skuins grappe onder die ou= mense voorgekom het nie. Hulle sou wel daar gewees het, maar is net nie opgeteken nie omdat dit "onbetaamlik" is. Uit o.m. sommige ou volksrym= pies wat behoue gebly het, is dit egter duidelik dat hierdie stroming wel bestaan het.(40) Selfs grappe met 'n Bybelse agtergrond het voor= gekom: dink maar net aan die talle en talle vertellings omtrent Petrus by die hemelpoort wat in ons eeu opgeteken is by mense wat in die 19de eeu jonk was.(41) Insiggewend is dit dat historiese persoonlikhede so dikwels by hierdie grappe betrek word: Paul Kruger, Cecil John Rhodes, koningin Victoria.

18.3.0 Verdere geskiedenis van die grap in Afrikaans

Voordat ons na die tydskrifgrappe van nâ 1900 kyk, moet net weer daarop gewys word dat *Ons Klyntji* in die eerste intstansie 'n tydskrif uit die volk was, terwyl die nuwe tydskrifte in 'n groot mate tydskrifte vir die volk was waarin na 'n hoë "internasionale" standaard wat artikels en verhale betref, gestreef word. Dit oefen invloed uit op die grappe wat gepubliseer word. Van die begin af, d.i. Julie 1903, maak *De Goede Hoop*, deels in Nederlands en deels in Afrikaans geskryf, ruimskoots van grappe as bladvullers gebruik, en sommer dadelik is dit algemene grappe wat hulle enige plek op aarde kon afgespeel het. Hier is 'n paar voor= beelde uit die eerste nommer:

(i) "Janni, waarom het jij di kleinste appel an jou suster gegê?" vroeg hem sijn vader. "Het ek jou ni geleer om beleefd te wees ni?" "Ja, Pa!" gaf Jan ten antwoord; "ek het vir sussi laat kies, en sij was beleefd genoeg om die kleinste te neem."

(ii) "Ek sal blij wees, as mijn vrou vir jou kan ontmoet," zei me= neer Zwaarkrij aan meneer Lafbek.
"Ja!" antwoordde meneer Lafbek; "hoekom?"
"Wel," gaf de ander ten antwoord, "ek is moeg van haar te hoor sê, dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ek di grootste dwaas is, wat sij ooit ontmoet het."

(iii) "Waarom draag 'n vrou ni baard ni?"
"Omdat sij ni haar kin kan stilhou om haar baard te laat skeer ni."[42]

Iets wat baie maklik uit die oog verloor word, is die invloed van die ou Afrikaanse grammofoonplate. Die eerste Afrikaanse plate[43] is waarskynlik in 1906 gemaak (deur lede van Paul Roos se Springbokrugby= span wat deur Engeland getoer het). Die grammofoon, en veral plate in Afrikaans, moes vir ons mense iets wonderliks gewees het - nog 'n groter wonder as die eerste radiouitsending in die dertigerjare en tele= visie in die sewentigerjare. Hier kon hulle hul taal, waarvoor nog 'n lang stryd om erkenning voorgelê het, ook op die nuwerwetse "praatmasjien" hoor. Opmerklik is dit hoeveel plate met spraakopnames daar in die vroeë jare verskyn het, bv. van J.J. Smith, Melt Brink en W. Versfeld, om maar net 'n paar van die belangrikste aanbieders te noem. Boonop is hierdie opnames meestal humoristies.

Omstreeks 1908 of 1909 neem J.J. Smith (latere professor en eerste hoof= redakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse taal*) wat destyds in Londen gestudeer het, o.m. die volgende humoristiese stukke op: "Die prokureur sijn hond" (F.W. Reitz), "Verliefd Jan" (Melt Brink), "Onder= vindings op tog" (J.G. Engela), "Klaas Geswind en sijn perd" (F.W. Reitz), "Die afslaer en die togrijer" (J.G. Engela), en "Windvool vertel hoe hij die Kangogrotte ontdek het" (W.J. Conradie).[44] Hiervan is die verhaal van "Die prokureur en sijn hond" ook as gewone grap in die volks= mond bekend. (Die klaer vra 'n prokureur hoeveel hy mag eis omdat 'n hond hom gebyt het. Die prokureur sê tien sjielings. Nou sê die kla= er dat die prokureur moet opdok, want dit was sý hond. Goed, sê die prokureur, maar hy vra een pond vir sy advies.)[45]

In 1912 word vir die eerste maal opnames in Suid-Afrika gemaak, hoewel die plaatafdrukke nog steeds oorsee vervaardig is. Een van die "kunst= redenaars" wat betrek word, is die skrywer Melt J. Brink, wat 'n ver= skeidenheid van sy eie ryme voordra, ook feitlik deur die bank humoris= ties van aard, bv.: "Japie zyn nieuwe stevels", "Tante Tryntjie", "Een schutter zoo als jij mier vindt", "Jan wat naar kinders gewens het", "Die vrome meid", "Ou Klaas Lap", en "Die pakkie met spelde".[46] Om maar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

net na laasgenoemde as voorbeeld te verwys: dis die bekende verhaaltjie van die boer wat twee van sy plaaswerkers spesiaal met die perdewa Kaap toe stuur om 'n stukvat vir die nuwe parsseisoen te gaan haal - 'n reis van vier dae uit en tuis. Terloops noem die boer dat Adonis tog sommer ook 'n pakkie spelde vir die huisvrou moet saambring. Saterdagaand is hulle veilig terug ... met die spelde. En die stukvat?

"Die stukvat? ... Almattie!!... die stukvat, dis waar!"
En Adonis word nat van die sweet,
"Ou-baas!... ik het net om die spelde gedink,
Maar die stukvat die het ik vergeet!"(47)

Die veelsydigste en gewildste van hierdie kunstenaars was egter ongetwyfeld Willem Versfeld. Soos Con Groenewald, kenner van Africana-plate, skryf: "Die grootste treffers van die 1912-opnamesessies was ongetwyfeld die plate van die tenoor, humoris en voordragkunstenaar, Willem Versfeld. Sy *'Voetbal Match'* was waarskynlik die heel eerste treffer-plaat in Afrikaans, ten spyte van die etlike aantal swetswoorde."(48) Versfeld het blykbaar al die prosasketse wat hy opgeneem het, self geskryf, en die liedjies uit Engels verwerk. Die titels van 'n paar van sy sketse lui: "Die voetbal match", "Die motor bicycle", "Die kanarie man", "Japie sing in die gramophone", en "Meneer van der Westhuizen".(49) Van sy liedjies kan genoem word: "Blikbout Jan die Hotnot man", "Die Kaapse jubelsang", "Bier, bier, bier", "Die spook in die kerkhof", "Ik gaan met hom", "Jou stem is naby als ik slaap", "Die kat kom weer", en "Niks".(50) As voorbeeld kan na "Meneer van der Westhuizen" verwys word. Japie van der Westhuizen se buurman Villiers kon so vreeslik hakkel. Eendag loop Japie en 'n vriend die buurman in die veld raak. "M-m-m-m-m-m-m-meneer...," begin hy, en Japie maan hom voortdurend tot kalmte en om stadiger te praat, dan sal hy nie so hakkel nie. Eindelik sê hy Villiers moet sy boodskap probeer sing, dalk help dit, maar hy sing ook te vinnig. "'Allemag! Wag een beetjie!' skree ou Japie, 'jy sing baing te vinnig. Probeer nou baing stadigies. Toe kom nou weer: Een twee drie!! En toe begin ou Villiers weer: 'Meneer van der Westhuizen, ik wil sê jou huis, jou huis is aan die brand.'"(51)

Die Brandwag begin in sy eerste nommer op 31 Mei 1910 met 'n graprubriek onder die vreemde opskrif "Uit korswil"; op 1 November van dieselfde jaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word die verander tot net "korswil", maar daarna word grappies sonder 'n algemene opskrif as bladvullers gebruik. In die veertigerjare, nâ die blad se heengaan en herrysenis, word die graprubriek "Van oor tot oor" genoem, en in die vyftigerjare verander dit 'n ruk lank na "Branders", maar geleidelik word die grap deur grapprente of grappige strokiesprente verdring. In die eerste jare is daar 'n hele paar humoristiese anekdotes as "grappe uit die lewe" (bv. oor pres. J.H. Brand van die ou Vrystaatse Republiek), en daar kom ook aktuele grappe voor (bv. oor die Britse Ryk), maar die oorgrote meerderheid bly algemene grappe.

(i) President Brand was altoos optimist, altoos hoopvol en vol moed, en behalwe sijn bekende "alles sal reg kom", had hij die gewoonte om, wanneer iemand hem op sijn vraag meedeel hoe dit nog gaat, te antwoord "blij om te hoor, blij om te hoor!"

Gedurende die Basoeto-oorlog kom hij op 'n Boereplaas aan, waar die vrouw alleen thuis was; hij verneem naar die welstand, maar vol van ander gedagtes, luister hij nie naar die jeremiade van die arme vrouw nie:

"Ag, President," sê sij, "dit gaat maar treurig, mijn man is eergister bij Thaba-Bosigo geval."

"Blij om te hoor, blij om te hoor!" antwoord die President, en eers toen hij door sijn sekretaris opmerksaam gemaak werd op die vrouw haar antwoord, kon hij sijn leed betuig, en haar weer probeer troos.

(ii) *Seuntjie:* "Pa, wie was die drie wijse manne, waar die Bijbel van praat?"

Pa: "Ik weet nie, hulle was seker drie ou-jonkmans."

(iii) Terwijl 'n man eendag in die veld stap, ontdek hij 'n groot klip, waarop geskrijwe staat: "Draai mij om." Na heelwat moeite slaag die man daarin om die klip om te woel, om aan die onderkant dié woorde te vinde: "Draai mij nou weer om, sodat ik 'n ander idioot kan vang."

(iv) "Kan jij mij vertel hoekom die son nooit ondergaan op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse Rijk nie?"

"Ja, om dat die son hul nie in die donker kan vertrouw nie."

(v) *Arme Blanke:* "Ik zoek werk, meneer."
Meneer: "Ik wonder wat jy sal sê als ik jou iets te doen gee?"
Arme Blanke: "O, maar ik kan 'n grap verdra."

(vi) Een dag was die diere bijeen om te beraadslaag hoe of hulle die mense kan uitroei. Die skape kla dat hulle geskeer word net soos hulle wol op die mooiste is; die beeste kla o'er die slagting, wat voortdurend onder hulle gehou word; die muggie kla o'er die moskiete-nette en die vlooie o'er die insekte-poeier. Na hevig diskussies waarbij v'ral ook Jakkals en Wolf uitgeblink het, besluit hulle om die riviere te laat o'erstroom en die mense te versuip. Toe hulle dan besig was om die riviere op te dam, staat die mug op die wal en spoeg elke keer in die rivier en brom dan: "alle biekies help."(52)

Die Huisgenoot kondig in sy tweede nommer, in Junie 1916, aan dat die redaksie graag onder die opskrif "Korsies van pasteie" grappies en verhaaltjies wil aanbied "waarin soveel moontlik die echte Afrikaanse humor sal spreek. Ons lesers word vriendelik versoek om hierin behulpsaam te wees."(53) Waarskynlik deur hierdie medewerking van die lesers, is daar aanvanklik 'n sterk stroom egte volkshumor, soos destyds in *Ons Klyntji.* Hier is 'n paar voorbeelde:

(i) 'n Ou Boer, wat in die noordweste van die Kaapprovinsie gebore is en groot geword het, en dus nog nooit 'n trein gesien het nie, was eenmaal weëns die droogte, aan trek met sij skape. Nadat hij lang getrek het, kom hij een aand sonder dit te weet, bij 'n treinspoor en gaat daar lê vir die nag. In die nag kom daar 'n mooi verligte passasierstrein aan. Die Hottentot, wat aan die ander kant van die skape geslaap het, kom hard aangeloop. "Oubaas, oubaas! die wêreld vergaan!" Die oubaas tel sij kop, kijk die wêreld so deur, en sê ewe bedaard: "Jy is gek. Kan jij nie sien, dis 'n plaas, wat op loop is nie? Maar wat vir my die snaakste is, is dat die kombuis voor hardloop."(54)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(ii) Gedurende die Boereoorlog het 'n ou rijk boer op 'n goeie plan uitgekom om sij £5,000 die valkoë van die Kakies te laat ontglip. Hij het n.l. sij geld in 'n trommel gesit en dit eenvoudig op die grond geplaas op sij werf. Naas die trommel grawe hij toe 'n tamaai gat en gooi die grond op die trommel, totdat dit toe was onder die grond. Toe die Kakies die gat daar sien, sê hulle onder mekaar, dat hul die gat goed moet dophou, want daar word nog geld in begrawe. Ja, hul het die gat die hele oorlog deur opgepas, maar net verniet. Na die oorlog het die boer nie eens hoef te soek na die geld nie.

(iii) 'n Leraar, die nie so lang gelede in dieselfde trein was met 'n moeder en enige kinders, vertel iets aan die kleinspan van 'n soet en stout kind. Toe hij klaar was, vra hij aan 'n oudjie van vijf jaar: "En wat is jy nou?" "Ik is Nasionaal, meneer," was die antwoord.(55)

Tussenin kom van die begin af, en geleidelik al meer en meer, algemene grappies voor:

Skoolmeester: "Jan, wat is die kortste straat in die dorp?"

Jan: "Magistraat, meneer."(56)

So behou *Die Huisgenoot* sy graprubriek deur die jare. In November 1923, toe dit 'n weekblad word, verander die opskrif net na "Korsies".(57)

18.4.0 Volksnarre en volksvermakers

Hoewel ons nooit 'n eie koningshuis en hofnarre gehad het nie, was daar deur die jare tog sekere karakters - denkbeeldig, of mense wat werklik geleef het - wat as volksnarre by uitnemendheid opgetree het. Oor Tyl Uilspieël en die Swape, wat ons by die Duitsers geërf en toe verder by ons ingeburger het, hoef nie verder uitgewy te word nie.

18.4.1 Vroeë voorbeelde

Die eerste volksnar bekend was ene Hendrik Canterbury, wat van 1800 tot 1823 haarkapper aan die Kaap was. Saam met sy assistent het hy soggens die een huis nā die ander besoek om die hare van die dames en here te versorg, en ook soms bloed te laat wanneer iemand nie wel gevoel het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, want dit was in daardie dae een van die barbier se take. Daarby was Canterbury 'n onverbeterlike geselser, en die geringste brokkie nuus kon hy tot 'n yslike storie opbou - tot groot vermaak van sy hoorders. So bekend was hy daarvoor dat dit later 'n volksuitdrukking geword het wanneer enigiemand iets onmoontliks vertel, om met 'n knipoog te verklaar: "Dis mos 'n Canterbury daardie!"(58)

Grootliegkarakters was daar inderdaad, soos reeds gesien is, in 'n ongelooflike veelheid onder ons mense. Dit lyk soms asof elke dorpie sy eie baasspekskieter gehad het, maar g'neen het groter bekendheid verwerf as Renier de Winnaar nie.(59)

In die eerste helfte van die 19de eeu het 'n egte volksnar in die Boland gewoon: oom Jan Keet. Hy is in die Paarl gebore en het daar grooogeword, maar later het hy hom op verskeie ander plekke gevestig, o.m. Kaapstad, Montagu en Tulbagh. Soos 'n kleinseun in *Ons Klyntji* oor hom geskryf het: "Wel, hy was die oue grapmaker wat ek geken het, en al die mense was gek na hom gewees om syn grappighyd en omdat hy sofeel fan di oue ty'e kon fertel en kon byna op elke frats wat hy fertel 'n rympi op dig."(60)

18.4.2 Oom Knoppies Hahnekom

'n Volksnar uit die Swartland wat oral in die Boland rondgeswerf en mense met sy rympies vermaak het, was oom Knoppies Hahnekom. Iemand wat hom nog self as kind in die jaar 1905 op 'n plaas naby Wellington ontmoet het, nl. die latere prof. A.C. Cilliers, vertel: "Waarom sy bynaam ou Knoppies was, weet ek nie; maar hy was bekend as 'n ou *Wandervogel* en rymelaar. As die bui hom pak, het hy so 'n draai in sy omgewingswêreld gemaak en vir 'n paar dae by boermense orals rond op hul plase gekuier. Daar het hy dan vir hulle van sy rympies wat hy op los blaadjies laat druk en altyd saam met hom gedra het, voorgedra: of sommer so spontaan onder die gesels nuwe rympies opgemaak en opgesê."

Tipies van sy boerse sêgoed was die geval tydens die Boereoorlog toe die Boere 'n strooptog in Darling se omgewing uitgevoer het. Oom Knoppies moes tydens 'n geveg met die Engelse die Boere se perde help oppas. Toe die kommandant weer daar by hom uitkom, vra oom Knoppies hoe die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geveg verloop het, en die kommandant antwoord: "Nee, oom Knoppies, vir ons Boere heeltemal olryt ..." Blitsvinnig werp oom Knoppies met 'n rympie teë:

"Ja, Kommandant, vir julle daar buite
Seker baie olryt, olryt.
Maar hier in die sloot, het jou oom Knoppies
Al drie keer in sy broek geskyt!"(61)

18.4.3 Mot Smidt

Een van die grootste volksnarre van weleer was die Uilspieëlagtige Mot Smit, of eintlik Smidt, soos sy van gespel moet word volgens sy familielede my meegedeel het. Hy was 'n afstammeling van Georg Schmidt, die bekende Duitse sendeling van die 18de eeu wat die sendingstasie Genadendal gestig het. Met die loop van tyd het die familie egter hul van na Smidt laat verander "om glo meer by hulle nuwe vaderland aan te pas".(62) Oor die herkoms van sy bynaam Mot bestaan onsekerheid. Sommiges sê dis omdat hy so lief was om skoenlappers te vang en 'n groot versameling opgebou het.(63) Volgens 'n ander uitleg was hy as kind so knap om die motte te vang wat saans by die kerse kom lol het; dan is daar net geroep: "Mot! Mot!" en dadelik was hy by.(64) Tydens die Boereoorlog het hy op kommando gegaan, is gevang en na Ceylon gestuur, waar hy met sy streke roem verwerf het. Volgens die kultuurhistorikus Kotie Roodt-Coetzee het 'n medekrygsgevangene Mot soos volg beskryf: "Mot was 'n kêrel van ongeveer vyf-en-twintig jaar, met so 'n ingevalle spitsgesig en wonderlike groot neus, en daarby twee nou ogies wat baie na skeurtjies gelyk het; hy kon hom so onnosel hou, maar hy was dit glad nie. Mot had die gewoonte om die kamp te deurkruis, geklee in 'n korterige en nouerige wit broek, swart manel en 'n hardebol-keiltjie op sy kop terwyl hy op die een oog 'n oogglas vasknyp. Deur sy opgeruimde en opregte Afrikanerhart, wat die Engelse dwars in die krop gesteek het, was hy byna meer in die tronk as daarbuite."(65)

So het hy die Engelse owerheid op talle maniere getreiter,(66) maar dit het nie daar opgehou nie. Iemand wat saam met hom krygsgevangene was, het die volgende staaltjie vertel: "Die klomp krygsgevangenes het beurte gemaak om Sondae te preek, en Mot se beurt het ook aangebreek. Mot het sy preek voorberei uit Daniël 4 - laaste gedeelte. Hy het gepreek oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nebukadnêsar toe hy kranksinnig geword het omdat hy ongehoorsaam aan God was en God hom gestraf het, ens., ens. Omdat Mot nie 'n lang persoon was nie, moes hy op 'n balie gestaan het om te preek sodat hy die gemeente kon sien en die gemeente vir hom. Hy het toe alles vertel wat met Nebukadnêsar gebeur het, ens. Toe Mot alles vertel het wat hy voorberei het en toe op 'n punt gekom het waar hy nie meer geweer het wat om te sê nie, toe sluit hy af met die volgende woorde: 'Broers, Nebukadnêsar het soos 'n dier geword en in die veld geloop en gras geeet soos 'n os, en julle kan my glo, as hy saans huis toe kom, het hy hierdie balie waarop ek staan vol melk gegee. Amen.'"(67)

Herhaaldelik as mense moedeloos vir hom gevra het: "Mot, Mot, wat gaan nog van jou word?" het hy geantwoord: "'n Papie!" Tekenend van hom was dat hy 'n windhond wat 'n haas in 'n gat jaag agter van bo na onder oor die lengte van sy rug laat tatoeëer het. Met die vredesluiting was hy een van diegene wat nie die eed van getrouheid aan die Britse vors wou aflê nie, en hy het eers nâ Uniewording in 1910 uit die buiteland teruggekeer.(69)

18.4.4 Oom Bart en oom Kaspaas

In die jare dertig en veertig tree twee volksnarre na vore wat byna ongelooflike gewildheid geniet het, albei die skeppings van individuele skrywers/kunstenaars, nl. oom Bart en oom Kaspaas.

Die eerste sketsverhaal oor oom Bart deur Dirk Mostert het in 1928 in *Die Huisgenoot* verskyn, en daarna is die tydskrifverhale met die loop van tyd in vier verskillende bundels saamgevat: *Petaljes van oom Bart* (1934), *Moleste in die Moot* (1936), *Tien uitgesoekte petaljes van oom Bart* (1936) en *Spektakels en debakels* (1939). Soos die letterkundige G. Dekker dit saamvat: "Uit sy ondervindinge as onderwyser teken die skrywer die tipe van die armblanke wat deur simpatie en morele steun weer opgehef kan word. Dit is onderhoudende, dikwels vermaaklike sketse. Die taal en mentaliteit van 'n sekere tipe van minder bevoorregte word goed weergegee. Op die duur word dit egter wel bietjie eentonig. Hoewel die skrywer ons menigmaal 'n glimlag ontlok deur 'n geestige set, bereik hy nie humor nie. Met al sy simpatie vir oom Bart staan die skrywer te veel bo en buite hom, en sy skildering neig self effens na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

karikaturale."(70)

Die gewone lesende volk het hulle egter nie deur hierdie kunsgebreke laat kwel nie, en in sy voorwoord tot die eerste bundel oom Bart-sketse sê die destydse redakteur van *Die Huisgenoot*, die bekende J.M.H. Viljoen: "Dit is nie eintlik nodig om oom Bart aan die lesers voor te stel nie, want te oordeel na die briewe wat die Redaksie van *Die Huisgenoot* van tyd tot tyd ontvang het en die bekendheid van die tipiese gesegdes van oom Bart dwarsdeur die hele land, is hy omtrent al net so bekend as die Eerste Minister ... Wat ook al die plek gaan wees wat die letterkundige kritici aan hierdie werk gaan toeken, staan dit vas dat Dirk Mostert in die persoon van oom Bart 'n karakter geskep het wat leef. Sy geestig-gekruide gesegdes is deurgeur van die gees van die platteland, en diegene van ons wat die platteland ken, sal meermale voel asof ons 'n vriend teëkom, só eg is hy."(71)

In die laat dertigerjare maak T.O. Honiball se oom Kaspaas sy verskyning as strokiesprent-karakter in *Die Byvoegsel* by *Die Burger;* later word sy "avonture" ook deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aangebied, en van 1940 af verskyn dit in 'n reeks van tien slapband-uitgawes met die algemene titel: *Oom Kaspaas*. By die eerste is daar die subtitel: "75 Luimige episodes uit die ou oom se avontuurlike lewe", maar die ander word net aangebied as: "Tweede versameling", "Derde versameling", ens. In elke oom Kaspaas-avontuur tree ook die karakter Neef op wat na al die oubaas se grootpratery luister en hom dan uitlag as sake skeef loop.

Oor die ontstaan van die oom Kaspaas-reeks, skryf die literator F.C.L. Bosman in 1940: "Die bepaalde idee van Oom Kaspaas is gebaseer op 'n ou Oom Kaspaas wat mnr. Honiball sestien jaar gelede op die platteland ontmoet het. Hierdie oubaas was nie juis 'n grootprater nie, maar van alles het hy geweet en beleef, en altyd waar hy by iets betrokke was, het hy daar die beste van af gekom. Na aanleiding van 'n verhaal wat mnr. Honiball van 'n vriend gehoor het, is hierdie grondidee van Oom Kaspaas uitgebrei tot die huidige, nl. die van 'n oubaas wat spog met sy perdry, en toe hy 'n paar dae later op 'n vark beland, heelwat minder sukses met sy rykuns het. Iedereen wou toe van hom weet: 'En waarom het Oom ons dan nie gewys hoe Oom die perdjie gewerk het nie?' ... Neef se figuur is nie aan 'n bepaalde persoon gekop-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pel nie. Hy het ontspring uit die kunstenaar se natuurlike behoefte om iemand te teken wat onnosel lyk en na al Oom Kaspaas se stories wil luister." Bosman ondersoek die vraag omtrent oom Kaspaas se gewildheid en kom tot die gevolgtrekking: "Waarom hou ons van Oom Kaspaas? Omdat hy so menslik is. Omdat ons tegelykertyd vir hom lag en jammer kry ... Altyd geluk die groot dinge hom in sy verbeelding; altyd val hy plat in die klein dinge van die werklikheid. Ons lag vir Oom Kaspaas omdat hy dinge so oordrywe; ons hou van hom omdat hy in die grond van die saak waar is; ons kry jammer vir hom omdat sy bedoeling beter is as sy uitvoering. En Neef? Neef is die teenwig vir Oom Kaspaas. Oom Kaspaas wil alles, kan alles (altans in sy verbeelding); Neef wil niks, kan niks. Oom Kaspaas is: struis van haar, borstelig van baard, agressief van buik, groot van praat, vir alles paraat, swak in die daad. Neef is: slap van houding, sigaret in die mond, hande in die sak, onnosel van gelaat, tot niks paraat, gee pad vir die daad. Oom Kaspaas en Neef vorm die nodige kontraste om 'n mooi patroon van ongelyke kleure te weef."(72)

Hoe gewild oom Kaspaas en oom Bart ookal was (daar is selfs 'n Oom Barttabak bemark, en daar is van 'n grootmond gesê dat hy "'n regte Kaspaas" is), bly dit tog opmerklik dat hulle geen blywende invloed op die volksvertelling uitgeoefen het nie. Hulle het aan hul skeppers gebonde gebly, en toe hulle nie meer deur die geskrewe woord aan die lewe gehou is nie, het hulle geleidelik in die agtergrond verdwyn. Selfs 'n heruitgawe van die oom Kaspaas-stories in drie versamelbundels in die sewentigerjare, nl. *Oom Kaspaas in die knyp*, *Oom Kaspaas maak 'n plan* en *Oom Kaspaas op hol* (al drie 1979) kon hom nie weer as egte volkskarakter vestig nie. In 1980 word 'n reeks programme oor oom Kaspaas oor die televisie aangebied.

18.4.5 Danie Smal, Chris Blignaut e.a.

Afgesien van die volksnarre wie se persoonlike manewales die mense laat lag het, was daar diegene wat o.m. met die vertel van grappe as volksvermakers opgetree het. Benewens sommige van die plate-"kunstenaars" na wie reeds verwys is, was daar talle ander. Tradisionele grapvertellers was die honderde seremoniemeesters deur die jare, hoofsaaklik by bruilofte. In die jare twintig en dertig, d.w.s. in die tydvak tus-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sen die twee wêreldoorloë, was die voordraer Danie Smal, wat deur die land gereis en voor honderde gehore opgetree het, asook die gewilde sanger Chris Blignaut baie bekend. As deel van hul programme is grap= pe vertel. In die veertigerjare was daar Pieter de Waal van die S.A.U.K. se koffiehuiskonserte waar die grap 'n belangrike rol gespeel het. Mense soos Frederick Burgers en Dana Niehaus het deur die vertel van grappe oor die radio landswyd bekendheid geniet.

18.5.0 Grapboeke

Volbloed-grapboeke is skaars in Afrikaans. Wel kom daar verskeie ou boeke met grappige stukke voor wat veral met die oog op gebruik by de= batsaande saamgestel is - verwant aan die *boerde* dus. Die belangrikste is: *De gezellige* (omstreeks 1906), waarskynlik saamgestel deur ds. S.J. du Toit; *Het debatsboek* (1910) en *Jong Zuid-Afrika* (1913) deur S.J. van der Spuy; *Stompies* (1911) deur J.H.H. de Waal; *Ons weg deur die wêreld* (1914) deur C.J. Langenhoven; *'n Nuwe Afrikaanse handboek vir Debats- en Christelike Jongeliede-verenigings* (1923) deur Hermanus J.M. Rede= linghuys; en *Die vereniging* deur F.W. Boonzaier (1935). 'n Tipiese voorbeeld van hoe grappe oral aangewend word, is die samesprakie "Die selfsugtige meester" in *Stompies* - "vry bewerk deur my uit 'n aaneen= skakeling, deur myn broer, van bekende grappies: dit was net vir 'n konsertjie van die C.J.V. van die Nieuwe Kerk opgestel", soos De Waal self verduidelik.(73)

(Jan kom in.)

JAN: Goei môre, meester.

MEESTER: Môre, Jan! Waar kom jy vandaan?

JAN: Van die huis, meester.

MEESTER: Hoekom so laat?

JAN: Die pad was so nat, meester, dat, vir elke tree wat ek vooruit gee, gly ek twee agteruit.

MEESTER: Nonsens! hoe kan jy op *die* manier die skool bereik?

JAN: Het agteruit geloop, meester.

MEESTER: Gaan sit!(74)

Hier moet ook een van die merkwaardigste boeke in Afrikaans vermeld word. Dit is *Jan* (1927) deur D.P. du Toit. Van moederskant was Du Toit 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neef van twee bekende manne van die Eerste Taalbeweging, nl. ds. S.J. du Toit en D.F. du Toit (Oom Lokomotief). Hy word joernalis en werk onder meer in die redaksie van *Die Patriot* en *Ons Klyntji*. Nadat hy poste by 'n verskeidenheid koerante in die Kaapkolonie, die Vrystaat en Transvaal beklee het, word hy in 1915 subredakteur by *De/Die Burger*, waar hy tot by sy aftrede in 1933 bly. Hy is o.m. die skrywer van die eerste Afrikaanse drama, *Die bedriegers*. Nog 'n hele aantal dramas en romans verskyn uit sy pen, asook die twee boeke wat hier van belang is, naamlik *Trein-nonsens* (1922) en *Jan*.

Trein-nonsens is, sover ek kon vasstel, die oudste grapboek in Afrikaans, alles op rym. Soos die skrywer verduidelik (hy was destyds subredak= teur by *Die Burger* en het blykbaar per trein werk toe gegaan): "Ek moet baie met die trein ry. As 'n mens in jou kantoor moeg en tam gewerk is en die hele dag met die ewige politiek te doen gehad het, dan het jy nie nog lus vir gesels nie, veral nie politieke geselsery nie. En daar ry mos baie ander mense ook met die trein - mense wat met politiek niks te doen het nie en wat dan in die trein so erg geselserig is en dan 'n ander so graag die politiek van die dag wil duidelik maak. Ek het daar= van naderhand so ongeveer genoeg gehad. Die mense praat egter nie al= tyd net politiek nie. Nee, soms, dikwels vertel hulle ook grappies - die trein is mos by uitnemendheid die plek om grappies te vertel -, al= mal waarvan egter nie op papier kan kom nie. Ek het toe begin die grappies op 'n manier op rym bring. As die mense nou vir my sien skry= we, dan dink hulle dat ek met baie belangrike werk besig is - moontlik staatsdokumente of soiets - , en dan wil hulle my nie hinder nie. Hoe goed dat hulle nie geweet het dat ek nonsens - trein-nonsens - skrywe nie!"(75) Hier is twee voorbeelde van hierdie soort ryme waarvan die boekie meer as 'n honderd bevat:

(i) *Dan sal ek glo*

"Twintigmaal het ek gehoor al
van die dood van Jan van Skoor,
dus sal ek dit nie meer glo nie
dat hy dood is, 'k sweer daarvoor,
of ek moet, voordat ek dit glo
uit sy eie mond dit hoor."(76)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(ii) *Die predikant het gewen*

Drie seuntjies het eendag mos rusie gekry,
en dit oor 'n leuen nog wel -
wie van hulle die grootste leuen
so uit die vuis kon vertel.
Die een wat dit wen, die moes dan 'n prys
van die ander twee daad'lik kry.
Dis goed. - Maar wie kom daar nou met die pad
van die dorp se kant aangery?
Die man kom nader en klim by hul af.
Jou waarlik, dis die dominee, wat
op huisbesoek is en dus daar verby
moes ry met die Lanbergse pad.
Hy vra hoe dit gaan en wat hul daar doen.
Hul vertel hom en sê vir hom ook
wat die weddenskap was waaroor dat hul hier
so hard met mekaar sit en spook.
"Nee, foei tog, my kinders," sê dominee nou,
"doen dit nooit. Neem as voorbeeld my wel;
want ek het so lank as ek lewe, nooit
'n enkele leuen vertel."
"Ka, ka, kaa," lag die kleinspan, "maar hoor so 'n vent;
kyk hoe draai hy die tol op sy pen!
Nee, gee hom die prys maar: hy is vir ons baas;
hy 't so wragtiewaar eerlik gewen."(77)

Maar dis die grapromen *Jan* wat eirtlik aandag verdien. Die adverteer= ders het werklik nie oordryf toe hulle dit soos volg in Januarie 1928 in *Die Volkstem* aangekondig het nie: "Aan die hand van die lewensloop van Jan word in nierdie verhaal sy lewe behandel van sy geboorte tot sy dood. Dis die skrywer nie soseer te doen gewees om die verhaal self nie, maar dis die grappige in Jan se lewe wat deur die skrywer op beson= der originele wyse word weergegee. Die leser maak hier kennis met let= terlik duisende grappe - oues en nuwes - en almal word om Jan gegroepeer. Daarby verstaan die skrywer die kuns om 'n grap goed te vertel. Iemand moet regtig baie droog wees of uiters sleg voel as sy gesig nie op elke bladsy 'n paar keer uit die melankolieke plooi kom nie."(78)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dis een grap op die ander, van Jan se geboorte, deur sy lang lewe, tot by sy dood - meer as 450 bladsye vol. Hier volg net 'n deeltjie uit die hoofstuk "As skoolseun" om te toon hoe dit gedoen word:

"Dit word nou tyd om 'n bietjie te verneem hoe dit met Jan in die skool gegaan het. Dit was 'n tydperk vol wederwaardighede; 'n tydperk waar= in Jan nie alleen baie van sy meesters geleer het nie, maar ook hulle van hom.

"Die assistent by wie Jan in die klas gekom het, was maar 'n bietjie driftig, en Jan was, soos gewoonlik maar met kinders die geval is, 'n bietjie dom van die plek af. Een dag word hy weer kwaad en wys met die lat na Jan toe, wat vlak voor hom staan en sê: 'Daar staan die domste esel in die skool voor die punt van my lat.'

"Dadelik vra Jan: 'Watter punt, meneer?'

"'n Rukkie later het daar iets van 'n selfmoord in die les voorgekom, en daar die onderwyser dit 'n bietjie nader wou toelig sê hy: 'As ek nou 'n skuitjie neem wat baie lek, en ek gaan daarmee op die dorpsdam rondseil, en die skuitjie sink en ek verdrink, wat sou dit dan wees?'

"Opgeruimd antwoord Jan: ''n Lekker vakansie vir ons, meneer ...'

"Rekenkunde was Jan se swakpunt. Om hom nou 'n som duidelik te maak sê die onderwyser eendag vir hom: 'As daar ses skape langs die pad staan en een hardloop oor die pad, hoeveel bly dan anderkant staan?'

"'Geeneen nie, meneer.'

"'Hoe kan dit dan wees?'

"'Kyk, meneer, Pa sê altyd as een skaap eers oorgespring het dan bars die ander ook almal deur.'"(79)

In 1944 verskyn wat as die eerste "volwaardige" versameling grappe beskou kan word. Dit is *Vinnige flitsies* deur oom Wynand en Androk. (Oom Wynand is die skrywer A.J.J. van Pletzen; Androk se identiteit is onbe= kend.) Wat die herkoms van die grappe betref, verklaar die skrywers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

self: "Baie min grappies is oorsponklik, want hulle word gewoonlik van geslag tot geslag oorgelewer. Telkens word hulle aangepas aan nuwe omstandighede of toegeskryf aan een of ander bekende persoonlikheid. Hierdie versameling is uit baie oorde bymekaargemaak en bevat ook buite= landse staaltjies wat ons 'n Afrikaanse baadjie aangetrek het."(80) Die grappe word dan in 'n negentiental afdelings verdeel, soos bv. "Oor dokters en kwale","Huishoudelike aangeleenthede", en "Oor die lig van die liefde". Die grappe is niks beter en niks swakker as die gewone "korsies" in tydskrifte nie.

18.6.0 Intervolklike grappe

Dis te begrype dat grappe groot swerwers sal wees, maar dit kom tog as 'n verrassing as 'n mens vasstel dat wat jy as tipiese ou Boeregrappe beskou het, soms wyd in die wêreld bekend is, of soms net in 'n land waarmee ons weinig kontak gehad het. Hier is 'n tiental voorbeelde, elk genommer volgens Aarne/Thompson se indeks, en by elkeen word die vernaamste ander tale aangedui waarin dit ook opgeteken is:

Toegang tot hemel deur goeie daad (A/T 809)*

Petrus wil weet watter goeie daad die ryk man gedoen het sodat hy aan= spraak daarop maak om die hemel binne te gaan. Ryk man het een keer 'n trippens op kollektelys vir weeskinders gegee. (Soms stel iemand anders voor dat Petrus die ryk man se trippens teruggee en hom hel toe stuur.)

Fins.

Boer koop 'n leesbril (A/T 1331A)*

Winkelier adverteer leesbril waarmee enigiemand sal kan lees. Boer pas al die brille op, maar is nog nie tevrede nie. Radeloos vra die winkelier: "Maar kan jy lees?" "Nee," sê die Boer, "dis waarom ek een van jou brille wil koop."

Waals.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dwarstrekkerige vrou (A/T 1365A)

Vrou val in rivier en verdrink. Haar man soek stroom op na haar lyk omdat sy altyd so dwarstrekkerig was.

Engels, Frans, Waals, Duits, Spaans, Fins, Sweeds, Noors, Russies, Indies, Engels-Amerikaans, Spaans-Amerikaans.

Meisie wat so min eet (A/T 1458)

Kêrel lê besoek af by nooi. Om indruk te maak, eet nooi byna niks aan tafel nie. Die ma sê haar dogter eet maar altyd so min. Nâ ete loop die kêrel by kombuisvenster verby en is ontnugter om te sien hoe die nooi sommer met die soplepel uit die pot weglê.

Iers, Duits, Sweeds, Noors, Turks.

Altwee? (A/T 1563)

Man stuur kneg van land af huis toe om twee brode te gaan haal. By die huis gekom, beweer hy dat dogters se vader gesê het hy moet altwee soen. Hulle glo hom nie, en kneg gaan staan voor deur en roep luid: "Altwee?" "Ja!" antwoord die vader. Die kneg soen die dogters en stap met die brood land toe.

Iers, Frans, Nederlands, Waals, Duits, Fins, Sweeds, Noors, Yslands, Hongaars, Russies, Engels-Amerikaans, Spaans-Amerikaans, Indiaans.

Het jy dit gesien? (A/T 1588)*

'n Man lê getuienis in die hof af omtrent iets waarvan hy gehoor het. Die regter sê hy kan getuienis wat op hoorsê berus, nie aanvaar nie; die man moet net vertel wat hy gesien het. Net toe laat die getuie 'n wind, en die regter betig hom oor sy swak gedrag. Getuie: "Edelagbare, hoe weet u dit?" Regter: "Ek het dit met my eie ore gehoor." Getuie: "Wat 'n mens hoor, is nie waar nie."

Vlaams.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jode uit hemel weggelok (A/T 1656)

Boer kom by hemelpoort, maar Petrus sê die hemel is oorvol. Boer loer by oop deur in, en oral sien hy net Jode. Toe skree hy: "Maak gou! In Johannesburg is 'n uitverkoping van ou klere aan die gang!" Dadelik storm die Jode by die hemel uit, en die Boer kry plek.

Engels, Nederlands, Fins, Russies, Engels-Amerikaans.

Dink jy ek is doof? (A/T 1698C)

Man en vrou word aan mekaar bekendgestel. Vooraf sê vriende aan albei dat hulle maar 'n bietjie hard moet praat aangesien die ander een taamlik hardhorend is. Die man en die vrou gesels skree-skree met mekaar. Naderhand vra die vrou: "Waarom skreeu jy so vir my? Dink jy ek is doof?" Man: "Waarom skreeu jý so? 'n Mens sou sê jy dink ék is doof."

Engels, Sweeds, Italiaans, Grieks, Indies.

Skoene per telefoon versend (A/T 1710)

Plaasseun wat in stad gaan werk het, skryf aan sy vader om gou vir hom 'n paar skoene aan te stuur. Vader koop die skoene en hang dit oor die telefoondrade om gou afgelewer te word.

Frans, Duits, Sweeds, Italiaans, Grieks, Engels-Amerikaans, Spaans-Amerikaans.

Krytmerke op trappe na die hemel (A/T 1738C)

Predikant en koster kry toestemming om die hemel binne te gaan mits hulle elke sonde met kryt op die treetjies van die trap boontoe afmerk. Die predikant moet naderhand terugkeer om nog kryt te gaan haal.

Fins.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. André Jolles: *Einfache Formen*, p.248-251.

2. J. Prinsen: *Handboek tot de Nederlandsche letterkun=dige geschiedenis*, p.86-87.

3. J. Prinsen: *Handboek tot de Nederlandsche letterkun=dige geschiedenis*, p.87.

4. Vgl. i.v.m. grapboeke die inskrywings by *Jestbooks* in *Chamber's encyclopaedia*, en Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mytho=logy and legend* II.

5. Walter Hepworth: Inskrywing by *Fool* in *Encyclopaedia Brittannica*.

6. Vgl. inskrywings by *Jestbooks* in *Chambers's encyclopaedia*, en Maria Leach (red.): *Standard dictionary of folklore, mythology and legend* II, asook inskrywing by *Fool* in *Encyclopae=dia Brittannica*.

7. Vgl. ook inskrywing by *Schwank* in Erich en Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde*, asook J. Prinsen: *Handboek tot de Nederlandsche letterkundige geschiedenis*, p.86-90, en G.D.J. Schotel: *Volksboeken en volkssprookjes* II, p.129-135.

8. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.129-130.

9. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.109.

10. F.Th. Schonken: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen*, p.63.

11. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.1-2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12. *Het Zuid-Afrikaansche Tydschrift*, Maart/April 1825, p.30.

13. G.S. Nienaber: *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Brieve uit 1861 - Brieve*, p.63.

14. G.S. Nienaber: *Samuel Zwaartman*, p.77.

15. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.88.

16. *Ons Klyntji*, Mei 1896, p.47.

17. *Ons Klyntji*, Julie 1896, p.87.

18. *Ons Klyntji*, Oktober 1896, p.158-159.

19. *Ons Klyntji*, Januarie 1898, p.15.

20. *Ons Klyntji*, Februarie 1898, p.26.

21. *Ons Klyntji*, Augustus 1898, p.123.

22. *Ons Klyntji*, Junie 1905, p.5.

23. *Ons Klyntji*, Augustus 1905, p.6.

24. *Ons Klyntji*, November 1905, p.15.

25. *Ons Klyntji*, Desember 1906, p.1.

26. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies in Kaaps-Hollands* (1893-uitgawe), p.29-31.

27. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* II, p.115-118.

28. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* I, p.91-97.

29. Ons Erfenis (Malan).

30. Rubriekskrywer Dawie in *Die Burger*, 19 April 1947.

31. *Ons Klyntji*, Maart 1897, p.22. Vgl. ook *Ons Klyntji*, September 1897, p.167; Februarie 1898, p.47;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

April 1899, p.95; Julie 1899, p.165; September 1899, p.188; Januarie 1900, p.19; Oktober 1901, voorbl.; Julie 1904, p.114.

32. G.S. Nienaber: *Afrikaans tot 1860*, p.31; *Ons Erfenis*, RV 105 en 106.

33. Vgl. *Encyclopaedia Brittannica*, inskrywing by *Pasquinade*; Van Dale: *Groot woordenboek der Nederlandse taal*.

34. L.H. Meurant: *Sixty years ago*, p.26-29.

35. Ella Wagenaar: Paskewille, 'n volksvermaak (Hennie Aucamp, red.: *Op die Stormberge*, p.105-107).

36. Ons Erfenis, RV 107.

37. Ons Erfenis, RV 104.

38. Ons Erfenis, JOER I, p.73.

39. Ons Erfenis, JOER I, p.103.

40. Vgl. in algemeen dr. S.J. du Toit: *Suid-Afrikaanse volkspoësie*.

41. Vgl. Abel Coetzee e.a.: *Tiperegister van die Afrikaanse Volksverhaal*, tipe 800.

42. *De Goede Hoop*, Julie 1903, p.20, 27 en 36.

43. Con Groenewald: Die romantiek van Africana-plate (*Opus*, Oktober/November 1973, p.10-16).

44. *HMV*, GC 1436/*Zonophone* 4011; *HMV*, GC 1439/*Zonophone* 4012; *HMV*, GC 1438/*Zonophone* 4013; *HMV*, GC 1439/*Zonophone* 4014; *Zonophone* 4015.

45. F.W. Reitz: *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte*, p.99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

46. *Zonophone* 4083, 4097, 4114 en 4131.

47. Melt J. Brink: *Grappige stories en andere versies* I, p.36.

48. Con Groenewald: Die romantiek van Africana-plate *(Opus*, Oktober/November 1973, p.14).

49. *Zonophone* 4079, 4108, 4110 en 4128.

50. *Zonophone* 4078, 4092, 4109, 4126, 4128 en 4150.

51. *Zonophone* 4128.

52. *Die Brandwag*, 31 Mei 1910, p.17 en 19; 28 Junie 1910, p.v; 19 September 1910, p.235; 1 Oktober 1910, p.261; 15 Desember 1910, p.440.

53. *De Huisgenoot*, Junie 1916, p.52.

54. *De Huisgenoot*, Augustus 1916, p.108.

55. *De Huisgenoot*, Mei 1917, p.22.

56. *De Huisgenoot*, Desember 1916, p.212.

57. *Die Huisgenoot*, 23 Nov. 1923.

58. Izak W. van Tonder: *Van Riebeeck se stad*, p.201.

59. Vgl. D. du Preez: *Renier de Winnaar - Baasverteller*.

60. *Ons Klyntji*, Mei 1901, p.76.

61. A.C. Celliers: *Lewensavontuur* II, p.21-22.

62. Ons Erfenis, VK 197.

63. Ons Erfenis, VK 191.

64. Ons Erfenis, VK 201.

65. Kotie Roodt-Coetzee: Die lief en leed van die banneling (J.H. Breytenbach, red.: *Gedankalbum van die*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tweede Vryheidsoorlog, p.515).

66. Kotie Roodt-Coetzee: Die lief en leed van die banneling (J.H. Breytenbach, red.: *Gedankalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.515).

67. Ons Erfenis, VK 195.

68. Ons Erfenis, VK 196, 198, 201.

69. Ons Erfenis, VK 200.

70. G. Dekker: *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, p.273.

71. J.M.H. Viljoen: Voorwoord (Dirk Mostert: *Petaljes van oom Bart)*.

72. F.C.L. Bosman: Voorwoord (T.O. Honiball: *Oom Kaspaas - 75 Luimige episodes uit die ou oom se avontuurlike lewe)*.

73. J.H.H. de Waal: *Stompies*, Voorwoord, p.vi.

74. J.H.H. de Waal: Die selfsugtige meester *(Stompies*, p.62).

75. D.P. du Toit: *Trein-nonsens*, Voorwoord.

76. D.P. du Toit: *Trein-nonsens*, p.1.

77. D.P. du Toit: *Trein-nonsens*, p.7.

78. *Die Volkstem*, 17 Januarie 1928.

79. D.P. du Toit: *Jan*, p.75-76.

80. Oom Wynand en Androk: *Vinnige flitsies*, p.72.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

19.0.0 DIE VOLKSVERTELLING VANDAG

Die tydgenootlike volkskultuur, waarby die volkskultuur in die tydvak min of meer nâ die Tweede Wêreldoorlog bedoel word, 'n tydvak by uitstek van die tegnologie, maak wel sporadies die belangstelling van vorsers gaande, hoewel die tradisionele, die volkskultuur van gister, nog steeds verreweg die meeste aandag kry. 'n Belangrike kommentator oor die volkskultuur van vandag is die Duitse volkskundige Hermann Bausinger, skrywer o.m. van *Volkskultur in der technischen Welt* (1961), terwyl 'n landgenoot en medevolkskundige Albrecht Lehmann heel onlangs nog 'n artikel geskryf het oor "Erzählen eigener Erlebnisse im Alltag" (1978).(1) Hoe interessant hierdie mense se stellings ookal mag wees, bly dit - ook wat die volksvertellings betref - filosofies, psigologies of sosiologies van aard. So verklaar Lehmann onomwonde dat sy belangstelling by die funksie van die vertelling lê: "Es geht mir um Funktionen, die gegenwärtige Erzählungen eigener Erlebnisse und Beobachtungen aus dem Alltag für die Erzähler und ihre Zuhörer besitzen."(2)

In die geheel aanvaarbaar is S.J. van der Molen se oorsig van eietydse Nederlandse volkskultuur: *Levend volksleven* (1961), waarin dit vir hom daarom gaan om die verskynsels te orden en dit teen die agtergrond van die tradisionele volkskultuur van weleer te bespreek. Self het ek nog deurgaans die standpunt gehuldig dat terwyl 'n teoretiese onderbou wel nodig is (net soos in die literatuurwetenskap), die studie van die volksvertelling in die laaste instansie op die woordskepping gerig moet word, op die vertelling self, en nie op die verteller of die toehoorder nie.

19.1.0 Belewenisvertellings

Reeds by die belewenis vind ons 'n sekere patroon wat hom ook by die ander soorte volksvertellings herhaal. Daar kan nl. drie tipes tydgenootlike belewenisvertellings onderskei word.

19.1.1 Tradisionele vertellings wat in een of ander vorm bly voortbestaan het

Voorbeelde binne die afgelope vyf jaar uit die volksmond opgeteken, is o.m. die heldeverhaal van Racheltjie de Beer, wat deur die verteller as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"een van die mooiste stories in die wêreld" bestempel is;[3] 'n vertel= ling oor hoe die legendariese Paul Kruger sy eerste leeu geskiet het;[4] die verhaal van die huisslang, wat nou 'n padda geword het: 'n Ma gee elke dag 'n bordvol melk en broodstukkies vir haar dogtertjie om te eet. Daar kom 'n padda uit 'n bars in een van die huismure en eet saam met haar. Eendag hoor die moeder die kind met iemand praat, sy sien die padda en slaan hom dood. Die dogtertjie word siek en sterf.[5] Ook leef die vertelling omtrent die seun in die bergspleet nog in sommige dele van ons land as die reine waarheid voort.[6]

Spookstories as humoristiese vertellings het hul gewildheid behou. Deur persoonlike waarneming weet 'n mens hoe graag kinders mekaar bangmaak= stories oor spoke vertel, maar op die ou end loop dit op 'n grappige ont= knoping uit. 'n Tipiese voorbeeld is die volgende: "'n Man slaap in 'n donker, donker huis op 'n reënerige aand. (Alles word baie dramaties vertel.) Skielik raak hy wakker en sien twee blink oë en 'n stem vra: 'Wat soek jy hier?' Die man word bang, maar die stem en die oë kom al nader.' Intussen word die kleingoed self al banger, totdat die ver= teller sy storie beëindig met 'n skielike 'Ba!' of iets dergliks. Al= mal skrik hulle natuurlik kis en gil en klou aanmekaar."[7]

19.1.2 Nuutskeppinge rondom gebeure en karakters van ons eie tyd

Belewenisse met motorfietse, motors, vliegtuie kom in die plek van belewenisse met die perd en die ossewa. So word bv. humoristies ver= tel van 'n seun wat sy vader se motor vir 'n skoudansparty wederregtelik "leen". Toe hy later die aand uit die danssaal kom, sien hy dat die motor se een modderskerm lelik gestamp is. Dadelik gaan hy na 'n maat toe wat 'n duikklopper is, en daardie nag nog word die motor herstel. Die volgende oggend sê die vader verbaas: "Die engeltjies moes verlede nag hier gewees het. Toe ek die motor gisteraand in die motorhuis stoot, het ek sy een modderskerm sleg gestamp, maar vanoggend is dit weer reg."[8]

Buitengewone gebeurtenisse lei tot nuwe vertellings. Heelwat dramatiese maar ook humoristiese verhale het bv. tydens die Bolandse aardbewings van 1969-70 ontstaan. In die besonder word verwys na 'n hele groep vertel= lings omtrent mense wat (soos dit tradisioneel gewoonlik tydens die een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of ander ramp gebeur het) dadelik gemeen het dat die laaste oordeelsdag aangebreek het.[9] Twee tipiese voorbeelde hiervan is die volgende:

"Ons weet van 'n tannie wat vás geglo het dat die aardbewing die oor= deelsdag was! Sy het sonder meer haar man aangesê om dadelik sy nuwe pak klere aan te trek en sy self het haar nuwe borsrok en beste klere aangetrek. Toe gaan lê die twee oues weer ewe plegtig op die bed. 'Kyk ou man,' sê sy toe, 'as dit nou wêl die oordeelsdag is, moet ons darem ten minste netjies gevind word ...!'"[10] Dan was daar die geval van 'n egpaar wat kamer toe gegaan het, die man was gou aan die slaap, maar die vrou het nog eers 'n paar dingetjies te doen gehad. In 'n buitekamer op die werf het hul seun en 'n vriend geslaap. "Toe die aardskok tref, het die tannie benoud na haar man geroep en gesê hulle moet uitgaan want sy dink dat dit sekerlik niks anders as die oordeels= dag is nie! Toe hulle dood ontsteld buite kom, en die vure teen die berghange sien, was hulle oortuig daarvan dat hulle veronderstelling juis was. Terwyl hulle nog beraadslaag wat hulle te doen staan, het hulle skielik twee wit gedaantes by die laning sien beweeg - uit die rigting van die plaaskerkhof! Hulle het nou nie meer getwyfel nie! - die ontslapenes het reeds begin opstaan! 'Ou man,' sê die vrou met diep ontsag, 'ons moet seker nader gaan en die mense gaan groet! Maar, wat sê 'n mens nou aan sulke mense?' Toe hulle naderstaan, vind hulle egter dat dit hulle seun en sy vriend was, wat met hulle nagklere aan, gaan probeer vasstel met wat gebeur het!"[11]

Iets soos die terroriste-aanslag teen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika wat in die sewentigerjare in alle erns begin en grensdiens vir jong diens= pligtiges meegebring het asook die gepaardgaande Angolese Oorlog, lei tot talle vertellings. Ook 'n hele reeks nuwe heldeverhale ontstaan.[12]

Elke geslag lewer sy eie legendariese karakters op, soos bv. Koos Meyer, hoofsaaklik toe hy student aan die Universiteit van Stellenbosch was. Eendag het hy aan 'n span telefoonwerkers vertel dat 'n groep studente aangetrek soos polisiemanne hulle sal kom verwilder. Aan die polisie gaan sê hy dat studente aangetrek soos telefoonwerkers met die telefoon= drade peuter. Vanselfsprekend het dit op 'n moles uitgeloop.[13] Vol= gens 'n ander oorlewering het Koos Meyer 'n motor besit wat net uit die bakwerk sonder 'n enjin bestaan het. Hy laat sy makkers help om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

motor tot op die pad Strand toe te trek, en dan begin hy kastig daar= aan werk. Spoedig bied 'n goedhartige motoris aan om hom tot in die Strand te sleep. Daar kuier Koos heeldag en kom teen die aand op die= selfde manier terug Stellenbosch toe.(14)

19.1.3 Ou temas in nuwe gedaantes

Die heel interessantste gevalle is waar stokou temas weer opduik wanneer omstandighede gunstig is, en dan word die verhaal vertel asof dit hom pas afgespeel het. Ons het die vertelling van die ou vroutjie langs die pad in die Hollandse Tydvak teëgekom toe die paaie oor die Kaapse Vlakte nog primitief was; dit het opgeduik in die stormagtige jare teen die einde van die 19de eeu toe Kimberley 'n diamantstad geword het; en nou, in die tyd van terroriste en gerugte van terreur, word dit weer opgediep. Hier is twee voorbeelde:

In Suidwes-Afrika/Namibië laai 'n motoris 'n ou swartvrou met 'n bon= deltjie op. Toe hulle wegry, sien die bestuurder dat die "vrou" darem besonder groot voete het. Hy raak agterdogtig, hou stil en vra sy pas= sasier om asseblief uit te klim en na die agterbande te kyk, want dit voel vir hom asof die een pap is. Toe die "vrou" by die deur uit is, jaag die bestuurder weg en ontdek later in die bondeltjie wat in die motor agtergebly het 'n uitmekaargehaalde outomatiese geweer. Die "ou vrou" was 'n terroris.(15) Eweneens word vertel van 'n blanke vrou wat naby Bloemfontein 'n ou swartvrou met 'n bondel langs die pad oplaai. Toe die bestuurder wegrek, kyk sy in die truspieëltjie en sien dat die passasier baie sterk manlike gelaatstrekke het. Sy hou stil en vra dat haar metgesel asseblief vir haar iets uit die kattebak moet haal. Toe die passasier uitklim, jaag die vroulike motoris weg. Later vind sy in die bondel wat in die kattebak was 'n klomp gewere en ander wapens. Die "ou vrou" was 'n rower of terroris.(16)

19.2.0 Sages

Soos te verwagte het talle gestaltes wat wesenlik landelik van aard is veral met die grootskeepse verstedeliking van die Afrikaner nã die Twee= de Wêreldoorlog uit sy volksgeloof verdwyn, of word dit net hier en daar nog onthou, gewoonlik as dinge "waarvan die oumense gepraat het". Hier=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die houding van die stadsmens werk deur na die plattelander wat in Suid-Afrika, waar feitlik geeneen sonder stedelike familie of kennisse is, in noue kontak met die stad verkeer. Die plattelander wil nie "on= geleerd" teenoor sy stadsbroer vertoon nie, en dit versnel die proses van gelykskakeling waardeur die plattelander ook die ou volksgelowe makliker afsweer. Hierdie verwoestende uitwerking van verstedeliking op die tra= disionele volkskultuur is 'n bekende verskynsel en het ook gedurende die Nywerheidsrevolusie in 19de-eeuse Engeland plaasgevind. So skryf die kultuurhistorici Lindsay en Washington o.m.: "To some the increasing contacts with the outside world made country life more tolerable. To others they were a disturbing influence. Education framed for the most part by townsmen for town children sometimes made young country people look down on the traditions, festivals, folk-songs, and dances of the villages. Many began to yearn for the bright lights and varied amuse= ments of the towns."(17)

Wat die volksgeloof in die besonder betref, bring die snelle massakommu= nikasiemiddels (koerant, tydskrif, radio, televisie) die populêre weten= skap binne bereik van wie ookal wil lees of luister of kyk, en sulke kennis beteken in vele gevalle die doodsklok vir die ou gelowe. Die vuur-, lug- en aardgeeste (blêrslange, dassie-adders, sandkokkewiete), en die talryke watergeeste (watermense, waterslange met of sonder 'n steen, bromdiere, waterkokkewiete), die fantasiediere (die basilisk, eenhoring, motby) behoort omtrent voor die voet tot die verlede. Selfs die veelsydige Antjie Somers van weleer het grootliks vergete geraak.

Heeltemal het die volksgeloof egter nie verval nie. Enkele elemente, soms oeroud, bly taai voortbestaan, soos die geloof aan voorbodes, in 'n mate aan spoke, en veral aan goëlery en toordery (waarby Tokkelossie inbegrepe is). In hierdie verband kan verwys word na die belangrike sa= ge oor "Die Wilde Jaer (Wilde Jaagtog, Hellewa)" wat vandag nog in die Karoo voortleef, hoewel in erg verbleekte vorm; daar word nou vertel van 'n vragmotor (i.p.v. 'n muilwa) wat so deur die veld jaag.(18) Ook kom nuwe dinge by, of waar dit reeds vroeër op beperkte skaal bestaan het, word dit versterk. In die eerste instansie dink 'n mens aan ge= lowe wat by die moderne tegnologiese ontwikkeling aansluit, bv. atoom= bomme, ruimtereise en allerhande vreemde ruimtewesens en ruimtevoorwerpe (vlieënde pierings). So is daar met die eerste ontwikkeling van atoom=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bomme vas geglo dat die ontploffing van so 'n bom 'n kettingreaksie aan die gang kan sit wat die hele aarde in die niet sal laat verdwyn.[19] Die ontdekking van uraanhoudende klippe in die Karoo het aanleiding gegee tot die geloof dat 'n vrou wat daarop sit, onvrugbaar sal word.[20]

Sterk is ook die geloof aan dinge soos waarsêery, wat soms saamhang met spiritisme, iets wat egter 'n soort religie geword het en saam met verskynsels soos satanisme en allerhande ander kultusse by mites tuishoort.

Dit gebeur selde dat al hierdie moderne gelowe werklik tot afgeronde vertellings aanleiding gee en dus sages word.

19.2.1 Toordery

Die geloof aan toordery bly oënskynlik sterk,[21] en berigte daaromtrent duik telkens in koerante op,[22] maar hoe algemeen dit werklik is, bly steeds onmoontlik om te bepaal aangesien mense, soos vroeër, nie geredelik daaroor praat nie, waarskynlik omdat die Christelike kerke daarteen gekant is, en ook omdat dit in die mees ontwikkelde kringe sosiaal onaanvaarbaar is en geloof daaraan as 'n teken van onopgevoedheid beskou word.

'n Tipiese geval van toordery soos dit in tydgenootlike koerantberigte voorkom, is die volgende. Toe die Suid-Afrikaanse swaargewigbokser Jimmy Abbott (hy is Afrikaanstalig) sy vrou verlaat en by 'n ander vrou intrek, verklaar sy skoonouers, mnr. en mev. Koos Myburgh van Greymont, Johannesburg, dat lg. vrou hom getoor het. "Hulle was reeds by 'n toordokter in Newclare," vertel die vrou. "Ek hoor hulle het die dokter R300 vir toorgoed betaal. Dit sal niks help nie. Ons is Christenmense. Jim gaan nou gereeld kerk toe."[23]

(a) *Oorgeleverde vertellings.* Hier is 'n geval van toordery wat jare gelede sou plaasgevind het, maar waarvan die besonderhede nog deur 'n lid van die jong geslag van vandag onthou en oorvertel word. 'n Plaaswerker van Riversdal steel by sy werkgewer, word betrap, ontvang 'n drag slae en word van die plaas af weggejaag. Kort daarna begin die boer se dogter snags gil, en dan verskyn rooi hale op haar lyf asof iemand haar met 'n sweep slaan. Ten einde raad laat die boer 'n toordok-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ter (seker 'n Slams) kom. Die toordokter gesels so 'n bietjie en is besig om koffie te drink, toe die meisie begin gil. Die man spring op en loop reguit na die dam, waar hy die weggejaagde plaaswerker kry, besig om 'n platanna met sy vinger te slaan. Die houe word dan op die meisie oorgedra. Toe die bron van die toordery gevind is, kan dit onskadelik gestel word.(24)

(b) *Nuwe vertellings aan 'n tradisionele karakter gekoppel.* Dis geensins vreemd dat 'n geliefde volkskarakter algaande in die volksver= beelding uitgroei totdat op die ou end allerhande bonatuurlike magte aan hom toegeskryf word nie. Dit het met die vermaarde Dirk Ligter gebeur, en vandag word allerhande toweragtige verhale o.m. deur 'n bruin gids in die Sederberge, Pieter Burrows, oor hom vertel, soos ons reeds gesien het. Daar was bv. die geval toe Dirk Ligter hom in 'n miershoop veran= der het om aan die polisie te ontsnap.(25) By 'n ander geleentheid het hy glo net op die slot van sy tronksel geblaas, en die deur het oopge= swaai.(26)

(c) *Nuutskeppinge in ons eie tyd.* 'n Besondere geval het in 1976 aan die lig gekom omdat dit tot 'n hofsaak gelei het nadat 'n man tydens behandeling teen toordery oorlede is. Die sg. Siener van Germiston, 'n Afrikaanstalige staalfabriekswerker, is glo heldersiende en kan sterf= gevalle vooruit voorspel. Wanneer hy pasiënte behandel, vertoon sy op= trede 'n mengeling van Christelike en nie-Christelike elemente. Sy toerusting, gepak in 'n groot koffer, bestaan uit 'n aantal groot blik= ke vol medisynes en 'n Bybel. "Ek lees eers uit die Bybel en bid voor= dat ek iemand genees," vertel hy. "Ek vra eers die Here se hulp, en as Hy laat weet dat Hy die boodskap ontvang het, dan gaan ek voort en gee die persoon medisyne." Volgens die getuienis van 'n seun van die oor= ledene was dit 'n Vrydagaand toe die Siener by sy ouerhuis aangekom het om die "toordery" hok te slaan. Eers het hy voor die huis Bybel gelees en toe in die agterplaas 'n botteltjie groen poeier, wat hy groenmamba genoem het, uitgegrawe. Vervolgens het hy met 'n leer op die dak ge= klim, van waar die bose magte hom glo weer na die voortuin toe "getrek" het. Die seun het die medisyne gesien wat die Siener aan sy pa gegee het en vir sy pa gesê "dis net 'n klomp kruie, speserye en vitaminepil= le. Ons het daaroor gelag en gereken die vitaminepille sal miskien op= bouend wees. My pa het besluit om die goed te drink. Dit was die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Saterdagoggend. Saterdagmiddag het hy begin kla. Sondag was hy baie siek. Hy is hospitaal toe. Van toe af het daar omtrent elke 24 uur 'n orgaan ingegee. Hy is omtrent veertien dae later dood, maar die laaste sewe dae was hy so te sê 'n lewende mummie."(27)

19.2.2 Goëlery

'n Tipiese goëlstorie van weleer wat vandag nog onthou word, lui dat 'n Boesmanwerker wat deur 'n boer in die pad gesteek is, op 'n plaas in Suidwes-Afrika begin goël het deur in die gedaante van 'n groot swart hond met vlammende swart oë te verskyn. Die boer skiet die hond met 'n silwerkoeël, gemaak van 'n gesmelte muntstuk. Later word die Boes= man dood aangetref; die koeël het hom reg tussen die oë getref.(28)

In die vroeë sestigerjare was daar 'n groot goëlery op 'n plaas naby Franschhoek. Verskillende verhale het rondom die gebeure ontstaan. Volgens een getuie het sake soos volg verloop: "Daar was blykbaar moei= likheid tussen oom Gert Rabie en oom Aap Roux. Oom Aap het toe 'n In= diër gehuur om by oom Gert te goël. Die kafbale het rondgerol; die huisbediende het met 'n man in die bos baklei - sy kon die man sien, maar niemand anders kon nie; die gordyne is gesny; koppies het in die kombuis afgeval; iemand het die huisbediende met klippe gegooi. Oom Gert het toe Kaap toe gegaan en poeier by 'n ou vrou gekry wat hy op die klippe gegooi het - die goëlery het toe opgehou."(29)

Volgens 'n ander weergawe het die goëlery begin met 'n klip uit die niet wat 'n gat in een van die ruite van die kombuisvenster geruk en die be= diende getref het. Toe het klippe gereeld deur die gat getrek, en hoe= wel die polisie die omgewing gefynkam het, kon geen gooier opgespoor word nie. Dit het al woester gegaan, en steeds was die bediende die slagof= fer. As iemand anders tussen haar en die venster gestaan het, het die klip met 'n boog om hom getrek en die bediende agter hom neergevel. Die bediende het gesê dat sy 'n klein grys mannetjie kan sien wat vir die goëlery verantwoordelik is - klaarblyklik Tokkelossie wat as handlanger van 'n Slamse toordokter opgetree het. Niemand anders kon die mannetjie gewaar nie, maar toe hulle kookwater op die plek gooi wat die bediende aangewys het en met 'n misvurk steek, is 'n geskree gehoor, en daar het bossies grys hare en bloed op die grond gelê. Later het aan die lig ge=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom dat die bediende haar man, wat in die Kaap gewerk het, met 'n ander man gekul het en dat hy toe die hulp van 'n Slams verkry het om by haar te goël. Nadat die plaaseienaar die hulp van 'n vroulike toordokter ingeroep het en die bediende ontslaan is, het die goëlery opgehou.(30)

Daar is nog 'n derde uitleg. "Oom Heinie (Malherbe) vertel weer dat dit die bediende self was wat gegoël het. Sy is betrap. Eendag was oom André Carstens en oom Heinie teenwoordig toe dit kastig weer gegoël het. Hulle het 'n bondeltjie kroesies en 'bloed' op die grond gesien. Toe oom André daaraan wou vat, het die bediende byna die stuipe gekry. Die 'bloed' was niks anders as die rooi kleursel wat 'n mens in koek gooi nie. Dr. Loxton (die plaaslike geneesheer) het bevestig dat dit geen bloed was nie. Dit was die laaste sien van die tokkelossie."(31)

19.2 ? Voorbodes en waarsêery

Daar word nog steeds vas geglo dat die toekoms hom spontaan op allerhan= de maniere aan die mens openbaar (voorbodes), of dat hy gedwing kan word om sy geheime prys te gee (waarsêery).

Ná deeglike navorsing het sommige wetenskaplikes in Brittanje tot die gevolgtrekking gekom dat daar wel iets soos "menslike seismograwe" be= staan wat as 't ware die skokgolwe van komende rampe registreer nog voor dit plaasgevind het. Daar is selfs in 1967 'n British Premonitions Bureau in die lewe geroep waarheen mense besonderhede kan stuur indien hulle op die een of ander manier 'n voorgevoel kry of voorteken sien (bv. in 'n droom) dat iets gaan gebeur.(32)

Tipies van hierdie soort voorgevoelens omtrent naderende onheil, soos dit ook in Suid-Afrika aangetref word, is 'n geval verbonde aan die terroriste-aanslag op 'n bank in Silverton, Pretoria, vroeg in 1980. Een van die slagoffers was die jong mej. Cindy Anderson, en later is verklaar: "Op haar negentiende verjaardag, skaars 'n week voor haar gewelddadige dood, was die sprankelende Cindy Anderson vreemd onrustig oor die dood."(33)

In 1974 is ná 'n vliegtuigramp van 'n droomgesig vertel. Die berig oor die ongeluk het gelui: "Vier amptenare van die De Beers-maatskappy in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kimberley het gister op slag gesterf deurdat hul ligte vliegtuig naby die Lime Acres-lughawe neergestort het ... Die oorledenes was mnr. Piet Albertyn, hoofvlieënier ..." Daarby was 'n kleiner beriggie: "Skaars 'n dag nadat 'n jong Tygerbergse vrou gedroom het dat haar broer se vliegtuig neerstort, het sy tyding van sy dood gekry ... Wyle mnr. Albertyn se susters (hulle was ses susters en twee broers) het gister weer van die jongste, Naomi, se droom gepraat. Naomi het gister haar suster Stella opgebel en gesê: 'Piet se vliegtuig gaan val.' Om 3 nm. het die susters gehoor die droom het werklikheid geword."(34) Hierdie soort voorvalle lei egter selde tot verhale.

Dieselfde vind ons by waarsêery. Dinge soos sterrewiggelary (vgl. die rubrieke oor "Die sterre voorspel" in koerante en tydskrifte), handlesery, voorspellings met kaarte of 'n kristalbal en veel meer kom algemeen voor, soos 'n mens veral in ons stede kan waarneem. Sommige toekomsvoorspellers verwerf selfs 'n mate van beroemdheid met hul sg. gawes. Baie bekend was die Transvaalse Madame Rose, wat in die sestigerjare oorlede is. "Madame Rose, en dit was op skrif in die pers, het onder meer wyle dr. Verwoerd se dood voorspel, ook die sluipmoord op die Kennedy-broers en die destydse Boeingramp in Windhoek."(35)

Madame Rose se twee dogters, Madame Hettie en Madame Christine, is eweneens sieners. Madame Hettie woon in Vereeniging en gebruik o.m. kaarte om die toekoms te lees, maar dis nie al nie. "Nie alles wat ek van die toekoms voorspel, lei ek uit die kaarte af nie. Dis die dinge wat ek voel en die gesigte wat ek sien wat vir my die gebeure wat kom, vertel," sê sy. Soms skrik sy in die nag wakker en sien dan allerhande gesigte. Sy het ook 'n kantoor op die dorp waar sy vir mense die toekoms voorspel of hulle help om vermistes op te spoor. Madame Christine woon in Johannesburg. Sy sê "sy het die hele jaar maar van tyd tot tyd met haar kristalbal gewerk, soms met kaarte, maar soos met susus Hettie is daar ook die gevoelens wat sy kry, die dinge wat sy sien ... 'Ek kan dit nie beskryf nie, dis soos gesigte.'"(36)

19.2.4 Spoke

Die geloof aan spoke bly steeds besonder lewenskragtig. So het 'n rubriekskrywer in 'n koerant in 1976 verklaar: "Gee vir ons mense 'n lek-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ker spookstorie op die voorbladsy van hul koerant en hulle lees dit vóór elke ander nuusberig. Ons argivaris het al 'n legger so dik soos die Suid-Kaapse telefoongids van spookberigte wat in die laaste jare in Die Burger verskyn het."(37)

(a) *Ou verhale wat nog vertel word.* 'n Variant van twee belewenis= vertellings wat vermeng geraak het, nl. die verhaal van die ringdief en die humoristiese verhaal oor die vrou met die goue arm, word vandag as 'n sage vertel. Ná sy vrou se dood, sny haar man die vinger af waar= aan sy 'n goue ring dra, en van toe af kom sy snags by hom spook.(38)

Nog 'n spookgeskiedenis van weleer wat steeds deur die jonger geslag oorgelewer word, het betrekking op 'n ondervinding van die vader van mej. Mariette Aucamp van Seepunt, Kaapstad. "Mej. Aucamp vertel dat haar pa ... in Johannesburg 'besoek' gekry het van sy broer wat in 'n motorongeluk dood is. Haar ma was in die kombuis en sy het hom hoor skreeu. Toe sy by hom kom, was sy gesig spierwit. Hy vertel toe dat sy broer langs hom kom sit en vir hom gesê het: 'Arthur, ek kom jou haal.' Haar ma het die datum onthou: dit was die negende Oktober. 'n Jaar later het dieselfde gebeur. Haar pa is 'n hele paar jaar later dood - op die negende Oktober."(39) In hierdie geval word die spookge= skiedenis terselfdertyd 'n voorbode.

(b) *Nuwe gevalle.* "Alhoewel ek nog nooit 'n spook gesien het nie," verklaar iemand wat in die vyftigerjare gebore is, "het ek as kind geglo spoke is wit soos wolke met swart oë en hulle lag baie."(40) Net soos tradisioneel die geval was, bly die meeste spookverskynings van ons tyd losstaande episodes.

In die Hofmeyr-teater in Kaapstad dwaal 'n spookvrou, moontlik 'n aktri= se wat nie tot rus kan kom nie. Die meeste mense kan haar nie sien nie, maar voel net haar teenwoordigheid aan. Mnr. W. Grey, die projektorope= rateur, het egter al twee ontmoetings met haar gehad. "Enkele weke ge= lede het hy een aand, ná 'n vertoning by die kleedkamer vir vroue onder= soek ingestel nadat hy voetstappe gehoor het. Net toe hy die deur wou toesluit, het hy die vrou sien sit. Hy het haar gevra om te loop, want hy wou toesluit. Toe sy nie reageer nie, het hy haar op die skouer ge= klop, maar tot sy skok het hy dwarsdeur die vrou gedruk." By 'n ander

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geleentheid het hy haar agter die verhoog gesien toe hy die ligte wou afskakel.(41)

Dit spook in die Spoorweghuis by Kilhamweg 13, Empangeni, waar ene mev. Ansje Matthee en haar babaseuntjie, Johannes, met 'n mes vermoor is. So vertel mev. Suzette Havenga, ook die moeder van 'n babaseuntjie, Eugéne, nadat hulle in die huis ingetrek het. "Dit was 'n stil, windlose aand. Eugéne het by haar op die sitkamermat rongekruip. Skielik het iemand hard aan die raam van die sitkamervenster geklop, vertel sy. 'Ek het opgekyk, maar niks gewaar nie. Skielik het die agterdeur oopgeklap en het ek voetstappe in die gang gehoor. Ligte voetstappe, soos dié van 'n vrou ... Die voetstappe het verby my geklink, maar ek kon niks sien nie. Die volgende oomblik het ek gesien hoe die voordeur oop- en toeklap."(42)

'n Anonieme koerantleser vertel in 1975 van 'n merkwaardige ontmoeting: "My vrou en ek het 'n Engelse woordbouspeletjie gespeel wat konsentrasie vereis. Ons gebruik geen verdowingsmiddels nie, ook nie drank nie ... Toe ons om nege-uur ophou, was ons albei nog nugter wakker. Toe ek opstaan, verskyn die wese helder voor my, 'n tree van my af. 'n Effense trilling soos die flikkering van neonligte by die aanslaan. 'n Helder, ligte bronsagtige metaalglans. Spontaan, onbetwisbaar, prominent in die helder neonlig. So het ek my 'n 'spook' nooit voorgestel nie. Die wese het direk uit die graf (of via) verskyn, in 'n gedaante presies soos die liggaam op daardie oomblik in die graf moes gelyk het. Die 'gesig' was die duidelikste, so duidelik dat dit onuitwisbaar op my geheue afgedruk is. Onherkenbaar weens die ontbindingsproses wat dit reeds deurgemaak het. My eggenote het niks gesien nie. Ek het nie geskrik nie, was nie ontsteld of bang nie. Net gevoel asof my eie gees effens uit my gegaan het. Dit was 'n tere, simpatieke gees, vandaar my reaksie. Daar het net 'n sterk drang in my ontstaan om in die 'gesig' te krap, uit te krap wat ek daarin gesien het, 'n drang wat weer kom as ek die verskyning in die gees terugroep. So sterk was die kontak, dat ek later moes vra: maar, wat wil jy hê? G'n antwoord." Die leser voeg by dat sommige mense sê dat dit eintlik 'n voorbode was, want sy geliefde suster is die volgende aand oorlede.(43)

'n Spookverhaal wat in verskeie dele van die land vertel word, is dié

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor die rylopervrou. Een variant lui dat daar in Mitchellspas naby Ce= res soms op onweersdae 'n vrou met 'n koel rok ryloop. As iemand haar oplaai, beduie sy hom tot by 'n woonstel in Bellville waar haar moeder woon, maar wanneer die motoris stilhou, verdwyn sy. Die moeder deel dan mee dat haar dogter lank tevore in 'n motorongeluk dood is.(44)

In ons tyd van motorverkeer is vertellings oor ryloperspoke besonder ge= wild. Enkele jare gelede was daar die ryloperspook van Saldanha wat die mense op hol gejaag het. Omtrent 'n dosyn gevalle is bekend waar mense die spook op die pad tussen Koringberg en Saldanha sou teëgekom het,(45) altyd tussen agt- en nege-uur die aand.

Mnr. Hennie Smit van Koringberg het een aand met sy splinternuwe motor vis en groente gaan haal wat hy by mense in Saldanhabaai bestel het. Hy kyk in sy truspieëltjie, en op die agterbank sit 'n gesiglose lote= ling met 'n leëruniform aan. Van skrik keer mnr. Smit die motor om, kruip by die wrak uit en lê oop totdat hy by mense uitkom. Hy moes doktersbe= handeling ontvang.

'n Jongman van Koringberg was een aand met sy motorfiets op pad, toe hy die dienspligtige, soos hy gemeen het, langs die pad sien staan. Hy wil nog stilhou om hom op te laai, toe hy arms om sy middellyf voel, en toe hy omkyk, sien hy die gesiglose agter hom sit. Dit is so 'n skok dat hy beheer oor sy motorfiets verloor en sy arm breek. Eintlik ver= kies die spook egter Mercedes Benz-motors, en as een verbykom, klim hy in.(46)

Mev. Elize Truter van Koringberg en 'n aantal vriendinne het op Saldanha gaan gholf speel, daarna 'n onthaal bygewoon, en dit is nā agt toe hulle in twee motors huis toe vertrek: mev. Truter en 'n vriendin in die een, en die ander vier in die tweede motor. 'n Vriend en 'n kelner het haar gewaarsku om haar nie diê tyd van die aand op die "duiwelspad" te begewe nie, maar sy steur haar nie daaraan nie. "Al geselsende het mev. Truter en haar vriendin voor gery. Skielik het Henriëtte, 'n doktersvrou, kliphard gegil en verstar voor haar uitgestaar. Mev. Truter het haar blik gevolg. Voor hulle in die pad, aan die oorkant, het 'n 'man' ge= staan, geklee in 'n leërjas met 'n beret laag oor sy kop getrek. Hy het egter geen bene gehad nie, en waar sy gesig moes gewees het, was daar net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n donker kol. Met sy een hand het hy duimgegooi in die rigting van Saldanhabaai, en in sy ander het hy 'n bruin koffertjie vasgehou. Mev. Truter wou eers stop, maar toe die twee mans se waarskuwing haar weer te binne skiet, trap sy net die petrolpedaal plat, en sy ry asof meer as een van hulle agter haar is. Eers 'n myl verder was sy daar= toe in staat om die motor tot stilstand te bring. Die motor met die res van die geselskap het agter hulle stilgehou, en tam van die skok het die ses vriendinne die gebeure bespreek. Al wat mev. Truter daar= die aand voor haar geestesoog bly sien het, was die stokkerige bewegings van die spook soos hy duimgegooi het."(47)

Later is vertel dat 'n dienspligtige naby Citrusdal in 'n Harvard ver= ongeluk het. "Sy ouers het hom Sondagaande per motor na die grootpad gebring, ongeveer tussen agt- en nege-uur, waarvan hy verder na Lange= baan duimgegooi het. 'n Maand na die ongeluk het die figuur saans *net* tussen agt- en nege-uur op presies dieselfde plek waar sy ouers hom af= gelaai het, in die pad verskyn en duimgegooi."(48) Vandat 'n nuwe pad gebou is, het die spook blykbaar tot rus gekom.(49)

'n Ander opspraakwekkende spookverskyning van ons tyd, is die spookmei= sie van Uniondale. Sy duik in 1976 vir die eerste keer in die nuus op. Mnr. A.M. (Tonie) la Grange van Oudtshoorn vertel dat hy die Saterdag= nag van Graaff-Reinet af op pad na Oudtshoorn was. "Dit was reënerig. Terwyl hy deur 'n uitgrawing gery het, het hy die vrou langs die pad sien staan. Hy het gedink sy het moeilikheid met haar motor gehad. Hy het stilgehou en haar opgelaai. Sy het 'n kort jassie en 'n donker lang broek aangehad. Nadat sy langs hom ingeklim het, het sy net gesê: 'Porterstraat 2, De Lange.' Mnr. La Grange het verder gery, en toe hy weer na haar wou kyk, was sy weg." Hy het die voorval by die polisie op Uniondale gaan aanmeld omdat hy gemeen het dat die vrou miskien uit die motor geval het. Daarop het hy verder gery. "Toe hy die Potjiesrivier bereik en die meisie skielik langs hom begin lag, het dit gevoel of die bloed in sy are stol. Hy het naar geword." Weer is hy na die polisie= stasie toe, waar 'n konstabel aangebied het om agter hom aan te ry. "By die riviertjie het die regter-agterdeur skielik oopgegaan. Die deure was gesluit. Mnr. La Grange sê 'n eienaardige gevoel het hom weer beet= gepak. Die deur kon nie vanself oopgegaan het nie. Teen daardie snel= heid, 80 km/h, sal die wind dit toedruk. Nadat die deur toegeklap het,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het die skrik effens gewyk."(50)

Twee jaar later het die spookmeisie weer haar verskyning gemaak. Kpl. Dawie van Jaarsveld van Johannesburg wat by Oudtshoorn gestasioneer was, was een aand per motorfiets op pad na sy nooi in die Langkloof. "Dit was bitter koud en het liggies gereën toe ek die kort pad oor De Rust aanpak," het hy later vertel. "Buite De Rust het ek die ver= keerde pad gevolg en by die aansluiting van die nasionale pad tussen Uniondale en Willowmore 'n pragtige meisie sien staan. Ek het by haar gestop en gevra of sy saam met my op die motorfiets wil ry. Sy het haar hande opgesteek en geknik, maar geweier dat ek haar op die saal help. Sy het darem toegelaat dat ek 'n valhelm op haar kop sit." Hy het haar aangeraai om die hoorstuk van sy radio in haar oor te sit en na die musiek te luister sodat sy nie dalk aan die slaap raak en afval nie. "Skielik voel dit asof die motorfiets begin gly. 'Ek het gedink een van die bande is pap.' Dawie vertel dat hy onmiddellik stilgehou het. Groot was sy skok toe hy in die truspieël sien die fraai meisie is weg. 'Ek het gedink dat sy afgeval het en het omgedraai om na haar te soek. Ek kon haar nêrens kry nie,' vertel hy. Toe hy naderhand agterkom dat die valhelm nog netjies op die agterste saal vasgegespe is, het die hoendervleis oor sy hele liggaam uitgeslaan. 'Boonop het ek agtergekom dat die oorfoon wat ek aan haar gegee het, nog in my eie oor sit. Die musiek het lustig voortgespeel ... Sy is die gees van 'n meisie wie se siel nie rus kan kry nie. Ek gaan haar soek om haar weer berusting te gee.'"(51)

Die spookmeisie maak telkens rondom die Paasnaweek haar verskyning, en dit gebeur ook in 1980, maar dié keer is sy (as dit dieselfde spook is) taamlik aggressief. Mnr. A.J. Coetzee (20) van Bothastraat, George, was die aand van 4 April ongeveer vyftien kilometer van Uniondale af op pad. "By 'n afdraaibordjie wat Baramdas aandui, het ek skielik my hare voel rys," vertel mnr. Coetzee. "Ek het omtrent 85 km/h gery. Skielik het 'n meisie haar arms om my geslaan. Ek het geskrik en versnel." Toe hy teen 130 km/h ry, gee sy passasier hom 'n paar klappe dat sy kop ruk. "Ek het besef daar is iets ernstigs verkeerd en het tot 150 km/h versnel. Skielik was sy weg."(52)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Allerhande verklarings vir die verskynsel is al geopper. Volgens mev. Mariana Lubbe van Windhoek wat s'n vat veertien jaar op Willowmore gewoon het, is dit g'n spookmeisie nie, maar 'n ou bruinman wie se seun etlike jare gelede in die omgewing vermoor is, en nou goël hy daar om sy seun se dood te wreek. Mev. Lubbe vertel dat sy in Maart 1966 van Willowmore na Uniondale onderweg was "toe sy iets in die donker langs die pad gewaar. Die figuur was in 'n verpleegstersuniform gekleed en mev. Lubbe het stilgehou en gevra of sy kan help. 'Dit was egter nie werklik 'n verpleegstersuniform nie, maar 'n laken wat soos 'n mantel om die persoon gedraai was.' Toe mev. Lubbe om die motor stap om die deur oop te maak, het die verskynsel in die niet verdwyn." Mev. Lubbe se swaer, mnr. Roelf van Rensburg, het die verskynsel op dieselfde plek teengekom en sy kleed afgeruk. "'Toe hy die klere afpluk, het hy ge= sien dat dit al die tyd 'n verrimpelde ou man was wat van kop tot tone beplak was met kalkoenvere.'"(53)

'n Gewese konstabel beweer dat die beskrywing van die spookmeisie pre= sies ooreenstem met dié van iemand wat in 1968 op dié plek in 'n onge= luk gesterf het. "Dit was 'n reënerige nag. Die wind het gewaai. 'n Mooi donkerkopmeisie se lewelose liggaam het langs 'n wit Volkswagen gelê. Sy het op slag gesterf. Sy was mej. Marie Roux, 22, van Pre= toria." Die bestuurder van die motor was haar verloofde, kpl. Gielie Pretorius van Bloemfontein. Hy het blykbaar agter die stuurwiel aan die slaap geraak.(54)

(c) *Spoke van die ruimte-eeu.* 'n Prikkelende gedagte is dat die sg. vreemde vlieënde voorwerpe waarvan ons meermale hoor asook die ruimtewesens wat ons planeet sou besoek, die spookgedaantes van ons ruimte-eeu is. Volgens berekening word jaarliks dwarsoor die wêreld ongeveer veertigduisend gevalle aangemeld deur mense wat beweer dat hulle V.V.V's gesien het. Uit 'n televisiereeks oor Amerikaanse na= vorsing in hierdie verband wat in 1979 uitgesaai is, het dit geblyk dat 'n persentasie van die gevalle doelbewuste bedrog is, 'n groot deel daarvan is sinsbedrog, maar 'n beduidende groep bly tot dusver onver= klaarbaar. Ook in Suid-Afrika word glo in die geheim amptelik aandag aan hierdie verskynsels geskenk.(55)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tipies van hierdie V.V.V's is die volgende waaroor in Januarie 1977 be= rig is: "*Hanover*. Die dorp bespiegel nog steeds oor 'n onbekende vlie= ende voorwerp wat Manadagaand hier deur baie van die inwoners en motor= ryers in die lug gewaar is. Omstreeks halftien die aand is die vreemde lig gesien. Dit was heeltemal te groot en helder vir 'n ster, en te stadig vir 'n vliegtuig ... Die onbekende lig het 'n ruk oor die dorp gehang. Dit het gedurig van kleur verander en daarna stadig in 'n noord= westelike rigting beweeg totdat dit omstreeks tienuur oor De Aar oor die horison verdwyn het."(56) Nog meer dramaties was 'n ontmoeting teen die helfte van 1976 waarvan mnr. Danie van Graan van Loxton vertel. "Vol= gens mnr. Van Graan was hy sowat 15 m van die voorwerp en kon hy duidelik die gelaatstrekke van die drie of vier insittendes onderskei. Hy het ge= dink dit is Russe omdat hulle baie Slawies gelyk het."(57)

Die merkwaardigste geval in Afrikaans opgeteken is ongetwyfeld dié van mev. Marie van der Post van Pretoria. In haar boek *My vervloekte gawe* vertel sy hoedat sy van kleins af heldersiende was en ook allerhande an= der vreemde ervarings, o.m. met reïnkarnasie, gehad het. Haar groot ondervinding het op 9 April 1972 begin. Toe sy kamer toe gaan en die lig afskakel, het iemand skielik van agter af sy arm om haar nek geplaas. Sy het met die man gepraat, en hy het bevestig dat hy van 'n ander pla= neet af kom. Hy het met haar kontak gemaak omdat sy "hoë geestelike vibrasie" uitstraal. Later het sy hom selfs gesien; daar was "'n hel= derblou liggloed in die kamer. Dit het die voorkoms gehad van fyn be= wegende fosforstippels wat in die donkerte glim en in hierdie blou gloed het ek hom sien staan: die besoeker uit die vreemde. Hy was lank, heel= wat langer as die gemiddelde Suid-Afrikaanse man en ook was hy besonder skraal gebou. Wat my egter onmiddellik opgeval het, was sy kort arm= pies; sy langwerpige skedel met die hoë voorkop. Sy gelaatstrekke was uitermate delikaat gevorm en sy mond liploos."(58)

Tydens latere besoeke leer sy die planeetman beter ken. Sy tuiste is die "Sirkel Sewe" was om die "koel Son loop". By hulle is geen geraas of die klank van stemme nie, want hulle kommunikeer telepaties met me= kaar. Hulle ken al eeue lank nie meer haat en vyandigheid nie, maar daar heers liefde en eensgesindheid. Die planeetmanne sal hulle ge= leidelik al meer en meer aan die mense vertoon sodat hulle daaraan ge= woond kan raak, want hulle wil nie paniek veroorsaak nie. Dan sal hul=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

le openlik verskyn en met die wêreldregerings onderhandel. As die mens hom nie van sy bose weë bekeer nie, wag daar 'n ramp, en hulle wil help om dit te voorkom.

'n Hele groep planeetmanne verskyn later aan haar. "Terwyl ons ... daar in die kamer gesels het, het daar meteens 'n dun ligstaaf deur die plafon gesny en skuins oor my 'vriend' se gesig geval. Vir 'n oomblik kon ek 'n fyn trilling waarneem, toe sê hy: 'Hulle is gereed om te vertrek en ons moet nou gaan ...'" Die planeetmanne verlaat die vertrek, en sy stap agterna. "Buitekant het ek verbysterd in my spore gaan staan. Hulle was reeds weg en àl wat ek gesien het, was 'n ontsaglike groot skyf hoog bokant die huis. Terwyl ek nog daar gestaan het, het dit na die weste weggesnel; aan die buiterand van die vliegskyf het groen, geel, rooi en blou ligte aan en af geskakel asof hulle aan my totsiens wou sê."(59)

19.3.0 Mites

Persoonlike waarneming bring aan die lig dat die Bybels-Christelike mites nog in 'n groot mate hul geldigheid vir die Afrikaanse volksmens behou, hoewel daar by intellektueles al meer en meer 'n neiging bestaan om die Bybelse geskiedenisse as groot simboliese vertellings te beskou: dinge soos die skepping en sondeval, die sondvloed, die Toring van Babel, en so meer. Algemeen-Christelike motiewe en vertellings kom steeds voor, maar daarby ook dinge wat die Christelike kerkgeloof verdring en tot die skepping van nuwe mites lei: die Satanisme, spiritisme — 'n verskeidenheid van kultusse.

19.3.1 Algemeen-Christelike mites

Kersvader is nog steeds lewenskragtig, en ook die Bose in sy talle gedaantes. In die Bybelboek Openbaring is daar 'n voorspelling dat in die laaste der dae o.m. 'n dier uit die aarde sal opkom "en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak". Verder word bygevoeg: "Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig."(60) Tydens die Tweede Wêreldoorlog is talle pogings aangewend om te bewys dat hierdie Dier niemand anders as die Duitse leier Adolf Hitler is nie. Op allerhande maniere is syfer-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waardes aan die letters van die alfabet toegeken om by die antwoord uit te kom dat Hitler se getal 666 is. Later is dieselfde met Josef Stalin, leier van Kommunistiese Rusland, gedoen.(61) Volksvertellings word dit egter nooit nie.

Die laaste oordeelsdag wanneer Christus op die wolke sal verskyn, bly steeds (so het ons gesien) vir die Afrikaaanse volksmens 'n werklikheid, en telkens wanneer 'n ramp dreig of plaasvind, word dit daaraan verbind. Toe die eerste atoombomme tydens die Tweede Wêreldoorlog getoets is, is vas geglo dat die atoomontploffings 'n kettingreaksie kan veroorsaak waardeur die wêreld, soos dit in die Bybel staan, met vuur verwoes sal word. Tydens die groot Bolandse aardbewings van 1969 het die gedagte aan die laaste oordeelsdag telkens in alle erns na vore gekom. So skets Thelma Cillie, 'n boervrou van Ceres wat 'n boek oor die gebeurte= nisse geskryf het, die eerste skudding: "En toe meteens! Terwyl ek nog praat, gebeur dit ... Sonder ênige waarskuwing of aanduiding vooraf, be= gin die aarde skud en dreun! Alles in die kombuis en in die res van die huis begin rittel en beef ... Al vinniger en vinniger ... en al harder en harder! 'n Ontsettende geraas en 'n gedruis en gerammel asof die berge met 'n oorverdowende lawaai oopgewring word, laat ons verskrik na mekaar kyk. Kasdeure vlieg oop en bottels konfyt, koppies, pierings, glase, borde en ornamente word wild deur die lug geslinger, voordat dit kletterend aan skerwe op die grond val. Die hele huis begin kantel en meteens is dit stikdonker! ... Ons het gêên beheer oor onsself nie en vind dat ons glad nie kan beweeg nie. Ons word heen en weer geslinger en klou met alle mag aan die tafel, wat aanhoudend heen en weer geruk word, vas. My man is heeltemal van die bed afgeslinger en kruip-loop, kruip-loop na buite om te kyk wat aangaan ... Botsende gedagtes flits in die geskokte stilte deur my brein. 'Wat kan dit wees? ... Nee! Tog nie die oordeelsdag nie! Ons is dan sô jonk. Die lewe is dan nog sô mooi, sô vol. Daar's nog so baie om te doen!' Ons kantel meteens weer met 'n ontsettende skudding en ek gee myself gelate oor: 'Nou ja, liewe Heer, as dit dan môêt, moet U ons seker maar neem,' dink ek. 'Wat kan êk tog doen om dit te verhoed?' Ek is so bly my man en kinders is by my."(62)

Telkens kom 'n mens gevalle teë wat as geloofsgenesing of wonderwerke weens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die ingryping van 'n Hoër Hand beskou word. "'n Sesjarige seun van Goodwood het pas weer begin stap nadat hy nege maande lank verlam was en dokters in verskeie dele van die land niks vir hom kon doen nie," lui 'n koerantberig van Maart 1980. "Sy ouers glo dis 'n wonderwerk. 'Ons kon dokters net nie glo dat die eens woelige Jaco verstandelik vertraag is en sy lewe lank in 'n rolstoel vasgekluister sou moet sit nie,' het mnr. Paul Meyer ... gesê. 'Nou weet ons alles gaan regkom. Dis 'n wonderwerk.' Die probleem het verlede jaar in Mei ontstaan toe Jaco, 'n doodnormale kind wat vanjaar skool toe sou gaan, gebuk het om 'n speelding op te tel. Hy kon om die dood nie weer regop kom nie. Jaco is dadelik vir waarneming na die hospitaal gebring. Hy het nie op die behandeling gereageer nie en sy toestand het geleidelik versleg. Sy spraak en ewewig was aangetas."(63) Baie bekend as geloofsgeneser wat mense "gesond bid", is dr. James van Zijl van Stanger.(64)

Daar bestaan groot belangstelling vir die verhale van mense wat oënskyn= lik dood was, maar weer uit die hiernamaals teruggekeer het om van hul ervarings te vertel. Elisabeth Kubler-Ross, 'n Amerikaanse dokter wat 'n studie van sulke gevalle onderneem het, vat dit soos volg saam in haar voorwoord tot die boek *Life after life* deur 'n kollega, Raymond A. Moody: "Though he does not claim to have studied death itself, it is evident from his findings that the dying patient continues to have a con= scious awareness of his environment after being pronounced clinically dead ... All of these patients have experienced a floating out of their physical bodies, associated with a great sense of peace and wholeness. Most were aware of another person who helped them in their transition to another plane of existence. Most were greeted by loved ones who had died before them, or by a religious figure who was significant in their life and who coincided, naturally, with their own religious beliefs."(65)

In Afrikaans word hierdie soort verhale gewoonlik spesifiek as besoeke aan die hemel of hel vertel, soos ons by die tradisionele mites gesien het. Tot in ons tyd bly die bekendste geval seer sekerlik dié van ds. M.J. de Kock, baie jare leraar van die N.G. Kerk op Riebeek-Kasteel, hoewel sy ondervinding reeds uit 1919-1920 dateer. Hy het daarna in talle gemeentes vertel hoe hy tydens 'n ernstige siekte sy stoflike lig= gaam sou verlaaat en 'n blik op die hemel en hel gekry het. Toe hy al 'n ou man was, is in 1960 nog 'n bandopname hiervan gemaak. "Ek het op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die grense van die ewigheid gestaan ...," het hy in 1960 vertel. "Ek het eensklaps, tot my verbasing, my eie liggaam op die hospitaalbed sien lê, uitgeteer, maer - en hier het ék gestaan: die ware mens, die onsterf= like deel van my." Dit was asof tyd en ruimte verdwyn. "Ek kon hoor en sien tot in die verste vertes. Ek kon hoor hoe ander vir my bid." Meteens is hy in 'n spierwit kamer ontvang waar hy, totaal alleen, 'n "introspektiewe" siening op die werking van sy eie brein gekry het. "Woorde ontbreek my om te beskryf hoe elke gedagte wat ek ooit gedink het, in my brein bewaar gebly het, en ek het dit aanskou. Elke gedag= te, goed én kwaad ... En in daardie spierwit kamer, met dié introspek= sie in die brein, kon ek ook elke woord hoor wat ek nog ooit gepraat het." Hy is deur die dal van doodskaduwee, waar die Satan hom getart het. "Maar toe breek die lig aan, die heerlike lig wat van Gods troon af straal. Ek het 'n gesig van die ewige heerlikheid gekry: ek het die troon aanskou en die donder van Sy stem gehoor." Hy het Christus gesien, wat ook die Heilige Gees aan hom geopenbaar het. Daar was oral verlos= te siele, en sy oorlede vader en gestorwe kollegas het met hom gepraat. "Ek het skare(s) kindertjies in die breë hemelstrate gesien, en nêrens was daar onrus of onvrede nie. Ja, die hemel is 'n plek van rus. Daar word gewerk, geestelik gewerk. Maar dit is wanneer God die boodskappers, sy engele, uitstuur om geestelike werk te gaan doen." Hy het ook die hel gesien. "Daar het ek stemme gehoor van verwyt: vaders wat moeders ver= wyt en sê dis jóú skuld ek is hier. Kinders wat ouers verwyt ... en dié verwyt duur tot in ewigheid ... Is daar 'n werklike vuur? Nee, dis 'n geestelike vuur wat brand tot in ewigheid." Toe het hy ná veertien dae as 't ware uit die dode teruggekeer.(66)

19.3.2 Satanisme

Hierdie oerou verskynsel sluit aan by die geloof aan wit en swart toor= kuns en heksery. Vandag kry ons aan die een kant hekse wat beoefenaars van die wit toorkuns is. Hulle hou vol "that it is a religion and not a cult of evil".(67) Aan die ander kant is daar die aanhangers van die swart toorkuns met hul Swart Nagmaal en Duiwelaanbidding.(68) On= der die Afrikaners het die Satanisme veral opspraak verwek deur die getuienis van Phil Botha wat in 1952 by die Satanskerk aangesluit en 'n priester geword het, maar hom later tot die Christendom bekeer het. Hy het toe verklaar dat daar in daardie tyd minstens 200 Satanskerke met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen 40 000 en 90 000 lidmate in Suid-Afrika was, en dat hulle steeds nuwe lidmate soek.(69) Sy beskrywing van sy ondervindings as lid van die Satanskerk word 'n boeiende verhaal. Deur berigte en artikels wat oor hom verskyn het en deur sy optredes in Christelike kerke en voor gehore, het dit wyd bekend geraak en kan as 'n moderne mite beskou word.

Phil Botha is as agttienjarige in die Satanskerk ingelyf. "Nakend kniel hy voor die altaar, in 'n sirkel met die tekens van die diereriem, die sodiak. Hy kry Nagmaalbrood om te kou - maar hy moet dit uitspoeg. Dit is die teken dat hy die liggaam van Christus verwerp. Sy lippe prewel die verwronge duiwelgebed: 'Ons vader wat in die hel is ...' Hulle gooi 'n wit kleed om sy skouers. Hulle slag 'n swart kat se keel oop, en die bloed spuit oor die jong man se kleed. Hy moet van die bloed drink. Hierna word hy 'n swart kleed omgehand. Nou moet hy Jesus Christus drie maal verloën. Net soos Judas ontvang hy dertig silwerstukke. Voor die altaar aanvaar hy die 'onheilige drie-eenheid': die Satan, die valse profeet en die Antichris." Drank en dwelmmiddels is altyd vryelik beskikbaar, en hy raak verslaaf daaraan. In opdrag van Zorel, die leier, sluit hy by 'n spiritistekerk in Johannesburg aan sodat hy 'n medium kan word.

"'Skielik het ek 'n drang gekry om te skilder - iets wat ek nooit voorheen eers probeer het nie. Ek het in 'n soort beswyming gegaan en 'n lieflike skildery gemaak, van 'n persoon wat soos Zorel gelyk het ... Die oë het gelyk asof hulle 'n mens kan hipnotiseer, en jy het 'n bonatuurlike gevoel of die figuur met my praat en sterker is as ek.'" Hy het vyfhonderd skilderye van die beskermengele van mense gemaak, en die mense het gesê dat dié figure hulle antwoord as met hulle gepraat word. Die Zorel-figuur in sy eerste skildery het intussen Phil Botha heeltemal oorheers. "'Hy het soos 'n lewende, sigbare mens verskyn en met my gekommunikeer.'"

Terug in Durban, waar hy oorspronklik by die Satanskerk aangesluit het, word hy inwonende priester in die Satanstempel met sy tweeduisend lede. Hy lei dienste en vertel fortuin deur sterrewiggelary, die lees van handpalms, en so meer. "'Ek het een aand 'n demoon opgeroep ... Dit was 'n halfdier-halfmens, met reuse-knypers wat soos 'n krap s'n gelyk het. Hy het my aangeval, en ek het vandag nog die litteken daarvan. Toe ek die volgende oggend wakker word, was ek blind.'" Die Zorel-figuur verskyn

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan hom en skenk hom sy gesig terug op voorwaarde dat hy agttien uur per dag vir hom werk. "'Elke keer wanneer dié persoon besit van my geneem het, het ek 'n vreemde sensasie gehad. Ek het duiselig en koud gevoel. Dan het hy deur my begin werk, vreemde leerstellings verkondig, wonder= werke gedoen en volle beheer oor ander mense geneem.'"

Binne vyf jaar was hy 'n liggaamlike en geestelike wrak. Hy gaan in 'n hotel aan die Suidkus rus en ontmoet 'n predikant wat hom bystaan. Bin= ne drie maande is hy in 'n mate van sy dwelmverslawing genees, maar die Zorel-figuur soek hom weer op. "Hy het in die teenwoordigheid van die predikant aan Phil verskyn. Die predikant was bewus van die demoniese mag in die vertrek, sy gesig het begin gloei en hy het hom beveel, in die naam van Jesus, om weg te gaan en nooit weer terug te keer nie."

Nog moeilike tye lê egter voor. "'Dieselfde demoon wat ek geskilder het, het op 'n dag gekom om my liggaam vir hom op te eis ... Ek het vir die eerste keer geweier.'" Hy probeer selfmoord pleeg deur van 'n ge= bou af te spring, maar op pad na die lykhuis kom hy weer by. Hy word na 'n hospitaalkapel gebring, en daar het die predikant en 'n sendeling "'die laaste van die bose geeste uit my uitgedryf. Net daar het vreem= de klanke uit my mond geborrel en is ek in die Heilige Gees gedoop.'"(70)

19.3.3 Die spiritualisme (of spiritisme)

As georganiseerde beweging dateer dit uit die jaar 1848 in Amerika. "Spiritualists believe that the natural, visible universe has a superna= tural, spiritual counterpart that exists beyond it and is inhabited by the disembodied spirits of men. As well as his earthly body, every living person has an etheric body, or double. This double, which is nor= mally invisible ... is linked to the physical body by a cord." Soms ver= laat hierdie eteriese liggaam die fisieke liggaam vir wat as "astrale reise" bekend staan. "But normally the etheric is separated from the physical body only when the cord is finally cut. For the physical body, this is the moment of death. For the etheric, which lives on as a spirit, it is only the moment of parting from material things. Though death does not change the character and personality of the individual, there is no longer the same need for food, sleep or exercise ... Infor= mation about life in the spirit world is always communicated to the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

living through a *medium*." Hierdie mediums kan in twee groepe verdeel word: "The first - and by far the larger - comprises mediums who produce only what may be called *mental* phenomena. Usually operating in trance, they 'hear' or 'see' the spirits ... or produce written messages from them; or they may be healers, who are guided to detect the presence of disease, and perhaps to cure it. In the smaller, second category ... are the mediums in whose presence the full repertoire of *physical* phenomena occurs - knocks, lights, sounds, shaking, rushing winds, levitation, and spirit materializations."(71)

Oor hierdie materialisasies skryf die voormalige Stellenbosse Kweekskoolprofessor F.J.M. Potgieter, wat 'n studie van okkulte verskynsels gemaak het: "spiritiste hou vol dat op hul séances fantoomvorming geskied. Uit verskillende liggaamsdele, bv. die mond en die skouers van die medium kom 'n soort stof wat yl maar ook betreklik dig kan wees. Hierdie afskeiding neem dan bepaalde vorme aan, wat teleplasmas genoem word, en bestaan uit min of meer komplete ledemate soos hande en voete of selfs hele liggame. Gewoonlik bly hulle in verbinding met die liggaam van die medium, maar maak hulle ook soms daarvan los. Hierdie vormsels is in die reël nie lank sigbaar nie, maar word na enige oomblikke weer deur die liggaam van die medium opgeneem of verdwyn eenvoudig."(72)

Die spiritiste het hul eie siening van die hiernamaals. "The spirit world is conceived as having its own hierarchy - an ascending scale of successive states, or spheres, of consciousness that form layers above the earth, with the higher spheres invisible to the lower. Nearest the earth are the spirits that are still earthbound because of old attachments, habits, or ignorance of their state. These spirits are said to be responsible for haunts, and spiritualists sometimes organize 'rescue circles' to help them to an easier place. ... Farthest away from earth are the celestial spheres - worlds of light and harmony inhabited by beings spiritually far in advance of earthly consciousness. One of these spheres is called 'Summerland'; to judge from descriptions received in séances, it is a blissful place with all life's pleasures and none of its drawbacks."(73)

Die spiritisme word as godsdiens beoefen, en Potgieter waarsku dat die Christen hom nie daarmee moet inlaat nie, "insonderheid waar die Skrif-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tuurlike voorstelling van die hiernamaals nie aanvaar word nie ... en waar die geeste wat deur die mediums spreek meermale met felle haat teen Christus en sy Kerk te velde trek".(74)

Die spiritisme het blykbaar reeds vroeg na Suid-Afrika oorgewaai. In 1878 skryf Alfred Aylward: "there is in the Cape Colony itself, a widespread and mischievous belief in modern magic - the spiritualism of Home and his fellows. The last-named folly has never yet advanced, and I hope never will, to the lands north of the Orange River."(75) (Die Skot Daniel Douglas Home was een van die beroemdste mediums van die 19de eeu.)(76) Met verwysing na Aylward se stelling, merk S.P.E. Boshoff in die dertigerjare van ons eeu op: "Die geloof in spiritisme het sedert noordwaarts oor die Oranjerivier geskuiwe, maar 'widespread' is dit vandag nog nie, in g'n deel van die Unie nie, en veral nie by die onderkultuurlaag nie."(77) Albei oordeel waarskynlik te haastig. Daar bestaan geen rede waarom die spiritisme net tot die destydse Kaapkolonie beperk sou gewees het nie; veral die stroom avonturiers ná die ontdekking van goud en diamante kon dit maklik tot in die Boererepublieke gedra het. En daar bestaan ook geen rede waarom die spiritisme, of in elk geval sommige uitinge daarvan, nie by die onderkultuurlaag bekend sou wees nie. Kennis omtrent die sg. gees-in-die-glas is vandag in elk geval wyd versprei. Die letters van die alfabet word op stukkies papier geskryf en dan in 'n sirkel op 'n tafel gerangskik met 'n omgekeerde glas in die middel. Die deelnemers sit rondom die tafel, elkeen met 'n voorvinger op die glas, en as 'n vraag aan die gees gestel word, spel hy die antwoord glo uit deur die glas van letter tot letter te laat beweeg.(78) Dit berus op die sg. ouija-plank. "The ouija - from the French *oui* and the German *ja*, both meaning yes - is a small wooden board with a pointer, which, placed under the medium's hand, rests on a polished surface bearing the letters of the alphabet."(79)

Die spiritualisme het vandag miljoene aanhangers dwarsoor die wêreld, maar hoeveel daar in Suid-Afrika is, is onbekend. "In South Africa, as elsewhere," word verklaar, "there is widespread interest in this subject, but organisations are sporadic."(80) Van die interessantste verhale wat met die spiritualisme verband hou, handel oor die verskynsel van astrale projeksies, ook beskryf deur dieselfde Marie van der

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Post van Pretoria wat na bewering 'n groep ruimtemanne ontmoet het. Sy het reeds as kind met hierdie projeksies begin:

"My heel eerste astrale projeksie het ek ondervind gedurende die tyd toe ek kinkhoes gehad het. Daardie hele dag was ek baie koorsig en siek en ek het skaars aan die slaap geraak of ek skrik wakker en be= sef dat ek hoog bokant my bed teen die plafon hang. Die olielamp op die tafel was dood, en tog was die hele vertrek in 'n vreemde blou lig= skynsel gehul. Ek het verwonderd om my heen gestaar totdat my blik op die bed geval het. Dis moeilik om in woorde te beskryf watter skok my getref het toe ek myself op my rug daar langs my suster sien lê. Met verbystering en ongeloof het ek na die slap en oënskynlik lewelose liggaam gestaar. My oë was gesluit, my mond effens oop en my gesig kersbleek. Ek het gekyk en gekyk. Dit was êk daardie! Maar hoe is dit moontlik? Ek is dan hiër, hier teen die plafon! Wat het gebeur? Asof die gedagte van veraf na my toe kom, het dit my soos 'n blitsstraal getref: Ek is dood! Toe begin ek huil. My *liggaam* teen die plafon ruk heen en weer. Ek is dood en niemand weet die nie - al= mal slaap! Ek wil na my suster roep; ek wil vir haar skree om my te help, maar my stem is geluidloos. Toe gaan ek ondertoe om haar wakker te skud. Maar nog voordat ek haar kan bereik, voel ek meteens hoe 'n onweerstaanbare mag my na my liggaam op die bed trek en ek tref dit met 'n slag wat voel asof dit my kop en ingewande oopskeur ... Die volgende oomblik lê ek langs my suster terwyl ek aanhoudend gil."(81) Nog tal= le projeksies wat haar op reise deur die tyd en selfs tot in die doderyk voer, word in die boek beskryf.

19.3.4 Ander kultusse

Een van die vele kultusse veral met 'n Oosterse inslag wat vandag voor= kom en waarby Suid-Afrikaners betrokke geraak het, is die sg. Unification Church van die Suid-Koreaan Soen Mjoeng Moon, 'n man wat nie eens Engels kan praat nie en van 'n tolk gebruik moet maak hoewel sy kerk in Amerika tot stand gekom het. Soos 'n koerantrubriekskrywer dit gestel het: daar is 'n besondere aantrekkingskrag in die "Oosterse magie en misterie daaraan verbonde. Dis soos die aantrekkingskrag van 'n lekker spook= storie. Alles is so ver verwyder van die alledaagse saaiheid van die lewe." En verder: "Tog is dit geen nuwe verskynsel nie. Die bewe=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gings wat ons in ons eie tienerjare met James Dean se *Rebel without a Cause* begin het (en hoeveel was dit nie met dié rebel eens nie?) is voort= gesit deur die blommekinders wat in hippiegemeenskappe saamgetrek het, en uiteindelik het die gelowe met 'n Oosterse inslag na vore getree." Af= gesien van die Moon-kultus is daar bv. nog die Bahai en Hara Krisjna.(82)

Hierdie kultusse maak almal daarop aanspraak dat hulle 'n beter wêreld van naasteliefde en verdraagsaamheid tot stand sal bring, maar dan moet hul volgelinge bereid wees om op te offer en hulself te verloën. Dis blykbaar juis hierdie oproep om selfverloëning wat jongmense lok. Moon se predikinge word bv. soos volg opgesom: "Hy sê hy bied die waarheid, die lig, die pad aan. Hy beloof kennis, geluk en die weg na God. Hy preek liefde en eenheid onder Christene, dat Jesus weer sal kom, vir Hom 'n menslike bruid sal neem en 'n volmaakte volk sal begin. Hy is heftig anti-Kommunisties."(83) Kritici verklaar dat Moon se jong bekeerlinge gebreinspoel en geïndoktrineer word tot hulle geen wil van hul eie oorhet nie, dat hulle in oorde saamwoon en soos slawe moet werk om geld vir die kerk en sy leier in te samel terwyl Moon self in weelde leef. Soos ie= mand dit gestel het: mense wat vir Moon se kerk gewerf word, gee hom "nie net hul hart en siel nie, maar ook hul bankrekeninge".(84) So word nuwe mites geskep waaraan Suid-Afrikaners, en Afrikaners, ook deel het, al is dit op 'n baie beperkte skaal, maar die invloed daarvan kan tog deurwerk.

19.4.0 Legendes

Hierdie vertelvorm het die meeste gely onder die verskraling van die al= gemene volksverhaalvoorraad in ons tyd, en die oorheersende rol van die grap. Aan die een kant was daar 'n afname in die voedingsbronne (want legendes, afgesien van grootliegverhale, is hoofsaaklik belewenisse, sages en mites wat hul geloofwaardigheid verloor het). Aan die ander kant was die tydsverloop ook nog te kort vir hierdie proses van verlies aan geloofwaardigheid om hom te voltrek: die moderne spooksages wat daar bv. wel ontstaan, bly sages, en as hulle oor sê vyftig jaar nog ont= hou word, sal hulle met die perspektief wat die tyd bring, miskien in le= gendes oorgaan. Dan gebeur dit ook dat vertellings wat vroeër wel le= gendes sou geword het, vandag dadelik as grappe vertel word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

19.4.1 Algemeen-Bybelse/Christelike legendes

Legendes rondom die persoon van Christus wat tradisioneel skaars was, kom 'n mens vandag glad nie meer teë nie. Selfs die Duiwel het sy gewildheid as legendekarakter verloor, en die verhale oor hom wat wel nog deur die jonger geslag vertel word, is blykbaar voor die voet ou legendes wat nog hier en daar oorgelewer word. 'n Voorbeeld is die vertelling oor hoe die Duiwel probeer het om 'n boer se siel in die hande te kry. Hy belowe die boer groot rykdomme, maar die boer sê dat hy besig is om 'n huis te bou; as die Duiwel dit binne drie dae voltooi, kan hy sy siel maar vat. Die Duiwel werk baie hard, en teen die derde nag moet hy nog net geute aansit. Die boer gaan haal 'n haan, steek 'n lamp aan, en die haan begin kraai. Die Duiwel dink dis die dag wat breek, en omdat sy werk nog nie klaar is nie, maak hy dat hy wegkom en laat die boer met rus.(85) Hierdie vertelling is 'n humoristiese variant van die Faust-motief, en dit is veral dié soort Duiwellegendes wat 'n mens vandag nog hoor.

19.4.2 Die elementgeeste

Die veelheid van watergeeste, die watermense en waterslange, het grootliks uit die volksgeloof en die volksverhaalvoorraad verdwyn. Die jonger geslag het miskien hier en daar iets by die oumense gehoor, maar dit het baie skaars geword. In die plek daarvan het die sg. monster van die Vaaldam gekom, een of ander gedrog wat in die diep waters sou woon, maar dit bly 'n vae gestalte waaraan blykbaar weinig geloof geheg word en waaromtrent geen werklike verhaal ontstaan het nie.(86)

19.4.3 Uit die towerwêreld

Antjie Somers het deur die jare veel van haar geloofwaardigheid ingeboet, en 'n mens wonder of sy vandag meer as 'n legendefiguur en kinderskrik is. Volgens Penny Miller vertel bruinmense in Kaapstad dat sy in die bouval van 'n spookagtige ou huis bo teen Tafelberg bly: "Over the years, legend has it that the bogey most ivoked by the Cape coloureds, Aintjie Somers, took over the ruins, and may be heard scurrying and muttering among the leaves of Platteklip Gorge. 'Don't cry,' mothers warn their children, 'or Aintjie Somers will come for you.' Aintjie Somers is described as a curious little gnomelike prankster, more pol=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tergeist than ghost. Addicted to throwing stones, his (or her?) greatest delight is to jump out with a bang and scare late-night revellers who are making their uneven way home along the dark Cape roads!"(87)

'n Soort-weerwolfverhaal in die distrik Stellenbosch opgeteken, is so oordrewe dat selfs die informante dit sekerlik nie as die volle waarheid kan beskou nie en dit dus as 'n legende ingedeel moet word. "'n Getroude paar het in 'n dubbelverdiepinghuis buite Stellenbosch op 'n plaas gewoon. Een aand het hulle hulle tweelingbabas in die sorg van 'n studentemeisie gelaat. Die babas se kamer was op die boonste verdieping. Die sitkamer was op die grondverdieping en hier het die babawagter die aand voor die vuur gesit. Daar was twee telefone in die huis, een op elke verdieping. Meteens hoor sy die telefoon by haar op die grondverdieping lui. Sy tel die gehoorstuk op en hoor 'n vreeslike geroggel. Sy raak bang en sit die gehoorstuk neer. 'n Paar keer gebeur dit dat die telefoon lui en as dit opgetel word, hoor sy die geroggel. Hierna bel sy die polisie en hulle vra haar om nie die telefoon neer te sit as dit weer lui nie, anders kan hulle nie uitvind waarvandaan die persoon getelefoneer het nie. 'n Rukkie daarna telefoneer die polisie haar nadat sy gemaak het soos hulle gesê het. Die polisie deel haar toe mee dat die persoon vanaf die telefoon op die boonste verdieping telefoneer. Toe sy beangs die telefoon neersit, sien sy iets agter haar beweeg. 'n Man met 'n swart mantel en lang slagtande het net agter haar gestaan. Hy neem die stomgeskrikte meisie na die boonste verdieping en daar wys hy haar die lyke van die vermoorde tweeling. Sy het glo op die plek geheel en al grys geword. ('n Variasie op hierdie verhaal is dat sy van die boonste verdieping afgespring en haar doodgeval het.)"(88)

19.4.4 Historiese legendes

Enkele historiese legendes van weleer, soos dié oor die Krugermiljoene, word vandag nog vertel, maar die meeste het vergete geraak. Ek het dit nog altyd as 'n ramp vir ons letterkunde, en ook ons volkswoordkunde, beskou dat weens omstandighede die Afrikaner nie heelhartig aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het nie. So het die mees dramatiese gebeurtenis in die moderne geskiedenis aan ons verbygegaan en het ons nie die prikkel ondervind wat dekades lank die woordwêreld oorheers het en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vandag nog so 'n groot rol speel nie.

19.4.5 Grootspog

Ongelooflike verhale van mense wat die afstand tussen bv. Kaapstad en Johannesburg in soveel en soveel uur per motor aflê, was eens op 'n tyd volop, maar met die strenger snelheidsperke en hoë brandstofprys word dit nie meer gehoor nie. Sterkmanverhale, waar dit nog vertel word, bly hoofsaaklik beperk tot die prestasies van die sterkes van weleer. 'n Mooi ou legende wat vandag nog soms vertel word, is dié van 'n boere-meisie wat 'n klein kalfie elke oggend teen 'n koppie agter die plaas-huis uitgedra het sodat hy in 'n valleitjie kon wei. Saans het sy hom weer gaan haal en huis toe gedra. Die kalfie het groter geword en was later 'n uitgegroeide jong bul, maar die meisie het hom nog steeds ge-dra. Sy het algaande aan die toenemende gewig gewoond geraak.(89)

Net 'n enkele ware moderne Simson is teëgekom. Hy is mnr. Nols Smit (54) van Athlonestraat, Mount Pleasant, Port Elizabeth, en oorspronklik van Heidelberg, Transvaal, wat vroeër as grofsmid gewerk het. Oor hom is in April 1980 berig: "'n Paar jaar gelede nog kon hy laggend 'n sak koring van 95 kg met sy kake van die grond af optel. Om staalstawe van tot 12 cm oor sy knie te buig, is steeds kinderspeletjies." Hy kan verder 'n staalstaaf van 2½ cm dik tussen sy kake vasbyt en buig. "Mnr. Greyling het 'n volledige kunsgebit wat spesiaal met staal ver-sterk is. Hy maak daarop aanspraak dat hy selfs 'n staalplaat met die tande sal deurbyt. Sy vrou, Marie, vertel dat hy al sy tande op een slag laat trek het. Hy het beslis geweier om enige verdowing te kry. 'n Uur later het hy 'n hele bord biefstuk geniet wat sy vir hom berei het."(90)

19.4.6 Grootlieg

'n Verskeidenheid grootliegverhale word vertel. Soms is dit ou, ou verhale wat in die volksverbeelding bly voortleef, soos die een van die bok wat met 'n boompit geskiet word, en dan groei die boom uit sy kop.(91) Dit kom reeds by Von Münchhausen voor.

Op Stellenbosch word onthou hoe die bekende prof. Matie Taljaard vertel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het dat hulle een aand in die huis gesit het terwyl 'n sterk suidoostewind waai. Meteens hoor hulle doef, doef, doef! op die dak. Toe hy later gaan kyk wat aan die gang is, sien hy die wind het die dassies uit die bergskeure gewaai en hulle lê oral op die grasperk rond.[92] (Ek het die storie ook in Namakwaland gehoor, en oud-minister A.J.R. van Rhijn, 'n boorling van die Noordweste, het dit graag vertel.)

Paul Roos, legendariese rektor van die Paul Roos-gimnasium op Stellenbosch en eerste Springbok-rugbykaptein, kon glo so vinnig met 'n motor ry. Eendag is hy en 'n kollega van Kaapstad af op pad na Stellenbosch. Tussen Bellville en Kuilsrivier is 'n padversperring waar werkers besig is om 'n diep sloot oor die pad te grawe. 'n Verkeerskonstabel skraap Paul Roos, maar hy ry skoon onder die verkeersman uit. Toe mense hom later vra: "Maar wat van die sloot?" antwoord hy: "Watter sloot?"[93]

'n Man vertel dat hy tydens 'n jagtog steek in die sy gekry het. Dit was sy blindederm. Hy was verplig om dit met sy eie knipmes uit te sny. (Die man het die storie so dikwels vertel dat hy dit later self geglo het, verklaar die informant.)[94]

Daar was 'n man wat geweldig gerook het. As die een pyp te warm word, sit hy dit neer en vat 'n ander. Eendag moet hy geopereer word. Die dokters ontdek dat sy ingewande totaal uitgedor is, en hulle moet dit eers in die water sit voordat hulle dit kan terugplaas.[95]

Baie van die Van der Merwe-grappe is ook niks anders as grootliegverhale nie, soos later aangedui sal word.

19.5.0 Sprokies

19.5.1 Die tradisionele sprokievoorraad vandag

Opnames oor 'n aantal jare toon dat sprokies, veral as leesstof, nog steeds hoofsaaklik by kinders gewild is, hoewel enkele volwassenes ook erken dat hulle 'n voorliefde vir sprokies het. Die sg. universele sprokies (soos oor Aspoestertjie, Gouelokkies, Klein-Duimpie, Rooikappie en Sneeuwitjie) is veral bekend,[96] wat nie vreemd is as 'n mens kyk na die groot verskeidenheid uitgawes van dié sprokies wat in Afrikaans en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engels beskikbaar is nie. Ewe bekend is die Afrikaanse sprokiehelde van weleer: Van Hunks,[97] die Swape,[98] Uilspieël,[99] en veral Jakkals-en-Wolf.[100] Ook hier vind ons 'n groot verskeidenheid publikasies, asook plaatopnames hoofsaaklik van Jakkals-en-Wolfstories. Tog word 'n mens wanneer jy veldwerk doen daardeur getref hoe weinig hierdie verhale nog in die volksmond lewe. Dit het hoofsaaklik leesstof geword.

19.5.2 Herskeppings en nuutskeppings

Dit bly interessant om te sien hoe ou, ou volkstemas weer nuut word. In Johannesburg is 'n geval opgeteken waar Rooikappie (A/T 333) uit die tradisionele bos tot binne-in die stad verplaas word. Die meisietjie woon nou in 'n huis net buite die stad. Sy moet deur die donker strate stap om kos vir haar ouma weg te bring en word deur 'n skelm gevang en opgeëet.[101]

Die bekende verhaal van die Swape wat Afrikaans geleer en toe in die moeilikheid beland het, nl. "Ons drie" (A/T 1697) word na 'n hele nuwe sfeer verplaas, hoewel die oorspronklike woorde wat tot die verwarring aanleiding gegee het, behoue bly. 'n Pa stuur sy drie seuns een nâ die ander om vir hom te gaan sigarette koop, maar verbied hulle om met die heks te praat wat langs die pad woon. Daarom vervloek die heks die eerste seun om altyd net te sê: "Ekke! Ekke!" Die tweede seun vervloek sy om te sê: "Met 'n mes! Met 'n mes!" Die derde seun laat sy sê: "Vir 'n sakkie geld! Vir 'n sakkie geld!" Die drie broers kom by die lyk van 'n vermoorde wat langs die pad lê. Net toe daag 'n polisieman daar op. "Wie het dit gedoen?" vra hy. "Ekke!" sê die eerste broer. "Hoe?" vra die polisieman. "Met 'n mes!" antwoord die tweede broer. "Hoekom?" vra die polisieman. "Vir 'n sakkie geld!" antwoord die derde broer.[102]

Soms word net die tema behou van 'n spreker wat onkundig is omtrent die betekenis van die woorde wat hy gebruik, maar die hele opset verander. In hierdie geval is dit 'n kind wat in opdrag van sy skooljuffrou Engelse woorde versamel. Die eerste wat hy hoor is *"Sharrap!"* By 'n inryteater sien hy groot geskryf: *"Muhammad Ali"*, en by 'n verbyganger teken hy aan: *"Cool it, baby!"* Toe die Juffrou hom vra watter woorde hy ge-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leer het, sê hy: *"Sharrap!"* Die Juffrou vra: "En wie dink my miskien is jy?" Hy antwoord: *"Muhammad Ali!"* Die Juffrou sê: "Ek gaan jou kantoor toe stuur." Hy antwoord: *"Cool it, baby!"*(103) In hierdie geval het die verhaal 'n blote grap geword.

"Jakkals leer vlieg" (A/T 225) word na 'n moderne milieu verplaas waar heelwat boere hul eie vliegtuie het. Boer besluit om Jakkals oor al sy ongeregtighede in 'n vliegtuig op te vat en hom dan op 'n eg te laat val. Terwyl Jakkals deur die lug trek, skree hy vir Boer se vriende wat onder staan en wag: "Vat weg die eg! Hier kom julle se Here!" Die vriende doen dit, Jakkals kom veilig op die grond te lande en maak hom uit die voete.(104) Met lg. wending sluit die vertelling by ouer variante aan waar Jakkals sê dat hy 'n prediker is wat uit die lug kom, soos ons vroeër reeds gesien het.

Die Jakkals-en-Wolfverhaal van "Die botterdiefstal/visdiefstal" (A/T 1) met "Jakkals laat kind doop" (A/T 15) wat daarop volg, word 'n heuning=diefstal. Jakkals loop Wolf nie in die veld nie, maar op straat raak. Wolf sê hy is op pad om heuning te steel, en Jakkals sê hy gaan saam. Nâ die diefstal haal Jakkals vir Wolf oor om die heuning eers weg te steek, anders betrap iemand hulle naderhand. Hulle bêre dit in 'n gat, en Jakkals sorg dat hy alles skelmpies alleen opeet.(105)

Soms vind ons nuutskeppinge op die tradisionele patroon. In die oertyd, so lui die eerste voorbeeld wat eintlik nie meer as 'n fragment is nie, was daar 'n reus genaamd Simon op reis iewers heen. Hy kom naby die plek waar Stellenbosch vandag geleë is en gaan op sy rug lê om te rus. So slaap hy al eeue lank, maar het nog nooit weer wakker geword nie. Dit is wat ons vandag Simonsberg noem. As 'n mens die berg goed beskou, kan jy sy voorkop, wenkbroue, neus en groot maag duidelik uitmaak.(106)

Ook die tweede voorbeeld is 'n fragment. 'n Bejaarde informant vertel: "Die Swartberge was eers die woonplek van 'n groot ou draak met geel tan=de en groen oë. Hy was baie lief vir vuurmaak en het altyd gesorg dat daar 'n vuur in die berg brand. Sy vrou is later dood en hy het opge=hou met eet. Hy het agteruitgegaan en gesterf. Die Swartberge is glo vandag so 'n rooibruin kleur omdat daar so baie vuurgemaak is."(107) (Die Swartberge was in vroeër eeue vulkanies.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Nuwe Swaapvertelling is bloot 'n grap. Die Swape ry in 'n vliegtuig en maak vreeslik lawaai. Daarop jaag die Hoofswaap hulle uit om buite te gaan speel.(108)

19.5.3 'n Nuwe soort sprokie

Die eintlike moderne sprokies sien heel anders uit as die tradisionele sprokies of die tydgenootlike voorbeelde wat reeds behandel is. Dit word gewoonlik as grappe vertel, maar dis geensins vreemd nie, want die grap het reeds dekades gelede die plek van die sprokie as vertelvorm begin inneem, soos in die afdeling oor tydgenootlike grappe aangetoon word. Origens is dit volwaardige sprokies in die volle sin van die woord. Die merkwaardige van hierdie sprokies is dat die tradisionele gelukkige einde ontbreek. In hul ontknoping is dikwels 'n ironiese, dikwels selfs siniese inslag. Hierdie sinisme is 'n gevaarteken en dui op 'n toestand van ontbinding, 'n beskawing in verval. Soos Kenneth Clarke, die kunskenner en kultuurfilosoof, dit stel: "I said at the beginning that it is a lack of confidence, more than anything else, that kills a civilization. We can destroy ourselves by cynicism and disillusion, just as effectively as by bombs."(109)

In die eerste voorbeelde is die grapelement baie sterk. Die bekende sprokie oor "Gouelokkies en die drie bere" word 'n blote fragment wat soos volg vertel word: Pa-Beer, Ma-Beer en Klein-Beertjie sit aan die ontbyttafel. Pa-Beer sê: "Wie het my pap geëet?" Klein-Beertjie sê: "Wie het my pad geëet?" Ma-Beer sê: "Bly stil, julle twee. Ek het nog nie die pap ingeskep nie."(110) (Al hierdie voorbeelde van moderne sprokies, tensy anders vermeld, word ingedeel as *A/T/G 2400 e.v.*, d.w.s. in die ongeklassifiseerde groep, omdat hulle gewoonlik nie by bestaande tradisionele sprokietemas aansluit nie.)

Daar word met die *Ontugwet*, wat gemeenskap tussen witmense en gekleurdes verbied, die spot gedryf in 'n sprokiegrap oor "Die swart prinses". 'n Man vertel dat hy per motor op pad na Stellenbosch was, toe hy 'n rylopende padda by Polkadraai oplaai. Die padda sit soos 'n klein mensie langs hom en skakel selfs die radio aan, en op die man se vraag, antwoord die padda dat sy 'n betowerde prinses is. Net die soen van 'n jongman sal haar weer in 'n mens laat verander. Die man hou tussen die bosse langs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Eersterivier stil en soen die padda. Dadelik verander die padda in 'n pragtige swart prinses. "Jy glo my nie?" sê die verteller aan sy toehoorder. "Nee," antwoord die toehoorder. "Wel," sê die man, "die polisie het ook nie."(111)

"Die diere speel rugby" lui dat Leeu-se-span teen Jakkals-se-span rugby speel. Die eerste helfte gaan dit beroerd met Jakkals-hulle, en Leeu-hulle is 96-0 voor: alles drieë, want hulle het geen skopper nie. Nâ rustyd is Duisendpoot op die veld saam met Jakkals-hulle, wat tot in daardie stadium met net veertien man gespeel het. Hy sit die een skep=skop nâ die ander oor, en Jakkals-se-span wen op die ou end met 99-96. Leeu gaan vra vir Jakkals hoekom hy Duisendpoot dan nie van die begin af laat speel het nie. Nee, antwoord Jakkals, Duisendpoot vat maar so lank om al sy skoene aangetrek te kry.(112)

'n Sterk ironies-siniese inslag is in ons volgende voorbeelde te bespeur. "Die mier wat geleer dans het" is die verhaal van 'n man wat graag wil ryk word en dan jare bestee om 'n mier af te rig. Eindelik is hy ge=reed en vat die mier na 'n kroeg toe, want hy meen dat die kroegbaas hom ruim sal vergoed om elke aand sy klante te kom vermaak. Die kroegman is nie op die oomblik daar nie, maar die mense in die kroeg is verstom oor die mier se vermoëns. Toe die kroegman binnekom, wys hulle opge=wonde na die mier. "Ag, ekskuus tog, die goed is so lastig," sê die kroegman en druk die mier met sy voorvinger dood.(113)

Die storie oor "Waar ryk en arm mense vandaan kom" lui dat daar eenmaal twee mans was, en die Goeie Gewer bring vir hulle twee kiste vol gesken=ke: 'n grote en 'n kleintjie. Die een is gulsig en pak sommer die groot kis, maar die ander man is met die kleintjie tevrede. Toe hulle die kiste oopmaak, is die grote vol grawe en pikke, maar die kleintjie is gevul met juwele. Daarom is dit so dat party mense hard moet werk, maar andere kan met min inspanning die goeie dinge van die lewe ge=niet.(114) (Ek het al gehoor dat dié storietjie vertel word om te ver=klaar waarom bruinmense dikwels so arm is en witmense in die algemeen beter daaraan toe.)

Dan is daar die beroemde Grimm-sprokie oor "Die paddaprins (of Ysterhendrik)", waarvan daar talle variante opgeteken is. (A/T 440: *"The*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

frog king or Iron Henry. A maiden promises herself to a frog in a spring. The frog comes to the door, the table, the bed. Turns into a prince.") Dit word heeltemal omgekeer. Die beeldskone prinses stap na die waterpoel, waar sy die aaklige skurwepadda sien, maar dis eintlik 'n betowerde prins. Toe sy hom soen, verander sy ook in 'n skruwepadda, en nou is skurwepaddas nie meer vir haar lelik nie sodat sy met hom trou en hulle gelukkig saamwoon.(115)

Oor "Die platbek-paddatjie" word vertel dat hy op reis gegaan het, en hy is behep daarmee om vas te stel wat almal eet. Die ruspe antwoord: "Bassies en blare! Bassies en blare!" Die sprinkaan antwoord: "Bos= sies en gras! Bossies en gras!" Die mossie antwoord: "Saadjies en wurms! Saadjies en wurms!" Dan kom hy by die reier wat antwoord: "Platbek-paddatjies!" Die platbek-paddatjie ruk homself op en vra: "Wat jy wáár kry?"(116)

Ook sterk ironies is "Die boer en die vis". Die boer vang 'n vis in die plaasdam, maar die vis pleit so mooi om sy lewe dat die boer hom huis toe vat en in 'n bad water in die buitekamer plaas. Elke dag haal hy die vis uit die water en laat hom op die droë grond rondspartel, altyd 'n bietjie langer, totdat hy heeltemal aangepas is en buite die water kan leef. Nou word Vis die boer se kneg, en hy help tog te fluks op die plaas deur die koeie te melk, die hoenders kos te gee en eiers uit te haal. Ná 'n paar jaar sê Boer: "Jy het my so getrou gedien dat ek jou graag wil beloon. Ek sal jou die kosbaarste ding op aarde gee: jou vryheid." Hy vat die vis terug na die dam toe waar hy hom gevang het en gooi hom in die water. Die vis sak weg en verdrink.(117)

Veral hierdie laaste aantal voorbeelde kan almal ook as fabels vertel word omdat uit die ironiese situasies sekere lesse afgelei kan word: "Die mier wat geleer dans het", "Waar ryk en arm mense vandaan kom", "Die paddaprins en die paddaprinses", "Die platbek-paddatjie" en "Die boer en die vis".

Die sterkste tydgenootlike sprokie wat in Afrikaans ontstaan het, is ongetwyfeld "Die maanklip" (A/T/G 2400 e.v.). Die prikkel was die Bolandse aardbewings van September 1969. Aan die een kant is allerhan= de vreesaanjaende gerugte versprei. Thelma Cillie skryf: "Die aller=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vreeslikste bangmaakstories het in dié dae in die rampgebied die rondte gedoen - oor hóé die aarde sou oopskeur en die hele gebied daarin sou wegsak! van oorstromings wat sou kom en die hele kontrei in mere sou omskep!"(118) Meer spesifiek is die ramp in verband gebring met die Amerikaanse maanlandings wat juis in daardie tyd plaasgevind het. Daar was algemene bespiegelinge, soos dié van 'n tagtigjarige Transvaalse vrou wat aan die burgemeester van Ceres geskryf het: "Edelagbare burgemeester, volgens wat mev. Krone, van die plaas Jongegezellen, en mnr. Coetzee van die plaas Modderasrivier gesien het, wys dit mos uitdruklik dat die vliegvoorwerp oor Witzenberg en Winterberge gevlieg het en toe teen *Saalkop* neergestort het. 'n Mev. Lily Jooste, het gesê dat die maan was eienaardig rooi met 'n hapuit, na die ontploffing het die lug na swael geruik. Wat was daardie vliegvoorwerp? Dalk nog 'n kliprots van die maan. In die geval kan ons regering mos so 'n paar duisend miljoen dollars eis van die Amerikaners. Die Amerikaners se vlag wat hulle op die maan geplant het kon dalk die rotse los gewikkel het deur sekere elemente in die maan toe hulle die vlag geplant het. Die aarde se natuurkundiges het nog nie kennis van al die Chemikalieë op die maan nie."(119)

Die aardskuddings is ook spesifiek verbind aan voorwerpe wat die Amerikaners van die maan af saamgebring het: "Daar is kleurlinge in hierdie kontrei, wat vas glo dat die aardbewing regstreeks in verband staan met die sending van Apollo 12 na die maan. Hulle glo dat die grond wat van die maan gekom het êrens neergesit is en dié grond het dan nou volgens hulle, begin groei en groei - met sûlke geweldige wortels, dat dit die aarde begin losskud het! Hulle glo ook dat dit nie sal ophou skud voordat die grond weer veilig op die maan teruggesit word nie. Niks, albsoluut niks kan hulle van hierdie storie laat afsien nie."(120)

Toe, in die tyd net ná die eerste groot skuddings, het ek die volledige verhaal van die maanklip gehoor. Bruinmense uit Tulbagh was in my tuisdorp, Franschhoek, op besoek, en hulle het vertel dat die drie Amerikaners 'n maanklip teruggebring het aarde toe. Hierdie klip het terugverlang na die maan en begin opgroei in die lug. Sy penwortel wat hy in die aarde uitstoot, is die oorsaak van die skuddings. Ook ander vreemde dinge gebeur. Die drie ruimtereisigers se naels het begin groei, en hoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle dit ookal knip, word die naels al langer omdat hulle aan die maanklip gevat het. Al redding is dat drie ou manne gestuur moet word om die maanklip terug te vat. Eers dan sal die aardbewings ophou.(121)

Verskeie oerou simbole uit die volksgeloof is in die vertelling ver= weef. Eerstens is daar die maan wat mense deur die eeue rondom die wê= reld gefassineer het.(122) Van die bekendste opvattings is dat die was= sende en kwynende maan die ritme van die lewe weergee: van geboorte, jonkheid, volwassenheid, ouderdom en dood, maar eweneens die hergeboorte tot 'n nuwe lewe.(123) Die geloof dat klippe kan groei, is ook in Afrikaans bekend.(124) Verder is klip 'n simbool van standhoudendheid teenoor die verganklikheid van biologiese wesens. Klip word gelykgestel aan aarde, wat saam met water, lug en vuur die vier elemente van die Oud= heid vorm. Lewe kom voort uit klippe wat uit die hemel val (meteoriete), en hulle is dikwels aanbid. Wanneer klip verskerf word, is dit egter 'n simbool van desintegrasie, dood en verwoesting.(125) Die geloof dat die mens se naels een van die dele van sy liggaam is waar sy mana in 'n besondere mate voorkom, is vroeër by tradisionele sages behandel. Die simboliek van die skêr stem in sommige opsigte met dié van die kruiste= ken ooreen, en die kruis "affirms the primary relationship between the two worlds of the celestial and the earthly. But, in addition, ... it stands for the conjunction of opposites, wedding the spiritual ... prin= ciple with the principle of the world of phenomena."(126) In dié opsig slaan dit 'n brug tussen die tydlike en die ewige, maar aan die ander kant word die mens se lewensdraad met 'n skêr afgeknip. Nes die maan is die skêr dus 'n tweeslagtige simbool: van skepping en verwoesting, ge= boorte en dood.(127) Ten slotte is 'n aardbewing 'n katastrofe, maar 'n katastrofe hoef nie noodwendig rampspoedig te eindig nie; dit sit 'n (geestelike) verandering aan die gang, en: "Whether the catastrophe is, in the symbolic sense, positive or negative is, of course, entirely de= pendent upon the nature of the change wrought in the agent affected by it."(128) Die ou manne word dikwels as die beliggaming van die eeue= oue wysheid van die mensdom gesien.(129)

'n Mens kan die versluierde betekenis van hierdie vertelling oor die maanklip dus miskien soos volg probeer verduidelik. 'n Katastrofe het die mens getref. Dit is omdat hy die orde van die heelal versteur het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur die maan, die ritme van die lewe, te skend toe hy 'n hemelse voor= werp na die alledaagse werklikheid van die aarde gebring het. Nou kom die negatiewe eienskappe van alles na vore. Die standhoudendheid van die klip, is aangetas, en dit saai verwoesting. Die mens se naels, waarin sy krag moet skuil, word vir hom 'n bedreiging, en dis juis die= gene wat die wandaad gepleeg het deur die maanklip aan te raak wat so ge= straf word. Die skêr wat die mens nie in hierdie nood kan help nie, lê gereed om sy lewensdraad af te knip. Die aarde self, die moeder van almal, wankel. Alles is op 'n mespunt gebalanseer. As die mens in sy dwaasheid volhard, kan dit tot die einde van alles lei, maar keer hy terug na die ou paaie en beroep hy hom op die wysheid van die ou man= ne, kan die katastrofe 'n gelukkige afloop hê en 'n positiewe geestelike verandering aan die gang sit.

'n Tweede voorbeeld, eintlik net 'n fragment, uit min of meer dieselfde tyd, dui eweneens op 'n dreigende ondergang. Die winter van 1970, toe daar nog steeds afwisselend aardskuddings gevoel kon word, tref 'n twee= de ramp die Boland. Nã swaar reëns kom onverwags 'n windstorm uit die suidooste op. Normaalweg waai die sterk reënwinde in hierdie seisoen uit die noordweste. Gevolglik is die boomwortels aan hierdie kant goed ontwikkel, maar toe die windgeweld skielik uit die suidoostekant tref, gee die wortels in die deurnat grond mee, en bome word by die hek= taar in die plantasies teen die berge platgewaai. Dwarsdeur die nag knal dit nes geweerskote soos die bome losruk en neerstort. Toe ek met 'n bruin plaaswerker daaroor praat, sê hy dat dit die mens se straf is omdat hy met die maanlandings die windwolk wat om die maan gekrul lê (d.i. die dynserige sirkel wat 'n mens soms om die maan sien) ver= breek het.(130)

Op die oog af is hierdie fragment meer beklemmend as die verhaal van die maanklip omdat hierdie geen aanduiding is van hoe die mens aan die stormgeweld kan ontkom nie. Tog, hoewel dit 'n verwoester kan wees, is die wind in die volksgeloof ook simbool van skepping en bevrugting: "The wind is air in its active and violent aspects, and is held to be the primary Element by virtue of its connection with the creative breath or exhalation ... At the height of its activity, the wind gives rise to the hurricane (a synthesis and 'conjunction' of the four Elements), which

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is credited with the power of fecundation and regeneration."(131) Verder kan daarop gewys word dat in Arabies en Hebreeus dieselfde term vir asem ('n tipe wind) en gees gebruik word.(132) Daar is geleerdes wat meen dat dieselfde in Oud-Grieks gebeur.(133) Ondanks die bedreiging van die wind, is die mens se toestand dus tog nie hopeloos nie.

Net soos ons 'n skeppingsiklus in die tradisionele sprokievoorraad kon onderskei, het ons met die maanklip en die windwolk by die oordeelsdag, by Ragnarök, aangeland. Ragnarök is in die Oud-Germaanse mitologie die dag van die groot stryd tussen die gode en die reuse wat met hul handlangers teen hulle opruk. Die gode word verslaan en alles vergaan in 'n vloed van vuur en water waardeur die heelal tot die toestand van chaos terugkeer soos dit voor die koms van die gode was. Tog is dit nie die einde nie, maar 'n nuwe aarde kom voort. "Daar was geen kwaad meer nie; onbesaai het die akkers hul vrugte voortgebring. Uit die woud ... kom 'n vrou en 'n man te voorskyn, wat ontkom het aan die vuurgloed ..., en geleef het van dou as voedsel; hulle kinders is bestem om weer die nuwe aarde te bevolk." Ook die gode keer uit die dode terug, en 'n nuwe doderyk word gestig. "Hulle praat meer as eens van die dae van vroeër, van die glorie en smart van vergane tye ... In die gras vind hulle weer terug die goue tafels wat in die begin van die tye aan Odin gegee was en met die ou wêreld verlore gegaan het."(134)

Hoewel die ironies-siniese Afrikaanse grapsprokies van vandag, en in die besonder die maanklip en die windwolk op 'n Ragnarök dui, lê die kiem van 'n herlewing tog daarin opgesluit. Die vraag is net: sal dit gebeur? Ons kan maar net wag en kyk en luister. Iewers eendag, op sy eie tyd, sal die volksmens wel van hom laat hoor.

19.6.0 Grappe

19.6.1 Die rol van die grap vandag

Deur die jare het Afrikaanse grappe van die konkrete ervarings-uit-die-lewe wat nes enige belewenisvertelling geglo wil wees, beweeg tot die abstrakte grap-ter-wille-van-die-grap wat aan geen plek of tyd gebonde is nie en dikwels op woordspelings berus. Weens die snelle kommunikasiemiddels trek nuwe grappe blitssnel deur die land, of word oorsese grap-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

modes van die dag dadelik by ons oorgeneem. Ek noem net 'n paar:

(a) *Sadistiese grappe.* "Wat is bloedrooi en sit in die hoek van die kamer en skree? Antwoord: 'n Baba wat met 'n skeermeslemmetjie speel." Hierdie grap kan nog verder uitgebrei word: "Wat is skimmel= groen en lê doodstil in die hoek van die kamer? Dieselfde baba 'n maand later."

(b) *Raaiselgrappe.* "Raai-raai, hoe sal jy weet dat daar 'n oli= fant in jou koelkas was? Antwoord: Jy sal sy spore in die botterpot sien." Of: "Raai-raai, hoe sal jy weet dat daar 'n olifant op jou dak is? Antwoord: Die leer sal teen die muur staan."

(c) *Definisiegrappe.* "Hoe sal jy die toppunt van eensaamheid de= finieer? Antwoord: Wanneer jy op jou ma se agterstoep sit en huis toe verlang." Of 'n ander definisie: "As jy in die spieël kyk en daar is niks nie."

(d) *Aktuele grappe:* Grappe rondom mense in die nuus wat om die een of ander rede vir die volk "snaaks" is, ontstaan oornag. Veral eindeloos was die grappe oor die barbaarse voormalige Oegandese diktator Idi Amin.(135)

Daar is egter 'n verskynsel in die volkskultuur wat as 'n kultuurwet be= skou kan word, naamlik: wanneer iets eenmaal in 'n volk se kultuur op= geduik het, kan dit miskien 'n ruk lank in die agtergrond verdwyn en oënskynlik vergete raak, maar niks verhoed dat dit vroeër of later weer sal verskyn nie. Dus, ondanks al die nuwe soorte grappe wat bygekom het en wat in die abstrakte rigting neig, word die ou, konkrete Boere= grappe ook telkens nog gehoor.

In die harlaboerla van ons moderne tegnologiese beskawing waar dit lyk asof die pas van dag tot dag nog verder versnel word, het die grap met sy snelle afloop die volksvertelling by uitnemendheid geword. Reeds in die eerste dekades van ons eeu het 'n Nederlandse geleerde die moont= likheid geopper dat die grapverteller van vandag die plek van die spro= kiesverteller van weleer opgeëis het. Soos Jos. Schrijnen dit saamvat: "Tot de gebied van de Volksluim behooren natuurlijk ook de duizenden

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uien, moppen of boertige verhalen, die bij het volk in omloop zijn en dermate onmisbaar lijken in het hedendaagsche volksleven, dat V. Meyere zich afvraagt of de moppenverteller van heden niet de sprookjesverteller van vroeger zijn zou?"(136) Vandag is dit inderdaad so dat die meeste sprokies wat ontstaan eintlik in die vorm van grappe aangebied word, soos ons reeds gesien het.

Die Amerikaner Gershon Legman toon in sy werk *Rationale of the dirty joke - An analysis of sexual humor* (1968) aan dat die grap, veral die skuins grap, vandag die volksvertelling by uitnemendheid geword het. 'n Mens se eie waarnemings in hierdie verband verplig jou om hom in 'n groot mate gelyk te gee.(137)

19.6.2 Koos van der Merwe

Die merkwaardigste en blykbaar blywendste volksnar in Afrikaans, is die denkbeeldige karakter Koos van der Merwe. Hy het die land stormderhand verower, trek ou grappe wat lank voor sy "geboorte" bestaan het soos 'n magneet na hom toe aan, en is die held van tallose nuwe skeppinge. Hy het die eg-Afrikaanse grapkarakter geword, soos Pat, die Ier, of Solly, die Jood.

Van der Merwe is lank voor die koms van Koos al aangevoel as 'n tipiese van om die Afrikaanse volksmens aan te dui. So skryf A.D. Keet in sy gedigtie "Muskietejag" in die bundel *Gedigte* (1919) waar die geteisterde die muskiet aanspreek:

> Mag ik mij voorstel, eer ons skei,
> Eer jij die doodslag van mij krij -
> My naam is van der Merwe.(138)

Veral die slotreël het feitlik spreekwoordelik in Afrikaans geword. In 1952 word dit selfs as titel gebruik vir 'n boekie met die oog op 'n familiefees van die Van der Merwes, naamlik: *My naam is Van der Merwe* deur ds. C.P. van der Merwe.

Dan is daar A.G. Visser se bekende spotdig "Lotosland" uit die bundel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedigte (1925) waar, sover bekend, die eerste Koos van der Merwe in die Afrikaanse woordwêreld optree. Die gedig vertel van 'n klomp voorste Trekkers wat 'n ware land Kanaän bereik en daar al traer en vetter word totdat kommandant Naudé en Koos van der Merwe, as verteen= woordiger van die "stem van die volk", daarteen in opstand kom, maar die ander trekkers wil nie luister nie.

> Die aand nog het Koos van der Merwe
> En Naudé die ou vet-span verlaat:
> Hul bene na swoege en swerwe
> Is al weer van normale formaat.(139)

Terugskouend is later gevra: "Hoe het die Van der Merwe-grap ontstaan? Dis moeilik om hiervoor 'n verklaring te vind, alhoewel die naam en die familie lank reeds beskou word as tipies Suid-Afrikaans."(140)

Abel Coetzee en medewerkers dui aan dat die Engelstaliges 'n groot rol by die oorspronklike ontstaan van Van der Merwe-grappe gespeel het, en lê die gebruik van die van só uit: "Verreweg die meeste Engelse ste= delinge weet weinig van naamsverhoudings onder die Afrikaners, maar as hulle die telefoongids hanteer, staan die meeste Afrikaanse name byeen onder die 'Van ...', en van al die Van-vanne is die Van der Merwes in die meerderheid. By die Engelse stedeling vat die indruk pos dat al wat Afrikaner is, 'n Van der Merwe moet wees. Só word die familie= naam Van der Merwe in Engelse gees sinnebeeld van Afrikaner."(141)

En wat die voornaam Koos betref? "Omdat Koos," sê Coetzee en medewer= kers, "in al sy vorms (Koos, Kosie, Kobus, Jacobus, Jacob, Japie, Jaap - plaasjapie, vaaljapie, ens.) net so 'n kenmerkende Afrikaanse voornaam is as Van der Merwe is as agternaam !"(142) Dat Koos gebruik is omdat dit as 'n algemene Afrikaanse voornaam beskou word, kan 'n mens nie be= twis nie, maar die res van Coetzee-hulle se argument gaan nie op nie: daar is selfs weinig Afrikaanstaliges wat van 'n verband tussen Koos en Jacob en vaaljapie bewus is. Dit kon dus net sowel Piet of Paul of Klaas van der Merwe gewees het. Dis verder egter interessant om daar= op te let dat ou tante Koba ook as ou tante Koos bekend was.(143)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omtrent die opkoms van die Van der Merwe-grappe gee Coetzee-hulle die volgende boeiende uiteensetting wat so deeglik opgebou is dat 'n mens die waarheid daarvan nie kan betwyfel nie. Hulle sê oorspronklik is die Van der Merwe-karakter hooghartig deur Engelstaliges gebruik om die Afrikaner te kleineer. "Daarmee is ernstig 'n aanvang gemaak toe so= wat twee dekades gelede [d.i. ongeveer 1955] 'n reklamefilm in Johannes= burg vervaardig is. In die film word 'n polisiediender (onthou, sedert jaar en dag het die Afrikaners alle ander bevolkingsgroepe o.a. uit die polisiediens verdring) op 'n dam deur 'n motorskuit omgery. Toe kon= stabel Van der Merwe tot verhaal kom, vra hy aan die skuldige: 'Did you got a licence?' - met so 'n dik, lomp en ongevormde stem." Dat daar venyn skuil in die oorspronklike Van der Merwe-grappe, betoog Coetzee-hulle, spreek onder meer uit die volgende: "Ene Juffrou Ruth First, wat onder die wet op kommunistiese bedrywighede vir 90 dae opge= sluit was in Suid-Afrika, is na haar vrylating in Engeland en neem deel aan 'n beeldradiovertoning. 'n Suid-Afrikaanse Engelsman, Chore Hum= phries, aanskou dit, kom in opstand, en skryf só aan die Daily News (Durban, 1 Julie 1966, bl. 11, kol. 1-3): 'Mrs. First was being inter= viewed by members of the Security Branch (d.i. S.A. Polisie), speaking in the most exaggerated overtones of the proverbial Van der Merwe accent (sic!) I have ever heard ... Mrs. First would reply in impeccable English as the epitome of the intelligent martyr, in an exaggerated con= trast.'" As voorbeelde van sulke venynige grappe, noem Coetzee en medewerkers: "'n Gesiene Johannesburger gaan jag anderkant Kroonstad, skiet ses vermeende bobbejaanmannetjies, maar ontdek dat dit ou Van der Merwe en sy vyf seuns is; Van der Merwe gaan na 'n Engelse partytjie en neem 'n leer saam, omdat aan hom gesê is: 'Drinks will be on the house.'"

Die tweede groep Van der Merwe-grappe sien Coetzee-hulle as 'n Afrikaan= se reaksie. "Al gou kom die gees agter in opstand, en nou vertel Afri= kaners ook sulke grappe, maar die rolle is omgekeer. En dan ontbreek dit, begryplik, ook nie altyd aan venyn nie!" Uit *The Star* van 4 Okto= ber 1966 haal hulle 'n berig aan: "The Mayor of Bloemfontein ... told a Van der Merwe joke at the official opening of the .... Bloemfontein abattoir yesterday. More than 100 English-and Afrikaans-speaking people were present. There was little laughter and a number of people, in= cluding two English-speaking cattle breeders, said they were embarrassed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and annoyed." En die grap? Dit was oor "Van der Merwe who visited Eng= land and saw a crippled beggar with one arm and one leg, sitting on the pavement. Van der Merwe dropped twenty cents into his hat, walked a few paces, returned and replaced the coin with a 10s. note. 'Thank you, sir,' said the beggar, 'and to what do I owe your generosity?' 'Man', replied Van der Merwe, 'this is the first time I have seen an Englishman opgedonder (beaten up) to my complete satisfaction.'"

Maar gelukkig bly dit nie by hierdie oor en weer kwetsing rondom die Van der Merwe-karakter nie. Tye verander. "En meteens het Van der Merwe die held gaan word van sy eie mense. Dié man wat beter bekend is as die pous, wat voor Tensing en sy sjerpa op Everest was op sy daag= likse patrollierit voor ontbyt, wat soos James Bond (007) 'n eie kode= nommer het: k-dubbel nul-s (Koos!), dié man word 'n liefling onder sy eie mense, en nou word die derde groep grappe geskep of omgevorm, sonder venyn, net uit lewenslus en in aanpassing by alles wat elke dag gebeur. As die oliebore op Kareebos begin stamp, kom 'n grapjas met die spits= vondigheid: 'Hulle het toe olie gekry! - In Van der Merwe se pypsteel.' As 'n Londense 'bobby' haarfyn die pad kan uitlê na Pretoria toe, is dit konstabel Koos van der Merwe, afkomstig uit Pretoria ... En dié grappe word vertel van die Kaap tot in Kenia, van Luderitz tot in Koma= ti ... Ja, so gretig word Van der Merwe-grappe binnegehaal dat een van die Van der Merwes berig dat hy snags om twee-uur aangebel word om te sê of hy 'dié een al gehoor het?', en of hy self nuwes ken."(144)

Koos van der Merwe het gekom om te bly. In die volksmond word voort= durend nuwe grappe oor hom vertel, in die storkiesafdeling van die *Sunday Times* verskyn gereeld 'n graptekening oor hom,(145) in een van die grap= tydskriffies wat deesdae so gewild is, naamlik *Glimlag Kliphard*, neem Van der Merwe 'n belangrike plek in, en daar het al Engelse grapboeke oor hom verskyn, waarvan die eerste in Afrikaans vertaal is onder die titel: *Van der Merwe: 100 grappe* (1975); die tweede Engelse bundel (wat nie vertaal is nie) heet: *Not again Van der Merwe!* (1976). Die samestellers in albei gevalle is Tony Koenderman, Jan Langen en André Viljoen. Vic= tor en Beulah van Wyk stel in 1976 'n Afrikaanse versameling saam, geti= teld: *Koos van der Merwe*. Dan, in 1978, verskyn nog 'n Engelse Van der Merwe-boek, naamlik: *The Van der Merwes as seen by Lencel*. Nou is dit nie net Koos wat deur Lencel (blykbaar afgekort uit Len

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Celliers) in dosyne grapprentjies geteken word en in der do= syne grappies optree nie, maar daar is die hele Van der Merwe-gesin: 'n verboepte bleskop-pa, 'n oorgewig-ma en 'n wulpse dogter. Agterop die boekie word belowe dat verdere uitgawes op pad is. Van der Merwe het grootliks 'n Engelse handelsartikel geword. Vir die Afrikanervolk waar= uit hy voortkom, is hy in die volste sin tot legendariese karakter ver= hef deurdat selfs ou, ou grootliegstories aan hom vasgeknoop word. Ty= dens die Boereoorlog was Koos van der Merwe 'n generaal, maar hy het al= tyd self verkenningswerk gaan doen. Eendag waag hy dit te naby die vyand, hy word herken, en 'n Engelse afdeling skraap hom. Koos het nie nog tyd om sy geweer te gebruik nie; hy moet net jaag. Intussen skiet die Engelse van agter af dat die koeëls soos 'n swerm wilde-eende rondom hom te kere gaan. Koos ruk toe maar die hoed van sy kop af en hou dit so 'n armlengte van hom met die oop kant na agter toe. Een, twee, drie is dit propvol Engelse lood. Hy swaai die hoed soos 'n slingervel in die lug en laat los sodat die Engelse se koeëls hulle self afmaai. Met die derde gooislag was daar geen agtervolgers meer oor nie, en hy kon rustig laer toe ry.(146)

'n Ander verskynsel is dat Koos in sommige dele van ons land Jan van der Merwe genoem word; origens is dit tipiese Van der Merwe-grappe.(147) Dit laat 'n mens dadelik aan die volksliedjie "Jan van der Merwe, // hy het gekom om te sterwe" dink.(148) Of die een met die ander verband hou, is egter onmoontlik om te bepaal.

Sedert 1980 is daar 'n nuwe ontwikkeling en word Van der Merwe-grappe (en ook nuutskeppinge) aan die swaargewigboksers Jimmy Abbott en Mike Schutte (later 'n stoeier) as aartsonnosels verbind. Soms word die boksers Kal= lie Knoetze en Gerrie Coetzee ook betrek, maar Coetzee het darem meer verstand.

19.6.3 Grapmakers, grapboeke en graprubrieke

In die nãoorlogse jare is daar verskeie grapmakers wat bekendheid ver= werf (bv. Koos van die Kelehêrie), maar die belangrikste wat die meeste invloed uitoefen, is ongetwyfeld die radio-omroeper Fanus Rautenbach wat o.m. sedert 1961 dertien jaar lank 'n vroeëoggendprogram "Flink uit die vere" in die Afrikaanse Diens van S.A.U.K. behartig het. Hy het 'n volksinstelling geword, en selfs vandag nog bly sy grappe, veral skuins

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grappe wat dikwels onregverdiglik aan hom toegedig word, in die volksmond lewe. Dis egter 'n teken van die tyd dat hy die abstrakte tipe grap verkies. Soos hy in 'n woordportret van homself sê: "Meeste van die man se grappies, dit is nou die waarvan hy die meeste hou, is grappies wat op woordspelings gebaseer is."(149)

Fanus Rautenbach is ook verantwoordelik vir die beste grapboeke wat tot dusver in Afrikaans verskyn het: *Fanus se grapboek* (1968), *Lag-lag die bult uit* (1970), met die veelseggende subtitel "Humor van my mense", en *Dertien gelukkige jare - Die verhaal van Flinkveria* (1975), waarin hy die geskiedenis van die program "Flink uit die vere" vertel, maar so deur= spek met grappe dat dit ook 'n grapboek word. In hierdie boek word nie net 'n keur uit Rautenbach se eie vindinge weerspieël nie, maar ook uit die talle bydraes wat hy deur die jare telefonies of per brief van luis= teraars ontvang het. Afgesien van die grappe self, is daar ook talle grappige staaltjies en rympies en bied dus 'n goeie beeld van Afrikaner-geestigheid: abstrakte woordspelings, maar ook talle konkrete vertel= lings uit die lewe.

Eweneens belangrik is natuurlik die Van der Merwe-grapboeke waarna reeds verwys is. Afrikaanse graptydskrifte waarin grappe (soms redelik sug= gestief) volgens oorsese resep met die foto's van prikkelpoppe afgewis= sel word, verskyn periodiek, soos bv. *Glimlag Kliphard*. In die Afrikaan= se gesinstydskrifte is die graprubrieke van weleer feitlik voor die voet deur graptekeninge verdring. 'n Uitsondering is die *Huisgenoot* wat af= gesien van grapprente en humoristiese strokiesprente, sy graprubriek on= der die opskrif "Huisgenotjies" voortsit. Die meeste van die grappe het egter "internasionaal" geword, soos uit enkele voorbeelde uit Junie 1978 blyk:

(i) "Wie is jou gunstelingskrywer?"
"My man."
"Sowaar? Wat skryf hy?"
"Tjeks."

(ii) "Ek wil 'n hoender hê," bestel die dame. "Hoe jonger hoe beter."
"Wat van 'n dosyn eiers, mevrou?"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(iii) "Het ek jou ooit vertel," babbel die praatsieke oorlogsheld, "van die keer toe ek op 'n torpedojaer was wat in die middel van die see verwoes is? Ek moes toe mos sestien dae lank op 'n blikkie sardiens lewe."

"Mensig," gaap die liewe jong dingetjie hom aan, "was jy nie bang jy val af nie?"(150)

Die klemverskuiwing is duidelik. Dit is die situasie opgebou rondom denkbeeldige karakters en wat uitloop op die vinnige kwinkslag wat nou die vermaak moet verskaf - weg van die konkrete, bekende wêreld van die alledaagse bestaan waaruit die mense van vroeër geslagte grootliks hul lagvermaak geput het.

19.7.0 Samevattend

Ondanks die verskraling in die volksverhaalvoorraad wat daar bv. deur die verlies aan talle gestaltes in die volksgeloof ingetree het, ondanks 'n gejaagde moderne leefwyse waar die tyd vir die vertel van lang verhale min geword het, bly die volksvertelling hom tog sterk handhaaf, al is dit dan ook grootliks in die vorm van die grap. Die volksmens se vindingrykheid en skeppingsvermoë is nie aangetas nie. Wat tradisionele verhale betref, het die boek in 'n groot mate die plek van die volksverteller ingeneem. 'n Gevaarteken is die halfsiniese inslag van sommige moderne grappe, in die besonder sprokie-grappe. Dit toon dat die moderne mens hom nie meer in die skynbare tydloosheid van die volkskultuur geborge voel nie. Die geloof dat die sprokieheld, ondanks terugslae en beproewings, tog uiteindelik sal seëvier om "vir altyd gelukkig te lewe", is aan die verbrokkel. Die skok-van-môre waarvan die Amerikaner Alvin Toffler skryf en waarna ek aan die begin van hierdie studie verwys het, is op ons. Saam met die Duitser Andreas Lommel kan dit ook net weer eens beklemtoon word dat die moderne, Westers-geörienteerde tegnologiese beskawing waarvan ons deel is, "are now advancing, with an impetus hitherto unknown, towards a new system the character of which is as yet hidden from us".(151)

Wat die volle betekenis van die volkskultuur en dus ook die volksverhaal betref, is dit lonend om aandag te gee aan die uitsprake van drie geleerdes wat hulle hierin geïnteresseer het. S.P.E. Boshoff staan baie skepties teenoor die opperkultuurlaag van die volk: "Ons opperkultuur is 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

floue weerkaatsing van wat in Europa die geeste besig hou; sal dit ooit meer word? Ons onderkultuur het ons tot 'n aparte nasie gestempel met 'n eie boodskap en betekenis vir die mensheid."(152)

N.P. van Wyk Louw kom tot dieselfde gevolgtrekking, soos hy dit stel: "En die vraag het nie 'ontstáán' nie, maar by my kop ingeklouter: wie en wat is julle - eintlik meer 'wát', as 'wie' - wát is julle, Afrikaners ... een volkie tussen honderde of duisende volke; jy het jou één, kort lewe aan dié volkie onherroeplik verbind, ja, verknog - en wat is hý? Wat is julle? Watter eienheid het julle? Kan julle nie maar verdwyn sonder verlies vir die wêrled nie?" En verder: "Ons is so gewoond om te aanvaar: ons *is* nou hier; ons is belangrik; ons is 'n sentrum van waaruit ons die res van die wêreld bekyk en beoordeel. Maar sê nou ons was nooit hier nie? Met dié vraag het ek meer as een maal rondgeloop. Vir my is dit duidelik: 'n volk moet iéts in hom hê - en ek bedoel nie 'n 'volksaard' nie, waarmee volks-'kundiges' kwansel, want ek glo nie dat so iets bestaan nie. Maar 'n volk moet iets in hom hê, al is dit die fynste openbaring van die lewe se rykheid; dit moet 'n besondere instrument wees in die orkes van die geheel wat deur God gedirigeer word ... anders ... nou ja: sê nou dit was glad nie daar nie."(153) Dit is klaarblyklik dat Van Wyk Louw ook die onderkultuur as die werklike bestaansrede vir 'n volk beskou.

Jos. Schrijnen - wat so deur sy onderwerp meegevoer word dat sy stelwyse soms 'n bietjie oordrewe klink, maar tog suiwer oordeel - sluit hom by bogenoemde twee geleerdes aan. Hy skryf: "Wij beseffen het: niet slechts de taal, maar de volkskultuur is heel het volk, *de volkskultuur is de ziel der natie.* Blijft deze in wezen en, ongeacht het ruwe van vele harer bestanddeelen, kerngezond en krachtig genoeg om aan de hoogere beschaving steeds nieuw voedsel te schenken, dan blijft het nationale organisme ook krachtig genoeg, om voldoende weerstand te bieden aan de aanlokselen eener vreemde landskultuur die moet voeren tot het verlies van eigen zelfstandigheid. Vreemd kultuurgoed is smet noch schande, maar de eigen beschaving moet krachtig genoeg blijven, om dat vreemde kultuurgoed aan zich te assimileren en om te smelten, en daarom moet zij voeling blijven houden met de voorvaderlijke onderkultuur, heilig erfdeel, vast en onschatbaar onderpand onzer nationale onafhankelijkheid."(154)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volkskultuur is dus 'n spieëlbeeld van wat in die gemoedere van die mense omgaan, en 'n indringende studie van enige aspek daarvan - dit toon hierdie ondersoek na die volksvertelling in die besonder - gee ons 'n dieper blik in die hart van die volk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGS

1. Albrecht Lehmann: Erzählen eigener Erlebnisse im Alltag *(Zeitschrift für Volkskunde*, 1978 II, p.198-215).

2. Albrecht Lehmann: Erzählen eigener Erlebnisse im Alltag *(Zeitschrift für Volkskunde*, 1978 II, p.199).

3. Dep., MGEO I, p.4

4. Dep., MFRA I, p.18-19.

5. Dep., MKRO I, p.17-18.

6. Dep., MKES I, p.12.

7. Dep., MBET I, p.1. Vgl. ook MFRA I, p.9-10.

8. Dep., MVIL I, p.4-6.

9. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.10-12, 60, 79-80, 103, 109 en 110.

10. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.60.

11. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.109.

12. Vgl. *Die Huisgenoot*, 27 Julie 1974, en daaropvolgende uitgawes.

13. Dep., MSTEL I, p.18.

14. Dep., MSTEL I p.17-18.

15. Ons Erfenis (VK Modern).

16. Ons Erfenis (VK Modern).

17. Lindsay en Washington: *A portrait of Britain between the exhibitions 1851-1951*, p.28.

18. Ons Erfenis (VSA Modern).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

19. Persoonlike herinnering.

20. Dep., MER I, p.22.

21. Vgl. Dep., MHEI I, p.34 en MHER I, p.13.

22. Vgl. *Die Burger*, 19 Aug. 1975; *Rapport*, 30 Mei 1976, p.14 en 2 Maart 1980, p.26.

23. *Rapport*, 2 Maart 1980, p.26.

24. Dep., MVIL I, p.7-8.

25. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

26. *Die Burger*, 17 April 1970, p.2.

27. *Rapport*, 30 Mei 1976, p.14.

28. Dep., MMOND I, p.11-12.

29. Dep., MFRA I, p.10-11.

30. Persoonlike gesprekke met Franschhoekers oor die voorval.

31. Dep., MFRA I, p.11.

32. *Die Huisgenoot*, 25 Aug. 1972, p.28-32.

33. *Die Burger*, 28 Jan. 1980, p.2.

34. *Die Burger*, 17 Julie 1974, p.1.

35. *Die Huisgenoot*, 3 Jan. 1980, p.20.

36. *Die Huisgenoot*, 3 Jan. 1980, p.20-21.

37. *Die Burger* 8 Mei 1976, p.7.

38. Dep., MFRA I, p.10.

39. *Huisgenoot*, 24 Jan. 1980, p.22.

40. Dep., MMOND I, p.18.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

41. *Die Burger*, 4 Nov. 1976.

42. *Rapport*, 10 Nov. 1974, p.5.

43. *By*, bylae by *Die Burger*, 15 Maart 1975, p.7.

44. Vgl. MVIL I, p.9.

45. Dep., KOR I, p.14.

46. Dep., KOR I, p.15-17.

47. Dep., KOR I, p.14-15.

48. Dep., KOR I, p.16.

49. *Die Burger*, 8 Mei 1976, p.7.

50. *Die Burger*, 8 Mei 1976, p.1.

51. *Rapport*, 9 April 1978, p.4. Vgl. *Die Burger*, 7 April 1978.

52. *Die Burger*, 10 April 1980, p.1.

53. *Die Burger*, 8 April 1978.

54. *Rapport*, 16 Mei 1976, p.23.

55. Vgl. *Die Burger*, 17 Jan. 1977, p.3.

56. *Die Burger*, 20 Jan. 1977.

57. *Die Burger*, 17 Jan. 1977, p.3.

58. Marie van der Post: *My vervloekte gawe*, p.73.

59. Marie van der Post: *My vervloekte gawe*, p.82-83.

60. Openbaring 13 vs. 11 en 18.

61. Persoonlike herinnering.

62. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.10-11.

63. *Die Burger*, 15 Maart 1980, p.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

64. Vgl. *Rapport*, 23 Maart 1980, p.12; *Die Huisgenoot*, 19 April 1979, p.18 e.v.

65. Raymond A. Moody: *Life after life*, p.xi-xii.

66. *Die Huisgenoot*, 12 Julie 1979, p.20-21.

67. Hill en Williams: *The supernatural*, p.228.

68. Hill en Williams: *The supernatural*, p.211 e.v.

69. *Die Huisgenoot*, 9 Nov. 1978, p.20.

70. *Die Huisgenoot*, 9 Nov. 1978, p.20-21.

71. Hill en Williams: *The supernatural*, p.104-106.

72. F.J.M. Potgieter: *Heldersiendheid, goëlery e.a. okkulte verskynsels*, p.75.

73. Hill en Williams: *The supernatural*, p.106.

74. F.J.M. Potgieter: *Heldersiendheid, goëlery e.a. okkulte verskynsels*, p.84-85.

75. Alfred Aylward: *The Transvaal of to-day*, p.204.

76. Hill en Williams: *The supernatural*, p.115.

77. S.P.E. Boshoff: *Beskouinge en feite*, p.125.

78. Persoonlike waarneming.

79. Hill en Williams: *The supernatural*, p.122.

80. *Standard encyclopaedia of Southern Africa* X, inskrywing by *Spiritualism*.

81. Marie van der Post: *My vervloekte gawe*, p.21-22.

82. *Die Burger*, 30 Aug. 1976, p.6.

83. *By*, bylae by *Die Burger*, 21 Aug. 1976, p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

84. *By*, bylae by *Die Burger*, 21 Aug. 1976, p.2.

85. Dep., MKAR I, p.4-5.

86. Persoonlike waarneming.

87. Penny Miller: *Myths and legends of Southern Africa*, p.60.

88. Dep., MSTEL II, p.3.

89. Persoonlike herinnering.

90. *Die Burger*, 12 April 1980, p.1.

91. Dep., MMOND I, p.14.

92. Dep., MSTEL II, p.9.

93. Dep., MSTEL II, p.7-8.

94. Dep., MDUR I, p.16.

95. Dep., MKAR I, p.4.

96. Vgl. Dep., MBET I, p.2; MDUR I, p.24-26; MFRA I, p.14-16; MGEO I, p.4; MMOND I, p.17; MSTEL I, p.20; MSTR I, p.5; MVIL I, p.11.

97. Vgl. Dep., MFRA I, p.15; MVIL I, p.12.

98. Vgl. Dep., MDUR I, p.22-23; MFRA I, p.14-15; MMOND I, p.18; MSTEL I, p.20.

99. Vgl. Dep., MDUR I, p.21-24; MFRA I, p.15; MGRAA I, p.16; MMOND I, p.18.

100. Vgl. Dep., MBET I, p.2; MCALI I, p.19-20; MDUR I, p.21; MFRA I, p.14; MGEO I, p.4; MGRAA I, p.12-14; MKAR I, p.6-7; MMOND I, p.15; MSTEL I, p.20; MSTR I, p.6; MVIL I, p.9-11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

101. Dep., MJOH I, p.6.

102. Dep., MSIM I, p.9-10.

103. Dep., MBELL II, p.16-17; MSIM I, p.10-11.

104. Dep., MGRAA I, p.15.

105. Dep., MMOND I, p.16.

106. Dep., MSTEL I, p.20.

107. Ons Erfenis (Burger).

108. Dep., MFRA I, p.15.

109. Kenneth Clarke: *Civilisation*, p.347.

110. Dep., MKRO I, p.33.

111. Dep., MSTEL I, p.20-21.

112. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.80.

113. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.76-77.

114. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.77-78.

115. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.79.

116. Ons Erfenis.

117. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die groot Afrikaanse fabelboek*, p.81-82.

118. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.27.

119. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.112.

120. Thelma Cillie: *Die aarde het gebewe!*, p.59.

121. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: *Die maanklip*.

122. Vgl. Ajmal Hameed: *Moon myths and legends*.

123. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.214-217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

124. Vgl. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Feb. 1956, p.9-11; Mei 1957, p.14.

125. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.313-315.

126. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.69.

127. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.260.

128. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.39.

129. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.243.

130. Vgl. Pieter W. Grobbelaar: Die windwolk (*Daar's 'n ding aan die gang in die akkerbos*, p.28-35).

131. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.373.

132. J.E. Cirlot: *A dictionary of symbols*, p.373.

133. Vgl. R.B. Onians: *The origins of European thought*, p.44-65.

134. Dr. S.J. du Toit: *Kinders van die noorderlig*, p.125-126.

135. Persoonlike waarneming.

136. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.154-155.

137. Soos aangehaal deur Richard M. Dorson (red.): *Folklore and folklife*, p.29-30.

138. A.D. Keet: *Gedigte*, p.39.

139. A.G. Visser: *Gedigte*, p.93.

140. Koenderman, Langen en Viljoen: *Van der Merwe: 100 grappe*, p.5.

141. Abel Coetzee en medewerkers: Inleidende opmerkings oor die volksverhaal en volksverhaalvorming (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Julie/Okt. 1967, p.11). (*Kort titel:* Volksverhaalvorming.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

142. Abel Coetzee en mede= werkers: Volksverhaalvorming, p.13.

143. Vgl. N. Mansvelt: *Hollands-Afrikaanse liederbundel*, p.102.

144. Abel Coetzee en mede= werkers: Volksverhaalvorming, p.11-13.

145. Vgl. *Fun Times*, bylae by *The Sunday Times*, 26 Sept. 1976, p.7.

146. Persoonlike herinnering.

147. Dep., MSIM I, p.7.

148. Vgl. Pieter W. Grobbe= laar: *Varkies in die bone*, p.79.

149. Fanus Rautenbach: *Dertien gelukkige jare*, p.2.

150. *Die Huisgenoot*, 23 Junie 1978.

151. Andreas Lommel: *Prehistoric and primitive man*, p.13.

152. S.P.E. Boshoff: *Beskouinge en feite*, p.16.

153. N.P. van Wyk Louw: *Rondom eie werk*, p.40-41.

154. Jos. Schrijnen: *Nederlandsche Volkskunde* II, p.378-379.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE GROOT ROOKWEDSTRYD (A/T/G 1091A.1)

1. HENKERWYSSEL'S CHALLENGE

A tale of Dordt

I have never been in Dordt; and yet I seem to have in my mind's eye all its principal features - its canals, its quays, its quaint old cathedral, and formal municipal edifices - as though I had been a resident there. Most especially do I know an old narrow house near the bridge, on the right hand of the great canal; and it it to this that my first visit shall be paid, if ever I sail down the Maes. It is asserted, on competent authority, that the deveil is to be seen there, at stated periods.

I cannot easily say how the first communication of this fact consoled and refreshed me. For I am a steady believer in the faith of the good old trustful times; and do hold as gospel the wholesome histories de= livered by that founder of our creed, Dr. Luther, in his *Tischreden*, or Table-talk, and by other weighty authorities, respecting Satanic incar= nations; - a belief sorely combated by the sceptical moderns. I will relate the manner of my introduction to the above interesting instance, for my own especial oblectation, and to the strengthening of my fellow-believers, if, indeed, there yet survive any such.

I was at Boulogne in the autumn of 17 - ; living in a retired manner, and not mixing much with the members of the *table d'hote;* the rather, that my temper, naturally testy, had been rendered unusually irritable by recent vexations. There was, however, one of the company, a middle-aged Dutchman, towards whom I felt strongly attached. He was, like myself, a man of sparing conversation and solitary habits, and an exemplary smoker withal. But what entirely won my heart, was his profound conviction of the authenticity of all recorded narrations of ghosts, - fire, water, and land-spirits, and of the bodily presence of Beelzebub - not to speak of witches, mermaids, and wild huntsmen. This I discovered by chance. Walking one evening on the Boulevards, I observed him seated, with his neverfailing pipe, engaged in the perusal of a promising looking volume. I ventured, upon the strength of a slight acquaintance, to enquire the sub= ject of his studies, and was delighted to learn that the worthy man was a reader, and a believer, of that precious ancient, Gervasius Tiburiensis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

We were friends in an instant. Before five mintues had elapsed, we were deeply engaged in reciprocal lamentations over the extinction of the pious creed, so worthily set forth in the pages of the venerable chronicler, accompanied with pensive exhalations from our meerschaums.

"Woeful it is, truly - though not, indeed, surprising," said I; "for this incredulous age rejects the evidence of past worthies, and insists, presumptuously upon ocular proof."

"It is not proof they lack," ejaculated my companion; "they would dispate facts as notorious as the Reformation; aye, were they to happen under their very noses."

"Alas, worthy sir, even these are no longer afforded us: the spirit of unbelief has laid all others - the very existence of Lucifer himself is doubted in these perilous times!"

"Say you so?" replied my Dutch friend, with extraordinary vivacity; "what, when he hath been abroad like a raging lion? and there are yet living those who have seen him in bodily presence?"

"How - when - where?" I eagerly enquired; and the old gentleman, knocking the ashes out of his fourth pipe, indulged my curiosity with the following narrative, ere he ventured to replenish it.

"It is not twenty years since one Hans Henkerwyssel, a stranger, arrived in my native city of Dordt, and bought a fair house overlooking the great canal, over against the hanging bridge. He was middle-aged and robust, and seemed to have been a sea-faring man; while, from the situation of his purchase, and the manner of his living, he was conjectured to have wealth. He soon made himself acquaintances in the neighbourhood; but they were principally amongst the wilder and more dissolute of the inhabi= tants; indeed, the violence of his manners, and his habits of profane and irreverent communication, deterred grave and cautious people from his society. And there were noised abroad - from what source it were hard to say - rumours of an evil nature respecting his former life and conversation - as though he had been a pirate or rover - with other tales of like sort. We are, however, an industrious people, and do not much

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

perplex ourselves with the affairs of our neighbours; so that mynheer Henkerwyssel lived, after his fashion, unmolested, and, ere long, almost unnoticed. Now, you must know, worthy sir, that Hans was a remarkable smoker - (the best gifts may be unworthily bestowed) - and took no small pride in exceeding in number of pipies all those whom he had collected around him, in a sort of club, at the tavern known by the name of the 'Three Blue Sausages' on the Boom Quay; although some of his associates were themselves renowned for their devotion to that pleasant herb, tobacco. You will, therefore, conceive that pre-eminence in so weighty a matter of reputation was not conceded to him without some struggle. All his competitors were however silenced, at last, saving one sturdy old *schiffer*, by name Peter Van Funk, captain and owner of the stately and broadbottomed galliot Die Juffrow Bomsterwyk, engaged in trading between Holland and the Straits. The latter insisted upon a solemn trail of their respective powers, which Hans readily agreed to. The two were plentifully supplied with pipes, Oronooko, and Schiedam, and locked themselves up in a room in the tavern abovementioned; with the understanding, that he who first gave in should unclose the door, and announce his defeat. It was six of the evening when they began, and those who were parties to the trial awaited the result in vain, until midnight compelled them to depart.

"On the following morning they found the doors still closed - nor did they open during the whole of the day; while so earnest were the efforts of Hans and his antagonist, that the magistrates twice sent to enquire if any thing was amiss, that so much smoke issued from Nicholas Verboom's stove. At eleven the same evening, the bystanders could no longer be restrained, and the door was broken open. So soon as the dense atmosphere of the room was sufficiently cleared by means of bellows and other expedients, to allow objects therein to be discernible, the issue of the contest became apparent enough. Hans, though seemingly unconscious, was still erect in his seat, and stoutly plying the last of all the pipes, which had been left with them to the number of six hundred; whereas Van Funk was taken up insensible from the floor. How long he had lain there was not to be discovered, as he never spoke more, and expired shortly afterwards. This signal victory established mynheer Henkerwyssel's pretensions; and he subsequently, at different times, testified an unbounded exultation there-upon; truly, an unchrist-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ian one, considering the malancholy issue to the unfortunate Van Funk. One evening, in particular, when alluding to it in the presence of sun= dry compotators, he went so far as to challenge the devil himself to surpass him in his favourite occupation; an ill-advised boast, seeing that the latter may be said, as it were, to live in smoke all his days. And therewith he uttered many strange and fearful sayings, which I have heard but will not repeat. 'Have a care, bruder Hans,' said one of his comrades, who, although rude, were astounded at his extravagant words; 'it is said that such jests as these are sometimes recorded!' 'Thou art an ass, and a white-livered one, Claus Odenkel,' replied Hans; 'the devil knows me better - he will try his hand on easier game - and so will I tell him one day;' with several unholy imprecations, which no one cared to answer, but which were recollected afterwards. Some years, however, passed away, ant the thing seemed to have been forgotton.

"Now Henkerwyssel was, as you may believe, a man who cared neither for priest nor prayer-book: he had more than once evilly entreated the sacristan, who came to solicit the customary offering at Christmas; and had emptied a bowl of punch upon the wig of worthy doctor Vandegger, when he called to remonstrate with him upon his habits of profane talking. It was, therefore, with great wonder and some fear that the good man re= ceived, one cold November morning, an eager entreaty from Hans' only do= mestic, that he would come to her master without loss of time. 'But, my worthy woman,' exclaimed the divine, from the window, 'what can I do for your master? will not the affair rest for a matter of two hours? it lacks full so much of mine accustomed hour of uprising.' 'Alack, your reverence, I wot not what is the matter; there have been such noises in his chamber all night as have well nigh crazed me with fear; and there has been a strange man sitting with mynheer - though how he entered, the Lord alone knows; sure am I, that he came not in at the door, nor in any Christian fashion! - for the love of goodness, your reverence, come down without delay - it is a case requiring a weight of divinity to mas= ter, for such cries as mynheer hath uttered these two hours past, are not like the sounds of any earthly evil!' Upon this, the good divine arose as speedily as his bulk would allow, and proceeded to Henkerwyssel's house. All was silent as he ascended the staircase; and he began to feel alarmed lest his intrusion might be resented by so violent a man as Hans - think= ing it possible that the servant had been needlessly frightened by the up=

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

roar of some nocturnal debauch. However, at her pressing instances, he opened the chamber-door. There were truly two persons in the apartment. The master of the house was sitting upright, as usual, with his pipe be= tween his lips, but they were withered into a ghastly expression; his eyes, which were wide open, were staring and glassy - the man was plainly dead. At his side sat a little old man, dressed in grey, with large bright eyes, and a smile - which, it seemed to the divine, had something inexpressibly fearful in it - upon his shrivelled brown face. He arose, however, and saluted the doctor courteously.

"'Good morrow, mynheer Vandegger! pity, that you have left a warm bed upon a fool's errand: you are too late; friend Hans has, as you see, departed, without benefit of clergy!'

"The divine felt a strange fear creeping over him; but replied, as bold= ly as he might - 'How died this unhappy man? - why have you not called earlier for assistance?'

"The little old man laughed bitterly.

"'Faith, your reverence, I have done passing well without any help; my old friend must needs smoke with me, and you see he is taking a nap after it. Have you any commands for him when he awakes? Stay, *you* shall not lack a whiff this raw morning,' - taking from his lips the pipe, and putting it into the doctor's hand. His fingers mechanically closed upon it, but be relaxed his grasp in an instant with a cry of pain - it was scorching hot! The little man laughed a second time. 'Your rever= ence, it seems, does not like my pipe as well as bruder Hans - once more, any commands? I shall be with him as soon as he awakes.'

"Poor Vandegger now groaned and gasped for breath, and had barely spirit enough left to stammer out, 'I do not understand you, sir - the wretched man is dead!'

"The old man coolly replied - 'It is quite simple;' making a significant gesture with his finger downwards; 'perhaps, however, your reverence will wait until you meet him there. I have no objection.' This was too much for the affrighted *Dominie;* he turned round and rushed headlong down

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stairs, while the same dreadful laugh, sounding behind him for a third time, added wings to his speed. When the neighbours entered the house in the morning, no trace was seen either of the body of Hans, or of his stranger guest - only there was found in the room where he had last been, a pipe of an exceedingly curious construction, and a heap of ashes.

"The house has since been untenanted; no one dares to inhabit it; and grave and goodly men have averred that, once every year, on the same night that Hans died, or whenever a vessel from Virginia is wrecked on the perilous sands at Goree, a light appears in the windows of Henkerwyssel's chamber, and there may be seen the little old man and Hans smoking to= gether, from ten of the night until the first cock-crowing - I have my= self seen the light more than once." Here my narrator paused; and, lighting his pipe, puffed away in meditative silence.

I was overjoyed with this veracious history; and, in subsequent inter= views with the worthy Dutchman, obtained further particulars respecting the circumstances connected with it, and many interesting details rela= tive to his native city. I will certainly visit it the first possible opportunity.

* * * *

Since writing the above, I have journeyed to Dordt. It was on a fine spring morning that the packet boat, which brought me from Rotterdam, entered the harbour; it was also market-day, and the numerous boats of the country people, laden with provisions, the bustle upon the quays, and the arrival of several vessels from foreign voyages, gave uncommon liveliness to the scene. But this attracted me not. My first care, on landing, was to visit the house, already well known, by description, as the scene of the foregoing narrative. It is, indeed, standing; but, alas, for my disappointment! I found it occupied by a thriving dealer in marine stores, who had never heard of Hans and his guest; and who did not believe one word of the whole story respecting them, which I was at the pains of relating to him *tout du long*. I am a mortified and ill-used man, and will never put faith in Dutchmen more.

BRON: *Tales of chivalry, or Perils by flood and field* (herdr.).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

London, 1854. (p.385-388).

2. THE BALAD OF JAN VAN HUNKS - Dante Gabriel Rossetti

I
Full of smoke was the quaint old room
And of pleasant winterheat;
Whence you might hear the hall-door slap
And the wary shuffling of feet
Which from the carpeted floor stepped out
Into the ice-paved street.

II
Van Hunks was laughing in his paunch;
Ten golden pieces rare
Lay in his hand; with neighbour Spratz
He had smoked for a wager there;
He laughed, and from his neighbour's pipe
He looked to his neighbour's chair.

III
Even as he laughed, the evening shades
Rose stealthily and spread,
Till the smoky clouds walled up the sun
And hid his shining old head,
As though he too had his evening pipe
Before he tumbled to bed.

IV
Van Hunks still chuckled as he sat;
It caused him an inward grin,
When he heard the blast shake shutter and blind
With its teeth-chattering din,
To fancy the many who froze without
While he sat thawing within.

V
His bowl restuffed, again he puffed:
No noise the stillness broke
Save the tread of feet here and there in the street
And the church-bell's hourly stroke:
While silver-white through the deepening dusk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Up leaped the rapid smoke.

VI "For thirty years," the Dutchman said,
"I have smoked both night and day;
I've laid great wagers on my pipe
But never had once to pay,
For my vapouring foes long ere the close
Have all sneaked sickly away.

VII "Ah! would that I could find but one
Who knew me not too well
To try his chance against me
After the evening bell,
Even though he came to challenge me
From the smoking-crib of hell!"

VIII His breath still lingered on the air
And mingled with the smoke,
When he was aware of a little old man
In broidered hosen and tocque,
Who looked as though from a century's sleep
That instant he had woke.

IX Small to scan was the little old man,
Passing small and lean;
Yet a something lurked about him,
Felt strongly though unseen,
Which made you fear the hidden soul
Whose covering was so mean.

X What thunder dwelt there, which had left
On his brow that lowering trace, -
What lightning, which could kindle so
The fitful glare on his face, -
Though the sneering smile coursed over his lips
And the laughter rose apace?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XI With cap in hand the stranger bowed
Til the feather swept his shoe: -
"A gallant wish was yours," he said,
"And I come to pleasure you;
We're goodly gossips, you and I, -
Let us wager and fall to."

XII The Dutchman stared. "How here you come
Is nothing to me," he said;
"A stranger I sought to smoke withal,
And my wish is seconded;
But tell me, what shall the wager be,
By these our pipes essay'd?"

XIII "Nay now," the old man said, "what need
Have we for golden stake?
What more do we ask but honour's spur
To keep our hopes awake?
And yet some bond 'twixt our good-wills
Must stand for wager's sake.

XIV "This be our bond: - two midnights hence
The term of our strife shall be,
And whichsoe'er to the other then
Shall yield the victory,
At the victor's best must needs accept
His hospitality."

XV "Done, done!" the Dutchman cried, "Your home
I'd reach, be it far or near;
But in my good pipe I set my trust,
And 'tis you shall sojourn here;
Here many a time we'll meet again
For the smoker's welcome cheer."

XVI With that, they lit their pipes and smoked
And never a word they said;
The dense cloud gathered about them there

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

High over each smoke-crowned head,
As if with the mesh of some secret thing
They sat encompassed.

XVII But now when a great blast shook the house
The Dutchman paused and spoke: -
"If aught this night could be devised
To sweeten our glorious smoke,
'Twere the thought of the outcast loons who freeze
'Neath the winter's bitter yoke."

XVIII The stranger laughed. "I most have watched
The dire extremes of heat;
Ay, more than you, I have seen men quail,
And found their sufferings sweet.
Fit gossips, you and I! But hark!
What sound comes from the street?"

XIX To the street the chamber-windows stood,
With shutters strongly barred.
There came a timid knock without
And another afterward;
But both so low and faint and weak
That the casement never jarred.

XX And weak the voice that came with the knock: -
"My father, lend your ear!
'Twas store of gold that you bade me wed,
And the wife I chose was dear;
Now she and my babes crave only bread:
O father, pity and hear!"

XXI Van Hunks looked after the feathered smoke: -
"What thing so slight and vain
As pride whose plume is torn in the wind
And joy's rash flight to pain?"
Then loud: "Thou mind'st when I bade thee hence,
Poor fool, go hence again!"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XXII There came a moan to the lighted room,
A moan to the frosty sky: -
"O father, my loves are dying now,
Father, you too must die.
Oh! on your soul, by God's good grace,
Let not this dread hour lie!"

XXIII "Gossip, well done!" quoth the little old man.
And in a silvery spire,
Like a spider's web, up leaped his smoke
A-twisting higher and higher;
And still through the veil his watchful eye
Burned with a fell desire.

XXIV A woman's voice came next to the wall:
"Father, my mother's died,
'Twas three months since that you done her forth
In the bitter Christmastide;
How could I care for your poffered gold
And quit my mother's side?

XXV "For two months now I have begged my bread;
Father, I can no more:
My mother's deaf and blind in her grave,
But her soul is at Heaven's door;
And though we're parted on this side death,
We may meet on the further shore."

XXVI Van Hunks laughed up at the scudding smoke: -
"Ay, go what way you will!
Of folly and pride, in life or death,
Let a woman take her fill!
My girl, even choose this road or that,
So we be asunder still!"

XXVII "Gossip, well done!" the old man shrieked,
"And mark how her words come true!"
The smoke soared wildly around his head

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In snakes of knotted blue;
And eke at heart of the inmost coil,
Two fiery eye shone through.

XXVIII Above the hearth was a carven frame
Where seven small mirrors shone;
There six bright moon-shapes circled round
A centre rayed like a sun;
And ever the reflex image dwelt
Alike in every one.

XXIX No smoker's faces now appeared,
But lo! by magic art,
Seven times one squalid chamber showed
A grave's dull counterpart;
For there two starving parents lay
With their starved babes heart to heart.

XXX Then changed the scene. In the watery street,
'Twixt houses dim and tall,
Like shaggy dogs the pollards shake
Above the dark canal;
And a girl's thin form gleamed through the night,
And sank; and that was all.

XXXI And then the smoker beheld once more
Seven times his own hard face;
Half-dazed it seemed with sudden sights,
But showed no sign of grace;
And seven times flashed two fiery eyes
In the mirror's narrow space.

XXXII The hours wore on and still they sat
'Mid the vapour's stifling cloud;
The one towards sudden stupor sank,
While the other laughed aloud.
Alas for the shrinking, blinking owl,
The vulture over him bowed!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XXXIII 'Twas the second night of the wager now,
And the midnight hour was near,
That glance like a kindled cresset blazed: -
"Ho! gossip of mine, what cheer?"
But the smoke from the Dutchman's pipe arose
No longer swift and clear.

XXXIV The door-bell rang: "Peace to this house!"
'Twas the pastor's voice that spoke.
Above Van Hunk's head still curled
A fitful flickering smoke,
As the last half-hour ere full midnight
From the booming clock-tower broke.

XXXV The old man doffed his bonnet and cringed
As he opened the chamber-door;
The priest cast never a glance his way,
But crossed the polished floor
To where the Dutchman's head on his breast
Lolled with a torpid snore.

XXXVI "Mynheer, your servant sought me out;
He says that day and night
You have sat -" He shook the smoker's arm,
But shrank in sudden fright;
The arm dropped down like a weight of lead,
The face was dull and white.

XXVII And now the stranger stood astride,
And taller he seemed to grow,
The pipe sat form in his sneering lips,
And with victorious glow
Like dancing figures around his bowl
Did the smoke-wreaths come and go.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

XXXVIII "Nay, nay," he said, "our gossip sits
on contemplation bent;
On son and daughter afar, his mind
Is doubtless all intent:
Haply his silence breathes a prayer
Ere the midnight hour be spent."

XXXIX "And who art thou?" the pastor cried,
With quaking countenance,
- "A smoke-dried crony of our good friend
Here rapt in pious trance."
And his chuckle shook the vaporous sprites
In a madder, merrier dance.

XL "Hence, mocking friend, I know thee now."
The pastor signed the cross.
But the old man laughed and shrieked at once,
As over turret and fosse,
The midnight hour in the sleeping town,
From bell to bell did toss.

XLI "Too late, poor priest!" in the pastor's ear,
So rang the scornful croak.
With that, a swoon fell over his senses,
And when at length he woke,
Two pipes lay shattered upon the floor,
The room was black with smoke.

XLII That hour a dreadful monster sped
Home to his fiery place;
A shrieking wretch hung over his back
As he sank through nether space.
Of such a rider on such a steed
What tongue the flight shall trace?

XLIII The bearer shook his burden off
As he reached his retinue:
He has flung him into a knot of fiends,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Red, yellow, green, and blue:
"I have brought a pipe for my private use,
Go, trim it, some of you!"

XLIV They have sliced the very crown from his head,
Worse tonsure than a monk's -
Lopped arms and legs, stuck a red-hot tube
In his wretchedest of trunks;
And when the Devil wants his pipe
They bring him Jan Van Hunks.

<u>BRON</u>: Dante Gabriel Rossetti (met inl. deur Mackenzie Bell): *The ballad of Jan Van Hunks*. Cambridge, 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ALGEMENE LEKTUUR

Wat algemene versamelbundels volksvertellings betref, word net 'n keur van die belangrikste titels in die bronnelys opgeneem.

Aarne, Antti: *Vergleichende Märchenforschung.* Helsinki, 1908.

Aarne, Antti, en Stith Thompson: *The types of the folktale* (2de hers. uitg.). Helsinki, 1964. *(F.F. Communications*, nr. 184).

Andersen, Hans Christian: *Fairy tales and stories.* Londen, 1960. (Vertaal deur Reginald Spink), *(Everyman's Library).*

Andersen, Hans Christian: *Sprokies* (7 dele). Kaapstad, 1963-1968. (Uit die Deens vertaal deur Marié Opperman).

Antonissen, Rob: *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (2de hers. dr.). Kaapstad, s.j. (voorw. 1960).

Arabiese nagte, Die. Kaapstad, 1966. (Vertaal deur André P. Brink).

Aristoteles: [illegible] (vert. deur Gerald F. Else). Michigan, 1967.

Asbjörnsen, P.C., en J.E. Moe: *Die graspoppie e.a. Noorse sprokies.* Kaapstad, 1969. (Vertaal deur Marina van Rensburg).

Aucamp, Hennie: *Kort voor lank - Opstelle oor kortprosatekste.* Kaapstad, 1978.

Aucamp, Hennie (red.): *Op die Stormberge.* Kaapstad, 1971.

Aurbacher, Ludwig: *Die Abenteuer von den sieben Schwaben* (herd.). Wiesbaden, 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Azadowski, Mark: *Eine sibirische Märchenerzählerin.* Helsinki, 1926. (*F.F. Communications* nr. 68).

Bächtold-Stäubli, Hanns: Aberglaube (John Meier, red.: *Deutsche Volkskunde).*

Ballot Collection: Alphabetical list of holdings. Jagger-biblioteek, Universiteit van Kaapstad.

Baring-Gould, S.: *Curious myths of the Middle Ages* (herd.). Oxford en Cambridge, 1877.

Bascom, W.: *Ifa divination - Communication between gods and men in West Africa.* Blooming= ton, 1969.

Bauer, Marion, en Ethel R. Peyser: *Music through the ages* (hers. uitg.). New York, s.j. (kopiereg 1946).

Bausinger, Hermann: *Volkskultur in der technischen Welt.* Stuttgart, 1961.

Bédier, Joseph: *Les fabliaux* (4de hers. uitg.). Parys, 1925.

Benfey, Theodor: *Pantschatantra - Fünf Bücher indischer Fabeln, Märchen, und Erzählungen* (2 de= le). Leipzig, 1859.

Bettelheim, Bruno: *The uses of enchantment - The meaning and importance of fairy tales.* Harmonds= worth, Middlesex, 1978. *(Peregrine Books).*

Binder, Pearl: *Magic symbols of the world.* Londen, 1972.

Bleek, W.H.I.: *Reynard the Fox in South Africa.* Londen, 1864.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bleek, W.H.I., en L.C. Lloyd: *Specimens of Bushmen folklore.* Kaapstad, 1968. (Faksimilee-herdruk van die eerste uitg., Londen, 1911).

Boekenoogen, G.J.: Nederlandsche sprookjes uit de XVIIde en het begin der XVIIIde eeuw (*Volkskunde*, vol. 20).

Bolte, Johannes, en Georg Polívka: *Anmerkungen zu Kinder- und Hausmärchen der Brüder Grimm* (5 dele). Leipzig, 1913-1932.

Boonzaier, F.W.: *Die vereniging - 'n Handboek vir gebruik in Christelike Jongeliede- en Debatsvereniginge.* Kaapstad, 1935.

Booth, Wayne, C.: *The rhetoric of fiction* (4de dr.). Chicago, 1963.

Booyens, Bun: Wesenskenmerke van die Afrikaner se identiteit (*Handhaaf*, Aug. 1970).

Borcherds, P.B.: *An autobiographical memoir.* Kaapstad, 1963. (Faksimilee-herdruk van die eerste uitg., Kaapstad, 1861).

Boshoff, S.P.E.: *Beskouinge en feite.* Kaapstad, 1936.

Boshoff, S.P.E.: *Etimologiese woordeboek van Afrikaans.* Kaapstad, 1936.

Boshoff, S.P.E.: *Volk en taal van Suid-Afrika.* Pretoria/Kaapstad, 1921.

Botha, C. Graham: *The French refugees at the Cape.* Kaapstad, 1919.

Botha, C. Graham: *Social life and customs during the eighteenth century* (2de uitg.). Kaapstad, 1970.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Botha, Sybrand (skuiln.): *Profeet en krygsman - Die lewensverhaal van Siener van Rensburg.* Johannesburg, 1941.

Botkin, B.A. (red.): *Sidewalks of America (Folklore of city people).* Indianapolis, 1954.

Briggs, Martin S.: *Everyman's concise encyclopaedia of architecture* (herdr.). Londen, 1962.

Brink, P.A.M. (verw.): *Die avonture van baron Von Munchhausen* (7de dr.). Pretoria/Kaapstad, 1950.

Brink, P.A.M. (verw.): *Die fabels van Esopus.* Pretoria/Kaapstad, 1919.

Brink, P.A.M. (verw.): *Jakkalsstreke - 'n Vrye vertaling van "Reinaart de Vos".* Pretoria/Kaapstad, 1922.

Brink, P.A.M. (verw.): *Sprokies van gebroeders Grimm* (4de dr.). Pretoria/Kaapstad, 1955.

Brink, P.A.M. (verw.): *Uilspieël - 'n Vrye vertaling van "Tyl Uilenspiegel"* (8ste dr.). Pretoria/Kaapstad, 1956.

Brink, P.A.M. (verw.): *Verhale uit die "Arabiese nag sotries"* (2de dr.): Pretoria/Kaapstad, 1924.

Brockhaus Enzyklopädie (20 dele)(17de hers. uitg.). Wiesbaden, 1966-1974.

Brooks, Cleanth, en Robert Penn Warren: *Understanding poetry* (3de dr.). New York, 1960.

Bruijn, Cor.: *Nederlandse sagen.* Amsterdam, 1946.

Bruwer, J.P.: *Die goue mantel e.a. verhale.* Johannesburg, 1959.

Buchan, John (red.): *A history of English literature* (5de dr.). Londen, 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burgers, M.P.O.: *C. Louis Leipoldt - 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling.* Kaapstad, 1960.

Burnet, John: *Greek philosophy I: Thales to Plato.* Londen, 1914.

Burton, Richard, F. (vert.): *The book of the thousand nights and a night* (12 dele)(herdr.). Londen, 1897.

Bussey, G. Moir (samest.): *Fables: original and selected, by the most esteemed European and Oriental authors.* Londen, s.j. (ca. 1890).

Camoens, Luiz Vaz de: *The Lusiads.* Harmondsworth, Middle= sex, 1952. (Vertaal uit die Portugees). *(Penguin Books).*

Cary, M., en T.J. Haarhoff: *Life and thought in the Greek and Roman world.* Londen, 1940.

Chambers's encyclopaedia.

1. *First edition* (10 dele)(herdr.). Londen, 1895.
2. (Hers. uitg.)(15 dele). Oxford, 1966.

Cilliers, A.C.: *Lewensavontuur* (3 dele)

1. *Kinderjare op 'n Bolandse plaas.* Kaapstad, 1971.
2. *Seunsjare op Olyfboom.* Kaapstad, 1972.
3. *Studiejare in Suid-Afrika en Duits= land,* Kaapstad, 1973.

Clarke, Kenneth: *Civilisation* (slapband-uitgawe, 9de dr.). Londen, 1976.

Consolidated encyclopaedia (10 dele). Londen, s.j. (ca. 1950).

Cirlot, J.E.: *A dictionary of symbols* (2de uitg.). Londen. 1971. (Vertaal uit die Spaans).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Coertze, P.J. (red.): *Inleiding tot die Algemene Volkekunde* (2de hers. en uitgebr. dr.). Johannesburg, 1961.

Coetzee, Abel: *Die Afrikaanse volkskultuur.* Kaapstad, 1953.

Coetzee, Abel: *Ons volkslewe.* Pretoria, 1949.

Coetzee, J. Chr. (red.). *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956.* Pretoria, 1958.

Collier's encyclopedia (24 dele)(herdr.). V.S.A., 1964.

Conradie, Elizabeth: *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* (2 dele). Pretoria/Kaapstad, 1934-1949.

Coon, Carleton S.: *The history of man.* Harmondsworth, Middlesex, 1967. *(Pelican books).*

Crabbe, G.: Strolling players (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* X).

Cronjé, G., P.W. Grobbelaar, J.A. Heese en F.J. Potgieter: *Mens en land.* Kaapstad, 1964. *(Die Afrikaner en sy kultuur* I, onder redaksie van P.W. Grobbelaar).

Cronjé, G., en J.D. Venter: *Die patriargale familie* (2de hers. uitg.). Kaapstad, 1973.

Currey, R.N. (vert.): *Formal spring - French Renaissance poems* (herdr.). New York, 1969.

Daniels, Cora Linn, en C.M. Stevans: *Encyclopaedia of superstitions and folklore* (3 dele). Detroit, 1971. (Faksimilee-herdruk van die 1903-uitgawe).

Daras, Hervé: Hoe "wetenschappelijk" was het Vlaamse sagenondersoek tussen 1953-1966? Antwerpen, 1974. (Afgerolde rondskrywe).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Cock, Alfons: *Vlaamsche sagen uit den volksmond.* Amsterdam, 1921.

De Cock, Alfons, en Is. Teirlinck: *Brabantsch sagenboek* (2 dele). Gent, 1909-1911.

Dégh, Linda: *Folktales and society - Story-telling in a Hungarian peasant community.* Bloomington, 1969. (Vertaal uit die Duits).

Dekker, G.: *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (5de hers. dr.). Kaapstad, 1960.

Dekker, G.: *Die saga van Grettir die Sterke* (3de dr.). Kaapstad, 1964. (Vertaal uit die Oud-Noors).

Dekker, J.J.: *Goethe und Schiller - Gedichte in Auswahl* (2de dr.). (Plek en datum van uitg. nie vermeld.) (?Bloemfontein, 1948).

Dent, Edward J.: Social aspects of music in the Middle Ages *(The Oxford history of music - Introductory volume).*

De Kock, Victor: *Those in bondage - An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company.* Kaapstad, 1950.

De Ville, Anne: *Madagaskarstories.* Johannesburg (1961).

De Villiers, C.C., en C. Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (3 dele). Kaapstad, 1966.

De Vooys, C.G.N., en G. Stuiveling: *Schets van de Nederlandse letterkunde* (27ste dr.). Groningen, 1961.

De Vries, Jan: *Altgermanische Religionsgeschichte* (2 dele). Berlyn, 1937.

De Vries, Jan: *Het sprookje.* Zutphen, 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Vries, Jan: *Volksverhalen uit Oost-Indië* (2 dele). Leide-, 1925-1928.

De Vries, Jan (red.): *Volk van Nederland* (3de verb. dr.). Amsterdam, 1943.

Dickinson, Hugh: *Myth on the modern stage.* Urbana, V.S.A., 1969.

Dommisse, Hermien: *Die dramaturg en sy gemeenskap.* Johan= nesburg, 1976.

Doorenbos, W.: *Handleiding tot de geschiedenis der letterkunde* (2 dele) (2de hers. uitg.). Arnhem, s.j. (voorw. 1882).

Dorson, Richard M.: *American folklore* (6de dr.). Chicago, 1967.

Dorson, Richard M.: *Buying the wind - Regional folklore in the United States* (2de dr.). Chi= cago, 1965.

Dorson, Richard M. (red.): *Folklore and folklife.* Chicago, 1972.

Drinkwater, John (red.): *The outline of literature.* Londen, s.j.

Dr. O'kulis (W. Postma): *Die eselskakebeen* (4de verb. dr.). Bloemfontein, 1931.

Du Plessis, I.D.: *Legendes van alle nasies* (2de dr.). Kaapstad, 1939.

Du Plessis, I.D.: *Die Maleise samelewing aan die Kaap.* Kaapstad, 1939.

Du Toit, S.J. (dr.): *Kinders van die noorderlig - Verhale uit die Germaanse mitologie.* Bloem= fontein, 1940.

Du Toit, S.J. (dr.): *Mense van die newels - Verhale oor gode*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en helde. Bloemfontein, 1951.

Eliot, T.S.: *Selected essays (5de dr.).* Londen, 1958.

Eliot, T.S.: *The three voices of poetry.* Londen, 1953.

Eloff, G.: Die tafelkleed *(Die Huisgenoot,* 9 Junie 1939).

Encyclopaedia Britannica, The.
1. *Ninth edition* (24 dele)(6de dr.). Edinburg, 1898.
2. *Macropaedia* en *Micropaedia* (30 dele) (15de uitg.). Chicago, 1943-1973.

Encyclopedia of world mythology (met 'n voorw. deur Rex Warner) (herdr.). New York, 1975.

Erasmus, Pieter F.: *Legendes uit die skemeruur.* Johannesburg, (1960).

Erasmus, Pieter F.: *Towerbeelde by die aandvuur,* Johannesburg, (1957).

Erich, Oswald A., en Richard Beitl: *Wörterbuch der deutschen Volkskunde* (2de uitg.). Stuttgart, 1955.

Evans-Pritchard, E.E.: *Theories of primitive religion.* Oxford, 1965.

Every, George: *Christian mythology.* Londen, 1970.

Farb, Peter: *Man's rise to civilisation* (herd.). Londen, 1971. *(Paladin).*

Farrington, Benjamin: *Greek science I: Thales to Aristotle* (herd.). Harmondsworth, Middlesex, 1949. *(Pelican Books).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Field, Toni: *Fabels van Aesopus* (3 dele). Kaapstad, 1964.

Frankfort, Henri en H.A., John A. Wilson en Thorkild Jacobsen: *Before philosophy* (herdr.). Harmondsworth, Middlesex, 1951. *(Pelican Books)*.

Fransen, Hans, en Mary Alexander Cook: *Old houses of the Cape*. Kaapstad, 1965.

Franz, G.H.: *Moeder Poulin*. Kaapstad, 1946.

Frazer, sir James: *The golden bough - A study in magic and religion* (verkorte uitg.). Londen, 1950.

Garnett, Richard (red.): *The international library of famous literature* (20 dele). Londen, s.j.

Goldschmidt, Walter (red.): *Exploring the ways of mankind*. New York, 1960.

Grimm, Jacob: *Deutsche Mythologie* (3 dele). Darmstadt, 1965. (Faksimilee-uitgawe van die 1875-druk).

Grimm, Jacob en Wilhelm: *Deutsche Sagen* (2 dele in een band) (herd.). München, 1956.

Grimm, Jacob en Wilhelm: *Kinder- und Hausmärchen* (herdr.). Leipzig, 1856.

Grimm, Jacob en Wilhelm: *Sprokies* (6 dele). Kaapstad, 1962-1964. (Vertaal uit die Duits deur Helene de Villiers).

Grobbelaar, Pieter W.: *Die avonture van die sewe Swape*. Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *My mense vertel* (reeks van 17 radioprogramme). Afrikaanse Diens, S.A.U.K., Mei-Aug. 1979.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar, Pieter W.: *Pas op vir Rapetal!* Kaapstad, 1973.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die Swaaplanders.* Kaapstad, 1969.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die vermaaklike lewe van Tyl Uilspieël.* Kaapstad, 1967.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die volk as digter* (reeks van 13 radio=programme). Afrikaanse Diens, S.A.U.K., Mei-Julie 1978.

Grobbelaar, Pieter W.: *Volkslewe van die Afrikaner - Die ver=haal van ons Volkskunde.* Kaapstad, 1974.

Grobbelaar, Pieter W., C.W. Hudson en H. van der Merwe: *Boerewysheid.* Kaapstad, 1977. *(Die Afrikaner en sy kultuur* VI, onder re=daksie van P.W. Grobbelaar).

Groenewald, Con: Die romantiek van Africana-plate *(Opus,* Okt./Nov. 1973).

Grote Winkler Prins (20 dele) (7de dr.). Amsterdam, 1966-1975.

Guerber, H.A.: *Mythen en legenden uit de Middeleeuwen* (4de dr.). Zutphen, s.j. (ca. 1940). (Uit die Duits verw. deur H. van Eysinga).

Halliday, W.R.: *Indo-European folk-tales and Greek le=gend.* Cambridge, 1933.

Hameed, Ajmal: *Moon myths and legends.* Londen, 1969.

Hand, Wayland D. (red.): *American folk legend.* Berkeley, V.S.A., 1971.

Harkort, Fritz, Karel C. Peeters en Robert Wildhaber: *Volksüberlieferung - Festschrift für Kurt Ranke zur Vollendung des 60. Lebens=jahres.* Göttingen, 1968.

Harris, Joel Chandler: *Stories van oom Remus.* Kaapstad, 1970. (Verwerk deur Chris van Lille).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Harris, Marvin: *Cows, pigs, wars and witches - The riddles of culture.* Londen, 1974.

Hattingh, S.C.: *Die land van wie-weet-waar* I. Johannesburg, 1946.

Hattingh, S.C.: *Sprokiesvorsing met spesiale toepassing op die Afrikaanse volksverhale.* Johannesburg, 1950.

Hauff, Wilhelm: *Die mooiste verhale van Hauff.* Kaapstad, 1969. (Uit die Duits vertaal deur Pieter W. Grobbelaar).

Hauff, Wilhelm: *Sprookjes van Hauff.* Utrecht, 1961. *(Prisma-boeken).*

Hayes, Carlton J.H., Marshall Whithed Baldwin en Charles Woolsey Cole: *History of Western civilization* (2de uitg., 1ste dr.). New York, 1967.

Hayward, Helena (red.): *World furniture* (3de dr.). Londen, 1969.

Heese, J.A.: *Die herkoms van die Afrikaner 1657-1867.* Kaapstad, 1971.

Heese, J.A.: *Slagtersnek en sy mense.* Kaapstad, 1973.

Heese, J.A., G.S. Nienaber en C. Pama: *Families, familiename en familiewapens.* Kaapstad, 1975. *(Die Afrikaner en sy kultuur* IV, onder redaksie van P.W. Grobbelaar).

Heuvel, H.W.: *Volksgeloof en volksleven.* Zutphen, s.j. (voorw. 1909).

Heyns, J.A.: Die nuwe Afrikaner *(Die Huisgenoot,* 18 Feb. 1972).

Hill, Douglas, en Pat Williams: *The supernatural.* Londen, 1965.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Honiball, T.O.: *Jakkals en Wolf in die pekel.* Kaap= stad, 1978.

Honiball, T.O.: *Jakkals en Wolf sien spoke.* Kaapstad, 1978.

Honiball, T.O.: *Jakkals en Wolf van Vilkraal.* Kaap= stad, 1978.

Honiball, T.O.: *Oom Kaspaas - 75 Luimige episodes uit die ou oom se avontuurlike lewe* (met 'n voorwoord deur F.C.L. Bosman). Kaapstad, 1940.

Honiball, T.O.: *Oom Kaspaas in die knyp.* Kaapstad, 1979 1979.

Honiball, T.O.: *Oom Kaspaas maak 'n plan.* Kaapstad, 1979.

Honiball, T.O.: *Oom Kaspaas op hol.* Kaapstad, 1979.

Immelman, R.F.M.: Kaapse bibliofiele en hulle boeke in die 18de eeu *(Suid-Afrikaanse Biblioteke,* April 1952.)

Jacobs, Joseph: *The book of wonder voyages* (heruitg.). New York, 1967.

Jacobs, Joseph: *English fairy tales.* Londen, 1890.

Jacobs, Joseph: *More English fairy tales.* Londen, 1894.

Jacobs, Melville, en Bernhard J. Stern: *General Anthropology* (2de uitg., herdr.). New York, 1967.

James, Henry: *The art of the novel - Critical prefaces.* Londen, 1934.

Jelde, Erik: *Märchen der Welt* (herd.). München, 1964.

Jolles, André: *Einfache Formen* (5de dr.). Tübingen, 1974.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Joubert, Dian (samest.): *Toe witmense arm was - Uit die Carnegie-verslag 1932.* Kaapstad, 1972.

Kannemeyer, J.C.: *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* I. Kaapstad, 1978.

Kannemeyer, J.C.: *Die stem in die literêre kunswerk.* Kaapstad, 1965.

Kapp, P.H.: Ons volksfeeste. Kaapstad, 1975. (*Die Afrikaner en sy kultuur* III, onder redaksie van P.W. Grobbelaar).

Karlinger, Felix (red.): *Wege der Märchenforschung.* Darmstadt, 1973.

Kayser, Wolfgang: *Das sprachliche Kunstwerk* (7de dr.). Bern, 1961.

Keesing, F.M.: *Cultural Anthropology - The science of custom* (herdr.). New York, 1966.

Keet, A.D.: *Gedigte.* Amsterdam, 1919.

Klingender, Francis: *Animals in art and thought to the end of the Middle Ages.* Londen, 1971.

Kluckhohn, Clyde: Culture (*Collier's encyclopedia* VII).

Kok, B. (red.): *Afrikaans, ons pêrel van groot waarde.* Johannesburg, 1974.

Krappe, Alexander: European folklore (Maria Leach, red.: *Standard dictionary of folklore, mythology and legend).*

Kreis, Rudolf: Fabel und Tiergleichnis (H. Ide, red.: *Projekt Deutschunterricht* I, Stuttgart, 1971).

Kritzinger, M.S.B., A.M.M. de Villiers en E.J. Pienaar: *Afrikaanse spreekwoorde, gesegdes, ens.* (14de dr.). Pretoria, 1947.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Krohn, Kaarle: *Folklore methodology.* Austin, 1971. (Vertaal uit die Duits).

Kruyskamp, C.: Het Nederlandse leugendicht (2 aflewe= rings). *(Volkskunde,* vol. 63, 1962).

Kutschera, Chr.: *Rübezahl* (96ste dr.). Stuttgart, 1963.

Kwartmillennium-gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Paarl. Paarl, s.j. (?1941).

La Fontaine, Jean de: *Fabels van La Fontaine.* Kaapstad, 1975. (Uit die Frans berym en oorvertel deur E.P. du Plessis).

Lang, Andrew: *Blue fairy book.* Londen, 1889.

Lang, Andrew: *Custom and myth* (herdr.). Londen, 1910.

Lansdown, G.N.: *Waarom henne kekkel e.a. dieresprokies.* Kaapstad, 1969.

Leach, Edmund: *Lévi-Strauss.* Londen, 1970. *(Fontana Books).*

Leach, Maria (red.): *Standard dictionary of folklore, mytholo= gy and legend* (2 dele). New York, 1949-1950.

Lehmann, Albrecht: Erzählen eigener Erlebnisse im Alltag *(Zeitschrift für Volkskunde,* 1978 II).

Leibfried, Erwin: *Fabel* (2de dr.). Stuttgart, 1973. *(Sammlung Metzler).*

Lessa, William A., en Evon Z. Vogt (red.): *Reader in comparative religion - An an= thropological approach* (3de uitg.) New York, 1972.

Lévi-Strauss, Claude: The structural study of myth (William A. Lessa en Evon Z. Vogt: *Reader in compa=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rative religion).

Lindsay, Donald, en E.S. Washington: *A portrait of Britain between the exhi= bitions 1851-1951* (4de dr.). Oxford, 1963.

Lochner, Helena J.F.: *Haan loop weg e.a. stories vir kinders.* Kaapstad, 1965. *(Eekhoring-boekies).*

Lommel, Andreas: *Prehistoric and primitive man* (3de dr.). Feltham, Middlesex, 1968. *(Landmarks of the world's art series).*

Loots, W.J.G.: *Die herkoms, ontwikkeling en versprei= ding van die reisiesverhaal.* (Ongepubl. doktorale verh., Wits, 1961).

Lotz, J.D.N.: Die dieresprokie by die Bantoe *(Fees= bundel vir prof. Jan Antonie Engelbrecht,* Johannesburg, 1961).

Louw, N.P. van Wyk: Die digter Marsman (H. Marsman: *Poëzie en prosa.* Pretoria, 1943).

Louw, N.P. van Wyk: *Maskers van die erns.* Johannesburg, s.j. (ca. 1955).

Louw, N.P. van Wyk: *Rondom die werk.* Kaapstad, 1970.

Louw, W.E.G. (in gesprek met Roy Pheiffer): *Persoonlike perspektiewe.* Kaapstad, 1977.

Lübbe, Aletta: *Hasie se dinge.* Kaapstad, 1970.

Lubbock, Percy: *The craft of fiction.* Londen, 1921.

Lucianus: An ancient Gulliver (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* II).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lüthi, Max: *Märchen* (5de hers. dr.). Stuttgart, 1974. *(Sammlung Metzler).*

Lüthi, Max: *Volksmärchen und Volkssage - Zwei Grundformen erzählender Dichtung* (3de hers. dr.). Bern, 1975.

Macaulay, Lord: Virginia (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* I).

Malcolm, sir John: Persian forms and fables (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* XIII).

Malherbe, D.F.: *Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme.* Bloemfontein, 1924.

Malherbe, E.G. *Education in South Africa 1652-1922.* Kaapstad, 1925.

Malherbe, F.E.J.: *Humor in die algemeen en sy uiting in die die Afrikaanse letterkunde.* Amsterdam, 1924.

Malinowski, Bronislaw: *The dynamics of culture change* (9de dr.) New Haven, 1968.

Malinowski, Bronislaw: *A scientific theory of culture and other essays* (4de dr.). New York, 1960. *(Galaxy Books).*

Mansvelt, Nico: *Hollands-Afrikaanse liederbundel* (2de dr.). Kaapstad, s.j. (voorw. 1916).

Manuel, George, en Denis Hatfield, met illustrasies deur Gruce Frank: *District Six* (3de dr.). Kaapstad, 1968.

Marais, Eugène N.: *Dwaalstories e.a. vertellings* (3de dr.). Kaapstad, 1937.

Marais, J.S.: *The Cape Coloured people 1652-1937*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(4de dr.). Johannesburg, 1968.

Maranda, Elli Köngäs, en Pierre: *Structural models in folklore and transformational essays.* Den Haag, 1971.

Maré, Leon: *Die Nuwejaarsfees e.a. verhale* (5de dr.). Pretoria, 1927.

Marloth, Rudolf: *Dictionary of common names of plants.* Kaapstad, 1917.

Mason, Eugene (red.): *Aucassin and Nicolette and other Medi= aevel romances* (2de dr.). Londen, 1912. (Uit die Frans vertaal). *(Everyman's Library).*

McFee, Inez, N.: *A treasury of flower stories.* Londen, 1923.

Meier, John (red.): *Deutsche Volkskunde.* Berlyn, 1926.

Mentzel, Otto Friedrich: *A geographical-topographical description of the Cape of Good Hope* (3 dele). Kaapstad, 1921, 1925 en 1944. (Uit die Duits vertaal en versorg deur H.J. Mandelbrote e.a.). *(Van Riebeeck-ver= eniging* nr. 4, 6 en 25).

Mentzel, Otto Friedrich: *Life at the Cape in the mid-eighteenth century; being the biography of Ru= dolph Siegfried Allemann.* Kaapstad, 1919. (Uit die Duits vertaal deur mej. M. Green= lees). *(Van Riebeeck-vereniging* nr. 2).

Metelerkamp, Sanni: *George Rex of Knysna - The authentic story.* Kaapstad, s.j. (?1955).

Mikro (C.H. Kühn): *Hy koop toe vir hom 'n pen.* Johan= nesburg, 1968.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Misch, Georg: *The dawn of Philosophy* (hers. uitg). Londen, 1950. (Uit die Duits vertaal).

Moody, Raymond A.: *Life after life* (15de dr.). New York, 1977. *(Bantam Books)*.

Mostert, Dirk: *Petaljes van oom Bart* (met 'n voorwoord deur J.M.H. Viljoen). Kaapstad, 1934.

Mulder, C.P.: *Watter uitwerking het die noue omgang met die Bybel gehad op die ontstaan van die Afrikaanse volkskarakter.* (Onge= pub. doktorale verh., Wits, 1956).

Müller, Max: Old German love songs (Richard Garnett, red.: *The international library of famous literature* III).

Murray, Gilbert: *Five stages of Greek religion* (3de dr.). Londen, 1946. *(Thinker's Library)*.

Naumann, Hans: *Primitive Gemeinschaftskultur.* Jena, 1921.

Nepgen, C.C.: *Die sosiale gewete van die Afrikaans= sprekendes.* Stellenbosch, 1938.

Nienaber, P.J.: *Bibliografie van Afrikaanse boeke I (6 April 1861 - 6 April 1943).* Johan= nesburg, 1943.

Nienaber, P.J. (red.): *Perspektief en profiel - 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde.* Jo= hannesburg, 1951.

Nienaber, P.J. en G.S. (samest.): *Die Afrikaanse diereverhaal* (2de ver= bt. dr.). Kaapstad, 1946.

Nienaber, P.J. en G.S.: *Geskiedenis van die Afrikaanse letter= kunde.* Pretoria, 1941.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onians, R.B.: *The origins of European thought.* Cambridge, 1951.

Opperman, D.J.: *Dolosse.* Kaapstad, 1963.

Oxford history of music, The (red.: sir W.H. Hadow) (herdr. van oorspr. 1929-uitgawe). New York, 1973.

Pantsjatantra, Die. H.G. van der Waals: *Pancatantra - Arische levens=wijsheid uit het oude Indië - Novellen, vertellingen, fabelen.* Leiden, 1895, (Uit die Sanskrit vertaal).

Parrinder, Geoffrey: *African mythology* (4de dr.). Londen, 1975.

Parrinder, Geoffrey (red.): *Man and his gods - Encyclopedia of the world's religions.* Londen, 1971.

Partridge, A.C. (red.): *Folklore of Southern Africa.* Kaapstad, (1973).

Payne, Robert: *The triumph of the Greeks.* Londen, 1964.

Peeters, K.C.: *Eigen aard - Grepen uit de Vlaamse folk=lore* (2de dr.). Antwerpen, s.j. (voorw. 1947).

Penzer, N.M.: *The Pentamerone of Giambattista Basile* (2 dele). Londen, 1932. (Uit die Ita=liaans vertaal).

Perrault, Charles: *Die mooiste sprokies van moeder Gans.* Kaapstad, 1967. (Uit die Frans vertaal deur André P. Brink).

Physiologus (in *The epic of the beast,* voorw. deur William Rose, vert. deur James Carlill. Londen, s.j. - ca. 1920).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pieterse, J.E. (red.): *Jeug en vrye tyd* (Verslag van jeug= ondersoek III). Johannesburg, s.j. (voorw. 1967).

Plato: *The Republic* (vert. en met 'n inleiding deur H.D.P. Lee). Harmondsworth, Mid= dlesex, 1955. *(The Penguin Classics).*

Poelhekke, M.A.P.C.: *Woordkunst* (9de dr.). Groningen, 1923.

Poelhekke, M.A.P.C., en Jos. J. Gielen: *Woordkunst* (18de dr.). Groningen, 1946.

Postma, Minnie: *Ek maak die kleipot oop.* Johannes= burg, s.j. (1968). *(S.A.U.K.-bros= jure).*

Postma, Minnie: *Legendes uit Basoetoland.* Johannes= burg, s.j.

Postma, Minnie: *Legendes uit die misrook.* Johannes= burg, 1953.

Postma, Minnie: *Litsomo.* Johannesburg, 1964.

Postma, Minnie (vry verwerk met vergunning van die verteller, Koot Swa= nepoel): *Toon Prens.* Johannesburg, 1958.

Potgieter, F.J.M.: *Heldersiendheid, goëlery e.a. okkulte verskynsels.* Bloemfontein, s.j. (voorw. 1958).

Prinsen, J.: *Handboek tot de Nederlandsche letter= kundige geschiedenis* (2de hers. dr.). Den Haag, 1920.

Propp, V.: *Morphology of the folktale* (2de uitg., 4de dr., met 'n nuwe inleiding deur Alan Dundes). Austin, 1973. (Uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Russies vertaal).

Raspe, R.E., e.a.: *The singular adventures of Baron Munchausen.* Londen, 1950. *(Max Parrish-uitgawe).*

Rautenbach, S.C.H.: *Die wording van 'n siklus in die Afrikaanse diersprokie.* (Ongepub. doktorale verh., Wits, 1949).

Redelinghuys, Hermanus J.M.: *'n Nuwe Afrikaanse handboek vir Debats- en Christelike Jongeliede-verenigings.* Pretoria/Kaapstad, 1923.

Richter, Wolfgang (red.): *Schöne Fabeln für jung und alt* (herdr.). Frankfort, 1966.

Richter, Wolfgang (red.): *Schöne Schwänke für jung und alt.* Frankfort, 1961.

Robinson, Herbert Spencer, Knox Wilson en Barbara Leonie Picard: *The encyclopaedia of myths and legends of all nations* (herdr.). Londen, 1972.

Röhrich, Lutz: *Erzählungen des späten Mittelalters* (2 dele). Bern, 1962-1967.

Rompel-Koopman, L.: *In het land van Piet Retief.* Pretoria, 1919.

Rose, William: The medieval beast epic (inl. tot *The epic of the beast.* Londen, s.j., ca. 1920).

Rossetti, Dante Gabriel: *The ballad of Jan Van Hunks.* Cambridge, 1929.

Rossetti, Dante Gabriel: *Dante Gabriel Rossetti - His family letters, with a memoir by William Michael Rossetti* I. Londen, 1895.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Samuelson, L.H.: *Zululand - its traditions, legends, customs and folk-lore.* Durban, 1974. (Faksimilee-herdruk).

Sansom, William: *The birth of a story.* Londen, 1972.

Schmidt, Sigrid: Europäische Märchen am Kap der Guten Hoffnung des 18. Jahrhunderts (*Fabula*, vol. 18, nr. 1/2).

Scholtz, G.D.: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* (4 dele). Johannes= burg, 1967-1977.

Schoonees, P.C.: *Die prosa van die Twede Afrikaanse Be= weging.* Pretoria, 1922.

Schotel, G.D.J.: *Het maatschappelijke leven onzer voor= vaderen in de zeventiende eeuw.* Am= sterdam, s.j. (Faksimilee-herdruk van 1905-uitgawe).

Schotel, G.D.J.: *Het Oud-Hollandsch huisgezin.* Arnhem, s.j. (Faksimilee-herdruk van 1903-uit= gawe).

Schotel, G.D.J.: *Vaderlandsche volksboeken en volkssprook= jes van de vroegste tijden tot het einde der 18e eeuw* (2 dele). Haarlem, 1874.

Schrijnen, Jos.: *Nederlandsche Volkskunde* (2 dele) (2de hers. dr.). Zutphen, 1930.

Shorter Oxford dictionary, The (3de uitg.) (herdr.). Oxford, 1970.

Schuman, Winie, e.a.: *Die groot fabelboek.* Kaapstad, 1965.

Sideman, Belle Becker: *The world's best fairy tales* (2 dele). Londen, 1970.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sinninghe, J.R.W.: Typencatalogus der Nederlandse sprook= jes (bylaag by *Vijftig Nederlandse sprookjes*. Amsterdam, 1942).

Sinninghe, J.R.W.: *Utrechtsch sagenboek*. Zutphen, 1938.

Skeat, Walter: *Fables and folk-tales from an Eastern forest*. Cambridge, 1901.

Smith, J.J.: *Op ons taalakker*. Pretoria, 1962.

Spamer, Adolf (red.): *Die deutsche Volkskunde* I (2de hers. uitg.). Leipzig, s.j. (voorw. 1935).

Spoelstra, B.: *Ons volkslewe* (2de dr.). Pretoria, 1924.

Stace, W.T.: *A critical history of Greek Philosophy* (9de dr.). Londen, 1953.

Standard encyclopaedia of Southern Africa (12 dele). Kaapstad, 1970-1976.

Steenkamp, tant Kotie: *Joernaal*. (Ms., fotostaat in *Ons Erfenis*-versameling).

Steinberg, S.H.: *Five hundred years of printing* (herdr.). Harmondsworth, Middlesex, 1966. *(Pelican Books)*.

Storr, Francis: Fable *(Encyclopaedia Britannica* VIII, 9de uitgawe).

Strydom, C.J. Scheepers, met medew. van D.W. Krüger en G.P.J. Trümpelmann: *Afrikaners in die vreemde*. Kaapstad, 1976. *(Die Afrikaner en sy kultuur* V, onder redaksie van P.W. Grobbelaar).

Strydom, C.J. Scheepers: *Spieëlbeeld: Oorlog 1899-1902*. Kaap= stad, 1974. *(Die Afrikaner en sy kul= tuur* II, onder redaksie van P.W. Grob= belaar).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Die: *Volksgeneeskuns in Suid-Afrika - 'n Kultuurhistoriese oorsig, benewens 'n uitgebreide ver= sameling boererate* (2 dele). Preto= ria, 1966.

Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek (3 dele). Kaapstad, 1968-1977.

Swart, P.D.: *Die sprokie, sy studie en verbreiding, en die verhaalskat van die Basoeto's en Betsjoeanas, met spesiale aandag aan spore van Oosterse en Europese invloed.* (Ongepubl. doktorale verh., Wits, 1956).

Tales of chivalry, or perils by flood and field (herdr.). Londen, 1854.

Tante Kota: *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders.* Pretoria/Kaapstad, 1917.

Taylor, Archer: Folk tale *(Collier's encyclopedia* X).

Ter Laan, K.: *Folkloristisch woordenboek van Neder= land en Vlaams België.* 's-Gravenhage, 1949.

't Hart, W.A.: *Volkenpsychologie - Een historisch in= leiding.* Londen, s.j.

Theal, G. McC.: *Kaffir folk-lore.* Londen, 1886.

Thompson, Stith: *The folktale.* New York, 1946.

Thompson, Stith: *Motif-index of folk-literature* (6 dele) (hers. en uitgeb. uitg., 2de dr.). Bloomington, 1966.

Thurlow, Gilbert: *Biblical myths and mysteries.* Londen, 1974.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Thurston, H.: *Ghosts and poltergeists.* Londen, 1953. (Versorg deur J.H. Crehan).

Toffler, A.: *Future shock* (10de dr.). Londen, 1974. *(Pan Books).*

Trevelyan, G.M.: *English social history.* Harmondsworth, Middlesex, 1967. *(Penguin Books).*

Tubach, Frederic C.: *Index exemplorum - A handbook of medieval religious tales.* Helsinki, 1969. *(F.F. Communications,* nr. 204).

Tylor, sir Edward Burnett: *Primitive culture* (2 dele) (6de dr.). Londen, 1920.

Uylen-spiegel (volksboek). (Plek en datum van uitgawe nie vermeld, vermoedelik vroeë 19de eeu.) *Ballotversameling,* Universiteit van Kaapstad.

Van Dale - Groot woordenboek der Nederlandse taal, bewerk deur C. Kruyskamp (8ste dr.). 's-Gravenhage, 1964.

Van den vos Reynaerde (2 dele). (Diplomatiese uitgawe met aantekeninge deur W.Gs. Hellinga). Zwolle, 1952.

Van der Meer, F., en G. Lemmens: *Kleine atlas van de Westerse beschaving.* Amsterdam, 1964.

Van der Merwe, C.P.: *My naam is Van der Merwe.* Johannesburg, 1952.

Van der Merwe, F.: Die Buyse van Mara-Buys *(Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Mei 1946).

Van der Merwe, H.J.J.M.: *Vroeë Afrikaanse woordelyste.* Pretoria, 1971. *(Patriot-vereniging,* Nuwe Reeks, nr. 5).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van der Merwe, P.J.: *Ons halfeeu in Angola.* Johannesburg, 1951.

Van der Merwe, P.J. (dr.): *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842).* Kaapstad, 1938.

Van der Molen, S.J.: *Levend volksleven - Een eigentijdse Volkskunde van Nederland.* Assen, 1961.

Van der Post, Jan J.: *Jagters van die duine.* Kaapstad, 1963.

Van Huerck, Emile H.: *De Vlaamsche volksboeken.* Antwerpen, s.j. (voorw. 1943). (Uit die Frans vertaal).

Van Jaarsveld, F.A.: *Lewende verlede.* Johannesburg, s.j. (voorw. 1961).

Van Jaarsveld, F.A.: *Die verstedeliking van die Afrikaner.* Johannesburg, s.j. (?1972). *(S.A.U.K.-brosjure).*

Van Rensburg, J.P.J.: *Die mooiste verhale van Esopus.* Kaapstad, 1970. (Vertaal uit die Grieks).

Van Rensburg, J.P.J.: *'n Oorsig van die Oud-Griekse letter=kunde.* Stellenbosch, s.j. (?1960).

Van Zyl, A.J.: *Soeloelegendes en -gewoontes.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1924).

Verhagen, Balthazar: *Faust in die geskiedenis, legende, drama en musiek.* Bloemfontein, 1949.

Viljoen, G. van N.: *Ideaal en werklikheid.* Kaapstad, 1978.

Visser, A.G.: *Gedigte.* Pretoria, 1925.

Visser, A.G.: *Rose van herinnering* (10de dr.). Pre=toria, 1942.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Von der Leyen, Friedrich: *Das Märchen* (3de dr.). Leipzig, 1925.

Von Manger en Kaufmann, eerw.: *Catalogue of the Dessinian Collection in the Public Library of Cape Town.* Kaapstad, 1821.

Von Wielligh, G.R.: *Boesman-stories* (Deel I en II). Kaap= stad, 1919-1920.

Von Wielligh, G.R.: Kinders van ons veld - Hotnot- en Boes= man-volksvertellings *(Die Brandwag,* 25 Feb. 1919).

Wagenaar, Ella: Paskewille, 'n volksvermaak. (Hennie Aucamp, red.: *Op die Stormberge).*

Wegener, G.S.: *In die begin was die Woord.* Kaapstad, 1961. (Uit die Duits vertaal).

Weiss, Richard: *Volkskunde der Schweiz.* Erlenbach/ Zürich, 1946.

Wellek, René, en Austin Warren: *Theory of literature* (herd.). Londen, 1961.

White, T.H.: *The bestiary - A book of beasts, being a translation from a Latin bestiary of the twelfth century.* New York, 1960. *(Capricorn Books).*

Wiemken, Helmut: *Die Volksbücher von Till Eulenspiegel, Hans Clawert und den Schildbürgern.* Bremen, 1962.

Wikar, Hendrik Jakob: *The Journal of Hendrik Jakob Wikar, etc.* Kaapstad, 1935. (Onder redaksie van E.E. Mossop). *(Van Riebeeck-vereniging* nr. 15).

Willems, Jan Frans: *Reinaert de Vos* (2de dr.). Den Haag, 1960. *(Ooievaar).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wilmot-Buxton, E.M.: *Told by the Northmen* (herdr.). Londen, 1949.

Windfuhr, Manfred: *Deutsche Fabeln des 18. Jahrhunderdts.* Stuttgart, 1969. *(Universal-Bibliothek).*

Withers, Carl: *A book of nonsense.* New York, 1968.

Wollaston, sir Arthur N.: *Tales within tales, adapted from the fables of Pilpai.* Londen, 1909.

Woordeboek van die Afrikaanse taal (6 dele). Pretoria, 1950-1976.

Wesselski, Albert: *Versuch einer Theorie des Märchens.* Reichenberg, 1931.

Worthington, Frank: *African Aesop* (herdr.). Londen, 1942.

Wouters, D.: *Het Nederlandsche straatlied.* Baarn, s.j.

Yellin, Victor: History of music *(Collier's encyclopedia* XVII*).*

(Yonge, Charlotte): *A book of golden deeds* (17de dr.). Londen, 1901.

Tydskrifte

Africana Aantekeninge en Nuus / Africana Notes and News
English Review, The
Fabula - Zeitschrift für Erzählforschung
Handhaaf
Opus
Suid-Afrikaanse Biblioteke / South African Libraries
Volkskunde - Tijdschrift voor Nederlandsche folklore / Tijdschrift voor de studie van het volksleven
Zeitschrift für Volkskunde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFRIKAANSE VOLKSVERTELLINGS

Sommige van dié werke dien ook as algemene bronne, maar omdat hulle van groter belang is as bronne vir volksvertellings, word hulle hier ingedeel.

Afrikaanse gedigte - Eerste versameling. Kaapstad, 1975. (Faksimilee-herdruk van oorspr. 1878-uitgawe.) (*Patriot-vereniging*, Nuwe Reeks, nr. 13.)

Afrikaanse kinderensiklopedie, Die (11 dele). Kaapstad, 1959-1962.

Alexander, sir James: *Expedition of discovery into the interior of Africa* (2 dele). Kaapstad, 1967. (Faksimilee-herdruk van die eerste uit= gawe, Londen, 1838).

Anderson, Ken: *Heroes of South Africa.* Kaapstad, s.j.

Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, Die - Verslag van die Carnegie-kom= missie (5 dele). Stellenbosch, 1932.

Aspeling, H. Retief: Tafelberg se wit kleed (C.F. Albertyn e.a., red.: *Kinders van die wêreld* VIII. Kaapstad, s.j. - ca. 1960).

Aylward, Alfred (skuiln.): *The Transvaal of to-day.* Edinburg, 1878.

Ballantyne, R.M.: *Six months at the Cape.* Londen, 1879.

Barnard, Chris (red.): *The Transvaalse Laeveld.* Kaapstad, 1975.

Blake, Arthur: *Vlieghelde van Suid-Afrika.* Kaapstad, 1966.

Bleek, W.H.I.: *Reynard the Fox in South Africa.* Londen, 1864.

Boerneef (I.W. van der Merwe): *Boplaas* (13de dr.). Kaapstad, 1967.

Boerneef (I.W. van der Merwe): *Van my kinderdae* (2de dr.). Kaapstad, 1948.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Boerneef (I.W. van der Merwe): *Van my kontrei.* Kaapstad, 1938.

Boerneef (I.W. van der Merwe): *Versamelde prosa.* Kaapstad, 1979.

Boshoff, W.H.: *Gediggies vir ons kleintjies* (5de dr.). Kaapstad, s.j. (ca. 1920).

Breytenbach, J.H. (red.): *Gedenkalbum van die Tweede Vryheids=oorlog.* Kaapstad, 1949.

Brink, J.N.: *Oorlog en ballingskap* (waarby ingesluit die oorlogsherinneringe van luit. Willie J. Hefer). Kaapstad, 1940.

Brink, Melt J.: *Grappige stories en andere versies* (7 bundels). Kaapstad, 1893-1909.

Bryden, H.A.: *Kloof and Karroo - Sport, legend and natural history.* Londen, 1889.

By die uitspanning. (Rubriek in *Die Huisgenoot,* Junie 1939 - Mei 1954).

Cachet, Jan Lion (Ou oom Jan): *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het* (13de dr.). Bloemfontein, 1936.

Celliers, Jan F.E.: *Jopie Fourie e.a. nuwe gedigte.* Kaap=stad, 1926.

Chilvers, Hedley A.: *Huberta goes south.* Johannesburg/Londen, s.j. (voorw. 1931).

Chilvers, Hedley A.: *The seven lost trails of Africa.* Londen. 1930.

Cillie, Thelma: *Die aarde het gebewe!* Ceres, 1971.

Coetzee, Abel: *Die Afrikaanse volksgeloof.* Amsterdam, 1938.

Coetzee, Abel: *Die verhaalskat van Ons Klyntji* (1896-1906). Johannesburg, 1940. (*Patriot-vereniging* nr. 3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Coetzee, Abel, S.C. Hattingh, W.J.G. Loots en P.D. Swart: Tiperegister van die Afrikaanse volks= verhaal *(Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Julie/Okt. 1967).

Coetzer, J.P.: *Tales of veld and vlei* (5de dr.). Kaapstad, s.j. (ca. 1965).

Colvin, Ian D.: *Romance of Empire: South Africa.* Londen, 1909.

Conradie, W.J.: *Ondervindingen van eene jonge predikant in Namakwaland.* Londen, 1909.

Conradie, W.J.: *Op reis in het Zuidwesten.* Londen, 1910.

Conradie, W.J.: *Sketse uit die Boerelewe.* Kaapstad, (1943).

Cortemünde, Jan Pietersz.: *An adventure at the Cape of Good Hope in December 1672.* Kaapstad, 1962. (Versorg deur Henning Henningsen, D. en V. Varley). (Uit die Deens vertaal).

D'Arbez (J.F. van Oordt): *Kaapsche sotries voor het Zuid-Afrikaan= sche volk.* Kaapstad/Amsterdam, s.j. (voorw. 1896).

D'Arbez (J.F. van Oordt): *Die kinderbiblioteek,* st. I en II. Pre= toria/Kaapstad, 1928.

D'Arbez (J.F. van Oordt): *"Losse klippe" - Zes Zuidafrikaanse ver= halen.* Pretoria/Kaapstad, s.j. (1918).

De Beer, L.: *Half hours of leisure in South Africa.* Amsterdam, 1896. (Gedeeltelik vertaal uit *Uren in Zuid-Afrika).*

De Beer, L.: *Uren in Zuid-Afrika vermakelijk en nuttig besteed.* Amsterdam/Kaapstad, s.j. (ca. 1896).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Klerk, A.J.B.: *Leeuwenhof - Die kronieke van 'n Kaap=se herehuis.* Kaapstad, 1954.

De Kok, K.J.: *Empires of the veld.* Kaapstad, 1904.

De Kok, K.J. (Een Hollander): *Toen en thans.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1898).

De Roubaix, E.: *Boesmanlandse sketse en verhale* (2de dr.). Pretoria, 1927.

De Roubaix, E.: *Uit Boesmanland.* Bloemfontein, 1928.

De Villiers, Almero: *Stage-coach adventure and other South African tales.* Johannesburg, 1952.

De Villiers, C.G.S.: *Goue fluit, goue fluit.* Kaapstad, 1968.

De Villiers, C.G.S.: *Klein vaderland* (3de dr.). Kaapstad, 1958.

De Villiers, C.G.S.: *Overbergse eergister.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1961).

De Waal, J.H.H.: *Stompies - 'n Bundel stories, rympies en toneelspelletjies.* Kaapstad, 1911.

Drayson, Alfred Willis: *Tales at the outspan.* Londen, 1865.

Dr. O'kulis (W. Postma): *Die Boervrou, moeder van haar volk* (3de dr.). Bloemfontein, 1922.

Dr. O'kulis (W. Postma): *Doppers.* Bloemfontein, s.j. (inl. 1918).

Dr. O'kulis (W. Postma): *Die eselskakebeen* (4de verb. dr.). Bloemfontein, 1931.

Du Biel, B.: *Deur 'n gevaarlike krankheid tot ewige genesing.* Paarl, s.j. (voorw. 1934).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Uit die Duits vertaal).

Du Plessis, E.J.: *'n Ondersoek na die oorsprong en be= tekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviernamе.* Kaapstad, 1973.

Du Plessis, I.D.: *Afrikaanse goëlstories* (2 dele). Kaap= Kaapstad, 1942. *(Kennis vir almal-reeks* nr. 4 en 5).

Du Plessis, I.D.: *Die gevleuelde perd e.a. Kaapse stories.* Pretoria, 1943.

Du Plessis, I.D.: *Goëlery.* Kaapstad, 1941.

Du Plessis, I.D.: *Hasie by die dam.* Kaapstad, 1966.

Du Plessis, I.D.: *Poltergeists of the South.* Kaapstad, 1966.

Du Plessis, I.D.: *Uit die Slamse buurt* (2 dele). Kaap= stad, 1939.

Du Preez, D.: *Renier de Winnaar, baasverteller.* Johannesburg, s.j.

Du Toit, D.P.: *Jan.* Pretoria, 1927.

Du Toit, D.P.: *Trein-nonsens.* Kaapstad(?), 1922.

(Du Toit, S.J.): *De gezellige - Het boek voor iedereen, vooral voor jongelieden* (3de uitg.). Paarl, 1910.

Du Toit, S.J. (dr.): *Suid-Afrikaanse volkspoësie.* Amster= dam, 1924.

Eeublad van die Hoërskool, Porterville (1870-1970), Die. Porterville, 1970.

Ellis, A.B.: *South African sketches.* Londen, 1887.

Ellman, A.: *South African anecdotes.* Johannesburg,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1914.

Eybers, F.J.: *Skatkis van die eeue - Stories uit alle wêrelddele.* Johannesburg, 1950.

Eybers, G.W.: *Op die voetspoor van die ou reisigers.* Kaapstad, 1926.

Eybers, G.W.: *Outydse sketse en stories uit die ou reisigers* (4de dr.). Kaapstad, s.j.

Friedenthal, J.M.: *Nukkebol Reinard.* Bloemfontein, 1936.

Goldblatt, Sarah: *Wolf en Jakhals versies* (2 dele). Kaap= stad, 1920-1921.

Green, Lawrence G.: *Beyond the city lights.* Kaapstad, 1957.

Green, Lawrence G.: *In the land of afternoon* (2de dr.). Kaapstad, 1950.

Green, Lawrence G.: *Tavern of the seas.* Kaapstad, 1947.

Grimm, Hans: Moordenaarsgraf (J.J. Dekker, red.: *Duitse kortverhale.* Pretoria, 1937).

Grobbelaar, Pieter W.: *Die afgunstige leeus e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Blou-ogies.* Kaapstad, 1974.

Grobbelaar, Pieter W.: *Bobbejaan en die eina-pere e.a. Afri= kaanse sprokies.* Kaapstad, 197[illegible].

Grobbelaar, Pieter W.: *Daar's 'n ding aan die gang in die ak= kerbos - Stories en rympies.* Kaapstad, 1978.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die dief in die nag e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Dokter Jakkals e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1971.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar, Pieter W.: *Die dokter wat dieretaal kon praat - 'n Afrikaanse sprckie.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Duimeling.* Kaapstad, 1975.

Grobbelaar, Pieter W.: *Een vir jou en een vir my e.a. Afrikaan=se sprokies.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die gawe van die eenhoring e.a. Afri=kaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die gekroonde slang e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Gouelinkie e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Goue voël e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die groot Afrikaanse fabelboek.* Kaapstad, 1976.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die groot Afrikaanse heldeboek.* Kaapstad, 1976.

Grobbelaar, Pieter W.: *Hans die geluksoeker.* Kaapstad, 1977.

Grobbelaar, Pieter W.: *Hasie Musikant e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die heks van Hexrivier e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Huberta gaan op reis - Stories en rym=pies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Jakkals Tiervreter e.a. Afrikaanse spro=kies.* Kaapstad, 1972.

Grob[illegible], Pieter W.: *Keiser, keiser Karelyn.* Kaapstad, 1981.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar, Pieter W.: *Klaas Luiaard e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1969.

Grobbelaar, Pieter W.: *Koeitjies in die klawer (Volksrympies).* Kaapstad, 1975.

Grobbelaar, Pieter W.: *Koning Leeu se verjaardag.* Kaapstad, 1973.

Grobbelaar, Pieter W.: *Lanterntjie brand e.a. Afrikaanse spro= kies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die lui skoenmaker e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die maanklip - 'n Sprokie van ons eie tyd.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Maans se straf e.a. Afrikaanse kamp= vuurstories.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die mense is bang vir Petrus Alsander.* Kaapstad, 1969.

Grobbelaar, Pieter W.: *Moenie aan my vat nie e.a. Afrikaanse sprokie:.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die mooiste Afrikaanse sprokies.* Kaap= stad, 1968.

Grobbelaar, Pieter W.: *My rooi rympieboek.* Johannesburg, 1977.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die nag der nagte.* Kaapstad, 1976.

Grobbelaar, Pieter W.: *Niekie Appelgryn e.a. Afrikaanse kamp= vuurstories.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: Ou Groenenag (Instituut vir Navorsing in Kinder- en Jeuglektuur, P.U. vir C.H.O.: *Storiehuis, woordpaleis.* Kaapstad, 1979.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar, Pieter W.: *Ouvrou Rooimus e.a. Afrikaanse spro= kies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Ou Waar-sêer e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die petaljes van die drie Patatte - Stories en rympies.* Kaapstad, 1977.

Grobbelaar, Pieter W.: *Pinkie.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die riviermeisie e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die rob-vrou e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die Son-seuns e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1970.

Grobbelaar, Pieter W.: *Storieman se tyd - Stories en rympies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Stories vir die lente.* Kaapstad, 1974.

Grobbelaar, Pieter W.: *Stories vir die somer.* Kaapstad, 1975.

Grobbelaar, Pieter W.: *Toutrek e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Trippe trappe trone (Volksrympies).* Kaapstad, 1969.

Grobbelaar, Pieter W.: *Varkies in die bone (Volksrympies).* Kaapstad, 1973.

Grobbelaar, Pieter W.: *Verhale van die veld.* Kaapstad, 1974.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die vrou wat nie haar mond kon hou nie.* Kaapstad, 1972.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar, Pieter W.: *Die vurige wa e.a. Afrikaanse kampvuur=stories.* Kaapstad, 1971.

Grobbelaar, Pieter W.: *Die wegraak van die b nt by e.a. Afri=kaanse sprokies.* Kaapstad, 1972.

Grobbelaar, Pieter W.: *Wolf en Jakkals in die lang pad e.a. Afrikaanse sprokies.* Kaapstad, 1969.

Groenewald, C.F.: *Rympies en raaisels.* Groningen, 1919.

Gronum, C.F.: *Boere en jagters in ou Marico.* Potchefstroom, 1974.

Gronum, C.F.: *Transportry, runderpes en poskoetse.* Potchefstroom, 1975.

Grosskopf, J.F.W.: *Ou Leeumelker e.a. vertellings* (3de dr.). Kaapstad, 1947.

Grové, C.J.: *Jakkals se strooptogte.* Kaapstad, 1932.

Hattingh, S.C.: Praat van die Duiwel *(Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal,* Aug. 1950 - Mei 1951).

Hattingh, S.C., en S.C.H. Rautenbach: *Volkskuns uit die Eerste Tydperk.* Johannesburg, 1942. *(Patriot-ver=eniging* nr. 8).

Hobson, G.C., en S.B.: *Kalahari kaskenades.* Londen, 1929.

Hobson, S.B.: *Broers.* Pretoria, 1947.

Hok, Otjie, hok! Kaapstad, 1966. *(Prenteboek-uitgawe).*

Hoogenhout, C.P. (Jan wat versies maak): *Eerste Afrikaanse printjies boeki ver soet kinders.* Kaapstad, 1975. (Fak=similee-herdruk van oorspr. 1879-uitga=we). *(Patriot-vereniging,* Nuwe Reeks, nr. 12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoogenhout, Imker: *Op die delwerye - Vyf sketse uit die lewe* (3de dr.). Kaapstad, s.j. (voorw. 1925).

Hugo, A.M., en J. van der Bijl: *Die kerk van Stellenbosch.* Kaapstad, 1963.

Jacobs, J.F.: *Die Grikwas en hul bure* (2de dr.). Kaapstad, 1943. *(Kennis vir almal-reeks* nr. 2).

Jonker, Abr. H.: *Gebeurtenisse - Interessante kykies in die onrustige dae van die ou Transvaal.* Kaapstad, 1931.

Juta, sir Henry Hubert: *Tales I told the children.* Kaapstad, 1921.

Juta, Réné: *The Cape Peninsula.* Londen, 1910.

Kestell, J.D.: *My nasie in nood.* Bloemfontein, 1940.

Koenderman, Tony, Jan Langen en André Viljoen: *Not again van der Merwe - The second hundred stories.* Hillbrow, Johannes= burg, 1976.

Koenderman, Tony, Jan Langen en André Viljoen: *Van der Merwe - Honderd grappe.* Hillbrow, Johannesburg, 1975. (Uit die Engels vertaal).

Komnick, Günther, en Freda Linde: *Botter-aas.* Kaapstad, 1966.

Komnick, Günther, en Freda Linde: *Die stadsmusikante.* Kaapstad, 1967.

Kotzé, D.J.: *Dapper kinders van Suid-Afrika.* Bloemfontein, s.j.

Kotzé, sir John: *Biographical memoirs and reminiscences.* Kaapstad, s.j.

Krige, Uys: *Die haas en die skilpad.* Kaapstad, 1968.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Krüger, D.W.: *Paul Kruger* (2 dele). Johannesburg, 1961-1963.

Kruger, Nellie: *Daar was eendag...* Bloemfontein, 1935.

Lamprecht, Chris: *Dit kom van ver af* (radioreeks in die Afrikaanse Diens). S.A.U.K.-klankar= gief, Johannesburg.

Langenhoven, C.J.: *Ons weg deur die wêreld.* Potchefstroom, 1914.

Langenhoven, C.J.: *Versamelde werke* (16 dele) (2de dr.). Kaapstad, 1935-1958.

Le Clercq, E.S.: *Skoolmeester Jakkals.* Johannesburg, s.j. (ca. 1955).

Leibbrandt, H. E.V.: *Rambles through the archives of the Colony of the Cape of Good Hope (1688-1700).* Kaapstad, 1887.

Leipoldt, C. Louis: *Dingaansdag.* Pretoria, 1920.

Leipoldt, C. Louis: *Kampstories* (2de dr.). Pretoria, 1926.

Leipoldt, C. Louis: *Paddastories vir die peetkind* (2de dr.). Kaapstad, 1938.

Leipoldt, C. Louis: Twee ou legendes (P.G. du Plessis, red.: *Hoogtepunte - 'n Keur uit die artikels wat in vyftig jaar in Die Huisgenoot ver= skyn het.* Kaapstad, 1967).

Leipoldt, C. Louis: *Uit drie wêrelddele.* Kaapstad, 1923.

Lencel (Len Celliers): *The Van der Merwes.* Turffontein, Johannesburg, s.j. (ca. 1978).

Lichtenstein, Henry: *Travels in Southern Africa* (2 dele). Kaapstad, 1928-1930. (Uit die Duits

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vertaal deur Anne Plumptre). *(Van Riebeeck-vereniging* nr. 10 en 11).

Ligouri-Reynolds, Rosalie: *Legends of the South East Wind.* Johannesburg, 1964. (Uit die Italiaans van Elena Maino verwerk).

Lochner, Helena J.F.: *Avontuurland.* Kaapstad, 1973.

Lochner, Helena J.F.: *Diereland.* Kaapstad, 1973.

Lochner, Helena J.F.: *Kammaland.* Kaapstad, 1970.

Lochner, Helena J.F.: *Kinderland.* Kaapstad, 1969.

Lochner, Helena J.F.: *Kleuterland.* Kaapstad, 1969.

Lochner, Helena J.F.: *Storieland.* Kaapstad, 1973.

Lochner, Helena J.F.: *Tafelberg se kleed.* Kaapstad, 1935.

Lochner, Helena J.F.: *Versieland.* Kaapstad, 1969. ('n Keur saamgestel deur D.J. Opperman).

Lochner, Helena J.F.: *Vrolike versies, st. II.* Kaapstad, 1935.

Louw, Louis (samest.) *Dawie 1946-1964 - 'n Bloemlesing uit die geskrifte van Die Burger se politieke kommentator.* Kaapstad, 1965.

Louw, N.P. van Wyk: Jan de Rower *(Die Jongspan,* 3 Julie 1936).

Lübbe, Aletta: *Tussen twee riviere.* Johannesburg, 1970. (Met kommentaar deur Dolf van Niekerk).

Luitingh, M. (samest.): *Digters en digsoorte.* Johannesburg, 1967.

Luitingh, M. (samest.): *Vorm en inhoud.* Johannesburg, 1954.

Maino, Elena: *Il vento del Sud Africa.* Milaan, 1934.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Malherbe, D.F.: *Somerdae* (2de dr.). Bloemfontein, 1933.

Malherbe, Janie A.: *Predikante-prestasies en -petaljes - Lewensbeskrywing van ds. E.G. Malherbe.* Kaapstad, s.j. (ca. 1952).

Malherbe, mev. K. (red.): *Die Boerevrou-boek - Saamgestel uit die eerste Afrikaanse vroueblad Die Boerevrou.* Pretoria, 1950.

Malherbe, Marie: *Langlat en Rolpot.* Stellenbosch, s.j.

Marais, Eugène N.: *Die huis van die vier winde* (7de dr.). Pretoria, 1946.

Marais, Eugène N.: *Die mielies van Nooitgedacht, of Skets uit die lewe van mens en dier.* Kaapstad, 1937.

Marais, Eugène N.: *'n Paradys van weleer e.a. geskrifte.* Kaapstad, 1965.

Marais, Eugène N.: *Spore in die sand e.a. verhale.* Johannesburg, 1949.

Meintjes, Johannes: *President Steyn.* Kaapstad, 1969.

M.E.R. (M.E. Rothmann): *Uit en tuis.* Kaapstad, 1946.

Metelerkamp, Sanni: *Outa Karel's stories.* Londen, 1914.

Metrowich, F.C.: *Scotty Smith - South Africa's Robin Hood.* Kaapstad, 1962.

Meurant, L.H.: *Sixty years ago.* Kaapstad, 1885.

Miller, Penny: *Myths and legends of Southern Africa.* Kaapstad, 1979.

Mulder, Huibrecht: *Dit was gister en eergister.* Kaapstad, 1970.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Murray, Charles: Een stroom, een fontein en een watervoor *(Stemmen van het verleden.* Kaapstad, 1917). *(Preekbundel).*

Nicol, Wm.: *Reënboog oor my jeug.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1956).

Nienaber, G.S.: *Die Afrikaanse geskrifte van Samuel Zwaartman.* Johannesburg, 1942. *(Patriot-vereniging* nr.9*).*

Nienaber, G.S.: *Afrikaans tot 1860.* Johannesburg, 1942. *(Patriot-vereniging* nr. 6*).*

Nienaber, G.S.: *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Brieve uit 1861.* Johannesburg, 1940. *(Patriot-vereniging* nr. 1*).*

Nienaber, P.J. (samest.): *Afrikaanse verhalende verse.* Johan= nesburg, 1948.

Nienaber, P.J.: *D'Arbez as skrywer.* Pretoria/Kaapstad, 1936.

Nienaber, P.J.: *Dr. O'kulis met sy Eselskakebeen, of Die lewe en werk van ds. Willem Post= ma (1874-1920).* Johannesburg, 1950.

Nienaber, P.J.: *Dr O'kulis se Oogdruppels vir nasionale siektes.* Pretoria, 1973. *(R.G.N.-publikasiereeks* nr. 36.*).*

Nienaber, P.J.: *Eerste stemme - 'n Bloemlesing uit die tydperk van die Genootskap van Regte Afrikaners.* Johannesburg, 1973.

Nienaber, P.J.: *Evangeli in di volkstaal - Afrikaanse preke deur ds. P.D. Rossouw en eerw. J. W. van der Rijst, ens.* Johannesburg, 1943. *(Patriot-vereniging* nr. 10*).*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nienaber, P.J.: *Jan Lion Cachet met sy Sewe duiwels.* Pretoria, 1940.

Nienaber, P.J.: *Legendes van ons eie land.* Johannes= burg, 1952.

Nienaber, P.J.: *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek* (2de verbet. dr.). Kaapstad, 1972.

Olivier, Burger: *So onthou ons die oewerbewonders van ou "Grootrivier".* Bloemfontein, s.j. (voorw. 1973).

Olwagen, J.D.: *Drie kinderstories.* Kaapstad, s.j. (ca. 1930).

Oom Juffie (skuiln.): *Fabels - Die avonture van Vossie* (4de dr.). Kaapstad, 1944.

Oom Wynand (A.J.J. van Plet= zen) en Androk (skuiln.): *Vinnige flitsies - Grappies, geestige anekdotes en kwinkslae.* Bloemfontein, 1944.

Oost, Harm: *Wie is die skuldiges?* (3de dr.). Johannesburg, (1958).

Pienaar, C.A.: Manuskrip. (Fotostaat in Ons Erfenis= versameling).

Postma, Minnie: *Toe Ma nog Meintjie was.* Pretoria, 1949.

Preller, Gustav S.: *Oorlogsoormag e.a. sketse en verhale* (3de dr.). Kaapstad, 1931.

Preller, Gustav S. (red.): *Voortrekkermense* (6 dele). Kaapstad, 1918-1938.

Quass, .W.: *Die tweede Rebellie.* Johannesburg, 1975.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rautenbach, Fanus: *Dertien gelukkige jare - Die verhaal van Flinkveria.* Pretoria, 1975.

Rautenbach, Fanus: *Fanus se grapboek - Sêgoed vir alle ge= leenthede.* Pretoria, 1968.

Rautenbach, Fanus: *Lag-lag die bult uit - Humor van my mense.* Pretoria, 1970.

Reitz, F.W.: *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse ge= digte* (5de dr.). Kaapstad, 1916.

Rey, Corinne: *Tales of the veld.* Pretoria, 1926.

Roelofse, Emily: *Kleingruis en johannesbrood.* Kaap= stad, 1970.

Roodt-Coetzee, Kotie: Die lief en leed van die banneling (J.H. Breytenbach, red.: *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog).*

Rosenthal, Eric: *They walk in the night.* Johannesburg, 1951. *(Dassie Books).*

Rossouw, H.A.: *Namakwalandse kroniek.* Stellenbosch, 1973.

Rousseau, Leon: *Van Hunks en sy pyp.* Kaapstad, 1965.

Saunders, E.: *Legendes van die Mooiriver.* Johannes= burg, (1953).

Scholtz, Merwe (red.): *Wynland.* Kaapstad, 1969.

Schonken, F.Th.: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volksoverleveringen.* Amsterdam, 1914. (Uit die Duits vertaal).

Schoonees, P.C.: *Dink vir jouself,* Pretoria, 1940.

Schoonees, P.C.: *Kleingoed.* Pietermaritzburg, 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Searelle, Luscombe: *Tales of the Transvaal.* Londen, s.j. (ca. 1896).

Sita (mev. S.S. de Kock): *Klipsop.* Johannesburg, 1977.

Skoolinspekteur (skuiln.): *Hiervan en daarvan - Grepies uit die ervarings van 'n skoolinspekteur.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1935).

So onthou ek ... Johannesburg, s.j. *(S.A.U.E.-broejaar).*

Smith, J.J.: *Op ons taalakker.* Pretoria, 1962.

Spies, Jan: *Filatus tot molshoop (Vertellings I).* Johannesburg, 1977.

Steenkamp, mev. (dr.) W.P.: *Kykies in ons volkslewe.* Kaapstad, 1930.

Steyn, Sannie: *Gebeurlikhede in en om die huis.* Kaapstad, 1938.

Strydom, C.J. Scheepers: *Wilde roeping* (2de dr.). Kaapstad, 1969.

Suttner, Hermione: *Die Bontborsboesman - Die verhaal van Jans Waters.* Kaapstad, 1978. (Uit die Engels verwerk deur A.A.J. van Nie= kerk).

Swart, C.R.: *Kinders van Suid-Afrika* (4de hers. dr.). Kaapstad, 1961.

Tannie van Die Brandwag (mev. Izak van Heerden): *Die kaskenades van Klein Duimpie* II. Pretoria, 1920.

Tante Kota: *Kinderrijmpies vir Afrikaanse kinders.* Pretoria/Kaapstad, 1917.

Tas, Adam: *Die dagboek van Adam Tas 1705-1706.* Kaapstad, 1970. (Onder redaksie van Leo Fouché e.a.). *(Van Riebeeck-ver=*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eniging, Tweede Reeks, nr. 1).

Taute, B., en A.W. van der Horst: *Die maar-metode-leesboeke* V, Londen, 1936. (Uit die Engels van Michael West verwerk).

Teenstra, M.D.: *De vruchten mijner werkzaamheden.* Kaapstad, 1943. (Onder redaksie van F.C.L. Bosman). *(Van Riebeeck-vereni= ging* nr. 24).

Theal, Geo, McC.: *History of South Africa* (11 dele). Kaapstad, 1964. (Faksimilee-herdruk).

Trichardt, Louis: *Die dagboek van Louis Trichardt* (2de uitg.). Kaapstad, 1938. (Onder re= daksie van Gustav S. Preller).

Trigardt, Louis: *Die dagboek van Louis Trigardt.* Pre= toria, 1966. (Onder redaksie van T.H. le Roux).

Valentyn, Francois: *Beschryvinge van de Kaap der Goede* [illegible] *de* (2 dele). Kaapstad, 1971-1973. (Onder redaksie van P. Serton, E.H. Raidt, e.a.). *(Van Riebeeck-vereniging,* Tweede Reeks, nr. 2 en 4).

Van Aardt, A.E.: *Die slim Hasie.* Johannesburg, s.j. (ca. 1955).

Van Blerk, H.S.: *Die tweebeenjagter e.a. kinderstories.* Kaapstad, 1965.

Van Breemen, B.H.: *Schetsen en beelden uit Zuid-Afrika.* Amsterdam, 1882.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Bruggen, Jochem: *Teleurgestel.* Pretoria, 1918.

Van der Merwe, H.J.J.M.: *Schoepsjournael ende Daghregister.* Pretoria, 1958.

Van der Post, Marie: *My vervloekte gawe.* Pretoria, 1972.

Van der Spuy, S.J.: *Het debatboek.* Paarl, 1910.

Van der Spuy, S.J.: *Jong Zuid-Afrika.* Paarl, 1913.

Van der Watt, P.B.: *Beroerders en beroeringe.* Kaapstad, s.j. (ca. 1975).

Van Heemskerk, J.: *Batavische arcadia.* Amsterdam, 1707.

Van Heerden, Ernst: *Die aamborstige klok - Herinneringe aan 'n Karoojeug.* Kaapstad, 1966.

Van Niekerk, A.A.J.: *Herneuter.* Kaapstad, 1975.

Van Riebeeck, Jan Anthonisz.: *Daghregister* (3 dele). Kaapstad, 1952-1957. (Vergesorg deur D.B. Bosman en H.B. Thom).

Van Rooyen, G.H., en S.H. Pellissier: *Raai raai riepa - Die Afrikaanse raai=selboek.* Pretoria, 1954.

Van Ronde[illegible], [illegible]: [illegible]*beeck se stad.* Kaapstad, 1950.

Van Wyk, Victor en Beulah: *Koos van der Merwe.* Turffontein, Jo=hannesburg, 1976.

Van Zyl, D.H.: *Swerwerspore.* Kaapstad, 1943.

Van Zyl, Kobus: *Die voëls kies 'n koning.* Kaapstad, 1968.

Van Zyl, Kobus: *Jannie de Dobbelaar.* Kaapstad, 1971.

Van Ziil, P.C.: *Snaakse Afrikaanse rympies.* Bloemfon=tein, 1934.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vaughan, I.: *Ware verhale uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Kaapstad, s.j. (voorw. 1942). (Uit die Engels vertaal).

Vaughan, K.L. en A.O.: *Ou Hendrik z'n stories.* Londen, 1910.

Venter, Ben: *Waterbobbejaan - 'n Legende uit die bosveld van Marico.* Johannesburg, 1968.

Vermaas, H.J.: *Die perdedief.* Kaapstad, 1960.

Versfeld, W.: *Springbok rympies en stories voor die kinders.* Kaapstad, s.j. (ca. 1907).

Viljoen, P.J.: *En kyk terug.* Kaapstad, 1949.

Vo Moltke, J.: *Jagkonings* (2de dr.). Kaapstad, 1945.

Von Moltke, J.: *Veldsmanne.* Johannesburg, 1958.

Von Wielligh, G.R.: *Diere stories* (4 dele). Pretoria, 1917-1922.

Von Wielligh, G.R.: *Jakob Platjie* (3de dr.). Pretoria/ Kaapstad, 1922.

Von Wielligh, G.R.: Vanwaar kom al die diere? *(Die Kleinspan,* 13 Jan. 1928).

Waar die volk skep. (Rubriek deur Abel Coetzee in *Die Brandwag,* Mei 1938 - April 1945).

Zinn, Christian: *In harte verenigd, of Sketse uit die Boere lewe.* Kaapstad, 1911.

<u>Koerante, tydskrifte, ens.</u>

Afrikaanse Kind, Die (tydskrif)
Boerenvriend, De (almanak)
Boerevrou(w), Die
Brandwag, Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burger, Die

By(voegsel), bylaag by *Die Burger*

Daily News, The

Departementeel (Stof ingesamel deur dosente en studente van die Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die Universiteit van Stellenbosch).

Fleur

Foto-Beeld, bylaag by *Die Beeld*

Fun Times, bylaag by *The Sunday Times*

Glimlag Kliphard (graptydskrif)

Goede Hoop, De

Huisgenoot, De/Die

Jongspan, Die

Jong Zuid-Afrika

Kerkbode, De/Die

Kleinspan, Die

Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift, Het

Ons Erfenis-versameling (Uitkyk, Franschhoek. Dit is opgebou rondom die bydraes ontvang van radioluisteraars toe 'n reeks programme onder dié opskrif van 1970-1974 in die Afrikaanse Diens van die S.A.U.K. uitgesaai is.)

Ons Klyntji

Ons Taal (opvolger van *Ons Klyntji*)

Ons Tijdschrift

Patriot, Die

Rapport

Ruiter, Die

Star, The

Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (programme en klankargief)

Sunday Times, The

Taalgenoot, Die

Tydskrif-Rapport, bylaag by *Rapport*

Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal

Unie, De

Volksblad, Het

Volkstem, Die

Vonk (kindertydskrif)